

# Die herstandaardisering van Afrikaans: 'n Praktiese benadering met die AWS as gevallestudie

deur  
Beatrix Gertruida Odendaal

*Proefskrif ingelewer vir die graad  
Doktor in die Wysbegeerte  
aan die Universiteit van Stellenbosch*



Promotor: Prof. A.E. Feinauer  
Medepromotor: Dr. N.E. Alexander  
Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe  
Departement Afrikaans en Nederlands

Desember 2012

## **VERKLARING**

Deur hierdie proefskrif elektronies in te lewer, verklaar ek dat die geheel van die werk hierin vervat, my eie, oorspronklike werk is, dat ek die alleenouteur daarvan is (behalwe in die mate uitdruklik anders aangedui), dat reproduksie en publikasie daarvan deur die Universiteit van Stellenbosch nie derdepartyregte sal skend nie en dat ek dit nie vantevore, in die geheel of gedeeltelik, ter verkryging van enige kwalifikasie aangebied het nie.

Beatrix Gertruida Odendaal

Desember 2012

## SUMMARY

This study comprises an investigation into the restandardisation of Afrikaans. Since the 1980s, there have been various calls from the Afrikaans speech community for the democratisation of Afrikaans by making it representative of the whole Afrikaans speech community. Despite these calls for the restandardisation of Afrikaans, a matter which has been brought to the fore in recent years, there are still no real theoretically-based and practical suggestions for such a project. The practical approach to the restandardisation of Afrikaans suggested in this study, with a specific focus on the restandardisation of the orthography of Afrikaans, informs the suggestion of a model by which such a planned restandardisation programme for Afrikaans could be carried out. This is done based on existing theories of standardisation and restandardisation, as well as a thorough investigation into the history of the standardisation of Afrikaans in order to determine the reasons underlying this need for its restandardisation.

Firstly, relevant theories of standardisation are considered in order to determine which aspects of language standardisation give rise to restandardisation and play the most important role in it. The history of the standardisation of Afrikaans is also considered, in order to indicate the factors which gave rise to the calls for the restandardisation of Afrikaans. The world-wide phenomenon of de-standardisation – an increasing trend by which the validity of standardised languages is called into question – is subsequently considered. Following this, restandardisation is considered in greater detail. Although the term is used widely, there are not yet thorough theoretical descriptions of the nature of the process itself. Therefore, this study provides a theoretical consideration of what restandardisation comprises. An investigation into various examples of attempts at the restandardisation of languages in South Africa, Africa, and the rest of the world serves as a backdrop against which the need for the restandardisation of Afrikaans is discussed.

The standardisation of the orthography of Afrikaans, as outlined in the ten issues of the *Afrikaanse woordelys en spelreëls* (“Afrikaans word list and spelling rules”) which have been published to date, is the next research focus. The purpose of this critical evaluation of the primary source for orthographic standardisation of Afrikaans is to point out the weaknesses in the current standardisation process which necessitate a new approach to the standardisation of Afrikaans (and by extension, its restandardisation).

Finally, a model is presented for the restandardisation of the orthography of Afrikaans, but also Afrikaans as a whole, based on various theoretical and practical considerations contained in the study.

## OPSOMMING

In hierdie studie word die herstandaardisering van Afrikaans onder die loep geneem. Dit word gedoen teen die agtergrond van verskeie oproepe vanuit die Afrikaanse spraakgemeenskap sedert die 1980's om Standaardafrikaans te demokratiseer deur dit verteenwoordigend te maak van die totale Afrikaanse spraakgemeenskap. Ten spyte van hierdie oproepe om die herstandaardisering van Afrikaans wat in die afgelope aantal jare op die spits gedryf is, ontbreek daar egter nog teoretiese gefundeerde, praktiese voorstelle vir hoe so 'n herstandaardiseringsprojek daar sal uitsien. Hierdie studie verteenwoordig 'n praktiese benadering tot die herstandaardisering van Afrikaans, met 'n besondere fokus op die herstandaardisering van die Afrikaanse ortografie, deur 'n model daar te stel waarvolgens so 'n beoogde herstandaardiseringsprogram vir Afrikaans kan geskied. Dit word gedoen aan die hand van bestaande standaardiserings- en herstandaardiseringsteorie en 'n grondige ondersoek na die standaardiseringsgeskiedenis van Afrikaans ten einde te bepaal wat aanleiding gegee het tot hierdie herstandaardiseringstrewes in Afrikaans.

Eerstens word daar gekyk na relevante standaardiseringsteorieë ten einde die belangrikste aspekte van taalstandaardisering te belig wat 'n rol speel in en aanleiding gee tot herstandaardisering. Die standaardiseringsgeskiedenis van Afrikaans word ook in oënskou geneem om te dui op die aspekte wat aanleiding gegee het tot die oproepe om die herstandaardisering van Afrikaans. Vervolgens word daar na die wêreldwye tendens van destandaardisering gekyk waardeur die geldigheid van standaardtale toenemend bevraagteken word. Hierna word herstandaardisering van nader beskou. Alhoewel die term reeds wyd gebruik word, bestaan daar nog nie diepgaande teoretiese beskrywings oor die aard van hierdie proses nie. Daar word dus vervolgens teoreties besin oor wat herstandaardisering behels. Verskeie voorbeelde van pogings tot die herstandaardisering van tale in Suid-Afrika, Afrika, en die res van die wêreld word ondersoek, waarna die redes vir 'n behoefte aan die herstandaardisering van Afrikaans uiteengesit word.

Die standaardisering van die Afrikaanse ortografie, soos uiteengesit in die tien uitgawes van die *Afrikaanse woordelys en spelreëls* wat tot op hede verskyn het, kom volgende as navorsingsfokus aan bod. Die doel van hierdie kritiese evaluering van die primêre ortografiese standaardiseringsbron van Afrikaans is om te dui op die swakplekke in die huidige standaardiseringsproses wat 'n nuwe benadering tot die standaardisering van Afrikaans (dus die herstandaardisering van Afrikaans) noodsaak. Ten slotte word 'n model vir die herstandaardisering van die Afrikaanse ortografie, maar ook Afrikaans in geheel, voorgestel aan die hand van verskeie teoretiese en praktiese oorwegings soos in die loop van die studie uiteengesit.

Vir doktor Neville Alexander  
deur wie se menswees ek geleer het wat ware demokrasie beteken

## DANKBETUIGINGS

Ek betuig graag en my diepste en opregte dank teenoor die volgende persone en instansies wat 'n belangrike bydrae tot hierdie studie gelewer het:

- My Hemelse Vader, vir die voorreg van kennis en die genade van insig. In U en deur U en tot U is alle dinge!
- My promotor, professor Ilse Feinauer, vir leiding, ondersteuning, aanmoediging en raad, maar bowenal, vir haar geloof in my.
- My medepromotor, professor Neville Alexander, wat ons op 27 Augustus 2012 voortydig ontval het, en die fassinerende wêreld van sosiolinguistiek vir my ontsluit het. Wat 'n ontsaglike voorreg om uit sy wysheid te kon put! Hy was vir my 'n voorbeeld en 'n inspirasie; nie alleenlik as navorser en akademikus nie, maar ook deur sy menswees.
- My ma, Anita Odendaal, sonder wie se liefde, motivering, ondersteuning, en troos hierdie proefskrif nooit sou realiseer nie, en my pa, Cobus Odendaal, wat van die begin af aan my vermoëns geglo het en belowe het om die eindproduk te lees.
- My suster en swaer, Wilna en Martin Els, wat vir my 'n tweede tuiste gebied het gedurende die tye wat my woonstel te klein geword het, en wat toegesien het dat ek gereeld 'n gesonde bord kos eet en dat my wasgoed skoon bly.
- My goeie vriend, Marius Swart, vir koffie, kooksessies, kuiers en komiese afleiding. Baie dankie dat ek altyd op jou ondersteuning kon staatmaak, hetsy emosioneel of akademies, en dat jy as klankbord my so dikwels gehelp het om dinge weer in perspektief te plaas. Dankie ook vir jou onbaatsugtige hulp met die vertaling en proeflees van hierdie proefskrif.
- Dit sou nie vir my moontlik wees om hierdie nagraadse studie te onderneem sonder die finansiële ondersteuning van die volgende instansies nie:
  - Universiteit Stellenbosch
  - Nasionale Navorsingstigting
  - HB Thom-trust
  - Harry Crossley-stigting
  - J. du P. Scholtz-beursfonds
  - Anna de Villiers-beursfonds
- Die Departement Afrikaans en Nederlands van die Universiteit Stellenbosch wat dit vir my finansiële moontlik gemaak het om 'n simposium in Nederland by te woon, en in die besonder aan die departementele voorsitter, professor Rufus Gouws, vir belangstelling en ondersteuning.

- Die personeel van die J.S. Gericke Biblioteek, in die besonder die dames van Interlenings, mes. Lorenda Boyd, Paula Conradie, Melvienne de Wet en Martha Swartz, me. Anneke Schaafsma by Africana en mnr. Clive le Roux van die Tydskrifafdeling, vir hulle vriendelike en flink diens.
- Die lede van die Taalkommissie, wat my toegelaat het om een van hulle sittings by te woon, en in die besonder die voormalige voorsitter van die Taalkommissie, professor Ernst Kotzé, vir sy vriendelike hulp.

# INHOUDSOPGAW

## HOOFSTUK 1: INLEIDING

<b>1.1</b>	<b>Agtergrondrasionaal.....</b>	<b>p. 1</b>
1.1.1	Afrikaans in 'n toestand van diglossie.....	p. 1
1.1.2	Die herstandaardisering van Afrikaans.....	p. 5
1.1.3	'n Afrikaanse rasseskeiding.....	p. 7
<b>1.2</b>	<b>Navorsingsmetodologie en termverklaring.....</b>	<b>p. 11</b>
1.2.1	Probleemstelling en fokus.....	p. 11
1.2.2	Navorsingsvrae en hipotese, teoretiese uitgangspunte en doelwitte.....	p. 13
1.2.3	Navorsingsontwerp en -metodes.....	p. 16
1.2.4	Termverklaring.....	p. 18
1.2.5	Vooruitskouing van hoofstukke.....	p. 20
1.2.6	Impak.....	p. 21

## HOOFSTUK 2: STANDAARDISERING

<b>2.1</b>	<b>Inleiding.....</b>	<b>p. 23</b>
<b>2.2</b>	<b>Standaardisering</b>	
2.2.1	Inleiding.....	p. 23
2.2.2	Standaardisering as taalbeplanningsaktiwiteit.....	p. 24
2.2.3	Definiëring van die begrip <i>standaardisering</i> .....	p. 30
	2.2.3.1 Eenvormigheid van taalvorm.....	p. 31
	2.2.3.2 Funksie en doelbewuste ontwikkeling.....	p. 33
	2.2.3.3 Ideologiese legitimering.....	p. 37
2.2.4	Voorwaardes vir standaardisering.....	p. 48
2.2.5	Die standaardiseringsproses.....	p. 50
	2.2.5.1 Waarom 'n standaardiseringsproses?.....	p. 50
	2.2.5.2 Die noodsaaklikheid vir 'n model vir die beskrywing van die standaardiseringsproses.....	p. 51
	2.2.5.3 Haugen se taalbeplanningsmodel.....	p. 52
	2.2.5.4 Aanvullings tot Haugen se model.....	p. 58
2.2.6	Die graad van standaardisering.....	p. 59



2.2.7	Vlakke van standaardisering.....	p. 62
2.2.8	Positiewe en negatiewe gevolge van standaardisering.....	p. 63
2.2.9	Samevatting.....	p. 64
<b>2.3</b>	<b>Standaardisering van Afrikaans</b>	
2.3.1	Inleiding.....	p. 65
2.3.2	Die prestandaardiseringsfase van Afrikaans.....	p. 66
2.3.3	Arabies-Afrikaanse Taalbeweging.....	p. 70
2.3.4	Die Morawiese sending op Genadendal.....	p. 76
2.3.5	Die Eerste Taalbeweging: Genootskap vir Regte Afrikaners.....	p. 78
2.3.6	Die Tweede Taalbeweging.....	p. 86
2.3.7	Erkenning en uitbreiding van Afrikaans as amptelike taal.....	p. 90
2.3.8	Afrikaans en die apartheidsregering.....	p. 96
2.3.9	Afrikaans na 1994.....	p. 101
2.3.10	Samevatting.....	p. 106
<b>2.4</b>	<b>Samevatting en vooruitskouing.....</b>	<b>p. 106</b>

### HOOFSTUK 3: HERSTANDAARDISERING

<b>3.1</b>	<b>Inleiding.....</b>	<b>p. 107</b>
<b>3.2</b>	<b>Standaardtale in beweging</b>	
3.2.1	Inleiding.....	p. 107
3.2.2	Die einde van die standaardtaal?.....	p. 108
3.2.3	Die einde van Standaardafrikaans?.....	p. 113
3.2.4	Samevatting.....	p. 114
<b>3.3</b>	<b>Herstandaardisering</b>	
3.3.1	Inleiding.....	p. 114
3.3.2	Definiëring van die begrip <i>herstandaardisering</i> .....	p. 115
3.3.3	Herstandaardisering as demokratiseringsproses.....	p. 118
3.3.4	Herstandaardisering as normatiewe taalbeplanning.....	p. 122
3.3.5	Herstandaardisering as taalbeplanning van bo of van onder?.....	p. 123
3.3.6	'n Taalbeplanningsdefinisie van herstandaardisering.....	p. 124
3.3.7	Positiewe en negatiewe gevolge van herstandaardisering.....	p. 126
3.3.8	Samevatting.....	p. 127
<b>3.4</b>	<b>Herstandaardiseringsvoorstelle en -pogings in ander tale</b>	
3.4.1	Inleiding.....	p. 127

3.4.2	Suid-Afrikaanse Engels.....	p. 128
3.4.2.1	Wade (1996) en Chick en Wade (1997).....	p. 129
3.4.2.2	Wright (1996).....	p. 131
3.4.3	Suid-Afrikaanse Bantoetale: Harmonisering.....	p. 132
3.4.4	Noorweë: Samnorsk.....	p. 138
3.4.5	Duits.....	p. 145
3.4.6	Albanees.....	p. 156
3.4.7	Serwo-Kroaties.....	p. 170
3.4.8	Samevatting.....	p. 185
<b>3.5</b>	<b>Herstandaardisering van Afrikaans</b>	
3.5.1	Inleiding.....	p. 185
3.5.2	Waarom die herstandaardisering van Afrikaans?.....	p. 186
3.5.2.1	Vernederlandsing van Afrikaans.....	p. 186
3.5.2.2	Miskenning van die invloed van Engels op Afrikaans.....	p. 189
3.5.2.3	Miskenning van ander variëteite van Afrikaans.....	p. 196
3.5.3	Is daar reeds sprake van herstandaardisering in Afrikaans?.....	p. 211
3.5.4	Herstandaardiseringsvoorstelle vir Afrikaans.....	p. 211
3.5.4.1	Van Rensburg (1991, 1992) se “Nuwe Afrikaans”.....	p. 212
3.5.4.2	De Wet (1997) se “Aktuele Afrikaans”.....	p. 215
3.5.4.3	Willemse (2009) se “kreolisering”.....	p. 217
3.5.5	Samevatting.....	p. 221
<b>3.6</b>	<b>Samevatting en vooruitskouing.....</b>	<b>p. 222</b>

## **HOOFSTUK 4: DIE STANDAARDISERING VAN DIE AFRIKAANSE ORTOGRAFIE**

<b>4.1</b>	<b>Inleiding.....</b>	<b>p. 223</b>
<b>4.2</b>	<b>Aanloop tot die standaardisering van die Afrikaanse ortografie</b>	
4.2.1	Inleiding.....	p. 224
4.2.2	Vroeëre skryftradisies en ortografieë.....	p. 224
4.2.2.1	Die Arabies-Afrikaanse ortografiese sisteem.....	p. 225
4.2.2.2	Die ortografiese sisteem van S.J. du Toit.....	p. 232
4.2.2.3	Die Afrikaans-Nederlandse taalstryd: Die Vereenvoudigde Nederlandse Spelling en die bydraes van J.H.H. de Waal en G.S. Preller.....	p. 240

4.2.2.4	Die Afrikaanse Taalgenootskap, Onze Taal en die ortografiese sisteem van die Afrikaanse Taalvereniging.....	p. 253
4.2.3	Die Afrikaans-Nederlandse taalstryd op die spits gedryf en aanloop tot toenadering.....	p. 262
4.2.4	Samevatting.....	p. 265
<b>4.3</b>	<b>Die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns</b>	
4.3.1	Inleiding.....	p. 265
4.3.2	Stigting van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns.....	p. 266
4.3.3	Samestelling van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns.....	p. 273
4.3.3.1	Samestelling en fakulteite.....	p. 273
4.3.3.2	Rade.....	p. 274
4.3.3.3	Werkgemeenskappe en afdelings.....	p. 275
4.3.3.4	Kommissies en komitees.....	p. 276
4.3.3.5	Lede.....	p. 278
4.3.4	Wersaamhede van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns.....	p. 284
4.3.4.1	Toekennings.....	p. 285
4.3.4.2	Taal.....	p. 286
4.3.4.3	Publikasies.....	p. 291
4.3.4.4	Allerlei wersaamhede.....	p. 292
4.3.4.5	Samewerkingsooreenkomste.....	p. 292
4.3.5	Samevatting.....	p. 293
<b>4.4</b>	<b>Die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns se liggaam vir die standaardisering van die Afrikaanse ortografie: die Taalkommissie</b>	
4.4.1	Inleiding.....	p. 294
4.4.2	Stigting van die Taalkommissie.....	p. 294
4.4.3	Samestelling van die Taalkommissie.....	p. 299
4.4.4	Die Taalkommissie se posisie na 1994.....	p. 306
4.4.5	Wersaamhede van die Taalkommissie.....	p. 308
4.4.6	Samevatting.....	p. 311
<b>4.5</b>	<b>Die Afrikaanse woordelys en spelreëls as standaardiseringsinstrument, 1917-2009</b>	
4.5.1	Inleiding.....	p. 312
4.5.2	Geskiedkundige oorsig en ontwikkeling van die <i>Afrikaanse woordelys en spelreëls</i> .....	p. 313
4.5.2.1	Die 1917-uitgawe van die <i>Afrikaanse woordelys en spelreëls</i> .....	p. 313
4.5.2.2	Die 1918-uitgawe van die <i>Afrikaanse woordelys en spelreëls</i> .....	p. 322
4.5.2.3	Die 1921-uitgawe van die <i>Afrikaanse woordelys en spelreëls</i> .....	p. 331

4.5.2.4	Die 1931-uitgawe van die <i>Afrikaanse woordelys en spelreëls</i> .....	p. 355
4.5.2.5	Die 1937-uitgawe van die <i>Afrikaanse woordelys en spelreëls</i> .....	p. 367
4.5.2.6	Die 1953-uitgawe van die <i>Afrikaanse woordelys en spelreëls</i> .....	p. 371
4.5.2.7	Die 1964-uitgawe van die <i>Afrikaanse woordelys en spelreëls</i> .....	p. 378
4.5.2.8	Die 1991-uitgawe van die <i>Afrikaanse woordelys en spelreëls</i> .....	p. 393
4.5.2.9	Die 2002-uitgawe van die <i>Afrikaanse woordelys en spelreëls</i> .....	p. 416
4.5.2.10	Die 2009-uitgawe van die <i>Afrikaanse woordelys en spelreëls</i> .....	p. 430
4.5.2.11	Samevatting van ontwikkeling van die <i>Afrikaanse woordelys en spelreëls</i> .....	p. 440
4.5.3	Samevatting.....	p. 448
<b>4.6</b>	<b>Relevansie van die <i>Afrikaanse woordelys en spelreëls</i> as standaardiserings-instrument vir die toekoms</b> .....	<b>p. 448</b>
<b>4.7</b>	<b>Samevatting en vooruitskouing</b> .....	<b>p. 455</b>

## HOOFSTUK 5: DIE HERSTANDAARDISERING VAN DIE AFRIKAANSE ORTOGRAFIE

<b>5.1</b>	<b>Inleiding</b> .....	<b>p. 457</b>
<b>5.2</b>	<b>'n Werksraamwerk van taalbeplanning as basis vir die herstandaardisering van Afrikaans</b> .....	<b>p. 457</b>
<b>5.3</b>	<b>'n Model vir die herstandaardisering van die Afrikaanse ortografie</b>	
5.3.1	Inleiding.....	p. 461
5.3.2	Grafiese voorstelling van die herstandaardiseringsmodel.....	p. 461
5.3.3	Kontekstualisering.....	p. 462
5.3.3.1	Sosiale konteks.....	p. 463
5.3.3.2	Ekonomiese konteks.....	p. 465
5.3.3.3	Politiese konteks.....	p. 466
5.3.3.4	Linguistiese konteks.....	p. 467
5.3.4	Evaluering.....	p. 470
5.3.4.1	Identifiseer tekortkominge.....	p. 471
5.3.4.2	Identifiseer winste.....	p. 472
5.3.5	Statusbeplanning.....	p. 473
5.3.5.1	Seleksie.....	p. 473
5.3.5.2	Funksieontwikkeling.....	p. 474
5.3.6	Korpusbeplanning.....	p. 476

5.3.6.1	Kodifisering.....	p. 476
5.3.6.2	Implementering.....	p. 483
5.3.7	Prestigebeplanning.....	p. 483
5.3.7.1	Bemaking.....	p. 484
5.3.7.2	Aanvaarding.....	p. 488
5.3.8	Vernuwing.....	p. 490
5.3.8.1	Evaluering.....	p. 490
5.3.8.2	Aanpassing.....	p. 491
5.3.9	Samevatting.....	p. 491
<b>5.4</b>	<b>Samevatting en vooruitskouing.....</b>	<b>p. 492</b>

## **HOOFSTUK 6: GEVOLGTREKKING & SLOT**

<b>6.1</b>	<b>Oorsig van hoofstukke.....</b>	<b>p. 493</b>
<b>6.2</b>	<b>Gevolgtrekking en aanbevelings.....</b>	<b>p. 496</b>
<b>6.3</b>	<b>Voorstelle vir verdere navorsing.....</b>	<b>p. 497</b>
<b>6.4</b>	<b>Voorstelle vir disseminasie van proefskrifinhoud.....</b>	<b>p. 499</b>
<b>6.5</b>	<b>Slotgedagte.....</b>	<b>p. 500</b>

## **BRONNELYS**

<b>Bronne met 'n identifiseerbare outeur.....</b>	<b>p. 502</b>
<b>Bronne sonder 'n identifiseerbare outeur.....</b>	<b>p. 545</b>
<b>Woordeboeke, woordelyste en grammatikas.....</b>	<b>p. 554</b>

Afrikaans is 'n kaalvoettaal. Jy moet kan uitgaan en hom *experience*. Jy kan hom nie in 'n kamer toesluit en sê “Bly soos jy is” nie.

– Koos A. Kombuis (uit: *Voëlvry: The movie*) –

# HOOFSTUK 1

## Inleiding

### 1.1 Agtergrondrasionaal

Tydens 1987 en 1988 is 'n omvangryke vraelysondersoek deur die Skool van Opvoedkunde by die Universiteit van Kaapstad geloods. Die ondersoek wou vasstel wat persone in die onderwyssektor se persepsie van die taalwerklikheidsbeeld in Afrikaans Eerstetaalhandboeke is. Daar is van die hipotese uitgegaan dat hierdie handboeke 'n eksklusivistiese, Afrikanersentriese karakter weerspieël en sodoende 'n groot deel van die Afrikaanse spraakgemeenskap vervreem. (Botha, 1990: 5) Verskeie vrae is aan die respondente gerig waarop hulle anoniem kon antwoord. Volgens Botha (1990: 9) was die respondente se siening van Afrikaans oor die algemeen dat Afrikaans 'n heroriëntasie moet ondergaan ten einde die volle spraakgemeenskap van Afrikaans beter tot diens te wees. In reaksie op die vraag of ander variëteite van Afrikaans meer aandag moet geniet, is die volgende antwoorde byvoorbeeld van respondente gekry: “Daar kan gerus meer aandag aan taalvariante gegee word, aangesien dit in vele gevalle die ‘lewende taal’ van daardie Afrikaanssprekendes is” en “Afrikaans met al sy variante is nog steeds Afrikaans. Afrikaans behoort ook nie slegs tuis by die blanke sprekers nie – die bydrae wat die gekleurdes e.a. gelewer het tot Afrikaans, is nie te onderskat nie [...]”. (Botha, 1990: 7-8) 'n Respondent het ook die aard van hierdie verskuiwing in die perspektief wat in Afrikaans moet plaasvind soos volg verwoord: “Afrikaans is 'n Afrika-taal en nie 'n Europese of Wit Afrika-taal nie; niemand het die monopolie op dié taal nie.” (Botha, 1990: 9) In hierdie ondersoek eggo respondente 'n debat wat reeds die afgelope byna drie dekades op taalkundiges, asook ander wat belang by Afrikaans het, se lippe is. Dit is naamlik die debat oor die herstandaardisering van Afrikaans.

#### 1.1.1 Afrikaans in 'n toestand van diglossie

In 1994 maak Ponelis (1994: 118-120) die stelling dat daar 'n diglossiese verhouding tussen die Afrikaanse standaardtaal en omgangstaal bestaan. Ponelis (2009: 14) definieer diglossie soos volg:

Dit dui op twee skerp verskillende taalvorme wat in afwisseling, naas mekaar, deur 'n taalgemeenskap gebruik word, een vorm meer formeel, die klassieke variëteit, en die ander, die demotiese<sup>1</sup> variëteit, minder formeel.

'n Toestand van diglossie heers dus in 'n taal wanneer daar 'n gaping tussen die standaardtaal en omgangstaal ontwikkel het, sodat die standaard- en omgangstaal, alhoewel hulle verwante taalvorme

---

<sup>1</sup> Volksaardige, populêre (Ponelis, 2009: 14).

is, tog ingrypend van mekaar verskil (Ponelis, 1992: 79-80). Die aard van hierdie diglossiese verhouding in Afrikaans is vandag beperk tot Standaardafrikaans en die verskillende ander Afrikaanse variëteite (Van de Rhee, 2011: 2-3). Hierdie toestand kan aan verskeie faktore toegeskryf word, waarvan een die oorgekultiveerdheid van Standaardafrikaans is, wat volgens Ponelis (1994: 118) veral daaraan toegeskryf kan word dat daar vroeër veels te swaar op Nederlands as voedingsbron vir Afrikaans gesteun is. Dit het aan Standaardafrikaans 'n "styfheid, formaliteit en vreemdheid" toegevoeg, wat in baie opsigte 'n struikelblok vir sy gebruikers is, aldus Van Rensburg (1991: 18). Brink (1988: 30-31) noem Standaardafrikaans soos dit uitdrukking vind in taalsuiwerheid daarom "die gesteriliseerde en gekastreerde, bloedlose taaltjie van puriste". Ook De Klerk (aangehaal in Van Rensburg, loc. cit.) praat van Standaardafrikaans as "deftig, bloedloos, formeel, klinieskorrek, en preuts-puristies".

Die miskennis van die Engelse invloed op Afrikaans het ook verder tot die diglossiese verhouding tussen Afrikaans se standaard en sy omgangsvariëteite bygedra. 'n Oordrewe purisme wat alleenlik op Engelse ontlenings (anglisismes) in Standaardafrikaans gefokus het, het egter weinig daartoe bygedra om die verengelsing van Afrikaans teë te werk. (Ponelis, 1994: 120) Van Rensburg (1991: 18) meen dit is juis vanweë die formaliteit wat deur die erge vernederlandsing in Afrikaans veroorsaak is, dat Afrikaanssprekendes eerder van Engelse grepe gebruik maak wanneer hulle op 'n informele wyse wil kommunikeer. Baie Engelse ontlenings wat dekades lank reeds in die omgangstaal gevestig is, is in 'n poging om Afrikaans te "suiwer" swaar gestigmatiseer en uit Standaardafrikaans geweier (Van Rensburg, loc. cit.). Ook 'n verskynsel soos die vas skryf van woorde in Afrikaans (die sogenaamde konjunktiewe skryfwyse) is na Ponelis (loc. cit.) se mening onfunksioneel, aangesien dit baie probleme vir sowel Afrikaanssprekendes as vreemdtaliges besorg én die standaard verder van die omgangstaal vervreem.

Een van die primêre faktore wat egter 'n groot groep omgangstaalsprekers van Standaardafrikaans vervreem het, is die kunsmatige skeiding wat tussen Standaardafrikaans en die omgangsvariëteite van Afrikaans geskep is. Die vernaamste skeiding is dié een wat tydens die apartheidsera tussen sogenaamde "Beskaafde Afrikaans" en "Kleurlingafrikaans"<sup>2</sup> geskep is. Dit is dan veral bruin Afrikaanssprekendes se taalgebruik wat by die vorming van Standaardafrikaans uitgesluit is. Kleur is volgens Ponelis (1987: 4) as politieke begrip verantwoordelik vir die felste nietalige skeiding binne die Afrikaanse taalgemeenskap, te wete tussen wit sprekers (sogenaamde Afrikaners<sup>3</sup>) en bruin sprekers.

---

<sup>2</sup> Hierdie term word met voorbehoud gebruik, aangesien ek daarvan bewus is dat hierdie term as vernederend deur bruin sprekers van Afrikaans ervaar word. Ek vereenselwig my ook geensins met hierdie en soortgelyke rassepejoratiewe nie. – G.O.

<sup>3</sup> "Afrikaners" word in hierdie studie gebruik soos dit hoofsaaklik in die eerste helfte van die twintigste eeu gedefinieer is, naamlik enigiemand wie se hoogste lojaliteit aan Suid-Afrika was en wat Hollands/Afrikaans sy of



Daar het dus 'n "gees van mitiese eksklusiwiteit" by die Afrikaners ontstaan, waardeur hulle hulle "mities wysgemaak [het] dat Afrikaans as moedertaal die eksklusiewe eiendom van die Afrikaner is, of altans behoort te wees", aldus Combrink (1984: 49). Ook Joseph (1991: 16) meen dat hierdie taal-imperialisme veral in die hand gewerk is deur 'n uitsluitlik "wit" geskiedenis aan Afrikaans toe te dig en Standaardafrikaans te verhef tot iets wat verhewe eienskappe besit.

Alhoewel hierdie politieke grens veral in die bloeityd van apartheid versterk is, het hierdie skeidslyn reeds lank vantevore bestaan, sedert die vroegste begin van die Afrikaanse taalgemeenskap. Davids (1987: 39) meen dat Afrikaans aanvanklik so vroeg as die sewentiende eeu as taal van die "nie-blankes" erken is, en as "kombuistaal" bestempel is. Na die Suid-Afrikaanse Oorlog<sup>4</sup> (1899-1902) het Afrikaans egter al hoe meer simbool vir die Afrikaner se stryd om erkenning as volk geword. En tydens die vorming van Afrikanerkultuurorganisasies soos die Federasie vir Afrikaanse Kultuurvereniginge (FAK), het Afrikaans die hoeksteen van Afrikanernasionalisme geword, "the rallying call of the Afrikaner nation and the basis on which the Afrikaners intended to take control of the government" (Degenaar, in Davids, 1987: 57-58). So het Afrikaans, wat die destydse Nasionale Party en die Afrikaners vir hulself opgeëis het, gepolitiseer geraak (Davids, 1987: 58). Brink (1988: 29) noem hierdie gepolitiseerdheid van Afrikaans "'n skokkende proses van ontkenning en onderdrukking. Want wat waarlik gemeenbesit was, is eensklaps vereng tot 'witmanstaal' om – met valse skaamte – sy 'kombuis'-verlede te probeer ontken." Die gediensigheid van baie van die destydse Afrikaanse instellings aan die apartheidsregering, aan Afrikanernasionalisme, en aan apartheid self, het Standaardafrikaans egter afgesny van 'n groot en groeiende deel van die Afrikaanse taalgemeenskap en van die Suid-Afrikaanse bevolking in die geheel (Ponelis, 1994: 117). Ponelis (1984: 38) meen dat die taalbehoudende krag van Afrikanernasionalisme alleen die Afrikaners in die taalgemeenskap gemobiliseer het terwyl die bruin sprekers vervreem is. So het Afrikanernasionalisme dan as 't ware 'n aandeel gehad aan die standaardisering van Afrikaans (Ponelis, 1987: 13). Willemse (1994: 151-152) verwoord die negatiewe sy van hierdie standaardisering soos volg:

Verwysings na Afrikaans as 'n gemeenskaplike taal – as taal van sowel swart as wit mense – sou vir alle praktiese doeleindes, met die standaardisering van Afrikaans, verdwyn uit die amptelike geskiedenis, handboeke of oorvertellings van die geskiedenis.

Dit is dan juis die gepolitiseerdheid van Standaardafrikaans wat dit ongeskik maak om al die variëteitsprekers se taalideale en taalbehoefes te vervul (Van Rensburg, 1992: 185).

---

haar regmatige plek in die land gun, maar wat hoofsaaklik gedui het op wit Afrikaanssprekendes wat die Gereformeerde geloof aangehang het (Giliomee, 2004: 307).

<sup>4</sup> Hierdie oorlog staan ook bekend as die Anglo-Boereoorlog, die Tweede Vryheidsoorlog of die Driejarige Oorlog.

Ponelis (1994: 121) meen dat die verwydering tussen die standaard van Afrikaans en die omgangsvariëteite om verskeie redes te betreur is. Die diglossiese situasie is eerstens ongunstig aangesien dit die standaard lossny van die omgangstaal en die verryking van die standaard deur die omgangstaal bemoeilik.

Dit is vir die gesonde groei van 'n standaardtaal noodsaaklik dat daar 'n organiese band met die omgangstaal bestaan, omdat die standaardtaal voortdurend deur die omgangstaal verryk word en so 'n verbondenheid die toeganklikheid van die standaard verhoog. (Ponelis, 1992: 79)

'n Diglossiese toestand sal ook die verwerping van geletterdheid in Standaardafrikaans belemmer en bemagtiging deur middel van Afrikaans kompliseer (Ponelis, 1994: 121). Van Rensburg (1991: 19) stel hierdie verwerwingsbelemmering soos volg:

Die verskille tussen Standaardafrikaans en die Afrikavariëteite van Afrikaans het veral teweeggebring dat 'n groot groep, miskien die grootste groep, Afrikaanssprekende leerlinge na Afrikaanse skole toe gaan en daar agterkom dat hulle 'n ander "taal" moet aanleer waaraan (onder andere) hulle taalvaardigheid gemeet word [...].

Omdat die standaard nie op 'n natuurlike wyse aangeleer word nie, sal die standaard nooit geïnternaliseer word nie, wat linguistiese onsekerheid by lede van die spraakgemeenskap sal veroorsaak – 'n toestand wat nadelige gevolge vir die lewenskragtigheid van die taal kan inhou (De Villiers, 1985: 114).

Die verhouding tussen die standaard en omgangsvariëteite van Afrikaans word verder deur allerlei eksterne en interne uitdagings gekenmerk. Eksterne uitdagings behels onder andere die globale hegemoniese posisie van Engels wat die handhawing en bevordering van Afrikaans toenemend bemoeilik en lei tot die afskaling van Afrikaans in hoëfunksiedomeine, soos die staatsdiens, op universiteitsvlak, die regstelsel, onderwys en ekonomiese sektore. Verder is daar ook 'n gebrek aan politieke wil om uitvoering te gee aan die bepalinge van die Suid-Afrikaanse grondwet wat verband hou met die bevordering van al elf amptelike tale van Suid-Afrika wat 'n gebrek insluit aan regeringsondersteuning om Afrikaans te bevorder. Die interne uitdagings wat die diglossiese situasie in Afrikaans kenmerk, sluit in die ondergeskikte status wat demotiese Afrikaans teenoor Standaardafrikaans beklee, die ongelyke opvoedkundige en ekonomiese magsbalans tussen sprekers van die variëteite, die uiteenlopende kultuurhistoriese en sosiolinguistiese perspektiewe wat die debat oor die status van demotiese Afrikaans kenmerk, en die onwilligheid van die "tradisionele hekwagters" van Afrikaans en 'n gebrek aan 'n omvattende herstelplan vir die belyning van omgangsvariëteite met die standaard. (Van de Rhee, 2011: 3) Alhoewel die Afrikaanse spraakgemeenskap nie veel beheer het oor die eksterne uitdagings wat Afrikaans in die gesig staar nie, kan daar volgens Van de Rhee (loc. cit.) wel oplossings gevind word vir die interne uitdagings.

### 1.1.2 Die herstandaardisering van Afrikaans

Sedert die tagtigerjare van die vorige eeu is daar 'n dringende oproep vanuit verskeie oorde vir die erkenning van al die variëteite van Afrikaans ter insluiting in die standaard<sup>5</sup>. Senekal (1984: 219) bepleit reeds vroeg in die tagtigerjare die erkenning van die Afrikaanse spraakgemeenskap in sy totaliteit en die nadertrek van ander variëteite aan die standaard ten einde die afstand tussen Afrikaans en sy sprekers te verklein. Alexander (1990: 39) stel dit duidelik dat alle variëteite van Afrikaans die taal Afrikaans uitmaak en nie slegs Standaardafrikaans nie. Ponelis (1994: 107) eggo Alexander se woorde wanneer hy stel dat Afrikaans meer is as bloot sy standaardvariëteit, aangesien Standaardafrikaans slegs een van die variëteite van Afrikaans is wat naas die ander variëteite van Afrikaans staan, en wat onder andere onderskei word op grond van register (bv. regstaal), stylvlak (bv. formele Afrikaans), streek (bv. suidwestelike Afrikaans), domein (bv. omgangstaal), ensovoorts. Hy blameer veral die onderrig van Afrikaans op skool vir die verheffing van Standaardafrikaans tot die enigste aanvaarbare vorm van Afrikaans en die stigmatisering van omgangsvariëteite (Ponelis, loc. cit.). Veral Van Rensburg (1983a: 24-25) lewer 'n ernstige pleidooi ten gunste van die verstote variëteite van Afrikaans:

Hier lê 'n rykdom aan taalvorme wat wag om ontsluit te word vir gebruik in ons Afrikaans, en in die Afrikaans van môre. Die meeste van dié vorme is Afrikaans in murg en been – anders as die meeste Afrikaanse “slang”-vorme. Daarby kom nog 'n wins: hierdie vorme is lewende, egte, spreektaalvorme. Deur meer sulke vorme en konstruksies in Afrikaans te gebruik, sal die groot kloof verklein – die kloof wat bestaan tussen die stywe en onuitstaanbare formaliteit van AB[Algemeen Beskaafde]-Afrikaans aan die een kant, en die spontaneïteit en egtheid van die taalgebruik van die Afrikaans van baie nie-standaardtaalgroepe. (Eie invoeging – G.O.)

Odendal (1996: 15) sien taalverandering as 'n natuurlike proses wat eerder verwelkom as teëgegaan moet word, aangesien dit onvermydelik, maar ook wenslik is. Vir Afrikaans sou dit beteken dat elemente van die omgangstaal nie net as deel van Standaardafrikaans erken moet word nie, maar selfs verwelkom moet word.

Van Rensburg (2000: 72) vra die volgende: “Moet daar nie 'n keer ernstig besin word oor die houdbaarheid van 'n voorstel wat 'n bodialektiese Afrikaans of 'n bo-variëteit-Afrikaans as standaardvorm tot stand wil bring nie? Probleme oor die bevoordeling van die een variëteit ten koste van 'n

<sup>5</sup> Alhoewel dit veral die variëteite van bruin sprekers van Afrikaans is wat by die standaardisering van Afrikaans uitgesluit is, fokus die benadering tot herstandaardisering wat in hierdie studie gevolg word nie uitsluitlik op die insluiting van hierdie variëteite by die standaard nie, maar het herstandaardisering soos deur hierdie studie beoog ten doel om alle variëteite van Afrikaans by die standaard in te sluit. Dit sluit met ander woorde al die eietydse geografiese variëteite van Afrikaans in, soos uiteengesit deur Hendricks (2011: 1), dit is Wes-Kaapse of Suidwestelike Afrikaans, Karoo-Afrikaans, Oos-Kaapse Afrikaans, Oranjerivier-/Gariiep-/Noordwestelike Afrikaans, Afrikaans van Gauteng en omliggende provinsies (d.i. die eertydse Transvaal) en Vrystaatse Afrikaans. – G.O.

ander, sal dan verdwyn.” Soos hierdie vraag van Van Rensburg aandui, gaan dit in pleidooie wat uit verskeie Afrikaanse oorde opklink veral om ’n gedepolitiseerde, geherdefinieerde, inklusiewe standaard vir Afrikaans – kenmerke wat nie tipies is van die Standaardafrikaans soos dit deur Afrikanernasionalistiese organisasies tot stand gebring is nie (sien 2.3.8). Die algemene konsensus is dat die standaard verander moet word; Afrikaans moet herstandaardiseer word. Hierdie herstandaardisering sal egter op verskeie vlakke moet plaasvind ten einde die kloof tussen die standaard en die omgangsvariëteite te oorbrug. Die eerste vlak van herstandaardisering wat bepleit is, is ten opsigte van die erkenning van die invloed van Engels op Afrikaans en ’n staking van die “heksejag” op alles wat na anglisismes lyk. Ook ’n verminderde fokus op Nederlands as voedingsbron is voorgestel. Veral op die gebied van erge Nederlandismes is daar al groot vordering in die standaardisering van Afrikaans gemaak. ’n Voorbeeld hiervan is “geboortevlek” wat nou as standaard gesien word eerder as die vroeër vereiste Nederlandse vorm “moedervlek”. Ook op die gebied van anglisismejag is daar al groot vordering gemaak, waar ’n woord soos “boekmerk” nou standaard is in plaas van die vroeëre “suiwerder” “bladsylêer”. Tog word Afrikaans al hoe meer deur Engels beïnvloed vanweë die noue verwantskap waarin hierdie twee tale in Suid-Afrika ontwikkel. Die erkenning van Engels op leksikale vlak alleen is daarom nie meer voldoende nie.

Dit is egter veral op grond van die insluiting van ander variëteite van Afrikaans waar daar baie werk ten opsigte van herstandaardisering te doen is. Volgens die differensiasieopvatting van sosiolinguïstiek is elke taalvariëteit voldoende as kommunikasiemiddel vir sy sprekers. Die gelykwaardigheid van variëteite berus op die universele beginsel dat elke variëteit aan die kommunikasiebehoeftes van sy taalgemeenskap voldoen, aangesien elke taal die moontlikheid bevat om na die behoeftes van sy sprekers aan te pas en uit te brei. Dit impliseer dat elke variëteit van Afrikaans, ondanks die verskille daartussen, gelykwaardig is as kommunikasie- en uitdrukkingsmiddel. Op grond hiervan behoort geen variëteit van Afrikaans as minderwaardig of afwykend bestempel te word nie. Die linguïstiese struktuur van elke variëteit van Afrikaans is net so “normaal” en “korrek” soos dié van Standaardafrikaans. Standaardafrikaans besit dus geen inherente eienskappe wat dit meer “korrek” of “beskaaf” as enige ander variëteit van Afrikaans maak nie. (Van de Rheede, 1985: 36-37) Daarom stel Combrink (1984: 56) dat alle moedertaalsprekers van Afrikaans taalgenote is en dat geen sprekers langer weggestoot of verwaarloos mag word nie, want ’n geherdefinieerde Afrikaans bestaan uit meer as bloot die sogenaamde Algemeen Beskaafde Afrikaans; dit omsluit die totaliteit van al Afrikaans se variëteite en is die somtotaal van al die sprekers van Afrikaans (Du Plessis, 1992: 28).

Dit is veral ten opsigte van die insluiting van die voorheen *gemarginaliseerde* variëteite van Afrikaans waarvoor die meeste pleidooie opklink; daardie variëteite wat onder die apartheidsregering nie die kans gehad het om by Standaardafrikaans ingesluit te word nie. Davids (1991: 29) maak die stelling

dat daar miskien meer aandag geskenk moet word aan die verdruchte deel van die Afrikaanse taalgemeenskap se taalgebruik ten einde die apartheidstigma van Afrikaans te verwyder. Combrink (1984: 49) vra die volgende indringende vraag:

Kan die Blanke Afrikaanssprekendes dit bekostig om nog in 1981 [of selfs vandag] die helfte van die moedertaalsprekers van Afrikaans weg te stoot of te ignoreer? Veral as van daardie verstote helfte reeds bewys gelewer het dat hulle 'n unieke bydrae tot die Afrikaanse taal en kultuur te lewer het? (Ek praat nou nie van Standaard- of Substandaardafrikaans nie, maar van die totale entiteit 'Afrikaans'. Trouens, verskillende tipes substandaardtaal is een van die dinge wat speserye en kruie verskaf aan 'n eenselwige standaardtaal.) Die antwoord op hierdie vraag is onomwonde: Nee. [Eie invoeging – G.O.]

Herstandaardisering gaan, in die woorde van Du Plessis (1992: 12, 5), as 't ware om “die afbreek van Afrikaans se eie Berlynse muur”, om 'n “ekskuus-doen” eerder as bloot “ekskuus-sê”, die afruk van Afrikaans se “koloniale masker” (Joseph, 1991: 17), want versoening na 'n nierassige, nie-seksistiese demokrasie kan slegs geskied indien ook die probleme wat om Afrikaans bestaan daadwerklik aangepak word (Du Plessis, 1992: 5).

Dan kan ons met 'n nuwe gesindheid kyk na die bou van 'n nuwe taalgemeenskap waarin dit nie gaan om die uitsluiting van ons eie tonge nie, maar juis om die insluiting van almal van ons wat Afrikaans as voertuig moet gebruik om in die toekoms 'n konstruktiewe bydrae te lewer. (Du Plessis, loc. cit.).

Dit gaan dus in herstandaardisering nie net om die herdefiniëring van die taal self nie, maar ook om die regstelling van politieke onregte wat in die taal self ingebed is, of soos Du Plessis (1992: 18) dit stel: “Daar is in sowel die korpus as die status koloniale dorings wat bly sit en wat ons een vir een sal moet uittrek.” Herstandaardisering is nie slegs die “lippetaal-erkenning” van die Afrikaanse dialektiese verskeidenheid nie, maar 'n ernstige hersiening van Afrikaans ten einde ruimte te maak vir die rykheid van Afrikaans se variëteite (Pokpas, 1991: 24). Dit gaan uiteindelik om die depolitisering van Standaardafrikaans wat Prinsloo (1987: 182) soos volg verwoord:

Taal en ideologie bly waarskynlik altyd aan mekaar verbind. En tog sou dit as doelwit gestel kon word om 'n taal soos Afrikaans, wat deur 'n landsontwikkelingsproses sterk gepolitiseer geraak het, sover moontlik te depolitiseer. Maar dan gaan dit van die sensitiwiteit en samewerking van almal in die Afrikaanse gemeenskap afhang of die depolitiseringsproses sal werk of nie. 'n Depolitiseringstrewes sal 'n belangrike saambindende strewes kan word in so 'n gevarieerde gemeenskap soos die totale Afrikaanse taalgemeenskap.

### **1.1.3 'n Afrikaanse rasseseiding**

Weens die onreg van apartheid is dit veral die bruin deel van die Afrikaanse spraakgemeenskap wat by Standaardafrikaans uitgesluit is. Brink (1988: 31) vra die volgende vraag ten opsigte van die demokratisering van Afrikaans: “Wie is dit wat in en deur Afrikaans bevry moet word?” en antwoord dan self “[G]egewe die taalverspreiding in Suid-Afrika, sou dit hier éerstens gaan om die bevryding

van diegene wat Afrikaans gehelp maak het wat hy op sy beste was – wat hom selfs aan die lewe gehou het op 'n tydstip toe baie blankes te skaam was om hom openlik te gebruik: en dit is diegene wat juis deur die skandelige manipulasie van Afrikaans gebrandmerk word met die benaming 'Kleurling'." Volgens die Suid-Afrikaanse sensusdata van 2011 is 3 442 164 van die 6 855 082 moedertaalsprekers van Afrikaans bruin<sup>6</sup>, terwyl slegs 2 710 461 wit is. Daar is ook 'n verdere 602 166 swart en 58 700 Asiatiese en Indiese moedertaalsprekers van Afrikaans in Suid-Afrika. (Statistics South Africa, 2012) Bruin moedertaalsprekers van Afrikaans maak dus die grootste groep van die Afrikaanse spraakgemeenskap uit. Dit is egter juis hierdie groep moedertaalsprekers wat by Standaardafrikaans uitgesluit word. Wanneer taalkundiges dit het oor die herstandaardisering/demokratisering/depolitisering van Afrikaans, gaan dit veral om die erkenning van die taal van die bruin sprekers van Afrikaans. Die apartheidbeleid het die bruin deel van die bevolking polities, kultureel en geografies uit die Afrikaanse spraakgemeenskap verwyder. Hulle is tot 'n "volk-in-wording" verklaar en hulle moes as "embrionale volk" na hulself omsien – ook op taalgebied. (Esterhuysen, 2000: 46) Davids (1994: 44) maak die uitspraak dat filologiese studies wat op die leksikon van Standaardafrikaans baseer is, geneig is om die bydrae van die slawe en die Khoe tot die genese van Afrikaans te ignoreer. Hierdie situasie het egter oor die afgelope dekade of wat begin verander, deurdat ander groepe soos die Maleiers, Khoe en Portugese slawe, asook swart volke se bydraes tot die ontstaan van Afrikaans toenemend nagevors en erken word. Om weereens Pokpas (1991: 24) se woorde te gebruik: hierdie "lippetaal-erkenning" van ander volke se bydrae tot Afrikaans is egter nie voldoende nie. 'n Nuwe, geherstandaardiseerde Afrikaans vereis meer as dit:

[Dit is 'n] Afrikaans wat rekening hou met sy eie nie-wit geskiedenis, en 'n Afrikaans wat rekening hou met die totaliteit van sy dialektiese moontlikhede. Dus: Afrikaans histories oorgeskryf en Afrikaans in sy huidige grootste moontlike vorm. Hierdeur word die groot Afrikaanse moedertaalgemeenskap wat deur die vloek van apartheid in twee gekloof is, herenig [...]. (Du Plessis, 1992: 51).

Muller (1984: 229) is van mening dat, indien die Afrikaner 'n plek vir sy/haar taal en kultuur in Afrika wil verseker, hy/sy moet afsien van sy/haar kulturele en talige eksklusiwiteit en sy/haar taal en kultuur ook na die bruin groepe moet uitdra. Ook Conradie (1987: 191) meen dat wit sprekers van Afrikaans moet insien dat Afrikaans vir sy voortbestaan afhanklik is van die hele taalgemeenskap en moet aanvaar dat bruin sprekers toenemend hulle stempel op die vorming van Standaardafrikaans gaan afdruk. Odendal (1984: 208) bepleit die insluiting van bruin sprekers by Afrikaans vir die "aardsheid, die volksheid, die beeldingrykheid van daardie vorm van Afrikaans. Afrikaans het ook iets daarvan weer nodig, soos hy die verhewendheid van ons godsdiensttaal en ons digters se taal nodig het, en die hele, volle spektrum tussenin."

<sup>6</sup> Met "bruin" word hier bedoel die bevolkingsgroep wat voor 1994 as "Kleurlinge" geklassifiseer is.

Senekal (1984: 221) vra egter die volgende vraag: “Moet die verskille tussen Blanke Afrikaans en Kleurlingafrikaans die hele tyd beklemtoon word?” Bestaan daar só ’n verskil tussen die taalgebruik van wit en bruin sprekers dat dit ’n herstandaardisering van Afrikaans sou noodsaak? Esterhuise (1986: 30) meen dat dit ’n “populêr aanvaarde sociolinguistiese mite” is wat in 1875 geskep is dat bruin sprekers ’n tipe Afrikaans besig wat verskil van dié van wit sprekers. So maak A.P. Treurnicht (aangehaal in Esterhuise, loc. cit.) ook die uitspraak dat bruin digters ’n poësie gelewer het wat ’n eie stempel dra en deur geen wit sprekers nageboots kan word nie. Esterhuise (loc. cit.) is van mening dat hierdie uitspraak op verskeie gronde vals is. Eerstens ontken die uitspraak die taalvariasie wat daar in die Afrikaanse spraakgemeenskap onder sowel wit as bruin sprekers bestaan. Verder impliseer Treurnicht se uitspraak ook dat bruin digters nie gestandaardiseerde Afrikaans kan skryf nie.

Die benaming “Kleurlingafrikaans” is om verskeie redes problematies. Soos reeds genoem, bestaan die bruin bevolking uit mense wat sosiaal, antropologies, religieus, wêreldbeskoulik en kultureel uiteenlopend is, en kan daar eenvoudig nie ’n variant bestaan wat oorkoepelend as “Kleurlingafrikaans” beskryf kan word nie (Esterhuise, 1986: 37). Die benaming “Kleurlingafrikaans” impliseer ook verder dat daar ’n vorm “Blanke Afrikaans” bestaan en dat ’n taalvorm dus bloot op grond van etniese of kleurverskille gekarakteriseer kan word (Van de Rheede, 1985: 35). Vir Van de Rheede (loc. cit.) is só ’n karakterisering egter linguisties ongefundeerd, en hy skaar hom by die volgende uitspraak van De Klerk (1968: 17): “Die benaming Kleurlingafrikaans impliseer ’n verhouding ras-taal, ’n korrelaat wat vir die linguis geheel en al onbruikbaar is.” Gevolglik stel Van de Rheede (1985: 36) eerder die term Kaapse omgangstaal of Kaapse Afrikaans voor.<sup>7</sup> In hierdie studie sal die term Kaapse Vernakulêre Afrikaans, soos gebruik deur Ponelis (2009: 15), voortaan gebruik word.

Kaapse Vernakulêre Afrikaans is ’n vorm van demotiese Afrikaans wat sy beslag in ’n bepaalde geografiese gebied, dit is in Kaapstad en omgewing, gekry het en hiër as omgangstaal gebruik word (Van de Rheede, 1985: 34; Van de Rheede, 2011: 1-2; Hendricks, 2012: 1-2). Nader gepresiseer, is Kaapse Vernakulêre Afrikaans volgens Hendricks (2012: 2-3) “hoofsaaklik beperk tot die Kaapse Skiereiland met, as historiese bakermat, die Bo-Kaap (d.i. die historiese sentrum van die Kaapse Moslemkultuur sedert die laat-1800’s en wat sedert ongeveer 1836 deur vrygestelde slawe betrek is) en Distrik-Ses (wat in 1867 gestig is en vinnig ontwikkel het tot ’n kosmopolitaanse woonbuurt vir vrygelate slawe, werkers, immigrante, handelaars en kunstenaars)”. Vanuit hierdie gebiede het Kaapse Vernakulêre Afrikaans veral as uitvloeisel van die groepsgebiedewet (waar deur newit inwoners van die Bo-Kaap en Distrik-Ses onder dwang uit hierdie gebiede verskuif is) sedert die 1960’s na verskillende gebiede op die Kaapse Vlakte uitgebrei (Hendricks, 2012: 3).

<sup>7</sup> Ander benaminge vir hierdie variëteit van Afrikaans sluit in “Kaaps”, “Kaapse Vernakulêr-Afrikaans”, “Bo-Kaapse Afrikaans” en “Kaapse Vlakte-Afrikaans”/“Kaapsevlakteafrikaans” (Hendricks, 2012: 1).

As etnolek kom Kaapse Vernakulêre Afrikaans veral voor by die bevolkingsgroep wat voor 1994 as “Kleurlinge” geklassifiseer is. Hierdie variëteit behoort volgens Van de Rhee (1985: 34) egter nie in terme van etniese indekse beskryf te word nie, maar eerder in terme van sosio-ekonomiese indekse, aangesien die taalvorm nie slegs by bruin of by alle bruin sprekers voorkom nie. Hendricks (2012: 3) meen ook dat Kaapse Vernakulêre Afrikaans eerder sosiolekties as etnolekties van aard is. Hiervolgens word Kaapse Vernakulêre Afrikaans as werkersklaskode beskou wat histories en kontemporêre talle sprekers uit die Kaapstadse werkersklas insluit, onder wie veral Kaapse Moslems en/of bruin sprekers, maar ook wit sprekers:

Oral in Kaapstad, die Kaapstadse voorstede en die Kaapse Vlakte waar persone uit die werkersklas of persone uit die middelklas met ’n werkersklasagtergrond saamwoon, saam werk of by geleentheid sosiaal verkeer, is die kans sterk dat Kaaps of bepaalde talige aspekte van Kaaps gebruik of gehoor sal word.

Daarom kan Kaapse Vernakulêre Afrikaans nie as ’n merker van bruin identiteit beskou word nie. (Hendricks, loc. cit.) en gaan dit vir Alexander (2010) by herstandaardisering om ’n taalvariëteit wat deur die ekonomiese of maatskaplik benadeelde moedertaalsprekers van Afrikaans gebruik word<sup>8</sup>.

Vir Van de Rhee (loc. cit.) is dit geen toeval dat die meeste bruin sprekers deel uitmaak van die werkersklas nie. As gevolg van diskriminerende apartheidswette soos die groepsgebiedewet en ander verbandhoudende wette, het baie bruin arbeiders in dieselfde gebiede gewoon, en omdat die omgewing ’n beslissende invloed op ’n mens se taalgebruik uitoefen, het hierdie sosiopolitiese omstandighede veroorsaak dat Kaapse Vernakulêre Afrikaans veral deur bruin sprekers gebesig word (Van de Rhee, loc. cit.). In terme van die dominante sprekerskorps sou Kaapse Vernakulêre Afrikaans dus wel as ’n Afrikaanse kleurvariëteit bestempel kon word, dit wil sê ’n variëteit van Afrikaans wat tradisioneel met bruin sprekers geassosieer word (Hendricks, loc. cit.). “Kleurlingskap” is egter geen inherente eienskap van Afrikaans nie (Van de Rhee, loc. cit.; sien ook Van de Rhee, 1983: 30-37 vir ’n bespreking oor Kleurlingafrikaans).

Moet ras dus heeltemal buite rekening gelaat word in ’n bespreking oor die herstandaardisering van Afrikaans? Die verhouding tussen taal en ras is duidelik veel meer gekompliseerd as wat politici in die verlede wou voorgee. Alhoewel dit verkeerd sou wees om ’n noodsaaklike verband tussen taal en ras aan te toon, sal dit egter ook onjuis wees om alle verbande tussen taal en ras as ongeldig te beskou, aldus Odendal (1984: 196). Van Rensburg (1991: 18) meen dat, weens die feit dat rassepolitiek so ’n groot rol gespeel het in die verdeling wat tans in die verskillende soorte Afrikaans bestaan, daar op die oomblik geen sprake is van ’n natuurlike variëteitskeiding in Afrikaans nie. Alhoewel ’n mens verskillende Afrikaanse taalvariëteite op grond van klas, geslags-, ouderdoms- of streeksbasisse kan

---

<sup>8</sup> Sien 1.1.2, voetnoot 5



onderskei, eerder as velkleur, is daar, in die woorde van Willemse (2011: 4), “’n lang koloniale en apartheidsgeskiedenis wat vroeg reeds die grondpatrone vir hierdie beeldvorming [van rasgebaseerde variëteite] geskep het” [Eie invoeging – G.O.]. In hierdie proefskrif sal daar deurgaans daarop gewys word hoe die unieke politieke en sosiale omstandighede waarin die verskillende variëteite van Afrikaans ontwikkel het, daartoe gelei het dat sekere variëteite wel histories en perseptueel geassosieer is met sekere etniese groepe. Dit sou daarom moeilik wees om nié politieke oorwegings en ras te betrek in ’n bespreking oor die herstandaardisering van Afrikaans nie. Alhoewel ’n unieke “bruin dialek” en “wit dialek” van Afrikaans in hierdie studie ontken word, word daar wel van die veronderstelling uitgegaan dat Kaapse Vernakulêre Afrikaans hoofsaaklik deur bruin<sup>9</sup> sprekers van Afrikaans gebruik word, terwyl Standaardafrikaans hoofsaaklik verteenwoordigend is van die taalgebruik van wit sprekers (vgl. 3.5.2.3). Wanneer ek dit in hierdie studie het oor die bruin sprekers van Afrikaans, gaan dit spesifiek om dáárdie bruin sprekers wat histories ekonomies en maatskaplik benadeel is.

## 1.2 Navorsingsmetodologie en termverklaring

In hierdie afdeling word die hipotese, navorsingsvrae en probleemstelling wat in hierdie studie aan bod kom, uiteengesit. Die navorsingsmetodologie wat gevolg word, word vervolgens uiteengesit. Aangesien die sosiolinguistiek so ’n breë studieveld is en daar nie van een oorkoepelende teorie in hierdie studie gebruik gemaak word nie, word ’n paar van die werke genoem wat in hierdie studie geraadpleeg is. Terminologie soos in hierdie studie gebruik, word ook verklaar. Ten slotte word ’n kort oorsig gegee van die onderskeie hoofstukke soos in hierdie studie vervat.

### 1.2.1 Probleemstelling en fokus

Soos reeds aangetoon, het daar oor die afgelope paar dekades verskeie pleidooie uit veral taalkundige oorde opgeklank ten gunste van die herstandaardisering van Afrikaans. Alhoewel dit duidelik ’n knelpunt in die Afrikaanse taalkunde is, is daar egter nog weinig meer gedoen as om bloot te erken dat Afrikaans geherstandaardiseer behoort te word. Konkrete voorstelle van die wyse waarop so ’n herstandaardiseringsproses vir Afrikaans daar moet uitsien, ontbreek nog. Hierdie studie wil vasstel of die praktiese implementering van so ’n herstandaardiseringstrewre in Afrikaans inderdaad ’n moontlikheid is. Hierdie studie wil dus fokus op wat gedóén kan word ten opsigte van die

<sup>9</sup> Sien weer Van de Rheede 1983 en 1985.

Alhoewel die term “bruin Afrikaanssprekendes” voortaan in hierdie studie gebruik sal word, ontken ek nie die feit dat daar ook swart, Indiër en Asiatiese sprekers van Afrikaans is nie. Vir die doel van hierdie studie fokus ek egter slegs op hierdie groep, aangesien hulle die grootste aantal Afrikaanssprekendes uitmaak wat voorheen by die standaardisering van Afrikaans uitgesluit is. – G.O.

herstandaardisering van Afrikaans, met spesifieke fokus op die herstandaardisering van die Afrikaanse ortografie, en nie op wat “behoort te gebeur” ten opsigte van die herstandaardisering van Afrikaans nie. Ten einde hierdie doel te bereik, is dit egter noodsaaklik om taalfilosofiese of taaldebatargumente te betrek, aangesien dit wesenlike faktore is van die konteks waarin die herstandaardisering van Afrikaans beding sal moet word. Gramsci (in Lecercle, 2006: 193), wat elke mens as ’n spontane “filosoof” beskou, meen dat elke mens oor ’n filosofie beskik wat onder andere geleë is in taal, “which is a totality of determined notions and concepts and not just of words grammatically devoid of content”. Deur taal deel elke individu, met sy/haar idiosinkratiese perspektief op die wêreld, altyd eerstens ’n konsep van die wêreld, ’n tipe “common sense”, ’n “natuurlike” filosofie (wat eintlik ’n kulturele en historiese konstruk is) met die res van ’n taal- en/of nasionale gemeenskap (Lecercle, 2006: 194). Indien ’n mens dus nie die spraakgemeenskap se taalfilosofieë betrek in ’n studie wat hulle taalgebruik direk raak nie, sal enige beplanningspoging heel waarskynlik misluk. Bakhtin (1984: 471) stel ’n ander aspek van die filosofiese aard van taal soos volg:

Languages are philosophies – not abstract but concrete, social philosophies, penetrated by a system of values inseparable from living practice and class struggle. This is why every object, every concept, every point of view, as well as every intonation [finds its] place at this intersection of linguistic philosophies and [is] drawn into an intense ideological struggle.

’n Taal kry dikwels die status van nasionale of dominante taal omdat dit in die konteks van politieke stryd, wat uiteindelik uitloop op die skep van ’n nasionale staat, tot hierdie status verhoog word. Die omgekeerde is egter ook waar: In hierdie proses meng taal in die politieke stryd in en dra dit sodoende by tot verdere politieke stryd. Politieke stryd neem dus dikwels die vorm van taalstryd aan (Lecercle, 2006: 187). Enige taalvraagstuk is dus ook ’n politieke vraagstuk, aldus Lecercle (2006: 191). Dit is veral vanweë die ideologiese aard van taal, vanweë die magsverhoudinge wat daarin tot uitdrukking kom, dat ’n bespreking oor die herstandaardisering nie onafhanklik van taalfilosofiese of taaldebatargumente kan geskied nie.

Die probleem wat ek in hierdie PhD-studie wil hanteer, is drieledig. Ek wil eerstens vasstel of die herstandaardisering van Afrikaans gewens en selfs noodsaaklik is vir die suksesvolle voortbestaan van Afrikaans as taal van hoër funksies. Tweedens wil hierdie studie ’n voorbeeld van ’n én-én-benadering tot herstandaardisering ondersoek, met ander woorde ’n middeweg tussen die gepolariseerdheid wat veral deesdae die debatte oor herstandaardisering kenmerk. Laastens wil ek ondersoek hoe herstandaardisering deur middel van doelbewuste en konkrete taalbeplanningshandeling kan geskied deur ’n model daar te stel waarvolgens die ortografie van Afrikaans geherstandaardiseer kan word.

### 1.2.2 Navorsingsvrae en hipotese, teoretiese uitgangspunte en doelwitte

Nie almal is daarvan oortuig dat Standaardafrikaans geherstandaardiseer kan, of selfs behoort te word nie. So maak Landman (1991: 35) die volgende stelling oor Afrikaans: “Ten spyte van die ongelukkige 1976-episode kan daar nie van Afrikaans gesê word dat Afrikaans sy status en rol in die land ten koste of ten nadeel van enige van die ander inheemse tale verkry het nie.” In werklikheid is dit juis die teendeel wat waar is. Daarom meen Gerwel (1988: 12) dat dit ’n belangrike deel van Afrikaans se geskiedenis is dat Afrikaans se amptelike status (en hierby kan seer sekerlik ook die status van Standaardafrikaans gevoeg word) ’n produk van apartheid is. Vandaar dan die noodsaaklikheid vir die herstandaardisering van Afrikaans.

Webb meen (1998: 190) dat herstandaardisering, en veral sintaktiese herstandaardisering, moontlik nie haalbaar is nie, tensy dit op ’n natuurlike wyse uit ’n veranderende/veranderde sosiale orde voortvloei. Daar is in die debat oor die herstandaardisering van Afrikaans volgens Webb (loc. cit.) twee oplossings gebied vir die vernouing van die gaping wat daar tussen die standaardtaal en taalgebruikers staan. Die eerste hiervan noem hy normverruiming of harmonisering waar dit gaan om die erkenning van taalvorme uit die verskillende variëteite van Afrikaans (waaroor ons dit tot dusver in hierdie hoofstuk gehad het). Die tweede is normverandering of -vervanging waar een van die variëteite deur ’n ander vervang word (bv. Kaapse Vernakulêre Afrikaans vervang Standaardafrikaans). Van die twee voorstelle het demokratisering volgens Webb (loc. cit.) die minste potensiaal. Normvervanging is syns insiens oor die lang termyn die beste opsie, maar ook slegs as uitvloeisel van radikale, natuurlike sosiale en ekonomiese transformasie. Alhoewel Webb (2000: 61) saamstem dat Standaardafrikaans hoogs gepolitiseer is en deur baie mense as ’n instrument van onderdrukking beskou word, is daar vir hom nie werklik ’n alternatief vir Standaardafrikaans soos dit tans daar uitsien nie. Vir hom sou die enigste moontlike plaasvervanger vir Standaardafrikaans, Kaapse Vernakulêre Afrikaans wees, maar dit het wat normering en sosiale posisie aanbetref ’n agterstand by die huidige standaard. “Buitendien: sou KA [Kaapse Afrikaans] standaardtaal word, sou dit ewe vinnig gepolitiseer raak”, aldus Webb (2000: 61; Eie invoeging – G.O.). Ook op die Alternatiewe Afrikaans-seminaar van die Kaaplandse Professionele Onderwysunie (KPO) wat van 26 tot 27 Februarie 1988 by die Sake-skool van die Skiereilandse Technikon gehou is, is daar tot die gevolgtrekking gekom dat daar gewaak moet word teen ’n alternatiewe bruin nasionalisme met ’n bruin taal.

In die soeke na ’n alternatiewe staanplek vir Afrikaans, gaan dit dus nie noodwendig om die vestiging van ’n bruin Afrikaans wat in konflik staan met wit Afrikaans nie. ’n Progressiewe taalbeweging behoort te konsentreer op die uiteindelijke vestiging van ’n taalgebied wat so demokraties in sy wese is dat alle Afrikaanssprekendes in Suid-Afrika daarmee kan identifiseer. (Van den Heever, 1988: 53-54; sien ook Gerwel, 1988: 11)

Webb (1998: 190-191) stel ook verder dat, alhoewel taalbeplanners 'n bydrae te lewer het tot (her-)standaardisering, hulle rol moontlik baie beperk is en hoogstens fasiliterend is, “dit wil sê bestaande werklikhede op bane plaas waarop hulle in 'n mate reeds is”, indien dit nie ooreenstem met die wense van die taalgemeenskap nie. Maar soos reeds aangetoon, is die herstandaardisering van Afrikaans juis in ooreenstemming met die wense van 'n groot groep moedertaalsprekers van Afrikaans.

Alexander (2009a: 5; 2011: 5) stel egter die volgende geldige vrae:

Can we re-standardise Afrikaans? Should we do so? Is it enough simply to “democratize” the language, as Christo van Rensburg suggested a few years ago? Are we not provided with a historic opportunity to recast the standard in a more flexible mould, one in which, among other things, a larger, more representative, space is provided for the contribution of Kaaps and Oranjerivier Afrikaans not only in respect of its lexicon but also of its syntax, its morphology and its phonology?

In antwoord op hierdie vrae van Alexander wil ek in hierdie studie ondersoek of dit nie alleenlik moontlik is om Afrikaans te herstandaardiseer nie, maar ook of dit noodsaaklik is en of dit verder meer moet behels as die “demokratisering” van die taal soos deur Van Rensburg (1991, 1992) voorgelê; met ander woorde meer as net herstandaardisering op korpusvlak.

My hipotese is dat Afrikaans wel geherstandaardiseer kan word. Ek verskil dus van Webb (1998: 190) se stelling dat Afrikaans nie geherstandaardiseer kan word nie, en ek wil daarom bepaal tot watter mate Afrikaans deur middel van georganiseerde taalbeplanningshandelinge geherstandaardiseer kan word. Die vrae waaraan ek in my studie sal aandag skenk, is soos volg:

- Kan Standaardafrikaans geherstandaardiseer word?
- Moet Standaardafrikaans geherstandaardiseer word?
- Wat is al ten opsigte van die herstandaardisering van Afrikaans bereik?
- Hoe hanteer die primêre normeringsbron van die Afrikaanse ortografie, die *Afrikaanse woordelys en spelreëls*, die standaardisering van Afrikaans?
- Wat kan prakties gedoen word om die herstandaardisering van Afrikaans, en spesifiek die Afrikaanse ortografie, te bevorder?

Die navorsing sal onderneem word teen die agtergrond van wat standaardisering en herstandaardisering behels. Die belangrikste werke wat as agtergrond in hierdie studie gebruik sal word, is onder andere dié van sosiolinguïste soos Bourdieu, Cooper, Deumert, Fishman, Garvin, Haugen, Joseph, Kloss, Milroy en Milroy, Romaine ten opsigte van standaardisering, Carstens, Davids, Ponelis, Raidt, Roberge, Steyn, Van Rensburg, Webb ten opsigte van die standaardisering van Afrikaans, en Alexander, Busch, De Wet, Greenberg, Kotzé, Van der Horst, Van Rensburg, Webb ten opsigte van herstandaardisering.

Met die toenemende ontwikkelinge in Afrikaans wat sedert die stigting van Die Genootskap van Regte Afrikaners in 1875 plaasgevind het, het dit aan die begin van die twintigste eeu vir Afrikaanssprekendes toenemend belangriker geword om 'n vaste vorm aan hulle taal te gee en “'n end te maak aan die lastige en belemmerende spellingverwarring” wat daar onder sprekers geheers het. Sodoende het die eerste *Afrikaanse Woordelys en Spelreëls* soos goedgekeur deur die Suid-Afrikaanse Akademie vir Taal, Lettere en Kuns in 1917 sy verskyning gemaak. (Le Roux, Malherbe & Smith, 1917: iv) Sedertdien word die *Afrikaanse woordelys en spelreëls* gesien as die primêre normerings- en standaardiseringsbron van die ortografie van Afrikaans. Selfs in een van die gesaghebbendste taalbronne van Afrikaans, naamlik die *Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal (HAT)*, wat volgens Odendal in die “Voorwoord tot die Derde Uitgawe” “die algemeenste woorde van Standaardafrikaans” opneem, word daar in hierdie “Voorwoord” daarvan melding gemaak dat die *Afrikaanse woordelys en spelreëls* in 'n hoë mate as rigsnoer dien vir wat tans as Standaardafrikaans beskou word. Aangesien die opstellers van die *HAT* die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, en daardeur sy Taalkommissie, as die hoogste gesag oor Afrikaans sien, rig hulle hulle sover doenlik volgens die bepalinge van die *Afrikaanse woordelys en spelreëls*. (Odendal, 1994) As gevolg van hierdie status wat die *Afrikaanse woordelys en spelreëls* as standaardiseringsbron van Afrikaans geniet, maak dit sin dat 'n studie oor die herstandaardisering van die Afrikaanse ortografie hierdie bron moet betrek. Al tien uitgawes van die *Afrikaanse woordelys en spelreëls* word in hierdie studie betrek.

Die uiteindelige doelwit wat ek graag deur hierdie studie wil bereik, is om 'n model daar te stel waardeur die herstandaardisering van Afrikaans, maar veral die herstandaardisering van die Afrikaanse ortografie, bespoedig kan word ten einde alle sprekers van Afrikaans wat vroeër by die vorming van Standaardafrikaans uitgesluit is, by die standaard in te sluit en Afrikaans sodoende van sy stigma as “onderdrukkerstaal” te bevry en dit 'n taalvorm te maak wat deur al sy sprekers vir gebruik op alle vlakke van die samelewing, maar veral hoëvlakfunksies, aangewend kan word. Die ideaal is egter dat hierdie model nie net vir die gewin van die Afrikaanssprekende gemeenskap aangewend sal word nie, maar dat dit ook vir die Bantoetale<sup>10</sup> van Suid-Afrika aangewend kan word ten einde verteenwoordigende standaardtale daar te stel wat tot die voordeel van die hele spraakgemeenskap aangewend kan word. Dit wil ook as 't ware as waarskuwing vir Suid-Afrikaanse Bantoe-

<sup>10</sup> Die term *Bantoe* is tydens die apartheidsera in Suid-Afrika in rassistiese en diskriminerende beleide gebruik. Ek is dus daarvan bewus dat die term *Bantoe* as etniese benaming vir sommige mense 'n negatiewe of diskriminerende konnotasie kan hê. Die term word hier egter bloot as taalkundige klassifikasie gebruik ten einde dit van ander Afrikatale soos Afrikaans te onderskei. Die term *Bantoe* beteken “mense” en verwys na die grootste taalgroep in die Niger-Kongo taalfilum. Die Bantoetale beslaan 'n derde van Afrika: Dit strek in 'n ooswaartse rigting vanaf die Kameroen-Nigeriese grens deur die ekwatoriale sone tot by die Keniaanse kus en dan suidwaarts tot in die Kaap. Die Bantoetale wat vandag in Suid-Afrika gepraat word, is Noord-Sotho, Sesotho, Ndebele, Swati, Tsonga, Tswana, Venda, Xhosa en Zulu. (Herbert en Bailey, 2002: 50-54, 74; Williamson en Blench, 2000: 11-14)

tale dien wat nog in die vroeë fases van standaardisering is om nie dieselfde foute te maak wat tydens die standaardisering van Afrikaans gemaak is deur sekere sprekersgroepe by die standaard uit te sluit nie.

### 1.2.3 Navorsingsontwerp en -metodes

In hierdie proefskrif sal sowel 'n konseptuele studie as 'n krities-analitiese en kontekstuele interpretasie oor die aard van die sosiolinguistiese prosesse standaardisering en herstandaardisering onderneem word. Hornberger (2006: 31) dui daarop dat die term *standaardisering* in die taalbeplanningsliteratuur 'n wye verskeidenheid betekenisse het; dit behels proses én produk, taalstatus én taalkorpus, en die erkenning en aanvaarding van 'n bestaande standaard tot die skep, seleksie, of die afdwing van 'n standaard. Wanneer die sosiolinguistiese literatuur rakende standaardisering in oënskyn geneem word, word hierdie meningsverskille oor wat presies standaardisering behels, gou duidelik vir die navorser. Teen hierdie agtergrond sal daar dan eerstens teoreties besin word oor die aard van standaardisering binne die konteks van taalbeplanning, waarna verskeie eienskappe van standaardisering krities ondersoek en geïnterpreteer sal word ten einde 'n duidelike beeld daar te stel oor wat onder die begrip “standaardisering” verstaan word.

Volgens Kulla (2010: 3) is die geskiedenis die magtigste wapen in diens van taalkundiges. Ten einde 'n standaardtaal te verstaan, moet 'n mens kennis neem van die geskiedkundige konteks waarin hierdie standaard tot stand gekom het (Kulla, loc. cit.).

For, in any attempt to understand how and why some views of language gradually emerge as dominant, while others suppressed and marginalised, we need to attend to the historical processes that inform the dynamics of social power as these obtain in particular times and places [...]. (Johnson, 2005: 5-6)

Blommaert (1999: 7) verwys hierna as die materialistiese beskouing van taalideologieë wat behels dat mens vanuit 'n etnografiese oogpunt kyk na die werklike rolspelers in taal, hulle belangstellings, verwantskappe, gebruike, en waar hulle vandaan kom, met betrekking tot die diskoers wat hulle lewer – waar die diskoers self as 'n kritieke simboliese hulpbron beskou word waarop mense hulle belangstellings projekteer, waarom hulle hulle verwantskappe bou, en waarop en waardeur hulle hulle mag kan uitoefen. Daarom is 'n volgende stap in die standaardiseringsondersoek 'n uitvoerige beskrywing van die standaardiseringsgeskiedenis van Afrikaans. Daar word gepoog om 'n gebalanseerde blik op die standaardisering van Afrikaans te gee deur erkenning te gee aan alle sprekers van Afrikaans se bydrae tot hierdie proses. In die lig van die standaardiseringsgeskiedenis van Afrikaans en skynbaar eensydige manier waarop die standaardisering van Afrikaans plaasgevind het, sal die aard van herstandaardisering krities teoreties ondersoek word deur op verskeie aspekte van hierdie proses te

fokus. 'n Gedeelte van hierdie ondersoek sal daarop gemik wees om 'n band tussen standaardisering en herstandaardisering aan te toon. Herstandaardiseringsvoorstelle en -pogings in ander tale sal krities beskrywend ondersoek word ten einde 'n beter perspektief op die herstandaardiseringsproses te kry. Hierna sal ook die herstandaardisering van Afrikaans in besonder krities beskrywend ondersoek word deur onder andere na die noodsaaklikheid, al dan nie, van só 'n proses vir Afrikaans te kyk en dan ook voorstelle in hierdie verband krities te bespreek.

'n Fokus op die ortografie van 'n taal, dit is die veronderstelling dat daar slegs een korrekte manier van skryf is, leen dit veral tot die tipe materialistiese benadering tot taalideologieë wat Blommaert bepleit. Dit is verder ook in ooreenstemming met ontluikende literatuur binne die sosiolinguistiek en taalantropologie wat die afhanklike aard van ortografiese praktyke oor die algemeen beklemtoon. (Johnson, 2005: 7) Daarom word die *Afrikaanse woordelys en spelreëls* teen die teoretiese agtergrond oor standaardisering en herstandaardisering as gevallestudie ondersoek. Die gevallestudie wat in hierdie studie behandel word, is enersyds beskrywend van aard, deurdat daar eerstens 'n historiese oorsig oor die ontwikkeling van die *Afrikaanse woordelys en spelreëls* onderneem word soos wat dit gespruit het uit die spelgeskiedenis van Afrikaans en die totstandkoming van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns. Andersyds is hierdie gevallestudie ondersoekend, deurdat 'n inhoudsontleding onderneem word om die ontwikkelinge te ondersoek wat sedert die eerste uitgawe van die *Afrikaanse woordelys en spelreëls* in 1917 tot en met die 2009-uitgawe plaasgevind het. Daar sal veral gefokus word op watter mate dit tot die verteenwoordigende standaardisering, al dan nie, van Afrikaans bygedra het, asook tot watter mate daar gehoor gegee is aan sprekers se versoeke en/of griewe in hierdie verband. Spesifieke fokus sal geplaas word op die hantering van Nederlandse en Engelse invloed op Afrikaans, asook die erkenning van ander variëteite van Afrikaans. Ten slotte sal ondersoek word of, en indien wel, hoe die *Afrikaanse woordelys en spelreëls* ingespan kan word ten einde die herstandaardisering van Afrikaans te bewerkstellig deur 'n model daar te stel waardeur hierdie proses aangehelp kan word.

'n Gevallestudie behels die gedetailleerde ondersoek van 'n beperkte situasie in 'n natuurlike (nie-eksperimentele) konteks (Williams en Chesterman, 2002: 65; Abercrombie, et al. in Flyvbjerg, 2006: 220). Flyvbjerg (2006: 219, 241) dui daarop dat die gevallestudie se geldigheid as wetenskaplike navorsingsmetode al dikwels in die verlede bevraagteken is, maar dat dit 'n noodsaaklike en voldoende metode vir navorsing in die sosiale wetenskappe is. Beveridge (in Flyvbjerg, 2006: 226) is van mening dat daar al meer ontdekkings gemaak is deur diepte-waarneming as deur statistiese ontleding. Walton (in Flyvbjerg, 2006: 227) meen weer dat gevallestudies aanleiding gee tot die beste wetenskaplike teorieë. Die waarde van gevallestudies is verder geleë in die narratiewe aard daarvan. MacIntyre (in Flyvbjerg, 2006: 240) beskou die mens as 'n "story-telling animal". Daarom kan die

narratief beskou word as die mees basiese wyse waarop die mens probeer sin maak van die wêreld om hom of haar. Dit help ons nie n t om sin te maak van die verlede nie, maar is ook besonder nuttig om voorspellings te maak oor die toekoms en sodoende alternatiewe situasies of oplossings vir die toekoms te bedink. (Flyvbjerg, loc. cit.) Laastens is gevallestudies volgens Flyvbjerg (2006: 221) van kardinale belang in die menslike leerproses. Soos Eysenck (in Flyvbjerg, 2006: 224) aandui, hoef navorsing nie net daarop gemik te wees om een of ander punt reg of verkeerd te bewys nie, maar dit kan ook daarop gemik wees om ons iets te leer. Gevallestudies stel navorsers byvoorbeeld in staat om uit die mislukkings en suksesse van die verlede te leer ten einde 'n beter hede en toekoms te help skep. Gevallestudies speel egter nie net 'n rol in algemene leerprosesse nie, maar ook meer spesifiek in die navorser se eie leerproses om uiteindelik die vaardighede te ontwikkel om 'n goeie navorser te word (Flyvbjerg, 2006: 223):

Common to all experts [...] is that they operate on the basis of intimate knowledge of several thousand concrete cases in their areas of expertise. Context-dependent knowledge and experience are at the very heart of expert activity. Such knowledge and expertise also lie at the center of the case study as a research and teaching method [...], as a method of learning. (Flyvbjerg, 2006: 222)

#### 1.2.4 Termverklaring

Die belangrikste terme wat in hierdie proefskrif aan bod sal kom, word vervolgens in alfabetiese volgorde verklaar.

- **Demokratisering** verwys na die proses waardeur die standaard verbreed word om erkenning aan ander vari eteite van 'n taal te gee.
- Die term **dialek** word gebruik om te verwys na 'n bepaalde soort taalvari eteit (De Villiers, 1985: 21; sien ook *taalvari eteit*)
- **Groeptaal/-vari eteit** (sien *omgangstaal/-vari eteit*)
- **Harmonisering** is die proses waardeur verskillende tale of vari eteite van een taal wat fonetiese en grammatiese ooreenkomste toon en wat 'n ho  vlak van onderlinge verstaanbaarheid het en waarvan die sprekers mekaar maklik kan verstaan, verenig word om een bodialektiese, inklusiewe standaardvorm van die taal te skep (vgl. Doke, aangehaal in Alexander, 1992: 58).
- **Herstandaardisering** is die heroorweging of herdefini ering van d t wat tradisioneel as die standaard van 'n taal beskou is, deur byvoorbeeld die prosesse van *demokratisering* of *harmonisering*.
- Met **Kaapse Vernakul re Afrikaans** word volstaan met Van de Rhee (1985: 34) se definisie, naamlik die omgangstaal wat in die Kaap en omliggende plekke deur veral bruin



sprekers gebruik word, en dan veral dáárdie sprekers wat voorheen op ekonomiese en maatskaplike gebied benadeel is.

- **Norme** kan beskryf word as 'n aantal reëls of voorskrifte wat daargestel is ten opsigte van die gebruik van 'n spesifieke taal en wat 'n mate van gehoorsaamheid of nakoming deur die spraakgemeenskap vereis. Dit impliseer dat daar bepaalde reëls bestaan wat voorskryf watter taalgebruiksmodel die geskikste is, met ander woorde watter standaard vereis word (Carstens, 2003: 4). Die terme *norm* en *taalnorm* word hier as sinonieme gebruik,
- **Normering** het te make met die proses van die vasstelling van die reëls vir taalgebruik.
- **Omgangstaal/-variëteite** is daardie variëteite van Afrikaans wat niestandaardvorme is en wat gewoonlik nie in 'n reëlgebonde, geskrewe vorm bestaan nie, maar grootliks as gesproke vorm. Die terme *omgangstaal/-variëteit* en *groeptaal/-variëteit* word afwisselend gebruik.
- Alhoewel **ortografie** volgens die vernaamste woordeboeke (soos die *HAT* en *OED Online*) na die spelling van 'n taal verwys, word die term in hierdie studie afwisselend gebruik om na spelling en spelling én skryfwyse te verwys ten einde verwarring te voorkom, aangesien skryfwyse dikwels by spelling bygehaal word en dit nie altyd so maklik is om dit van mekaar te skei nie.
- 'n **Ortografiese sisteem** verwys na die spel- en/of skryf- en spelsisteem van 'n taal.
- **Skryftaal** verwys na die geskrewe vorm van 'n taal.
- 'n **Skryftradisie** verwys na oorgelewerde gebruike waarvolgens 'n spesifieke taal of variëteit geskryf word en kan óf informeel óf reëlgebonde wees. 'n Ortografiese sisteem berus dus op 'n sekere skryftradisie, maar net so kan 'n skryftradisie ook bestaan sonder om oor 'n gestandaardiseerde ortografie te beskik.
- 'n **Spraakgemeenskap** verwys na mense wat gewoonlik in kontak met mekaar is deur middel van 'n gemene taal (Webb, 2010b: 118). Dit sluit die moedertaalsprekers van die spesifieke taal in (*primêre spraakgemeenskap*), met ander woorde standaardtaalsprekers en variëteitsprekers, sowel as diegene wat die taal as tweede taal of verkeerstaal gebruik (*sekondêre spraakgemeenskap*) (Ponelis, 1987: 3). Tensy anders aangedui, sal spraakgemeenskap hier verwys na die primêre spraakgemeenskap van 'n taal. Die terme *spraakgemeenskap* en *taalgemeenskap* word hier as sinonieme beskou.
- **Standaardisering** is die proses waarvolgens 'n taal tot standaard verhef word.
- **Standaardtaal/-variëteit** of die **standaard van 'n taal** verwys na daardie variëteit van 'n taal wat 'n bepaalde status en aansien in die spraakgemeenskap geniet deurdat die sprekers dit as die “goeie” of “korrekte” vorm beskou en waarna sprekers hulle taalgebruik wil rig (De Villiers, 1985: 27; Odendal, 1994). Dit is daarom gewoonlik daardie variëteit wat

ten eerste as die enigste vorm van 'n bepaalde taal gesien word, byvoorbeeld Standaardafrikaans word gelyk gestel aan Afrikaans (Ponelis, 1998: 4). Verder is dit ook die variëteit waarvan die vorm tydens standaardisering in 'n mindere of meerdere mate aangepas is om sekere standaardtaalfunksies te verrig, onder andere om as bodialektiese kommunikasie-medium aangewend te word (De Villiers, loc. cit.).

- **Taalgemeenskap** (sien *spraakgemeenskap*)
- **Taalnorme** (sien *norme*)
- 'n **Taalvariëteit** of slegs **variëteit** is een vorm van 'n taal wat sistematies van ander vorme van dieselfde oorkoepelende taal verskil (Taalkommissie, 2009: 573). Die terme (*taal*)-*variëteit(e)* en *dialek(te)* word hier as sinonieme beskou.
- **Wisselvorme** verwys na twee of meer vormverwante woorde, woorddele of woordgroepe met dieselfde betekenis. Daar kan onderskei word tussen wisselvorme met variante skryfwyses, vorme met variante uitspraak (wat gewoonlik ook variante spelvorme het), vorme met ongeveer dieselfde uitspraak maar verskillende spelvorme, en vorme met verskillende morfologie. (Taalkommissie, 2009: 575) Alhoewel daar soms 'n onderskeid gemaak word tussen dubbelvorme (d.i. woorde met 'n Afrikaanse en 'n vreemde spelvorm, maar sonder verskil van betekenis) en wisselvorme (d.i. woorde met verskil van uitspraak en spelvorm, maar sonder verskil van betekenis) (Taalkommissie, 1964: "Voorwoord", no. 7), word daar in hierdie studie na beide hierdie vorme as wisselvorme verwys ter wille van eenvormigheid en ten einde verwarring uit te skakel.

### 1.2.5 Vooruitskouing van hoofstukke

Hoofstuk een bevat 'n algemene inleiding tot die studie. Die agtergrondrasionaal, navorsingsmetodologie en vooruitskouing van hoofstukke word uiteengesit en belangrike terme word verklaar. In hoofstuk twee word daar gekyk na standaardisering as taalkundige verskynsel. Die belangrikste literatuur oor standaardisering sal deurgaans betrek word ten einde 'n volledige beeld van hierdie proses te beskryf. Hierna sal 'n historiese oorsig oor standaardisering in Afrikaans gegee word. Daar word na verskeie fases gekyk, asook verskeie domeine waarop standaardisering in Afrikaans plaasgevind het.

In hoofstuk drie sal daar gekyk word na die destandaardiseringstendens wat in verskeie standaardtale te bespeur is. Hierna sal daar gekyk word wat herstandaardisering behels. Die belangrikste literatuur oor herstandaardisering sal betrek word ten einde die aard van herstandaardisering te bepaal en 'n

ondubbelsinnige definisie van herstandaardisering daar te stel. Herstandaardiseringsprosesse elders in die wêreld word bespreek, asook herstandaardiseringsvoorstelle vir Afrikaans. Onderzoek word ingestel na wat harmonisering behels, tot watter mate dit op ander tale in die wêreld toegepas is en watter mate van sukses hiermee behaal is ten einde vas te stel of die herstandaardisering van Afrikaans moontlik sou wees.

Hoofstuk vier bied 'n blik op die *Afrikaanse woordelys en spelreëls* as standaardiseringsbron van Afrikaans. In hoofstuk vier sal daar eerstens 'n historiese oorsig oor die ontwikkeling van die *Afrikaanse woordelys en spelreëls* en die bydrae daarvan tot die standaardisering van Afrikaans gegee word. Hierna word die ontwikkelinge ondersoek wat sedert die eerste uitgawe van die *Afrikaanse woordelys en spelreëls* in 1917 tot en met die 2009-uitgawe plaasgevind het, deur 'n diepgaande inhoudsontleding te onderneem. In hierdie ontleding sal daar gefokus word op die mate waartoe hierdie bron tot die standaardisering van Afrikaans bygedra het deur veral op die volgende drie aspekte te fokus: (a) die hantering van die invloed van Nederlands op Afrikaans; (a) die hantering van die invloed van Engels op Afrikaans; (c) die erkenning van ander variëteite van Afrikaans. Sprekers se griewe en/of wense in hierdie verband sal ook telkens betrek word.

Die volgende hoofstuk, naamlik hoofstuk vyf, bevat 'n praktiese voorstel in die vorm van 'n herstandaardiseringsmodel waarvolgens Afrikaans, maar spesifiek die Afrikaanse ortografie, gehersaandiseer kan word. Hierdie hoofstuk het ten doel om iets tasbaars, iets uitvoerbaars, daar te stel ten einde die herstandaardiseringsdebat in Afrikaans in 'n herstandaardiseringspraktyk te omskep, asook om 'n model daar te stel wat moontlik tot voordeel van ander inheemse Bantoetaal-spraakgemeenskappe aangewend kan word en om sodoende verteenwoordigende standaardiseringspraktyke in Suid-Afrika te bevorder.

Die slothoofstuk, hoofstuk ses, bevat 'n samevatting van die gevolgtrekkings waartoe daar in die voorafgaande hoofstukke gekom is. Algemener gevolgtrekkings sal ook gemaak word oor die herstandaardisering van Afrikaans. Ten slotte sal daar voorstelle gemaak word vir moontlike toekomstige navorsing.

### **1.2.6 Impak**

Met die herstandaardisering van Afrikaans die afgelope paar jaar opnuut in die kollig, is die tyd meer as ryp vir studie oor 'n praktiese benadering tot herstandaardisering, veral soos daaruit blyk dat daar na dertig jaar se debattering nog weinig daadwerklike pogings in die rigting van die herstandaardisering van Afrikaans bestaan. Maar hoekom nóg 'n studie oor die herstandaardisering van Afrikaans?

Watter nuwe bydrae het hierdie studie te lewer? Hierdie studie wil veral 'n *praktiese* benadering tot herstandaardisering bied – iets wat tans nog in herstandaardiseringsdebatte ontbreek. Dit het ook nou, in 'n tyd van ongekende globalisering, meer as ooit tyd geword dat al die sprekers van Afrikaans by die standaardisering daarvan in ag geneem word. Met die internasionale globaliseringstendens oriënteer al hoe meer mense hulle taalkundig ten opsigte van die taal van globalisering, naamlik Engels. Ook Afrikaans verloor daagliks al hoe meer sprekers aan Engels wat meen dat Afrikaans hulle nie meer in die moderne samelewing kan bedien nie.

Volgens Van der Rheede (2007: 3) dui statistiese gegewens daarop dat daar vanweë 'n verskeidenheid eksterne faktore, waaronder politieke, ekonomiese, kulturele, sosiale en opvoedkundige faktore, 'n beduidende taalverskuiwing in alle provinsies en onder alle rassegroepe na Engels plaasvind. Bemagtigingsaksies ten opsigte van Afrikaans moet daarom bewus wees van hierdie taalverskuiwings in die Afrikaanse taalmark en daarop fokus om Afrikaans as gebruikstaal op alle vlakke van die samelewing te hervitaliseer, taalverskuiwing om te keer, taal te handhaaf en die taal te versprei (Van der Rheede, loc. cit.). Dit is nou dus des te meer noodsaaklik dat Afrikaans dit as 'n moderne, inklusiewe taal moet onderskei indien dit 'n kans op oorlewing wil hê, veral wat gebruik vir hoë funksies betref. Alle sprekers van Afrikaans behoort in die woorde van Steyn (1980) 'n “tuiste” in Afrikaans te kan hê. Hierin het studies oor die herstandaardisering van Afrikaans 'n deurslaggewende rol te speel; des te meer studies wat 'n praktiese oplossing vir hierdie probleem kan bied.

Dit is egter nie net Afrikaans wat vanweë die hegemonie van Engels in Suid-Afrika onder druk verkeer nie. Ook Bantoetaalsprekers sien dikwels nie vir hulle 'n toekoms in hulle eie taal nie en voel hulle dikwels ontuis in hulle moedertale vanweë eensydige standaardiseringspraktyke. Hierdie studie hoop dan om nie nét vir Afrikaanssprekendes 'n taaltuiste te bied nie, maar om ook 'n model daar te stel wat vir Suid-Afrikaanse Bantoetale van nut kan wees en kan help om aan elke Suid-Afrikaanse landsburger 'n “tuiste in eie taal” te kan help skeep, aldus Steyn (1980).

## **HOOFSTUK 2**

### **Standaardisering**

#### **2.1 Inleiding**

Soos reeds aangedui (sien 1.2.3), omvat die term *standaardisering* in die taalbeplanningsliteratuur 'n wye verskeidenheid betekenisse. In hierdie hoofstuk sal daarna gestreef word om 'n duidelike en ondubbelsinnige beeld van die begrip *standaardisering* weer te gee deur verskeie aspekte daarvan te bespreek. Die doel van hierdie hoofstuk is eerstens nie om bloot 'n definisie van standaardisering daar te stel nie, maar om 'n diepgaande ondersoek na die onderdele van die konsep te onderneem. Die term *standaardisering* sal binne die domein van taalbeplanning beskou word, waarbinne dit aanvanklik gesitueer sal word. Hierna word daar na kern-definiëringelemente van standaardisering gekyk, waarna die standaardiseringsproses en die implikasies daarvan aan bod sal kom. Daar word ten slotte ook na die gevolge van standaardisering gekyk. Afgesien van hierdie afdeling waarin daar 'n algemene beeld van taalstandaardisering gegee word, word daar in 'n tweede afdeling meer spesifiek na die standaardisering van Afrikaans gekyk. Vroeë standaardiseringspogings in prestandaardiseringsfases en die implikasies daarvan vir die standaardisering van Afrikaans sal eerstens aan bod kom, waarna pogings tot die doelbewuste standaardisering van Afrikaans tot en met 1994 bespreek sal word. Hierna word die toestand van Afrikaanse standaardisering vanaf 1994 tot die hede van nader beskou.

#### **2.2 Standaardisering**

##### **2.2.1 Inleiding**

In hierdie afdeling word 'n algemene oorsig oor taalstandaardisering gegee. Eerstens word standaardisering binne die domein van taalbeplanning gesitueer. Hierna word die begrip *standaardisering* gedefinieer deur verskeie aspekte of kenmerke van standaardisering in oënskou te neem. Daar word ook gekyk na sekere voorwaardes vir standaardisering, waarna die standaardiseringsproses aan bod sal kom. Hier word 'n kritiese uiteensetting van Einar Haugen (1966, 1987) se taalbeplanningsmodel gegee. Daar word ook gekyk na grade en vlakke van standaardisering en ten slotte word 'n aantal positiewe en negatiewe gevolge van standaardisering bespreek.

## 2.2.2 Standaardisering as taalbeplanningsaktiwiteit

Haugen (1972b: 161) beskou beplanning as 'n menslike aktiwiteit wat uit die behoefte spruit om 'n oplossing vir 'n probleem te vind. Hierdie beplanningsaksie kan heeltemal informeel en ad hoc geskied, maar dit kan ook doelbewus uitgevoer word. Dit kan deur individue in die privaat sektor onderneem word, maar kan ook amptelik wees. Die eerste stap in beplanning is die identifikasie van die probleem. Indien beplanning deeglik geskied, sal dit stappe insluit soos uitvoerige insameling van feite, ooreweging van alternatiewe aksieplanne, besluitneming, en die implementering van die besluite. Teen hierdie agtergrond kan *taal*beplanning dan as gewens beskou word waar daar *taal*probleme ontstaan. (Thorburn, 1971: 254; Haugen, 1972b: 161) Aangesien taal 'n dinamiese krag is, is dit vatbaar vir beplanning (Clyne, 1997: 500). Indien 'n taalsituasie om een of ander rede as ongewens beskou word, is daar ruimte vir taalbeplanning (Haugen, loc. cit.). Taalbeplanning behels nie slegs keuses nie, maar ook die besluitnemingsproses betrokke by die maak van hierdie keuses (Reagan, 2002: 420).

Taalbeplanning fokus daarop om oplossings vir taalprobleme te vind deur besluite te neem oor alternatiewe doelwitte, wyses en uitkomstes ten einde hierdie probleme op te los, aldus Rubin (1971: 218). Hiervolgens kan taalbeplanning gedefinieer word as 'n respons op 'n sosiale probleem wat deur 'n spesifieke sosiale groep ervaar word (Haugen, 1983: 286). Vir Weinstein (1983: 37) gaan dit in taalbeplanning veral om die oplossing van kommunikasieprobleme wat daaruit spruit dat die betrokke taalvorm se funksies of die taalvorm self nie (meer) voldoende is nie en daarom verander moet word. 'n Probleem in taalbeplanning kan die aanneem van 'n nuwe taal, 'n verandering in woordeskat of verandering in die skryfstelsel, spelling of uitspraak van 'n taal behels (Thorburn, loc. cit.).

Taalbeplanning het egter ook ten doel om die taalgedrag<sup>1</sup> van 'n gemeenskap te verander of te modifiseer (Kaplan en Baldauf, 1997: 3). In die woorde van Spolsky (2009: 4) is dit "the explicit and observable effort by someone or some group that has or claims authority over the participants in the domain to modify their practices or beliefs". Die meeste van die probleme waarmee taalbeplanners te kampe het, kan verdeel word in probleme van *vorm* of *funksie*. Eersgenoemde het te doen met taalstruktuur terwyl laasgenoemde gemoeid is met die verskeie gebruike waarvoor hierdie struktuur aangewend word (Haugen, 1966: 17). Goeie taalbeplanning sal, soos beplanning oor die algemeen, al die beplanningstappe insluit. Taalbeplanning is dus 'n proses wat uit onderskeie fases, stappe of dimensies bestaan. Daarom definieer Haugen (1972c: 287) taalbeplanning as die vasstel van doelwitte, beleide en prosedures vir 'n taalgemeenskap of die evaluering van taalkundige verandering (Haugen, 1972b: 162). Hierdie vasstel van doelwitte, beleide en prosedures of die evaluering van taal vereis noukeurige, bewuste beplanning.

<sup>1</sup> Taalgedrag verwys na die wyse waarop sprekers met hulle taal omgaan en daarmee handel.

Taalbeplanning verskil van ander taalkundige praktyke deurdat dit 'n praktiese toepassing van taalkundige kennis is waar dit nie net gaan om die beskrywing van taalkundige verskynsels nie (deskriptiewe taalkunde) maar om die uitoefening van keuses of die uitvoer van besluite ten gunste van 'n spesifieke taalvorm(e) (preskriptiewe taalkunde) (Haugen, 1959: 8; 1972b: 161). In sy eenvoudigste vorm kan taalbeplanning dan gedefinieer word as besluitneming oor taal (Rubin en Jernudd, aangehaal in Garvin, 1974: 69). Haugen (1972b: 161) meen dat normatiewe of preskriptiewe taalkunde gesien kan word as 'n tipe bestuur of manipulasie van taal, wat taalbeplanning voorveronderstel. Taalbeplanning impliseer 'n poging om die ontwikkeling van 'n taal in 'n spesifieke rigting te stuur. Dit gaan nie net om die voorspelling van die stand van 'n taal in die toekoms op grond van beskikbare kennis oor die verlede (soos by deskriptiewe taalkunde) nie, maar 'n *doelbewuste* poging om dit te beïnvloed. (Haugen, 1959: 8; 1972a: 133; 1972c: 287) Beplanning impliseer 'n bewuste keuse tussen alternatiewe maniere om 'n probleem op te los (Thorburn, 1971: 254), asook 'n bewuste keuse tussen taalvorm en taalfunksie (Weinstein, 1990: 5), en daarom is taalbeplanning 'n doelbewuste aktiwiteit (Reagan, 2002: 420). Deumert (2000: 384) ondersteun die *doelbewuste* aard van taalbeplanning deurdat sy dit definieer as al die *bewuste* pogings wat daarop gemik is om die taalgedrag van 'n spraakgemeenskap te verander:

Language planning refers to deliberate, conscious, and future-oriented activities aimed at influencing the linguistic repertoire and behavior of speech communities [...]. (Deumert, 2008)

Ook Cooper (1989: 183) beklemtoon in sy definisie van taalbeplanning die doelbewuste aard van die beplanning wat elke aspek van taal beïnvloed wanneer hy taalbeplanning definieer as “deliberate efforts to influence the behavior of others with respect to the acquisition, structure, or functional allocation of their language codes”. Tollefson (aangehaal in Crawhall, 1993: 3) meen dat die algemeen aanvaarde definisie van taalbeplanning een is waarin die doelbewuste pogings om die struktuur en funksie van taalvariëteite te beïnvloed, aan bod kom. Spolsky (2009: 4) gebruik selfs die term “management”, eerder as beplanning, aangesien dit volgens hom die doelbewuste aard van taalbeplanning beter verwoord.

Die Duitse taalwetenskaplike, Heinz Kloss (1969: 81), onderskei tussen twee basiese tipes taalbeplanning, naamlik korpusbeplanning en statusbeplanning. Korpusbeplanning modifiseer die wese van die taal self. Dit beteken dat een of ander instelling, individue of groepe probeer om die korpus van 'n taal te verander deur nuwe tegniese terminologie in te voer, die spelling te verander, 'n nuwe skryfstelsel in te voer, ensovoorts. (Kloss, loc. cit.) Korpusbeplanning sluit met ander woorde beplanningsaksies in wat gemoeid is met die vorm of interne struktuur van taal, byvoorbeeld die ortografie, skryfstelsel, leksikon en grammatika, soos morfologie, sintaksis en fonologie. (Du Plessis, 2000: 149; Deumert, 2000: 385; Fishman, 2004: 79) Dit het ten doel om nuwe vorme te skep, oues te modifiseer, of om tussen alternatiewe vorme in die gesproke of geskrewe kode te kies (Rudman, 2008:

1). Korpusbeplanning wil 'n nasionale standaard definieer en ontwikkel (Fettes, 1997: 13). Volgens Kloss (loc. cit.) kan korpusbeplanning nie sonder die hulp van spesialiste soos taalkundiges en skrywers onderneem word nie. Hulle word gewoonlik deur akademies, kommissies, of een of ander amptelike of semi-amptelike liggaam aangestel om hulle beplanningsaksies uit te voer (Kloss, loc. cit.). Deumert (2000: 385) beskou die standaardisering van taal as die belangrikste onderdeel van korpusbeplanning, maar ook van taalbeplanning per se. Standaardisering kan as 'n tipe taalbeplanningsaktiwiteit gesien word, aangesien dit gemoeid is met pogings om aspekte van taalvorm en –gebruik te verander. Taalbeplanningsbesluite het ook tipies ten doel om linguistiese diversiteit te verminder, soos wat die geval met standaardisering is (sien 2.2.3.1). (Romaine, 2007: 687) Soos Deumert, ken Haugen (1972a: 133) 'n belangrike plek aan standaardisering in taalbeplanning toe wanneer hy taalbeplanning beskou as die aktiwiteit waarvolgens 'n normatiewe ortografie, grammatika en woordeboek ontwikkel word ten einde as gids vir die sprekers en skrywers van 'n niehomogene spraakgemeenskap te dien. Hierdie opstel van 'n normatiewe ortografie en grammatika is een van die primêre doelwitte van standaardisering (sien 2.2.3.2). Dus suggereer Haugen se definisie dat hy taalbeplanning so te sê gelyk stel aan standaardisering, of soos hy dit self stel:

As I define it, the term LP [language planning] includes the normative work of language academies and committees, all forms of what is commonly known as language cultivation [...] and all proposals for language reform or standardization. (Haugen, 1972c: 287).

Statusbeplanning is gemoeid met die status van 'n taal; of dit bevredigend is en of dit verhoog of verlaag moet word (Kloss, loc. cit.). Dit verwys na alle pogings wat aangewend word om die status van 'n taal of variëteit van 'n taal in 'n samelewing te verander deur die gebruik en funksies daarvan te verander (Deumert, 2000: 385; Du Plessis, 2000: 150, 151). Dit het verder te make met *doelbewuste* pogings wat aangewend word om die toekenning van taalfunksies ten opsigte van 'n gemeenskap se tale of variëteite te beïnvloed (Cooper, 1989: 99). Dit vind gewoonlik plaas waar nuwe funksies aan 'n taal toegeken word, byvoorbeeld regerings-, opvoedkundige, massamedia, regs- of religieuse funksies (Fishman, 2004: 79). Statusbeplanning het ten doel om die omvang van 'n taal se funksies uit te brei tot nuwe funksies, wat daartoe sal lei dat die sosiale prestige van die betrokke taal verhoog word (Parker, 2000: 181; Webb en Sure, 2000: 16). Statusbeplanning affekteer dus die rol wat 'n taal binne 'n spesifieke samelewing speel (Deumert, 2000: 386) deurdat dit daarop gemik is om die gebruik van 'n spesifieke taal bo die gebruik van ander tale aan te moedig (Fettes, 1997: 13). Statusbeplanning wil sowel die oorwig as die voorrang van 'n taal in die taalgemeenskap verseker (Parker, loc. cit.). Die doel van statusbeplanning is uiteindelik om die status van 'n spesifieke taal of variëteit binne 'n gemeenskap te verander (gewoonlik te verhoog), deurdat daar meer prominente funksies aan die taal toegeken word. Daarom is die algemeenste manifestasie van statusbeplanning gewoonlik dat amptelike status aan 'n taal toegeken word. Anders as korpusbeplanning, is status-



beplanning gewoonlik die taak van staatsamptenare of ander amptelike instellings. Daar is egter 'n groeiende geneigdheid onder sosiolinguiste om meer aandag aan statusbeplanning te gee, alhoewel dit vroeër as byproduk van korpusbeplanning gesien is. (Kloss, 1969: 81-82)

Hierdie onderskeid tussen korpus- en statusbeplanning benadruk die dualistiese aard van taal: taal is sowel 'n sisteem bestaande uit linguistiese elemente (die korpus of "lyf" van die taal), as 'n sosiale instelling en kommunikasiehulpmiddel (Deumert, 2008). Maar volgens Kaplan en Baldauf (1997: 28) is die onderskeid tussen korpus- en statusbeplanning 'n vereenvoudiging van die werklikheid aangesien dit amper onmoontlik is om hierdie twee aktiwiteite in die praktyk van mekaar te skei. Ook Romaine (2007: 688) meen dat korpus- en statusbeplanning in die praktyk op 'n komplekse wyse met mekaar verstrengel is. Hierdie twee dimensies van taalbeplanning funksioneer nie in isolasie nie, maar beïnvloed mekaar wedersyds (Deumert, 2000: 387; 2008). Dit is komplementêre prosesse (Clyne, 1997: 1). Fishman (2004: 80) meen dat Kloss se oorspronklike bespreking van die twee konsepte daarop dui dat korpus- en statusbeplanning twee noodsaaklike interafhanklike aspekte van enige taalbeplanningspoging is. Dit is, in die woorde van Fishman (loc. cit.) as 't ware twee kante van 'n munt: albei prosesse is noodsaaklik en medeaanwesig en geen poging om een van die twee te beïnvloed kan deurgevoer word sonder dat dit noodwendig implikasies en reperkussies vir die ander inhou nie. Dit impliseer dat die twee fases nooit uit voeling moet wees met mekaar nie (Fishman, 2006: 16). Wanneer die aard of norme van 'n taal deur standaardisering verander word (korpusbeplanning), het dit noodwendig 'n uitbreiding van die taal se funksies of verandering in gebruiksdomeine (statusbeplanning) tot gevolg (Kaplan en Baldauf, 1997: 28; Deumert, 2000: 387; 2008).

This is not simply because issues of corpus planning are likely to be 'of consequence' for social actors in the 'real world', but because such linguistic engineering is from the very outset geared towards modifying the behaviour of such actors [...]. (Johnson, 2005: 155-156)

Die omgekeerde is ook waar: Wanneer daar nuwe taalfunksies toegeken word (statusbeplanning), vereis dit dikwels ook dat daar veranderinge aan die taalsisteem (korpusbeplanning) aangebring moet word, soos die ontwikkeling van nuwe style en leksikale items (Kaplan en Baldauf, loc. cit.). Statusbeplanning dryf of voer korpusbeplanning aan deur 'n voortdurende terugvoeringsproses sodat suksesvolle statusbeplanning aanleiding gee tot verdere korpusbeplanning en suksesvolle korpusbeplanning verdere statusbeplanning fasiliteer (Fishman, 2004: 82). Dit beteken egter nie dat status- en korpusbeplanning in werklikheid altyd presies geïntegreer is met mekaar nie. In werklikheid is status- en korpusbeplanning dikwels meer geïsoleer en verwyderd van mekaar as wat nodig is vir die optimale vordering van die taalbeplanningsproses. (Fishman, 2006: 17) Tog impliseer hierdie wisselwerking tussen status- en korpusbeplanning dat standaardisering nie, soos tradisioneel die geval is, bloot as 'n korpusbeplanningsaktiwiteit gesien word nie.

Van der Horst (2009: 1) is van mening dat die standaardtaal een aspek van taal is waar 'n outonome benadering nie suksesvol kan wees nie, aangesien hierdie deel van die taal tot 'n groot mate met kultuur verweef is. Daar is baie ander nietalige veranderlikes wat in ag geneem moet word wanneer ons met standaardisering te make het, aangesien korpusbeplanning in die konteks van die werklikheid in samewerking met baie ander veranderlikes funksioneer: ekonomiese, sosiale, historiese, kulturele, politiese, demografiese en psigologiese veranderlikes, om maar 'n paar te noem (Rubin en Jernudd, aangehaal in Garvin, 1974: 69; Kaplan en Baldauf, 1997: 48). Want soos Cooper (1989: 182) dit stel: "To plan language is to plan society." Taalbeplanning vind altyd plaas in 'n spesifieke sosiale konteks (Haugen, 1966: 16). Suksesvolle statusbeplanning is kardinaal vir korpusbeplanning, want as 'n spesifieke taalvorm nie 'n verhoging in status ervaar nie, sal die produkte van korpusbeplanning geen domeine vind waarin dit tot voordeel van die sprekers aangewend kan word nie (Romaine, 2007: 689). Volgens Haarmann (1990: 108) korreleer elke korpusbeplanningsaktiwiteit met 'n ooreenstemmende statusbeplanningsaktiwiteit. Garvin (1991: 5) meen dat korpusbeplanning ook as 'n versameling keuses oor die status van individuele elemente van die korpus van 'n taal gesien kan word: een uitspraak word bo 'n ander gekies; een spelvorm is verkeerd terwyl 'n ander korrek is; een meervouds- of verledetydsaanduiding word bo 'n ander gekies; een sintaktiese konstruksie word gestabiliseer terwyl 'n ander gestigmatiseer word. Du Plessis (2000: 150) maak ten opsigte van korpusbeplanning die stelling "dat die beplanning [...] nie los gemaak kan word van die sosiale en die politieke nie".

Statusbeplanning is gemoeid met die sosiale en politieke, aangesien statusbeplanning gewoonlik aangedryf word deur die soeke na politieke en ekonomiese status en mag. Sodoende word die poreuse grens tussen korpus- en statusbeplanning oorskry (Spolsky, 2009: 167). Alhoewel standaardisering dus tradisioneel as deel van korpusbeplanning gesien word, kan dit nie losgemaak word van statusbeplanning nie. Standaardisering is as algemene sosiolinguistiese projek juis gemoeid met sowel linguistiese vorm (korpusbeplanning) as die sosiale en kommunikatiewe funksies van taal (statusbeplanning) (Deumert, 2004: 2; 2005b: 17). Standaardisering volg tradisioneel 'n bepaalde roete waarvolgens dit eerste, deur middel van korpusbeplanning, deur 'n aanpassingsproses gaan om aan die betrokke kommunikatiewe voorwaardes te voldoen, en tweedens, deur middel van statusbeplanning, amptelike sanksie ontvang om sekere belangrike funksies te vervul wat vir die taalinfrastruktuur van die land as noodsaaklik geag word (Kotzé, 2009: 1; 2010a: 154). Dit blyk dus duidelik te wees dat veranderinge wat teweeg gebring word deur korpus- en statusbeplanning nie in isolasie uitgevoer kan word nie; die twee sisteme is heeltemal interafhanklik (Kaplan en Baldauf, 1997: 49). 'n Multidissiplinêre benadering tot standaardisering is nodig aangesien standaardisering nóg 'n suiwer taalkundige, nóg 'n suiwer sosiolinguistiese verskynsel is (Van der Horst, 2009: 1-2). Daarom moet albei hierdie prosesse betrek word waar ons dit oor standaardisering het, soos dan ook die geval is in hierdie studie. Fishman (2004: 92-93) stel dit onomwonde: "corpus planning definitely has a

status planning agenda, rationale and implications, no matter how inconsistent or changeable that agenda may be.”

Daar is ook twee verdere dimensies van taalbeplanning geïdentifiseer, naamlik prestigebeplanning (*prestige planning*) en verwerwingsbeplanning (*acquisition planning*). Prestigebeplanning, wat deur Haarmann (1990) voorgestel is, is daarop gemik om 'n gunstige psigologiese ingesteldheid by sprekers van 'n taal ten opsigte van korpus-, status- en verwerwingsbeplanning te laat posvat, wat van kardinale belang is vir die langtermynsukses van taalbeplanningsaktiwiteite (Deumert, 2000: 387; 2008). Anders as korpus- en statusbeplanning wat produktiewe aktiwiteite is, is prestigebeplanning 'n ontvanklikheids- of waardefunksie wat 'n invloed uitoefen op die manier waarop korpus- en statusbeplanning deur die spraakgemeenskap ontvang en aanvaar word (Kaplan en Baldauf, 1997: 50). Prestigebeplanning is daarop gemik om die sprekers se taalingesteldhede<sup>2</sup> positief te beïnvloed en dit is veral noodsaaklik waar 'n taal voorheen beperk is tot laer funksies, soos in die geval van diglossie<sup>3</sup>. Ten einde die statusveranderinge wat aan 'n taal aangebring is sosiaal aanvaarbaar te maak, is dit nodig om die prestige van die spesifieke taal te verhoog. Prestigebeplanning is daarom dikwels 'n voorvereiste vir statusbeplanning. (Deumert, 2000: 387-388; 2008) Die verwerwingsbeplanning-dimensie is deur Cooper (1989) voorgestel. Alle georganiseerde pogings wat aangewend word om die aanleer van 'n taal te bevorder, kan as voorbeelde van verwerwingsbeplanning gesien word (Cooper, 1989: 157; Deumert, 2008). Verwerwingsbeplanning poog om die aantal gebruikers van 'n taal te vermeerder of om die verspreiding van 'n taal te beïnvloed deur beter geleenthede te skep om die taal aan te leer en/of om aansporingsbonusse vir taalleer daar te stel (Hornberger, 2006: 28; Deumert, 2008). Hierdie tipe taalbeplanning is eerder gemoeid met die gebruikers as die gebruike van taal (Hornberger, 2006: 32). Fettes (1997: 18) meen dat verwerwingsbeplanning 'n belangrike tipe taalbeplanning is wat ongelukkig dikwels nog op 'n ad hoc-basis uitgevoer word. Webb (2005: 41) onderskei 'n bykomende taalbeplanningsdimensie wat hy veral op standaardisering van toepassing maak, naamlik gebruiksbeplanning (*usage planning*). Gebruiksbeplanning het ten doel om gebruikspatrone van 'n taal te verander deur veral die gebruik van 'n taal of variëteit vir verskillende funksies en in verskillende domeine in hoëfunksie-, formele kontekste aan te moedig (Webb, 2005: 41).

In hierdie studie word laasgenoemde twee dimensies egter buite rekening gelaat, aangesien ek van mening is dat verwerwings- en gebruiksbeplanning deel uitmaak van die beplanningsaksies wat onder die ander taalbeplanningsdimensies onderneem word. In hierdie studie word dus volstaan met die drie eersgenoemde taalbeplanningsdimensies, te wete korpus-, status- en prestigebeplanning.

<sup>2</sup> Taalingesteldhede verwys na die gevoelens wat sprekers oor hulle eie of die taal van ander koester.

<sup>3</sup> Sien paragraaf 1.1.1 vir 'n verklaring van die begrip *diglossie*.

Haarmann (1990: 105) verwys na die hegte band wat tussen prestigebeplanning en korpus- en statusbeplanning onderskeidelik bestaan. Soos reeds aangedui, kan prestigebeplanning as voorvereiste vir statusbeplanning gesien word, en ook korpusbeplanning wat nou met statusbeplanning verbind is. Wanneer taalbeplanning gedoen word, is dit dus noodsaaklik dat daar aandag geskenk word aan al die dimensies van taalbeplanning. Dit is veral weens die kontroversiële aard van iets soos die herstandaardisering van Afrikaans noodsaaklik dat prestigebeplanning hand-aan-hand met korpus- en statusbeplanning moet geskied ten einde die Afrikaanse spraakgemeenskap gunstig ten opsigte van die beplande veranderinge te stem. Alhoewel hierdie onderskeid tussen verskillende tipes taalbeplanning nuttig is vir die sistematiese beskrywing en kategorisering van die taalbeplanningsaktiwiteite wat deur individue of instellings uitgevoer word, is dit belangrik om daarop te let dat dit nie 'n verduideliking bied vir die sukses of mislukking van onderskeie taalbeplanningsaktiwiteite nie, en dit bied ook nie noodwendig algemene beginsels waarop toekomstige taalbeplanning geskoei kan word nie (Deumert, 2008). Nietemin is dit nuttig om hierdie indeling in gedagte te hou wanneer taalbeplanning gedoen word ten einde aktiwiteite tot 'n mate te koördineer en meer sistematies te beplan.

### **2.2.3 Definiëring van die begrip *standaardisering***

Fettes (1997: 15) en Steward (aangehaal in De Vries, 1987: 129) beskou standaardisering bloot as die kodifisering of definiëring en aanvaarding van 'n stel norme vir “korrekte” taalgebruik. Dit is egter 'n beperkte siening van standaardisering, wat meer behels as net die definiëring van wat “korrekte” taalgebruik is. Trudgill (1999: 117) definieer standaardisering as die proses waardeur 'n taalvariëteit tot standaard omvorm word. Dit beteken dat standaardisering die proses is waardeur 'n spesifieke taalvariëteit as die verkose variëteit van die spraakgemeenskap na vore tree (Ansre, 1974: 369). Joseph (1981: 7) gee 'n bietjie meer duidelikheid oor hierdie “proses” wanneer hy dit definieer as 'n verandering in status, funksie en vorm waardeur 'n dialek standaard word. Standaardisering is dus 'n ingewikkelde taalbeplanningsproses wat uit verskeie stadia of fases bestaan (sien 2.2.5).

Deumert (2005a: 18-19) gee 'n uiteensetting van wat sy die “standard view of language standardisation” noem, met ander woorde die dinge waaroor die meeste taalkundiges ten opsigte van standaardisering saamstem. Hierdie eienskappe van standaardisering is eenvormigheid van taalvorm, funksie en doelbewuste ontwikkeling, en ideologiese legitimering. Hierdie eienskappe word vervolgens bespreek.

### 2.2.3.1 Eenvormigheid van taalvorm

Standaardisering is die proses waardeur 'n eenvormige en konstante norm aan 'n taal gegee word (Haugen, 2008). Van der Wal (1995: 1) en Kotzé (2011: 2) omskryf standaardisering as 'n proses waar daar uit 'n toestand van dialektverskeidenheid 'n eenheidstaal ontstaan wat deur soveel moontlik sprekers verstaan en gebruik word. Die primêre taalkundige gevolg van suksesvolle standaardisering is 'n hoë mate van eenvormigheid van struktuur. Dit word bereik deur die onderdrukking of inhibering van taalkundige verandering en "opsionele" variasie (Milroy, 1999: 26-27). Deumert (2005a: 20) meen dat hierdie eienskap van standaardisering 'n algemene eienskap van interpersoonlike interaksie en intergroepkontak is. Schiffman (1998: 360) merk ten opsigte van Standaard Gesproke Tamil op dat dit wonderbaarlik eenvormig is, alhoewel daar geen formele standaardiseringsdruk in die vorm van onderwerping aan taalakademies, skoolstelsels en literêre verenigings daarop uitgeoefen word nie. Die meeste standaardtale is tot 'n mate saamgestelde variëteite wat gekenmerk word deur 'n komplekse herkombinerings van kenmerke vanuit verskillende dialekte. En anders as die dialekte waaruit die standaard saamgestel is, word standaardtale gekenmerk deur hulle relatief eenvormige struktuur. (Deumert, 2005a: 18) Daarom definieer Deumert (2000: 385) standaardisering as die skep en vasstelling van 'n eenvormige linguistiese norm.

Milroy (2001: 531) se primêre definisie van standaardisering sluit hierby aan en lui soos volg: Standaardisering bestaan uit die oplegging van eenvormigheid aan 'n groep voorwerpe, hetsy talig of nietalig van aard. Hierdie definisies veronderstel dat taal nie van nature eenvormig is nie, maar variasie toon. (Milroy, 2001: 531; Samarin, 1980: 214) Eenvormigheid word dus daaraan toegeken, sodat eenvormigheid, of onveranderlikheid, 'n belangrike definiëringseienskap van taalstandaardisering word. Wat die interne vorm van die taal betref, funksioneer standaardisering deur onveranderlikheid of eenvormigheid in die taalstruktuur te bevorder. (Milroy, loc. cit.) Dit beteken gewoonlik 'n beperking van variasie in spelling en uitspraak deur vaste konvensies van wat as "korrek" beskou word, die vasstelling van "korrekte" betekenis van woorde, aanvaarbare woordvorme en vasgestelde sinstrukture (Milroy en Milroy, 1985: 23). Hiervolgens kan standaardisering gedefinieer word as 'n historiese beweging in die rigting van linguistiese eenvormigheid deur 'n kompetisie-seleksieproses, waar sekere variante as deel van die nuwe taalnorm gekies en veralgemeen word ten einde in nuwe linguistiese en kommunikatiewe kontekste te kan funksioneer (Deumert, 2002: 2). Standaardisering behels dus linguistiese fokussering (*linguistic focusing*), variantreduksie en variant-sameloping, en kan gesien word as 'n normatiewe reaksie op taaldiversiteit. Daar kan met ander woorde van die standaard as 'n voorgeskrewe of opgelegde variëteit gepraat word (Deumert, 2005a: 20; 2000: 388; Milroy en Milroy, 1985: 27).

Indien onveranderlikheid as 'n belangrike eienskap van standaardisering beskou word, sal dit teenstrydig wees om van variasie in die standaardvariëteit van 'n taal te praat, aangesien 'n gestandaardiseerde variëteit onveranderlik moet wees (Milroy, 2001: 534). Streng gesproke laat standaardisering dus nie variasie toe nie (Milroy en Milroy, 1985: 22). Ferguson (aangehaal in Cooper, 1989: 134) beskou die ideale standaard as 'n taal met 'n enkele, wyd aanvaarde norm wat geskik geag word vir alle doeleindes waarvoor taal gebruik word, met slegs minimale veranderinge of variasies wat toegelaat word. Maar dit is duidelik uit Ferguson se definisie dat selfs hierdie ideaal van standaardisering 'n mate van variasie toelaat, hoe klein dit ook mag wees. Dit dui op die onmoontlike taak van standaardisering om werklik perfekte eenvormigheid te verseker. (Cooper, loc. cit.). Die standaardiseringsproses in enige taal is stadig en sal jare neem om te voltooi, indien dit ooit voltooi word (Carstens, 2002: 151). Standaardisering is 'n proses en daarom in wese dinamies en progressief; dit word met ander woorde gedurig ontwikkel en gemoderniseer. Dus kan standaardisering nooit volledig bereik word nie en kan daar nie sprake wees van 'n volledig gestandaardiseerde variëteit met 'n vaste standaardvorm nie, aangesien volledige eenvormigheid in werklikheid nooit bereik word nie. (Ansre, 1974: 370; Milroy en Milroy, loc. cit.; Milroy, 2001: 534, 542) As gevolg daarvan dat standaardtale nie via 'n "natuurlike" proses van taalkundige ewolusie ontwikkeling of skielik uit die niet verskyn nie, maar eerder deur doelbewuste beplanning ontstaan (sien 2.2.3.2), kan die standaardiseringsproses nooit as voltooi beskou word nie (Romaine, 2007: 685). Volgens Milroy en Milroy (loc. cit.) is die enigste volledig gestandaardiseerde taal 'n dooie taal.

Alhoewel standaardisering taalkundige verandering en variasie inhibeer, verhoed dit nie verandering en variasie heeltemal nie (Milroy, 1999: 27-28). Die standaard se lewenskragtigheid is juis daarin geleë dat dit soos ander variëteite variasie toon, aldus Ponelis (1998: 65). Alhoewel taalbeplanning en standaardisering daarop gemik is om sosiolinguistiese kompleksiteit binne 'n taalsisteem te verminder, is dit tegelykertyd daarop gemik om die funksionaliteit van die taalsisteem oor verskillende kommunikatiewe domeine heen te verhoog (Deumert, 2005a: 29). 'n Mens kan sê dat standaardisering minimale variasie in die vorm en maksimum variasie in die funksie van 'n taal verseker (Leith, in Milroy en Milroy, 1985: 27). Die Praagse Skool (1974: 420) meen dat, alhoewel standaardisering geneig is om 'n taalvariëteit te stabiliseer, dit nie tot 'n totale uitskakeling van die noodsaaklike funksionele en stilistiese diversifisering van die standaardtaal mag lei nie. Tog bly die *doel* van standaardisering om die strukturele eienskappe van die taal in 'n eenvormige toestand vas te lê of te verewig en alle strukturele verandering te verhoed ten einde die standaardvariëteit meer toeganklik te maak. (Milroy, loc. cit.; 2001: 534; Ponelis, loc. cit.) 'n Mens kan dan sê dat standaardisering die proses is waardeur een variëteit van 'n taal deur die spraakgemeenskap as bodialektiese norm aanvaar word (Ferguson, 1996a: 189). Dus skep standaardisering in werklikheid 'n nuwe taal, aangesien dit nooit die hele taal kan vasvang of heeltemal stasies kan bly nie, aldus Haugen (2008).

Rubin (in Cooper, 1989: 132) wys in haar bespreking van standaardisering daarop dat alle menslike interaksie 'n mate van standaardisering vereis, dit is 'n mate van gedeelde verwagting en begrip. Indien elke deelnemer aan interaksie volgens verskillende norme optree, sal samelewings ineens stort (Rubin, loc. cit.). In die ontwikkeling van 'n taal word natuurlike variasie in toom gehou deur 'n inherente normatiewe geneigdheid om reëlgebaseerde standaarde van gebruik te handhaaf, sodat dit nie 'n bedreiging vir kommunikasie inhou nie. Indien taal nie hieroor beskik het nie, sou dit nie in veranderende omstandighede kon aanpas nie, en sodoende disintegreer. (Haas, 1982: 19)

Die standaardtaal verskaf 'n eenvormige manier waarop daar gekommunikeer kan word en sodoende 'n geïnstitusioneerde norm wat in die massamedia, onderwys, ensovoorts, aangewend kan word (Webb en Sure, 2000: 65). Hoe eenvormiger die standaardtaal is, hoe toegankliker is dit vir moedertaalgebruikers, maar ook vir vreemdtaliges wat die taal wil aanleer (Ponelis, 1992: 72; 1994: 107). Standaardisering bevorder dus kommunikasie (Trudgill, 1983: 161). Soos die taal aan die een kant eenvormig word, ontwikkel daar ook 'n ingesteldheid van eensgesindheid in die sosiale bewustheid van sprekers (Ferguson, aangehaal in Samarin, 1980: 214). Standaardisering bevorder sosiale en politieke eenheid en 'n gedeelde identiteit, asook taalloyaliteit onder die sprekers van die gestandaardiseerde variëteit (Nakin, 2002: 240; Deumert, 2002: 2; 2004: 3).

### **2.2.3.2 Funksie en doelbewuste ontwikkeling**

'n Standaardtaal is nie bloot 'n eenvormige taalsisteem nie (Deumert, 2004: 6; 2005: 18). Veranderinge in die vorm van die taal het dikwels gebruik in nuwe funksies tot gevolg (Joseph, 1981: 7). Die standaardtaal kan in verskillende modusse (gesproke en geskrewe), style (openbaar en privaat, formeel en informeel) en kommunikatiewe domeine (opvoeding/skool, politiek en administrasie, wetenskap en tegnologie, godsdiens, literatuur, regsgeleerdheid, massamedia en gespreksituasies) aangewend word (Deumert, loc. cit.). Standaardisering behels die kodifisering van 'n taalvariëteit sodat dit aan die veelvoudige en komplekse kommunikatiewe behoeftes van 'n spraakgemeenskap kan voldoen wat modernisering bereik het of 'n behoefte het om dit te bereik. Dit is deur standaardisering dat 'n spraakgemeenskap normalisering kan bereik; dit is die uitbreiding van die gebruik van 'n mens se eie taal na alle sosiale en kulturele domeine. (Garvin, 1991: 6) Tydens standaardisering gaan die basisvariëteit van 'n taal deur spesifieke fases van ontwikkeling waardeur die variëteit dan algemeen aanvaar word deur die spraakgemeenskap wat die variëteit vir wyer kommunikasiedoeleindes begin gebruik. Hierdie wyer kommunikasiedoeleindes sluit in hoër funksies soos ekonomiese funksies, byvoorbeeld vir gebruik as kommunikasiemedium in die openbare sektor (bv. in howe) en die privaat sektor. Dit sluit verder ook kulturele funksies in deurdat dit as literatuurtaal, godsdiensttaal, mediataal (bv. koerante, televisie, radio, ens.), onderwystaal, sowel as taal vir

ontspanning en ander sosiale milieus aangewend word. Laastens dien dit ook praktiese funksies, deurdat dit bydra tot werkverskaffing vir die gemeenskap wat hierdie spesifieke taal besig. 'n Taal moet egter ook oor lae funksies beskik, met ander woorde dit moet in 'n informele omgewing vir die uitvoer van alledaagse funksies in die spesifieke spraakgemeenskap aangewend word. (Carstens, 2002: 155-156) 'n Taal wat standaardisering ondergaan, verbreed dus sy funksionaliteit en vervul, ideaal gesproke, al die kommunikatiewe funksies van die gemeenskap wat dit dien. Dit word dan die kommunikasiemedium van die gemeenskap op alle vlakke. (Van Coetsem, 1992: 47) Die hele idee van standaardisering is vervleg met die doel van die funksionele effektiwiteit van die taal. Die uiteindelijke doelwit is dat alle sprekers van 'n taal die taal op dieselfde wyse, met minimum misverstande en maksimum doeltreffendheid, moet gebruik en verstaan. (Milroy en Milroy, 1985: 23) Garvin (in Deumert, 2005a: 18) is veral van mening dat die kommunikatiewe omvang van 'n standaardtaal dié variëteit se belangrikste eienskap is, en nie eenvormigheid soos wat baie ander taalkundiges meen nie.

Daar bestaan volgens Schiffman (1998: 362) in baie tale bewyse van doelbewuste, beplande standaardisering deur middel van taalakademies, woordeboekskrywers, uitgewers, ensovoorts, sowel as 'n min of meer lukraak keuse van 'n spesifieke dialek van een of ander streek, stad of regeerder en standaardisering via gebruik in amptelike tekste (bv. die Bybel of die Qur'aan), wat soms gevolg word deur goedkeuring deur die regering. Coetzee (1982: 276-277) onderskei tussen formele en informele standaardisering, waar formele standaardisering verwys na daadwerklike pogings deur gesaghebbende liggame om spesifieke taalvorme vir die taal voor te skryf deur onder andere grammatika-boeke, woordeboeke en taalakademies. Informele standaardisering, daarenteen, vind sonder die hulp van preskriptiewe boeke of instellings plaas. Dit het te make met normalisering in die rigting van 'n bepaalde taalvorm wat oor 'n hoë status beskik, deurdat sprekers onbewus die gewoontes aanneem van diegene in die spraakgemeenskap wat hulle bewonder en wat status het. Sosiale struktuur speel daarom 'n belangrike rol by informele standaardisering. Standaardisering kan gedefinieer word as die gevolg van onbeplande evolusie of "natuurlike" ontwikkeling of as die doelwit van owerste taalbeplanningsaksies, aldus Cooper (1989: 133; sien ook Crystal, 1985: 286).

Soos reeds aangedui (sien 2.2.2), is taalbeplanning, waarvan standaardisering ongetwyfeld 'n onderdeel uitmaak, egter 'n *doelbewuste* handeling. Haas (1982: 2) is van mening dat 'n standaard nie vanself ontwikkel nie; fonetici, grammatici en leksikograwe oefen 'n deurslaggewende invloed uit op dít wat uiteindelik as "aanvaarbaar" of standaard geag word. Selfs die standaard wat vanself ontwikkel, vereis doelbewuste besluite wanneer daar besluit word of dit as standaard gebruik gaan word, al dan nie, en dit dan uiteindelik in amptelike tekste gebruik word en deur die regering goedgekeur word. Die doelbewuste kodifisering, dit is die formalisering van preskriptiewe norme, word daarom as 'n nood-



saaklike eienskap van standaardtale beskou (Deumert, 2005a: 18). Van der Horst (2008 en 2009), wat standaardisering as 'n uniek Europese taalverskynsel beskou<sup>4</sup>, meen dat daar 'n duidelike onderskeid tussen “natuurlike standaardiseringsprosesse” en doelbewuste standaardiseringsprosesse getref moet word. Hy stel die term *assimilasie* voor vir “natuurlike” standaardiseringsprosesse wat in sekere tale voltrek word. Assimilasie vind plaas waar daar 'n taalkontaksituasie heers en spruit uit die algemeen menslike dryfveer om beter, sonder steurnisse in die kommunikasieproses, te kommunikeer. (Van der Horst, 2009: 4) Standaardisering is 'n spesifieke proses met spesifieke eienskappe, terwyl assimilasië voortdurend oral in die wêreld plaasvind en dit is belangrik om hierdie twee prosesse duidelik van mekaar te onderskei, aldus Van der Horst (2009: 5). Die volgende verskille tussen standaardisering en assimilasië kan aangetoon word:

Eerstens is standaardisering hoofsaaklik gemoeid met geskrewe taal, terwyl assimilasië altyd 'n kwessie van uitspraak is. Die tweede groot verskil tussen standaardisering en assimilasië is dat standaardisering dit situeer om uit te sluit deur middel van woordeboeke, grammatikas, spelreëls en later ook die onderwys. Standaardisering situeer dit dus in die intellektuele hoek van die samelewing. Vir assimilasiëprosesse moet daar egter weer juis na die gewone, alledaagse lewe gekyk word. Die derde verskil hou verband met die tweede: standaardisering is 'n saak van die elite, die intellektuele bolaag van die samelewing, terwyl assimilasië altyd iets van die massa, die gewone mense is. Die vierde verskil het te make met motivering. Standaardisering het eksplisiete doelwitte, soos die “verheffing” van die taal, die verhoging van die taal se aansien, om die taal “suiwer” te maak en te hou, om variasie in die taal teen te gaan, die strewe na interne logika en eenvormigheid, en die vaslegging van die taal deur taalverandering teen te gaan. Assimilasie daarenteen word deur sosiale oorwegings gemotiveer, byvoorbeeld om nie uit te staan nie of om meer soos 'n sekere voorbeeld of rolmodel te word. (Van der Horst, 2009: 5-6)

In hierdie studie beskou ek standaardisering dan ook as 'n intensionele, doelbewuste handeling waardeur nuwe norme deur taaloutoriteite en kontrolleringsinstansies (d.i. skole, uitgewers, media) versprei word (Deumert, 2005a: 18). Daarom beskryf Deumert (2004: 6) en Hudson (1980: 32) standaardisering onderskeidelik as “an intentional, deliberate act” en “a direct and deliberate intervention” deur 'n gemeenskap om 'n standaardtaal te skep waar daar voorheen slegs variëteite bestaan het. Ook Weinreich (aangehaal in Deumert, loc. cit.) meen dat standaardisering gedefinieer kan word as 'n proses wat verwys na 'n mindere of meerdere mate van bewuste, beplande en gesentraliseerde regulering van taal. Dit is egter belangrik om in gedagte te hou dat taalbeplanning, en dus ook standaardisering, nie noodwendig onder die toesig van 'n sentrale gesagsliggaam uit-

---

<sup>4</sup> Ek is van mening dat standaardisering nie 'n uniek Europese verskynsel is nie, maar wel 'n universele proses wat oor spesifieke kenmerke beskik soos in hierdie hoofstuk uiteengesit. – G.O.

gevoer word wat die besluitnemingsproses en implementering beheer nie. Dit word dikwels deur informele netwerke of individue geïnisieer en ondersteun. (Deumert, 2008) Verskeie vorme van kodifisering kom egter voor; van die “akademie-styl” wat ’n monolitiese standaard daarstel waarvan die ondubbelsinnige norme deur middel van ’n raadsbesluit bepaal word, tot die “vrye-onderneming-styl”, wat gekenmerk word deur ’n verskeidenheid gesaghebbende tekste (Deumert, 2005a: 18). Standaardisering kan met ander woorde deur konsensus ontwikkel, soos wanneer sprekers van ’n taal die taalvorm van ’n spesifieke streek of stad as die standaard aanvaar, of dit kan deur verordening ontwikkel, soos wanneer ’n individu of groep ’n seleksie uit alternatiewe taalvorme maak. In laasgenoemde sal beplanners byvoorbeeld besluit om ’n woord op een manier en nie op ’n ander manier te spel nie, of om ’n nuwe woord bekend te stel. (Samarin, 1980: 214) Alhoewel dit waar is dat taalbeplanning wat deur middel van ’n georganiseerde besluitnemingsmodel en sistematiese koste-analise deur duidelik gespesifiseerde taalbeplanningsliggame of –instellings dikwels eerder die ideaal as die werklikheid is (Deumert, 2008), is dit myns insiens steeds ’n doelbewuste handeling, hetsy op amptelike of nie-amptelike vlak. Standaardisering impliseer menslike intervensie wat ten doel het om die spesifieke taalvorm in ’n spesifieke rigting van ontwikkeling te stuur. Ten spyte van die feit dat taalbeplanning dus dikwels “a messy affair, ad hoc, haphazard, and emotionally driven” is (Cooper, 1989: 41), sou daar nooit ’n standaardtaal gewees het indien iemand dit nie nodig geag het om so ’n taalvorm te ontwikkel nie. Daarom beskou Ferguson (1983: 29-40; 1996a: 189-199; 1996b: 304-312) standaardisering as ’n spesiale vorm van taalverandering. Soos uit die res van hierdie studie sal blyk, is dit ook dikwels die geval dat die oënskynlike “onbeplande” taalbeplanning van die verlede dikwels (indien nie altyd nie) uitsluiting tot gevolg gehad het wat nou doelmatige taalbeplanning vereis ten einde die negatiewe gevolge van die taalbeplanning van die verlede reg te stel.

Wat die ontwikkeling van taal betref, behels standaardisering die seleksie van een min of meer goed gedefinieerde taalvariëteit vir algemene gebruik. Afhangende van hoe goed die taal gedefinieer is, kan dit ’n mate van ontwikkeling vereis, met ander woorde waar eenvormigheid minder is, sal eenvormigheid daaraan toegeken word. In só geval is dit amper asof ’n taal “geskep” word. Dit is egter selde die geval dat standaardisering heeltemal arbitrêr geskied; ’n mens begin altyd met een of ander taalvariëteit as basis. (Samarin, 1980: 217) Standaardisering word deur die kodifisering van die leksikon en grammatika en die aanneem van ’n ortografie beïnvloed (Samarin, 1980: 223). Wardhaugh (2006: 33) gaan selfs so ver deur standaardisering te definieer as die proses waardeur ’n taal op een of ander wyse gekodifiseer is. Kodifisering het gewoonlik grootliks te make met die geskrewe vorm van taal en het skynbaar altyd te doen met die “oppervlakkige” deel van taal – eers spelling, dan die leksikon, en daarna die grammatika (Samarin, 1980: 218). Dit behels gewoonlik die ontwikkeling van grammatikas, spellyste, woordeboeke, en moontlik ook literatuur (Wardhaugh, loc. cit.). Besluite rakende die ortografie kom eerste; ’n mens moet dus eerste besluite oor die grafisering

van die fonetiese sisteem neem (Samarin, loc. cit.). Hierna volg besluite oor die leksikon en laastens die grammatika. Alhoewel spelling en besluite oor die leksikon eintlik maar 'n "oppervlakkige" deel van standaardisering is, kry dit dikwels baie aandag, aangesien dit meer sigbaar is en sprekers gewoonlik leiding op hierdie gebied vereis.

### 2.2.3.3 Ideologiese legitimering

Soos reeds vermeld, kan volledige standaardisering nooit bereik word nie (sien 2.2.3.1). Daarom meen Milroy en Milroy (1985: 22-23) asook Romain (2007: 685) dat dit meer gepas is om in abstrakte terme van standaardisering as 'n ideologie te praat, en om die standaardtaal eerder as 'n ideaal of idee as 'n werklikheid te beskou – 'n stel abstrakte norme waaraan daar tot 'n mindere of meerdere mate konformeer of voldoen kan word. Standaardisering is eerder 'n proses as 'n *fait accompli* (Romaine, loc. cit.); eerder 'n reis as 'n bestemming.

In die samelewing word die standaardtaal dikwels as 'n gegewe beskou. Dit word elke dag deur sprekers gebruik sonder dat daar werklik nagedink word oor die rede waarom hierdie spesifieke taalvorm as die standaard beskou word waaraan alle ander taalvorme gemeet word en waarom die standaard- en omgangsvorme dikwels so drasties van mekaar verskil. Blommaert (1999: 7) verwys hierna as die idealistiese beskouing van taal waar houdings en ideologieë beskou word as iets wat taalgebruikers bloot "het". Dit bring ons by 'n ander opsig waarin standaardisering as ideologies gesien kan word; 'n mens praat 'n taal as lid van 'n spraakgemeenskap wat in wese ook 'n politieke gemeenskap is, aldus Lecercle (2006: 185), en daarom beskou hy taal as wesenlik polities. Hieruit volg dat ook taalstandaardisering 'n kwessie van taalpolitiek is (De Rooij, 1987: 10) en dat daar 'n belangrike politieke sy aan standaardisering is (Joseph, in Van Coetsem, 1992: 48), aangesien taalbeplanning, wesenlik 'n politieke aktiwiteit is (Webb, 1998: 189). Of soos Van Rensburg (2000: 73-74) dit stel:

Politiek is die wieg waarin standaardtale gebore word. [...] Om 'n standaardtaal te wees, beteken [...] om in die sondes van die politiek ontvang en gebore te word [...]. Kortom, om ingesleep te word by die politiekery van elke dag. Om 'n standaardtaal daarvan te beskuldig dat maghebbers dit gebruik, beteken dit in wese om die taal daarvan te beskuldig dat dit 'n standaardtaal is.

Elio Antonio de Nebrija (aangehaal in Huss en Lindgren, 2011: 1) het reeds in 1492 geskryf dat taal en mag nog altyd vennote was. Willemse (2009a: 2) meen dat geen taal sonder politiek kan wees nie, en dat diegene wat aandring op 'n waardeevrye, politieklose taal, subtiel besig is om hulle eie politiek te bedryf. Enige taalbeplanningsaktiwiteit, selfs op die vlak van korpusbeplanning, is deur en deur polities en ideologies van aard (Reagan, 2002: 419-420; Spolsky, 2004: 35).

Die strukturele eienskappe en sosiale prestige van standaardtale in moderne samelewings word gewoonlik geldig verklaar deur 'n spesifieke taalideologie. Hierdie ideologie sluit verwysings na sowel die skoonheid, "welsprekendheid", en gesag van die "beste" taal, as die eenvormigheidsvereiste van standaardtale in. Standaardtaalideologieë skryf 'n "ideale vorm" voor waarvolgens 'n mens behoort te skryf en praat indien jy graag tot die "opgevoede klas" wil behoort. In sogenaamde "standaardtaal-kulture", word kennis van die standaardvorm nie deur die gebruik daarvan verwerf nie, maar deur onderrig en doelbewuste studie van die grammatika en woordeskat. Dit word daarom gesien as 'n kulturele maatstaf wat die spreker of skrywer se sosiale, opvoedkundige en dikwels ook morele stand in die samelewing simboliseer. (Deumert, 2005a: 19) Die onmiddellike doelwitte van standaardisering, waaronder die onderskeid tussen die standaardtaal en ander variëteite, is dus ekonomies, kommersieel en politieke-ideologies van aard (Al, 1987: 35; Milroy, 2001: 535).

Dit is moontlik om deur taal mag te verwerf en te behou (Huss en Lindgren, 2011: 1). Thompson (1991: 5), in 'n bespreking van Pierre Bourdieu se idees oor legitieme taal, dui daarop dat die geïdealiseerde taal (standaardtaal) 'n objek is wat deur 'n stel sosiohistoriese omstandighede gekonstrueer is wat die status van enigste legitieme of "amptelike" taal van 'n spesifieke spraakgemeenskap aan hierdie taalvorm geskenk het. Blommaert (1999: 10-11) dui daarop dat 'n sekere taalideologie nie sommer die oorhand oor 'n ander ideologie kry nie:

They are being reproduced by means of a variety of institutional, semi-institutional and everyday practices: campaigns, regimentation in social reproduction systems such as schools, administration, army, advertisement, publications (the media, literature, art, music) and so on [...]. These reproduction practices may result – willingly or not – in *normalization*, i.e. a hegemonic pattern in which the ideological claims are perceived as 'normal' ways of thinking and acting [...].

Die proses waardeur 'n taal gelegitimeer word, kan dus volgens Thompson (loc. cit.) ondersoek word deur noukeurig te let op die wyses waarop 'n spesifieke taal in 'n spesifieke geografiese area as dominante taal na vore getree het en hoe ander variëteite daaraan onderwerp is of uit die weg geruim is deur 'n komplekse historiese proses wat dikwels konflik behels. Hierdie benadering tot standaardtale, waar die sosiale funksies en betekenis van taal aktief gekonstrueer, onderhandel en betwis word, stel teoretici in staat om die sosiale en politieke toevalligheid van houdings en persepsies oor taal bloot te lê en sodoende by te dra tot die demistifikasie van sprekers se houdings en persepsies ten opsigte van die standaardtaal (Johnson, 2005: 6).

Standaardisering kan primêr as 'n sosiopolitieke verskynsel beskou word, deurdat dit deur verskeie sosiopolitieke en kommersiële behoeftes gemotiveer word (Deumert en Vandenbussche, 2003: 2; Milroy en Milroy, 1985: 22). Hierdie sosiopolitieke prosesse het te make met die modernisering van 'n samelewing, soos politieke sentralisering, administratiewe uitbreiding en ekonomiese diversifisering,

verstedeliking, verbeterde vervoerstelsels en kommunikasietegnologie, asook die daarstelling van 'n verpligte openbare skoolstelsel. Hierdie nuwe, moderne instellings vereis 'n eenvormige, nieplaaslike, relatief stabiele en multifunksionele kommunikasiemedium vir die optimale funksionering daarvan. (Deumert, 2005a: 19) Motivering vir standaardisering kan ook teruggevind word in die magstruktuur van 'n samelewing, maar ook in aspekte soos sosiale mobiliteit en sosiale vooruitgang en godsdienstige en politieke ideologieë (Deumert en Vandenbussche, 2003: 9). Daar is baie faktore wat moontlik 'n rol kan speel in die keuse van watter variëteit uiteindelik die standaardvariëteit van 'n taal moet word, waaronder kulturele, sosiale, ekonomiese, godsdienstige en politiese faktore. Dit is selde die geval dat dit slegs een faktor is wat bepaal watter variëteit uiteindelik as die dominante variëteit na vore tree (Carstens, 2002: 155; Romaine, 2007: 686).

Vir een taalvariëteit om as die enigste legitieme variëteit na vore te tree, moet die spraakgemeenskap verenig wees en die verskillende dialekte (van klas, streek of etniese groep) moet aan die hand van die legitieme taal of taalgebruik gemeet word. Integrasie in 'n enkele linguistiese gemeenskap is die voorvereiste vir die vestiging van linguistiese dominansie. (Bourdieu, 1991: 45-46) "[O]ne speaks a language only as a member of a linguistic community which is also, inseparably, a political community", aldus Lecerle (2006: 185). Daarom hou die vestiging van die legitieme of dominante taal, of standaardisering, volgens Thompson (1991: 5), Busch (2006: 13) en Duranti (aangehaal in Cote, 2006:1) dikwels verband met die ontstaan van 'n nasionaalstaat:

[...] the process of state formation creates the condition for a unified linguistic market where one linguistic variety acquires the status of standard language. (Duranti, loc. cit.)

Bourdieu (1991: 48) verwoord hierdie verband tussen die legitieme of dominante taal en die nasionaalstaat soos volg:

[O]nly when the making of the 'nation', an entirely abstract group based on law, creates new usage and functions does it become indispensable to forge a *standard* language, impersonal and anonymous like the official uses it has to serve, and by the same token to undertake the work of normalizing the products of the linguistic habitus.

Wanneer politieke afgrensing deur die vorming van die nasionaalstaat plaasvind, word die verskille tussen die verskillende variëteite van 'n taal dikwels beklemtoon ten einde die politieke skeiding te beklemtoon en te legitimeer, aldus Busch (2006: 20). Die vorming van die legitieme taal berus op die aanname dat daar slegs een taalvorm kan wees wat met een taalgroep geassosieer word (Romaine, 2007: 708). Enige taal wat met die opbou van 'n nasionaalstaat geassosieer word, sal heel waarskynlik floreer, aangesien só 'n taal by politieke begunstiging baat (Louw, 2004: 43). Die verband tussen die vorming van die nasionaalstaat en die legitieme of dominante taal is egter verweef en kompleks. Aan die een kant is die taal dominant omdat dit tot daardie status verhoog word in die

konteks van politieke stryd wat tot die vorming van 'n nasionaalstaat lei. Maar omdat politieke stryd dikwels die vorm van 'n taalstryd aanneem, tree die nasionale taal ook tot die politieke stryd toe en dra dit sodoende by tot die vorming van die nasionaalstaat. (Lecerclé, 2006: 187) Die bevordering van die standaardtaal speel met ander woorde 'n belangrike rol in die opbou van 'n nasionaalstaat. Die standaardtaal word gelyktydig 'n belangrike administratiewe hulpmiddel om die nasionaalstaat op burokratiese vlak bymekaar te hou, en die spil waar rondom 'n nasionale identiteit gebou kan word. (Louw, loc. cit.). Daarom het standaardisering en die verheffing van een taalvariëteit tot amptelike kultuurtaal in die geskiedenis van baie lande hand-aan-hand gegaan met nasionalisme; ook in Suid-Afrika. Moderne eenheidstate verdra nie diversiteit nie, en taal dien in hierdie state dikwels as verenigende nasionale simbool. (Johl, 2002: 165) Nasionalisme het 'n nuwe waardesisteem in gemeenskappe tot stand gebring waardeur assimilasië as uitweg gesien is waardeur almal in die gemeenskap gelykheid kon geniet (Huss en Lindgren, 2011: 9). Die ideologie waarom dit in standaardisering gaan, het ook te make met die ontwikkeling van 'n sterk nasionalistiese gevoel en die identifisering van die nasionale taal as simbool van eenheid en nasietrots (Milroy, 1999: 28). Taalkundige differensiasie is nie alleenlik duur en hinderlik in 'n hegte gemeenskap nie, maar dit is ook potensieel ontwrigtend; indien verskillende lede van die spraakgemeenskap lojaal is teenoor verskillende variëteite, kan dit 'n bedreiging vir nasionale kohesie word (Haas, 1982: 20). Hierdie bedreiging van die nasionale eenheid wat die standaardiseringsideologie poog om teen te werk, word soos volg deur Sugathapala De Silva (1982: 113) verwoord:

Most diglossic societies suffer from colonial hang-overs, and any apparent threat to the “pure” language of the liberated is capable of bringing back memories of past colonial experiences; this ensures a defensive kind of unity at least among the more nationalist sectors of the community. A declared policy of maintaining and protecting the “pure” language is often politically advantageous.

Die gebruik van taal as 'n verenigingsmeganisme het egter 'n hoë prys en die eenheid wat op hierdie manier bewerkstellig word, is meestal oppervlakkig, aangesien dele van die samelewing dikwels by hierdie eenheid uitgesluit word (Johl, 2002: 165).

Dit blyk dikwels dáárdie variëteit te wees wat deur die groep gebruik word wat op sosiale, ekonomiese, kulturele of politieke gebied dominant is, en dus die groep is wat met die meeste mag, rykdom en prestige geassosieer word, wat oor die verloop van tyd meer gebruik word en uiteindelik deur die meerderheid sprekers verkies word (Carstens, 2002: 155; Trudgill, 1999: 124; Webb en Sure, 2000: 18). Die basisvariëteit van 'n standaardtaal verwerf selde sy status op grond van suiwer taalkundige redes, maar eerder op grond van politieke of ideologiese oorwegings (Carstens, 2002: loc. cit.; Johl, 2002: 162). Hierdie variëteit word dan gestandaardiseer en daarna voorgehou as navolgenswaardige model (Johl, loc. cit.). In standaardisering gaan dit altyd om 'n elite en hulle taalvariëteit, wat van taalgemeenskap tot taalgemeenskap en tydvak tot tydvak kan verskil (Al, 1987: 36). Dit kom uit-

eindelik neer op die aanvaarding van 'n spesifieke taalvariëteit deur die elite wat sosiaal dominant is en die toon aangee vir die res van die spraakgemeenskap (Hall, aangehaal in Haas, 1982: 7). Wanneer 'n taalvariëteit as standaard gekies word en ander as sub- of niestandaard afgemaak word, is daar dikwels nie 'n taalkundige rede om die voorkeur te regverdig nie. Die enigste rede waarom 'n taalvariëteit as standaard gekies word, is as gevolg van die sosiale prestige van diegene wat daardie variëteit gebruik. Dit kan selfs wees dat 'n variëteit wat as sub- of niestandaard verwerp word vanuit 'n taalkundige oogpunt beter is. (Haas, 1982: 9-10) Of 'n taalvariëteit aanvaar of verwerp word, hang nie van die inherente meriete van die variëteit af nie, aangesien die status wat die standaardvariëteit geniet, nie inherent is van aard nie. Status word aan hierdie variëteit geheg omdat persone wat in die oë van die spraakgemeenskap om een of ander nietaalkundige rede hoë aansien het, hierdie variëteit gebruik. “Korrekte” taalgebruik beteken in der waarheid “sosiaal aanvaarbaar”. (Hall, aangehaal in Haas, 1982: 7; De Villiers, 1985: 29) Taalbeleid en taalbeplanning, insluitend standaardisering, kan daarom beskou word as een van die belangrike areas van die sosiale lewe waar die stryd om hegemonie in taal waargeneem word as deel van 'n groter sosiale stryd om sosiale dominansie te onderhou en beveg (Johnson, 2005: 5).

In die konteks van taalbeplanning word standaardisering dikwels as 'n tegniese proses beskou wat deur taalspesialiste uitgevoer word om 'n taal eenvormig en gevolglik meer effektief vir kommunikasie te maak. Vanuit hierdie perspektief kan standaardisering gesien word as 'n voordelige intervensie, waarsonder kommunikasie in komplekse samelewings hopeloos te ingewikkeld sou wees. Dit is egter belangrik om in gedagte te hou dat standaardisering nooit net 'n onskuldige, tegniese oefening is nie. Dit vind altyd binne 'n spesifieke sosiokulturele konteks plaas en het altyd negatiewe gevolge vir 'n deel van die spraakgemeenskap. (Johl, 2002: 161) Daarom kan taal nie gedepolitiseer word of politiekloos beplan word nie (Du Plessis, 2000: 156). Tog meen Du Plessis (2000: 159) dat 'n taalbeweging nie 'n blote politieke beweging is nie, want daarmee “word taal gereduseer tot sentimentele konsolidasie-middel van 'n verontregte groep” (Du Plessis, loc. cit). Alexander (2000: 167) reageer soos volg hierop:

While it is perfectly correct to say, as Du Plessis does [...] that a language movement is not simply a political movement, it is, however, always linked to political and cultural goals.

Ook Parakrama (1995: 71) meen dat daar ten alle koste verhoed moet word dat die standaard as politiek neutraal, sosiaal niegelokaliseer en ideologies “onbesmet” verbloem word. Sodoende sal taal gesien word vir wat dit in werklikheid is: “the site of struggle” (Parakrama, loc. cit.); “the terrain of the class struggle” (Lecerle, 2006: 196).

Taalpurisme is 'n onvermydelike komponent van die standaardiseringsideologie omdat dit gebaseer is op die aanname dat daar slegs een taalvorm kan wees wat met een taalgroep geassosieer word. Die

taalkundige standarde wat in die geskrewe taalvorm gekodifiseer en uitgebrei word, onderskei “goeie” taalgebruik van “slegte” taalgebruik en vestig sodoende ’n hiërargie waarvolgens outoriteit en prestige aan diegene toeken word wat “ordentlik” skryf en praat. (Romaine, 2007: 708) Soos Haugen (1966: 18) dit stel:

To choose any one variety as a norm means to favor the group of people speaking that variety. It gives them prestige as norm-bearers and a headstart in the race for power and position.

Deur die legitieme of standaardtaal tot die status van nasionale taal te verhoog (dit is, die amptelike taal van die ontwikkelende nasionalstaat), bevoordeel ’n beleid van linguistiese unifikasie diegene wat reeds oor die standaardtaal as deel van hulle taalvaardigheidsrepertoire beskik, terwyl diegene wat slegs ’n streeksvariëteit ken, deel word van ’n politieke en talige eenheid waarin hulle tradisionele taalvaardigheid ondergeskik en minderwaardig is (Thompson, 1991: 6). Busch (2006: 17) stel die uitsluiting van die standaardtaal soos volg:

Für manche Sprachen ist der Standardisierungsprozess rezent, prekär oder umstritten, es herrscht Normenunklarheit, und gesprochene Sprache differiert beträchtlich von der Standardsprache. Kinder, die bestimmte regionale Varietäten sprechen, sind nicht unbedingt mit der entsprechenden (nationalen) Standardvarietät vertraut.

Alle taalgebruik word gemeet aan die legitieme of dominante taalgebruik. Wanneer sprekers se taalgebruik egter aan die enkele standaard of die “algemene” taal gemeet word, skiet dit dikwels tekort en word dit in die buitenste duisternis van die dialektologie gewerp; daardie uitdrukkings en uitsprake wat onderwysers as “vervorm” en “verkeerd” afmaak. Standaardisering kan slegs sy doel bereik deur die stigmatisering van mededingende variasies en variëteite. Tale word gewoonlik as modelle gestandaardiseer deurdat daar ’n kunsmatige afstand tussen die standaard en die ander variëteite van ’n taal geskep word. Dit word gewoonlik gedoen deur die niestandaardvariëteite as substandaard te stigmatiseer. (Johl, 2002: 161) Sodoende ondergaan die ander taalvariëteite ’n sistematiese waardevermindering deurdat dit negatief bestempel word as “lelik”, “minder suiwer”, “onbeskaafd”, en “platvloers” sodat dit as ondergeskik tot die dominante taal beskou word en gereduseer word tot die status van jargon wat minder lewensvatbaar is en nie geskik is vir gebruik in formele situasies nie, sodat daar verwag word dat hierdie variëteite deur die dominante taal vervang moet word. (Bourdieu, 1991: 53-54; Huss en Lindgren, 2011: 2)

Die lede van ’n heterogene spraakgemeenskap is linguisties ongelyk deurdat diegene wat nie die standaardvariëteit met die nodige bedrewenheid kan hanteer nie, gepenaliseer word deur die res van die gemeenskap (De Villiers, 1985: 103). Sprekers wat nie vaardig is in die gebruik van die standaardtaal nie, word by sosiale domeine uitgesluit waar hierdie vaardigheid vereis word, of word geheel en al tot stilte gedwing. Sodoende word toegang tot die standaardtaal ’n simbool van aansien en dien vaardigheid in die standaardtaal as linguistiese kapitaal deurdat groepe wat oor hierdie vaardigheid



beskik ook oor die vermoë beskik om hierdie taalvariëteit as die enigste legitieme variëteit vir formele gebruik (die onderwys, politiek en administrasie), asook die meeste taalinteraksiesituasies waarin hulle betrokke is, voor te skryf, gegewe die regte omstandighede (soos die unifikasie van die spraakgemeenskap en die oneweredige verspreiding van kanse tot toegang tot vaardigheid in die standaardtaal). (Bourdieu, 1991: 55-57). Kennis van die standaardvariëteit is daarom 'n noodsaaklike vereiste vir opwaartse sosiale mobilisering (Parakrama, 1995: 48-49). Trudgill (in De Villiers, 1985: 109) dui daarop dat dit in sekere opsigte moeiliker is om 'n variëteit van dieselfde taal aan te leer as om 'n heel nuwe taal aan te leer. Daar sal nie almal daartoe in staat wees om die standaardtaal te gebruik nie. Om die standaardtaal te bemeester, moet dit deur studie aangeleer word en dit neem baie tyd en energie in beslag. (Joseph, 1981: 9) Daarom word diegene wat die moeite doen om die standaard te leer baie hoog geag, en hulle sluit ook sodoende by die elitegroep aan wat die standaard in die eerste plek "ontwerp" het – hulle word so te sê deel van die binnekring van die spraakgemeenskap. Assosiasie met die prestigedialek is egter nie net 'n vereiste vir sosiale mobilisering nie, maar ook vir oorlewing in verskeie kontekste (Parakrama, 1995: 51).

Alhoewel standaardisering vanuit 'n suiwer taalkundige oogpunt na 'n tegniese proses lyk, is dit vanuit 'n sosiolinguistiese oogpunt duidelik 'n diskriminerende en wrede proses vir diegene wat as gevolg daarvan benadeel word. Standaardisering kan aanstoot gee op die manier waardeur dit stigmatiseer, verdeel, uitsluit en mense seermaak as gevolg van die manier waarop hulle praat. (Johl, 2002: 163) Stigmatisering funksioneer deur middel van die konstruksie van binêre opposisies; daar word onderskei tussen diegene wat hulle aan die norm hou (standaardtaalsprekers) en diegene wat hulle nie aan die norm nou nie (sprekers van niestandaardvariëteite). Standaardisering stigmatiseer nie net deur tussen "insiders" en "outsiders" te onderskei nie, maar deur ook op grond van sprekers se beheersing van die standaardtaal te spesifiseer wie "geskik" is om by elite-instellings aan te sluit, en wie uitgesluit moet word. (Johl, 2002: 164)

Standaardisering word dikwels voorgedhou as 'n neutrale instrument wat tot die voordeel van al die sprekers van 'n spraakgemeenskap strek, maar dit dien in werklikheid ideologiese ideale wat ten doel het om toegang tot invloedryke instellings tot 'n elite-minderheid te beperk (Johl, 2002: 167). En hoewel daar bewyse uit die geskiedenis bestaan dat sommige spraakgemeenskappe toelaat dat hulle onderwerp word, verdoes dit nie die feit dat taaldominering eerder 'n verdelende as verenigende mag is nie. Dit is waar ongeag of die staat 'n direkte en aktiewe rol in die standaardisering of toekenning van amptelike status aan 'n taal speel, of nie. (Johl, 2002: 165). Die dominering van 'n elitevariëteit sypel deur na al die belangrike sosiale instellings, te wete die regering, handel, industrie, die media en advertensiewese. In hierdie sosiale instellings het die dominante variëteit ten doel om die mag en voorregte van diegene wat die standaard effektief gebruik te onderhou, en in die proses ook

diegene uit te sluit wat nie die standaard volledig beheers nie. Die standaardvariëteit dien dus as uitsluitende meganisme deur toegang tot sleutelposisies te beperk. (Johl, 2002: 166-167) Standaardisering word 'n nuttige middel om die voorregte waaroor die sosiale, streeks- en ekonomiese magshebbers reeds beskik te ondersteun en sodoende ongelykheid te legitimeer (Johnson, 2005: 122). Indien die ideologiese aanwending van taal om 'n nasie te verenig die een kant van die munt is, is die ander kant die aanwending van die standaard- of elitevariëteite om asimmetriese magsverhoudinge en ongelykheid te verskans (Johl, 2002: 166). In baie spraakgemeenskappe is pogings om die "suiwerheid" van die standaard te handhaaf 'n belangrike politieke wapen wat in die naam van nasionale erfenis en belange aangewend kan word ten einde die aandag van ander probleme in die samelewing af te lei (Sugathapala De Silva, 1982: 112-113). In moderne eenheidstate word magsverhoudinge en ongelykheid verskans deur dit as "normaal" of "natuurlik" voor te hou, wat veroorsaak dat dit nie deur kritiek "aangetas" kan word nie (Johl, 2002: 166). Deur die standaard as "normaal" voor te hou, word die elitegroep dus toegelaat om hulle mag uit te oefen en te verskans (Fairclough en Tollefson, in Johl, loc. cit.).

Hoe gebeur dit egter dat sprekers van 'n spesifieke variëteit as 't ware hulle variëteit "prysgee" en die dominante posisie van die standaardtaal aanvaar? Die erkenning van die legitimititeit van die standaardtaal geskied nie deur middel van 'n eksplisiet erkende en doelbewuste besluit of handeling om die "norm" te aanvaar nie. Sprekers se ingesteldheid teenoor die standaardtaal word ongemerk deur middel van 'n langdurige en stadige proses aangepas sonder dat hulle bevraagteken waarom hulle 'n beperking tot die materiële en simboliese wins ervaar waaroor diegene met 'n gegewe linguistiese kapitaal beskik (Bourdieu, 1991: 51). Die elite bevorder die aanvaarbaarheid van die ideologie van 'n universele standaard via die instellings onder hulle beheer (Cooper, 1989: 137). Daar is verskeie agente wat 'n deurslaggewende rol in die legitimering van 'n spesifieke taalvariëteit speel. Veral die media, skrywers, outeurs van pedagogiese grammatikas en woordeboeke, en die openbare skoolstelsel speel 'n sentrale en effektiewe rol in die verspreiding van die ideologieë en oortuigings wat die status van die standaardnorme in die spraakgemeenskap legitimeer (Deumert, 2004: 7). Die media was nog altyd betrokke by metalinguistiese diskoers. Veral waar taalverandering vanuit 'n bo-na-onder perspektief bevorder word en wanneer die bevestiging van taalgrense ter sprake is, neem die belangrikheid van metalinguistiese diskoers toe. Dit kan 'n omgewing help skep waarin taal beheer word en taalpurisme versprei word deurdat "korrekte" taalgebruik aan nasionale lojaliteit gekoppel word en "verkeerde" taalgebruik as afwykend afgemaak word. (Busch, 2010: 190) Skrywers speel 'n rol in die vorming van die legitieme taal deur dáárdie taalvorme te kies wat volgens hulle waardig is om deur opvoedkundige voorskrywing in die legitieme taal te inkorporeer. Hierdie taalvorme word dan aan 'n proses van normalisering en kodifisering onderwerp sodat dit doelbewus geassimileer kan word, wat dit uiteindelik maklik herproduseerbaar maak. Grammatici eien hulleself die mag toe om norme vir

taalgebruik daar te stel en te implementeer deur 'n spesifieke taalvorm te kodifiseer deur dit te rasionaliseer en “betekenis” daaraan te gee. Sodoende help hulle om die waarde te bepaal wat die taalvariëteite van verskillende sprekers van die taal sal ontvang deur die grense van aanvaarbare uitspraak, woorde of uitdrukkings daar te stel en 'n taalvorm vas te lê wat van alle gewilde gebruiksvorme “gereinig” is (Bourdieu, 1991: 58-59). Dit is in die belang van die elite om hulle eie taalvariëteit te bevorder as die enkele model van korrekte taalgebruik, nie net om die ontsag van die massas te uit te lok nie, maar ook om die verklarings van die staat, kerk en ander beheerinstellings te legitimeer. Die model wat deur die elite ondersteun word, word gewoonlik deur skole aangeneem, wat op hulle beurt weer die publiek se aanvaarding van die ideologie van standaardisering bevorder; die idee dat daar 'n korrekte manier is hoe die taal gebruik moet word en dat alle mense die taal op hierdie wyse moet gebruik. (Cooper, 1989: 135)

Die onderwysstelsel speel 'n deurslaggewende rol in die proses wat lei tot die vorming, legitimering, voorskrywing en inburgering van 'n standaardtaal deurdat “korrekte” taalgebruik 'n pedagogiese oefening word (Bourdieu, 1991: 48; Williams, 1992: 25). Die kode wat geskrewe taal beheer en wat geassosieer word met “korrekte” taal, in teenstelling met ondergeskikte spreektaal, bekom regsrag in en deur die skoolstelsel. Die skoolstelsel word beskou as die primêre (selfs enigste) wyse waarop toegang tot hoër, administratiewe posisies verkry kan word, wat des te meer aantreklik is in areas waar die ekonomie die swakste ontwikkel is. Die skoolstelsel dra daartoe by om gewilde uitdrukkings se waarde te verlaag deur dit as “slang” en “n gebrabbel” af te maak en kennis van die standaardtaal af te dwing (Bourdieu, 1991: 49). “Taalsuiwerheid” en “korrekte” gebruik van die standaard word op die voorgrond geplaas, aangesien die homogene nasionale of standaardtaal as die bewys van kulturele identiteit gesien word. Variëteite wat van die standaardvorm afwyk word as gebrekkige of onvolwaardige tale beskou of bloot geïgnoreer. Taalbeheersing en “korrekte” taalgebruik neem daarom 'n belangrike plek in die skoolsisteem in (Busch, 2006: 23). Die onderhouding van die standaardtaal is 'n taak wat op sowel die skouers van instansies rus wat spesifiek vir hierdie taak ontwerp is (soos akademies), as individuele sprekers (die sogenaamde taalpuriste). Hierdie taalvorm word dan verder deur middel van korreksie deur onderwysers voorgeskryf en ingeskerp (Bourdieu, 1991: 60-61). Die korrekte (of eerder “gekorrigeerde”) taalvorm se status is uiteindelik grootliks daarin geleë dat dit slegs deur sprekers geproduseer kan word wat die taalreëls op 'n praktiese vlak deur middel van studie bemeester het (Bourdieu, 1991: 61). So speel die idee van korrektheid 'n belangrike rol in die handhawing van die standaardideologie deur middel van voorskrywing (Milroy, 1999: 18).

Volgens Milroy (1999: 22) is die algemene publiek geneig om die gesag van preskriptiewe verklarings te aanvaar. Die meeste mense beweer hulle glo dat daar 'n korrekte en verkeerde manier van praat of skryf is, en kan selfs aanvaar, hoe verkeerd die siening ook al mag wees, dat hulle eie taalgebruik

“ongrammatikaal” of “verkeerd” is, omdat dit nie aan die standaard hou nie. Die meeste mense word met ander woorde deur die standaardideologie beïnvloed, en dit blyk waar te wees van alle vlakke van opvoedingspeil, vir die bevoorregtes en die minderbevoorregtes. Maar hierdie ingesteldhede word aan die lewe gehou deur diegene wat oor die meeste mag beskik. (Milroy, loc. cit.) Die elite sien die massa se weiering om die ideologie van standaardisering te aanvaar as ondermyning en ontwrigting van die bestaande sosiale bestel (Cooper, 1989: 137). Dit verklaar die skakeling van taal met moraliteit wat dikwels voorkom. ’n Selfversekerde elite sien die bestaande bestel as moreel en die standaard as simbool van daardie bestel. ’n Standaardtaal help om ’n muur teen die see van morele verdorwenheid te handhaaf wat dreig om die sosiale, en gevolglik ook die morele bestel, te verswelg. (Cooper, 1989: 135-136)

Vir die elite om hulle mag te behou, is dit belangrik dat die ideologie van standaardisering gehandhaaf moet word. Volgens Lippi-Green (1997: 59) dra die term *standaardisering* reeds by tot die handhawing van die standaardiseringsideologie. ’n Mens praat van ’n standaard, en in teenstelling hiermee, van niestandaard of substandaard. Dit is die hart van die ideologie van standaardisering wat sekere individue bemagtig en ander ontmagtig (Lippi-Green, loc. cit.). Die strukturele eienskappe en sosiale prestige van standaardtale word gelegitimeer deur die ideologie van standaardisering wat die oortuiging insluit dat daar een en slegs een korrekte taalvorm is. Dit lei daartoe dat opsionele variasie in taal nie toegelaat word nie en uiteindelik tot die marginalisering van niestandaardvariëteite. (Deumert, 2004: 7) Ons assosieer die mag en roem van daardie funksies waarvoor die standaard aangewend word as behorende tot die standaard self (Cooper, 1989: 137). Die oordele tussen “korrekte” en “verkeerde” taalgebruik het egter ook ’n algemener effek. Dit blyk ’n spesifieke variëteit tot outoritêre status te verhef, en in daardie verband kan dit gesien word as deel van die proses waardeur die standaardideologie gelegitimeer word. (Milroy, 1999: 26) Hierdie proses van legitimering word soos volg deur Cooper (1989: 138) verduidelik:

In short, we are likely to accept the ideology of a universal standard because it is in the interests of elites to promote the ideology and because we tend to view the standardized written language as an ideal for all language, confusing the part with the whole.

’n Laaste rede waarom mense geneig is om die ideologie van ’n universele standaard te aanvaar, vloei voort uit die opvattinge wat hulle ten opsigte van geskrewe taal het. Mense is geneig om meer waarde aan geskrewe variëteite as gesproke variëteite te heg. Die rede hiervoor is onder andere die assosiasie van die geskrewe vorm met heilige geskrifte en sekulêre mag, asook die moeilikheidsgraad betrokke by die aanleer van die geskrewe vorm. Mense is ook oor die algemeen geneig om die gesproke taal te beskou as verbygaande of verganklik, ’n weifelagtige en gebrekkige weerspieëling van wat hulle glo die ware, werklike en ideale taalvorme is wat in die geskrewe taal ingebed is.

Aangesien die geskrewe variëteite opgehemel word en die geskrewe variëteite geneig is om tot 'n groter mate as die gesproke variëteite gestandaardiseer te word, is mense geneig om die geskrewe standaard as universele model te aanvaar. (Cooper, 1989: 137-138)

Standaardisering word egter nie net deur die elite as ideologiese instrument aangewend nie. Net soos wat taal gebruik kan word om sekere magstrukture te vestig en in stand te hou, kan taal ook as hulpmiddel dien waardeur magstrukture afgebreek kan word. Wanneer onregverdigte magstrukture omvergewerp word, kan taal en die domeine waarin dit gebruik word as 'n area dien waar veranderinge kan plaasvind. (Huss en Lindgren, 2011: 2) Indien dit in belang van die gevestigde elite is om aanvaarding van die standaard te bevorder, is dit tot die voordeel van die teenelite om die aanvaarding van 'n nuwe of teenstandaard te bevorder (Cooper, 1989: 139). Die bevordering van teenstandaarde stem volgens Cooper (loc. cit.) ooreen met dit wat Kloss (1967) *Ausbau*-tale noem. Kloss (1967: 29; Cooper, loc. cit.) onderskei tussen *Ausbausprache*, of taal deur ontwikkeling, en *Abstandsprache*, of taal deur afstand. 'n *Abstand*-taal is 'n afsonderlike taal op grond van sy intrinsieke strukturele verskille ten opsigte van ander tale. Koreaans word byvoorbeeld as 'n aparte taal beskou, aangesien dit relatief homogeen is met 'n hoë mate van onderlinge verstaanbaarheid tussen sprekers van verskillende areas. Dit word nie beskou as 'n variëteit van 'n ander taal nie, aangesien dit nie verwant is aan enige van sy onmiddellike buurtale nie. 'n *Ausbau*-taal is 'n afsonderlike taal omdat dit doelbewus oorgemaak en hervorm is, sodat sy gestandaardiseerde literêre vorm verskillend is van dié van ander literêre standaarde, byvoorbeeld die verskillende Suid-Afrikaanse Nguni- (Xhosa, Zulu, Ndebele en Swati) en Sotho-tale (Noord-Sotho, Sesotho en Tswana) (sien 3.4.3), en die verskillende "tale" van die voormalige Joego-Slawiese deelstate (Bosnies, Kroaties, Serwies en Montenegryns; sien 3.4.7). (Kloss, 1967: 29, 33; Cooper, loc. cit.)

Soos wat nasionalistiese of separatistiese bewegings onder sprekers van plaaslike dialekte posvat, en hulle meer en meer gekommersialiseer, geïndustrialiseer en geletterd word, bevorder hulle politieke en kulturele verteenwoordigers 'n unieke, nasionale, oorkoepelende standaard. 'n Unieke standaard wat hulle as hulle eie beskou, versterk tegelykertyd 'n gevoel van gedeelde identiteit tussen sprekers van diverse plaaslike dialekte, dit legitimeer hulle aanspraak op eiesoortigheid en sodoende hulle aanspraak op selfbeskikking, en verhoog die mag en legitimeer die outoriteit van diegene wat die dialek kan beheers. (Cooper, 1989: 143) Dit is dus duidelik dat die politieke faktor van standaardisering 'n baie sterk krag is waarmee rekening gehou moet word (Mtenje, 2002: 39).

## 2.2.4 Voorwaardes vir standaardisering

'n Geldige vraag sou wees of daar slegs spesifieke tale is wat gestandaardiseer (kan) word. Volgens Joseph (1981: 15) het taalkundiges taalstandaardisering oorspronklik as 'n neweproduk van beskawing gedefinieer. Die neiging in die rigting van standaardisering wat onder primitiewe kulture waargeneem is, suggereer dat die gedragspatrone wat ten opsigte van standaardisering waargeneem is, eie is aan enige groep wat menslik is. "Beskawing" is dus nie 'n voorwaarde vir standaardisering nie. (Joseph, 1981: 21) Alle tale is in beginsel, gegewe die regte kulturele klimaat, daartoe in staat om enigiets wat die sprekers wil uitdruk, oor te dra. Dit beteken dat enige taalstruktuur prinsipiëel daartoe in staat is om die eienskappe te ontwikkel wat nodig is vir standaardisering. Wanneer hierdie eienskappe nie in 'n gegewe taal ontwikkel word nie, is dit nie vanweë die strukturele onvermoë van die taal nie, maar eerder as gevolg van ander redes, soos kulturele redes, of eerder die gebrek daaraan. Een van die belangrikste redes is motivering, met ander woorde die behoefte van 'n spraakgemeenskap om een van hulle taalvariëteite deur standaardisering te ontwikkel. In die afwesigheid van hierdie motivering sal selfs die rojalste eksterne inisiatiewe heel waarskynlik nie voldoende wees om die standaardiseringsproses te inisieer en te onderhou nie. Motivering is 'n noodsaaklike, maar nie voldoende, voorwaarde vir die begin van standaardisering nie. Motivering moet vergesel word van 'n groep aktiewe individue in die spraakgemeenskap wat gewillig is om hulleself en hulle tyd vir die kultivering en standaardisering van hulle taal op te offer. (Garvin, 1991: 10-11) Ander oorwegings wat ook 'n belangrike rol in standaardisering speel, is politieke en ekonomiese oorwegings. Soos reeds gesien (sien 2.2.3.3), sal standaardisering slegs in 'n spraakgemeenskap plaasvind indien dit deur 'n elitegroep met 'n spesifieke politieke agenda wat tot hulle voordeel strek, as gewens geag word. Die grootte van en politieke en/of ekonomiese mag van 'n spraakgemeenskap is 'n belangrike faktor in die sukses of mislukking van standaardiseringspogings, aldus Deumert (2005a: 21). Die meerderheid tale reg oor die wêreld bly grootliks ongestandaardiseer omdat die spraakgemeenskappe baie klein is en hulle sosio-ekonomiese agterstand belegging in taalontwikkeling 'n lae prioriteit in hierdie taalgemeenskappe maak (Deumert, loc. cit.). Want soos baie ander tipes modernisering en ontwikkeling, is taalontwikkeling nie 'n goedkoop oefening nie.

Joseph (1981: 112) belig nog 'n vraag oor die vereistes of voorwaardes vir standaardisering wanneer hy die volgende indringende vraag oor standaardisering vra: "Is writing a prerequisite for language standardization?" Volgens Joseph (1981: 112-113) is daar slegs twee prominente taalkundiges wat meen dat die geskrewe vorm nie 'n voorvereiste vir standaardisering is nie, naamlik Saussure en Fellman. Deesdae is daar waarskynlik baie meer taalkundiges wat hierdie mening huldig. Daar is egter baie meer taalkundiges wat van mening is dat 'n geskrewe taalvorm wel belangrik is in die standaardiseringsproses. Baie sien verskrifteliking selfs as deel van die standaardiseringsproses (vgl.

Haugen (2.2.5), Joseph (1981), Cooper (1989) en Ponelis (1992, 1994, 1998). Haugen (aangehaal in Joseph, 1981: 113) meen dat die bewyse maar skaars is dat standaardisering sonder 'n geskrewe variëteit kan ontstaan. Spolsky (2004: 27) beskou 'n skryfstelsel as 'n kritieke noodsaaklikheid vir standaardisering. Volgens Van der Wal (1995: 19) is een van die belangrikste ooreenkomste tussen die Europese standaardiseringsprosesse dat die verspreiding van 'n standaardtaal moeilik denkbaar sou wees sonder die aanwesigheid van die boekdrukkuns. Hiermee suggereer sy dat 'n gestandaardiseerde taal ook 'n geskrewe taal is. 'n Belangrike aspek van die standaardtaal is dus dat dit 'n skryftaal moet wees (Ponelis, 1987: 9). So sien Ponelis (1992: 75; 1994: 113) Standaardafrikaans in die eerste plek as 'n geskrewe variëteit. Hiermee word nie bedoel dat die standaardtaal die skryfmonopolie het nie, want ander variëteite kan ook om bepaalde redes geskryf word, maar die skryftaligheid van die standaardtaal is 'n wesenskenmerk van die standaard (Ponelis, 1992: 71; 1994: 106). Die geskrewe taalvorm is van kardinale belang in standaardisering, aangesien die geskrewe taalvorm in die vroeë stadia van standaardisering die belangrikste faktor blyk te wees wat standaardisering stuur, aldus Van Coetsem (1992: 45).

Milroy (1999: 37) stel voor dat die standaardtaal uit die behoefte aan wyer kommunikasie in geskrewe vorm ontwikkel, en dat, alhoewel die taalvorme met die meeste prestige dit kan affekteer, hierdie vorme hoofsaaklik aangeneem word omdat hulle dié is wat heel waarskynlik die maklikste deur 'n wye publiek aanvaar en verstaan sal word. Ansre (1974: 369) sluit hierby aan wanneer hy die geskrewe vorm as 'n belangrike hulpmiddel vir standaardisering sien. Standaardisering word geïmplementeer en bevorder deur die geskrewe vorm van die taal. Dit is deur middel van hierdie kanaal dat eenvormigheid van struktuur vanselfsprekend meer funksioneel is. In gesproke taal is eenvormigheid in sommige gevalle onfunksioneel, aangesien dit die funksionele gebruik van stilistiese variasie inhibeer, aldus Milroy (1999: 26). Die standaardisering van geskrewe variëteite is dikwels ook meer suksesvol as die standaardisering van gesproke variëteite. 'n Paar redes kan hiervoor aangevoer word. Taal in geskrewe of gedrukte vorm kan op 'n direkter wyse beheer en beloon word, omdat dit deur skole, redakteurs, uitgewers, en/of die regering gemonitor word. Die geskrewe standaard is byvoorbeeld makliker om deur middel van opvoeding deur te voer, aangesien leerders die standaard literêre variëteit min of meer vanaf die aanvang van hulle studies begin leer, terwyl 'n gesproke standaard op leerders afgedwing moet word wat reeds ander variëteite van die taal praat wanneer hulle met hulle skoolloopbane begin. Verder kan skrywers gewoonlik makliker beheer uitoefen oor dit wat hulle skryf, as wat sprekers kan uitoefen oor dit wat hulle sê, aangesien skryf 'n meer doelbewuste en doelgerigte handeling as praat is en daarom is daar meer selfkorreksie in geskrewe taal, wat dit moontlik maak om die spontane en informele gesproke taal deur 'n meer "opgevoede" variëteit van die taal te vervang. Laastens is die behoefte aan een geskrewe standaardvorm groter as een gesproke standaardvorm. (Cooper, 1989: 138; Fishman, 2006: 6-7)

Meer gevorderde fases in die standaardiseringsproses dui egter op die ontwikkeling van 'n gesproke standaard. Met ander woorde, naas 'n geskrewe taal met geskrewe stylstratifikasie, sal daar onder normale omstandighede ook 'n gesproke standaard met sosiale en stilistiese stratifikasie ontwikkel. (Van Coetsem, 1992: 46) Maar standaardisering het betrekking op, in die woorde van Fishman (2004: 89), "first and foremost [...] the printed, i.e., the more bookish and, therefore, formal variety". Alhoewel 'n gesproke standaard dus teoreties moontlik is, ontwikkel standaardisering juis uit die behoefte aan 'n geskrewe vorm, wat aansluit by die idee van standaardisering as 'n doelbewuste handeling (sien 2.2.3.2). Die konsep van standaardisering het hoofsaaklik betrekking op die geskrewe vorm van taal en standaardisering is afhanklik van die bestaan van 'n geskrewe taalvorm. (Romaine, 2007: 686)

Alhoewel standaardisering nie op sigself 'n kriterium is vir die definiëring van wat 'n amptelike of nasionale taal is nie, speel dit 'n belangrike rol in die funksionering daarvan. Die meeste amptelike en nasionale tale beskik oor 'n hoë mate van standaardisering; dié wat nie oor 'n hoë mate van standaardisering beskik nie, probeer om dit te verwerf. Dus kan 'n mens sê dat alhoewel standaardisering nie 'n noodsaaklike eienskap van amptelike of nasionale tale is nie, hierdie funksies wel geneig is om standaardisering in 'n taal teweeg te bring. (Garvin, 1991: 5) Net so kan 'n mens ook sê dat 'n gestandaardiseerde taal nie noodwendig 'n amptelike of nasionale taal hoef te wees nie. Maar dit is duidelik dat die twee dikwels hand-aan-hand gaan.

## **2.2.5 Die standaardiseringsproses**

In hierdie afdeling word die standaardiseringsproses van nader beskou. Eerstens word daar ondersoek waarom standaardisering as proses beskou kan, of behoort te, word. Daarna word die noodsaaklikheid van 'n model vir die beskrywing van die standaardiseringsproses in oënskou geneem, waarna Einar Haugen se taalbeplanningsmodel as standaardiseringsmodel voorgehou en krities bespreek word.

### **2.2.5.1 Waarom 'n standaardiseringsproses?**

Aangesien taal eerder 'n proses as 'n toestand is, aldus Sugathapala De Silva (1982: 118), is dit vanselfsprekend dat taalbeplanning in wese ook eerder 'n proses as 'n toestand is (Haarmann, 1990: 106). Die enigste manier waarop 'n mens dus 'n standaardtaal kan bestudeer sodat jy 'n akkurate, realistiese beeld daarvan kan kry, is, volgens Joseph (1981: 229), om dit as 'n dinamiese sisteem te hanteer. Daarom meen Haarmann (loc. cit.) dat enige sosiolinguistiese benadering tot toegepaste of metodologiese navorsing in hierdie studieveld daarop gemik moet wees om die prosesmatigheid van



die taalbeplanning te illustreer. In hierdie studie beoog ek derhalwe om taalstandaardisering, soos Milroy (2001: 534), hoofsaaklik as 'n proses te hanteer wat voortdurend plaasvind in daardie tale wat die proses ondergaan.

Van der Wal (1995: 20) benadruk die belangrikheid daarvan om daarop te let dat standaardisering 'n proses is wat uit verskillende fases bestaan. In die eerste fase word die posisie van 'n variëteit wat tot standaardtaal ontwikkel het ten opsigte van ander variëteite of teenoor ander tale met prestige beveg. Met verloop van tyd ondergaan 'n bepaalde variëteit funksieuitbreiding en deur taalopbou word die variëteit verder van ander variëteite onderskei. Die resultaat van die seleksieproses op makrovlak word duidelik. In 'n tweede stadium vind seleksie op mikrovlak plaas en word daar bepaal watter taalvorme tot die standaard behoort en watter nie. Die taalgebruik van bepaalde groepe in die samelewing is in hierdie stadium normgewend. Op watter grondslag die norme ook al verder bepaal word, dit word steeds meer vasgelê deur kodifiseringsaktiwiteite; grammatikale reëls word voorgeskryf en woorde word goed- of afgekeur. (Van der Wal, loc. cit.) Die verdere uitbreiding van die standaardtaal na die hele spraakgemeenskap vind geleidelik plaas totdat daar 'n algemene standaardtaal ontstaan wat oor die hele spraakgemeenskap heen erken, aanvaar en aangewend word (Van der Wal, 1995: 21).

#### **2.2.5.2 Die noodsaaklikheid van 'n model vir die beskrywing van die standaardiseringsproses**

Die vergelykende benadering tot taalstandaardisering beskryf sinkroniese ooreenkomste in die vorm en funksie van standaardtale en bring dit in verband met taalgeskiedenis en -ontwikkeling. Deskriptiewe raamwerke, wat die onderliggende strukturele aspekte van die standaardiseringsproses belig, verskaf sistematiek vir die beskrywing van taalstandaardisering oor verskillende samelewings en lande heen. Hierdie raamwerke of modelle identifiseer as-lyne waarlangs standaardtale ontwikkel, en help navorsers sodoende om op daardie fundamentele aspekte van standaardisering te fokus wat uniek is aan spesifieke tale. (Deumert en Vandenbussche, 2003: 4) 'n Hele paar deskriptiewe raamwerke vir standaardisering is al voorgestel deur onder andere Haugen (1966, 1983, 1987), Kloss (1969), Joseph (1981, 1987), Milroy en Milroy (1985), Cooper (1989), Haarmann (1990), Ponelis (1992, 1994, 1998) en meer onlangs ook Ager (2001). By nadere beskouing van hierdie onderskeie standaardiseringsraamwerke of -modelle, blyk Haugen se oorspronklike taalbeplanningsmodel, soos reeds in 1966 voorgestel en later in 1983 en 1987 verfyn, egter 'n groot impak op die onderskeie navorsers se voorstelle vir 'n standaardiseringsmodel te gemaak het. Alhoewel Haugen se raamwerk een van die oudstes is, word dit tot vandag toe nog as een van die belangrikstes, indien nie die belangrikste nie, beskou. So meen Ricento (2007: 218) dat Haugen se werk navorsing ten opsigte van taalbeplanning in vroeër jare gevorm het en dat hy steeds tot vandag toe invloedryk is in hierdie navorsingsveld. 'n Mens hoef maar enige handboek oor taalbeplanning, hetsy dit 'n ou of onlangse

publikasie is, oop te slaan, of Haugen se taalbeplanningsmodel maak 'n verskyning. Haugen se model bied nie net 'n nuttige raamwerk vir die beskrywing van taalbeplanning nie, maar ook vir standaardisering. Aangesien Haugen (1972a: 133; 1972c: 287) standaardisering as die belangrikste onderdeel van taalbeplanning beskou, kan sy model vir taalbeplanning ook op standaardisering as taalbeplanningsaktiwiteit van toepassing gemaak word. En alhoewel Haugen se model oorspronklik vir taalbeplanning bedoel is, is dit uit verskeie taalbeplanningspublikasies duidelik dat talle navorsers hierdie model as verteenwoordigend van standaardisering sien. Baie taalbeplanners meen selfs dat die onderskeie fases wat deur Haugen se model verteenwoordig word tot 'n mindere of meerdere mate in 'n taal aanwesig moet wees voordat 'n mens van standaardisering in 'n taal kan praat (Van der Wal, 1995: 1).

### 2.2.5.3 Haugen se taalbeplanningsmodel

Wat Haugen se standaardiseringsmodel so 'n goeie en nuttige model maak, is die feit dat dit die prosesmatigheid en fases van standaardisering in ag neem. Volgens Deumert en Vandebussche (2003: 4) het Haugen se model ook die voordeel dat dit breed en gedetailleerd genoeg is om as verwysingsraamwerk vir die beskrywing van hoogs gevarieerde standaardiseringsgeskiedenis te dien. Dit is ook nuttig vir vergelykende studies, soos wat aangetref word in die bundel *Germanic standardization: past to present* (2003) waarvan Deumert en Vandebussche die redakteurs is. Veral Haugen se onderskeiding tussen die twee tipes seleksie wat voorkom, is nuttig vir die beskrywing van die standaardisering van individuele tale. Die implementeringsfase is uniek aan Haugen se raamwerk, aangesien besluite rakende standaardisering ook uitgevoer moet word sodat dit nie net ink op papier bly nie. Die rede waarom ek Haugen se model vir die betrokke studie nuttig vind, is omdat dit standaardisering nie slegs as korpusbeplanningsaktiwiteit beskou nie, maar ook as statusbeplanningsaktiwiteit. Soos reeds aangedui (sien 2.2.2), bestaan daar 'n hegte band tussen korpus- en statusbeplanning en kan die twee taalbeplanningsaktiwiteite nie in isolasie funksioneer nie. Hierdie model van Haugen belig hierdie samewerking tussen korpus- en statusbeplanning soos wat dit van toepassing is op standaardisering. Vir hierdie studie sal ek van Haugen se eie uiteensetting van sy model asook verskeie ander bronne gebruik maak om sy model te verduidelik.

Haugen (1966: 18; 1983: 270; sien ook Ricento, 2007: 219 en Deumert, 2008) meen dat taalbeplanning (en dus ook standaardisering) tipies uit vier fases of stadia bestaan, naamlik:

1. Seleksie (*selection*) (van 'n taalvariëteit of –variëteite wat as basis van die norm dien)
2. Kodifisering (*codification*) (van die geselekteerde taalvorm)
3. Implementering (*implementation*) (van die geselekteerde en gekodifiseerde taal deur die hele gemeenskap)

4. Uitbreiding (*elaboration*) en modernisering (van die taal deur uitbreiding van die woordeskat en ander aspekte wat nodig is om in die kommunikatiewe behoeftes van die gemeenskap te voorsien)

Hierdie uiteensetting staan bekend as Haugen se “klassieke” taalbeplanningsmodel. Seleksie en kodifisering is gemoeid met die vorm van ’n taal, terwyl implementering en uitbreiding gemoeid is met die funksie van ’n taal. Seleksie en implementering is gemoeid met die sosiale aspek van taal en is gevolglik taalekstern. Daarteenoor is kodifisering en uitbreiding primêr taalkundig van aard en dus taalintern. (Haugen, 1983: 270) Hierdie onderskeid stem ooreen met Kloss (1969: 81-83) se onderskeid tussen status- en korpusbeplanning (Haugen, 1983: 272; sien ook Kaplan en Baldauf, 1997: 30). Alhoewel hierdie vier stappe ’n sekere logiese opeenvolging toon, volg hulle nie noodwendig chronologies op mekaar nie. Die stappe kan ook gelyktydig plaasvind en siklies wees. (Haugen, 1983: 270) Hierdie model kan grafies soos volg voorgestel word (Haugen, 1983: 275):

	Vorm (beleidsbeplanning)	Funksie (taalontwikkeling)
Spraakgemeenskap (statusbeplanning)	1. Seleksie (besluitnemings-prosesse) a. identifisering van probleem b. toedeling van norme	3. Implementering (opvoedkundige uitbreiding) a. verbeteringsprosedures ( <i>correction procedures</i> ) b. evaluering
Taal (korpusbeplanning)	2. Kodifisering (standaardiserings-prosedures) a. verskrifteliking b. grammatisering c. leksikalisering	4. Uitbreiding (funsionele ontwikkeling) a. terminologiese modernisering b. stilistiese ontwikkeling

Figuur 2.1 Haugen se taalbeplanningsmodel

Soos reeds aangedui (sien 2.2.2), is die doel van taalbeplanning om oplossings vir taalprobleme te vind. **Seleksie** is daarom slegs nodig waar iemand ’n taalprobleem geïdentifiseer het (Haugen, 1983: 270). Hierna moet daar ’n toedeling van norme plaasvind. Haugen (1968: 267) beskou normseleksie as die eerste probleem van standaardisering. Taalbeplanning begin gewoonlik met die maak van keuses tussen ’n aantal taalkundige alternatiewe (Deumert en Vandenbussche, 2003: 4; Van Keymeulen, 2010: 141; Kotzé, 2011: 4). Om ’n spesifieke taalvorm of -variëteit bo ander te kies en dit as die norm te bevorder, vorm die basis van die meeste taalbeplanningsaktiwiteite. Seleksie is wanneer ’n spesifieke taal of variëteit van ’n taal, ’n sogenaamde matriksvariëteit, gekies word om sekere funksies in ’n gegewe samelewing te vervul, met ander woorde wanneer jy kies watter taalvariëteit tot standaard verhef moet word. (Deumert, 2000: 388; 2008; Van Keymeulen, loc. cit.; Kotzé, loc. cit.) Maar dit kan ook verwys na wanneer ’n spesifieke taalvariant (een woord of woordvorm) uit

verskillende regionale of sosiale taalvariante gekies word, met ander woorde wanneer 'n mens die konkrete taalvorme kies wat gekodifiseer moet word. Eersgenoemde tipe seleksie het te make met seleksie op makrovlak (makroseleksie), terwyl laasgenoemde tipe seleksie te make het met seleksie op mikrovlak (mikroseleksie). (Van der Wal, 1995: 1; Van Keymeulen, loc. cit.; Kotzé, loc. cit.)

Binne seleksie op makrovlak kan daar verder tussen twee tipes seleksie onderskei word, naamlik monosentriese seleksie en polisentriese seleksie. *Monosentriese seleksie* verwys na die seleksie van 'n bestaande of argaïese streeks- of sosiale variëteit wat as basis vir die opkomende standaardtaal moet dien. Dit staan ook bekend as die eenheidsbenadering (*unitary thesis*) tot normseleksie. *Polisentriese seleksie* blyk meer algemeen in die taalgeskiedenis voor te kom en behels die samestelling van verskillende variëteite wat met verloop van tyd ontwikkel het. Polisentriese standaardtale word gevorm deur 'n aaneenlopende en multidireksionele seleksieproses wat geleidelik met die verloop van tyd plaasvind. Die produk hiervan is 'n komplekse herkombinering van eienskappe van verskillende variëteite en 'n standaardnorm wat struktureel verskil van die variëteitbasis. Dit staan ook bekend as die samestellingsbenadering (*compositional thesis*) tot normseleksie. Haugen spesifiseer 'n verdere tipe polisentriese seleksie wat hy die vergelykende (*comparative*) benadering noem. Dit is die doelbewuste rekonstruksie van 'n hipotetiese moedertaal wat gegrond is op bestaande variëteite van die taal, soos in die geval van Nynorsk<sup>5</sup>. (Haugen, 1968: 267; Deumert en Vandenbussche, 2003: 4-5) Tydens seleksie kan daar dus óf besluit word om 'n nuwe norm te kies, óf om 'n ou norm te modifiseer (Haugen, 1966: 18).

Die taalvariëteit of taalvariante wat tydens seleksie gekies word, bepaal die spesifieke taalvorm wat die norm sal word en wat status in die spraakgemeenskap sal geniet (Kaplan en Baldauf, 1997: 30). Die seleksieproses het dus politieke betekenis. Wanneer een variëteit tydens seleksie as norm gekies word, beteken dit gewoonlik dat die groep sprekers wat daardie spesifieke variëteit praat, bevoordeel word. Dit gee hulle prestige as normdraers en 'n voorsprong in die stryd om status en mag. (Haugen, loc. cit.; Hudson, 1980: 31) Die seleksieproses gaan gewoonlik gepaard met konflik en debatte oor wat die "beste taalgebruik" of wat die "beste" of "geskikste" basis vir die nuwe standaard sal wees, aangesien terreine wat in wese eintlik nietaalkundig van aard is, gewoonlik op die meer sigbare, taalkundige vlak verdedig word. Die nietaalkundige doelwitte van die standaardiseerders (bv. nasionale eenheid, wetenskaplike of ekonomiese vooruitgang, dekolonialisering, ens.) is die duidelikste sigbaar in hierdie stadium van die standaardiseringsproses. (Deumert en Vandenbussche, 2003: 5; Romaine, 2007: 691)

---

<sup>5</sup> Sien 3.4.4

'n Volgende stap in die standaardiseringsproses, wat nie noodwendig chronologies op seleksie volg nie, is **kodifisering**. Kodifisering behels die formalisering van 'n taalstandaard of -norm vir die gekose taalkode (taal/variëteit). Dit word dikwels deur taalakademies onderneem, maar dit kan ook deur enige individue of privaat instansies met taalkundige opleiding onderneem word. (Kaplan en Baldauf, 1997: 39; Deumert, 2000: 389) Dit gaan veral om die opstel van 'n alfabet en die vasstel van taalnorme en taalreëls deur grammatikas, spelreëls, stylhandleidings en woordeboeke van die standaardtaal (Deumert, 2008; Kotzé, 2011: 4). Kodifiseringsaktiwiteite is noodsaaklik om 'n ontwikkelende standaardtaal op te bou (Van der Wal, 1995: 1). Uitvoerige en goed beplande taalkundige navorsing is egter noodsaaklik vir enige kodifiseringsprogramme, aangesien dit die belangrikste bydraende faktor vir die sukses van hierdie pogings kan wees. Tipiese besprekingspunte wat tydens kodifisering aan bod kan kom, is onder andere die keuse van ortografiese sisteem, grammatikale vorme en leksikale items. (Haugen, 1966: 21) Hiervolgens kan kodifisering in drie stadia onderverdeel word, naamlik verskrifteliking (*graphization*; ontwikkeling van 'n alfabet), grammatisering (*grammatication*; besluitneming oor die reëls/norme ten opsigte van grammatika), en leksikalisering (*lexication*; identifisering van die woordeskat) (Haugen, 1983: 271; Deumert, 2000: 389). Verskrifteliking is noodsaaklik waar 'n mens te make het met 'n voorheen gesproke taal met geen skryftradisie nie, maar dit is ook van toepassing op "moderne" geskrewe tale, aangesien dit ook die hersiening van 'n reeds bestaande alfabet kan behels (Kaplan en Baldauf, 1997: 40; Deumert, loc. cit.). Verskrifteliking is dus veral kenmerkend van die beginstadia van die standaardisering van 'n taal (Haugen, 1983: 271). Grammatisering behels die normatiewe formulering van die grammatikareëls, met ander woorde die formulering van reëls wat beskryf hoe 'n taal gestruktureer is, soos ortografiese en sintaktiese reëls. Daar word besluit watter taalvorme tot die nuwe standaard moet behoort en sodoende word sintaktiese en morfologiese variasie verminder. (Haugen, loc. cit.; Kaplan en Baldauf, 1997: 41; Deumert, 2000: 391) Wanneer die gepaste woordeskat vir 'n taal/variëteit geselekteer en ontwikkel word, is taalbeplanners besig met leksikalisering. Dit behels egter ook die toedeling van style en gebruiksfere vir die woorde van 'n taal. Leksikalisering word dikwels gekenmerk deur puristiese neigings om leenwoorde uit ander tale uit die standaard te weer. (Haugen, loc. cit.; Deumert, loc. cit.) Die produkte van kodifisering is gewoonlik 'n preskriptiewe ortografie, grammatika en woordeboek (Haugen, loc. cit.).

Seleksie en kodifisering bly slegs papieroefeninge tensy dit opgevolg word deur implementering en uitbreiding, waar eersgenoemde gemeoid is met sosiale status en laasgenoemde met die taalkorpus (Haugen, 1983: 272). **Implementering** verwys na die sosiopolitieke realisering van die besluite wat tydens seleksie en kodifisering geneem is, naamlik die bevordering, geleidelike verspreiding, vestiging, aanvaarding en gebruik of toepassing van die nuwe geselekteerde en gekodifiseerde norm deur die spraakgemeenskap en oor alle funksies heen (Haugen, loc. cit.; Deumert, 2000: 392; 2008; Deumert

en Vandenbussche, 2003: 7; Kotzé, 2011: 4). Implementering behels met ander woorde die deurvoer van die besluite wat tydens seleksie en kodifisering geneem is. Die spesifieke maatreëls wat deur taalbeplanners gevolg word om hierdie sosiale aspek van taalbeplanning te implementeer, staan bekend as verbeteringsprosedures (Haugen, 1983: 274; Kaplan en Baldauf, 1997: 36). Aangesien taalbeplanning gewoonlik met geskrewe taal gemoed is (sien 2.2.4), sluit dit die druk van boeke, pamflette, koerante en handboeke in die nuut gekodifiseerde standaard in, sowel as die bekendstelling van die standaard in nuwe gebruiksareas, soos die onderwys en massamedia, of ten minste as skoolvak (Haugen, 1983: 272). Implementering is die “bemarking” van die besluite wat ten opsigte van die taal geneem is aan die spraakgemeenskap ten einde die taal se gebruik te verhoog. Die implementeringsproses kan owerse “bemarkingstrategieë” gebruik om die geselekteerde norm te bevorder, soos advertensieborde, radio en televisie-insetsels, én wetstoepassing (Deumert, 2008). Ander moontlike bemarkingstrategieë sluit in prestasielone, soos pryse vir skrywers wat tekste in die nuwe standaard publiseer, finansiële vergoeding in die vorm van bonusse vir werknemers of instansies wat die nuwe standaard gebruik, ensovoorts. Seleksie en kodifisering word gewoonlik deur opgeleide taalkundiges onderneem, terwyl implementering gewoonlik, maar nie noodwendig nie, deur die staat of ander outoritêre instansies onderneem word. Die taalgemeenskap kan bloot aangemoedig word om die nuwe standaard te gebruik, of dit kan deur die staat of ander outoritêre instellings op verskillende vlakke soos in skole en die media afgedwing word deur wette en regulasies soos ’n amptelike taalbeleid. (Haugen, loc. cit.; Deumert, 2000: 392; Kotzé, loc. cit.) Dit is egter nie genoeg om strategieë daar te stel om ’n betrokke taalsituasie te verander nie. Dit is net so belangrik dat die sukses van die strategieë en vordering ten opsigte van die implementering van die taalvorm gemonitor moet word. Hierdie evalueringsproses moet deurlopend plaasvind en moet op só ’n wyse ontwerp word, dat dit voortdurende terugvoer oor die implementering van die betrokke taalvorm verskaf en probleme wat ten opsigte van implementering ondervind word, dadelik reggestel kan word. (Haugen, 1983: 274; Kaplan en Baldauf, 1997: 37)

Daar bestaan spanning tussen kodifisering, wat daarop gemik is om stabiliteit te handhaaf, en uitbreiding, wat buigsaamheid in die taal veronderstel (Haugen, 1983: 276). Die voortgesette terminologiese, ortografiese, grammatikale en stilistiese ontwikkeling wat ’n gekodifiseerde taal ondergaan om aan die voortgesette kommunikatiewe behoeftes van die sprekers ten opsigte van tegnologiese en die moderne lewe te voldoen, word **uitbreiding** of modernisering genoem (Haugen, 1983: 273; Deumert, 2000: 392; Deumert en Vandenbussche, 2003: 7). Uitbreiding verwys na sowel daardie aktiwiteite wat daarop gemik is om die funksionele reikwydte van die standaardvariëteit te verbreed, waaronder abstrakte en intellektuele funksies, as veranderinge binne die bestaande standaard om by nuwe funksies aan te pas (Deumert, 2008; Deumert en Vandenbussche, loc. cit.; Kotzé, 2011: 4). Die hoofokus van taaluitbreiding is om nuwe terminologie of leksikale items vir ’n taal te skep waar daar ’n

behoefte ontstaan as gevolg van nuwe tegnologiese en moderne ontwikkelinge (Deumert, 2000: 392; Deumert en Vandenbussche, loc. cit.). Dit het dus te make met wat Haugen (1983: 275) terminologiese modernisering noem (sien ook Kaplan en Baldauf, 1997: 44 en Deumert, 2008). Uitbreiding word deur die ontwikkeling van nuwe teksgenres as gevolg van sosiale verandering veroorsaak, asook deur die stelselmatige vervanging van 'n bestaande geskrewe norm deur die nuwe standaardtaal (Deumert en Vandenbussche, loc. cit.). Hierdie proses is egter nie slegs gemoeid met wetenskaplike terminologie nie, maar behels die verbreding van taalkundige funksie op die terrein van verbeeldingryke en emosionele ervaring, met ander woorde verryking deur die kunstgemeenskap. 'n Taal kan nie volledig wees sonder dat dit oor 'n wye reeks uitdrukkings vir intieme, emosionele ervarings beskik nie. (Haugen, 1966: 24) Uitbreiding het ook te make met stilistiese ontwikkeling (Haugen, 1983: 275; Kaplan en Baldauf, 1997: 45; Deumert, 2008) wat ten doel het om geskikte ontwikkeling in taalstyl te verseker in daardie domeine wat belangrik is vir 'n taal, ten einde aan al die eise wat aan die taal gestel word te kan voldoen. 'n Belangrike aspek van stilistiese ontwikkeling is die gebruik van taal in die media en vir kulturele uitdrukking (Kaplan en Baldauf, loc. cit.). Kaplan en Baldauf (1997: 43-44) stel die verhouding tussen terminologiese modernisering en stilistiese ontwikkeling, soos wat dit betrekking het op uitbreiding, soos volg:

Elaboration is not merely a matter of increasing the richness of the vocabulary [...]. Government must actively encourage the publication of newspapers and magazines, of comic books and agricultural pamphlets, in the language that has been chosen. The government must encourage the establishment of radio and television broadcasting in the language. It must encourage the use of the language in the civil service, the religious sector, indeed in every walk of life. It must encourage literary artists to produce poetry and fiction in the language. It must encourage the publication of books – a flood of books – so that those who are literate have something to read. In a cyclical manner, it must continue the work of terminological modernisation. It must encourage, through the inception of a whole range of published resources, stylistic development of the language, and it must encourage the use of the language in every possible sector [...].

Uitbreiding is 'n komplekse en oneindige proses in elke taal, aangesien daar in elke samelewing 'n oneindige behoefte is om nuwe terme te ontwikkel om oor nuwe idees, konsepte en uitvindings te skryf en te praat. Dit spruit daaruit dat die wêreld waarin ons leef voortdurend verander en hierdie verandering vinnig en voortdurend plaasvind. Taalgemeenskappe het daarom meganismes nodig om hulle taal te moderniseer sodat dit voortdurend in hulle behoeftes kan voorsien. Dit verseker ook dat die taal in 'n verskeidenheid domeine gebruik kan word. (Kaplan en Baldauf, 1997: 44; Deumert, 2008)

Al vier hierdie fases of stadia van taalbeplanning is belangrik ten einde suksesvolle standaardisering te verseker. Of soos Jernudd en Das Gupta (1971: 201) dit stel: "It is likely that any language decision is less effective if it fails to take into account aspects of all four categories, either by implication or by choice." 'n Keuse ten opsigte van normseleksie of seleksie van 'n taalvariëteit vir 'n spraak-

gemeenskap sal heel waarskynlik oneffektief wees tensy daar aandag geskenk word aan die funksionele kapasiteit van die norm, die behoefte aan gepaardgaande taalkundige leiding, en die waarskynlikheid van aanvaarding deur die spraakgemeenskap (Jernudd en Das Gupta, loc. cit.). Seleksie sonder kodifisering, implementering en aanvaarding deur die gemeenskap, sal dus nutteloos wees. Net so is woordeskatuitbreiding betekenisloos indien die reëls van die taal waarvoor dit bedoel is, of die vorm waarin dit aangebied word nie in ag geneem word nie. Ook aanvaarding van die vorme deur die spraakgemeenskap is belangrik. (Jernudd en Das Gupta, loc. cit.)

#### 2.2.5.4 Aanvullings tot Haugen se model

Alhoewel daar vandag algemeen aanvaar word dat Haugen se taalbeplanningsmodel uit seleksie, kodifisering, implementering en uitbreiding bestaan, was Haugen (1966: 18) se oorspronklike voorstel dat taalbeplanning uit seleksie van 'n norm, kodifisering van die norm, uitbreiding van funksie en aanvaarding deur die gemeenskap bestaan (sien ook Van der Wal, 1995: 1; Webb en Sure, 2000: 65; Kotzé, 2009: 1; 2010a: 155). Tydens sy latere verfyning van die model het aanvaarding plek gemaak vir implementering. Met hierdie verandering is die taalbeplanner op die voorgrond van die standaardiseringsproses geskuif. Alhoewel implementering tot 'n groot mate dít omsluit wat Haugen aanvanklik met aanvaarding bedoel het, is ek van mening dat die spraakgemeenskap se aandeel in die uiteindelijke sukses, al dan nie, van die standaardiseringsproses nie sterk genoeg na vore kom soos wat die geval met 'n benaming soos **aanvaarding** is nie. Ek is van mening dat aanvaarding 'n nuttige toevoeging tot die bestaande model sal wees, aangesien die sukses van standaardisering grootliks (indien nie heeltemal nie) van aanvaarding deur die spraakgemeenskap afhang. Deur implementering en aanvaarding as twee afsonderlike prosesse aan te dui, word die take van die taalbeplanners (implementering) enersyds, en dié van die spraakgemeenskap (aanvaarding van die standaard) andersyds, beter belig.

Taalbeplanners moet sosiale aksies onderneem om te verseker dat hulle besluite aanvaar word (Van Keymeulen, 2010: 141). Vir die taal om gestandaardiseer te word, is dit eerstens belangrik dat die invloedryke persone in die spraakgemeenskap die geselekteerde variëteit moet aanvaar (Milroy en Milroy, 1985: 27). Maar aanvaarding deur 'n klein elite is nie voldoende nie. Die variëteit moet ook deur die breër gemeenskap aanvaar word en sodoende as instrument dien om die gemeenskap te verenig (Wardhaugh, in Webb en Sure, 2000: 65). Die geneentheid van enige spraakgemeenskap om enige taalverandering te aanvaar, word volgens Haugen (1966: 25) bepaal deur die moeilikheidsgraad betrokke by die aanleer van hierdie veranderinge en die graad van selfdisipline wat die spraakgemeenskap bereid is om toe te pas om hierdie veranderinge in gebruik te neem. Dit is ook belangrik om daarop te let dat standaardisering slegs kan plaasvind indien dit aan een belangrike voorwaarde



voldoen, naamlik 'n positiewe taalingesteldheid van die betrokke taalgemeenskap (Van der Wal, 1995: 1). Hierdie fase sal dus met Haarmann se prestigebeplanning ooreenstem (sien 2.2.2), wat myns insiens 'n belangrike onderdeel van enige taalbeplanningsaktiwiteit behoort te vorm.

Nog 'n nuttige toevoeging ten opsigte van hierdie studie wat tot Haugen se model gemaak kan word, is 'n fase van korpusbeplanning soos uiteengesit in Cooper (1989) se taalbelanningsmodel. Hierdie laaste kategorie van korpusbeplanning heet **vernuwing** (*renovation*). Dit dui op al die pogings om 'n reeds bestaande kode te verander, sy dit in die naam van doeltreffendheid, ter wille van estetiese waardes of ter wille van 'n nasionale of politieke ideologie. Twee tipes vernuwing kan onderskei word. Herverskrifteliking (*regraphization*) verwys na die vervanging of hervorming van die bestaande alfabet, terwyl herstandaardisering (*restandardization*) dui op die verandering van die reeds bestaande standaard. Die nuutgemaakte taal vervul ook soos modernisering nuwe funksies. Tog verskil dit van modernisering deurdat vernuwing toelaat dat taalkodes of funksies op nuwe maniere uitvoer. As nuwe taalvorme of kommunikatiewe funksies uitvoer, dra hulle ook by tot die nietaalkundige doelwitte wat die taalvernuwing gemotiveer het, byvoorbeeld om die nuwe elite te erken, die ou elite se geloofwaardigheid aan te tas, die mobilisering van politieke ondersteuning of om bewustheid te kweek. (Cooper, 1989: 154). Cooper se vernuwingsfase kan as 'n belangrike toevoeging tot die standaardiseringsteorie en die standaardiseringsproses gesien word. Veral in die moderne tyd waarin ons leef, is die standaardtaal soos ons dit ken, stadig maar seker besig om te verander deurdat nuwe eise daaraan gestel word (vgl. 3.2). Daarom is dit veral vir hierdie studie belangrik dat daar 'n laaste fase aan standaardisering toegevoeg word wat gemoeid is met die herstandaardisering van taal.

## 2.2.6 Die graad van standaardisering

Soos reeds vermeld (sien 2.2.3.1), beskik elke standaardtaal vanweë die konstante verandering en uitbreiding wat dit ondergaan oor 'n minimumvlak van variasie. Net so lê standaardisering vanweë die inherente stabiliteit en doelbewuste beheer in die standaardtaal 'n limiet op variasie in die standaard. 'n Mens kan dus op grond van die relatiewe hoeveelheid variasie wat 'n standaard toelaat, van 'n taal se graad van standaardisering praat. (Parakrama, 1995: 43) Garvin (1959: 30; 1991: 8) sien standaardisering ook as 'n "question of degree", aangesien die standaardvariëteit van 'n taal eerder tot 'n mindere of meerdere mate gestandaardiseer kan word as wat dit absoluut aan die kriteria vir 'n standaardtaal voldoen. Deumert (2000: 385) sluit hierby aan wanneer sy meen dat alle tale nie oor dieselfde graad van standaardisering beskik nie. Standaardisering is 'n kwessie van graad, selfs vir dié standaardtale wat oor 'n hoë mate van gekodifiseerdheid beskik (Romaine, 2007: 685). Standaardisering sluit volgens Garvin (1991: 11) drie ideële sleutelkomponente in: die strukturele eienskappe van 'n standaardtaal, die funksies daarvan, en die ingesteldhede wat dit ontlok. Hierdie

drie komponente kan as kriteria dien waarvolgens die graad van taalstandaardisering bespreek kan word (Garvin, 1964: 522).

Die eerste kriterium vir die vasstelling van die graad van standaardisering waarvoor 'n variëteit beskik, naamlik die strukturele of intrinsieke eienskappe van 'n standaardtaal, behels buigsame stabiliteit (*flexible stability*) en intellektualisering (*intellectualization*). Buigsame stabiliteit beteken dat 'n standaardtaal deur 'n gepaste kodifiseringsproses gestabiliseer moet word ten einde sy funksies te kan vervul. (Garvin, 1964: 521; 1991: 8) Stabiliteit impliseer dat taalverandering geïnhibeer word (Deumert, 2004: 7). Die vasgestelde norme moet egter genoegsame buigsamheid of variasie toelaat ten einde modifisering wat deur kulturele veranderinge en ontwikkelings in die spraakgemeenskap vereis word, te akkommodeer (Garvin, 1964: 521; 1974: 72; 1991: 8). Hierdie balans tussen eenvormigheid en diversiteit is nie net noodsaaklik vir menslike (*humane*) taalbeplanning nie (Haugen, 1971: 288), maar ook vir die vereistes van standaardisering self, wat 'n voldoende mate van buigsamheid vereis (Byron, 1976: 135). Intellektualisering verwys na die kapasiteit van 'n taal om toenemend meer akkurate en gedetailleerde wyses van uitdrukking te ontwikkel, veral in die areas van modernisering, met ander woorde wetenskap en tegnologie, regering en politiek, hoër onderwys, kontemporêre kultuur, ensovoorts (Garvin, loc. cit.). Tipiese taalkundige gevolge van intellektualisering is byvoorbeeld terminologiese diversifisering, leksikale monosemie, genormaliseerde sintaksis (bv. geen weglating en duidelik definieerbare sintaktiese konstituenten) en komplekse hipotaksis, aldus Deumert (2004: 7). Hierdie twee strukturele eienskappe word in al die aspekte van die taalstruktuur gemanifesteer, maar dit is die sigbaarste in die woordeskat en sintaksis van 'n taal (Garvin, 1974: 72; 1991: 8).

Die funksies van die standaardtaal dui op die algemene en dikwels simboliese betekenis wat 'n standaard vir die spraakgemeenskap het (Garvin, 1991: 13). Garvin (1964: 522; 1974: 72-73; 1991: 13-19) identifiseer vier standaardtaalfunksies:

- Die eenheidsfunksie (*unifying function*) is die vermoë van die standaard om verskeie dialektgroepe in 'n enkele standaardtaalgemeenskap te verenig ten spyte van dialektiese en ander verskille. Omdat die standaard deur die hele spraakgemeenskap vir intra- en intertaalige kommunikasie aangewend word, dien dit as eenheidsband tussen lede binne die spraakgemeenskap, maar ook as identifisiemedium ten opsigte van ander taalgroepe.
- Die separatistiese funksie (*separatist function*) het ten doel om een spraakgemeenskap van 'n ander af te baken deur taalgrense daar te stel. Wanneer 'n taal sy eie standaard ontwikkel, beweeg die spraakgemeenskap van die status van dialektiese gemeenskap na volwaardige taalgemeenskap. Sodoende bevestig hierdie funksie die aparte identiteit van 'n taalgemeenskap ten opsigte van ander taalgemeenskappe.

- Die prestigefunksie verwys na die prestige waaroor 'n spraakgemeenskap beskik omdat hulle 'n standaardtaal het en aan individue oorgedra word wat die standaard magtig is. Dit is daarop gebaseer dat wanneer 'n spraakgemeenskap oor 'n gestandaardiseerde variëteit beskik, dit die gemeenskap die gevoel gee dat hulle nou oor 'n "regte taal" beskik, en nie net oor 'n "dialek" nie. Die taal is vir hulle volledig op alle vlakke, dit is in staat om alles uit te druk, dit kan gebruik word vir 'n kultureel noemenswaardige doel en sodoende kan dit die eweknie van magtiger spraakgemeenskappe word. Dit laat die sprekers trots voel oor hulle taal se vermoë om met die beste geskrewe tale te kompeteer. Hierdie funksie gee die spraakgemeenskap die prestige van 'n moderne en "beskaafde" samelewing.
- Die verwysingsraamwerkfunksie (*frame-of-reference function*) is die funksie van die standaard om hoofsaaklik, maar nie uitsluitlik nie, as verwysingsraamwerk in sake rakende taalkorrektheid te dien. Die standaard wys dus die norme van 'n taal aan sprekers uit en dien as model vir die korrekte toepassing vir hierdie norme van "korrekte" of "goeie" taalgebruik.
- Die deelnemendheidsfunksie (*participatory function*) is die funksie van die standaard wat 'n spraakgemeenskap toelaat om hulle eie taal te gebruik om aan kulturele, wetenskaplike en ander moderne ontwikkelinge deel te neem, sonder dat hulle hulle op ander tale hoef te verlaat. Dit is veral deur die proses van intellektualisering dat die standaard in staat is om aan hierdie kommunikatiewe behoeftes van die spraakgemeenskap te voldoen.

Bogenoemde vyf funksies sluit by vier ingesteldhede aan wat deur die standaardtaal ontlok word. Daar is vir elke funksie 'n ingesteldheid wat daarby aansluit. Die ingesteldhede leen hulleself tot empiriese navorsing en kan direk bestudeer word, terwyl die funksies abstraksies is wat deur die bestudering van ingesteldhede afgelei kan word. Die funksies kan dus deur middel van die ingesteldhede bestudeer word. (Garvin, 1991: 11; 13) Garvin (1964: 522; 1974: 73; 1991: 13-16,18; sien ook Heestermans, 1987: 179) onderskei vier ingesteldhede:

- Die eenheidsfunksie en separatistiese funksie sluit by 'n ingesteldheid van taaltrou (*language loyalty*) aan. Die skakel met die eenheidsfunksie impliseer dat taaltrou meer op die standaardtaal van die spraakgemeenskap as die dialektiese of ander niestandaardvorm gerig is. Die skakel met die separatistiese funksie impliseer dat taaltrou op die standaard van 'n mens se eie taalgemeenskap gerig is, en nie op 'n ander taal of variëteit nie.
- Die prestigefunksie sluit, soos verwag kan word, by 'n ingesteldheid van taaltrots aan.
- Die verwysingsraamwerkfunksie sluit aan by 'n ingesteldheid van bewustheid van die norm. Dit is teen die agtergrond hiervan dat lede van 'n spraakgemeenskap bewus word van die belangrikheid van 'n model wat as verwysingsraamwerk nagevolg kan word.

- Die deelnemendheidsfunksie sluit aan by 'n ingesteldheid van begeerte om deel te neem; 'n begeerte om 'n bydrae tot die modernisering van die wêreld op talle gebiede te maak.

Die mate waartoe 'n standaardtaal aan bogenoemde drie kriteria voldoen, bepaal die mate van gestandaardiseerdheid van die taal. As verskillende tale dan oor verskillende grade van gestandaardiseerdheid beskik, volg daaruit dat daar ook verskillende standaardiseringsvlakke moet bestaan.

### 2.2.7 Vlakke van standaardisering

Wanneer 'n taal gestandaardiseer is, kan daar volgens Kloss (1969: 18) 'n onderskeid gemaak word tussen tale wat bloot vir primêre en volwasse onderrig, godsdienstige lering, en/of basiese politieke indoktrinerig gebruik word, tale wat aangewend word vir doeleindes gelykstaande aan sekondêre skoolonderrig, en laastens tale wat aangewend word vir hoër doeleindes soos tersiêre onderrig en navorsing. Kloss meet dus die vlak van standaardisering aan die tipe funksies wat die betrokke taal verrig. Corbarrubias (1983: 43-45, gebaseer op Kloss; sien ook Deumert, 2000: 385) stel ook vlakke van standaardisering voor wat gebaseer is op die funksies wat die taal verrig, maar gee 'n effens vollediger uiteensetting van verskillende standaardiseringsvlakke:

- 'n Niegestandaardiseerde gesproke taal, wat oor geen ortografie beskik nie, byvoorbeeld Gallah (Etiopië), Phuthi (Lesotho), ensovoorts.
- 'n Gedeeltelik gestandaardiseerde of niegestandaardiseerde geskrewe taal, wat hoofsaaklik vir opvoeding in die primêre skool gebruik word. Die taal word gekenmerk deur heelwat variasie op morfologiese en sintaktiese vlak, byvoorbeeld die meeste van die Indiaanse tale van Amerika.
- 'n Jong standaardtaal, wat in die onderwys en vir administrasie gebruik word, maar wat nie gepas geag word vir gebruik in wetenskap en tegnologie op tersiêre of navorsingsvlak nie, byvoorbeeld baie van die amptelike Bantoetale van Suid-Afrika en Baskies (Frankryk).
- 'n Argaïese standaardtaal, wat wye gebruik in die pre-industriële tyd geniet het, maar wat nie oor die voldoende woordeskat en registers beskik om vir die moderne wetenskap en tegnologie aangewend te word nie, byvoorbeeld Klassieke Grieks, Klassieke Hebreeus en Latyn.
- 'n Kleingroep standaardtaal, wat vanweë die klein aantal sprekers oor 'n beperkte omvang van interaksie en kommunikasie beskik, byvoorbeeld Faroëes.
- 'n Volwasse moderne standaardtaal, wat vir alle vlakke van kommunikasie, insluitend wetenskap en tegnologie op tersiêre vlak, aangewend word, byvoorbeeld Engels, Frans, Duits, Nederlands en Afrikaans.

## 2.2.8 Positiewe en negatiewe gevolge van standaardisering

Dit wil voorkom asof geen taal wat in die moderne wêreld wil funksioneer standaardisering kan vry-spring nie, en dit het volgens Cote (2006: 1) sowel positiewe as negatiewe gevolge. Cote (2006: 1-4) se positiewe en negatiewe gevolge van standaardisering kan grootliks na dit wat reeds hier oor standaardisering gesê is, herlei word en word vervolgens uiteengesit.

Een van die belangrikste redes waarom standaardisering noodsaaklik is, is omdat dit die taal in staat stel om as model vir almal in die gemeenskap te dien waaroor hulle kan saamstem ten einde effektief te kommunikeer. State, regerings, skoolstelsels, en selfs lughawens kan nie suksesvol funksioneer sonder 'n gemeenskaplike taal nie. Verder kan 'n gemeenskaplike, wedersyds verstaanbare taalvorm ook die lede van 'n gemeenskap verenig en dit kan verder aangewend word om die identiteit van die gemeenskap te simboliseer en te reflekteer. Standaardisering gee nie net prestige aan sprekers nie, maar is ook noodsaaklik vir politieke redes soos om op selfstandigheid van binnelandse en buitelandse beheer aanspraak te maak. Wanneer een taal of variëteit dan bo 'n ander gekies word, lei dit tot die skep van 'n voorkeurvariëteit wat as wenner uit die stryd om oorheersing tree. Laastens maak dit dit ook makliker om taal in skole en aan tweedetaalsprekers te leer. (Cote, 2006: 1-2, 4)

Die negatiewe gevolge van standaardisering is die ander kant van die munt van die voordele wat standaardisering inhou. Wanneer een variëteit as norm gekies word, beteken dit dat diegene wat daardie variëteit praat, bevoordeel word. Dit "verkleineer" ook al die ander variëteite van die taal en moontlike mededingende norme, sowel as diegene wat daardie variëteite gebruik. Dit skep 'n elitistiese atmosfeer onder standaardtaalsprekers en 'n minderwaardigheidsgevoel by diegene wat steeds aanhou om niestandaardvorme te gebruik. Dit dwing ouers wat wil hê dat hulle kinders deur die dominante groep aanvaar moet word, om aan die standaardvariëteit te konformeer. Dit kan selfs so ver gaan dat hulle hulle eie variëteit en kultuur waarin hulle gebore is, afskeep, wat 'n bedreiging vir hulle moedertaal kan inhou. Standaardisering poog dus om diversiteit en variasie in die samelewing te verminder of heeltemal uit te skakel. (Cote, 2006: 2-4)

Ten slotte is Milroy (1999: 33-34) van mening dat standaardisering nie as 'n onnatuurlike proses gesien moet word wat die natuurlike taalgebruik in spraakgemeenskappe verwring nie. Dit is 'n natuurlike sosiopolitieke proses wat 'n merkbare invloed op taalverandering uitoefen. (Milroy, 1999: 39; 2001: 535) Sover as wat standaardisering bewuste menslike inmenging in taalhandhawing en taalverandering behels, is dit funksioneel en dien dit 'n doel (Milroy, 2001: 535). Maar dit lyk egter asof dit dieselfde eienskappe is wat standaardisering so 'n nuttige instrument in die spraakgemeenskap maak, wat terselfdertyd 'n intens negatiewe invloed op die spraakgemeenskap kan hê. So bevorder die

eenvormigheid van die taalvorm byvoorbeeld kommunikasie, maar dit beperk ook diversiteit deurdat variëteitsprekers se taalvorme dikwels misken word. Standaardisering is dus, in die woorde van Cote (2006), 'n "noodsaaklike euwel".

### **2.2.9 Samevatting**

In hierdie afdeling is daar gepoog om 'n volledige, algemene oorsig te gee van wat taalstandaardisering behels. Die begrip is eers in die domein van taalbeplanning gesitueer waar daar tot die gevolgtrekking gekom is dat standaardisering verskeie aspekte van taalbeplanning betrek, maar dat dit hoofsaaklik te make het met korpus-, status- en prestigebeplanning. In 'n poging om standaardisering te definieer, is daar gesien dat standaardisering altyd ten doel het om eenvormigheid in die taal teweeg te bring deur die doelbewuste ontwikkeling van die taal, maar dat taalstandaardisering ook altyd een of ander ideologiese implikasie vir die spraakgemeenskap inhou. In die ondersoek of daar enige voorwaardes vir die standaardisering van 'n taal is, is daar tot die gevolgtrekking gekom dat enige taal teoreties gestandaardiseer kan word, maar dat daar verskeie praktiese implikasies is wat taalstandaardisering dikwels kniehalter. Daar is ook gevind dat 'n geskrewe taalvorm 'n belangrike, noodsaaklike, vereiste vir standaardisering is, en dat daar wel 'n band tussen die amptelike status en gestandaardiseerdheid van 'n taal bestaan.

Hierna is die standaardiseringsproses uitvoerig bespreek. Daar is eerstens gekyk na die redes waarom standaardisering as 'n proses beskou word, en hierna is bepaal waarom 'n model vir die bespreking van die standaardiseringsproses enigsins noodsaaklik is. Haugen se taalbelanningsmodel, soos wat dit op standaardisering van toepassing gemaak kan word, is krities bespreek, waarna daar aanbevelings vir verdere uitbreiding van die model gemaak is. Daar is ook verskillende grade van standaardisering geïdentifiseer wat aanleiding gegee het tot verskillende vlakke van standaardisering wat bereik kan word. Ten slotte is die onderskeie voor- en nadele van standaardisering bespreek waar daar tot die gevolgtrekking gekom is dat dieselfde positiewe eienskappe van standaardisering ook negatiewe gevolge vir die samelewing kan hê en daar dus 'n tweedeling in standaardisering bestaan.

## 2.3 Standaardisering van Afrikaans

### 2.3.1 Inleiding

In sy essay *De oorsprong van het Afrikaans* wat hy in 1906 gepubliseer het, maak Kruisinga (1906: 439) die stelling dat 'n mens hoogstens kan sê dat die “aanpassings-Afrikaans” van die bruin sprekers van Afrikaans, “*misschien enige invloed oefent op de taal van sommige Afrikaners*”, en dat Afrikaans die suiwer ontwikkeling van 'n Nederlandse variëteit is. Belcher (1988: 7) wys daarop dat Afrikaanse geskiedenisboeke skaars enige melding maak van die belangrike rol wat swart en bruin sprekers gespeel het in die vorming, ontwikkeling en voortsetting van Afrikaans. In hierdie afdeling sal daar gekyk word hoe individue en groepe uit verskillende sferes van die destydse Suid-Afrikaanse samelewing 'n bydrae tot die uiteindelijke standaardisering van Afrikaans gelewer het.

Eerstens sal daar gekyk word na die aanloop tot die standaardisering van Afrikaans, waarna twee minder bekende Afrikaanse taalbewegings, naamlik die Arabies-Afrikaanse beweging en die taalbeweging by die Morawiese sending op Genadendal, bespreek sal word. In hierdie bewegings word bruin sprekers van Afrikaans se bydrae tot die ontwikkeling van Afrikaans in oënskyn geneem. Hierna kom die “amptelike” standaardiseringsbewegings aan bod, te wete die Eerste en Tweede Taalbeweging onderskeidelik. Volgens hierdie tradisionele geskiedskrywing het slegs wit Afrikaanssprekendes prominente rolle in die ontwikkeling van Afrikaans vervul. In die proses is Afrikaans, dikwels eufories, as eksklusiewe skepping en besitting van die wit Afrikaner uitgebeeld, aldus De Wet (1997: 110). Die doel van hierdie studie is egter om 'n holistiese beeld van die standaardisering van Afrikaans te gee deur al die rolspelers wat 'n bydrae gelewer het, hetsy formeel of informeel, te betrek. Daar sal verder ook na die amptelike erkenning en ontwikkeling van Afrikaans gekyk word. Lecercle (2006: 191, 193) meen dat, omdat enige politieke vraagstuk wesenlik 'n politieke vraagstuk is, die geskiedenis van 'n taal ook 'n politieke geskiedenis is. Daarom word daar in hierdie afdeling ook spesifieke na die politieke geskiedkundige milieu gekyk waarin die standaardisering van Afrikaans afgespeel het. In hierdie verband word daar veral gefokus op die destydse apartheidsregering se aandeel in die standaardisering van Afrikaans, waarna die stand van standaardisering in Afrikaans na die demokratisering van Suid-Afrika ten slotte onder die loep geneem sal word.

### 2.3.2 Die prestandaardiseringsfase<sup>6</sup> van Afrikaans

Agt jaar nadat Groot-Brittanje die Kaapkolonie in 1814 oorgeneem het, was daar 'n groot toestroming van Engelse koloniste aan die Kaap. In 1822 proklameer Lord Charles Somerset dat Engels voortaan die taal van bestuur en regspleging sou wees en in 1853 word Nederlands uit die parlement gesluit. Die onderwys het ook na die Engelse oornam van die Kaap grotendeels verengels. (Van Keymeulen, 2010: 139). Dit is dus nie vreemd dat die eerste doelbewuste standaardiseringspogings aan die Kaap ten opsigte van Nederlands onderneem is nie. Die Nederlander A.N.E. Changuion, wat van 1831 tot 1842 professor aan die Athenaeum in Kaapstad was, het dertien jaar na sy aankoms in Suid-Afrika probeer om Nederlands as primêre gebruikstaal in Suid-Afrika te herstel. Hy publiseer in 1844 sy beroemde boek *De Nederduitsche taal in Zuid-Afrika hersteld* wat binne vier jaar reeds 'n tweede druk beleef het. (Raidt, 1985: 150, 153; 1994: 313-314, 316) Changuion se standaardiserings- en normeringspogings was egter te laat vir die herstel van Nederlands aan die Kaap. Hy het byvoorbeeld tipiese Afrikaanse taalvorme wat teen 1800 reeds algemeen deur alle bevolkingsgroepe gebruik is as “plat” of “Hottentots” bestempel. Verder het Changuion as individu nie die nodige outoriteit gehad nie en hy het ook nie die ondersteuning van 'n beheerliggaam gehad om sy standaard te voer nie. Alhoewel die gewildheid van sy boek daarop dui dat daar wel belangstelling in sy idees was, was die normbewustheid van die elite van die Kaapse bevolking blykbaar onvoldoende om Nederlands as standaard aan die Kaap te hervestig, sodat hy self 'n paar jaar later moes erken dat “de nu reeds zo verminkte heerlijke Hollandsche taal na nog een geslacht in de aanzienlijkste huisgezinnen der stad [...] zal zijn uitgestorven”. Nederlands was tóé reeds nie meer gebruikstaal vir die breë bevolking nie. Alhoewel Changuion se standaardiseringspogings misluk het, het dit 'n indirekte invloed op latere taalontwikkeling gehad, te wete die op- en uitbou van die Kaaps-Hollandse omgangstaal<sup>7</sup> tot Afrikaans as erkende standaard. (Raidt, 1985: 151, 152-153; 1994: 314, 316-317; Nienaber en Heyl, s.a.<sub>2</sub>: 44) Sommige mense beskou selfs sy *Proeve van Kaapsch Taaleigen* wat agterin sy spraakkuns *De Nederduitsche taal in Zuid-Afrika hersteld* verskyn het as die begin van die Afrikaanse leksikografie (Bosman, 1931: 29).

Grebe (2009: 131) meen dat daar maar pas teen die begin van die twintigste eeu met die standaardisering van Afrikaans begin is. Standaardisering is egter nie iets wat lukraak en ewe skielik uitgevoer kan word nie. Daar is sekere prosesse wat dit voorafgaan wat uiteindelik tot 'n behoefte aan

<sup>6</sup> Hierdie term, soos gebruik deur Kotzé (2009 en 2010a), dui op die fases voor die totstandkoming van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns. McCormick (2006) gebruik dit weer om na die periode 1650 tot 1870 te verwys. Ek gebruik hierdie term egter om te dui op die aanloop tot die standaardisering van Afrikaans waarin die taal vir die eerste keer geskryf is, maar daar nie doelbewuste pogings aangewend is om 'n navolgingswaardige standaard of norm vir Afrikaans daar te stel nie. – G.O.

<sup>7</sup> Die term *Kaaps-Hollands* word hier gebruik, soos by Deumert (2004) en Roberge (2003), om na die vroeë Omgangsafrikaans te verwys, voordat dit standaardisering ondergaan het.



standaardisering aanleiding gee. Hierdie prosesse lê as 't ware die grondslag vir formele standaardiseringspogings. Deumert (2004: 249-250) identifiseer 'n paar tekste waarin daar aan die begin van die gebruik van Kaaps-Hollands na die omgangstaal oorgeslaan is: waar daar verslag gelewer is van iemand se direkte woorde, wanneer die spraak van kinders voorgestel is, in (gedeeltes van) briewe wat aan kinders gerig is, asook wanneer anekdotes oortel is. In die tweede helfte van die negentiende eeu het Afrikaans ook begin om sy gebruiksterreine te vergroot toe dit as skryftaal in koerante aangewend is (Ponelis, 1997: 605). Die eerste tekste wat doelbewus daarop gemik was om die omgangstaal van die plattelandse setlaarsgemeenskap te verteenwoordig, is rympies wat reeds in 1795 verskyn het en 'n kort dialoog met aantekeninge wat in 1825 deur 'n Nederlandse reisiger opgeteken is. In die 1820's het koerante begin om gereeld redakteurskrywes en kort essays in die plaaslike Kaaps-Hollandse dialek te publiseer. (Roberge, 2003: 22; Deumert, 2005b: 22) Hierdie tekste was gewoonlik kommentare in briefvorm, asook dialoë wat gemoeid was met plaaslike sake. Die tekste is op 'n komiese en satiriese trant geskryf en het dikwels onder skuilname of anoniem verskyn. (Roberge, loc. cit.) In dié tyd is Afrikaans hoofsaaklik vir komiese effek aangewend (Giliomee, 2003: 4). Josephus Suasso De Lima (1791-1858), redakteur van die eerste Nederlandse koerant in Suid-Afrika, *De Verzamelaar*, het briewe in die omgangstaal van die Europese koloniste onder verskeie komiese skuilname geskryf waarin hy kommentaar gelewer het op die sosiale en politieke gebeure van die dag. Gewilde briewe in Kaaps-Hollands is ook in die 1830's deur Charles Etienne Boniface (1787-1853) gepubliseer, wat in hierdie tyd die redakteur van die *Zuid Afrikaan* was. In sy briewe en dialoë het Boniface egter die omgangstaal in die mond van die kolonie se inheemse bevolking geplaas, naamlik die Khoekhoen. Ook Andrew Geddes Bain se verskeidenheidstuk, *Kaatje Kekkelbek, or Life among the Hottentots* (1938), het groot aanhang in die Kaap geniet, en is op dieselfde trant as Boniface se tekste geskryf. Louis Henri Meurant (1812-1893) het ook met Kaaps-Hollandse skryfwerk in 1840 begin. In 1860 het hy twee dialoë (*Zamensprake*) in die omgangstaal gepubliseer waarin die fiktiewe karakters Klaas Waarzegger en Jan Twyfelaar in *The Cradock News* gefigureer het. Anders as De Lima en Boniface, het Meurant egter nie die omgangstaal gebruik om andersheid (*other-ness*) in die teks uit te beeld nie, maar eerder om 'n gevoel van eendersheid of "behoort" (*our-own-ness*) te skep en om die gestileerde stem van die Afrikaner Boer in die dialoë in te voer. (Deumert, 2005b: 22-24) Na 1860 was daar weens die gewildheid van hierdie tekste 'n skerp toename in omgangstaalbydraes in koerante (Roberge, 2003: 23; Deumert, 2005b: 24). Meurant se dialoë tussen Klaas Waarsegger en Jan Twyfelaar wat in *The Cradock News* (Desember, 1860) en sy Nederlandse susterskoerant *Het Cradocksche Nieuwsblad* (1861) verskyn het, is in 1861 afsonderlik as *Zamenspraak tusschen Klaas Waarzegger en Jan Twijfelaar* gepubliseer. Hierdie publikasie word allerweë as die eerste Afrikaanse boek beskou. (Roberge, loc. cit.; Davids, 2011: 116)

Die opkoms van literatuur in die Kaaps-Hollandse omgangstaal impliseer nie noodwendig die begin van standaardisering nie. Die inhoud van die Kaaps-Hollandse literatuur van die negentiende eeu was allesbehalwe normatief, aldus Roberge (2003: 23). Maar die tekste wat na 1860 verskyn het, was eenders in styl, struktuur en inhoud (Deumert, 2005b: 24). Die Kaaps-Hollandse skryftradisie kan volgens Deumert (2002: 6) beskou word as 'n tipe variëteitsnabootsing, waar lede buite die variëteitsgroep (d.i. goed geskoolde joernaliste en ander skrywers uit die middelklas) die taalgedrag van 'n ander sosiale groep (d.i. die taalgebruik van boere en ander ambagsmanne uit die Kaapse platteland) naboots. Variëteitsnabootsing behels gewoonlik die oorveralgemening van skaars en veranderlike taalkenmerke (Deumert, loc. cit.). Hierdie populêre tekste het die leser se aandag op plaaslike spraakvorme gefokus en het die genre van gemoedelike variëteitsnabootsing as 'n gereelde sosiale praktyk in die opkomende massamedia gevestig. Dit het egter ook tot die homogenisering en konvensionalisering van die norm bygedra. (Deumert, 2005b: 26) Die Kaaps-Hollandse skrywers het 'n relatief eenvormige voorstelling van die Kaaps-Hollandse omgangstaal geskep deur die amalgamering van verskillende niestandaard kenmerke wat nie noodwendig in die spraak van enige individu voorgekom het nie, maar wat stereotipiese kenmerke van plaaslike spraak gegee het en sodoende bygedra het om 'n tipologiese model vir "Afrikaans" daar te stel (Deumert, 2002: 6).

Vanaf die 1860's was daar ongetwyfeld 'n duidelike verwagting van hoe 'n mens "Afrikaans" moet skryf. Alhoewel daar 'n tekort aan enige formele en gesentraliseerde standaardiseringsdruk en eksplisiete beplanning was, was die taal wat in tekste na 1860 gebruik is wonderbaarlik eenvormig. (Deumert, 2005b: 26) Ons kan, om Van der Horst (2009) se term te gebruik, sê dat hierdie tekste assimilasië getoon het (sien 2.2.3.2). Die totstandkoming van 'n goed gedefinieerde linguïstiese praktyk was 'n geleidelike proses, soortgelyk aan linguïstiese fokussering. Fokussering is 'n tipe taalverandering wat die ontstaan van 'n relatief eenvormige (gefokusde) variëteit deur die proses van sosiolinguïstiese akkommodering ondersteun. Individue het met ander woorde hulle eie taalgebruik geleidelik by dít aangepas wat hulle as die norm van die groter groep beskou het. Die gepubliseerde teks het 'n informele model verskaf vir diegene wat hulle hand aan die nuwe genre wou waag en op sy beurt het hulle pogings weer as model vir latere pogings deur ander skrywers gedien. (Deumert, 2005b: 26) Vanaf die 1870's is daar 'n relatief eenvormige weergawe van wat nou algemeen as Afrikaans bekend gestaan het as algemene geskrewe en gesproke taal gebruik (Deumert, 2005b: 33). Juis daarom kan hierdie tekste as 'n voorloper tot die standaardisering van Afrikaans beskou word. Hierna het die standaardiseringsproses egter geleidelik met die hulp van verskeie gesaghebbende liggame en invloedryke individuele taalleiers plaasgevind (Raidt, 1985: 159; 1994: 323).

Hierdie tekste het ook nog 'n ander doel gehad. Sosiopolitieke kommentaar en kritiek is deur die stem van die gewone kolonis verbloem en het ten doel gehad om die dubbele koloniale hegemonie uit te

daag (Mesthrie, aangehaal in Deumert, 2005b: 24-25). Die skrywers van hierdie tekste het die beeld van die Afrikaner Boer, wat deur Meurant geskep is, deeglik gevestig as simboliese teenpool van die Engels gedomineerde, stedelik koloniale samelewing en die Nederlands gedomineerde hoë kultuur van opvoeding, die kerk en uitgewery (Deumert, 2005b: 25). Die dryfkrag vir taalpolitisering, en uiteindelik standaardisering, was 'n reaksie deur die wit Kaaps-Hollandse gemeenskap op die Britse imperiale beheer. Die gebeurtenisse wat dit teweeg gebring het, was die Britse anneksasie van Basutoland en druk op die Oranje Vrystaat (1868), die anneksasie van Griekwaland-Wes (1871) en die Suid-Afrikaanse Republiek (1877), en die onafhanklikheidsoorlog in die Transvaal (1880-1881). Hierdie gebeurtenisse het die wit Nederlandse Suid-Afrikane in die Kaap simpatiek gestem teenoor hulle broers in die noorde. Bewustheid van 'n gemene taal, moederland, geskiedenis en oorsprong het nie net groepsolidariteit teen Britse hegemonie aangewakker nie, maar ook 'n ontluikende sin van volksidentiteit, waardeur die term *Afrikaner* politieke betekenis gekry het. (Roberge, 2003: 24-25)

In die tweede helfte van die 19de eeu, toe daar met die verskrifteliking van Afrikaans begin is, was die mag en ontwikkeling in die Afrikaanse taalgemeenskap in Suidwes-Kaapland gesentreer, en is die standaardisering van Afrikaans dus deur sprekers van die suidwestelike of Kaapse<sup>8</sup> dialek van Afrikaans gelei. Dit blyk daaruit dat drie van die belangrikste negentiende-eeuse verskriftelikings-tradisies op Kaapse Afrikaans gegrond is, naamlik Arabiese Afrikaans, gelei deur die Moslem-gemeenskap aan die Kaap, die taal van die Morawiese Sendinggenootskap op Genadendal, en die meer bekende Patriotbeweging of Eerste Taalbeweging, wat deur die Genootskap vir Regte Afrikaners vanuit die Paarl gelei is. Tydens die Tweede Taalbeweging het die standaardiseringsfokus egter aan die begin van die twintigste eeu na die noorde van Suid-Afrika verskuif, aangesien die ekonomiese en politieke swaartepunt daarheen verskuif het. (Ponelis, 1987: 9-10) Dit is ook veral in hierdie tyd dat daar met daadwerklike standaardiseringsaksies begin is en gevolglik vorm sogenaamde Oosgrensafrikaans<sup>9</sup> vandag die oorwig van Standaardafrikaans.

---

<sup>8</sup> Met *Kaapse dialek* word hier bedoel die dialek wat in die 19de eeu aan die Kaap gepraat is en moet duidelik onderskei word van wat tans onder die Kaapse dialek van Afrikaans of Kaapse Vernakulêre Afrikaans verstaan word (vergelyk 1.1.3).

<sup>9</sup> Oosgrensafrikaans, ook bekend as Oostelike Afrikaans en Voortrekkerafrikaans, is die variëteit wat deur die Voortrekkers en eerste burgers van die noordelike republieke (waaronder die Transvaal en die Oranje-Vrystaat), gepraat is. Dit is egter só genoem omdat Oosgrensafrikaans daardie variëteit van Afrikaans is wat tussen ongeveer 1770 en 1840 aan die destydse oosgrens van die Kaapkolonie gepraat is. (Van Rensburg, 1989: 462; Van Rensburg, aangehaal in Carstens, 1993: 137) Twee ander historiese variëteite van Afrikaans wat ook deur Van Rensburg (1989: 462-462) onderskei word, is Kaapse Afrikaans (d.i. die variëteit van die gebied aan die suidpunt van Afrika wat voor 1700 bewoon is en veral deur die taal van die slawe en hulle nageslag gepraat en beïnvloed is) en Oranjerivier-Afrikaans (d.i. die variëteit wat in die 17de eeu aan die Kaap ontstaan het uit die Khoe se pogings om Nederlands te praat en wat veral sedert die 18de eeu na onder meer die gebied noord en suid van die Oranjerivier en Kokstad versprei het en waarin reste van die Khoe se taal, Khoekoens, behoue gebly het).

Die populariteit van die omgangstaal as skryfmedium is egter nie tot die Europese koloniale gemeenskap beperk nie. Giliomee (2003: 4) dui daarop dat die nakomelinge van die slawe die eerste mense was wat Afrikaans in gedrukte vorm gebruik het. Die Morawiese koerant *De Bode van Genadendal* het sosiale en politieke kommentaar onder die dekmantel van dialoë en fiktiewe briewe bevat (sien 2.3.4). Ook die koerant van die African Political (later People's) Organization (APO) het vroeg in die twintigste eeu die gewilde rubriek *Straatpraatjies* gepubliseer, wat hierdie selfde doel voor oë gehad het. (Deumert, 2005b: 25) Maar reeds voor dit het die Moslemgemeenskap aan die Kaap Afrikaans vir 'n baie belangrike doel as skryfmedium aangewend, naamlik as godsdienstaal.

### 2.3.3 Arabies-Afrikaanse Taalbeweging<sup>10</sup>

Die Islam het byna dieselfde tyd as die wit setlaars na Suid-Afrika gekom (Davids, 1987: 38). Die Kaapse Moslemgemeenskap het hulle oorsprong in die slawe, politieke uitgewekenes en misdadigers wat sedert 1658 deur die Nederlands Oos-Indiese Kompanjie van vyf streke in die wêreld na Suid-Afrika gebring is. Hierdie streke is die Indonesiese eilandgroep, Bengale, die Suid-Indiese kus en Sri-Lanka, Madagaskar en die kus van Oos-Afrika. Die oosterlinge het die Islamitiese geloof saam met hulle na die Kaap gebring. (Davids, 1987: 38; 1994: 41; 2011: 37; De Vries, 2004: 19) Onder die invloed van vername Indonesiese bannelinge soos sjeg Joesoef (wat in 1699 naby Faure begrawe is) het Islam in Suid-Afrika uitgebrei (Ponelis, 1987: 12).

Alhoewel Arabies die gewyde taal van die Islamitiese geloof is, is dit nie 'n vereiste dat Arabies verstaan of gepraat moet word ten einde die geloof te beoefen nie. Gevolglik is dit nooit as gesproke taal deur die nie-Arabiese Moslems aangeneem nie. Dit was ook die geval aan die Kaap. Van al die tale wat gedurende die agtiende eeu deur die slawe aan die Kaap gebruik is, het Maleis teen die einde van die eeu gedomineer. Maleis, geskryf in Arabiese skrif, het die tweede godsdienstaal van die Kaapse Moslems tydens die vroeë jare van die oosterse slawe aan die Kaap geword. (Davids, 1987: 45; 2011: 56) Volgens Davids (1987: 46) dui al die beskikbare bewyse daarop dat Maleis ten minste tot 1815 die onderrigmedium vir Islam was. Nie alle studente wat die Moslemskole bygewoon het, was egter van Suidoos-Asië afkomstig nie. Daar was ook slawe van ander streke wat Portugees of 'n variëteit daarvan gepraat het. Teen 1815 het die invoer van buitelandse slawe heeltemal gestop. Die meerderheid slawe aan die Kaap is daarna in die Kaap gebore. Hulle is aan Nederlands blootgestel en as gevolg van die behoefte om Nederlands te praat en verstaan, het 'n unieke variëteit van Kaaps-Hollands onder die slawe, waarvan die meerderheid Moslems was, ontstaan. Die bestaan van hierdie dialek, as die taal van "nie-blankes", is so vroeg as die 1830's deur wit skrywers erken, toe joernaliste

<sup>10</sup> Sommige taalhistorici verwys ook na hierdie beweging as die Maleier-Afrikaanse Taalbeweging (Du Plessis, 1986) of Moslem-Afrikaanse Taalbeweging (Hugo, 2009a).

soos Boniface, Bain en Meurant dit vir komiese effek gebruik het (sien 2.3.2). (Davids, 1987: 46; 2011: 33) Teen hierdie tyd was die gebruik van die Kaaps-Hollandse omgangstaal onder die slawe reeds so wyd verspreid dat die London Mission Society van die Anglikaanse kerk hierdie variëteit moes gebruik in hulle pogings om die Kaapse Moslems te bekeer (Davids, 2011: 89). Hierdie omgangstaal is egter nie net mondelings oorgedra nie, maar is ook met behulp van 'n Arabiese alfabet geskryf (sien 4.2.2.1). 'n Nuwe literêre tradisie, Arabiese Afrikaans<sup>11</sup>, het begin ontwikkel. (Davids, 1987: 47; 1994: 51) Die skryf van tekste in Arabiese Afrikaans was 'n aaneenlopende proses wat in 1815 begin het en tot 1957 voortgeduur het (Davids, 1987: 49). Met die laaste emansipasie van die slawe in 1838 was Arabiese Afrikaans reeds 'n gevestigde literêre tradisie (Davids, 1994: 51). Teen 1840 het daar al ongeveer veertig kietaabs, oftewel klein boekies wat meestal oor die geloof handel, verskyn. Maleis, wat nog aan die begin van die negentiende eeu gedomineer het, was teen daardie tyd ook reeds 'n elitistiese taal. Kaaps-Hollands of Afrikaans is tot 'n godsdienstaal in die moskees van Kaapstad en as onderrigmedium in die gemeenskap se godsdienstige skole verhef. (Davids, 1994: 51; 2011: 84, 86; Giliomee, 2007: 4) Afrikaans het egter nie dadelik Maleis as omgangstaal van die Kaapse Moslems vervang nie, maar tot ongeveer 1880 naas dit bestaan (Davids, 2011: 62). Teen 1880 het die gesproke Afrikaans van die Kaapse Moslemgemeenskap egter 'n moderne taaleie aangeneem wat relatief vry was van die sterk Nederlandse invloed wat die taal van ander Afrikaanssprekende gemeenskappe gekenmerk het (Davids, 2011: 86).

Alhoewel daar reeds sedert 1845 verskeie tekste soos leerders se skoolnotaboekies en litografiese en kopieerperspublikasies of -manuskripte in Arabiese Afrikaans geskryf is, sou dit eers 'n paar jaar duur voordat die eerste boek in Arabiese Afrikaans gedruk is, aangesien daar geen drukkerie in die Kaap was wat Arabiese letters kon druk nie (Davids, 2011: 89, 91). Die eerste publikasie in Arabiese Afrikaans wat vir navorsers behoue gebly het, is in die negentiende eeu gepubliseer en is die *Bayān al-Dīn of Bajaanmoeddien (Uiteensetting of Openbaringe van die Geloof of Demonstrasies van die Geloof)*, 'n rituele handleiding vir Moslems in Afrikaans, wat 'n vertaling van Ibrahim al-Halbi's se Arabiese werk, die *Multaqa*, is. Die vertaler was Abubakr Effendi, 'n Turkse geleerde wat in 1862 op versoek van Koningin Victoria uit Turkye na die Kaap gestuur is om godsdienstwiste onder die Kaapse Moslems te besleg. (Steyn, 1980: 136; Davids, 1987: 47; 2011: 85, 89, 115; Belcher, 1988: 14; Ponelis, 1997: 613; Hugo, 2009a: 46) Effendi het die *Bayān al-Dīn* in Arabies-Afrikaanse skrif geskryf en alhoewel die manuskrip eers in 1869 voltooi is, het dele daarvan reeds twaalf jaar vantevore vry gesirkuleer. Dit is in 1877 in Konstantinopel, Turkye, onder die toesig en op koste van die Turkse Departement van Onderwys gedruk, wat dit as geskenk aan die Kaapse Moslems oorhandig het.

<sup>11</sup> Van die ander terme wat al vir hierdie verskynsel waar Afrikaans in Arabiese skrif geskryf is, gebruik is, is Islaams-Afrikaans, Maleier-Afrikaans en Kaap-Maleise-Afrikaans (Davids, 2011: 18). Weens die kontroversiële aard van hierdie terme (sien Davids, 2011: 19), verkies ek, soos Davids (2011), die term Arabiese Afrikaans.

(Steyn, 1980: 137; Davids, 1987: 48; 2011: 85, 89, 115) Die *Bayān al-Dīn*, wat as handboek vir leerders by die Ottoman Theological School moes dien, het egter nie die impak op die Kaapse Moslemgemeenskap gehad wat Abubakr Effendi gehoop het nie. Tog is die *Bayān al-Dīn*, as die omvattendste boek wat in die vroeë geskiedenis van die Afrikaanse taal geskryf is, 'n belangrike baken in die vroeë standaardisering van Afrikaans. Dit was ook lank die enigste Arabies-Afrikaanse publikasie van die Kaapse Moslemgemeenskap weens die gebrek aan geskikte drukkerie in Kaapstad waar sulke tekste gedruk kon word. Dit beslaan 354 bladsye met voorwoorde in Turks, Arabies en Afrikaans. Nog iets wat die *Bayān al-Dīn* onderskei van die tekste wat dit voorafgegaan het, is dat daar in hierdie teks wegbeweeg is van die sterk Nederlandse invloed wat die tekste voor 1860 gekenmerk het, alhoewel dit nie heeltemal aan die invloed van Nederlands ontsnap het nie. Die Afrikaans van die Kaapse Moslems is dan ook sedert 1870 relatief vry van die sterk Nederlandse invloed (Davids, 1987: 48-49; 2011: 115-116, 120-121, 124). Davids (2011: 117, 119) dui egter daarop dat 'n mens versigtig moet wees om nie die *Bayān al-Dīn* as 'n tipiese verteenwoordiging van die gesproke Afrikaans van die Kaapse Moslems van daardie tyd te beskou nie, aangesien Abubakr Effendi, alhoewel hy Afrikaans goed beheers het, 'n aanleerder van Afrikaans was en eerder verkies het om in Engels te kommunikeer. Daar is sprake van een manuskrip genaamd *Tuḥfat al-Aḥwām* ("n Geskenk vir vriende") wat moontlik 'n jaar voor die voltooiing van die *Bayān al-Dīn* in 1868 deur Imam Abdul Kahaar ibn Abdul Malik geskryf is. Maar aangesien die manuskrip deur 'n Duitse navorser, Hans Kähler, wat in 1971 'n boek oor Arabiese Afrikaans gepubliseer het, na Duitsland geneem is, kan daar nie met sekerheid gesê word of hierdie boek wel die eerste gedrukte werk in Arabiese Afrikaans is nie. (Davids, 2011: 90)

Daar het eers in 1890 weer 'n gedrukte Arabies-Afrikaanse werk verskyn. Dit was eers nadat *Die Boek van Tougeed* deur sjeg Abdullah ibn Abdurauf wat in Kaapstad gedruk is, verskyn het dat ander begin het om hulle Afrikaanse werke in Arabiese skrif te publiseer. Baie Arabies-Afrikaanse manuskripte en koplesboeke<sup>12</sup> is egter tussen 1869 en 1890 geskryf. Arabies-Afrikaanse publikasies het meer gereedelik na 1890 verskyn, aangesien die drukkerspraktyk ingang by die gemeenskap gevind het. Hierdie boeke is wyd gelees. (Davids, 1987: 49; 2011: 120) Abubakr Effendi se een seun het onder andere 'n Turkse staatskoolboekie oor die vernaamste Moslempligte in Afrikaans vertaal. Onder die ander tekste in Arabiese Afrikaans was 'n handleiding vir kinders oor goeie maniere en 'n vyftalige woordeboek in Afrikaans, Arabies, Engels, Farsi en Hindi. Hoofstukke van die Qur'aan is ook vertaal,

<sup>12</sup> Die koplesboekies is notaboekes wat in die Islamitiese skoolstelsel aangewend word om godsdienstige leringe aan Moslemleerders te leer. Daar word van die leerder verwag om elke dag se les in sy/haar notaboekie aan te teken, deur dit óf van die swartbord af neer te skryf, óf om dit neer te skryf terwyl die onderwyser die les dikteer. Daar word dan van die leerder verwag om hierdie boek huis toe te neem en die les te memoriseer. By die volgende les moet die leerder die vorige dag se les voordra en indien dit korrek voorgedra is, ontvang hy/sy 'n nuwe les. Vandaar dan die naam "koplesboek" – dit bevat 'n les wat "uit die kop geleer" moet word. (Davids, 1987: 44-45; 2011: 67)

maar is destyds nie gedruk nie. (Steyn, loc. cit.; De Vries, 2004: 19) Een van die produktiefste skrywers van Arabies-Afrikaanse tekste in hierdie periode was sjeg Abdurahim ibn Muhammad al Iraki wat tien sulke werke tussen 1898 en 1913 gepubliseer het en daarmee ander geïnspireer het om ook publikasies die lig te laat sien (Davids, 2011: 137). Sy *'n Vaif talige woordelais en kort sinnetjies in Arab, Farsi, Hindistani, Afrikaa en Engels* wat geskryf is as gids vir pelgrims na Makka, was die eerste en enigste woordelys in Arabiese Afrikaans (Davids, 2011: 139). 'n Somtotaal van vier en sewentig Arabies-Afrikaanse publikasies en manuskripte, wat almal tussen 1845 en 1957 verskyn het, is tot op hede ontdek en geïdentifiseer; vier en sestig deur Hans Kähler, Adrianus van Selms en Piet Muller, en tien deur Achmat Davids. Daarbenewens is daar sedert 1898, by die publikasie van *Kitāb Tarjamah al-Riyāḍ al-Badī'ah fī Uṣūl al-Dīn wa ba'd furū' al-Sharī'ah* ("Die Boek wat die Wonderlike Tuin met betrekking tot die Beginsels van die Geloof en 'n paar ander takke van Islamitiese wette verduidelik"<sup>13</sup>), ook nog meer as twintig godsdienstige tekste in die Moslem-Afrikaanse dialek in Romeinse skrif geskryf. Hierdie tekste in die Romeinse skrif was hoofsaaklik gemik op die groot aantal wit bekeerlinge tot Islam in Kaapstad aan die begin van die twintigste eeu, veral vanweë ondertrouery, asook Moslemvroue, wat beter sekulêre opvoeding as die mans ontvang het, aangesien die mans reeds vroeg uit die sendingskole verwyder is. Tog dui hierdie tekste ook op die belangrikheid van Afrikaans as die tweede godsdienstige taal van die Kaapse Moslemgemeenskap. (Davids, 1987: 49; 2011: 33, 91, 99-100) Die Kaapse Moslemgemeenskap het Arabiese Afrikaans eers sedert die 1940's as argaïes beskou. Hulle het 'n styl wat meer in ooreenstemming met Standaardafrikaans was, begin kies, maar wat steeds belangrike elemente van Kaaps-Moslemafrikaans behou het. (Davids, 2011: 105) Die behoefte aan Islamitiese literatuur in Romeinse skrif het gegroei soos wat al hoe meer Kaapse Moslems 'n sekulêre opvoeding ontvang het (Davids, 2011: 106). In 1961 het imam M.A. Baker *Die heilige Qur'ān* volledig vanuit Arabies in Afrikaans oorgesit (Hugo, 2009a: 86).

Reeds vroeg in die geskiedenis het daar 'n vooroordeel teenoor Engels as die taal van die ongelowige onder Moslems ontwikkel. Daar was sterk teenstand toe doktor A. Abdurahman Engels in 1913 as onderrigmedium by die eerste sekulêre Moslemskool, die Rahmaneyeh Institute, ingevoer het. Dit is waarskynlik weens hierdie rede dat die eerste godsdienstige teks in Engels deur 'n Kaapse Moslemskrywer eers in die laat 1930's verskyn het. (Davids, 1987: 52; 2011: 100) Teen hierdie tyd is Engels ook as bevrydingstaal teen die Afrikaanse oorheersing aangewend. Arabiese Afrikaans is egter nie net vir godsdienstige tekste gebruik nie. As gevolg van hulle onvermoë om Romeinse skrif te gebruik, was Arabiese Afrikaans die Moslems se enigste geskrewe vorm van kommunikasie. Briewe en inkopielysies in Arabiese Afrikaans is reeds gevind. (Davids, 1987: 49) Afgesien van die Arabies-Afrikaanse tekste, het die Moslems die Nederlandse en Afrikaanse lied in die Kaap aan die lewe gehou tydens

<sup>13</sup> "The Book explaining the Wonderful Garden relating to the Principles of the Faith and some branches of Islamic law", aldus Davids (2011: 99).

die Engelse bewind toe die meeste wit Afrikaanssprekendes verengels het. Die Maleier-kore het egter nie net die tradisie bewaar nie, maar ook voortdurend nuwe Afrikaanse liedere geskep. Daar het 'n volksliedjietradisie in die Kaaps-Hollandse omgangstaal, die sogenaamde ghommalieliedjies, onder Afrikaanse Moslems ontstaan. Hierdie liedjies is piekniek- of straatliedjies wat op Nederlandse volksliedjies gebaseer is. (Deumert, 2004: 52; Hugo, 2009a: 47)

Davids (2011: 88) dui op die belangrikheid van die madrasas, of Islamitiese godsdienstige skole, in die Arabies-Afrikaanse beweging. Dit was hiër waar die oorskakeling van Maleis na Afrikaans plaasgevind het en dit was deur die skoolstelsel van die madrasas dat die literêre tradisie van Arabiese Afrikaans gedurende die laaste dekades van slawerny gekoester en ontwikkel is. Dit was ook vanuit die madrasas dat Arabiese Afrikaans na die emansipasie van die slawe 'n opbloeit beleef het om uiteindelik 'n kragtige aspek van die kultuur van die Kaapse Moslems te word. (Davids, loc. cit.) Volgens Davids (1994: 51) is daar reeds teen 1815 begin om Afrikaans as onderrigmedium by die Dorpstraat madrasa te gebruik. Nadat Abubakr Effendi in 1862 aan die Kaap aangekom het, het hy nog dieselfde jaar op die hoek van Breë- en Waalstraat die Muslim Theological School gestig. Hy het juis die *Bayān al-Dīn* geskryf om in die behoefte aan 'n handboek in sy leerlinge se taal te voorsien. (Steyn, 1980: 137; Hugo, 2009a: 46) Die skool wat Effendi gestig het, het nou wel 'n Engelse naam gehad, maar die onderrigmedium was ook Afrikaans, die taal wat deur die gemeenskap gebruik is en wat daar gebruik is totdat die skool vroeg in die 1920's gesluit is. Dit was die eerste skool in Suid-Afrika wat onderrig in Afrikaans gegee het, 20 jaar voor die oprigting van die Gedenkskool der Hugenoten in Wellington. (Davids, 1987: 48; Hugo, loc. cit.) Abubakr Effendi se seuns het ook in Port Elizabeth, Kimberley en Lourenço Marques<sup>14</sup> soortgelyke skole gestig (Steyn, loc. cit.; Davids, 2011: 141).

Afrikaans, wat 'n gesproke en geskrewe taal was, is ten volle in die Kaapse Moslems se godsdienstige en opvoedkundige instellings en as kommunikasiemedium in hulle heilige moskees benut ten einde religieuse kennis aan die breër gemeenskap toeganklik te maak. Afrikaans is egter nooit ten volle as 'n medium vir politieke mobilisering deur die Kaapse Moslems benut nie. Dit is waarskynlik daaraan toe te skryf dat politieke mobilisering of deelname aan politiek nooit hulle primêre bekommernis was nie. Wat vir hulle van belang was, is hulle geloof. (Davids, 1987: 53; 2011: 131) Die enigste Moslem wat werklik Afrikaans as politieke "wapen" ingespan het, was Arshud Gamiet, president van die Cape Malay Association wat in 1923 gestig is. Hierdie organisasie was aanvanklik 'n sosioreligieuse organisasie wat vir die sosiale welstand en godsdienstige behoeftes van die Kaapse Moslemgemeenskap moes sorg. In 'n poging om die bruin stem te werf en sodoende die regering van die land van die South African Party af te neem, het generaal J.B.M. Hertzog 'n ooreenkoms met Gamiet

<sup>14</sup> Die hoofstad van Mosambiek, sedert onafhanklikheid bekend as Maputo.



aangegaan wat lede van die Cape Malay Association aangemoedig het om vir die party te stem wat die beste in hulle behoeftes kan voorsien. Sodoende is Hertzog van die Kaapse Moslemstem verseker. Gamiel is ook as spreker op die Verbondsverkiesings se verhoë gebruik om Kaapse Moslems van alle vlakke van die samelewing te oortuig om vir die Nasionale Arbeidspartye te stem. 'n Funksionele Moslem/Afrikaner-verhouding is sodoende gevestig. Soos generaal Hertzog, was Arshud Gamiel ook op soek na voordele vir sy gemeenskap. Hy wou erkenning vir sy gemeenskap as Kaapse Maleiers hê, wat hulle bo die ander swart mense in die land sou plaas. Die Afrikaanse taal was onafskeidbaar aan hierdie identiteit verbonde. Die Moslems het bygedra tot die skep van hierdie taal, en het dit in hulle sosiale lewe, as onderrigmedium in hulle godsdienstige skole, en in hulle heilige moskees gebruik. Gamiel wou ook aan die Afrikaners, met wie hy “geflankeer” het, wys dat hulle oproep tot kulturele identifikasie historiese belang het, en dat hulle 'n gemene band, naamlik Afrikaans, het. Indien hulle saam die toekoms sou betree, sou Afrikaans as gemeenskaplike terrein tussen hierdie twee bevolkingsgroepe moet dien. (Davids, 1987: 54-56) Daarom het hy by die eerste jaarlikse konferensie van die Cape Malay Association wat op 17 Junie 1925 gehou is, verklaar:

There is a great significance in the coincidence in placing of Afrikaans in the honourable position of one of the official languages of the Union [...]. (*Cape Times*, 18 Junie 1925, aangehaal in Davids, 1987: 56)

Die Kaapse Moslems sou ook op politieke vlak uit samewerking met die Afrikaners baat (Davids, 1987: 57). Soos daar in *Die Burger* van 18 Junie 1925 (aangehaal in Davids, loc. cit.) gerapporteer is:

[D]ie regering sal altyd probeer om aan die Slamse 'n hoër status te gee as wat hulle besit, en dit is gelyke regte met die blanke man.

D.F. Malan het die Moslems daarvan verseker dat dit nie net leë beloftes was nie. Die regering het reeds daaraan gewerk om die kleuronderskeid ten opsigte van die Maleiers en bruin bevolkingsgroepe op te hef. Ter afsluiting het Malan (*Cape Times*, 18 Junie 1925, aangehaal in Davids, loc. cit.) gesê:

[T]he interests of the Europeans are the interests of the Malays, and the policy for which the present government stands is based on three principles – South Africa first, co-operation of all the civilised sections in the interest of a civilised country, and, finally, justice for all.

Dit was die eerste, en ook die laaste, keer in die geskiedenis dat die Kaapse Moslems Afrikaans om politieke redes gebruik het. Hertzog se Nasionale Party het egter nie hulle beloftes gestand gedoen nie, maar die Kaapse Moslemgemeenskap het voortgegaan om Afrikaans te skryf en te praat, aangesien dit die enigste taal is wat hulle geken het. (Davids, loc. cit.)

Davids (1987: 52) is van mening dat Afrikaans 'n belangrike rol in die oorlewing van die Islam in negentiende-eeuse Kaapstad gespeel het. Sonder Afrikaans as vervoermiddel vir die oordrag van godsdienstige idees, is dit te betwyfel of Islam sou groei, wat nog te sê oorleef in 'n bevooroordeelde sosiopolitieke milieu, aldus Davids (loc. cit.). Ek is van mening dat die omgekeerde ook waar is; dat

Islam en die Kaapse Moslemgemeenskap 'n deurslaggewende rol in die oorlewing en ontwikkeling van Afrikaans in die negentiende-eeuse Kaapstad gespeel het. En die huidige stand van Afrikaans sal waarskynlik baie beter daar uitgesien het as die destydse regering die waarde van 'n alliansie met die Moslemgemeenskap besef het.

### **2.3.4 Die Morawiese sending op Genadendal**

Die Morawiese sending op Genadendal is nog 'n plek waar daar in die Kaaps-Hollandse omgangstaal (later Afrikaans) geskryf is. Kaaps-Hollands was reeds vroeg die voertaal op die sendingstasies. Op 23 April 1738 het Georg Schmidt 'n gemeente van die Morawiese Broederkerk op Genadendal gestig. Hy het sy eerste bekeerlinge juis oor hulle taalvaardigheid ingespan om as tolke en kerkwerkers op te tree. Nadat Schmidt in 1744 vertrek het, het die Nederlandse tradisie onder die Khoekhoen bly voortbestaan. Een van Schmidt se bekeerlinge, Magdalena, het saam met haar dogter, Hanna, sy godsdienstwerk op die sendingstasie voortgesit totdat Schmidt se opvolgers in Desember 1792 in Genadendal aangeland het. Mans, vroue en kinders het elke aand by "ou Lena" vergader om biduur te hou. (Belcher, 1987: 27)

In 1831 is die eerste bruin, Afrikaanssprekende onderwyser, Ezechiël Pfeiffer, op Genadendal aangestel en in 1838 is die eerste Afrikaanse kweekskool gestig. Na 1882 is die wit assistente in die kweekskool, wat ook as opleidingskollege vir onderwysers gefunksioneer het, met bruin assistente vervang. Sommige van hierdie assistente het later opgang gemaak as kerkdigters en komponiste. Een van die redes wat aangevoer is waarom die wit assistente deur bruin assistente vervang is, is die studente se gebrekkige opleiding in Engels. Aangesien die studente Engels nie so goed kon verstaan nie, sou die bruin dosente, wat, soos die studente, ook Afrikaans gepraat het, die werk beter kon doen. In 1883 is dominee Zwelibanzi en C. Jonas as die eerste Afrikaanssprekende dominee ingehuldig. Afrikaans het dus tóé reeds 'n belangrike rol op onderwysvlak gespeel. In 1864 is daar druk deur die owerhede uitgeoefen dat die kweekskool heeltemal moes verengels, en dat die sendingskool op Genadendal in 'n modeskool met Europese onderwysers moes verander. Die kerk het egter sterk standpunt teen verengelsing ingeneem en die voorstel is summier deur die kerk se hoofbestuur in Herrnhut (Sakse) verwerp. Nederlands is in 1884 as verpligte vak by die kweekskool ingestel. (Belcher, 1987: 28; 1988: 11) Belcher (1987: 28; 1988: 11-12) is van mening dat dit nie vergesog is om te beweer dat die hoofbestuur se besluit deurslaggewend was vir die behoud van Afrikaans in Suid-Afrika nie. Die Broederkerk, wat vier en negentig bruin en drie en veertig swart gemeentes en 'n ledetal van omtrent honderdduisend in Suid-Afrika het, het deur die jare die voortou geneem ten opsigte van opvoeding en kultuur, en gevolglik ook taal. Indien die Morawiese kerk verengels het, sou dit tot die grootskaalse verengelsing van die bruin bevolking gelei het. Verder sou verengelsing ook daartoe gelei het dat

Afrikaans een van sy grootste bates verloor het, naamlik die volksletterkunde van die bruin gemeenskap. (Belcher, 1987: 28-29) Sodoende was die Broederkerk op Genadendal die sogenaamde “Afrikaanse kerke” (bv. Nederduits Gereformeerde Kerk) lank vooruit (Belcher, 1988: 14-15).

Tussen 1838 en 1929 het die kweekskool, teen die wense van die Broederkerk, na Worcester verskuif. Genadendal het egter tweehonderd ses en dertig bruin Afrikaanssprekende onderwysers opgelewer. Afrikaans het dit ook al hoe meer teenoor Nederlands laat geld. (Belcher, 1987: 29) In ’n verslag oor die derde Kerkkonferensie in Mamre in 1927, skryf die sendeling R. Schmidt (aangehaal in Belcher, 1987: 29):

Het Afrikaans gewint veld. De Kerkkonferensie besloot, dat de notulen in ’t Afrikaans zouden geschreven worden.

Die drukpers op Genadendal het in die negentiende eeu ’n belangrike rol in die verspreiding van die Bybel en uiteindelik ook die beskikbaarstelling van Afrikaans in geskrewe vorm gespeel. Die klein houtpers is in 1834 deur die gemeente in Zeist, Nederland, aan die sendingstasie geskenk. Dit is aanvanklik net vir die druk van plaaslike kerklektuur gebruik maar het in ’n kompeterende handelsdrukkery ontwikkel wat in later jare formele Afrikaanse letterkunde gedruk het, soos Frank Anthony se digbundel *Robben-eiland my kruis my huis* (1983), G.J. Gerwel se *Literatuur en apartheid* (1984), Ampie Coetzee se *Marxisme en die Afrikaanse letterkunde* (1984) en Patrick J. Pietersen se digbundel *Amandla Ngawethu* (1985). In die publikasies wat sedert 1859 verskyn het, is die oorgang van Nederlands na Afrikaans duidelik waarneembaar. Hierdie waarneembare oorgang van Nederlands na Afrikaans weerlê ook die stelling dat die eerste geskrewe Afrikaans van die bruin mense niks anders as gebrekkige Nederlands was nie. In 1859 het die Nederlandse maandblad *De Bode van Genadendal* die lig gesien. Alhoewel die blad aanvanklik deur die wit sendelinge uitgegee is, het dit gou die spreekbuis van die bruin Afrikaanssprekendes geword en is die wit redaksie later geheel en al deur bruin sprekers vervang. Alhoewel die blad as ’n Nederlandse maandblad gestig is, het die blad van tyd tot tyd tekste in die omgangstaal (Afrikaans) gepubliseer en het dit later heeltemal ’n Afrikaanse blad geword. Die blad se medewerkers was gemeentelêde, met ander woorde bruin mense, wat op versoek van die redakteurs verhale, gedigte, stigtelike stukke, berigte, ensovoorts, ingestuur het. Eers jare later sou dieselfde tendens in koerante soos *Die Patriot* en *Ons Klijntji* voorkom. Sedert 1914 staan die blad as *Die Huisvriend* bekend. (Belcher, 1987: 29-31; 1988: 12; Roberge, 2003: 23)

Die besondere letterkunde wat op Genadendal ontstaan het, maak ’n belangrike deel van die Suid-Afrikaanse letterkunde en die Afrikaanse letterkunde in die besonder uit. Die versamelde literêre stukke uit *De Bode van Genadendal* alleen beslaan honderde bladsye. Nog ’n belangrike literêre teks uit Genadendal is die novelle oor ’n bruin vrou wat haar tot die Christendom bekeer het, getiteld

*Benigna van Groenekloof of Mamre*, wat in 1873 anoniem op Genadendal uitgegee is. Hierdie teks is in Nederlands geskryf, maar bevat dialoog in Afrikaans. 'n Soortgelyke boek oor 'n Elimse bruin vrou, *Tante Anna*, het daarna die lig gesien. Laasgenoemde is in Duits in Duitsland uitgegee. (Belcher, 1987: 29-30; 1988: 12; Roberge, loc. cit.)

### **2.3.5 Die Eerste Taalbeweging: Genootskap van Regte Afrikaners**

Ten spyte van die onderskeie skryftradisies wat in die negentiende eeu in Afrikaans posgevat het, was die meeste Nederlandse nakomelinge aan die Kaap teen die einde van die negentiende eeu verengels, aldus Hugo (2009a: 38). Die Arabies-Afrikaanse beweging, wat teen daardie tyd al goed onder die Kaapse Moslembevolking gevestig was, het egter veroorsaak dat die verengelsing van dié sprekers stadiger verloop het. Ook op die platteland het verengelsing stadiger verloop. (Hugo, loc. cit.) Selfs een van die grootste strydjers vir Afrikaans, C.J. Langenhoven, het aanvanklik Engels, eerder as Afrikaans, as enigste ampstaal ondersteun. In 1893 skryf hy as student aan die Victoria College (later Universiteit van Stellenbosch) 'n artikel in die blad van die Union Debating Society die volgende oor Engels, wat hy as "The future language of South Africa" beskou:

English is now virtually a universal language, its literature is studied and admired by all civilised countries, it forms the commercial medium of the whole world. (Aangehaal in Hugo, loc. cit.)

En oor Afrikaans:

Africander Dutch offers no hope, for it has no literature and a very poor vocabulary. (Aangehaal in De Klerk, 1983: 57)

Langenhoven was egter nie alleen in sy siening nie. Statusbewuste koloniale Afrikaners in dorpe en stede wat desperaat gestreef het na sosiale aanvaarding deur die Engelse, in 'n samelewing deurspek met 'n obsessiewe bewustheid en snobisme ten opsigte van klas en ras, was van die felste teenstanders van Afrikaans. As taal wat gevorm is deur die samesmelting van die taalvorme van bruin, wit en swart sprekers, is Afrikaans in 'n samelewing wat toenemend gemoeid was met rassesuiverheid as verleentheid beskou. (Giliomee, 2003: 5; 2007: 4) Afrikaans is so lank as tot en met die twintigste eeu deur veral wit mense as die taal van onontwikkelde en daarom ongeskik vir hoër kultuuruitings veroordeel (Scholtz, 1980: 1).

In dieselfde tyd het daar egter ook stemme ten gunste van Afrikaans begin opklink. Soos die Moslems het wit Christene Afrikaans as gedrukte medium begin oorweeg toe hulle dit vir godsdienstige redes benodig het. Baie mense het nie die Bybel verstaan wat in Hoog-Hollands geskryf was nie. (Giliomee, 2003: 5) Die eerste individue wat 'n doelbewuste poging aangewend het om aan Afrikaans die status van skryftaal en kultuurtaal te gee, was albei Nederlandse onderwysers. Arnoldus Pannevis (1838-1884), 'n onderwyser in klassieke tale aan die Gimnasium in die Paarl, is die eerste persoon wat die

waarde van Afrikaans as skryf- en literatuurtaal besef het en die gebruik en erkenning daarvan aanbeveel het. Hy het hom grootliks beywer vir die vertaling van die Bybel in Afrikaans vir die geestelike welstand van die bruin gemeenskap, vir wie die *Statenbijbel* ontoeganklik was. Pannevis het reeds in 1872 in 'n brief aan die Nederlandse koerant *De Zuid-Afrikaan* 'n Afrikaanse Bybelvertaling bepleit, vir “het geestelike heil van de bruin bevolking van dit land”. Hierdie brief kan gesien word as die begin van die stryd om die erkenning van Afrikaans in die pers. In 'n brief aan die Britse en Buitelandse Bybelgenootskap, gedateer 7 November 1874, het hy daarop gedui dat die Engelse Bybel vir die grootste deel van die Suid-Afrikaanse bevolking van geen nut was nie, maar net so was die Hollandse Bybel vir duisende 'n geslote boek. Pannevis was ook een van die eerste persone wat 'n wetenskaplike studie van die Afrikaanse woordeskat onderneem het. Pannevis se pleidooi is verder voortgesit deur Casparus Petrus Hoogenhout (1843-1922), skoolhoof van die Groenbergskool in Wellington en oudleerling van Pannevis, wat op 12 April 1873 in 'n brief aan *De Zuid-Afrikaan* gerig het waarin hy onder die skuilnaam van Klaas Waarzegger jr. Afrikaans as Bybel- én onderwystaal bepleit het, “nie alleen ver die bruin mense nie, maar ook ver banja blankes, want daar is ook regte banja blankes wat die Hollandse taal nie half verstaan nie”, en vir wie die taal van die *Statenbijbel* dus ook 'n struikelblok was. Anders as Pannevis het Hoogenhout sy pleidooi in Afrikaans gelewer, wat hom die eerste persoon in dié tyd gemaak het wat in Afrikaans self 'n pleidooi in belang van die taal gelewer het. Hoogenhout is ook die eerste persoon wat probeer het om 'n gedeelte van die Bybel in Afrikaans te vertaal (*Mattheus 28*). Hy het in 1873 'n oorvertelling geskryf van die Bybelse verhaal van Josef, onder die titel *Die geskiedenis van Josef voor Afrikaanse kinders en huisvrouens, in hulle eige taal geschrijwe deur een vrind die lig gesien het*. Ook Stephanus Jacobus du Toit (1847-1911), 'n konserwatiewe Nederduits Gereformeerde dominee, het hom by die stryd aangesluit om Afrikaans as skryftaal erken te kry toe hy in *De Zuid-Afrikaan en Volksvriend* van 8, 11 en 22 Julie 1874 'n reeks van drie artikels oor “De Afrikaansche taal” geplaas het. In hierdie reeks artikels wat aan alle “ware Afrikaners” gerig is, weerlê Du Toit onder meer die siening dat Afrikaans bloot 'n “kombuistaal” sonder 'n regmatige grammatika is deur te bewys dat Afrikaans wel 'n taal is en die eintlike moedertaal van die Afrikaner en waarsku ook teen verengelsing: “t Is tijd dat gij ontwaak! Weldra is het te laat!”. (Boshoff, 1920b: 107; Claassen, 1977: 23; Kannemeyer, 1978: 48-50; Roberge, 2003: 25; Hugo, 2009a: 41-42; Nienaber en Heyl, s.a.: v, 11) So skryf hy (aangehaal in Esterhuysen, 1986: 11-12) in 1874 in 'n brief in *De Zuid-Afrikaan* onder die titel “Is die Afferkaans wesenlijk een Taal?”:

Ik denk dat it tyd is om ons Afferkaanse taal te erken. Al wat ik tot hier toe in it Afferkaans gelees het, is veel meer Hottentots Afferkaans as iets anders. Ons moet uitvind hoe spreek it beskaafde deel fan ons folk. As ons dat gevonde het, dan gaat ons die re-els uitvinden [...].

In Mei 1875 het Johannes Brill, 'n Nederlander wat in 1873 as rektor van Grey-Kollege in Bloemfontein aangestel is, 'n lesing in die Stadshuis op Bloemfontein gelewer oor *De landstaal*, “zonder welke geen vreemdeling [...] die het land bereist, zich redden kan, de Zuid-Afrikaansche taal”. In sy betoog het Brill

Afrikaans skerp van Nederlands onderskei en daarmee duidelik te kenne gegee dat Afrikaans nie net 'n verbasterde Nederlands is nie. Hy was sterk gekant teen die stigmatisering van Afrikaans en het die standaardisering van Afrikaans bepleit en het aanbeveel dat Afrikaans die amptelike taal van die twee Boererepublieke gemaak moes word. (Boshoff, 1920b: 107; Ponelis, 1998: 49; Nienaber en Heyl, s.a.<sub>1</sub>: v)

Onderwyl hierdie briefwisselings en openbare betoë aan die gang was, het Pannevis steeds probeer om die Bybel in Afrikaans vertaal te kry. Op 7 November 1974 rig hy die versoek in 'n brief aan die Britse en Buitelandse Bybelgenootskap in Londen om die Bybel in Afrikaans te vertaal. Hulle verwys die saak egter na hulle verteenwoordiger aan die Kaap, dominee G. Morgan, wat die saak in Julie 1875 aan 'n predikantekonferensie op Wellington voorlê. Alhoewel die voorstel nie aanvaar is nie, versoek Morgan vir Pannevis om 'n verslag oor die behoefte en moontlikheid van 'n Afrikaanse Bybelvertaling te skryf. Dit lei tot die sameroeping van 'n vergadering van voorstanders van 'n Afrikaanse Bybelvertaling op 14 Augustus 1875 in die huis van Gideon J. Malherbe in die Paarl, wat bygewoon is deur S. J. du Toit (predikant en onderwyser), Gideon J. Malherbe (kurator van die Paarl Gimnasium), D.F. du Toit (wynboer, ook bekend as Dokter, neef van S.J. du Toit), D.F. du Toit (onderwyser, ook later bekend as Oom Lokomotief, broer van S.J. du Toit), C.P. Hoogenhout (onderwyser), P.J. Malherbe (wynboer, susterskind van S.J. du Toit), August Ahrbeck (teologiese student) en S.G. du Toit (student). Alhoewel S.J. du Toit se doel met hierdie vergadering die “bespreking van die vertaling van die Bijbel in Afrikaans” was, word daar egter besluit dat die tyd nog nie ryp is vir 'n Afrikaanse Bybelvertaling nie, maar dat die volk eers oortuig moet word van die belangrikheid van hulle eie taal en dat daar eers 'n ortografie vir Afrikaans ontwikkel moet word. So besluit hierdie groep van agt mans, onder die leierskap van S.J. du Toit en sy broer D.F. du Toit, om op hierdie dag die Genootskap van Regte Afrikaners (GRA) te stig wat hulle vir hierdie taak sou beywer. Hoogenhout het as uitvoerende voorsitter opgetree en vyftig lede het uiteindelik die reëls van die Genootskap onderteken. (Von Wielligh, 1917a: 70; Claassen, 1977: 24; Kannemeyer, 1978: 50-51; Roberge, loc. cit.)

Die GRA het hulle beywer “om te staan ver ons Taal, ons Nasie en ons Land” (Kannemeyer, 1978: 51). Die Eerste Taalbeweging of Patriotbeweging, soos dit later bekend gestaan het, het hulle ten doel gestel om Afrikaans as geskrewe taal te bevorder en in gebuiksareas aan te wend wat tot op daardie stadium uitsluitlik vir Engels of Nederlands gereserveer was. (Kannemeyer, 1978: 52; Roberge, 2003: 25-26) Dit is egter interessant om daarop te let dat, alhoewel die aanvanklike pleidooie ten opsigte van die vertaling van die Bybel in Afrikaans ten doel gehad het om die Bybel toeganklik te maak vir beide wit en bruin, die motivering vir die aanwending van Afrikaans verskuif het. Die doel was nou nie meer om die Bybel vir mense van alle rasse met min of geen opvoeding in Afrikaans te vertaal nie, maar om die Afrikaanse taal met die stigting van die GRA die simbool van die Afrikaners, met ander woorde

slegs wit Afrikaanssprekendes, se identiteit en nasionalistiese strewe te maak. Vir Du Toit en sy kollegas was dit nie genoeg om “Hottentotse Afrikaans” te lees en skryf nie, maar om vas te stel hoe die “beskaafde” mense Afrikaans praat en dan reëls vir hierdie taalgebruik te formuleer. (Giliomee, 2003: 5; 2007: 4) Du Toit het selfs so ver gegaan om te ontken dat Afrikaans die taal van die bruin mense was en het beweer dat die “Hottentotte” hulle eie taal verlaat het en die Afrikaners se taal aangeneem het. Vir hom was Afrikaans “’n suiwer Germaanse taal”; dus ’n witmanstaal. (Giliomee, 2007: 4)

Die Genootskap se bewusmakingsveldtog het begin met die druk en verspreiding van vyfhonderd eksemplare van die *Afrikaanse volkslied*, wat deur vier van hulle lede opgestel is, in ’n uitgawe van *De Zuid-Afrikaan* in 1875. Kort hierna, op 15 Januarie 1876, het die eerste uitgawe van die eerste Afrikaanse maandblad, *Die Afrikaanse Patriot*, verskyn. Hierdie koerant het as spreekbuis van die GRA gedien en het artikels bevat oor die Afrikaanse geskiedenis, die vernaamste nuus en taalkennis, asook gedigte en ’n rubriek waar vrae gevra kon word. (Claassen, 1977: 26; Kannemeyer, loc. cit.; Hugo, 2009a: 42; Nienaber en Heyl, s.a.1: viii-ix) Hierdie blad is aanvanklik met baie kritiek en gespot begroet en daarom is dit nie verbasend dat die blad aanvanklik nie meer as vyftig intekenare gehad het nie, aldus Von Wielligh (1917b: 71). *Die Patriot* het veral deurgeloop onder sy tydgenote. Die *Colesberg Advertiser* het die doodstraf vir die Genootskappers aanbeveel en gesê hulle sou “gaarne een punt willen trekken en een touw ook [...] vir dat vuile lor” [d.i. die blad], terwyl die *Cradoksche Afrikaner* dit ’n blad “geschikt voor halve barbaren” genoem het wat net deur “halfgeleerde Griquas” geniet sal word. (Von Wielligh, loc. cit.; De Klerk, 1983: 57) Ook op kerklike gebied het *Die Patriot* geweldige teenstand ondervind. Nadat die Kaapse Sinode twee dae lank gedebatteer het, het hulle duisende boekies onder die gemeentes versprei waarin ’n beroep op gemeentedelede gedoen is om nie die blad te ondersteun nie. Hierdie stap het egter *Die Patriot* se aantal intekenare verdubbel! Binne agt maande het *Die Patriot* se gewildheid só gegroei dat die aantal intekenare agt maal meer was en daar ’n jaar na die blad se totstandkoming besluit is om dit ’n weekblad te maak. Teen 1881 het die aantal intekenare op drieduisend sewehonderd gestaan en hierdie getal het tot en met 1890 steeds toegeneem. Dit was egter die politiek, en nie die taal nie, wat *Die Patriot* so ’n gewilde koerant gemaak het, en dit was ook uiteindelik vanweë sy politieke standpunte ten gunste van die Rhodes-politiek waarteen sy ondersteuners sterk gekant was, wat *Die Patriot* onder die redakteurskap van J.S. du Toit in September 1904 laat kwyn het. (Von Wielligh, 1917c: 76; Von Wielligh, 1917d: 117; Nienaber en Nienaber, 1941: 95; Claassen, loc. cit.; Nienaber en Heyl, s.a.1: ix) Volgens Von Wielligh (1917a: 70) was die werk van die Genootskap egter in 1879 feitlik uitgedien, aangesien die drukkersfirma van D.F. du Toit toe die verpligting op hom geneem het om verder alle boeke uit te gee. Teen die 1890’s het Du Toit en ander se pogings om Afrikaans te bevorder, begin vervaag. En in die laaste

jare van die negentiende eeu was Afrikaans as geskrewe taal in die oë van die wit sprekers morsdood. (Giliomee, 2003: 6)

Ten spyte van die uiteindelijke negatiewe beeld wat *Die Patriot* gekry het, het die blad wel 'n belangrike rol vervul, deurdat “geen blad [...] meer gedaan heeft om de Hollandse Afrikaners op te wekken”, want “het leerde vele lezen, en terzelfder tijd leerde het vele schrijven” (Nienaber en Heyl, s.a.<sub>2</sub>: 55). Reeds in Maart 1896 het daar egter 'n nuwe maandblad, genaamd *Ons Klyntji*, onder die redakteurskap van S.J. du Toit verskyn. Hierdie tydskrif was, anders as *Die Patriot*, 'n suiwer literêre blad, wat volgens Du Toit ten doel gehad het om “tiintalle [te] leer om goed te skrywe”, terwyl *Die Patriot* bloot “honderde geleer [het] om te skrywe fer 'n koerant”. (Hugo, 2009a: 43) *Ons Klijntji* was egter nie vir geleerdes bedoel nie, maar was daarop gemik om Afrikaanssprekendes se leeslus op te wek (Von Wielligh, 1917d: 120). In hierdie blad het onder andere Lion Cachet se *Duiwels*, G.R. von Wielligh se *Jakob Platjie* en S.J. du Toit se *Di koningin fan Skeba* verskyn (Nienaber en Heyl, s.a.<sub>1</sub>: x). Ook hierdie blad het 'n paar jaar later te gronde gegaan vanweë die ontstaan van die Suid-Afrikaanse Oorlog en 'n tekort aan geld (Von Wielligh, loc. cit.). Die Genootskap vir Regte Afrikaners het verder bygedra tot die uitbou van die Afrikaanse taal deur die publikasie van 'n hele aantal taalboeke, asook novelles, kinderboeke en geskiedenisboeke, waaronder S.J. du Toit se *Eerste beginsels van die Afrikaanse taal* (1876), *Die geskiedenis van ons land in die taal van ons volk* (1877), C.P. Hoogenhout se *Catharina, die dogter van die advokaat* (1879) en sewe digbundels (Kannemeyer, 1978: 53; Nienaber en Heyl, s.a.<sub>1</sub>: x). Daar het ook vertalings van die Bybelboeke *Génesis* (1893), *Matteüs* (1895) en *Openbaring* (1898), asook *Di Psalme* verskyn (Steyn, 1980: 139; Nienaber en Heyl, loc. cit.). Die Eerste Taalbeweging was egter nie net 'n taalbeweging nie, aangesien hulle hulle ook vir die uitbou van die Afrikaner se nasionale en politieke belange in die algemeen beywer het (Kannemeyer, 1978: 52; Roberge, 2003: 26).

Tog het die geografiese taalverskeidenheid wat daar in die negentiende-eeuse Afrikaans bestaan het die GRA onmiddellik genoodsaak om hulle ook grootliks vir die standaardisering van Afrikaans te beywer. Die Patriotters het aanvanklik by die Nederlandse ortografie aangesluit, maar het met verloop van tyd al hoe meer daarvan begin afwyk en 'n eie spelling ontwikkel wat tot 'n groot mate van Nederlands verskil het. (Raidt, 1985: 155; 1994: 319; Ponelis, 1997: 614) Hierdie afwyking van Nederlands sou later weer op 3 September 1904 in *Ons Land* deur die taalaktivis Jan de Waal (aangehaal in Deumert, 2005b: 30) bepleit word:

Als wij toch van de erkende Nederlandsche taal en spelregels moeten afwijken, waarom moet de afwijking net genoeg wezen om onze taal in een zeer gebrekkige Nederlandsch te veranderen? Waarom kan de afwijking niet, eens en voor altijd, zoo radikaal wezen dat ieder, die een sin in onze taal leest,



dadelijk zal zeggen: Dat is geen quasi-Nederlandsch of gekunsteld Kaapsch-Hollandsch – dat is zuiver Afrikaans?

Die GRA se beginsel ten opsigte van normseleksie was eenvoudig: “Skryf soos jy praat” (Roberge, loc. cit.). Dit het egter nie ’n lukraak gebruik van die taal beteken nie. In die “Foorberig” tot die *Patriotwoordeboek* word die Patriotters se standaardiseringstrewes duidelik uiteengesit:

Fereers diin dit om di spelling fan Afrikaans, wat as skryftaal nog in syn wording is, tot eenformighyd te help bring, terwyl tot dusfêr elkeen di verstandige reel “skryf soos jy praat” op syn yge manier, dikwils ni heel oordeelkundig ni, in toepassing gebreng het. (Van der Merwe, soos aangehaal in Raidt, 1985: 156; 1994: 319-320)

Aangesien die leiers van die GRA almal Kapenaars was en die Kaap ook op kulturele terrein die voortou geneem het, kan daar verwag word dat die taalgebruik wat die GRA bevorder het op hulle eie taalgebruik gebaseer was, dit is die Afrikaanse dialek wat in die Boland gepraat is en wat ’n subvariëteit van Kaapse Afrikaans was (sien 2.3.2). Die idee was om ’n taalvariëteit te bevorder wat nie te sterk met die bruin samelewing geassosieer was nie, maar wat ook nie simbool van die stedelike elite was nie. (Kannemeyer, loc. cit.; Roberge, loc. cit.; Raidt, 1985: 155; 1994: 319) Hoewel individuele normeringsagente die voortou in die standaardisering van Afrikaans in dié tyd geneem het, het die Eerste Taalbeweging die voordeel gehad dat hulle die taalkwessie as ’n groep taalbewustes opgeneem het en daar dus as ’t ware ’n eerste beheerliggaam vir die standaardisering van Afrikaans tot stand gekom het. Die GRA se primêre standaardiserende werke is S.J. du Toit se *Eerste beginsels van die Afrikaanse taal* (1876, tweede uitgawe 1882) en *Fergelykende taalkunde fan Afrikaans en Engels* (1897, tweede uitgawe 1902), en die *Patriot-Woordeboek* in Afrikaans/Engels (1902) en Engels/Afrikaans (1904) wat ’n tweetalige lys van ongeveer sestienduisend vyfhonderd lemmas bevat. In *Eerste beginsels fan di Afrikaanse taal* het Du Toit die hoofreëls van Afrikaans formuleer. Alhoewel hierdie taalkundige werk eerder deskriptief van aard is, het Du Toit tog met hierdie werk die grondslag gelê vir die eerste standaardisering van Afrikaans en sodoende aan Afrikaans ’n eie identiteit ten opsigte van Nederlands gegee. Ook in *Afrikaanse taalskat fan spreekwyse, gesegdes en uitdrukkings* (1908) wat uit Du Toit se pen verskyn het en waarvan slegs ’n gedeelte behoue gebly het, gaan hy verder standaardiserend te werk. Hierdie werk bevat ongeveer sewehonderd woorde (A tot F) met verklarings in Patriotspelling. ’n Ander publikasie wat vanuit die GRA verskyn het, is die *Afrikaanse Almanak* wat sedert 1877 jaarliks verskyn het en waarin daar onder andere versies en prosastukkies opgeneem is. (Bosman, 1931: 30; Kannemeyer, 1978: 53; Raidt, 1985: 153-154, 156; 1994: 317-318, 319-320; Roberge, 2003: 27; Hugo, 2009a: 76)

Dit is ook danksy die weg wat deur die GRA vir Bybelvertaling gebaan is, en meer spesifiek S. J. du Toit wat tussen 1893 en 1908 verskeie Bybelboeke vertaal het, dat die Bybel uiteindelik in 1933 in

Afrikaans vertaal is (sien 2.3.7) (Nienaber en Nienaber, 1941: 102). Die GRA wou hulle teenstanders se bewerings dat Afrikaans 'n reëllose en onontwikkelde taal is, die nekslag toedien deur die toenemende wetenskaplike bestudering van Afrikaans (Boshoff, 1920b: 107). Pannevis het hiermee begin deur Afrikaanse woorde en uitdrukkings te versamel. N. Mansvelt het in Pannevis se voetspore gevolg met sy *Proeve van een Kaapsch-Hollandsch idioticon* (1884), 'n dialekwoordeboek wat as die begin van die Afrikaanse leksikografie beskou kan word en wat voortgebou het op Changuion se *Proeve van Kaapsch Taaleigen*. Alhoewel hierdie woordeboek in Nederlands geskryf is, beskryf dit die woordgebruik van gewone Kaaps-Hollandse sprekers en verskaf dit ook hier en daar etimologiese inligting. Al is hierdie werk deskriptief, verteenwoordig dit tog 'n vroeë baken in die standaardisering van Afrikaans. (Boshoff, 1920b: 108; Bosman, 1931: 29-30; Roberge, 2003: 29) Hierdie werk was dan die begin van die taalwetenskaplike beoefening van Afrikaans wat op selfstandige, hoewel dikwels foutiewe, taalwaarneming berus het, aldus Boshoff (loc. cit.). Dit het ook daartoe aanleiding gegee dat Afrikaans die aandag van Europese taalgeleerdes soos Schuchardt, Te Winkel en Hesseling aangegryp het wat hulle hoofsaaklik begin besig hou het met teoretiese beskouinge oor die oorsprong, ontstaan en wording van Afrikaans (Boshoff, loc. cit.).

Alhoewel die Eerste Taalbeweging baie gedoen het om Afrikaans ideologies op die voorgrond te plaas en Afrikaans as skryftaal te bevorder, het die GRA se werk nie onbetwis voortgegaan nie en is hulle pogings deur 'n aantal faktore aan bande gelê (Ponelis, 1998: 49). Volgens Ponelis (1997: 605) vereis die kultivering van 'n omgangstaal enorme sosiale dinamiek, wat die Eerste Taalbeweging nie gehad het nie. Hoewel die GRA ook belangrike aanvoorwerk vir die standaardisering van Afrikaans gedoen het, het daar uiteindelik niks van hulle beoogde Bybelvertaling en die erkenning van hulle soort Afrikaans gekom nie, en het die Eerste Taalbeweging aan die einde van die negentiende eeu doodgeloop (Ponelis, 1993: 53). Van Rensburg (1997: 43) meen dat die belangrikste rede vir die GRA se mislukte pogings daaraan toegeskryf kan word dat daar geen werklik invloedryke politieke leiers na vore getree het wat die Afrikaans van die Patriotters verder kon voer nie. Die beweging is in werklikheid maar deur 'n enkele intellektueel, S.J. du Toit, en deur 'n enkele instansie, die uitgewersfirma D.F. du Toit en Co. in die Paarl, gedryf. Afgesien van *Die Patriot*, het geen ander prominente koerant die verheffing van Afrikaans as kultuurtaal gepropageer nie. (Ponelis, 1998: 49, 53) Dit is dan ook hoofsaaklik vanweë Du Toit se politieke beskouing<sup>15</sup>, wat in direkte teenstand met dié van die meerderheid van sy ondersteuners gestaan het, dat die beweging uiteindelik saam met sy spreekbuis

<sup>15</sup> S.J. du Toit, wat eens een van president Paul Kruger se vertrouelinge was, het een van sy felste teenstanders geword as gevolg daarvan dat Kruger nie stemreg aan uitlanders wou toestaan nie. Aangesien Cecil John Rhodes die Afrikaners goedgesind was, het Du Toit sy steun aan Rhodes toegesê en sodoende meegehelp om hom as eerste minister van die Kaapkolonie verkies te kry. Toe dit egter bekend word dat Rhodes 'n aandeel gehad het in die Jameson-inval, het die Afrikaners hulle rug op Rhodes gekeer. Du Toit kon hom egter nie hiermee vereenselwig nie en het hom dus by die vyand (Rhodes) van die Afrikanervolk geskaar. (Claassen, 1977: 27)

ten gronde gegaan het (Malherbe, 1917: 372). Die Nederduits-Gereformeerde Kerk het ook 'n stokkie voor die pogings van die GRA gestee om die Bybel in Afrikaans te laat vertaal. Vir die destydse NG Kerk was 'n Afrikaanse Bybelvertaling ondenkbaar. (Ponelis, 1998: 49) Afrikaans was immers die taal wat deur bediendes, op die lande, in die gesin en algemene gesprekvoering en teenoor ondergeskiktes en bediendes gebruik is, terwyl Nederlands "Kirchen- und Kanzelsprache"<sup>16</sup> was en in gebed, geskrewe vorm en formele situasies gebruik is, aldus Viljoen (aangehaal in Deumert, 2004: 65-66). Tweedens was S.J. du Toit op kerklike gebied 'n uitgesproke aanhanger van die Nederlandse teoloog en politikus Abraham Kuyper en hy het uit hierdie perspektief skerp kritiek teen die kerk gelewer. (Ponelis, loc. cit.)

Pheiffer (aangehaal in Hugo, 2009a: 41; sien ook Belcher, 1988: 6) meen verder dat een van die redes waarom die Eerste Taalbeweging nie méér bereik het as wat dit wel bereik het nie, was dat dit skynbaar nooit by die leiers van hierdie beweging opgekom om die duisende mense wat nie wit was nie, maar wat ook slegs Afrikaans as hulle moedertaal gehad het en onder wie daar dus tot 'n groot mate 'n Afrikaanssprekende tradisie was, in die taalstryd te betrek nie. Alhoewel dit verkeerd is om te beweer dat dit nooit by die leiers van die GRA opgekom het om nie-wit mense te betrek nie (vgl. Pannevis se pleitdooi in 1872 vir 'n Afrikaanse Bybelvertaling vir die bruin bevolking), kan dit nie ontken word dat die GRA hulle in hulle standaardiseringspogings hoofsaaklik op die taal van wit sprekers (die sogenaamde "Boere" volgens S.J. du Toit; sien 3.5.2.3) toegespits het en sodoende nooit bruin sprekers by die standaardisering van Afrikaans betrek het nie.

Die GRA kon dit ook nie regkry om die steun van ander wit Afrikaanssprekendes oor die hele land te werf nie. Die verdeeldheid onder Afrikaanssprekendes het 'n groot rol in die mislukking van die Eerste Taalbeweging gespeel. Hulle het hulle telkens teen die teenstand van die voorstanders van Nederlands vasgeloop. (Van Rensburg, 1997: 45; Ponelis, 1993: 53) In dieselfde tyd as die Eerste Taalbeweging het daar 'n mededingende veldtog ontstaan wat ten doel gehad het om Nederlands as gebruikstaal in die openbare lewe te herstel. Die Afrikanerbond is in 1879 onder die leierskap van Jan Hendrik Hofmeyr (1845-1909) in die lewe geroep. Hierdie organisasie het groot sukses aan die taalfront behaal. Hulle het dit onder andere reggekry om Nederlands weer in 1882 in die Kaapse parlement, asook onder predikante en professore in Kaapstad en Stellenbosch erken te kry. In 1884 is Nederlands deur hulle toedoen in geregshoue erken, wat beteken dat Somerset se taalwette van 1822/1823 gedeeltelik herroep is. Die Afrikanerbond het egter ook die Afrikaansmedium Gedenkschool der Hugenoten en Afrikaanse besighede op die been gebring. Voorstanders van Nederlands het in 1890 die Zuid-Afrikaansche Taalbond gestig. Daar het 'n beweging ontstaan om die

---

<sup>16</sup> Kerk- en kanseltaal

Nederlandse ortografie en infleksie te vereenvoudig ten einde 'n alternatiewe metropolitaanse Standaardnederlands te skep wat dalk eerder in Suid-Afrika neerslag sou vind. (Kannemeyer 1978: 45; Webb en Kriel, 2000: 37; Roberge, 2003: 29) Nederlands het steeds die sterkste politieke, intellektuele en institusionele ondersteuning geniet, terwyl die Transvaalse Republieke steeds Nederlands as ampstaal verkies het (Van Rensburg, red., loc. cit.; Ponelis, loc. cit.). Die GRA het ook vyandskap vanuit Engelse geleedere, soos die koerante *The Cape Argus* en *The Cape Times*, en verengelste Afrikaners soos hoofregter J.H. de Villiers, ontvang (Steyn, 1980: 138). So het die *Argus* byvoorbeeld in 1857 gevra:

[Is] the miserable bastard jargon worthy of the name of language at all? (aangehaal in Giliomee, 2007: 3)

En De Villiers (aangehaal in Steyn, loc. cit.) het die volgende oor Afrikaans te sê gehad:

Poor in the number of its words, weak in its inflections, wanting in accuracy of meaning and incapable in expressing ideas connected with the higher spheres of thought, it will have to undergo great modification before it will be able to produce a literature worthy of the name.

Kortom kan ons dus sê dat die Eerste Taalbeweging wel heelwat tot die ideologiese profiel en die aanvanklike standaardisering van Afrikaans bygedra het deur middel van die uitgee van spel-, lees- en skoolboekies vir Afrikaanse kinders, geskiedenisboeke, versamelings gedigte uit *Die Patriot* en die werksaamhede van GRA in verband met die joernalistiek, Bybelvertaling en die vasstelling van die spelling van Afrikaans. Ondersteuners van die beweging was egter veels te swak gemobiliseer om Nederlands en Engels op politieke terrein uit te oorrê. (Boshoff, 1920b: 107; Ponelis, 1998: 49) Maar met die uitbreek van die Suid-Afrikaanse Oorlog is taalkwessies vir eers op die agtergrond geskuif en was Afrikaans byna aan die uitsterf onder wit Afrikaanssprekendes. Afrikaans is egter in die Kaap en op Genadendal deur die Moslems en ander bruin sprekers aan die lewe gehou (Giliomee, 2003: 6; Adendorf, 2010a: 17). So meld J.H.H. de Waal dat die Moslems in Kaapstad teen die 1890's die enigste mense was wat nog lojaal was aan Afrikaans (Giliomee, 2007: 5).

### **2.3.6 Die Tweede Taalbeweging**

Alhoewel die Eerste Taalbeweging baie vir die bevordering van Afrikaans beteken het, sou slegs die Tweede Taalbeweging Afrikaans eksplisiet en aggressief ten koste van Nederlands bevorder (Stell, 2008: 30). Die Tweede Taalbeweging het rofweg van 1903 tot 1919 plaasgevind en het basies van dieselfde fundamentele veronderstelling as sy voorganger aan die Kaap uitgegaan, maar was, anders as die Eerste Taalbeweging, nasionaal in omvang. Na die Suid-Afrikaanse Oorlog het die opkoms van 'n dinamiese ontwikkelende ekonomiese sentrum in die noorde van Suid-Afrika geleidelik 'n nuwe kulturele brandpunt in die noorde, meer spesifiek die PWV(Pretoria, Witwatersrand, Vereeniging)-

driehoek, laat ontstaan. Die ekonomiese ontwikkeling het tot 'n konsentrasie van Afrikaanssprekendes in en om die groot stede gelei. Die Afrikanerleiers het egter gevrees dat verstedeliking tot die groot-skaalse verengelsing van wit Afrikaanssprekendes sou lei. Daar word beweer dat negentig persent van alle persoonlike korrespondensie in dié tyd in Engels gevoer is. Ook Lord Alfred Milner se verengelsingbeleid na die Suid-Afrikaanse Oorlog het hierdie vrese verder versterk. Die Afrikaners, wat teen hierdie tyd net Nederlands in 'n amptelike hoedanigheid gebruik het, kon hulleself nie langer as Nederlanders sien nie, en kon, na hulle nederlaag in die Suid-Afrikaanse Oorlog, hulle nog minder met die Engelse vereenselwig. Die keuse tussen twee “volksvreemde” tale was vir hulle onaanvaarbaar. (De Klerk, 1983: 58; Raidt, 1985: 158; 1994: 322; Pieterse, 1994: 76; Roberge, 2003: 29-30, 31)

Na die Suid-Afrikaanse Oorlog het die voorstanders van Nederlands met groot genoegdoening verklaar dat die stryd om Afrikaans net so verby was as die verowering van die Bastille (De Klerk, 1983: 58). In die jare direk na die Suid-Afrikaanse Oorlog is die bevordering van Afrikaans egter deur heelwat vooraanstaande intellektuele in die meeste prominente stede en dorpe, waaronder Kaapstad, Stellenbosch, Bloemfontein, Pietermaritzburg, Potchefstroom en Pretoria, ondersteun. 'n Hele generasie entoesiastiese jong onderwysers, predikante, professore, politici, en ander professionele lui het na vore getree wat hulle met groot geesdrif vir die saak van Afrikaans en die politieke bemagtiging van die Afrikaner beywer het en hulle het pligsgetrou gearbei om namens die nuwe taalnasionalisme te organiseer. Diegene wat vir die standaardiseringsproses verantwoordelik was, het dus tot die opkomende professionele klas behoort en het 'n belangrike rol tydens die opkoms van Afrikanernasionalisme gespeel. Die intellektuele wat die standaardisering van Afrikaans tydens die Tweede Taalbeweging gestuur het, sluit onder andere in J.H.H. de Waal, J.B.M. Hertzog, B.B. Keet, C.J. Langenhoven, D.F. Malan, D.F. Malherbe, Eugène N. Marais, Tobie Muller, W. Postma, S.P.E. Boshoff, en Gustav S. Preller. (Ponelis, 1993: 53-54; 1998: 51; Roberge, 2003: 32; Grebe, 2009: 131)

In 1905 het Gustav S. Preller (1875-1943) die Afrikaanse Taalgenootskap in Pretoria gestig. Die jaar daarna, in 1906, het J.H.H. de Waal (1871-1937), D.F. Malherbe, D.F. Malan en ander die Afrikaanse Taal Vereniging in Kaapstad gestig. Die Afrikaanse Taal Vereniging het gou nog takke regoor Suid-Afrika geopen en so Preller se Taalgenootskap ten opsigte van belangrikheid oorskadu. Albei organisasies het hulle vir die erkenning van Afrikaans in die onderwys, administrasie en die kerk beywer. (Roberge, 2003: 30; Hugo, 2009a: 58) In 1906 keer D.F. Malherbe terug na Kaapstad nadat hy sy doktorsale studie in taalkunde in Duitsland voltooi het. Nog in dieselfde jaar word hy dosent aan die Hugenoteseminarie op Wellington, waar hy op 12 Oktober 'n openbare voorlesing getiteld *Is Afrikaans 'n dialekt?* gee, waarin hy 'n taalkundige betoog, in Afrikaans, vir die standaardisering van Afrikaans lewer. (Ponelis, 1998: 50) Op 13 Augustus 1908 lewer D.F. Malan (1874-1959), wat op daardie stadium die voorsitter van die Taal Vereniging was en later 'n belangrike rol as joernalis en

politikus vervul het, sy gewilde toespraak getiteld *Dit is ons ernst* op Stellenbosch. In hierdie toespraak argumenteer hy dat 'n lewende taal uit 'n volkshart gebore word en in die volksmond lewe, en nie van buite ingevoer word nie, en dat die voortgesette gebruik van Nederlands en Engels dus onaanvaarbaar is. Malan het 'n oproep op sy landgenote gedoen om Afrikaans tot geskrewe taal te verhef. Die uitbreiding van Afrikaans sou, volgens Malan, sprekers in staat stel om 'n hele toekoms vir hulleself as 'n nasie te wen en verseker dat die Afrikanervolk hulle plek tussen die “beskaafde” kulture van die wêreld inneem. (Ponelis, 1993: 54; Roberge, loc. cit.)

Met die uniewording van Suid-Afrika op 31 Mei 1910 is daar deur Artikel 137 van die grondwet gelyke status aan Nederlands as amptelike taal van die Unie naas Engels gegee. Afrikaans was egter besig om opgang te maak en gevolglik het die stipulering van Nederlands in die grondwet, en nie Afrikaans nie, tot konflik aanleiding gegee. Baie partye het daarop aangedring dat Nederlands ook Afrikaans insluit. Soos die geval met die Eerste Taalbeweging was, het die voorstanders van Standaardnederlands weereens die grootste teenstand gebied teen die hernude pogings om Afrikaans te bevorder. Die Nederlandse beweging is onder ander deur W.J. Viljoen en P.J.G. de Vos gelei. 'n Vereenvoudigde Nederlandse Spelling in Suid-Afrika is vanuit hierdie geleedere voorgestel wat in 1904 aanvaar is. In 1908 verskyn hierdie spelling in die *Beknopt Nederlands Woordeboek voor Zuid-Afrika*. Hierdie woordeboek het egter ook heelwat Afrikaanse woorde bevat. In 1909 het vooraanstaande Afrikanernasionaliste, onder wie J.B.M. Hertzog, D.F. Malan en Gustav Preller, daarin geslaag om die teenstand in die Nederlandse kamp te breek deur hulle te oortuig om met Afrikaans saam te span. Die Zuid-Afrikaanse Akademie voor Taal, Letteren en Kunst is nog in dieselfde jaar op 1 en 2 Julie in Bloemfontein gestig om as 'n verenigde front tussen die pro-Nederlandse en pro-Afrikaanse kampe te dien. Die Akademie se aanvanklike doel was om “Hollands” deur middel van beurse en die kunste te handhaaf en te bevorder. Die stigters van die Akademie het dit duidelik gestel dat Hollands sowel Nederlands as Afrikaans insluit, en sodoende 'n omstrede taalkwessie met sensitiwiteit benader totdat die tyd ryp was om tussen die twee tale te kies. In 1915 is die Akademie geherstruktureer en later na die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns herbenoem. Die Akademie fokus sedertdien op die belange van Afrikaans. In 1917 het die Akademie die eerste uitgawe van die *Afrikaanse woordelys en spelreëls (AWS)* uitgegee, wat ten doel gehad het (en steeds het) om die ortografie van Afrikaans te standaardiseer. Die verantwoordelikheid vir die hersiening en herbewerking van die AWS rus by die Taalkommissie van die Akademie, die belangrikste beheerliggaam vir die standaardisering van die Afrikaanse ortografie, wat die taak het om die leksikale en ortografiese norme van Afrikaans te bereël. Die Taalkommissie besluit vanaf 1915 nie net *hoe* gespél moet word nie, maar ook *wat* gespél moet word. Die Taalkommissie het afgesien van die afwyking van Nederlands wat deur die Patriotters ingevoer is en het besluit om die spelling van Afrikaans ná aan Nederlands gehou. Hulle het ook nie tred gehou met die spelvernuwing en spelvereenvoudiging wat daar al in Patriotafrikaans en Arabiese

Afrikaans voorgekom het nie. Maar tog het die Taalkommissie as amptelike kommissie van die Akademie reeds van die begin af die nodige gesag gehad om hierdie standaardisering verpligtend te maak, en tot vandag is die AWS die enkel belangrikste normeringsgesag ten opsigte van Afrikaans. Die tiende uitgawe van die AWS het pas in 2009 verskyn en die werk van die Taalkommissie word steeds wyd as outoriteit op die gebied van ortografie en die leksikon van Afrikaans, en gevolglik 'n belangrike standaardiseringsinstrument, erken. (Coetzee, 1982: 285; Raidt, 1985: 159; 1994: 323; Ponelis, 1993: 53; 1997: 605, 614; 1998: 50, 53; Van Rensburg, red., 1997: 45; Maartens, 1998: 29; Roberge, 2003: 30-31; Hugo, 2009a: 64, 76)

In April 1914 het die Kaapse Provinsiale Raad 'n voorstel van C.J. Langenhoven (1873-1932) goedgekeur waarin daar vir die invoer van Afrikaans in die plek van Nederlands as onderrigmedium tot en met standerd 4 (graad 6) voorsiening gemaak word. In 1919 het die Transvaalse Nederduitse Gereformeerde Kerk tot die gevolgtrekking gekom dat die primêre rede vir die Afrikaners se armoede geleë is in hulle kinders se onvermoë om Nederlands en Engels in die skool te bemeester. Die digter N.P. van Wyk Louw het die noodsaaklikheid daarvan om Afrikaans in hierdie tyd 'n onderrigmedium te maak as 'n broodsaak beskryf. Hierna het die Transvaalse en Vrystaatse provinsiale rade ook besluit dat Afrikaans voortaan as die onderrigmedium van Afrikaanse kinders beskou sou word, en nie Nederlands nie. Hulle het hulle ondersteuning van Afrikaans as onderwysmedium op alle vlakke bevestig en talle Afrikaanse universiteite, kweekskole en onderwyskolleges, kerke en skole is op die been gebring. Vanaf die 1920's het wit skole toenemend enkelmediumskole geword. Teen 1925 het al vier die destydse provinsies reeds moedertaalonderrig aan Afrikaanssprekende kinders tot standerd 10 (graad 12) verskaf. In 1918 word Victoria College die Universiteit van Stellenbosch en begin hy om sy toekoms as Afrikaanse tersiêre instelling af te baken. In dieselfde jaar word Afrikaans ook vir die eerste keer as universiteitsvak gedoseer met die aanstelling van J.J. Smith by die Universiteit van Stellenbosch en D.F. Malherbe by Grey Universiteitskollege (later die Universiteit van die Oranje-Vrystaat) in Bloemfontein as professore in Afrikaans. In 1914 is die Nasionale Party, wat onder die leierskap van J.B.M. Hertzog (1866-1942) die amptelike erkenning van Afrikaans sy basiese politieke oogmerk gemaak het, gestig en in 1918 het Afrikaans ook die taal van die staatsdiens geword. Die Afrikaner Broederbond is in 1919 op die been gebring ten einde die nasionale doelwitte van die Afrikanervolk te bevorder. Van die toegewydste voorstanders van Afrikaans was kerkmanne. So het B.B. Keet in 1914 'n ernstige pleidooi vir die vertaling van die Bybel in Afrikaans gelewer. Die eerste Afrikaanse kerkdiens is ook in dieselfde jaar in die Moederkerk op Stellenbosch deur dominee Tobie Muller gelewer. Tussen 1914 en 1919 het die sinodes van die Afrikaanse kerke besluit om Afrikaans as kerktaal te gebruik. Die kerk is uiteindelik van 'n Afrikaanse Bybelvertaling oortuig en het in 1919 hulle amptelike goedkeuring vir hierdie projek gegee (sien 2.3.7). Sedert 1910 ontwikkel Afrikaans ook in die media. Verskeie invloedryke koerante het Afrikaans se saak besleg, byvoorbeeld *De Volkstem*

(Pretoria), *De Afrikaner* (Pietermaritzburg) en *De Goede Hoop* (Kaapstad). Afrikaans is as literatuurtaal bevorder deurdat goeie Afrikaanse poësie geskep is, byvoorbeeld *Winternag* deur Eugène N. Marais (1905), asook twee digbundels onderskeidelik deur Totius (J.D. du Toit) en Jan F.E. Celliers wat in 1908 verskyn het. Na die Tweede Taalbeweging is Afrikaans deur die Nasionale Partyregering en Afrikaner kultuurorganisasies opgebou, bevorder en gevier. (Steyn, 1980: 193; Ponelis, 1993: 53-54; 1997: 605; 1998: 52; Giliomee, 2003: 14; Roberge, 2003: 30; Hugo, 2009a: 65)

### 2.3.7 Erkenning en uitbreiding van Afrikaans as amptelike taal

Ná die verampteliking van Afrikaans het die staat toenemend as standaardiseringsagent begin optree, aldus Kotzé (2009: 3; 2010a: 160). Op 8 Mei 1925 is Artikel 137 van die grondwet van Suid-Afrika gewysig sodat dit uitdruklik gespesifiseer het dat Nederlands voortaan ook Afrikaans sou insluit. Afrikaans is uiteindelik as nasionale amptelike taal erken en het sodoende, naas Engels, Nederlands as amptelike taal van die Unie van Suid-Afrika vervang. (Ponelis, 1997: 605; 1998: 53, 56; Maartens, 1998: 29; Roberge, 2003: 31) As amptelike taal moes Afrikaans egter nou verskeie vormveranderinge ondergaan ten einde sy gebruiksdomeine uit te brei. Aangesien daar nie werklik 'n oorkoepelende en gesaghebbende liggaam vir die standaardisering van Afrikaans bestaan het nie, het die standaardiseringsproses geleidelik plaasgevind en is dit deur verskeie amptelike en gesaghebbende liggame en instellings, soos die Taalkommissie en Vaktaalbuuro van die Akademie, en selfaangestelde standaardiseerders, individue en groepe, soos S.P.E. Boshoff, D.B. Bosman, L.W. Hiemstra, T.H. le Roux en D.F. Malherbe, onderneem, wat almal 'n belangrike bydrae tot die standaardisering van Afrikaans gelewer het. (Coetzee, 1982: 284; Raidt, 1985: 162; 1994: 326)

Afrikaans het deur die jare 'n al hoe groter rol in die Calvinistiese kerke, met name die Nederduitse Gereformeerde en Hervormde kerke, gespeel, maar in die Islam het die gebruik van Afrikaans as godsdienstaal geleidelik begin afneem. Die vertaling van die Bybel in Afrikaans het 'n belangrike bydrae tot die standaardisering van Afrikaans gelewer. Aanvanklik is 'n vertaling van *Die vier Evangelieë en die Psalme* in 1922 uitgegee. In hierdie vertaling is daar op 'n verafrikaansing van die *Statenbijbel* besluit, aangesien die onvastigheid van sekere grammatikale eienskappe in Afrikaans 'n groot probleem vir die Bybelvertalers was. Hulle het ook gevrees dat die vertaling stilisties "plat" sou wees en daarom is die oorspronklike Nederlandse teks as 'n algemene stilistiese riglyn gebruik en aangepas by wat die vertalers as die basisreëls en gebruiklike vorme in Afrikaans beskou het. Hierdie vertaling was egter nie so suksesvol nie en in Junie 1929 is 'n nuwe voorlopige vertaling van die vier Evangelies en Psalms gepubliseer waarin die Afrikaanse Bybelvertalers bewus die rol van die Nederlandse stilistiese riglyne getemper het deur vanuit die oorspronklike Griekse en Hebreeuse brontekste te vertaal en die leksikon van Afrikaans uit te brei. Die Afrikaanse Bybelvertalers het 'n



reusetaak gehad. Afgesien van die spesifieke vertaalprobleme waarmee Bybelvertalers gewoonlik te kampe het, moes die Afrikaanse Bybelvertalers ook 'n oorspronklike Afrikaanse Bybeltaal skep. Hulle moes van die talle vaste, ingeburgerde, maar onafrikaanse uitdrukkings en styl van die Nederlandse Bybel wegbreek. Omdat daar nog geen volledig gestandaardiseerde taal bestaan het nie en daar, afgesien van die jong *AWS*, nog geen gesaghebbende taalhandleiding bestaan het waarmee taalkwessies opgelos kon word nie, is die Bybelvertalers se taak nóg meer bemoeilik. Die vertalers moes immers 'n algemeen aanvaarbare en vir die toekoms bruikbare Afrikaanse Bybel daarstel. Die volledige Bybel is uiteindelik in 1933 gepubliseer. Hierna is die berymde Psalms in 1937 gepubliseer en die ander kerkliedere in 1944. In 1953 is 'n sorgvuldig hersiene uitgawe van die Bybel uitgegee waarna daar in 1979 'n nuwe vertaling van *Die Nuwe Testament en die Psalms* die lig gesien het. Twee nuwe Bybelvertalings is in die tagtigerjare gepubliseer, te wete 'n volledig nuwe vertaling van die Bybel wat in 1984 verskyn het, en die Afrikaanse Lewende Bybel wat ook vroeg in die tagtigs gepubliseer is. (Raidt, 1985: 160-162; 1994: 324-326; Ponelis, 1993: 55; 1997: 605; Roberge, 2003: 31; Stell, 2008: 28-29) Volgens Raidt (1985: 161-162; 1994: 326) is die geskiedenis van die Afrikaanse Bybelvertaling 'n goeie weerspieëling van geleidelike taalnormering en standaardisering wat in Afrikaans plaasgevind het, asook van die bydrae wat die Afrikaanse Bybel in die besonder tot op dese tot die standaardiseringsproses gelewer het. Die volledige Bybel wat in 1933 verskyn het, het 'n belangrike hoeksteen vir Standaardafrikaans gelê, aldus Hugo (2009a: 86).

Daar word tans (2012) aan 'n nuwe Afrikaanse vertaling van die Bybel gewerk. 'n Advieskomitee wat die Bybelgenootskap van Suid-Afrika namens alle kerke wat die Bybel in Afrikaans gebruik, adviseer, het in 2004 die Bybelgenootskap versoek om 'n nuwe vertaling te skep. Die rede vir hierdie versoek het gespruit uit 'n behoefte in die Afrikaanse kerke aan 'n Bybelvertaling wat sterk by die Hebreeuse, Aramese en Griekse brontekste aansluit en naas verstaanbaarheid ook reg laat geskied aan die vreemdheid en andersheid van die Bybel. Die doel van hierdie Afrikaanse Bybelvertaling waarmee daar in 2006 begin is, is om "'n goed verstaanbare, bronteks-georiënteerde Afrikaanse vertaling wat geskik is vir voorlesing en gebruik in eredienste, asook vir kategetiese, Bybelstudie en persoonlike gebruik" te skep. Die nuwe Afrikaanse Bybelvertaling staan bekend as 'n direkte vertaling. Hiermee word bedoel dat daar gestreef word om die bronteks te vertaal asof die bronteksskrywers of -sprekers se woorde direk aangehaal word, maar wel in gewone, hedendaagse en idiomatiese Afrikaans. Daar word veral gestreef om alles wat kenmerkend is van die bronteks (bv. styl, register, struktuur en metafore) weer te gee, sonder om meer of minder te sê as wat in die bronteks staan. Wat hierdie vertaling veral relevant vir die standaardisering van Afrikaans maak, is dat deel van die opdrag is dat die vertaling van hoë letterkundige gehalte moet wees en die styl en taal van die nuwe Bybelvertaling 'n "monument vir Afrikaans as taal" moet wees. Daarom word daar gefokus op die behoud van metafore, simbole, hiperbole en ironie wat in die bronteks voorkom, en deeglik rekening gehou

met die verskillende genres waarin die Bybel geskryf is, soos 'n groter klem op die vorm van liedere en gedigte. Wat hierdie Bybelvertaling aansienlik anders maak as voriges, is dat alle kerke wat die Bybel in Afrikaans gebruik vir die eerste keer by die vertaalproses betrek is. (Bybelgenootskap van Suid-Afrika, 2011; Wiese, 2012).

Terwyl die vertalings van 1933/55 en 1983 die werk van die drie Afrikaanse susterkerke was (d.i. die Nederduits Gereformeerde Kerk, die Hervormde Kerk en Gereformeerde Kerk), is daar, benewens die drie Afrikaanse susterkerke, ook die Verenigende Gereformeerde Kerk, Afrikaanse Protestantse Kerk, Anglikaanse Kerk, Apostoliese Geloofsending, Afrikaanse Baptistekerk, Katolieke Kerk, Morawiese Kerk en Sewendedag-Adventiste by die Bybelvertaling betrek. Dit is ook die eerste vertaling waarby professionele Afrikaanse vertalers, letterkundiges en taalkundiges 'n wesentlike rol naas eksegete en brontaal-kenners speel, sodat die Bybelvertaalspan uit altesaam honderd drie en veertig kundiges bestaan. Waar die vorige Afrikaanse Bybelvertalings slegs deur mans onderneem is, is 'n groot aantal vroulike medewerkers nou ook deel van die vertaalspanne. Weens die deeglike aard van die vertaalwerk, verloop werk aan die nuwe Bybelvertaling egter stadig en kan daar nog nie gesê word wanneer dit afgehandel sal wees nie. Daar word beoog om teen die einde van 2013 die hele Nuwe Testament en 'n paar Psalms in gedrukte vorm te laat verskyn. (Bybelgenootskap van Suid-Afrika, 2011; Wiese, 2012). Die Bybelvertaling in Afrikaans lewer dus steeds 'n deurlopende bydrae tot die standaardisering van die taal.

Met die amptelike erkenning van Afrikaans en die modernisering en ontwikkeling wat die Afrikaanse taalgemeenskap ondervind het, het daar ook 'n behoefte aan Afrikaanse terminologie in verskeie vakgebiede ontstaan. Dit het die staat genoodsaak om sistematiese en grootskaalse vertaling in Afrikaans te onderneem, wat uitvoerige terminologiese navorsing voorveronderstel het. Verskeie individue het die inisiatief geneem om vertaallyste vir verskillende vakgebiede op te stel. Die belangrikste hiervan was die Vaktaalburo wat in 1950 deur die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns gestig is en in 1977 deur die staat oorgeneem is ten einde die individuele pogings te verenig en te koördineer. Hierna is verskeie liggame op die been gebring om tegniese terminologie in Afrikaans te hanteer. Ander staatsinstellings, soos 'n sentrale staatstaalburo en afsonderlike taalrade in staatsdepartemente, staatskorporasies, rade en provinsiale administrasie, het ook 'n bydrae tot die skep en vertaling van vakterminologie gelewer. Verskeie vakwoordeboeke is gepubliseer. Hierdie uitvoerige terminologiese werk het 'n groot bydrae tot die leksikale verryking van Afrikaans gelewer. (Raidt, 1985: 162; 1994: 326; Roberge, 2003: 31; Ponelis, 1993: 55; 1998: 56)

Wat die standaardisering van die Afrikaanse woordeskat betref, is daar al baie vordering gemaak deurdat die Afrikaanse leksikografie reeds gou internasionale standaard bereik het. Reeds in 1925 is

daar besluit om met die samestelling van 'n omvattende woordeboek vir Afrikaans te begin en in 1926 het die regering amptelik opdrag gegee dat daar, met staatsteun, met 'n volledige woordeboek vir Afrikaans begin word. J.J. Smith het nog in dieselfde jaar met die *Woordeboek van die Afrikaanse Taal (WAT)* begin. Werk aan die woordeboek het egter lank gesloer en daar is gou besef dat dit 'n projek soortgelyk aan die drie en veertig-delige *Woordenboek der Nederlandsche Taal (WNT)* sou wees. Toe Smith in 1945 uittree, het daar egter nog nie 'n deel van die woordeboek verskyn nie. Die eerste deel van die *WAT*, wat A tot C behandel, het eers op 7 Mei 1951 onder redaksie van P.C. Schoonees verskyn en daar het tot op hede dertien dele verskyn waarvan die laaste deel die letter "R" van die alfabet behandel. Werk aan die woordeboek word vandag (2012) steeds op Stellenbosch voortgesit maar die einde is nog lank nie in sig nie. Die laaste deel sal na raming omstreeks 2026 verskyn; ongeveer 'n eeu nadat daar met die woordeboek begin is. Daarom twyfel baie taalkundiges daaraan of die *WAT* werklik 'n bydrae, indien enige, tot die vroeë standaardisering van Afrikaans bygedra het, veral omdat die *WAT* 'n deskriptiewe in plaas van 'n preskriptiewe funksie het. 'n Woordeboek wat 'n baie meer beslissende invloed op die standaardisering van die Afrikaanse woordeskat uitgeoefen het, is die *Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal (HAT)* waarvan die eerste uitgawe in 1965 verskyn het. Die *HAT*, waarvan die vyfde uitgawe nou in sirkulasie is, is die volledigste verklarende handwoordeboek in Afrikaans en word, alhoewel dit deskriptief van aard is, as 'n belangrike standaardwerk en normgesag in Afrikaans beskou. Baie minder omvangryke, maar tog uitgebreide verklarende, tweetalige, etimologiese, en sinoniemwoordeboeke het in Afrikaans verskyn. Van die eerstes was 'n hele aantal Afrikaans/Engelse sakwoordeboekies wat sedert 1914 verskyn het, onder andere van Kriel, van Brink, Hoogenhout en Kritzinger, en van Steyn. Laasgenoemde was so gewild dat dit in 1928 in verbeterde, uitgebreide en groter formaat verskyn het. En in 1931 het die *Engels-Afrikaanse Woordeboek* van D.B. Bosman en I.W. van der Merwe verskyn. Die groot aantal vakwoordeboeke in Afrikaans het ook bygedra tot die vordering wat in die leksikografie, en gevolglik standaardisering van die Afrikaanse leksikon, gemaak is. Verskeie taalgebruiksgidse is deur die jare gepubliseer, byvoorbeeld *Die korrekte woord: Afrikaanse taal-kwessies* deur H.J.J.M. van der Merwe<sup>17</sup> (eerste uitgawe 1951 onder die titel *Afrikaanse taalkwessies*), *Die juiste woord: Praktiese taalgids by die skryf van Afrikaans* deur L.W. Hiemstra (1980), *Afrikaans op sy beste: Hulp met moderne taalkwessies* deur A.F. Prinsloo en F.F. Odendal (1995) en *Norme vir Afrikaans* deur W.A.M. Carstens (eerste uitgawe 1989, vyfde uitgawe 2011), om maar slegs 'n paar te noem. Alhoewel die Taalkommissie van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns oor die jare indirek tot die standaardisering van die uitspraak van Afrikaans bygedra het, is 'n stelselmatige

<sup>17</sup> Hierdie taalgebruiksgids is in 1968, 1970, 1973 bygewerk en weer in 1982, 1988, 1991 deur F.A. Ponelis hersien.

uitspraakstandaardisering in Afrikaans nog nie ondersoek nie. P. de V. Pienaar en T.H. le Roux<sup>18</sup> (eerste uitgawe 1945) se *Uitspraakwoordeboek van Afrikaans* is die gesaghebbendste werk op hierdie gebied, en daar word tans aan 'n nuwe uitspraakwoordeboek vir Afrikaans gewerk. Sintaktiese norme is ook nog nie na behore ondersoek nie. Alhoewel daar 'n omvattende beskrywing van sintaktiese variasie in Afrikaans bestaan (vgl. Ponelis, 1979), bestaan daar byvoorbeeld nog geen standaardwerk soos die *Algemene Nederlandse Spraakkunst (ANS)* in Afrikaans nie. (Bosman, 1931: 30; Raidt, 1985: 163; 1994: 327; Ponelis, 1998: 66; Roberge, 2003: 32; Hugo, 2009a: 77-78; Botha, 2012) Volgens Kotzé (2009: 3; 2010a: 162) is daar egter tans sprake van 'n soortgelyke internetpublikasie wat deur die Taalkommissie geïnisieer word (sien 5.3.3.4).

Afrikaans was lank een van die belangrikste tale van interne kommunikasie in die staatsdiens, insluitend die meeste provinsiale administrasies en parastaatsorganisasies soos Sasol, Eskom, Yskor, Telkom, die landbourade, die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing en die Mediese Navorsingsraad. In die 1950's het Afrikaans ook die primêre taal geword waarin staatsverslae opgestel is. In die howe het Afrikaans nie so gou opgang gemaak nie en tot 1948 was Afrikaans se impak op die regspraktyk maar gering. Op hierdie gebied het Engels dominant gebly. Afrikaans het egter 'n bloeitydperk in die regswese van 1948 tot 1994 beleef. 27% van die uitsprake in hoër howe is byvoorbeeld teen 1968 in Afrikaans gelewer. Wetgewing wat nie in Afrikaans geformuleer is nie, is ook konsekwent in Afrikaans vertaal. Maar ten spyte van hierdie bloeitydperk en die baie Afrikaans wat in howe gebesig is, was die aantal gerapporteerde hofuitsprake in Afrikaans in vergelyking met Engels steeds in die minderheid. Alhoewel Afrikaans met Engels moes meeding, het dit ook as wetenskapstaal ontwikkel. In die geestes- en sosiale wetenskappe was die gebruik van Afrikaans egter deur die jare algemener as in die natuurwetenskappe en tegnologie, waar voorkeur aan Engels gegee is. Staatsinstellings soos die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, die Wetenskaplike en Nywerheidsnavorsingsraad (WNNR), asook verskillende staatsdepartemente en staatskorporasies het baie tot die ontwikkeling van Afrikaans as wetenskapstaal bygedra. Maar dit is veral danksy universiteite, waar Afrikaans in sowel voorgraadse as nagraadse onderrig en navorsing gebruik is, dat Afrikaans so ver op wetenskaplike gebied gevorder het. Aan die einde van 1980 was daar reeds vyf Afrikaanse universiteite, naamlik die Randse Afrikaanse Universiteit (RAU, tans die Universiteit van Johannesburg), die Universiteit van Pretoria (UP), die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys (P.U. vir C.H.O., tans Noordwes-Universiteit se Potchefstroomkampus), die Universiteit van die Oranje-Vrystaat (UOVS, tans die Universiteit van die Vrystaat), en die Universiteit van Stellenbosch (US, tans Universiteit Stellenbosch). Afrikaanse onderrig is ook deur die Universiteit

---

<sup>18</sup> T.H. le Roux was tot en met 1970 'n medewerker aan die woordeboek toe hy oorlede is. Daar het egter nog 'n uitgawe van die woordeboek na sy dood in 1976 verskyn.

van Port Elizabeth (tans Nelson Mandela Metropolitaanse Universiteit) en die Universiteit van Suid-Afrika (UNISA) aangebied. (Ponelis, 1997: 605; 1998: 56-57, 60; Van der Merwe, 2004: 95-96)

Die media, met inbegrip van die pers en uitsaaiwese, het 'n besonder sterk invloed op die standaardisering van Afrikaans uitgeoefen. Die Afrikaanse uitgewersbedryf is en word steeds deur Nasionale Pers oorheers. Nasionale Pers, wat in 1915 gestig is, het 'n belangrike aandeel in die standaardisering van Afrikaans gehad. Sy weekblad, *Die Huisgenoot*, wat in 1916 gestig is, het bekend geword as “die volk se universiteit” deurdat gedigte en kortverhale in Afrikaans gepubliseer is en die afdeling vir boekresensies gou 'n belangrike debatsforum vir letterkundiges geword het. In die vroeë 1930's het *Die Huisgenoot* meer as 40 000 intekenare gehad en die tydskrif het 'n steunpilaar vir die Nasionale Pers geword. Dié tydskrif is tot vandag nog baie gewild. *Die Burger*, wat in 1915 op die been gebring is, het in die 1920's hoofsaaklik 'n Afrikaanse koerant geword en word vandag nog deur die hele Wes-Kaap gelees. In die 1930's is nog drie koerante gestig en ander Afrikaanse koerante, soos *Die Volksblad* en later *Die Transvaler* en *Die Vaderland* het ook 'n groot bydrae tot die groei en standaardisering van Afrikaans gelewer. Die taaladviseurs van die individuele koerante, waaronder L.W. Hiemstra, het 'n belangrike rol gespeel. Die Afrikaanse uitgewersbedryf het verder 'n enorme verskeidenheid boeke, koerante, tydskrifte en woordeboeke die lig laat sien. Reeds in die dertigerjare is 'n stewige basis vir die Afrikaanse literatuur gelê wat uiteindelik tot 'n lewenskragtige en diverse literatuur in Afrikaans gegroei het. Die Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie (SAUK)/South African Broadcasting Corporation (SABC), wat op 1 Augustus 1936 deur die Uitsaaiwet in die lewe geroep is, se radiodiens en nasionale televisiediens het 'n groot bydrae tot die gebruik en status van Afrikaans in die uitsaaiwese gelewer. Artikel 14 het bepaal dat sowel die belange van die Engelse as Afrikaanse kultuur in ag geneem moes word by die opstel en uitvoer van programme. Toe die Afrikaanse radio egter sy verskyning in die dertigerjare gemaak het, was daar 'n duidelike gebrek aan Afrikaanse program materiaal. Die voordeel hiervan was dat daar met die verloop van tyd duisende vertalings uit die literêre skat van die wêreld gedoen is en Afrikaans as radiotaal sodoende goed ontwikkel en die Afrikaanse taalskat verruim en verryk is. Baie bekende Afrikaanse skrywers het ook vir die radio geskryf. Die Afrikaanse radiodiens het dus ongetwyfeld 'n groot invloed op die ontwikkeling van Afrikaans gehad, sodat die direkteur-generaal van die SAUK, John van der Berg, in die middel van die sewentigerjare kon verklaar dat die Afrikaanse radiodiens “die grootste enkele vormende en standaardiserende krag van Afrikaans” is. Die SAUK het reeds vroeg taaladviseurs van die Akademie gebruik en het later 'n eie taaladvieskomitee gestig wat veral die standaardisering van Afrikaans ten doel gehad het. Wat televisie betref, is vyftig persent van alle programme van die televisiediens in Afrikaans uitgesaai. Adverteerders op SATV se Kanaal Een was verplig om alle advertensies in Engels én Afrikaans te skep. Die staat het die oorklanking van oorsese televisieprogramme in Afrikaans gefinansier en die produksie van oorspronklike Afrikaanse televisieprogramme, films en

teater gesubsidieer. (Steyn, 1980: 217; Raidt, 1985: 162; 1994: 326; Ponelis, 1993: 54; 1997: 605; 1998: 58; Giliomee, 2004: 327; Louw, 2004: 45; Hugo, 2009a: 95-97)

Ook in die vermaaklikheidsbedryf het Afrikaans sy stempel afgedruk. Wat die uitvoerende kunste betref, het die eerste opvoering van oorspronklike Afrikaanse toneelstukke reeds omstreeks 1893 plaasgevind. Dit was in die vorm van samesprake en klugte wat deur die taalstryder J.H.H. de Waal geskryf is. Reeds in 1906 het daar in Pretoria onder die aansporing van Gustav Preller die Afrikaans-Hollandse Toneelvereniging tot stand gekom en twintig jaar later in 1926 stel Paul de Groot, 'n Nederlandse beroepspeler, die eerste beroepsgeselskap saam. Die gehalte van die beroepstoneel in Suid-Afrika was egter nie baie goed nie, wat daartoe gelei het dat heelwat amateurverenigings gestig is. Die eerste akademiese toneelopleiding word sedert 1929 deur die Klein Teater by die Universiteit van Kaapstad aangebied en in 1938 word die verskillende amateurtoneelgroepe in die Federasie van Amateurtoneelvereniginge in Suidelike Afrika saamgesnoer. Die Afrikaanse amateurtoneel het dit oor die jare stewig in die vermaaklikheidsbedryf in Suid-Afrika gevestig en in 1962 is die Suid-Afrikaanse toneel op 'n vaste professionele grondslag geplaas deurdat elkeen van die destydse vier provinsies, asook Suidwes-Afrika (Namibië) 'n Raad vir die Uitvoerende Kunste, elk met sy eie skouburg, gekry het. (Hugo, 2009a: 99-102) Die eerste Afrikaanse speelfilm met 'n volledige klankbaan het reeds in 1931 verskyn. Dit was die film *Moedertjie*. In die vyftigerjare het die Afrikaanse rolprentbedryf 'n opbloei beleef en heelwat goeie rolprente opgelewer. In die sestigerjare het die aantal produksies asook produksieaansienlik toegeneem totdat die Afrikaanse rolprentbedryf in die sewentigerjare sy glorierykste dekade bereik het. Die Afrikanernasionaliste het egter gou die rolprentmedium vir eie gewin geannekseer en sedert 1963 het die Suid-Afrikaanse regering streng politieke en morele sensuur begin toepas. Die rolprentmedium kon egter nie vir lank die eksklusiewe besit van die apartheidsregering bly nie en in 1968 het die baanbrekende rolprent *Die kandidaat* die lig gesien waarin daar ernstige vrae oor die rol van die Afrikaner in 'n multikulturele samelewing gevra word. Die koms van die televisie in 1976 het egter so te sê die einde van die Afrikaanse rolprent beteken. (Hugo, 2009a: 89-90; Muller, 2009: 91-93).

### **2.3.8 Afrikaans en die apartheidsregering**

Giliomee (2003: 6) dui daarop dat die hernude groei van Afrikaans aan die begin van die twintigste eeu deel was van die opkoms van Afrikanernasionalisme. Afrikaans het aan twee belangrike behoeftes voldoen: Eerstens het dit die intra-Afrikaner klasskeiding oorbrug, en tweedens het dit die simbool van 'n gemoderniseerde Afrikaneridentiteit geword. Afrikaans moes dien as simbool van wit Afrikaanssprekendes se stryd om hulle van Britse ekonomiese en kulturele dominansie te bevry deur Afrikaners rondom 'n etniese identiteit teen Engelse hegemonie te mobiliseer (Giliomee, 2003: 5-6;

Van der Waal, 2009: 2) Volgens Steyn (1980: 182) was dit “’n geluk vir Afrikaans dat die Afrikanernasionalisme sedert die Eerste Taalbeweging taal-gerig was”. Dit het daartoe gelei dat Afrikaans die voordelige gevolge ondervind het toe die nasionalisme opgebloeit het. Die Nasionale Party, wat in 1914/15 onder die leierskap van generaal J.B.M. Hertzog gestig is, het gou die voorloper van die Afrikaanse taalbeweging geword. Voorstanders van Afrikaans sou regdeur die twintigste eeu die NP as voertuig gebruik om Afrikaans verder te bevorder. (Giliomee, 2003: 11) In hierdie proses is Afrikaans egter ook losgemaak van die laer klas Afrikaanssprekendes wat die taal as ’n kreooltaal in die konteks van kolonialisme en slawerny geskep het (Van der Waal, loc. cit.).

Reeds met die erkenning van Afrikaans as amptelike taal in 1925 het die Nasionale Party sy steun aan die amptelike erkenning van Afrikaans toegesê en sodoende ’n fase in die geskiedenis van Afrikaans ingelui waarin die Afrikaans van wit sprekers vooropgestel is (Ponelis, 1993: 54; Van Rensburg, 1999: 81). Tussen 1924 en 1933 het Afrikanernasionalisme al hoe meer gegroei en teen 1932 het Afrikaans/Engelse-verhoudings tot ’n groot mate agteruitgegaan. Die Engelse het die regering daarvan beskuldig dat hulle Afrikaans as politieke wapen teen hulle gebruik het. ’n Dreigende krisis is egter deur die politieke koalisie tussen generaals Hertzog en Smuts in 1933 afgewend. Hulle het ’n Verenigde Partyregering gevorm en daardeur die onbeheerbare Afrikanernasionalisme van D.F. Malan se volgelinge tydelik gestuit. Dit het laasgenoemde egter nie verhoed om Afrikaans op beperkte skaal as simbool van eksklusiwiteit en apartheid te bevorder nie. Onder leiding van generaal Smuts het die pendulum egter weer na Engels as voorkeurtaal en taal van mag teruggeswaai, en die Afrikaners moes gevolglik baklei om hulle Afrikaansmediumskole te behou. (Maartens, 1998: 30) Nadat Malan se Nasionale Party egter in 1948 aan bewind gekom het, het Standaardafrikaans tot en met 1990 aansienlike politieke steun en baie voordele geniet (Van Rensburg, red., 1997: 54; Louw, 2004: 45). Afrikaans was, in die woorde van Adendorf (2010c: 17), as ’t ware “[s]wanger van vooruitgang”. Afrikaans is met die hulp van die Nasionale Party van kreooltaal tot volledig gestandaardiseerde taal en kultuurtaal uitgebou wat in verskeie gebruiksdomeine aangewend kan word; in wetgewing, die regspraak, landsadministrasie en plaaslike bestuur, en die onderwys. Hieruit het ook ekonomiese voordele vir Afrikaans gespruit deurdat die Afrikaanse spraakgemeenskap oor ’n groter ekonomiese spektrum versprei geraak het. (Ponelis, 1987: 13-14; 1997: 603). Op 31 Mei 1961 het Suid-Afrika, onder die leierskap van H.F. Verwoerd, ’n republiek geword. Die Republiek van Suid-Afrika Wet het vir die eerste keer juridiese gelykheid aan sowel Engels as Afrikaans verseker. (Maartens, 1998: 31) Giliomee (2003: 15) meen dat Afrikaans op hierdie stadium baie versterk sou word indien die NP-regering die bruin Afrikaanse spraakgemeenskap betrek het wat in 1960 1,5 miljoen sterk was teen die 1,8 miljoen Afrikaners. In werklikheid het hulle egter net die teenoor-gestelde gedoen deur alle bruin mense van die kieserslys te skrap, seks en huwelike oor die kleurgrens te verban en hulle residensieel af te sonder (Giliomee, 2003: 15-16).

Dit was egter nie die eerste keer dat die Afrikaners 'n kans misgeloop het om bruin Afrikaanssprekendes vir die Afrikaanse taalsaak te wen nie. Soos reeds aangedui (sien 2.3.3), het Hertzog en Malan by monde van Arshud Gamiel en die Cape Malay Association gepoog om die Kaapse Moslemgemeenskap se steun vir die Nasionale Party se politieke saak te werf. Die Afrikaners kon hulle egter net nie vereenselwig met die idee dat Afrikaans die taal van wit én die bruin mense is nie. So het C.J. Langenhoven, een van die voorste strydere vir Afrikaans, op meer as een geleentheid na Afrikaans as “witmanstaal” verwys:

Afrikaans, so skryf Langenhoven, “plaas ons hoër as die Engelsman op nasionaal gebied en patrioties gebied; ja hoër as enige ander blanke inwoner van ons land; want hy is die enigste witmanstaal wat nie onmiddellik oor die see kom nie.” (Kannemeyer, 1995: 269)

Deur Afrikaans 'n “witmanstaal” te noem in plaas daarvan om die taal se multikulturele oorsprong te erken, het Langenhoven gruwelik fout, aldus Giliomee (2003: 11). Sulke uitsprake kon volgens Giliomee (2007: 5) kwalik die bruin Afrikaanssprekendes tot die stryd vir Afrikaans aanspoor. Langenhoven het egter later sy fout agtergekem toe hy 'n funksie by 'n skool vir bruin leerders bygewoon het waar daar met 'n enkele uitsondering slegs Engelse gedigte deur die leerders voorgedra is (Giliomee, loc. cit.). Dit het Langenhoven so ontstel dat hy uitgeroep het:

Daar is 'n miljoen, ja, 'n miljoen potensiële lesers van *Die Huisgenoot* [...] en wat doen ons vir dié mense; wat is ons houding teenoor hulle, dat hulle aan hul moedertaal, Afrikaans, vashou en nie vervreemd raak nie? (Aangehaal in Giliomee, loc. cit.)

In die eerste twee dekades van die Unie van Suid-Afrika het die Nasionale Party egter nie heeltemal die moontlikheid afgeskryf om bruin steun te wen nie. In *The Clarion*, 'n koerant wat in 1919 opgerig is en waarin NP-politici en joernaliste van *Die Burger* onder skuilname geskryf het, het sommige lesersbriewe en artikels verklaar dat bruin mense niks minder as Afrikaners is nie. J.H.H. de Waal het dr. Abdul Abdurahman, 'n bruin politikus van die African Political Organisation wat bruin mense aangemoedig het om op te hou om hulle in die “barbarous Cape Dutch” uit te druk en om eerder vlot te word in Engels, daarvan beskuldig dat hy die bruin Afrikaanssprekendes teen hulle mede-Afrikaners oprui. (Giliomee, 2003: 12; 2007: 5) De Waal het geredeneer dat die twee groepe “dieselfde taal praat, dieselfde liefde vir Suid-Afrika het, oorwegend dieselfde geskiedenis het, om die bos gelei word deur dieselfde vriende en [mense is] wat hulle in feitlik alle opsigte in dieselfde posisie bevind” (aangehaal in Giliomee, loc. cit.). As nasionalistiese Lid van die Parlement was De Waal egter in die minderheid ten opsigte van sy siening (Giliomee, 2003: 12). Afrikanernasionalisme, as dryfkrag agter die ontwikkeling van Afrikaans, het egter al hoe meer kleurbewus geword (Giliomee, 2007: 5) en hierdie pleidooie het telkens op dowe ore geval, tot nadeel van Afrikaans. Dit was feitlik 'n onbegonne taak om bruin mense te oorrede om Afrikaans as deel van hulle identiteit aan te neem (Giliomee, loc. cit.). Wit Afrikaanssprekendes het Afrikaans verder vir hulle eie selfsugtige doeleindes gemonopoliseer deur Afrikaans uit te beeld as die skepping van Afrikaners en die voortbestaan van apartheid en



Afrikanerdominansie as voorvereiste te stel vir die oorlewing van Afrikaans. Afrikaans is die besitting van Afrikaners gemaak waaroor daar jaloers gewaak is. (Giliomee, 2007: 7)

Die voorkeurbehandeling wat Afrikaans onder die apartheidsregering geniet het, het die taal ook baie skade aangerig. Nadat die Nasionale Party in 1948 aan bewind gekom het, is die gewraakte apartheidstelsel ingevoer waarvolgens die land verdeel is. Alhoewel die politieke mag wat deur middel van Afrikanernasionalisme verkry is in belang van die taalgemeenskap aangewend is, was Afrikanernasionalisme nie konsekwent taalgerig nie, en daarom is die Afrikaanse spraakgemeenskap skerp verdeel deurdat baie Afrikaanssprekendes sowel sosiaal as kultureel gemarginaliseer is. Afrikanernasionalisme het eerstens bruin Afrikaanssprekendes uitgesluit, wat die Afrikaners se taalgenote was, maar nie hulle kleurgenote nie, asook wit Engelssprekendes, wat die Afrikaners se ekonomiese en kleurgenote was, maar nie hulle taalgenote nie. Baie verteenwoordigers van die Nasionale Party het (Standaard)Afrikaans as huis- en openbare taal gebruik, wat daartoe gelei het dat Afrikaans met die apartheidspolitiek van die Nasionale Party verbind is. Sodoende het Afrikaans 'n simboliese assosiasie met apartheid verkry. Of soos Giliomee (2003: 16) dit so raak stel:

Afrikaans and the Afrikaner policy of apartheid and the Afrikaner-controlled state had become locked in a tight and suffocating embrace. Afrikaans had become the language of the oppressor – the medium used when white policemen arrested black pass offenders or when white civil servants ordered blacks or coloured people out of their houses in racially mixed slum areas.

Die nie-Afrikaners waarteen daar in Afrikanernasionalisme gediskrimineer is, het teen die regering van die dag beswaar gemaak deur hulle teen die gebruik van Afrikaans te verset. Die verset teen Afrikaans is op 16 Junie 1976 met die Soweto-opstande op die spits gedryf toe tussen 6 000 en 10 000 swart leerders teen die verpligte gebruik van Afrikaans as onderrigmedium betoog het. Sommige het plakkate gedra met die slagspreuke “Down with Afrikaans”, “We are not Boers”, en “If we must do Afrikaans, Vorster must do Zulu”. Vyftien swart leerders is in die optog deur die polisie gedood. Nasionale protesaksies in die loop van die volgende sestien maande het daartoe gelei dat meer as 700 mense hulle lewens verloor het. Die verset teen die apartheidsregering het die vorm van teenkating teen Afrikaans ten gunste van Engels aangeneem. Waar Afrikaans die “taal van die onderdrukker” geword het, het Engels die “taal van bevryding” geword. Hierdie verset het soos 'n veldbrand versprei, en binne 'n paar jaar was daar geen Afrikaansmediumskole vir swart leerders nie. Vir baie van hierdie swart sprekers, sowel as Indiese Asiate, was Afrikaans egter die enigste ander taal wat hulle naas hulle moedertaal geken het. Sodoende het Afrikaans 'n enorme deel van sy sekondêre spraakgemeenskap verloor, aangesien baie tweedetaalsprekers van Afrikaans deur apartheid vervreem is en hulle Engels bo Afrikaans as verkeerstaal begin verkies het, selfs al was hulle vaardiger in Afrikaans as Engels. Nog een van die gevolge wat die verband tussen Afrikaans en apartheid op die taal gehad is, is dat baie variëteitsprekers van Afrikaans hulle rug op hulle moedertaal gekeer het deur

dit ten gunste van Engels prys te gee, en daarmee ook die primêre spraakgemeenskap van Afrikaans 'n ernstige knou toegedien het. Groot skade is sodoende aan Afrikaans aangerig deurdat die ontwikkeling van die taal in die Suid-Afrikaanse samelewing uiters gestrem is. (Ponelis, 1987: 13-14; 1992: 77; 1993: 60; 1994: 115; 1997: 603; Van Rensburg, red., 1997: 54; Maartens, 1998: 32; Giliomee, 2003: 17; Roberge, 2003: 33; Hugo, 2009a: 111) Ten spyte van die teenkanting teen Afrikaans is die Afrikaanse Taalmomument teen die hang van Paarlberg op 10 Oktober 1975 ingewy waarmee die regerende Nasionale Party Afrikaans openlik as 'n kragtige simbool van Afrikanernasionalisme geëre het, aldus Hugo (2009a: 109).

Sommige Afrikaanssprekendes het egter ook Afrikaans as ideologiese instrument in die strugle aangewend (Ponelis, 1993: 60). Vroeg in die sestigerjare het N.P. van Wyk Louw reeds probeer om Afrikaans 'n draer van die bruin Afrikaanssprekendes se behoeftes te maak. Hy het 'n dringende pleidooi vir die vereniging van wit en bruin Afrikaanssprekendes bepleit deur "‘n innige begeerte – nee, 'n hartstogtelike *wil*" uit te spreek "dat my volk, blank en bruin, en die taal wat ons praat, in hierdie land bly voortbestaan" (aangehaal in Steyn, 1980: 216). Baie ander skrywers wat ook Afrikaans sedert die sestigerjare as ideologiese versetmiddel teen Afrikanernasionalisme gebruik het, is byvoorbeeld Adam Small, Etienne Leroux, André P. Brink, Elsa Joubert en Breyten Breytenbach (Ponelis, 1998: 54). Ander niestandaardvorme van Afrikaans, byvoorbeeld Kaapse Vernakulêre Afrikaans, is dikwels vir hierdie doel aangewend (Van Rensburg, red., 1997: 54). Die sogenaamde Alternatiewe Afrikaanse beweging wat sedert die laat sewentigerjare, met sy bloeitydperk in die middel- tot laat-tagtigerjare, onder veral die bruin intellektuele van Kaapse Vernakulêre Afrikaans posgevat het, was ook 'n reaksie teen Standaardafrikaans se ideologiese verbondenheid met Afrikanernasionalisme. By die Alternatiewe Afrikaans-seminaar van die Kaaplandse Professionele Onderwysunie (KPO) wat van 26 tot 27 Februarie 1988 by die Sakeskool van die Skiereilandse Technikon gehou is, is 'n poging aangewend om Afrikaans met nuwe waarde-inhoud te vul. Alternatiewe Afrikaans was 'n ideologiese variëteit van Afrikaans, 'n teenhegemonie, waar tekste in Standaardafrikaans geskryf is, maar wat 'n alternatiewe ideologiese agenda teenoor die regering van die dag verteenwoordig het. Dit gaan dus nie om 'n ander taalvorm nie; mobilisering *deur* Standaardafrikaans, en nie *vir* Standaardafrikaans nie. Dit was eerder 'n poging om Afrikaans van sy verbondenheid met Afrikanernasionalisme te bevry sodat dit aanleiding kan gee tot 'n geslag wit, bruin en swart Afrikaanssprekendes. (Ponelis, 1992: 82; 1994: 120; Pieterse, 1995a: 60, 69, 73, 75; 1995b: 135, 143, 148, 149; 1998/1999: 65-66; Van Rensburg, red., 1997: 54; Roberge, 2003: 33; sien ook Van den Heever, 1988)

Gedurende die tagtigerjare het daar ook uit 'n heel ander oord teenstand teen Standaardafrikaans opgeklink. Jong, wit Afrikaanssprekendes wat vervreem gevoel het van die rassistiese ideologie, militarisme en magspolitiek van Afrikanernasionalisme het begin om hulle taal op 'n ander manier te

gebruik. Hulle het elemente van sogenaamde *township slang* in hulle taal geïnkorporeer en het ruim by Engels geleen, selfs vir woorde met Afrikaanse ekwivalente. Hierdie variëteit van Afrikaans is in die openbaar gebruik in teateroptredes en gepubliseerde literatuur, maar die grootste gehoor is deur middel van rockmusiek bereik. Die lirieke van musikante soos Johannes Kerkerrel, Koos Kombuis en Bernoldus Niemand het deur middel van hulle vorm en inhoud dit aangeval wat die Afrikanernasionaliste na waarde geskat het. Humor en satire is aangewend en hulle musiek was baie populêr onder die jeug van alle rasse-groepe. Die taal waarin die lirieke geskryf is, is gekenmerk deur kode-wisseling na Engels, wat teenstrydig was met die konserwatiewe Afrikaners, maar dit was effektief as lingua franca in die poging om mense van verskillende talige en kulturele agtergronde te verenig. (McCormick, 2006: 104) Hierdie beweging, wat later as die Voëlvrybeweging bekend sou staan, is ook as 'n "alternatiewe Afrikaanse beweging" beskou. Wat hierdie twee alternatiewe Afrikaanse bewegings op verskillende maniere bereik het, was om te wys dat Afrikaans aangewend kon word om die onregverdige en rassistiese ou orde uit te daag en te ondermyn en om beter politieke en sosiale alternatiewe te artikuleer (McCormick, 2006: 105). Alhoewel die voorstanders van Alternatiewe Afrikaans net gemoeid was met die ideologiese inhoud van Standaardafrikaans en nie grammatikale veranderinge aan die taal voorgestel het nie, het daar sedert die tagtigerjare vanuit wit gelede voorstelle gekom vir die "demokratisering" van Afrikaans (sien 1.1.2 en 3.5). Hierdie herstandaardisering van Afrikaans gaan veral om strukturele en grammatiese veranderinge aan Standaardafrikaans om die verskillende variëteite van Afrikaans binne die leksikon en grammatika te akkommodeer. (Pieterse, 1998/1999: 67) Stadig maar seker het al hoe meer mense begin besef dat Afrikaans nie langer sou kon voortbestaan indien dit nie losgemaak word van sy verbondenheid met Afrikanernasionalisme en oopgestel word vir alle Afrikaanssprekendes nie. Afrikaans het as 't ware voor 'n kruispad te staan gekom, wat soos volg in 1981 in 'n artikel in die *Beeld* (aangehaal in Giliomee, 2007: 7) verwoord is:

Die Afrikaners kan nie sonder Afrikaans bestaan nie, maar – en dit is net so belangrik indien nie belangriker nie – Afrikaans kan nie sonder die aktiewe meeleving van die bruin en swart mense wat die taal praat, bestaan nie. Die Afrikaners moet kies of hulle eksklusief wit wil wees en of hulle Afrikaans wil wees.

### **2.3.9 Afrikaans na 1994**

Alhoewel die voorspel tot die postapartheidfase onder taalgebruikers in Suid-Afrika reeds ongeveer 'n dekade voor 1994 begin het, verbeeld die demokratiese verkiesing in 1994 die amptelike begin van die verskuiwing van die politieke mag uit die hande van wit Afrikaanssprekendes. Afrikaans het 'n nuwe fase binnegegaan waarin daar nie meer sprake van enige bevoordeling van Afrikaans was nie. Baie Afrikaanssprekendes het gevrees dat 'n nuwe demokratiese bedeling in Suid-Afrika die einde van

Afrikaans sou beteken. Die nuwe grondwette (1994, 1996) het egter gespesifiseer dat Suid-Afrika voortaan elf amptelike tale sou hê, waarvan Afrikaans een is. Afrikaans sou voortaan in geen opsig anders as enige van die ander tien tale behandel word nie. Daar was selfs mense, insluitend Afrikaanssprekendes, wat daarop aangedring het dat Afrikaans ten opsigte van ontwikkeling teruggedwing moes word sodat dit op gelyke voet met die ander, voorheen benadeelde tale kon staan. (Van Rensburg, red., 1997: 55)

Die totale herrangskikking van die Suid-Afrikaanse taallandskap na 1994 het 'n wydlopende invloed gehad op sowel die standaardiseringstrukture, as die wyse waarop standaardisering plaasgevind het (Kotzé, 2009: 4; 2010a: 163). Die politieke omwentelinge het 'n terugslag vir Afrikaans ten opsigte van status, funksie, en selfs getalle beteken (Carstens, 2006: 16). Ondanks oudpresident Mandela se goedgesindheid jeens Afrikaans en grondwetlike beskerming (volgens Artikel 30) van Afrikaans as een van elf amptelike tale van Suid-Afrika, het Afrikaans ongetwyfeld baie van sy gebruiksdomeine en standaardtaalfunksies op talle terreine sedert 1994 verloor. Afrikaans moes in die uitsaaiwese, in die onderwys, godsdiens, die wetenskap en tegnologie, die staatsdiens en howe vir Engels plek maak, wat maar eintlik die enigste de facto amptelike taal van Suid-Afrika is. Afrikaans is as taal van die staat se burokrasie laat vaar en staatsbeheerde instellings is verbied om voorheen bekende Afrikaanse akronieme te gebruik, soos SAUK (Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie, nou SABC), SAL (Suid-Afrikaanse Lugdiens, nou SAA), YSKOR (Yster en Staalkorporasie, nou ISCOR). Afrikaans is ook grootliks as taal op naamborde en aanwysings by lughawens, treinstasies, ensovoorts en op produk-etikette laat vaar. Daar was ook op handels- en nywerheidsgebied 'n afname in die gebruik van Afrikaans vanweë die ekonomiese onkoste en politieke aanspreeklikheid verbonde aan die gebruik van Afrikaans na 1994. Baie maatskappye wat voorheen hulle sake in Afrikaans bedryf het, het na Engels oorgeskakel, deels as gevolg van die regering se Swart Ekonomiese Bemagtigingsbeleid wat maatskappye noop om swart bestuurders aan te stel wat daarop aandring dat almal Engels gebruik. Alhoewel die howe in verskeie van die land se amptelike tale funksioneer, is daar druk om Afrikaans in die regstelsel af te skaal. Die Ministerie van Justisie het in 2002 verklaar dat daar in die rigting van slegs Engels as taal van rekord in die howe beweeg sal word. Die Afrikaanse hoofstroomkoerantmark is al sedert die 1970's aan die verskraal tot net vier dagblaie (*Die Burger*, *Beeld*, *Volksblad* en *Kaapse Son*) en twee Sondagkoerante (*Rapport* en *Sondag*) in 2008. In 1995 tot 1996 is Afrikaans onder die ANC-regering om ideologiese redes op televisie drasties ingekort sodat Engels die dominante televisietaal geword het, ongeag die feit dat 'n kwart van die mense wat televisiestelle besit Afrikaanssprekend is. Teen 1995 het Afrikaanse rolprente feitlik heeltemal van die mark verdwyn. Die onderskeie kunsrade is ook na 1994 ontbind aangesien hulle volgens die regering nie daarin kon slaag om hulle fasiliteite en aanbiedings vir alle Suid-Afrikaners toeganklik te maak nie. (Louw, 2004: 46; Hugo, 2009a: 97, 102, 120; Muller, 2009: 93; Botma, 2009: 131)

As tersiêre en akademiese taal het Afrikaans agteruitgegaan, deels as gevolg van die internasionale tendens om in Engels te publiseer, maar ook as gevolg van die regering se aandrang op Engels as akademiese taal (Giliomee, 2004: 628). Skole, universiteite en kolleges ervaar druk van die regering om na Engelsmediuminstellings oor te skakel ten einde toegang vir nie-Afrikaanssprekendes te verseker. Afrikaanse skole word gedruk om Engels as voertaal aan te neem, terwyl histories Afrikaanse universiteite gedwing word om te verengels deur die samesmelting met Engelsmedium-universiteite. Die regering het ook ses Afrikaanse onderwyskolleges toegemaak en sodoende 'n tekort aan Afrikaanssprekende onderwysers teweeg gebring. Sportorganisasies soos die Rugbyraad gebruik ook nie meer Afrikaans in vergaderings of in reëlboeke nie. (Louw, 2004: 46-47) Die standaardisering van Afrikaans is verder belemmer deur die feit dat Afrikaans nie meer die staatsteun het wat dit vroeër geniet het nie. Instellings wat hulle vir die bevordering van Afrikaans beywer, soos die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns en die *Woordeboek van die Afrikaanse Taal*, is vroeër deur die staat gesubsidieer, maar is nou ten dele op privaatfinansiering aangewese. Afrikaanssprekendes is dus weereens op die hele spraakgemeenskap aangewese om die voortgesette standaardisering van Afrikaans te verseker. Maar baie Afrikaanssprekendes se ingesteldheid jeens Afrikaans het 'n negatiewe invloed op die ontwikkeling van Afrikaans. Volgens Giliomee (loc. cit.) het meer as 'n kwart Afrikaanssprekendes, meestal uit hoër inkomstegroepe, aangedui dat hulle die stryd om Afrikaans as openbare taal te behou, as futiel beskou. Dieselfde persentasie het ook besluit om eerder hulle kinders in Engels op te voed. Dit wil dus volgens Webb (2010a: 196) voorkom asof Standaard-Afrikaans oor die afgelope twintig jaar sy houvas op die Afrikaanssprekende begin verloor het, beide as kommunikasiemiddel en as simbool van identiteit.

Daar is darem nie nêr slegte nuus ten opsigte van die ontwikkeling van Afrikaans na 1994 nie. Ten spyte van die feit dat Afrikaans in skole en universiteite bedreig word, bly Afrikaans steeds die dominante literêre taal in Suid-Afrika (Giliomee, 2003: 23). Alhoewel daar 'n afname in dagblaaie in Afrikaans na 1994 was, het die getal verbruikerstydskrifte in Suid-Afrika met 180 in 1975 tot 670 in 2007 vermeerder. Oor die algemeen het die gedrukte media van 2000 tot 2005 met veertig persent gegroei. (Botma, 2009: 132) Daar blyk ook weer 'n geleidelike toename in Afrikaanse programme te wees wat op SABC-televisiekanale uitgesaai word. Selfs die tradisioneel Engelse televisiekanaal, SABC 3, saai deesdae Afrikaanse geselsprogramme, dramas en Afrikaanse nuusuitsendings uit. Alhoewel die Afrikaanse radio miskien nie soseer meer 'n standaardiserende invloed op Afrikaans uitoefen nie, is dit 'n positiewe verskynsel dat Afrikaanse radiostasies deesdae al hoe meer verskillende gesproke variëteite van Afrikaans betrek (Hugo, 2009a: 97). Na 'n dekadellange droogte in Afrikaanse rolprentbedryf, beleef dié bedryf die afgelope paar jaar opnuut 'n opbloeit met rolprente soos *Bakgat* (2008), *Karate Kallie* (2009), *Jakhalsdans* (2010), *Bakgat 2* (2010), *Egoli: Afrikaners is plesierig* (2010), *Die ongelooflike avonture van Hanna Hoekom* (2010), *Susanna van Biljon* (2010),

*Liefeling* (2010), *Getroud met rugby - die onvertelde storie* (2011), *Ek lief jou* (2011), *Skoonheid* (2011, die eerste Afrikaanse film wat by die Cannes Filmfees vertoon is), *Platteland* (2011), *Roepman* (2011), *'n Saak van geloof* (2011), *Hoofmeisie* (2011) en *Semi-Soet* (2012), *Die wonderwerker* (2012), *Wolwedans in die skemer* (2012) en *Stilte* (2012).

Een van die belangrikste groeipunte van Afrikaans na 1994 is waarskynlik die opbloeï in Afrikaanse kunstefeeste wat dwarsoor die land plaasvind. Hierdie feeste het veral gelei tot die opbloeï in oorspronklike Afrikaanse musiek in verskeie genres. Waar die staat voor 1994 'n groot rol in die bevordering van Afrikaanse musiek gespeel het, word hierdie rol nou deur die mark vervul. Afrikaanssprekende jongmense luister sonder skroom na Afrikaanse pop-, rock- en hiphopmusiek en Afrikaanse sangers en *bands* is gewilder as ooit tevore. Dié feeste stimuleer ook die Afrikaanse toneel aangesien dit veral by twee groot feeste, die Klein-Karoo Nasionale Kunstefees (KKNK) op Oudshoorn en Aardklop op Potchefstroom, is waar belangrike en ontluikende dramaturge tot hulle reg kom. (Carstens, 2006: 18; Hugo, 2009a: 103, 121; Bezuidenhout, 2009: 124) Nog voorbeelde van soortgelyke kunste-, musiek- en dramafeeste is die InniBos Laeveld Nasionale Kunstefees op Nelspruit, die Woordfees op Stellenbosch, die Volksblad-kunstefees op Bloemfontein en die Rittelfees op Vredendal, om maar enkele te noem.

Op 'n meer formele vlak is die Stigting vir Afrikaans op 7 November 1991 in die lewe geroep met die doel om 'n "nuwe staanplek" vir Afrikaans in die veranderende en uitdagende politieke milieu van die tyd te skep deur uitgebreide ontwikkeling op geletterdheids-, kunstefeeste- en skryfskoolterrein te inisieer. Ongeveer tien jaar later is daar oor die aard van die liggaam herbesin met die gevolg dat die liggaam op 18 September 2001 na die Stigting vir Bemagtiging deur Afrikaans (SBA) herbenoem is. (Van der Rheede, 2011: 1). Vandag het die SBA ten doel om leerders, vroeë skoolverlaters en volwassenes met behulp van geletterdheids- en vaardighedsaksies te bemagtig en aan die hoër funksies van Afrikaans te bou ("Stigting vir Bemagtiging deur Afrikaans", 2012). Verder het die SBA ook 'n gespreksforum geïnisieer oor die idee van 'n Vrye Afrikaanse Universiteit vir "die toeganklike en volgehoue beoefening van die Wetenskap deur middel van Afrikaans en om gegradeerdes met die nodige kwalifikasies en vaardighede wat deur 'n ontwikkelende staat soos Suid-Afrika vereis word, te lewer" (Van der Rheede, 2010: 8).

In September 2003 is daar ook deur middel van die Nasionale Strategie vir Afrikaans 'n proses begin wat ten doel het om 'n inklusiewe Afrikaans, 'n Afrikaans wat verteenwoordigend is van die hele Afrikaanse spraakgemeenskap, daar te stel. Die Nasionale Strategie moes egter nie net 'n strewende bly om Afrikaans te bevorder nie, maar moes 'n strewende word wat die Afrikaanse spraakgemeenskap kan saamsnoer ten einde versoening in die histories verskeurde Afrikaanse spraakgemeenskap te

bevorder en sodoende die ideaal bereik om werklik 'n inklusiewe liggaam vir Afrikaans te word. (Carstens, 2009: 3-4) Die Nasionale Strategie vir Afrikaans het aanleiding gegee tot verskeie samesprekings, te wete 'n nasionale taalkongres oor Afrikaans (Stellenbosch, September 2004), 'n werksessie oor 'n beplanningstrategie vir die bevordering van Afrikaans (Johannesburg, Februarie 2007), en 'n addisionele nasionale kongres waar die agteruitgang van Afrikaans as wetenskapstaal bespreek is (Stellenbosch, Augustus 2006). Hierdie samespreking het aanleiding gegee tot 'n taalaudit en 'n taalplan vir Afrikaans waaruit 'n interimliggaam, die Nasionale Forum vir Afrikaans, voortgespruit het en 'n Taalbelangegroep vir Afrikaans op 4 Augustus 2007 op die been gebring is. Hieruit is eindelik die Afrikaanse Taalraad (ATR) op 24 Mei 2008 in Wellington in die lewe geroep, 'n liggaam wat die volle Afrikaanse spraakgemeenskap verteenwoordig. (Carstens, 2009: 4-5; Webb, 2010b: 107-108)

Anders as tydens die aanvanklike stryd om die erkenning van Afrikaans as volwaardige taal, blyk Afrikaans tans Europese bondgenote te hê, aangesien daar hernude belangstelling uit België en Nederland in die historiese band tussen Nederlands en Afrikaans is. 'n Voorbeeld hiervan is die Roots-kultuurfees, -uitstalling en -konferensie wat van 22 tot 23 September 2009 op die Universiteit van Wes-Kaapland se kampus gehou is. Die doel van hierdie fees was veral om Suid-Afrikaans/Nederlandse dialoog oor die dinamika van taal, kultuur en erfenis te bevorder. Daar is ook toenemende belangstelling in die studie van Afrikaans aan verskeie buitelandse universiteite. Universiteite waar Afrikaans as vak of module aangebied word, sluit in die Universiteit van Wroclaw in Pole, asook universiteite in België, Nederland, Duitsland, Oostenryk en Rusland. Tussen 2001 en 2010 het daar ook jaarliks 'n Seminarie Afrikaans aan Universiteit Hasselt onder leiding van organiseerder Luc Renders in België plaasgevind. Tydens hierdie weeklange Seminarie is Suid-Afrikaanse akademici uit Suid-Afrika na België gebring om hulle kennis oor die Afrikaanse taalkunde, letterkunde en geskiedenis met studente te deel en dosente van Afrikaans in Europa op hoogte te bring van die nuutste ontwikkelings in Afrikaans. Afrikaanse taalkunde en letterkunde is om die beurt behandel. Daar is egter nie net op Standaardafrikaans gefokus nie, maar ook op die verskillende variëteite van Afrikaans. In 2006 is daar byvoorbeeld gefokus op Swart Afrikaanse literatuur en Afrikaanse literatuur oor en van die Khoe en San. (Loader, 2001) Sedert 2011 word die Seminarie Afrikaans deur die Universiteit Gent aangebied en taalkunde en letterkunde word hier jaarliks saam met die geskiedenis van Afrikaans aangebied. Hierdie internasionale bande kan moontlik in die toekoms 'n groot bate vir die ontwikkeling van Afrikaans wees.

### **2.3.10 Samevatting**

Uit die voorafgaande oorsig is dit duidelik dat verskeie individue, instansies en instellings, privaat en amptelik, 'n aandeel in die standaardisering van Afrikaans gehad het. Dit het egter ook duidelik geword dat Afrikaans nie meer die begunstigde posisie geniet wat dit vroeër geniet het nie en dat daar daadwerklike stappe geneem sal moet word om te verhoed dat die standaardisering van Afrikaans afgeskeep word en Afrikaans agteruitgaan. Daarom meen Raidt (1985: 164; 1994: 328) dat die standaardisering van Afrikaans veral in die een en twintigste eeu deur 'n geloofwaardige en amptelik aanvaarde beheerliggaam onderneem moet word en dat die beheerliggaam die hele spraak-gemeenskap se taalgebruik tot só 'n mate moet verteenwoordig dat dit vir die "gewone" taalgebruiker, ongeag ras, klas en opvoedkundige peil, aanvaarbaar en verpligtend kan wees.

## **2.4 Samevatting en vooruitskouing**

In hierdie hoofstuk is daar eerstens gekyk na wat taalstandaardisering behels deur verskeie aspekte van standaardisering te belig. Daarna is daar in besonder na die standaardisering van Afrikaans deur die afgelope ongeveer twee eeue gekyk en tot die gevolgtrekking gekom dat daadwerklike ingrype in die standaardiseringsproses in die een en twintigste eeu van kardinale belang is. In die volgende hoofstuk sal 'n poging tot hierdie ingrype ondersoek word, naamlik herstandaardisering. Daar sal eerstens gekyk word na die veranderinge wat wêreldwyd ten opsigte van standaardtale ondervind word, waarna herstandaardisering in die algemeen bespreek sal word. Hierna sal voorstelle vir die herstandaardisering van Afrikaans ondersoek en bespreek word.



## **HOOFSTUK 3**

### **Herstandaardisering**

#### **3.1 Inleiding**

In hierdie hoofstuk word die vraag gevra hoe relevant standaardtale nog vandag is. Is daar sprake daarvan dat standaardtale oor die algemeen en Standaardafrikaans in die besonder besig is om tot 'n einde te kom? Dit word gedoen deur na die sogenaamde destandaardiseringstendens te kyk wat wêreldwyd waar te neem is. Die res van die hoofstuk word gewy aan 'n diepgaande studie oor die aard van herstandaardisering. Die term *herstandaardisering* word omskryf deur na definisies en ander eienskappe van die proses te kyk, soos die demokratiese aard van herstandaardisering. Herstandaardisering word ook binne normatiewe taalbeplanning gesitueer, waarna daar gekyk word of herstandaardisering 'n bo-na-onder of onder-na-bo proses is. Die gevolge van herstandaardisering word ook in oënskou geneem. In 'n volgende afdeling word daar na taalhervorming en -beplanning gekyk wat ten opsigte van ander tale onderneem is en as herstandaardiseringspogings beskou kan word. Die onderskeie herstandaardiseringsvoorstelle en -pogings word krities bespreek. In 'n vierde afdeling kom die herstandaardisering van Afrikaans aan bod. Daar word besin oor redes vir die noodsaaklikheid van só 'n proses in Afrikaans en of daar reeds sprake is van herstandaardisering in Afrikaans. Hierna word onderskeie herstandaardiseringsvoorstelle ten opsigte van Afrikaans krities bespreek.

#### **3.2 Standaardtale in beweging**

##### **3.2.1 Inleiding**

In hierdie afdeling word besin oor die nuttigheid van die standaardtaal vandag. Daar word gekyk na die tendens van destandaardisering en die implikasies daarvan vir die toekoms van die standaardtaal. Binne hierdie konteks word daar ook spesifiek na Standaardafrikaans gekyk, en die vraag word gevra: Is die einde van standaardtale soos dit tot op dese aan ons bekend was op hande?

### 3.2.2 Die einde van die standaardtaal?

Van der Horst (2008) meen dat standaardtale die gevolg is van 'n spesifieke uitkyk op taal wat hy die Renaissancevisie op taal noem<sup>1</sup>. Hierdie Renaissancevisie behels dat taal, wat wesenlik 'n kontinuum is, vanaf die Renaissancetydperk as gekompartementeer beskou is; verdeel in onderskeie "tale" (Van der Horst, 2008: 17). Die sestiende eeu is gekenmerk deur spelling, woordeboeke, vertaling van die Bybel, grammatikas, 'n puristiese "vrees" vir leenwoorde, taalversorging, die toenemende gebruik van "volkstale" waar daar voorheen van Latyn gebruik gemaak is, die boekdrukkuns, taalonderwys, en die idee dat tale telbaar is. Hierdie idees is in die sewentiende, agtiende en negentiende eeu verder ontwikkel, uitgebou, verdiep, vervolmaak en soms tot op die uiterste deurgevoer. (Van der Horst, 2008: 18) Veral die visuele kant van taal, te wete die geskrewe taal, is sedert hierdie tyd as die belangrikste aspek van taal beskou (Van der Horst, 2008: 17). Daarom is die standaardtaal, wat as 'n stel norme en reëls vir die skryftaal beskou kan word, ook 'n produk van die taalkultuur van die Renaissance, aldus Van der Horst (2008: 305). In die mate waarin die skrywende deel van die samelewing hulle aan hierdie norme en reëls gehou het, was die standaardtaal 'n realiteit. Die standaardtaal het egter oor die eeue heen altyd 'n ideaal gebly wat gekodifiseer is in woordeboeke, grammatikas en ortografieë. 'n Standaardtaal moes geleer word. Vir die oorgrote meerderheid van die mense was die standaardtaal 'n tweede taal naas hulle moedertaal wat soms nie baie daarvan verskil het nie, maar tog tot 'n redelike mate verskille getoon het. (Van der Horst, loc. cit.)

Standaardisering is in die moderne era waarin ons ons bevind 'n hoogs gepolitiseerde saak – dalk selfs meer as in enige ander tyd in die geskiedenis. Taal word byna in geen samelewing volgens die reëls wat vir die gebruik daarvan neergelê is (wat dikwels uit 'n vervloë era dateer), gebruik nie. Die standaard word dikwels voorgehou as bewys vir die agteruitgang van die taal en die afname in "beskawing" en word dikwels slegs in stand gehou om die elite te bevoordeel wat self agter geslote deure nie die standaard gebruik nie. (Schiffman, 1998: 369) Die standaardtaal het 'n begunstigde posisie in die samelewing gekry. Alles buite die standaard is afgekeur as "fout" of "dialek". Die standaardtaal het niks te make met verstaanbaarheid of vlot kommunikasie nie, maar dit is 'n elitekwessie waaraan die grootste deel van die bevolking geen deel het nie, waarin hulle hulle nie kan uitdruk nie, en wat hulle dikwels nie verstaan nie. (Van der Horst, 2009: 11) Die standaardtaal kan egter ook gesien word as 'n reaksie op die vrees vir taalverandering. Taalverandering kan lei tot die versplintering van taal en die uiteindelijke ontwrigting van die samelewing. Die standaardtaal is dus 'n dyk wat daar gestel is om ons te beskerm teen die dreigende gevaar. Hierdie vrees, die sogenaamde Renaissancevrees, behels dat ons sonder die standaardtaal aan die totale versplintering van die taal

---

<sup>1</sup> Van der Horst baseer sy uitsprake ten opsigte van die einde van die standaardtaal op die Europese standaardtale.

oorgelewer is. Dit is die vrees vir die Babel-scenario. (Van der Horst, 2008: 303, 312).

Dit is hierdie Renaissancevisie wat volgens Van der Horst (2008: 18) nog tot onlangs ons samelewing gekenmerk het. Hy is egter van mening dat 'n hele klomp opvattinge, vrae en menings oor taal soos dit in die sestiende eeu sy beslag gekry het (die sogenaamde Renaissancevisie op taal), vinnig besig is om te vervaag, verkrummel of weg te smelt (Van der Horst, 2008: 18-19; 2009: 11). Hierdie insigte of oortuigings van die renaissancevisie op taal verloor toenemend glans of word reëlreg in twyfel getrek of teengestaan (Van der Horst, 2008: 19). Vanaf 1970 is daar al hoe minder sprake van 'n domein van "korrekte" of "goeie" taal (Van der Horst, 2009: 11). Dit is veral te wyte aan die politieke veranderinge wat rondom die tagtiger- en negentigerjare regoor die wêreld plaasgevind het, soos die beëindiging van die Koue Oorlog wat tot groot veranderinge ten opsigte van landsgrense in Oostelike en Sentraal-Europa gelei het, die unifikasie van Duitsland, die beëindiging van apartheid in Suid-Afrika, die einde van kommunisme, die disintegrasie van die Sowjetunie van Joego-Slawië, die opening van grense in Europa, en ontwikkeling in die rigting van Europese politieke integrasie (Clyne, 1993: 11). Hierdie demokratisering van die wêreld het daartoe gelei dat variasie (ook taalvariasie) toenemend gekoester word (Clyne, 1993: 22).

Diese verstärkte Tendenzen der sprachlichen und sozialen Eigenständigkeit prägen aber nicht nur teilweise die Situation im deutschen Sprachgebiet, sie finden sich praktisch in ganz Europa. Sie sind Ausdruck eines zunehmenden Bedürfnisses nach Darstellung der eigenen Identität und vor allem nach Zurückdrängung der Dominationsansprüche von Majoritäten. Dieser Anspruch der Minderheiten und vor allem der Minderheitssprachen nach möglichst äquivalenter Selbstdarstellung und damit natürlich auch Zurückdrängung der Machtansprüche der Mehrheit schränken langfristig zweifellos auch die Bestrebungen der Standardsprachen nach ubiquitärer Geltung erheblich ein. (Hartig, 1990: 126)

Hiermee saam het globalisering 'n wêreldwye etniese Renaissance meegebring waar die fokus val op die koestering van diversiteit (Huss en Lindgren, 2011: 11). Dit gaan om 'n taalkulturele paradigma-skuif waar die Renaissancekultuur plek maak vir 'n ander taalkultuur waarvan een aspek die afloop van die standaardtaal is, aldus Van der Horst (2008: 19, 297). Daarom meen Van der Horst (2009: 6, 10) dat ons op kultuurhistoriese gronde tot 'n groot mate seker kan wees dat daar sprake is van 'n destandaardiseringstendens.

Destandaardisering vind plaas wanneer 'n hoogs gestandaardiseerde taal terugsak na 'n toestand van dialektiese diversiteit (Joseph, 1987: 174), aangesien destandaardisering die gevolg is van 'n bevrydingsbeweging wat die aanvaarding van ou standaarde laat afneem (Van Keymeulen, 2010: 150-151). Maar wat sal gebeur as die norme en reëls hulle gesag verloor? Wat gebeur as die sorgvuldig opgeboude hekke rondom die taal wegval sodat die afgrensing na buite weer diffuus word en die vroeër nagestreefde interne homogeniteit nie meer nagestreef word nie? Met ander woorde, wat

gebeur as die standaardtaal ophou bestaan? Wat dan wegval, is fiksie, 'n ideaal, aldus Van der Horst (2008: 305).

Günther Drosdowski (aangehaal in Van der Horst, 2008: 303) stel in 1988 die vraag ten opsigte van die standaardtaal: "Ist unsere Sprache noch zu retten?"<sup>2</sup> Van der Horst (loc. cit.) se antwoord hierop is "ongetwyfeld" "nee"; dat ons binnekort sonder 'n standaardtaal sal moet klaarkom. In die nuwe destandaardiseringsituasie sal die hekke rondom die afsonderlike tale wegval. Die skerp grens tussen die tale sal diffuser word terwyl interne variasie meer en meer aanvaar sal word. Die taalkontinuum word dus herstel. Dit beteken nie dat daar uiteindelik een taal sal ontwikkel of dat alle taalvorme nou aanvaar sal word nie, maar slegs dat daar binne die taalkontinuum toenemend minder grense sal wees en dat verskillende taalvorme naas mekaar aanvaar sal word en met mekaar sal meeding. (Van der Horst, 2008: 311; 2009: 11) Hierdie verskuiwing in taalkultuur kom ook daarop neer dat daar nie meer een bevoorregte norm vir alle soorte skryftaal is nie (Van der Horst, 2008: 312). Die taal word van sy sanksie of lisensie ontnem om soos voorheen te funksioneer, met ander woorde dit is nie meer die bevoorregte taalvorm nie (Kotzé, 2009: 1; 2010a: 154).

Kotzé (2009: 4; 2010a: 163-164) onderskei verder tussen taalinterne destandaardisering en taaleksterne destandaardisering. Taalinterne destandaardisering vind plaas wanneer 'n standaardtaal leksikaal ontmagtig word deur die afname of beëindiging van taalinterne norme, met ander woorde wanneer die taalinterne norme hulle geldigheid verloor (Kotzé, 2009: 1; 2010a: 154). 'n Voorbeeld hiervan is wanneer daar toenemend omgangstaalvorme in domeine gebruik word waarin daar normaalweg van 'n relatief formele register gebruik gemaak word, soos wanneer al hoe meer omgangstaalvorme in koerantberigte ingevoer word eerder as om standaardtaal te gebruik. 'n Afrikaanse voorbeeld is die berriggewing van Afrikaanse poniekoerante soos die *Kaapse Son* waarvan die redakteur haar daarop roem dat hulle hulle koerantberigte in die "streektaal van die mense" en "soos die mense praat" skryf, en nie soos dit deur die normerende bron van Afrikaans, die *Afrikaanse woordelys en spelreëls*, voorgeskryf word nie (Kotzé, 2009: 5; 2010a: 164; Van der Westhuizen, 2010). Dit gaan dus by taalinterne destandaardisering om destandaardisering op korpusvlak. Taaleksterne destandaardisering dui op die afname of beëindiging van die gebruik van die standaardtaal vir hoër funksies (Kotzé, 2009: 1; 2010a: 154). Wanneer 'n taal wat vroeër oor die funksie van amptelike taal, onderwystaal, mediataal, ensovoorts, beskik het, hierdie funksies verloor deurdat daar byvoorbeeld 'n nuwe regering in die betrokke land aan bewind kom wat hierdie taal nie goedgesind is nie, en die taal se funksies gereduseer word tot gebruikstaal in private domeine soos die gesin, dui dit op taaleksterne destandaardisering. Taaleksterne destandaardisering is dus gemoeid met destandaardisering op

---

<sup>2</sup> Kan ons taal nog gered word?

statusvlak.

Wat het hierdie destandaardiseringstendens veroorsaak? Hoekom het daar of is daar besig om 'n verandering in mense se persepsie van die standaardtaal plaas te vind? Stroop (1992: 169-171) verskaf ten opsigte van Nederlands verskeie redes waarom die standaardtaal op pad uit is, maar wat op die meeste standaardtale van vandag van toepassing gemaak kan word. Eerstens het daar verskeie revolusionêre veranderinge in die onderwys plaasgevind, wat veroorsaak het dat belangstelling in taalleer en taalreëls verlaag het. Baie tyd word deesdae gebruik om kommunikasie aan kinders te leer, terwyl min aandag aan aspekte soos idiome, spraak, uitspraak, grammatika, ensovoorts, spandeer word. In baie lande vorm die leer van uitspraak en grammatika nie meer 'n belangrike deel van die kurrikulum nie. Verder leef ons ook in 'n tyd van groter toleransie teenoor taalvariasie. Dit veroorsaak dikwels verwarring by onderwysers. Die "probleem" word hanteer deur dit bloot te ignoreer. Onderwysers wat nie sekerheid het oor wat reg en wat verkeerd is in die taal nie, bestee eerder meer tyd aan ander aspekte soos literatuur, en sodoende word taalleer agterweë gelaat. 'n Tweede rede wat aangevoer kan word, wat nou aansluit by die veranderinge in die onderwysstelsel en waarin baie lande, veral in Europa, hulle deesdae bevind, is die grootskaalse toestroming van uitlanders. Hierdie tweedetaalsprekers, wat dikwels 'n groot gedeelte van die spraakgemeenskap verteenwoordig, oefen ongetwyfeld 'n invloed op die standaardtaal uit, deur byvoorbeeld moedertaalsteuring of die gebrekkige verwerwing van die standaard. Die derde rede het te make met veranderinge wat in die samelewing plaasgevind het. Veral sedert die sestigerjare was daar 'n geneigdheid onder mense om die geldigheid van alle tipe reëls te bevraagteken, ook dié van taal. Hierdie tydperk van vrye denke het egter die gevolg gehad dat die spreekwoordelike baba dikwels saam met die badwater uitgegooi is deurdat baie reëls geïgnoreer is bloot omdat dit reëls is. Dieselfde het ook ten opsigte van taalreëls en -norme gegeld. Nog 'n sosiale verandering wat 'n invloed op die standaardtaal gehad het, is die demokratisering van samelewings. In 'n samelewing waar mense as gelykes kan funksioneer, is 'n eenvormige standaardtaal nie meer 'n doelwit wat bereik moet word nie; almal kan hulle eie taalvorm gebruik, aangesien alle taalvariëteite as gelykwaardig beskou word. Die laaste rede hou verband met die informalisering van die samelewing. Informalisering behels dat kontraste in die samelewing geminimaliseer word, ekstreme gedrag en emosie nader aan mekaar beweeg, en dat die kontinuum van gedrag, emosie en waardes enger is as tevore. Die norme op grond waarvan mense mekaar se gedrag beoordeel, is minder rigied en nienormale gedrag word verskoon op grond van eksterne faktore en versagte omstandighede. Hierdie hele proses van informalisering het ook 'n invloed op die standaardtaal. Informalisering veroorsaak dat norme vryer word en plaas mense in situasies waar hulle hulle eie reëls en norme moet bepaal. Wat taal aanbetref, beteken dit dat die uiterstes, soos die variëteite aan die een kant en die homogene standaardtaal aan die ander kant, aan die verdwyn is sodat die standaardtaal besig is om in 'n wye spektrum van

variasies te verander wat almal aanvaarbaar is. (Stroop, 1992: 169-171, 173-174)

Volgens Agamben (aangehaal in Krog, 2004: 5) verkeer alle tale in spanning. Aan die een kant word daar na vernuwing en transformasie gestreef en aan die ander kant word daar na stabiliteit en handhawing gestreef. Eersgenoemde manifesteer dit in taal in die vorm van normversaking terwyl laasgenoemde dit in die vorm van grammatikale norme manifesteer. Standaardisering en destandaardisering is tekenend van hierdie spanning in taal. Dit is juis as gevolg van hierdie spanning dat daar in die laaste tyd oproepe om die herstandaardisering van tale is. Hierdie herstandaardisering het ten doel om die elitistiese aard van die standaardtaal af te breek ten einde 'n oper "standaard" daar te stel. Wanneer ek dit in hierdie studie oor destandaardisering het, gaan dit nie vir my om die verdwyning van 'n standaard nie, maar eerder die afloop van die eng, puristiese standaardvorm, soos dit geskep is volgens die sogenaamde Renaissancevisie van taal.

Odendal (1992: 21) dui daarop dat 'n taal se kanse op oorlewing, asook verdere uitbouing en opbloeï, versterk word indien die taal oor 'n gestandaardiseerde variëteit beskik. Die noodsaaklikheid van standaardtale in die lewe van moderne gemeenskappe is ook nie weg te redeneer nie. Webb (2010a: 210) beklemtoon die belang van 'n volwaardig gestandaardiseerde taal vir spraakgemeenskappe. Standaardtale bepaal die norme vir gepaste taalgedrag in openbare domeine en dien as variëteit waarmee daar met die regering, staatsadministrasie en in die regstelsel gekommunikeer kan word (Webb, 2010a: 197). Die standaardvariëteit dien dus as breër, bodialektiese kommunikasie-medium, 'n tipe lingua franca (De Villiers, 1985: 42). Dit dien ook as medium vir die geskrewe taal, deurdat dit die variëteit is waarin amptelike dokumentasie versprei kan word (De Villiers, 1985: 51; Webb, loc. cit). Standaardtale is ook die variëteit vir hoëvlak-beroepsbeoefening en deelname aan die politieke, ekonomiese en opvoedkundige lewe van die spraakgemeenskap. As noodsaaklike variëteit vir intellektuele ontwikkeling, speel die standaardtaal 'n uiters belangrike rol in die tegnologie en onderwys. As onderrigmedium medieer hierdie variëteit die verwerwing van kennis, konseptuele ontwikkeling en die ontwikkeling van vaardighede, en dit is ook die variëteit waardeur leerders hulle kennis, insig en kognitiewe vaardighede moet demonstreer deurdat dit die norme verskaf vir die assessering van leerders se prestasie. (De Villiers, 1985: 47; Webb, loc. cit.) Verder is dit die variëteit vir openbare debatvoering, publikasie en die instandhouding van 'n leeskuiluur, die mediataal en vertaaltaal (De Villiers, 1985: 43; Webb, loc. cit.). Laastens het die standaardvariëteit ook 'n ideologiseringsfunksie. Die simboliese waarde daarvan, met ander woorde die standaardtaal as simbool van nasionale eenheid, solidariteit, sosiale identiteit en prestige, is hier van belang. (De Villiers, 1985: 45; Webb, loc. cit.)

Daarom is daar by herstandaardisering nog sprake van 'n standaard, maar dit verskil van die standaardvorm wat tale tot op hede gekenmerk het. Soos Clyne (aangehaal in Fishman, 2004: 92) aandui, behels baie van die taalbeplanning deesdae herbeplanning van die beplanning van die verlede. Herstandaardisering gaan na my mening om die herdefiniëring van taalinterne norme ten einde taalekstere destandaardisering teen te werk. Herstandaardisering is as 't ware die goue midde-weg tussen standaardisering soos ons dit tot op dese geken het (die sogenaamde Renaissancevisie op taal) en destandaardisering.

### 3.2.3 Die einde van Standaardafrikaans?

Volgens Kotzé (2009: 4; 2010a: 163) is daar beslis sprake van taalekstere destandaardisering ten opsigte van Afrikaans, veral as daar gekyk word na die gebrek aan politieke wil in die huidige staats-huishouding. Dit gaan hier oor Afrikaans as standaardtaal wat verswak word weens die verlies van hoër taalfunksies (Kotzé, 2009: 4; 2010a: 164). Wat taalinterne destandaardisering betref, is daar volgens Kotzé (2009: 5; 2010a: 166) egter oor die algemeen nie sprake van 'n beduidende destandaardiseringstendens in Afrikaans nie. Kotzé (2009: 5; 2010a: 164-165) dui wel daarop dat sommige registers soos die nuusberrigging in die pers wat tradisioneel met standaardtaalvorme geassosieer word, neig om niestandaardvorme toe te laat. Willemse (2009b) meen weer dat daar duidelike aanduidings van 'n tipe destandaardisering<sup>3</sup> in Afrikaans is as 'n mens na die handhawing van Standaardafrikaans kyk. Willemse (2009b) gee as voorbeeld die woord "huidiglik" wat deesdae al hoe meer in die Afrikaanse omgewing aanvaar word. Hierdie veranderinge vind op groot skaal op alle vlakke van die samelewing plaas, aldus Willemse (loc. cit.), en hierdie sosiale prosesse kan nie noodwendig gekeer word nie.

Maar wat is die stand van Standaardafrikaans ten opsigte van die destandaardiseringstendens soos wat dit in veral die Europese tale te bespeur is? Alhoewel Van der Horst se uitsprake oor destandaardisering op die Europese standaardtale gebaseer is, is ek van mening dat hierdie sogenaamde Renaissancevisie op taal dit ook in die Afrikaanse standaardtaal voltrek het, maar wel op ander tye, ander maniere, en teen 'n baie vinniger tempo. Hierdie Renaissancevisie op taal is saam met die Europese setlaars na Afrika gebring en as daar na die standaardiseringsgeskiedenis van Afrikaans gekyk word, is dit duidelik dat dit hierdie setlaars se siening ten opsigte van Standaardafrikaans tot 'n groot mate beïnvloed het. Die standaardisering van Afrikaans is, soos in die sestiende eeu in Europa, aanvanklik gekenmerk deur 'n fokus op spelling, 'n woordeboek, vertaling van die Bybel en 'n puristiese "vrees" vir leenwoorde, veral uit Engels. Soos in die sewentiende en agtiende

<sup>3</sup> Alhoewel Willemse (2009b) nie die term *destandaardisering* gebruik nie, kom dit wat hy impliseer en dit wat taalinterne destandaardisering behels, op dieselfde neer.

eeu in Europa, is hierdie idees in later jare in die standaardisering van Afrikaans verder ontwikkel en tot die uiterste deurgevoer. Standaardafrikaans het egter ook nog altyd 'n ideaal gebly wat in woordeboeke en ortografieë gekodifiseer is en wat van baie moedertaalsprekers van Afrikaans se werklike taalgebruik verskil. Standaardafrikaans het 'n begunstigde posisie in die spraakgemeenskap gekry en ander variëteite is teenoor Beskaafde Afrikaans gestel. Maar soos in Europa, meen ek dat daar die afgelope paar dekades ook in die Afrikaanse spraakgemeenskap 'n taalkulturele paradigmaskuif aan die plaasvind is wat tot 'n destandaardiseringstendes aanleiding gee, soos wat dit veral in die Europese tale voorkom. Daar is toenemend sprake van 'n afwysing van die elitistiese en eng norme van Standaardafrikaans en 'n pleidooi vir 'n meer inklusiewe standaard (sien 3.5). Standaardafrikaans in sy eng gedefinieerde vorm is dus wel na my mening besig om sy geldigheid te verloor. Maar, soos aangedui (sien 3.2.2), beteken dit nie dat daar in die toekoms geen standaard meer vir Afrikaans sal bestaan nie; wel in 'n ander, meer verteenwoordigende, demokratiese<sup>4</sup> vorm.

### **3.2.4 Samevatting**

In hierdie afdeling is gesien dat daar wêreldwyd 'n verskuiwing in denke ten opsigte van die standaardtaal aan die plaasvind is. Daar is 'n "losser" benadering tot die standaard sodat 'n destandaardiseringstendens duidelik waargeneem kan word waar dit gaan om die afloop van 'n eng standaard en die uiteindelijke herdefiniëring van bestaande norme. Dieselfde geld ook Afrikaans, deurdat daar toenemend oproepe om die herstandaardisering van Afrikaans is.

## **3.3 Herstandaardisering**

### **3.3.1 Inleiding**

In hierdie afdeling word die herstandaardiseringsproses in die breë onder die loep geneem. Eerstens word daar gekyk na algemene definisies van die begrip soos wat verskillende navorsers dit verstaan. Hierna word herstandaardisering as demokratiseringsproses geskets en daar word aangedui waarom herstandaardisering as normatiewe taalbeplanning beskou kan word. Die vraag word vervolgens gevra of herstandaardisering taalbeplanning van bo of van onder behels. Hierna verskaf ek 'n duidelike en ondubbelsinnige taalbeplanningsdefinisie van herstandaardisering deur ooreenkomste en verskille met die standaardiseringsproses uit te wys. Ten slotte word moontlike positiewe en negatiewe gevolge van herstandaardisering in oënskou geneem.

---

<sup>4</sup> sien 3.3.3 vir 'n omskrywing van wat met die demokratiese vorm van taal bedoel word.



### 3.3.2 Definiëring van die begrip *herstandaardisering*

Die begrip *herstandaardisering* is relatief nuut in die sosiolinguistiek en min akademiese het al daarvoor geskryf. Die gevolg is dat daar nie een ondubbelsinnige definisie bestaan nie. Van die eerste persone wat die term *herstandaardisering* gebruik het, maar wel sonder om 'n duidelike definisie daarvoor te verskaf, was Ferguson (1968, aangehaal in Joseph, 1987: 174) en Joseph (1987). Vir Schiffman (1998: 362-363), wat oor die *herstandaardisering* van Standaard Gesproke Tamil (*Standard Spoken Tamil* of *SST*) skryf, vind *herstandaardisering* in 'n taal plaas wanneer 'n nuwe weergawe van die taal, met sy eie gesproke vorm, na vore tree in 'n poging om sommige van die gebruiksdomeine van 'n ouer, prestigeryke literêre taal wat nie langer daarin slaag om 'n medium vir mondelinge kommunikasie te wees nie, uit te daag en oor te neem. Joseph (uiteengesit in Schiffman, 1998: 363) dui egter daarop dat *herstandaardisering* nooit die ouer standaardtaal heeltemal vervang nie. Die ouer norm sal eenvoudig die status van "klassieke" taal kry, maar niemand sal 'n poging aanwend om hierdie taalvorm na te streef nie, behalwe vir 'n paar argaïese bittereinderpuriste, of in die geval van 'n liturgiese taal, priesters en geleerdes. Soos reeds aangedui (sien 2.2.5.4), beskou Cooper (1989: 154) *herstandaardisering* as deel van die korpusbeplanningskategorie wat hy "vernuwing" noem. Vernuwing behels die verandering van 'n reeds bestaande kode terwyl *herstandaardisering* meer spesifiek verwys na die suiwering van 'n reeds bestaande standaard. Wat presies hy met "verandering" en "suiwering" bedoel, gee Cooper nie te kenne nie. Hy dui egter daarop dat vernuwing nie deur suiwer kommunikatiewe behoeftes gemotiveer word nie, maar eerder deur nielinguïstiese doelwitte (sien 2.2.5.4). (Cooper, loc. cit.)

Die begrip *herstandaardisering* figureer egter baie meer in die Suid-Afrikaanse sosiolinguistiek, en dan veral met betrekking tot Afrikaans en Suid-Afrikaanse Engels. Volgens Johl (2002: 173) kom die term *herstandaardisering* toenemend aan bod waar dit gaan om die regstelling van talige onregte en die bemagtiging van benadeelde sprekers. Wade (1996: 54) meen dat, indien taalpurisme en *herstandaardisering* ten doel het om sekere groepe mense uit te sluit, *herstandaardisering* juis die teenoorgestelde ten doel het, naamlik om die perke van aanvaarbaarheid te verbreed. *Herstandaardisering* is dus 'n sosiopolitieke aktiwiteit. Die fokus val by *herstandaardisering* op die gesproke variëteite van 'n taal met implikasies vir die wyse waarop die gesproke variëteit en standaard nader aan mekaar gebring word (Johl, loc. cit.). *Herstandaardisering* probeer dus om diglossie teen te werk.

Volgens Kotzé (2009: 1; 2010a: 154; 2011: 5) word daar tydens *herstandaardisering* op grond van 'n gewysigde makroseleksie, met ander woorde 'n nuwe matriksvariëteit, 'n herdefiniëring van die standaard onderneem en nuwe norme van toepassing gemaak, of ander of nuwe funksies aan die taal toegeken. By Kotzé (loc. cit.) val die klem op *herstandaardisering*, met ander woorde *herstandaardisering*

as “weer standaardiseer”, waardeur herstandaardisering ’n soortgelyke proses as standaardisering verteenwoordig, maar ten opsigte van ’n ander stel norme of ’n ander stel taalfunksies. Wade (1996: 4) sluit na aanleiding van Cooper (1989: 154) se definisie van herstandaardisering hierby aan wanneer hy herstandaardisering definieer as die herseleksie van variante (hetsy fonologies, leksikaal, sintakties of pragmaties) uit ander variëteite van die betrokke taal en die herdefiniëring van die taalmodel op grond hiervan.

Wanneer ’n taal geherstandaardiseer word, word maatreëls ontwerp en geïmplementeer om taal op só ’n wyse te stuur of te verander sodat die interne norme van die taal ’n al hoe groter rol op mense se taalgedrag sal uitoefen of deur ten minste hierdie veranderinge te bekragtig nadat dit reeds plaasgevind het, aldus Bruthiaux (2006: 32). Bruthiaux (loc. cit.) beskou herstandaardisering met ander woorde as min of meer natuurlike taalverandering in die rigting van interne taalnorme wat deur amptelike maatreëls gestuur word en deur sanksie ondersteun word. Herstandaardisering behels volgens hom minimale inmenging deur taalbeplanners. Ook Wade (loc. cit.) ondersteun die “natuurlikheid” van herstandaardisering (sien 3.4.2.1). Uit die voorafgaande definisies is dit egter duidelik dat die begrip *herstandaardisering* nog ’n grys area is wat vir elke sosiolinguis ’n afsonderlike betekenis dra, aangesien baie van die opvattinge oor herstandaardisering selfs teenstrydig is.

Wade (1996: 62) meen dat ’n mens tot ’n paar insigte kom indien jy die verskillende voorstelle vir die harmonisering en herstandaardisering van verskeie Suid-Afrikaanse tale in oënskou neem. Eerstens word herstandaardisering eerder beskou as ’n respons op sosiale veranderinge as op taalkundige tekortkominge of vereistes. Tweedens is die motivering agter herstandaardisering die potensiaal om groter instrumentele waarde teweeg te bring of om sosiale probleme te hanteer. Derdens word daar algemeen aanvaar dat teenstand ten opsigte van herstandaardiseringspogings vanuit die elite verwag kan word wie se belange deur die bestaande standaard gedien word. Laastens word herstandaardisering beskou as ’n doelbewus beplande proses. (Wade, 1996: 62)

Wade (1996) maak verder ’n paar nuttige onderskeidings tussen verskillende tipes herstandaardisering. Sy eerste onderskeid is tussen hervormende (*reformist*) en radikale (*radical*) herstandaardisering (Wade, 1996: 11). Hierdie selfde onderskeid word egter ook deur Johl (2002: 173-174) gemaak. In die hervormende benadering tot herstandaardisering, beïnvloed herstandaardisering hoofsaaklik die bestaande standaard (Wade, loc. cit.). Dit gaan hier veral om strukturele veranderinge wat aan die standaard aanbring word ten einde die veranderde verhouding tussen die verskillende taalgemeenskappe te reflekteer (Johl, 2002: 173). Die definiëringsgrense van wat as deel van die standaard beskou word, word tot ’n mate vergroot ten einde elemente van die ander variëteite van ’n taal te inkorporeer. Die variëteite waaruit elemente aan die standaard toegevoeg word, bly egter nog

as afsonderlike variëteite voortbestaan wat as geheel nie standaardtaalstatus geniet nie. (Wade, loc. cit.) Hierdie tipe herstandaardisering is volgens Wade (loc. cit.) relatief oppervlakkig. Die bestaande standaard sal die meeste by hierdie proses baat, aangesien die standaardvorm 'n verandering in sosiale betekenis ondergaan wat sal veroorsaak dat dit nie meer as 'n produk van die heersende elite gedefinieer sal word nie. Die standaard sal steeds die "besit" van die elite wees. (Wade, loc. cit.)

Daarteenoor sal radikale herstandaardisering 'n direkte invloed op die sosiale status van die nie-standaardvariëteite van 'n taal hê (Wade, 1996: 12). Dit behels dat die variëteitsbasis van die standaardtaal verander word (Johl, 2002: 174). Hierdie tipe herstandaardisering sal dus 'n akrolektiese standaardvorm van die eens niestandaardvariëteite naas die bestaande standaardvorm tot gevolg hê. Dit kan uiteindelik selfs daartoe lei dat die bestaande standaard deur die nuwe standaard vervang word. Radikale herstandaardisering kan gelei word deur sprekers van die niestandaardvariëteite wat aan hulle "eienaarskap" van die nuwe, opkomende standaard sal gee. (Wade, loc. cit.) Ponelis (1998: 68) dui daarop dat hierdie tipe radikale herstandaardisering nie ongewoon is nie. Die geskiedenis van Standaardnederlands is 'n goeie voorbeeld hiervan. Tot en met die sestende eeu was die Nederlandse standaard hoofsaaklik op die Brabantse variëteit gebaseer met die florerende hawestad Antwerpen as die sentrum van die Nederlandse taalgebied. Vanaf die tweede helfte van die sestende eeu het die Nederlandse taalgebied egter na Holland verskuif, met Amsterdam as die sentrum, wat daartoe gelei het dat Standaardnederlands tot 'n groot mate deur die Hollandse variëteit beïnvloed is. (Ponelis, loc. cit.) Die kans op sterk teenstand vanuit die Standaardafrikaanse geleedere is baie groter in radikale herstandaardisering as hervormende herstandaardisering. (Johl, loc. cit.) Beide hierdie tipes herstandaardisering geskied egter deur middel van 'n bo-na-onder proses<sup>5</sup> (Johl, 2002: 175).

Nog 'n onderskeid wat deur Wade (1996: 12) getref word, is tussen passiewe en aktiewe herstandaardisering. Passiewe herstandaardisering behels dat sprekers se persepsie van wat aanvaarbare taalgebruik is, sal verander sonder dat hulle noodwendig hierdie taalgebruik toepas. Passiewe herstandaardisering impliseer dat sprekers se beskouing van wat die standaard uitmaak, meer inklusief word. Aktiewe herstandaardisering vind plaas wanneer sprekers van die standaard die nuwe eienskappe of gebruike by hulle aktiewe taalgebruik insluit, met ander woorde hulle taalgebruik reflekteer die veranderinge wat aan die standaard aangebring is. Aktiewe herstandaardisering kan daartoe lei dat sekere voorheen standaardvariante in onbruik verval. (Wade, 1996: 13) Wade (loc. cit.) is van mening dat passiewe herstandaardisering meer geneig is om plaas te vind en dat dit 'n nood-

---

<sup>5</sup> Sien 3.3.5 vir 'n definisie van hierdie begrip.

saaklike voorloper van aktiewe herstandaardisering is<sup>6</sup>. 'n Laaste onderskeid wat Wade (loc. cit.) maak, is tussen moedertaal- en tweedetaalherstandaardisering. Vir moedertaalsprekers behels (passiewe) herstandaardisering dat hulle hulle persepsie van wat aanvaarbare geskrewe en gesproke taal is in 'n reeks min of meer formele, openbare en magsdomeine verbreed ten einde ander variëteite in te sluit as slegs die eng gedefinieerde standaardvorm (Wade, loc. cit.). Herstandaardisering vir tweedetaalsprekers behels dat die standaardvorm met sy spesiale status as normatiewe doelwit vervang word deur 'n nuwe norm wat aspekte van die fonologie, sintaksis en leksikon van die nie-standaardvariëteite weerspieël (Wade, 1996: 14).

Johl (2002: 176) identifiseer ook nog 'n laaste herstandaardiseringstrategie wat sy harmonisering<sup>7</sup> noem. Harmonisering behels volgens Johl (loc. cit.) dat die standaardiseringsproses "ooggemaak" word sodat die taal sy natuurlike verloop kan neem, dat alle rolspelers op 'n regverdigte en gelyke basis betrek word, 'n "ontspanning" van die standaard, verdraagsaamheid ten opsigte van verskille, die koestering van diversiteit en dat die gesag aan die spraakgemeenskap self oorgegee word. Harmonisering in hierdie sin van die woord is 'n onder-na-bo proses<sup>8</sup>. Mense op voetsoolvlak en nie-regeringsinstansies word dus by die proses betrek. Dit behels ook dat taalvorme wat voorheen tot informele domeine beperk was en geen prestige gehad het nie, toenemend in formele domeine aangewend sal word. (Johl, 2002: 175).

### 3.3.3 Herstandaardisering as demokratiseringsproses

Tydens die etniese ontwaking het minderheidsgroepe die demokratiese ideaal begin ontwikkel om die reg te hê om hulle eie kultuur en identiteit te gebruik sonder om aan stigmatisering of diskriminasie onderwerp te word. Vanuit hierdie oogpunt, behels demokrasie pluralisme en multitaligheid. (Huss en Lindgren, 2011: 9) Daarom meen Stroop (1992: 162) dat daar in 'n moderne samelewing met 'n hoë graad van demokrasie en 'n diverse spraakgemeenskap nie meer 'n plek of nut is vir 'n homogene standaardtaal nie. 'n Heterogene gemeenskap vereis 'n heterogene uitdrukkingsmiddel, aldus De Villiers (1985: 8). Ongeag hoe 'n mens na standaardtale kyk, is dit duidelik dat standaardtale teen minderheidsgroepe, gemarginaliseerde groepe, vroue, die laer klasse, ensovoorts diskrimineer. Dit gebeur selfs in die "verligte" tyd waarin ons leef, maar tog op 'n subtiele manier, aangesien eksplisiete elitisme nie meer houdbaar is nie. (Parakrama, 1995: 41) Daarom kan daar nie meer 'n eenvormige standaardtaal bestaan nie, aangesien daar nie meer belangstelling daarin en noodsaaklikheid daar-

<sup>6</sup> Volgens my bevind Afrikaans dit tans in 'n toestand van passiewe herstandaardisering (sien 3.6).

<sup>7</sup> Johl (2002: 175) se definisie van harmonisering moenie met die meer algemeen aanvaarde definisie, soos wat dit veral in taalbeplanning ten opsigte van Bantoetale neerslag vind, verwar word nie (sien 3.4.3).

<sup>8</sup> sien 3.3.5 vir 'n definisie van hierdie begrip.

voor is nie (Stroop, 1992: 162). Vikør (1989: 57) dui daarop dat mense hulleself wil wees in hulle taalgebruik en hulle stempel daarop wil afdruk met hulle eie sosiale en streeksagtergrond en individualiteit. Maar hulle wil ook deur mense buite hulle onmiddellike omgewing verstaan en aanvaar word en hulle taalgebruik dienooreenkomstig kan aanpas. Hierin kan die standaardtaal as riglyn dien. Indien daar 'n meer ontspanne benadering tot standaardisering gevolg word, sal die standaardtaal nie meer as oppergesag oor die taalgebruikers gesien word nie, maar sal dit in diens van die taalgebruikers staan. (Vikør, loc. cit.) Die "neutraliteit" van die standaardtaal kan dus 'n nuttige manier wees om hegemonie teen te werk (Parakrama, 1995: 41).

Gegewe die diskriminerende aard van standaardtale, moet taalkundiges probeer om die standaard te verbreed ten einde ander variëteite in spraak en skrif in te sluit om taaldiskriminasie teen te werk (Parakrama, 1995: 42). Van Rensburg (1992: 184) meen ook dat demokratiese oorwegings in taal moet meebring "dat die verskille tussen die gestandaardiseerde en ongestandaardiseerde variëteite van 'n taal verminder word". In die herstandaardisering van taal moet daar dus aandag geskenk word aan interne variasie, met ander woorde die verhouding tussen die standaardtaal en die niestandaardvariëteite (Stander en Jenkinson, 1993: 35-36). Die verskeidenheid van die betrokke taal moet in sy totaliteit by die ondersoek en beplanning van die taal betrek en ingesluit word; dit is nie net die gereglementeerde vorme nie, maar ook al die variëteite van die betrokke taal. Daar is nie sprake van elke sprekersgroep wat op hulle eie taalkundige kluit sit nie, maar eerder taalkragte wat saamgesnoer word. (Senekal, 1984: 213) Een manier om die herstandaardisering van tale te beskou, is volgens Wade (1996: 10) as 'n proses wat ten doel het om die perke van aanvaarbaarheid te verbreed (sien 3.3.2). Hierdie proses sal die demokratisering van die samelewing weerspieël, aldus Wade (loc. cit.). Volgens Stander en Jenkinson (1992: 36) kan die demokratiese taalbedeling bewerkstellig word deur die verskille tussen die variëteite onderling al kleiner te maak deur die standaardvariëteit groter te maak. Daar moet op die formele en informele vlak gelyke inspraak deur alle moedertaalsprekers in die standaard wees. Dit sal 'n demokratiese taalbedeling verseker waarin die betrokke taal op 'n breër taalvariasiebasis gestandaardiseer sal word. Daardeur sal 'n taal geskep word wat in meer opsigte "korrek" aangewend kan word en daar sal vir 'n groter sosiolinguistiese spektrum sprekers "n tuiste in eie taal verseker word". (Van Rensburg, 1992: 24; Stander en Jenkinson, 1993: 30, 36) Die demokratisering van 'n taal behels dus dat die hele spraakgemeenskap seggenskap sal hê in die infrastruktuur van die taal (Sonn, 1990: 5-6; sien ook Stander en Jenkinson, 1993: 36). Daar kan na hierdie poging om omgangsvariëteite te erken en te bevorder, verwys word as demokratiese taalregte, aldus De Klerk (1999: 319). Die probleem wat egter hieruit spruit, het te make met die beperkinge wat op die standaardtaal geplaas word indien dit as 'n standaard wil funksioneer: Hoe breed of inklusief kan 'n standaard word voordat dit ophou om as standaard te funksioneer? Is daar beperkinge op diversiteit en die aanvaarding van alternatiewe taalvorme waarbuite die standaard deur taalanargie verswelg

word? (Parakrama, 1995: 42)

Webb (1997: 227) meen dat 'n taal as demokratiserende instrument 'n hulpbron moet word in die proses van demokratisering. Die taal mag nie 'n basis vir diskriminasie en uitbuiting word nie, en daarom moet die afstand tussen die omgangsvorme en die standaard verklein word en negatiewe houdings jeens niestandaardvorme bestry word (Webb, 1997: 228). Demokratisering behels dus dat die stigmatisering van niestandaardvariëteite en die negatiewe gevolge wat dit vir die sprekers van hierdie variëteite inhou, soos taalonsekerheid, negatiewe selfbeeld, skolastiese mislukking, teen-gewerk word. Dit impliseer byvoorbeeld dat onderwysers groter toleransie ten opsigte van die gebruik van niestandaardvorme deur leerders moet toon. (Swanepoel, 1995a: 69) Verder behels dit dat die taal sowel die primêre as sekondêre spraakgemeenskap toegang bied tot elke beskikbare reg en voorreg op opvoedkundige, ekonomiese, politieke en sosiale gebied; dat die taal 'n instrument van sosiale betrokkenheid (inklusiwiteit) en nie van uitsluiting (eksklusiwiteit) moet wees nie. Afrikaans kan as demokratiserende instrument dien deurdat onderrigmateriaal byvoorbeeld die heterogene sosio-kulturele werklikheid van Afrikaans reflekteer. (Webb, 1997: 227-228) Webb (2000: 62) beskou dit as die taak van taalonderwysers om te sorg dat leerders bewus word van die gelykwaardigheid van al die variëteite van Afrikaans, dat alle sprekers van Afrikaans 'n onmiskenbare aandeel in die ontstaan, asook die voortbestaan, van Afrikaans (gehad) het, en laastens om hulle ook daarvan bewus te maak dat daar geen waarheid steek in uitsprake soos dat die niestandaardsprekers 'n kulturele of kognitiewe agterstand het nie. Indien die bestudering van 'n taal en sy variëteite deel van leerplanne uitmaak, sal die niestandaardvorme se status met verloop van tyd toeneem en sodoende makliker en meer spontaan 'n bydrae tot die standaard begin lewer (Van Rensburg, 1984: 189). Wanneer die gaping tussen die gestandaardiseerde en niegestandaardiseerde variëteite van 'n taal vernou word, sal dit vir alle lede van die spraakgemeenskap ook makliker word om te gebruik (Van Rensburg, 1997: 50). Waar verskillende mense uit die spraakgemeenskap met verskillende variëteite só saam deelneem aan 'n gemeenskaplike taal, word die taal 'n nuwe simbool, naamlik 'n simbool van nuttigheid vir alle variëteitsprekers waaraan hulle met vrymoedigheid kan deelneem. (Van Rensburg, 1992: 184)

Demokratisering behels ook die emansipasie van taal. Emansipasiepolitiek het te make met die verandering van die hiërargiese magstrukture ten einde 'n nuwe, demokratiese struktuur teweeg te bring. Emanisipasiepolitiek is verder daarmee gemoeid om die dominasie van een groep deur 'n ander te elimineer sodat geregtigheid, gelykheid en deelname vir almal moontlik kan wees. Teen hierdie agtergrond kan taalempansipasie gedefinieer word as die proses waardeur die ondergeskikte posisie van gedomineerde tale of variëteite deur politieke pogings en taalbeplanning verbeter word deur negatiewe persepsies oor die gedomineerde tale af te breek. (Huss en Lindgren, 2011: 1-3) 'n Belangrike aspek van taalemansipasie is dus om die negatiewe stigma wat aan die gedomineerde tale

of variëteite kleef, te oorkom (Huss en Lindgren, 2011: 7). Dit kan gedoen word deur die gedomineerde tale of variëteite in verskillende amptelike openbare gebruiksdomeine aan te wend ten einde die status van hierdie tale te verhoog, sodat hierdie tale of variëteite as waardevol en 'n hulpbron in die moderne, demokratiese samelewing beskou word (Huss en Lindgren, 2011: 2-3, 7-8).

Demokratisering van spesifiek Afrikaans kan geskied deur die gebruik van Afrikaans as middel van politieke manipulasie duidelik te maak en respek en toleransie teenoor die taaldiversiteit van die land te bevorder. Die gebruik van Afrikaans as instrument in etniese konflikte moet ook doelbewus vermy word. (Webb, 1997: 228) Webb (1996: 184) waarsku egter teen die persepsie dat dit taal is wat mense bemagtig. Mense bemagtig hulleself; taal is bloot 'n bemagtigingsinstrument. Alexander (2009a: 6; 2011: 7) beklemtoon die waarde van Afrikaans as bemagtigingsinstrument wanneer hy daarop dui dat die standaardisering van Afrikaans baie onbedoelde voordele gehad het. Terwyl die Afrikanernasionaliste hierdie rassitiese standaard geskep het, het hulle ook onder andere 'n reeks hoogs gekwalifiseerde en bekwame taalspesialiste gelewer wat baie vaardighede in die domein van taalgebruik vervolmaak het; kundiges op die gebied van leksikografie, die gedrukte media, radio en televisie, die filmbedryf, ensovoorts. Indien Afrikaans as sosiale en ekonomiese hulpbron en as instrument van restituisie moet dien, kan hierdie vaardighede aangewend word om die inheemse Bantoetale by te staan om dieselfde vlak van modernisering en ontwikkeling as Afrikaans te bereik. (Alexander, 2009a: 6-7; 2011: 7)

Laasgenoemde het reeds op die vlak van die leksikografie gebeur met die aandeel wat die Buro van die Woordeboek van die Afrikaanse Taal gehad het in die proses om die Nasionale Woordeboekeenhede vir die inheemse Suid-Afrikaanse Bantoetale op die been te help bring. In die pre-1994 bedeling het die regering slegs twee nasionale woordeboekeenhede befonds, te wete Buro vir die Woordeboek van die Afrikaanse Taal en die Dictionary Unit for South African English (Alberts, 2011: 26). Van die twee het die Buro van die WAT die meeste regeringsfondse ontvang. In 1996 is daar egter 'n wetsontwerp oor Nasionale Woordeboekeenhede opgetrek waarvolgens daar bepaal is dat nasionale woordeboekeenhede vir al die Suid-Afrikaanse amptelike tale gestig moes word "to make equitable provision for national general monolingual dictionaries for each of the official languages of South Africa and for matters incidental thereto" (Alberts, 2011: 24). Die Buro van die WAT het hierdie wetsontwerp verwelkom en voorgestel dat die Engelse woordeboekeenheid as model moes dien waarvolgens woordeboekeenhede vir die inheemse Bantoetale gestig moes word. Die implikasie hiervan was dat die Buro van die WAT 'n groot deel van hulle staatsbefondsing verloor het sodat al die Nasionale Woordeboekeenhede uiteindelik dieselfde hoeveelheid hulpbronne kon hê. Toe die Nasionale Woordeboekeenhede na 2000 deur PanSAT op die been gebring is, het die woordeboekeenhede vir die Bantoetale die Buro van die WAT as rolmodel geneem en die Buro het hulle kundigheid formeel

beskikbaar gestel vir die ander eenhede deur middel van leksikografiese opleiding. Die Buro het egter nie net 'n beduidende rol gespeel in leksikografiese opleiding nie, maar ook in opleiding ten opsigte van die bestuur van die ander woordeboekeenhede. (Gouws, 2012b)

Laastens behels die demokratisering van die standaard dat taalnorme op 'n demokratiese wyse bepaal moet word (De Villiers, 1985: 37, 52). Reëls wat nie op 'n demokratiese wyse bepaal word nie, is volgens De Villiers (1985: 37) bes moontlik nie 'n geldige beskrywing van die betrokke taal se sisteem nie, deurdat dit 'n weerspreking is van hoe die taal in werklikheid deur die spraakgemeenskap gebruik word. Laasgenoemde kan daartoe lei dat die standaard as kunsmatig ervaar word (Joseph, 1981: 180). Taalreëls moet gebaseer wees op hoe taal in die meeste gevalle gebruik word. Die norme moet dus gebaseer word op empiriese beskrywing. (Joseph, 1981: 179) Dit impliseer dat die standaardtaal bepaal moet word op grond van die bestudering van die taalgedrag van die sprekers. Hiervolgens sal die norme vir die standaard gegrond wees op 'n deskriptiewe analise van die gebruik van die taal deur die sprekers. (De Villiers, 1985: 51)

### **3.3.4 Herstandaardisering as normatiewe taalbeplanning**

Weens die demokratiserende aard van herstandaardisering, kan dit as normatiewe taalbeplanning gesien word. Webb (2006: 152) stel normatiewe taalbeplanning teenoor ideologiese taalbeplanning. Normatiewe taalbeplanning is, in teenstelling met ideologiese taalbeplanning, nie daarop gemik om spesifieke sieninge, oortuigings en gedragspatrone te vestig ten einde die belange van die dominante groep of 'n spesifieke sosiale orde te dien, beheer en oorheersing te bewerkstellig, of om ongelyke verhoudings te skep waar die Ander as sekondêr en ondergeskik voorgehou word en sodoende onderdanig gehou word nie. Normatiewe taalbeplanning behels dat aksieplanne opgerig word wat gebaseer is op 'n stel waardes en norme wat die goedkeuring en ondersteuning wegdra van die gemeenskap waarop dit van toepassing is. Hierdie waardes en norme verwys na die beginsels van vryheid, gelykheid, demokrasie en bemagtiging, en dien as raamwerk waardeur taalbeleide ontwikkel kan word, planne vir die implementering van hierdie beleide opgestel kan word, en die implementeringsproses geëvalueer kan word. Hierdie beginsels dien ook as raamwerk waarbinne ideologiese taalbeplanningsprogramme gekritiseer kan word en stel 'n mens in staat om hegemonie, oorheersing, onderdrukking en diskriminasie, asook ideologiese strukture en praktyke te ontmasker. Normatiewe taalbeplanning is in wese daarop gemik om die belange van die *hele* spraakgemeenskap te dien, maar ondersteun veral die stryd van verdrukke groepe teen oorheersing en onderdrukking. Die normatiewe benadering tot taalbeplanning is aan die kant van diegene in die stryd teen ongelykheid, ongeregtigheid en verdrukking, en vereenselwig dit met die stryd vir bevryding en die skep van 'n vry, regverdige en gelyke sosiale orde. (Webb, loc. cit.)



Wanneer 'n mens dit oor 'n normatiewe benadering tot taalbeplanning het, moet taalbeleidsontwikkeling en -implementering gemoeid wees met die rol van taal in verskeie areas. Eerstens moet taal 'n rol speel in groter toegang tot regte en geleenthede, gelykheid en sosiale geregtigheid vir sprekers. Verder moet taalbeleidskeuses toegang tot opvoedkundige ontwikkeling vir alle lede van die spraakgemeenskap verseker en gemoeid wees met die ontwikkeling van elke leerder se kennis en vaardighede en die fasilitering van verdere intellektualisering van die spraakgemeenskap. Die taal moet ook sprekers se deelname aan die ekonomie van die land en 'n vernouing van die gaping tussen sprekers ten opsigte van welvaart fasiliteer. Dit moet effektiewe staatsadministrasie en dienslewering, asook die bekamping van korrupsie verseker, en politieke ontwikkeling in die vorm van demokratisering, nasionale integrasie en nasiebou fasiliteer. Die taal moet 'n ondersteunende rol speel ten opsigte van sosiopsigologiese ontwikkeling deur rassisme in die spraakgemeenskap uit te roei, ongelykheid te bekamp, en die selfbeeld, eiewaarde en waardigheid van almal in die spraakgemeenskap te bevorder. Laastens moet dit kulturele ontwikkeling bevorder deur waardes soos verdraagsaamheid en respek vir sosiale en kulturele verskille daar te stel, waardes van meerderwaardigheid en onderskikking in die spraakgemeenskap af te breek, en kulturele vryheid uit te brei. (Webb, 2006: 153) Volgens Webb (loc. cit.) verwys hierdie kulturele vryheid veral na individue se vryheid om hulle eie identiteit te kies.

Dit is duidelik dat die normatiewe benadering tot taalbeplanning aansluit by die idee van herstandaardisering as demokratiseringsproses (sien 3.3.3). As herstandaardisering, wat in wese 'n taalbeplanningsproses is, normatief benader word, sal dit dus impliseer dat die standaard deur middel van hierdie proses van sy ideologiese aard (met al die negatiewe implikasies daarvan) afstand moet doen. Deur die normatiewe benadering tot herstandaardisering word die standaard ingespan om as versoenende instrument in die spraakgemeenskap op te tree deur die belange van al die sprekers, en veral die voorheen gemarginaliseerdes en onderdrukte, te dien.

### **3.3.5 Herstandaardisering as taalbeplanning van bo of van onder?**

Webb (2005: 41), Bruthiaux (2006: 43) en Kotzé (2011: 2) dui daarop dat standaardisering hoofsaaklik 'n bo-na-onder (*top down*) proses is, en dat veranderinge aan die standaard dus geneig is om deur middel van bo-na-onder institusionele inmenging plaas te vind. Hiermee word bedoel dat gesaghebbende instansies soos die regering en amptelike taalbeplanningsinstellings soos taalakademies standaardisering inisieer en uitvoer. Die omvang van standaardisering is dan ook van só 'n aard dat slegs 'n doelbewuste, bo-na-onder taalbeplanningspoging hoegenaamd die gewenste transformasie kan bereik, aldus Bruthiaux (2006: 44). Webb (2006: 159) waarsku egter dat taalbeplanning nie slegs 'n bo-na-onder proses kan wees nie, aangesien kans op sukses gering is. Harlech-Jones (aan-

gehaal in Eastman, 1992: 108) dui daarop dat 'n goeie taalbeleid 'n onder-na-bo (*bottom up*) ontwerp moet volg. Betekenisvolle samewerking van die spraakgemeenskap is van kardinale belang en herstandaardisering kan nie sonder onder-na-bo ondersteuning plaasvind nie (Webb, 2006: 159). Dit is daarom noodsaaklik dat die bo-na-onder benadering deur 'n onder-na-bo benadering gekomplementeer word (Webb, 2005: 41). Alexander (1992b: 146) is van mening dat Afrikaans se ontwikkelingsgeskiedenis tot en met die uiteindelijke erkenning daarvan as amptelike taal 'n goeie voorbeeld daarvan is dat onder-na-bo taalbeplanning wel moontlik is. Dit kan eerstens gedoen word deur ondersteuning en verbintenis van beide die openbare en privaat sektor te verkry (Webb, 2006: 159). Sleutelrolspelers, soos onderwysers, moet by die proses betrek word (Webb, 2005: 41). Die spraakgemeenskap se belange moet deeglik in ag geneem word en daarom moet herstandaardisering verder op die nasionale, streeks- en plaaslike behoeftes van die spraakgemeenskap gemik wees (Webb, 2005: 41; 2006: 159).

Die herstandaardiseringsvoorstelle wat al ten opsigte van Afrikaans gemaak is, kan reeds as 'n tipe onder-na-bo benadering beskou word (sien 3.5.4.). Die voorstelle het eerstens nie vanuit regerings- of ander gesaghebbende taalinstellings gekom nie, maar vanuit die geledere van onafhanklike akademië, skrywers, kunstenaars, en andere. Pokpas (1991: 24) beskryf byvoorbeeld bruin sprekers van Afrikaans se bydrae tot die herstandaardiseringsvoorstel soos volg:

Dit is veral swart<sup>9</sup> Afrikaanssprekendes wat, vry van die Afrikaner-nasionalistiese verantwoordelikheid, die bevryding en rehabilitasie van Afrikaans begin het. Sonder die kunsmatige bemagtiging van kommissies, kongresse en burokrasie het Afrikaans onder swart Afrikaanssprekendes toegeneem as kommunikasie-, bevrydingstaal en Afrika-taal.

Daar moet egter volgens Webb (2006: 159) in gedagte gehou word dat spraakgemeenskappe dikwels nie bewus is van wat hulle behoeftes is nie, aangesien hulle eerder deur hulle wense oorheers word. Dit beteken dat sprekers dikwels deur hulle onmiddellike begeertes gemotiveer word en nie altyd bewus is van die langtermynimplikasies van hulle taalkeuses nie. Daarom moet die nodige inligting aan die spraakgemeenskap verskaf word ten einde hulle samewerking te verseker (Webb, loc. cit.). Eastman (1992: 108) stel voor dat hierdie onder-na-bo benadering gevolg kan word deur veral met taalingesteldhede te werk.

### 3.3.6 'n Taalbeplanningsdefinisie van herstandaardisering

Soos uit die vorige hoofstuk blyk, is my gebruik van die term *herstandaardisering* bedoel om 'n band met die begrip *standaardisering* te impliseer. Dit is dus voor die hand liggend dat daar 'n hele paar

---

<sup>9</sup> Die beskrywing "swart" sluit hier beide swart en bruin Afrikaanssprekendes in.

ooreenkomste tussen standaardisering en herstandaardisering bestaan. Soos standaardisering, beskou ek herstandaardisering as 'n algemene sosiolinguistiese aktiwiteit. Dit impliseer dat herstandaardisering, soos standaardisering, verskillende taalbeplanningsaktiwiteite insluit, soos korpus-, status- en prestigebeplanning en dus 'n proses is wat hoofsaaklik, maar nie uitsluitlik nie, deur taalbeplanners en ander taalkundiges uitgevoer word. Herstandaardisering is nie net gemoeid met die herdefiniëring van die taalvorm nie, maar ook taalfunksies en sprekers se taalingesteldhede en taalgedrag. Herstandaardisering is daarom 'n doelbewuste en planmatige proses en nie bloot die gevolg van natuurlike taalverandering nie en kan gevolglik deels as 'n bo-na-onder taalbeplanningsproses gesien word. Herstandaardisering sal daar voorkom waar daar 'n behoefte in 'n taal ontstaan omdat die huidige situasie ten opsigte van die standaard nie meer deur die sprekers as voldoende beskou word nie. Maar herstandaardisering is nog meer as standaardisering 'n respons op 'n dieperliggende sosiaalideologiese probleem in die spraakgemeenskap en daarom is herstandaardisering dikwels gemoeid met die politieke implikasies van taal.

Alhoewel daar 'n hele paar ooreenkomste tussen standaardisering en herstandaardisering is, suggereer die prefiks *her-* dat daar ook belangrike verskille tussen hierdie twee taalbeplanningsprosesse bestaan. Soos reeds aangedui (sien 2.2.3.3), dien die standaard 'n klein elite in die spraakgemeenskap wat die standaard tot hulle eie voordeel aanwend. Hierteenoor het herstandaardisering juis ten doel om 'n taalnorm daar te stel wat dit moet wees wat die standaardtaal, na my mening, in die eerste plek moes wees, naamlik 'n bodialektiese taalnorm wat verteenwoordigend is van die hele spraakgemeenskap en dus alle sprekers se belange dien. Herstandaardisering het te make met die demokratisering van 'n taal (sien 3.3.3) deurdat dit veral die belange van die voorheen gemarginaliseerde variëteitsprekers wil dien, eerder as die belange van die elite wat die bestaande standaard vir hulle toegeëien het (sien 3.3.4). Hierdie nuwe standaard moet dus ook so "neutraal" moontlik wees, alhoewel Carstens (2009: 1) meen dat 'n mens nie so maklik oor die ontpolitisering van 'n taal kan praat in die hoogs gepolitiseerde omgewing waarin tale dikwels funksioneer nie. In herstandaardisering gaan dit eerstens om die volle spraakgemeenskap, en nie soseer oor die taal self nie, wat dit daarom ook 'n onder-na-bo taalbeplanningsproses maak. Die standaard word beskou as 'n kommunikasiemiddel in diens van die sprekers wat deur herstandaardisering probeer om al die sprekers se belange te dien. Sodoende kan die geskrewe standaard en die gesproke vorm nader aan mekaar gebring word en diglossie teengewerk word.

Na aanleiding van bogenoemde oorwegings, kan herstandaardisering as volg gedefinieer word: Herstandaardisering is die doelbewuste hersiening van die vorm, funksie en status van 'n standaardtaal in 'n poging om 'n bodialektiese taalvorm daar te stel wat verteenwoordigend is van die hele spraakgemeenskap. Dit behels gewoonlik dat een of ander ongeregtheid in die taalgemeenskap

reggestel word, deurdat die standaardtaal meer inklusief gemaak word om daardeur diegene wat voorheen benadeel of onderdruk is, te bemagtig.<sup>10</sup>

### 3.3.7 Positiewe en negatiewe gevolge van herstandaardisering

Soos met enige taabepenningsaksie wat onderneem word, is daar 'n aantal positiewe en negatiewe gevolge verbonde aan herstandaardisering. Eerstens hou herstandaardisering sekere psigologiese voordele vir die lede van die spraakgemeenskap in wie se variëteite voorheen nie erkenning in die standaard geniet het nie. Hierdie sprekers sal 'n groter gevoel van eienaarskap ten opsigte van die nuwe standaard hê, aangesien hierdie standaard hulle taalgebruik tot 'n groter mate reflekteer en nie 'n eksterne standaard is wat op hulle afgedwing word nie. Gevolglik kan hierdie sprekers voel dat die geherstandaardiseerde taalvariëteit hulle identiteit beter uitdruk en tot 'n groter mate aan hulle kommunikatiewe behoeftes voldoen as wat die vorige standaard kon. Hierdie groter mate van eienaarskap ten opsigte van die standaard sal die verwerping van die betrokke taal deur 'n wyer verskeidenheid mense aanhelp. Psigolinguistiese en taalverwerwingsteorieë dui verder daarop dat die leerproses bevorder word indien leerders met die doeltaal kan identifiseer. (Chick en Wade, 1997: 281) Dit geld egter nie net taalleer nie, maar ook onderwys in die algemeen. Indien leerders die standaardtaal kan eien, sal dit vir hulle makliker wees om ander leerstof en vakterminologie aan te leer, wat uiteindelik tot beter skolastiese prestasie aanleiding sal gee. Sodoende kan al die lede van die spraakgemeenskap uiteindelik 'n waardevolle bydrae tot domeine soos die ekonomie, openbare sektor en onderwys in die betrokke spraakgemeenskap lewer (Wade, 1996: 166). 'n Verdere positiewe gevolg wat uit die aard van herstandaardisering voortvloei, is die moontlikheid om die eksklusiewe en uitsluitende mag van die standaardtaal te verminder. Aangesien herstandaardisering gemoeid is met die uitbreiding van die aantal variëteite van 'n taal wat geskik geag word vir gebruik in magsdomeine, kan dit daartoe bydra dat 'n wyer verskeidenheid taalgebruikers hierdie domeine betree en effektief daaraan deelneem. Sodoende sal herstandaardisering ook die sosiale status en voordele verminder wat die ou bewakers van die standaard geniet het as gevolg van hulle normatiewe beheer van die standaardtaal. (Chick en Wade, 1997: 282)

Ten spyte van die potensiële voordele wat herstandaardisering kan inhou, is daar ook moontlike skadelike gevolge. Hoe eerbaar taalbeplanners se bedoeling met herstandaardisering ook al is, is dit natuurlik moontlik dat herstandaardisering diglossie selfs verder kan aanhelp deurdat kinders byvoorbeeld die geherstandaardiseerde taalvariëteit in die skoolopset gebruik terwyl hulle tuis 'n ander variëteit gebruik wat terugdateer na 'n era voor die herstandaardiseringspoging (Bruthiaux, 2006: 36).

<sup>10</sup> My opregte dank aan me Christel Swart wat my met die formulering van hierdie definisie gehelp het. – G.O.

Herstandaardisering kan ook aanleiding gee tot verdere skeiding tussen die elite wat die standaardtaal gebruik en die ander sprekers wat niestandaardvariëteite gebruik, deurdat die elite of standaardtaal-sprekers voel dat hulle plek in die spraakgemeenskap ondermyn word. Die elite, wat verseker sekere voordele geniet het weens hulle vaardigheid in die standaard, sal gevolglik die standaard ten alle koste verdedig en herstandaardisering in die wiele probeer ry (Chick en Wade, 1997: 280-281). Op hulle beurt kan sprekers van die niestandaardvariëteite hierdie reaksie van die elite as 'n onwilligheid tot demokratisering en gevolglik diskriminasie ervaar. Dit kan aanleiding gee tot intrataalkonflik en moontlike gevare inhou vir die voortbestaan van die taal. Daarom moet taalbeplanners met groot omsigtigheid te werk gaan wanneer herstandaardisering aangepak word.

### **3.3.8 Samevatting**

In hierdie afdeling is die herstandaardiseringsproses van nader beskou. Eerstens is daar tot die gevolgtrekking gekom dat daar nog nie een ondubbelsinnige definisie van herstandaardisering bestaan nie, en dat elke navorser sy of haar eie betekenis aan hierdie proses heg. Tog bestaan daar algemene eienskappe van herstandaardisering waarvoor die meeste navorsers saamstem, soos dat herstandaardisering veral as demokratiseringsproses beskou kan word. Daar is gesien dat demokratisering veral 'n insluiting van die verskillende variëteite van 'n taal by die standaard behels, asook 'n verandering in die persepsie ten opsigte van die geldigheid van die sogenaamde niestandaardvariëteite. Daar is aangedui hoe herstandaardisering weens die demokratiserende aard daarvan as 'n tipe normatiewe taalbeplanning gesien kan word, sodat dit by herstandaardisering veral gaan om die depolitisering van die voorheen ideologiese gelaaiete standaard. Daar is vervolgens aangedui hoe herstandaardisering nie bloot as taalbeplanning van bo of onder onderskeidelik gesien kan word nie, maar dat herstandaardisering sowel beplanning van bo as van onder benodig ten einde suksesvol te wees. Daar is probeer om 'n ondubbelsinnige definisie van herstandaardisering daar te stel wat gebaseer is op standaardiseringsinsigte, asook die spesifieke eienskappe van herstandaardisering soos in hierdie afdeling uiteengesit. En ten slotte is daar op moontlike positiewe en negatiewe gevolge van herstandaardisering gewys.

## **3.4 Herstandaardiseringsvoorstelle en -pogings in ander tale**

### **3.4.1 Inleiding**

In hierdie afdeling word herstandaardiseringsvoorstelle, asook herstandaardiseringspogings, wat in ander tale onderneem is, van nader bekyk. Eerstens word die herstandaardiseringsvoorstelle beskou

wat ten opsigte van Suid-Afrikaanse Engels gemaak is. Wade (1996) en Chick en Wade (1997), asook Wright (1996) se voorstelle word hier krities bespreek. Hierna word die herstandaardiseringsverskynsel genaamd harmonisering in oënskou geneem soos dit spesifiek op Bantoetale in Suid-Afrika en die res van Afrika betrekking het. Dit word gevolg deur 'n uitvoerige en kritiese bespreking van die Samnorks beleid in Noorweë, die poging tot die herstandaardisering van die Duitse ortografie, en meer onlangse voorstelle ten opsigte van die herstandaardisering van Albanees. Waar die ander herstandaardiseringsvoorstelle waarna daar in hierdie afdeling gekyk word almal ten doel het om verskeie variëteite te verenig, word daar ook na die geval van Serwo-Kroaties in die voormalige Joego-Slawië gekyk as 'n voorbeeld van herstandaardisering wat die skeiding van variëteite tot gevolg gehad het ten einde “nuwe tale” te vorm.

### 3.4.2 Suid-Afrikaanse Engels

'n Goed gedokumenteerde geval van herstandaardiseringsvoorstelle is dié van die herstandaardisering van Suid-Afrikaanse Engels in die rigting van Swart Suid-Afrikaanse Engels (*Black South African English* of *BSAE*)<sup>11</sup>, waar dit lyk of 'n stel gesproke norme besig is om spontaan te ontwikkel as gevolg van interetniese kommunikasie in 'n multitalige stedelike konteks (Bruthiaux, 2006: 34). Verouderde preskriptiewe sienings ten opsigte van Swart Suid-Afrikaanse Engels as 'n niestandaardvariëteit wat onaanvaarbaar is vir gebruik in formele kontekste en gebrekkig is vanweë inmenging van die moedertaal en onvoldoende opvoeding, is in die afgelope dekade of wat vervang deur druk om Swart Suid-Afrikaanse Engels as 'n volwaardige variëteit van Engels te erken en te beskryf. Swart Suid-Afrikaanse Engels is dus stadig maar seker besig om groei ten opsigte van status en prestige te ondervind. Hierdie verandering in siening en toename in die lewenskragtigheid van Swart Suid-Afrikaanse Engels is veral teweeg gebring deur die radikale verskuiwing in sosiopolitieke mag in die Suid-Afrikaanse samelewing en die groeiende status van die sprekers. Verder leen die toename in die sosio-ekonomiese status van die sprekers van Swart Suid-Afrikaanse Engels ook 'n groter mate van erkenning aan die wyse waarop hierdie sprekers praat. Nog 'n rede waarom Swart Suid-Afrikaanse Engels se status gegroei het, is as gevolg van die veranderde persepsies in die status, outoriteit en oorredende krag van die taalvariëteit in die sakewêreld, vermaaklikheidssektor en die media, wat gelei het tot 'n toename in die gebruik van Swart Suid-Afrikaanse Engelse aksente in sowel ernstige aankondigings as duur advertensieveldtogte. Die stigma wat in die verlede aan die gebruik van Swart Suid-Afrikaanse Engels gekleef het, blyk nie meer so sterk te wees nie. Laastens is demokrasie en

<sup>11</sup> Hierdie term word deur verskeie akademici gebruik om te verwys na die variëteit van Suid-Afrikaanse Engels wat deur swart sprekers gebruik word. Alhoewel ek ontken dat kleur of ras 'n inherente eienskap van taal is en ek my dus van dergelike benamings distansieer – soos ook vroeër ten opsigte van die benaming Kleurling-afrikaans uiteengesit (sien 1.1.1, voetnoot 2, asook 1.1.3) – gebruik ek die benaming Swart Suid-Afrikaanse Engels ter wille van eenvormigheid en om verwarring uit te skakel. – G.O.

gelykheid aan die orde van die dag in Suid-Afrika, veral wat taalsake betref. (De Klerk, 1993: 317) Die oproep om die herstandaardisering van Suid-Afrikaanse Engels in die rigting van Swart Suid-Afrikaanse Engels is daarom geskoei op die aanname dat Swart Suid-Afrikaanse Engels besig is om in status toe te neem as gevolg van die demokratisering van Suid-Afrika (Van der Walt en Van Rooy, 2002: 113). Verouderde vooroordele en 'n preskriptiewe beheptheid met "korrekte" taalgebruik is vervang met groter verdraagsaamheid en 'n groter klem op die oordrag van die boodskap. (De Klerk, loc. cit.)

Waar hierdie voorstelle vir herstandaardisering aanvanklik eers uit Engelse tweedetaalgeledere gekom het, word die stryd nou deur moedertaalsprekers van Suid-Afrikaanse Engels aangevoer (De Klerk, 1999: 317). Alhoewel die verskynsel van Swart Suid-Afrikaanse Engels reeds goed bestudeer en opgeteken is en herstandaardisering deur 'n hele paar navorsers voorgestel, ondersteun of teengestaan is (bv. Wright, 1996; Webb, 1996; Wade, 1996; Chick en Wade, 1997; Bruthiaux, 2006), is daar met die uitsondering van Wade (1996) en Chick en Wade (1997) maar min konkrete voorstelle of duidelik uiteengesette werkplanne vir die moontlike herstandaardisering van Suid-Afrikaanse Engels. Wade (1996) en Chick en Wade (1997) se voorstelle word hier onder kortliks uiteengesit saam met dié van Wright (1996).

#### **3.4.2.1 Wade (1996) en Chick en Wade (1997)**

Herstandaardisering behels volgens Wade (1996: 4) geleidelike en natuurlike verandering ten opsigte van die openbare persepsie van die status van die verskillende variëteite van Engels en hulle aanvaarbaarheid of geskiktheid vir gebruik in openbare magsdomeine. Wade (1996: 6) beskou die herstandaardisering van Suid-Afrikaanse Engels as iets wat grootliks op 'n informele en ongekoördineerde wyse sal plaasvind. Hierdie herstandaardisering moenie as 'n taalbeplanningsaktiwiteit beskou word nie, maar as 'n proses van natuurlike taalverandering wat teweeg gebring word deur dramatiese sosiale, politieke, ekonomiese en demografiese veranderinge wat in die demokratiese Suid-Afrika aan die plaasvind is (Wade, loc. cit.). Die implikasies van herstandaardisering as 'n natuurlike en geleidelike proses is dat verskeie taalvariante vir lank langs mekaar sal bestaan (Wade, 1996: 9). Wade (1996: 8) beskou herstandaardisering hoofsaaklik as 'n statusbeplanningsaktiwiteit, aangesien dit nie gemoeid is met die taal as sodanig nie, maar eerder met openbare houdings en persepsies ten opsigte van die voorgestelde standaardvariëteit.

In 'n verdere artikel saam met Chick, borduur Wade (1997) voort op wat hy onder die herstandaardisering van Suid-Afrikaanse Engels verstaan. Chick en Wade (1997: 278) se gebruik van die term *herstandaardisering* is bedoel om 'n band met standaardisering te impliseer soos wat dit in taal-

beplanningsteorie verstaan word. Hulle begrip van herstandaardisering verskil egter in 'n groot mate van dié van standaardisering. In die literatuur word daar dikwels na standaardisering verwys as 'n proses waardeur een variëteit van 'n taal in 'n bevoorregte posisie ten opsigte van ander variëteite van die taal geplaas word. Dit word gewoonlik gedoen deur inmenging van amptelike taalbeplanningsinstansies. As gevolg hiervan word die standaardvorm as die enigste variëteit beskou wat aanvaarbaar of geskik is vir gebruik in formele situasies en word slegs hierdie variëteit tot skrif gereduseer. (Chick en Wade, 1997: 278-279) Chick en Wade (1997: 279) meen egter dat standaardisering ook op 'n relatief geleidelike, onbeplande wyse kan plaasvind en dat die produk van hierdie tipe standaardisering waarskynlik minder elitisties is. Hulle is verder van mening dat die voorgestelde herstandaardisering van Suid-Afrikaanse Engels waarskynlik deur middel van so 'n geleidelike, onbeplande proses sal plaasvind. Hierdie herstandaardisering behels die verhoging in status van Swart Suid-Afrikaanse Engels wat tans 'n gemarginaliseerde variëteit sonder aansien is, sodat dit uiteindelik geskik geag sal word vir gebruik in belangrike en formele kontekste soos opvoeding, die media, sake en regeringskommunikasie. (Chick en Wade, loc. cit.) 'n Aspek van die huidige sosiolinguistiese stand wat volgens Chick en Wade (loc. cit.) hierdie tipe herstandaardisering bevoordeel, is die taalvitaliteit (*linguistic vitality*) van Swart Suid-Afrikaanse Engels wat 'n gevolg is van die groei in demografiese mag en status van die sprekers daarvan.

Alhoewel Wade (1996) en Chick en Wade (1997) goeie voorstelle ten opsigte van herstandaardisering maak, bevat hulle benadering myns insiens 'n mistasting, naamlik dat herstandaardisering op 'n natuurlike, ongekoördineerde wyse kan plaasvind. Standaardisering, en by implikasie ook herstandaardisering, impliseer uit die aard van die saak doelbewuste inmenging. Deur te beweer dat herstandaardisering 'n "natuurlike" proses is, stel Chick en Wade herstandaardisering gelyk aan taalverandering. Hierdeur word herstandaardisering eerder 'n raai-raai-speletjie oor die toekoms van die standaardtaal as 'n taalbeplanningsaktiwiteit. Dit is goed en wel om te sê dat daar veranderinge in die taal voorkom, maar dit beteken nog nie dat dit deel van die standaard vorm nie. Hierdie nuwe taalvorme moet eers legitiem verklaar word voordat dit in ander tekste as bloot literêre tekste gebruik sal word. Ek stem wel saam dat herstandaardisering gepaard moet gaan met 'n verandering in die status van die vroeër gemarginaliseerde variëteite van 'n taal en dat statusbeplanning dus 'n belangrike rol te speel het in herstandaardisering, maar herstandaardisering kan nie slegs statusbeplanning behels nie, anders bly die veranderinge bloot oppervlakkig deurdat dit nie deurdring tot die vorm van die standaardtaal nie.



### 3.4.2.2 Wright (1996)

Anders as Wade (1996) en Chick en Wade (1997), is Wright (1996) eerder anti-Swart Suid-Afrikaanse Engels wanneer dit kom by die herstandaardisering van Suid-Afrikaanse Engels. Hy beskryf die voorstelle vir die herstandaardisering van Suid-Afrikaanse Engels in die rigting van Swart Suid-Afrikaanse Engels as “misguided” (Wright, 1996: 151). Alhoewel Wright (1996: 155) erken dat die niestandaardvariëteite van Suid-Afrikaanse Engels (wat hy niemoedertaalvariëteite noem) die uitdrukkingsvermoë van die taal verryk, tot streeks- en gemeenskapsidentiteit bydra en dus waardevol is, meen hy dat Swart Suid-Afrikaanse Engels nie geskik is om as standaardtaal te funksioneer nie, en voer verskeie redes hiervoor aan. Volgens Wright (1996: 160) is dit wel moontlik om die doelbewuste en ingeligte kultivering van ’n opgevoede variëteit van Swart Suid-Afrikaanse Engels te implementeer wat nou verbind is aan die taalsisteem van Standaardengels. Hierdie opgevoede Swart Suid-Afrikaanse Engels, wat die gevolg is van ’n hoër kwaliteit onderrig in Engels en wat saam met opgevoede Suid-Afrikaanse Engels elk ’n variëteit van internasionale Standaardengels uitmaak, word beïnvloed deur die multitalige konteks van Suid-Afrika en word gevorm deur die verskillende sosiale geskiedenis van sy sprekers (Wright, 1996: 158-159). Hierdie taalvorm sal aan die behoefte vir ’n tipe Engels voldoen wat die kulturele identiteit van sy sprekers weerspieël terwyl dit ook oor die praktiese sosiale voordele van ’n taal beskik wat nasionaal en internasionaal verstaanbaar is (Wright, 1996: 160). ’n Opgevoede Swart Suid-Afrikaanse Engels vereis dat duidelike Standaardengelse norme op alle vlakke van die taalvorm ingevoer moet word, veral ten opsigte van sintaksis en prosodiese fonologie, ten einde dit internasionaal verstaanbaar te maak (Wright, 1996: 160-161). Verder moet Standaardengelse norme ook op alle funksionele vlakke, byvoorbeeld die onderwys, massamedia en regering, ingevoer word (Wright, 1996: 160). Taalpraktisyns moet egter sensitiwiteit ontwikkel ten opsigte van die ideologiese waarde wat Swart Suid-Afrikaanse Engels vir sprekers kan hê, die reeks registers en style wat dit verskaf en die nuttigheid van die gebruik van dié taalvorm in klaskamers. Taalpraktisyns en onderwysers moet ook die vaardigheid ontwikkel om leerders se taalvaardigheid in die rigting van die verwerping van hulle eie formele dialek van Standaardengels, sogenaamde Opgevoede Swart Suid-Afrikaanse Engels, te stuur. (Wright, loc. cit.) Verhoogde kontak in ’n oper samelewing sal dan veroorsaak dat Opgevoede Swart Suid-Afrikaanse Engelse en Opgevoede Suid-Afrikaanse Engels hierdie twee vorme nader aan mekaar laat beweeg (Wright, 1996: 159).

Wright (1996) se herstandaardiseringsvoorstel is myns insiens selfs nog meer oppervlakkig as dié van Wade (1996) en Chick en Wade (1997). Ek is van mening dat hier nie eers sprake is van herstandaardisering nie, maar eerder ’n herbevestiging van bestaande standaardtaalnorme. My eerste probleem met Wright se voorstel, is sy gebruik van die woord “opgevoede” ten opsigte van die standaard. Hiermee hou hy ’n verouderde siening in stand dat daar “beskaafde” of “opgevoede” en

“onbeskaafde” of “onopgevoede” taalvariëteite bestaan. Talle sosiolinguïste is dit egter vandag eens dat hiërdie siening nie meer geldig is nie en dat alle tale en taalvariëteite gelyk is, dat een taalvorm of -variëteit nie inherent “mooier” of “beter” as enige ander is nie. Vir Wright om die onderskeid tussen “opgevoede” en “onopgevoede” Engels te maak, is dus ’n gruwelike miskenning van die waarde van Swart Suid-Afrikaanse Engels, asook ’n miskenning van die demokratiserende aard van herstandaardisering. Tweedens is dit nie duidelik presies wat hy met Opgevoede Swart Suid-Afrikaanse Engels bedoel nie. Uit sy bespreking blyk dit dat Opgevoede Swart Suid-Afrikaanse Engels en Standaardengels een en dieselfde ding is. Herstandaardisering beteken vir Wright bloot dat daar gepoog word om die taalvaardigheid van swart sprekers ten opsigte van Standaardengels te verbeter, terwyl Swart Suid-Afrikaanse Engels dien as ’n tipe oorgangsvorm in hierdie proses. Wright noem wel dat Swart Suid-Afrikaanse Engels die kulturele identiteit van sy sprekers moet weerspieël, maar gee geen aanduiding hoe dit in die taal neerslag moet vind nie. Die ideologiese implikasies van sy voorstel word dus omseil deur mooskrywery, want vir hom gaan dit uiteindelik om die instandhouding van Standaardengels.

### 3.4.3 Suid-Afrikaanse Bantoetale: Harmonisering

Verskeie navorsers, waaronder Anderson (1983) en Ranger (1989), het reeds aangetoon dat baie van die sogenaamse Bantoetale in der waarheid dialekte of variëteite van dieselfde taal is en dat baie van hierdie verskillende “tale” eerder maaksels of, in die woorde van Anderson (1983), “imagined communities” is. Ranger (aangehaal in Alexander, 1992a: 61) noem byvoorbeeld ten opsigte van Shona dat elke dorpie dieselfde taal gepraat het as sy buurman oor die hele area waar die taal gepraat is. Maar daar was egter klein en geleidelike leksikale en idiomatiese verandering oor die afstand waar die taal gepraat is, sodat wanneer iemand wat van die heel westelike kant van die Shonasprekende area die heel oostelike deel bereik het, groot verskille tussen die taalvorme sou bespeur. Met die aankoms van die Europese sendelinge in Afrika, het hulle die verskillende taalvariëteite wat hulle gehoor het tot skrif gereduseer ten einde die Bybel vir die inheemse bevolking toeganklik te maak en sodoende het hulle verskillende skryftale geskep waar daar in werklikheid slegs variëteite van ’n paar tale bestaan het. Ranger (aangehaal in Alexander, 1992a: 61) verwoord hierdie situasie soos volg:

Missionary linguists created dialect zones by developing written languages at a number of widely scattered bases...Differences were thus exaggerated, obscuring the gradualism and homogeneity of the real situation.

Die sendelinge is grotendeels daardeur gemotiveer om hulle korttermyn doelwitte te bereik, soos om ’n gemeente te vestig en soveel moontlik mense te bekeer. Dus was die verskrifteliking van hierdie taalvariëteite eerder ’n middel as die doel self en elkeen het sy of haar eie kop en metode gevolg in die

standaardisering van die spesifieke variëteit wat hy of sy gehoor het. Die sendelinge het ook vanuit verskillende agtergronde gekom, het verskillende tipes opleiding ontvang en het tot verskillende religieuse denominasies met verskillende filosofieë behoort. Dit het daartoe gelei dat klein dialekte op 'n arbitrêre wyse tot tale verhef is en sprekers in verskillende nasies of groepe verdeel is. Die verskille wat daar tussen die verskillende “tale” bestaan, het dus meer te make met die agtergronde, opleiding en oortuigings van die sendelinge en nie soseer met die verskille tussen die tale self nie. Alexander (1992a: 61) meen dat dieselfde proses van segmentering van bestaande spraakkontinua dit ook in Suid-Afrika afgespeel het. So byvoorbeeld is twee van die groot taalgroepe in Suid-Afrika, naamlik die Nguni-groep (Xhosa, Zulu, Ndebele, Swati) en die Sotho-groep (Noord-Sotho, Sesotho en Tswana), in verskillende “tale” verdeel wat met verloop van tyd individueel ontwikkel het. Die verskillende tale soos wat dit vandag in Suid-Afrika, maar ook in baie ander dele van Afrika, bestaan, is hoofsaaklik 'n produk van die koloniale geskiedenis van Afrika en nie 'n getroue weerspieëling van die taalrealiteit nie. Dit is dan hieruit dat die idee van harmonisering voortgevloei het; die idee dat tale wat 'n historiese band en sterk taalkundige ooreenkomste toon weer saamgesmelt of verenig kan word om 'n oorkoepelende standaard te vorm. (Makoni, 1998: 157-164; Msimang, 1998: 168-171; Simango, 2002: 63-65).

Die waarde van harmonisering is reeds vroeg in die twintigste eeu deur Bantoetaal-taalkundiges soos Lestrade, Tucker, Westphal en Doke beseft (Msimang, 1998: 169). Doke het sy voorstel reeds in 1937 gemaak en weer in 1954 herhaal, maar hy het reeds in die vroeë dertigerjare van die twintigste eeu sy voorstel 'n werklikheid gemaak toe hy die Shonadialekte in Zimbabwe verenig het (Alexander, 1992a: 58-59). 'n Konkrete voorstel vir die harmonisering van die Suid-Afrikaanse Bantoetale is reeds in 1944 deur Jacob Nhlapo in 'n pamflet getiteld *Bantu Babel: Will the Bantu languages live?* uiteengesit. Nhlapo (1944: 3) was van mening dat dit nie maklik is vir Afrikane om mekaar te verstaan nie, aangesien daar so 'n groot aantal Bantoetale bestaan. Dit sou volgens hom wenslik wees indien daar slegs een Bantoetaal deur al die Suid-Afrikaanse Afrikane gepraat kon word (Nhlapo, loc. cit.). Nhlapo (1944: 3, 6) het voorgestel dat die Bantoetale in Suid-Afrika in geskrewe vorm in ten minste twee groot tale verenig moes word. Aan die een kant moes Xhosa en Zulu saam met vertakkings soos Ndebele, Swazi en Baca verenig word om 'n taal genaamd Nguni te vorm, en aan die ander kant moes Sesotho, Tswana en Pedi saam met vertakkings soos Kxatla en Tlokwa verenig word om een groot Sothotaal te vorm. Só 'n stap sou moontlik wees aangesien hierdie tale sterk ooreenkomste toon (Nhlapo, loc. cit.). Nhlapo (1944: 7) was verder van mening dat die skryftaal die beste manier is om tale nader aan mekaar te laat groei en dat al die onderskeie “tale” wat saam in een groep groepeer kan word, daarom dieselfde ortografie moes hê. Die unifikasie van die onderskeie “tale” kan verder aangehelp word deur onderlinge ontlening tussen die tale te bevorder (Nhlapo, 1944: 7-8; 1953: 14). Hierdie “samesmelting” van die Bantoetale was volgens Nhlapo (1944: 3-4) reeds aan die gebeur deurdat sprekers uit aan-

grensende dorpe woorde uit mekaar se tale geleen het. Nhlapo (1944: 8) het selfs so ver gegaan deur die uiteindelijke eenwording van die twee oorkoepelende Nguni- en Sothotale in sy visier te stel. Nhlapo is egter daarvoor gekritiseer dat sy voorstel taalkundig ongegrond is en dit is gevolglik nie aanvaar nie (Msimang, 1998: 171). Nhlapo het sy idees weer in 1953 in 'n artikel getiteld "The problem of many tongues" uiteengesit, maar weereens het sy voorstel heftige reaksie uitgelok.

Nhlapo se voorstel is in 1989 deur Neville Alexander hervat, wie se voorstelle baie met dié van Nhlapo ooreenstem. Maar anders as Nhlapo, het Alexander nie die uiteindelijke eenwording van Nguni en Sotho in die vooruitsig gestel nie. Alexander (1989: 74) het, soos Nhlapo, die standaardisering van 'n verenigde Nguni en Sotho onderskeidelik beoog. Hierdie voorstel behels dat die hoofvariëteite van Nguni (Zulu, Xhosa, Swati, Ndebele) en Sotho (Sesotho, Noord-Sotho, Tswana) in geskrewe vorm vir gebruik in alle formele omgewings (onderwys, geloof, regstelsel, ens.) gestandaardiseer kan en moet word (Alexander, 1989:74). Sy voorstel behels verder die inisiëring van die skep van politiese, ekonomiese en tegniese-linguistiese toestande wat die weg sal baan vir die harmonisering en standaardisering van die variëteite van Nguni en Sotho onderskeidelik (Alexander, 1992a: 62). Ook Alexander het onder baie kritiek deurgeloopt. Vandag is die harmonisering van Bantoetale egter 'n gevestigde navorsingsgebied in die hele Afrika. Verskeie instellings, soos CASAS (The Centre for Advanced Studies of African Society), wat gereeld publikasies in verband met die harmonisering van Bantoetale uitgee, beywer hulle vir die harmonisering van Bantoetale. Die waarde van die harmonisering van Bantoetale vir die ontwikkeling van Afrika blyk al hoe meer besef te word.

Egbokhare (2002: 71) beskou harmonisering en die unifikasie van tale in die konteks van die Bantoetale van Afrika as 'n poging om terug te gryp na die tyd voordat taaldiversiteit in Afrika "uitgevind" is. Owino (2002: 22-23) meen dat dit gewens was vir Europese koloniste om nie die Bantoetale te harmoniseer nie, aangesien hulle deur die gebruik van vreemde tale in die administrasie van die staat die inheemse bevolking by deelname aan die regering van die land kon uitsluit, en sodoende hulle koloniale mag oor die inheemse bevolking kon behou. Daarom is harmonisering vir Owino (2002: 21) 'n manier om die laaste oorblyfsels van kolonialisme af te skud:

[...] curtailing the bloated role of European languages in the continent and working towards a more linguistically integrative Africa with the roles of indigenous languages expanded, their respectability updated and their vocabulary modernised to cope with the current world of electronic technology.

Volgens Msimang (1998: 172) kan harmonisering iets verskillends vir verskillende mense beteken. Dit kan verwys na die saamvoeg van 'n aantal tale wat tot dieselfde taalgroep behoort om 'n enkele standaardvorm te skep, maar dit kan ook beteken dat jy verskillende variëteite van 'n enkele gemene

taal verenig. Dit kan egter ook na minder omslagtige aktiwiteite soos die harmonisering van ortografieë verwys. (Msimang, loc. cit.) Volgens Msimang (1998: 165) word harmonisering as sinoniem vir unifikasie gebruik en behels dit dat 'n aantal taalvariëteite wat tot dieselfde taalgroep behoort, verenig word ten einde een gemeenskaplike taal te vorm. Hierdeur word variante vorme tussen variëteite geneutraliseer of geharmoniseer in die gemeenskaplike taal (Msimang, loc. cit.). Nakin (2002: 244) sluit hierby aan wanneer hy harmonisering definieer as die unifikasie van 'n aantal dialekte wat tot dieselfde taalgroep behoort ten einde een gemene taal te skep. Verskeie vorme tussen dialekte word verenig of geharmoniseer in die algemene taal (Nakin, 2002: 244). Harmonisering kan, in die woorde van Doke (aangehaal in Alexander, 1992a: 58), plaasvind tussen “aggregations of languages possessing common salient phonetic and grammatical features, and having a high degree of mutual understanding, so that members can without real difficulty converse with one another”. Vir harmonisering om plaas te vind, moet die betrokke variëteite of tale dus 'n gemene taal as “voorvader” hê en moet daar fonologiese, leksikale, sintaktiese en morfologiese ooreenkomste wees (Ngubane, 2003: 143). Maar soos Msimang (1998: 172) opgemerk het, is harmonisering nie net van toepassing op die hereniging van verskillende tale nie, maar dit dui ook op die konstruksie van 'n gemeenskaplike taal vir 'n variëteitgroep deur soveel moontlik van vorme gebruik te maak wat al die variëteite gemeen het, waar moontlik, en, waar daar nie gemeenskaplike vorme bestaan nie, vorme te gebruik van die dominante taalvorm of voorheen verworwe literêre vorme (Lestrade, aangehaal in Msimang, 1998: 165).

Capo (in Urua, 2002: 26) stel die “neo-language” benadering tot taalstandaardisering voor wat aansluit by Msimang se laaste voorstel van die wyse waarop harmonisering beskou kan word. Dit behels dat 'n breedvoerige ortografie geskep word wat vir 'n groep verwante tale aangewend kan word. Die meganismes wat aangewend word ten einde hierdie doel te bereik, is deur die beskrywing van die betrokke variëteite, waarna 'n oorkoepelende ortografie saamgestel word waarin die variasie in die verskillende taalvorme saamgevat word. Alhoewel ortografie 'n sentrale posisie in Capo se voorstel inneem, sluit dit nie grammatikale norme, styl en leksikale uitbreiding uit nie, aldus Capo (aangehaal in Urua, loc. cit.). 'n Laaste wyse waarop harmonisering beskou kan word (wat nie deur Msimang genoem word nie), is harmonisering as 'n natuurlike proses wat nie deur “wette” geïmplementeer word nie. So meen Alberts (1998: 240) dat taalbeplanners taalkundiges bewus mag maak van die verskynsel van harmonisering, en dat hulle die voordele of nadele van die verskynsel kan uitwys, maar dat die toets vir harmonisering by die sprekers lê, met ander woorde dat taalbeplanners nie harmonisering deur middel van taalbeplanningsaktiwiteite mag bevorder nie.

Harmonisering is gebaseer op die begeerte om 'n groter mate van eenheid tussen verwante groepe te bewerkstellig deur tale of variëteite te verenig wat oor gedeelde kulturele of taalelemente beskik. Die oogmerk van harmonisering is dus dat dit begrip tussen sprekers sal bevorder en daar betekenisvolle

uitruiling van idees deur hierdie tale sal plaasvind terwyl dit ook die onderskeie groepe bemagtig en almal 'n gelyke kans bied om hulleself deur middel van hulle moedertaal te bevorder. (Owino, 2002: 24; Simango, 2003: 34) Msimang (1998: 166) vorm 'n parallel tussen harmonisering en standaardisering. Deur te harmoniseer of te verenig, is jy in werklikheid besig met standaardisering, of altans met dit wat standaardisering in die eerste plek veronderstel was om te doen. Msimang (loc. cit.) onderskei verder tussen diskriminerende standaardisering en demokratiese standaardisering. Eersgenoemde behels die verheffing van een of twee variëteite met hoë prestige tot die standaardvorm, terwyl laasgenoemde behels dat al die variëteite van 'n taal verenig word en tot die standaard verhef word. Demokratiese standaardisering behels die eenwording van taalvariëteite, die modifisering en neutralisering van variante in een taalvorm. Laasgenoemde tipe standaardisering stem dus ooreen met harmonisering. Nog 'n ooreenkoms tussen standaardisering en harmonisering is dat beide, soos alle taalbeplanningsaktiwiteite, 'n direkte en doelbewuste intervensie behels ten einde 'n neutrale taalvorm daar te stel<sup>12</sup>. (Msimang, loc. cit.)

Egbokhare (2002: 72) noem verskeie voordele van harmonisering. Eerstens bevorder dit intergroepeasook interetniese kommunikasie deurdat die geharmoniseerde taalvorm taalversperrings en kommunikasiegapings sal ophef (Egbokhare, loc. cit.; Ngubane, 2003: 143, 145). Nhlapo (1944: 4) meen dat taal een van die dinge is wat groepe skei. Deur die samevoeging van tale of variëteite kan onderlinge groepe in een taal verenig word en onderlinge begrip tussen sprekers bevorder word (Nhlapo, loc. cit.). Verder sal harmonisering ook die gebruik van die betrokke taal in alle domeine, maar veral as onderrigmedium, bevorder deur die verlaging van onkoste en verbetering van beplanning (Egbokhare, 2002: 72; Ngubane, 2003: 143). Owino (2002: 26) lê ook klem op die koste-effektiwiteit van harmonisering wanneer hy meen dat een van die voordele van harmonisering is dat dit die produksie van boeke goedkoper sal maak en radio en televisie koste-effektief sal maak en sodoende die betrokke taalgroepe se ekonomiese ontwikkeling sal bevorder. Vertaling en tolking tussen die verskillende tale of variëteite in een groep sal onnodig wees wanneer hierdie tale onderling verstaanbaar gemaak word deur middel van harmonisering, wat verdere geld, asook tyd, sal bespaar (Nhlapo, 1944: 4). Die statistiese implikasies van harmonisering is dat die aantal tale drasties verminder word terwyl die spraakgemeenskappe van die onderskeie verenigde tale eksponensieel toeneem, en sodoende argumente teen die gebruik van sulke tale op grond van hulle klein spraakgemeenskappe die nekslag toedien. Sommige minderheidstaalgroepe kan selfs so groot word dat hulle hulle eie skole kan hê en intellektuele aktiwiteite en publikasies kan ondersteun. Wanneer dit gebeur, word die prestige van die taal verhoog en die gevaar van oorheersing deur 'n ander taalgroep verminder. (Egbokhare, loc. cit.) Ook Nhlapo (1944: 5, 9) meen dat die harmonisering van taal-

<sup>12</sup> Soos in die geval met standaardisering, stem alle navorsers egter nie saam dat harmonisering 'n doelbewuste proses is nie, soos in die vorige paragraaf ten opsigte van Alberts (1998: 240) aangedui is.

variëteite 'n taal sterker en ryker maak. Dit stel sprekers in staat om hulle op alle terreine van ontwikkeling beter in hulle taal uit te druk, byvoorbeeld op die gebied van wetenskap en tegnologie (Nhlapo, 1944: 5). Dit sal verder verseker dat een sterk literatuur gevestig word wat die moeite werd is (Nhlapo, 1944: 4). Laastens sal taalsterfte teengewerk word as gevolg van die geleenthede wat kleiner taalgroepe nou kan geniet vir die oordrag, dokumentering en standaardisering van taaleenhede in die verenigde taalkluster (Egbokhare, loc. cit.).

Miti (2003: 52-57) dui op verskillende probleme wat taalbeplanners moontlik kan teëkom indien hulle verskillende variëteite wil harmoniseer. Die eerste hiervan, en seker die mees vanselfsprekende struikelblok, is teenkating teen verandering. Daar is verskeie redes waarom mense harmonisering kan teenstaan. Die eerste rede is omdat mense oor die algemeen onwillig is om iets nuuts te probeer. Wanneer hulle reeds een stel taalnorme aangeleer het, is dit eenvoudig vir taalgebruikers makliker om by die reeds aangeleerde vorm te hou as om 'n nuwe een te leer. 'n Verdere rede vir teenkating teen harmonisering is omdat mense dikwels van mening is dat die standaardvorm soos hulle dit ken, 'n "Godgegewe" is en dit as 't ware "sonde" sou wees om dit te probeer verander (sien ook 2.2.3.3). Taalbeplanners ervaar dikwels teenkating vanuit die taalbeplanningsgeledere wat in die eerste plek die standaardvorm daargestel het. Redes vir hierdie teenkating kan finansieel of polities van aard wees. Die tweede struikelblok waarmee taalbeplanners te kampe het, is sosiokulturele faktore. Kultuur en moedertaal is vir baie mense nou verweef. Daarom beskou spraakgemeenskappe dikwels hulle moedertaal as hulle eiendom wat hulle heftig teen aanslae van buite moet verdedig, aangesien hulle 'n aanval op hulle taal as 'n aanval op hulle kultuur beskou. Politieke faktore kan ook 'n moontlike struikelblok in harmoniseringspogings wees. Daar bestaan altyd die moontlikheid dat die regering, invloedryke politici of selfs die president harmoniseringspogings om watter rede ook al kan teenstaan. (Miti, 2003: 52-55)

Waar 'n mens met taalbeplanning besig is, speel taalfaktore vanselfsprekend 'n belangrike rol in die sukses, al dan nie, van die beplanning. 'n Deeglike kennis van die verskeie taalvariëteite betrokke by harmonisering is nodig ten einde 'n linguisties verteenwoordigende vorm daar te stel. Taalnavorsing is dus van kardinale belang in harmonisering. 'n Tekort aan organisatoriese strukture kan 'n merkbare impak op harmoniseringspogings hê. Die taalbeplanner is nie net op hom-/haarself aangewese vir die suksesvolle harmonisering van 'n taal nie. Dit is eerstens belangrik dat die spraakgemeenskap self by harmoniseringspogings betrek moet word, aangesien die taalvorm uiteindelik op hulle afgestem is. Verder is die samewerking van instellings soos taalrade, -komitees en -kommissies van groot belang. Ook ander instellings wat nie direk op taal afgestem is nie se samewerking sal 'n waardevolle toevoeging wees, byvoorbeeld uitgewers, massamedia, individue betrokke by onderwysinstellings (soos kurrikulumontwikkelaars en onderwysers), en Bybelvertalers. 'n Gebrek aan soortgelyke

strukture of teenkanting vanuit hierdie strukture kan harmonisering pogings kelder. (Miti, 2003: 55-56) 'n Laaste moontlike nadeel wat harmonisering kan hê, is diglossie, aangesien harmonisering hoofsaaklik toegespits is op die geskrewe taal. Aangesien harmonisering nie gemoeid is met die gesproke vorm van die taal nie, kan dit gebeur dat daar 'n gaping tussen die geskrewe vorm en die onderskeie gesproke variëteite bestaan wat kan veroorsaak dat sprekers nie die nuwe taalvorm aanvaar nie. (Johl, 2002: 172) Hierdie laaste nadeel is egter te bevraagteken en dui moontlik op 'n wanbegrip van harmonisering, aangesien harmonisering juis ten doel het om tale/variëteite in 'n oorkoepelende taalvorm te verenig en sodoende die variëteite nader aan die standaard te bring.

Uit die voorafgaande blyk dit dat harmonisering sterk ooreenkomste met herstandaardisering toon. Soos herstandaardisering, vorm harmonisering 'n hegte band met standaardisering. Beide prosesse het ook ten doel om 'n bodialektiese standaard daar te stel deur die onderskeie variëteite te verenig. Alhoewel harmonisering hoofsaaklik op die geskrewe vorm toegespits is, is dit veral uit die moontlike probleme betrokke by harmonisering duidelik dat hierdie proses, soos herstandaardisering, nie in isolasie kan funksioneer nie. Dit moet as algemene sosiolinguistiese taalbeplanningsproses benader word ten einde suksesvol te kan wees. Dit is dan ook belangrik vir Afrikaans dat herstandaardisering as omvattende taalbeplanningsproses benader moet word ten einde suksesvol te wees. Deur die herstandaardisering van Afrikaans as harmoniseringsproses te benader, kan daar verseker word dat voorheen "imagined communities" (bv. "Standaardtaalsprekers" teenoor sprekers van "Kleurling-afrikaans") in Afrikaans afgebreek word en Standaardafrikaans as 't ware gedekolonialiseer word sodat 'n inklusiewe Afrikaanse spraakgemeenskap deur die standaardtaal bevorder kan word; dit is 'n standaard wat verteenwoordigend is van die taalgebruik van alle Afrikaanssprekendes.

#### **3.4.4 Noorweë: Samnorsk**

In die internasionale literatuur oor sosiolinguistiek en taalbeplanning is daar al baie na Noorweë verwys as 'n interessante en fassinerende voorbeeld van linguistiese pluralisme en suksesvolle taalbeplanning. Daar is al selfs na die taalsituasie in Noorweë as "demokraties" verwys. (Bull, 1993: 21) Aangesien herstandaardisering gemoeid is met taalbeplanning en demokrasie, sal dit daarom net so nuttig wees om hier na die Noorse situasie te verwys. Een aspek van die Noorse taalsituasie is egter van besondere belang vir veral die herstandaardisering van Afrikaans, naamlik die Samnorsk taalbeleid. Dit verwys na die taalbeplanningstrategie wat deur die Noorse regering in die periode tussen 1915 en 1964 gevolg is in 'n poging om die groot linguistiese, kulturele en ekonomiese probleem in die land op te los, naamlik die feit dat Noorweë teen 1917 twee mededingende, geskrewe standaardtaalvorme gehad het. Die Samnorsk beleid is geïmplementeer om hierdie situasie van twee standaardvorme op te los deur een geskrewe standaard van Noors te ontwikkel en sodoende die taalprobleem



op te los en die taalstryd vir eens en vir altyd te beëindig. (Jahr, 1997: 215). Voordat die Samnorsk beleid egter in oënskou geneem word, is dit noodsaaklik om agtergrondkennis van die taalsituasie in Noorweë tot en met 1917 te hê.

Noorweë is van 1380 tot 1814 deur Denemarke regeer. Dit het daartoe gelei dat die Deense skryftaal die Noorse skryftaal vervang het, aangesien daar so 'n hegte band tussen die twee tale bestaan het. Die Noorse omgangstaal het egter bly voortbestaan in 'n magdom variëteite. Nadat Noorweë in 1814, ná die afloop van die Slag van Leipzig, deur die geallieerde magte aan Swede gegee is, het die Sweedse koning in 'n proklamasie Noorweë se outonomie as onafhanklike, selfregerende nasie erken. Alhoewel Noorweë se unifikasie met Swede eers op 26 Oktober 1905 tot 'n einde gekom het, was daar sedert 1814 'n toenemende gevoel dat daar 'n nasionale Noorse taal gevestig moes word, aangesien 'n onafhanklike staat nie 'n "vreemde" skryftaal kon hê nie. (Bull, 1993: 21; Jahr, 2003: 331; "Noorweë", 2012) Twee verskillende benaderings is in die 1850's gevolg om 'n nasionale Noorse taal te vorm. Die een benadering het die elite betrek maar die laer klasse uitgesluit, terwyl die ander slegs die taal van die laer klasse ingesluit het en die gesproke variëteit van die elite uitgesluit het. Die eerste benadering is deur Ivar Aasen (1813-1896) onderneem. Hy het 'n geskrewe Noorse norm uit die Noorse variëteite, veral westerse plattelandse variëteite, gestandaardiseer. Hy het hierdie standaard *Landsmål* ("Taal van die land/volk") genoem. Alhoewel Aasen se standaard 'n groot aantal sprekers verteenwoordig het en "eg Noors" was, het hy nie erkenning gegee aan die invloed van taalkontak, met onder andere Deens en Lae Duits, op die taal nie. Die ander benadering tot standaardisering, wat deur Knud Knudsen (1812-1895) onderneem is, het die geleidelike "vernoorsing" van Deens behels deurdat dit gebaseer is op die Noorse variëteite van Deens soos dit deur die hoër, opgevoede klasse in die stede in die suidooste van Noorweë, hoofsaaklik Oslo, gepraat is. Hierdie standaard is *Dansk-Norsk* ("Deens-Norweegs") of *Riksmål* ("Taal van die ryk") genoem en het geleidelik van hoofsaaklik Deens na byna heeltemal Noors van aard ontwikkel. Hierdie standaard weerspieël die groot mate van taalkontak wat daar tussen Deens en Noors bestaan het. Ten spyte van die verskil in sosiale basis (plattelandse laeklasvariëteite teenoor stedelike hoëklasspraak) waarop hierdie twee standaarde gegrond is, het beide hierdie standaarde gehoor gegee aan die nasionalistiese sentimente van die tyd. In 1885 is gelyke status in skole en die staatsdiens aan beide hierdie twee standaarde toegeken deurdat beide as amptelike tale van Noorweë erken is. *Riksmål* staan sedert 1929 bekend as *Bokmål* ("Boektaal") en *Landsmål* as *Nynorsk* ("Nuwe Noors"). Alhoewel daar nou twee standaardtale in Noorweë bestaan het, was hierdie twee vorme (en is dit vandag steeds) onderling verstaanbaar. (Haugen, 1972a: 135-137, 142; 2001; Bull, 1993: 22; Jahr en Trudgill, 1993: 84; Jahr, 1997: 216-218, 225; 2003: 331-332, 334; Deumert, 2005a: 23)

Die Noorse Parlement is sedert 1860 reeds betrokke by taalkwessies in Noorweë (Bull, 1993: 22-23). Oor die jare was die regering betrokke by verskeie skrifhervormings, wat regulering van spelling, morfologie, leksikale en sintaktiese hervorming insluit. Hierdie hervormings is geïnisieer deur middel van besprekings oor taal en taalkonflik in die Noorse taalgemeenskap as 'n geheel, maar dit is altyd deur amptelike liggame deurgevoer. Die voorbereidende taalkundige werk is deur ad hoc-komitees onderneem wat deur die regering aangestel is. Die onderskeie hervormingsaksies wat oor die jare in die onderskeie twee standaardtale onderneem is, is soos volg: 1901 (slegs Nynorsk); 1907 (slegs Bokmål); 1917 (beide standaarde); 1938 (beide standaarde); 1959 (beide standaarde) en 1981 (slegs Bokmål). Met verloop van tyd het baie mense wat betrokke was in die Noorse taalbeplanning egter die teenwoordigheid van, en kompetisie tussen hierdie twee standaarde vreemd en onprakties gevind. Moltke Moe (1859-1914) was 'n kranige voorstander van die ontwikkeling van 'n geskrewe *Samnorsk* ("Verenigde Noors") standaard. Die idee om Samnorsk te ontwikkel het groot aanhang geniet, aangesien die nadele verbonde aan twee nasionale standaarde van dieselfde taal nou reeds duidelik was. Die koste verbonde aan die publikasie van parallelle uitgawes van skoolboeke en amptelike dokumente is een groot nadeel, om nie eens te praat van die verdelende uitwerking wat dit op die openbare lewe het nie. Dit het gou duidelik geword dat die bestaan van twee aparte Noorse standaarde 'n bedreiging vir nasionale eenheid inhou, aangesien dit tot baie taalgevegte aanleiding gegee het. Dit het uiteindelik daartoe gelei dat die hervorming vanaf 1917 tot en met 1964 veral daarop gemik was om die twee geskrewe standaarde nader aan mekaar te bring ten opsigte van spelling, woordvorme en infleksie deur gebruik te maak van taalmateriaal uit al die Noorse taalvariëteite om sodoende Samnorsk te vorm. (Haugen, 1972a: 138, 1983: 285; Bull, 1993: 23; Jahr en Trudgill, 1993: 86; Jahr, 2003: 337; Deumert, 2005a: 23-24; Røyneland, 2009: 12)

Halvdan Koht (1873-1965) het probeer om hierdie kwessie te hanteer deur te argumenteer dat die enigste antwoord op die taalvraagstuk 'n sosiopolitieke een is waarin die laer klasse toenemend die standaard moes gebruik en van die hedendaagse taalgebruik in beide standaarde ingevoer moes word. Dit sou beteken dat die laer klasse hulle variëteite al minder moes gebruik en eerder daarop moes fokus om hulle Nynorsk standaard te moderniseer. Sodoende sou die standaard geleidelik na mekaar toe beweeg en die taalgebruik van die hoë klasse hulle aansien verloor. Nynorsk was volgens Koht te argaïes en Bokmål het te veel op die taalgebruik van die hoër klasse en geskrewe Deens gesteun. Deur Nynorsk dus moderner te maak en Bokmål tegelykertyd meer demokraties te maak, kon 'n Samnorsk standaard ontwikkel word. Hierdie voorstel van Koht het uiteindelik aanleiding gegee tot 'n grootskaalse taalhervorming in 1938. Hierdie hervorming het tot gevolg gehad dat die belangrikheid van taalgebruik van die hoë klasse as die basis van Bokmål drasties verminder het. Hierdie afname in die aansien van die taalgebruik van die hoë klasse was 'n voorvereiste vir die sukses van die Samnorsk program. In 1938 is dit egter amptelik bekend gemaak dat hierdie hervorming op die

omgangstaal gebaseer sou word. By implikasie is komitees aangemoedig om nie die basis van die standaardtaal op die taalgebruik van die sosiale elite te baseer nie; 'n besondere vreemde stap in die geskiedenis van standaardisering (sien 2.2.3.3). Hierdie unifikasie van die twee standaarde is onderneem deur gemene taalvorme tussen die twee standaarde te kies, asook deur geleidelik Nynorsk vorme in Bokmål en Bokmål vorme in Nynorsk as opsionele variante te inkorporeer wat tot 'n groot mate van variasie in die twee standaarde gelei het. (Haugen, 1972a: 138; Bull, 1993: 23; Jahr en Trudgill, 1993: 86; Jahr, 1997: 227-228; 2003: 337)

Daar bestaan vandag baie variante in die twee onderskeie standaarde waarvan 'n mens kan kies, byvoorbeeld alternatiewe spelling, infleksie en woordvorme (Bull, 1993: 23-24). In gevalle waar alternatiewe spelvorme toegelaat word, word daar gewoonlik 'n aanduiding gegee in watter konteks watter vorm meer gepas sal wees. Alhoewel hierdie stap om die twee standaarde te verenig wyd aanvaar is onder veral onderwysers, intellektuele en sekere politici, is dit ook met teenstand en vyandigheid begroet, veral in die hoër klasse, maar ook deur sommige intellektuele en mense met 'n meer tradisionalistiese perspektief. Die plan om 'n eenvormige standaard in Noorweë te vorm het nie die sosiolinguistiese werklikheid in Noorweë in ag geneem nie en die implementering het gevolglik misluk. Baie sprekers van Bokmål het gevoel dat die taalowerhede besig was om hulle taal te verlaag deur vorme uit 'n variëteit in te sluit wat hulle as sosiaal gemarkeer beskou het as gevolg van die hoofsaaklik plattelandse dialektiese oorsprong daarvan. Taalbeplanners het nie daarmee rekening gehou dat die sosiale afstand tussen Nynorsk en Bokmål baie groter is as die taalkundige afstand tussen die tale nie. Wat dus nodig was, was 'n taalbeplanningsteorie wat daarop gemik was om die sosiolinguistiese grens tussen die twee standaarde te oorbrug. (Bull, 1993: 25; Jahr, 1997: 221, 225; 2003: 339-340; Deumert, 2005a: 24) Verder was dit nodig dat die radikale hervorming met nuwe Samnorsk vorme van 1938 die steun van 'n strek politieke ideologie moes hê waarin die sosiolinguistiese en sosiopolitieke beginsels van die 1938-hervorming implisiet moes wees. Sonder so 'n ideologie, sou die hervorming oor die lang termyn gedoem wees tot mislukking. En dit was inderdaad die geval. (Jahr, 1997: 229-230)

Na die Tweede Wêreldoorlog het die regering probeer om die taalsituasie in Noorweë te normaliseer deur 'n permanente taalbeplanningsinstelling daar te stel, naamlik die *Norsk språknemnd* ("Noorse Taalkommissie"), wat ná 'n regeringsbesluit in 1951, in 1952 gestig is. Hierdie kommissie se doel was om taalstandaardisering en -kultivering, asook die bevestiging van taalvorme te oorsien ten einde taalontwikkeling in die rigting van Samnorsk te stuur. Hierdie Kommissie was egter vroeg reeds om verskeie redes baie kontroversieel en het tot hewige taalkonflik aanleiding gegee. In 1964 is die Kommissie vervang deur 'n komitee genaamd die *Språkfredskomiteen* ("Taalvredeskomitee") wat deur die Minister van Onderwys aangestel is om die algehele taalsituasie in Noorweë te oorsien en maat-

reëls voor te stel ten einde die Noorse taalerfenis te bewaar en te ontwikkel en die vredevolle naas-mekaar-bestaan van die twee standaardtale te verseker. Hierdie komitee, wat ook as die Vogt-komitee<sup>13</sup> bekend staan, het voorgestel dat die Taalkommissie vervang word met die *Norsk språkråd* (“Noorse Taalraad”) wat sedert 1972 die taalbeplanningsinstelling in Noorweë is. (Haugen, 1983: 285; Bull, 1993: 25; Jahr, 1997: 232, 236; 2003: 345, 347) Soos die Kommissie, is die Taalraad se rol bloot raadgewend. Een van die doelwitte van die Taalraad is om die ontwikkeling van die Noorse taal te oorsien deur samewerking in die kultivering en standaardisering van die twee standaardvariëteite van Noors te bevorder en daardie dinge goed te keur wat op die lang duur daartoe sal bydra dat die twee standaarde nader na mekaar beweeg. (Bull, 1993: 26; Jahr, 1997: 237) Die variante vorme tussen die twee standaarde is aan die meeste sprekers bekend, en die meeste van die beplanning ten opsigte van die amalgamering van die twee standaarde bestaan uit besluite oor watter van die vorme wat algemeen gehoor word as normatief gekies moet word. In ’n demokratiese land kan hierdie normeringsbesluite nie bloot lukraak geneem word nie, maar op ’n wyse wat algemene goedkeuring sal wegdra. (Haugen, 1972a: 142) Die amalgamering van Nynorsk en Bokmål is in 1981 ten gunste van ’n beleid van tweeledige kultivering gestaak. Die 1981-taalhervorming, wat veral op Bokmål toegespits was, het veroorsaak dat die twee standaardvorme Nynorsk en Bokmål weer verder van mekaar af wegbeweeg het. Kleinere veranderinge wat deur die Taalraad in die 1980’s aan Nynorsk aangebring is, was ook ’n aanduiding daarvan dat daar van Samnorsk wegbeweeg is. Die twee Noorse standaarde toon egter steeds ’n groot mate van intrastandaardvariasie. Beide standaarde laat ’n magdom parallelle morfologiese en leksikale vorme toe. Die taalontwikkeling na 1981 was egter grootliks gemik op die bevestiging van die twee standaarde as aparte taaleenhede. Die regering het uiteindelik in 2001 verklaar dat die Samnorsk beleid misluk het en dat dit nie langer op politieke vlak nagejaag sou word nie. (Jahr, 1997: 238; 2003: 349-350; Deumert, 2005a: 24)

Alhoewel die eerste periode van taalbeplanning in Noorweë (tot en met 1917) suksesvol was, kan die periode waarin daar gepoog is om ’n verenigde Noorse Samnorsk standaard te skep (1917-1964), nie as suksesvol beskou word nie. Daar bestaan vandag steeds twee standaarde in Noorweë wat taalkundig baie soortgelyk is, maar wat op ’n sosiolinguistiese vlak baie uiteenlopend is. (Jahr, 1997: 240; 2003: 351) Volgens Jernudd (in Kotzé, 2011: 6) is die probleem van wedywering tussen die twee standaardvariëteite hoofsaaklik ’n akademiese probleem, aangesien diegene wat Nynorsk voorstaan, ook Bokmål magtig is. Dit gaan dus nie om ’n kommunikatiewe probleem nie, maar om ideologiese verskille oor sosiale probleme wat op die taal oorgedra is (Kotzé, loc. cit.). Hierdie verskille kan deurgetrek word na die verskillende benaderings tot die standaardisering van Noors wat deur Aasen en Knudsen onderneem is (Jahr, 1997: 240; 2003: 351).

---

<sup>13</sup> Vernoem na die voorsitter Hans Vogt (1903-1986).

Die Noorse taalbeplanningsituasie is 'n aanduiding van doelbewuste institusionele inmenging ten gunste van spesifieke verandering. Ten spyte van al die omstandighede ten gunste van die herstandaardisering van Noors, byvoorbeeld aanvaarding van inmenging deur die staat, 'n sterk monosentriese taal, 'n ingesteldheid van gelykheid, ensovoorts, het die geskrewe taalvorm daarin geslaag om regeringsbeheer te ontsnap en sy eie weg in te slaan. Met dit in ag genome, is die Noorse taalbeplanningsituasie nie 'n goeie teken vir die voorstanders van herstandaardisering nie. (Bruthiaux, 2006: 44-45) Alhoewel die taalkundige eksperiment in Noorweë net tot 'n sekere mate suksesvol was, is daar waardevolle lesse te leer vir toekomstige herstandaardiseringspogings. Die Noorse taalsituasie dui daarop dat sosiale druk vir taalkundige verandering deur amptelike liggame geskep en aangevoer kan word. Dit is 'n bewys dat, gegewe voldoende motivering, geskrewe en moontlik ook gesproke taal soos enige ander sosiale verskynsel doelbewus gestuur en verander kan word. (Haugen, 1972a: 142) Jahr (1997: 215-216) is van mening dat die lot van Samnorsk daarop dui dat 'n spesifieke taalbeleid slegs kan slaag indien dit deur sterk politieke magte ondersteun word wat taal as 'n belangrike simbool as deel van hulle ideologie beskou (soos duidelik blyk uit die standaardiseringsgeskiedenis van Afrikaans – G.O.).

Die Noorse taalsituasie dui ook daarop dat dit nie voldoende is om bloot 'n omgangsvorm deur middel van 'n amptelike taalbeplanningsliggaam as deel van die standaard te proklameer nie. Taalvorme verwerf nie outomaties prestige deur middel van standaardisering, of om as deel van die standaardnorm erken te word nie. (Bull, 1993: 27) Die uiteinde van Samnorsk is 'n aanduiding van die moontlike struikelblokke wat taalbeplanning moet oorkom indien beplande taalverandering weens sosiolinguistiese redes as onaanvaarbaar deur invloedryke groepe in die spraakgemeenskap ervaar word. So het taalbeplanners en politici die sosiolinguistiese belang van redelike minimale taalverskille tussen die twee Noorse standaarde gruwelik onderskat. Indien slegs praktiese argumente ten gunste van veranderinge in 'n taal aangewend word wat in der waarheid die oorbrugging van belangrike sosiolinguistiese grense impliseer, sal herstandaardiseringspogings heel waarskynlik tot mislukking gedoem wees. (Jahr, 1997: 215-216) Die Noorse taalbeplanningsituasie is dus ook 'n aanduiding dat herstandaardisering inderdaad as algemene sosiolinguistiese taalbeplanningsaktiwiteit aangepak moet word; daar moet nie net na die talige gekyk word nie, maar ook na die sosiale, die sprekers.

Verder het die amptelike taalbeplanningsaktiwiteite in Noorweë tot en met die 1960's veral ten doel gehad om die status van omgangstaalvorme in die taal sosiaal aanvaarbaar te maak deur amptelike status daarin in die skryftaal toe te ken. Deur ouer prestigeryke taalvorme deur omgangstaalvorme te vervang, is 'n manier gevind om die mag van die groep te verminder wat in die verlede die sosiale en politieke mag vir hulleself toegeëien het. (Bull, 1993: 27) Die Noorse taalsituasie is een waar taalbeplanning 'n verbasende hoë mate van verdraagsaamheid teenoor spraakvariasie tot gevolg gehad

het (Haugen, 1983: 286). As gevolg van hierdie taalbeplanning word die dialekte, en allerhande variëteite tussen hulle en die standaardtaal, vryer en geredeliker as voorheen gebruik (Vikør, 1989: 55). Die Noorse Parlement het in 1878 besluit dat daar geen gesproke standaard op laer- of hoërskoolvlak onderrig mag word nie, maar dat die onderwysers eerder die plaaslike variëteite van die kinders moet gebruik. Hierdie beginsel geld vandag nog en is gestipuleer in die Noorse Skolewet. Hierdie aktiewe pedagogiese toepassing van dialektiese variasie in die klaskamer help om leerders se taalingesteldhede op 'n positiewe wyse te vorm, byvoorbeeld deur linguistiese selfrespek en verdraagsaamheid. (Wiggen, 1995: 50; Røyneland, 2009: 11) Vikør (1989: 55) vat die gevolg van hierdie simpatieke benadering tot omgangsvariëteite soos volg saam:

In fact, branding other people's speech as vulgar is in itself considered a very vulgar thing to do.

Hierdie benadering daag ook die eenvormigheidvereiste van standaardtale uit deurdat dit dui op suksesvolle “verbastering” tussen variëteite binne die standaardtaal (Deumert, 2005a: 25), en is dus 'n aanduiding dat 'n verbreding van die standaard op grond van die insluiting van omgangstaalvorme wel deur middel van herstandaardisering bereik kan word.

Ten spyte van die mislukkings in die Noorse taalsituasie, is daar waardevolle lesse daaruit vir Afrikaans te leer. Eerstens dui dit daarop dat Standaardafrikaans wel met die nodige motivering geherstandaardiseer kan word. Wat die Noorse situasie egter duidelik uitwys, is die noodsaaklikheid van die betrokkenheid van gesaghebbende instansies by herstandaardisering ten einde die nodige gesag daaraan te verleen. Soos die Noorse situasie, maar ook die geskiedenis van Afrikaanse standaardisering self, duidelik belig, is 'n gemene ideologie waarin taal as simbool aangewend word ook bevorderlik vir (her)standaardisering. Vir die herstandaardisering van Afrikaans is dit egter belangrik dat dit nie weer 'n ideologie van uitsluiting is nie, maar een van eenheid binne die ganse spraakgemeenskap. Die Noorse herstandaardiseringspoging het ook weer nadruk gelê op die belangrikheid van prestigebeplanning as onderdeel van herstandaardisering en dat herstandaardisering as algemene sosiolinguistiese aktiwiteit benader moet word. Die sprekers se rol in die herstandaardisering van Afrikaans is dus kardinaal vir die sukses daarvan. Laastens is daar waardevolle lesse te leer uit die Noorse hantering van dialekverskeidenheid. Die status van die onderskeie variëteite is nie net verhoog deur dit deel te maak van die standaard nie, maar die groot mate van verdraagsaamheid ten opsigte van die gebruik van variëteite in die skoolopset dra daartoe by om reeds van jongs af 'n positiewe taalingesteldheid ten opsigte van taalvariasie by sprekers te kweek. So 'n benadering tot variasie in Afrikaans sal sprekers op die lange duur ook meer ontvanklik maak vir die insluiting van verskillende variëteite in die standaard.

### 3.4.5 Duits

Duits is die enigste amptelike taal in Duitsland, Oostenryk en Liechtenstein, is een van die amptelike tale in Switserland en Luxemburg, en het provinsiale amptelike status in België (oostelike streek) en Italië. Hierdie onderskeie Duitssprekende streke is egter aanvanklik nie gekenmerk deur eenvormigheid in taalvorm nie. Die nasionale variëteite van die Duitssprekende lande het breedweg ten opsigte van die volgende aspekte van mekaar verskil: fonologie; leksikon; pragmatiek (veral ten opsigte van hoflikheid, aanspreekvorme, en sekere institusionele kommunikasiepatrone); die funksie en status van die variëteite teenoor die standaard; die invloed van ander tale; en, tot 'n mindere mate, morfologie en sintaksis. (Clyne, 1993: 12) Gevolglik word die vroeë standaardiseringsgeskiedenis van Duits gekenmerk deur verskillende teoretiese benaderings tot standaardisering en uiteenlopende gebruike in die verskillende Duitssprekende areas. So wou sommige individue, soos Hieronymus Freyer (1675-1747) en Johann Christoph Adelung (1732-1806), hê dat die Duitse ortografie volledig op 'n fonetiese grondslag moes berus, terwyl ander soos Jacob Grimm (1785-1863) ten gunste van 'n ortografie was wat die geskiedkundige tradisies in die ontwikkeling van geskrewe Duits in berekening sou bring. Dit het daartoe gelei dat daar teen die middel van die negentiende eeu verskillende ortografiese reëls vir skole in Hanover (1854), Leipzig (1857), Stuttgart (1861) en Berlyn (1871) bestaan het. In navolging van die unifikasie van die Duitse staat deur Otto von Bismarck in 1871 en die gepaardgaande proses om 'n nasiestaat op te rig wat daaruit voortgevloei het, is daar geleidelik 'n behoefte bespeur om verskeie areas van die sosiale lewe, soos die geldeenheid, gewig en mates, die posdiens, spoorweg, onderwysstelsel en die regstelsel, te standaardiseer. Taal het 'n belangrike deel hiervan uitgemaak deurdat daar toenemend 'n behoefte ontstaan het dat iets omtrent die ortografiese verskeidenheid gedoen moes word. Die behoefte om Duits amptelik te standaardiseer is dus nie primêr deur taalkundige of pedagogiese oorwegings gemotiveer nie, maar deur politieke oorwegings. (Johnson, 2005: 19)

'n Jaar na die unifikasie van Duitsland in 1872 is die probleem rakende die verskillende ortografieë by 'n konferensie oor hoër onderwys in Dresden geopper. By hierdie konferensie het die Pruisiese Minister van Onderwys en Kultuur, Adalbert von Falk, aan een van die vooraanstaande Germaniste uit daardie era, Rudolf von Raumer, opdrag gegee om riglyne op te stel vir die unifikasie en vereenvoudiging van die Duitse ortografie. Raumer se riglyne het die uitgangspunt gevorm vir die *Verhandlungen der zur Herstellung größerer Einigung in der deutschen Rechtschreibung berufenen Konferenz* ("Konferensie vir die daarstelling van 'n groter mate van eenheid in die Duitse ortografie"), later bekend as die Eerste Ortografiese Konferensie (*I. Orthographische Konferenz*), wat in 1876 in Berlyn gehou is. Die konferensiedeelnemers het uit 'n wye verskeidenheid sektore van die samelewing gekom, te wete universiteite, skole en die drukkersbedryf. Die Eerste Ortografiese Konferensie

is ook bygewoon deur taalkundiges soos Raumer, Wilhelm Wilmanns en Konrad Duden. Oostenryk en Switserland is egter nie op die konferensie verteenwoordig nie. Die meeste van die konferensiegangers was van die begin af ten gunste van 'n grootliks fonetiese benadering tot die Duitse ortografie. Maar almal was dit egter nie eens oor die vorm wat die Duitse ortografie moes aanneem nie. Aan die een kant het die meeste van die deelnemers, insluitend Duden, die konferensie as die ideale geleentheid beskou om 'n algehele hersiening van die Duitse ortografie te onderneem. (Johnson, 2005: 20) Aan die ander kant was daar egter 'n beduidende minderheid, insluitend Raumer en verteenwoordigers van die drukkersbedryf, wat gemeen het dat die konferensie so min moontlik moes inmeng in die skryftradisies wat oor die jare ontwikkel het, en slegs die groot teenstrydighede in die ortografie moes uitstryk wat werklik vir taalgebruikers probleme besorg het (Johnson, 2005: 20-21). Na heelwat onderhandelings en uiters wisselvallige stemmery, het die Eerste Ortografiese Konferensie uiteindelik ooreengekom op 'n paar taamlik gematigde veranderinge aan die Duitse ortografie. Alhoewel die aanvanklike reaksie op die uitkoms van die konferensie positief was, is daar mettertyd 'n aantal klagtes hieroor in die pers geopper. Klagtes sluit in die gebrek aan publisiteit rakende die konferensie, die feit dat die publiek nie by die gesprekke oor die spelling en uiteindelijke besluitneming betrek is nie, en die uiteindelijke klein stemmarges in die konferensie. Die twyfel is ook uitgespreek of die regering oor die nodige grondwetlike mag beskik het om die ortografiese hervorming te implementeer of af te dwing. (Johnson, 2005: 21) Debatte in die pers het driftig geraak en baie persgroepe het begin om te verklaar dat die aanvanklike doelstellings van die konferensie, naamlik die unifikasie en vereenvoudiging van die Duitse ortografie, nie werklik bereik is nie. Die debat is uiteindelik deur Bismarck self tot 'n einde gebring. Hy was woedend oor die hele ortografiese aangeleentheid as gevolg daarvan dat die Duitse bevolking slegs vyf jaar vantevore, na die unifikasie van Duitsland, met die standaardisering van die geldeenheid, mates, gewigte, spoorweg, en posdiens opgesaal was. Bismarck het gedreig om teen enige staatsdiensamptenaar op te tree wat die hersiende ortografie gebruik. Hierop het Falk geweier om met die voorstelle van die konferensie voort te gaan en sodoende is die eerste poging om die Duitse ortografie te hervorm tot 'n einde gebring. (Johnson, 2005: 22)

Die mislukking van 1876 se ortografiese hervorming het daartoe gelei dat daar weereens 'n hele aantal ortografiese riglyne in verskillende dele van Duitsland, Oostenryk en Switserland opgestel is. In 'n poging om 'n oplossing vir die veelvuldige Duitse ortografieë te vind, het Falk se opvolger as Pruisiese Minster van Onderwys en Kultuur, Robert von Puttkamer, versoek dat 'n spesifieke stel ortografiese riglyne vir skole in Pruisië opgestel moet word. Dit het gelei tot die ingebruikneming van die *Preußische Schulorthographie* ("Pruisiese Skoolortografie") of die *Puttkamersche Orthographie* ("Puttkamerse Ortografie") in 1880. Hierdie riglyne het, saam met ooreenstemmende reëls wat 'n jaar vantevore vir Bavarië en Oostenryk opgestel is, die grondslag gevorm vir Duden se *Vollständiges Orthographisches Wörterbuch der deutschen Sprache* ("Volledige ortografiese woordeboek van die



Duitse taal”) wat in dieselfde jaar gepubliseer is. Hierdie woordeboek was die eerste in ’n reeks woordeboeke onder die Duden naam wat die gesaghebbendste naslaanwerke oor Duitse ortografie sou word. (Johnson, 2005: 22) In die pers is daar weer heftig oor die Pruisiese Skoolortografie gedebatteer. Baie joernaliste het dit as ’n aanval op persoonlike vryheid en ’n breuk met die historiese tradisie van geskrewe Duits beskou, wat volgens hulle ’n belangrike rol gespeel het in die oordrag van die kulturele erfenis van die nuut gevormde Duitse staat. (Johnson, 2005: 22-23)

Bismarck het weereens tussenbeide getree. Hy het dit duidelik gestel dat dié ontwikkelinge in die Duitse ortografie nie sy goedkeuring wegdra nie en dat hy stappe sou neem teen enige staatsdiensamptenare wat die nuwe ortografie gebruik. Ten spyte van Bismarck se “verbanning” van die Pruisiese Skoolortografie, het elke Duitse staat in werklikheid oor die vryheid beskik om self te besluit of hulle sou optree teen staatsdiensamptenare wat die ortografie gebruik. In baie state is daar nie teen “oortreders” opgetree nie en van die kleiner state het selfs die Pruisiese Skoolortografie in hulle skole ingevoer, terwyl die groter state hulle eie, maar ooreenstemmende, ortografiese riglyne opgestel het. En in 1892 het Switserland die 1880 Duden-woordeboek vir gebruik aanvaar. Ten spyte van Bismarck en ander Duitse owerhede se pogings om die standaardisering van die Duitse ortografie teë te hou, het al hierdie verwickelinge op ortografiese gebied daartoe gelei dat daar teen die einde van die negentiende eeu reeds ’n groot mate van standaardisering in die Duitse ortografie bereik is. (Johnson, 2005: 23) Hierdie mate van standaardisering het behels dat daar minimale strekverskille in ortografie was, met slegs ’n paar areas van onsekerheid wat nog bestaan het, en dan hoofsaaklik ten opsigte van individuele leksikale items (Johnson, 2005: 24).

Ten spyte van die groot mate van eenvormigheid wat in die Duitse ortografie geheers het, is daar veral deur onderwysers, wat absolute duidelikheid ten opsigte van ortografie verlang het, gevoel dat die spelling en interpunksie van Duits steeds om formele aandag gevra het. Dit het gelei tot die “Tweede Ortografiese Konferensie” (*II. Orthographische Konferenz*) wat in 1901 in Berlyn plaasgevind het. Anders as by die Eerste Ortografiese Konferensie waar die fokus op taalteoretiese oorwegings ten opsigte van die ortografie was, was die taalkundiges hierdie keer in die minderheid. Die enigste akademici wat die konferensie bygewoon het, was Oskar Brenner en Wilhelm Wilmanns. Die konferensie is verder bygewoon deur ’n aantal onderwysers (insluitend Konrad Duden), twee lede van die Duitse boekhandel, en politieke verteenwoordigers van die verskillende *Länder* of Duitse provinsies. Oostenryk is deur ’n waarnemer verteenwoordig, maar Switserland is nie op die konferensie verteenwoordig nie<sup>14</sup>. Van al die verteenwoordigers was slegs Wilmanns en Duden ook by die

<sup>14</sup> Verskeie moontlike redes kan volgens Johnson (2005: 24) vir Switserland se afwesigheid by die Tweede Ortografiese Konferensie aangevoer word. Van hierdie redes is dat die Switsers nog kwaad was omdat Duitsland hulle uitnodiging na ’n internasionale ortografiese konferensie in 1885 van die hand gewys het, asook

Eerste Ortografiese Konferensie teenwoordig. Alhoewel daar op sekere veranderinge aan die ortografie ooreengekom is op die Tweede Ortografiese Konferensie, was die belangrikste uiteinde van die konferensie dat die Pruisiese Skoolortografie en Duden se 1880-woordeboek as model vir 'n verenigde Duitse ortografie goedgekeur is. (Johnson, 2005: 24) Na die Tweede Ortografiese Konferensie is die konferensie se aanbevelings met 'n versoek om formele goedkeuring aan sowel die relevante owerhede van die verskillende Duitse *Länder*, as Switserland en Oostenryk gestuur. Terwyl dit aan die gang was, het die Visekanselier van die Duitse Ryk, Graf von Posadowsky, in April 1902 in 'n brief aan die Duitse Hoërhuis of *Bundesrat* versoek om hulle goedkeuring te gee dat die verenigde ortografie in 1903 amptelik in alle skole en staatsinstellings ingevoer word. Hy het die *Bundesrat* verder versoek om die nuwe ortografie vir gebruik deur munisipale en niestaatsinstellings aan te beveel. Alhoewel die Tweede Ortografiese Konferensie in die doel geslaag het om die Duitse ortografie amptelik te verenig of te standaardiseer, is die bykomende doel van 1876, naamlik om die ortografiese sisteem te vereenvoudig, op die agtergrond geskuif. (Johnson, 2005: 25) Dit is volgens Johnson (loc. cit.) egter verstaanbaar, aangesien eersgenoemde te make het met ooreenstemming ten opsigte van watter norm aanvaar moet word en hoe dit toegepas moet word, terwyl vereenvoudiging beduidende ingryping in die werklike gebruik van die ortografie vereis. Daar was op daardie stadium egter nie die openbare en politieke wil in Duitsland om so 'n drastiese ortografiese intervensie te rugsteun nie (Johnson, loc. cit.).

Die eerste amptelike poging om die ortografiese riglyne van 1901 te hersien, het na die Eerste Wêreldoorlog in 1920/1921 plaasgevind toe verteenwoordigers van Duitsland, Switserland en Oostenryk, en ander belangstellendes in Berlyn vergader het. 'n Aantal voorstelle is ter tafel gelê vir 'n omvangryke fonetiese hervorming van Duits en die afskaffing van die gebruik om naamwoorde met 'n hoofletter te skryf. In die pers is daar weer hewig teen die voorgestelde hervormingsvoorstelle uitgevaar. Die vrees is weer geopper dat hierdie hervorming 'n breuk met die geskiedkundige ontwikkeling van die Duitse ortografie sou veroorsaak en van die hervormers is selfs persoonlik aangeval. Die agterdog is ook gewek dat die hersiening van die ortografie 'n stap in die rigting van die "bolshevisering"<sup>15</sup> van ander opvoedkundige domeine was. Dié grootskaalse opposisie van die kant van die publiek en pers het egter tot kwynende amptelike regeringsondersteuning en die uiteindelijke mislukking van die ortografiese hervorming gelei. (Johnson, 2005: 28) Die volgende voorstelle vir die hervorming van die Duitse ortografie het in 1931 vanuit verskillende oorde gekom, te wete van onderwysers in Leipzig en die drukkersbedryf in Erfurt (Johnson, 2005: 28-29). Elk van hierdie partye het hulle eie hervormingsvoorstelle gemaak. Ten spyte van groter openbare belangstelling in en be-

---

die feit dat Switserland in 1892 besluit het om die 1880 Duden as norm aan te neem. Daar word selfs bespiegel dat Switserland hulle uitnodiging na die konferensie te laat ontvang het. (Johnson, loc. cit.)

<sup>15</sup> Om kommunisties te maak of in ooreenstemming met kommunistiese beginsels te bring.

spreking van dié hervormingsvoorstelle, het die politieke wil weereens ontbreek om dit verder te voer. 'n Ortografiese hervorming was te onbelangrik in die lig van dringender politieke probleme waarmee die regering van die dag te kampe gehad het. (Johnson, 2005: 29)

Toe Hitler se Nasionaal Sosialiste in 1933 aan bewind gekom het, het hulle ook te veel ander en dringender politieke probleme gehad. Die nuwe magshebbers het egter gou besef dat die taal ongetwyfeld 'n belangrike kanaal vir die oordrag van Nasionaal Sosialistiese propaganda en 'n belangrike simbool van Duitse kultuurerfenis is. Dit het daartoe gelei dat ingesteldhede teenoor ortografiese hervorming in die eerste jare van die Nasionaal Sosialistiese bewind oorwegend positief was, ten spyte van kommer dat 'n nuwe stel ortografiese veranderinge moeder- en tweedetaalsprekers van Duits sou verwar. Teen die einde van die 1930's is daar egter in die lig van Hitler se uitbreidingsgesinde beleid gemeen dat 'n vereenvoudigde ortografie ingespan kon word om die aanleer van Duits te vergemaklik en te bevorder, veral onder die nie-Duitssprekende onderdane van die gebiede wat pas deur Duitsland verower is. Die eerste noemenswaardige stap in die rigting van die vereenvoudiging van die Duitse ortografie is in 1941 geneem toe die tradisionele Gotiese (*Fraktur*) en Sütterlin skrifstelsels ten gunste van die Romeinse (*Antiqua*) skrif laat vaar is. In dieselfde jaar is daar ook 'n voorstel vir ortografiese hervorming deur Fritz Rahn gemaak. Rahn se voorstel was egter onsuksesvol. Drie jaar later, in 1944, het die Nasionaal Sosialistiese Minister van Onderwys, Bernhard Rust, 'n ander reeks voorstelle vir die hersiening van die 1901 ortografiese riglyne voorgelê. Die sogenaamde Rust-hervorming het 'n hele aantal veranderinge aan die Duitse ortografie voorgestel. (Johnson, 2005: 29) Hitler, wat van hierdie voorgestelde veranderinge in die pers moes verneem, was egter nie positief teenoor Rust se voorstelle nie. Hitler was van mening dat Rust se voorstel om vreemde en leen-woorde te verduits die vorm van die Duitse ortografie te drasties sou verander en dat ortografiese hervorming, in die lig van dringender politieke sake, tot aan die einde van die Tweede Wêreldoorlog uitgestel moes word. (Johnson, 2005: 31)

Volgens Johnson (2005: 32) was die einde van die Tweede Wêreldoorlog die ideale tyd om weer die kwessie van ortografiese hervorming of herstandaardisering op te haal, aangesien so baie boeke tydens die oorlog verwoes is en die Duitse drukkerbedryf teen 1944 bykans tot stilstand gekom het. Vir die eerste keer sou die tradisionele klagtes van drukkers en uitgewers rakende die koste verbonde aan 'n moontlike ortografiese hervorming en die implementering daarvan dus nie gehoor word nie. Die eerste omvattende hervormingspoging is egter eers in 1946 vanuit die Sowjet-besette deel van Duitsland onderneem. Hierdie hervormingspoging het egter misluk, aangesien daar nie voldoende samewerking tussen die vier besette sones van Duitsland, Oostenryk en Switserland was nie. Die publiek het weer hulle besorgdheid daarvoor laat blyk dat hierdie hervorming tot 'n breuk met die historiese skryftradisie van Duits sou lei; dit terwyl baie gemeen het dat die taal nog die enigste ding

was wat die Duitsers bymekaar kon hou. (Johnson, 2005: 32) So het alle pogings ná 1949 om die Duitse ortografie te herstandaardiseer met die politieke werklikheid van 'n verdeelde Duitsland te kampe gehad (Johnson, 2005: 33). Gedurende hierdie periode van verdeeldheid het Wes- en Oos-Duitsland dikwels van mekaar verskil oor of daar in werklikheid twee aparte nasionale variëteite (d.i. 'n westelike en oostelike een onderskeidelik) bestaan (Clyne, 1993: 12). Aan die een kant het die Wes-Duitse navorsers die verskille tussen oos en wes as onbelangrik afgemaak en die gemene Duitse taalverbintenis beklemtoon. Aan die ander kant het die Oos-Duitsers die selfstandigheid van hulle variëteit probeer regverdig deur gelyke status aan al vier nasionale variëteite van Duits toe te ken, te wete Oos-Duits, Wes-Duits, Oostenryks, en Switserse Standaardduits. Aparte Duden-woordeboeke en grammatikas wat in Leipzig en Mannheim gepubliseer is, het Wes- en Oos-Duits as aparte standaarde gekodifiseer. Toenemende kontak tussen Oos- en Wes-Duitsland in die laat 1980's en die grootskaalse migrasie in die jare van agteruitgang van die Oos-Duitse republiek, het egter daartoe gelei dat die Oos-Duitsers geleidelik hulle aanspraak op 'n aparte Duitse variëteit laat vaar het. (Clyne, 1993: 13) Een van die areas waar daar egter 'n groter mate van samewerking in die skeidingsperiode was, was ten opsigte van die beplanning vir ortografiese hervorming (Clyne, 1993: 20).

Na 'n aantal tussentydse hervormingsvoorstelle en vergaderings deur belangstellende partye in die laat 1940's en vroeë 1950's, was daar in 1954 'n ernstige poging om verteenwoordigers van die twee Duitse state, Oostenryk en Switserland bymekaar te bring. Hierdie samekoms het uiteindelik uitgeloop op die publikasie van die sogenaamde *Stuttgarter Empfehlungen* ("Stuttgart Aanbevelings"). Hierdie aanbevelings het agt punte van die Duitse ortografie gedek: die afskaffing van die gebruik om naamwoorde met hoofletters te skryf en die invoer van sogenaamde "gematigde kleinlettergebruik" (*gemäßigte Kleinschreibung*; d.i. 'n hooflettersistiem wat rofweg ooreenstem met dié van Afrikaans); die standaardisering van verskeie grafeemklusters; die afskaffing van wisselspellings; die spel van leenwoorde volgens Duitse spelreëls; die vas of los skryf van leksikale items; koppeltekengebruik; leestekengebruik; die skryf van eiename; en as bykomende punt, klein veranderinkies aan die aanduiding van vokaallengte. Dit het egter gou duidelik geword dat openbare dispute oor die Stuttgart Aanbevelings weereens die herstandaardisering van die Duitse ortografie in die wiele sou ry. Die hewige reaksies van die bekende Duitse skrywers Thomas Mann, Hermann Hesse en Friedrich Dürrenmatt, wat verklaar het dat die hervorming 'n bedreiging vir die estetiese en uitdrukkingsvermoë van die taal inhou, het die kern gevorm van die ongelukkigheid oor dié relatief gematigde voorstelle. (Johnson, 2005: 33).

Teen die agtergrond van die mislukte Stuttgart Aanbevelings en die publikasie van Mackensen se kommersieel suksesvolle mededingende woordeboek, het beide die uitgewer en redakteur van die Duden-woordeboek, Franz Steiner en Paul Grebe, hulle in 1955 tot die *Kultusministerkonferenz* (KMK),

die Wes-Duitse staande konferensie vir die Ministers van Onderwys en Kultuursake, gewend. Steiner en Grebe het die KMK versoek om duidelikheid rakende die situasie oor die 1901 ortografiese reëls te gee. In reaksie hierop het die KMK hulle ongepubliseerde uitspraak van 1950 formeel bevestig, naamlik dat die 1901-riglyne, saam met enige amptelike wysigings daarna, van krag sou bly totdat hersiende ortografiese norme beskikbaar was. Die KMK het ook bepaal dat, in gevalle waar onsekerheid bestaan, die reëls soos uiteengesit in die Duden bindend sou wees. (Johnson, 2005: 34) Na die KMK se uitspraak van 1955 is die Duitse ortografie weer in 'n reeks vergaderings bespreek. Hierdie vergaderings het in 1958 gelei tot die publikasie van 'n hersiende en meer gematigde stel voorstelle ten opsigte van die ortografie, genaamd die *Wiesbadener Empfehlungen* ("Wiesbaden Aanbevelings"). (Johnson, 2005: 35) Ses voorstelle is gemaak: die invoer van gematigde kleinlettergebruik; vryer gebruik van die komma; sillabeskeiding moet eerder op uitspraak as etimologie gebaseer word; geen wisselspellings; leenwoorde moet volgens die Duitse ortografiese sisteem gespel word waar moontlik; slegs ware samestellings moet as een woord gespel word, terwyl ander woorde los geskryf moet word (Johnson, 2005: 35-36). Anders as die Stuttgart Aanbevelings wat die produk was van vergaderings wat verteenwoordigers van al vier die Duitssprekende lande ingesluit het, is die Wiesbaden Aanbevelings deur 'n kommissie bestaande uit slegs Wes-Duitsers opgestel. Hierdie kommissie was egter daarvan bewus dat die ortografiese hervorming nie geïmplementeer kon word sonder die toestemming van almal wat daardeur geraak sou word nie. In beraadslaging met die ander Duitse state wat tussen 1961 en 1963 plaasgevind het, was Oos-Duitsland grootliks ten gunste van die voorstelle, maar hulle het nie 'n amptelike reaksie daarop geformuleer nie, Oostenryk was besluiteloos, en Switserland het aangedui dat hulle teen die hervorming is, veral wat betref die gematigde kleinlettergebruik. (Johnson, 2005: 36) Die Wiesbaden Aanbevelings het dus uiteindelik ook misluk.

Nog was dit egter nie die einde van belangstelling in die herstandaardisering van die Duitse ortografie nie. Teen die einde van die 1960's was die kwessie van hervorming weereens van die belangrikste besprekingspunte ten opsigte van die Duitse ortografie. Hierdie keer was dit hoofsaaklik onderwysers wat die inisiatief geneem het. (Johnson, 2005: 36) Teen hierdie tyd was daar baie teenstrydighede tussen die amptelike ortografiese riglyne van 1901 en taalgebruik wat aan die einde van die 1960's gebruik is. Dit kan hoofsaaklik toegeskryf word aan die Duden-woordeboek se "ingryping" in die ortografie. Alhoewel die redakteurs van die Duden deurlopend beweer het dat 'n deskriptiewe beleid ten opsigte van ortografie gevolg is, het die preskriptiewe benadering wat dikwels in die Duden gevolg is, daartoe gelei dat onderwysers toenemend gesukkel het om spelling en interpunksie aan skoliere te leer. (Johnson, 2005: 124-125) In 'n onderwysstelsel wat swaar op diktee gesteun het en waar skoliere dikwels 'n jaar teruggehou is indien hulle nie 'n verlangde standaard bereik het nie, het ortografiese hervorming 'n belangrike deel uitgemaak van pogings om 'n hele reeks diskriminerende opvoedkundige praktyke te hervorm. (Johnson, 2005: 36) Die Wes-Duitse KMK het gevolglik ingestem

om opnuut aandag aan ortografiese hervorming te skenk (Johnson, 2005: 37). In 1971 het verteenwoordigers van Wes-Duitsland, Oostenryk en Switserland (Oos-Duitsland het die uitnodiging tot deelname van die hand gewys) in Wene bymekaar gekom. Wat hierdie byeenkoms anders as die voriges maak, is dat daar nie net politici, taalkundiges en uitgewers aan die gesprekke deelgeneem het nie, maar dat insette van 'n wye reeks sektore van die samelewing aangehoor is, te wete opvoedkundiges, sielkundiges en sosioloë. Op 'n vergadering van die KMK in 1973 is daar eenparig ten gunste van 'n ortografiese hervorming gestem wat breedweg op die Wiesbaden Aanbevelings gebaseer was. (Johnson, 2005: 37)

Na 'n verdere byeenkoms in Wene in dieselfde jaar wat deur verteenwoordigers van al vier die Duitssprekende state bygewoon is, is daar ooreengekom dat die ortografiese voorstelle teen 1975 in die skole ingevoer sou word. Intussen was die publiek weer onderling verdeel oor die ortografiese hervorming. Aan die een kant het dit gelyk of 'n groot deel van die publiek die hervorming gesteun het, maar aan die ander kant het veral die simboliese relevansie daaraan verbonde om naamwoorde met hoofletters te skryf weer tot aansienlike dispute gelei. Net toe dit egter wou lyk asof die herstandaardisering van die Duitse ortografie hierdie keer sou slaag, het debatte oor die hervorming verstrengel geraak met meer wydverspreide antagonisme tussen regse en linkse politieke partye. Die Minister van Onderwys van die Christelike Demokratiese Unie in Baden-Württemberg, Wilhelm Hahn, het sy twyfel oor die hervorming uitgespreek en verklaar dat dit ideologies gemotiveer was. Ten spyte daarvan dat die toenmalige Sosiaal Demokratiese regering hulle deur die verloop van 1973 ten gunste van die ortografiese hervorming uitgespreek het, het hulle na Hahn se uitlatings ook begin twyfel aan hulle toewyding tot dié kontroversiële kwessie. En toe die punt in 1974 aanbreek waarop die hervorming grootskaalse regeringsondersteuning benodig, het dit geblyk dat die politieke wil om dit te implementeer weereens ontbreek het, en gevolglik het die ortografiese voorstelle weereens tot niks gekom nie. (Johnson, 2005: 37)

In die laat 1970's het daar opnuut 'n aantal vergaderings oor die Duitse ortografie plaasgevind en verskeie voorstelle vir herstandaardisering is in elk van die Duitssprekende lande geformuleer. Dit het nou gelyk asof daar uiteindelik genoegsame eensgesindheid oor die Duitse ortografie was sodat 'n internasionale ooreenkoms bereik kon word. Dit het gelei tot die vorming van die *Internationaler Arbeitskreis für Orthographie* ("Internasionale Werkkring vir Ortografie") in 1980. Behalwe vir 'n reeks tussentydse vergaderings, is daar drie formele konferensies deur die Werkkring in 1986, 1990 en 1994 in Wene gehou. Daar word dikwels gesamentlik na hierdie konferensies verwys as die *III. Orthographische Konferenz* ("Derde Ortografiese Konferensie", na aanleiding van die Eerste en Tweede in 1876 en 1901), en afsonderlik as die *erste, zweite und dritte Wiener Gespräche* ("Eerste, Tweede en Derde Weense Gesprekke"). Na die aanvanklike vorming van die Internasionale

Werkkring vir Ortografie in 1980, het die Werkring weer in 1982 en 1984 vergader. Dit het gelei tot die publikasie van 'n voorlopige stel hervormingsvoorstelle deur die *Kommission für Rechtschreibfragen* ("Kommissie vir Ortografiese Aangeleenthede") in 1985. Hierdie voorstelle het aanbevelings in verband met interpunksie en hoofletter- en koppeltekengebruik ingesluit, en het die basis gevorm vir die Eerste Weense Gesprekke van 1986. Laasgenoemde is deur Wes-Duitse, Switserse en Oostenrykse afgevaardigdes bygewoon, terwyl Oos-Duitsland deur 'n waarnemer verteenwoordig is. In 1987 het die KMK en Wes-Duitse Departement van Binnelandse Sake versoek dat die Kommissie vir Ortografiese Aangeleenthede en die *Gesellschaft für deutsche Sprache* ("Genootskap vir Duitse Taal") verdere hervormingsaanbevelings oor koppeltekengebruik, leenwoorde, en klank/letterverhoudings moet maak, maar nie oor hooflettergebruik nie, gegewe die teenstand wat dit dikwels onder die publiek ontlok het. In 1988 het die kommissie 'n stel voorstelle aan die KMK voorgelê wat grootlik op die Eerste Weense Gesprekke van 1986 gebaseer was. (Johnson, 2005: 38) Hierdie voorstelle is egter, soos tevore, met wydverspreide ongelukkigheid deur die publiek en media begroet (Johnson, 2005: 38-39).

Na die Tweede Weense Gesprekke en die unifikasie van Oos- en Wes-Duitsland in 1990, is hersiende voorstelle vir ortografiese herstandaardisering opgestel en in 1992 gepubliseer. Die volgende ses areas van die Duitse ortografie is in hierdie voorstelle behandel: klank/letter-verhoudings (insluitend vreemde woorde), waar sommige van die ingrypende voorstelle van 1988/1989 laat vaar is; die los en vas skryf van woorde; koppeltekengebruik; hooflettergebruik, waar drie voorstelle gemaak is, naamlik dat die huidige toestand gehandhaaf word, dat die bestaande reëls vir hooflettergebruik geharmoniseer word, of dat gematigde kleinlettergebruik ingevoer word; interpunksie; en lettergreepverdeling. In reaksie op die 1992-voorstelle is 'n openbare verhoor in 1993 deur die KMK en Wes-Duitse Departement van Binnelandse Sake gereël waaraan sowat vyftig belangegroepes deelgeneem het. Daar is op die verhoor tot die gevolgtrekking gekom dat 'n ortografiese hervorming nie alleenlik noodsaaklik was nie, maar nou ook uitvoerbaar was. Ten spyte van die groot mate van amptelike ondersteuning wat hierdie voorstelle geniet het, is dit steeds met kritiek van die publiek en media begroet. Dit het daartoe gelei dat verdere hersienings tydens die Derde Weense Gesprekke in November 1994 aan die voorstelle gemaak is. (Johnson, 2005: 39) 'n Maand later het die Instituut vir Duitse Taal 'n spesiale uitgawe van hulle tydskrif *Sprachreport* gepubliseer waarin hulle die voorstelle uitvoerig uiteengesit het. In 'n poging om hulle posisie as die de facto amptelike gesag oor die Duitse ortografie te bestendig, het die uitgewers van die Duden-woordeboek ook hulle eie brosjure met die voorstelle kort voor Kersfees daardie jaar uitgegee. (Johnson, 2005: 39-40) Die resultaat van die Derde Weense Gesprekke is amptelik in Julie 1995 gepubliseer en daar is verklaar dat die ortografiese hervorming teen die einde van 1995 gefinaliseer moes word sodat dit tydens die 1996/1997-skooljaar ingevoer en teen 1 Augustus 2001 volledig in al die deelnemende lande geïmplementeer kon word. (Johnson,

2005: 39) Teen hierdie tyd het daar egter weer 'n hele paar stemme teen die hervormingsvoorstelle opgeklank. Die ongelukkigheid teen die voorstelle het geleidelik momentum opgebou, sodat die KMK vroeg in September 1995 besluit het om die vergadering waar die hervormingsvoorstelle goedgekeur sou word van einde September tot die einde van November uit te stel. 'n Aantal klein veranderinkies is gedurende Oktober en November aan die oorspronklike voorstelle aangebring. (Johnson, 2005: 40) Die voorgestelde veranderinge het die Minsters van Kultuur en die Eerste Ministers van die sestien *Länder* se goedkeuring weggedra en laasgenoemde het aan eersgenoemde opdrag gegee om voort te gaan met die implementering van die ortografiese hervorming (Johnson, 2005: 41).

In Julie 1996 het afgevaardigdes van Duitsland, Oostenryk en Switserland saam met verteenwoordigers van Italië, Liechtenstein, Luxemburg, Romenië en Hongarye 'n *Gemeinsame Absichtserklärung zur Neuregelung der deutschen Rechtschreibung* ("Gesamtelike verklaring van voorneme vir die herbereëling van die Duitse ortografie") of die sogenaamde *Wiener Absichtserklärung* ("Weense Verklaring van Voorneme") onderteken. In hierdie verklaring is daar erkenning gegee aan die ortografiese riglyne soos ooreengekom by die Derde Weense Gesprekke in 1994 en gepubliseer in Julie 1995, en daar is ooreengekom dat die nuwe riglyne nie later as 1 Augustus 1998 ingevoer en teen 31 Julie 2005 volledig geïmplementeer moes word nie. (Johnson, 2005: 41) In die verklaring is enige ander state verwelkom wat in die toekoms sou belangstel om die gemene verklaring te onderteken (Johnson, 2005: 42). Die verklaring het ook bevestig dat 'n kommissie bestaande uit kenners van die Duitse ortografie by die Institut für Deutsche Sprache ("Instituut vir Duitse Taal") in Mannheim opgerig moes word om die toepassing van die ortografiese hervorming te oorsien (Johnson, 2005: 41-42). Verder is die amptelike ortografiese riglyne na hierdie kommissie terugverwys vir kontrolering met algemene ortografiese ontwikkelinge in die spraakgemeenskap, met die doel om ortografiese eenheid in die hele Duitssprekende area oor die lange duur te bewaar (Johnson, 2005: 42). Na ondertekening van die verklaring is die amptelike nuwe ortografiese riglyne onder die titel *Ampteliche Regelung* gepubliseer (Johnson, 2005: 42, 55). En só is die voorgestelde herstandaardisering van die Duitse ortografie uiteindelik formeel in 1996 goedgekeur (Johnson, 2005: 41). Die *Ampteliche Regelung* bevat honderd en twaalf "nuwe" ortografiese reëls vir Duits, asook 'n *Wörterverzeichnis* (woordelys) van sowat twaalfduisend leksikale items wat deur die ortografiese hervorming beïnvloed word en as riglyn vir die spelling van soortgelyke items dien. Die reëls behandel veranderinge aan ses areas van die Duitse ortografie: klank/letter-verhoudings (insluitend die spelling van leenwoorde); die los of vas skryf van woorde; koppeltekengebruik; hooflettergebruik; interpunksie; en lettergreepverdeling. (Johnson, 2005: 54-55) Tien van die sestien *Länder* van die Bondsrepubliek van Duitsland het die ortografiese riglyne reeds in die somer van 1996 in skole begin invoer (Johnson, 2005: 42).



In die verloop van die volgende twee jaar na die goedkeuring van die ortografiese hervorming is daar sowat dertig hofsake gehou waarin die wettigheid betwis is van die wyse waarop die ortografiese hervorming ingevoer is (Johnson, 2005: 42). Indien 'n mens aanvaarding as een van die belangrikste maatstawwe vir die sukses van enige taalbeplanningsaksie beskou (sien 2.2.5.4), kan die 1996-herstandaardisering van die Duitse ortografie nie werklik as baie suksesvol beskou word nie, aldus Johnson (2005: 119). Die les wat volgens Hans-Werner Eroms (in Johnson, 2005: 156) hieruit geleer kan word, is dat meer aandag aan publisiteit ten opsigte van die ortografiese hervorming geskenk moes word. Gegewe die historiese probleme wat met die standaardisering en herstandaardisering van die Duitse ortografie ondervind is, is dit duidelik dat daar 'n behoefte aan 'n volgehoue veldtog van openbare betrekkinge was sodat die noodsaaklikheid, inhoud, waarde, en doel van die ortografiese hervorming aan die wyer publiek kommunikeer kon word (Johnson, loc. cit.). Alhoewel hierdie gedagte deur die hervormer Klaus Heller ondersteun word, dui hy daarop dat daar nie genoeg tyd of hulpbronne was om die nodige werk ten opsigte van openbare betrekkinge te onderneem nie (Johnson, 2005: 157). Hoe dit ook al sy, Johnson (loc. cit.) dui daarop dat dit nie 'n wyse besluit was om die taak van openbare betrekkinge aan die media oor te laat nie, aangesien hulle van die begin af klaarblyklik teen die idee van ortografiese herstandaardisering gekant was. Daar word ook toenemend betwyfel of die mate van vryheid wat deur die 1996-riglyne daargestel is werklik tot die primêre doelwit, naamlik vereenvoudiging van die Duitse ortografie, gelei het (Johnson, 2005: 80, 82). Dit het byvoorbeeld aan die lig gekom dat die meeste taalgebruikers steeds gesukkel het om die reëls oor wisselvorme te interpreteer (Johnson, 2005: 79). Volgens Johnson (2005: 83) kan 'n mens ook vra of die ortografiese hervorming, indien dit werklik so minimaal was as wat beweer word, geregverdig kan word gegewe die aansienlike finansiële onkoste wat dit meegebring het, die tyd wat dit in beslag geneem het, en die uitgerekte regsgedinge wat teen die hervorming gevoer is.

Die geskiedenis van die Duitse ortografie belig weereens die belangrikheid van die betrokkenheid van die spraakgemeenskap in enige taalbeplanningsaksie wat op hulle afgestem is. Ten spyte van aanvanklik politieke teenstand teen die ortografiese hervorming, het die spraakgemeenskap se behoefte aan 'n eenvormige ortografie die deurslag gegee in die standaardisering van die Duitse ortografie aan die begin van die twintigste eeu. Dit was later dieselfde spraakgemeenskap se teenstand teen die vereenvoudiging van die ortografie wat telkens verskeie pogings in die loop van die twintigste eeu om die Duitse ortografie te hervorm, in die wiele gery het. Die pogings tot die herstandaardisering van die Duitse ortografie benadruk dus die belangrikheid van prestigebeplanning as onderdeel van enige herstandaardiseringsproses, ook dié van Afrikaans. Daarom is dit belangrik vir die herstandaardisering van Afrikaans dat dit nie net 'n akademiese oefening sal wees nie, maar dat die volle spraakgemeenskap deurgaans betrek moet word ten einde sprekers ontvankliker te maak vir herstandaardisering. Herstandaardisering moet dus ook gepaard gaan met 'n uitvoerige "bemarkingsprojek", dit is

om die doelwitte van herstandaardisering deeglik aan sprekers bekend te maak.

### 3.4.6 Albanees

Albanees vorm 'n onafhanklike tak van die Indo-Europese taalfamilie en kan as 'n Balkanese Indo-Europese taal geklassifiseer word. Dié taal het meer as sewe miljoen sprekers en word hoofsaaklik in die Republiek van Albanië en in Kosovo gepraat, maar ook deur die Albanese diaspora wêreldwyd, te wete in die Republiek van Masedonië, Montenegro, Serwië, Italië (suidelike dele en Sisilië), Griekeland, Bulgarye, Turkye, Sirië, Egipte, Duitsland, Switserland, en die VSA. (Lloshi, 1999: 279, 281; Moosmüller en Granser, 2006: 121)

Albanees het verskeie geografiese variëteite wat in twee primêre dialekgroepe verdeel kan word, genaamd Gegies (*gegërisht*) en Toskies (*toskërisht*). Hierdie twee dialekgroepe word geskei deur die Shkumbinrivier wat van oos na wes deur Elbasan in sentraal-Albanië vloei. Die Gegiese dialek word noord van die Shkumbinrivier gepraat en die Toskiese dialek word suid van dié rivier gepraat. Die streek aan die suidkus van die Shkumbinrivier tree op as oorgangsones tussen die twee dialekgroepe sodat dié streek gekenmerk word deur 'n gemengde taalvorm. (Byron, 1976: 32, 41, 43; Trix, 1997: 9; Lloshi, 1999: 284; 2006: 94; Moosmüller en Granser, 2006: 121; *Dialects of the Albanian language*, 2008: 12; Kulla, 2010: 14) Elk van hierdie twee dialekte bestaan uit 'n kontinuum van subvariëteite. Gegies kan onderverdeel word in Noordelike, Middel en Suidelike Gegies, terwyl Noordelike Gegies selfs nog verder in verskillende variëteite onderverdeel kan word. Toskies word onderverdeel in Noordelike Toskies, Lab, en Çam in die suide. Al hierdie subvariëteite vorm 'n kontinuum sodat verafgeleë subvariëteite moeiliker onderling verstaanbaar is as aangrensende subvariëteite. (Byron, 1976: 41, 45; Moosmüller en Granser, 2006: 122) Die rede waarom Albanees uit twee variëteite bestaan, kan hoofsaaklik toegeskryf word aan die historiese skeiding tussen die Noordelike Albanese (Gege) en Suidelike Albanese (Toske) wat betref kultuur en sosiale struktuur in die streke wat met hierdie variëteite geassosieer word. Benewens die stadsmense van Shkodër, het baie van die Gege in meer afgeleë, bergagtige areas gewoon, met die gevolg dat hulle meer plattelands was en hulle hulle tot 'n groter mate aan die ou Albanese clansisteem gehou het. Daarenteen was die Toske meestal dorpsbewonders en was hulle oper vir invloed van buite, aangesien hulle kontak gehad het met mense buite Albanië, soos familieleden wat na Egipte of die Weste geëmmigreer het of in die Ottomaanse hoofstad Istanbul gewerk het. Hierdie verskille tussen die twee groepe het egter in die moderne era (veral sedert die Tweede Wêreldoorlog) begin verdwyn sodat die belangrikste verskil tussen die Gege en Toske vandag linguisties van aard is. (Byron, 1976: 32; Trix, 1997: 10)

Alhoewel Gegies en Toskies 'n lang geskiedenis van aparte taalontwikkeling het, is daar geen historiese bewyse dat een van hierdie groepe ooit daarop aangedring het dat hulle 'n aparte taal praat nie (Byron, 1976: 41). Die groot mate van onderlinge verstaanbaarheid tussen Gegies en Toskies word alom deur sprekers van die dialekte, asook Albanese en nie-Albanese taalkundiges erken (Byron, loc. cit.; Lloshi, 1999: 286). Alhoewel Gegies en Toskies op alle taalvlakke van mekaar verskil (d.i. sintaktiese, morfologiese, semantiese, fonetiese en leksikale vlak), affekteer die verskille tussen dié variëteite grootliks die fonetiese vlak en die ander taalvlakke slegs sekondêr, en dan meestal vokale eerder as konsonante (Byron, 1976: 42-43; Kulla, 2010: 15). Die vyf belangrikste verskille tussen Gegies en Toskies is soos volg: rotasisme<sup>16</sup> in Toskies waar die intervokalisering /n/ as [r] uitgespreek word; verskille in infinitiefvorme; waar *va-* aan die begin van Toskiese woorde voorkom, is dit *vo-* in Gegies; die beklemtoonde middelvokaal in Toskies is 'n genasaleerde [a] of [e] in Gegies; en fonemies genasaleerde vokale is teenwoordig in Gegies, maar afwesig in Toskies (Trix, 1997: 9-10). In werklikheid is die verskille tussen Gegies en Toskies dus minimaal (Lloshi, 1999: 285). Holger Pedersen (aangehaal in Byron, 1976: 41 en Mantho, 2009: 74) het reeds in 1917 daarop gedui dat:

The difference between the two Albanian dialects is much smaller than the dialectal differences found within most other languages; from the practical point of view they are quite insignificant. A foreigner who has learned one of the dialects does not find any serious difficulty in understanding the other dialect. The difficulties that may occur on some occasions are due exclusively to lacking intercourse; they have no roots in a real deep linguistic difference.

Die probleme wat wel in die kommunikasie tussen sprekes van Gegies en Toskies ontstaan, is dus nie heeltemal onoorkombaar nie (Mantho, loc. cit.).

Albanees beskik nie oor 'n lang, ononderbroke standaardiseringsgeskiedenis nie. Albanees was tot en met die twintigste eeu altyd ondergeskik aan een of ander ánder taal, te wete Latyn, Slawies, later Grieks, Turks, Venesiese Italiaans, en die moderne tale van Suidoos-Europa. Relatief min individue het voor die twintigste eeu pogings aangewend om die taal te standaardiseer. (Byron, 1976: 35-36) Die taalbeplanning wat wel voor die twintigste eeu gedoen is, is deur individue onderneem wat gedryf is deur 'n behoefte om in hulle moedertaal te skryf. En omdat Albanees tot en met die begin van die twintigste eeu nie oor 'n eie, eenvormige alfabet beskik het nie, het dit daartoe gelei dat daar verskeie Albanese alfabette ontstaan het. (Memushaj, 2006: 116; Kulla, 2010: 12) Albanees is nie net in Arabiese, Griekse én Romeinse skrif geskryf nie, maar daar was ook verskeie alfabette in omloop (Trix, 1997: 21). Nie een van hierdie alfabette is egter as die algemene, nasionale alfabet erken nie (Memushaj, 2006: 117).

<sup>16</sup> Oormatige of foutiewe gebruik van [r]-klanke in spraak (NB Publishers, 2009a).

Die eerste dokument wat in Albanees verskyn het, is 'n kort Katolieke doopformule (*Formula e pagëzimit*) van 1462. Hierdie dokument is in Gegies en in Romeinse skrif geskryf. Nog 'n dokument uit dieselfde eeu is 'n fragment van die Nuwe Testament gevolg deur 'n Oosterse cantus<sup>17</sup> in Toskies, geskryf in Griekse letters; een van die min Toksiese dokumente van vroeë middeleeuse Albanees. (Byron, 1976: 36) Die belangrikste sestiende eeuse dokument is Gjon Buzuku se missaal<sup>18</sup> (*Meshari*) van 1555. Die *Meshari* is die eerste gepubliseerde boek in Albanië en die eerste omvattender teks. Dit is in Gegies geskryf. Nog 'n belangrike Gegiese dokument is Frang Bardhi se Latyn-Albanese woordeboek van 1635. In 1592 is die eerste boek in die Toskiese dialek gepubliseer, naamlik die Kategismus van Lekë Matranga, 'n Italiaanse Arbëresh<sup>19</sup> priester. (Byron, 1976: 37; Lloshi, 2006: 94) Hoewel geskrewe werke skaars was in die sewentiende en agtiende eeu, was daar 'n aansienlike toename in die negentiende eeu op die vooraand van die Nasionale Herlewing. In 1824 het Naum Veqilharxhi begin om 'n Albanese alfabet met selfgeskepte letters op te stel en sy *Evëtori Shqip Fort i Shkurtër* ("Die bruikbaarste en bondigste Albanese alfabet") is in 1844/45 gepubliseer. Die eerste Nuwe Testament in Albanees is in 1827 in Toksies gepubliseer. Een van die bekendste kultiveerders van Albanees in die negentiende eeu was Konstandin Kristoforidhi van Elbasan in Sentraal-Albanië wat die Bybel in albei variëteite van Albanees vertaal het en 'n Albanese woordeboek saamgestel het. Sy "Woordeboek van die Albanese taal" is na sy dood in 1904 gepubliseer. Met die publikasie van tekste in beide Gegies en Toskies het daar mettertyd twee skryftradisies op grond van dié twee primêre variëteite van Albanees ontwikkel. Die verskillende skrywers was egter onderling bekend met die twee variëteite en daar was klaarblyklik geen vyandskap tussen die twee groepe nie. (Byron, 1976: 40; Lloshi, 1999: 292; 2006: 94; *Dialects of the Albanian language*, 2008: 12) Tog was die twee skryftradisies nie gelykvormig nie. Gegies het oor twee subtradisies beskik, te wete 'n suidelike Gegiese skryftradisie wat wyer verspreid was, en 'n beperkter skryftradisie wat op die noordwestelike spraakvorme gebaseer was (die sogenaamde Skutariëse skryftradisie). Daarenteen was die Toskiese skryftradisie minder divers. (Byron, 1976: 38)

In die negentiende eeu het 'n beweging vir die bevordering en studie van Albanees ontstaan as een van die doelwitte van die Albanese Herlewing. Dit is as gevolg van die Albanese Herlewing, 'n Albanese nasionalistiese beweging wat baklei het vir nasionale onafhanklikheid en die unifikasie van die Albanese in een staat, dat die Albanese taal aan die einde van die negentiende eeu 'n saak van nasionale belang geword het. Op talige vlak het hierdie nasionalistiese strewe uiting gevind in die idee om die verskillende variëteite van Albanees in 'n amptelike en gemene standaardtaal te assimileer. Die Albanese Herlewing is in 1878 van stapel gestuur toe die Liga van Prizren (Albanese Liga) in

<sup>17</sup> Middeleeuse liturgiese eenstemmige sang (NB Publishers, 2009b).

<sup>18</sup> Liturgiese diensboek in die Rooms-Katolieke kerk (NB Publishers, 2009b).

<sup>19</sup> Arbëresh is die Albanese (Toskiese) variëteit wat in Suid-Italië gepraat word (Manzini en Savoia, 2011: 169).

opposisie tot die Kongres van Berlyn, wat ten doel gehad het om die land te verdeel, gestig is. Die Liga van Prizren was die eerste georganiseerde beweging wat daarop gemik was om Albanees as onafhanklike taal te vestig deurdat hulle die Albanese taalstryd 'n belangrike deel van hulle politieke ondernemings gemaak het en sodoende 'n einde gemaak het aan die ongeorganiseerde en individuele pogings om 'n enkele Albanese alfabet daar te stel. Vir die Liga van Prizren was eenheid onder Albanese van kardinale belang vir die oorlewing van die land wat sedert 1478 onder Ottomaanse beheer was. Alhoewel sprekers van Albanees toegelaat is om Albanees in die Ottomaanse Ryk te praat, is hulle verbied om Albanees te lees en skryf of om Albanese skole op te rig. Twee onderwysers van die Ortodokse Kerk wat voortgegaan het om in Albanees klas te gee, is selfs om die lewe gebring! Verskeie ander verenigings is gestig om Albanees te bevorder en vir die oprigting van Albanese skole te agit. So is "Die vereniging vir die druk van Albanese letters" in 1879 gestig, die eerste grammatikaboeke is saamgestel en die eerste stappe is geneem om 'n nasionale woordeboek vir Albanees saam te stel. In hierdie tyd is daar ook in die geheim begin om Albanees in die buitelandse skole in Albanië as vak aan te bied. Albanese boeke moes dikwels van buitelandse stede (soos Boekarest en Sofia) ingesmokkel word waar Albanese intellektuele die vryheid gehad het om in Albanees te publiseer. Albanese skrywers in die Ottomaanse Ryk het dikwels onder skuilname of hulle voorletters gepubliseer. Die Liga van Prizren het verskeie vereistes in memoranda aan die Ottomaanse owerhede gestel, onder andere dat Albanees deur middel van onderrig in skole bevorder moes word ten einde die oorlewing van die Albanese bevolking te verseker. Die noodsaaklikheid aan 'n verenigde Albanese standaardtaal het al hoe belangriker geword, aangesien taal, en veral die standaardtaal, as die magtigste potensiële verenigende krag beskou is wat die Albanese gemeenskap, wat gekenmerk is deur kulturele en religieuse diversiteit, tot hulle beskikking gehad het. Die taalvraag was dus 'n belangrike vraagstuk in die Albanese Herlewing. Maar die tyd was nog nie ryp vir aanspraak op 'n unieke standaard nie, aangesien die Albanese nog nie oor enige drukkers, uitgewers, skole of koerante vir Albanees beskik het nie. Daar is gemeen dat dialektiese voorkeure eers in die belang van nasionale behoeftes onderdruk moes word. (Byron, 1976: 38-39; Trix, 1997: 7; Lloshi, 2006: 94; Memushaj, 2006: 117; Moosmüller en Granser, 2006: 122; Thomaj, 2006: 104; *Dialects of the Albanian language*, 2008: 12) Dit was egter nie so 'n maklike taak nie, aangesien daar, soos reeds vermeld, reeds twee skryftradisies, gebaseer op die twee Albanese dialekte, naas mekaar bestaan het (Moosmüller en Granser, 2006: 122-123).

Verskeie Albanese skrywers van die Albanese Herlewing, wat al hoe meer besorg was oor die gebrek aan 'n enkele standaardtaal, het voorstelle begin maak vir die vasstel van 'n enkele standaard wat alle dialektiese verskille sou oorbrug. Die eerste persoon wat ernstige oorweging aan 'n verenigde standaardtaal geskenk het, was Toghri. Hy was 'n inwoner van Elbasan en het die dialek van dié Sentraal-Albanese stad as nasionale standaard verkies. Drie algemene denkstrome ten opsigte van

die basis van die beoogde standaardtaal het mettertyd onder intellektuele wat hulle met die vraag oor 'n gemene skryftaal bemoei het, posgevat. (Byron, 1976: 53) Eerstens was daar diegene wat gemeen het dat die Gegiese en Toskiese dialekte verenig moes word. Ander het hulle weer by Todhri aangesluit deurdat hulle van mening was dat die variëteit van Elbasan, of 'n ander sentrale variëteit soos dié van Tirana (dus Suidelike Gegies), tot standaardtaal verhef moes word. Laastens is voorgestel dat Toskies tot standaardtaal verhef moes word. (Byron, 1976: 54)

Voordat 'n standaardortografie egter daargestel en Albanees in die skole ingevoer kon word, het Albanees eers 'n gestandaardiseerde alfabet nodig gehad (Memushaj, 2006: 117; Moosmüller en Granser, 2006: 122). Hierdie taak is aan "Die Istanbul komitee vir die berskerming van die regte van die Albanese volk" toevertrou. Alhoewel die Albanese diaspora in Istanbul reeds tien tot vyftien jaar voor die totstandkoming van die Liga van Prizren probeer het om 'n gestandaardiseerde Albanese alfabet daar te stel, was hulle tot op daardie stadium nog onsuksesvol. Nadat die Istanbul Komitee vergader het, het hulle egter uiteindelik daarin geslaag om 'n aanvaarbare alfabet daar te stel. Hierdie alfabet het dit uiteindelik vir skrywers van die Herlewing moontlik gemaak om boeke in Albanees te publiseer en kan dus beskou word as die eerste georganiseerde en suksesvolle poging om 'n alfabet vir Albanees daar te stel. Ten spyte van die sukses van dié alfabet in die suide van Albanië en die Albanese kolonies in die Balkanskiereiland, het dit egter nie landswyd ingang gevind nie, sodat daar steeds 'n behoefte aan 'n enkele, nasionaal aanvaarde alfabet in die Albanese spraakgemeenskap was. Daar is besef dat 'n wydverspreide ooreenkoms nodig was om 'n enkele alfabet daar te stel. Dit het daartoe gelei dat baie skrywers en koerante 'n oproep gedoen het dat een of ander taalbeplanningsinstansie in die lewe geroep moes word, byvoorbeeld 'n kongres of akademie. (Memushaj, 2006: 117-118) Dit sou uiteindelik aanleiding gegee tot die Kongres van Monstir; die eerste taal-kongres van die Albanese taal (Memushaj, 2006: 126).

In Julie 1908 neem die Jong Turke<sup>20</sup> beheer van die Ottomaanse Ryk oor. Die verligte standpunt wat die Jong Turke aanvanklik ingeneem het, naamlik verdraagsaamheid ten opsigte van die verskillende etniese groeperinge se gebruik van hulle tale in skole en die gedrukte media, het die Albanese se pogings tot 'n selfstandige taal 'n welkome hupstoot gegee. Die Albanese het hierop gereageer deur Albanese klubs, skole en drukkerie op te rig wat die ontwikkeling van 'n gemene alfabet en ortografie des te noodsaakliker gemaak het. Tot die Albanese se verbasing het die Jong Turke egter spoedig hulle beleid verander deur etniese taaluitdrukking te verbied en Turks in September 1908 as verpligte

---

<sup>20</sup> Die Jong Turke, amptelik bekend as die Komitee vir Eenheid en Vooruitgang, was 'n Turksnasionalistiese hervormingsparty ten gunste van die hervorming van die absolute monargie van die Ottomaanse Ryk. Hierdie vereniging van progressiewe mediese universiteitstudente en militêre beamptes het 'n rebellie teen Sultan Abdul Hamid II gelei wat op 'n staatsgreep uitgeloop het en het van 1908 tot aan die einde van die Eerste Wêreldoorlog in November 1918 beheer oor die Ottomaanse Ryk uitgeoefen. ("Young Turks", 2012)

taal in alle staatsinstellings en skole in te stel. Hiermee het die Jong Turke die beleid van Ottomaanse gelykmaking herbevestig waardeur etnisiteit ten gunste van Ottomanisme onderdruk is. Die Albanese patriotte het hulle egter nie hierdeur laat onderkry nie en twee maande later het hulle die Kongres van Monastir byeengeroep. Hierdie kongres verteenwoordig 'n waterskeiding in die ontwikkeling van Standaardalbanees, deurdat dit die weg gebaan het vir die aanvaarding van die Romeinse alfabet vir Albanees wat vandag steeds in Albanië gebruik word. (Trix, 1997: 8; Byron, 1976: 39; Lloshi, 1999: 292; 2006: 94-95; Moosmüller en Granser, 2006: 123)

Van veertien tot twee en twintig November 1908 het vyftig afgevaardigdes in die stad Monastir (vandag Bitola in die Republiek van Masedonië) vergader ten einde 'n oplossing te vind vir een van die dringende behoeftes wat Albanese tydens die negentiende eeu ondervind het: 'n gemene alfabet wat deur alle sprekers van Albanees gebruik kon word ten einde Albanese eenheid te bevorder en sodoende die politieke oorlewing van die Albanese volk te verseker (Trix, 1997: 1, 8; Lloshi, 2006: 94-95; Pani, 2006: 56; *Dialects of the Albanian language*, 2008: 12; Kulla, 2010: 12). Die afgevaardigdes was verteenwoordigers van sowel al die Ottomaanse provinsies, as die belangrikste sentra in die Albanese diaspora. Afgevaardigdes van Aleksandrië in Egipte en Istanbul is ook uitgenooi, maar het nie die kongres bygewoon nie. (Trix, 1997: 9) Ten spyte van die skynbaar verteenwoordigende aard van die kongres, is die Noordelike Gegiessprekende Albanese nie na behore by die kongres verteenwoordig nie (Trix, 1997: 10). Albanees het op hierdie stadium oor 'n verwarrende verskeidenheid alfabette beskik wat willekeurig volgens die kulturele, religieuse en politieke oriëntasie van spesifieke skrywers gebruik is (Lloshi, 1999: 292; 2006: 95). Benewens die feit dat Albanees in Griekse, Romeinse én Arabiese skrif geskryf is, was daar ook verskillende ortografieë in kompetisie met mekaar. Alhoewel die meeste van die afgevaardigdes ten gunste van 'n Romeinse skrif was, het daar ook reeds drie Romeinse alfabette vir Albanees in 1908 bestaan wat in oorweging gebring moes word, te wete die Stamboul (1879), Bashkimi (1899) en Agimi (1901) alfabette. (Byron, 1976: 40; Trix, 1997: 1-3; *Dialects of the Albanian language*, 2008: 12) Die Stamboul alfabet is gebaseer op die Toskiese variëteit en die beleid dat daar vir elke onderskeidelike klank 'n simbool moet wees. Hierdie alfabet was egter nie 'n suiwer Romeinse alfabet nie, aangesien dit benewens drie en twintig Romeinse skryftekens ook uit sewe Griekse skryftekens, drie diakritiese tekens, en drie gemodifiseerde Romeinse skryftekens bestaan het. Die Bashkimi alfabet is gebaseer op die Gegiese variëteit en het bestaan uit drie en twintig Romeinse skryftekens, twee diakritiese tekens, en elf dubbelletters (digrawe). Nog 'n kenmerk van die Bashkimi alfabet wat uitstaan, is dat nasalering en klem, wat beide kenmerke van Gegies is, aangedui word. Die Agimi alfabet is ook op die Gegiese variëteit gebaseer, maar dit het, in ooreenstemming met die Stamboul alfabet, 'n beleid van "een letter, een klank" gevolg. Kenmerkend van die Agimi alfabet is die gebruik van diakritiese tekens. Dit het bestaan uit drie en twintig Romeinse skryftekens, nege diakritiese tekens, twee ander skryftekens (die schwa en gemodifiseerde simbool vir

/ə/), en een diakritiese teken vir die nasalering van vokale. (Trix, 1997: 5-7) Na twee dae van same-sprekings het die Kongres tot die gevolgtrekking gekom dat 'n kleiner liggaam nodig was om die alfabetkwessie te bespreek. 'n Kleiner taalkommissie is deur die Kongres verkies om op 'n geskikte alfabet te besluit. Hierdie taalkommissie het die drie Romeinse alfabette as uitgangspunt geneem. Uit die beraadslaging van die taalkommissie het daar uiteindelik twee faksies na vore getree: dié ten gunste van die “gemengde” Stamboul alfabet met die paar Griekse skryftekens (oorwegend deur die Moslemlede verkies), en dié ten gunste van die “digrafiiese” Bashkimi alfabet (oorwegend deur die Christenlede verkies). (Trix, 1997: 10-11) Na lang besprekings het die Taalkommissie uiteindelik met die oplossing vorendag gekom om beide die Stamboul en Bashkimi alfabet aan te beveel, maar met aanpassings om die alfabette nader aan mekaar te bring. Hulle sou dan na twee jaar nog 'n kongres in Janina byeenroep ten einde die alfabetvraagstuk te heroorweeg. Die aanpassings wat die taalkommissie op die laaste dag van samesprekings aan die twee alfabette aangebring het, het die verskille tussen hulle verminder sodat die twee 36-letter alfabette net ten opsigte van nege skryftekens verskil het, waarvan agt dubbelletters in die Bashkimi alfabet was. (Trix, 1997: 19-20)

Toe die Ottomaanse owerhede nie daarin kon slaag om die ontwikkeling van die Albanese kultuur te onderdruk nie, het hulle probeer om dit te beïnvloed in die hoop om die Albanese aan die Ottomaanse Ryk en Islam verbonde te hou deur die Albanese te probeer oortuig om die Arabiese skrif as enigste skryfsisteem te aanvaar (Byron, 1976: 39; Trix, 1997: 20). Die geskil oor 'n Arabiese of Romeinse alfabet vir Albanees sou eers finaal opgelos word met Albanië se onafhanklikheidswording van die Ottomaanse Ryk in November 1912. Suid-Albanië is onmiddellik deur Griekeland beset en die kusstreke later deur Italië. Die Griekse besetting van Albanië gedurende die grootste deel van die Eerste Wêreldoorlog het daartoe gelei dat selfs die paar Griekse letters in die Stamboul alfabet verafsku is, sodat hierdie alfabet uiteindelik ten gronde gegaan het. Sodoende het die Bashkimi alfabet geleidelik die voorkeuralfabet vir algemene gebruik geword, maar met 'n paar aanpassings om dit minder “Italiaans” te maak, aangesien die Italianers ook verafsku is. (Trix, 1997: 20-21)

Nog 'n struikelblok op die weg na 'n gemene standaardtaal vir Albanees was die naasmekaarbestaan van twee skryftradisies, te wete 'n Gegiese en 'n Toskiese tradisie (Pani, 2006: 56). Hierdie saak sou egter eers na Albanië se onafhanklikheidswording in 1912 aandag geniet, in die periode van Albanese onafhanklikheid van die einde van die Eerste Wêreldoorlog tot aan die einde van die Tweede Wêreldoorlog (Lloshi, 1999: 292; Pani, loc. cit.). Ten spyte van die liefde wat die Albanese vir hulle nuwe soewereine staat en taal gehad het, was hulle volgens Jaques (in Kulla, 2010: 12) in baie ander opsigte verdeeld, naamlik ten opsigte van gebruike, tradisie, kleredrag, geloof en volksoorlewering. Daarom was die behoefte aan 'n gemene Albanese standaardtaal nou des te belangriker. Nog 'n belangrike stap na só 'n standaard is deur die *Komisia Letrare* (“Albanese Literêre Komitee”) geneem



wat in 1916/17 in die Albanese stad Shkodër vergader het. Hierdie komitee, bestaande uit taalkundiges en skrywers, is in die lewe geroep ten einde te help om die twee variëteite wat reeds in gebruik was, nader aan mekaar te bring. Daar moes uiteindelik 'n keuse tussen drie variëteite gemaak word, te wete Noordwestelike Gegies (verteenwoordig deur die variëteit van Shkodra), Suidelike Gegies (verteenwoordig deur die variëteit van Elbasan), en Toskies. Na beraadslaging het die Komitee besluit om een van die variëteite in die oorgangsones tussen die noordelike en suidelike variëteite te kies om die gaping tussen Gegies en Toskies te oorbrug. (Byron, 1976: 57; Lloshi, 1999: 292; 2006: 95; Moosmüller en Granser, 2006: 123; Pani, loc. cit.; *Dialects of the Albanian language*, 2008: 12) Die gewildste voorstel was dat die spraak van die Gegiese variëteit van Elbasan as basis vir die gemene standaardtaal gebruik word, alhoewel hierdie variëteit in vergelyking met die ander variëteite maar oor 'n swak ontwikkelde skryftradisie beskik het. Dit was egter nie die eerste voorstel om die Elbasan variëteit as basis vir die standaardtaal te gebruik nie. Aan die begin van die twintigste eeu was daar 'n sterk voorkeur onder intellektuele ten gunste van die Elbasan variëteit. Formele konferensies is gehou waar intellektuele ooreengekom het om die variëteit van Elbasan te gebruik. So is daar in September 1909 'n kongres oor Albanese onderwys in Elbasan gehou waar onder andere versoek is dat Albanese joernaliste en ander persmense die Elbasan variëteit in hulle skrywes moet gebruik. Die kongres het gemeen dat hierdie variëteit die kern van die standaardtaal kon vorm en sodoende die Noorde en Suide sou verenig. (Byron, loc. cit.; Lloshi, loc. cit.; Pani, loc. cit.) Volgens Byron (1976: 58) is dit nie vreemd dat die variëteit van Elbasan soveel aanhang geniet het nie. Dit is maklik verstaanbaar vir die meeste Albanese en is daarom 'n gerieflike brug tussen die Gegiese en Toskiese variëteite. Dit is ook as die "mooiste" variëteit van Albanees beskou. (Byron, loc. cit.; Moosmüller en Granser, loc. cit.) Die keuse van variëteit is egter nie net op taalkundige of estetiese kriteria gebaseer nie, maar ook op politieke, sosiale en kulturele kriteria (Lloshi, 1999: 292).

Alhoewel die Albanese Literêre Komitee 'n paar pogings aangewend het om die standaard wat hulle beoog het te standaardiseer deur reëls vir die ortografie op te stel, het hulle om een of ander rede nooit daarin geslaag om 'n grammatika of woordeboek te produseer nie (Byron, 1976: 57). Die Literêre Komitee se besluite oor die standaardtaal en die ortografie is egter in 1920 by die "Onderwyskongres van Lushnje" onderskryf en op voorstel van die Departement van Onderwys is die Elbasan variëteit in 1923 tot die status van amptelike Albanese taal verhef. Aleksandër Xhuvani het ook sy skoolgrammatikas van 1930 en 1938 op hierdie variëteit gebaseer. Alhoewel die Elbasan variëteit tot 1944 as amptelike Albanees, dit is as taal van administrasie, toegepas is, is dit grootliks deur die Noordwestelike Gege en Toske verwerp. Aangesien daar steeds literatuur in die ander variëteite geskryf is, tesame met die feit dat tagtig persent van die Albanese bevolking ongeletterd was, het daartoe gelei dat die Elbasan variëteit se posisie teen die einde van die Tweede Wêreldoorlog baie swak was. Alhoewel Toskies en Gegies steeds in dieselfde rigting ontwikkel het, is hulle ook toenemend as

aparte entiteite bevestig deurdat daar byvoorbeeld skoolhandboeke vir beide variëteite bestaan het en Gegies gevolglik in Gegiese skole en Toskies in Toskiese skole onderrig is. Teen 1944 was dit duidelik dat daar wedywing tussen die twee hoofvariëteite was en dat daar 'n dringende noodsaaklikheid aan 'n enkele standaardvariëteit was. Tegelykertyd was daar egter mense wat gemeen het dat die twee variëteite apart gehou moes word en selfs nog verder weg van mekaar ontwikkel moes word. Nasionale eenheid is bevraagteken en daar was selfs pogings om die twee variëteite op grond van geografiese, etnografiese, dialektiese, religieuse en ander verskille in twee verskillende kulturele oriëntasies te ontwikkel. Die Tweede Wêreldoorlog het egter 'n einde aan dié debat gemaak. (Byron, 1976: 58; Lloshi, 1999: 293; 2006: 95; Moosmüller en Granser, loc. cit.; Pani, 2006: 56-57; *Dialects of the Albanian language*, 2008: 12)

In 1944 neem die *Lëvizja Nacional Çlirimtare* ("Nasionale Bevrydingsbeweging"), 'n kommunistiese beweging wat alle ander nasionalistiese groepe in Albanië wou uitskakel, na 'n suksesvolle burgeroorlog beheer van Albanië oor (Byron, 1976: 35). Hierdeur word die derde fase in die standaardisering van Albanees ingelui wat gekenmerk word deur 'n doelbewus geforseerde taalbeleid (Pani, 2006: 57). Die ontwikkeling van Standaardalbanees tydens hierdie fase was nie die gevolg van 'n natuurlike ontwikkelingsproses nie, maar van sosiopolitieke besluitneming, aldus Moosmüller en Granser (2006: 123). Die totstandkoming van die kommunistiese diktatorskap in Albanië het 'n impak gemaak op elke aspek van die Albanese samelewing; ook op die taal. Die naoorlogse regering se begeerte om alle aspekte van die samelewing volgens die kommunistiese ideologie te standaardiseer, het uitdrukking gevind in die begeerte om die Albanese taal te verenig. (Lloshi, 1999: 293; 2006: 95) Sodoende is die pogings om 'n enkele Albanese standaardtaal te skep, voortgesit (Moosmüller en Granser, loc. cit.). Na die Tweede Wêreldoorlog is werk ten opsigte van die unifikasie van die standaardtaal en die ortografie deur die Instituut vir Wetenskappe onderneem. Ad hoc-komitees is saamgestel om konsep-ortografieë op te stel en sodoende is 'n paar voorlopige reëls in 1948, 1951, 1953 en 1956 opgestel. (*Dialects of the Albanian language*, 2008: 12) Met die aanbreek van die kommunistiese periode het die belangstelling in die variëteit van Elbasan as nasionale standaard tot só 'n mate getaan, dat dié variëteit se ontwikkeling as geskrewe medium vertraag is. Van die drie voorstelle vir 'n gemene standaardtaal wat deur die Hervormers bespreek is, het daar dus net twee lewensvatbare voorstelle in die kommunistiese era oorgebly, dit is 'n samestelling van Gegies en Toskies, of slegs Toskies. (Byron, 1976: 58) Maar soos wat dikwels die geval is waar twee variëteite in kompetisie met mekaar is, word dié variëteit aanvaar wat deur diegene gebruik word wat oor die politieke mag beskik. Op daardie stadium het die Albanese politieke magshebbers die Toskiese variëteit gesteun. (Moosmüller en Granser, loc. cit.)

In 1952 is twee konferensies oor die standaardtaal gehou. In 'n verslag van S. Shuteriqi wat by die tweede konferensie in September voorgelê is, is die aanname gemaak dat geskrewe Toksies oor geskrewe Gegies oorheers. Hierdie verslag is met sterk teenkanting begroet. A. Xhuvani en E. Çabej het daarop aangedring dat die standaardtaal die gevolg van 'n natuurlike proses moes wees waartydens daar oor generasies heen toenadering tussen die skryfwyses van die twee variëteite moes kom. (Lloshi, 1999: 293-294; 2006: 96; *Dialects of the Albanian language*, 2008: 12) Die keuse ten gunste van die Toskiese variëteit, wat meer verenigd as die Gegiese variëteit en baie verryk was, was grootliks polities gemotiveer (Lloshi, 1999: 294; Kulla, 2010: 13). Aangesien die kommunistiese beweging in Albanië in die Suide begin het, was die meerderheid van die kommunistiese leierskap wat na die Tweede Wêreldoorlog beheer van Albanië oorgeneem het, Toske. Dié leiers het hoofsaaklik uit middelklas-intellektuele bestaan wat hulle opleiding in die buiteland ontvang het en wat voor die kommunistiese regime geen uitlaat vir hulle talente gehad het nie. Hulle was omgekrap oor die swak ekonomiese stand van die land en die mag van die bevoorregte klas Gegiese en Toskiese adel. Daarenteen het die Gege 'n onbeduidende rol tydens dié beweging gespeel en is die noordelike Gegiessprekende area geminag omdat dit 'n Katolieke vesting was. In 1952 het die Albanese Skrywersunie, 'n groep intellektuele wat onder beheer van die kommunistiese Albanese Arbeidersparty<sup>21</sup> (*Partia e Punës e Shqipërisë*) gestaan het, besluit dat Toksies die enigste variëteit was wat in publikasies gebruik moes word. (Byron, 1976: 61, 63; Pani, 2006: 57; Mantho, 2009: 73) Dieselfde jaar is daar in Kosovo ook 'n konferensie oor die standaardtaal gehou (Lloshi, 1999: 294). In 1953 is 'n "Nasionale Konferensie oor Ortografie" gehou waar aanbeveel is dat die proses van ortografiese unifikasie bevorder word en dat die Albanese standaardtaal op die ortografie van die Toskiese variëteit geskoei moes word. Die nuwe standaardtaal het egter ook Gegiese kenmerke bevat, veral morfosintaktiese kenmerke. Hierna het die Toskiese variëteit in amptelike en semi-amptelike publikasies gedomineer. Die 1956-ortografie het die probleme ten opsigte van die unifikasie van die variëteite in besonderhede behandel en het sodoende 'n belangrike stap vorentoe geneem in die standaardisering van die twee variëteite wat op daardie stadium steeds in gebruik was. Voorstelle om die twee variëteite apart te handhaaf, het hierna dramaties afgeneem. In 1964 is 'n ortografie gepubliseer wat die deeglikste kodifisering van die Gegiese variëteit tot op daardie stadium verteenwoordig. Tog het Gegies steeds aan die kortste ent getrek deurdat dit tot belletristiese letterkunde, teater, films, humor en liedjies beperk is. (Lloshi, 1999: 294; 2006: 96; Moosmüller en Granser, 2006: 123) Dit is later uit openbare gebruik verban en kon slegs in kabarette gehoor word. Daarenteen het die Toskiese variëteit 'n skerp toename in status ondervind. (Pani, loc. cit.) In Kosovo is ook nog twee konferensies oor die taal gehou, te wete in 1957 en 1965 (Lloshi, loc. cit.).

<sup>21</sup> Op 8 November 1941 in die lewe geroep as die "Kommunistiese Party van Albanië" en die enigste wettige politieke party gedurende die kommunistiese periode in Albanië van 1945 tot 1991 ("Party of Labour of Albania", 2012).

Die suksesvolste stap in die standaardisering van Albanees is in 1967 geneem toe die “Instituut vir Geskiedenis en Taalkunde” ’n stel ortografiese reëls (*Rregullat e drejtshkrimi të shqipes*; “Ortografiese reëls van die Albanese taal”) gepubliseer het wat ten doel gehad het om ’n eenvormige standaardtaal daar te stel. Hierdie konsepreëls is dadelik in die Republiek van Albanië, Kosovo en Montenegro toegepas. Die “Ortografiese reëls van die Albanese taal” het die weg gebaan vir die “Taalkundige Konferensie van Prishtina” (Kosovo) in 1968 wat ’n belangrike stap in die taalgesprek verteenwoordig het. Op hierdie konferensie is die Toskies gebaseerde standaard, soos uiteengesit in die ortografiese reëls van 1967, op grond van die “een nasie – een taal”-beginsel in Kosovo as amptelike standaardtaal aangeneem. Met Standaardalbanees is (Noordelike) Standaardtoskies bedoel. Daardeur is die Gegiese standaard finaal die nekslag toegedien. (Byron, 1976: 60; Lloshi, 1999: 294; 2006: 96; Moosmüller en Granser, 2006: 122-123; Pani, 2006: 57, 60; *Dialects of the Albanian language*, 2008: 12; Kulla, 2010: 14)

Die standaardisering van Albanees het in 1972 ’n hoogtepunt bereik by die “Kongres van Ortografie” wat in Tirana gehou is. By hierdie kongres, wat bygewoon is deur gesaghebbende verteenwoordigers van Albanië, Kosovo, Masedonië, Montenegro en Italië, is die Toskies gebaseerde ortografiese reëls van 1967 voorgelê vir bespreking. Van die besluite wat geneem is, is dat die Albanese mense nou ’n verenigde standaardtaal gehad het waarvan die gebruik voortaan verpligtend sou wees in skole en die media. Hierna is Standaardalbanees nie net in die Albaneessprekende lande aangeneem nie, maar ook deur die Albanese diaspora wêreldwyd. Alhoewel die Albanese standaardtaal meestal op Toskies gebaseer is, maar ook elemente van Gegies bevat het, staan hierdie kongres in die Albanese geskiedenis bekend as die kongres waar die unifikasie van die nasionale standaardtaal uiteindelik bereik is. (Lloshi, 1999: 294; 2006: 93; Moosmüller en Granser, 2006: 123; Pani, 2006: 57; *Dialects of the Albanian language*, loc. cit.) Die effek van hierdie kongres was onmiddellik sigbaar deur die hele Albaneessprekende wêreld. Verskeie akademiese publikasies het verskyn om die standaardtaal verder te kodifiseer en uit te brei, te wete “Die ortografie van die Albanese taal” (1973), “’n Ortografiese woordeboek van die Albanese taal” (1976), “Die woordeboek van huidige Albanees” (1980), “Die woordeboek van hedendaagse Albanees” (1984), “’n Grammatika van huidige Albanees”, asook handleidings oor morfologie en sintaksis (1995 en 1997 onderskeidelik). ’n Seminaar oor die probleme van die standaardtaal is in 1980 in Prishtina gehou, en twee tydskrifte vir die ontwikkeling van Albanees, *Gjuha jonë* (1981) en *Gjuha shqipe* (1984), is onderskeidelik in Tirana en Prishtina op die been gebring. In ’n poging om hulle solidariteit met ander Albaneessprekendes te toon en die bedreiging deur Serwiërs om ’n ander Albanese taal te skep, af te keur, het Albaneessprekendes in Kosovo ook Standaardalbanees in alle amptelike aktiwiteite, die media en literêre werke gebruik. Selfs boeke oor Albanese grammatika wat deur buitelanders gepubliseer is, is op Standaardalbanees gebaseer en die buitelandse radiostasies wat in Albanees uitgesaai het, het die standaardtaal aanvaar.

In 1984 is nog 'n taalkonferensie, “Albanese Nasionale Literêre Taal en Ons Tydvak”, in Tirana gehou ten einde 'n nuwe doel vir die standaardtaal daar te stel: om voort te gaan om die gesproke taal te standaardiseer. Geen tekste is verder in Gegies gedruk nie. (Lloshi, 1999: 294-295; 2006: 96-97; Moosmüller en Granser, loc. cit.; Dialects of the Albanian language, loc. cit.) Die polisentriese of tweedialeksisteem wat tot en met 1944 in Albanië geheers het, is dus sedert 1944 vervang deur 'n monosentriese sisteem, met ander woorde deur 'n enkele variëteit, terwyl Gegies in die proses van hoë na lae variëteit verlaag is (Byron, 1976: 59, 65).

Die val van kommunisme in 1989 in Oos-Europa het die eng totalitêre staatsbestel in Albanië ook beïnvloed. Die uiteinde hiervan was dat die eerste demokratiese verkiesing in Maart 1991 in Albanië gehou is. Die demokratiese rewolusie in Albanië het sedert die begin 'n sterk linguistiese komponent gehad. (Lloshi, 1999: 295; 2006: 93-94) Veral gedurende die eerste helfte van die 1990's het die taalgesprek in Albanië tot 'n kaalvuis politieke debat ontwikkel (Lloshi, 1999: 296; 2006: 98). Die begeerte om die streng beheerde en onveranderlike taal van die kommunistiese ideologie te vernietig, het veroorsaak dat Standaardalbanees in die spervuur geplaas is (Lloshi, 1999: 295; 2006: 97). Die standaard is nie net aangeval nie, maar ook betwis (Mantho, 2009: 73). 'n Klein, maar baie uitgesproke groep mense het daarop aangedring dat die Albanese standaardiseringsproses omgekeer word, Standaardalbanees verwerp word en geskrewe Gegies laat herleef word (Lloshi, 2006: 98).

Veral A. Pipa het elke aspek van Standaardalbanees aangeval. Hy het dit beskou as 'n verskynsel van plaaslike taalkolonialisme, 'n politieke versinsel om die kulturele hegemonie van 'n minderheidsgroep in stand te hou, en 'n reuse mislukking. (Lloshi, 1999: 296-297; 2006: 98-99) Van twintig tot een en twintig November 1992 is die konferensie “Die Nasionale Literêre Albanese Taal en die Albanese Wêreld Vandag” ter herinnering aan die “Ortografiiese Kongres” in Tirana gehou. Die deelnemers, wat al die Albaneessprekende lande verteenwoordig het, het opnuut hulle ondersteuning aan die standaardtaal toegesê. Maar daar was weereens negatiewe reaksies teenoor die standaard. 'n Jaar later, in Oktober 1993, is nog 'n gesprek oor die Albanese taal deur die Instituut vir Wetenskappe belê ten einde die weg te baan vir “'n nuwe strategie” vir Albanees. Hierdie keer was die debat oor die standaardtaal egter fel en hoogs gepolitiseer aan beide kante van die spektrum. Na 'n seminaar oor die Albanese taal en literatuur wat in 1995 deur die Universiteit van Prishtina en die Albanese Akademie vir Wetenskappe in Tirana gereël is, is daar ooreengekom dat Standaardalbanees nie 'n maaksel van die vorige politieke bestel is nie, maar 'n onvervangbare middel tot nasionale eenheid wat die gevolg is van kulturele ontwikkeling. Die mees realistiese oplossing sou volgens die seminaargangers wees om die standaard verder te ontwikkel, terwyl die vrye gebruik van die Gegiese variëteit in literatuur of die joernalistiek nie gekeer mag word nie. (Lloshi, 1999: 296; 2006: 98)

Die debat oor die rol van die standaardtaal in 'n demokratiese Albanië is egter nog lank nie verby nie. Die begeerte om weg te doen met die oordrewe outoritêre benadering van die kommunistiese bestel het gelei tot 'n minder preskriptiewe benadering tot taalreëls (Lloshi, 1999: 295; 2006: 94). Volgens Lloshi (1999: 295-296; 2006: 97) is purisme afgekeur as deel van die vorige politieke bestel en daarom steur die Albanese hulle oor die algemeen nie meer aan “korrekte” taalgebruik in openbare aktiwiteite en verskeie publikasies nie. Daar is ook 'n toename in onwelvoeglike taal en leenwoorde te bespeur (Lloshi, 1999: 296; 2006: 97). Nog 'n interessante gevolg van die demokratisering van Albanië is dat daar hernude belangstelling in Gegies as skryftaal is. Reeds in die winter van 1990 is 'n tydskrif begin met die doel om nie geskrewe Gegies te laat uitsterf soos bepaal is deur die kommunistiese regering nie. Om dieselfde rede is daar twee jaar later, op 26 Julie 1992, 'n bespreking in Shkodra deur 'n aantal taalkundiges gehou. (Lloshi, 1999: 296; 2006: 97-98) Meer onlangs is baie boeke in Kosovo in Gegies gepubliseer (Mantho, 2009: 78).

Onlangse debatte oor Standaardalbanees is nie net gefokus op die metodologie wat gebruik is in die standaardiseringsproses nie (d.i. dat dit deur 'n intervensie van die kommunistiese owerhede tot stand gebring is), maar is ook gemoeid met die dialektiese basis van Standaardalbanees (Thomaj, 2006: 106). Onderskeie voorstelle vir die toekoms van Standaardalbanees is gemaak (Mantho, 2009: 75):

- Standaardalbanees moenie verander word nie.
- Standaardalbanees moet hersien word.
- Twee standaarde moet gebruik word.
- Standaardalbanees moet vermy word, aangesien dit 'n produk van kommunistiese diktatorskap is.
- 'n Ander taal moet geskep word waarvan die naam nie Albanees moet wees nie.

Diegene wat van mening is dat Standaardalbanees hersien moet word, is ten gunste van die verandering of wysiging van die spelling van eiename en ander spesifieke woorde, teenoorgesteldes, en die moontlikheid om sommige samestellings, voorsetsels, of bywoordelike frases vas te skryf. Daar is egter ook taalkundiges wat 'n hersiening van 'n ingrypende aard voorstaan; dit is veranderinge wat strydig is met die grondslag van die standaard. 'n Voorbeeld hiervan is die insluiting van die Gegiese infinitief in die standaard. (Mantho, loc. cit.) Voorstanders van die derde oplossing, die sogenaamde Balkanstaatoplossing of Suid-Slawoniese oplossing, is ten gunste van die skeiding van Albanië in twee nasies, en gevolglik die skeiding van Albanees in twee verskillende tale ('n Gegiese en 'n Toskiese taal) (Lloshi, 2006: 100). Diegene wat meen dat Standaardalbanees die produk van kommunisme is, wil hê dat Albanees 'n taal met “oop deure” moet wees, dit wil sê 'n taal wat al die nodige eiesoortighede van die Albanese variëteite in die standaard opneem, aangesien die Toskies gebaseerde standaardtaal 'n struikelblok vir sprekers van Gegies en ander variëteite is. In hierdie

demokratisering van Albanees moet almal geraadpleeg word, soos filosowe, sosioloë, joernaliste, en selfs buitelanders wat gemoeid is met die studie van Albanees. (Mantho, 2009: 76-77) Veral in Kosovo het die argument na vore getree dat Standaardalbanees glad nie gebruik moet word nie, aangesien aktiewe kennis van Standaardalbanees baie beperk is onder Albanese in Kosovo (Pani, 2006: 61; Mantho, 2009: 74). 'n Studie wat onder jong mense in Kosovo gedoen is, het gedui op groot tekortkominge in hulle beheersing van die standaardtaal. Selfs onderwysers wat Albanees in Kosovo onder- rig, is baie onseker in hulle gebruik van Standaardalbanees en joernaliste is meestal baie agtelosig in hulle gebruik van die standaardtaal. Nie eens alle Albanese taalkenners en skrywers het Standaardalbanees volledig onder die knie nie. (Pani, 2006: 62) Die gevolg is dat Albanese in Kosovo sukkel om met Albanese in Albanië te kommunikeer (Pani, 2006: 71). Alhoewel Standaardalbanees dus hoë prestige in Kosovo geniet, is die standaard nie so wyd bekend soos wat daar dikwels gedink word nie (Pani, 2006: 57). Die verwydering tussen Standaardalbanees en die spreektaal van die meeste variëteitsprekers van Albanees het daartoe gelei dat daar nie net 'n diglossiese situasie in Kosovo ontstaan het nie, maar ook in Albanië (Byron, 1976: 71).

Almal is egter nie teen die standaardtaal gekant nie. 'n Aantal skrywers en taalkundiges verdedig die standaardtaal met mening (Lloshi, 1999: 297). Hoewel Lloshi (2006: 100) erken dat die Albanese standaardtaal probleme het en daar baie werk gedoen moet word om dit te verryk en te verbeter, is hy oortuig dat Albanees reeds oor 'n goeie standaardtaal beskik waarmee daar nie weggedoen of waaraan drasties verander moet word nie, want, soos Mantho (2009: 77) dit stel, "these things are set once and for all and there is no reason to go backward!" Mantho (2009: 78) meen dat veranderinge aan die standaard nodig is, maar dat hierdie veranderinge nie inbreuk moet maak op die sistematiese karakter van die standaard deurdat dit die gevolg is van "violence or short-sightedness" nie. Veranderinge aan die standaard moet met verloop van tyd aangebring word soos die standaardtaal dit vereis (Mantho, loc. cit.). Alhoewel Bulo (aangehaal in Mantho, 2009: 74) erken dat die standaardtaal op die Toskiese variëteit gebaseer is, was die keuse ten gunste van Toksies volgens hom 'n wetenskaplike keuse en nie 'n poging van een variëteit om oor 'n ander te heers nie. Maar volgens Lloshi (1999: 297) is selfs diegene wat Standaardalbanees ten volle ondersteun ten gunste van die hersiening van die standaard op 'n meer objektiewe grondslag. Van die aspekte van die standaardtaal wat steeds onder bespreking is, is die teoretiese interpretasies van die standaard, die onderdrukking van vrye bespreking van die standaard, erge politisering van die standaard, die aandrang op normatiewiteit, die verbanning van die Gegiese variëteit in nuwe literatuur, en die wyse waarop die ortografie in die toekoms verbeter kan word (Lloshi, loc. cit.).

Trix (1997: 20) dui op die parallel tussen die Albanese taalsituasie en die Noorse taalsituasie (sien 3.4.4). Soos wat in Albanië die geval was, is daar in Noorweë ook twee onderling verstaanbare

variëteite as skryfforme aangeneem in 'n tyd toe Noorweë probeer het om hulle van Deense dominasie te distansieer (Trix, loc. cit.). Anders as in Noorweë wat nie daarin kon slaag om 'n suksesvolle verenigde standaardtaal daar te stel nie, is een Albanese standaardtaal 'n redelike tydperk suksesvol as amptelike taal geïmplementeer.

Daar is egter nie net ooreenkomste met die Noorse taalsituasie te bespeur nie. Daar is ook baie ooreenkomste met die Afrikaanse taalsituasie. Albei tale (Afrikaans en Albanees) se standaardisering het gespruit uit 'n nasionalistiese strewe, dit is uit twee groepe se begeerte om hulle, midde in onderdrukking deur 'n magtiger moontheid, as selfstandige volk te laat geld. In die proses is daar egter nie standaardtale geskep wat verteenwoordigend is van die hele spraakgemeenskap nie, maar slegs dié deel van die spraakgemeenskap wat op daardie stadium in 'n magposisie verkeer het. Na die demokratisering van Suid-Afrika en Albanië het daar in Afrikaans én Albanees debatte ontstaan oor die gepastheid van die onderskeie standaarde in die nuwe demokratiese bestel, gegewe dat beide tale gestandaardiseer is tydens 'n onregverdige of diskriminerende politieke bestel (d.i. apartheid en kommunisme). In beide tale word die stelling gemaak dat die standaardtaal nie verteenwoordigend is van die hele spraakgemeenskap nie, en dat die herstandaardisering van Afrikaans en Albanees dus nodig is. Gegewe hierdie ooreenkomste tussen die Albanese en Afrikaanse taalsituasie, kan Afrikaanssprekendes moontlik baie by die Albanese leer uit hulle hantering van die standaard, en omgekeerd. Die voorstelle vir die toekoms van die Albanese standaard kan ook op Afrikaans toegepas word ten einde die geskikste oplossing vir herstandaardisering te vind. Hier is die voorstel dat die Albanese standaard hersien moet word om kenmerke van ander variëteite in te sluit sodat dit 'n standaard met "oop deure" kan wees, vergelykbaar met die idee van die herstandaardisering van Afrikaans soos uiteengesit in hierdie studie.

### **3.4.7 Serwo-Kroaties**

In die negentiende eeu het geleerdes tot die gevolgtrekking gekom dat Serwiërs, Kroatie, Moslems en Montenegro's deel van dieselfde bevolkingsgroep moet wees omdat hulle min of meer dieselfde taal praat. Teen die einde van die twintigste eeu het hierdie verhouding egter omgekeer omdat hierdie groepe hulleself as verskillende nasies beskou het en gevoel het dat hulle ook verskillende tale moes praat. (Okey, 2005: 419-420) Die massiewe statusveranderinge wat in die voormalige Serwo-Kroatiese sprekersruim in die laaste paar dekades plaasgevind het, het die Serwo-Kroatiese standaard, wat meer as een variëteit gehad het, in Bosnies, Kroaties, Serwies, en later ook Montenegro's verdeel en aan hulle die status van "nuwe" nasionale tale toegeken. Reeds voor die uitbreek van die oorlog in Joego-Slawië was daar op taalpolitiese vlak massiewe afgrensingstendense te sien wat daarop gemik was om die verskille tussen die verskillende variëteite van Serwo-Kroaties te



benadruk en vas te lê. Na die uitbreek van die oorlog is intensiewe pogings van stapel gestuur om die vier nuwe ampstale te kodifiseer en die tale sodoende so veel moontlik van mekaar te differensieer. (Busch, 2006: 17-18; 2010: 182)

Joego-Slawië was die tuiste van mense van verskeie bevolkingsgroepe, waaronder Serwiërs, Kroatie, Slowene, Masedoniërs, Hongare en Turke, en tot 'n mindere mate ook Slowake, Bulgare, Roemeniërs, Oekraïners, Tsjegge, Italianers, Duitsers, Russe, Walachers, Pole, Jode, Grieke en Oostenrykers (Magner, 1967: 333). Ten spyte van die uiteenlopende aantal bevolkingsgroepe, is Serwo-Kroaties egter deur sowat driekwart van die totale Joego-Slawiese bevolking gepraat. Hierdie taal is een van drie Suid-Slawiese tale wat in Joego-Slawië gebruik is; die ander twee is Sloweens en Masedonies. Serwo-Kroaties was die moedertaal van die Serwiërs, Kroatie, Montenegroërs en Moslems, asook baie mense in Bosnië en Herzegowina. Sloweens en Masedonies is onderskeidelik deur die Slowene en Masedoniërs gepraat. (Magner, 1967: 335; Greenberg, 2000: 637; Bugarski, 2001: 71) Hierdie multitalige werklikheid in Joego-Slawië het veroorsaak dat 'n beleid van nasionale gelykheid en taalgelykheid ontwikkel is wat ook minderheidsgroepe ingesluit het. Alle tale is op amptelike vlak gelyk behandel, wat beteken dat nie een taal volgens wet dominant was of voorkeur geniet het nie, ongeag die grootte van die sprekersgroep. (Bugarski, loc. cit.) Hierdie beleid van gelykheid waarvoor Joego-Slawië internasionale bekendheid verwerf het, het oor die algemeen goed gewerk, ten spyte van 'n hele paar probleme ten opsigte van die implementering van die beleid. (Bugarski, 2001: 71-72)

Serwo-Kroaties was egter nie altyd die oorkoepelende multivariëteitstandaard wat in Joego-Slawië gebruik is nie. Die veldtog om Serwies en Kroaties te verenig, is oorspronklik deur die Kroatie geloods. Die Serwiërs het geen belangstelling getoon ten opsigte van linguïstiese unifikasie, óf politieke unifikasie, met die Kroatie nie. Namate die Serwiërs egter die politieke voordeel verbonde aan unifikasie begin besef het, het hulle ook die idee verwelkom. (Pranjković, 2001: 32-33) Die grondslag vir die Serwo-Kroatiese standaardtaal is in die eerste helfte van die negentiende eeu deur 'n Serwiër, Vuk Stefanović Karadžić (1787-1864), én 'n Kroat, Ljudevit Gaj (1809-1872), gelê. Karadžić (of Vuk soos hy algemeen bekend staan) het sy literêre en taalaktiwiteite begin met die publikasie van 'n versameling Serwiese volksliedjies en 'n kort Serwiese grammatika in 1814. Hy het sy eerste belangrike bydrae tot die kodifisering van Serwo-Kroaties gelewer toe hy in 1818 sy Serwiese woordeboek, *Srpski rječnik*, in Venesië gepubliseer het. Hierin het hy 'n nuwe, vereenvoudigde Serwiese standaard bekendgestel wat op die omgangstaal gebaseer was. (Magner, 1967: 335; Greenberg, 2000: 626; 2004: 26) Een van Vuk se leerlinge, Djuro Daničić (1825-1882), het Vuk se werk verder gevoer en gehelp om die grammatikale kanon te verfyn en die woordklem te normeer. Daničić was 'n voorstander van 'n gemene standaard vir Serwies en Kroaties. (Magner, 1967: 336; Greenberg, loc. cit.) Daničić, Ljudevit Gaj en ander het in 1836 'n beweging begin, genaamd die Kroatiese Nasionale

Herlewing. Hulle het besluit om 'n konserwatiewe vorm van die Štokawiese dialekgroep<sup>22</sup> as die basis vir Standaardkroaties te kies wat gekenmerk word deur sekere argaïese kenmerke. (Kalogjera, 2001: 97)

Teen die middel van die negentiende eeu het opgevoede Serwiërs en Kroate al hoe meer daarvan oortuig geword dat hierdie twee groepe 'n gemene taal het (Okey, 2005: 423). Die idee van 'n gemene Joego-Slawiese herkoms het op 28 Maart 1850 daartoe gelei dat Vuk en Daničić as verteenwoordigers van die Serwiërs, tesame met die Kroatiese verteenwoordigers Dimitrije Demeter, Ivan Kuljević, Vinko Pacel, Stjepan Pejković en Ivan Mažuranić 'n *Književni dogovor* ("Literêre Ooreenkoms") in Venesië onderteken het. Hierdie samekoms, wat grootliks gewy is aan statusbeplanning, het weereens die behoefte aan 'n verenigde Serwiese en Kroatiese standaard beklemtoon. Die sentrale oorweging van die ooreenkoms was dat die geskrewe taal verenig moes word, aangesien een volk een literatuur moes hê. Dit het daarop neergekom dat beide die Kroate en Serwiërs dieselfde Serwo-Kroatiese variëteit, meer spesifiek Vuk se variëteit, as die basis vir 'n gemene standaardtaal sou gebruik. Met hierdie ooreenkoms het die Kroate en Serwiërs in werklikheid ooreengekom om een van die Štokawiese variëteite<sup>23</sup> te kies, naamlik Jekawies. (Magner, loc. cit.; Kalogjera, 2001: 92; Greenberg, 2004: 24, 26; Okey, 2005: 423-424) Die gemene norme vir die Serwo-Kroatiese standaardtaal is in dieselfde tyd deur Vuk Karadžić gekodifiseer en deur die Serwiërs en Kroate aanvaar. Gedurende die volgende paar dekades het Serwiese en Kroatiese taalkundiges by die Joego-Slawiese Akademie van Wetenskap en Kuns in Zagreb meegewerk om die verenigde standaardtaal 'n werklikheid te maak. Deur Vuk se kodifiseringsproses is Serwo-Kroaties egter reeds met die aanvang van unifikasie in twee nasionale variëteite onderskei; 'n oostelike variëteit (Serwies) en westelike variëteit (Kroaties). (Greenberg, 2004: 27; Busch, 2010: 183)

Ten spyte van die unifikasie van Serwies en Kroaties was daar altyd 'n klein elite wat daarop aangedring het dat die Kroatiese en Serwiese standarde apart gehou moet word (Kalogjera, loc. cit.). Toe daar in die 1860's koppe gestamp is oor die naam van die gemene taal vanweë die feit dat baie mense aan beide kante bedreig gevoel het, is daar opnuut beklemtoon dat die Serwiërs en Kroate dieselfde taal gebruik (Okey, 2005: 424). So het die Kroatiese Vergadering byvoorbeeld in 1867 verklaar (aangehaal in Greenberg, 2004: 29):

Every citizen is allowed to use the Croatian or Serbian language as the official language and they can choose freely the Latin or Cyrillic script.

Die naam "Serwo-Kroaties" het in dieselfde jaar vir die eerste keer as benaming vir die gemene

<sup>22</sup> Serwo-Kroaties word in drie dialekgroepe verdeel, naamlik die Štokawiese, Čakawiese en Kajkawiese dialekgroepe (Magner, 1967: 335).

<sup>23</sup> Die Štokawiese dialekgroep word in drie variëteite verdeel, naamlik Jekawies (*ijekavština*), Ekawies (*ekavština*) en Ikawies (*ikavština*) (Magner, 1967: 335).

standaard in Petar Budmani se grammatika geklink (Greenberg, 2004: 55). Canon Franjo Rački het die noodsaaklikheid van 'n gemene taal soos volg uitgedruk (aangehaal in Okey, 2005: 425):

If Yugoslavism wishes to become one nation in a spiritual sense, it should strive to unite in a literary language [such as had brought the Romance and Germanic peoples to their] present high level of literary and political glory. [Okey se invoeging – G.O.]

Teen die draai van die eeu het nog 'n taalherlewing plaasgevind wat gelei is deur die taalkundiges Tomislav Maretić, Ivan Broz, Fran Iveković, en ander wat 'n "jonger" Štokawiese variëteit as die basis vir die Kroatiese standaard gekies het en sodoende die argaïese aard van die standaard gedemp het en dit nader aan Serwies gebring het (Kalogjera, 2001: 97). Maretić se grammatika vir die verenigde standaardtaal is in 1899 in Zagreb uitgegee (Greenberg, loc. cit.).

Hierdie eenheidsgevoel ten opsigte van taal kon egter nie op die lange duur onderhou word nie en mettertyd het die verskil in die Serwiërs en Kroate se kulturele en politieke agtergrond die verskille in die twee groepe se taalgebruik belig. Alhoewel die taalgebruik van die Serwiërs en Kroate soortgelyke ontwikkelingspatrone gevolg het, het die Serwiërs met verloop van tyd die Jekawiese model van Vuk Karadžić met die Ekawiese variëteit van oostelike en noordelike Serwië vervang. Uiteindelik het Serwies en Kroaties twee heeltemal verskillende standaardiseringsprosesse ondergaan en het die Kroatiese en Serwiese tale in werklikheid altyd as aparte standaardvariëteite gefunksioneer, wat veroorsaak het dat die versoeningsproses telkens misluk het. Nog een van die dinge wat die unifikasie van Serwies en Kroaties in die wiede gery het, was die feit dat hierdie twee groepe verskillende sienings omtrent die standaardtaal gehad het. Omdat die Kroate drie verskillende variëteite gepraat het, was hulle baie meer bewus daarvan dat die standaard 'n kunsmatige variëteit is. Die Serwiërs het weer die idee ondersteun dat die standaard 'n "volkstaal" is, met ander woorde 'n omgangsvariëteit. Daarom was die norme vir die Kroatiese standaard nog altyd konserwatiewer en strenger as die norme vir die Serwiese standaard. (Magner, 1967: 336; Pranjković, 2001: 36, 49) Baie (veral Kroatiese) taalkundiges meen dat daar nooit werklik 'n funksionele Serwo-Kroatiese standaardtaal bestaan het nie (Greenberg, 2004: 55-56). Dit was 'n projek, 'n taalbeplanningsdoelwit; altyd 'n ideaal, maar nooit 'n werklikheid nie, aldus Katičić (2001: 21). Die Kroate het nog altyd Serwies as 'n taal afsonderlik van hulle eie beskou – nie net ten opsigte van die Cyrilliese skrif nie, maar ook ten opsigte van taalinhoud (Katičić, loc. cit.).

Met die stigting van die Koninkryk van die Serwiërs, Kroate en Slowene in 1918 (in 1929 deur koning Alexander herbenoem na die Koninkryk van Joego-Slawië) moes Serwo-Kroaties vir die eerste keer in die praktyk as een taal funksioneer. Ten spyte van Jovan Skerlić se voorstel in 1913 dat 'n kompromie ten opsigte van skryfstelsel en variëteit aangegaan moet word ten einde groter taaleenheid teweeg te bring, het dit gou geblyk dat hierdie taaleenheid nie met die politieke en sosiale werklikheid gestrook

het nie. In plaas daarvan dat die totstandkoming van Joego-Slawië tot groter eenheid tussen die onderskeie taalgroepe gelei het, het lede van die spraakgemeenskap al hoe meer bewus geword van die diversiteit ten opsigte van die Kroatiese en Serwiese standaardtale. Veral die algemene publiek was onder die indruk van die uniekheid van Kroaties en Serwies onderskeidelik, veral ten opsigte van spraak en skrif. In hierdie tyd het Kroatiese taalbewustheid ontwaak en het die Kroate toenemend begin voel dat Kroaties teen Serwies “verdedig” moes word. Na die amptelike totstandkoming van Joego-Slawië was daar steeds aparte skryftradisies. So is Dragutin Boranić’s se “Ortografie van die Kroatiese of Serwiese Taal” (Zagreb, 1921) slegs deur die Kroate gebruik, terwyl die Serwiërs gesteun het op Aleksandar Belić se normatiewe ortografiehandleiding (1923) waarin hy Serwies gekodifiseer het. Belić het op die vroeëre werk van Vuk gesteun. Gedurende die 1930’s is daar egter opnuut gepoog om ’n Joego-Slawiese identiteit deur middel van taal te vestig. In 1929 verskyn Stjepan Musulin se “Grammatika van die Kroatiese of Serwiese taal” waarin hy geïntegreerde norme volg en in 1930 word Belić deur die Departement van Onderwys afgevaardig om ’n nuwe ortografiese handleiding vir Serwo-Kroaties saam te stel. Alhoewel Musulin se grammatika teen die 1938’s sy negende uitgawe beleef het, het die toenemende spanning tussen die Serwiërs en Kroate eerder oorwegend polities as taalkundig van aard geword. Teen die tyd dat die Tweede Wêreldoorlog uitbreek het, het die idee dat Kroaties en Serwies as twee aparte tale beskou moet word, reeds baie veld gewen. Daarom is daar besluit dat Kroaties as aparte Slawiese standaardtaal beskou moes word. Gedurende die Tweede Wêreldoorlog het die Kroatiese Ustaša-staat<sup>24</sup> probeer om ’n Kroatiese standaardtaal tot stand te bring deur die Serwiese elemente in die taal uit die weg te ruim. Na die Tweede Wêreldoorlog is Serwo-Kroaties egter gerehabiliteer as polisentriese standaardtaal met ’n aantal leksikale en morfo-sintaktiese variante. (Magner, 1967: 336; Katičić, 2001: 24-26; Greenberg, 2004: 22, 55; Okey, 2005: 428-429)

Alhoewel taal eers werklik in die kommunistiese tyd as belangrike faktor in die nasionale stryd na vore sou tree, is die taalkundige redes vir die skeiding tussen die Serwiërs en Kroate nie heeltemal vergeet nie en het dit ’n bietjie meer as ’n honderd jaar na die ondertekening van die Literêre Ooreenkoms, in Desember 1954, gelei tot die ondertekening van ’n soortgelyke ooreenkoms in Novi Sad. Vier en twintig skrywers en taalkundiges, verteenwoordigend van Kroasië, Serwië, Bosnië en Herzegowina, en Montenegro, het met hierdie ooreenkoms bevestig dat die gesproke taal in hierdie vier deelrepublieke van Joego-Slawië een taal met ’n eenvormige standaard is wat in Belgrado en Zagreb ontwikkel is. Sodoende is Serwo-Kroaties as die amptelike taal van hierdie vier deelrepublieke

<sup>24</sup> Die Ustaša Kroatiese Revolusionêre Beweging was ’n Kroatiese fascistiese, anti-Joego-Slawiese, separatistiese beweging. Die ideologie van die beweging was ’n mengsel van fascisme, Nazisme, Kroatiese nasionalisme en Rooms-Katolieke fundamentalisme. Ustaša was voorstanders van die vorming van ’n groter Kroatiese staat. Die beweging het ’n rassuiwer Kroasië voor oë gehad en het sodoende die vervolging van en volksmoord teen Serwiërs, Jode en sigeuners bevorder. (“Ustaše”, 2012)

bevestig en die unifikasie voortgesit wat honderd jaar tevore in Vene probeer is. Die Novi Sad ooreenkoms het ook verder verklaar dat die standaardtaal oor twee ewe aanvaarbare uitspraakvorme beskik, naamlik Ekawies en Jekawies, en dat die taal óf deur middel van die Romeinse alfabet wat deur die Kroate ontwikkel is, geskryf kan word, óf deur middel van die Cyrilliese (Slawiese) ortografie wat deur Vuk vervolmaak is. Behalwe dat die statusbesluite hersien is wat tydens die Literêre Ooreenkoms geneem is, is daar op die Novi Sad byeenkoms ook baie belangrike korpusbeplanningsbesluite geneem waarvan die belangrikste die normalisering van die ortografie was. (Magner, 1967: 336; Greenberg, 2004: 24, 30; Okey, 2005: 429-430; Busch, 2010: 183) Ten einde hierdie ooreenkoms tasbaar te maak, is 'n komitee van twaalf aangestel om gesamentlik 'n ortografiese handleiding van agthonderd bladsye vir die gemene standaardtaal op te stel. Hierdie *Pravópis hrvatskosrpakoga književnog jezika s pravopisnim zječnikom* (Zagreb en Novi Sad, 1960; "Ortografiese handleiding van die Serwo-Kroatiese literêre taal"), met gestandaardiseerde spelling en taalklem, het baie dubbelvorme toegelaat en is in 1960 in aparte Romeinse en Cyrilliese weergawes<sup>25</sup> uitgegee. (Magner, 1967: 336-337; Greenberg, 2000: 631; 2004: 30-31; Okey, 2005: 430) Die Novi Sad Ooreenkoms het ook 'n einde gemaak aan die kontroversie om die naam van die verenigde taal. Daar is besluit dat die oostelike variëteit *srspkohrvatski* (Serwo-Kroaties) sou heet, en die westelike variëteit *hrvatskosrpski* (Kroato-Serwies). (Greenberg, 2004: 31)

Serwo-Kroatiese samewerking was kardinaal vir die publikasie van die "Ortografiese handleiding van die Serwo-Kroatiese literêre taal". Beide die Serwiërs en Kroate het polities gemotiveerde toegewings gemaak ten einde 'n verenigde front rakende ortografiese sake voor te hou. Hierdie toegewings blyk egter onbereikbaar te gewees het in die daaropvolgende jare, toe verskeie onafhanklike handleidings in Kroasië, Bosnië en Herzegowina, en Serwië verskyn het. (Greenberg, 2000: 631) Ten spyte hiervan, het die onderskeie Joego-Slawiese kultuurverenigings, *Matica srpska* en *Matica hrvatska*<sup>26</sup>, met 'n gesamentlike woordeboek begin wat uit ses volumes sou bestaan en in beide variëteite in die 1960-spelling uitgegee sou word. Die woordeboek se eerste volume wat in 1967 gepubliseer is, is skerp gekritiseer deur die Kroatiese media, wat dit afgemaak het as kunsmatig, aggressief, oor-idealities en onwetenskaplik aangesien verskeie etnolinguistiese verskille volgens hulle oorgesien is. (Greenberg, 2004: 31; Okey, 2005: 430) Sedert die 1960's het 'n groep invloedryke Kroatiese taalkundiges ook sekere geskiedkundige aspekte van die standaardisering van Kroaties hersien en herinterpreteer ten einde te beklemtoon dat Kroaties en Serwies verskillende standaardiseringsgeskiedenis het (Kalogjera, 2001: 97). Spanning het verder toegeneem met die publikasie van 'n hoogs kontroversiële mededingende woordeboek in Serwië (Greenberg, loc. cit.).

<sup>25</sup> Die titel van die woordeboek wat hier verskaf word, is die titel soos dit in Romeinse skrif bekend staan.

<sup>26</sup> Die *Matica srpska* is in 1826 as 'n Serwiese kultuurnavorsingsorganisasie gestig. Hierdie organisasie is sedert 1945 hoofsaaklik gemoeid met die bevordering van wetenskaplike navorsing en publikasies op die gebied van die Serwiese taal, literatuur en kultuur. Die *Matica hrvatska* is in 1842 gestig en funksioneer hoofsaaklik as 'n Kroatiese kultuurvereniging en uitgewery. (Greenberg, 2004: 30)

Daar was toenemend aanduidings van kulturele en taalseparatisme in die onderskeie deelrepublieke van Joego-Slawië. In Slowenië het pogings om die Sloweense taal van Serwo-Kroatische invloed te beskerm 'n hoogtepunt bereik deur die stigting van 'n semi-amptelike taaltribunaal wat oor die openbare gebruik van Sloweens gewaak het. Hiermee saam is daar aangedring op die absolute en letterlike gelykheid van die taal in alle amptelike sake. (Bugarski, 2001: 73) In September 1965, by die "Vyfde Kongres van Joego-Slawiese Slawiërs in Sarajewo", het 'n groot taaldebate uitgebreek. Die vurige debat het gespruit uit 'n bespreking van die norme van Serwo-Kroaties. (Magner, 1967: 337)

In die Kroatiese spraakgebied is die bestaansreg van Serwo-Kroaties toenemend bevraagteken. In die 1960's is die taalhervorming aan die begin van die eeu, wat ten doel gehad het om Kroaties nader aan Serwies te bring, toenemend bevraagteken. Bewyse is na vore gebring dat hierdie hervorming die normale ontwikkeling van die Kroatiese standaard gekniehalter het deur die "puristiese" "jonger" Štokawies gebaseerde standaard daarop af te dwing. Hulle verweer was dat dit in teenstelling met die Kroatiese tradisie was, naamlik dat die standaardtaal ontvanklik sou wees vir sekere elemente uit ander dialektgroepe, veral ten opsigte van woordeskat. (Kalogjera, 2001: 98) Die Kroate, aangedryf deur 'n nasionalisteitsgevoel, streeksgebondenheid, 'n begeerte vir ekonomiese en politieke gelykheid, patriotisme en dalk eenvoudig hardkoppigheid, het daarop aangedring om hulle eie taalvariëteit op só 'n wyse te ontwikkel, dat dit verskillend van Serwies sal wees (Katičić, 2001: 18). In die middel van Maart 1967 het die spanning in hierdie taaldebate breekpunt bereik met die publikasie van 'n dokument genaamd *Deklaracija o nazivu i položaju hrvatskoga književnog jezika* ("Verklaring oor die naam en posisie van die Kroatiese literêre taal") in koerante in Zagreb. In hierdie verklaring, wat deur honderd en tagtig verteenwoordigers van agtien vooraanstaande Kroatiese literêre en akademiese organisasies uitgereik is, is daar geëis dat daar in die Joego-Slawiese grondwet na vier tale in plaas van die gebruiklike drie tale (Sloweens, Masedonies en Serwo-Kroaties) verwys moes word. In die verklaring, wat deur sommige van die mees gerekende Kroatiese skrywers en prominente universiteitsprofessore onderteken is, is twee voorstelle gemaak: dat Kroaties amptelik as afsonderlike standaardtaal van Serwies onderskei word, en dat slegs hierdie Kroatiese standaardtaal in amptelike kommunikasie met die Kroatiese bevolking gebruik word. (Magner, 1967: 345; Greenberg, 2000: 627; 2004: 31; Bugarski, 2001: 73-74; Katičić, 2001: 17; Okey, 2005: 430; Busch, 2010: 187) Die twee belangrike punte van die verklaring lui (deels) soos volg (uiteengesit in Magner, 1967: 345-346):

- 1) [It is absolutely necessary] to confirm by means of a constitutional provision the clear and unambiguous parity and equality of the four literary languages: Slovenian, Croatian, Serbian, Macedonian. [...].
- 2) In accordance with the foregoing demands and explanations it is necessary to guarantee the consistent usage of the Croatian literary language in schools, in newspapers, in public and political life, on the radio and television, whenever the Croatian population is affected, and [it is necessary]

that civil servants, teachers and officials, regardless of their place of origin, use in their official functions the literary language of the area in which they are working.

Hulle het ook die naam Kroato-Serwies, waarop daar by Novi Sad ooreengekom is, verwerp deur daarna te verwys as die Kroatiese literêre taal (Greenberg, 2004: 32). Die taalkwessie het ook toenemend verstrengel geraak met die Kroatiese populêre beweging, die sogenaamde Kroatiese Lente ('n periode van Kroatiese nasionalisme) van 1970 tot 1971, wat aangedring het op 'n groter mate van selfregering en uiteindelik onafhanklikheid. Gedurende hierdie tyd het Dalibor Brozović sy "Tien stellings van die Kroatiese literêre taal" gesirkuleer wat later 'n leidende rol in Kroatiese taalbeplanning sou speel, veral ten opsigte van die "suiwering" van Kroaties. In Desember 1971 het die destydse president Josip Broz Tito egter, in 'n poging om 'n verenigde Joego-Slawië te handhaaf, tussenbeide getree deur die Kroatiese kommunistiese leierskap af te dank vir beweerde deelname aan populistiese nasionalisme. (Greenberg, 2004: 55, 119; Okey, loc. cit.) Verskeie Kroatiese taalboeke wat 'n aparte Kroatiese standaardtaal voorgestaan het, is ook in dié proses verbrand en verskeie mense is selfs tronk toe gestuur (Greenberg, loc. cit.). In die 1980's het daar 'n aantal Kroatiese taalhandboeke verskyn wat onder joernaliste en onderwysers gesirkuleer is. Die doel van hierdie woordeboeke en handboeke was om as bewys te dien dat daar wel 'n aparte Kroatiese taal bestaan en om mense te help wat daarna streef om "goeie" Kroaties in hulle alledaagse lewe te praat ten einde hulle nasionale bewustheid deur middel van taal te demonstreer. (Busch, 2010: 187-188)

Ander bevolkingsgroepe in Joego-Slawië het spoedig die Kroatiese voorbeeld gevolg en ook hulle taalregte begin opeis. In reaksie op die Kroate se verklaring van 1967, het Pavle Ivić, 'n student van die Serwiese taalkundige Belić, in 1971 'n monografie getiteld *Srpski narod i njegov jezik* ("Die Serwiese mense en hulle taal") gepubliseer. Hy het saam met tien kollegas, maar sonder die medewerking van enige Kroate, die gesamentlike Serwo-Kroatiese ortografiese handleiding wat in 1960 gepubliseer is, hersien. In 1986 het lede van die Serwiese Akademie van Wetenskap en Kuns in 'n memorandum hulle kommer uitgespreek oor die Serwiese minderhede in die Kroatiese staat wat nie die reg het om hulle eie taal en skrif te gebruik nie. Hulle het moedertaalonderrig vir die Serwiese minderheid in Kroasië bepleit, asook die meer geredelike gebruik van Cyrillies in Joego-Slawiese televisie-uitsendings. (Greenberg, 2004: 55, 119; Okey, 2005: 430; Busch, 2010: 187) Soos die geval ten opsigte van Kroaties was, het daar later ook woordeboeke en taalhandboeke in Bosnië begin verskyn wat die Turkse invloed as iets eie aan Bosnies beklemtoon het en verskille in ortografie uitgelig het. In die Bosniese taalhandboek, wat ook 'n lys "korrekte" en "verkeerde" woorde bevat het, is taal verbind aan nasionale plig en lojaliteit deurdat daar in die voorwoord van sprekers verwag is om hulle taal te ken en op te pas. (Busch, 2010: 188) In 1968 het Montenegrynse intellektuele vergader by 'n *Simposium o crnogorskoj kulturi i putovima njenog razvoja* ("Simposium oor die Montenegrynse kultuur en wyses om dit te ontwikkel") ten einde die toekoms van die Montenegrynse identiteit en

gevolglik ook 'n Montenegrynse taal te bespreek (Greenberg, 2004: 89).

Die Serwiërs het voortgegaan om op 'n verenigde taalvorm, genaamd Serwo-Kroaties, aan te dring en het baie regte aan die tale van nasionale minderheidsgroepe toegeken (Greenberg, 2000: 625-626; Bugarski, 2001: 74). In Serwië het albei standaarduitsprake en die twee alfabette van Serwo-Kroaties gelyke regte geniet. Toe die ontwigting van die gemene staat egter 'n ernstige bedreiging geword het, het antagonisme en nasionale eksklusiwiteit ook in Serwië kop uitgesteek. Die amptelike taal se naam is verander na Serwies en dit is van ander tale onderskei deur die bevordering van die Cyrilliese skrif. Die veranderinge wat in 1989 aan die grondwet aangebring is, het die Romeinse skrif vir etnies gemengde streke toegelaat, maar het voorgeskryf dat Cyrillies die amptelike skrif in Serwië is. (Bugarski, 2001:75; Busch, 2010: 188) Gevolglik het woorde in Romeinse skrif uit die publieke sfeer en staats-beheerde media en skoolhandboeke verdwyn. Die Cyrilliese skrif is nie net in die media verdedig nie, maar ook in intellektuele kringe. By die Universiteit van Belgrado is daar byvoorbeeld 'n vereniging vir die bewaring van Cyrillies gestig “[to] prevent the annihilation of the Cyrillic script as the first step in the annihilation of the Serbian national identity”. (Busch, loc. cit.) In 'n laaste poging om die Serwo-Kroatiese ortografiese eenheid te onderhou, het taalkundiges van Serwië, Montenegro en Bosnië en Herzegowina in 1986 in Sarajevo vergader om 'n werkgroep te vorm. Kroatiese taalkundiges het amptelik in 1989 by hierdie werkgroep aangesluit ten einde die kortstondige *Medjuakademijski odbor za proučavanje ortografske i ortoepske problematike* (“Interakademiëkommissie vir die studie van ortografiese en orto-epiese probleme”) te vorm. Die kommissie het egter hulle werksaamhede met die verbrokkeling van Joego-Slawië gestaak. (Greenberg, 2000: 631)

Politiek het 'n ewige letsel gelaat op die poging om 'n verenigde Serwo-Kroatiese standaard te vestig. Dit het in die negentiende eeu begin met die leuse “Een volk moet een literatuur hê” en het voortgeduur tot en met die verbrokkeling van Joego-Slawië. (Pranjković, 2001: 32) 'n Mens kan volgens Bugarski (2001: 75) sien hoe die opkoms van etniese nasionalisme taaldispute meegebring het wat as 'n dekmantel vir diepliggende sosiale konflik en politieke aspirasies gedien het deurdat taal van tyd tot tyd as proefferrein vir politieke magsverhoudinge ingespan is. Dit het ook gou geblyk dat dit in die taaldebate wat sedert die middel van die twintigste eeu in Joego-Slawië kop uitgesteek het, om meer gegaan het as taal. Hierdie debatte was 'n weerspieëling van die aansienlike veranderinge in die Joego-Slawiese politieke stelsel. Hierdie veranderinge het daarmee te doen gehad dat daar, naas die regeringsbeleid van ekonomiese desentralisering, ook 'n sterk neiging in die rigting van politieke desentralisering sedert die 1960's aan die plaasvind was, wat daartoe gelei het dat die ses deelrepublieke toenemend aangedring het op groter onafhanklikheid (Magner, 1967: 338; Greenberg, 2004: 19). Die feit dat mense in sosialistiese Joego-Slawië die reg ontnem is om hulle eie tale te gebruik, het uiteindelik aanleiding gegee tot die taalnasionalisme wat onder Kroatie (1967) en Serwiërs



(1986) posgevat het. President Tito het egter geen vorm van nasionalisme, insluitend taal-nasionalisme, onder sy sosialistiese bewind geduld nie en het daardeur nog 'n mate van eenheid in Joego-Slawië gehandhaaf. Die grondslag vir die disintegrasië van Joego-Slawië is gelê deur desentraliseringstendense wat deur die land se grondwet van 1974 erken is. Hierdeur is amptelike status aan plaaslike variëteite van Serwo-Kroaties in die onderskeie deelrepublieke toegeken, wat beteken het dat die gebruik van vier streeksvariëteite toegelaat is, naamlik Kroaties (die “westelike variëteit” van Serwo-Kroaties), Serwies (die “oostelike variëteit” van Serwo-Kroaties), Bosnië-Herzegowinies en Montenegryns. Na Tito se dood in 1980 is hierdie desentraliseringstendense net verder versnel. Uiteindelik het die val van kommunisme in Oos-Europa Joego-Slawië ook sonder die band van 'n gemene ideologie gelaat. Al hierdie faktore het daartoe gelei dat die politieke elite in Joego-Slawië se deelrepublieke, in 'n poging om die mag en voorregte deur die ontwikkeling van demokratiese pluralisme te behou, na die enigste ander mag sterk genoeg om die ontnugterde menigte te mobiliseer, gegryp het, naamlik nasionalisme. (Bugarski, 2001: 72; Greenberg, 2004: 11, 23) Serwo-Kroaties het vir alle praktiese doeleindes ophou bestaan na 1974 (Greenberg, 2004: 56). Dit is volgens Greenberg (2004: 57) egter nie verbasend nie, gegewe beide die Serwiërs en Kroate se onwilligheid om hulle onderskeie variëteite, ortografieë, en benaderings tot woordeskat prys te gee.

Teen die middel van die 1980's het die eerste aanduidings van die verbrokkeling van Joego-Slawië sigbaar begin word, toe die deelrepublieke op politieke vlak belangriker begin word het as die sentrale regering. Die kommunistiese party het in ses nasionale partye verdeel op grond van etnisiteit. Hierdie partye was ywerig om die openbare sfeer in hulle onderskeie gebiede te beheer. Grense en die voorstelling daarvan op kaarte het 'n belangrike onderwerp in politieke en mediadebatte geword. Die verdeling van Joego-Slawië is gedebatteer deur die beklemtoning van verskillende grense; die politieke, etniese, religieuse en taalgrense. Daar is baie moeite gedoen om hierdie verskillende grense as bestaande werklikhede te skep en om dit as “natuurlike” skeidslyne te bevestig. Terselfdertyd is die oorkoepelende Serwo-Kroatiese standaardtaal bevraagteken deurdat daar in sowel Kroasië as Serwië daarop aanspraak gemaak is dat aparte nasionale tale nog altyd bestaan het en dat die reg om die onderskeie tale te gebruik in Joego-Slawië misken is. Die bestaan van taalgrense en verskillende nasionale spraakgemeenskappe is verdedig deur moontlike taalverskille tussen die nasionale tale uit te wys. (Busch, 2010: 184-185)

Die stelselmatige verbrokkeling van die Sosialistiese Federale Republiek van Joego-Slawië het in 1990 begin met die uitbreek van gewapende konflik en het gelei tot die vorming van nuwe state wat hulle onafhanklikheid verklaar het (Busch, 2010: 187). Slowenië en Kroasië was die eerste state wat van Joego-Slawië afgeskei het. Hierna het Masedonië, Bosnië-Herzegowina, die Federale Republiek van Joego-Slawië (sedert die ondertekening van die Belgrado Ooreenkoms op 13 Maart 2002 Serwië

en Montenegro genoem), Montenengro en Kosovo gevolg. (Bugarski, 2001: 73; Greenberg, 2004: 22; Busch, loc. cit.) Die verbrokkeling van die Sosialistiese Federale Republiek van Joego-Slawië het ook gelei tot die verwerping van die idee van 'n gemene Serwo-Kroatiese taal (Okey, 2005: 419). Nadat die Kroatiese parlement in Desember 1990 'n nuwe grondwet aangeneem het waarin verklaar is dat Kroaties die republiek se amptelike taal sou wees, het die Serwiërs hierop gereageer deur in April 1992 te verklaar dat Serwies die amptelike taal van die Federale Republiek van Joego-Slawië is. Aangesien daar nie soos in die ander voormalige Joego-Slawiese deelrepublieke 'n oorheersende bevolkingsgroep in Bosnië en Herzegowina was nie, was Bosnië en Herzegowina aanvanklik heel tevrede met Serwo-Kroaties as amptelike taal van die nuwe staat, aangesien dit die enigste taal was wat in die hele staat en deur alle etniese groepe gebruik is. Tydens die nuwe politieke situasie het die idee dat hierdie taal die status van 'n nuwe, aparte taal met 'n nuwe naam moes kry egter ook hier ontstaan. Bosniërs was dit eens dat daar nie langer van hulle verwag kon word om 'n term te gebruik wat hulle uitsluit (Serwo-Kroaties) terwyl die Serwiërs en Kroate self daarvan afstand gedoen het nie. Gevolglik is Serwo-Kroaties in 1993 in Bosnië en Herzegowina deur Serwies, Kroaties en Bosnies vervang. (Levinger, 1994: 229-230; Greenberg, 2000: 625; Bugarski, 2001: 74; Okey, 2005: 437; Busch, 2006: 13; Busch, 2010: 187) In die Federale Republiek van Joego-Slawië het die eerste Montenegrynse taalhandboek in 1993 verskyn. Na 1997, toe die Montenegro al hoe meer in die rigting van afstigting van die Federale Republiek van Joego-Slawië begin beweeg het, het oproepe om 'n aparte Montenegrynse taal al hoe meer begin opklink. (Greenberg, 2004: 89, 161) 'n Aanval deur die Noord-Atlantiese Verdragsorganisasie in 1999 het die kloof tussen Montenegro en Serwiërs binne die Federale Republiek van Joego-Slawië net nog verder vergroot (Greenberg, 2000: 640). Hierdie kloof is in Februarie 2003 meer ooglopend gemaak toe die Federale Republiek van Joego-Slawië amptelik ontbind is en 'n federasie genaamd Serwië en Montenegro gevorm is. Maar dit het uiteindelik daartoe gelei dat Montenegro in 2006 van Serwië afgestig het en 'n vierde Serwo-Kroatiese opvolgtaal, genaamd Montenegryns, gestig is. (Greenberg, 2004: 58, 89) In werklikheid het hierdie "tale" egter nouliks van mekaar verskil op strukturele vlak, en was dit meestal net 'n politieke skeiding (Bugarski, loc. cit.).

Die nasionalisme wat tot gevolg gehad het dat die Sosialistiese Federale Republiek van Joego-Slawië uiteindelik plek moes maak vir kleiner nasionaalstate, het ook 'n invloed op taal gehad. Bugarski (2001: 73) verwoord die invloed van nasionalisme op taal soos volg:

[W]hen it comes to language, nationalism singles out, develops, and even hypostasizes, from among its many functions (including the essential one of communication) [...] the *symbolic* or *manifestative* one – that in which language serves for identification, as a symbol of ethnic, national, confessional, professional, or some other collective allegiance. [...] Members of a given ethnic or national collectivity are under pressure to homogenize within, and heterogenize outwardly, in matters of language too. It is

desirable not only that they all use the same language or language variety and alphabet, but also that these be markedly different from those used by other, especially neighboring and otherwise closely related, communities.

Die skep van taalgrense en spraakgemeenskappe deur middel van ideologieë, mites en metatalige diskoers wat eiesoortigheid en verskille beklemtoon, was belangrik in die proses om eenheid in die nuwe nasionaalstate te bevorder. Die standaardtaal en die “suiwerheid” daarvan is gebruik om ’n gevoel van “behoort” en taalloyaliteit te skep. (Busch, 2010: 192) Binne elke “nuwe” taal is daar dus gestreef na interne unifikasie maar maksimale differensiasie na buite (met ander woorde ten opsigte van die ander nasionale tale) (Busch, 2010: 186).

In Kroasië is ’n veldtog geloods om die taal so veel en gou moontlik van Serwies (of Serwo-Kroaties) te onderskei (Bugarski, 2001: 84; Pranjković, 2001: 48). Selfs toe die Kroate en Serwiërs gewerk het aan ’n gemene taal, het die Kroate daarop aangedring dat Kroatiese etniese taalelemente behou word (Greenberg, 2004: 48). Die skep van ’n eiesoortige taal was volgens Greenberg (2000: 625-626) makliker vir die Kroate as die Serwiërs, aangesien Kroatiese taalkundiges reeds verskeie afsonderlike werke in die 1970’s en 1980’s gepubliseer het. Kroaties is ook gekenmerk deur ’n periode van streng purisme in die tydperk van die Kroatiese Fascistiese staat (1941-1945) toe verklaar is dat Kroaties ’n aparte taal van Serwies is. In dié tyd is ’n veldtog geloods om Kroaties van alle Serwiese elemente te suiwer. Tydens president Tito se bewind het die Kroate hulle purisme laat vaar, maar die westelike variëteit van Serwo-Kroaties (dus Kroaties) het steeds ’n kenmerkende Kroatiese kleur behou. (Greenberg, 2004: 49) Na die verbrekking van Joego-Slawië is ’n kunsmatige burokratetaal in Kroasië bevorder wat gekenmerk is deur Kroatiese argaïsmes, regionalismes, en neologismes, terwyl verskeie vakdisiplines verkroatiseer is en verskeie ortografiese hervormings bepleit is (Bugarski, loc. cit.; Pranjković, loc. cit.). Die anti-Serwiese ingesteldheid het veral gedurende Tudjman se bewind (1990-1999) geseëvier. Gevolglik het daar baie preskriptiewe handleidings en woordeboeke verskyn wat ten doel gehad het om die spraakgemeenskap “op te voed” om “ordentlike” Kroaties te gebruik. (Greenberg, loc. cit.) Morfosintaktiese konstruksies wat Serwies “klink” is uit Kroaties geweer, Serwiese woorde is met Kroatiese uitdrukkings vervang, en indien daar net een uitdrukking vir beide variëteite van Serwo-Kroaties was, is ’n argaïese Kroatiese woord weer in die lewe geroep (Jahn, 1999: 330). Verder is daar vandag steeds ’n poging om Kroaties van internasionalismes te suiwer (Bugarski, loc. cit.). Hierdie vinnige ontwikkeling van Kroaties het daartoe gelei dat Kroaties ’n onmiskenbaar aparte taal van die ander Serwo-Kroatiese opvolgtale geword het deurdat dit nie meer onderling verstaanbaar met Bosnies, Montenegryns en Serwies is nie (Greenberg, 2004: 132). ’n Uiterste voorbeeld van ’n eksplisiet preskriptiewe taalbeleid wat ten doel gehad het om die “eiesoortigheid” van Kroaties te beklemtoon, was te sien in die Kroatiese Radio en Televisie (HRTV) in die vroeë 1990’s. Die HRTV het ’n handboek uitgegee wat gewenste Kroatiese en ongewenste “vreemde” woorde gelys

het. Joernaliste wat teenstand hierteen gebied het, is afgedank onder die voorwendsel dat hulle nie in staat is om “korrekte” Kroaties te gebruik nie. (Busch, 2010: 191) ’n Gevolg van dié oordrewe purisme in Kroasië is dat mense onseker voel ten opsigte van hulle taalgebruik. Daarom verkies hulle om hulle in die taalvariëteit uit te druk wat hulle die beste ken, dit is die niestandaardvariëteite. Deur hierdie variëteite te gebruik, vermy sprekers foute in die standaard, soos om woorde te gebruik wat amptelik as Servies beskou word. (Jahn, 1999: 353) Dit laat ’n mens wonder of dit nie in die toekoms tot die verdere verbroekeling van die tale in die Suid-Slawiese taalruimte kan lei nie.

In Serwië het die hoofstroommedia dadelik begin om die gebruik van albei alfabette af te skaf en uitsluitlik die Cyrilliese skrif te gebruik. In die uitgewersbedryf is subsidies gekoppel aan die gebruik van die Cyrilliese skrif om sodoende Servies ten opsigte van Kroaties te onderskei. (Busch, 2010: 191) In Bosnies is daar weer probeer om die taal van beide Servies en Kroaties te distansieer en ook terselfdertyd ’n uniek Bosniese erfenis in die taal inslag te laat vind (Bugarski, 2001: 84). In Bosnië en Herzegowina is bewerings gemaak dat Bosnies onveranderd gebly het oor ’n ontwikkelingsperiode van duisend jaar en dat Bosnies ’n unieke skrif ontwikkel het. Dit was ook belangrik vir taalstryders om te benadruk dat Bosnies nie net ’n mengelmoes van oostelike en westelike (rofweg Serwiese en Kroatiese) vorme is nie. So het Alija Isaković byvoorbeeld die stelling gemaak dat Bosnies nie binne die raamwerk van Servies of Kroaties gevorm is nie, maar dat dit ’n parallelle taal was wat sy eie ontwikkelingsrigting ingeslaan het. (Okey, 2005: 435) Een van die eerste dinge wat die nasionale partye in Bosnië en Herzegowina in reaksie hierop gedoen het, was om stelselmatig spesifieke taalvorme deur die massamedia in te voer. Aangesien Bosniese nasionalisme deels beïnvloed word deur pan-Islamitiese religieuse fundamentalisme, is die Bosniese taalerfenis tot uitdrukking gebring deur die Arabies-Turkse kenmerke in uitspraak, spelling, en veral woordeskat te beklemtoon. Leiers van die party het skielik begin om ’n geforseerde, gesuiwerde en ietwat kunsmatige variëteit van die taal te gebruik wat hulle die Nuwe Bosniese Taal genoem het. Aangesien hierdie taalveranderinge relatief oppervlakkig was, is die basiese grammatikale en leksikale strukture van die taal egter skaars geaffekteer. Teen die tyd dat hierdie Nuwe Bosniese Taal min of meer amptelik ingevoer is, het dit weinig eiesoortige kenmerke gehad wat dit as ’n aparte taal onderskei het. Wat dit van Kroaties en Servies onderskei het, was die feit dat dit politici se begeerte om ’n aparte taal te hê, kon bevredig. (Levinger, 1994: 230; Bugarski, loc. cit.)

Na die mislukking van ’n enkele Serwo-Kroatiese standaard in 1991, is Montenegrynse seperatisme ook aangevuur deur debatte oor die aard van die Serwiese taal. In ’n verklaring deur Montenegrynse P.E.N.-lede is daar skerp kritiek daarteen uitgespreek dat daar in die grondwet van 1992 verklaar word dat Servies die amptelike taal van Montenegro is. Alhoewel die verklaring ingelei is deur die stelling dat daar onder ’n Montenegrynse taal nie ’n sistematiese, aparte taal verstaan word nie, maar

eerder een van vier variëteite wat 'n gemene dialekbasis het, is daar tog fonologiese, prosodiese, morfologiese, sintaktiese, lekso-fraseologiese, ortografiese en ander eienskappe uitgelig wat tot die “volkstaalmoord” van die Montenegrynse mense sou lei indien dit verwaarloos sou word. (Okey, 2005: 437-438) Maar ten spyte van verskeie eksterne en simboliese intervensies om die amptelike naam en status van die taal te beïnvloed, het die onderskeie “tale” volgens Bugarski (2001: 74, 84; sien ook Greenberg, 2000: 639-640) nie merkbaar in Serwië, Montenegro en Masedonië verander nie.

Serwo-Kroaties bestaan vandag tot 'n mate steeds as taalenteit, aangesien taal as kommunikasie-stelsel nie deur middel van 'n politieke verordening tot niet gemaak kan word nie. Maar dit is egter 'n feit dat daar nie meer 'n taal met hierdie naam in enige van die voormalige Joego-Slawiese state bestaan nie. Op politieke vlak is daar dus nou vier “tale”: Serwies in Serwië en Kosovo, Kroaties in Kroasië, Montenegryns in Montenegro, en Bosnies, Serwies en Kroaties in die verskillende dele van Bosnië en Herzegowina. (Bugarski, 2001: 83) Al vier hierdie tale is egter op dieselfde Jekawiese variëteit gebaseer, alhoewel taalkundiges en politici binne die Joego-Slawiese opvolgstate probeer het om die “illusies” rakende taaleenheid, wat gebaseer is op die Jekawiese variëteit, uit die weg te ruim deur te redeneer dat hierdie variëteit by 'n spesifieke etniese groep ontstaan het. Serwiese nasionaliste het byvoorbeeld so ver gegaan deur te beweer dat die Jekawiese variëteit Serwies is en dat die Kroate dit by die Serwiërs gesteel het. (Greenberg, 2000: 635) Taalbeplanners in die opvolgstate het hulle tot verskeie vorme van kreatiewe taalbeplanning, korpusbeplanning en nuwe grammatikas en woordeboeke gewend ten einde taalvorme daar te stel wat as waardige standaardtale in eie reg kan funksioneer (Greenberg, 2004: 57). Hierdie “tale” is dus maaksels van nasionalistiese beleid en so-doende swanger aan simboliese waarde. Hierdie feit dien as 'n verduideliking vir hulle relatiewe eiesoortigheid en as 'n aanduiding dat dié tale waarskynlik selfs verder van mekaar en hulle gemene Serwo-Kroatiese moeder in die toekoms sal afwyk. (Bugarski, 2001: 83; Greenberg, 2004: 13) Alhoewel hierdie siening dat daar aparte tale in die opvolgstate van die voormalige Joego-Slawië bestaan, teenstrydig is met die klassifikasie van Slawiese variëteite in verskillende tale, is dit volgens Katičić (2001: 26) geldig vanweë die kulturele en emosionele eiesoortigheid van die tale. Greenberg (2004: 13) vra of daar ooit hoegenaamd 'n lewende taal Serwo-Kroaties was, aangesien daar nog altyd so 'n wye verskeidenheid variëteite bestaan het.

Saam met pogings in die opvolgstate van die voormalige Joego-Slawië om tale af te baken, is daar ook toenemend ontwikkelinge om die Serwo-Kroatiese spraakgemeenskap weer saam te groepeer. Voorbeelde hiervan is die Serwiese geelperstydskrif genaamd *Svet plus* wat daarop aanspraak maak dat dit die tydskrif van die diaspora is. Nog 'n voorbeeld hoe gehore vergroot word deur die hele Suid-Slawiese ruimte te bereik, kan gesien word in Pink TV. Pink TV, ook bekend as die Balkanstate se

MTV<sup>27</sup>, het 'n mediaryk gebou wat selfs verder strek as die grense van die voormalige Joego-Slawië. Cross Radio is ook 'n projek wat die uitruil van programme tussen radiostasies in die voormalige Joego-Slawië aanmoedig. Daar is soortgelyke tydskrifte en maandblaaië. Dit is egter belangrik om daarop te let dat hierdie ontwikkelinge nie deur nostalgie gemotiveer word nie, maar eerder deur ekonomiese oorwegings wat daarop gemik is om gehore te vergroot deur 'n taalvorm te gebruik wat nie as 'n spesifieke nasionale standaard gemarkeer is nie. (Busch, 2010: 194-195) Dit gaan dus nie om die herinstelling van Serwo-Kroaties as taal nie.

Uit die voorafgaande is dit duidelik dat die herstandaardiseringsprosesse wat in die opvolgstade van die voormalige Joego-Slawië plaasgevind het van dié van Afrikaans verskil, aangesien dit nie die unifikasie van verskillende variëteite ten doel gehad het nie, maar juis die skeiding daarvan. Hierdie tipe taalbeplanning is eerder 'n voorbeeld van *Ausbau*-tale, met ander woorde tale wat doelbewus ontwikkel en hervorm word ten einde dit van ander tale te onderskei (sien 2.2.3.3; Greenberg, 2004: 13). Watter nut is daar dan om hierdie taalsituasie hoegenaamd ten opsigte van die herstandaardisering van Afrikaans te bestudeer? Omdat daarin belangrike lesse vir die Afrikaanse spraakgemeenskap opgesluit lê.

Die eerste belangrike les wat uit die Joego-Slawiese taalgeskiedenis te leer is, is dat taal en politiek onlosmaaklik deel is van mekaar. As die politieke klimaat dus nie reg is vir unifikasie nie (soos wat die geval in Joego-Slawië was), sal enige pogings om verskillende variëteite of tale met mekaar te verenig op die lang duur misluk. Die teenoorgestelde is natuurlik ook waar: indien die politieke wil tot unifikasie bestaan, kan dit tot 'n groot mate bydra tot taalunifikasie. Laasgenoemde kan daarin gesien word dat 'n verenigde Serwo-Kroatiese taal nog bly voortbestaan het gedurende president Tito se bewind omdat hy dit as belangrik beskou het, maar dat Serwo-Kroaties na sy dood geleidelik verbreek het. Verder is dit duidelik uit die Joego-Slawiese situasie dat die unifikasie van taal slegs suksesvol kan wees indien die sprekers van die betrokke tale of variëteite dit wenslik vind. Verhoudings tussen die onderskeie sprekersgroepe moet daarom van só 'n aard wees dat sprekers met mekaar identifiseer en dat daar 'n solidariteitsgevoel tussen hulle bestaan. In Joego-Slawië het 'n gemene ideologie (sosialisme) lank hierdie rol vervul, maar nadat hierdie gemene ideologie weggeval het, het die verskillende "taalgroepe" ook verder van mekaar begin wegdryf. Die Joego-Slawiese taalsituasie beklemtoon net weereens dat (her)standaardisering nie bloot 'n taal-kundige oefening is wat losgemaak kan word van sosiopolitieke faktore nie.

---

<sup>27</sup> Music Television

### 3.4.8 Samevatting

In hierdie afdeling is daar na verskillende herstandaardiseringsvoorstelle en -pogings gekyk wat in ander tale onderneem is. Alhoewel die situasie om die herstandaardisering van Suid-Afrikaanse Engels in die rigting van Swart Suid-Afrikaanse Engels tot 'n redelike mate van dié van Afrikaans verskil deurdat dit veral as “natuurlike” proses beskou word, het dit wel waarde vir die herstandaardisering van Afrikaans sover dit ten doel het om die status van niestandaardvariëteite te verhoog en die ideologiese aard van die standaard af te breek. Daar is verder gesien dat harmonisering, alhoewel dit meestal op korpusbeplanning gemik is, baie waardevolle insigte vir herstandaardisering het, aangesien dit veral gemoeid is met die skep van 'n oorkoepelende, bodialektiese standaard wat gevorm word deur die samevoeging van vorme uit die verskillende variëteite van 'n taal. Hierna is die Samnorsk beleid van nader beskou. Soos die geval met die herstandaardisering van Afrikaans is, het dit hier veral gegaan om die unifikasie van twee vorme van dieselfde taal (maar tog twee gestandaardiseerde vorme). Alhoewel hierdie beleid nie suksesvol was nie, is daar belangrike positiewe en negatiewe punte van hierdie herstandaardiseringsproses aangedui wat in ag geneem moet word vir toekomstige herstandaardiseringspogings. Die les wat uit die herstandaardisering van die Duitse ortografie te leer is, is die belangrikheid van prestigebeplanning as deel van enige taalbeplanningsaksie ten einde sukses te verseker. Alhoewel die herstandaardisering van Albanees nog soos Afrikaans in 'n gespreksfase is, toon hierdie twee tale baie ooreenkomste wat die beoogde herstandaardisering van die twee tale betref. Laastens is belangrike lesse vir die suksesvolle herstandaardisering van Afrikaans uit die mislukking van Serwo-Kroatiese unifikasiepogings in Joego-Slawië geleer, waaronder veral die belangrikheid van politieke oorwegings in taalbeplanning.

## 3.5 Herstandaardisering van Afrikaans

### 3.5.1 Inleiding

Die herstandaardisering van Afrikaans word in hierdie afdeling onder die loep geneem. Daar word eers gekyk waarom die herstandaardisering van Afrikaans hoegenaamd nodig is. Drie aspekte van Standaardafrikaans word hier bespreek ten einde die noodsaaklikheid van 'n herstandaardiseringsprogram vir Afrikaans te beklemtoon. Hierna word daar gekyk of daar reeds sprake van een of ander vorm van herstandaardisering in Afrikaans is. Vervolgens word verskeie voorstelle vir die herstandaardisering van Afrikaans krities bespreek, te wete dié van Van Rensburg (1991, 1992), De Wet (1997) en Willemse (2009a en 2009b) onderskeidelik. Die doel van hierdie oorsig is om die sterk- en swakpunte van elke herstandaardiseringsvoorstel uit te wys.

### 3.5.2 Waarom die herstandaardisering van Afrikaans?

Engelbrecht (1980: 12) meen dat 'n standaard nodig is vir taalgebruik aangesien dit sekere norme bied waarvolgens 'n mens die taal kan gebruik. Dit beteken nie dat die standaard die taal se vrye groei as uitdrukkingsmiddel aan bande lê nie, maar dien eerder as riglyn waarvolgens norme wat die taal in sy kern aantass, geweer kan word, sodat die taal gesond ontwikkel en 'n doeltreffende middel tot sinvolle kommunikasie bly. (Engelbrecht, loc. cit.) In die tagtigerjare van die vorige eeu is daar egter tot die besef gekom dat Standaardafrikaans se vrye groei as uitdrukkingsmiddel tydens sy ontwikkeling toenemend aan bande gelê is en die standaard dus nie meer 'n doeltreffende middel tot sinvolle kommunikasie vir die volle spraakgemeenskap is nie. Standaardafrikaans het 'n konstruksie van taal-entrepreneurs geword wat die natuurlike groei van die taal strem (Grebe, 2009: 129). Daar het 'n duidelike gaping ontstaan tussen Standaardafrikaans en hoe die taal in werklikheid deur die sprekers gebruik word. Afrikaans verkeer dus in 'n toestand van diglossie (sien 1.1.1). Soos reeds aangedui (sien 1.1.1), is daar veral drie faktore wat verantwoordelik is vir die diglossiese situasie waarin Afrikaans verkeer, naamlik die vernederlandsing van Afrikaans, die miskenning van die invloed van Engels op Afrikaans, en die miskenning van ander variëteite van Afrikaans in die standaard. Of soos Poneis (1998: 68) dit stel:

Enersyds sal sowel die Anglismepikkery as die verheerliking van Nederlandismes in Standaardafrikaans stopgesit moet word. Andersyds sal daar in Standaardafrikaans realisties met die veranderinge in die omgangstaal en besonderlik met Engelse invloed rekening gehou moet word sonder om die selfstandigheid van Standaardafrikaans te kompromitteer.

#### 3.5.2.1 Vernederlandsing van Afrikaans

Die idee van 'n prototaal, die oorspronklike, onbetwisbare ouer waaruit verskillende tale as gevolg van migrasie ontwikkel het, het die negentiende-eeuse filologie oorheers. Hierdie idee is in 1871 deur Schleicher as die *Stammbaum*-teorie uiteengesit. Verduidelikings van die oorsprong van pidgins en kreole was nie van belang vir die negentiende-eeuse taalkundiges nie. Daar het 'n rassistiese idee ontstaan dat tale suiwer is en dat pidgins en kreole bloot die gevolg van ondergeskiktes se onvermoë is om die betrokke taal na behore te beheers. (Brown, 1988: 36; 1992: 75-76) Die debat of Afrikaans 'n Nederlandse dialek of Nederlands gebaseerde kreool is, het ook die standaardisering van Afrikaans onderlê. Daar is aangeneem dat, indien Afrikaans 'n kreool is, die bydrae van die nie-Europese segment van die Afrikaanse moedertaalsprekers tot die ontwikkeling van Afrikaans as die belangrikste erken moes word, en indien Afrikaans bloot 'n dialek van Nederlands is wat tot 'n mindere mate deur kontak met tale van Afrika en Oosterse afkoms beïnvloed is, die belangrikste bydrae tot die ontwikkeling van die taal deur moedertaalsprekers van Europese afkoms gelewer is. (Alexander, 2011:



3) Omdat Afrikaans in sommige kringe as 'n verbasterde, kreoolse of “Hotnotstaal” beskou is, was dit vir die negentiende en vroeë twintigste-eeuse Afrikaanse taalkundiges van kardinale belang dat Afrikaans as “suiwer” taal voorgehou word. Suiwerheid ten opsigte van ras en taal het sterk na vore getree in die apartheidsideologie (Van der Waal, 2012: 2). So is daar tydens die periode wat Afrikaans verfyn is dikwels ten gunste van kenmerke besluit wat aan bepaalde idees van “suiwerheid” voldoen (Grebe, loc. cit.).

This shying away from pidgin and creole linguistics in discussing the genesis of Afrikaans has been an essential component of the invented continuity of Afrikaner culture and neo-Social Darwinist explanations of the origin of Afrikaans, which have often dominated Afrikaans historical linguistics in South Africa. [...] Such explanations of the social and historical origins of creoles are not uncommon but they are an invention of linguistic tradition in the desire of creole people to boost their sense of origin in the face of metropolitan prejudice. (Brown, 1988: 38)

Die vernederlandsing en germanisering van Afrikaans was dus doelbewuste prosesse waartydens voorbeelde van pidginisering en kreolisering, in die teenwoordigheid van die Ander, “aktief uit die taal geweer, verswyg of ten minste verdag gemaak” is, aldus Willemse (2011: 5). Volgens Willemse (loc. cit.) het die Taalkommissie van Suid-Afrikaanse Akademie en Kuns sedert 1917 grootliks hiertoe bygedra deur die verheffing en normering van 'n bepaalde soort Afrikaans.

Die Afrikaanse taalvorm wat vandag sonder twyfel Germaanse taalkenmerke vertoon, is nie uit-en-uit 'n organiese gegewe nie, maar een wat doelbewus in 'n bepaalde rigting genavigeer is. Wat dikwels as “keurige Afrikaans” verdedig en beskerm word, is overgezet synde dit wat in 'n Germaans-keurslyf ingedruk moet word. (Willemse, 2011: 6)

Die gevolg hiervan is dat taal vandag steeds in baie sektore van die Afrikaanse samelewing as natuurlike, suiwer en onveranderlike entiteite beskou word (Van der Waal, loc. cit.).

Van Rensburg (aangehaal in Coetzee, 1982: 283) dui daarop dat een taal 'n ander kan gebruik om hoër status in die gemeenskap te verkry; om dit in die proses van statusverwerwing aan te help. Nederlands het tot taamlik onlangs nog hierdie rol in Afrikaans vervul deurdát dit as statussisteem vir Afrikaans moes funksioneer (Coetzee, 1982: 284; Van Rensburg, 1983b: 139). In die “opheffing” van die status en vorm van Afrikaans is daar swaar op Nederlands geleun (De Villiers, 1985: 37). As gevolg van die lae aansien wat Afrikaans aan die begin van die taal se ontwikkeling gehad het, is die vernederlandsing egter té ver gevoer, aldus De Villiers (1985: 33). Arnoldus Pannevis het reeds in 1875 so ver gegaan in sy poging om Afrikaans as waardige taal naas Nederlands erken te kry deur te beweer dat Afrikaans in sommige opsigte nader aan die ou Nederlandse “moedertaal” gebly het as die moderne Nederlands van daardie tyd (Nienaber en Heyl, s.a.<sub>1</sub>: 49). Daar is tydens die standaardisering van Afrikaans sterk gesteun op die taal se Nederlandse wortels en Nederlandse vorme het tot 'n groot mate in Standaardafrikaans neerslag gevind. Gedurende die periode van 1900

tot 1930 is leenwoorde van Nederlands oorgeneem wat tot die grootskaalse vernederlandsing van Afrikaans gelei het (Roberge, 2003: 31). Met die 1933-Bybelvertaling is Afrikaans ook in ooreenstemming met Nederlands gebring deurdat nie-algemeen verstaanbare Nederlandse konstruksies dikwels gebruik is. Die gedrukte media het baie tot hierdie band tussen Afrikaans en Nederlands bygedra deur die Afrikaans-Hollandse skryftradisie te verheerlik. Die algemene strategie soos voorgeskryf in grammatikaboeke was om terug te val op die Nederlandse morfosintaktiese patroon. Grammatici het ook 'n terugkeer na Nederlandse eienskappe bepleit, ten koste van die Afrikaanse vorme wat reeds in die gesproke taal bestaan het. (Stell, 2008: 32) Dit het daartoe gelei dat baie omgangstaalvorme nooit deel van die skryftaal geword het nie en die natuurlike groeielyn van Afrikaans versteur is (Van Rensburg, in Coetzee, 1982: 283).

Combrink (1986: 55) dui daarop dat die Nederlandse norm vir goeie Afrikaans onaanvaarbaar is as onder Nederlands, "hedendaagse Nederlands" verstaan word. Maar selfs al verstaan 'n mens onder Nederlands, "sewentiende eeuse Nederlands en vroeër", kan die Nederlandse norm nog nie heeltemal aanvaar word nie. Iets is nie noodwendig Afrikaans net omdat dit Nederlands is of vroeër was nie. (Combrink, 1986: 55-56) De Villiers (1985: 34) dui daarop dat doelbewuste ontlening, soos met die vernederlandsing van Afrikaans, 'n nodige en regverdigbare proses is in die uitbreiding van die standaardvariëteit. Indien hierdie uitbreiding egter ten koste van bestaande taalvorme plaasvind met die doel om die status van die ontlenende taal daardeur te verhoog, lei dit daartoe dat die standaardvariëteit heelwat van sy natuurlike aard inboet (De Villiers, loc. cit.). Hiervolgens kan die aanvanklike standaardisering van Afrikaans as 'n onnatuurlike proses beskou word wat daartoe gelei het dat Standaardafrikaans grootliks 'n kunsmatige karakter gekry het wat sedert 1930 nog nie afgeskud kon word nie (De Villiers, 1985: 46, 52). In die herstandaardisering van Afrikaans moet daar dus eerstens gekyk word na die vernouing van die gaping tussen Standaardafrikaans en die spraakgemeenskap deur die uitskakeling van Nederlandismes wat die taal onnodig styf en formeel maak en sodoende die taal van die sprekers vervreem. Odendal (1973: 30) meen dat Nederlands nie aan Afrikaans kan voorskryf hoe dit daar moet uitsien nie en dat dit hoog tyd is dat normeers soos grammatika- en woordeboekskrywers nie Nederlands as norm vir Afrikaans gebruik nie. Die herstandaardisering waarom dit vir Du Plessis (1992: 27) gaan, is dat Afrikaans nie bloot as 'n verlengstuk van Nederland en sy Europese herkoms gesien moet word nie, maar dat Afrikaans juis histories kon oorleef omdat dit 'n stuk van Afrika kon opneem, en ook tans steeds in Afrika hoort. "Sonder om sy Europese wortels weg te wens, lewe Afrikaans juis omdat hy Suid-Afrikaans is" (Du Plessis, loc. cit.). Alhoewel daar reeds redelike vordering op hierdie gebied gemaak is (sien 1.1.2), verdien hierdie aspek steeds aandag in die herstandaardisering van Afrikaans.

Ten spyte van die negatiewe sy van die grootskaalse vernederlandsing van Afrikaans, moet daar egter ook daarop gewys word dat die adleksifisering van Afrikaans uit Nederlands 'n belangrike bydrae gelewer het om Afrikaans as selfstandige taal te handhaaf naas Engels, waarmee dit in noue kontak verkeer (sien 3.5.2.2), en sodoende verhoed het dat dit deur die wêreldtaal Engels verswelg word. Dit bring herstandaardiseerders voor die vraag te staan oor die rol van Nederlands in die instandhouding van die grense tussen Afrikaans en Engels. Hoe kan Afrikaans met ander woorde as aparte taal gehandhaaf word sonder die hulp van Nederlands, wat dekades lank die rol vervul het om Afrikaans teen die oormatige invloed van Engels te beskerm? Herstandaardiseerders sal hierdie saak met omsigtigheid moet hanteer. Daar sal uiteindelik 'n fyn balans gevind moet word tussen die afwys van Nederlandse vorme wat nie aan die meeste sprekers bekend is nie en 'n aanvaarding van Engelse leenvorme wat al baie lank in die omgangstaal voorkom.

### 3.5.2.2 Miskenning van die invloed van Engels op Afrikaans

Die invloed wat Engels op Afrikaans het, is niks nuuts nie. Reeds sedert die begin van Afrikaans se ontwikkeling was Afrikaans in noue kontak met Engels aan die Kaap, waar die Britse koloniale en Nederlandse setlaarsgemeenskap langs mekaar gewoon en gewerk het. Dit was daarom nie vreemd vir Afrikaanssprekendes om Engelse woorde in hulle alledaagse taalgebruik in te voer nie. Hierdie taalkontaksituasie het dus aanleiding gegee tot natuurlike ontlening aan Engels (De Villiers, 1985: 34-35). Suasso de Lima het reeds in 1844 daarop gedui dat daar 'n geneigdheid onder sprekers van Kaaps-Hollands was om van Engels gebruik te maak vir die verlenging van hulle woordeskat (Davids, 2011: 117). In *Die Taalgenoot* van Mei 1932 dui Le Roux (Donaldson, 1991: 65-66) eweneens daarop dat daar 'n tyd in die geskiedenis van Afrikaans was wat baie "opgevoede" Afrikaners dit as deftig beskou het om hulle taal met Engelse woorde te deurspek, soos blyk uit 'n uittreksel uit 'n brief van 'n ene Johanna Brümmer, gedateer 10 Mei 1895 (aangehaal in Deumert, 2004: 266-267):

Van aand gaan ons *practice* by die pastorie – wil jy ni saam gaan ni? Connie Newnham zal dar wees, en dan zal ons net 'n *jolly* aand deurbring. Ik zal so *like* dat jy ver haar ontmoet. Zy is altyd so *bright*, al is dit maar treurig in hulle huis dan lag zy altyd. Ons het di *pledge gesign* om ver Dr. Newnham aan te moedig om ver hom terug te hou van di drank. Ons draag now almal wit *ribbons* want ons behort aan di *association*. Een van di dage gaan ons Dr. Newnham vra om di *pledge* te *sign* en dan kry hy oek 'n *'white ribbon'*.

Voor die amptelike erkenning van Afrikaans naas Engels in 1925, is Engelse woorde vrylik deur Afrikaanssprekendes gebruik en verafrikaans. Engels is in hierdie tyd nie as 'n bedreiging vir Afrikaans beskou nie, maar is aangewend om leemtes in die Afrikaanse woordeskat te vul. (Coetzee, 1982: 282) Hierdie liberale ingesteldheid teenoor die gevolge van taalkontak word in die eerste tweetalige Engels-Afrikaanse woordeboek wat in 1902/1904 gepubliseer is, weerspieël, aangesien dit 'n groot aantal

geassimileerde Engelse leenwoorde bevat (Deumert, 2004: 276).

Die taalverhouding tussen die Britte en die Boere het egter reeds vroeër in die negentiende eeu begin versuur. Die koloniale regering aan die Kaap het tussen 1822 en 1882 probeer om die regsweese, staatsdiens, godsdiens en onderwys te verengels ten einde hulle beheer te bevestig. In teenstelling hiermee is Standaardnederlands amptelik in die Boererepublieke<sup>28</sup> bevorder deur dit byvoorbeeld as onderwysmedium in te span. Na die ontdekking van goud en ander minerale in die Boererepublieke, het spanning tussen Britse imperiale en plaaslike nasionalistiese aspirasies dramaties toegeneem. Dit het aanleiding gegee tot die gewapende konflik wat vandag as die Suid-Afrikaanse Oorlog bekend staan (sien 1.1.1, voetnoot 4). Hierdie oorlog, wat van 1899 tot 1902 geduur het, is uiteindelik deur die Britte gewen. Die oorlog het egter verskillende wit Afrikaanssprekendes verenig, ook dáárdie groepe wat vroeër verskil het oor die mate wat die invloed van Standaardnederlands op Afrikaans aangevoelig moes word. Na die oorlog is Engels regoor Britsbeheerde Suidelike Afrika as die taal van nywerheid, handel en staatsadministrasie ingevoer. Na die Britse sege het die Britse hoofkommissaris, Lord Alfred Milner, ook 'n sterk verengelsingsbeleid in sy nuut verowerde gebiede ingestel. Dit het onder andere behels dat veral wit Afrikaanssprekendes verbied is om Afrikaans in skole te praat. So het die Direkteur van Onderwys in die Transvaal in 1903 verklaar dat hy "oortuig is dat ons geen beter geleentheid het as nou om hulle [lees: Boerekinders – G.O.] volgende jaar almal Engels te maak nie". In die skool het Afrikaanssprekende leerders wat versuim het om Engels met hulle maats te praat 'n "skandeplankie" om die nek gekry waarop "I may not speak Dutch" geskryf was. Die Afrikaners was erg deur hierdie beleid gegrief en hulle het voortgegaan om maniere te vind om hulle taal te bevorder. Die reaksie teen Milner se verengelsingsbeleid het daartoe gelei dat 'n Afrikanerelite na vore getree het wat teen verengelsing baklei het. (Louw, 2004: 44; McCormick, 2006: 99; Nienaber en Heyl, s.a.: i) Die Suid-Afrikaanse Oorlog het in wese die verhouding tussen die Afrikaners en Engelse Suid-Afrikaners verander en het aanleiding gegee tot bittere konflik en verdeeldheid tussen hierdie twee groepe (Deumert, 2004: 277). Gegewe hierdie onderliggende politieke motivering, is dit nie verbasend dat die vermyding van Engelse leenwoorde in die ontwikkelende standaard van Afrikaans nou 'n saak van nasionale trots en Afrikaneridentiteit geword het nie (Deumert, loc. cit.).

Die vrees vir anglicismes het 'n lang geskiedenis in Afrikaans (Van der Waal, 2012: 7). Afrikaners het dikwels sterk gevoelens gehad wanneer dit by hulle taal kom (Donaldson, 1991: 63). Afrikaans is die taal wat geassosieer is met die bevrydingstryd teen Britse oorheersing en was aan die voorpunt van die Afrikaners se stryd om bevryding en gelykheid op ekonomiese en politieke gebied na die Suid-Afrikaanse Oorlog (Donaldson, 1991: 63, 143). Spraakgemeenskappe wat voel dat hulle taal bedreig

<sup>28</sup> Die Republiek van die Oranje Vrijstaat (1854-1902) en die Zuid-Afrikaansche Republiek (1857-1902).

word, is volgens Donaldson (1991: 143) en Roberge (2003: 31) geneig om hulle tot taalpurisme te wend. Dit was ook die geval met Afrikaans:

Die ideaal om Afrikaans as onafhanklike taal naas die wêreldtaal Engels te laat ontwikkel, het 'n puristiese drang laat ontstaan wat gelei het tot talle pogings om die werklikheid van die taalkontak-situasie te ontken en om die invloed van Engels op Afrikaans te minimaliseer of te neutraliseer. (Gouws, 1993a: 51)

Die standaardisering van Afrikaans het 'n doelbewuste poging behels om die taal van anglisismes te reinig, deurdat natuurlike ontlenings aan Engels tot 'n groot mate deur die kontroleproses tydens standaardisering uit die standaardvariëteit van Afrikaans geweier is (De Villiers, 1985: 35; Roberge, loc. cit). Die vyandigheidsindheid tussen Afrikaans- en Engelssprekendes en hulle begeerte om Afrikaans en Engels met verskillende kulture te vereenselwig, het daartoe gelei dat Afrikaanse taalkundiges en leksikograwe 'n poging aangewend het om Afrikaans linguisties te "suiwer". Een van die wyses wat aangewend is om hierdie doel te bereik, is om Afrikaanse ekwivalente vir elke Engelse woord en uitdrukking te skep ten einde die alleengebruik van eg Afrikaanse items te bevorder. (Gouws, 1993a: 62) Gevolglik is Afrikaanssprekendes jare belas met 'n nasionale taalstryd wat dateer uit die negentiende en vroeg twintigste-eeuse Britse imperium wat, selfs tot vandag toe, in die omgang lei tot 'n alomteenwoordige angstigheid oor anglisismes. Die anglisismejag in Afrikaans is dus nie gemotiveer deur taallogika nie, maar deur sosiale en politieke druk. In die vroeëre regulering van Afrikaans was anglisismes 'n onding waarop elkeen met 'n bietjie sosiale mag oordrewe jaggemaak het deur oordele oor "goeie" en "slegte" taal te fel. (Willemse, 2011: 6) So het die instellings betrokke by die taalbeplanning van Afrikaans op alle taalbeplanningsvlakke (status, korpus en prestige) die invloed van Engels op Afrikaans aktief teengestaan (McCormick, 2006: 99). Anti-Engelse ingesteldhede het vanaf die 1930's skerp toegeneem en 'n sterk puristiese taalbeweging het nie net die aandag op die Engelse invloed op die Afrikaanse leksikon en sintaktiese strukture gefokus nie, maar het ook lede van die ontwikkelende Afrikaanse spraakgemeenskap aangemoedig om die gebruik van Engels in alle amptelike en privaat gesprekke te vermy. Terselfdertyd het daar grootskaalse vernederlandsing van Afrikaans plaasgevind deurdat daar op groot skaal aan die Nederlandse norme ontleen is (sien 3.5.2.1). (Deumert, 2004: 274-275) In die stryd teen Engels het Afrikaans dus "dikwels weer sy Nederlandse borswering aangetrek", aldus De Villiers (1985: 38). In 'n artikel uit *Die Huisgenoot* van 1947 stel Le Roux (aangehaal in Donaldson, 1991: 68) dat Nederlands onmisbaar is in die Afrikaanssprekende se stryd teen anglisismes, aangesien Nederlands dikwels die vereiste ekwivalent bied wat nie met die "wese van ons taal" bots nie. Hierdie stelling is 'n aanduiding van die hegte band tussen die vernederlandsing van Afrikaans en die miskenning van die invloed van Engels op Afrikaans.

Wanneer 'n mens dit het oor die "suiwerheid" en "besmetting" van 'n taal, skuil daaragter meestal 'n afkeer van die vreemde nasie wat spruit uit historiese herinneringe of politieke bedoelinge of gevoelig-

hede. Purisme kan dus as teken van 'n groeiende selfbesef en politieke onafhanklikheid gesien word. (De Vooy, aangehaal in Donaldson, 1991: 143) Dit was ook waar vir Afrikaans. Behalwe dat die purisme in Standaardafrikaans ten opsigte van Engels ideologies gemotiveer is deur die anti-Engelse ingesteldheid van Afrikanernasionalisme, moes Afrikaans om amptelike erkenning in 1925 met Engels as kultuurtaal konkurreer (Ponelis, 1998: 66). Dit het aanleiding gegee tot 'n "suiweringsproses" waarmee daar met alle erns in die 1930's begin is (Donaldson, 1991: 70). Van Rensburg (1983b: 137) meen die vurige anglisisme jagtery was 'n simptoem van onsekerheid oor Afrikaans se nuutverworwe status en 'n gebrek aan selfvertroue. Volgens Steyn (1980: 332) lei 'n puristiese ingesteldheid tot taal egter gewoonlik tot soveel reëls en beperkings dat dit die taal styf maak en die sprekers afskrik om dit te gebruik. Weereens was dit ook die geval met Standaardafrikaans. In 1946 maak Kempen (aangehaal in Donaldson, 1991: 71) die stelling dat daar al soveel anglisismes "ontdek" is, dat die gewone Afrikaanse taalgebruiker nie eens meer sy buurman kan groet sonder dat daar 'n anglisisme insluip nie. De Villiers (aangehaal in Donaldson, 1991: 150) maak in 1949 die waarneming in *Die Huisgenoot* dat sprekers soms in 'n poging om die vermeende anglisisme te vermy dikwels 'n ander anglisisme gebruik. Die anglisime jagtery het dus daartoe gelei dat daar 'n anglisimevrees onder Afrikaanssprekendes ontstaan het en dat suiwer taal 'n saak vir die "geleerdes" geword het, omdat dit bo die vuurmaakplek van die sprekers was "wat sy taal maar net van sy ma gekry het", aldus redakteurskommentaar in *Die Huisgenoot* van 1 November 1957 (aangehaal in Donaldson, 1991: 71). Die oordrewe taalpurisme en anglisime jag het dus aanleiding gegee tot 'n al hoe groter wordende gaping tussen die Afrikaanse standaardtaal en die omgangstaal (De Villiers, 1985: 38).

Daar was egter reeds vroeg onder verskeie sprekers van Afrikaans 'n oproep om nie die invloed van Engels op Afrikaans te misken nie. So doen Malherbe (aangehaal in Donaldson, 1991: 83) reeds in 1917 'n dringende beroep teenoor sy taalgenote om nie die Afrikaanse taal se natuurlike ontwikkeling te kniehalter nie:

Laat ons ons skryftaal nie aan bande lê en so vaste grense afbaken waarbuite geen skrywer mag gaan sonder om hom te besondig aan seker wette en reëls wat feilbare mense opgestel het nie. [...] Laat die skryftaal gedra word deur die krag wat vloei uit die lewende omgangstaal. Vir die bouwer aan ons taal, die skrywer, sou 'n mens wil sê: Gaan jou gang onbekommerd, wees gehoorsaam alleen aan die innerlike drang wat die vorm skep waarin jou eie wese geopenbaar word; volg selfs die beste styl nie na nie, tensij navolging beteken deurdringing van die gekose model met eie wesenstrekke, wat dan geen navolging meer sal wees nie. So sal ons vorm die Afrikaanse skryftaal van die toekoms, die draer van ons kultuur, die beeld van ons volksiel!

Pienaar (aangehaal in Donaldson, 1991: 78) maak in 1931 die stelling dat daar weens die tweetalige kultuur in Suid-Afrika 'n massa woorde en uitdrukkings bestaan wat vanuit 'n puristiese oogpunt afgekeur is, maar wat reeds so ingeburger is dat hulle nie meer deur Jan Alleman as anglisismes beskou

word nie. Ook C.J. Langenhoven (aangehaal in Stell, 2008: 33) spreek in 1935 die mening uit dat 'n anglisisme in baie gevalle 'n beter afrikanisme as baie van die nederlandismes kan wees. De Wet (1997: 389-391) kom in sy navorsing oor Afrikaanssprekendes se persepsie van die omgangsvariëteite en standaard van Afrikaans tot 'n paar gevolgtrekkings in verband met Afrikaanssprekendes se persepsie van anglisismes in Afrikaans. Eerstens is daar verskeie leenwoorde en informele Afrikaanse vorme wat bekender en frekwenter as hulle Standaardafrikaanse ekwivalente is. Daar is verder bevind dat die meeste respondente die sogenaamde anglisismes wat deur puriste uit Standaardafrikaans geweier is, dikwels as korrekte Afrikaans beskou. Die meeste van hulle gebruik nooit Standaardafrikaans nie, behalwe in formele kontekste en baie respondente gebruik lank nie meer talle van die Standaardafrikaanse idioome nie. Respondente het hulle sterk teen oordrewe en kunsmatige institusionele standaardisering uitgespreek. Hulle beskou Standaardafrikaans in baie opsigte as te formeel, outyds, onnatuurlik en selfs snobisties en lagwekkend. Standaardafrikaans voldoen dus nie aan sprekers se laer behoeftes nie en gevolglik verkies respondente in die praktyk heelwat Engelse woorde in die Omgangsafrikaans bo "suiwer Afrikaanse" ekwivalente. Respondente het ook weinig beswaar teen direkte maar treffende, beskrywende leenvertalings soos *skopboks*. (De Wet, loc. cit.) Maar tog gaan taalpuriste hardkoppig voort om alles wat net lyk of dit dalk 'n anglisisme is uit Standaardafrikaans te weer. Donaldson (1991: 82) gee 'n lagwekkende (maar tog waar) voorbeeld hiervan: A.N.E. Changuion het reeds in 1844 die gebruik van *een* in uitdrukkings soos *'n mooi een* waargeneem, maar in 1978 het J.P. Botha en J.M.H. van Aardt steeds die gebruik daarvan ontmoedig – 134 jaar later! Dit is maar een voorbeeld van 'n onrealistiese weiering om onmiskenbare taalverandering te aanvaar, bloot omdat die betrokke skrywers dit as anglisisties beskou, ongeag die frekwensie en graad van aanvaarbaarheid wat die verskynsel in die breër spraakgemeenskap geniet (Donaldson, loc. cit.). Die heftige anglisismejagtery het as 't ware die natuurlike ontwikkeling van Afrikaans "doodgedruk". Of soos Msimang (1998: 168) dit so raak stel: "You can always bet on the purist to kill the language."

Volgens Donaldson (1991: 148) is Jan Alleman slegs daartoe in staat om "suiwer" taalgebruik op leksikale vlak te erken, en selfs dan lei dit dikwels tot hiperkorreksie wat veroorsaak dat eg inheemse taalvorme en -strukture, wat per abuis met dié van Engels ooreenstem, vermy word. Of die internasionale komponent van die Afrikaanse woordeskat word vermy as gevolg van die ooreenkoms wat dit met Engels toon. (Donaldson, loc. cit.) Combrink (1986: 58) dui egter daarop dat, net omdat Engels en Afrikaans in sommige gevalle na mekaar lyk, dit hoegenaamd nie sonder meer daaraan toe te skryf is dat Afrikaans die taalvorm aan Engels ontleen het nie. Een van die belangrikste redes vir die ooreenkomste tussen Afrikaans en Engels is dat beide Germaanse tale is met dieselfde basiese woordeskat en hoogs ooreenstemmende grammatikas. (Combrink, loc. cit.) Die norm "anderswees as Engels" het egter daartoe gelei dat 'n groot deel van Afrikaans se gemeenskaplike Germaans-

Romaanse erfgoed as anglisisties afgeskryf is, wat tot onsekerheid en taalverarming by Afrikaanssprekendes gelei het (Coetzee, 1982: 282; Van Rensburg, 1983b: 137; Combrink, 1986: 59). Combrink (1986: 58) dui ook daarop dat dit ondeurdrag is om sonder meer die norm te handhaaf dat Germaanse taalvorme beter is as die Romaanses en gee drie redes waarom Afrikaans nie sonder sy Romaanse erfenis kan klaarkom nie. Eerstens is die Romaans-Afrikaanse taalvorm dikwels die enigste vorm in Afrikaans. Verder is bepaalde Romaans-Afrikaanse vorme en die naaste Germaans-Afrikaanse ekwivalent nie altyd sinonieme nie. Laastens laat Romaans-Afrikaanse woorde dikwels morfologiese afleidings toe wat nie deur die Germaans-Afrikaanse ekwivalente toegelaat word nie. (Combrink, 1986: 57) 'n Leenvertaling is dus dikwels 'n waardevolle toevoeging tot die leksikon van Afrikaans (Gouws, 1993a: 63). Vir Willemse (2011: 6) is anglisismes 'n duidelike teken van taalkontak, "n raakvlak tussen verskillende taalordes, 'n aanduiding van oorbrugging, 'n teken van ontsnapping uit taalisolasië". Anglisismes is 'n weerspieëling van die aard van die sprekers van Afrikaans wat invloede, woorde en frases oorneem, omvorm en daardie oornames hulle eie maak, sodat baie van die sogenaamde anglisismes wesenlik en deeglik Afrikaans is (Willemse, loc. cit.). Baie anglisismes is vandag goed gevestigde leenvorme in die omgangsvariëteite en selfs van die formele domeine van Afrikaans en maak 'n integrale deel van die niestandaardleksikon uit. Ten spyte hiervan is die vrees vir anglisismes onder baie Afrikaanssprekendes nog sterk en word hierdie anti-Engelse purisme hardnekkig volgehou. (Ponelis, 1998: 66; Deumert, 2004: 264; Van der Waal, 2012: 7)

Die anti-anglisistiese ingesteldheid was volgens Donaldson (1991: 74) in die jongste tyd selfs algemener as tevore aangesien Afrikaanssprekendes in die dekades na die amptelike erkenning van die taal geleer is om meer taalbewus te wees as hulle voorgeslagte. Baie mense wat vasklou aan die idee van "goeie" Afrikaans as 'n suiwer taal, is sterk gekant teen die taalgebruik van veral jongmense wat maklik Engelse woorde in hulle spraak invoer. Net so word die kodewisseling wat veral (maar nie uitsluitlik nie) onder bruin Afrikaanssprekendes waargeneem word (veral in Kaapse Vernakulêre Afrikaans), afgewys as 'n onsuiver gebruik van Afrikaans. (Van der Waal, loc. cit.) Sulke sienings oor taalvermening dui egter volgens Van der Waal (loc. cit.) op 'n wanbegrip van die waarde wat hierdie taalvermening vir sprekers inhou; dit is 'n strategie om hulle sosiale gebondenheid tot 'n sosiale orde uit te druk wat nie deur wit nasionalistiese oorwegings verdeel word nie. Donaldson (1991: 70) meen dat Afrikaans nie die invloed van Engels kan ontsnap nie, juis omdat dit as 'n draer van die Afrikaner se kultuur gesien word en die Afrikaner se kultuur tot 'n groot mate verengels is.

Donaldson (1991: 80) wonder hoe lank 'n sogenaamde anglisisme deel van die taalgebruik van sy sprekers moet wees voordat dit aanvaar en amptelik erken word. Hy is van mening dat anglisismes beoordeel moet word op grond van ingeburgerdheid. Die gebruikers van die taal moet met ander woorde die besluitnemers wees en woordeboeke en grammatikas moet ag slaan op die algemene



gebruiksfrekwensie van taalvorme. (Donaldson, 1991: 82) Donaldson (1991: 84) spreek ook die hoop uit dat 'n nuwe taalbedeling in Suid-Afrika sal aanbreek waar normeers soos die Taalkommissie ag slaan op die gebruiksfrekwensie van taalvorme en dat die era wat gekenmerk is deur hardkoppige preskriptiewe praktyke wat nie op die realiteite van die Suid-Afrikaanse situasie gebaseer is nie, iets van die verlede sal word. Ook Ponelis (1998: 66) meen dat 'n "nugterder" benadering tot die invloed van Engels op Standaardafrikaans nodig is:

Dit is inderdaad nodig om die selfstandigheid van Standaardafrikaans te probeer behou. [...] Aan die ander kant is dit onverstandig om lank gevestigde Engelse ontlenings, wat nou onder die naam van Anglisismes bestry word, konsekwent te stigmatiseer. 'n Goeie begin is om van die sogenaamde Anglisismes, soos die volgende, wat tot nog toe as taalfoute gereken is, onvoorwaardelik as korrek te beskou: *Blaffende honde byt nie, 'n kans vat, iets met iemand in gemeen hê, iemand 'n guns doen, op diens wees, met moord wegkom*. Maar vraagstukke soos hierdie kan net in 'n nuwe, wetenskaplik gebaseerde leksikografiese en grammatikale kodifisering van Standaardafrikaans die aandag kry wat hulle vereis.

Volgens Gouws (1993a: 57) mag die leksikografiese en sosiolinguistiese waarde van die opname van Engelse leenwoorde in amptelike standaardiseringsbronne soos die *Afrikaanse woordelys en spelreëls* nooit onderskat word nie. Deur die opname van hierdie leksikale items word erkenning gegee aan die taalkontaksituasie tussen Afrikaans en Engels en word die omvang van die linguistiese en sosiolinguistiese wisselwerking tussen dié twee tale geëkspliseer. Die opname van Engelse leenwoorde in die *Afrikaanse woordelys en spelreëls* geskied enersyds ter erkenning van hulle status in Afrikaans en dui andersyds vir taalgebruikers daarop dat die voortgesette groei en ontwikkeling van Afrikaans afhanklik is van die taal se wisselwerking met die ander Suid-Afrikaanse tale en met Engels in besonder. (Gouws, loc. cit.) Dit maak dus nie sin om "Anglisismes fanaties uit te ruk en te probeer elimineer" nie, aangesien dit taalgebruikers van Afrikaans sal vervreem en rampspoedige gevolge vir Afrikaans sal inhou (Ponelis, in Gouws, 1993a: 59).

Behalwe vir die miskening van die invloed van Engels op Afrikaans, het Afrikaanse taalpurisme nog 'n negatiewe gevolg gehad. Dit het daartoe bygedra om "suiwer" Afrikaans as die nasionale taal van opgevoede wit Afrikaners te vestig. Engels-Afrikaanse kodewisseling is toenemend met bruin sprekers van Afrikaans geassosieer en is binne die Afrikanergemeenskap as 'n teken van lae sosiale status beskou. (Deumert, 2004: 275) Dit blyk byvoorbeeld uit die volgende uitspraak van Le Roux (aangehaal in Donaldson, 1991: 65-66):

Vandag tref ons die mees onsuivere Afrikaans nog maar net by kleurlinge, verengelstes en half-opgevoedes, en helaas! by amptenare. [...] Deur sy bontheid doen sterk gemengde taal net so pynlik aan soos die veelkleurige doek van 'n kaffermeid.

Die bruin en swart bevolking se kodewisselingspraktyke is afgemaak as "gemixte taal" en dit het

verder tot die marginalisering van die bruin en swart sprekers van Afrikaans bygedra (Deumert, 2004: 275-276). Poneis (aangehaal in Donaldson, 1991: 30) dui egter daarop dat Engels vroeër nie 'n houvas op die bruin bevolking aan die Kaap gehad het nie en dat bruin mense 'n paar dekades in die negentiende eeu amper die enigste sprekers van Nederlands in Kaapstad was. In postapartheid Suid-Afrika, waar kontak tussen mense en sodoende ook tussen verskillende tale makliker is, is daar egter 'n groter mate van toleransie ten opsigte van ontlening te bespeur. Daar word nou besef dat die invloed van verskillende tale die bestaande uitdrukkingsmoontlikhede uitbrei en tot die verryking van die taal bydra. Negatiewe houdings jeens taalvorme wat die gevolg van taalkontak is, het stelselmatig begin verander. (Van Rensburg, 1999: 88) Tog is hierdie veranderde houdings nog nie altyd na behore in amptelike standaardiseringsbronne te bespeur nie.

Die noue taalkontaksituasie waarin Afrikaans en Engels in Suid-Afrika verkeer, konfronteer (her)standaardiseerders met die vraag tot watter mate die invloed van Engels op Afrikaans in die standaard erken moet word en taalgrense in stand gehou moet word. Met ander woorde, waar hou Afrikaans op en begin Engels? Hierdie taalkontaksituasie, soos weerspieël in die toenemende Afrikaans-Engelse kodewisseling in veral stedelike Wes-Kaapse Afrikaans en Noord-Kaapse Afrikaans, asook die groot-skaalse vermenging van Afrikaans en Engels in Kaapse Vernakulêre Afrikaans (Stell, 2012), is volgens Stell (2012) die primêre uitdaging vir Afrikaanse taalbeplanners wat hulle met die herstandaardisering van Afrikaans bemoei. En dit is nie 'n nuwe of unieke uitdaging nie. Van die eerste Afrikaanse standaardiseerders het ook met hierdie vraag te kampe gehad, maar wel ten opsigte van die onderskeid tussen Afrikaans en Nederlands (vgl. hoofstuk 4). Stell (2012) dui ook daarop dat taalbeplanners van talle “onlangse” Europese nasies met dieselfde vraag ten opsigte van taalgrense worstel (vgl. die Serwo-Kroatiese taalsituasie, 3.4.7). Dit is daarom belangrik dat herstandaardiseerders ook hierdie kwessie met omsigtigheid moet oorweeg, maar nie moet toelaat dat hierdie anglisismevrees hulle verhoed om hoegenaamd met die vraag van taalgrense te worstel en sodoende die verryking van die Afrikaans deur Engels te verhoed deur Afrikaans in 'n kunsmatige Nederlandse vorm te dwing nie (sien 3.5.2.1).

### **3.5.2.3 Miskenning van ander variëteite van Afrikaans**

Volgens Van Rensburg (1992: 185) is een van die belangrikste redes vir die verdeling in die Afrikaanse spraakgemeenskap die verdeling van Afrikaanssprekendes in verskillende bevolkingsgroepe in die politieke bestel voor 1994. Alhoewel McLachlan (2011: 3) daarop dui dat die dryfveer agter die aanvanklike ontwikkeling van Standaardafrikaans die handhawing van Afrikaans/Hollands teen Engels was en dat die rasgedreweheid van die ontwikkeling van Afrikaans dus eerder gemik was teen die “Britse ras”, is dit “onteenseglik so dat die standaardisering van Afrikaans, en die gevolg-

like ontwikkeling van Afrikaans tot 'n volwaardige kultuurtaal [...] gedryf is deur Afrikanernasionalisme" (McLachlan, 2011: 1). S.J. du Toit, die leier van die Eerste Taalbeweging, het tussen drie variëteite van Afrikaans onderskei wat onderskeidelik deur die sogenaamde Here, (wit) Boere en "Hottentotte" gepraat is (Alexander, 2009a: 4, 2011: 5). Ten spyte van die feit dat 'n Nederlandse grammatikus, Hubertus Elffers, in 1900 opgemerk het dat die beste verteenwoordigers van Kaaps-Hollands (d.i. Afrikaans) te vinde is onder die Maleise gemeenskap van die Kaapse Skiereiland en die "Bastards" [sic.] wat op die Duitse sendingstasie gebore is en grootgeword het, het Du Toit dit duidelik gemaak dat hy hom in sy baanbrekende literêre werke doelbewus aan die taal van die Boere gehou het. Dertig jaar later het C.J. Langenhoven na Afrikaans verwys as "die enigste witmanstaal wat nie onmiddellik oor die see kom nie". 'n Ander voorvegter vir Afrikaans, J.H.H. de Waal, het ook na Afrikaans verwys as "de taal van de Afrikaander". Dit is dus onbetwisbaar so dat die standaard van die begin af reeds doelbewus 'n rassekwessie gemaak is en dat hierdie Afrikaans inderdaad 'n witmanstaal was, soos wat baie Afrikanernasionaliste in die daaropvolgende jare trots sou verkondig. (Giliomee, 2004: 320; Alexander, loc. cit.; Davids, 2011: 86-87; McLachlan, 2011: 4; Nienaber en Heyl, s.a.2: 3) Die ortografie is dus, in die woorde van Johnson (2005: 7), aangewend om etniese identiteite van die Self en die Ander te konstrueer. Hierdie stap het nie net die sprekers van ander variëteite van Afrikaans op 'n etniese grondslag gemarginaliseer nie, maar ook bepaalde negatiewe sosiale, opvoedkundige en ekonomiese gevolge vir hierdie sprekers ingehou (Van de Rhee, 2011: 7).

Taalbeplanning in Suid-Afrika is voor 1994 daardeur gekenmerk dat lede van een groep, naamlik veral wit Afrikaanssprekende Suid-Afrikaners, die politieke mag gemonopoliseer het en daarom bepaal het dat hulle kulturele waardes en simbole, soos hulle taal, ook die nasionale simbole sal wees (Cluver, 1992: 105). So is Afrikaans in sy gestandaardiseerde formaliteit volgens Willemsse (2011: 9) die gevolg van die uitoefening van sosiale en selfs koërsiewe mag. Die sosiale stratifikasie van die taalgemeenskap het 'n bepalende rol by die vaslegging van die standaardtaalbasis van Afrikaans gespeel en die taalvorme van diegene wat sosio-ekonomies beter daaraan toe was, is deur die standaardisering bevoordeel (Kotzé, 2009: 4; 2010a: 162). Die variëteit wat as basis vir die standaardisering van Afrikaans gekies is, is meestal deur wit sprekers gepraat wat in die destydse provinsies van Transvaal en die Oranje-Vrystaat gewoon het (McCormick, 2006: 92). Van Rensburg (1992: 189) meen dat hierdie variëteit, genaamd Oosgrensafrikaans<sup>29</sup>, wat die basis vir huidige Standaardafrikaans gevorm het<sup>30</sup>, nie afrikanisering as kenmerk het nie, aangesien dit slegs 'n "wit" taal is. Deelname aan die

<sup>29</sup> Sien 2.3.2, voetnoot 9, vir 'n definisie van Oosgrensafrikaans.

<sup>30</sup> In 'n meer onlangse studie deur Heinrich Grebe (2010), bevraagteken hy of Standaardafrikaans wel op Oosgrensafrikaans gebaseer is. Grebe, in navolging van Le Roux, meen dat die variëteitsverskille in vroeë Afrikaans eerder sosiaal as geografies bepaal is (Grebe, 2010: 199) en daarom meen hy dat dit heel moontlik is dat Standaardafrikaans kon groei uit 'n betreklik algemene, maar veranderlike, omgangstaal wat in die destydse Trekboergebiede van die Overberg tot aan die grens van die Kaapkolonie in die ooste, asook in die gebiede ten

besluitnemingsprosesse rakende Afrikaans is beperk tot die taal van wit Afrikaanssprekendes en hulle kulturele liggame. Dit het blykbaar nie by hulle opgekom dat Afrikaans ook uit verskeie ander variëteite bestaan nie, en dat die sprekers van Oosgrensafrikaans hoofsaaklik wit was, terwyl die sprekers van die ander variëteite nie wit was nie en oor geen politieke mag beskik het nie. (Van Rensburg, 1999: 81) Afrikaans is dus in sy wit, middelklasvariëteit gestandaardiseer en apartheid is voorgehou as noodsaaklikheid vir die voortbestaan van die Afrikaanse taal en kultuur (Giliomee, 2005: 279; Van der Waal, 2009: 2).

Deur Afrikaans as “wit” taal toe te eien, het Afrikaanssprekende intellektuele (kerkleiers, opvoedkundiges, kulturele leiers, taalkundiges), wat aangedryf is deur Afrikanernasionalisme, geleidelik die vorm, funksies en gebruike van Afrikaans bepaal en die kommunikasiegedrag van sprekers beheer. Dit is veral deur die werk van die Taalkommissie van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns gedoen, wat hierin bygestaan is deur Afrikaanse onderwysers, die ontwikkeling van skoolsyllabus en -handboeke, die bepaling van wat as geskikte taalvaardigheid geld deur middel van eksaminering, en die Afrikaanse media. Selfs taalkundiges het hiertoe bygedra deurdat hulle Afrikaans as “Europese” taal gedefinieer het, dit as legitieme studiegebied verklaar het, grammatikas daarvoor opgestel het, tegniese terminologie ontwikkel het, en woordeboeke saamgestel het. Sodoende het wit sprekers van Afrikaans beheer gekry oor besluite oor wat as “aanvaarbare”, toelaatbare en gesaghebbende Afrikaans (Standaardafrikaans) geld, en die taal se politieke mag gevestig met die samewerking van Afrikaanse kerke, kultuurliggame soos die ATKV en FAK, en die Afrikaans gedomineerde politieke partye. (Webb, 2010b: 109) En so is (Standaard)Afrikaans gebruik om apartheid te vergestalt. Afrikaans is nou verbind met Afrikanernasionalisme en politieke mag en daardeur is verhoudings van oorheersing en verdeling deur Standaardafrikaans gehandhaaf. (Pokpas, 1991: 24) Die ontwikkeling van Standaardafrikaans was dus ’n politieke projek wat nou verbind was met die konstruksie van wat Anderson (1983) “imagined communities” noem (sien 3.4.3), dit is die konstruksie van ’n verbeelde politieke, rasgebaseerde, kulturele en taalgemeenskap (Van der Waal, 2012: 3).

Die verskeidenheid wat Afrikaans sedert sy ontstaan getoon het, is om sosiopolitieke redes uit die beskouing van Afrikaans gedefinieer, sodat Afrikaans as voertuig van wit nasionalisme gemitologiseer is (Du Plessis, 2001: 70). Variante taalvorme wat van hierdie standaardvorme verskil het, is in die proses gestigmatiseer deurdat kenmerke van ander variëteite as niestandaardvorme uit die taal-

---

weste van Kaapstad gepraat is (Grebe, 2010: 200). In so ’n geval sal dit sins insiens beter wees om ’n benaming soos Burgerafrikaans te gebruik om hierdie variëteit te identifiseer (Grebe, 2010: 199). Hy opper ook verdere vrae oor die verhouding van Kaapse Vernakulêre Afrikaans tot Standaardafrikaans, maar bied geen antwoorde hierop nie (sien Grebe, 2010: 207). Vir die doel van hierdie studie is die benaming en klassifikasie van verskillende variëteite van Afrikaans egter nie soseer van belang nie. Ek deel soos baie ander taalkundiges, waaronder byvoorbeeld Ponelis en Van Rensburg, die mening dat ’n spesifieke sprekersgroep van Afrikaans, naamlik bruin sprekers van Afrikaans, by die standaardisering van Afrikaans uitgesluit is.

gebruik van normerende instansies, soos die radiowese, gedrukte media en regsweese, geweer is (Kotzé, 2009: 4; 2010a: 162). So is daar in die woordeskat van Kaaps-Maleise Afrikaans aansienlik gebruik gemaak van leksikale items wat direk van die Maleis-Polinesiese slawetale oorgeneem is. Hierdie leksikale items was reeds sterk ingebed in die gesproke Afrikaans van die negentiende eeuse Kaapse Moslemgemeenskap. (Davids, 1994: 42) Standaardafrikaans is egter van baie van sy “slawewoorde” “gereinig” en van sy “Kleurlingskap” “gesuiwer” en baie Maleis-Polinesiese leksikale items is tydens standaardisering vernederlands. Baie van hierdie Maleis-Polinesiese leksikale items bestaan egter nog in die leksikon van Kaapse Moslemafrikaans. Standaardafrikaans is egter so vernederlands, dat dit vir baie van die sprekers van Kaapse Moslemafrikaans byna ’n vreemde taal is. (Pokpas, 1991: 24; Davids, 1994: 44-45) Deur die politisering van rasseverskille het bogenoemde stap ook bygedra tot diskriminasie op taalgronde. Die apartheidsbeleid het nie net rasse van mekaar geïsoleer nie, maar rasgekoppelde variëteite van dieselfde taal is ook as skeidingsmaatstaf aangewend. (Kotzé, 2009: 4; 2010a: 162-163) Die Suid-Afrikaanse Oorlog het die teenstelling tussen wit en bruin Afrikaanssprekendes so verskerp dat dié twee verskillende Afrikaanse gemeenskappe nie onmiddellik ná die oorlog hulle kragte kon saamsnoer nie. Die bruin mense in die Kaapkolonie was verstaanbaar polities pro-Brits, aangesien hierdie owerheid aan hulle politieke regte toegestaan het wat in die Boererepublieke met hulle klein bruin bevolkings ongehoord was. Aan die ander kant was die Afrikaners ongetwyfeld sterk anti-Brits, wat ’n duidelike politieke botsing tussen die twee Afrikaanssprekende gemeenskappe tot gevolg gehad het. (Steyn, 2001: 144) Sosiolinguistiese en ideologiese oorwegings het dus tot gevolg gehad dat sosiolektiese en dialektiese vorme van Afrikaans ’n ondergeskikte posisie in die standaardisering van Afrikaans ingeneem het (Stander en Jenkinson, 1992: 30). So is Kaapse Vernakulêre Afrikaans vir die grootste deel van sy bestaan “geminag en uitgerangeer, dus gestigmatiseer en gemarginaliseer”, deurdat dit in die standaardisering van Afrikaans bewus omseil en grootliks in taalkundige beskrywing en Afrikaansonderrig geïgnoreer is, aldus Hendricks (2012: 6). Die werklikheid van die Afrikaanse taalgemeenskap was, en is tot ’n groot mate steeds, dat ’n taalmeerderheid deur ’n taalminderheid gedomineer is/word (Van Keymeulen, 2010: 140).

Die groot invloed wat die eensydige standaardisering van Afrikaans op die taal gehad het, word soos volg deur Du Preez (aangehaal in De Wet, 1997: 148) verwoord:

Van die begin af het ons gesê: Maar dis nie óns Afrikaans nie [...] ons het besluit om te sê: Wie is hierdie outjies wat die reëls oor ons taal maak? Al hierdie jare was dit middeljarige Broederbond-manne met grys skoene, aangestel deur die Akademie, wat vir ons gesê het hoe om te spel, hoe om te praat en hoe om te skryf [...]. Nie net het dit ’n geweldige kloof tussen skrywers en gebruikers van die taal gebring nie, maar ook ’n weersin.

Dit is dus duidelik dat standaardisering ’n prys het, naamlik die moontlike vervreemding van variëteitsprekers (Ponelis, 1987: 10). Hierdie marginaliseringsaksie het egter nie alleen die stigmatisering van

die verskillende variëteite van Afrikaans in die hand gewerk nie, maar ook tot gevolg gehad dat die variëteite dikwels deur hulle eie sprekers as mindere Afrikaans aangevoel is/word (Hendricks, 2012: 6). So dui Le Cordeur (2010: 5) daarop dat baie bruin Afrikaanssprekendes “steeds soos bywoners in hul eie taal voel”. Dié prys van standaardisering is veral hoog dáár waar die standaardtaal geskoei word op ’n variëteit wat deur ’n eksklusiewe groep sprekers as moedertaal gepraat word, terwyl dit grootliks van die taal van ander variëteitsprekers verskil. Dit is daarom van kardinale belang dat daar ’n organiese band tussen Standaardafrikaans en die ander variëteite van Afrikaans bly bestaan. ( Ponelis, 1998: 69)

Wanneer diglossie so ver gaan dat die organiese band tussen die Standaardafrikaans en ander variëteite van Afrikaans vernietig word, kan dit die spraakgemeenskap tot só ’n mate van Standaardafrikaans vervreem, dat hulle ophou om Standaardafrikaans te gebruik en selfs so ver gaan om Engels as kultuurtaal te gebruik. Die vervreemding van variëteitsprekers lei ook dikwels tot stigmatisering van die sprekers en hulle besondere variëteit. Hierdie stigmatisering kan ramspoedige gevolge vir ’n taal hê. So het die stigmatisering van Kaapse Vernakulêre Afrikaans, wat verder op die spits gedryf is deur apartheid, grootliks bygedra tot die verengelsing van sprekers van hierdie variëteit. (Ponelis, 1987: 10; Ponelis, 1998: 69) Karaan (2009: 1) dui byvoorbeeld daarop dat die Moslemgemeenskap in die Kaap op ’n daaglikse basis Afrikaans gepraat het, maar polities bewuste Moslems het al hoe meer wegbeweeg van die taal as gevolg van die rol wat Afrikaans in die apartheidbedeling gespeel het. Sodoende is Moslem Afrikaanssprekendes van Afrikaans vervreem en dit het ook daartoe bygedra dat die grootste deel van die Moslemgemeenskap vandag onbewus is van die rol wat hulle voorvaders in die totstandkoming van Afrikaans gespeel het. (Karaan, loc. cit.) Na die veranderinge wat na 1994 in Suid-Afrika plaasgevind het, het baie lede van die Afrikaanssprekende Moslemgemeenskap aan die Kaap na Engels oorgeskakel omdat dit volgens Karaan (2009: 2) “die vinnigste manier was om aan te dui dat daar ’n verandering in die land was”. So het ’n opname wat deur Scheffer (in Ponelis, 1992: 77; 1993: 58; 1994: 115) in die Kaapse Skiereiland gedoen is, aangetoon dat byna die helfte van die bruin Afrikaanssprekende ouers in sy steekproef Engels as onderrigtaal verkies. 25% van die oudste kinders van Afrikaanssprekende ouers is ook Engelsprekend. Die Universiteit van Wes-Kaapland, die histories “kleurling” universiteit, gebruik oorwegend Engels as voertaal, terwyl die meerderheid van die studente wat daar studeer eintlik Afrikaanssprekendes is. (Ponelis, 1992: 77; 1994: 115) Urua (2002: 27) merk in verband met die Bantoetale op dat ouers dikwels só ’n gebrek aan taaltrots het, dat hulle hulle kinders eerder in ander tale as hulle moedertaal laat skoolgaan, ten spyte van die feit dat daar reeds keer op keer bewys is dat dit makliker en beter vir ’n kind is indien hy/sy in sy/haar moedertaal onderrig word. Dieselfde geld waarskynlik vir sommige bruin Afrikaanssprekendes. Adendorf (2010a: 17) meen dat dit vandag nie gaan om ’n gebrek aan taaltrots by bruin Afrikaanssprekendes nie, maar eerder oor die gebrek aan ruimte vir

bruin sprekers in debatte oor die toekoms van Afrikaans. Hy plaas die blaam op die skouers van “die taalkolonialiste wat dit [Afrikaans] sedert 1875 gesteel en die bruin mense stelselmatig van hul eie taal en identiteit vervreem het” (Adendorf, loc. cit.). Adendorf (loc. cit.) bepleit daarom die bevryding van Afrikaans “sodat ’n beter bedeling vir Afrikaans beding kan word, in ’n proses wat vry is van die regse aanhangsels van die taal”. Gerwel (aangehaal in Giliomee, 2005: 279) som bruin en swart Afrikaanssprekendes se ingesteldheid teenoor Afrikaans met die volgende woorde op:

Duisende van hulle sal in Afrikaans sterf, maar dit is twyfelagtig of enigeen *vir* Afrikaans sal sterf.

Die bruin Afrikaanse skrywer en digter, Clinton V. du Plessis, stel dit in ’n sterk bewoorde artikel selfs nog feller:

[W]aarom moet ons voortgaan om te klop aan die toe deure, waarom moet ons vir Die Taal baklei as daar fokol vir ons is?

Ek het tot dié slotsom gekom: Kom ons loop weg van Afrikaans en kyk nie ’n oomblik terug nie. En as die taal op Stellenbosch en verder moet sterwe, dan moet dit maar so wees.

Dames en here, ek het nooit gedink die dag sal kom nie, maar die dood van Afrikaans raak my koue klere nie.

(Du Plessis, 2010a; 2010b: 17)

Dit het dus duidelik geword dat bruin Afrikaanssprekendes slegs entoesiasies oor Afrikaans gemaak kan word indien die taal as bemagtigingstaal vir al die sprekers kan dien en indien dit in diens van iets groters as bloot ’n historiese oorlewingstryd teen Engelse oorheersing staan (Giliomee, loc. cit.), want:

Vir talle sprekers dra Afrikaans in sy standaardvariëteit onteenseglik die tekens van uitsluiting en kersiewe mag. Dit is ’n taal waarmee talle sprekers [...] van Afrikaans min of geen assosiasie het nie.

(Willemse, 2011: 10)

Daarom is Willemse (loc. cit.) van mening dat Afrikaanssprekendes, veral in die aangesig van ’n veranderde sosiopolitieke situasie waar Afrikaans nie meer wesenlik is vir sosiale mobiliteit nie, ernstig sal moet besin oor die wyse waarop die toekoms van Afrikaans hanteer word.

Die vervreemdende effek wat Standaardafrikaans op baie variëteitsprekers van Afrikaans het, het ook nog ’n ander ernstiger kant. Standaardafrikaans voldoen net aan die helfte van sy sprekers se behoeftes op onderwysgebied, aldus Van Rensburg (1992: 187). Die verskille tussen Standaardafrikaans en die sogenaamde Afrikavariëteite<sup>31</sup> van Afrikaans het veral daartoe gelei dat ’n groot groep Afrikaanssprekende leerders agterkom dat hulle ’n ander “taal” moet aanleer, waaraan hulle taalvaardigheid onder andere gemeet word, wanneer hulle na ’n Afrikaanse skool gaan. (Van Rensburg, 1992: 187). Davids (aangehaal in Webb, 2010a: 205) beskryf hierdie marginaliserende

---

<sup>31</sup> Wanneer Van Rensburg dit oor die Afrikavariëteite van Afrikaans het, bedoel hy hiermee onder andere Kaapse Afrikaans en Oranjerivierafrikaans, wat hy teenoor Oosgrensafrikaans stel waarop Standaardafrikaans, volgens hom, grootliks gebaseer is (Van Rensburg, 1991: 22; sien ook 2.3.2, voetnoot 9, vir ’n definisie van Oosgrensafrikaans).

uitwerking van Standaardafrikaans op sprekers van ander variëteite van Afrikaans soos volg:

As a 'coloured' female and speaker of the Afrikaans language, I [...] investigate(d) how adult learners cope with the demands of standard Afrikaans in the classroom, while they mostly engage in the colloquial form of Afrikaans in every day life. Based on my own observation, a great number of learners that I attended school with developed (a) distaste for all school subjects, and this resulted in a high failure rate. I believe that the reason for this may be attributed to the linguistic confusion between the written and spoken dialects of Afrikaans in the classroom, and the colloquial dialect that we speak at home.

Daar kan, in die woorde van Bamgbose (2000: 16), na die variëteitsprekers van Afrikaans as die "magteloses" verwys word, aangesien kinders nie deur middel van hulle moedertaalvariëteit onderrig in die skool ontvang nie. Dit kan daartoe lei dat hulle sukkel om in die skoolomgewing aan te pas, wat 'n negatiewe invloed op hulle kognitiewe en affektiewe ontwikkeling kan hê. Volwassenes word ook dikwels by hoër domeine uitgesluit indien hulle nie die standaard behoorlik kan beheers nie. (Batibo, 2005: 115) Webb (1996: 182) waarsku dat 'n mens nie die sosiopsigologiese gevolge verbonde aan die dwang om op skool 'n variëteit te gebruik wat struktureel en affektief van jou moedertaalvariëteit verskil, moet onderskat nie. Hierdie sosiopsigologiese gevolge sluit dinge in soos taalonsekerheid, 'n gebrek aan selfvertroue, lae selfbeeld, en uiteindelijke skolastiese mislukking (Webb, loc. cit.).

Webb (2000: 65-66) identifiseer verskeie probleme wat moontlik 'n direkte uitwerking op kinders se skolastiese prestasie kan hê in gemeenskappe waar die omgangstaal tot 'n groot mate van Standaardafrikaans verskil. Eerstens kan dit vir hulle moeilik wees om vinnig te leer lees. Verder kan hulle moontlik nie daartoe in staat wees om hulle gedagtes, gevoelens en wense effektief in die skoolopset uit te druk nie. Die kloof tussen die leerder se omgangsvariëteit en die standaardtaal en die botsende norme tussen hierdie twee variëteite kan aanleiding gee tot taalonsekerheid wat weer kan veroorsaak dat hierdie leerders nie aan klasgesprekke wil deelneem nie en dus die geleentheid verbeur om hulle taalvaardigheid te ontwikkel. Hierdie leerlinge kan ook slagoffers van die spraakgemeenskap en onderwysers se afbrekende gesindheid teenoor niestandaardtaalsprekers word. Hulle kan die slagoffers van pedagoë word wat meen dat sprekers van niestandaardvariëteite kognitief en kultureel verarm is en dat hulle eintlik in spesiale remediërende onderrigprogramme geplaas moet word. Laastens kan hulle ook die slagoffers van IK-toetse of taalvaardigheidstoetse word wat op Standaardafrikaans gebaseer is. (Webb, loc. cit.) Southwood en Van Dulm (2009: 3) dui byvoorbeeld in 'n studie daarop dat al die taaltoetse wat ontwikkel is vir gebruik met Afrikaanssprekende kinders<sup>32</sup>, asook Afrikaanse vertalings van Amerikaanse en Britse taaltoetse, nie vir sprekers van Kaapse

<sup>32</sup> Hierdie taaltoetse is die volgende: *Toets vir Mondelinge Taalproduksie* (Vorster, 1980), *Afrikaanse Semantiese Taalevalueringsmedium* (Pretorius, 1989) en *Afrikaanse Reseptiewe Woordeskattoets* (Buitendag, 1994) (Southwood en Van Dulm, 2009: 3).



Vernakulêre Afrikaans ontwikkel is nie en ook nie op sprekers van Kaapse Vernakulêre Afrikaans gestandaardiseer is nie, wat meebring dat tipies ontwikkelende kindersprekers van Kaapse Vernakulêre Afrikaans verkeerdlik as afwykend gediagnoseer word wanneer hierdie toetse met hulle uitgevoer word. Selfs 'n taaltoets wat veronderstel is om dialekneutraal en kultuurtoepaslik vir Afrikaanssprekendes te wees<sup>33</sup>, diagnoseer hierdie kinders verkeerdlik as taalgestremd (Soutwood en Van Dulm, 2009: 9). De Villiers (1985: 107) dui daarop dat 'n groot gedeelte van hierdie kinders vir die res van hulle lewe, ten spyte van onderrig in die standaardvariëteit, steeds gepenaliseer word vir hierdie onvermoë om die standaard suksesvol te hanteer.

Standaardafrikaans is binne die Afrikaanse spraakgemeenskap aangewend om die hegemonie van wit moedertaalsprekers van Afrikaans te help onderhou deur middel van wat Myers-Scotton (1990: 25) "elite-uitsluiting" (*elite closure*) noem. Dit verwys na die geneigdheid van die sosiopolitieke elite om die massas uit te sluit by effektiewe deelname in ekonomiese en politieke arenas deur sekere taalvoorwaardes daar te stel. (Chick en Wade, 1997: 272) Elite-uitsluiting is 'n strategie waardeur diegene wat in magsposisies is hulle magte en voorregte onderhou deur middel van taalkeuses en deur verandering te keer. Dit word op twee maniere gedoen: (a) hulle kan hulleself linguisties van die massas afsonder deur middel van taalvariëteite wat bekend is aan die elite, en (b) hulle kan amptelike taalbeleide en nie-amptelike gebruikstoedelings ondersteun wat 'n spesifieke taalvariëteit, wat tot 'n groot mate slegs aan die elite bekend is, aanwys as noodsaaklik vir deelname in situasies wat mag aan die gebruiker van hierdie variëteit sal verskaf. (Myers-Scotton, loc. cit.) Elite-uitsluiting word dus gebruik om diegene wat nie die dominante taalvariëteit magtig is nie by magsposisies in die spraakgemeenskap uit te sluit. Elite-uitsluiting is volgens Myers-Scotton (1990: 27) ook 'n manier om grense in stand te hou deurdit die taalgebruik van die elite institutionaliseer, óf deur middel van amptelike beleide, óf deur informele gebruiksnorme, ten einde toegang tot sosio-ekonomiese mobiliteit en politieke mag te beperk tot diegene wat oor die vereiste taalvariëteit beskik.

Die Afrikaanse spraakgemeenskap is sedert die standaardisering van Afrikaans tot 'n mate gekenmerk deur swak elite-uitsluiting (*weak elite closure*). Swak elite-uitsluiting vind plaas wanneer die taalvariëteite van al die lede van die spraakgemeenskap nie heeltemal dieselfde is as die elitevariëteit nie, maar toegang tot die elitevariëteit aan almal beskikbaar is deur formele onderrig. (Myers-Scotton, loc. cit.) As gevolg van die vernederlandsing en de-anglisering van Afrikaans, het daar 'n diglossiese situasie binne die taal ontstaan, sodat Standaardafrikaans in werklikheid nie meer enige iemand se moedertaalvariëteit is nie. Die standaard moet dus deur almal aangeleer word. Maar omdat wit Afrikaanssprekendes tot 1994, en selfs tot 'n groot mate daarna, beter opvoedingsgeleenthede as

<sup>33</sup> Dit is die Afrikaanse weergawe van die *Diagnostic Evaluation of Language Variation* (Southwood en Van Dulm, 2009).

hulle bruin eweknieë gehad het, kon die wit Afrikaanssprekendes toegang tot die elitevariëteit en gevolglik die sosio-ekonomiese voordele en politieke mag kry, terwyl bruin sprekers van Afrikaans hierby uitgesluit is. In die Afrikaanse spraakgemeenskap is 'n hoë vaardigheidsvlak in Standaardafrikaans byvoorbeeld as vereiste gestel vir toegang tot onder andere universiteite en beroepe soos die onderwys, uitsaaiwese, regsweese en staatsdiens (Chick en Wade, loc. cit.). Dit is 'n duidelike illustrasie daarvan dat die moontlikheid om die taal te gebruik waarin 'n mens die vaardigste is, bemagtigend is, terwyl dit ontmagtigend is indien 'n mens nie daardie taalvorm kan gebruik nie (Alexander, 2009b: 3). Dit is duidelik dat diglossie die geneigdheid tot elite-uitsluiting en sodoende die instandhouding van ongelykhede versterk, aangesien diegene wat die elitevariëteit goed kan beheers daartoe in staat is om 'n effektiewe aandeel te lewer tot gesaghebbende openbare ruimtes en maklik toegang tot opvoedkundige en ekonomiese geleenthede en sosiale dienste kan kry (Chick en Wade, 1997: 274). So is elite-uitsluiting dus gebruik vir die sosiale mobilisering van wit Afrikaanssprekendes (Myers-Scotton, 1990: 40). Die taal is nie net bereël deur daardie deel van die spraakgemeenskap wat sosiaal, polities en ekonomies dominant is nie, maar hierdie magsuitoefening is as vanselfsprekend en "natuurlik" ervaar. Die amptelik-versweë vorme van Afrikaans het egter bly voortbestaan, want taal laat dit nie kunsmatig beperk nie. (Willemse, 2011: 7)

Volgens Steyn (1980: 264), en soos reeds in 'n vorige hoofstuk aangedui (sien 2.3.8), het toonaangewende Afrikaanssprekendes hulle reeds aan die einde van die negentiende eeu uitgespreek oor die verwydering tussen wit en bruin Afrikaanssprekendes. Die politieke onrus wat Suid-Afrika vanaf die 1970's ondervind het, het die weg gebaan vir nuwe demokratiese beskouings van Standaardafrikaans en 'n paar jaar na die Soweto-opstande het daar 'n hernude besef onder wit en bruin akademici begin posvat dat daar iets omtrent die politisering van Afrikaans gedoen moet word (Pieterse, 1994: 97; Stell, 2009: 2). In die 1980's is die dominante posisie van die standaardvariëteit deur sprekers van ander variëteite van Afrikaans, maar ook tweede- en derdetaalsprekers van Afrikaans, uitgedaag (McCormick, 2006: 92). Daar was oproepe om Afrikaans aanvaarbaarder onder onderdrukte sprekers te maak (McCormick, 2006: 104). Dit is ook opnuut voorgestel dat die standaardtaal nie as die alleenbesit van 'n klein talige elite beskryf moes word nie, maar eerder as 'n sosiale en geografiese inklusiewe norm van algemene gebruik (Stell, loc. cit.). Daarom bepleit Joubert (aangehaal in Pieterse, 1994: 97) 'n derde taalbeweging in Afrikaans:

Die Afrikaanse taal kan en moet in die proses van politieke verandering 'n strategiese instrument wees; dit kan geen politieke prioriteit wees nie. [...] Ons het 'n derde taalbeweging nodiger as ooit.

Van Rensburg (1992: 190) meen dat die verskille tussen Standaardafrikaans, met sy duidelik herkenbare Europese wortels, en die ander variëteite van Afrikaans onnodig groot is. Hierdie kloof tussen die twee groepe Afrikaanssprekendes word egter nie kleiner nie, maar is eerder besig om groter te word, aldus Van Rensburg (1992: 186). Die val van Apartheid en die instelling van 'n nuwe demokratiese

bestel in Suid-Afrika, vereis egter volgens Van de Rhee (2011: 7) “dat sulke taalonregte in Afrikaans reggestel moet word en dat Afrikaanssprekendes ’n nuwe en inklusiewe beeld vir Afrikaans moet begin bou”.

Die skrif is aan die muur vir Standaardafrikaans wat al die jare vasgespin was in ’n kokon van eksklusiwiteit, aldus Rittles (1994: 51). Volgens Van Schalkwyk (2011: 9) kort daar “van Standaardafrikaans se kant af [...] ’n gesindheidsverandering sodat Afrikaans, Afrikaans kan word in sy volle omvang”. Van Rensburg (1992: 189) is van mening dat enigiets wat nie sigbare tekens toon dat Afrika daarin ’n rol gespeel het nie, nie ’n oorlewingskans het nie. Dit is daarom belangrik dat die toekomstige Afrikaans waarmee Afrikaanssprekendes hulleself gaan identifiseer ook meer kenmerke van Afrika moet toon. Die Taalkommissie van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns en ander vroeëre vormgewende instansies wat ideologiese mag uitgeoefen het, soos koerante, die kerk en die onderwys, het volgens Willemse (2011: 5) meegewerk tot die verswyging van feitlik alle ander vorme van Afrikaans. Hoewel sosiolinguïste navorsing gedoen het oor ander variëteite van Afrikaans<sup>34</sup>, het weinig van hulle werk uiteindelik sinvolle beslag gekry in die instrumente en instansies wat verantwoordelik was vir die amptelike erkenning van Afrikaans, hetsy in woordeboeke, die onderwysstelsel of die media (Willemse, 2011: 8). Hierdie eensydige fokus op die rol van wit Afrikaanssprekendes in die bevordering van Afrikaans en die doelbewuste miskening van veral bruin sprekers van Afrikaans het aan Afrikaans ’n onvolledige beeld gegee wat ontbreek aan veelkantigheid en dit het nie net die taal ideologies geskaad nie, maar ook as kommunikasiemedium (Rittles, 1994: 142; Willemse, 2011: 3). Die bevooroordeeldheid teenoor die omgangsvariëteite van Afrikaans en die negatiewe persepsies onder diegene wat die bestaande standaard handhaaf, en selfs onder sprekers van die omgangstaal self, dat dié variëteite onbeskaafd en minderwaardig is, moet gevolglik oorkom word (Van de Rhee, 2011: 3). Adendorf (2010c: 17) is van mening dat daar slegs hoop vir Afrikaans is indien wit Afrikaanssprekendes besef dat die taal se toekoms in nierassigheid geleë is. Daarom meen Rittles (loc. cit.) dat “[d]ie ideologiese (apartheids-) arm waarop Afrikaans in die verlede gesteun het, [...] geamputeer [sal] moet word om voorsiening te maak vir die spraakgemeenskaplikheid van Afrikaans”. Afrikaans behoort aan almal wat Afrikaans praat, veral aan sy moedertaalsprekers (Alexander, 2009a: 7; 2011: 7). Algemeen Beskaafde of Standaardafrikaans behoort wel aan die Afrikaner, veral aan die Afrikaner-nasionaliste; hulle het Standaardafrikaans as ’n doelbewus ras-eksklusiewe manier van praat, skryf, voel, dink en kommunikeer geskep (Alexander, loc. cit.). Maar soos Alexander (loc. cit.) dit stel: Hulle kan dit maar hou!

---

<sup>34</sup> Sien 5.3.3.4

Vir Van Schalkwyk (2011: 9) is dit ondenkbaar om van Afrikaans te praat sonder om die ryke variëteit-verskeidenheid van Afrikaans daarby in te sluit, en daarom is hy van mening dat die variëteite van Afrikaans oral en altyd ingesluit behoort te word en nêrens 'n buitestander moet wees nie. Die motivering vir die herstandaardisering van Afrikaans is juis geleë in die persepsie dat die huidige standaard nie die taalgebruik van 'n groot deel van die Afrikaanse spraakgemeenskap weerspieël nie en dat dit bygedra het tot die negatiewe sosiale betekenis wat die standaard vir baie moedertaal- en tweedetaalsprekers van Afrikaans inhou (Wade, 1996: 42). Willemse (2009a: 3) meen dat, alhoewel die meerderheid van die eerstetaalsprekers van Afrikaans bruin is, hulle plek in die debatte oor die toekoms van Afrikaans gemanipuleer en selfs totaal geïgnoreer word deurdat hulle plek in die Afrikaanse spraakgemeenskap onderbeklemtoon word. Ook Adendorf (2010b: 15) meen dat bruin Afrikaanssprekendes betrek moet word by die soeke na oplossings vir die Afrikaanse taalprobleem, terwyl Van de Rhee (2011: 7) meen dat die demokratisering van Afrikaans geprioritiseer moet word sodat alle Afrikaanssprekendes met vrymoedigheid daaraan sal deelneem. Rittles (1994: 40) is van mening dat daar na 'n alternatiewe vorm van Afrikaans gesoek moet word wat al die variëteite van Afrikaans kan akkommodeer aangesien sommige omgangsvariëteite gestigmatiseer en tot substandaard gedegradeer is, terwyl die standaardvariëteit van Afrikaans terselfdertyd verabsoluteer is. Aangesien die besef nog nie by almal posgevat het dat ander variëteite van Afrikaans 'n volwaardige rol vervul in die lewens en ontwikkeling van hulle sprekers nie, bly die speelveld ongelyk en behoort die gelykstelling van die verskillende variëteite prioriteit te wees vir almal wat belang het by die bevordering en handhawing van Afrikaans in 'n demokratiese samelewing, aldus Van de Rhee (2011: 9). Daarom meen Du Plessis (1988: 30) dat Afrikaans as die totaliteit van alle moontlike vorme van Afrikaans beskou moet word, en maak die volgende oproep ten opsigte van Afrikaans:

Kom ons maak Afrikaans dus 'n bietjie los, 'n bietjie wyer – rol hom uit soos 'n klomp deeg.

Hierdie taalgaping wat as gevolg van onaanvaarbare redes te breed geword het, kan vernou word deur meer van die kenmerke van die ander variëteite van Afrikaans by die standaard in te sluit en sodoende die basis van Standaardafrikaans te verbreed (Van Rensburg, 1991: 24; 1992: 190). Standaardafrikaans moet dus ruimte maak “vir die rykheid van Afrikaanse dialekte” (Pokpas, 1991: 24). Ook Rittles (1994: 143) stel dit as vereiste vir die behoud en bevordering van Afrikaans dat 'n nuwe standaard vir Afrikaans geskep moet word waarin alle variëteite van die taal geakkommodeer word sodat die negatiewe ideologiese beeld van Afrikaans gerehabiliteer kan word. Stander en Jenkinson (1992: 34) meen dat 'n beskrywing van die variasie in Afrikaans belangrik is in die herstandaardisering van Afrikaans en dat Afrikaans op 'n breër variasiebasis gestandaardiseer moet word as wat tans die geval is. Nuwe maniere moet bedink word om die konsep van standaardisering te verbreed ten einde plek te maak vir variasie, sonder om die hele idee van 'n taalvorm vir wyer kommunikasie of die gebruik van 'n tipe ooreengekome begrip prys te gee (Schiffman, 1998: 368). Swanepoel (1995b:

48) en Van de Rhee (2011: 3) sluit hierby aan wanneer hulle meen dat hierdie al hoe groter wordende kloof tussen die standaard en die omgangsvariëteite van Afrikaans oorbrug kan word deur meer omgangsvorme in Standaardafrikaans in te voer, deur bestaande en nuwe wisselvorme en uitdrukkings as volwaardige Afrikaans te aanvaar, en deur die amptelike erkenning van hierdie vorme in woordeboeke en spelreëls. Taalkreatiwiteit moet aangemoedig word deur taalnormering eerder daarop te rig om die verskillende variëteite van Afrikaans vir die hele spraakgemeenskap toeganklik te maak as om dit eenvormig te maak (Van de Rhee, 2011: 7). Dit gaan egter nie om die afskaf van die standaard nie, maar om die verskeie variëteite van Afrikaans nader aan mekaar te bring (Swanepoel, loc. cit.). Of soos Swanepoel (loc. cit.) dit stel:

Bemagtiging deur die mens se moedertaal lê nie in die afskaf van enige van sy variëteite nie, maar juis daarin dat jy al hierdie uitdrukkingsmiddele tot jou beskikking het om in elke soort diskoers die fynste van denke en emosionele belewenisse tot woorde te kan maak.

Daar moet dus meer verruimend en spraakgemeenskaplik met die taal omgegaan word (Rittles, 1994: 145).

Vir Alexander (2008: 32) impliseer hierdie verruiming van Afrikaans dat ons taal vir sekere funksies as 'n proses sal hanteer en vir ander funksies as 'n (tydelike) stabiele kategorie. Indien dit nie so hanteer word nie, is ons eintlik net besig om die dominansie en hegemonie van die gevestigde standaardvariëteit verder te versterk (Alexander, loc. cit.). Alexander (loc. cit.) verduidelik die praktiese implikasies van hierdie benadering tot die standaardtaal soos volg:

What is essential, in my view, is to be non-prescriptive even when a standard form of the particular language is deemed essential. If, for example, a draft law [...] has to be written, depending on the target audience [...], the drafters ought to be able and willing to “let in” terms or phrases that might not be “standard” but are an accepted and understood element of the respective register. Or, to put it differently: the continuum between street and standard versions has to be used creatively in order to enhance the utility of the particular communication for all concerned. No standard is, or ought to be, rigidly stable. The range of flexibility is precisely what ought to be contested in the ideological struggles around the language issue. These are unavoidable political, indeed usually class, struggles.

Dit gaan dus, in die woorde van Makoni (2003: 148), oor die “disinvention” van die standaard, waar die standaard gerekonstrueer word sodat dit groter ooreenstemming met werklike linguistiese grense toon; die besef dat tale, veral standaardtale, sosiale konstruksie is wat gedekonstrueer en heropgebou kan word. Dit impliseer dat 'n groter mate van vryheid binne Afrikaanse taalnormeringstrukture oorweeg moet word (Van de Rhee, 2011: 4). Só 'n benadering tot die standaard hou verskeie moontlike voordele in. Onderwysprobleme vir moedertaalsprekers van die gemarginaliseerde variëteite van Afrikaans sal onder andere opgelos word indien die Europeesheid van die standaard 'n bietjie getemper word en aanvullings tot die standaard gemaak word uit die ander variëteite van Afrikaans, aldus Van Rensburg (1991: 20; 1992: 188). Dit is verder 'n praktiese illustrasie van die feit dat die

ander variëteite van Afrikaans onlosmaaklik deel is van Afrikaans (Van Rensburg, 1992: 192). Maar meer nog: dit “is noodsaaklik indien ons die oorlewing of voortbestaan van Afrikaans wil verseker” (Adendorf, 2010b: 15).

Wanneer Willemse (2009a: 3-4) oor die toekoms van Afrikaanssprekendes besin, kom hy tot die gevolgtrekking dat die toekoms van Afrikaans die werklike betrokkenheid van alle sprekers van Afrikaans by sy ontwikkeling behels. Van Keymeulen (2010: 151) is ook van mening dat die totstandbring van ’n gesamentlike aanvaarding van ’n nuwe norm belangrik vir die voortbestaan van Afrikaans blyk te wees. Dit beteken dat daadwerklike pogings om Afrikaans te laat gedy oor alle sosiale en etniese grense sal moet strek en dat Afrikaans se toekoms in Suid-Afrika medebepaal gaan word deur die sosiaal-ekonomiese verskuiwings, die politieke keuses en vereniging van bruin en swart sprekers van Afrikaans (Willemse, loc. cit.). Rittles (1994: 145) verwoord die toekoms van Afrikaans soos volg:

’n Renaissance sal in Afrikaans moet plaasvind om hierdie verpligtinge te laat realiseer. Indien dit ’n nuwe taalbeweging sou impliseer waarbinne daar gestreef word om Afrikaans as simboliese taal van alle Suid-Afrikaners, ongeag ras of kleur, te vestig, dan is dit imperatief.

Koopman (2009: 2) vat hierdie “Renaissance” saam as ’n transformasie wat ten opsigte van Afrikaans moet plaasvind. Wanneer Koopman (loc. cit.) dit oor “Transformerende Afrikaans” het, bedoel hy daarmee dat Afrikaans, sy sprekers en instansies getransformeer moet word ten einde die wêreld waarin hy funksioneer te transformeer. Verder moet Afrikaans se inhoud ook vernuwe word sodat dit ’n nuwe werklikheid kan voortbring. Dit kan gedoen word deur “[n]uwe bevrydende, versoenende en brugbouende woordeskatte” te ontwikkel. Dan moet daar ook transformierend oor die sprekers van Afrikaans gedink word. Afrikaans se diversiteit van sprekers moet erken word deurdat daar nie ’n “kleur” aan die taal toegedig word nie. Al die variëteite van Afrikaans moet erkenning geniet en die idee dat vorme wat van die standaard afwyk minderwaardig en minder gekultiveerd is, moet laat vaar word. (Koopman, loc. cit.) Hiermee bepleit Koopman (loc. cit.) nie dat daar geen norme in Afrikaans moet bestaan nie, maar dat hierdie norme bloot ruimte moet laat vir die verskillende gebruiksvorme van Afrikaans. Titus (2009: 1) sluit in reaksie op Koopman by sy gedagtes aan wanneer hy bepleit dat Afrikaans vir al sy sprekers aantreklik gemaak moet word. Hy meen verder dat daar vernuwend met Afrikaans in sy volle diversiteit van veral bruin sprekers, Moslems en ’n beduidende aantal swart sprekers van Afrikaans gewerk moet word (Titus, loc. cit.). Afrikaans is die taal van almal wat dit praat en deesdae is die meerderheid moedertaalsprekers van Afrikaans bruin (Hugo, 2009b: 2). Indien die beskouing bevestig wil word dat Afrikaans as taal grootliks by bruin sprekers ontstaan het, is dit belangrik dat hierdie feit nie slegs deur wit sprekers nie, maar veral ook aan die bruin sprekers bekend gemaak moet word deur ’n “taalverhaal” te skep wat die aanvaarding van Afrikaans sal bevorder (Van Keymeulen, 2010: 149).

Verder kan daar ook op die gebied van mikro-seleksie van die taalnorm iets gedoen word sodat bruin Afrikaanssprekendes meer tuis in Standaardafrikaans kan voel (Van Keymeulen, 2010: 149-150). So moet standaardiseerders soos leksikografe byvoorbeeld daarvan oortuig word om woorde soos *trammakassie* en *sjoekran* as lemmas en sinonieme vir *dankie* in hulle woordeboeke op te neem.<sup>35</sup> Totdat dit nie gebeur nie, sal ander variëteite van Afrikaans onvermydelik beperk bly tot die gebied van die volkse en die eksotiese, met ander woorde dit sal niks meer as 'n beleefde, paternalistiese en politieke korrekte kniebuiging voor die onvermydelike verandering wees nie. (Alexander, 2009a: 5) Hierdie veranderinge in die korpus sal beïnvloed word deur die veranderde sosiale omstandighede waarin mense wat nie Standaardafrikaans gebruik nie, maar nietemin steeds moedertaalsprekers van Afrikaans is, 'n toename in sosio-ekonomiese status ondervind (Alexander, 2000: 170). Namate die bruin sprekers tot op dieselfde ekonomiese vlak as die wit sprekers styg, sal 'n gemeenskaplike Afrikaanse standaard tot stand kan kom. In die beginfase van hierdie proses sal "politieke korrektheid" waarskynlik onvermydelik wees, totdat die standaardtaal wesenlik saam deur alle Afrikaanssprekendes gedra kan word. (Van Keymeulen, 2010: 150) Maar aangesien Afrikaans nie noodwendig deur internasionale standaarde van skrif en spraak gevorm word nie, kan daar aangeneem word dat veranderinge in die morfologie, sintaksis, leksikon en fonologie van dit wat uiteindelik as Standaardafrikaans bekend sal staan, onvermydelik is (Alexander, 2000: 170).

As praktiese toepassing hiervan, noem Adendorf (2010b: 15) die verruiming van die betekenis van woorde. As voorbeeld noem hy die woord *duidelik* wat in die Kaapse variëteit ook verwys na iets wat mooi, goed of lekker is. Verdere voorbeelde sluit in "Hoe ruk die ding?" in plaas van die standaard "Hoe gaan dit?" of om te sê iemand is "potte toe" wanneer jy bedoel dat hy oorlede is. Die erkenning van hierdie Afrikaanse vorme wat deur bruin sprekers gebesig word, sal die taal oopgooi vir dié gemeenskap wat toenemend van Afrikaans vervreem word. (Adendorf, loc. cit.). Die linguïstiese en kulturele verryking wat hieruit sal voortvloei, sal dit dus vir Afrikaans moontlik maak om weer 'n instrument vir unifikasie en sosiokulturele toenadering te wees, aldus Alexander (2009a: 5). Daar sal egter eers op 'n ander vlak as bloot die vlak van taal 'n paar ongelykhede tussen bruin en wit Afrikaanssprekendes uitgewis moet word (Van Keymeulen, 2010: 150). Hoe dit ook al sy, pogings om hierdie ander variëteite van Afrikaans by die standaard te inkorporeer, sal veroorsaak dat daar nie meer so 'n ondeurdringbare en vervreemdende muur tussen omgangsvariëteite en die standaard sal wees soos wat lank reeds, en tans steeds, die geval is nie (Alexander, 2009a: 6). So is daar meer onlangs by 'n beraad wat deur swart Afrikaanssprekendes op 17 April 2010 op die kampus van die Universiteit van Wes-Kaapland in Belville gehou is, ooreengekom dat Afrikaans vanweë die feit dat dit deur verskillende rasse en kulture gepraat word die ideale taal is waardeur versoening, nierassigheid, toe-

---

<sup>35</sup> Albei hierdie vorme is wel in die *Afrikaanse woordelys en spelreëls* van 2009 opgeneem.

ganklikheid en diversiteit bereik kan word (Adendorf, 2010c: 17). “Daardeur sal Afrikaans”, in die woorde van Van Schalkwyk (2011: 9), “aansienlik versterk word en dit sal ’n konstruktiewe bydrae tot beter onderlinge verhoudinge tussen alle Afrikaanssprekendes kan lewer”. Maar, soos duidelik uit die voorafgaande blyk, vereis ’n dergelike onderneming die samewerking van alle Afrikaanssprekendes:

Hierdie proses moet hoop gee aan almal wat die taal praat en daarvoor lief is. Dit vra dat Afrikaanssprekendes oor kleurgrense heen die hande na mekaar uitreik en die taal red deur saam te werk, saam te dink en saam te stry vir die taal van hul hart. (Adendorf, loc. cit.)

By die insluiting van al die variëteite by Afrikaans het elke spreker van hierdie variëteite dus ’n verantwoordelikheid en ’n bydrae te lewer (Van Schalkwyk, loc. cit.).

Alhoewel die bruin Afrikaanssprekende gemeenskap sedert 1994 tot ’n groot mate verengels het, het die politieke emansipasie sedert 1994 daartoe gelei dat hierdie sprekers begin het om hulle taalregte op te eis (Van Keymeulen, 2010: 151). Karaan, wat programbestuurder en -aanbieder by die radiostasie The Voice of the Cape is, het in Januarie 2008 ’n meningspeiling onderneem waarin 53,2% van die respondente aangedui het dat hulle verkies dat ’n semiformele Afrikaans oor die radio gepraat word, 29,1% was van mening dat ’n informele Kaapse Vlakte-Afrikaans oor die radio gepraat moet word, terwyl 17,7% slegs formele Afrikaans oor die radio wou hoor. In Februarie 2008 is ’n informele meningsopname oor die radio gedoen om vas te stel of luisteraars tevrede is met die radiostasie se taalvoorkeure. Volgens die inbellers het hulle oor die afgelope vyftien jaar onbewus meer Engels begin praat, maar amper 80% van die luisteraars het die wens uitgespreek om 20% meer Afrikaans oor die radio te hoor. Terselfdertyd is daar ook ’n aanlyn meningspeiling gedoen waarin bevind is dat 54,4% van die luisteraars tevrede is met die taalvoorkeur, 36,8% graag wou sien dat die Afrikaanse komponent van die radiostasie verhoog word, en slegs 8,8% geen Afrikaans oor die radio wou hoor nie. Hierdie studie het gevolg op ’n vorige een wat ses maande vantevore onderneem is waarin 89,3% van die respondente die idee ondersteun het om Afrikaans met bruin sprekers se eie unieke Kaapse kleur terug te eis. (Karaan, 2009: 2) Volgens Karaan (2009: 3) kan die veranderinge wat oor die afgelope vyftien jaar onder luisteraars ten opsigte van Afrikaans waargeneem is, tot ’n groot mate toegeskryf word aan ’n nuwe gemaklikheid wat daar in die Moslemgemeenskap oor hulle plek in Suid-Afrika is. Karaan (loc. cit.) is van mening dat die diversiteit in Suid-Afrika mense laat ontspan en dit ’n groot rol speel in die nuwe waardering wat daar vir Afrikaans is. Hierdie opinie word volgens haar deur ’n onlangse aanlynmeningspeiling ondersteun waarin 64% van die luisteraars saamgestem het oor die nuwe “gemaklikheid”, wat sy soos volg verwoord:

Dit sê vir my dat die Kaapse Moslem-gemeenskap het so te sê kom rustig raak in sy eie vel oor Afrikaans. Dit is nou makliker om te aanvaar dat Afrikaans by ons voorvaders begin het. [...] Vir ’n groot deel van ons gemeenskap word dit makliker om te aanvaar en trots te wees – sonder enige skuldgevoelens oor die rol van Afrikaans in die apartheidstryd - oor Afrikaans wat in die kombuis ontstaan het



as 'n mengelmoes van die Maleiertaal en Nederlands. (Karaan, loc. cit.)

'n Nuwe, inklusiewe Afrikaans sal selfs tot 'n groter “gemaklikheid” onder al die sprekers lei.

### 3.5.3 Is daar reeds sprake van herstandaardisering in Afrikaans?

Soos reeds aangedui (sien 3.2.2), is Standaardafrikaans stadig maar seker besig om destandaardisering te ondergaan. Die vraag is nou egter: Indien daar destandaardisering binne Afrikaans plaasvind, is daar nie reeds sprake van 'n herstandaardiseringsproses binne Afrikaans nie? Volgens Kotzé (2009: 5; 2010a: 166) kan sekere veranderinge binne Standaardafrikaans waargeneem word wat saamhang met nuwe sosiale verhoudings in die gemeenskap, soos die erkenning van items wat as neologismes of vroeëre omgangs- of niestandaardvorme beskou is en groter uitspraakvariasie by sprekers wanneer standaardtaal paslik is. Kotzé (2009: 6; 2010a: 166) dui egter daarop dat standaardisering 'n voortdurende proses in lewende tale is, en dat, wat Afrikaans betref, “die basis van die standaardtaal verbreed is om 'n groter spektrum van belangegroeppe in die taalgemeenskap te verteenwoordig, waardeur die standaardleksikon enigermate uitgebrei is en daar groter variasie binne die standaarduitspraak voorkom”. Hierdie veranderinge wat in Standaardafrikaans plaasgevind het, is eerder blyke van 'n buigsame standaard wat met die verloop van tyd verander, aangesien dit redelik oppervlakkig is. Dit is dus duidelik dat standaardisering in Afrikaans steeds voortgaan, sonder dat daar sprake van herstandaardisering is, aldus Kotzé (2009: 6). Kotzé (2009: 6; 2010a: 166) erken verder dat die omgangstaal toenemend afwyk van Standaardafrikaans. Daarom kan hierdie veranderinge nie as 'n teken van die herstandaardisering van Afrikaans gesien word nie, aangesien dit slegs tot 'n baie klein mate aan die vereistes vir herstandaardisering gehoor gee.

### 3.5.4 Herstandaardiseringsvoorstelle vir Afrikaans

Alhoewel herstandaardisering 'n baie vrugbare besprekingspunt in die Afrikaanse sociolinguistiek is, is konkrete herstandaardiseringsvoorstelle maar skaars. Van Rensburg (1991, 1992) was die eerste persoon wat definitiewe stappe voorgestel het vir wat hy 'n “Nuwe Afrikaans” noem. Sy voorstelle kan as 't ware as die basis gesien word waarop daaropvolgende navorsers óf hulle voorstelle gebaseer het, óf waarteenoor hulle hulle voorstelle uiteengesit het. So stel De Wet (1997) sy voorstel vir “Aktuele Afrikaans” baie eksplisiet teenoor dié van Van Rensburg. En dit is waar die konkrete herstandaardiseringsvoorstelle vir Afrikaans stop. Webb (1998: 190), wat skerp kritiek uitspreek teen Van Rensburg se herstandaardiseringsvoorstel, meen herstandaardisering sal eerder suksesvol wees indien die basis waarop Afrikaans gestandaardiseer is, verander/vervang word (normvervanging) deur byvoorbeeld Kaapse Afrikaans as basis te gebruik, maar dan slegs as uitvloeisel van redelik radikale

sosiale en ekonomiese transformasie. Ponelis (1998: 68) meen ook dat die variëteitbasis van Standaardafrikaans verander kan word deur Standaardafrikaans byvoorbeeld op grond van die suidwestelike (Kaapse) variëteite te herstandaardiseer. Die “verkaapsing” van Standaardafrikaans, soos Ponelis (loc. cit.) dit noem, het die voordeel dat die nuwe standaard vir ’n groot aantal taalgebruikers toegankliker gemaak sal word. Hierdie voorstel het egter nog nooit ’n konkrete vorm aangeneem nie, aangesien dit ook groot nadele het. Aan die een kant sal dit maar net weer een groep sprekers van Afrikaans bevoordeel terwyl gebruikers van ander variëteite van die standaard vervreem word. Verder ontbreek die suidweste volgens Ponelis (loc. cit.) ook aan geld en stukrag om ’n heel nuwe standaardtaal by die hele Afrikaanse spraakgemeenskap te laat ingang vind. Hendricks (2012: 6) dui daarop dat die vervanging van die huidige standaard met Kaapse Vernakulêre Afrikaans as nuwe standaardiseringsbasis as historiese regstellingsaksie waarskynlik meer politiek-korrek is as om die huidige standaard te verbreed deur dit met ander variëteite aan te vul. Maar hierdie opsie sou syns insiens waarskynlik te radikaal wees en die potensiaal hê “om Afrikaans as geheeltaal te laat inplof” (Hendricks, loc. cit.). Daarom is die meeste voorstelle ten opsigte van die herstandaardisering van Afrikaans gemoeid met die verbreding van die standaard ter insluit van alle variëteite van Afrikaans.<sup>36</sup> Hoewel hy herstandaardisering meer in terme van ’n natuurlike ontwikkelingsproses beskou, betrek ek ook Willemse (2009) wat die herstandaardisering van Afrikaans as ’n onvermydelike proses van “kreolisering” sien. Van Rensburg (1991, 1992), De Wet (1997) en Willemse (2009) se herstandaardiseringsvoorstelle sal vervolgens uiteengesit en krities bespreek word.

#### **3.5.4.1 Van Rensburg (1991, 1992) se “Nuwe Afrikaans”**

Van Rensburg (1991, 1992) bepleit ’n Afrika-Afrikaans; ’n nuut genormeerde Afrikaans wat aan die behoeftes van al die Afrikaanssprekendes in Suid-Afrika sal voldoen, wat ’n nuwe beeld van Afrikaans sal bou en uiteindelik ’n saambindende funksie vir die sprekers van Afrikaans kan vervul (1991: 14). Die kern van Van Rensburg se voorstel is dat die Nuwe Afrikaans wat hy voorstel nie drasties van die huidige standaard hoef te verskil nie (Van Rensburg, 1991: 14), maar dat die bestaande basis van Standaardafrikaans verbreed moet word deur kenmerke van die Afrikavariëteite<sup>37</sup> in sy gestandaardiseerde vorm op te neem sodat moedertaalsprekers nie so maklik foute kan maak en ontuis voel in hulle eie taal nie (Van Rensburg, 1991: 24; 1992: 190). Hierdie aanpassings moet volgens Van Rensburg (1991: 25; 1992: 191) deur ’n verteenwoordigende komitee of kommissie ná indringende navorsing gemaak word. Met verteenwoordigend bedoel hy dat lede van die onderskeie variëteitgroepe van Afrikaans betrek moet word (Van Rensburg, 1991: 25). Van Rensburg (1991: 26; 1992:

<sup>36</sup> Let daarop dat daar hierdie studie ook van hierdie benadering uitgegaan word (Vgl. 1.1.2, voetnoot 5).

<sup>37</sup> Sien 3.5.2.3, voetnoot 30.

192) maak 'n paar voorstelle vir taalverskynsels wat volgens hom as wisselvorme in Standaard-afrikaans erken moet word:

- Die adjektiefvariante sonder *-e* aan die einde, byvoorbeeld “'n lelik kind”.
- Die teenwoordigheid van die *-e* by die besittlike voornaamwoord *ons*, byvoorbeeld “onse mense”.
- Die gebruik van die vorm *het* naas *hê*, byvoorbeeld “ons wil die kind terughet”.
- Die gebruik van die vorm *is* naas *wees*, byvoorbeeld “dis lekker om 'n Matie te is”.
- Variasie ten opsigte van die infinitiefkonstruksie, byvoorbeeld “om te werk soek”, “om te die mense af te raai”, en “probeer om sy kaart regkry”.
- “Swak” verlede deelwoorde, byvoorbeeld *gehet* naas *gehad*, *gedwingde* naas *gedwonge*, en *gedryfde* naas *gedrewe*.

Ander strukturele voorstelle wat deur Van Rensburg (1991: 26-27; 1992: 193) gemaak word, is soos volg:

- Die skrap van die konjunktiewe skryfwyse van Afrikaans wat in die praktyk nie deur Afrikaanssprekendes gevolg word nie.
- Die skrap van komplekse spelreëls soos die bereëling van deeltkeengebruik.
- Die vasklou aan Nederlandse spelkonvensies met betrekking tot die *ei* en *y* en die *v* en *f*.

Van Rensburg se voorstel vir die herstandaardisering van Afrikaans behels strukturele veranderinge aan die standaard wat 'n respons is op veranderinge in die samelewing, te wete die veranderde verhouding tussen die twee moedertaalsprekersgroepe (d.i. bruin en wit Afrikaanssprekendes) (Wade, 1996: 42). Volgens Wade (loc. cit.) is die waarde van herstandaardisering vir Van Rensburg geleë in die vermoë van hierdie proses om die probleem te hanteer wat Afrikaans ten opsigte van sosiale betekenis ondervind deur die standaard te depolitiseer en 'n nuwe beeld vir Afrikaans te skep. Johl (2002: 174) meen ook die belangrikste voordeel van Van Rensburg se voorstel vir die herstandaardisering van Afrikaans, is die depolitisering van die standaard en 'n nuwe beeld wat ten opsigte van Afrikaans in die geheel geskep word. Nog 'n voordeel is dat geleenthede vir Niestandaardafrikaanssprekende leerders geskep word wat op die oomblik van Afrikaans vervreem voel omdat hulle taal as minderwaardig tot die standaard geag word (Johl, loc. cit.).

Alhoewel Webb (1992: 453) toegee dat Van Rensburg se voorstel vir die herstandaardisering van Afrikaans teoreties 'n aantreklike voorstel is, trek hy die implementering van hierdie voorstel in twyfel. Webb (loc. cit.) se grootste punt van kritiek is dat hierdie voorstel die effektiwiteit van eksterne taal-lygame as hulpmiddels om verandering te bewerkstellig oorskakel en dat dit nie die natuurlike sosio-linguistiese verhouding tussen taal en die gemeenskap volledig in oorweging bring nie; dit is, dat taal-

verandering nie daartoe in staat is om sosiale verandering teweeg te bring nie. Daarom meen Webb (1998: 191) dat taalbeplanning as sodanig waarskynlik slegs fasiliterend kan wees, “dit wil sê die bestaande werklikhede op bane plaas waarop hulle in ’n mate reeds is”. Vir Wade (1996: 43) is Webb se kritiek ’n noodsaaklike waarskuwing teen taalmanipulasie wat, gegewe Suid-Afrika se ervaring van die apartheidseïnspireerde sosiale manipulasie, heel waarskynlik sal veroorsaak dat baie Suid-Afrikaners hierdie tipe manipulasie as verdag sal beskou en dit sal teenstaan. Johl (2002: 174) staan ook krities teenoor die bo-na-onder<sup>38</sup> benadering tot taalbeplanning wat Van Rensburg se herstandaardiseringsvoorstel kenmerk. Bruthiaux (2006: 44) waarsku dat herstandaardiseringspogings wat bloot beperkte, meestal leksikale veranderinge behels, nie ’n praktiese uitwerking sal hê nie maar slegs simboliese waarde. Johl (loc. cit.) meen ook dat hierdie hervorming wat die bestaande standaard van Afrikaans beïnvloed en hoofsaaklik die verbreding van die standaard se grense deur die insluiting van elemente vanuit niestandaardvariëteite behels, oppervlakkig en beperk is, aangesien dit nie die status en afgesonderdheid van die niestandaardvariëteite beïnvloed nie. Dit is uiteindelik hoofsaaklik Standaardafrikaans wat uit hierdie tipe herstandaardisering voordeel sal trek, aangesien die sosiale betekenis van die taal heel moontlik sal verander deurdat dit nie meer as ’n rassistiese “witmanstaal” gestigmatiseer sal word nie (Johl, loc. cit.).

Ek stem saam dat die demokratiserende aard van Van Rensburg se herstandaardiseringsvoorstel van groot waarde is. Sy voorstel dien as praktiese illustrasie hoe ander taalvorme by die standaard geïnkorporeer kan word ten einde dit relevanter en toegankliker vir alle taalgebruikers van Afrikaans te maak. Ek stem egter ook saam met die kritiek dat Van Rensburg se voorstel alleen nie voldoende is nie. Herstandaardisering moet myns insiens nie net op korpusbeplanningsvlak onderneem word nie, maar ook op status- en prestigebeplanningsvlak, anders het dit weinig kans op sukses en bly die herstandaardiseringspogings in die woorde van Bruthiaux (2006: 44) maar beperk en simbolies van aard. Ek verskil wel van Webb (1992: 453) wat meen dat hierdie voorstel van Van Rensburg nie uitvoerbaar is nie en dat dit die invloed van taalbeplanners oorskat. Die blote feit dat daar vandag so iets soos Standaardafrikaans bestaan wat so ’n belangrike rol speel, ongeag die feit dat dit nie meer werklik die taalgebruik van die spraakgemeenskap weerspieël nie, is ’n aanduiding dat taalbeplanners wél ’n belangrike rol in herstandaardisering te speel het. Ek erken wel dat taabeplanners nie in isolasie kan werk nie en dat die volledige spraakgemeenskap by die herstandaardiseringsproses betrek moet word. Maar om te beweer dat taalbeplanners geen rol te speel het nie, is myns insiens ’n miskenning daarvan dat daar hoegenaamd iets soos standaardtale bestaan.

---

<sup>38</sup> Sien 3.6.3 vir ’n omskrywing van bo-na-onder taalbeplanning.

### 3.5.4.2 De Wet (1997) se “Aktuele Afrikaans”

De Wet, wat sy voorstel vir die herstandaardisering van Afrikaans teenoor dié van Van Rensburg uiteensit<sup>39</sup>, stel ’n “Aktuele Afrikaans” voor wat neerkom op ’n nuwe “standaard” wat gevorm word op grond van hoe Afrikaans in die werklikheid gebruik word. Dit behels dat dáárdie taalvorme tot die standaard gereken word wat die frekwentste in die praktyk deur die sprekers verkies en gebruik word. (De Wet, 1997: 144) Hierdie standaardisering op grond van gebruiksfrekwensie moet gebaseer wees op navorsing en informele opnames en moenie net ’n verbreding van die standaardtaalbasis wees nie, maar geleidelik ’n nuwe norm skep (De Wet, 1997: 246-247). De Wet (1997: 145) se benadering berus op die beginsel dat Afrikaans nie in ’n vorm gegiet kan word nie, maar dat dit spontaan moet ontwikkel. Dit impliseer ’n geleidelike standaardiseringsproses met minimum institusionele inmenging, met ander woorde dat Afrikaans vanself moet standaardiseer op grond van menslike interaksie in ’n demokratiese samelewing (De Wet, 1997: 245). Die tradisioneel normerende liggame moet eerder op kontrolering, beskrywing en aantekening fokus as om ’n normerende liggaam te wees (De Wet, 1997: 246, 398).

De Wet (1997: 150) stel vier beginsels voor waarvolgens die nuwe norme vir Afrikaans saamgestel moet word, naamlik akkommodering, verteenwoordigendheid, vindingrykheid en depolitisering. Akkommodering behels dat daar afgesien word van streng taalpurisme ten gunste van die opname van werklike, lewende taalgebruik. Verteenwoordigendheid vereis dat alle sprekers van Afrikaans moet deel hê aan die besluitnemingsproses oor wat as “standaard” beskou word. Vindingrykheid behels kreatiwiteit en die bevordering en skep van gemaklike Afrikaanse terminologie wat meebring dat die uitdrukkings- of beskrywingsmoontlikhede van Afrikaans vermeerder word. (De Wet, 1997: 150-151) Daar word gekonsentreer op die skep van ’n lewensvatbare Afrikaanse leksikon en idiomatiek, Afrikaans as inter- en intranasionale wetenskapstaal, sowel as taal van tegnologie, filosofie, handel en nywerheid, wat dit ontvanklik maak vir funksionele ontlenings uit inheemse en ander tale (De Wet, 1997: 144-145). Laastens vereis depolitisering dat Afrikaans ontkoppel word van ideologiese agendas, wat beteken dat Aktuele Afrikaans nie net met die taalvorm gemoeid is nie, maar ook met die produksie van aktuele tekste en ’n nuwe, aktuele geskiedskrywing van Afrikaans, en die destigmatisering van Afrikaans as verdrukkerstaal, en die demitologisering van tradisionele, verouderde opvattinge ten opsigte van Afrikaans en Afrikanerhelde en eensydige opvattinge oor die doel en plek van Afrikaans (De Wet, 1997: 144, 150).

---

<sup>39</sup> Vir ooreenkomste en verskille tussen Van Rensburg se Nuwe Afrikaans en De Wet se Aktuele Afrikaans, sien De Wet (1997: 248-254).

De Wet se mening dat herstandaardisering moet toesien dat die standaard “natuurlik” ontwikkel en los moet staan van institusionele inmenging, weerspreek volgens my die aard van standaardisering. Soos reeds aangedui (sien 2.2.2 en 2.2.3.2), is taalbeplanning, en by implikasie ook (her)standaardisering, ’n doelbewuste handeling. Om dus te sê dat ’n taal “vanself” moet standaardiseer, is om die rol van die standaardtaal in die spraakgemeenskap te misken; deur só ’n stelling sê jy in wese dat daar nie meer ’n plek vir enige standaardtaal is nie. En dit is myns insiens ’n mistasting. Soos Goosen (2009) uitwys, is die ou idee dat ’n mens maklik kan voorskryf wat aanvaarbaar en onaanvaarbaar is in ’n taal nie meer geldig nie, maar dat die idee dat daar ’n totale afwesigheid van enige grense of norme is, ook afgewys kan word. Die standaardtaal het wél ’n belangrike rol te speel as bodialektiese taalvorm vir intertaalkommunikasie in verskeie kommunikasiedomeine. Die standaardtaal is om baie redes belangrik, waarvan seker die belangrikste is dat dit eintlik die voorwaarde skep vir ’n taal om dit in die akademiese en ekonomiese wêreld te handhaaf (Goosen, 2009). Nog ’n gevaar van hierdie siening dat “die taal gelos moet word om homself te standaardiseer”, is dat die situasie waarin die standaard dit tans bevind slegs sal bly voortbestaan. Alexander (2009b) waarsku dat die werklike taalsituasie dikwels deur ’n dominante ideologie bepaal word. As ’n mens dan nie ’n plan het om hierdie bestaande ideologie af te breek nie, sal ’n mens in werklikheid slegs voortgaan om die bestaande taalsituasie deur te voer (Alexander, loc. cit.). Geen taal ontwikkel “natuurlik” nie, maar word binne sekere grense gevorm en gemanipuleer ten einde die belange van ’n spesifieke groep te dien. ’n Spesifieke taalsituasie sal bly voortbestaan indien dit nie verander word nie vanweë die ekonomiese, politiek-militêre of kultureel-simboliese mag wat dit aan die heersers verskaf en nie omdat dit enigszins “natuurlik” is nie. (Alexander, 2009b: 5) Ook Webb (2006: 155) dui daarop dat, indien markkragte die enigste faktore is wat die linguistiese toekoms van ’n gegewe spraakgemeenskap bepaal, dit, gegewe die magsverhoudinge in alle spraakgemeenskappe, tot die voortsetting van diskriminasie en uitsluiting op taalgronde lei.

Nog ’n punt van kritiek teen De Wet se voorstel is dat hy ’n heel nuwe norm voorstel; een wat nie op die huidige standaard geskoei is nie en waarin alle sprekers inspraak op grond van gebruiksfrekwensie het. Alhoewel dit ideaal gesproke ’n wonderlike idee is, is dit myns insiens ontoereikend op hierdie stadium. Mense is reeds huiwerig om verandering te aanvaar. Wanneer dit wat aan hulle bekend is dan heeltemal by die deur uitgegooi word, is die kans baie goed dat daar heftige teenstand teen hierdie verandering sal wees en die herstandaardiseringspogings sodoende sal platval, soos in Nederland gebeur het met die spellinghervormings in die 1990’s. Op ’n meer positiewe noot meen ek dat De Wet egter ’n meer holistiese posisie ten opsigte van herstandaardisering inneem as Van Rensburg. In sy voorstel gaan hy verder as ’n blote korpusbeplanningsbenadering tot die herstandaardisering van Afrikaans. Sy vier beginsels waarvolgens die nuwe norme vir Afrikaans saamgestel moet word, naamlik akkommodering, verteenwoordigendheid, vindingrykheid en depoliti-

sering, kan 'n groot bydrae maak tot die insluiting van die hele spraakgemeenskap by die standaard.

### 3.5.4.3 Willemse (2009) se “kreolisering”

Roberge (2009: 211; 2012: 396) en Mufwene (2008: 108) beskou 'n “kreool” eerder as 'n sosio-historiese as 'n linguistiese konsep. Hiervolgens kan kreole gedefinieer word as 'n groep kontak-omgangstale wat gedurende die sewentiende tot die negentiende eeu onder ooreenstemmende geografiese, demografiese, en ekonomiese omstandighede ontwikkel het. Hierdie omstandighede behels dat kreole (gewoonlik, maar nie noodwendig nie) in tropiese kolonies ontwikkel het wat deur Europese setlaars gekolonialiseer is, wat gewoonlik niestandaardvariëteite van hulle metropolitaanse tale gepraat het en ekonomies deur middel van slawearbeid opgebou het. Kreoolse samelewings word ook gekenmerk deur sosiale interaksie tussen mense wat op een of ander stadium 'n behoefte aan 'n enkele, gedeelde medium vir interetniese kommunikasie het. (Mufwene, 2008: 108; Roberge, 2009: 2011-212) Willemse (2009a: 4; 2009b) sluit hierby aan wanneer hy kreolisering eerder in die sosiale sin van die woord beskou as die vermenging van kulture, agtergronde, (kulturele) omstandighede en (kulturele) praktyke, eerder as om dit bloot as 'n stadium in die ontwikkeling van taal te beskou waar daar verandering binne 'n taal plaasvind deur middel van vermenging met ander tale. Vir Willemse (2009b) gaan kreolisering dus ook nie net om taal nie, maar oor die breër sosiale gemeenskap waar daar 'n groter verandering plaasvind omdat daar 'n groter mate van kontak tussen mense en tussen gemeenskappe is, hetsy sosiale, kulturele of taalgemeenskappe.

Die vraag of Afrikaans 'n kreooltaal is, al dan nie, is reeds sedert die laat 1890's 'n kontensieuse kwessie. Veral akademici van die sogenaamde Suid-Afrikaanse filologiese skool, maar ook sommige filoloë in België en Nederland, was van mening dat Afrikaans die gevolg is van die versnelde natuurlike ontwikkeling van dialektiese, Niestandaardnederlands, met beperkte sintaktiese en morfologiese beïnvloeding, terwyl ander weer van mening was dat die groot aantal slawe en inheemse Khoe-bevolking wat Nederlands in die Kaapkolonie aangeleer het, 'n deurslaggewende invloed op die ontwikkeling van Nederlands in Suid-Afrika gehad het. (Den Besten, 2012a: 221, 227; Kotzé, 2012: 3) Die rede vir die koppestampery oor die kreoolse aard van Afrikaans, is volgens Kotzé (loc. cit.) geleë in die taalhoudings van sprekers en 'n sosiopolitieke instelling oor jare, waarvolgens daar “'n stigma aan die begrip ‘kreools’ (amper iets soos ‘kakkerlak’) gekleef het”. Die konsep van kreolisering, van vermenging, is (en word steeds) dikwels as 'n verloedering of besoedeling en 'n verswakking gesien. Die rede vir hierdie stigma is na Kotzé (loc. cit.) se mening waarskynlik te wyte daaraan dat die primêre betekenis van “kreools” rasgebaseerd was. Mufwene (2008: 33) dui ook daarop dat die negentiende-eeuse ideologie van “suiwer” tale veroorsaak het dat ras 'n belangrike rol in die kategorisering van taalvariëteite as “kreools” of “niekreools” gespeel het. Volgens hierdie ideologie is kreole as

“abnormaal” beskou, omdat hulle, vanweë hulle gemengde aard, nie “suiwer” tale is nie (Mufwene, 2008: 99). Hierdie ideologie het daaruit gespruit dat Europeërs hulle as verhewe bo ander rasse geag het, veral daardie rasgroepe wat hulle gekolonialiseer het, en hulle hulleself nie saam met hierdie groepe kon klassifiseer nie (Mufwene, 2008: 100). Hierdie perspektief op kreolisering is volgens Willemse (2009b) egter ’n mistasting.

Volgens Willemse (2009b) is Afrikaans “teruggesnoei” deur die prosesse van standaardisering en die aanvaarding van ’n bepaalde vorm van Afrikaans aan die begin van die twintigste eeu. Hierdie perspektief word ook deur Mühlhäusler (1999: 128) gedeel wat meen dat Afrikaans nie ’n “natuurlike” taal is nie, deurdadig die gevolg is van doelbewuste, menslike inmenging in die vorm van standaardisering en beplanning. Ook Den Besten (2012b: 99; 2012c: 272) dui daarop dat die standaardisering van Afrikaans tot die dekreolisering van Afrikaans gelei het. Wat ná 1875 gebeur het, was volgens Willemse (2009b) dus ’n “inborstrokking” [lees: inperking – G.O.] van Afrikaans. Willemse (2009a: 4) meen egter dat die diversiteit van Suid-Afrika se kulture en mense alles in die land beïnvloed, ook die tale, waarvan Afrikaans geen uitsondering is nie. Daarom kan ons nie meer aan Afrikaans dink asof dit in 1875 deur ’n groepie mense in die Paarl georganiseer is (vgl. Die Eerste Taalbeweging, 2.3.5) en dat dit die enigste toepaslike vorm van Afrikaans is nie (Willemse, 2009b). Ons kan volgens Willemse (2009a: 5; 2009b) toenemend nie meer die geermaniseerde, “wit” vorme van Afrikaans aanvaar soos wat dit in die verlede (en die hede) in die standaard neerslag gevind het as die vanselfsprekende, onuitgesproke norm wat bepaal dat sekere aspekte of vorme van Afrikaans geldiger as ander is nie, aangesien dit sestig tot sewentig persent van die Afrikaanssprekendes uitsluit. Willemse (2009a: 4) staan dus oop vir “’n Afrikaans vry van die behoudende dwang van vorme van eng nasionalisme wat so ’n groot deel van sy formele ontwikkeling oor die afgelope eeu gekenmerk het”. Hierdie vorme bly vandag steeds op allerlei maniere en in nuwe gedaantes tot só ’n mate deel van die huidige diskoers oor Afrikaans, dat dit klink asof die verteenwoordigers van hierdie eng vorm van Afrikaans die enigstes is wat oor Afrikaans of sy toekoms praat, aldus Willemse (2009a: 4). Daarom meen Willemse (2009a: 5) vervolgens dat daar radikaal anders met die Afrikaanse kulturele en talige omgewing omgegaan moet word. Willemse (2009b) is van mening dat Afrikaans bevry sal word van sy eng gedefinieerde Afrikanernasionalistiese grense deur die noodwendige proses van kreolisering. Willemse (2009a: 5) het dit oor ’n oper, ruimer Afrikaans wat beteken dat Afrikaanssprekendes as beginpunt moet aanvaar dat die toekoms van Afrikaans en sy kulturele omgewing kreolisering impliseer. Van der Waal (2012: 7) sluit hierby aan wanneer hy meen dat kreolisering ’n baie nuttige teenmiddel is teen essensialisme in taal.

Willemse (2009a: 5) meen dat daar ’n openbare en intellektuele omgewing geskep word waar kreolisering as bate gesien word, terwyl onderwysers, onderwysbeplanners, redakteurs, diegene in



beheer van radio- en televisieprogramme, taalbeplanners, leksikograwe, en so meer, met totaal ander oë na Afrikaans kyk. By al hierdie instellings behoort daar 'n bewuste koestering van die nuwe plaas te vind. (Willemse, 2009a: 5) Mufwene (2008: 102) meen egter dat taalkundiges nog nie die mite van “suiwer” tale laat vaar het nie en dat vandag se taalkundiges steeds die erfenis van die negentiende-eeuse ideologie van “suiwerheid” dra. Alhoewel kreole nie meer as “abnormaal” of as “verdraaiings” van Europese tale deur “ondergeskikte” persone beskou word nie, word kreole steeds as eiesoortige verskynsels beskou wat weens die gemengde aard daarvan, steeds as “minder suiwer” as ander tale beskou word, deurdat daar meestal klem gelê word op die kenmerke wat dit anders as hulle Europese matrikstale maak, en nie gefokus word om die kenmerke wat kreole met hierdie tale deel nie (Mufwene, 2008: 102-104):

[L]inguists have denied creoles any genetic connection to the European languages they have evolved from, allegedly because of the central role that contact has played in their emergence. They have also rejected completely [...] studies that compare the evolution of English [...] and the Romance languages, respectively, with that of creoles. Yet, there is so much that can be learned from the comparison [...]. (Mufwene, 2008: 108)

Mufwene (2008: 46) is egter van mening dat hierdie negentiende-eeuse mite van taalsuiwerheid laat vaar moet word en dat kreole eerder vanuit 'n taalkontakperspektief benader moet word. Mufwene (2001: 135; 2008: 110, 124, 191, 193) en Roberge (2009: 215-216) is van mening dat dieselfde taalveranderingsprosesse wat by die vorming van niekreoolse tale betrokke was, ook betrokke was in die ontwikkeling van kreole. Vir Mufwene (2008: 193) en Roberge (2009: 216) is kreolisering dus nie 'n eiesoortige verskynsel wat 'n spesiale proses verteenwoordig nie:

The strategies and mechanisms that mediated language construction at the Cape of Good Hope – and in conventionally recognized creole speech communities – are not different in kind from those that are operative in cross-language verbal intercourse and in language change generally. (Roberge, 2009: 215)

Kotzé (2012: 4) dui ook daarop dat vergelykende studies wat oor die jare gedoen is, toon dat daar weinig taalkundige kenmerke is wat uniek is aan kontaktaale. Van der Waal (2012: 12) sluit hierby aan wanneer hy meen dat die realiteite van taalverskuiwing en kreoolvorme van Afrikaans nie as 'n katastrofe beskou moet word wat ten alle koste afgeweer moet word deur eksklusiwiteit en die verdediging van die “suiwere” nie, maar as natuurlike prosesse, en selfs iets wat gevier moet word; 'n idee wat deur Willemse se kreoliseringvoorstel ge-eggo word.

Alhoewel die debat oor die kreoolse aard van Afrikaans vandag nog heers (vgl. Landman, 2012 en Naudé, 2012), is die meeste akademici volgens Roberge (2012: 390) dit vandag eens dat die perspektief op die ontstaan van Afrikaans wat wil beweer dat Afrikaans 'n “suiwer” Nederlandse afstammeling is, ouderwets en onhoudbaar is. Daar is 'n mate van ooreenstemming onder akademici

dat Afrikaans deels deur interne verandering in die omgangsvorme van Vroeë Moderne Nederlands en deels deur die bydrae van niemoedertaalsprekers van Nederlands ontstaan het (Roberge, loc. cit.). Om die kwessie van suiwerheid te verdedig, is vir Willemse (2009b) om teen die aard van Afrikaans in te gaan, aangesien Afrikaans wesenlik die gevolg van kreolisering is. Ook volgens Den Besten (2012a: 221) is dit duidelik dat kreolisering 'n rol gespeel het in die ontstaan van Afrikaans. Met die formele instelling van slawerny in 1658 aan die Kaap, het die Kaapkolonie 'n kreoolse gemeenskap geword (Roberge, 2009: 212-213; 2012: 396). Die vorming van Afrikaans het volgens Roberge (2009: 227) die bydraes van inheemse Khoe-bevolking en die heterogene slawebevolking behels. As dit nie was vir die bydrae van die inheemse Khoe en slawe van Afrika en Asië tot die ontstaan van Afrikaans nie, sou daar nie "Afrikaans" wees nie, maar eerder 'n eksterritoriale variëteit van Nederlands, aldus Den Besten (in Roberge, 2012: 389).

Vir Willemse (2009b) behels die kreolisering van Afrikaans dat daar aan die een kant erkenning gegee moet word aan die verskillende registers en vorme van Afrikaans, en aan die ander kant dat die volwaardigheid van die verskillende registers en vorme van Afrikaans ook erken moet word. Die sosiale prosesse wat veroorsaak dat mense in Suid-Afrika toenemend in kontak met mekaar is, gaan Afrikaans beslis verander, en dit moenie teengestaan word nie en deelnemers aan hierdie sosiale prosesse moenie onderdruk word nie, aldus Willemse (loc. cit.). Uiteindelik behels kreolisering vir Willemse (loc. cit.) dat daar 'n bevryde, hibriede vorm van Afrikaans ontwikkel sal word deur die bydrae van die toenemende meerderheid bruin Afrikaanssprekendes, wie se taal reeds baie dekades gekenmerk word deur die kreoolse gebruik van Afrikaans (Van der Waal, 2012: 9). Wanneer Willemse dit dus oor die kreolisering van Afrikaans het, gaan dit vir hom daarvoor dat die kreoolse aard van Afrikaans gekoester sal word, en dat hierdie positiewe perspektief op kreole daartoe sal lei dat Afrikaans ook in die toekoms vermenging met ander tale sal omarm.

Goosen (2009) meen egter dat hierdie kreolisering nie 'n bevryding is nie, maar juis weer 'n totalitêre poging om verstikkende eenheid van 'n nuwe Afrikaans op almal af te dwing. Diegene wat die keuse maak om 'n ander Afrikaans te gebruik, sal volgens Goosen (2009) deur 'n klein groepie bruin Afrikaanssprekendes as rassisties gesien word. Goosen (2009) meen Willemse se voorstel weer-spieël 'n bepaalde ongeduld met mense wat grense trek rondom taalvermenging. Indien daar egter nie ruimte gemaak word vir diegene wat Afrikaans in sy huidige standaardvorm wil gebruik nie, word die hele spraakgemeenskap in werklikheid nie geakkommodeer nie en is daar nie sprake van 'n demokratiese taal nie, aldus Goosen (2009). Aan die een kant is ek dit eens met Goosen dat die huidige standaard nie heeltemal buite rekening gelaat kan word wanneer dit by die herstandaardisering van Afrikaans kom nie, aangesien hierdie vorm ook tot 'n mate 'n spesifieke deel van die spraakgemeenskap se taalgebruik verteenwoordig. Om die huidige standaard heeltemal by die deur uit te

gooi, is dus om die taalgebruik van 'n deel van die spraakgemeenskap te misken en sodoende demokratiseringspogings teen te werk. Aan die ander kant verskil ek van Goosen se stelling dat herstandaardisering 'n poging is om eenheid "af te dwing". As ek Willemse reg verstaan, gaan dit vir hom juis daarvoor om Afrikaans los te maak van ideologiese bande; dit gaan om die skep van 'n ruimte waar alle sprekers van Afrikaans gemaklik en tuis kan voel. Dit gaan om die demokratisering van Afrikaans. Ek beskou dit dan ook as positief dat Willemse herstandaardisering of kreolisering as 'n breër proses sien wat meer behels as hervorming op korpusvlak, alhoewel hy nie konkrete voorstelle vir die beoogde proses maak nie. 'n Negatiewe punt van sy voorstel is dat hy herstandaardisering as 'n min of meer natuurlike proses sien wat aangehelp word deur gunstige sosiale omstandighede. Praktiese uitvoering van hierdie voorstelle is nodig ten einde werklik 'n impak te maak. Laastens meen Goosen (2009) dat kreolisering 'n onmiskenbare tendens het tot die platvloerse, die onestetiese, en die banale omdat grense nie afgebaken word nie. Oor hierdie kritiek het ek nie veel te sê nie. Die feit dat iemand in die verligte tye waarin ons leef met die sosiolinguistiese insigte waarvoor ons beskik die woorde "platvloers", "onesteties" en "banaal" ten opsigte van 'n niestandaardvorm van 'n taal kan gebruik, val my vreemd op.

### 3.5.5 Samevatting

In hierdie afdeling is 'n uitvoerige uiteensetting van die herstandaardisering van Afrikaans gegee. Daar is eerstens gedui op die noodsaaklikheid van die herstandaardisering van Afrikaans deur op drie aspekte te dui wat veroorsaak het dat daar 'n diglossiese situasie binne Afrikaans bestaan. Eerstens is aangedui hoe Afrikaans vernederlands is ten einde die status van Afrikaans as kultuurtaal te bevestig. Verder is gewys hoe die onrealistiese anglisismejagtery tot 'n oordrewe purisme in die standaard gelei het en sodoende baie Afrikaanssprekendes van die standaard vervreem het wat dit as styf en opgeblase beskou. Hierna is die miskening van ander variëteite van Afrikaans onder die loep geneem. Daar is aangedui hoe veral die taalgebruik van die bruin deel van die Afrikaanssprekende gemeenskap by die standaard uitgesluit is weens politieke en ideologiese redes. Die negatiewe gevolge van hierdie uitsluiting is belig en daar is aangedui dat die demokratisering van Afrikaans 'n noodsaaklikheid vir die voortbestaan van die standaard is, met ander woorde dat ander variëteite van Afrikaans by die standaard ingesluit moet word. Hierna is die vraag gevra of daar reeds sprake van herstandaardisering in Afrikaans is, en dit het duidelik geblyk dat daar nie sprake van enige noemenswaardige herstandaardiseringsaktiwiteit in Afrikaans is nie. Verskillende voorstelle vir die herstandaardisering van Afrikaans is ten slotte in oënskou geneem. Daar is tot die gevolgtrekking gekom dat al drie die voorstelle wat bespreek is sowel nuttige elemente as tekortkominge bevat, maar dat 'n praktiese voorstel vir die herstandaardisering van Afrikaans nog ontbreek.

### 3.6 Samevatting en vooruitskouing

In hierdie hoofstuk is herstandaardisering as taalbeplanningsproses hoofsaaklik onder die loep geneem. Eerstens is daar gekyk na die stand van standaardtale in die moderne tyd, waarna herstandaardisering beskryf is deur onder andere na definisies en ander definiërende eienskappe van die proses te kyk. Hierdie definiërende eienskappe het ingesluit herstandaardisering as demokratiseringsproses, normatiewe taalbeplanning en bo-na-onder sowel as onder-na-bo taalbeplanning. Verder is daar gepoog om 'n ondubbelsinnige taalbeplanningsdefinisie van herstandaardisering te verskaf en moontlike positiewe en negatiewe gevolge van herstandaardisering uit te wys. In 'n volgende afdeling is herstandaardiseringsvoorstelle en -pogings in ander tale krities beskou, waarna die herstandaardisering van Afrikaans aan bod gekom het. Hier is onder andere gekyk na redes vir die noodsaaklikheid vir 'n herstandaardiseringsprojek vir Afrikaans, asook voorstelle vir só 'n projek.

In die volgende hoofstuk word die standaardisering van die Afrikaanse ortografie van nader beskou. Nadat verskeie vroeë speltradisies in Afrikaans onder die loep geneem is en die Afrikaans-Nederlandse taalstryd belig is, word die standaardiseringswerk van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns onder die loep geneem. Na 'n volledige oorsig oor die aard en samestelling van die Akademie, word daar in besonder na die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns se liggaam vir die standaardisering van die Afrikaanse ortografie gekyk, naamklik die Taalkommissie. Hierna word al tien uitgawes die Taalkommissie se ortografiese standaardiseringsinstrument, die *Afrikaanse woordelys en spelreëls*, wat tot op hede verskyn het, in detail bespreek deur op die geskiedkundige en inhoudsontwikkeling van elke uitgawe te dui. Ten slotte word daar, in die lig van die res van die hoofstuk, bepaal of die *Afrikaanse woordelys en spelreëls* nog relevant is as ortografiese standaardiseringsinstrument vir die toekoms.

## HOOFSTUK 4

### Die standaardisering van die Afrikaanse ortografie

#### 4.1 Inleiding

Alhoewel daar reeds vroeg in die negentiende eeu in Afrikaans geskryf is (sien 2.3), is daar eers sedert die laat negentiende eeu werklik georganiseerde pogings aangewend om 'n algemeen bruikbare Afrikaanse ortografiese sisteem daar te stel. In 1876 skryf Die Genootskap van Regte Afrikaanders in hulle *Eerste beginsels van die Afrikaanse taal* (p. 7):

Die Afrikaanse Taal is eintlik een tak van die Hollandse taal. Mar in die loop van die tyd, veral nadat die kolonie van Holland los geraak het, is dit heeltemal verander, so dat een rou Hollander wat hier kom ons nie kan verstaan nie, omdat ons so veul ander woorde in ons taal opgeneem het, en die Hollandse woorde in ander vorme en betekenis gebruik.

Dit het aanleiding gegee tot verskeie pogings om die Afrikaanse skryftaal onder reëls te bring. Verskeie fases word in hierdie hoofstuk onderskei. Eerstens was daar die “skryf soos jy praat”-tydperk onder leiding van S.J. du Toit waarin daar gebruik gemaak is van die Nederlandse skryftradisie en wat aangepas is deur klanke deur middel van letters weer te gee. Dit is egter later ontwikkel tot 'n fonetiese skryfwyse waarin daar radikaal met die Nederlandse skryftradisie gebreek is en 'n onafhanklike ortografiese sisteem vir Afrikaans ontwerp is waarin die “skryf soos jy praat”-beginsel konsekwent deurgevoer is. (Venter, 1964: 159) Dit is opgevolg deur 'n tyd van stryd in Afrikaanse geleedere tussen diegene wat Nederlands as skryftaal in Suid-Afrika wou behou en diegene wat Afrikaans as selfstandige skryftaal wou bestendig. Die ortografiese sisteme wat in hierdie tydperk na vore gekom het, was die Vereenvoudigde Nederlandse Spelling en dié van die Afrikaanse Taalvereniging. Die laaste fase word gekenmerk deur toenadering tussen die voorstanders van Afrikaans en die voorstanders van Nederlands soos tot uiting gebring is in die stigting van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns.

Sedert die stigting van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns in 1909 en die latere opdrag aan dié liggaam se Taalkommissie om spel- en skryfvorme in Afrikaans vas te lê, is dié liggaam beskou as die amptelike en hoogste gesag op taal- en veral spelstandaardiseringsgebied, met die vasstelling van die Afrikaanse ortografie as een van die Akademie se grootste verdienstes en die Taalkommissie se *Afrikaanse woordelys en spelreëls* die gesaghebbendste publikasie oor die spelling van Standaardafrikaans (Le Roux, T.H., 1926: 277; Kritzinger, 1930b: 6; Bosman, 1931: 29; “Eenheid in ons spelling”, 1930: 6; Louw, 1931: 1; “Afrikaanse woordelys”, 1953: 6; Bosman, 1959:

119; Eksteen, 1984: 56; 1985: 180; “Nuwe Woordelys en spelreëls”, 1991: 10; Combrink, 1991b: 9; 1991c: 13; 1991h: 4; Müller, 2000: 3; “Blerrie oukei”, 2000: 8; “Taalkommissie sê blerrie is nou ook oukei”, 2000: 2; Coetzee, 2002: 377). Tydens die eeufeesvieringe van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns [voortaan ook “Akademie”] in 2009 het die Taalkommissie van die Akademie ook die begin van ’n nuwe eeu as normeerder van geskrewe Standaardafrikaans ingelui, aldus Du Plooy (2010). Naas die beskouing van vroeëre ortografiese tradisies in Afrikaans, word daar in hierdie hoofstuk gekyk na die rol van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns in die standaardisering van die Afrikaanse ortografie deur middel van die *Afrikaanse woordelys en spelreëls* soos uitgegee deur sy Taalkommissie. Dit word gedoen ten einde te bepaal of en hoe relevant hierdie primêre en gesaghebbende naslaanbron as standaardiseringsbron vir die toekoms is deur vas te stel tot watter mate die *Afrikaanse woordelys en spelreëls* oor die afgelope tien uitgawes aan die eise van die spraakgemeenskap voldoen het.

## 4.2 Aanloop tot die standaardisering van die Afrikaanse ortografie

### 4.2.1 Inleiding

Volgens Le Roux (1959: 47) het dit ’n lang tyd geduur voordat Afrikaanssprekendes besef het dat Afrikaans tot alles in staat is waartoe die sprekers in staat is en dat Afrikaanssprekendes alleen deur Afrikaans tot volle wasdom kon kom. Hierdie besef kon egter nie posvat voordat Afrikaans soos ander kultuurtale ook op papier gebruik is nie, en hiervoor was ’n ortografiese sisteem vir Afrikaans nodig (Le Roux, loc. cit.). In hierdie afdeling word daar gekyk na verskillende pogings vóór die uiteindelijke stigting van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns om ’n ortografiese sisteem vir Afrikaans daar te stel en sodoende Afrikaanssprekendes van die waarde van Afrikaans as skryftaal te oortuig, asook pogings om Afrikaans as skryftaal te stuit en die konflik wat uit hierdie twee benaderings gespruit het.

### 4.2.2 Vroeëre skryftradisies

Die stigting van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns was nie die eerste sprake van die totstandkoming van ’n ortografiese sisteem vir Afrikaans nie. Daar kan ten minste een Arabiese skryftradisie en twee Romeinse skryftradisies voor dié van die Akademie onderskei word, naamlik die Arabies-Afrikaanse ortografiese sisteem van die Kaapse Moslemgemeenskap, die sisteem van *Die Patriot* en die sisteem van die Afrikaanse Taalvereniging (ATV) (Le Roux, T.H., 1926: 256-257). Maar nog voordat hierdie skryftradisies hulle verskyning gemaak het, is daar reeds in Afrikaans geskryf.

Soos reeds aangedui is, het daar sedert die agtiende eeu gereeld skrywes in Kaaps-Hollands in veral koerante verskyn wat daarop gemik was om die plattelandse setlaarsgemeenskap se omgangstaal te verteenwoordig (sien 2.3.2), asook bydraes deur bruin skrywers in koerante en ander tekste op die Genadendalse sendingstasie (sien 2.3.4). Soos Venter (1964: 159) egter tereg opmerk, het hierdie skrywers Afrikaans nie gebruik om Afrikaans as skryftaal te bestendig nie, maar óf om op papier uiting te gee aan die taalvorm wat op daardie tyd in die volksmond geleef het, óf om 'n bepaalde plaaslike kleur of komiese effek te bereik, asook om 'n bepaalde politieke doel te bereik. Die gevolg was dat elke spreker maar geskryf het soos hy of sy goedgevind het en daar geen eenvormige ortografie bestaan het nie (Venter, 1964: loc. cit.). Die skrywers van hierdie fases kan dus nie werklik as skeppers van 'n bepaalde skryftradisie in Afrikaans beskou word nie, aangesien daar geen poging was om bepaalde skryfwyses konsekwent toe te pas nie. Tog het hulle skryfwyse onmiskenbare spore gelaat op die skryfwyses wat by latere skrywers aangetref sou word (sien 2.3.2) (Venter, 1964: 160). Dit is tog te betreur dat veral die skryfwerk van die Genadendalse bruin Afrikaanssprekendes nie in oorweging gebring is tydens die uiteindelijke standaardisering van Afrikaans nie. Maar soos Venter (loc. cit.) aandui, verteenwoordig hierdie fases nie 'n bepaalde reëlmatige en verantwoorde ortografiese sisteem nie. Daarom fokus ek in hierdie studie op die skryftradisies wat doelbewus daarop gemik was om 'n eenvormige Afrikaanse geskrewe taalvorm daar te stel.

#### 4.2.2.1 Die Arabies-Afrikaanse ortografiese sisteem

Die eerste sprake van 'n meer doelbewuste benadering tot die spelling van Afrikaans, is die Arabies-Afrikaanse Taalbeweging (sien 2.3.3) waar die Afrikaanse omgangstaal van die Moslembevolking aan die Kaap met behulp van 'n aangepaste Arabiese alfabet in Arabiese skrif getranskribeer is ten einde die klanke van die gesproke Afrikaans so akkuraat moontlik oor te dra. Toe Arnoldus Pannevis in 1872 'n Afrikaanse vertaling van die Bybel begin bepeins het, was Afrikaans reeds 'n gevestigde godsdiensttaal in die Kaapse Moslemgemeenskap. Dit is as onderwystaal in hulle godsdienstige skole en vir die vertaling van hulle preke gebruik, en ook as kommunikasiemedium in hulle sosiale en ekonomiese lewe. (Davids, 2011: 85) Davids (2011: 63) dui daarop dat dit van die eerste Arabies-Afrikaanse manuskripte wat in die 1840's geskryf is duidelik is dat daar reeds 'n formele ortografiese sisteem vir die skryf van Arabies-Afrikaanse tekste bestaan het. Hierdie ortografiese sisteem in die Arabiese fonetiese tradisie genaamd *tajwīd* het relatief konstant gebly tot die verskyning van die laaste publikasie getiteld *Bayani salati Thuri ba'adal Juma'ati* [sic] deur s'j'eg Achmad Behardien, wat in 1957 verskyn het (Davids, 2011: 63).

Ten spyte van die konstantheid van die Arabiese-Afrikaanse skryftradisie is daar nie deurlopend 'n eenvormige sisteem van Arabiese skrif in die Arabiese-Afrikaanse publikasies en geskryfte gebruik nie. Sommige van die Arabiese-Afrikaanse tekste is in die Arabiese grafiese skrif geskryf, terwyl ander in fonetiese Arabiese skrif geskryf is. Arabiese grafiese skrif is skrif sonder 'n vokaalsisteem of vokaalgrafeme en uitspraak berus op die grammatikale konstruksie van die letters. Kennis van Arabiese is 'n voorvereiste om hierdie skrif te kan lees. (Davids, 2011: 153) Om Arabiese Afrikaans sonder 'n vokaalsisteem te lees (m.a.w. Arabiese-Afrikaanse grafiese skrif), is vooraf kennis van die grammatika van Arabiese én Afrikaans nodig (Davids, 2011: 153, 157). Fonetiese Arabiese skrif is skrif wat volledig gevokaliseer is, met ander woorde waarin die vokaalsisteem en vokaalgrafeme die uitspraak van woorde bepaal. Die uitspraak van die woorde bly konstant, aangesien die geskrewe woord in ooreenstemming met die vokaalsisteem uitgespreek moet word, maar met die inagneming van die voorafbepaalde reëls van die fonetiese wetenskap van *tajwīd*. Die uitgebreide gebruik van vokaalsisteme en die hoogs ontwikkelde aanduiding van vokale in die Arabiese-Afrikaanse fonetiese skrif kan toegeskryf word aan die invloed van die Kaapse Moslems se vertrouetheid met die lees van die Arabiese Qur'aan. Anders as in die geval van ander godsdienstige of sekulêre geskryfte, is dit gebruikelik dat die Qur'aan volledig gevokaliseer word en dus in fonetiese skrif geskryf word. Dit verseker eenvormigheid in uitspraak ongeag die Arabiese dialek van die leser. Arabiese fonetiese skrif vervul dus dieselfde funksie in die Arabiese taal as wat fonetiese skrif in Romeinse skrif vervul. (Davids, 2011: 153-154) Die Arabiese fonetiese skrif is oorheersend in die godsdienstige boeke gebruik wat in Arabiese Afrikaans gepubliseer is (Davids, 2011: 153, 157). Dit beteken egter nie dat Arabiese Afrikaans nie sonder 'n vokaalsisteem geskryf kon word nie. Daar was 'n geneigdheid om vokale veral uit te los wanneer persoonlike briewe en notas geskryf is. (Davids, 2011: 155)

Davids (2011: 153) dui daarop dat dit nie die skryf van Afrikaans in Arabiese skrif is wat Arabiese Afrikaans uniek maak nie, maar eerder die aanpassing van die Arabiese alfabet en die toepassing van die wette van *tajwīd* om die hoofsaaklik Germaanse woordeskat van Afrikaans foneties akkuraat weer te gee. Sultan Muhammad Shah het in die dertiende eeu die Arabiese alfabet gebruik ten einde die Maleise spreektaal weer te gee, wat op daardie stadium nie oor 'n literêre tradisie of eie ortografiese sisteem beskik het nie. Daar was egter sekere Maleise klanke wat nie deur die Arabiese alfabet uitgedruk kon word nie. Die Arabiese alfabet is aangepas deur diakritiese punte by te voeg, sodat die aangepaste Maleis-Arabiese alfabet twee en dertig in plaas van die gewone nege en twintig letters van die Arabiese alfabet gehad het. Hierdie Maleise aanpassing van die Arabiese alfabet sou later die basis vorm vir die alfabet wat deur die Kaap-Maleise skrywers van Afrikaans gebruik is. (Davids, 2011: 56-57) Dit is spesifiek die Javaanse aanpassing van die Arabiese alfabet wat die basis vir die ortografiese sisteem van Arabiese Afrikaans voorsien het (Davids, 2011: 151).



Soos reeds genoem, bepaal die vokaalsisteem die uitspraak van Arabiese woorde. Die klanke wat hierdie vokaalgrafeme aandui, is beperk tot die Arabiese taal (Davids, 2011: 166). Die Arabiese vokaalsisteem is egter nie altyd geskik vir Afrikaans nie, aangesien die aantal vokaalgrafeme in die Arabiese ortografie te min is omdat die vokaalsisteem so beperk is. Daar is klanke in Afrikaans wat nie in Arabies bestaan nie en die vokaalgrafeme pas die Afrikaanse sisteem dus glad nie goed nie, aangesien die Afrikaanse sisteem veel fyner gedifferensieer is. (Davids, 2011: 166, 171) Die gevolg van die ontoereikendheid van die Arabiese vokaalsisteem is dat sommige van die Afrikaanse vokale en diftonge nie altyd presies in die Arabiese skrif voorgestel kan word nie. In 'n poging om verteenwoordigende vokaalgrafeme vir die eiesoortige klanke van Kaapse Afrikaans te skep, het die skrywers van Arabiese Afrikaans betrokke geraak by 'n gekompliseerde proses van manipulasie van die Arabiese vokaalsisteem – die *ḥarakah* – ten einde verteenwoordigende Arabiese fonetiese en letter-simbole vir Arabiese Afrikaans te skep. Hierdie manipulasie was egter nie net beperk tot die vokaalsisteem nie, maar is ook ten opsigte van konsonante uitgevoer. (Davids, 2011: 171)

Ten einde al die Afrikaanse klanke in die Arabiese skrif aan te dui, het dit vir die skrywers van Arabiese Afrikaans nodig geword om die Arabiese alfabet en vokaalsisteem te manipuleer of aan te pas. Hierdie manipulasie het óf die kombinering van vokaalgrafeme behels, óf die strukturering van konsonantklusters (Davids, 2011: 166). Die alfabetmanipulasie om die Afrikaanse klanke op 'n eiesoortige wyse deur middel van Arabiese letters weer te gee, het plaasgevind binne die reëls van *tajwīd*. Die Arabiese fonetiese wetenskap van *tajwīd* is 'n breedvoerige onderwerp<sup>1</sup> wat handel oor die korrekte wyse waarop die Qur'aan voorgelees moet word. (Davids, 2011: 176) Sprekers van Arabies plaas groot nadruk op korrekte uitspraak wanneer Arabiese skrif voorgelees word (Davids, 2011: 173). Die streng fonetiese reëls van *tajwīd* bepaal die wyse waarop klanke voorgestel word en Moslems beskou hierdie reëls as heilig (Davids, 2011: 177). Sjeg Mogammad Salie Abadie Solomons, wat as die leier op die gebied van Arabiese voorlesing in Suid-Afrika beskou word en die kundigste persoon ten opsigte van die wetenskap van *tajwīd*, het die volgende in Arabiese Afrikaans geskryf (in Davids, loc. cit.):

Om die Qoeraan met tajweed te batja is 'n noedaghe op dragh. Wie die Qoeraan sonder tajweed batcha maak 'n sonde, omdat Allah dit met tajweed afghasteer het. En dit het oek soe na ons ghakom.<sup>2</sup>

---

<sup>1</sup> Vir 'n meer gedetailleerde bespreking hieroor, sien Davids (2011: 176-180).

<sup>2</sup> Om die Qur'aan [in ooreenstemming] met [die reëls van] *tajwīd* te lees, is 'n nodige opdrag. Wie die Qur'aan sonder *tajwīd* voordra, sondig, omdat Allah dit met *tajwīd* afgestuur het. En dit het ook so na ons gekom. [Eie vertaling vanuit die Engels – G.O.]

Aangesien Arabiese Afrikaans 'n fonetiese voorstelling van die Afrikaans van die Kaapse Moslems in Arabiese skrif is, het die Arabies-Afrikaanse skrywers hard probeer om so na moontlik aan die bepaling van die reëls van *tajwīd* te bly toe hulle begin het om Arabiese Afrikaans op skrif te stel. Hierdie skrywers het 'n begrip en toepassing van die reëls van *tajwīd* vanuit hulle voorlesing van die gevokaliseerde Qur'aan gekry. Een van die sentrale aspekte wanneer die Qur'aan voorgelees word, is dat elke letter in ooreenstemming met sy posisie in die spraakorgane uitgespreek moet word. Akkurate uitspraak is daarom van kardinale belang. Aangesien woorde slegs in ooreenstemming met die wyse waarop dit in lettervorm voorgestel word, uitgespreek kan word, is uitspraak en skrif nou verwant. Die skrywer is verplig om elke klank wat hy of sy hoor in skrif voor te stel. (Davids, 2011: 177) Die gevolg is dat die Arabies-Afrikaanse ortografie 'n foneties getroue weergawe van die spreektaal van die Kaapse Moslemgemeenskap is.

Al die Arabiese vokaalgrafeme word tot 'n mindere of meerdere mate in Arabiese Afrikaans gebruik. Hiermee saam is daar nog dertien Arabiese vokaalsimbole geskep ten einde kenmerkende Afrikaanse klanke in Arabiese skrif weer te gee. Dit gee aan Arabiese Afrikaans 'n vokaalsisteem of *ḥarakah* van drie en twintig vokale. (Davids, 2011: 180, 206) Die Arabiese vokaalsisteem bevat slegs twee diftonge wat die Arabiese klanke [əi] en [œu] aandui (Davids, 2011: 191). Hierdie diftonge stem egter ooreen met die Afrikaanse diftonge *ou* [œu] en *ei* [əi]. Daarbenewens beskik Arabiese Afrikaans egter ook oor die diftonge *ui* [œy], *ooi* [oi], *oei* [ui], en *aai* [a:i]. Arabies-Afrikaanse diftonge is, soos Arabiese diftonge, geskep deur die kombinasie van twee vokaalsimbole. Die Arabies-Afrikaanse skrywers was egter nie baie konstant in die skryf van diftonge nie en daarom bestaan daar 'n verskeidenheid benaderings tot die skryf van diftonge in Arabiese Afrikaans. Verskillende skrywers het verskillende spelvorme gebruik. (Davids, 2011: 192) Wanneer die Arabies-Afrikaanse vokaalsisteem egter in oënskou geneem word, is dit duidelik dat daar 'n bereidheid onder skrywers was om met die Arabiese vokale te eksperimenteer ten einde simbole te skep om die Afrikaanse klanke uit te beeld wat nie in Arabies bestaan nie. Ten spyte van die inkonsekwensies by die skryf van diftonge, is daar ook duidelike dominante tendense in die skep van gepaste vokale vir Arabiese Afrikaans te bespeur. (Davids, 2011: 196)

1. Die bestaande Arabiese-Afrikaanse vokale en diftonge: hoe dit in Arabiese Afrikaans gebruik word			
Afrikaans	Arabiese vokale en diftonge		Internasionale transliterasie
	Simbool	Beskrywing	
a [a]	اَ	fathā	a
ie [i]	يَ	kasra	i
oe [u]	وُ	ḍamma	u
aa [a:]	اَ	ḥurūf al-madd a	ā
ee [e:]	يَ	ḥurūf al-madd yā	ī
oo [o:]	وُ	ḥurūf al-madd wāw	ū
ou [œu]	اُو	madd lain wāw	au / aw
ei [əi]	اَيَ	madd lain yā	ai / ay
2. Geskepte Arabiese-Afrikaanse vokale en diftonge			
i & e	يَ	fathā-kasra kombinasie	[ə]
e	يَ	yā geakkommodeer deur kasrat al-qa'im	[ɛ]
e	يَ	yā voorafgegaan deur kasrat al-qa'im (eind-e)	[ə]
ê	اَ	trippel ḥarakah	[ɛ:]
o	وُ	ḍamma-fathā kombinasie	[ɔ]
o	وُ	sukūn-lose wāw-ḍamma	[ɔ]
u & ui	وُ وَيَ	madd lain wāw en yā voorafgegaan deur letter met fathā of ḍamma	[œj]
aai	اَيَ وَيَ	ḥurūf al-madd yā of yā-hamza-sukūn	[a:j]
oei & ooi	وَيَ	madd lain yā met ḍamma	[uəi] & [o:j]
uu & eu	يَ	ḥurūf al-madd yā	[e:]

Figuur 4.1 Arabiese-Afrikaanse vokaalsisteem<sup>3</sup>

Die Arabiese (konsonant)alfabet, genaamd die *ḥurūf al-hijā*, bestaan uit agt en twintig (sommige taalkundiges sê nege en twintig) letters. Nie al 28/29 letters van die Arabiese alfabet word egter in Arabiese Afrikaans gebruik nie, aangesien sommige letters klanke verteenwoordig wat nie in Afrikaans bestaan nie of wat slegs vir daardie woorde gebruik word wat direk aan Arabiese ontleen is. Die Arabiese letters wat oor die algemeen nie in Arabiese Afrikaans gebruik word nie, is *thā'* (ث), *hā'* (ح), *dhāl* (ذ), *zai* (ز), *shīn* (ش), *tā* (ط), *'ain* (ع), *ghain* (غ), en *qāf* (ق). Arabiese Afrikaans gebruik sowat twee derdes, dit is op die meeste twintig, van die letters van die oorspronklike Arabiese alfabet. Hierdie

<sup>3</sup> Gedeeltelik oorgeneem, vertaal en aangepas uit Davids (2011: 197). Vir 'n meer gedetailleerde beskrywing van die Arabiese-Afrikaanse vokaalsisteem, sien Davids (2011: 180-196).

getal krimp selfs nog verder wanneer 'n mens in ag neem dat die *ṣād* (ص) en die *ṭā* (ط) slegs in baie beperkte gevalle gebruik word. Waar die Arabiese alfabet nie 'n letter het wat ooreenstem met die klanke in Afrikaans nie, is sulke letters óf aan die Persies-Turkse of Javaanse (Maleise) aanpassings aan die Arabiese alfabet ontleen (ses konsonante), óf van nuuts af geskep (twee konsonantklusters), sodat die Arabies-Afrikaanse alfabet, saam met die *tā-marbutā* (ة), ook uit nege en twintig letters bestaan. Saam met die drie en twintig vokale in die Arabies-Afrikaanse vokaalsisteem, beskik Arabiese Afrikaanse dus oor 'n redelik uitvoerige alfabet. (Davids, 2011: 180, 197-198, 202, 206) Die twee nuwe konsonante wat die Arabies-Afrikaanse skrywers deur klustervorming geskep het, was die *kl* en die *kr*. Die *kl* is saamgestel uit twee afsonderlike Arabiese letters, die *kāf* (ك) en *lām* (ل), terwyl die *kr* saamgestel is uit die Arabiese letters *kāf* en *rā'* (ر). In beide gevalle het die weglating van die *sukūn* (◌ْ) die klusters geskep. Alhoewel hierdie konsonantklusters saamgestel is uit klankkombinasies, het dit 'n enkele letter vir die skrywers van Arabiese Afrikaans verteenwoordig. (Davids, 2011: 171-172) Die ses letters wat aan ander Arabiese alfabette ontleen is ten einde die vyf Afrikaanse klanke te verteenwoordig wat nie in die Arabiese alfabet voorkom nie, is die Persies-Turkse *p* (پ), *ch* (چ), uitgespreek [c]), *kie* (ك, uitgespreek [g]) en *ng* (ن) en die Javaanse *p* (ڤ) en *ng* (ڠ) (Davids, 2011: 199).

Afrikaans	Arabiese konsonante	Name van Arabiese letters	Internasionale transliterasie
a	ا ء ا	'alif	a
b	ب ب	bā	b
d	د	dal	d
f	ف ف	fā	f
gh	خ خ	khā	kh
gutturale g	گ	ki	k
h	ه ه	hā	h
j	ج ج	ġim	j
k	ك ك	kāf	k
l	ل ل	lām	l
m	م م	mīm	m
n	ن ن	nūn	n
r	ر	rā	r
s	س س	sīn	s
ṣ	ص ص	ṣād	ṣ
t	ت ت	tā	t
ṭ	ط	ṭā	ṭ
t	ة	tā'-marbutā	t
labiale w	و	wāw	w

dentale w	ث ف	Javaanse <i>p</i>	v
p	پ	Persiese <i>p</i>	p
ng	غ	Javaanse <i>ng</i>	ng
ng	نك كذ	Persiese <i>ng</i>	ng
tj	چ	ch	ch
q	ق ف	qāf	q
z	ز	zai	z

Figuur 4.2 Die Arabies-Afrikaanse konsonante<sup>4</sup>

Volgens Davids (2011: 204) is dit indrukwekkend hoeveel ooreenstemming daar tussen die spelling van die verskillende Arabies-Afrikaanse publikasies voor 1915 is. Die verskille wat wel voorkom, is die gevolg van 'n voorkeur vir óf die Javaanse óf die Persies-Turkse *ng*, of die vereenvoudiging in die uitspraak van vokale of diftonge. Wanneer die verskillende tekste met mekaar vergelyk word, kan 'n mens egter ook 'n paar verskille waarneem. Die opvallendste verskil wat voorkom, is dat die *kasrat al-qā'im* (كاسرات القام) in sommige tekste nie gebruik word om die middel-voor of eind-e aan te dui nie, maar dat die *kasra* (كسرة) gebruik word. (Davids, loc. cit.) Ten spyte hiervan is Davids (2011: 206) van mening dat die hoë agting wat die Kaapse Moslemgemeenskap vir die Arabiese skrif gehad het en hulle oortuiging dat die skrif nie misbruik moet word nie, waarskynlik tot 'n definitiewe en maklik identifiseerbare ortografiese sisteem in Arabiese Afrikaans gelei het. Hierdie ortografiese sisteem kon nie sonder verwysing na die Arabiese reëls van *tajwīd* ontwikkel word nie en gevolglik word die Arabies-Afrikaanse ortografiese sisteem deur skerp omlýnde reëls beheers. Dit is hoekom die Arabies-Afrikaanse ortografie so konstant gebly het van die eerste beskikbare publikasie in 1869 tot die laaste een in 1957. Ons kan dus tot die gevolgtrekking kom dat die Arabiese Afrikaanse ortografiese sisteem 'n gestandaardiseerde sisteem was, en waarskynlik ook die eerste gestandaardiseerde ortografie van Afrikaans. (Davids, loc. cit.)

Ten spyte van die groot mate van gestandaardiseerdheid van die Arabies-Afrikaanse ortografie, het hierdie ortografie nooit wye ingang onder die breër Afrikaanse spraakgemeenskap gevind nie. Een van die belangrikste redes hiervoor is waarskynlik die feit dat dit in Arabiese skrif was, wat dit ontoereikend gemaak het vir die breër publiek, wat reeds goed vertrouwd was met die Romeinse skryfstelsel deur middel van Engels en Nederlands. Verder verteenwoordig hierdie ortografiese sisteem 'n grootliks fonetiese weergawe van die (Kaapse Moslems se) Afrikaanse uitspraak wat drasties van Nederlands afgewyk het wat op daardie stadium deur baie Afrikaanssprekendes as skryftaal gebruik is. (Venter, 1964: 159-160) Maar dit is tog te betreur dat hierdie ortografiese sisteem nie in ag geneem is

<sup>4</sup> Gedeeltelik oorgeneem en vertaal uit Davids (2011: 203).

in die aanvanklike skep van 'n Romeinse ortografiese sisteem vir Afrikaans nie, bloot omdat die Afrikaans van die Kaapse Moslems as “mindere” taal beskou is (sien 3.5.2.3). Die keuse van Oosgrensafrikaans as basis vir Standaardafrikaans het neergekom op 'n versuim om voort te bou op die Arabies-Afrikaanse skryftradisie as een van die eerste Afrikaanse ortografiese sisteme en 'n mens kan vandag maar net bespiegel oor die vorm wat Standaardafrikaans vandag sou hê indien hierdie skryftradisie wel in die standaardisering van Afrikaans verreken is (Hendricks, 2012: 6).

Davids (2011: 205) beskou die suksesvolle manipulasie van die Arabiese alfabet ten einde die klanke van Afrikaans van die Kaapse Moslems op skrif weer te gee as een van die grootste en indrukwekkendste prestasies van die Arabies-Afrikaanse skrywers. Hierdie proses het 'n belangrike rol gespeel in die ontwikkeling van die Arabies-Afrikaanse skryftradisie deurdat die skrywers betrokke geraak het in die proses om 'n nuwe alfabet te skep. (Davids, 2011: 172) Alhoewel hierdie skryftradisie vandag nie meer bestaan nie, is dit belangrik om hiervan kennis te neem met die uiteindelik oog op die herstandaardisering van die Afrikaanse ortografie, aangesien die miskenning van skryftradisies soos dié in die verlede daartoe gelei het dat Standaardafrikaans vandag nie die behoeftes van alle Afrikaanssprekendes dien nie.

#### 4.2.2.2 Die ortografiese sisteem van S.J. du Toit<sup>5</sup>

Selfs nog voordat daar sprake was van die stigting van die Genootskap vir Regte Afrikaners en die bestaan van *Die Patriot*, het twee van die latere voorlopers in die Eerste Taalbeweging, S.J. du Toit en C.P. Hoogenhout, hulle vir 'n ortografiese sisteem vir Afrikaans beywer (Le Roux, T.H., 1926: 256; Van der Merwe, 1968: 98). In 1874 skryf S.J. du Toit drie artikels onder die skuilnaam Ware Afrikaander in die Kaapse koerant *De Zuid Afrikaan*. Alhoewel hierdie artikels in Nederlands geskryf is, het dit oor “De Afrikaansche Taal” gehandel. Na aanleiding van hierdie artikels rig Klaas Waarzegger, Jnr. (die skuilnaam van C.P. Hoogenhout wat teen daardie tyd reeds 'n vurige pleitbesorger vir die vertaling van die Bybel in Afrikaans was) in dieselfde blad 'n brief aan Ware Afrikaander waarin hy die behoefte aan 'n ortografiese sisteem vir Afrikaans ter tafel lê:

---

<sup>5</sup> T.H. le Roux (1926: 257) verwys ook na hierdie ortografiese sisteem as die sisteem van die Eerste Taalbeweging of die sisteem van *Die Patriot*, aangesien hierdie blad die vernaamste orgaan van die Eerste Taalbeweging was en die geskiedenis van die spelling in daardie jare grootliks in hierdie blad afgespeel het. Soos Van der Merwe (1968: 98) verkies ek egter om na hierdie ortografiese sisteem as die sisteem van S.J. du Toit te verwys, aangesien hierdie sisteem hoofsaaklik aan sy werk te danke was.

Ek het banja mot jou oer die Afrikaanse taal te praat, daar mot tog een taalkunde gemaak word, en vaste regels, hoe een mens mot spel, soo dat ons nie soo maar hot en haar skrijwe nie. Jij mot daar oer een bietjie in die koerante skrij, en jij mot ook een dag een stuk in Afrikaans skrijwe om ver mijn te laat sien hoe jij die woorde spelde.

(Labuscagne, 1959: 17; Malan, 1963: 156; Van der Merwe, 1968: 98; “Ware Afrikaander”, 2008). Hoogenhout was nie soseer besorg oor die spreektaal nie, maar eerder die skryftaal waar groter eenvormigheid nodig is vir onderlinge verstaanbaarheid (Labuscagne, 1959: 17). Hoogenhout het self reeds heelwat in Afrikaans geskryf. Volgens Venter (1964: 160) toon Hoogenhout se *Geskiedenis van Josef* (1873) meer konsekwentheid van skryfwyse en baie minder Nederlandse vorme as wat byvoorbeeld by Samuel Zwaartman (skuilnaam van H.W.A. Cooper) se *Boerenbrieven uit Fraserburg en Kaapsche schetsen* te bespeur is wat net twee jaar tevore van 1870 tot 1871 in *Het Volksblad*<sup>6</sup> verskyn het. Dit is daaraan toe te skryf dat Hoogenhout se skryfvorm gemotiveer is deur die feit dat hy die spreektaal ook skryftaal wou laat word en dit op ’n waardige wyse wou laat geskied, waarvan konsekwentheid van skryfwyse ’n uitdrukking is, aldus Venter (1964: 160). Tog was sy spelling nog dikwels te Nederlands of te radikaal anders as die toe reeds bekende Nederlandse ortografiese sisteem en is dit ook nie so konsekwent toegepas soos wat ’n mens van ’n bruikbare ortografiese sisteem sou verwag nie. (Le Roux, T.H., 1926: 257-258; Van der Merwe, 1968: 98; “Cooper, Henry William Alexander”, 2008) So publiseer S.J. du Toit, wat van mening was dat “Hollans [...] ’n onleerbare taal fer 90 persent Afrikaners en Engelse in Suid Afrika” was wat hulle nie kon leer nie selfs al wou hulle, op 25 November 1874 in reaksie op Hoogenhout se brief in *De Zuid Afrikaan* sy eerste proewe van ortografiese reëls vir Afrikaans (Eie formulering – G.O.):

- Ons skryf soos ons praat. Hierdie reël impliseer dat die spelling van ’n woord so na moontlik aan die uitspraak moet wees, met ander woorde ’n fonetiese spelling.
- Eiename en vreemde woorde word geskryf soos dit in daardie taal geskryf word waaraan die woord ontleen is.
- Z word vervang deur s, behalwe wanneer dit in vreemde woorde voorkom.
- In oop lettergrepe word ’n vokaal nooit verdubbel nie, aangesien die lettergreep vanself lank is, byvoorbeeld eerder *twé* as *twee* en eerder *so* as *soo*.
- Waar ’n konsonant weggelaat word, word dit met ’n afkappingsteken (˘) aangedui, byvoorbeeld eerder *ho˘e* en *la˘e mense* as *hooge* en *laage mense*.
- Daar word tussen vier e-klanke onderskei: (a) die [ə]-klank, soos die eerste e in *gegé*; (b) die [e]-klank, soos die tweede e in *gegé*; (c) die [ɛ:]-klank, soos in *wêreld*, *pêrd*, *hê*, *sê*, *lê*;

---

<sup>6</sup> Sedert November 1917 bekend as *Die Volksblad* en sedert 2001 slegs *Volksblad*.

(d) die [ɛ]-klank, soos in *nè*. Die verskil tussen hierdie vier e-klanke word verskillend aangedui: *e, é, ê, è*.

- Die Nederlandse *sch* word vervang deur *sk*, byvoorbeeld eerder *skool* as *school* en eerder *skape* as *schapen*.

(Du Toit, 1897: iii-iv; Le Roux, T.H., 1926: 258, 260; Venter, 1964: 160-161; Malan, 1963: 156-157; Van der Merwe, 1968: 98; Nienaber en Heyl, s.a.<sub>1</sub>: 23)

Alhoewel Du Toit met hierdie sewe reëls volstaan het, meen T.H. le Roux (1926: 259; ook uiteengesit in Van der Merwe, 1968: 98) dat daar ten minste nog ses reëls uit Du Toit se eie skryfstyl in die brief afgelei kan word:

- *Ch* word deur *g* vervang, maar is onderhewig aan die tweede reël hier bo.
- *V* word naas *f* behou wanneer dit nie oorgaan in *w* nie.
- *D* word aan die einde van woorde behou.
- Die stom *w* val weg, behalwe wanneer dit net deur 'n *u* voorafgegaan word, byvoorbeeld *vrou, pou, leeu*, maar *ruw, uw, nuws*.
- *Y* word naas *ei* behou, maar *ij* val weg.
- *Au* word vervang deur *ou*, maar is onderhewig aan die tweede reël hier bo.

S.J. du Toit het hierdie reëls nie as 'n wet van Mede en Perse beskou nie, maar as hulpmiddel vir die Afrikaansskrywende publiek. Hy het dan ook Hoogenhout se insae in hierdie verband gevra. (Malan, 1963: 157) In *De Zuid Afrikaan* van 19 Desember 1874 reageer Hoogenhout positief op Du Toit se sewe reëls, maar hy kritiseer die vyfde reël wat oor die weglaat van konsonante handel. Du Toit reageer eweneens positief op hierdie brokkie kritiek en stel voor dat die afkappingsteken (') net behou word waar dit vir uitspraak nodig is, soos in *ho'e, la'e* en *o'er*. (Malan, 1963: 158; Nienaber en Heyl, s.a.<sub>1</sub>: 25) Malan (loc. cit.) is van mening dat hieruit duidelik blyk dat dié twee beyweraars van die Afrikaanse ortografie die nodige insig in die spellingkwessie besit het. Du Toit wou ook nie die publiek met te veel reëls oorlaai of onnodig voorskrywend wees nie, maar slegs die nodigste reëls gee ten einde die publiek aan te moedig om in Afrikaans te skryf (Le Roux, T.H., 1926: 259; Malan, 1963: 166). Daarom hou hy die reëls doelbewus kort, eenvoudig en saaklik. Die Afrikaanse spelling moes eerder voortvloei uit die gebruik van Afrikaans in geskrewe vorm. (Le Roux, T.H., 1926: 263; Malan, loc. cit.) Die algemene beginsel waarop hierdie ortografiese sisteem berus het, naamlik "ons skryf soos ons praat", was ook bedoel om as prikkel vir die publiek te dien wat hulle aanmoedig om nie selfbewus te wees oor die wyse waarop hulle skryf nie, maar om eenvoudig aan die skryf te gaan (Le Roux, T.H., 1926: 260; Venter, 1964: 161). Du Toit en Hoogenhout se doelstelling kom uiteindelik daarop neer dat hulle die Afrikaanse skryftaal vir almal toeganklik wou maak deur eenvormigheid in die skryftaal



teweeg te bring (Labuscagne, 1959: 17). Dit was egter 'n beperkte toeganklikheid, aangesien Du Toit van mening was dat Afrikaans die taal van die Afrikaner was; “'n suiwer Germaanse taal” (Giliomee, 2007: 4; sien 2.3.5). Die “ons” in sy “ons skryf soos ons praat”-beginsel het dus net na 'n sekere deel van die Afrikaanse spraakgemeenskap verwys, dit is wit Afrikaanssprekendes.

S.J. du Toit het besef dat alle spellingpunte nie dadelik bereël kon of selfs bereël hoef te word nie, maar dat die gebruikers van Afrikaans eers skryfervaring moes opdoen, wanneer hy die volgende aan Hoogenhout skryf:

So wil ek graag hê, dat ons een party re'els moet vasstel ver die spelling van ons taal. Di's die leiband.

En dan moet ons mar skrywe, dat die taal kan gevorm worde. (Le Roux, T.H., 1926: 260)

Daarom sê P.J. Nienaber (1959: 32) ook ten opsigte van *Die Patriot* dat hierdie blad “die Afrikaner [...] leer skryf [het]”. Buite hierdie sisteem is daar in ooreenstemming met die eerste reël dus 'n groot mate van vryheid toegelaat (Le Roux, T.H., 1926: 259-260, 261; Van der Merwe, 1968: 99). Alhoewel hierdie vryheid 'n mate van chaos tot gevolg gehad het, word dit oorskadu deur die voordele wat dit vir die ontwikkeling van Afrikaans as skryftaal ingehou het deur die vrymoedigheid wat dit onder die Afrikaanssprekendes laat posvat het (Venter, loc. cit.). Alhoewel hierdie eerste proewe van ortografiese reëls in Afrikaans nog vol onreëlmatighede en onvastighede was, het dit tog tot 'n groot mate 'n einde gemaak aan die inkonsekwente en reëllose skryfwyses wat sommige van die tekste voor hierdie tydperk gekenmerk het deurdat die reëls redelik konsekwent toegepas is (Le Roux, T.H., 1926: 259; Malan, 1963: 167; Van der Merwe, loc. cit.). Die leiding wat deur hierdie reëls verskaf is, is tot só 'n mate deur die publiek aanvaar dat dit gou ingang gevind het (Malan, loc. cit.).

Op die stigtingsvergadering van die Genootskap van Regte Afrikaners op 14 Augustus 1875 het die GRA besluit om aandag daaraan te skenk om 'n Afrikaanse grammatika beskikbaar te stel. Hierdie taak is aan 'n kommissie bestaande uit S.J. du Toit, G.J. Malherbe en A. Ahrbeck opgelê. So verskyn die *Eerste beginsels van die Afrikaanse taal* op 15 April 1976 waarin S.J. du Toit se ortografiese reëls van 1874 grootliks in die eerste deel getiteld “Om die woorde reg te skrywe (orthografie)” herhaal is met die toevoeging van 'n reël in die derde hoofstuk “O'er die spelling” waarin hooflettergebruik (wat eintlik met skryfwyse te make het en nie spelling nie) bereël is:

Ons skryf met een groot letter:–

- a. Die eerste woord van elke volsin.
- b. Die eerste woord van elke re'el in een gedig.
- c. Al die ei'e name.
- d. Die woorde wat een bisondere persoon of saak andui.

(Die Genootskap van Regte Afrikaanders, 1876: 9-10; Malan, 1963: 165-166; Loubser, 1980: 1) Aangesien die primêre doel van hierdie grammatika nie was om spel- en skryfwyseleiding te gee nie, maar om aan te toon “dat Afrikaans net so goed een taal is as enige taal van die wêreld” deurdat “[h]y [...] net so goed syn woorde, syn vorme, syn wette, ens.” het, is daar met Du Toit se paar ortografiese reëls volstaan (Die Genootskap van Regte Afrikaanders, 1876: 5). Alhoewel dit nie eksplisiet as ortografiese reëls in *Eerste beginsels* uiteengesit is nie, kan ’n paar ander spelbeginsels uit die res van die boek afgelei word (vgl. Die Genootskap van Regte Afrikaanders, 1876: 9-29):

- Die Nederlandse onbepaalde lidwoord *een* word behou.
- Die *y* vervang die Nederlandse *ij*.
- Soos *z* word *c*, *q* en *x* net in vreemde woorde behou.
- In sommige gevalle is ’n *-t* aan die einde van woorde geplaas waar vandag ’n *-n* is, byvoorbeeld *bestaat*, *siet*, *doet* en *slaat*.
- In sommige woorde is daar wegbeweeg van die Nederlandse spelling in ooreenstemming met die Afrikaanse uitspraak, byvoorbeeld *worre*, *oek*, *wort* en *ver* (vir *word*, *oek*, *word* en *vir*).
- In ander gevalle is daar weer nouer by die Nederlandse vorme aangesluit, byvoorbeeld *kryg*, *blyf* en *seg* (vir *kry*, *bly* en *sê*).
- Die [i]-klank word in baie gevalle in ’n oop lettergreep met ’n *i* voorgestel, byvoorbeeld *koffi*, *idere*, *imand* en *nimand*.
- In woorde met *-lik* word die *k* verdubbel wanneer die woord verbuig word, byvoorbeeld *eintlikke* en *gemakkelikke*.
- *Ek* vervang die Nederlandse *ik* as enkelvoudige eerstepersoonsvorm van die persoonlike voornaamwoord, maar *myn* word as voornaamwoord asook besitlike voornaamwoord saam met *syn* behou. *Sulle* tree op as die derdepersoonsvorm van die persoonlike voornaamwoord in die meervoud om dit van die besitlike voornaamwoord *hulle* te onderskei. *Jou’e* en *onse* is die predikatiewe vorm van die besitlike voornaamwoorde *jou* en *ons*.
- Nederlandse werkwoorduitgange is geskrap.

Dat daar egter nog baie onvastigheid in die spelling was, is duidelik uit die inkonsekwentheid waarmee die spelling toegepas is, byvoorbeeld *koffi* maar in verkleinwoorde is die *-ie* behou (bv. *knapie*), *gen* (vir *geen*) maar *afdeeling*, *twede* maar *grooter*, *seg* maar ook *sê*, *slaat* maar *geslaan*, ensovoorts. Ten spyte hiervan, toon hierdie ortografie van Du Toit en die GRA ’n groter mate van verafrikaansing as latere ortografiese sisteme waarin daar nouer aangesluit is by die Nederlandse spelling. Dié groter mate van verafrikaansing is waarskynlik toe te skryf aan die “ons skryf soos ons praat”-beginsel wat

gevolg is, asook die feit dat die GRA daarvan oortuig was dat Afrikaans onafhanklik van Nederlands kon funksioneer:

Myn skepsels! di's mos tog al te dom om te sê: as ons een woord nie nes Hollans uitspreek nie, dan is dit verkeerd!!! (Die Genootskap van Regte Afrikaanders, 1876: 18)

Met die oprigting van die Afrikaanse blad *Die Patriot* in 1876 is hierdie ortografiese sisteem, soos uiteengesit in *Eerste beginsels van die Afrikaanse taal*, onder die redakteurskap van S.J. du Toit in die redaksionele gedeelte van dié blad gevolg (Le Roux, T.H., 1926: 259; Malan, 1963: 164; Van der Merwe, 1968: 99). Met verloop van tyd het die redaksie van *Die Patriot* egter begin om hulle kernspelbeginsel strenger toe te pas wat aanleiding gegee het tot drie ingrypende veranderinge in die ortografiese sisteem, te wete dat die [i]-klank nou voorgestel is deur *ii* in geslote en *i* in oop lettergrepe (bv. *briif* en *briwe*), *v* vervang is deur *f*, en dat *y* die plek van *ei* ingeneem het (bv. *waarhyd*) (Le Roux, T.H., 1926: 261; Van der Merwe, loc. cit.; Nienaber en Heyl, s.a.: 53). Sedert ongeveer einde 1880 is hierdie wysigings konsekwent deur die redaksie toegepas (Le Roux, T.H., loc. cit.). In 1878 het die GRA ook besluit om 'n spel- en leesboekie uit te gee wat as handleiding vir die Bybelvertalers kon dien, aangesien die GRA se betrokkenheid by die Afrikaanse ortografie hoofsaaklik deur hulle behoefte aan 'n Afrikaanse Bybelvertaling gemotiveer is (Malan, 1963: 248). Die GRA het dit as die taak van die Bybelvertaling beskou om die taal tot eenvormigheid te bring, want "[...] as een ding die Afrikaanse taal tot skryftaal sal vorm, deur 'n ooreenstemming in die spelling en gebruik van woorde te bring, dan sal dit juis 'n bybelvertaling wees", aldus 'n artikel in *Die Patriot* in 1879 (aangehaal in Malan, loc. cit.). Dit sou egter nog 'n hele aantal jaar duur voordat daar sprake van 'n Afrikaanse Bybelvertaling was (sien 2.3.7). Die GRA het gou besef dat daar eers 'n goed gevestigde ortografiese sisteem vir Afrikaans moes bestaan voordat 'n Bybelvertaling aangepak kon word.

In 1882 verskyn 'n tweede uitgawe van *Eerste beginsels* in 'n oplaag van sesduisend eksemplare. (Malan, 1963: 167; Venter, 1964: 161; Loubser, loc. cit.) Sekere wysigings het intussen in die spelling plaasgevind (Loubser, 1980: 3-4):

- Die [i]-klank word nou meer konsekwent in oop lettergrepe met 'n *i* weergegee, byvoorbeeld *di*, *liwe* en *boek*.
- Die onbepaalde lidwoord *een* is vervang deur 'n en *een* is nou 'n telwoord.
- Waar die afkappingsteken in die eerste uitgawe gebruik is om sinkopering ten opsigte van Nederlands aan te dui, byvoorbeeld *ei'e*, *ou'e* en *so's*, kom hierdie woorde nou sonder die afkappingsteken voor, met die uitsondering van *o'er*.
- Die *k* van die suffiks *-lik* word nie meer soos in die vorige uitgawe in die verboë vorm van afleidings herhaal nie, byvoorbeeld *gemakkeliker* en *persoonlike*.

- Verbindings met *so* word nou as een woord geskryf, byvoorbeeld *soveul, somar en sodat*.
- Waar in die eerste uitgawe beide *hulle* en *sulle* as persoonlike voornaamwoord vir derde persoon meervoud aanvaar is, word nou slegs *hulle* aanvaar.
- *My* vervang *myn* as eerstepersoonsvorm enkelvoud van die persoonlike voornaamwoord.
- Sekere woorde het in hierdie uitgawe 'n meer Afrikaanse vorm aangeneem, byvoorbeeld *sê, nou en dan* en *koring* teenoor *seg, nu en dan* en *koren* in die eerste uitgawe. In ander gevalle is daar egter weer teruggegaan na 'n meer Nederlandse vorm, byvoorbeeld *geworde* en *dage* teenoor *geworre* en *da'e* in die eerste uitgawe.

Spiedig hierna het daar egter ander wysigings aan die spelling gevolg wat die Afrikaanse ortografiese geskiedenis 'n minder voorspoedige rigting laat inslaan het (Malan, 1963: 169). Hierdie wysigings was 'n aantal ingrypende vereenvoudigings wat hoofsaaklik na 1891 plaasgevind het nadat C.P. Hoogenhout en D.F. du Toit die redaksie van *Die Patriot* verlaat het en S.J. du Toit met sy ongewilde politieke opvattinge alleen aan die stuur van die blad was (Malan, 1963: 170). Na die Jameson-inval van 29 Desember 1895 tot 2 Januarie 1896 en die daaropvolgende Suid-Afrikaanse Oorlog, het die spelling van *Die Patriot*, saam met die sterk politieke sentimente ten gunste van Cecil John Rhodes (wat aandadig was aan die Jameson-inval) wat in die blad verkondig is, in diskrediet gekom (Smith, 1920a: 291; sien ook 2.3.5). Hierdie gewysigde ortografiese sisteem van S.J. du Toit is ook met die stigting van sy literêre maandblad *Ons Klyntji* in 1896 in die redaksionele gedeelte toegepas. Op 'n taalkongres wat in dieselfde jaar in die Paarl gehou is, is verskeie vraagstukke oor die Afrikaanse taal bespreek, waaronder sowel die gebruik van spesifieke woorde as spesifieke spelkwessies, soos die gebruik van *d* of *t* aan die einde van 'n woord en die gebruik van *ek* teenoor *ik*. Afgevaardigdes uit alle dele van die land en van verskeie neringe het die kongres bygewoon. (Von Wielligh, 1917d: 120; Van der Merwe, loc. cit.) Gedurende die volgende jaar het Du Toit sy toe reeds bekende ortografiese sisteem in sy *Fergelykende Taalkunde fan Afrikaans en Engels* (1897) gepubliseer (Le Roux, T.H., loc. cit.; Malan, 1963: 171, Loubser, 1980: 5). Die belangrikste besonderhede oor die ortografiese sisteem word in die eerste deel van die boek getiteld "Om di woorde reg te skrywe" gevind wat handel oor die letters, lettergrepe en spelling onderskeidelik (sien Du Toit, 1897: 1-7). Die opmerklikste veranderinge in Du Toit se ortografiese sisteem wat sedert die tweede uitgawe van *Eerste beginsels* in 1882 plaasgevind het, is soos volg (Loubser, 1980: 5-6):

- Die letter *f* het *v* oral vervang, byvoorbeeld *fan, fergelykende* en *befolking*.
- Net so het die letter *y* oral *ei* vervang, byvoorbeeld *meerderhyd*.
- Die [i]-klank word nou in geslote lettergrepe weergegee met *ii*, byvoorbeeld *hiir, siin* en *siil*.

- 'n Aantal gevalle word nou as woorde geskryf wat voorheen nog as woordgroepe beskou is, byvoorbeeld *agtermakaar*, *netso* en *dubbelepunt*.
- In 'n aantal gevalle is daar weer teruggegaan na die ouer vorme van woorde, byvoorbeeld die invoeging van *g* en *d* in woorde soos *ygename*, *fers-regels*, *fragende*, *oge* en *tyde*, asook die herinvoer van *set* (i.p.v. *sit*) van 1876 se *Eerste beginsels*.
- Ander woorde is weer tot 'n groter mate met hedendaagse Afrikaans in ooreenstemming gebring, byvoorbeeld *soos*, *bestaan*, *doen* en *slaan* teenoor *so's*, *bestaat*, *doet* en *slaat* van voorheen.

Du Toit het tot in 1909 sy pogings voortgesit om hierdie onveranderde 1897-ortografiese sisteem onder die skrywende Afrikaanse bevolking te bevorder. Vanweë Du Toit se politieke oortuigings en die politieke kleur wat *Die Patriot* gekry het, het hy egter nie in hierdie doel geslaag nie, aangesien hy, en gevolglik ook sy ortografiese sisteem, nie werklik meer aanhang geniet het nie. (Le Roux, T.H., 1926: 264; Malan, 1963: 174)

T.H. le Roux (1926: 264; ook aangehaal in Van der Merwe, 1968: 99) meen dat S.J. du Toit se ortografiese sisteem af te keur is vanweë die feit dat daar dikwels nie genoeg rekening gehou is met die taalvorme buite die onmiddellike omgewing waarbinne Du Toit en die ander lede van die GRA hulle bevind het nie (dit is die Paarl) en dat daar dus nie konsekwent van 'n algemene taalvorm gepraat kan word nie. Volgens Venter (1964: 162) het die veranderinge wat S.J. du Toit aan die spelling aangebring het Afrikaans onnodig vreemd laat lyk omdat die Nederlandse skryftradisie daarmee feitlik heeltemal oorboord gegooi is. Venter (loc. cit.) gaan selfs so ver om te sê dat hierdie fonetiese skryfwyse Afrikaans as skryftaal en Bybeltaal geskaad het en dat dit een van die belangrikste redes is vir die mislukking van die Bybelvertaling tydens die Eerste Taalbeweging. Malan (1963: 168) is egter van mening dat hierdie ortografiese sisteem, alhoewel dit baie foneties was, in wese nie veel van die Nederlandse voorskrifte verskil het nie. Tog meen Venter (1964: 160-161) dat die pogings van die Genootskap van Regte Afrikaners in hierdie tydperk van baie groter belang is, omdat hulle daarop uit was om 'n Afrikaanse skryftradisie te skep: “[...] hulle wou die Afrikaners Afrikaans laat skrywe”. Hierdie sentiment is ook deur die opstellers van die eerste *Afrikaanse woordelys en spelreëls* gedeel:

Hierdie woordelys en hierdie spelreëls is die vrug van die werksaamhede van die taalpioniers, die lede van *Die Genootskap van Regte Afrikaners*, opgerig in die Paarl op 14 Augustus, 1875. (Le Roux, Malherbe, en Smith, 1917: iii)

Alhoewel hierdie beweging nie veel tot stand gebring het in terme van 'n ortografiese sisteem nie, het dit vir Afrikaanssprekendes as bewys gedien van die vastheid en blywende krag van Afrikaans as taal en aan diegene wat die taalstryd verder gevoer het 'n mate van selfvertroue en prestige verleen, aldus

Grosskopf (1917a: 2). Daarom kan S.J. du Toit se bydrae tot die ortografiese geskiedenis van Afrikaans nie misken word nie. Du Toit se sewe spelreëls en sy latere uitbreiding en verfyning daarvan het inderdaad die grondslag vir spelling en skryfwyse in Afrikaans gelê. Soos Malan (1963: 164) tereg opmerk, is hierdie reëls sekerlik nog vol gebreke en nie uitgebreid genoeg om aan alle ortografiese behoeftes van Afrikaans te voorsien nie, maar die basiese elemente om die spelling van Afrikaans te bereël is tog daar. Malan (loc. cit.) verwoord S.J. du Toit se bydrae tot die ortografiese geskiedenis van Afrikaans verder soos volg:

Nogtans moet toegegee word dat dit 'n lofwaardige lekepoging was wat deurgevoer is in 'n tyd toe al wat Afrikaans was, verfoei is. Die grootheid van hierdie reëls lê in werklikheid in die suksesvolle deurvoering van die meeste daarvan om die basis van die huidige Afrikaanse spelling te vorm.

Uiteindelik het S.J. du Toit se sisteem 'n duidelike stempel op die spelling van Afrikaans afgedruk deurdat daar in hierdie tyd baie spelvorme vasgelê is waaraan daar later in die Akademiespelling erkenning verleen sou word (Malan, 1963: 168). En in Du Toit se mislukking was daar ook 'n les vir diegene wat ná hom die Afrikaanse spelstryd verder gevoer het. Waar hulle uitgegaan het van die standpunt van antagonisme tussen Afrikaans en Nederlands, is daar in die ortografiese sisteme hierna uitgegaan van die standpunt van wedersydse erkenning, aanvaarding en vriendskaplike medewerking. (Grosskopf, 1917a: 2) Vanweë die onguns waarin Du Toit se ortografiese sisteem verval het, is sy sisteem mettertyd gewysig toe die ortografiese sisteem van die Afrikaanse Taalvereniging na vore getree het waarin daar weer nader beweeg is aan die Nederlandse spelling (Eksteen, 1984: 58).

#### **4.2.2.3 Die Afrikaans-Nederlandse taalstryd: Die Vereenvoudigde Nederlandse Spelling<sup>7</sup> en die bydraes van J.H.H. de Waal en Gustav S. Preller**

In teenstelling met die pro-Afrikaanse beweging wat deur die Genootskap van Regte Afrikaners begin is, het daar in die laat 1800's ook 'n pro-Nederlandse beweging in die Kaap posgevat waarvan die navolgers hulle vir die behoud en bevordering van Nederlands beywer het (Malan, 1963: 174). Slegs 'n jaar na die stigting van die GRA het hoofregter J.H. de Villiers in Kaapstad 'n lesing gehou waarin hy skerp gekant was teenoor diegene wat Afrikaans tot skryftaal wou verhef. Hy het selfs so ver gegaan om Afrikaners aan te raai om maar eerder die wêreldtaal Engels aan te neem. (Boshoff, 1920b: 107) Toe Hollands in 1882 op voorstel van Jan Hendrik Hofmeyr naas Engels vir amptelike gebruik deur die Kaapse Parlement erken is, is daar duidelik klem daarop gelê dat onder Hollands "nie die gemene basterd-brabbeltaal van Di Patriot" bedoel word nie (Boshoff, loc. cit.). Volgens Kapp (2009: 12) was die voorstanders van Nederlands teen Afrikaans gekant omdat hulle dit nie as 'n taal

---

<sup>7</sup> Ook vroeër bekend as die Vereenvoudigde Hollandse Spelling (VHS).

van hoë ontwikkeling beskou het nie, aangesien Afrikaans nog oor geen grammatika of noemenswaardige letterkunde beskik het nie. Dit is ook as “platvloers” beskou omdat dit nie vir hoër funksies in die openbaar gebruik is nie (Kapp, loc. cit.).

Die stryd tussen Afrikaans en Nederlands as taal van die sogenaamde Afrikaner<sup>8</sup> is reeds in 1890 aan die gang gesit op die taalkongres waarop die Zuid-Afrikaansche Taalbond [voortaan ook Taalbond] in die lewe geroep is. Die taalkongres, wat van 31 Oktober tot 1 November in Kaapstad gehou is en onder andere bygewoon is deur 'n paar vurige voorstanders van Nederlands en D.F. Malan van die GRA, is gekenmerk deur indringende gesprekvoering oor watter taal, Afrikaans of Nederlands, die Taalbond sou bevorder. Daar was ernstige meningsverskil onder Afrikaners in die Kaapkolonie oor hulle taalvorm. In 'n poging om die gemoedere te kalmeer, is daar 'n voorstel ingedien dat die Taalbond hulle daarvoor moes beywer om die “volkstal” te bevorder. Hierdie voorstel, wat met 'n meerderheidstem aanvaar is, het egter nie uitsluitel oor die saak gegee nie en dus slegs 'n tydelike oplossing vir die probleem gebied. Alhoewel Nederlands wetlike beskerming in die Transvaal geniet het, het die Nederlandse taal geleidelik agteruit gegaan, aangesien Afrikaans teen die einde van die negentiende eeu reeds die spreektaal van die meeste Afrikaners was. Ook hier het die vraag dus ontstaan wat die taal van die Afrikaner is. In die Vrystaat is die Afrikaans-Nederlandse taalstryd aan die gang gesit deur Johannes Brill, die rektor van Grey-kollege in Bloemfontein. Hy was een van die eerste taalgeleerdes wat die erkenning van Afrikaans bepleit het toe hy op 5 Mei 1875, ongeveer drie maande voor die stigting van die GRA, 'n lesing oor *De Landstaal* in Bloemfontein gelewer het (sien 2.3.5). In hierdie lesing waarin hy 'n pleidooi vir die amptelike erkenning en bevordering van Afrikaans gelewer het, het Brill verklaar dat die stryd vir Afrikaans teen sowel Nederlands as Engels aangeknoop moes word. Twee regters van die Vrystaatse Hooggeregshof, regters F.W. Reitz en J.B.M. Hertzog, het ook 'n lansie vir Afrikaans gebreek. Nadat die lede van die Taalbond in 1890 wou terugkeer na Nederlands as taal van dié instelling, het Hertzog as student in Amsterdam in die studenteblyd *Propria Cures* geskryf dat om terug te keer na Hollands was soos om te ver wag dat 'n rivier se strome terugvloe. Hy het ook voorspel dat Afrikaans die toekomstige landstaal van Suid-Afrika sou word. Veral Reitz se mening soos uiteengesit in *De Bloemfontein Express*, naamlik dat Afrikaans nie 'n minderwaardige taal is nie, het 'n groot impak op die Vrystaatse bevolking gehad. Dit het daartoe bygedra dat Afrikaans al hoe meer ondersteuning in die Vrystaat begin geniet het, terwyl leerders al hoe meer onwillig was om Nederlands op skool te leer. (Claassen, 1977: 34-35, 39, 42-43)

---

<sup>8</sup> Sien 1.1.1, voetnoot 3 vir 'n definisie van hierdie term.

Mettertyd het die Zuid-Afrikaansche Taalbond hulle ten gunste van tradisionele Nederlands en Nederlandse waardes in Suid-Afrika begin onderskei en het hierdie liggaam in 'n sekere sin die teenhanger van die Genootskap van Regte Afrikaners en hulle beywering vir Afrikaans geword (Bosman, 1959: 75). Die teenstand wat Nederlands veral in die skole begin ondervind het vanweë die taal se ingewikkeldheid, het die Taalbond egter laat besef dat daar nie veel hoop was vir die voortbestaan van Nederlands in Suid-Afrika tensy die spelling vereenvoudig word nie. Die poging wat in 1891 deur R.A. Kollwijn, F. Buitenrust Hetteema en J.J. Salverda de Grave in Nederland onder die vaandel van die Vereniging tot Vereenvoudiging van onze Schrijftaal aangewend is om die Nederlandse spelling te vereenvoudig<sup>9</sup>, het sodoende spoedig aanhang begin geniet in Suid-Afrika. Die Nederlandse koerante in die Kaapkolonie, die Transvaal en Bloemfontein, *De Zuid-Afrikaan vereenigd met Ons Land*, *De Volksstem*<sup>10</sup> en *De Bloemfontein Express*, het in 1894 begin om 'n vereenvoudigde Nederlandse spelling te gebruik wat baie met dié van Kollwijn en andere ooreengestem het. Die Taalbond en ander voorstanders van Nederlands het die vereenvoudigde Nederlands as manier gesien om Nederlands aanvaarbaarder te maak vir die breër publiek, Nederlands se populariteit in Suid-Afrika te verhoog en sodoende Afrikaans uit te skakel. Die Taalbond sou hulle dus voortaan vir die vereenvoudiging van Nederlands in Suid-Afrika beywer. (Bosman, loc. cit.; Malan, 1963: 182; Nienaber, 1968:

---

<sup>9</sup> Die vernaamste aspekte ten opsigte waarvan Kollwijn, Buitenrust Hetteema en Salverda de Grave se spelling van die bestaande Nederlandse spelling (die 1864-spelling van De Vries en Te Winkel) afwyk (uiteengesit in Kollwijn, Buitenrust Hetteema en Salverda de Grave, 1903: iii-v), is as volg:

- Die vokale *e*, *o*, *a* en *u* word nie aan die einde van 'n lettergreep verdubbel nie, bv. *preken*, *lopen* en *zo*. Die dubbel *-ee* aan die einde van 'n woord word egter behou, so ook in samestellings en afleidings van dié woorde, bv. *twee*, *tweede* en *tweetal*.
- In eg Nederlandse woorde word die [i]-klank deur *ie* in plaas van *i* voorgestel, maar in oop lettergrepe van vreemde en leenwoorde word die *i* behou, bv. *afgodies* en *biezonder*, maar *individu* en *favorite*. Leenwoorde wat eindig op *-ie* of op *-ie* gevolg deur 'n medeklinker, behou egter die *ie* wanneer die woord verbuig word, bv. *genieën* en *traditieën*.
- Die toonlose vokaal in die uitgang(e) *-lik(s)* word deur 'n *i* aangedui, bv. *gewoonlik* en *dageliks*.
- Die *ch* in *sch* word slegs in dáárdie woorde behou waar dit in die uitspraak gehoor word, bv. *vis*, *mens* en *hollandse*, maar *schoon*, *schip* en *schrijven*. Dit geld ook ander woorde waar 'n letter nie in die uitspraak gehoor word nie, bv. *tans* (sonder *h*), *ert* (sonder *w*) en *besje* (sonder *t*).
- Waar die verbindingsklanke *n* en *s* nie in die uitspraak gehoor word nie, word dit weggelaat, bv. *zedeleer*, *hondehok* en *bloemkrans*. Die eerste deel van 'n samestelling hoef dus nie 'n meervoudsuitgang te neem nie.
- Die volgende word in leenwoorde vervang:  
*k* vervang *c* waar 'n [k]-klank in die uitspraak gehoor word, bv. *lokomotief* en *akteur*;  
*f* vervang *ph*, bv. *alfabet* en *fysika*;  
*r* vervang *rh*, bv. *retorika*;  
en *e* vervang *ae*, bv. *ether* en *pedagogie*.  
Verder word algemeen gebruiklike leenwoorde vernederlands, bv. *bazaar*, *kanapee* en *trem*.
- Eiename behou hulle oorspronklike spelling, bv. *George* en *Visscher*.
- By die verbuiging van lidwoorde, adjektiewe en voornaamwoorde word net dít geskryf wat uitgespreek word, bv. in “voor *den* dag”, “aan *den* drank” en “onder *den* duim” word die *-n* slegs geskryf as dit deur die spreker uitgespreek word.

<sup>10</sup> Sedert 1905 bekend as *De Volkstem* en sedert 1922 *Die Volkstem*.



1; Claassen, 1977: 45-46) Hiermee word bedoel die “vereenvoudiging van spelling en van ondergeskikte grammatikale reëls, en die erkenning van tipies Afrikaanse woorde en uitdrukkinge”, aldus Bosman (loc. cit.).

Van die vurigste voorstanders van Nederlands was W.J. Viljoen en P.J.G. de Vos van Stellenbosch (Nienaber, loc. cit.). De Vos het hom as voorsitter van die Taalbond sedert 1895 vir die vereenvoudiging van Nederlands beywer, wat hy enersyds as ’n manier gesien het om die taal vir Afrikaners aanvaarbaar te maak en andersyds om die verheffing van Afrikaans tot skryftaal te voorkom (Claassen, 1977: 47). Deur De Vos se toedoen is Het Eerste Congres ter Vereenvoudiging der Nederlandsche Taal op 4 en 5 Januarie 1897 deur die voorstanders van Nederlands in Kaapstad gehou (Malan, 1963: 174-175, 249; Claassen, 1977: 53, 56). Die doel van hierdie kongres was hoofsaaklik om voorstelle vir die vereenvoudiging van Nederlands te bespreek (Claassen, 1977:54). Nadat ’n aantal voorstelle oor hoe hierdie vereenvoudiging bereik kon word, bespreek is, is ’n groep vereenvoudigingsvoorstelle eenparig aangeneem. Alhoewel hierdie vereenvoudigingsvoorstelle nie so drasties was nie, was dit in ooreenstemming met die ortografiese sisteem wat deur Kollewijn, Buitenrust Hettema en Salverda de Grave vir Nederland voorgestel is (sien voetnoot 9). (Malan, 1963: 249; Claassen, 1977: 55-56) Tog het die kongresgangers gevoel dat hierdie voorstelle eers deur die Nederlandse taaloutoriteite goedgekeur moes word voordat dit in Suid-Afrika toegepas kon word ten einde die nodige gesag en aansien daaraan te verleen. Die vereenvoudigingsvoorstelle wat tydens die Kaapse kongres aangeneem is, is sodoende in Augustus 1897 op die Nederlandse Taal- en Letterkundige kongres in Dordrecht vir goedkeuring aan die Nederlandse taalgeleerdes voorgelê. Die kongres het egter nie hulle goedkeuring aan die Suid-Afrikaanse voorstelle gegee nie, aangesien daar op daardie tydstip ook ’n taalstryd in Nederland gewoed het tussen die voorstanders van die bestaande Nederlandse spelling (die spelling van De Vries en Te Winkel<sup>11</sup> wat vandag nog in gewysigde vorm in Nederland geld) en die vereenvoudigde Nederlandse ortografie van Kollewijn en andere. Die Suid-Afrikaanse voorstelle het ook woorde en uitdrukkings bevat wat vir die Nederlanders onbekend was. De Vos het hom egter nie hierdeur laat stuit nie en het voorgestel dat die Suid-Afrikaanse

---

<sup>11</sup> Nadat daar in 1851 besluit is om met die samestelling van die *Woordeboek der Nederlandsche Taal (WNT)* te begin, het daar ’n behoefte ontstaan om ’n eenvormige Nederlandse ortografie te skep. Die grootste deel van die werk vir die nuwe ortografie is deur L.A. te Winkel onderneem wat sy eerste ortografiese voorstel in 1859 gepubliseer het. Sy boek *De grondbeginselen der Nederlandsche spelling* het ’n voorwoord deur die hoofredakteur van die *WNT*, M. de Vries, bevat. In 1866 is die *Woordenlijst voor de spelling der Nederlandsche taal* gepubliseer wat gesamentlik deur De Vries en Te Winkel saamgestel is, en sou die nuwe Nederlandse ortografie voorts as die spelling van De Vries en Te Winkel bekend staan. Die nuwe ortografiese riglyne het egter weinig van dié van Matthys Siegenbeek verskil wie se *Verhandeling over de Nederduitsche spelling, ter bevordering van eenparigheid in dezelve* reeds in 1804 verskyn het en wat tot en met die verskyning van De Vries en Te Winkel se ortografiese riglyne as amptelike Nederlandse ortografie gegeld het. (De Rooij en Verhoeven, 1988: 67, 69)

taalleiers hulle steeds daarvoor moes beywer om die vereenvoudigde vorm van Nederlands in Suid-Afrika aanvaar en toegepas te kry. As gevolg van die uitbreek van die Suid-Afrikaanse Oorlog (1899-1902) is hierdie planne egter eers op die lange baan geskuif. (Claassen, 1977: 45, 56-58)

Na die oorlog het die Taalbond weer die stryd om Nederlands te vereenvoudig in alle erns hervat. Op 7 Februarie 1903 ontvang W.J. Viljoen opdrag van die hoofbestuur van die Taalbond om voorstelle vir die vereenvoudiging van Nederlands aan die hand te doen. Sy voorstelle, waarin hy hom tot 'n groot mate aan die Kollewijnse spelling hou, maar wat ook algemeen erkende woorde en uitdrukkings uit die Afrikaanse spreektaal bevat, is op 14 Maart 1903 deur die Taalbond aanvaar. Hierna is Viljoen die taak opgelê om die voorstelle deur die Nederlandse taalverenigings bekragtig te kry sodat dit onmiddellik in Suid-Afrika toegepas kon word. Die Nederlandse taalstryd wat vroeër die goedkeuring van die Suid-Afrikaanse vereenvoudigde Nederlandse vorm deur Nederlandse instellings gekniehalter het, was egter steeds nie verby nie. Maar Viljoen het hom nie hierdeur laat stuit nie en ná verskeie samesprekings en vergaderings met verskeie Nederlandse organisasies en taalgeleerdes het hy op 5 Oktober 1903 'n verklaring van De Maatschappij der Nederlandsche Letterkunde te Leiden ontvang waarin sy voorstelle goedgekeur is. Nadat die voorstelle in pamfletvorm onder Suid-Afrikaanse Nederlandsonderwysers gesirkuleer is en in plaaslike koerante gepubliseer is, is daar op 28 Desember 1904 'n taalkonferensie in Kaapstad gehou ten einde te bepaal of dit wenslik sou wees om die vereenvoudigingsvoorstelle in Suid-Afrika te implementeer. Daar is met 'n oorweldigende meerderheid ten gunste van die implementering van die vereenvoudigde spelling gestem. ("Taalvereenvoudiging", 1904: 84; Claassen, 1977: 59-60, 62-63, 70, 73) Hierdie ortografiese sisteem het voortaan as die Vereenvoudigde Nederlandse Spelling (VNS) bekend gestaan (Malan, 1963: 249).

Die spelreëls, soos bepaal deur die Vereenvoudigde Nederlandse spelling, is soos volg (Eie uiteensetting en formulering – G.O.):

- a) Die vokale *e*, *o*, *a* en *u* word nie aan die einde van 'n lettergreep verdubbel nie. Die dubbel *ee* word wel aan die einde van 'n woord behou, asook in samestellings en woorde wat van hierdie woorde afgelei is, byvoorbeeld *preken* en *zo*, maar *twee* en *tweede*. Die *é* aan die einde van 'n woord word ook *ee*.
- b) Die [j]-klank word in Nederlandse woorde en uitgange deur *ie* aangedui, byvoorbeeld *tragies*. In oop lettergrepe van vreemde en leenwoorde word die *i* behou, maar waar die [j]-klank in die laaste lettergreep van enige woord voorkom, word dit altyd deur *ie* voorgestel, asook in die meervoude van hierdie woorde, byvoorbeeld *individu*, maar *traditie* en *traditieën*.
- c) Die uitgange *-lijk* en *-lijks* word *-lik* en *-liks*. In samestellings met *-gelijk* word die *ij* egter behou. *Dikwijls* en *belangrijk* behou ook hulle spelling, alhoewel *dikwels* ook aanvaarbaar is.

- d) Die *ch* in *sch* word slegs behou waar dit in die uitspraak gehoor word, byvoorbeeld *schaap* en *school*, maar *mens* en *Engelse*. Dit geld ook die behoud van die *h* in *th* in woorde soos *tans* en *altans*, maar *thuis* en *thema*.
- e) Die volgende word vervang:
- s* of *k* vervang *c* in ooreenstemming met die uitspraak, byvoorbeeld *sement* en *lokomotief*;
  - ks* vervang *x*, byvoorbeeld *eksamen*;
  - kw* vervang *qu*, byvoorbeeld *kwestie*;
  - f* vervang *ph*, byvoorbeeld *filosoof*;
  - r* vervang *rh*, byvoorbeeld *retorika*;
  - e* vervang *ae*, byvoorbeeld *ether*;
  - o* vervang *eau*, byvoorbeeld *buro*;
  - oe* vervang *ou* in leenwoorde, byvoorbeeld *koerant*; en
  - nj* vervang *ng* in leenwoorde, byvoorbeeld *sjampanje*.
- f) Die verbindingsklanke *n* en *s* word slegs behou waar dit in die uitspraak gehoor word, byvoorbeeld *woordeboek* en *volkstem*.
- g) Die volgende word behou:
- die uitgang *-tie*, byvoorbeeld *redaktie*;
  - die uitgang *-ieuw*, byvoorbeeld *nieuw*;
  - sz*, byvoorbeeld *enigszins*; en
  - y* in leenwoorde, byvoorbeeld *sympathie*.
- h) Eiename en vreemde woorde bly onveranderd.
- i) Adjektiewe wat van eiename afgelei is, word nie met 'n hoofletter geskryf nie.
- j) Wat die gebruik en verbuiging van lidwoorde, adjektiewe en voornaamwoorde betref, moet die “beskaafde uitspraak” as leidraad geneem word. Alle woorde wat nie die lidwoord *het* neem nie, word in alle naamvalle, enkel- en meervoud, deur die lidwoord *de* voorafgegaan. Indien iemand daaraan gewoond is om hierdie lidwoord in die akkusatief (vierde naamval) te verbuig, mag dit ook so geskryf word, byvoorbeeld “op *den* duur”. Die verbuiging van lidwoorde en adjektiewe in die genitiefvorm (besitsvorm) word egter slegs gebruik in die verhewe styl, met ander woorde in gebede, preke en poësie, byvoorbeeld “*des kinds*”. Genitiefvorme soos “Jan *z'n* hoed” of “moeder *haar* kind” word as goeie taalgebruik beskou. Die voornaamwoorde bly onveranderd vir alle geslagte en naamvalle, enkel- en meervoud, maar *ons* word dikwels *onze*. Die onderskeid tussen swak en onbeklemtoonde vorme van die voornaamwoorde word ook behou, byvoorbeeld *me* naas *mij*.

k) Wat woordkeuse betref, word heelwat woorde, woordvorme en uitdrukkings toegelaat wat ongewoon of geheel onbekend is in Nederlands. Dit sluit woorde in wat in hulle oorspronklike, sewentiende eeuse vorm en betekenis voortleef, woorde wat met 'n gewysigde betekenis voortleef, woorde en uitdrukkings wat in Suid-Afrika ontstaan het, en woorde en uitdrukkings wat aan vreemde tale ontleen is en deur alle mense gebruik en verstaan word. (“Taalvereenvoudiging”, 1904: 84-85; “De ‘Vereenvoudigde’ Spelling”, 1908: 169; “Die spelling”, 1910: 290) Laasgenoemde reël het vir heelwat Afrikaanse woorde voorsiening gemaak. Geen vereenvoudigings is egter ten opsigte van die vervoeging van werkwoorde aanbeveel nie. (“Taalvereenvoudiging”, loc. cit.).

As die VNS met die vereenvoudigde spelling van Kollewijn en andere vergelyk word (sien voetnoot 9), is dit duidelik dat die VNS, met uitsondering van 'n ietwat groter mate van verafrikaansing by leenwoorde en die aanvaarding van woorde eie aan Suid-Afrika, grootliks op hierdie spelbeginsels van die Vereniging tot Vereenvoudiging van onze Schrijftaal geskoei is. Die doel van hierdie Vereenvoudigde Nederlandse Spelling was om as skakel tussen Nederlands en Afrikaans te dien, 'n “overgangsstap tot Afrikaansch” (“De ‘Vereenvoudigde’ Spelling”, 1908: 169; Bosman, 1959: 75). Maar in wese sou “Hoog-Hollands” hiermee steeds die spreektaal in Suid-Afrika bly, aldus Bosman (loc. cit.). Na die aanvaarding van die VNS is hierdie ortografiese sisteem in die Taalbondeksamens<sup>12</sup> toegepas, is skoolboeke en woordeboeke in hierdie spelling uitgegee en is dit deur koerante soos *De Volkstem* gepopulariseer (Nienaber, 1968: 1). Aangesien dit nog 'n paar jaar sou duur voordat die Afrikaanse spelling op dreef sou kom, is die VNS vir 'n hele aantal jaar met vrug gebruik. So het die regering byvoorbeeld nog in 1909 'n amptelike omsendbrief aan regeringskantore uitgevaardig waarin instruksie gegee word dat in alle amptelike korrespondensie in Nederlands voortaan die VNS gebruik moes word (“Onze spelling”, 1909: 6).

Die aanvaarding van die Vereenvoudigde Nederlandse Spelling het hewige reaksie onder die publiek ontlok (Claassen, 1977: 75). Die VNS het vir die ouer tradisionaliste na die ideale oplossing gelyk: 'n middeweg tussen die te “plat” Afrikaans en die te “hoogdrawende” Nederlands wat nie meer in die volksmond gelewe het nie (Bosman, 1959: 75). Meer nog, die VNS was vir die tradisionaliste 'n manier om vas te klou aan Nederlands:

---

<sup>12</sup> Toe die Taalbond op 1 November 1890 gestig is, was die hoofdoel op daardie stadium om die amptelike gebruik van Nederlands naas Engels te bevorder. Vir hierdie doel het die Taalbond in 1892 'n eksamen ingestel wat skoliere se kennis van Nederlands en Geskiedenis getoets het. In 1953 is dit na 'n jaarlikse tweetaligheids-eksamen verander wat skoliere se kennis van Afrikaans en Engels toets. (“Kapenaars skitter in Taalbond-eksamen”, 2007: 3; Taalbond, 2011)

[...] ze hebben mekaar nog zo hard nodig. 't Hollands moet ons niet 'n vreemde taal gaan worden.  
(Haver, 1906: 138)

Te oordeel aan die reaksie van briëfskrywers in koerante, is die VNS egter nie goed ontvang deur die publiek nie, aldus Claassen (1977: 75, 79). Uitsprake soos die volgende is tekenend van lesers se misnoeë met die VNS:

Bovendien, hebben wij Afrikaners het dan nog niet moeilijk genoeg om zoowel Nederlandsch als Afrikaansch in dit Engelsche land in stand te houden? Laat de lieve Taalbond ons toch niet met een derde Hollandsche taal komen lastig vallen! ("Taalvereenvoudiging", 1904: 85)

Baie Afrikaanssprekendes het nou 'n punt bereik waar hulle gevoel het dat hulle eie taal goed genoeg was om tot skryftaal te verhef:

Ze [Afrikaanssprekendes] willen Afrikaansch schryven zooals het doorgaans gesproken wordt, en niet zooals de eene of andere geleerde het op eigen manier wil "veredelen" of "verheffen" of "beschaven". Ze meenen dat hunne taal, zooals die *is*, even edel, even verheven en even beschaafd is als eenige taal ter wereld en thans alleen op de erkenning van haar rechtvaardige eischen wacht. Ze meenen, dat de schryftaal de spreektaal moet volgen, niet slechts in naam maar in daad, anders is de schryftaal een onnatuurlyk en gedwongen ding, dat onze zaak meer kwaad dan goed doen zal. ("Is 't Afrikaans?", 1906: 111)

Hierdie woorde was in der waarheid profetiese woorde, aangesien dit juis die voorstanders van Nederlands se onverbiddelike weiering was om van die Nederlandse skrifbeeld afstand te doen (sien 4.5.2.1) wat veroorsaak het dat die Afrikaanse ortografie vandag steeds vasgevang is in 'n Europese gietsel wat grootliks daartoe bygedra het dat Afrikaans vandag in 'n diglossiese situasie verkeer (sien 1.1.1 en 3.5.2.1).

Veral jong akademici was nie vir die VNS te vinde nie en het stryd vir die Afrikaanse saak geword (G.S. Nienaber, 1959: 37). Hulle het die VNS hoogstens as 'n brug tot Afrikaans beskou aangesien hulle van mening was dat Afrikaans die logiese, natuurlike en lewende Hollandse vorm was wat in Suid-Afrika as teenvoeter vir Engels kon dien (Bosman, 1959: 77). Die voorstanders van Afrikaans het gevrees dat Afrikaanssprekendes vanweë hulle ongemaklikheid om Nederlands as skryftaal te gebruik, toenemend na Engels sou oorskakel en sodoende hulle bande met Afrikaans én Nederlands sou verbreek; iets wat wel dekades later gebeur het as gevolg van die kunsmatige afstand wat tussen die skryf- en spreektaal geskep is vanweë die oormatige invoer van Nederlandse vorme in die skryftaal (sien 3.5.2.3). Johannes Visscher het ook daarop gewys dat Nederlands sou uitsterf as dit nie soos Afrikaans gebruik word nie en dat dit nie die spelwyse van 'n taal is wat sy opbloei verseker nie. Daarom was die voorstanders van Afrikaans nie ten gunste van die VNS nie. (Kapp, 2009: 13) 'n Duidelike tweedeling het dus in Hollandse geledere ontstaan. Aan die een kant was jong geleerdes wat hulle vir die Afrikaanse taalsaak beywer het, en aan die ander kant het die ouer figure wat 'n

leidende rol in die kerk en politiek gespeel het hulle aan die kant van die VNS geskaar. (Kapp, 2009: 12-13) Volgens G.S. Nienaber (1959: 37) was die stryd teen hierdie tyd nie meer soseer téén Nederlands nie, maar eerder vir 'n algemeen erkende Afrikaanse spelling en die skep van letterkundige werke, boeke, die Bybel, ensovoorts, in Afrikaans. Die talle polemieke wat gevoer is, het volgens Kapp (2009: 15) in wese om een vraag gewentel:

Wat sou die waarskynlikste moontlikheid wees om in die praktyk werklikheid te word – vir Afrikaners om die vreemde VNS aan te leer, of om die taal wat hulle praat, te ontwikkel en tot skryftaal te verhef?

Alhoewel die VNS 'n sterk en invloedryke groep aanhangers gehad het, het hierdie ortografiese sisteem uiteindelik misluk as gevolg daarvan dat hierdie sisteem eie Afrikaanse uitdrukkings binne die Nederlandse taalvorm toegelaat het. Die gevolg was iets tussen Afrikaans en Nederlands wat nie werklik aan enige een van die twee getrou was nie. (Nienaber, 1968: 1) Tog is die VNS ook die spelling wat later as basis vir die Afrikaanse spelling soos onderskeidelik deur die Afrikaanse Taalvereniging en later die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns gebruik sou word (Malan, 1963: 249), en sodoende daartoe bygedra het dat die Afrikaanse ortografie later vir baie Afrikaanssprekendes iets tussen Afrikaans en Nederlands sou wees wat hulle nie met hulle spreektaal kon vereenselwig nie (sien 1.1.1 en 3.5.2.1).

Nadat die Suid-Afrikaanse Oorlog 'n einde aan die werksaamhede van die Genootskap van Regte Afrikaners gemaak het, en met S.J. du Toit se aanhang en die GRA se invloed wat geleidelik afgeneem het, en die Nederlandsgesindes se invloed wat toegeneem het, het die pro-Afrikaanse gees soos 'n veldbrand deur die land versprei. Al hoe meer kultuurverenigings het hulle op Afrikaans begin toespits, aangesien hulle van mening was dat daar geen toekoms meer vir Nederlands in Suid-Afrika was nie. Maar dit was veral die koerantmense wat 'n groot rol gedurende hierdie tydperk gespeel het. Van die vernaamste joernaliste wat voorvegters vir Afrikaans geword het, was D.P. du Toit van *Die Cradockse Middellandsche Afrikaander*, Johannes Visscher van die Bloemfonteinse *Vriend*, J.S.M. Rabie van die Natalse *De Afrikaner*, F.V. Engelenburg van *De Volkstem* in Pretoria, Eugène Marais van *Land en Volk*, J.H.H. de Waal van die tydskrif *De Goede Hoop* en Gustav S. Preller wat opspraakwekkende artikels in *De Volkstem* gepubliseer het. Nou was die Afrikaanse stryd egter nie meer net tot die Kaapprovinsie beperk nie, maar het dit ook na ander dele van die land uitgebrei. Op 6 Maart 1905 lewer Onze Jan (J.H. Hofmeyr) op aandrang van W.J. Viljoen sy beroemde lesing *Is 't ons ernst?* voor die letterkundevereniging Ons Spreekuur op Stellenbosch waarin hy op die verval van Nederlands in Suid-Afrika dui en 'n beroep doen vir die handhawing van 'n "eigen taal", waarmee hy egter die VNS bedoel. Gustav Schoeman Preller reageer in die Noorde hierop in 'n reeks van vyftien artikels wat van 19 April tot 14 Junie 1905 in *De Volkstem* onder die opskrif *Laat 't ons toch ernst*

*wezen!* verskyn het en ook later in pamfletvorm onder die opskrif *Gedachten over de aanvaarding ener Afrikaanse Schrijftaal* uitgegee is. Hierin lewer hy 'n betoog vir Afrikaans as die “eigen taal”. Van sy belangrikste argumente is dat die taal wat in 'n volk gewortel is die grootste kans op voortbestaan het, dat die skryftaal (toe nog Nederlands) tot só 'n mate van die spreektaal (gesproke Afrikaans) verskil dat die meeste mense dit nie verstaan nie en bykans nooit gebruik nie, en dat Afrikaans daarom die beste kans op oorlewing in Suid-Afrika het en die skryftaal dus volgens die spreektaal bereël moet word.

Het Afrikaans is onze Moedertaal, ons Landstaal, ons Volkstaal – help om het te maken tot onze Schrijftaal! (Nienaber en Heyl, s.a.<sub>2</sub>: 63)

Hierdie reeks artikels van Preller het spoedig die manifes vir die pro-Afrikaanse beweging geword en Preller se gevolgtrekking, “Afrikaans schrijven en spreken, Hollands leren, albei lezen”, die motivering vir verdere optrede. (Boshoff, 1920a: 91; Bosman, 1959: 77; Labuscagne, 1959: 20; Malan, 1963: 178; Nienaber, 1968: 2; Claassen, 1977: 100-102; Nienaber en Heyl, s.a.<sub>2</sub>: ii-iii, 60)

Preller se artikels het wyd en uiteenlopende reaksies ontlok. Daar het baie briewe na aanleiding van Preller se taalmanifes in *De Volkstem* verskyn; sommige ten gunste daarvan en ander weer daarteen. Veral P.J.G. de Vos, die toenmalige voorsitter van die Taalbond en voorvegter in die pro-Nederlandse kamp, het sy verset in die pers uitgespreek. Uit die kommentaar op Preller se manifes was dit egter duidelik dat daar baie voorstanders van Afrikaans was. D.F. Malan, J.H.H. de Waal, Johannes Visscher, Willem Postma en J.S.M. Rabie het hulle by Preller geskaar. Preller se artikels het die voorstanders van Afrikaans tot aksie aangespoor. So verskyn daar sedert 2 Junie 1905 'n reeks artikels in *De Vriend* oor Afrikaans wat op aandrang van Visscher deur Postma geskryf is, vir wie dit “'n eer en 'n behoefte van mij hart [was] om die pen voor die taal van mij moeder op te neem, ja om desnoods daarvoor te strij”, aangesien Hollands nie vir hom “geleef” het nie, terwyl Afrikaans “in ons en vir ons” “leef”, want “ons is Afrikaans”. Hierdie artikelreeks wat Postma onder die skuilnaam Jong Afrika gepubliseer het, is ook in Rabie se koerant, *De Afrikaner*, geplaas. Alhoewel die Taalbond besluit het dat die VNS nie dadelik in Suid-Afrika ingevoer sou word nie, het die voorstanders van Afrikaans se ywer De Vos en Hofmeyr van die pro-Nederlandse faksie gedryf om die implementering van die VNS in Suid-Afrika te bespoedig. Dit sou behels dat die raad van die Universiteit van de Kaap de Goede Hoop, destyds die enigste universiteit in Suid-Afrika, die VNS amptelik moes erken. Na 'n skrywe wat deur die genoemde here aan die universiteit gerig is en aanbevelings deur die universiteitsraad se Kommissie vir Letterkunde gemaak is, het die universiteitsraad op 11 Augustus 1905 met 'n volstreekte meerderheid besluit om die VNS amptelik te erken. (Bosman, 1959: 77; Labuscagne, 1959: 19; Nienaber, 1968: 2; Claassen, 1977: 103, 105, 120-121; Nienaber en Heyl, s.a.<sub>2</sub>: iii, 91)

Steeds het die voorstanders van Afrikaans hulle nie laat onderkry nie. Op 12 Oktober 1906 lewer D.F. Malherbe sy lesing *Is Afrikaans 'n dialekt?* in Wellington waarin hy 'n oortuigende betoog ten gunste van Afrikaans lewer. Malherbe het tydens hierdie lesing só 'n impak op die byna vierhonderd teenwoordiges gemaak dat die pro-Nederlandse voorvegter, Viljoen, dit nie kon ignoreer nie en self op 19 Oktober 1906 probeer het om in 'n lesing op Wellington teenkanting te bied toe hy gevra het: *Wat is nu eigenlijk onze Taal?*. Hierin lewer hy 'n betoog ten gunste van die behoud van Nederlands as skryftaal. Die voorstanders van Afrikaans het egter onverpoosd voortgegaan om deur middel van die pers, kongresse, ensovoorts vir Afrikaans te veg. In die Vrystaat was dit veral Johannes Visscher en Willem Postma (ook bekend onder die skuilnaam doktor O'kulis in *Die Eselskakebeen*), redakteur van *De Vriend*, wat hulle vir Afrikaans beywer het. In Natal is dit die redakteur van *De Afrikaner*, J.S.M. Rabie, wat meen "onze toekomst is Afrikaans of *niets*". 'n Joernalis en advokaat, J.H.H. de Waal, het as redakteur van die blad *De Goede Hoop* in die Suide veral 'n belangrike bydrae in hierdie verband gelewer. Vir hom was "De Afrikaansche taal [...] rijk in woordenschat, zuiver in afkomst, onbezwaard met moeilijke en onnoodige geslachtsregels" en dit "klinkt evengoed als Hoog-Hollansch of eenige andere taal". De Waal het sy blad gebruik om propaganda vir Afrikaans te maak en het ook Afrikaanse gedigte, verhale en toneelstukke geplaas. Sy historiese roman, *Johannes van Wyk*, het sedert 1904 as vervolgverhaal in hierdie blad verskyn en is in 1906 in boekvorm uitgegee. Verder het daar ook op grammatikale gebied werke uit sy pen verskyn. (Bosman, 1959: 77; Labuscagne, 1959: 19; Malan, 1963: 178-179; Nienaber, 1968: 2; Van der Merwe en Posthumus, 1968: 86-87; Claassen, 1977: 156-157; De Klerk, 1983: 59; Nienaber en Heyl, s.a.2: ii, 3)

Nog 'n belangrike bydrae wat De Waal gelewer het, is dat hy die spellingsake waarmee Du Toit begin het met net soveel erns en ywer voortgesit het, maar met ietwat groter omsigtigheid. Alhoewel *Die Patriot* en *Ons Klyntji* nog bestaan het, het hulle invloed onder leiding van S.J. du Toit, soos reeds aangedui (sien 4.2.2.1), verdwyn. *De Goede Hoop*, onder redaksie van De Waal, het nou die belangrikste orgaan vir die bevordering van Afrikaans geword. Aanvanklik het De Waal van dieselfde standpunt as S.J. du Toit uitgegaan, naamlik dat daar volgens uitspraak gespel moes word. Maar juis as gevolg van die ongewildheid van S.J. du Toit se politieke siening en die onguns waarin sy ortografiese sisteem verval het vanweë die radikale aard daarvan, moes De Waal baie versigtig wees en kon hy nie Du Toit se ortografiese sisteem onveranderd oorneem nie. Indien hy hierdie ortografiese sisteem net so sou oorneem, sou hy baie teenkanting ondervind het. 'n Konserwatiewer benadering tot die Afrikaanse spelling sou moontlik die enigste uitweg wees. Al hoe weerstand en kritiek teen die ortografiese sisteem verhoed kon word, was om 'n sisteem te gebruik wat baie ooreenkomste met die VNS getoon het, aangesien hierdie sisteem reeds redelik wyd gebruik en toegepas is. Waar S.J. du Toit van die "ons skryf soos ons praat"-beginsel uitgegaan het, wou De Waal nie onnodig van die



Nederlandse spelling afwyk nie, met ander woorde nie so radikaal soos Du Toit nie. (Le Roux, T.H., 1926: 265; Labuscagne, 1959: 19; Malan, 1963: 178-179; Venter, 1964: 163; Van der Merwe, 1968: 100; Van der Merwe en Posthumus, 1968: 86) In sy sisteem het hy dan van die volgende grondbeginsel uitgegaan: “Spel volgens uitspraak, maar wijk niet onnodig van de Hoog-Hollandse spelregels af”. Daarom het De Waal in sy poging om ’n ortografiese sisteem vir Afrikaans daar te stel, weer by die Nederlandse tradisie aangesluit. Hy het egter nie ’n volledige sisteem probeer uitwerk het nie. (Le Roux, T. H., loc. cit.; Venter, loc. cit.)

De Waal se aansluiting by die Nederlandse speltradisie was volgens Le Roux (loc. cit.) ’n verstandige benadering, enersyds vanweë die vooroordele en besware teen Du Toit se ortografiese sisteem, en andersyds vanweë die feit dat die Afrikaanssprekendes nog tot ’n groot mate aan die Nederlandse klankbeeld gebind was, terwyl om Afrikaans te skryf maar vir ’n klein gedeelte van die bevolking ’n tydverdryf was en nie soseer ’n doel nie. Soos reeds aangedui, is die VNS egter ook nie met ope arms aanvaar nie. De Waal kon dus ook nie te nou by die VNS aansluit in sy spelling nie en ’n mens kan net wonder of teenkating teen die VNS nie die ideale geleentheid gebied het om Afrikaans van die sterk Nederlandse invloed los te maak voordat die VNS ’n te sterk houvas op die skrywende deel van die bevolking gekry het nie. Hoewel De Waal se spelling weer aansluiting gevind het by die Nederlandse spelling, was sy ortografiese sisteem in wese ’n voortsetting van Du Toit se sisteem, maar met ’n aantal belangrike verskille (Le Roux, T.H., loc. cit.; Van der Merwe, loc. cit.).

Gedurende dieselfde tydperk waartydens J.H.H. de Waal in die Kaapprovinsie werksaam was, het Gustav Preller aan die stuur van die Afrikaanse taalsaak in die Transvaal gestaan. Maar anders as De Waal, was Preller meer begaan oor Afrikaans self as die spelling daarvan. Gevolglik is die spelling van die Noorde gekenmerk deur ’n mindere mate van eenheid as wat in die Suide die geval was. (Le Roux, T.H., 1926: 269; Van der Merwe, 1968: 101) Soos baie ander Afrikaansgesindes, het S.J. du Toit se ortografiese sisteem Preller nie aangestaan nie en sou hy eerder die VNS toepas (Labuscagne, 1959: 20). Preller het egter in ’n manifest verklaar dat hy die werk van die GRA wou voortsit, maar dan op ’n ander manier: “nie elkeen *skryf soos hy praat nie*, en ook geen suiwer fonetiese spelling nie, maar die ideaal moet wees die algemeen beskaafde spreektaal van die Afrikaner, en die spelling moet soveel moontlik aansluit by die vereenvoudigde Nederlandse spelling”. Soos Du Toit het Preller dus ook ’n eksklusiewe Afrikaanse spelling beoog – ’n spelling wat ander Afrikaanssprekende bevolkingsgroepe uitgesluit het. Anders as wat die geval met S.J. du Toit se spelling was, was Preller se klem egter op die sogenaamde “algemeen beskaafde” spreektaal wat in die spelling inslag moes vind, asook ’n nouer aansluiting by die Nederlandse tradisie – aspekte wat verder tot die eksklusiwiteit van sy beoogde spelvorm sou bydra. (Venter, 1964: 163)

Malan (1963: 182) betwyfel egter of daar werklik van 'n "ortografiese sisteem" as sodanig by Preller gepraat kan word. Dit is byvoorbeeld opvallend dat Preller nie sy pleidooi oor die aanvaarding van Afrikaans as skryftaal in die verafrikaanste spelling geskryf het nie, maar eerder gebruik gemaak het van die VNS (Malan, 1963: 182). Die ongewildheid van Preller se spelling word dan ook in die volgende beswaar daarteen weerspieël:

[...] nu nog is zyn [Preller se] spelling lang niet voorbeeldig en hy gebruikt op den koop toe 'n aantal Nederlandsche vormen, waarvan 't Afrikaansch reeds lang afgeweken is. [...] Gedurig slaat hy over tot Nederlandsch, aldus afwykende van zyn eigen grondregel: het Afrikaansch te schryven zooals de Afrikaner het spreekt, en begaat daardoor dezelfde fout, die hy zoo sterk [...] afkeurt. ("Is 't Afrikaans?", 1906: 110)

Bogenoemde skrywer was van mening dat Preller se poging tot 'n Afrikaanse spelling juis misluk het vanweë sy behoefte om nie die voorstanders van Nederlands te veel aanstoot te gee nie:

Hy [Preller] wil, namelyk, Afrikaansch schryven op zoo 'n manier, dat het niet veel afwykt van Nederlandsch en te vreemd voortkomt voor den Afrikaner die niet gewoon is zyn eigen taal in schrift te zien. Hy wil het oog van den Nederlander en den bevooroordeelden Afrikaner behagen [...]; maar, ongelukkig, denkt hy veel meer om het oog dan om het oor, en vergeet alzo zyn hoofdoel, het op papier zetten van 't echte, ongekunstelde Afrikaansch in eenvoudige spelling. ("Is 't Afrikaans?", 1906: 111)

Maar dit is juis hierdie begeerte om die bevooroordeelde Afrikaner te behaag wat die Afrikaanse ortografie nog vir dekades hierna in 'n Nederlandse wurggreep gehou het (sien 3.5.2.1).

Wanneer 'n mens dit oor J.H.H. de Waal en Gustav S. Preller se bydraes tot die spelling van Afrikaans het, het nóg De Waal nóg Preller werklik 'n ortografiese sisteem daargestel. Hulle het hoogstens riglyne gebied waarvolgens Afrikaans geskryf kon word. Daar is gou besef dat 'n werkbare ortografiese sisteem nie die resultaat van enige enkeling se werksaamhede kon of sou wees nie. Vir die Afrikaanse taalsaak was dit noodsaaklik om 'n geskikte ortografiese sisteem te vind wat deur die breër publiek erken kon word. So het 'n onbekende briefskrywer in die uitgawe van Julie 1904 van De Waal se blad *De Goede Hoop* voorgestel dat 'n kommissie van taalgeleerdes aangestel moes word ten einde 'n eenvormige ortografiese sisteem vir Afrikaans op te stel. Hierdie idee het tot só 'n mate aanklank by De Waal gevind dat hy nog in dieselfde maand 'n betoog in sy blad gelewer het waarin hy sowel die wenslikheid van 'n ortografiese sisteem bepleit het wat deur bevoegde persone opgestel is, as die behoefte aan 'n vereniging vir die instandhouding, bevordering en ontwikkeling van Afrikaans. (Le Roux, T.H., 1926: 267; Malan, 1963: 180; Venter, 1964: 163; Van der Merwe en Posthumus, 1968: 87; Claassen, 1977: 139-140) Die uiteinde hiervan was dat die pro-Afrikaanse kragte saamgesnoer is in die stigting van drie taalverenigings, naamlik die Afrikaanse Taalgenootskap (ATG) in Pretoria

(1905), die Afrikaanse Taalvereniging (ATV) in Kaapstad (1906), en Onze Taal in Bloemfontein (1908) (Bosman, 1959: 77; Nienaber, 1968: 2).

#### 4.2.2.4 Die Afrikaanse Taalgenootskap, Onze Taal en die ortografiese sisteem van die Afrikaanse Taalvereniging

Soos wat die Afrikaans-Nederlandse taalstryd hewiger geword het, het al hoe meer taalorganisasies by die stryd betrokke geraak. Afgesien van die Taalbond, wat op hierdie stadium al 'n voorvegter in die stryd om die behoud van Nederlands in Suid-Afrika was, het ander bestaande taalorganisasies ook stelselmatig by die Vereenvoudigde Nederlandse Spelling betrokke geraak, waaronder die Algemeen Nederlands Verbond, Ons Spreekuur en die Vereniging van Onderwyzers en Onderwyzerses in die Transvaal. Die taalstryd het egter nie net die bestaande taalorganisasies tot handeling aangespoor nie, maar daar is ook heelwat nuwe organisasies as gevolg van die taalstryd in die lewe geroep. In 1905 is die Zuid-Afrikaanse Onderwyzers Unie (ZAOU) op die been gebring om die onderrig van Nederlands op skool te bevorder. Met "Nederlands" is natuurlik die VNS bedoel. Die ZAOU het hulle steun vir die nuwe ortografiese sisteem getoon deur die VNS in hulle nuut gestigte spreekbuis, *De Unie*<sup>13</sup>, toe te pas en dié sisteem daardeur te bevorder. (Claassen, 1977: 123; 130)

Die Afrikaanse taalstryders het spoedig besef dat hulle ook nie langer elkeen op sy eie die Nederlandse aanslag kon afweer en die Afrikaanse saak kon bevorder nie. Na J.H.H. de Waal se oproep om 'n vereniging vir die instandhouding en bevordering van Afrikaans (sien 4.2.2.3), het Gustav S. Preller ook aan die einde van sy artikelreeks *Laat 't ons toch ernst wezen!* voorgestel dat 'n Afrikaanse taalgenootskap in die lewe groep moes word ten einde die pro-Afrikaanse taalkragte saam te snoer. Briewe ten gunste van sy voorstel het van alle kante ingestroom. Nog in dieselfde jaar is twee voorlopige komitees in die Noorde gevorm; een in Pretoria en een in Bloemfontein. Ongeveer dertig Afrikaansgesindes van hierdie komitees het op 13 Desember 1905 in die kantore van die blad *De Volkstem* in Pretoria byeengekom om 'n genootskap of vereniging vir die bevordering van die Afrikaanse taal te stig. Na druk bespreking is 'n voorstel van Johannes Visscher aanvaar dat 'n genootskap vir die bevordering van die Afrikaanse skryftaal gestig moes word. Die gevolg was die totstandkoming van die eerste organisasie na die Suid-Afrikaanse Oorlog wat hulle vir die bevordering van Afrikaans beywer het, naamlik die Afrikaanse Taalgenootskap (ATG). Op die bestuur van hierdie liggaam het onder andere N.M. Hoogenhout (voorsitter), Gustav S. Preller, N.J. de Wet, Johannes Visscher en I. van Heerden (sekretaris) gedien. In die statute van hierdie liggaam is die volgende

---

<sup>13</sup> Sedert Maart 1922 bekend as *Die Unie*.

doelstellings gespesifiseer: (a) om Afrikaners te oortuig dat Afrikaans hulle taal is en dit dus deur Afrikaners as spreek- en skryftaal gebruik behoort te word; (b) die ontwikkeling van Afrikaans in “suiwer vorm”; (c) die aanwakker en ontwikkeling van ’n Afrikaanse nasionaliteitsgevoel. Verder sou die ATG hulle ook daarvoor beywer om Afrikaanssprekendes aan te moedig om Afrikaans te lees en skryf deur onder andere ’n Afrikaanse tydskrif op te rig, en om Nederlandse en Afrikaanse geskiedenisleer op skool te bevorder. Die ATG het spoedig oral takke gestig en die beplande tydskrif, *Die Brandwag*, is op 31 Mei 1910 op die been gebring. (G.S. Nienaber, 1959: 36; Van der Merwe en Posthumus, 1968: 85-86; Claassen, 1977: 102, 135, 137-138; Kapp, 2009: 14)

Die ATG het aanvanklik aandag aan die spelling gegee, maar, soos die spelling van Preller, het die spelling wat deur die ATG gevolg is baie met die Nederlandse skryftradisie ooreengestem (Malan, 1963: 250). Die statute dui ook daarop dat die ATG, soos S.J. du Toit en Preller, nie gemoeid was met die bevordering van die Afrikaanse skryftaal ter voordeel van die hele Afrikaanse spraakgemeenskap nie, maar vir ’n beperkte gedeelte van dié gemeenskap, dit is sogenaamde Afrikaners. Die “suiwer vorm” van die Afrikaans wat hulle wou bevorder, dui enersyds op ’n taalvorm “gereinig” van alle Engelse “smette”, en andersyds ’n taalvorm wat van sy “Kleurlingskap” gesuiwer is. Die Afrikaanse nasionaliteitsgevoel wat die ATG wou ontwikkel, was ook eerder rasgebaseerd as taalgebaseerd sodat dit eerder ’n Afrikaner nasionaliteitsgevoel was wat hulle wou aanwakker. Dit is ook opmerklik dat die sogenaamde Afrikaners eers daarvan oortuig moes word dat Afrikaans hulle taal is, terwyl bruin gemeenskappe soos dié in Genadendal en die Moslemgemeenskap in die Kaap blykbaar reeds daarvan oortuig was dat Afrikaans ook hulle taal is, soos daaruit blyk dat hulle teen dié tyd reeds Afrikaans met vrag as skryftaal gebruik het (sien 2.3.3 en 2.3.4). Alhoewel Hoogenhout en Visscher op die eerste vergadering van die ATG opdrag ontvang het om ’n Afrikaanse gebruikshandleiding op te stel, is daar nooit op enige van die ATG se kongresse ’n besluit ten opsigte van spelling geneem nie (Van der Merwe, 1968: 101; Kapp, 2009: 14). Die gevolg is dat die ATG nooit ’n eie Afrikaanse ortografiese sisteem erken het nie, maar dat hulle by die VNS gehou het (Malan, 1963: 182-183). Daarom meen Van der Merwe en Posthumus (1968: 86) dat die ATG, met uitsondering van Preller, nie veel uitgerig het nie, moontlik omdat Afrikaanssprekendes nog nie taalbewus genoeg was nie en Preller sodoende nie veel hulp gekry het nie. Die ATG het dus nie werklik gehoor gegee aan De Waal se twee wense nie, naamlik ’n ortografiese sisteem vir Afrikaans opgestel deur kundiges en ’n vereniging vir die bevordering vir Afrikaans.

Beide hierdie wense het egter gestalte gekry in die stigting van die Afrikaanse Taalvereniging (ATV) byna ’n jaar na die stigting van die ATG. Alhoewel die idee van ’n Afrikaanse taalvereniging reeds in 1904 geopper is (sien 4.2.2.3), sou dit eers ’n tydjie neem voordat die ATV ’n werklikheid geword het.

Toe Gustav S. Preller vir J.H.H. de Waal in 1905 nader om 'n tak van die ATG in die Kaapkolonie te stig, was De Waal se reaksie dat die tyd nog nie ryp was daarvoor nie. De Waal se traagheid kan moontlik daaraan toegeskryf word dat die voorstanders van die VNS se verset teen die bevordering van Afrikaans besonder sterk was in die Kaap en dat De Waal tot aan die einde van 1905 byna op sy eentjie in die Kaapkolonie vir Afrikaans geveg het. In 1906 het daar egter 'n groep jong, pro-Afrikaanse taalbewustes die Kaapkolonie binnegestroom. Onder dié wat hulle in die Kaapkolonie gevestig het, was D.F. Malherbe, D.F. du Toit Malherbe en A.I. Perold wat almal van buitelandse studie teruggekeer het, en 'n groep regsgeleerdes wat geesdriftige ondersteuners van Afrikaans was. Hierdie mense het gou besef dat daar in die Kaapkolonie ook 'n groot behoefte daaraan was om 'n organisasie vir die bevordering van Afrikaans te stig. Op 5 Oktober 1906 is 'n voorlopige vergadering in De Waal se kantoor gehou ten einde hierdie saak te bespreek. Die voorstel dat 'n voorlopige kommissie aangestel moes word om voorlopige riglyne vir 'n Afrikaanse taalvereniging op te stel, is eenparig aanvaar. Nadat die kommissie hulle werk voltooi het, is daar op 3 November 1906 'n vergadering onder leiding van De Waal in Kaapstad gehou wat deur ongeveer sewentig ondersteuners van die Afrikaanse saak bygewoon is. Daar is uiteindelik op hierdie vergadering besluit om die Afrikaanse Taalvereniging te stig. Ander jong intellektuele wat aan die stuur van hierdie liggaam gestaan het, was D.F. Malan, D.F. Malherbe, A.I. Perold, P. de Waal en P.I. Hoogenhout. (Le Roux, T.H., 1926: 266; G.S. Nienaber, 1959: 36; Malan, 1963: 184; Van der Merwe en Posthumus, 1968: 87; Claassen, 1977: 140-143)

Hierdie liggaam het ook oral takke opgerig en openbare voorlesings en kongresse gehou. *Ons Land* en *De Goede Hoop* het hulle by die voorligtingstaak van die Afrikaanssprekendes aangesluit deur as 't ware as spreekbuis van die ATV op te tree. Die doelstellings van die liggaam is in die statute uiteengesit en het bepaal dat die hoofdoel van die liggaam was om hulle vir Afrikaans as spreek- en skryftaal te beywer. Verder was die liggaam ten sterkste ten gunste van samewerking met ander liggame wat hulle vir Afrikaans beywer het, maar hulle sou hulle terselfdertyd ook beywer vir deeglike onderwys in Nederlands, wat, volgens hulle, die hoofbron van Afrikaans vorm. Laasgenoemde dui op 'n poging van die voorstanders van Afrikaans om die status van die taal te bevorder deur dit aan 'n Europese "moeder" te koppel en sodoende die gekreoliseerde of "Hottentotse" aard van die taal te verbloem (sien 3.5.2.1). In die grondwet van die ATV wat later goedgekeur is, het die organisasie dit as doel gestel om 'n liefde en waardering vir Afrikaans by sprekers te wek. Ten spyte van die ATV se begeerte vir samewerking met liggame soos die Taalbond en die Zuid-Afrikaansche Onderwysunie (ZAOU), het die ATV steeds heftige teenstand vanuit die pro-Nederlandse kamp ondervind. Die ATV het hulle egter nie hierdeur laat onderkry nie en het reeds op die eerste vergadering van die hoofbestuur in Desember 1906 'n kommissie aangestel wat aandag aan die spelling van die liggaam

se statute moes gee. (G.S. Nienaber, 1959: 36; Malan, 1963: 184, 249; Van der Merwe en Posthumus, 1968: 87; Claassen, 1977: 143)

Op die liggaam se eerste jaarkongres in Desember 1907 is 'n kommissie aangestel om ontwerp-spelreëls op te stel. Die kommissie wat vir hierdie doel aangewys is, was N.J. Brümmer, J.H.H. de Waal, W.J. van Zijl, D.F. Malherbe, T.B. Muller, E. du Toit en J.F. Grosskopf. Uitvoerige en lewendige besprekings oor die spelreëls is op die sitting van hierdie spelkommissie wat 'n paar dae geduur het, gevoer. Die kommissie het op die volgende jaarkongres van 18 en 19 Desember 1908 te Kaapstad verslag gedoen oor hulle konsep-spelreëls. (Le Roux, T.H., 1926: 266-267; Herbst, 1959: 33; Malan, 1963: 185, 249-250) Die spelkommissie van die ATV het ook in dieselfde jaar in gedrukte vorm gerapporteer oor die resultate waartoe daar by die vergadering van 1907 gekom is (Van der Merwe, 1968: 100). Die spelreëls wat deur die afgevaardigde spelkommissie van die ATV opgestel is, was egter nie finaal nie. Dit moes eers op 'n kongres wat in April 1909 gehou sou word, goedgekeur word. In afwagting op hierdie kongres het *Ons Land* die gewysigde spelreëls in die Maart/April-uitgawe van dié blad gepubliseer. Voordat hierdie kongres egter kon plaasvind, is die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, wat voortaan die spelstandaardisering van Afrikaans sou oorneem, in Julie van daardie selfde jaar gestig. Teen hierdie tyd is die spelreëls nog nie amptelik aanvaar nie. Die afgevaardigdes wat die kongres sou bywoon, het egter ooreengekom om die besluite van die spelkommissie sover moontlik in die praktyk toe te pas, maar hierdie ortografiese sisteem het nooit amptelike erkenning gekry nie. Die ATV se ortografiese sisteem is desnieteenstaande in gebruik geneem totdat die sisteem van die Akademie dit in 1915 vervang het. (Le Roux, T.H., 1926: 268-269; Malan, 1963: 192; Venter, 1964: 163; Van der Merwe, 1968: 101)

Waar S.J. du Toit hom deur die beginsel "ons skryf soos ons praat" laat lei het, het die spelkommissie van die ATV hulle deur die volgende twee hoofbeginsels laat lei: (a) respekteer die oor; (b) respekteer die oog. Onder hierdie twee spelbeginsels moet onderskeidelik verstaan word dat daar enersyds probeer is om volgens uitspraak te spel (m.a.w. om foneties te spel), en andersyds om nie veel van gebruiklike vorme af te wyk nie (m.a.w. om so na moontlik aan die VNS te bly). Met die tweede beginsel is daar dus vasgeklem aan die tradisie wat Afrikaans aan Nederlands moes koppel. (Brümmer en Van Zijl, 1908: 1; Von Wielligh, 1920a: 52; Le Roux, T.H., 1926: 267; Malan, 1963: 186; Van der Merwe en Posthumus, 1968: 88) Die kommissie is verder aangesê om daar waar verskillende vorme in gebruik is, dié een te kies wat die naaste aan die VNS is en die spelreëls wat uiteindelik aanvaar is, het ten nouste by die VNS aangesluit (Le Roux, T.H., 1926: 268; Malan, 1963: 250; Van der Merwe en Posthumus, loc. cit.). Hierdie beginsels het ook tot 'n groot mate met J.H.H. de Waal se speloorwegings ooreengestem (Van der Merwe en Posthumus, loc. cit.).

Die spelreëls soos opgestel deur die spelkommissie van die ATV was soos volg (Eie uiteensetting en formulering – G.O.):

- a) In geslote lettergrepe word kort vokale nie verdubbel nie, byvoorbeeld *kom* en *rug*. Wanneer die vokale *a*, *e*, *o* en *u* egter 'n lang klank in 'n geslote lettergreep voorstel, word die vokale verdubbel, en die [i]-klank word deur *ie* voorgestel, byvoorbeeld *gaan* en *tien*.
- b) In oop lettergrepe word die vokale nooit verdubbel nie, hetsy dit 'n lang of kort klank voorstel. Die [e]-klank word egter aan die einde van woorde verdubbel, asook in samestellings van sulke woorde. In afleidings van sulke woorde word die gewone reël van oop lettergrepe toegepas, byvoorbeeld *twee* en *twee-tal*, maar *twede*. Die [i]-klank word altyd in oop lettergrepe deur *ie* voorgestel, byvoorbeeld *drie* en *niemand*.
- c) In die gebruik van die *i* en *e* word die VNS gevolg.
- d) Die vorm *di* word as lidwoord gebruik, terwyl *die* as betreklike of aanwysende voornaamwoord gebruik word.
- e) Die *ê* word gebruik in woorde soos *sê*, *hê* en *skêr*.
- f) *Ei* en *ij* word in ooreenstemming met die Nederlandse spelreëls vir *ei* en *ij* gebruik, byvoorbeeld *klein*, *rein*, *wijn* en *tijd*.
- g) *B*, *d*, *f*, *g*, *h*, *j*, *k*, *l*, *m*, *n*, *p*, *r*, *s*, *t* en *w* stel in Afrikaans dieselfde klanke voor as in Nederlands.
- h) Die Nederlandse *v* word behou waar in Afrikaans 'n [f]-klank gehoor word, maar waar die Nederlandse *v* as 'n [v]-klank uitgespreek word, word dit met 'n *w* aangedui, byvoorbeeld *vrees* en *vader*, maar *lewe* en *suiwer*.
- i) Die volgende word verafrikaans:
  - f* vervang *ph*, byvoorbeeld *filosofie*;
  - t* vervang *th*, byvoorbeeld *tans*;
  - kw* vervang *qu*, byvoorbeeld *kwarantein*;
  - s* en *k* vervang *c* in ooreenstemming met die uitspraak, byvoorbeeld *konsert* (Ndl. *concert*);
  - sk* vervang *sch* waar die *ch* as *k* uitgespreek word, byvoorbeeld *skool*;
  - g* vervang *ch* waar dit as *g* uitgespreek word, byvoorbeeld *nagte*; en
  - s* vervang *g*, *t* en *z* onderskeidelik waar dit as *s* uitgespreek word, byvoorbeeld *nasie*, *horlosie* en *seun*.
- j) Waar die *ch* in *sch* nie uitgespreek word nie, word dit weggelaat, byvoorbeeld *mens*.
- k) Waar 'n konsonant tussen twee vokale voorkom en dit voorafgegaan word deur 'n kort, beklemtoonde vokaal, word die konsonant verdubbel, byvoorbeeld *makker*. Wanneer die

voorafgaande vokaal wel kort is maar nie die klem dra nie, vind daar geen verdubbeling van die konsonant plaas nie, byvoorbeeld *veiliger*.

- l) Waar die *g* in Nederlands tussen twee vokale voorkom, waar die eerste vokaal die klem dra en die tweede vokaal 'n toonlose *e* is, word die *g* meestal nie in Afrikaans uitgespreek nie en daarom weggelaat, byvoorbeeld *tegen* word *teen*. Dieselfde geld ook die *d* onder soortgelyke omstandighede, byvoorbeeld *broeder* word *broer*. Waar 'n Nederlandse woord op 'n *-d* eindig en die voorafgaande vokaal *a*, *e* of *oe* is en die volgende *e* die eindletter van die Afrikaanse woord is, word die *d* gewoonlik deur 'n *i* vervang, byvoorbeeld *goede* word *goeie*. In selfstandige naamwoorde wat nie van werkwoorde afgelei is nie, word die *d* egter gewoonlik behou in Afrikaans, byvoorbeeld *dade*.
- m) Alhoewel die *d* na 'n *n* dikwels nie in Afrikaans uitgespreek word nie, word dit wel in ooreenstemming met Nederlands behou, byvoorbeeld *kinders*.
- n) Wanneer 'n *d* of *t* as eindletter na 'n konsonant in Nederlandse selfstandige naamwoorde voorkom, maar nie in Afrikaans uitgespreek word nie, word dit in die spelling weggelaat. Waar dit egter uitgespreek word, moet dit behou word. Byvoorbeeld *hoof* (teenoor Ndl. *hoofd*), maar *hoofde*. In die verlede deelwoord word *d* en *t* na *is/was* gehoor en dus geskryf, byvoorbeeld "hij bemin" maar "hij was bemin*d*", maar nooit na *het/had* nie, byvoorbeeld "ik het dit gehoor". Na *word* of *werd* is die uitspraak van die *d* en *t* onvas en het die skrywer die keuse om dit te gebruik, al dan nie, byvoorbeeld "dit word ons vertel(*d*)".
- o) Eiename behou hulle oorspronklike spelling.
- p) *Tj* en *sj* word gebruik in woorde soos *tjank*, *tjalie* en *sjoot*.
- q) Waar dieselfde woord op verskillende maniere in Afrikaans uitgespreek word, word aanbeveel dat dié vorm gekies word wat die meeste met Nederlands ooreenstem, byvoorbeeld *maar* in plaas van *mar*, en *regtig* in plaas van *rerig* of *rerag*.
- r) Die Nederlandse *ouw* verloor die *w* in Afrikaans, maar waar die *w* in Nederlands na *u*, *eu* en *au* voorkom, word dit in Afrikaans behou, byvoorbeeld *vrou*, maar *uw*, *leeuw* en *miauw*.
- s) Wanneer die besitlike voornaamwoorde *julle*, *hulle* en *ons* predikatief gebruik word, kry dit die agtervoegsel *-sijne*, byvoorbeeld "dit is *hulle-sijne*".

(Brümmer en Van Zijl, 1908: 1-3; 1909: 66-67; "Die spelling", 1910: 290-291; "Spelreëls", 1914: 12-13)

In werklikheid verteenwoordig die twee beginsels waarvan die ATV uitgegaan het, naamlik "respekteer die oor" en "respekteer die oog" egter onvereenbare standpunte, aangesien 'n mens nie een taal se spelling kan gebruik (d.i. Nederlands) om 'n ander taal (d.i. Afrikaans) se uitspraak voor die voet weer te gee nie. Gevolglik het hierdie ortografie nie so drasties van die VNS verskil nie en kan 'n mens bevraagteken of hierdie ortografie werklik 'n uniek Afrikaanse skryfstelsel verteenwoordig en of dit nie



bloot 'n voortsetting van die VNS was nie. Aangesien die VNS en die ATV-spelling beide redelik oorsigtelik was en dus nie alle aspekte van die spelling en ook dikwels nie dieselfde aspekte van die spelling gedek het nie, is dit moeilik om die twee sisteme met mekaar te vergelyk. Tog toon hierdie twee spelsisteme 'n hele paar ooreenkomste. Die eerste ooreenkoms is dat vokale aan die einde van woorde (oop lettergrepe) nooit verdubbel word nie, maar dat die *e* wel verdubbel (vgl. VNS (a) met ATV-spelreël (b)). Tweedens stel albei spelsisteme dat die [j]-klank deur *ie* voorgestel moet word (vgl. VNS (b) met ATV-spelreëls (a) en (b)). Beide spelsisteme vervang ook min of meer dieselfde Nederlandse letters of lettergroepe met letters of lettergroepe wat meer verteenwoordigend van die Afrikaanse uitspraak is (vgl. VNS (d) en (e) met ATV-spelreëls (i) en (j)). Die VNS en ATV-spelling behou albei die uitgang *-(i)euw* soos aangetref word in woorde soos *nieuw* en *leeuw* (vgl. VNS (g) met ATV-spelreël (r)). Laastens spesifiseer albei ortografieë ook dat eiename hulle oorspronklike spelling behou (vgl. VNS (h) met ATV-spelreël (o)).

Alhoewel die twee grondbeginsels van die Afrikaanse Taalvereniging se ortografiese sisteem te relatief en daarom te onwetenskaplik was, aldus T.H. le Roux (1926: 267), meen Malan (1963: 186) dat hierdie fase in die ortografiese geskiedenis van Afrikaans om drie redes van belang is. Eerstens is daar in hierdie tydperk die eerste sprake van 'n spelkommissie, waar daar voorheen slegs individue was wat hulle hand aan die spelkwessie geslaan het. Tweedens is hierdie ortografiese sisteem die eerste volledig uitgewerkte stel spelreëls vir Afrikaans. Waar die ortografiese sisteem van S.J. du Toit en J.H.H. de Waal nie uitgewerkte sisteme was nie, maar bloot 'n paar reëls bymekaar met die res van die reëls uit die literatuur af te lei, was die ortografiese sisteem van die ATV 'n volledige behandeling van spelreëls vir Afrikaans. Laastens is dit die eerste keer dat die spelreëls deur 'n vereniging aanvaar en onderskryf is. (Malan, loc. cit.) Die ortografiese sisteem van die ATV het die skryfpraktyk van die meeste skrywers van dié tyd in reëls vasgelê en 'n einde gemaak aan die spellingeksperimenteerdery, aldus Smith (1920a: 291). Hoewel enigsins gewysig, het hierdie spelreëls ook die basis van die ortografiese sisteem van die Akademie in 1915 gevorm. (Smith, loc. cit.; Le Roux, T.H., 1926: 267; ook aangehaal in Eksteen, 1984: 59; Malan, 1963: 186; Van der Merwe en Posthumus, 1968: 88) Dit was egter nie al bydrae wat die ATV tot die bevordering van Afrikaans gelewer het nie.

Hoewel die ATV ná die ATG gestig is, was dit vroeg reeds duidelik dat die ATV groter invloed as die ATG sou uitoefen. Waar die jaarvergadering van die ATG deur 'n betreklik klein getal geesdriftiges bygewoon is, was die ATV-kongresse lewendige byeenkomste. (Herbst, 1959: 33) Die ATV was baie aktiewer en het moontlik ook meer ten opsigte van die Afrikaanse saak uitgerig. Dié liggaam het in

1914 die blad *Ons Moedertaal* opgerig wat in Mei 1916 met *De Huisgenoot*<sup>14</sup> geamalgameer het. Op 'n ATV-kongres wat in 1914 op Stellenbosch plaasgevind het, is daar ook 'n aantal belangrike besluite geneem. Een hiervan was die besluit om 'n oproep aan die sinodes van die Hollandse kerke in Suid-Afrika te doen om die vertaling van die Bybel in Afrikaans ernstig in oorweging te bring. Hierdie besluit het aangesluit by die ATV se beroep op die Nederduits-Gereformeerde Kerk om Afrikaans naas Nederlands te erken. Op 'n meer amptelike vlak het die ATV die wens uitgespreek dat in Artikel 137 van die Grondwet onder Hollands sowel Nederlands as Afrikaans verstaan moes word. Verder het hulle ook die universiteitsraad van die Universiteit van de Kaap de Goede Hoop versoek om Afrikaans as medium by eksamens toe te laat. Hierdie kongresbesluite het egter heftige teenstand uitgelok. (Van der Merwe en Posthumus, 1968: 88)

Die pro-Afrikaanse gees het tot in Bloemfontein versprei en op 30 November 1906 is 'n byeenkoms in Bloemfontein gehou om 'n vereniging vir die bevordering van Afrikaans te stig. Op hierdie vergadering wat deur sowat tweehonderd voorstanders van Afrikaans bygewoon is, is die ATV in die Kaap se grondwet deur J.S.M. Rabie aan die vergadering voorgelê wat voorgestel het dat 'n soortgelyke vereniging in die Vrystaat gestig moes word. Sy voorstel is eenparig aanvaar en 'n kommissie is aangestel om 'n grondwet vir die beoogde vereniging op te stel wat by 'n volgende vergadering bespreek sou word. Die grondwet is op 10 April 1907 aanvaar en sodoende het die onafhanklike Afrikaanse Taalgenootskap in die Vrystaat tot stand gekom. (Claassen, 1977: 144) Die doel van die Vrystaatse Taalvereniging, soos dit ook soms genoem is, was "om hom daarvoor te beywer dat suiwer Afrikaans meer algemeen as spreek- en skryftaal gebruik moes word", aldus Claassen (1977: 144-145). Die Vrystaatse ATG het hulle dus ook vir 'n elitistiese Afrikaans beywer, dit is 'n taalvorm wat gesuiwer is van Engelse en kreoolse invloede. Die stigting van die Vrystaatse ATG het Willem Postma aangespoor om die debatsvereniginge in die Vrystaat in 'n bond te verenig ten einde die pro-Afrikaanse beweging nog verder te versterk. Hierdie wens van Postma het 'n werklikheid geword toe die Bond van die Vrystaatse Debatsverenigings in Julie 1907 in Bloemfontein in die lewe geroep is. Alhoewel daar uiteindelik besluit is dat Afrikaans én Nederlands die amptelike tale van die Bond sou wees, het die debatsverenigings veral in die platteland belangrike werk gedoen ten opsigte van die aansporing van Afrikaanssprekendes om vir hulle taal te veg. (Claassen, 1977: 139)

Die Afrikaanse Taalgenootskap in die Vrystaat het egter nie die impak en aanhang gehad waarop gehoop is nie en dié vereniging het nog binne sy stigtingsjaar geleidelik begin kwyn. Terwyl die ATG in die Vrystaat begin kwyn het, is Onze Taal egter op 29 Augustus 1908 daar gestig. Hierdie liggaam is

---

<sup>14</sup> Sedert Desember 1917 bekend as *Die Huisgenoot* en sedert 1977 slegs *Huisgenoot*.

hoofsaaklik gelei deur Postma, D.G. Conradie en G. Knothe, en het ten doel gehad om die Hollandsprekendes (waaronder Nederlandse en Afrikaanse sprekers verstaan is) in Bloemfontein bymekaar te bring ten einde die Hollandse taal (d.i. Nederlands én Afrikaans) in die Vrystaat uit te brei en te bevorder. (Nienaber, 1950: 10; 1968: 2-3; Bosman, 1959: 81; G.S. Nienaber, 1959: 36) Die idee van 'n liggaam waarin hierdie twee groepe verenig kon word, het dus baie aandag in die Vrystaat geniet (Kapp, 2009: 27). Op 2 November 1908 het Postma 'n byeenkoms gehou met die doel om die Afrikaanse spelreëls soos deur die ATV voorgestel, te bespreek. Ander lede wat hierdie byeenkoms bygewoon het, was A. Francken, J.S.M. Rabie, M.J.D. Steyn, D.P. du Toit, H. van der Spuy en W.G. Wessels. Die spelreëls is, met uitsondering van 'n paar, goedgekeur nadat elke reël afsonderlik en uitvoerig bespreek is. Hierdie byeenkoms is opgevolg deur nóg 'n byeenkoms vyf dae later waar Postma die wenslikheid van 'n sentrale organisasie in die Afrikaanse taalstryd uitgespreek het. Die doel van só 'n liggaam sou wees om:

- samewerking tussen die pro-Nederlandse en pro-Afrikaanse partye te bewerkstellig;
- bestaande Afrikaanse lektuur en Nederlandse boeke onder Afrikaanssprekendes te versprei;
- voorsiening te maak vir materiaal vir gebruik in skole; en
- toe te sien dat die skolewet na wense uitgevoer word.

(Nienaber, 1950: 10-11; 1968: 3; Kapp, 2009: 27)

Postma voer bogenoemde wense verder wanneer hy op die algemene vergadering van Onze Taal op 10 November 1908 die voorstel opper om 'n Letterkundige Onderafdeling te stig met die doel om "een kongres bijeen te roepen van belangstellenden op taalgebied teneinde te beraadslagen wat gedaan kan worden om in de onmiddellike behoefte van schoolboeken te voorzien, alsook om Afrikaanse Literatuur over 't algemeen aan te moedigen en te verspreiden". Hierdie voorstel is algemeen aanvaar en het uitgeloop op die samesmelting van die kwynende ATG in die Vrystaat en Onze Taal. (Nienaber, 1950: 11; Claassen, 1977: 203; Kapp, 2009: 27)

Die ATG het die Letterkundige Onderafdeling van Onze Taal geword en op 'n vergadering van hierdie afdeling op 16 November 1908 is daar formeel deur Postma, wat ook tot voorsitter verkies is, voorgestel dat 'n taalkongres gereël moes word met die doel om 'n sentrale taalorganisasie te stig. Hierdie voorstel is aanvaar en daar is besluit dat 'n taalkongres op 13 Januarie 1909 in Bloemfontein gehou sou word waarheen afgevaardigdes van die Zuid-Afrikaansche Taalbond, Afrikaanse Taalvereniging, Afrikaanse Taalgenootskap en belangstellendes uitgenooi sou word. (Nienaber, 1950: 11; 1968: 3; Claassen, 1977: 204; Kapp, 2009: 27) Die doel wat Onze Taal met hierdie groot taalkongres wou bereik, was om versoening tussen die voorstanders van Nederlands en die voorstanders van Afrikaans te bewerkstellig (Nienaber, 1950: 12; Herbst, 1959: 33). As gevolg van hierdie versoening-

strewe van Onze Taal, meen G.S. Nienaber (1959: 36) dat die liggaam se belangrikste bydrae was dat dit die samekoms bewerkstellig het wat uiteindelik tot die stigting van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns gelei het, maar dat hierdie liggaam veral ook 'n groot invloed gehad het ten opsigte van die opvoeding van die openbare mening.

#### **4.2.3 Die Afrikaans-Nederlandse taalstryd op die spits gedryf en aanloop tot toenadering**

Soos duidelik uit die voorafgaande blyk, het die vroeë speltradisies gepaard gegaan met intense onderlinge struweling tussen die diegene wat daarvan oortuig was dat Nederlands die toekomstige taal van Suid-Afrika moes wees en diegene wat Afrikaans as die enigste taal van die Afrikanervolk beskou het. Teen 1906 was daar reeds ses pro-Nederlandse en drie pro-Afrikaanse organisasies (Kapp, 2009: 15). Hierdie stryd is op die spits gedryf met D.F. Malan se toespraak *Het is ons ernst* wat hy tydens die ATV se kongres op 13 Augustus 1908 op Stellenbosch gelewer het (Bosman, 1959: 77; Kapp, 2009: 16). Hierin het hy die volgende oproep ten opsigte van Afrikaans gedoen (in Nienaber en Heyl, s.a.2: 99):

Verhef de Afrikaanse taal tot schrijftaal, maak haar de draagster van onze kultuur, van onze geschiedenis, onze nationale idealen, en gij verheft daarmee ook het volk, dat haar spreekt.

Gustav S. Preller het weereens sy steun aan die Afrikaanse saak toegesê toe hy in die Noorde hierop reageer met sy toespraak *Nou's 't ernst* (Kapp, loc. cit.). Maar teen dié tyd was die pro-Nederlandse en pro-Afrikaanse groepe al behoorlik moeg gestry. Terwyl Nederlands op amptelike terrein toegepas is, kon die aanspraak van Afrikaans nie misken word nie. Die voorstanders van Afrikaans het dit ook duidelik gestel dat hulle geen vyandigheid teenoor Nederlands koester nie en dat hulle slegs 'n geleidelike oorskakeling van Nederlands na Afrikaans beoog, nie die band met Nederlands wou verbreek nie, en niemand wou verhinder om Nederlands te gebruik nie, mits Afrikaans dieselfde vryhede kon geniet. (Bosman, loc. cit.; Claassen, 1977: 159) Sodoende is die weg vir toenadering tussen die onderskeie taalorganisasies gebaan deurdat daar geleidelik toegewings aan beide kante plaasgevind het wat veroorsaak het dat onderlinge verhoudings tussen die onderskeie pro-Nederlandse en pro-Afrikaanse organisasies stelselmatig verbeter het<sup>15</sup>. (Bosman, 1959: 77, 79) Daar het ook mettertyd 'n hele paar nuwe taalorganisasies na vore getree wat hulle vir sowel Afrikaans as Nederlands wou beywer. Die eerste organisasie van dié aard was die Pietermaritzburgse Debat en Letterkundige Vereniging wat op 29 Februarie 1908 gestig is. In die loop van Julie van dieselfde jaar is die Afrikaans-Hollandse Taalvereniging (AHTV) in Pretoria in die lewe geroep, en soos reeds aangedui (sien

---

<sup>15</sup> Sien ook hoofstuk vyf in Claassen (1977: 146-165) vir meer oor die onderlinge verhoudings tussen die onderskeie taalorganisasies

4.2.2.3), is Onze Taal ook in dieselfde jaar gestig met die doel om Afrikaans én Nederlands te bevorder. (Claassen, 1977: 197-198)

Alhoewel daar 'n goeie verhouding tussen die onderskeie taalorganisasies bestaan het en nuwe Afrikaans-Nederlandse taalorganisasies die lig gesien het, wou die stryd tussen die Zuid-Afrikaanse Taalbond en die Zuid-Afrikaanse Onderwysunie aan die een kant en die Afrikaanse Taalvereniging aan die ander kant maar net nie ophou word nie, aangesien die Taalbond en die ZAOU baie sterk teen Afrikaans, en gevolglik ook die ATV, gekant was. Soos wat die pro-Afrikaanse beweging egter inslag by die groter publiek begin vind het, het die Taalbond en ZAOU mettertyd hulle vyandige houding jeens Afrikaans begin verander. Nog iets wat heel moontlik 'n groot impak op die Taalbond en ZAOU se sienswyse oor Afrikaans en die ATV gemaak het, was dat die pro-Afrikaanse beweging die steun geniet het van bekende Nederlandse taalgeleerdes soos H. Kern, D.C. Hesseling, N. Mansvelt, Kiewiet de Jonge, J.B. Scheepers en seker die belangrikste van almal, R.A. Kollwijn. Laasgenoemde se ondersteuning van die Afrikaanse taalsaak was van besondere belang, aangesien hy met die VNS in Nederland begin het waaraan die Taalbond en ZAOU so koersagtig vasgeklou het. (Claassen, 1977: 165-167)

Onze Taal se pogings tot versoening tussen die voorstanders van Nederlands en die voorstanders van Afrikaans was nie die eerste en enigste nie. Johannes Visscher het reeds op 20 Augustus 1905 na aanleiding van Gustav S. Preller se artikelreeks *Laat 't ons toch ernst wezen!* aan hom voorgestel dat daar in die Vrystaat, die Transvaal, die Kaapkolonie en Natal onderskeidelik 'n taalorganisasie met 'n hoofbestuur op die been gebring moes word wat op federale grondslag die Nederlandse en Afrikaanse taalbelange kon bevorder (Claassen, 1977: 203-204; Kapp, 2009: 26). Ten spyte van sy heftige teenkanting teen Preller se artikels, het Viljoen ook in sy lesing *Wat is nu eigenlijk onze Taal?* die verwydering van die onderlinge stryd tussen die voorstanders van Nederlands en die voorstanders van Afrikaans in hulle gesamentlike worsteling teen die oorheersing van Engels bepleit (Bosman, 1959: 77). Preller het op sy beurt op 31 Julie 1908 in 'n hoofartikel in *De Volkstem* Visscher se stigting van 'n organisasie wat in belang van Afrikaans- en Nederlandssprekendes kon optree, ge-eggo. G. Knothe van Bloemfontein het selfs so ver gegaan om op 9 Oktober 1908 'n model vir so 'n organisasie voor te hou, naamlik Frankryk se Académie française. (Claassen, 1977: 200-202, 204; Kapp, 2009: 26) Hierna het D.F. Malan ook op die ATV-kongres van 13 Augustus 1908 vir samewerking tussen die Taalbond en ATV in gemeenskaplike belang van Nederlands en Afrikaans gepleit (Bosman, 1959: 79; Nienaber, 1968: 2). In reaksie hierop het die Taalbond in Oktober van dieselfde jaar besluit om op die saak in te gaan. Afgevaardigdes van die Taalbond en ATV het mekaar hierna ontmoet en besluit om

die onderlinge twis te staak en om hulle saam vir die Afrikaans-Nederlandse saak te beywer. Die volgende besluit is geneem ten einde hierdie doel te bereik:

Deze vergadering besluit afgevaardigdes van de Nationale Konventie, tans alhier vergaderd, die belangstellen in onze taal uit te nodigen tot een gemeenschappelijke samenkomst, ten einde de wenselijkheid te bespreken van de stichting van een Zuidafrikaanse Academie voor de beharting van onze taal, letteren, geschiedenis en kunst.

(Nienaber, 1950: 12; 1968: 3; Bosman, 1959: 79; Claassen, 1977: 196, 208)

In 1908 het Onze Taal aanvoerwerk gedoen vir hulle beoogde versoenende kongres op 13 Januarie 1909 deur afgevaardigdes na die Afrikaanse Taalkongres te stuur wat van 18 tot 19 Desember deur die ATV in Kaapstad gehou is, asook na die ZAOU se kongres wat van 21 tot 23 Desember op Worcester gehou is. Uit die gebeure by hierdie kongresse het dit duidelik geblyk dat al die belangrikste taalorganisasies ten gunste van unifikasie was en die versoeningsgedagte het dus by hierdie kongresse momentum gekry. (Nienaber, 1950: 12; Herbst, 1959: 33; Claassen, 1977: 208; Kapp, 2009: 27-28) Die Kaapstad- en Stellenbosch-takke van die ATG het egter voorgestel dat die unifikasie van die Afrikaanse taalorganisasies voorkeur moes kry. 'n Kommissie bestaande uit N.J. de Wet en Gustav S. Preller verteenwoordigend van die ATG, J.S.M. Rabie en W.G. Wessels as verteenwoordigers van Onze Taal en J.H.H. de Waal en W.A. Hofmeyr namens die ATV, het aanbeveel dat die hoofbestuur van die ATV 'n konsepgrondwet moes opstel om so 'n verenigde organisasie tot stand te bring. Hierdie taak om die grondwet op te stel, is aan Preller, Rabie en Hofmeyr opgedra. (Kapp, 2009: 28) Maar uiteindelik het die idee van een of ander oorkoepelende liggaam waarin die pro-Afrikaanse en pro-Nederlandse taalstryders kon verenig, die behoefte aan 'n "vereniging van verenigings", aldus G.S. Nienaber (1959: 37), wyd inslag begin vind. Postma (uiteengesit in Kapp, 2009: 14) het byvoorbeeld die wenslikheid van die saambestaan van Nederlands en Afrikaans soos volg uitgedruk:

As 'n aantal mense 'n gewig wil optel, kan hulle dit doen deur almal een tou te gebruik om die gewig op te tel. Maar hulle kan ook twee toue gebruik waardeur elkeen sy eie kant van die gewig ewe goed oplig. Daar is toenemend tot die besef gekom dat die Afrikaans-Nederlandse taalsaak 'n saak was waar verdraagsaamheid, saamsnoering van kragte en eendragtige optrede nodig was, aldus Bosman (1959: 79). En hiervoor was "'n sentrale, gesaghebbende, erkende liggaam nodig"; "'n liggaam wat verder die nodige leiding kon gee". Hieruit is dan uiteindelik die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns gebore. (Bosman, loc. cit.)

#### 4.2.4 Samevatting

In hierdie afdeling is verskeie skryftradisies in Afrikaans onder die loep geneem wat voor die totstandkoming van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns en sy Taalkommissie die lig gesien het. Die heel eerste hiervan was die Arabies-Afrikaanse ortografiese sisteem wat deur die Kaapse Moslemgeestelikes ontwikkel is om hulle geestelike geskrifte vir die Afrikaanssprekende Moslemgemeenskap toeganklik te maak. Hiervoor is die Arabiese alfabet aangepas en gemodifiseer ten einde die Afrikaanse uitspraak in Arabiese skrif weer te gee. Die eerste Romeinse ortografiese sisteem was dié van S.J. du Toit wat hy op aandrang van C.P. Hoogenhout ontwikkel het vir gebruik in die blad van die Genootskap vir Regte Afrikaners, *Die Patriot*. Hierdie ortografiese sisteem wat mettertyd 'n meer fonetiese karakter begin toon het, het later in onguns by Afrikaanssprekendes verval. In dieselfde tyd wat die Afrikaansgesindes probeer het om 'n skryftaal vir Afrikaans daar te stel, was daar egter voorstanders van Nederlands wat Nederlands as kultuurtaal van die Afrikaanssprekendes wou bestendig. Hulle het 'n ortografiese sisteem op die patroon van die vereenvoudigde Nederlandse spelling van Kolléwijn en andere opgestel wat hulle die Vereenvoudigde Nederlandse Spelling genoem het en het hulle daarvoor beywer om hierdie vorm in Suid-Afrika erken te kry en sodoende die gebruik daarvan onder Afrikaanssprekendes te bevorder. Die voorstanders van Afrikaans het egter teëgeskop en die Afrikaanse Taalvereniging het hulle eie spel- en skryfreëls vir Afrikaans opgestel, wat wel baie ooreenkomste met die Vereenvoudigde Nederlandse Spelling getoon het. Die stryd tussen die voorstanders van Afrikaans en die voorstanders van Nederlands is uiteindelik op die spits gedryf en na heelwat gesprekvoering is daar tot 'n vergelyk tussen die twee opponerende groepe gekom en hulle is in die stigting van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns verenig.

### 4.3 Die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns

#### 4.3.1 Inleiding

Die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns is 'n multidisiplinêre organisasie wat streef na uitnemendheid, billikheid, hoë wetenskaplike, morele en demokratiese waardes en het ten doel om die belange van alle Suid-Afrikaners te dien deur die bevordering van die wetenskap, tegnologie en die kunste, asook die bevordering van die gebruik en gehalte van Afrikaans ("Wat doen die Akademie?", s.a.). In hierdie afdeling word gekyk hoe hierdie organisasie tot stand gekom het, asook hoe die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns bogenoemde oogmerke nastreef deur ondersoek in te stel na die samestelling en werksaamhede van dié organisasie ten einde uiteindelik die ortografiese standaardiseringspraktyke van die Taalkommissie binne die Akademie as geheel te situeer.

### 4.3.2 Stigting van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns

Vanweë die wydverspreide behoefte aan die unifikasie van die pro-Nederlandse en pro-Afrikaanse faksies, is dit nie moontlik om presies te bepaal wie se idee die stigting van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns was nie (Kapp, 2009: 26). Onderwyl die verskillende kongresse en konferensies vir die unifikasie tussen die voorstanders van Afrikaans en voorstanders van Nederlands regoor die land aan die gang was, het besorgde leiersfigure soos president M.T. Steyn, generaal J.B.M. Hertzog, F.S. Malan en ander aan die einde van 1908 tydens 'n sitting van die Nasionale Konvensie in Kaapstad byeengekom. Die doel van hierdie byeenkoms was om samesprekings te hou ten einde 'n einde te probeer maak aan die taalstryd. Hier het die gedagte ontstaan om 'n sentrale organisasie in die lewe te roep waarin al die bestaande taalorganisasies verenig kon word ten einde voortaan gesamentlike en gesaghebbende optrede te bewerkstellig. Daar is op voorstel van president Steyn, J.H. Hofmeyr en generaal Hertzog besluit om met die voorstanders van Afrikaans en Nederlands in die verskillende state te onderhandel en almal wat in Hollands (m.a.w. Nederlands én Afrikaans) belangstel na 'n taalkongres in Kaapstad uit te nooi. Na informele besprekings tussen die leiers van die Taalbond en ATV het die voorgestelde byeenkoms van twintig leidende figure, bestaande uit lede van die Nasionale Konvensie en verteenwoordigers van die ATV en Taalbond, uiteindelik op 5 Januarie 1909 in die Hugenotegebou in Kaapstad plaasgevind. A. Moorrees het as voorsitter en W.A. Hofmeyr as sekretaris opgetree. Die ander aanwesiges was J.I. Marais, W.J. Viljoen, G. Cillié en J.H. Hofmeyr van die Taalbond, D.F. Malan, N.J. Brümmer, J.H.H. de Waal en H.S. van Zyl van die ATV, en generaal J.B.M. Hertzog, F.S. Malan, H. Burton, N.J. de Wet, J.P. van Heerden, J.W. Sauer en J.P.L. Volstedt. Die besluite van die onlangse konferensie van die ATG en ATV is aan die vergadering voorgehou, waarna daar op voorstel van Viljoen van die ZAOU en Moorrees van die Taalbond besluit is om 'n akademie tot stand te bring. (Pienaar, 1943: 316; Nienaber, 1950: 12; 1968: 3; Bosman, 1959: 79; Herbst, 1959: 33-34; Malherbe, 1959: 35; Van der Merwe en Posthumus, 1968: 88; Claassen, 1977: 209; Kapp, 2009: 28-29)

Hertzog het voorgestel "Dat een lichaam in 't leven worde geroepen ter bevordering van de Hollandse taal en letteren in Zuidafrika". Sy voorstel was dat dit 'n sentrale liggaam moes wees wat die hele land verteenwoordig. Hiermee wou hy 'n einde maak aan die stryd tussen die voorstanders van Afrikaans en die voorstanders van Nederlands. Hofmeyr het egter hierop 'n amendement voorgestel waarin daar gespesifiseer word dat beide taalrigtings (m.a.w. Nederlands én Afrikaans) en bestaande taalgenootskappe in Suid-Afrika hierby in ag geneem moes word. Alhoewel die voorstel aangeneem is, is die amendement verwerp, maar daar is tóg ooreengekom dat onder "Hollandse taal" ook "Afrikaans" inbegrepe is. Die liggaam moes 'n sterk sentrale liggaam wees wat die hele land sou verteenwoordig,



wat gunstig staan teenoor beide Nederlands en Afrikaans, wat ingeligte besluite oor taal- en letterkundige geskille kon maak, en wat 'n gesaghebbende liggaam kon wees wat met die regering of universiteite kon onderhandel. Hierdie liggaam moes dus nie bloot 'n liggaam van taalentoesiaste wees nie, maar moes 'n mate van gesag kon uitoefen. (Nienaber, 1950: 13; 1968: 3; Bosman, 1959: 79, 81; Herbst, 1959: 34; Van der Merwe en Posthumus, 1968: 88; Claassen, 1977: 209; Kapp, 2009: 29) In beginsel is daar dus op hierdie konferensie ten gunste van die stigting van 'n akademie besluit. Die konferensie het vervolgens 'n Breë Kommissie van een en twintig persone benoem verteenwoordigend saamgestel uit die Kaapkolonie (veertien lede), die Vrystaat (vier lede) en die Transvaal (drie lede), om 'n ontwerpgrondwet op te stel en die nodige stappe te neem vir die stigting van die liggaam (Pienaar, 1943: 316-317; Bosman, 1959: 81; Claassen, 1977: 210). Uit die Breë Kommissie is 'n subkomitee, bestaande uit Moorrees, Viljoen, Brümmer en Hofmeyr, benoem om die ontwerpstatuut van die beoogde liggaam op te stel. Die subkomitee het na verskillende vergaderings oor die aard van die liggaam 'n ooreenkoms bereik. Voordat die Akademie egter in die lewe geroep kon word, moes die werksaamhede in Bloemfontein eers met dié in die Kaap versoen word. (Nienaber, 1950: 13-14; Bosman, loc. cit.; Claassen, loc. cit.)

As gevolg van die talle verwickelinge wat op taalgebied aan die einde van 1908 plaasgevind het, het Onze Taal op hulle jaarvergadering van 26 November 1908 besluit om die beoogde versoeningskongres van 13 Januarie 1909 eerder tot April 1909 uit te stel (Nienaber, 1950: 12; 1968: 3). Die doel van hierdie kongres sou wees om eenheid en samewerking tussen die verskillende Afrikaanse en Nederlandse organisasies van die Noorde en Suide te fasiliteer (Pienaar, 1943: 317; Malherbe, loc. cit.). Toe die konferensie aan die Kaap verneem dat Onze Taal 'n taalkongres beplan, het die verenigde liggame van Kaapland na afloop van die konferensie van 5 Januarie met Onze Taal in verbinding getree ten einde samewerking te verkry. Hulle het Onze Taal versoek om die beplande kongres tot later uit te stel, sodat die stigting van die beoogde akademie ook daar kon plaasvind. Na onderhandelinge het Onze Taal ingestem en daar is besluit om die kongres te herskeduleer en 'n groot taalkongres van 1 tot 2 Julie 1909 in Bloemfontein te hou. Die doel van die taalkongres was om almal wat belang het by Hollands (Afrikaans en Nederlands) byeen te bring en om sodoende as demonstrasie te dien dat beide hierdie groepe, alhoewel hulle onderling verskil, dit eens is ten opsigte van samewerking tussen Nederlands en Afrikaans, en om die Hollandse taalbelange met mekaar te bespreek. (Nienaber, 1950: 14; Bosman, 1959: 81; Herbst, 1959: 34; Malherbe, loc. cit.; Claassen, 1977: loc. cit.) In die media is voorbrand gemaak vir die beoogde taalkongres deur artikels in *De Volkstem*, *De Vriend des Volks*, *De Zuid-Afrikaans verenigd met Ons Land*, *Die Afrikaner* en *De Unie* wat die stigting van die voorgestelde akademie gesteun en aangemoedig het (Claassen, 1977: 213-214). Die subkomitee van die Breë Kommissie wat die taak opgelê is om die ontwerpgrondwet vir die

beoogde akademie op te stel, het hulle ontwerp op 13 en 20 Februarie 1909 aan die Breë Kommissie voorgelê wat dit met enkele wysigings goedgekeur het, waarna dit in die pers openbaar gemaak is (Nienaber, loc. cit.; Claassen, 1977: 217).

Baie mense het in die kongres belang gestel en het uiteindelik die kongres bygewoon. Kennisgewings is in verskeie koerante geplaas om alle taal- en ander belanghebbende organisasies en belangstellendes na die taalkongres in Bloemfontein uit te nooi (Claassen, 1977: 217). Uitnodigings is aan bekende taalorganisasies, Afrikaanse en Nederlandse onderwysersverenigings, kerke, redakteurs van koerante, bekende figure op taalgebied, ensovoorts, gerig. (Pienaar, 1943: 317; Bosman, 1959: 81) Die Breë Kommissie wat op 5 Januarie in Kaapstad gevorm is, het 'n Voorlopige Komitee van twaalf lede, verteenwoordigend van al die provinsies, uit hulle eie geledere benoem om hulle op die kongres te verteenwoordig en te sorg dat die besluite deurgevoer word. Die twaalf afgevaardigdes was A. Moorrees, Jan Lion-Cachet, G. Besselaar, A. Francken, D.S. Botha, N.J. Brümmer, J.D. Kestell, W. Postma, H.D. van Broekhuizen, G. Knothe, W. J. van Zijl, en Gustav S. Preller. Hierdie komitee moes veral toesien dat die beoogde akademie tydens die kongres gestig word. Die Voorlopige Komitee het op 30 Junie 1909 (m.a.w. die dag voor die kongres) in Bloemfontein vergader om oor die oprigting en vorm van die akademie te beraadslaag. (Nienaber, 1950: 15; Bosman, loc. cit.; Nienaber, 1968: 4; Claassen, 1977: 219-221)

Veral twee twispunte het uit die besprekings op die vergadering geblyk. Eerstens was daar nie eenstemmigheid onder die lede van die Voorlopige Komitee oor wie die beoogde liggaam moes stig nie, en tweedens was hulle verdeeld oor die aard wat hierdie liggaam moes aanneem. Die meeste lede was ten gunste van Brümmer se voorstel dat die beoogde liggaam deur die Voorlopige Komitee in die lewe geroep moes word en dat die liggaam uit 'n beperkte aantal lede, meer spesifiek vyftig lede, moes bestaan. Lede wat ten gunste van hierdie voorstel was, het gemeen dat die liggaam deur kundiges beheer moes word en dat lidmaatskap dus 'n eksklusiewe aangeleentheid moes wees. Cachet en Postma wou egter hê dat die liggaam deur diegene wat die taalkongres sou bywoon in die lewe geroep moes word en dat dit 'n liggaam moes wees waarin al die taalverenigings verenig en verteenwoordig kon word. Die publiek moes dus kon deel hê aan hierdie liggaam. Na indringende bespreking het die Komitee uiteindelik die volgende besluite geneem: (a) die beoogde liggaam moes 'n akademie en dus 'n eksklusiewe liggaam wees, soos voorgestel deur N.J. Brümmer; (b) die taak om 'n akademie te stig sou nie by die kongres berus nie, maar by die twaalf afgevaardigdes; (c) die beoogde liggaam moes 'n beperkte ledetal van vyftig hê; (d) maar die liggaam moes met dertig stigterslede begin word; (e) die Komitee moes die ontwerpstatuut nagaan (wat hulle dan ook enigermate gewysig het); (f) die Komitee moes die besluite waartoe hulle gekom het aan die kongres rappor-

teer; en (g) die Komitee moes deur die bespreking van onder andere die ontwerpstatuut by die kongres raad kry oor die wyse waarop die beoogde akademie en die groter publiek by mekaar uitgebring kon word. (Bosman, 1959: 81, 83; Nienaber, 1968: 4; Claassen, 1977: 221-222; Kapp, 2009: 31)

Die taalkongres het van 1 tot 2 Julie 1909 in die saal van die Normaalskool in Bloemfontein onder voorsitterskap van A. Moorrees vergader (Pienaar, 1943: 317; Claassen, 1977: 223; Kapp, 2009: 32). Afgesien van enkele belangstellendes (waaronder ook ses vroue) wat die taalkongres bygewoon het, is die volgende instansies op die kongres verteenwoordig: Zuid-Afrikaansche Taalbond, Ons Spreekuur, Onze Taal, Afrikaanse Taalgenootskap, Afrikaanse Taalvereniging, Zuid-Afrikaanse Onderwyzers Unie, Afrikaans-Hollandse Taalvereniging, Ficksburg Taal Vereniging, Pietermaritzburgse Debat en Letterkundige Vereniging, Redderburgse Debatsvereniging, Algemeen Nederlands Verbond, Vereniging van Onderwyzers en Onderwyzersessen, Hollandse Onderwyzers Unie, Nederduits Gereformeerde Kerk, Nederduits Hervormde Kerk, Gereformeerde Kweekskool op Potchefstroom, en verteenwoordigers van die koerante *De Volkstem*, *De Zuid-Afrikaans verenigd met Ons Land* en *De Vriend des Volks* (Claassen, 1977: 223-224). Dit is egter opmerklik dat die bruin stem ook tydens die stigting van hierdie liggaam, wat blykbaar die hele land moes verteenwoordig, merkbaar afwesig was. Wit Afrikaanssprekendes het steeds nie daaraan gedink om hulle bruin taalgenote by die taalgesprek te betrek nie. Hierdie stand van sake sou egter nog vir dekades voortduur (sien 4.3.3.5).

Johannes Brill het die taalkongres met die verklaring geopen dat die doel van die kongres sou wees om 'n Suid-Afrikaanse akademie in die lewe te roep, waarna Moorrees as voorsitter en D.G. Conradie as sekretaris van die taalkongres aangewys is (Claassen, 1977: 226). Nadat N.J. Brümmer egter die Voorlopige Komitee se besluite aan die kongresgangers voorgelê het, is die kongres gekenmerk deur lewendige debatvoering. Een saak wat besonder heftige reaksie ontlok het, was dieselfde saak waaroor daar aanvanklik meningsverskil binne die Voorlopige Komitee geheers het, naamlik die aard van die voorgestelde liggaam (Pienaar, 1943: 317; Claassen, 1977: 227-228). Twee voorstelle is ten opsigte van die vorm van die beoogde liggaam ter tafel gelê. Die eerste was dat dit 'n algemene en omvattende liggaam moes wees waarin al die verenigings verteenwoordig sou word. Die tweede was dat die liggaam uit 'n elitegroep, dus uitgesoekte lede, moes bestaan. (Nienaber, 1950: 16; 1968: 4; Herbst, 1959: 34; Malherbe, 1959: 35) Die voorstel wat aanvanklik by die konferensie aandag geniet het, was die idee van 'n Suid-Afrikaanse akademie waardeur die taal, lettere, geskiedenis en kuns behartig kon word. Maar van die afgevaardigdes by die konferensie het eerder 'n oorkoepelende liggaam in gedagte gehad waarin die onderskeie taalliggame kon verenig, wat hulle 'n genootskap vir taal en letterkunde genoem het. Hierdie twee sienswyses het aanleiding gegee tot 'n debat tussen Preller en

Bresselaar aan die een kant en Lion Cachet aan die ander kant. Eersgenoemde wou hê dat die liggaam 'n akademie moes wees, aangesien dit 'n organisasie van taal- en kunsliefhebbers moes wees. Cachet wou weer hê dit moes 'n liggaam wees wat die hele volk sou betrek. (Kapp, 2009: 30-31) Die debat oor die vorm wat die beoogde liggaam moes aanneem, het dus hoofsaaklik om die verteenwoordigende aard van die liggaam gedraai: Moes dit 'n elitistiese liggaam van geleerdes wees of 'n organisasie waarby die hele volk betrokke kan wees? (Kapp, 2009: 34) Na langdurige en dikwels vurige debatvoering is die voorstel dat 'n akademie ooreenkomstig die aanbevelings van die Voorlopige Komitee van die Breë Kommissie gestig word, met ander woorde dat dit 'n kleiner en geslote liggaam met beperkte lidmaatskap moes wees, uiteindelik met 'n meerderheidstem van sewe en twintig stemme teenoor dertien aanvaar<sup>16</sup> (Nienaber, 1950: 17; 1968: 5; Bosman, 1959: 83; Herbst, 1959: 34; Claassen, 1977: 230; Kapp, 2009: 34)

Die Taalkongres het die Voorlopige Komitee se lys potensiële akademiële lede oorweeg en nog name op 'n groslys bygevoeg. Hierdie Komitee van twaalf het onmiddellik na afloop van die verrigtinge van die Taalkongres, op die aand van 2 Julie 1909, weer vergader om die eerste dertig potensiële lede uit 'n moontlike vyftig te kies. Verteenwoordigers uit al vier provinsies is gekies: twaalf van die Kaapkolonie, nege van die Transvaal, sewe van die Vrystaat en twee van Natal. (Pienaar, 1943: 317; Nienaber, 1950: 17; 1968: 5; Bosman, 1959: 83, 85; Herbst, 1959: 34; Malherbe, 1959: 35; Claassen, 1977: 230; Kapp, 2009: 34) Die Akademie is dus in beginsel op 2 Julie 1909 met die besluit van die Taalkongres en die Voorlopige Komitee gestig (Bosman, 1959: 83; Claassen, 1977: 233; Kapp, 2009: 35). Baie lede was egter ongelukkig oor die ondemokratiese wyse waarop die Akademie uiteindelik deur dertig genooies gestig is (Kapp, 2009: 33). Hulle was veral ontevrede omdat die aard van die Akademie, naamlik 'n eliteliggaam, asook die ontwerpstatuut as voldonge feit aan die kongresgangers voorgelê is en hulle slegs toestemming of kommentaar gevra is. Geen geleentheid is geskep vir alternatiewe voorstelle vir die aard van die liggaam nie, byvoorbeeld eerder 'n unie of genootskap van vereniginge, en ook nie vir die wysiging van die ontwerpstatuut nie. (Bosman, loc. cit.) In reaksie op hierdie ongelukkigheid het Brümmer weer beklemtoon dat taalverenigings wel baie entoesiasme opbou, maar in die praktyk min uitrig, en 'n gesaghebbende liggaam daarom nodig was, bestaande uit gekeurde mense wat gekies is op grond van hulle betrokkenheid by die saak wat bevorder moes word. Van Broekhuizen en die redakteur van *De Volkstem*, F.V. Engelenburg, het die behoefte aan die

---

<sup>16</sup> Daar sou uiteindelik in 1929 aan die behoefte aan 'n breë liggaam waarin alle verenigings verteenwoordig sou wees, voldoen word met die stigting van die Federasie vir Afrikaanse Kultuurvereniginge (FAK) (Nienaber, 1968: 5). Die doel van hierdie organisasie was om Afrikaans op 'n gekoördineerde wyse te bevorder en omtrent alle Afrikanerkultuurorganisasies het uiteindelik by die FAK geaffilieer (Giliomee, 2004: 353).

Akademie as 'n wetenskaplike liggaam beklemtoon. Engelenburg het hom ook ten gunste van die Akademie as prestige-organisasie uitgespreek. Die aansien van die lede was volgens hom belangriker as die getal lede en lidmaatskap moes daarom tot erkende skrywers, wetenskaplikes en kunstenaars beperk word. (Kapp, 2009: 33) Die Akademie was dus nie die volksorganisasie wat Postma oorspronklik in gedagte gehad het nie (Herbst, 1959: 34), en sou dit ook nooit word nie.

Die verskillende standpunte wat daar oor die aard van die nuwe liggaam geheers het, word ook geïllustreer deur die onderskeie name wat vir die liggaam oorweeg is: Taal en Letterkundig Genootskap; Genootskap voor Taal en Letterkunde; Zuid-Afrikaanse Vereniging ter bevordering van die Hollandse en Afrikaanse Taal- en Letterkunde; De Zuid-Afrikaanse Akademie voor Taal- en Letterkunde (Kapp, 2009: 34). In Artikel 1 van die konsepstatuut is gestipuleer dat die liggaam as die Zuid-Afrikaanse Akademie voor Taal, Letteren en Kunst bekend sou staan (Eksteen, 1985: 169; Kapp, 2009: 31). Op die eerste jaarvergadering van die Akademie, wat eers 'n jaar later op 6 en 7 Julie 1910 plaasgevind het, is die liggaam se naam op voorstel van generaal Hertzog gefinaliseer tot De Zuid-Afrikaanse Akademie voor Taal, Letteren en Kunst. Die ledetal van die Akademie is ook tot vyftig beperk en hierdie lede is op jaarvergaderings verkies. (Bosman, 1959: 85; Nienaber, 1968: 103; Claassen, 1977: 233; Kapp, 2009: 35)

Die Akademie is uiteindelik op 2 Julie 1909 gestig om die ATG, ATV, Onze Taal en Taalbond te verenig in hulle stryd om die behoud van die Hollandse taal (d.i. Nederlands én Afrikaans) in Suid-Afrika (Malan, 1963: 193). Die groot betekenis van die Akademie was aanvanklik daarin geleë dat daar tydens die stigting van die Akademie versoening tussen die twee taalpartye gekom het en dat die vraag oor watter taal nou eintlik die Afrikaner se taal is, tydelik beantwoord is (Pienaar, 1943: 318; Nienaber, 1968: 5; Claassen, 1977: 234). Die Akademie is enersyds gestig om die stryd tussen Nederlands en Afrikaans te beëindig en samewerking ten opsigte van Hollands tussen hierdie twee groepe te fasiliteer, en andersyds om die Nederlands-Afrikaanse kultuur te steun in die stryd om bestaan teen die Engelse taal en kultuur. (Bosman, 1959: 73) Die voorstanders van Nederlands se bereidwilligheid om met die voorstanders van Afrikaans saam te werk, dien as bevestiging van die belangrikheid van laasgenoemde se werk vir die voortbestaan van die Hollandse taal in Suid-Afrika (Nienaber, 1950: 19-20; 1968: 5). Die doel van hierdie nuwe liggaam was om die Nederlandse én Afrikaanse taal en lettere en die Suid-Afrikaanse geskiedenis, oudhede en kuns te handhaaf en te bevorder. Die middele waarmee die Akademie hierdie doel wou bereik, was deur lektuur te verskaf en te versprei, pryse aan skrywers toe te ken wat verdienstelike werke lewer ten einde skrywers aan te moedig, kennis van Nederlands en Afrikaans, asook die Suid-Afrikaanse geskiedenis, deur middel van eksamens te verbreed, tweetaligheid te handhaaf, ensovoorts. Verder wou die liggaam ook weten-

skaplike en artistieke leiding gee. Hierdie verskillende werksaamhede sou deur verskeie kommissies behartig word: die Eksamenkommissie, Kommissie vir Taal en Lettere, Reklamekommissie, Affiliasiekommissie, en Kommissie vir Waaksaamheid. (Pienaar, 1943: 317-318; Nienaber, 1950: 19; 1968: 5; Bosman, 1959: 83; Herbst, 1959: 34; Kapp, 2009: 31) Die doelstellings van die Akademie het ook uitdrukking gevind in die leuse van die liggaam. Die Akademie se eerste leuse is deur Engelenburg voorgestel en was “Nic Dominus, nic Servus / Nóg heerser, nóg slaaf” (Kapp, 2009: 54). Engelenburg (soos aangehaal in Kapp, 2009: 54) het dit soos volg gemotiveer:

Ons Akademie wil, as verteenwoordigers van ons Afrikaanse kultuur, nie baas speel nie oor ander kultuurbeweginge; maar ons wil nie eens duld dat ander die baas speel oor ons strewende na beskawing nie.

Of daar aan hierdie leuse voldoen is, is egter te betwyfel, aangesien die Akademie weens die eksklusiewe aard van die liggaam juis baas gespeel het oor die Afrikaanse kultuur deur ander Afrikaanssprekende groepe daarby uit te sluit. In 1972 is hierdie leuse verander na die huidige “Vir Wetenskap en Kuns” (Kapp, 2009: 54).

Die onmiddellike reaksie op die stigting van die Akademie in Afrikanergeleedere was baie gunstig. Veral die Afrikaanse en Nederlandse pers het baie positief op die stigting van die Akademie gereageer. Hulle het hierdie “vredesooreenkoms” tussen die voorstanders van Nederlands en die voorstanders van Afrikaans verwelkom en aangeprys. En soos die stigterslede gehoop het, het die Akademie sommer met die intrapslag die nodige gesag gedra. *De Zuid-Afrikaan Verenigd met Ons Land* het die Akademie as ’n invloedryke organisasie bestempel wat voldoende gesag dra om werklik in belang van die Hollandse tale op te tree. (Claassen, 1977: 234; Kapp, 2009: 35) Weens die eksklusiewe aard van die Akademie was (en is dit steeds) nie ’n volksorganisasie nie en daarom aanvanklik geen positiewe bate vir Afrikaans nie, aldus Pienaar (1943: 319). Afgesien van die erkenning van Afrikaans deur die Akademie, het hierdie liggaam aanvanklik nie veel uitgerig nie en het die Akademie aanvanklik ’n onnoembare klein aandeeltjie in die Afrikaanse taalstryd gehad (Nienaber, 1950: 20; 1968: 6; Herbst, 1959: 34). Malherbe (1959: 35) is egter van mening dat ’n mens “sag” moet wees wanneer ’n mens die Akademie se betreklike onvrugbare begin met ander akademies vergelyk, aangesien die nuwe instelling eers “sy pad [moes] soek” in die omstandighede wat heeltemal verskillend was as dié van ouer lande. Verder het die Akademie ook aanvanklik nie baie ondersteuning van Jan Alleman ontvang nie, wat nie die nut daarvan kon insien om ’n eliteliggaam van geleerdes te ondersteun waaraan hulle nie kon deel hê nie en wat op die oog af weinig te make gehad het met die volkslewe (Malherbe, loc. cit.). Sedert 1914 het die Akademie egter ’n belangrike rol in veral die vasstelling van die Afrikaanse spelling, keuring van skoolboeke, verlening van deskundige taaladvies by die Afrikaanse Bybelvertaling, en die toekenning van pryse vervul (Pienaar, loc. cit.).

### 4.3.3 Samestelling van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns

Die stigting van De Zuid-Afrikaanse Akademie voor Taal, Letteren en Kunst is besonder positief in Nederland ontvang. So het die Maatschappij der Nederlandse Letterkunde reeds vroeg hulle samewerking aangebied. Die Koninklijke Vlaamse Academie het ook hulle ondersteuning getoon toe hulle die Akademie genooi het om in 1911 aan hulle kwarteeuefsvieringe deel te neem. (Kapp, 2009: 362) Daar is verder nou bande met die Franse en Duitse akademies gesmee. Dit is daarom ook nie verbasend dat die stigters van die Akademie, wat veral die struktuur van die liggaam betref, hulle deur die akademies in die Westerse wêreld laat lei het nie. (Kapp, 2009: 37) Bosman (1959: 79), in navolging van P.J. Nienaber, meen dat veral die Koninklijke Vlaamsche Academie voor Taal en Letterkunde as model vir die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns gedien het. Kapp (2009: 366) is ook van mening dat die Vlaamse voorbeeld meermale as inspirasie vir die Akademie gedien het. So is daar byvoorbeeld op die eerste jaarvergadering van die Akademie, in ooreenstemming met die model van die Europese akademies wat hulle ledetal tot 'n geselekteerde groep beperk, besluit om hierdie model van 'n uitgelese groepie lede te behou en om die oorspronklike ledetal van dertig na vyftig uit te brei (Kapp, 2009: 50). Die vraag hoe die natuurwetenskappe in die Akademie geakkommodeer moes word, is met behulp van die Vlaamse voorbeeld hanteer, en die stigting van plaaslike werkgemeenskappe is ook aan hierdie akademie ontleen (Kapp, 2009: 366-367, 369).

Hendrik Reinink, wat as afgevaardigde na die Koninklijke Vlaamse Academie voor Taal en Letterkunde se kwarteeuefs gestuur is, het met sy terugkeer aanbeveel dat die Akademie nou bande met die Vlaamse Akademie moes handhaaf, omdat die Akademie volgens hom baie by hierdie liggaam kon leer oor taalbeoefening, die vasstelling van regte op taalgebied volgens wet, die ondersoek van die kunste, geskiedenis en wetenskap, en die bevordering van die onderwys. Totius het hierdie gedagte van Reinink in sy openingsrede op die twaalfde jaarvergadering van die Akademie ge-eggo toe hy die voorbeeld van die Vlaamse Akademie aan die Akademie voorgedien het as dié model om na te volg. (Kapp, 2009: 363)

#### 4.3.3.1 Samestelling en fakulteite

Oor die jare sou die Akademie nog baie veranderinge in veral die samestelling van die liggaam ondergaan. In 1921 is die Akademie in private wet (nr. 23) met regs persoonlikheid bekleed (Eksteen, 1985: 169). Maar in die vroeë 1940's het die Akademie 'n radikale hervorming ondergaan. Op 12 April 1941 keur die Akademie 'n voorstel goed dat die Akademie in twee fakulteite verdeel word. So ontstaan die Fakulteit vir Taal, Lettere en Kuns en die Fakulteit vir Natuurwetenskap en Tegniek. Die

eksplisiete ruimte wat vir die wetenskap geskep is, het noodwendig tot 'n naamsverandering gelei. Sodoende is die Akademie herbenoem na Die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns. Voorsiening is gemaak vir die moontlikheid om later meer fakulteite in die lewe te roep. So was daar vir 'n kortstondige tyd van 1993 tot 2000 wel 'n derde fakulteit, naamlik die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe. (Pienaar, 1943: 320; Bosman, 1959: 89, Kapp, 2009: 290) Op 28 April 1944 is die nuwe Akademie met sy twee fakulteite amptelik gevestig deurdat die gefinaliseerde statute in die Staatskoerant gepubliseer is (Bosman, 1959: 91). Na afloop van die halfeeufeesviering van die Akademie in 1959 is die twee fakulteite egter herbenoem na die Fakulteit vir Kuns en Geesteswetenskappe en die Fakulteit vir Natuurwetenskappe en Tegniek. Die Tegniek in laasgenoemde se naam is later na Tegnologie verander. (Nienaber, 1968: 105; "Akte van oprigting en Statuut", 2004; Kapp, 2009: 286) Vandag bestaan hierdie fakulteite egter nie meer as vaste strukture nie (Van der Elst, 2011).

#### **4.3.3.2 Rade**

Sedert die verandering in die samestelling van die Akademie soos uiteengesit in 4.3.3.1 ingetree het, is die Akademie deur drie rade beheer: die Raad van die Fakulteit vir Kuns en Geesteswetenskap, die Raad van die Fakulteit vir Natuurwetenskappe en Tegniek en die Akademieraad. Hierdie drie rade was onderskeidelik met die sake van die twee fakulteite en die Akademie in sy geheel gemoeid. (Nienaber, 1950: 25; ; 1968: 106; Herbst, 1959: 35) Die Raad van die Fakulteit vir Kuns en Geesteswetenskap wat aanvanklik uit ses lede bestaan het en in 1947 tot sewe vergroot is, is later tot veertien vergroot, wat verteenwoordigend uit lede van al die provinsies saamgestel is; twee uit Kaapland, twee uit Transvaal, twee uit die Oranje-Vrystaat, en een uit Natal (Nienaber, 1950: 24; 1968: 107; Bosman, 1959: 91). Die lede is al om die drie jaar op voorstel van die werkgemeenskappe en lede by die jaarvergadering verkies (Nienaber, 1950: 24). Die Raad van die Fakulteit vir Natuurwetenskappe en Tegniek het aanvanklik uit vyftien lede bestaan wat sover moontlik verteenwoordigend van die afdelings saamgestel is (Nienaber, 1950: 25; Bosman, loc. cit.). Hierdie ledetal is egter later tot veertien verminder om in ooreenstemming met die Raad van die Fakulteit vir Kuns en Geesteswetenskap te wees. (Nienaber, 1968: 107) Alhoewel hierdie twee rade vandag nie meer bestaan nie, streef elk van hierdie vakgebiede, binne die oorkoepelende doelstellings van die Akademie, hulle eie doelwitte na. Dit het spesifieke en eiesoortige beplanning, besinning en raadgewing ten opsigte van die betrokke vakdisseplines tot gevolg. Die belangrikste raad in die Akademie was, en is steeds, die Akademieraad. Die hele Akademie staan onder die gesag van die Akademieraad. ("Organisasie en bestuur", s.a.) As die hoogste uitvoerende gesag van die Akademie, is die Akademieraad verantwoordelik vir die beheer van die Akademie se geldsake, die Akademie se beeld na buite, en besluite



oor sake wat die Akademie in sy geheel raak. Die Akademieraad het aanvanklik uit ses lede bestaan waarvan drie elk deur en uit die twee fakulteitsrade aangewys is. (Nienaber, 1950: 25)

Vandag bestaan die Raad uit 'n maksimum van een en twintig lede wat sedert 2005 deur die lede verkies word en wat uit die volgende groepe saamgestel is: (a) twaalf lede, ses verteenwoordigers uit die Geesteswetenskappe en Natuurwetenskappe onderskeidelik, wat op 'n nasionale basis gekies word (Hieruit word 'n maksimum van vyf lede en 'n minimum van een lid uit elk van die volgende provinsies/streke gekies: Gauteng, Wes-Kaap, Noordwes, Vrystaat, en die res van Suid-Afrika); (b) die voorsitter van die Finansiële Kommissie; (c) die voorsitters van die redaksiekomitees van die Akademie se twee tydskrifte; en (d) 'n addisionele ses lede wat volgens behoefte gekoöpteer word, sover moontlik eweredig aangewys uit die twee fakulteite ("Akte van oprigting en Statuut", 2004; Van der Elst, 2011). Die Raadslede kies uit eie geledere 'n voorsitter en ondervoorsitter, een uit die Geesteswetenskappe en een uit die Natuurwetenskappe. Die voorsitter- en ondervoorsitterskap roteer elke termyn tussen die twee breë vakdissiplines. Uit die Raad word 'n Dagbestuur saamgestel, bestaande uit die voorsitter, ondervoorsitter, twee lede uit elk van die twee vakdissiplines verkies, en die voorsitter van die Finansiële Kommissie. ("Akte van oprigting en Statuut", 2004) Die voorsitter van die Akademieraad was eers ook die voorsitter van die Akademie in sy geheel en moes, tesame met die ondervoorsitter, elke drie jaar tussen die twee fakulteite wissel (Nienaber, 1950: 25). Vandag is dit die Hoof Uitvoerende Beampte wat in vaste diens van die Akademie staan en die dag-tot-dag-bedrywighede van die Akademie bestuur. Hy of sy dien ook as spreekbuis van die Akademie en doen verslag aan die Akademieraad. (Van der Elst, 2011)

#### **4.3.3.3 Werkgemeenskappe en afdelings**

Die lewenskragtigheid van die Akademie word in 'n groot mate deur die aktiwiteite bepaal wat op plaaslike vlak deur die werkgemeenskappe en afdelings behartig word ("Wat doen die Akademie?", 1984: 33). Die werksaamhede van die Akademie word op grond van geografiese en vakwetenskaplike indeling deur 'n verskeidenheid strukture behartig, te wete werkgemeenskappe, afdelings en takke ("Organisasie en bestuur", s.a.). Reeds op die Jaarvergadering van 1938 is besluit dat die Akademie-lede van elke provinsie hulleself in onderskeie regionale werkgroepe of werkgemeenskappe moes organiseer ten einde die belangstelling in Akademie-aangeleenthede op dreef te hou (Bosman, 1959: 93). Dit het daartoe gelei dat die Fakulteit vir Taal, Lettere en Kuns op die Jaarvergadering van 1942 onderverdeel is in drie werkgemeenskappe wat ingedeel is volgens die destydse provinsies, naamlik 'n Transvaalse (wat ook Natal gedek het), 'n Oranje-Vrystaatse en Kaaplandse Werkgemeenskap. (Nienaber, 1950: 23-24; 1968: 105; Herbst, 1959: 35) Vandag is lidmaatskap tot 'n spesifieke werk-

gemeenskap egter nie meer beperk tot lede van die Fakulteit Kuns en Geesteswetenskappe nie. Lede van beide vakdissiplines kan lede van 'n bepaalde werkgemeenskap wees ("Akte van oprigting en Statuut", 2004).

Die werkgemeenskappe staan onder die gesag van die Akademie en elkeen behartig die werksaamhede wat die Akademie op nasionale vlak verrig in sy eie streek. Die werkgemeenskappe is dus 'n hulpmiddel waarmee die Akademie in 'n spesifieke geografiese streek sy bedrywighede op plaaslike vlak kan reël, soos om die Akademie bekend te stel, potensiële nuwe lede te identifiseer en as lede voor te stel, en interdisiplinêre werksaamhede te bevorder. 'n Werkgemeenskap word ook na die gebied vernoem waarbinne dit funksioneer. (Herbst, 1959: 35; "Akte van oprigting en Statuut", 2004) Tans is daar werkgemeenskappe van die Akademie in Bloemfontein, Durban, Kaapstad, Oos-Kaap, Pietermaritzburg, Polokwane, Potchefstroom, Pretoria, Stellenbosch, Vaaldriehoek, Vrystaat, Witwatersrand en KwaZulu-Natal ("Wat doen die Akademie?", s.a.). Soos uit die ligging van die werkgemeenskappe afgelei kan word, vorm universiteite die belangrikste setels vir werkgemeenskappe, alhoewel die aktiwiteite van die Akademie nie tot universiteite beperk is nie ("Organisasie en bestuur", s.a.). Elke werkgemeenskap se bestuur bestaan uit minstens vyf lede wat die werksaamhede van die betrokke werkgemeenskap beplan. 'n Werkgemeenskap kan ook saam met 'n spesifieke tak van 'n afdeling of 'n kommissie werk. ("Akte van oprigting en Statuut", 2004)

Slegs die Fakulteit Natuurwetenskap en Tegnologie bestaan uit afdelings wat op grond van bepaalde vakgebiede of belangstellingsvelde ingedeel word. Daar bestaan tans vyf sulke afdelings, te wete een vir Geneeskunde, Ingenieurswese, Chemiese Wetenskappe (eers "Skeikunde"), Wis- en Natuurkunde, en Biologiese Wetenskappe onderskeidelik. Die fakulteit het aanvanklik ook afdelings vir Landbou en Ekonomie gehad, terwyl die Afdeling vir Biologiese Wetenskappe ontbreek het. Hierdie afdelings beywer hulle vir die betrokke vakgebiede. Elke afdeling beskik oor 'n bestuur bestaande uit minstens vyf lede. Afdelings kan verder op grond van geografiese gebied in takke onderverdeel word. Elke tak beskik ook oor 'n bestuur. Die takke is egter onderworpe aan die gesag van die afdeling, wat weer onderworpe is aan die gesag van die Fakulteit Natuurwetenskap en Tegnologie en sodoende die Akademie. (Nienaber, 1950: 24; "Akte van oprigting en Statuut", 2004)

#### **4.3.3.4 Kommissies en komitees**

Die werksaamhede van die Akademie word tot 'n groot mate deur kommissies en komitees uitgevoer (Nienaber, 1950: 28; Eksteen, 1985: 169). Hierdie kommissies en komitees kan volgens Nienaber (1968: 107) as 't ware as die masjinerie van die Akademie beskou word wat uiting gee aan die Raad

se besluite en opdragte. Die Akademie is ook by magte om bepaalde kommissies aan te stel om met die uitvoering van hulle taak te help (“Akte van oprigting en Statuut”, 2004). Soos reeds genoem (sien 4.2.3.1), is daar reeds tydens die stigting van die Akademie vyf kommissies benoem, te wete ’n Eksamenkommissie, Kommissie vir Taal en Lettere, Reklamekommissie, Kommissie vir Waaksaamheid en die Affiliasiekommissie. Van hierdie kommissies was die Kommissie vir Waaksaamheid in die beginjare die aktiefste. Hierdie kommissie moes toesien dat taalgelykheid in die praktyk in die staatsdiens toegepas word. Die Eksamenkommissie was in werklikheid die Taalbond se Eksamenkommissie, maar die Akademie het as sertifiseringsliggaam vir die Taalbondeksamens opgetree, waarvoor taalkundiges uit die Akademie se geleedere gebruik is. Die Reklamekommissie moes die Akademie se werksaamhede by verskillende liggame en by regeringskantore bekendstel, terwyl die Affiliasiekommissie nog verenigings moes werf om by die Akademie aan te sluit. ’n Jaarboekkommissie is later die taak opgelê om die Akademie se Jaarboek saam te stel en te versorg, terwyl die Zegelkommissie aangestel is om ’n seël vir die Akademie te ontwerp wat op al hulle amptelike dokumentasie aangebring kon word. In 1917 is ’n Historiese Kommissie tot stand gebring om kennis van die Afrikaner se geskiedenis te bevorder. Reeds in 1912 is ’n kommissie egter tot stand gebring wat uiteindelik twee van die belangrikste kommissies in die Akademie se geskiedenis sou word (maar wat aanvanklik as een kommissie gefunksioneer het), naamlik die Kommissie voor Taal en Letteren. Hierdie kommissie moes onder andere die eerste spelreëls vir Afrikaans opstel en wedstryde vir Afrikaanse romans en poësie uitloot. (Kapp, 2009: 57-58)

Die kommissies het geleidelik as vaste kommissies verval en is uiteindelik in Oktober 1925 afgeskaf en deur ad hoc-kommissies vervang. Soos die Akademie egter verder gegroei het, het die kommissies ook vermeerder en is die kommissies verdeel in vaste kommissies en ad hoc-kommissies. Van die vaste kommissies was onder andere die Taalkommissie, Boekekommissie, Reglementekommissie, Beheer Komitee van die Vaktaalbuuro, Redaksiekommissies van die Akademietydskrifte, en Kommissie vir Onderwyssake. Die ad hoc-kommissies het agt tot tien kommissies per jaar ingesluit om aanbevelings vir Akademiesbekronings (pryse, erepenninge, medaljes, ens.) te doen, komitees vir die vertaling van Afrikaanse kortverhale in Engels, die onderrig van Afrikaans en die Natuurwetenskappe op skool, komitees vir Taalkonferensies, kommissies insake Behoeftes aan en Opleiding van Ingenieurs in Suid-Afrika, Registrasie van Professions, Beplanning in Suid-Afrika, Desimalisasie, Onderrig van Latyn op Skool, en so meer. Verder was daar ook verskeie vakwoordelystekommissies wat verantwoordelik was vir die opstel van woordelyste vir onder andere geneeskunde, versekeringsterme, ensovoorts, wie se werk deur ’n kommissie van sameroepers van vakwoordelyste gekoördineer is, en komitees vir die verskillende institute van die Akademie, soos dié van Teksuitgawes, Naamkunde, Linguistiek, ensovoorts. Die benaminge vaste- en ad hoc-kommissies was egter meestal bloot benamings. So was die

Spelling-/Taalkommissie in werklikheid nog altyd 'n vaste kommissie. (Nienaber, 1950: 29; 1968: 108; Bosman, 1959: 101)

Tans word die aktiwiteite van die Akademie deur verskeie verkose en staande kommissies en komitees bedryf. Van die kommissies wat met spesifieke take belas is, is die kommissies vir Taal, Letterkunde, Onderwys, Geskiedenis en Uitvoerende en Visuele Kunste. ("Wat doen die Akademie?", s.a.) Een van die belangrikste kommissies is die Finansiële Kommissie wat onder andere die begroting van die Akademie opstel en die Akademieraad en Akademietrust oor beleggings en die finansiële bestuur van die bates van die Akademie adviseer ("Akte van oprigting en Statuut", 2004). Daar bestaan steeds 'n verskeidenheid vak- en spesiale komitees wat, soos die kommissies, take op bepaalde terreine behartig, soos die onderskeie keurkomitees vir die toekennings van die Akademie ("Wat doen die Akademie?", s.a.). Lede van beide fakulteite kan op 'n spesifieke kommissie dien en die dienstydperk van 'n spesifieke kommissie is drie jaar. Soos al die ander meganismes van die Akademie, is die kommissies en komitees egter ook aan die gesag van die Akademie onderhewig. ("Akte van oprigting en Statuut", 2004) Lede van die Akademie kan hulleself vrywillig in akademiese kundigheds- en/of belangstellingsvelde indeel deur 'n databasis saam te stel. Uit hierdie databasis kan dan 'n ad hoc-taakgroep saamgestel word om op bepaalde aktuele sake kommentaar te lewer en/of aanbevelings te maak. Indien die werksaamhede van so 'n ad hoc-taakgroep toeneem en 'n meer permanente aard aanneem, kan die Raad die ad hoc-taakgroep tot kommissie bevorder. ("Akte van oprigting en Statuut", 2004)

#### **4.3.3.5 Lede**

Die ledesamestelling van die Akademie het deur die jare telkens verander. Reeds tydens die stigting van die Akademie was die ledesamestelling 'n kontroversiële saak (sien 4.3.2), aangesien daar nie eenparigheid bereik kon word oor die vraag of dit uit verskillende verenigings saamgestel moes word en of dit 'n organisasie van individue moes wees nie (Kapp, 2009: 57). Alhoewel daar aanvanklik op slegs dertig stigterslede besluit is en die Akademie later 'n perk van vyftig lede opgelê is, is die ledetalbeperking met die verloop van jare telkens verhoog en verskillende tipes lede is begin onderskei. In 1929 is die ledetal van vyftig na honderd verhoog (Kapp, 2009: 58). Met die verdeling van die Akademie in twee fakulteite, het 'n onderskeiding tussen drie groepe of klasse lede van die Akademie ontstaan. Die eerste groep het bekend gestaan as Akademielede (d.w.s. volle lede) en is aanvanklik beperk tot honderd lede per fakulteit. Hierdie ledetal is in 1957 uitgebrei tot honderd en vyftig per fakulteit en later weer tot tweehonderd lede per fakulteit. Die Fakulteit Kuns en Geesteswetenskappe het aanvanklik slegs uit hierdie tipe lede bestaan. (Nienaber, 1950: 25-26; 1968: 105; Bosman, 1959:

93; Herbst, 1959: 35) Die twee ander groepe lede van die Akademie is slegs binne die Fakulteit vir Natuurwetenskap en Tegniek aangetref, en het as assessorlede (voor 1947 “medewerkers” genoem) en ondersteuners bekend gestaan. Die ledetal van hierdie twee groepe was egter onbeperk. Binne hierdie Fakulteit het die assessorlede volle regte van sitting, bespreking en stemming gehad, maar op Akademievergaderings het hulle nie die reg tot stemming gehad nie. Die ondersteuners was meestal jongmense, veral studente, en het slegs die reg tot sitting en bespreking op Fakulteitsvergaderings gehad. (Nienaber, 1950: 26; Bosman, 1959: 91, 93) Binne die Fakulteit vir Taal, Lettere en Kuns het daar ’n behoefte ontstaan om ook jonger mense by die Akademie te betrek en in 1952 is assessorlede ook in hierdie fakulteit ingestel (Bosman, 1959: 93). In 1991 is die drie verskillende vorme van lidmaatskap egter afgeskaf en die getalsbeperking op die aantal lede opgehef (Kapp, 2009: 390). Daar is ook voorsiening gemaak vir lewenslange lede en erelede (Herbst, 1959: 35). Laasgenoemde is op eenparige voorstel van die Akademierraad by jaarvergaderings gekies (Bosman, 1959: 91). Die Akademie het in stryd met klassieke akademieë in 1932 kortstondig met aansoeke om lidmaatskap geëksperimenteer, maar hierdie praktyk is spoedig laat vaar. In 1991 is maatskappyidmaatskap ook goedgekeur, maar dit het nie enige positiewe resultate opgelewer nie en is gevolglik ook laat vaar. (Kapp, 2009: 93)

Die laaste dekade of wat word die lede van die Akademie verdeel in volle Akademielede, erelede, rustende lede en assosiaatlede. Soos reeds genoem, is daar geen beperking meer op die ledetal nie en lidmaatskap is oop vir alle persone met die nodige akademiese meriete. Lidmaatskap van die Akademie berus egter steeds op uitnodiging op grond van besondere prestasie op wetenskaplike, tegnologiese of kulturele gebied. (“Ledesake”, 2003; “Akte van oprigting en Statuut”, 2004; “Wat doen die Akademie?”, s.a.) Lidmaatskapvereistes is met die verloop van jare minimaal gewysig en die akademiese, taalkundige en kulturele eise wat vir Akademielede gestel word, is besonder hoog (Nienaber, 1950: 25; 1968: 105-106; sien ook Nienaber, 1950: 26-27 vir vroeëre lidmaatskapvereistes). Daarom is die meeste Akademielede dikwels verbonde aan universiteite en ander inrigtings vir hoër onderwys, wetenskapsorganisasies en ander relevante professies en organisasies in die privaat sektor, soos vooraanstaande bankiers, ouditeurs, sakeleiers, doktors, regsgeleerdes, ingenieurs en ander wat op hulle besondere terreine presteer (“Ledesake”, 2003; “Wat doen die Akademie?”, s.a.).

’n Aantal algemene vereistes word vir lidmaatskap tot die Akademie gestel: ’n Lid moet (a) die doelstellings van die Akademie onderskryf; (b) Suid-Afrikaanse burgerskap hê (met dien verstande dat die Akademie na eie oordeel wel lidmaatskap aan ’n buitelandse burger kan toeken); (c) oor ’n hoë akademiese kwalifikasie of gelykstaande prestasie beskik; (d) óf navorsing van ’n hoë gehalte op praktiese of teoretiese vlak, óf ’n kunswerk of kulturele of opvoedkundige werk van hoë gehalte lewer.

Omdat die Akademiesraad verskillende vakrigtings aan bepaalde fakulteite toeken, impliseer dit dat elke lid van die Akademie by een van die twee fakulteite ingeskakel is. Verdere lidmaatskapsvereistes geld vir elk van die twee fakulteite. 'n Potensiële lid van die Fakulteit Kuns en Geesteswetenskappe moet (a) oor 'n universiteitsgraad/-grade of gelykstaande kwalifikasie beskik wat ten minste vyf jaar studie vereis, asook 'n verantwoordelike betrekking in sy of haar vakgebied of 'n posisie beklee wat kulturele of geesteswetenskaplike arbeid meebring ('n graad of betrekking is egter nie nodig in die geval van 'n persoon wat werk van hoogstaande gehalte gelewer het nie); (b) oor die afgelope vyf jaar aktief wetenskaplike navorsing gedoen het soos deur ewekniebeoordeling gestaaf; en (c) eweknie-erkenning op sy of haar vakgebied/werkerrein geniet. Vir kandidate uit die visuele kunste is die vereistes ietwat aangepas. Tegniese en akademiese opleiding is nie 'n vereiste nie, maar so 'n persoon moes een of meer van die volgende gedoen of bereik het: (d) 'n solo-uitstalling gehou het; (e) 'n opdragwerk vir 'n groot gebou voltooi het; (f) van sy of haar werke al in 'n openbare versameling opgeneem gehad het; en (g) aansien geniet onder medekunstenaars op hulle spesifieke terrein. Vir 'n potensiële lid van die Fakulteit Natuurwetenskap en Tegnologie geld (a) en (b) soos hierbo ten opsigte van die Fakulteit Kuns en Geesteswetenskappe uiteengesit. Verder moet die kandidaat ook op natuurwetenskaplike, tegnologiese of opvoedkundige gebied 'n bydrae maak en presteer het. 'n Potensiële lid moet op die voorgeskrewe vorm van die Raad voorgestel word, gesteun deur drie lede van die fakulteit ten opsigte waarvan die persoon voorgestel word. Die voorstel moet deeglik gemotiveer en die persoon se werk en/of prestasies moet volledig verstrekkend word met 'n aanduiding van die gehalte en omvang daarvan. ("Ledesake", 2003; "Akte van oprigting en Statuut", 2004) Nominasies is vertroulik en moet sonder die medewete van die voorgestelde persoon geskied. Nadat die name van die voorgestelde persone onder die bestaande Akademielede vir moontlike besware gesirkuleer is, berus die uiteindelige goedkeuring vir lidmaatskap by die Akademiesraad. Eers hierna word die lidmaatskap aan die voorgestelde persoon aangebied, wat dan die keuse het om lidmaatskap te aanvaar of van die hand te wys. (Nienaber, 1950: 26) Die Akademie het tans ongeveer agthonderd aktiewe lede ("Ledesake", 2003; "Wat doen die Akademie?", s.a.; Van der Elst, 2011).

Die Akademie kan erelidmaatskap aan 'n persoon toeken ter erkenning van buitengewone diens aan Suid-Afrika, die Afrikaanse taal, of die Akademie in besonder. Erelede kan uit huidige lede of nielede van die Akademie verkies word. Wanneer Akademielede die ouderdom van sewentig jaar bereik, kan hulle by die Akademiesraad aansoek doen om as rustende lede geklassifiseer te word. Rustende lede geniet nog lidmaatskapsvoordele, maar is nie stemgeregtig nie. ("Ledesake", 2003; "Akte van oprigting en Statuut", 2004) Die Akademie het tans ongeveer driehonderd rustende lede ("Ledesake", 2003; "Wat doen die Akademie?", s.a.; Van der Elst, 2011). Die Akademiesraad kan na goeddunke besluit om korresponderende lidmaatskap aan akademici in die buiteland aan te bied, mits hulle hoë akademiese

aansien in hulle eie land geniet, die doelstellings van die Akademie onderskryf, en goeie betrekkinge met Suid-Afrika voorstaan. Hierdie lede is ook nie stemgeregtig nie. Laastens beskik die Akademie oor assosiaatlede. Hierdie junior lede van die Akademie kan tot enige fakulteit behoort. Assosiaatlede moet die doelstellings van die Akademie onderskryf en oor ten minste 'n vierjarige naskoolse kwalifikasie beskik. Hierdie lede is slegs stemgeregtig op die vlak van die werkgemeenskap of afdeling en kan op 'n latere stadium as volle lede van die Akademie voorgestel word. ("Ledesake", 2003; "Akte van oprigting en Statuut", 2004; Van der Elst, 2011).

In die eerste halfeeu van die Akademie se bestaan het kleur- en rasseverhoudings relatief min aandag in Akademiegeledere geniet, aangesien dié liggaam se aandag toegespits was op die opbou van die Afrikaanse kuns-, wetenskap- en intellektuele lewe (Kapp, 2009: 380). Maar in hulle fokus op Afrikaans het die Akademie geen aandag geskenk aan bruin mense en hulle verwantskap met Nederlands en Afrikaans nie (Kapp, 2009: 46-47). Die halfeeuefees van die Akademie het hulle egter oortuig dat die Afrikaanse taal en kultuur stewig genoeg gevestig was om 'n doelbewuste poging aan te wend om ook na ander groepe binne die Suid-Afrikaanse en internasionale samelewing uit te reik (Kapp, 2009: 81). Dit het daartoe gelei dat die Akademieraad op voorstel van T.E.W. Schumann op hulle eerste vergadering in 1959 in beginsel op uitreiking na veral die bruin Afrikaanssprekende gemeenskap besluit het ten einde erkenning te gee aan hulle besondere bydrae tot Afrikaans. 'n Spesiale kommissie is vir hierdie taak aangewys en dit het uiteindelik gelei tot die bekroning van die digter S.V. Petersen in 1959 en P.J. Philander in 1963 met erepenninge. Tussen 1959 en 1963 het die Akademie ook by wyse van drie kenners van Midde-Oosterse tale en kultuur en twee Taalkommissielede as adviseur vir die vertaling van die Qur'aan in Afrikaans opgetree. (Kapp, 2009: 382, 385)

Die Akademie se behoefte om verhoudings met bruin Afrikaanssprekendes te bou en samewerking met hulle te bewerkstellig, is in die sestigerjare verder gevoer. Vir hierdie doel is 'n kommissie weereens in 1965 aangewys bestaande uit persone met nou bande met bruin leiers ten einde in gesprekvoering met hulle te tree. (Kapp, 2009: 385) In Akademiegeledere was daar egter verdeeldheid oor wat presies bedoel word met samewerking tussen wit en bruin Afrikaanssprekendes. Die sentrale vraag wat hierna in Akademiegeledere na vore getree het, was of niewit persone ook lid mag word van die Akademie (Kapp, 2009: 81). Aan die een kant was daar diene wat gemeen het dat volwaardige kontak en samewerking tussen bruin en wit Afrikaanssprekendes net geskep kon word deur volle lidmaatskap aan bruin Afrikaanssprekendes toe te ken, terwyl ander weer ten gunste van kontak oor die kleurgrens sonder lidmaatskap was (Kapp, 2009: 386). Die vraag oor die aanvaarding van lidmaatskap van niewit lede is tussen 1975 en 1978 op die spits gedryf toe prominente bruin geleerdes as lede van die Akademie genomineer is (Kapp, 2009: 92). Die skrywer Jan Rabie het in

Julie 1975 'n aksiegroep begin om drie bruin skrywers, te wete S.V. Petersen, Richard van der Ross en Adam Small, as Akademielede verkies te kry. Petersen, Small en die akademikus B. Ranchod is kort daarna as Akademielede genomineer en later ook Van der Ross. (Kapp, 2009: 386-387, 389) Mettertyd het daar egter 'n lang lys assessorlede opgedam wat gewag het om volle lede van die Akademie te word. Dit het die Akademie voor die vraag gestel of hulle in die lig van die 1959-besluite voorkeur moes gee aan toelating van Engelse en niewit lede en of hulle die lys van assessorlede as voorkeurlys moes beskou (Kapp, 2009: 93). Die stadige besluitneming oor die toekenning van lidmaatskap aan die bruin geleerdes vanweë onenigheid binne die Akademie oor bogenoemde vraag, het die Akademie die kritiek op die hals gehaal dat hulle nie gewillig was om niewit lede in die Akademie te aanvaar nie (Kapp, 2009: 94). Dit het ook tot ongelukkigheid onder Akademielede gelei. In April 1977 het die Skrywersgilde druk op die Akademie geplaas deur te dreig dat sy lede as Akademielede sal bedank (Kapp, 2009: 387). In November daardie selfde jaar het 'n leidende Akademielid en sewe skrywers van die Skrywersgilde uit protes uit die Akademie bedank. Die werkgemeenskappe van Stellenbosch en die Wes-Kaap het ook 'n memorandum ingedien waarin hulle die algehele oopstelling van die Akademie bepleit het. (Kapp, 2009: 388) Dit het die Akademie voor nog 'n vraag gestel: "Aan wie behoort die Akademie – aan almal wat Afrikaans praat, of net aan wit Afrikaners wat 'n bepaalde stel waardes onderskryf?" Dat daar diep verdeeldheid oor hierdie vraag bestaan het, het geblyk uit 'n voorstel van die Pretoriase Werkgemeenskap dat lidmaatskap beperk moes word tot lede van die "nasionaal selfstandige Afrikanervolk", waardeur geïmpliseer is dat slegs wit persone lid kon wees. 'n Referendum is oor die saak gehou en daar is met 'n 62,5%-meerderheid ten gunste van die siening gestem dat die Akademie se doelwit die bevordering van Afrikaans is, ongeag wie dit verteenwoordig, en dat lidmaatskap dus beskikbaar is aan almal wat Afrikaans gebruik. (Kapp, 2009: 95-96)

Die Akademie se gesloer om tot 'n besluit te kom, het die Akademie die gramskap van sy lede op die hals gehaal en van albei kante van die spektrum het lede gedreig om te bedank. Op die Akademie se jaarvergadering van Junie 1978 is al die nominasies vir assessorlidmaatskap uiteindelik goedgekeur, maar die Wes-Kaapse werkgemeenskap het die feit dat assessorlidmaatskap aan sulke prominente bruin kandidate toegeken is en nie volle lidmaatskap nie, as beledigend beskou en weereens het 'n aantal uit die Akademie bedank. (Kapp, 2009: 389) Die feit dat die saak so omslagtig hanteer moes word en dat daar steeds 'n mate van teenkanting binne Akademiëgeledere was, het die bruin genomineerdes gekrenk en ander afgeskrik om tot die Akademie toe te tree (Kapp, 2009: 96). Small en Petersen het die assessorlidmaatskap van die hand gewys terwyl Van der Ross reeds vroeër versoek het dat sy nominasie teruggetrek word (Kapp, 2009: 389). Kapp (loc. cit.) verduidelik die negatiewe implikasies van hierdie stap vir die Akademie soos volg:



Die feit dat die Akademie die saak regstegnies gehanteer het en nie die simboliese implikasies en komplikasies van die nominasie met groter verfyndheid en begrip gehanteer het nie, het die Akademie 'n knou toegedien.

Die Akademie het egter voortgegaan om maniere te probeer vind om bruin Afrikaanssprekendes te betrek deur gesprekke met leidende bruin persoonlikhede te voer. Op die jaarvergadering van 1985 is byvoorbeeld 'n mosie aanvaar dat Suid-Afrika moes wegbeweeg van apartheid en in die twee jaar daarna is Adam Small en Johan Lenake tot volle lede van die Akademie verkies. (Kapp, 2009: 389-390) Hierdie stap het egter ook nie enige betekenisvolle uitwerking op die toetrede van bruin lede tot die Akademie gehad nie, aldus Kapp (2009: 390). Bruin Afrikaanssprekendes en ander bevolkingsgroepe kon hulle nie met die aard van die Akademie se werksaamhede vereenselwig nie (Kapp, loc. cit.). Tydens die politieke oorgang in Suid-Afrika aan die begin van die negentigerjare het drie Taalkommissielede as lede van óf die Taalkommissie óf die Akademie óf albei bedank omdat hulle gemeen het dat die Akademie geen verdere normeringsrol vir Afrikaans kon speel nie vanweë die feit dat dié liggaam geen geloofwaardigheid by die ANC en by bruin en swart Afrikaanssprekendes gehad het nie (Kapp, 2009: 142-143). Terwyl die fokus van die Akademie na 1995 die voortgesette groei en ontwikkeling van Afrikaans in die nuwe Suid-Afrikaanse politieke bedeling was, het die Akademie voorgedaan om individuele bruin Afrikaanssprekendes te werf, akademici en kunstenaars te bekroon en samesprekings met leiersfigure te voer (Kapp, 2009: 391).

Met die aanbreek van 'n nuwe millennium het die Akademie in gesprekvoering met prominente bruin leiers en akademici getree oor die moontlike omvorming van die Akademie tot 'n meer verteenwoordigende organisasie (Kapp, 2009: 151). Hierdie inisiatief is in 2003 deur senior Nasperslede geloods toe 'n ontmoeting tussen 'n groep bruin leiers en die Akademieraad gereël is. Jakes Gerwel is versoek om die bruin Afrikaanssprekende gemeenskap se siening in 'n memorandum saam te vat. Hierin het hy 'n "onderhandelde rewolusie" voorgestel om 'n nuwe organisasie tot stand te bring wat van voor af kan begin. In die D.J. Opperman-gedenklesing van Augustus 2004 het hy sy voorstel verder gevoer deur 'n nuwe soort akademie te bepleit, dit is een wat nie elitisties is nie. (Kapp, 2009: 391) In reaksie hierop het die Akademieraad hulle verbind tot transformasie en nierassigheid en hulle bereid verklaar om 'n nuwe raad met gelyke verteenwoordiging saam te stel (Kapp, 2009: 392). As uitvloeisel hiervan is 'n belangegroep in Oktober daardie selfde jaar gestig wat in April 2005 'n konferensie gehou het oor die daarstel van 'n inklusiewe en relevante liggaam vir Afrikaans in sy hoër uitdrukkingsvorme. Op die konferensie is daar onder andere konsensus bereik dat demokratisering in 'n veeltalige opset noodsaaklik is, en dat Afrikaans in die besonder met die probleem van stereotipering te kampe het en dat die aanvaarding van die ander variëteite van Afrikaans daarom nodig is.

Daar is egter ook eenstemmigheid bereik oor die bestaansreg van 'n liggaam soos die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns en die konferensiegangers het hulle strategiese doelwit soos volg geformuleer:

[O]m 'n Afrikaanse akademie vir wetenskap en kuns te vorm, gebaseer op nie-rassigheid, Afrikaans as taal en die bevordering daarin in hoër ordes van gebruik in die wetenskappe en kunste, en om ontwikkeling van gemeenskappe te stimuleer en legitimering te verwerf. (Kapp, 2009: 393)

Alhoewel die aanvanklike uitgangspunt van die konferensie was om uiteindelik 'n nuwe akademie tot stand te bring, het 'n gesloer met 'n voorlegging ten opsigte van die visie en doelwitte vir so 'n nuwe akademie, asook ander vrae oor die voortbestaan van Afrikaans<sup>17</sup>, daartoe gelei dat die Akademie-raad nie bereid was om die Akademie te ontbind nie, maar wel besluit het om eerder die bestaande Akademie op grond van die konsensuspunte wat by die konferensie van 2005 bereik is, te omvorm. 'n Bruin akademikus, Hein Willemsse, het egter daarop aangedring dat die Akademie moet ontbind ten einde hulle goeie bedoelinge te demonstreer. Vir Gerwel was dit egter belangrik dat Afrikaans se hoër funksies deur 'n goed gevestigde, nierassige instelling bevorder moet word. Hieruit blyk die gebrek aan konsensus onder die onderskeie gespreksgenote oor die toekoms van die Akademie. Gedurende 2008 het die toenmalige voorsitter en hoof uitvoerende beampste van die Akademie 'n hele aantal gesprekke met meningsvormers uit die bruin Afrikaanssprekende gemeenskap gevoer. Alhoewel van hierdie meningsvormers die standpunt ingeneem het dat die Akademie op hulle ingeslane weg van nierassigheid moet voortgaan en die klem op gehalte en meriete moet plaas, was daar steeds diegene wat huiwerig was om tot die Akademie toe te tree. (Kapp, 2009: 394-395) Die Akademie het dus weer eens 'n kans misgeloop om van sy eksklusiewe aard waarin dit aanvanklik tot stand gekom het (sien 4.3.2), afstand te doen.

#### **4.3.4 Werkzaamhede van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns**

Volgens die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns se tuisblad ("Wat doen die Akademie?", s.a.) ondersoek die Akademie binne die raamwerk van sy missie en doelstellings "voortdurend aktuele sake van openbare belang, neem standpunt daaroor in, en tree ook meermale adviserend, fasiliterend en meningsvormend in sake van nasionale belang op deur direk by die verloop van gebeure betrokke te raak". 'n Belangrike uitvloeisel hiervan is dat die Akademie op verskeie terreine by 'n wye reeks werkzaamhede betrokke is. Dit het daartoe gelei dat die Akademie sedert

---

<sup>17</sup> Vir meer hieroor sien Kapp (2009: 394).

1909 ontwikkel het in 'n kragtige bolwerk vir die Afrikaanse taal en kultuur, letterkunde en kuns, wetenskap en tegnologie ("Wat doen die Akademie?", 1984: 38).

#### 4.3.4.1 Toekennings

Een van die belangrikste werksaamhede van die Akademie en waarvoor hierdie instelling seker die bekendste is, is die Akademie se bekronings en pryse. Die Akademie beloon reeds baie dekades prestasies in die wetenskappe, humaniora en kunste deur middel van erepenninge, pryse en medaljes in 'n poging om die Afrikaanse letterkunde, kuns, wetenskap en geskiedskrywing te bevorder. Toekennings en pryse vir die bevordering van die Afrikaanse letter- en taalkunde sluit in die Hertzogprys wat om die beurt vir prosa, poësie en drama toegeken word, die Akademieprys vir Vertaalde Werk vir vertaling op die gebied van prosa en poësie in Afrikaans uit enige ander taal, die Louis Hiemstraprys vir niefiksie, die Eugène Maraisprys wat vir eerste of vroeë letterkundige werke toegeken word om jong skrywers aan te moedig, die Gustav Prellerprys vir letterkundige kritiek en literatuurwetenskap, die Scheepersprys vir jeuglektuur, die Tienie Hollowaymedalje vir kleuterlektuur, die C.J. Langenhovenprys vir taalwetenskaplike en/of taalskeppende werk in Afrikaans, die Markus Viljoenmedalje vir joernalistieke prestasie, die Elsabe Steenbergprys vir vertaalde kinder- en jeugliteratuur in Afrikaans, die erepenning vir Afrikaanse radiohoorbeelde, en die Elisabeth Eybersbeurs vir Suid-Afrikaanse of Nederlandse nagraadse studente, dosente en navorsers in die vakgebiede Afrikaans en Nederlands. Op ander vakgebiede word prestasies bekroon met prestigepryse soos die Havenga-, Stals-, Frans du Toit-, Toon van den Heever-, Totius-, Douw Greeff-, Huberte Rupert-, en FARMOVS-prys, Christo Wiesemedalje, en die Kaptein Scottmedalje. Verder word erepenninge vir wetenskaplike vakbevordering op sekondêre en tersiêre vlak ook gereeld toegeken. Vir buitengewone prestasie in die natuur- en geesteswetenskappe word die M.T. Steyn- en die N.P. van Wyk Louw-eretoekennings onderskeidelik toegeken. ("Wat doen die Akademie?", s.a.; "Wat doen die Akademie?", 1984: 33-34)

Die doel van die Akademie se bekronings is om 'n prestasiekultuur in Suid-Afrika, maar veral in die Afrikaanse spraakgemeenskap, te skep. Die Akademie poog ook om hierdie prestasiekultuur onder die Suid-Afrikaanse jeug te vestig deur verskeie landswye olimpiades vir leerders te reël. Die bekendste hiervan is die jaarlikse Afrikaansolimpiade vir hoërskoolleerders. Met hierdie olimpiades wil die Akademie talentvolle leerders vroegtydig identifiseer ten einde 'n liefde vir die betrokke vakke by hulle te kweek, om hulle belangstelling te prikkel en hulle vaardighede te ontwikkel. Die Poortkompetisie is ook ingestel om skeppendetaal talent in Afrikaans by hoërskoolleerders aan te moedig, terwyl die Taalbond onder leiding van die Akademie tweetaligheidseksamens afneem. ("Wat doen die Akademie?", s.a.; "Wat doen die Akademie?", 1984: 32)

#### 4.3.4.2 Taal

Met die stigting van die Akademie in 1909 sou hierdie liggaam voortaan die hoogste taalliggaam wees waarmee alle ander taalverwante liggame hulle kon affilieer (Van der Merwe, 1968: 101). Die Akademie is immers as 'n taalstrewende gestig en daarom sou dit deurgaans in sy geskiedenis die onderskeidende kenmerk van al sy werksaamhede wees, aldus Kapp (2009: 102). Gevolglik was en is 'n groot gedeelte van die Akademie se werksaamhede steeds aan die bevordering en ontwikkeling van Afrikaans gewy (Kapp, loc. cit.). Dit sou egter 'n paar jaar duur voordat die Akademie hulle uiteindelik met Afrikaans bemoei. Alhoewel 'n goeie helfte van die eerste lede Afrikaansgesind was, was Nederlands in die beginjare van die Akademie die *de facto* amptelike taal soos blyk uit die jaarboeke en lesings. (Malherbe, 1959: 35) Die eerste rede hiervoor is dat die Akademie dit in die eerste jare na totstandkoming beywer het vir die erkenning van Hollands as landstaal naas Engels. Tweedens was al die lede nog nie seker wat Afrikaans se rol sou wees nie. (Le Roux, T.H., 1926: 270)

Alhoewel die Akademie aanvanklik nie veel uitgerig het ten opsigte van die bevordering van Afrikaans nie, het hierdie instelling met verloop van tyd al hoe meer bewus geword van hulle rol in die ontwikkeling en bevordering van Afrikaans. Volgens die tuisblad van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns ("Wat doen die Akademie?", s.a.) was die Akademie "in vele opsigte die kweekplek van Afrikaans". So was die Akademie sowel instrumenteel in die ontstaan en opbou van Afrikaans as standaardtaal, as die erkenning van Afrikaans as amptelike taal in Suid-Afrika ("Wat doen die Akademie?", loc. cit.). Een van die Akademie se eerste take was die bereëning van die Afrikaanse spelling wat in 1915 vir die eerste keer uitgegee is (Herbst, 1959: 34-35). Dit sou spoedig een van die Akademie se vernaamste bydraes tot die ontwikkeling van die Afrikaanse taal word. Alhoewel die Akademie aanvanklik gestig is ter bevordering van sowel Nederlands as Afrikaans, het die Akademie met die veranderinge wat in die 1940's in die samestelling van dié liggaam ingetree het (sien 4.2.3.2) die bevordering van die Afrikaanse taal, lettere, kuns en wetenskap as 'n belangrike grondbeginsel en hoofdoel van dié liggaam gestel. Nederlands het gevolglik so te sê van die toneel verdwyn en in 'n ander grondbeginsel van die Akademie, soos uiteengesit in die statute van 1944, is Afrikaans eksplisiet as taal van die Akademie ingestel. (Pienaar, 1943: 320; Bosman, 1959: 91; Nienaber, 1968: 104) Die middele waarmee die Akademie hierdie twee grondbeginsels wou bereik, is vervolgens in vier en twintig artikels uiteengesit, waarvan die eerste meld dat die Akademie sy doel wil bereik deur voorligting en reëling op die gebied van spelling en taalgebruik. (Bosman, loc. cit.; Nienaber, loc. cit.)

Die Akademie is reeds in 1920 deur die regering na hulle mening oor die wenslikheid van die opstel van 'n omvattende Afrikaanse woordeboek gevra. Vier jaar later het die Akademie die wenslikheid van

medewerking aan die beoogde woordeboek uitgespreek en hulle dienste aan die regering op taalgebied aangebied. Die Akademie en die regering het egter ernstig verskil oor die samestelling van die woordeboekredaksie en die werkmethode wat met die opstel van die woordeboek gevolg moes word. Die regering was ten gunste van 'n organisasie onder sentrale leiding, terwyl die Akademie ten gunste van die werk op 'n koöperatiewe basis met arbeidsverdeling was. (Gericke, 1991: 17-18, 22) 'n Spelstryd tussen die eerste hoofredakteur van die *Woordeboek van die Afrikaanse Taal (WAT)*, J.J. Smith, en die Akademie se Taalkommissie (sien 4.5.2.3 en 4.5.2.4), het in die 1930's tot 'n breuk in verhoudinge tussen die Akademie en die *WAT* gelei. Van 1940 tot 1941 het 'n stryd oor wisselvorme die verhouding tussen die *WAT* en die Akademie verder versuur, wat uiteindelik ook tot die vertraging van die *WAT* gelei, waarvan daar nie een deel tot 1951 verskyn het nie. (Bosman, 1959: 121)

In Julie 1945 is daar op die jaarvergadering van die Akademie voorgestel dat die Akademie stappe oorweeg om verantwoordelikheid vir die lang vertraagde *WAT* oor te neem. Nadat die Akademie deur die Regeringskomitee van Ondersoek insake die Afrikaanse Woordeboek versoek is om 'n kommissie te benoem om met hulle oor die woordeboek te onderhandel, het 'n kommissie bestaande uit die Taalkommissie en die toenmalige voorsitter van die Akademie, S.H. Pellissier, op 16 en 17 Augustus 1945 met die Regeringskomitee in Kaapstad vergader. Pellissier het namens die Akademie die ernstige begeerte uitgespreek om met die samestelling van die *WAT* te help en het voorgestel dat:

- die regering beheer van en finansiële verantwoordelikheid vir die *WAT* aanvaar;
- aan die Akademie die verantwoordelikheid gegee word om vir die samestelling en die redaksie van die *WAT* te sorg;
- die spelling soos vasgelê deur die Taalkommissie van die Akademie in die *WAT* gevolg word.

Uit die besprekings het dit egter geblyk dat daar 'n meningsverskil tussen die regering en die *WAT* se Raad van Beheer en die Akademie bestaan het oor die aard en gehalte van die woordeboek wat opgestel moes word, en dat die woordeboek wat hierdie twee liggame onderskeidelik voor oë gehad het, so ver van mekaar verskil het, dat die Akademie nie bereid was om medeverantwoordelikheid daarvoor te aanvaar nie. Die verhouding tussen die *WAT* en die Akademie het hierdeur tot só 'n mate versleg dat die destydse Sekretaris van Onderwys, H.S. van der Walt, 'n paar jaar later op 19 September 1949 'n spesiale byeenkoms tussen die Akademie en die *WAT* moes reël ten einde uitsluitel oor verhoudings te kry. Alhoewel sommige Taalkommissielede hierna in hulle private hoedanigheid as adviseurs van die woordeboekredaksie opgetree het en lede van die Fakulteit Natuurwetenskap en Tegnologie ook in 'n samewerkende hoedanigheid hulle hulp verleen het, en die redakteur van die *WAT* ampshalwe aan die Taalkommissie se vergaderings deelgeneem het, het die Akademie nooit enige verantwoordelikheid vir die *WAT* gedra ten opsigte van inhoud en spelvorm nie.

Die verhouding tussen die twee liggame is eers in 1960/61 volkome herstel toe die Akademie P.C. Schonees, tóé redakteur van die *WAT*, tot lid van die Taalkommissie benoem het en die Taalkommissie Willem Kempen ('n lid van die Taalkommissie) as sy verteenwoordiger op die *WAT* se Raad van Beheer benoem het. Hierna het hartlike samewerking tussen die Akademie en die *WAT* ontwikkel. ("Medewerking onttrek aan Groot Woordeboek", 1947: 5, 64, 75; "Werksaamhede van die Akademie", 1951: 7; "Drie outoriteite vir spelling", 1952: 5; Nienaber, 1952: 481; Herbst, 1959: 35; Kapp, 2009: 124-125)

Die Akademie het in hulle werk ter bevordering van die Afrikaanse taal en letterkunde die Bybelvertalers telkens van waardevolle raad in verband met onder andere spelling bedien (Nienaber, 1950: 21; Herbst, 1959: 35; "Wat doen die Akademie?", 1984: 30; sien 4.4.5). Sedert 1944 het die Akademie ook vir 'n geruime tyd spraakleer- en voordrageksamens afgelê ten einde die nodige leiding te gee en beheer uit te oefen op die gebied van spraakonderrig (Nienaber, 1950: 31; 1952: 480). Op dieselfde trant tree die Akademie sedert 1945 in amptelike en nie-amptelike hoedanigheid ook adviserend op ten opsigte van die verbetering van taalgehalte en uitspraak van Afrikaans in die uitsaaidiens (Nienaber, 1950: 39; 1952: 482; "Werksaamhede van die Akademie", loc. cit.). Verder is die Akademie sedert 1948 ge-moeid met die onbevredigende stand van Afrikaans in die regspraktyk en poog hulle sedertdien om Afrikaans se posisie te verbeter (Nienaber, 1950: 31-32; 1952: 480).

Een van die wyses waarop die Akademie al jare 'n bydrae tot die ontwikkeling van Afrikaans lewer, is deur hulle ontwikkeling van die Afrikaanse wetenskaplike terminologie deur middel van vakwoordelyste. Die Akademie het reeds in 1915 die eerste vakwoordelys in Afrikaans gepubliseer. Hierdie werksaamhede is uiteindelik in Augustus 1950 tydens die stigting van die Vaktaalburo geamalgameer ten einde al die werksaamhede om vakwoordelyste te koördineer en in die dringende behoefte aan nog vakwoordelyste te voorsien. (Nienaber, 1950: 42; 1952: 483; Herbst, 1959: 35; "Wat doen die Akademie?", 1984: 30) Hierdie buro is "belas met die versameling, opbou en uitbou van die Afrikaanse wetenskaplike en tegniese taal, veral in die vorm van vertalende woordelyste met die oog op die uiteindelijke totstandkoming van 'n verklarende Afrikaanse vakwoordeboek" ("Werksaamhede van die Akademie", 1951: 7). Dit het 'n groot versnelling en uitbreiding van die werk in die uitbou en standaardisering van die Afrikaanse vaktaal tot gevolg gehad. Uit die Akademie en die Vaktaalburo het onder andere die *Chemiewoordeboek*, *Musiekwoordeboek*, *Fisikawoordeboek*, *Ekonomie-woordeboek*, *Weermagswoordeboek* en *Teater-woordeboek* verskyn, asook vakwoordelyste vir geneeskunde, sielkunde, ingenieurswese, wiskunde, skeikunde, weerkunde, sterrekunde, opvoedkunde, boukunde, mynbou, landbou- en bosbou, radio, versekeringswese, ontleedkunde, plantkunde en paleontologie, genealogie, statistiek, asook lyste met tandartsterme, lokomotiefferme, rytuig- en

trokterme, motorterme, staalwerkersterme, poskantoorterme, insekteterme en terme vir die toneel en tekstielbedryf. Die Vaktaalburo is in 1976 in die Departement van Nasionale Opvoeding opgeneem. (“n Bedrywige jaar”, 1950: 3; Nienaber, 1950: 40; 1952: 483; “Werksaamhede van die Akademie”, 1951: 7; “Werksaamhede van die Akademie”, 1953: 5; “Wat doen die Akademie?”, loc. cit.) Die Akademie het ook deur die Fakulteit vir Natuurwetenskap en Tegnologie ’n paneel vertalers en nasieners uit sy lede saamgestel wat Engelse tegniese terme vir die Suid-Afrikaanse Buro vir Standaarde in Afrikaans kon vertaal. Hierdie werk is later deur die SABS self oorgeneem, maar die Akademie het hulle steeds in ’n raadgewende hoedanigheid bygestaan. (Nienaber, 1950: 41; 1952: 483) Alhoewel Nederlands mettertyd ’n kleiner rol in die Akademie begin speel het, het die Akademie hulle steeds sterk uitgespreek oor die positiewe waarde wat Nederlands as aanvulling vir die Afrikaanse taal en kultuur kan hê. Dit het gelei tot die verbeterde en vermeerderde voorskryf van Nederlandse boeke vir hoërskoolleerders. (Nienaber, 1952: 481)

Die Akademie het met die verloop van jare dikwels as hekwagter vir Afrikaans opgetree. In die sestigerjare het die Akademie hulle kommer uitgespreek oor die gehalte van Afrikaans wat in die openbare lewe gebruik word en die kwaliteit van Afrikaansonderrig op skoolvlak. Wat eersgenoemde betref, is die aandag op die jaarvergadering van 1960 daarop gevestig dat “Gebruiksafrikaans” toenemend die voorkeur bo “gehalte-Afrikaans” begin kry het. Wat die kwaliteit van Afrikaansonderrig betref, is daar klem gelê op die vervlakking van taalkunde- en letterkundeonderrig. In reaksie hierop het die Akademie in Oktober 1964 in samewerking met die destydse vier provinsiale onderwysdepartemente ’n nasionale konferensie gehou ten einde probleemassepekte van taalonderrig te bespreek. ’n Statistiese ontleding van leerders en universiteitstudente se resultate in Afrikaans het gelei op ’n gebrekkige beheersing van die taal, veral ten opsigte van spelling, woordgebruik en formulering. In teenstelling met die neiging om bloot ’n “praatkennis” van Afrikaans te ontwikkel, is daar klem gelê op die belangrikheid van grondige basiese taalonderrig en ’n deeglike kennis van die literatuur. (Kapp, 2009: 131-132) Die Akademie beskou die bevordering van die gebruik en gehalte van Afrikaans steeds as ’n sleuteldoelstelling van hierdie instelling (“Wat doen die Akademie?”, s.a.). In ’n dokument wat in 2004 opgestel is, word die hoofdoelstelling van die Akademie verwoord as “[d]ie bevordering van die wetenskap, die tegnologie en die kunste asook die bevordering van die gebruik en gehalte van Afrikaans, binne die Republiek van Suid-Afrika” (“Akte van oprigting en Statuut”, 2004). As een van die Akademie se aanvullende doelstellings word die bepaling van die norme vir die gebruik en ontwikkeling van Afrikaans in al sy funksies genoem (“Akte van oprigting en Statuut”, loc. cit.).

Afgesien van bogenoemde taalbevorderingswerk wat die Akademie onderneem (het), is en word daar ook lesings, referate en voordragte gewy aan die Afrikaanse taal en kultuur (“Wat doen die Aka-

demie?”, 1984: 32). Daarom beskou die Akademie hulle jaarvergadering en simposium as ’n belangrike aktiwiteit aangesien daar by hierdie byeenkomste nagevorste temas van wetenskaplike en landsbelang op interdisiplinêre wyse ontleed en bespreek word (“Wat doen die Akademie?”, s.a.). Tydens die honderdjarige herdenking van die stigting van die Genootskap van Regte Afrikaners (GRA) in 1875, het die Akademie hulle toegespits op navorsing oor die vroeë geskiedenis van die Afrikaanse taalstrewende. Die Instituut vir Teksuitgawes is gestig om heruitgawes van oorspronklike pionierstekste in Afrikaans beskikbaar te stel. Die Akademie het ook ’n aktiewe aandeel gehad in die inwyding van die Afrikaanse Taalmonument in die Paarl op 14 Augustus 1975. (Kapp, 2009: 133)

Die Akademie het ’n belangrike rol ten opsigte van die behoud van Afrikaans as amptelike taal gespeel tydens die politieke verandering wat om 1994 in Suid-Afrika plaasgevind het. Die jare tagtig is gekenmerk deur indringende openbare debatte oor die toekoms van Afrikaans. In hierdie debatte het die kwessie oor ’n taalbeleid vir Suid-Afrika toenemend aandag geniet. In reaksie hierop het die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing (RGN) op 2 Julie 1985 ’n Taalbeplanningsprogram vir Suid-Afrika bekend gestel waardeur hulle verskillende taalgroepe wou bystaan om aan die hand van bepaalde riglyne tot ’n openbare gesprek oor taalbeleid toe te tree. Na aanleiding hiervan het die Akademieraad ’n Taalbeplanningskommissie in die lewe geroep om in samewerking met die Taalkommissie voorstelle aan die RGN voor te lê. ’n Spesiale kommissie is ook deur die Akademieraad saamgestel om aan konstitusionele ontwikkeling en aan die posisie van Afrikaans in interkulturele ontwikkeling aandag te gee. Die Taalbeplanningskommissie, wat ná 1990 herbenoem is tot die Taalstatuskomitee, het van die standpunt uitgegaan dat Afrikaans in ’n nuwe demokratiese Suid-Afrika as een van die amptelike tale erken moes word en sy volle funksiepotensiaal moes kon vervul. (Kapp, 2009: 137-138)

Die Akademie het hulle standpunte oor die toekoms van Afrikaans in ’n demokratiese Suid-Afrika tot ’n amptelike beleidsdokument verwerk, getiteld “Die standpunt van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns in verband met die posisie van Afrikaans in ’n nuwe staatkundige bedeling, 24 April 1992”. Die Akademie het verder ’n voorlegging aan die Konvensie vir ’n Demokratiese Suid-Afrika (KODESA)<sup>18</sup> gemaak met voorstelle vir ’n taalbeleid vir die nuwe Suid-Afrika. Hierdie voorlegging is ook vir die NP-regering aangebied om dit in hulle eie voorlegging oor taalbeleid te gebruik, en die Akademie het as fasiliteerder opgetree vir die opstel van ’n eie algemene taalbeleidsvoorstel namens die georganiseerde Afrikaanse gemeenskap. Hierdie en ander voorstelle het uiteindelik daartoe aanleiding gegee dat daar in die voorlopige grondwet van 1994 en die finale grondwet van 1996

---

<sup>18</sup> Twintig politieke partye en organisasies het op 29 November 1991 in die Wêreldhandelsentrum in Kemptonpark bymekaar gekom om ’n veelpartyforum genaamd die Konvensie vir ’n Demokratiese Suid-Afrika te stig waarna hulle vir die eerste keer op 20 en 21 Desember vergader het. Die doel van hierdie forum was om onderhandelinge te voer vir grondwetlike skikking met die oog op ’n demokratiese bestel in Suid-Afrika. (Du Preez, s.a.)



(Wet 108 van 1996) in artikel 6(l) elf amptelike tale erken is, Afrikaans inbegrepe. (Kapp, 2009: 140-141)

Alhoewel die bevordering van Afrikaans nog altyd die primêre bemoeienis van die Akademie was, het die Akademie hulle nie tot die bevordering van hierdie een taal beperk nie. Die Akademie het reeds in 1959 voorgestel dat 'n inheemse Bantoetaal as verpligte derde taal in Afrikaanse en Engelse skole onderrig moes word. Hierdie saak is egter eers in 1977, moontlik in reaksie op die Soweto-onluste van 1976, verder gevoer toe 'n komitee bestaande uit verteenwoordigers van die Akademie, die FAK, die Instituut vir Taalstudies en die Departement Batoe-onderwys saamgestel is om die saak te bevorder. Die onderwysowerhede was egter nie bereid om 'n Bantoetaal 'n verpligte vak te maak nie en het skole net aangemoedig om aan die saak aandag te gee. In 'n poging om ywer vir die studie van Bantoetale aan te moedig, het die Akademie aangebied om met die opstel van leerboeke te help en om 'n letterkundeprys vir Bantoetale in te stel ten einde die status van dié tale te probeer verhoog. Wat die ontwikkeling van Afrikaans self betref, het die Akademie ook sedert die 1920's reeds indringend aandag geskenk aan die invloed van ander inheemse inwoners op die ontwikkeling van Afrikaans, asook hulle rol in die geskiedenis van Suid-Afrika. Daar is oor die jare veral gefokus op die invloed van ander tale op Afrikaans, waaronder veral die Khoetale, Maleis en Arabies. (Kapp, 2009: 134)

#### 4.3.4.3 Publikasies

Die Akademie glo dat die Afrikaanse taal in die wetenskap deur middel van die geskrewe woord bevorder word (Wat doen die Akademie?, 1984: 36); vandaar die Akademie se betrokkenheid by 'n verskeidenheid publikasies. Die Akademie het oor die jare aan die stuur van verskeie Afrikaanse, interdisiplinêre, geakkrediteerde vaktydskrifte gestaan, naamlik die *Tydskrif vir Wetenskap en Kuns* (die amptelike orgaan van die Akademie), *Tegnikon* ('n tydskrif vir ingenieurswese, skeikunde, wiskunde en natuurkunde), *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Natuurwetenskap en Tegnologie* en die *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* ("Wat doen die Akademie?", s.a.; Nienaber, 1952: 484). Verder het verskeie universiteite al onder die beskerming van die Akademie saamgewerk om 'n verskeidenheid Afrikaanse universiteitshandboeke te produseer, waaronder een elk oor chemie, fisika en wiskunde, wat hierdie vakke toegankliker maak vir Afrikaanssprekende studente ("Wat doen die Akademie?", s.a.; "Wat doen die Akademie?", 1984: 32). Publikasies soos die Hertzog- en Christiaan de Wet-Annale is ook aan die Akademie te danke ("Wat doen die Akademie?", s.a.; Nienaber, loc. cit.).

#### 4.3.4.4 Allerlei werksaamhede

Die Akademie is lank reeds betrokke in die onderwys. Hierdie liggaam het hulle veral oor die toekoms van taalonderwys in die onderwys uitgespreek en hulle het ook meegehelp om die Ministerie vir Onderwys, Kuns en Wetenskap ingestel te kry. (Nienaber, 1950: 35; 1952: 481) Verder adviseer die Akademie se Onderwyskommissie die Akademieraad oor sake rakende die opvoedkunde en onderwys en maak aanbevelings vir die Stalsprys vir Opvoedkunde en die Akademie se Erepenning vir Wetenskaplike Vakbevordering. Die bevordering van die Suid-Afrikaanse geskiedenis is ook vir die Akademie van belang. Werksaamhede in hierdie verband sluit in die publikasie van geskiedkundige werke, die toekenning van pryse vir prestasie ten opsigte van geskiedskrywing, en om leerders en studente se belangstelling in die Suid-Afrikaanse geskiedenis aan te wakker. Verder stel die Akademie ook belang in die bewaring van Suid-Afrika se inheemse natuurskatte en kultuurhistoriese erfenis, soos geboue, slagvelde en ander plekke van historiese belang. ("Wat doen die Akademie?", 1984: 34)

Aansluitend hierby het die Akademie hulle reeds in die 1950's met die genealogie bemoei toe hulle C.C. de Villiers se *Geslachtregister der oude Kaapsche Familien* laat bywerk het ("Werksaamhede van die Akademie", 1953: 5). Die Akademie bekroon ook oorspronklike navorsing van hoogstaande gehalte op die gebied van genealogie. Die Akademie beloon prestasie op godsdiengebied deur pryse toe te ken op die gebied van Afrikaanse Bybelvertaling, die skryf, vertaling en toonsetting van Psalms en Gesange, Afrikaanse teologiese handleidings en godsdienonderrig, en die studie van die grondtale van die Bybel. Op die gebied van media ken die Akademie pryse toe vir die beste oorspronklike hoorspel en hoorbeeld, asook televisiedramas en dokumentêre televisieprogramme. Langdurige hoogstaande werk in die joernalistiek word ook bekroon. ("Wat doen die Akademie?", 1984: 35) Die Akademie bemoei hulle met die bevordering van die beeldhoukuns, argitektuur, skilderkuns, verhoogkuns, musiek, en rolprentkuns deur sy onderskeie kommissies ("Wat doen die Akademie?", 1984: 34). Ander aktiwiteite van die Akademie sluit in pogings om Afrikaans onder swart mense te bevorder, die Akademie se bemoeienis met die opleiding van ingenieurs, en optekening van Boererate (Nienaber, 1952: 484; "Wat doen die Akademie?", 1984: 38).

#### 4.3.4.5 Samewerkingsooreenkomste

Afgesien van die werksaamhede wat die Akademie op eie houtjie aangepak het, het hulle reeds saam met verskeie ander organisasies en instellings gewerk, soos die Federasie vir Afrikaanse Kultuurvereniginge (FAK), die *Afrikaanse Standaardwoordeboek* en die redaksie van die *Woordeboek van die*

*Afrikaanse Taal*, die Wetenskaplike en Nywerheidsnavorsingsraad, die SA Standaardeburo, die SA Genootskap vir die Bevordering van die Wetenskap, die Vertaalburo van die regering, en internasionale wetenskaplike unies (Nienaber, 1950: 29; 1952: 484; Herbst, 1959: 35). Die Akademie het in die verlede ook dikwels 'n aandeel gehad in die stigting van onderskeie organisasies en instellings, soos die FAK, die Fakulteite Geneeskunde, Tandheelkunde en Ingenieurswese aan die Universiteit van Pretoria, die Nasionale Vakterminologiesdiens, die Afrika-Instituut, die Stigting Simon van der Stel, die Buro vir Heraldiek, die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing (RGN), die Academy of Science of South Africa (ASSAf), en vele ander. Die desimale stelsel is ook deur die Akademie in Suid-Afrika ingestel. ("Wat doen die Akademie?", s.a.; "Wat doen die Akademie?", 1984: 38)

Die Akademie streef voortdurend daarna om hegte samewerking met relevante buitelandse liggame te vind en met verloop van jare het die Akademie gunstige betrekkinge met verskeie buitelandse liggame van soortgelyke aard gehandhaaf. Die handhawing en bevordering van die Nederlands-Afrikaanse kultuurbande was reeds vroeg vir die Akademie van belang. Daarom is nou bande veral met liggame in die Nederlandstalige lande gesmee, waaronder die Koninklike Nederlandse Akademie van Wetenschappen, Historisch Genootschap gevestigd te Utrecht, Maatschappij der Nederlandse Letterkunde, Koninklike Vlaamse Akademie voor Wetenschappen, Letteren en Schone Kunsten, Koninklike Vlaamse Ingenieursvereniging, en Koninklijk Instituut van Ingenieurs. Publikasies is ook uitgeruil met liggame in ander lande. (Nienaber, 1950: 29; 1952: 482; Bosman, 1959: 87)

#### **4.3.5 Samevatting**

Die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns is in hierdie afdeling onder die vergrootglas geplaas ten einde agter te kom hoe die Taalkommissie binne hierdie liggaam inpas. Eerstens is daar gekyk hoe dit uiteindelik gebeur het dat die Akademie tot stand gekom het, waarna daar in detail gekyk is na die samestelling van die Akademie, wat insluit die fakulteite, rade, werkgemeenskappe en afdelings, kommissies en komitees en ledesamestelling. Wat laasgenoemde betref, is daar gesien dat die Akademie oor die jare gesukkel het om hulle as inklusiewe en verteenwoordigende liggaam te onderskei. Daar is ook in besonderhede gekyk na die verskillende aktiwiteite van die Akademie; dit is onder andere die toekennings wat deur hulle gemaak word, hulle betrokkenheid by taalsake, en publikasies wat deur hulle uitgegee word.

## **4.4 Die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns se liggaam vir die standaardisering van die Afrikaanse ortografie: die Taalkommissie**

### **4.4.1 Inleiding**

As een van die langsbestaande kommissies van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, het die Taalkommissie volgens Le Roux (1959: 46) Afrikaanssprekendes in hulle eie taal leer skrywe en sodoende leer lees. Dit is deur hierdie Kommissie, aan wie die taak sedert 1915 opgelê is om spel- en skryfreëls vir Afrikaans op te stel, wat die Akademie uitvoering gegee het aan hulle strewe om 'n eenvormige skryftaal vir Afrikaans daar te stel. In hierdie afdeling word daar eerstens gekyk hoe die Taalkommissie tot stand gekom het, waarna die samestelling en werksaamhede van dié Kommissie oor die afgelope tien jaar onder die loep geneem word.

### **4.4.2 Stigting van die Taalkommissie**

Gegewe die Afrikaanse Taalgenootskap, Onze Taal en veral die Afrikaanse Taalvereniging se beoefenis met die Afrikaanse ortografie kort voor die stigting van die Akademie, sou 'n mens verwag dat die spelreëls van Afrikaans een van die eerste sake sou wees waarmee die Akademie hulle besig sou hou (Malan, 1963: 194). Maar soos Nienaber (1950: 10) tereg opmerk, hou die oprigting van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns direk verband met die taalstryd. Die Afrikaners het hard geveg om erkenning vir hulle taal, maar kon nie eenvormigheid bereik oor wat hierdie taal moes wees nie: Nederlands of Afrikaans (Nienaber, loc. cit.; sien 4.2.3). Hierdie geskil is tot 'n mate deur die stigting van die Akademie bygelê. Dit het egter ook daartoe gelei dat die Akademie, in 'n poging om spanning tussen die pro-Nederlandse en pro-Afrikaanse groepe te demp, hulle in die beginjare eers met ander sake besig gehou het. Die vernaamste hiervan is die erkenning van Hollands naas Engels as amptelike taal van Suid-Afrika (Malan, 1963: 194). Dit het weer daartoe aanleiding gegee dat die Akademie in die beginjare in werklikheid 'n Nederlandse liggaam was (Bosman, 1959: 87) en die Akademie moes dus eers van die belangrikheid van hulle rol in die bevordering van Afrikaans oortuig word.

Die behoefte aan 'n Afrikaanse ortografie het egter toenemend 'n knelpunt vir die voorstanders van Afrikaans geword. In 1911, twee jaar na die stigting van die Akademie, vra C.J. Langenhoven in 'n artikel in *Ons Land*: “Hoe lank sal ons hink op twee gedagtes? As Nederlands ons taal is, waarom praat ons hom nie? As Afrikaans ons taal is, waarom skryf ons hom nie?” (Kannemeyer, 1995: 241). Op die Akademie se jaarvergadering van 1911 is Langenhoven se pleidooi verder gevoer toe 'n brief

van Melt Brink voorgelees is waarin hy die gebrek aan 'n eenvormige skryftaal vir Afrikaans betreur het en die Akademie versoek het om in hierdie behoefte te voorsien deur gestandaardiseerde spelreëls vir Afrikaans op te stel. Die vergadering was egter oortuig dat die twis tussen die Nederlandse en Afrikaanse faksies wat tydens die stigting van die Akademie tot 'n einde gebring is, nog te vars in die geheues van Akademielede was. Daar is dus besluit om van die saak af te stap, aangesien "de taalkwestie opnuut twist zal veroorzaken". (Le Roux, T.H., 1926: 270; Kapp, 2009: 111) Dit was eers na C.J. Langenhoven se vurige rede byna drie jaar later op die jaarvergadering van 2 tot 4 Julie 1914 dat die Akademie hulle as Afrikaanse instelling begin definieer het met die bevordering van die Afrikaanse taal en kultuur as hulle hoofdoel en Nederlands slegs as hulpmiddel (Pienaar, 1943: 319; Bosman, 1959: 87; Herbst, 1959: 34). Alhoewel Langenhoven se voorstel vir die standaardisering van die Afrikaanse spelling nie die eerste voorstel in hierdie verband was nie, is dit wel die eerste voorstel waarop die Akademie konstruktief gereageer het. Langenhoven se voorstel het tot onmiddellike optrede gelei, wat toon hoeveel sterker die saak vir Afrikaans in 'n kort tydjie geword het. (Kapp, loc. cit.)

Die 1914-sitting het die begin van die Akademiespelling ingelui, aangesien daar op hierdie vergadering die nodige besluite geneem is wat die bal aan die rol sou sit ten opsigte van die Afrikaanse ortografie (Malan, 1963: 195-196). In sy beroemde rede, *Afrikaans als voertaal*, het C.J. Langenhoven 'n ernstige pleidooi vir Afrikaans as onderrigtaal op skool gelewer en het hy ook die Akademie se medewerking in hierdie verband bepleit. Hy het voorgestel dat Afrikaans as onderrigtaal tot standerd vier (die huidige graad 6) deur die Kaapse Provinsiale Raad erken moes word. (Venter, 1964: 163; Kapp, 2009: 44) Vir hierdie doel het hy verder, in navolging van D.F. Malherbe, die voorsiening van leer-middele soos handboeke en 'n eenvormige ortografie vir Afrikaans bepleit (Bosman, 1959: 118). Malherbe se mosie, wat op die tweede dag van die sitting op 3 Julie 1914 deur Langenhoven as beskrywingspunt voorgelê is, lui soos volg (Malan, 1963: 196; sien ook Malherbe, 1959: 35):

Die Akademie neem stappe (a) om in o'erleg met bevriende taalgenootskappe tot 'n eenheids-spelling van Afrikaans te geraak, (b) tot die daarstelling van geskikte handboekies in Afrikaans ver gebruik op die Lager Skool.

Hierdie pleidooi het wel daartoe gelei dat Afrikaans nog in dieselfde jaar deur die Provinsiale Raad as skoolmedium erken is en die Akademie 'n groter bewuswording van hulle rol in die ontwikkeling van Afrikaans begin kry het (Nienaber, 1950: 20; 1968: 6). Hierdie stap het ook die nodige momentum geskep vir Transvaal en die Vrystaat om vanaf 1917 die voorbeeld van die Kaapse Provinsiale Raad te volg. Met die invoering van Afrikaans op skool, sou die toe nie meer so nuut gestigte Akademie vanweë dié instelling se gesag nie langer oor die belangrike saak van die Afrikaanse ortografie kon stilbly nie. Gelukkig het Langenhoven se rede ook 'n ander belangrike gevolg gehad. Die Akademie is met die vraag gekonfronteer oor wat eerste gedoen moes word om die Afrikaanse taal te ontwikkel en

sodoende het hulle uiteindelik deur middel van 'n reeks besluite Langenhoven se voorstelle aanvaar. Daar is tot die gevolgtrekking gekom dat Afrikaans net kon slaag in die ontwikkeling van leer- en lees-materiaal op onderwysgebied indien daar 'n eenvormige skryftaal vir Afrikaans bestaan. (Bosman, loc. cit.; Kapp, loc. cit.; Eksteen, 1984: 58) Gevolglik is die saak oor die erkenning van 'n Afrikaanse ortografie opnuut geopper (Le Roux, T.H., loc. cit.).

'n Versoek om die erkenning van 'n Afrikaanse ortografiese sisteem is op dieselfde sitting van die Akademie in Julie 1914 deur T.H. le Roux ter tafel gelê. Die voorstel was hierdie keer egter vergesel van 'n ontwerp spelling. Nadat die ATV hulle ortografie opgestel het, het 'n paar Transvaalse skrywers enkele veranderinge aan die spelling aangebring. Hierdie twee ortografiese sisteme, wat nie veel van mekaar verskil het nie, is weer deur die taalmense en ander belangstellendes in Bloemfontein verge-lyk waarna enkele veranderinge voorgestel is en uitbreidings aangebring is. Die Bloemfonteiners het vroeg in Julie 1914, voor die aanvang van die Akademiesitting, met 'n paar Akademielede vergader om die spelling te bespreek. Op hierdie voorlopige vergadering is daar weer 'n paar veranderinge en verbeterings aan die spelling aangebring. Dit is hierdie ontwerp spelling wat op die Akademiesitting voorgelê is. Dit was egter slegs 'n voorlopige ontwerp met deurhalings en toevoegsels sonder enige amptelike besluit of handtekening wat die outentisiteit van die oorsprong van die dokument bevestig het. Die ontwerp spelling het as grondslag die ATV-spelling gehad, maar met verbeterings en veranderinge soos aangebring deur verteenwoordigers van die Kaapkolonie, Vrystaat en Transvaal. In werklikheid was die ontwerp spelling slegs 'n herhaling van die besluite wat op die ATV-kongres van Desember 1908 geneem is, met 'n paar afwykings ten gunste van die Vereenvoudigde Nederlandse Spelling. (Postma, 1914: 114; Le Roux, T.H., 1926: 270-271; Bosman, 1959: 118; Malan, 1963: 197-198; Van der Merwe, 1968: 101) Die vergadering het uiteindelik uitgeloop op die volgende besluit deur die Akademie (Malan, 1963: 196):

Die Akademie besluit als 'n voorlopige maatregel om eenvormigheid van spelling te verkry, om die regels wat hier bygaan en onderteken is deur Doktor T. H. le Roux en andere, aan te beveel aan skrywers van skoolboeke in Afrikaans; en benoem 'n kommissie om die regels te redigeer en te formuleer, latende die inhoud en grondslag daarvan onveranderd.

So is daar uiteindelik op hierdie vergadering besluit om met een van die grootste en langslopende take van die Akademie te begin, naamlik die ontwikkeling van 'n standaardortografie vir Afrikaans (Nienaber, 1968: 8; Kapp, 2009: 44-45). Weens die onafgeronde aard van die ontwerp spelling, het die Akademie besluit om 'n kommissie te benoem om ontwerp spelreëls op te stel, maar met die onafgeronde ontwerp spelling as basis. Dié Spellingkommissie het uit die volgende persone bestaan: T.H. le Roux (sameroeper), D.F. Malherbe, J.D. du Toit (Totius), W.M.R. Malherbe, C.J. Langenhoven, Jan F.E. Celliers en Gustav S. Preller. (Postma, loc. cit.; Le Roux, T.H., 1926: 271; Bosman, loc. cit.;

Venter, 1964: 163; Nienaber, loc. cit.; Van der Merwe, loc. cit.; Eksteen, 1985: 170) Ten spyte van bogenoemde besluit insake die Afrikaanse ortografie, het dit 'n tyd geneem voor die Akademie self van die haalbaarheid van 'n ortografiese sisteem vir Afrikaans oortuig kon word. In beginsel het die Akademie steeds aan die VNS vasgeklou. In 1913 is daar 'n groot *Taalfeest (Wij zullen handhaven)* in die Kaap ten behoeve van die VNS gehou en in 1914 het die Akademie 'n versoek aan *De Kerkbode*<sup>19</sup> gerig om voortaan die VNS te gebruik. (Malan, 1963: 198; De Klerk, 1983: 60)

Intussen het die nuut gestigte kommissie ernstig met die spelbereëning aan die werk gespring. Dit sou egter nie sonder meer seepglad verloop nie. Die probleem waarmee die kommissie te kampe gehad het, het aan die een kant te make gehad met hoe naby hulle aan die Nederlandse voorbeeld kon bly, maar dat hulle aan die ander kant die uiterstes van die Patriotspelling moes vermy. Tog het hulle Afrikaans as 'n regmatige taal beskou wat op regmatige wyse erken moes word. (Le Roux, 1959: 46) Die kommissie het uiteindelik besluit om nie onnodig van die VNS af te wyk nie, maar wanneer daar 'n keuse tussen verskillende Afrikaanse vorme gemaak is, is daar nie noodwendig op die taalvorm besluit wat die naaste aan die Nederlandse vorm gestaan het nie (Le Roux, T.H., 1926: 272). Terselfder tyd is daar, ten spyte van hierdie ortografiese sisteem se ooreenkomste met die VNS, belangrike verskille tussen die twee sisteme. Anders as die VNS wat grootliks op die Nederlandse taalvorm gesteun het, het die nuwe sisteem op 'n min of meer fonetiese grondslag berus. Die kommissie was egter van mening dat spelling vir die publiek nie streng foneties kon wees nie, en daarom het hulle ook die band met Nederlands gehandhaaf deur nie onnodig van die VNS af te wyk nie. (Le Roux, T.H., loc. cit.; Malan, 1963: 200) Die spelling is bereël op 'n wyse wat min of meer die middeweg bewaar het tussen die te groot radikalisme aan die een kant en te groot konserwatisme aan die ander kant, aldus Steyn (1987: 209). Hierdie probleme in ag genome, meen Le Roux (1959: 46) dat 'n belangrike mylpaal deur die Taalkommissie van die Akademie bereik is toe hulle in 1915 die eerste algemeen erkende spelreëls vir Afrikaans bekend gestel het. Wat egter na Malan (1963: 250) se mening in hulle guns getel het, was die grondslag wat deur ongeveer vyftien jaar se skryftaalbeoefening op basis van die toe reeds aanvaarde VNS gelê is.

Op die Akademie se jaarvergadering die volgende jaar, op 18 September 1915, wat in Bloemfontein plaasgevind het, is die ontwerp spelreëls van die kommissie uitvoerig bespreek. Hierna is daar besluit dat "[d]e spelregels, die punt voor punt aangenomen zijn, worden in zijn geheel goedgekeurd, als spelregels, door de Akademie". Op hierdie dag het die lang verwagte, algemeen erkende ortografiese reëls vir Afrikaans uiteindelik 'n werklikheid geword. Die ortografiese reëls is daarna in die Akademie-

---

<sup>19</sup> Sedert Augustus 1932 bekend as *Die Kerkbode* en sedert 2003 slegs *Kerkbode*.

jaarboek van 1915 en ook afsonderlik in 'n brosjure van sestien bladsye gepubliseer, asook in verskeie koerante. (Le Roux, Malherbe, en Smith, 1917: iv; Le Roux, T.H., 1926: 271; Nienaber, 1950: 20; 1968: 8; Bosman, 1959: 118; Malan, 1963: 198-199; Venter, 1964: 163; Van der Merwe, 1968: 101; Eksteen, 1985: 170; Kapp, 2009: 111; vir die spelreëls sien De Zuid Afrikaanse Akademie voor Taal, Lettere en Kunst, 1915: 80-87; "Spelling van 't Afrikaans", 1915: 9; "Afrikaanse spelreëls", 1915a: 158-160; "Afrikaanse spelreëls", 1915b: 93-96; "Spelling van het Afrikaans", 1915: 129-133). Hierdeur sou groter reëlmaat en sekerheid in die hand gewerk word deurdat 'n einde gebring is aan die spelongelykheid en spelverwarring van voorheen (Malan, 1963: 200; Nienaber, 1968: 8).

Daar is egter tot die besef gekom dat ortografiese reëls sonder 'n woordelys onvoldoende is, aangesien sprekers nie noodwendig die reëls wat hulle geleer het in die praktyk kon toepas nie; die teorie is eers duidelik wanneer dit deur voorbeelde toegelig word (Le Roux, 1959: 44; Nienaber, 1968: 8). So doende is daar besluit "dat 'n woordelys, bevattende die aangenome spelreëls en op grond daarvan, so spoedig moik sal opgestel en uitgegee word". Vir hierdie taak is 'n Woordelyskommissie (by afwisseling ook Spellingkommissie genoem), bestaande uit T.H. le Roux, J.J. Smith en D.F. Malherbe, benoem. (Bosman, 1959: 118; Malan, 1963: 199; Nienaber, loc. cit.; Eksteen, 1985: 170) Aangesien die Akademie toe reeds as die hoogste taalliggaam van die land erken is, is die nuwe ortografiese reëls gou deur die spraakgemeenskap aanvaar (Nienaber, loc. cit.). Ook *De Huisgenoot* wat in 1916 opgerig is, het 'n belangrike aandeel in die sprekers se aanvaarding van die ortografiese sisteem gehad (Le Roux, T.H., 1926: 271; Van der Merwe, 1968: 101). Die ortografiese sisteem van die Akademie is dadelik in skoolboeke, Afrikaanse tydskrifte en ander publikasies toegepas (Nienaber, loc. cit.). Gevolglik is die Taalkommissie (soos dit later genoem is) spoedig as die belangrikste kommissie van die Akademie beskou (Nienaber, 1968: 8).

In dieselfde jaar wat daar met die bereëling van die Afrikaanse spelling begin is, is die Kommissie voor Taal en Letteren ook deur die Akademie ingestel waaruit later die Letterkundekommissie en bekende Taalkommissie sou ontwikkel (Kapp, 2009: 45). Dat die Akademie aanvanklik nie duidelikheid gehad het oor die Spellingkommissie, wat in 1915 aangewys is om die Afrikaanse spelling te behartig, se rol in die Akademie nie, blyk uit die verskillende benaminge wat hierdie kommissie oor die jare gehad het (Odendal, 1984b: 192). Die Kommissie sou eers sedert die vyfde uitgawe in 1937 as die Taalkommissie bekend staan. Voor hierdie uitgawe het dit met die 1917-uitgawe as die Woordelys-



Kommissie, die 1921-uitgawe as die Woordelys-Komitee en die 1931-uitgawe weer as die Spelling-kommissie bekend gestaan<sup>20</sup>.

#### 4.4.3 Samestelling van die Taalkommissie

In navolging van die breë model van eksklusiwiteit wat deur die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns gevolg word, geskied aanstelling in die Taalkommissie op grond van 'n be-noemingsbasis. Uitnodigings word soms aan mense en organisasies gestuur waar daar spesifiek aan Afrikaans aandag gegee word om mense voor te stel om op die Kommissie te dien, byvoorbeeld die departemente van Suid-Afrikaanse universiteite wat Afrikaans en joernalistiek aanbied. Die voorgestelde persoon of persone moet egter aan bepaalde kundigheidsvereistes voldoen soos geldend vir die Akademie as geheel. Die Taalkommissie ondersoek dan die kundigheidsbehoefte binne die Kommissie en nooi dienooreenkomstig mense uit om lid te word van die Taalkommissie. Indien so 'n persoon die uitnodiging aanvaar, word hy of sy amptelik, sonder vergoeding, deur die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns vir 'n termyn van drie jaar aangestel. Individue wat reeds op die Taalkommissie dien, kan hulle elke drie jaar vir heraanstelling vir 'n volgende termyn verkiesbaar stel. 'n Bepaling wat vroeër gegeld het, is die vereiste dat daar iemand uit die Buro van die Woordboek van die Afrikaanse Taal en iemand uit die Nasionale Vakterminologiese diens *ex officio* op die Taalkommissie dien. Laasgenoemde instansie bestaan egter nie meer nie. Indien 'n persoon nie langer op die Taalkommissie wil of kan dien nie, staan dit die persoon vry om uit die Kommissie te bedank. (McLachlan, 2010b) Alhoewel daar nie 'n beperking op die aantal Kommissielede is nie, is die Taalkommissie weens praktiese oorwegings soos reis- en verblyf-koste nooit baie groot nie (Alberts, 2010). Medewerkers word egter soms gekoöpteer indien daar gevoel word dat spesifieke kundigheid op die Taalkommissie ontbreek. So is prof. A.C. Bouman reeds met die vierde uitgawe gevra om reëls ten opsigte van interpunksie te formuleer (Boshoff et al, 1931: VII). Vir die negende uitgawe van die AWS het verskeie akademici, taalpraktisyne en ander deskundiges wat nie lede van die Taalkommissie was nie hulle hulp in die vorm van advies en kommentaar verleen (Taalkommissie, 2002: 9). Vir die 2009-uitgawe van die AWS het die Taalkommissie die hulp van die Sentrum vir Teks-tegnologie (CTexT) van die Noordwes-Universiteit (Potchefstroomkampus) ingewin ten einde te help met die ontwikkeling van doelgemaakte rekenaarprogrammatuur, asook om ander rekenaaromatige hulp te verleen en met projekbestuur te help tydens die voorbereiding van hierdie uitgawe (Taalkommissie, 2009: xii).

---

<sup>20</sup> Ten einde verwarring te voorkom, sal daar voortaan na hierdie kommissie verwys word as die Taalkommissie, of kortweg ook die Kommissie, tensy 'n onderskeid op grond van die verskillende benaminge van hierdie kommissie noodsaaklik geag word.

Vergelyk onderstaande tabel van Taalkommissieledede sedert die 1917-uitgawe<sup>21</sup> (aangepas uit Eksteen, 1985: 172):

	1917	1918	1921	1931	1937	1953	1964	1991	2002	2009
J.D. du Toit*	X	X								
W.M.R. Malherbe*	X	X								
C.J. Langenhoven*	X	X								
J.F.E. Celliers*	X	X								
Gustav S. Preller*	X	X								
T.H. le Roux	X	X	X	X	X	X	X	(X)		
D.F. Malherbe	X	X	X	X	X	X	X	(X)		
J.J. Smith	X	X	X							
D.B. Bosman			X	X	X					
S.P.E. Boshoff				X	X	X	X	(X)		
L.W. Hiemstra					X	X	X	(X)		
S.J. du Toit						X	X	(X)		
W. Kempen						X	X	(X)		
J. du P. Scholtz						X				
F.F. Odendal							X	X		
M. de Villiers							X	(X)		
G.J. Labuscagne							X	(X)		
J.S.B. Marais							X	(X)		

<sup>21</sup> Hierdie tabel gee die name van die Taalkommissieledede weer soos in die onderskeie uitgawes van die *Afrikaanse Woordelys en Spelreëls* vervat. Alhoewel eersgenoemde vier here (wie se name met 'n asterisk aangedui is) in werklikheid nooit deel uitgemaak het van die Taalkommissie nie, is hulle name hier aangedui omdat hulle, saam met T.H. le Roux en D.F. Malherbe, verantwoordelik was vir die opstel van die spelreëls soos vervat in die 1917- en 1918-uitgawe van die AWS. Die tabel sluit ook name van diegene in wat sedert 1964 vir 'n korter of langer tyd deel uitgemaak het van die Taalkommissie, met ander woorde diegene wat op 'n stadium tussen die onderskeie uitgawes van die AWS op die Taalkommissie gedien het. Die name van sodanige lede vóór 1964 word nie in die onderskeie uitgawes van die AWS verstrek nie. Waar 'n kruisie tussen hakies geplaas is, beteken dit dat die betrokke persoon nie deel van die Taalkommissie was toe die betrokke uitgawe van die AWS verskyn het nie, maar dat hy of sy wel vir 'n korter of langer tydperk tussen die betrokke uitgawe en die voorafgaande uitgawe op die Taalkommissie gedien het. Indien 'n persoon dus slegs een kruisie langs sy of haar naam het en dié tussen hakies geplaas is, beteken dit dat die persoon slegs gedeeltelik by 'n uitgawe van die AWS betrokke was.

G.S. Nienaber	X	(X)	
F.J. Snijman	X	(X)	
S. Strydom	X	(X)	
H.J. Terblanche	X	(X)	
H.J.J.M. van der Merwe	X	(X)	
H. Venter		(X)	
F.A. Ponelis		(X)	
M.J. Posthumus		(X)	
W.J. de Klerk		(X)	
J.E. Loubser		(X)	
T.J.R. Botha		X	
J.G.H. Combrink		X	
G.J. van Jaarsveld		X	(X)
H.G.W. du Plessis		X	(X)
L.C. Eksteen		X	(X)
R.H. Gouws		X	(X)
D.C. Hauptfleisch		X	(X)
A.F. Prinsloo		X	X (X)
A. Carstens			(X)
L.G. de Stadler			(X)
A.E. Feinauer			(X)
T.H. Links			(X)
L. Pokpas			(X)
C.J. Scheffer			(X)
J.D. Swanepoel			(X)
P.H. Swanepoel			(X)
D.J. van Schalkwyk			(X)
W.A.M. Carstens			X (X)
A.E. Coetzee			X (X)

E.F. Kotzé	X	X
F.J. Lombard	X	X
M. Alberts	X	X
J. Anker	X	X
J. du T. McLachlan	X	X
M. du Plessis		X
A.N. Otto		X
G.B. van Huyssteen		X
E.O. Saal		(X)

Figuur 4.3 Lede van die Taalkommissie, 1917-2009

Wanneer 'n mens hierdie tabel in oënskou neem, is dit duidelik dat die Taalkommissie oor die jare 'n duidelike verandering in samestelling ondergaan het. Tot en met die 1953-uitgawe van die *AWS* is daar 'n redelike mate van kontinuïteit in die persone wat op die Taalkommissie gedien het (Eksteen, 1985: 172). Met uitsondering van vyf lede van die heel eerste Spellingkommissie wat in Julie 1914 die taak opgelê is om die eerste spelreëls vir Afrikaans op te stel (sien 4.4.2), en J. du P. Scholtz wat slegs by een uitgawe van die *AWS* betrokke was, was die meeste van die Taalkommissielede in hierdie tydperk vir ten minste twee uitgawes by die standaardisering van die Afrikaanse spelling betrokke. Sommige was selfs by al die uitgawes betrokke. Dit is egter opmerklik dat die Taalkommissie teen die verskyning van die 1964-uitgawe aansienlik uitgebrei is, terwyl die Kommissie vir al die ander uitgawes van die *AWS* uit 'n redelik beperkte kerngroep bestaan het. Na die 1964-uitgawe van die *AWS* het die grootste tyd tot nog toe verloop waarin daar nie 'n nuwe uitgawe verskyn het nie. Hierdie lang tydsverloop tussen twee uitgawes het tot gevolg gehad dat, met die uitsondering van F.F. Odendal, al die persone wat met die 1964-uitgawe op die Taalkommissie gedien het, die Kommissie verlaat het voordat die 1991-uitgawe verskyn het, alhoewel baie na 1964 nog vir 'n korter of langer tyd op die Taalkommissie gedien het. Die uiteinde was dat 'n hele nuwe generasie taalkundiges hulle opwagting gemaak het sedert die 1991-uitgawe van die *AWS*, aangesien baie van die vorige lede teen dié tyd al te oud was of oorlede is. Dit is ook opmerklik dat die Taalkommissie nou weer gekrimp het tot slegs nege lede. Soos wat die periode voor die 1964-uitgawe van die *AWS* gekenmerk is deur 'n redelike mate van kontinuïteit wat betref Kommissielede, word die tydperk direk daarna gekenmerk deur onderbrokenheid. Van die Kommissielede wat met die verskyning van die 1991-uitgawe van die *AWS* op die Taalkommissie gedien het, het slegs een aangebly tot en met die 2002-uitgawe. In hierdie tydperk was daar ook baie nuwe lede wat nie vir die hele tydperk tussen die twee uitgawes op die

Taalkommissie gedien het nie. Dit kan toegeskryf word aan die ingrypende politieke veranderinge wat rondom 1994 in Suid-Afrika plaasgevind het (sien 4.4.4). Tussen die 2002- en 2009-uitgawes van die *AWS* is die kontinuïteit in Kommissieledere eniger mate weer herstel deurdat die onsekerheid oor die toekoms van Afrikaans wat rondom 1994 in die Afrikaanse spraakgemeenskap geheers het, tot 'n redelike mate uit die weg geruim is.

Afgesien van die individuele Taalkommissieledere wat met die verloop van jare verander het, het die aard van die kommissieledere na die 1964-uitgawe ook tot 'n groot mate verander. Vroeër was die Taalkommissie hoofsaaklik saamgestel uit taalkundiges, en dan ook hoofsaaklik akademici wat die taalkunde bedryf het. Maar veral na 1992 het daar 'n verandering in die aard van die samestelling van die Taalkommissie plaasgevind deurdat die noodsaaklikheid van 'n verskeidenheid kundigheid binne die kommissie geleidelik beseft is. Dit het daartoe gelei dat nie net teoretiese taalkundiges betrek is nie, maar ook taalpraktisyns, terminoloë, leksikograwe, letterkundiges en mense wat met strategiese beplanning te doen gehad het, soos taalbeplanners, asook persone uit die onderwyssektor. Vandag bestaan die Taalkommissie dus uit mense van verskillende agtergronde en werksomgewings en met verskillende belangstellings- en spesialisterreine. (Kotzé, 2010c; McLachlan, 2010c)

In 1990 vra 'n rubriekskrywer: “Wie is dié klomp stowwerige Broederbonders wat namens ons sommer op 'n dag besluit wat is Afrikaans en wat is nie, en wanneer ons los moet skryf en wanneer vas?” (“'n Bruine, en 'n vrou ook?”, 1990: 21). 'n Beskuldiging wat al dikwels in die verlede na die Taalkommissie se kant geslinger is, is dat die Kommissie net uit “ou, wit mans” bestaan (McLachlan, 2010a). Daarom is daar sedert 1992 gepoog om hierdie beeld te verander deur die ouderdoms-, rasse- en genderprofiel van die Kommissie te diversifiseer en die voormalige voorsitter van die Taalkommissie, Ernst Kotzé (2010c), meen dat die Taalkommissie vir 'n lang tydperk hierin geslaag het. Die werklike prentjie lyk egter ietwat anders. Wanneer daar na figuur 4.3 gekyk word, is dit duidelik dat vroue oor die strekking van die eerste tien uitgawes van die *AWS* nie na wense op die Taalkommissie verteenwoordig is nie. 'n Moontlike verduideliking hiervoor is die patriargale waardes wat as deel van die Afrikanernasionalistiese ideologie tot en met die negentigerjare in die Afrikaanse spraakgemeenskap geheers het. Volgens hierdie hiërargiese en outoritêre sisteem is die man enersyds as vader van die familie-eenheid primêr verantwoordelik beskou vir die welsyn van die familie (Louw, in Büchner, 2008: 243), terwyl die vrou se woorde, idees en emosies in die samelewing as tweederangs beskou is en haar stem in die openbare arena gedemp is (Büchner, 2008: 243, 260). Laasgenoemde is oor 'n baie lang tydperk in veral Afrikanergeledere gevestig en het volgens Büchner (2008: 237) gepaardgegaan met die ontwikkeling van die Afrikanervrou se rol as “volksmoeder”:

Hiervolgens is die vrou hoofsaaklik tot die huishoudelike sfeer beperk terwyl sy terselfdertyd as die inherente krag van die volk beskou is. Sy is as't ware gepaai met 'n ereposisie en 'n veredelde uitbeelding van haar rol terwyl dit haar terselfdertyd stemloos gemaak het.

Alhoewel die wetsontwerp oor vrouestemreg reeds in 1930 goedgekeur is, was hierdie volksmoeder-diskoers, wat byna 'n eeu lank die dominante diskoers in die Afrikanersamelewing was, so diep in die samelewing ingebed dat vroue tot so laat as die 1990's redelik afwesig was in die openbare arena (Büchner, 2008: 238, 241, 260) en daarom het dit skynbaar nooit voor die negentigerjare by die Taalkommissie opgekom om vroue by die taalgesprek te betrek nie. Soos wat vroue egter in die tagtiger- en negentigerjare toenemend in die openbare sektor begin betrokke raak het, het die stryd teen diskriminasie teen vroue amptelike status begin kry en het vroue se stemme al hoe meer hoorbaar geword in die openbare sektor, aldus Büchner (2009: 235). Ook die Taalkommissie kon nie langer hierdie stem ignoreer nie en tesame met die politieke en sosiale verandering wat rondom 1994 in Suid-Afrika plaasgevind het (d.i. demokratisering), het die Taalkommissie ook enigermate ten opsigte van gender gediversiviseer. Die vroue wat sedert die 1991-uitgawe tot die Taalkommissie toegetree het, was A.E. Feinauer en J.D. Swanepoel (die eerste twee vroue op die Taalkommissie), A. Carstens, A.E. Coetzee, M. du Plessis, A.N. Otto en M. Alberts. Eersgenoemde drie het egter nog voor die verskyning van 'n nuwe uitgawe van die *AWS* uit die Taalkommissie bedank. M. Alberts dien steeds op die Taalkommissie, maar op die oomblik slegs saam met een ander vrou, S. Pilon. In die beginjare van vroue se toetreding tot die Taalkommissie het hulle egter dikwels as sekretaris opgetree en was hulle nie werklik betrokke by die besluitneming oor die Afrikaanse ortografie nie. Die feit dat slegs sewe uit die ses en twintig Taalkommissieledes wat vir 'n korter of langer tydperk sedert die 1991-uitgawe van die *AWS* op die Kommissie gedien het vroue was, spreek steeds van baie gebrekkige genderverteenwoordiging.

Hierdie gebrekkige verteenwoordiging is ook te bespeur ten opsigte van ras. Die verteenwoordiging van ander rasgroepe in die Taalkommissie en die Akademie as geheel was nog altyd 'n kontensieuse kwessie (sien 4.3.3.5). Die totale gebrek aan die verteenwoordiging van ander rasse op die Taalkommissie voor die 1991-uitgawe van die *AWS* is ongetwyfeld te wyte aan die apartheidsbeleid wat voor 1994 in Suid-Afrika gevolg is. Standaardafrikaans is as volksbesit van wit Afrikaanssprekendes geappropriëer (sien 3.5.2.3) en daarom is ander rasgroepe ook nie by die standaardisering van die Afrikaanse ortografie betrek nie. Alhoewel die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, een van die belangrikste liggames wat besluite neem oor die toekoms en stand van geskrewe Standaardafrikaans, hulle reeds in 1978 oopgestel het vir alle sprekers van alle rassegroepe van Afrikaans, het die Taalkommissie hulle al dikwels die kritiek op die hals gehaal dat die Kommissie "lelieblank" is, aldus Prinsloo (2009: 187). En ofskoon die Taalkommissie in 1990 daarna uitgesien het "dat 'n bruin

man en ook 'n vrou in die Taalkommissie aangestel word" (Killian, 1990: 6; "n Bruine, en 'n vrou ook?", 1990: 21), was "[d]ie liggame wat die besluite neem oor iets so eenvoudigs soos spelling, wisselvorme, variante [...] in 1990 nog blank" (Sonn, 1990: 5). Ook Van Rensburg (1991: 27; 1992: 193) het vroeg in die negentigerjare daarop gedui dat "[d]ie liggaam wat normeringsbesluite oor Afrikaans neem, [...] nie verteenwoordigend [is] van sy sprekers nie" en derhalwe kan die resultate van die Taalkommissie ook as "wit" geëtiketteer word. Ná 1994, tydens die nuwe demokratiese bestel in Suid-Afrika, sou 'n mens egter verwag om groter verteenwoordiging van alle rasse op die Taalkommissie te sien. Die werklikheid lyk egter heelwat anders. Sedert Tony Links se verkiesing tot die Taalkommissie in 1992 het daar nog net twee ander bruin Afrikaanssprekendes op die Taalkommissie gedien waarvan nie een vir die volle tydperk tussen twee uitgawes by die Kommissie betrokke was nie. Selfs nog na die verskyning van die *Afrikaanse woordelys en spelreëls* in 2002 maak Willemse (2002: 10) die stelling dat die "letterkunde en woordeboeke [...] nog oorhoofs die wit ervaring van Afrikaans [weerspieël]". En vandag, drie en dertig jaar na die oopstelling van die Akademie, lyk sake nog nie drasties anders nie. Alhoewel Frank Hendricks vir die afgelope paar jaar sedert die verskyning van die 2009-AWS op die Taalkommissie dien, was daar nog nooit 'n bruin vrou op die Taalkommissie nie. Prof. Ernst Kotzé, die voormalige voorsitter van die Taalkommissie, se verweer vir hierdie stand van sake is dat daar nie gesê kan word dat mense by die standaardisering van Afrikaans uitgesluit word as daar nie 'n belangstelling by mense is om betrokke te raak nie (Kotzé, 2010c).

Die vraag bly egter steeds: Hoekom was en is daar steeds min belangstelling by bruin Afrikaanssprekendes om by die Taalkommissie betrokke te raak? Alhoewel die Taalkommissie by meer as een geleentheid probeer het om bruin Afrikaanssprekende intellektuele by die Kommissie te betrek, het die Akademie se gebrek aan geloofwaardigheid onder bruin en swart Afrikaanssprekendes nie slegs gelei tot 'n onwilligheid om by die Akademie betrokke te raak nie (sien 4.3.3.5), maar ook tot 'n onwilligheid om saam met die Taalkommissie te werk. Aangesien die Akademie nooit daarin kon slaag om in 'n inklusiewe Afrikaanse organisasie te ontwikkel nie, het die Taalkommissie ook aan legitimiteit ontbreek. Hoe goed en "verteenwoordigend" die Taalkommissie ook al saamgestel is en hoe kundig en vlytig die lede ook al te werk gegaan het, is die rigtinggewendheid van hulle besluite veral onder bruin Afrikaanssprekendes vandag steeds onder verdenking. (Ponelis, 1998: 67) Bruin kandidate wat genader is om op die Kommissie te dien, het hulle dikwels weer onttrek voordat hulle verkies kon word, terwyl diegene wat wel op die Taalkommissie gedien het, slegs vir kort tydies daarop gedien het. (Prinsloo, 2009: 187)

Volgens die huidige voorsitter van die Taalkommissie, Tom McLachlan, het die Taalkommissie ook gevind dat die Kommissie te vinnig aan die verouder is (McLachlan, 2010c). Vanweë die streng

lidmaatskapsvereistes van die Akademie vir potensiële lede van die Fakulteit Kuns en Geesteswetenskappe (sien 4.3.3), is dit baie onwaarskynlik vir persone onder die ouderdom van dertig om op die Taalkommissie te dien. Die jongste lid wat nog op die Taalkommissie gedien het, is S. Pilon wat in 2010 op die ouderdom van nege en twintig by die Taalkommissie aangesluit het. Dit verg immers tyd om die nodige vlak van kennis en gerespekteerdheid te bereik wat deur die eksklusiewe aard van die Akademie vereis word. Wat moontlik ook in die verlede tot die beeld van Taalkommissielede as ouer mense kon bydra, is die feit dat 'n hele paar Taalkommissielede vir baie jare van die Kommissie betrokke was. Die Taalkommissie het hulle daarom in die laaste tyd daarop toegespits om jonger mense te betrek. Maar tog is die meeste van die huidige Taalkommissielede nog ruim bo die veertig jaar oud.

#### **4.4.4 Die Taalkommissie se posisie na 1994**

In die tydperk van politieke oorgang in Suid-Afrika het die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns baie onsekerheid beleef en veranderinge ondergaan. Binne die Akademie het vrae ontstaan oor die toekoms van hierdie liggaam in 'n demokratiese Suid-Afrika waar daar voortdurend na maniere gesoek is om versoening en restitusie te bewerkstellig. Verskeie Raadslede het gemeen dat die Akademie van geen verdere nut vir Afrikaans sou kon wees nie vanweë die feit dat dié liggaam geen geloofwaardigheid by die ANC en nuwe Afrikaanssprekendes gehad het nie. Sommige lede van die Taalkommissie het óf uit die Taalkommissie, óf uit die Akademie, óf uit albei bedank omdat hulle van mening was dat die Akademie se normeringsfunksie vir Afrikaans verby was en dat die toe nog geantisipeerde Demokratiese Taalraad vir Suid-Afrika, 'n inisiatief van die Universiteit van Wes-Kaapland wat na die gelykberegtiging van alle tale sou omsien, en ander soortgelyke inisiatiewe 'n groter kans gestaan het op sukses as die Akademie of Taalkommissie. In reaksie hierop het die Taalkommissie op 14 September 1994 'n spesiale vergadering belê om te besin oor wat dié liggaam se rol in die demokratiese Suid-Afrika sou wees. Een van die besware wat teen die Taalkommissie geopper is, was dat daar 'n stigma aan die Taalkommissie kleef vanweë die liggaam se verbintenis met die Akademie. Die toenmalige voorsitter van die Taalkommissie, Johan Combrink, het voorgestel dat die Taalkommissie hulle van die Akademie distansieer en dit gekoppel word aan 'n instansie wat nie onder verdenking staan nie, soos die Stigting vir Afrikaans<sup>22</sup>. 'n Voorstel is ook gemaak dat die Akademie 'n openbare skuldbelydenis moes aflê en dat dié liggaam die foute van die verlede moes bekennen. (Kapp, 2009: 140, 142-143, 282)

---

<sup>22</sup> Sien 2.3.9



'n Verdere knelpunt in die gesprekke oor die toekoms van die Taalkommissie was dié liggaam se posisie ten opsigte van die Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad (PanSAT) wat volgens die voorlopige grondwet van 1994 in die vooruitsig gestel is. Hiervolgens sou PanSAT in die lewe groep word ten einde verantwoordelikheid te neem vir elk van Suid-Afrika elf amptelike tale, tesame met die Khoe- en Santale en Gebaretaal. Die beswaar is geopper dat die Akademie hulle nie vinnig genoeg bereid verklaar het om die Taalkommissie tot die beskikking van PanSAT te stel nie. Tydens hierdie vergadering is die gedagte ontwikkel dat die Kommissie hulle moes voorberei daarop dat die standaardisering van die Afrikaanse skryftaal deur PanSAT oorgeneem kon word. Nog taalkundiges het hulle van die Akademie gedistansieer ten einde hulle vir dié doel deur PanSAT verkiesbaar te stel. Die vrees is egter ook uitgespreek dat hierdie nuwe taalraad oor mindere kundigheid ten opsigte van die normering van Afrikaans sou beskik met die gevolg dat dit na die skole sou deurwerk en die gehalte van taalonderrig sou benadeel. (Kapp, 2009: 141-143)

Die Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad is uiteindelik in 1995 in terme van die Pan South African Language Board Act 59 in die lewe geroep ("PanSALB History", s.a.). In 1997 is begin om die wet te herskryf ten einde voorsiening te maak vir provinsiale taalrade en rade vir dertien taalliggame (een vir elke amptelike taal, een vir Khoe en San, en een vir Gebaretaal). PanSAT het egter nie die Akademie vir kommentaar en insette geraadpleeg in hierdie proses nie. In 1999, toe PanSAT se wet hersien is, het die Akademie egter 'n voorlegging aan PanSAT gestuur waarin hulle voorgestel het dat die Akademie se Taalkommissie as die Nasionale Taalliggaam vir Afrikaans (NTLA) aangewys word. In reaksie hierop het PanSAT hierdie keer die nuwe konsepkennisgewing oor die implementering van aspekte van die wet aan die Akademie gestuur vir kommentaar. PanSAT was egter nie te vinde vir die Akademie se voorstel nie, aangesien die taak van die nasionale taalrade sou wees om aan taalpolitieke kwessies aandag te gee en nie om vakkundige werk te doen nie. Na verdere gesprekke tussen PanSAT en die Akademie het PanSAT egter geleidelik van standpunt verander. Klousule 11 van die konsepkennisgewing het voorsiening gemaak vir die erkenning van vier tegniese komitees, te wete vir standaardisering, woordeboeke, terminologie en letterkunde. Waar sulke liggame reeds bestaan het, sou hulle onderskeie voorsitters op die taalliggaam van die betrokke taal moes dien en waar hierdie komitees nie bestaan het nie, sou PanSAT hulle aanstel. Die Akademie het betoog dat hulle oor die nodige kundigheid op al vier hierdie gebiede beskik en is deur PanSAT versoek om name vir die Nasionale Taalliggaam vir Afrikaans (NTLA) voor te lê. (Kapp, 2009: 145-148) Aangesien die Taalkommissie reeds bestaan het, is die Kommissielede outomaties tot die Nasionale Taalliggaam vir Afrikaans verkies waarvan hulle dan die Standaardiseringskomitee geword het. Sedert 2000 dien die Taalkommissie van die Akademie dus ook as Tegniese Komitee vir Standaardisering van die Nasionale Taalliggaam vir Afrikaans (NTLA). Sommige van die Kommissielede dien egter ook op

ander komitees binne PanSAT. (Taalkommissie, 2009: xii; Alberts, 2010: TK-sitting) Op die oomblik is dit egter slegs die leksikografiese eenhede van PanSAT wat bestaan, maar dit word swak ondersteun. In werklikheid is PanSAT in duie en slaag dié liggaam nie in die taalbevorderingswerk wat aanvanklik met die stigting van die liggaam beoog is nie.

#### 4.4.5 Werksaamhede van die Taalkommissie

Die Taalkommissie is een van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns se gesaghebbendste vaste kommissies op die gebied van spelling en taalgebruik (Nienaber, 1950: 29). Die Taalkommissie is reeds sedert 1915 werksaam met die standaardisering van die Afrikaanse skryftaal, asook om die gebruik en ontwikkeling van Afrikaans in al sy funksies te bevorder (“Wat doen die Akademie?”, s.a.). Wat die standaardisering van die Afrikaanse skryftaal betref, word die Taalkommissie beskou as die hoogste gesag ten opsigte van die bereëling van die Afrikaanse ortografie en is gemoeid met die opstel, wysiging en uitbreiding van die ortografiese reëls. Die Taalkommissie is verantwoordelik vir die *Afrikaanse woordelys en spelreëls (AWS)*, die amptelik erkende standaardiseringsbron vir die Afrikaanse ortografie, waarin daar leiding gegee word hóé gespél moet word, maar ook wát gespél word. Dit is dus nie net die taak van die Taalkommissie om die norme vir die spelling en skryfwyse van Afrikaanse skriftelike taalgebruik vas te stel nie, maar ook om te bepaal wat as Standaardafrikaans beskou word. Afgesien van leiding wat betref die spelling en skryfwyse van woorde, gee die Taalkommissie ook ’n aanduiding van watter nuwe woorde deur die breë taalgemeenskap geselekteer en aanvaar is om vir hoër funksies van taal te gebruik. Hiervoor word sedert die jongste uitgawe verfynde elektroniese hulpmiddels ingespan om die frekwensie en konteks van nuwe woorde te toets. Alhoewel die fokus op formele Standaardafrikaans is, gee die Taalkommissie ook leiding wat betref die spelling van informele woorde in Afrikaans wat spelprobleme kan oplewer. Desnieteenstaande die feit dat die spelling van Afrikaans die hoofsaak van die Taalkommissie is en dié liggaam hulle veral in die beginjare hoofsaaklik met ortografiese standaardisering besig gehou het, kan ’n gesonde ortografiese sisteem nie sonder die nodige taalkennis opgestel word nie. Daarom het die taak van hierdie kommissie mettertyd al hoe groter geword en moes die Taalkommissie aan verskeie ander taalgebruiksaangeleenthede aandag gee, soos algemene voorligting en advies oor spelling en taalgebruik en die beantwoording van taalnavrae van allerlei instansies oor sake waarvoor daar nie uitsluitel in die AWS gevind kon word nie. Dit blyk ook uit die latere naamsverandering van Spellingkommissie na Taalkommissie. (“Werksaamhede van die Akademie”, 1953: 5; Herbst, 1959: 35; Le Roux, 1959: 44; Nienaber, 1968: 9; Van der Merwe, 1968: 110; “Wat doen die Akademie?”, 1984: 30, 32; Eksteen, 1985: 169, 174; Taalkommissie, 2002: 187; 2009: 160; Kotzé, 2010b; McLachlan, 2010c; 2011: 8)

Die Taalkommissie het in die verlede al ook tot 'n groot mate as oorkoepelende en koördinerende taalliggaam opgetree wat moes kennis neem van die behoeftes en eise van die staat se Taaldiensburo en die Akademie se Vaktaalburo (Van der Merwe, loc. cit.). So het die Vaktaalburo byvoorbeeld verteenwoordiging op die Taalkommissie verkry en agendas, notules en jaarverslae is gereeld aan die Taalkommissie voorgelê (Kapp, 2009: 130).

Die Taalkommissie het reeds in 1923 aangebied om die Bybelvertalers te adviseer oor taalprobleme wat betref die vertaling van die Bybel in Afrikaans. Alhoewel die Taalkommissie vandag nie formeel verteenwoordig is in die Afrikaanse Bybelvertalingsprojek nie, was dit vir die Bybelvertalers van die begin af belangrik om insette van die Taalkommissie te bekom. Die Bybelvertalers het maklike toegang tot die Taalkommissie deurdat verskeie lede van die Taalkommissie as medewerkers betrokke is by die Bybelvertalingsprojek. Die voormalige voorsitter van die Taalkommissie, Ernst Kotzé, is sedert die begin van die projek lid van die Begeleidingskomitee (d.i. die beleidskomitee) en lid van die Redaksionele Komitee wat tekste redigeer en finaliseer. Die Taalkundige Advieskomitee van die Bybelvertalingsprojek bestaan ook uit lede van die Taalkommissie. Hierdie komitee het onder andere 'n Huisstylgids vir die projek opgestel wat hulle voortdurend aanpas en hersien deur ook ander lede van die Taalkommissie te raadpleeg. In die Bybelvertalingsprojek word daar volledig aan die AWS gehou, behalwe waar die AWS wisselvorme toelaat, waar die Huisstylgids, met die oog op konsekwentheid in die Bybel, riglyne gee vir 'n spesifieke taalvorm wat gekies word. (Combrink, 2012)

Verder was die Taalkommissie ook tot 'n mindere mate betrokke by die werksaamhede van die *Woordeboek van die Afrikaanse Taal*, alhoewel dié woordeboek nooit die Taalkommissie se verantwoordelikheid was nie. (Bosman, 1959: 125; Nienaber, loc. cit.) Deur 'n spesiale reëling is dit moontlik gemaak dat die hoofredakteur van die *WAT* sedert 1947 alle vergaderings van die Taalkommissie as waarnemer kon bywoon. Op hulle beurt het die *WAT* se Raad van Beheer jaarliks tot die fondse van die Akademie bygedra. (Gericke, 1991: 86) Volgens Schoonees (in Gericke, loc. cit), voormalige hoofredakteur van die *WAT*, was samewerking met die Taalkommissie sedert 1947 besonder hartlik en het die Taalkommissie baie moeite gedoen om hom met die *WAT* se spelprobleme te help. Soos aangedui (sien 4.3.4.2), het die goeie betrekkinge tussen die *WAT* en Akademie uiteindelik daartoe gelei dat die Taalkommissielid, W. Kempen, in 1960 as verteenwoordiger van die woordeboek se Raad van Beheer aangestel is, terwyl die hoofredakteur van die *WAT* in Mei 1961 genooi is om 'n gewone lid van die Taalkommissie te word (Gericke, 1991: 100). Die samewerking tussen die *WAT* en Taalkommissie duur vandag steeds voort deurdat daar amptelik altyd iemand van die *WAT* op die Taalkommissie dien en die Taalkommissie op hulle beurt gereeld navrae oor die *WAT* se korpus doen

(Botha, 2012). Deur die Taalkommissie het die Akademie dus uiteindelik nie-amptelik 'n groot bydrae tot die *WAT* gelewer, aldus Gericke (1991: 86).

Alhoewel die Taalkommissie aanvanklik net gemoeid was met die ortografiese standaardisering van Afrikaans, het die Taalkommissie se taak spoedig oor 'n baie breë spektrum van standaardisering gestrek en het die Kommissie baie funksies vervul deur middel van verskeie subkomitees. Afgesien van die korpusbeplanning van Afrikaans, is die Taalkommissie later ook belas met statusbeplanning<sup>23</sup>; 'n taak wat vandag deur 'n liggaam soos PanSAT se Nasionale Taalliggaam vir Afrikaans onderneem word. Die Taalkommissie het dus ook aandag gegee aan die bevordering van Afrikaans op alle vlakke van die samelewing. Mettertyd is die funksie van die Taalkommissie egter baie meer pertinent en presies gedefinieer en is daar besluit dat die Taalkommissie soos in die verlede gefokus moet wees op die standaardisering van geskrewe Standaardafrikaans. Dit behels die standaardisering van die spelling en skryfwyse, maar ook in 'n sekere mate die erkenning van die standaardwoordeskat van Afrikaans deur die produksie van die *AWS* en 'n bemoëienis met die funksie van die *AWS* binne die taalgemeenskap as geheel. Laasgenoemde, tesame daarmee dat die ou tradisionele maniere van doen in die moderne era waarin ons tans leef nie meer voldoende is nie, het die Taalkommissie in die jongste tyd genoop om die *AWS* ook in elektroniese formaat beskikbaar te stel. (Kotzé, 2010b; 2010c; 2010d; McLachlan, 2010c)

Sedert 2010 is die amptelike woordelys, afkortingslys en lys van buitelandse geografiese name soos saamgestel en goedgekeur deur die Taalkommissie op die internet beskikbaar. Hierdie lys is aanvanklik uit die 2009-uitgawe van die *AWS* oorgeneem, maar word tans ten minste twee maal per jaar deurlopend deur die Taalkommissie bygewerk sodat gebruikers op hoogte kan bly van nuwe toevoegings tot en veranderinge aan die lys. Hierdie lys bevat egter nie die spelreëls soos vervat in die *AWS*<sup>10</sup> nie, deurdat dit slegs as aanvulling tot die gedrukte bron dien. Die lys is dus gratis, onverrykte weergawes van die woordelys in die *AWS*<sup>10</sup> wat maklik elektronies deursoekbaar is. Daar word ook beoog om 'n volledige replika van die 2009-uitgawe van die *AWS* op CD-Rom vrygestel word. Behalwe vir sekere korreksies soos setfoute en enkele ekstra opnames, sal die CD-Rom-weergawe wesenlik dieselfde wees as die papieruitgawe van die 2009-*AWS*. Die Taalkommissie beoog ook om mettertyd 'n volledige, verrykte weergawe van die 2009-uitgawe (wat bekend sal staan as die *e-AWS*) teen 'n jaarlikse fooi op die internet beskikbaar te stel. Hierdie verrykte weergawe sal aan die gebruiker aanlyn toegang gee tot die volledige *AWS*, asook hiperskakels tussen die woordelys en spelreëls, uitgebreide woordelys wat as gevolg van ruimtebeperkings nie in die papierweergawe

---

<sup>23</sup> Sien 2.2.2 vir definisies van korpus- en statusbeplanning.

geakkommodeer kon word nie, byvoorbeeld 'n uitgebreide lys plekname in China, 'n volledige lys Russiese name wat uit die Kirilliese alfabet getransliterer is, 'n uitgebreide lys afkortings, asook 'n vertaalde afkortingslys van Engelse en Afrikaanse afkortings en 'n lys met die honderd belangrikste vakterme uit 'n hele spektrum wetenskaplike dissiplines. (Kotzé, 2010b; 2010c; 2010d; McLachlan, 2010c; Pharos, 2010) Volgens die voormalige voorsitter van die Taalkommissie, Ernst Kotzé, is dit belangrik vir die Taalkommissie om saam met hierdie elektroniese weergawes van die AWS ook 'n sterk internetteenwoordigheid te hê waar kwelvrae uit die spraakgemeenskap direk in 'n rubriek geakkommodeer kan word (Kotzé, 2010c). Daarom het die Taalkommissie in 2010 ook hulle toetrede tot die internetgebaseerde sosiale netwerke *Facebook* en *Twitter* gemaak. Hierdie blaaie het ten doel om gebruikers insae te gee in die werksaamhede van die Taalkommissie en om kommentaar te lewer op sake waarmee die Taalkommissie hulle bemoei. Dit is ook 'n belangrike wyse waarop die Afrikaanse taalgemeenskap met die Taalkommissie kontak kan maak indien hulle taalkundige of ander vrae het en waar hulle kommentaar kan lewer op die Afrikaanse ortografiese reëls. (McLachlan, 2010c; Pharos, 2010) Volgens Kotzé (2010d) is 'n elektroniese weergawe van die AWS as e-boek ook nie 'n onwaarskynlikheid in die toekoms nie.

Alhoewel die Taalkommissie se standaardiseringsrol ten opsigte van die taalbeskrywingsvlakke van Afrikaans beperk is, is die Taalkommissie meer onlangs genader om 'n fasiliterende rol te speel by die standaardisering van die grammatika van Afrikaans. Die Taalkommissie sal instrumenteel wees in die opstel van 'n standaardgrammatika vir Afrikaans wat aanlyn toeganklik sal wees op die internet (sien 5.3.3.4). Aangesien die Taalkommissie nie verteenwoordigend genoeg is om ten opsigte van alle aspekte van die standaardgrammatika van Afrikaans 'n bydrae te lewer nie, sal die Taalkommissie die kundigheid intrek van mense wat bevoeg en gekwalifiseerd is om 'n sinvolle bydrae tot die saamstel van so 'n standaardgrammatika te lewer. (Kotzé, 2010b; 2010c; 2010d) Volgens Kotzé (2010d) sal die Taalkommissie waarskynlik in die toekoms al hoe meer gevra word om ook leiding te gee wat betref uitspraak- en transliterasiekwessie, ensovoorts, wat beteken dat die Taalkommissie se funksies ten opsigte van die standaardisering van Afrikaans weer aan die verbreed is.

#### **4.4.6 Samevatting**

In hierdie afdeling is daar gekyk hoe die Taalkommissie van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns tot stand gekom het ten einde uiting te gee aan een van die Akademie se langslopende take, naamlik die standaardisering van die Afrikaanse ortografie. Hierna is die samestelling van die Taalkommissie volledig onder die loep geneem, waaruit geblyk het dat die Taalkommissie oor die jare 'n baie eensydige karakter vertoon het deurdat dié liggaam nie baie divers saamgestel is nie, dit is

dat veral bruin sprekers, jongmense en vroue by die standaardiseringsaktiwiteite van die Taalkommissie uitgesluit is. Daar is ook gesien hoe die samestelling van die Taalkommissie oor die jare verander het, veral met die oog op die politieke oorgang wat rondom 1994 in Suid-Afrika plaasgevind het. Laastens is die verskillende werksaamhede van die Taalkommissie ook in oënskou geneem.

## **4.5 Die Afrikaanse woordelys en spelreëls as standaardiseringsinstrument, 1917-2009<sup>24</sup>**

### **4.5.1 Inleiding**

Die *Afrikaanse woordelys en spelreëls* is 'n standaardwerk vir Afrikaans wat deur baie Afrikaanssprekendes soos onderwysers, dosente en taalpraktisyns as 'n gesaghebbende en preskriptiewe naslaanwerk oor die korrekte spelling en skryfwyse van Afrikaans beskou word. Hierdie naslaanbron, wat gereeld herbewerk word, se hoofdoel is leiding op die gebied van spelling en skryfwyse, standaardisering, normering en die beskrywing van die leksikon van Standaardafrikaans. Dié publikasie bestaan tradisioneel uit twee primêre afdelings, naamlik 'n spelreëlgedeelte wat fokus op die bereëling van die ortografiese konvensies van Standaardafrikaans en 'n woordelysgedeelte wat meestal fokus op kontemporêre skriftelike, formele Standaardafrikaans. (Kroes, 1985: 328; Morkel, 2009: 6; Swart, 2009: 6) In hierdie afdeling word 'n oorsig gegee oor die tien uitgawes van die *Afrikaanse woordelys en spelreëls* wat tot op hede verskyn het. Behalwe dat daar gekyk word na die inhoudsontwikkeling wat oor die afgelope dekades in hierdie naslaanbron plaasgevind het, word daar ook deurgaans gekyk tot watter mate daar oor die verloop van jare in hierdie standaardiseringswerk aandag gegee is aan die invloed van Nederlands en Engels op Afrikaans, asook tot watter mate hierdie werk ingespan is om 'n gebalanseerde beeld van die taalgebruik van die totale Afrikaanse spraakgemeenskap te weerspieël. Vir hierdie doel word daar ook deurgaans aandag gegee aan sprekers se ervaring van die onderskeie uitgawes van die *Afrikaanse woordelys en spelreëls*. Ten

---

<sup>24</sup> Alhoewel hierdie hoofstuk hoofsaaklik gemoeid is met die Afrikaanse ortografie, word daar in hierdie afdeling ook aandag gegee aan ander aspekte van die standaardisering van Afrikaans, soos die leksikon en morfologie. Dit is hoofsaaklik te wyte aan die komplekse aard van die AWS. Alhoewel die Taalkommissie daarop aanspraak maak dat die AWS “[d]ie normeringsbron vir skriftelike Standaardafrikaans” is en “duidelike leiding oor spelling en skryfwyses” bied (Taalkommissie, 2009: agterblad), bevat dit reeds sedert die eerste uitgawe (1917-AWS) ook 'n woordelys, en bemoei die Taalkommissie hulle ook dikwels met morfologiese kwessies. Aangesien die woordelys oor die jare hoofsaaklik daarop gemik was om leiding op spellinggebied te gee (Taalkommissie, 2009: xvii; dit is maar eers sedert die verskyning van die AWS<sup>8</sup> dat die Taalkommissie dit eksplisiet stel dat insluiting van 'n woord in die woordelys dui op erkenning as deel van die Standaardafrikaanse woordeskat), en die morfologiese inligting wat verskaf word ook daarop gemik is om die spel- en/of skryfwyse van woorde te vergemaklik, behandel ek in hierdie afdeling die AWS onder die oorkoepelende tema van ortografiese standaardisering. – G.O.

slotte word daar in die lig van die geskiedenis van die *Afrikaanse woordelys en spelreëls* as standaardiseringsinstrument die vraag gestel hoe relevant hierdie publikasie as standaardiseringsinstrument vir die toekoms is.

#### **4.5.2 Geskiedkundige oorsig en ontwikkeling van die *Afrikaanse woordelys en spelreëls***

Nadat die spelreëls soos opgestel deur die Spellingkommissie van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns in 1915 aanvaar en gepubliseer is, verskyn daar in 1917 die eerste *Afrikaanse woordelys en spelreëls* waarin die reëls toepassing vind, gevolg deur 'n tweede, onveranderde druk in 1918. In 1921 verskyn die derde, hersiene (sic.) druk, opgestel deur die Woordelys-Komitee, in 1931 die vierde, opgestel deur die Spellingkommissie, en in 1937 die vyfde uitgawe, van nou af opgestel deur die Taalkommissie. Die sesde uitgawe verskyn in 1953, die sewende in 1964, en die agste, negende en tiende in 1991, 2002 en 2009 onderskeidelik. (Odendal, 1984b: 192)

##### **4.5.2.1 Die 1917-uitgawe van die *Afrikaanse woordelys en spelreëls***

In 1917 verskyn die eerste uitgawe van die *Afrikaanse woordelys en spelreëls* [voortaan *AWS*<sup>1</sup>] in opdrag van die Suidafrikaanse Akademie vir Taal, Lettere en Kuns. Die *AWS*<sup>1</sup> is saamgestel deur T.H. le Roux, D.F. Malherbe en J.J. Smith aan wie die taak in 1915 opgelê is om 'n meegaande woordelys op te stel ter aanvulling van die spelreëls wat op 18 September 1915 goedgekeur is. (Le Roux, Malherbe en Smith, 1917: v; sien ook 4.3.2) Die *AWS*<sup>1</sup> is in wese 'n samevatting van die spelreëls van 1915 soos opgestel deur die Spellingkommissie aan wie die opdrag op die Akademie se jaarvergadering in 1914 gegee is, en die woordelys soos opgestel deur die Woordelys-kommissie [voortaan Taalkommissie; sien 4.4.2, voetnoot 20] soos hierbo vermeld. Die sowat tweehonderd en sestig bladsye van die *AWS*<sup>1</sup> bestaan uit 'n voorwoord, lys afkortings wat in die *AWS*<sup>1</sup> gebruik word, verbeterings en aanvullings wat van toepassing is op die *AWS*<sup>1</sup> as geheel, die 1915-spelreëls opgestel deur die Spellingkommissie, aanvullende spelreëls deur die Taalkommissie opgestel, en die woordelys soos deur die Taalkommissie opgestel.

Die “Voorwoord”, wat net 'n bietjie meer as vyf bladsye beslaan, is 'n algemene motivering vir samestelling van die *AWS*<sup>1</sup>. Hierdie voorteks het dit nie ten doel om gebruiksgleiding van die *AWS*<sup>1</sup> aan die gebruiker te bied nie, maar is eerstens gebruik om propaganda vir Afrikaans as taal van die Afrikaner-volk te maak. Eersgenoemde word bereik deur onder andere na Afrikaans te verwys as noodsaaklik vir die “uiting van ons volksindividualiteit” en die “draer [...] van ons kultuur” (Le Roux, Malherbe en

Smith, 1917: iii). Daar word ook na die AWS<sup>1</sup> verwys as “die vrug van die werksaamhede van die taalpioniers, die lede van *Die Genootskap van Regte Afrikaners*” (Le Roux, Malherbe en Smith, loc. cit.). Die spelling soos vervat in die AWS<sup>1</sup> vind egter allermens aansluiting by die ortografiese sisteem van Patriotters, of meer spesifiek S.J. du Toit, wie se spelling baie meer foneties was en waarvan die spelling in groot onguns by Afrikaanssprekendes verval het (sien 4.2.2.1). Die AWS<sup>1</sup> word hier simbool van die Afrikaner se stryd om die erkenning van ’n “eie taal” soos deur die GRA van stapel gestuur is.

Verder is die “Voorwoord” tot ’n groot mate eintlik ’n verontskuldiging ten opsigte van die moontlike tekortkominge van dié werk. Die Taalkommissie maan diegene “wat so geneig is om te kritiseer” om “nie sommer daadlik [...] klaar [te] wees vir ’n aanval nie, maar veel liever [mee te werk] om ’n volgende druk so korrek en volledig als moontlik te maak” (Le Roux, Malherbe en Smith, 1917: iii-iv, vi). Die Kommissie verweer hulle veral ten opsigte van hulle keuse van lemmas wat in die lys opgeneem is. Aan die een kant wou hulle streef na “’n redelike mate van volledigheid”, maar aan die ander kant wou hulle slegs die gebruiklikste woorde opneem en in besonder daardie woorde wat spelprobleme oplewer (Le Roux, Malherbe en Smith, 1917: v-vi). Die Taalkommissie skryf die moontlike onvolledigheid van die lys toe aan ’n tekort aan tyd en stel uit die staanspoor ’n tweede uitgawe in die vooruitsig wanneer hulle meld dat nie eens hulle as samestellers heeltemal tevrede is met die ortografiese sisteem soos dit in die AWS<sup>1</sup> daar uitsien nie (Le Roux, Malherbe en Smith, 1917: vi).

Dat die band tussen Nederlands en Afrikaans vir die opstellers van die AWS<sup>1</sup> van besondere belang was, blyk reeds uit die voorwoord waarin daar gemeld word dat “Hollands [...] die onmisbare bron [is] waaruit Afrikaans moet put, oral waar voorlopig nie deur eie taalmiddels in die behoeftes kan voorsien word nie” (Le Roux, Malherbe en Smith, 1917: iii). Op die voorwoord volg ’n bladsylange lys afkortings wat deur die samestellers in die AWS<sup>1</sup> gebruik is. Dit word gevolg deur twee bladsye “Verbeterings en aanvulling” ten opsigte van die die spelreëls én die woordelys. Hierdie verbeterings en aanvullings is egter steurend vir die gebruiker, omdat dit apart van die spelreëls en woordelys staan. Die gebruiker moes dus self die veranderinge aan die inhoud van die reëls en woordelys aanbring aangesien dit nie in die sentrale lys geïntegreer is nie.

Die afdeling getiteld “Afrikaanse spelreëls” bevat die spelreëls soos opgestel deur die Spellingkommissie bestaande uit T.H. le Roux, J.D. du Toit, D.F. Malherbe, W.M.R. Malherbe, C.J. Langenhoven, Gustav S. Preller en Jan F.E. Celliers, en soos goedgekeur op die Akademiesitting van 18 September 1915 en gepubliseer in die Akademiejaarboek VI van 1915 (Le Roux, Malherbe en Smith, 1917: ix, xvi; sien 4.3.2). Die vyf grondbeginsels waarvan die Spellingkommissie uitgegaan het, is soos volg (Le Roux, Malherbe en Smith, 1917: ix; Eie uiteensetting en formulering – G.O.):



- Elke klank word sover moontlik deur 'n aparte letter voorgestel.
- Dieselfde woorde of woorddele word sover moontlik altyd dieselfde geskryf.
- Die spelgeskiedenis word net in ag geneem waar dit prakties noodsaaklik is.
- Daar word so min moontlik van die Vereenvoudigde Nederlandse Spelling afgewyk.
- Die gebruiklikste uitspraak word altyd as norm geneem.

Hierna is die spelreëls uiteengesit in nege en twintig bykomende reëls. Die eerste hiervan gee 'n uiteensetting van al die lettertekens wat gebruik word om die Afrikaanse klanke voor te stel. Dit word opgevolg deur sewe punte waarin die gebruik van vokale en diftonge bereël word. Hierna volg vyftien reëls oor die gebruik van konsonante. In die laaste ses reëls word spesifieke taalvorme bespreek wat volgens die Kommissie nadere bereëling vereis het.

Alhoewel die Taalkommissie in die vyfde grondbeginsel en verder onder die eerste punt van die spelreëls aanspraak maak op 'n hegte band met die Vereenvoudigde Nederlandse Spelling, stem hierdie reëls in beginsel tot 'n groot mate eerder met die ATV-spelling van 1908 ooreen. Tog is daar op enkele punte weer teruggekeer na die Nederlandse skryfwyse. (Smith, 1920a: 291) Hierdie volgehoue invloed van die Nederlandse skryftradisie op dié van Afrikaans blyk duidelik uit die handhawing van sekere Nederlandse vorme, soos *ij* vir *y* en die behoud van die stom *-w* as eindletter waar dit in die Nederlandse spelling voorkom. Dit blyk verder uit die deurlopende verwysing na en vergelyking met Nederlands wat in die spelreëls voorkom. (Venter, 1964: 165) Daar word in die spelreëls ses keer, en in die aanvullende reëls van die Taalkommissie nog twee maal, die woorde “net soos in die V.H.S.”<sup>25</sup> aangetref, ten spyte daarvan dat dieselfde dikwels ook ten opsigte van die ATV-spelling geld. Die Afrikaanse spelreëls se band met die VNS blyk dus vir die samestellers van die AWS<sup>1</sup> van groot belang te gewees het. Hierdie uitgangspunt was enersyds 'n poging om die voorstanders van die VNS vir Afrikaans te wen, en andersyds 'n poging om weg te kom van die polities gestigmatiseerde spelling van S.J. du Toit. Die verskillende grondbeginsels waarvan uitgegaan is waarin die band met Nederlands enersyds gehandhaaf is en die eie Afrikaanse uitspraak andersyds vooropgestel is, was waarskynlik 'n kompromis tussen die voorstanders van Nederlands en dié van Afrikaans. Die spelreëls soos vervat in die AWS<sup>1</sup> het aan die een kant die oog van die voorstanders van die VNS bevredig (vandaar dan ook die talle verwysings na die band met hierdie ortografiese sisteem), terwyl dit op die onderliggende beginsel berus wat bepaal dat elke klank sover moontlik deur 'n aparte letter voorgestel moet word en geen onnodige letters gebruik moet word nie, wat dit 'n onmiskenbare eie Afrikaanse karakter gee. Hierdie sisteem was dus as 't ware 'n middeweg tussen die “ons skryf soos ons praat”-

---

<sup>25</sup> Vereenvoudigde Hollandse Spelling (sien 4.2.2.3, voetnoot 7).

of fonetiese beginsel van die ortografiese sisteem van S.J. du Toit en VNS. Dit is 'n ortografiese sisteem wat die Afrikaanse klanke navolg in 'n Nederlandse baadjie. (Le Roux, T.H., 1926: 272-273; Malan, 1963: 200; Eksteen, 1984: 59; Combrink, 1991: 13) By nadere ontleding is dit egter duidelik dat hierdie twee benaderings tot die Afrikaanse spelling onvereenigbare standpunte stel (Eksteen, loc. cit.) Om een taal se spel- en skryfreëls op te stel met die prinsipiële inagneming van die spelling van 'n ander taal, is volgens Combrink (loc. cit.) taalkundig onverdedigbaar en dit was dus hoogstens 'n propagandistiese invalshoek.

Onderwyl die Taalkommissie die *AWS*<sup>1</sup> en meer spesifiek die woordelys saamgestel het, het hulle bewus geword van sekere tekortkominge in die spelreëls. Hulle het hulle dus verplig gevoel om die oorspronklike spelreëls van die Spellingkommissie met 'n verdere negentien reëls aan te vul. (Le Roux, Malherbe en Smith, 1917: xvii) Hierdie reëls sluit uitbreidings en uitsonderings op bestaande reëls in, asook aspekte van die spelling wat nie in die oorspronklike spelreëls bereël is nie. Ten spyte daarvan dat hierdie ortografiese sisteem op voriges steun (sien 4.3.2) en tot 'n groot mate daarmee ooreenstem, verskil hierdie sisteem egter van die voorafgaandes ten opsigte van die algemene beginsels en die formulering, aldus Van der Merwe (1968: 101). Veral saam met die aanvullende reëls wat deur die Taalkommissie opgestel is, is die spelreëls soos vervat in die *AWS*<sup>1</sup> baie uitvoeriger as dié van die VNS en ATV-spelling. Wat inhoud van die spelreëls betref, is daar met die uitsondering van een<sup>26</sup>, geen reëls wat reglynig in stryd is met die VNS en ATV-spelling nie – 'n mate van ooreenkoms word deurentyd met albei of een van die ortografiese sisteme gehandhaaf. Dit wil tog lyk asof die Akademiespelling, ten spyte van die Taalkommissie se aanspraak op noue aansluiting by Nederlands, op sekere punte 'n groter mate van verafrikaansing nagestreef het as die VNS en ATV-spelling (vgl. die vorm *nuws* teenoor *nieuws* van VNS en ATV-spelling en verafrikaanste woorde soos *spiets*).

Die volgende paar kenmerke van die ortografiese sisteem soos vervat in die *AWS*<sup>1</sup> kan uitgewys word (aangepas en bygewerk uit Van der Merwe, 1968: 101; sien ook Smith, 1920a: 291):

- Die *y* word behou in eiename en vreemde woorde, byvoorbeeld *Egypte* en *hypothese*.
- Die Nederlandse *ij* word behou, byvoorbeeld *pijn*;
- Daar word weer teruggekeer na die behoud van twee *e*'s in die eerste, oop lettergreep van woorde soos *tweede* en *seeë*.
- Saam met tweeklanke word daar ook drieklanke aanvaar, byvoorbeeld *sneeu* teenoor *sneeou*.

---

<sup>26</sup> Dit geld reël 18(a), opmerking 1, van die aanvullende reëls van die Woordelyskommissie wat bepaal dat adjektiewe wat van eiename afgelei is met hoofletters gespél moet word, waar die VNS bepaal het dat dit met kleinletters gespél moet word.

- Die stom *-w* word as eindletter behou, byvoorbeeld *vrouw, leeuw, ruw*.
- Die vorme *mijn, sijn, jouw* en *uw* word as besitlike voornaamwoorde behou, maar die slot *-n* en *-w* val onderskeidelik weg wanneer dit as persoonlike voornaamwoorde gebruik word, byvoorbeeld “Ek sien *jou*” maar “Ek sien *jouw* boek”. In uitdrukkings soos “jou skelm” en “jou waarlik” val die slot *-w* ook weg.
- Naas *se* word die vorme *s’n* (manklik en vroulik, enkel- en meervoud), *haar/hare* (vroulik enkelvoud) en *hul* (manlik en vroulik meervoud) as genitiefvorm gebruik, byvoorbeeld “pa *s’n* hoed”, “ma *haar* hoed”, “dis ma *hare*” en “die dames *hul* hoede”.
- *Ik* word as swakbeklemtoonde vorm naas die beklemtoonde vorm *ek* behou.
- Na ’n kort, onbeklemtoonde vokaal word die konsonant nie verdubbel nie, byvoorbeeld *likewaan, bobejaan* en *frikedel*.
- In woorde van vreemde oorsprong word *ai* behou om die [æ:]-klank voor te stel, byvoorbeeld *affaire* en *populair*.
- Die [i]-klank word in alle beklemtoonde lettergrepe van Afrikaanse en verafrikaanse woorde deur *ie* voorgestel, byvoorbeeld *opienie, notiesie, posiesie, tiepe, tietel*, ensovoorts.
- ’n Sekere mate van vryheid word ten opsigte van die spelling van vreemde woorde gelaat afhange van hoe ingeburger hulle reeds in die taal is, al dan nie.
- Waar verskillende wisselvorme in algemene gebruik is, word die verskillende vorme toegelaat, byvoorbeeld *Christus* teenoor *Kristus*. Hiertoe behoort ook die afwisseling van die [ə] met [ɛ] voor ’n nasaal, byvoorbeeld *string, bring, wink* naas *streng, breng, wenk*, asook werkwoorde wat op *-d* en *-g* uitgaan wat afwissel met ’n vorm wat op *-e* uitgaan, byvoorbeeld *bid* teenoor *bidde*, en *sorg* teenoor *sôre*.
- Die volgende verkleiningsvorme geld: *vooltjie* (naas *voël*), *reeltjie* (naas *reël*), *waantjie* (naas *waens*), *leuntjie* (naas *leuen*), ensovoorts.

Van al die afdelings is die woordelysgedeelte by verre die omvangrykste (196 bladsye). Hierin word die spelling van sowat vyftienduisend spesifieke woorde in alfabetiese volgorde verskaf (“Die hek is oop”, 1917: 6). Soos reeds aangedui, is hierdie lys egter nie ’n weerspieëling van die totale Afrikaanse woordeskat soos wat dit in 1917 daar uitgesien het nie, maar het dit vir die Taalkommissie eerder gegaan om die weergee van die gebruiklikste woorde, maar veral ook dié woorde wat dikwels spelprobleme oplewer. Dit is egter nie duidelik hoe die gebruiklikheid van die lemmas wat in die woordelys opgeneem is, bepaal is nie. Gegewe die Taalkommissie se tekort aan tyd by die samestelling van die woordelys (soos in die Voorwoord vermeld is), is dit hoogs onwaarskynlik dat die Taalkommissie van een of ander frekwensie-opname gebruik gemaak het ten einde die gebruiklikste woorde in Afrikaans

te bepaal. 'n Mens kan dus met redelike sekerheid aanvaar dat die versameling lemmas wat in die woordelys opgeneem is op die samestellers se eie intuïesies en oordele gebaseer is. Die verteenwoordigendheid van die lemmas ten opsigte van gebruiklikheid in Afrikaans kan derhalwe in twyfel getrek word. Gegewe die feit dat geen bruin en ander variëteitsprekers van Afrikaans by die standaardiseringsproses betrek is nie, was die woordelys soos vervat in die AWS<sup>1</sup> nie werklik verteenwoordigend van die gebruiklikste woorde in Afrikaans in sy totaliteit nie. Die lemmas in die woordelys is alfabeties gerangskik en in baie gevalle met semantiese en vormkommentaar aangevul. Vormkommentaar sluit in morfologiese inligting soos meervoudsvorme by selfstandige naamwoorde (bv. “jurie, juries”, p. 67), die verledetydsvorm by werkwoorde (bv. “koggel, gekoggel”, p.75), en by adjektiewe word moontlike verbuigingsuitgange en trappe van vergelyking gegee (bv. “knorrig, knorrige; knorriger, knorrigste”, p.74), alhoewel die nievermelding daarvan nie daarop dui dat die betrokke adjektief nie gradeerbaar is nie (Taalkommissie, 1991: 7; 2002: 17; 2009: xix). 'n Voorbeeld van woordsoortelike inligting is “aanstoot (*snw.*)” teenoor “aanstoot, aangestoot” (p. 2). Die semantiese kommentaar in die woordelys bied enersyds koteksleiding en andersyds kontekstleiding ter verduideliking van die korrekte en tipiese gebruik van 'n lemma, byvoorbeeld “agie (*nuwsgierige – ! ou nuwsgierige – !*)” (p. 5), “gewend (– *aan iets of iemand*)” (p. 47), “stadshuis (*publieke sowel als private stadsgebou*), stadshuise” (p. 147), “valletjie (*klein val*), valletjies” (p. 166) (Taalkommissie, 1991: 7-8; 2002: 17; 2009: xx).

Die redelike aantal wisselvorme wat verskaf word, is opmerklik. Dit is heel moontlik toe te skryf aan die groot mate van onvastigheid wat daar nog op daardie stadium in Afrikaans bestaan het – iets wat te wagte is in 'n jong taal wat tot op daardie stadium nog nie oor een oorkoepelende en gesaghebbende ortografiese sisteem beskik het nie. Baie van die wisselvorme verteenwoordig regionale of dialektiese wisselvorme, soos “baie *of* baing *of* baje” (p. 10), “ertappel *of* aartappel” (p. 37), “Kristus *of* Christus” (p. 79), “môre *of* more” (p. 92) en “solangers *of* solanges *of* solangs” (p. 143). Wisselvorme is telkens as lemapaar in die woordelys opgeneem en waar daar nie bepaal kon word watter van die twee of meer vorme die gebruiklikste is nie, is dit deur *of* geskei, en indien nodig, is die inskrywing alfabeties herhaal. Hierdie *of*-inskrywingswyse dui daarop dat die lede van so 'n wisselvormpaar ten opsigte van betekenis en gebruik as gelykwaardig beskou en erken is. Indien 'n wisselvorm nie opgeneem is nie, beteken dit dat dit as ongelykwaardig of minder gebruiklik beskou is. (Le Roux, Malherbe en Smith, 1917: xvii; Taalkommissie, 1991: 6, 13; 2002: 15-16; 2009: xvii-xviii) Hierdie *of*-vorme geld óf die lemma as geheel óf slegs die morfologiese gegewens van 'n bepaalde lemma, soos waar wisselvorme by meervoudsvorme voorkom, byvoorbeeld “doorgaans *of* deurgaans” (p. 30) en “neiging, neiginge *of* neigings” (p. 95) (Taalkommissie, 1991: 6, 28; 2002: 16; 2009: xviii). Waar een lemma egter voorkeur op grond van gebruiklikheid geniet, maar die wisselvorm(e) steeds aanvaar word, is die

minder gebruiklike tussen hakies geplaas, byvoorbeeld “weselik (wesentlik), wesenlike (wesentlike)” (p. 192) (Le Roux, Malherbe, en Smith, 1917: xvii). Alhoewel of meestal gebruik is om wisselvorme aan te dui, is dit soms ook gebruik om op verskillende skryfwysevariante te dui (Taalkommissie, 1991: 6; 2002: 16; 2009: xviii). Anders as wisselvorme en skryfwysevariante is doeblette apart van mekaar in die woordelys opgeneem en behandel, aangesien hulle in betekenis, gevoelswaarde, maatskaplike waardering, ensovoorts, verskil. Soms is daar by een of albei van die doeblette semantiese en/of vormkommentaar verskaf om die lemmas van mekaar te onderskei, byvoorbeeld “aardig, aardige” (p. 2) en “arig (*ongesteld; onvriendelik*)” (p. 9). (Taalkommissie, 1991: 7, 13; 2002: 16; 2009: xix)

Die omvattende invloed van Nederlands op Afrikaans blyk ook uit die grootskaalse adleksifisering van Afrikaans uit Nederlands soos waargeneem in die woordelys van die AWS<sup>1</sup>. Die volgende is net enkele voorbeelde hiervan: *air, auto, bigot, bonnet, briefbesteller, different, door-* in woorde soos *doorgaans, doorgrond, doorskijnend*, ensovoorts, *editeur, edukasie, eksepsie, eksersisie, eksplikasie, ekspres, envelop, eventueel, fabuleus, fameus, felisitasie, felisiteer, gebroeders, gehemelte, geloofbaar, gevankelik, gewend, glorieus, goevernement, gong, gradueel, grandioos, grint, helmet, hermitage, humaan, imperfek, impressie, inaugureer, indigestie, indikatief, inferieur, introduksie, introduceer, kampanje, kapabel, keus, koerasie, konsiderasie, kotelet, curiositeit, leeuwin, leseres, miserabel, moustache, moveer, na-aapster, Negerin, nerveus, objeksie, offensief, origineel, pardon, plaussibel, presumpsie, privilegie, proteksie, rekommandeer, relaksasie, serieus, suspesie, telefoneer, temptasie, tutoyeer, vanille-ijs, viktorie, vlees of vleis en vleuelpiano*. Reeds in 1912 wou die Afrikaanse skrywer C.J. Langenhoven weet: “Waarom moet sulke handige woorde als: mistijk, baaisikkel, drein, spiets, toast, en ’n menigte ander verban wees?” (Langenhoven, 1912: 792) en “[W]aarom kan ik nie seg gedrop net so goed als gestop nie?” (Langenhoven, 1912: 793). Maar teen die invoer van Engels was die samestellers van die AWS<sup>1</sup> egter gekant, aangesien hulle na hulle mening die Nederlandse woordeskat tot hulle beskikking gehad het waar woorde in Afrikaans kortgekom het. Tog het Engels in sekere gevalle reeds so ’n onmiskenbare invloed op die Afrikaanse woordeskat uitgeoefen dat die samestellers van die AWS<sup>1</sup> dit nie kon ignoreer nie. (Von Wielligh, 1917d: 119-120) Voorbeelde hiervan is: *auntie, bloekomboom, bodder, bogger of bokker, bowl\**, *boycot\**, *breekwater, brekfis, disnis, fancy-fair, frokkie, gelling of gallon, giraf, goen, handicap\**, *harlaboerla, jingo, jokkie, jurie, krijgswet, Krismis, matrikulasie, motorkar, muurpapier, om ’n brief te pos, platvorm, resies of riesies, sir, skotvrij, soetmelkskaas, speaker\**, *spiets, split, sportsman, tjek, tjoekie, tram* en *trippens*. Maar selfs van hierdie woorde het moontlik Afrikaans via Nederlands binnegekom (sien voorbeelde met ’n asterisk). Slegs enkele woorde uit ander inheemse tale wat in Suid-Afrika gebruik word en reeds deel gevorm het van Afrikaans, is opgeneem, byvoorbeeld *donga, gantang* en *impi*.

Te oordeel aan die spoed waarteen die eerste oplaag van tweeduisend eksemplare uitverkoop is (slegs 257 is nie onmiddellik verkoop nie), het die verskyning van die *AWS*<sup>1</sup> in 'n groot behoefte onder Afrikaanssprekendes voorsien (Bosman, 1959: 118; Malan, 1963: 200; Nienaber, 1968: 8; Kapp, 2009: 116). Dit is duidelik dat die publiek uit die staanspoor die *Afrikaanse woordelys en spelreëls* as 'n outoriteit beskou het waaraan hulle bereid was om hulle te onderwerp (Malherbe, 1918: 1). Hiervan getuig ook die ontevredenheid wat ontstaan het in reaksie op die eerste uitgawe van die *Afrikaanse woordelys en spelreëls*, aldus Kapp (2009: 116). Die *AWS*<sup>1</sup> het heelwat kritiek uit verskeie oorde ontlok (Le Roux, Malherbe en Smith, 1918: vii). Grosskopf (1917b: 7) was van mening dat enigeen wat die *AWS*<sup>1</sup> krities beskou het maklik baie onvolmaakte kon ontdek. Een hiervan is die onvolledigheid van die woordelys waarin baie woorde wat werklik spelprobleme oplewer vergeefs gesoek word (Grosskopf, 1917a: 2). Grosskopf (1917b: 7) het gemeen dat baie suiwer Afrikaanse woorde uitgelaat is, wat, ten spyte daarvan dat die *AWS*<sup>1</sup> nie 'n idiotikon is nie, van groot waarde sou wees gegewe die feit dat daar op daardie stadium nog nie 'n Afrikaanse woordeboek bestaan het nie. Aan die ander kant sou Grosskopf (loc. cit.) baie minder vreemde of "pure Hollandse boekwoorde" wou sien. Ook Hiemstra (1918: 1) het dit betreur dat die samestellers die strewe om so min moontlik van Nederlands af te wyk te ver gevoer het, deurdat dit syns insiens die Afrikaanse spelling baie moeiliker as die Nederlandse gemaak het aangesien dit nie foneties genoeg was nie.

Heelwat woorde is uit die woordelys gelaat wat volgens die samestellers se eie beginsels in die lys moes wees, aldus Grosskopf (loc. cit.). Hierdie tekortkominge van die woordelys het Grosskopf (loc. cit.) toegeskryf daaraan dat die samestellers van die *AWS*<sup>1</sup> syns insiens nie verteenwoordigend genoeg was van die totale Afrikaanse spraakgemeenskap nie. Die feit dat al drie die lede van die Taalkommissie uit die Kaapse wynlanddistrik afkomstig was, het volgens hom veroorsaak dat baie woorde wat deur die Transvalers en Vrystaters gebruik is, nie die lys gehaal het nie (Grosskopf, loc. cit.). En hy was skynbaar nie al een wat gemeen het dat die *AWS*<sup>1</sup> nie verteenwoordigend genoeg was nie. Op 1 Junie 1918 eggo L.W. Hiemstra dieselfde gedagte in 'n brief aan die redaksie van *Die Huisgenoot* waarin hy meen dat die samestellers van die *AWS*<sup>1</sup> te oorhaastig was met die skrap van 'n hele aantal wisselvorme. Baie woorde wat algemeen gebruik word en wat syns insiens net so goed of selfs beter is as dié wat die Kommissie goedgekeur het, is verwerp, terwyl baie woorde opgeneem is wat vir die Transvalers ongewoon of selfs plat voorkom. Hy het ook hierdie tekortkoming voor die deur van 'n kommissie gelê wat oorspronklik afkomstig is "uit 'n hoekie van die Westelike Provinsie" en hy het dan "n uitgebreide staf van medewerkers" bepleit om die spelling verder te voer. (Hiemstra, 1918: 1-2) Ook 'n ene J.K.S. was van mening dat woorde uitgelaat is wat in die woordelys behoort te wees, dat daar onnodige woorde in voorkom, die spelling van party woorde verander moes word, en 'n paar aspekte van die Afrikaanse spelling onduidelik is ("*Ons spelreëls*", 1920: 270). Op 24 Oktober 1917

neem A.J. Coetsee ook die pen op wanneer hy in 'n brief aan een van die samestellers van die AWS<sup>1</sup>, J.J. Smith, die voorstel maak dat die Akademie in April 1918 'n kongres vir die voorstanders van Afrikaans op Bloemfontein belê sodat hulle die nodige verbeterings en wysigings aan die spelreëls kan aanbring, aangesien “dit skijn [...] of ons glad nie alger eens is met die spel reëls [sic.] van die S.A.A. vir Taal, Lettere en Kunst nie” (Coetsee, 1917: 1). Hierdie voorstel is later ook in *Die Brandwag* geopper (Von Wielligh, 1918: 276). Von Wielligh (1918: 278) wil weet of dit billik is om van Afrikaanssprekendes te eis dat hulle hulle by die bepalings van die *Afrikaanse woordelys en spelreëls* neerlê alvorens dit nie deur die meerderheid van die spraakgemeenskap deur gebruik vasgelê is nie.

Een van die grootste besware teen die woordelys was dat daar te veel alternatiewe vorme toegelaat is deurdat te veel wisselvorme opgeneem is. Hierdie beswaar was veral gemik op woorde waarin *-ing* en *-ink*, en *-eng* en *-enk* binne dieselfde woord afgewissel kon word. Die publiek het meer vastigheid van die spelreëls verwag, veral met die oog op die toepassing daarvan in onderrig. (Bosman, et al., 1921: iii; “De Spellingkwestie”, 1921: 7) So het Grosskopf (loc. cit.) ook die wens uitgespreek dat daar in die toekoms 'n einde sou kom aan wisselvorme wat om praktiese redes in hierdie uitgawe opgeneem moes word. Nog 'n groot beswaar wat hierby aansluit, was teen die groot vryheid wat ten opsigte van die spelling van vreemde woorde gelaat is (Bosman, et al., loc. cit.). Grosskopf (1917a: 2) het dit betreur dat die Spellingkommissie so baie vreemde woorde verafrikaans het wat syns insiens nog nie genoeg burgerreg verkry het om hulle “uitheemse klere af te werp” nie. Daar was ook baie ongelukkigheid oor die reël om nie 'n medeklinker te verdubbel na 'n swakbeklemtoonde klinker nie (byvoorbeeld *bobiaan* en *frikedel*) en oor die gebruik van deeltkens is ook gekla (Bosman, et al., 1921: iii-iv). Uiteindelik het Grosskopf (loc. cit.), en baie van die ander kritici, se besware neergekom op die wens dat elke volgende uitgawe beter, vollediger en noukeuriger as die voorafgaande sou wees. Met die oog hierop, het daar verskillende artikels in die media verskyn waarin lesers, hetsy kundiges of leke, voorstelle ten opsigte van die Afrikaanse spelling gemaak het ten einde dit te “verbeter”.

Al die kritiek was egter nie negatief nie. Die woordelys is as 'n nuttige toevoeging tot die spelreëls beskou, aangesien die publiek dit soms moeilik gevind het om die spelreëls toe te pas (“Die hek is oop”, 1917: 6). Anders as Grosskopf, het die skrywer van die artikel “Die hek is oop” in *Die Volksblad* van 21 September 1917 (p. 6) gemeen dat die woordelys tog by gebrek aan 'n Afrikaanse woordeboek die woordeskaf verryk het. Hierdie skrywer het selfs vir die samestellers in die bresse getree deur te meld dat die AWS<sup>1</sup> onder groot moeilikhede tot stand gekom het en dat daar dus nie verwag kon word dat dit dadelik volmaak sou wees nie (“Die hek is oop”, 1917: 6). Die redakteur van *Die Brandwag* (in Von Wielligh, 1918: 279) het hierdie “moeilikhede” belig deur daarop te dui dat die spelreëls tot stand gekom het na lang bespreking tussen verteenwoordigers van die voorstanders van Afrikaans en die

voorstanders van Nederlands, waar elkeen uiteindelik iets moes opoffer ter wille van eenstemmigheid. Die gebreke in die spelling was volgens hulle dus die gevolg van kompromis (Redakteur van *Die Brandwag*, loc. cit.).

Al was Grosskopf (1917a: 2; 1917b: 7) een van diegene wat die AWS<sup>1</sup> nie as volmaak beskou het nie, het hy tog gemeen dat daar na 'n redelike mate van volledigheid en deeglikheid gestreef is en dat dit sonder twyfel bevredigend genoeg was om as algemene standaard te geld, maar dat daar met verloop van tyd onvermydelike veranderinge en verbeterings aangebring sou moes word. Hy het die AWS<sup>1</sup> beskou as “'n fondament om verder op voort te bou” (Grosskopf, 1917a: 2). Wat die spelreëls betref, is die band met die VNS as 'n positiewe punt beskou, aangesien 'n meer radikaal fonetiese spelling soos dié van S.J. du Toit moeilik was vir baie mense wat in Nederlands moes skoolgaan (Grosskopf, loc. cit.). Grosskopf (loc. cit.) verwys ook na die “uiters nuttige aanvullende reëls” wat deur die Taalkommissie opgestel is in byvoeging tot die spelreëls van die Spellingkommissie. Ten spyte van sy kritiek, het Grosskopf (1917b: 7) die AWS<sup>1</sup> “van [...] onberekenbare nut [...] vir groot en klein, geleerde en ongeleerde, skrywers, skoolmeesters, leerlinge – vir algaar wat hulle moedertaal lief het en goed wil beheers”, beskou. Algemeen gesproke kan die AWS<sup>1</sup> en veral die spelreëls, alhoewel dit groot protes uitgelok het, as 'n groot verbetering op die voorafgaande sisteme beskou word, aangesien dit die toekoms van 'n eie Afrikaans stelsel ingelui het, aldus Venter (1964: 165). Tog het hierdie ortografiese sisteem dieselfde een groot gebrek gehad as sy voorgangers: die AWS het uit die staanspoor nie die Afrikaanse spraakgemeenskap in sy volle omvang verteenwoordig nie deurdat van die belangrikste Afrikaanse skryftradisies, dit is die Arabies-Afrikaanse ortografie en die skryftradisie van die Genadendalse sendingstasie, buite rekening gelaat is in die standaardisering van die Afrikaanse ortografie.

#### **4.5.2.2 Die 1918-uitgawe van die *Afrikaanse woordelys en spelreëls***

Aangesien slegs tweehonderd sewe en vyftig eksemplare van die AWS<sup>1</sup> nie onmiddellik uitverkoop het nie (sien 4.5.2.1), het dit baie gou na die verskyning van die AWS<sup>1</sup> noodsaaklik geword om nog 'n druk vry te stel. So verskyn die tweede uitgawe van die *Afrikaanse woordelys en spelreëls* [voortaan AWS<sup>2</sup>] in opdrag van die Suidafrikaanse Akademie vir Taal, Lettere en Kuns in 1918. In werklikheid was dit egter nie 'n nuwe uitgawe nie, maar 'n blote herdruk van die AWS<sup>1</sup>, met verwydering van die drukfoute, met ander woorde 'n nuwe oplaag van die AWS<sup>1</sup>. Die 1918-druk word egter allerweë as 'n aparte uitgawe erken. Alhoewel die Taalkommissie “dankbaar nota geneem” het van “die welwillende en aanvullende kritiek wat van verskillende kante op die Woordelys uitgebring is”, het hulle nie hierdie voorstelle in die nuwe uitgawe verreken nie, aangesien dit vanweë die kort tydsverloop tussen die



twee uitgawes onbillik teenoor diegene sou wees wat die AWS<sup>1</sup> aangeskaf het om in 1918 'n aangevulde uitgawe te publiseer, aangesien die eerste uitgawe dan in onbruik sou val. (Le Roux, Malherbe en Smith, 1918: vii; Malan, 1963: 200-201) Die AWS<sup>2</sup> is dus veral om finansiële redes onveranderd gelaat. Omdat die AWS<sup>2</sup> identies is aan die AWS<sup>1</sup>, met die uitsondering van 'n "Voorwoord bij die tweede druk" wat as voorteks bygevoeg is, geld alles wat ten opsigte van die inhoud van die AWS<sup>1</sup> gesê is ook die AWS<sup>2</sup>. Dit sluit die kritiek in wat ten opsigte van die AWS<sup>1</sup> gelewer is. Soos die AWS<sup>1</sup> het die AWS<sup>2</sup> ook in 'n oplaag van tweeduisend eksemplare verskyn (Bosman, 1959: 118; Nienaber, 1968: 8). In dieselfde jaar is die Taalkommissie hersaamgestel met die opdrag om die spelreëls deeglik te hersien, veral met betrekking tot sekere probleme wat die vertalers van die Afrikaanse Bybel ondervind het (Bosman, loc. cit.; Nienaber, loc. cit.; Eksteen, 1985: 170-171).

Die publiek het voortgegaan om in die pers spesifieke voorstelle ten opsigte van die Afrikaanse spelling te maak. So het S.H. Pellissier van die Middelbare Skool te Ficksburg 'n betoog gelewer in *Die Skoolblad* van 15 Maart 1919 vir die gebruik van *e* (Afr. 'n, Ndl. *een*) as onbepaalde lidwoord in Afrikaans (p. 9). Veral in *Die Huisgenoot*, waarvan J.J. Smith die redakteur was, is lesers aangeemoedig om hulle menings oor die spelling te deel met die oog op die volgende vergadering van die Akademie in Januarie 1920 waar 'n nuwe en verbeterde uitgawe van die AWS ter sprake sou kom ("Ons spelreëls", 1919: 194). So het ene J.P. byvoorbeeld 'n hele aantal voorstelle ten opsigte van die spelling gemaak, wat in 'n volgende uitgawe uiteenlopende reaksie onder lesers uitgelok het. Wat opmerklik is, is dat baie van die reaksies gemik was op die invloed van Nederlands en Engels op die Afrikaanse spelling. So was J.P. byvoorbeeld van mening dat die toonlose *-w* gerus weggelaat kon word en hy was ook nie ten gunste daarvan dat woorde op 'n meer Nederlandse manier gespél word net omdat dit met die VNS ooreenstem nie. Hy het ook die insluiting van Engelse woorde in die AWS as onnodig beskou. ("Ons spelreëls", 1919: 193-194) Ook D.D.B was van mening dat net dié Engelse vorme in die AWS toegelaat moes word wat ook in die beste Nederlandse tekste aangetref word. Volgens ene Pim moes daar egter nie net teen anglismes gewaak word nie, maar "ook teen alles wat alte Nederlands is". ("Ons spelreëls", 1920: 272-273) Von Wielligh (1920a: 52) het ook saamgestem dat Nederlands nie net ter wille van tradisie behoue moes bly nie:

Skrywers wat baie Hollands lees, raak so lig weggevoer deur Hollandse spreekwyses en gesegdes, waardeur hul meen Afrikaans te verrijk – net soos die man wat sij gawe tande laat uittrek om dié deur kunsmatige tande te laat verplaas, wat eiendom en tog nie eiendom is nie. (Von Wielligh, 1920b: 318)

Almal het egter nie met hierdie sienswyse saamgestem nie. D.D.B. was van mening dat J.P. nie genoeg rekening gehou het met die taalkonserwatisme van Afrikaanssprekendes wat van jongs af Nederlands leer skryf het en nie so gretig sou wees om byvoorbeeld die toonlose *-w* te los nie. Hoe nader die Afrikaanse skryftaal aan Nederlands was, hoe makliker was dit volgens Van der Merwe vir

die ouer garde wat van jongs af Nederlands geskryf het om nou Afrikaans te leer skryf en hoe makliker sou dit ook vir Nederlanders wees om Afrikaanse tekste te lees en te ondersteun. (“Ons spelreëls”, 1920: 272-273, 276). Maar alhoewel dit miskien vir grootmense genoeg rede was om die Afrikaanse spelling so na moontlik aan Nederlands te hou, het kinders geen kennis van Nederlands gehad nie (“Spellingverandering”, 1920: 4).

Op die Suid-Afrikaanse Akademie vir Taal, Lettere en Kuns se tiende jaarvergadering, wat vanaf 28 tot 30 Januarie 1920 gehou is, het die Akademie sekere wysigings in die Afrikaanse spelling goedgekeur wat T.H. le Roux namens die Taalkommissie ingedien het. Hierdie wysigings is in *Die Huisgenoot* van Februarie en Maart 1920 behandel en later in ’n aparte pamfletjie uitgegee. (Smith, 1920b: 329; 1920c: 295; Malan, 1963: 202) Eerstens is ’n hele aantal nuwe spelvorme goedgekeur:

- a) Die letter *y* vervang *ij*, byvoorbeeld *ys* in plaas van *ijs*.
- b) *W* val oral weg waar dit nie in die uitspraak gehoor word nie, byvoorbeeld *vrou*.
- c) *Uu* vervang *uw* in woorde soos *nuus*, *nuut* en *gehuud*.
- d) In verboë vorme en afleidings van woorde soos *see*, *twee*, *tree* en *wee*, word net een *e* in oop lettergrepe geskryf, byvoorbeeld *twede*, *veër* (iemand wat *vee*). In samestellings, afleidings met die agtervoegsels *-agtig*, *-baar*, *-dom*, *-heid*, *-ling*, *-waart* of *-waarts*, en verkleinwoorde met *-tjie*, word die twee *e*'s van die grondwoord egter behou, byvoorbeeld *seekus*, *tweeling* en *treetjie*.
- e) *Gh* dui die konsonant aan die begin van woorde soos *ghaap*, *ghoeroe* en *ghwarrie* aan.
- f) Woorde soos *fraiings*, *goiingsak*, *kaiings* en *toiings* word met twee *i*'s gespel.
- g) In woorde waarvan *niet* deel uitmaak, val *niet* se *-t* nou weg, byvoorbeeld *nieteenstaande*, *desnieteenstaande*, *nietemin* en *desnietemin*.
- h) In woorde waarvan *-sins* deel uitmaak, asook *miskien*, word die *s* nie meer verdubbel nie, byvoorbeeld *allesins*, *andersins*, *enigsins*, *geensins*, *menigsins* en *veelsins*.
- i) *N* vervang *m* in die woorde *gensbok*, *kanfer*, *konfoor* en *lanfer*.
- j) In die volgende woorde val die *d* voor die *s* nou weg: *aanstons*, *afdraans*, *oorhans*, *opdraans*, *saans*, *soggens* en *voorwensel*.
- k) Die een *a* in die laaste lettergreep van *heeltemal* en *almal* val weg.
- l) *G'n* word naas *geen* erken.
- m) Die woorde *skêr* en *blêr* kry ’n sirkumfleks.
- n) Die spelling van die grondwoord word behou in die verkleinvorm van en samestellings met woorde soos *voël* en *reël*, waar dit nou *voëltjie*, *voëlvry*, *reëltjie*, *reëlmatig*, ensovoorts is.
- o) Die voorsetel *weens* word sonder ’n deelteken geskryf.

p) 'n Stofnaam en daaropvolgende selfstandige naamwoord word nou vas geskryf, byvoorbeeld *blikbord*, *syrok* en *sementvloer*.

Ten einde die groot aantal wisselvorme wat op daardie stadium in die woordelys voorgekom het te verminder, is 'n paar wysigings vir wisselvorme deur die Akademie goedgekeur:

- q) Die woorddele *-eng* en *-ing*, en *-enk* en *-ink* kan nie meer binne dieselfde woord as wisselvorme gebruik word nie, maar word in ooreenstemming met die gebruiklikste uitspraak óf met 'n *i* óf met 'n *e* gespel, byvoorbeeld *bring* (nie *breng* nie) en *engel* (nie *ingel* nie).
- r) In gevalle waar *em* en *im*, en *en* en *in* vroeër binne dieselfde woord as wisselvorme opgetree het, word nou net die vorme met *em* en *en* erken, byvoorbeeld *gemmer* (nie *gimmer* nie) en *prent* (nie *print* nie).
- s) *S'n* as besitsvorm val weg; net *se* word erken, byvoorbeeld "Die man *se* hoed".
- t) *Myn* (eerste persoon enkelvoud) en *syn* (derde persoon enkelvoud manlik) val weg as besittlike voornaamwoorde.
- u) *Ik* (eerste persoon enkelvoud) val weg as persoonlike voornaamwoord en slegs *ek* bly behoue.
- v) Die vorm *sommer* val weg; voortaan word slegs *somaar* erken.
- w) Van die werkwoorde wat op *-eë* of *-ee* (Ndl. *-eden*) uitgegaan het, word voortaan slegs die vorm sonder die deelteken aanvaar, byvoorbeeld *aanklee*, *beklee* en *betree*.
- x) Van die drie wisselvorme (*baie*, *baing* en *baje*) word nou slegs *baie* erken.

Die Akademie het ook baie vreemde spelvorme afgeskaf ten gunste van die grootskaalse verafrikaansing van vreemde woorde. Die volgende vreemde vorme is vervang:

*ai* word *ê*, byvoorbeeld *populêr*.

*au* word *ou*, byvoorbeeld *outeur*.

*c* word *k* of *s* volgens uitspraak, byvoorbeeld *kafee* en *sentrum*.

*ch* word *g*, *k*, *s*, *sj* of *tj* volgens uitspraak, byvoorbeeld *gemie*, *kolera*, *sjokolade* en *tjek*.

*eau* word *o*, byvoorbeeld *buro*.

*gn* word *nj*, byvoorbeeld *konjak*.

*th* word *t*, byvoorbeeld *teologie*.

*v* word *w* in die middel van woorde waar dit as 'n *w* uitgespreek word, byvoorbeeld *indiwidu*.

*x* word *ks*, byvoorbeeld *heksameter*.

*y* wat die [i]-klank voorstel, word *ie* of *i* volgens klem, byvoorbeeld *fiesies* en *sienies*, maar *liriek* en *silinder*. As *y* die [ə]-klank voorstel, word dit altyd deur *i* vervang, byvoorbeeld *Egipte* en *sintaksis*.

*z* word *s*, byvoorbeeld *soölogie*.

(Smith, 1920a: 292; 1920b: 329; Malherbe, 1920: 6)

Alhoewel *Die Huisgenoot* van mening was dat hierdie wysigings eintlik heel beperk in omvang was en niemand daardeur afgeskrik hoef te word nie, het dit nietemin 'n klein stormpie ontketen ("Spellinghervorming", 1920a: 292). Die grootste teenkanting het gekom vanuit Transvaal, te wete Pretoria, en skynbaar onder leiding van Gustav S. Preller, waar die redaksies van verskillende Afrikaans-Nederlandse persorgane, waaronder *De Volkstem*, *Ons Vaderland*<sup>27</sup>, *De Spectator*, *Die Landbouer*, *Die Boer*, *Het Kristelik Schoolblad*, *Die Brandwag*, *Die Boerevrou*, *Die Banier* en *Jong Suidafrika*, teen die gewysigde spelreëls geprotesteer het. Die verteenwoordigers van al Pretoria se Afrikaans-Hollandse tydskrifte en koerante het op 8 Junie 1920 bymekaar gekom om die jongste Akademie-wysigings van die Afrikaanse spelreëls te bespreek. Alhoewel die verteenwoordigers die meeste wysigings kon aanvaar, kon hulle hulle nie met sekere veranderinge vereenselwig nie. Die redaksies van die onderskeie koerante het hulle eenparige bevindinge en ontevredenheid oor die nuwe spelling in 'n memorandum uiteengesit wat aan die Taalkommissie van die Akademie voorgelê is op hulle vergadering wat in Julie 1919 op Bloemfontein gehou is, nadat hulle toevallig van hierdie byeenkoms te hore gekom het; en dit nadat die Kommissie onderneem het om die pers en onderwysers op die jaarvergadering van die Akademie te raadpleeg. ("Spelling van Afrikaans", 1920: 74; "Protes teen spelling-wysiging", 1920: 3; Smith, 1920c: 295; "Ons word Akademiaans", 1921: 4; Malan, 1963: 203)

Die betrokke persorgane se sentrale beswaar was dat die publiek nie vooraf ingelig is van die Akademie se voorneme om die Afrikaanse spelling te verander nie en hulle dus nie 'n geleentheid gegun is om insette te lewer nie. Die verwyf dat die samestellers van die *Afrikaanse woordelys en spelreëls* almal uit dieselfde streek van die Westelike Provinsie afkomstig is en daarom nie vertrou kan wees met die ganse Afrikaanse spraakgebied in sy verskeidenheid nie (sien 4.4.2.1), is weereens geopper. Dit het volgens hulle die gevaar ingehou dat mense deur die opkomende Bybelvertaling vreem sou word aangesien daarin 'n taalvorm gebruik sou word wat nie vir hulle toepaslik is nie. Die betrokke persorgane was ontevrede daaroor dat die Taalkommissie, ten spyte daarvan dat hulle gesê het dat hulle in die toekoms ander mense oor die Afrikaanse spelling sou raadpleeg, nie positief op die voorstelle gereageer het dat die Kommissie vergroot word ten einde meer verteenwoordigend te wees van die hele spraakgemeenskap nie (sien 4.4.2.1). Hulle het verder gemeen dat onderwysers en joernaliste baie meer vertrou is met die praktiese aanwending van Afrikaans as dosente, aangesien hulle baie meer skryf as laasgenoemde. ("Spelling van Afrikaans", loc. cit.; "Protes teen spelling-wysiging", loc. cit.) Op hierdie aantygings het die Taalkommissielid J.J. Smith heftig gereageer. Hy was van mening dat die aantyging dat "al drie" samestellers van die AWS uit dieselfde deel van die Westelike Provinsie kom, onjuis is; dat van die vyf lede (sedert 1918) drie al jare in noordelike

---

<sup>27</sup> Sedert 1932 bekend as *Die Vaderland*.

provinsies woon, een in die Vrystaat gebore en woonagtig is, en hy self daagliks met studente van alle dele van die land te doen kry. Hierdie aantyging het volgens hom ook op die aanname berus dat 'n taalkundige hom net oor sy eie streektaal kan uitspreek. Hy het teruggekap na die opstellers van die memorandum deur daarop te wys dat die meeste van hulle in Nederland gebore is. Wat die aantyging betref dat onderwysers en joernaliste beter vertrouwd is met taal, was Smith van mening dat dit kwaliteit is wat tel en nie kwantiteit nie en dat joernaliste dikwels nie die modelle vir goeie taalgebruik is nie. (Smith, 1920c: 295)

Die sentrale besware van die betrokke persorgane se “Memorandum oor die nuwe spelreëls” kan kortliks soos volg saamgevat word:

- Hulle het beswaar gemaak daarteen dat daar nie vooraf wyer met ander partye gekonsulteer is voordat die nuwe spelreëls bekend gemaak is nie en sodoende geen wysigings aangebring kon word nie.
- Hulle was ongelukkig daaroor dat daar nie vooraf enige aanduiding gegee is dat 'n nuwe spelling sou volg nie en dat die nuwe spelreëls op gebrekkige wyse in die pers bekendgestel is, wat groot onkoste vir veral uitgewers meegebring het, en dat daar nie meer tyd toegelaat is vir die inwerkingtreding van die nuwe wysigings nie.

(“Spelling van Afrikaans”, 1920: 74; “Protes teen spelling-wysiging”, 1920: 3)

Die memorandum het ook spesifieke besware ten opsigte van die goedkeuring van nuwe spelvorme behandel. Eerstens is die vervanging van *ij* met *y* ongewens beskou (vgl. wysiging (a)). Verder is sowel die behoud van *uw* as besitlike voornaamwoord bepleit as groter duidelikheid ten opsigte van die trappe van vergelyking van woorde wat uitgaan op *-u* of waarin *-uw* met *-uu* vervang is, byvoorbeeld *ru* en *nuut* (vgl. wysigings (b) en (c)). Die persmense het gevoel dat die dubbele *e* oral in woorde soos *twee* en *see* behou moes word, aangesien hierdie reël volgens hulle te ingewikkeld was (vgl. wysiging (d)). Na hulle mening moes *gh* net gebruik word vir woorde uit die Khoe- en Santale en hulle het die nasale uitspraak van woorde soos *gensbok* as plat beskou (vgl. onderskeidelik wysigings (e) en (i)). Wat die spelling van woorde soos *fraiings* betref, het die ondergetekendes van die memorandum gemeen dat die uitspraak van hierdie woorde nie ooreenstem met 'n woord soos *draaiing* nie (waar 'n *j* in die uitspraak gehoor word), maar dat dit óf eenlettergrepig uitgespreek word as *fraings* óf tweelettergrepig uitgespreek word met nasalering van die vokaal, byvoorbeeld *goiensak* (vgl. wysiging (f)). Volgens hulle was daar heelwat van die woorde waar die *d* voor die *s* in die wysigings wegval, waar die *d* nog in die uitspraak gehoor kon word en dus nie weggelaat moes word nie (vgl. wysiging (j)). Daar is voorgestel dat die vorm *alger* in ooreenstemming met die uitspraak aanvaar word (eerder as *algar*) en groter duidelikheid is by die genitiefvorme “pa s'n”, “pa s'ne”, “pa

sinne” en “pa syne” verlang. Die betrokke persorgane het gemeen dat die gebruik van ’n sirkumfleks -e (m.a.w. ê) inkonsekwent toegepas is en het voorgestel dat die sirkumfleks ook ingespan moes word in die woorde *pêrd* en *vêr* en om ’n onderskeid te maak tussen *pers* en *pêrs*, en *vers* en *vêrs* (vgl. wysiging (m)). Net so het hulle *weëns* eerder in ooreenstemming met *reën* as *teen* beskou en het hulle die behoud van die deelteken bepleit (vgl. wysiging (o)). Die wysiging wat bepaal het dat ’n stofnaam en die daaropvolgende selfstandige naamwoord nou vas geskryf moes word, berus volgens hulle op ’n mistasting en hierdie woorde kon slegs vas geskryf word indien dit so ’n onafskeidbare begrip vorm, dat dit “die natuurlikste lijk”, byvoorbeeld *blikbord*, *grasdak* en *sementvloer*. (“Spelling van Afrikaans”, 1920: 74-75; “Protes teen spelling-wysiging”, loc. cit.)

Oor die algemeen blyk dit dat die redaksies van die onderskeie Transvaalse koerante ’n meer Nederlandse ortografie vir Afrikaans voorgestaan het; een wat groter ooreenkoms met die VNS toon. Baie van die redes wat vir hulle besware aangevoer is, het ook nie werklik op een of ander taalkundige oorweging berus nie, maar het bloot hulle eie menings en persoonlike voorkeure weerspieël. Alhoewel dit lyk asof die betrokke Transvaalse persorgane die wysigings ten opsigte van die vermindering van wisselvorme in die Afrikaanse spelling meer geredelik aanvaar het, het hierdie aspek ook nie kritiek vrygespring nie. Anders as die Taalkommissie wat die aantal wisselvorme wou verminder ten einde groter vastigheid in die taal te bring, was die persmense van mening dat die vermindering van wisselvorme nie te drasties toegepas moes word nie, aangesien die Afrikaanse spelling maar nog in die beginfase was. Die gebruik van die taal deur die sprekers sou weldra toon watter taalvorme groter lewensvatbaarheid het en dié woorde sou in die loop van die natuurlike taalontwikkelingsproses die minder gebruiklikes verdring. So het hulle byvoorbeeld “[a]s ’n saak van praktiese taalpolitiek” gemeen dat die vorm *ik* nie as eerstepersoonsvorm naas *ek* verwyder moes word nie, maar eerder toegelaat moes word om ’n “natuurlike dood” te sterf, aangesien die verwydering van eersgenoemde vorm volgens hulle baie mense se gevoelens onnodig sou “kwets” (vgl. wysiging (u)). N.J. Brümmer, wat ook sterk gekant was teen die aanvaarding van *ek* bo *ik*, het die geldigverklaring van *ek* beskou as ’n “overwinning vir de Maleiers”. Die Noordelike persmense het voorgestel dat ’n onderskeid tussen *ek* (as beklemtoonde eerstepersoonsvorm, enkelvoud) en *ik* (as onbeklemtoonde eerstepersoonsvorm, enkelvoud) gehandhaaf word ter wille van leesgemak. In hierdie opsig sou *ik* “selfs ’n bepaalde aanwinst wees”. In werklikheid het hulle egter verbete probeer vasklou aan ’n taalvorm wat vir dekades nie meer in die taalgebruik van die grootste groep Afrikaanssprekendes voorgekom het nie.<sup>28</sup> Hulle het wisselvorme verder van groot nut vir die poësie beskou aangesien dit groter

---

<sup>28</sup> Van Rensburg (2012: 9) dui daarop dat die vorm *ek* reeds vroeg in die slawebevolking aan die Kaap se kontak met Nederlandse seevaarders die vorm *ik* in hulle aanleedersvariëteit van Nederlands (wat later aanleiding gegee het tot die ontwikkeling van Afrikaans) vervang het.

vryheid ten opsigte van keuse van rymwoorde verskaf. Hulle het ook 'n duideliker onderskeid tussen minder en meer gebruiklike vorme bepleit en voorgestel dat die Nederlandse vorm waaraan mense gewoon was, gehandhaaf word. Hulle het die skrapping van party wisselvorme as taalverarming beskou, byvoorbeeld die onderskeid tussen *toe* (as bywoord van tyd) en *toen* (as voegwoord), en *na* (as setsel) en *naar* (met die betekenis *volgens*). (“Spelling van Afrikaans”, 1920: 75-76; “Protes teen spelling-wysiging”, loc. cit.; Van Rensburg, 2012: 8)

Weereens wil dit voorkom asof die persmense se behoefte aan meer wisselvorme gespruit het uit 'n begeerte om meer Nederlandse vorme in die Afrikaanse ortografie te akkommodeer. Daarom is dit tog verbasend dat hulle dit eens was met amper al die wysigings ten opsigte van die afskaffing van vreemde spelvorme ten gunste van meer verafrikaanste spelvorme. Hulle het egter 'n duideliker uiteensetting vereis van wat as “beste uitspraak” beskou kon of moes word, aangesien dit 'n oorweging was wat telkens by die vasstelling van die spelling van vreemde woorde ter sprake gekom het. So was hulle byvoorbeeld van mening dat die *z* nie oral deur *s* vervang kon word nie, aangesien dit by sommige woorde as [*z*] uitgespreek is. Hulle was ook ten gunste daarvan dat alle eiename hulle bestaande spelling moes behou en hulle het dus 'n vorm soos *Egipte* verwerp. (“Spelling van Afrikaans”, 1920: 76; “Protes teen spelling-wysiging”, loc. cit.)

T.H. le Roux het in opdrag van die Taalkommissie op 23 Julie 1920 per brief op die voorstelle van die redaksies van die Transvaalse tydskrifte en koerante gereageer. Die Kommissie het noukeurig kennis geneem van die sienswyse wat in die memorandum uitgespreek is, maar dit was vir hulle onmoontlik om in besonderhede op die koerantmense se besware in te gaan. Die eerste rede wat hiervoor aangevoer is, was dat die wysigings, met uitsondering van 'n paar “ondergeskikte puntjies” en die gebruik van die sirkumfleks en deelteken, reeds finaal deur die Akademie goedgekeur was en dat die Kommissie geen bevoegdheid besit het om op hierdie besluite terug te gaan nie. Sommige van die punte in die memorandum het volgens die Taalkommissie op foutiewe waarneming berus. Daar was tog volgens die Kommissie sekere plekke in die spelreëlveranderinge waar daar nog ruimte was om wysigings aan te bring, aangesien dit nog nie finaal geredigeer was vir publikasie nie. Daar sou byvoorbeeld nog veranderinge aangebring kon word by woorde wat op *-eng* en *-ing* eindig (wat een van die besware was) voordat die finale bewerking gedoen sou word. Die Taalkommissie het ook die redaksies bedank vir die uitwys van onduidelikhede ten opsigte van sekere beginsels wat deur die Kommissie gevolg is, en hulle het onderneem om hulle in 'n volgende uitgawe duideliker uit te druk. Die Taalkommissie het ten slotte gemeld dat hulle, waar hulle oor die vryheid beskik om die wenke in die memorandum en van die publiek oor die algemeen te gebruik, hulle dit sonder versuim by die finale bewerking sou doen. (“Spelling van Afrikaans”, 1920: 74; Le Roux, 1920: v; “Protes teen

spelling-wysiging”, 1920: 3) Die onderskeie redaksies was egter nie tevrede met hierdie antwoord wat op ’n vergadering aan hulle voorgelê is nie en het besluit om die memorandum saam met die Kommissie se antwoord daarop te publiseer “ter kennisname en gedagtewisseling van die publiek”. (“Spelling van Afrikaans”, loc. cit.; “Protes teen spelling-wysiging”, loc. cit.; Smith, 1920c: 295). Aangesien die Taalkommissie deur die Akademiebesluit gebind is, het die persmense besluit om hulle besware direk aan die Akademie te rig tesame met ’n dringende versoek om die nuwe spelreëls nog nie met ingang 1921 van krag te maak nie. Al die redaksies van die betrokke Transvaalse koerante het ook geweier om hulle by die gewysigde reëls neer te lê (behalwe vir sover die memorandum daarmee saam gaan) alvorens daar nie aan hulle besware aandag geskenk is nie. (“Spelling van Afrikaans”, loc. cit.; “Protes teen spelling-wysiging”, loc. cit.).

In reaksie op die publikasie van die korrespondensie tussen die redaksies van die Pretoriase pers en die Akademie, het ’n aantal Transvaalse onderwysers ook hulle ontevredenheid oor die spelwysigings te kenne gegee (Smith, 1920c: 295). Op ’n vergadering van die Afrikaanse Studentebond is daar besluit om ’n skrywe aan die Minister van Onderwys te rig, waarvan ’n afskrif ook aan die Akademie gestuur is, waarin hulle die minister versoek om ’n Staatskommissie vir Taal en Spelling in te stel. Een van die redes wat vir die versoek aangevoer is, het sy oorsprong by die afgelope Akademiesitting waar ’n voorstel gemaak is om die Taalkommissie uit te brei deur die toevoeging van verteenwoordigers van ander belanghebbende beroepskringe ten einde die Kommissie doeltreffender en meer verteenwoordigend te maak. Hierdie voorstel is egter afgekeur vanweë die groot onkoste wat dit sou meebring. Met ’n Staatskommissie sou die onkoste verbonde aan ’n uitgebreide kommissie egter deur die regering gedra kon word. ’n Verdere rede wat aangevoer is vir die noodsaaklikheid vir ’n Staatskommissie vir Taal en Spelling, was dat die gevaar ontstaan het dat die verskillende belange en insigte van Afrikaansprekendes onvoldoende verteenwoordig was in die Kommissie deurdadig die samestelling van die lede te beperk was. Dit kon gevolglik tot groot ontevredenheid by sprekers lei soos dit, volgens die Studentebond, geblyk het uit die protes ten opsigte van die spelwysigings in die pers. Deur sy samestelling kon die Kommissie volgens die Studentebond moeilik anders as eensydig wees, en daarom is gevoel dat die liggaam in staat gestel moes word om ’n meer verteenwoordigende karakter aan hulle werksaamhede te gee. (Malan en Van der Merwe, 1920: 116) Die Hoofbestuur van die Afrikaanse Studentebond het die wens uitgespreek om ’n helpende hand te verleen om in oorleg met die Akademie die Taalkommissie uit te brei tot ’n Staatskommissie vir Taal en Spelling, waarin alle beroepskringe wat belang het by die gebruik en vorming van Afrikaans verteenwoordig kon word (Malan en Van der Merwe, 1920: 116-117).



Terwyl hierdie openbare meningsverskille in die pers aan die gang was, het die algemene publiek weer hulle stemme laat hoor in die briewekolomme van die koerante en tydskrifte. Sommige het hulle uitgespreek teen die hoë koste verbonde aan die voortdurende verandering van die spelling (vgl. Von Wielligh, 1920a: 52; Van Oostrum 1920: 6), terwyl ander hulle ten gunste van radikale vereenvoudigde spelverandering uitgespreek het (vgl. "Spellingverandering", 1920: 4). Die dringende toon van die debat rondom die spelwysigings blyk veral te gespruit het uit die naderende vooruitsig van 'n Afrikaanse woordeboek en Bybelvertaling. Aan die een kant was daar die besorgdheid dat, indien die spelling eers in die woordeboek en Bybelvertaling vasgelê is, dit moeilik verander sou kon word ("Spellingverandering", loc. cit.). Aan die ander kant was die besorgdheid dat die Afrikaanssprekende publiek nie die woordeboek en Bybelvertaling sou aanvaar nie vanweë hulle afkeur van die spelling wat daarin gevolg sou word (vgl. die Transvaalse persorgane se algemene besware teen die spelwysigings). Ten spyte van die wye mediadekking wat hierdie spelwysigings en die ontevredenheid daarvoor geniet het, meen Smith (1920c: 295) egter dat die besluite van die Akademie by die meerderheid skrywers, uitgewers en Afrikaanse en Nederlandse koerante byval gevind het, wat die nuwe spelling dadelik aanvaar het. Hy meen dat, wanneer dinge in perspektief gesien word, dit blyk dat die getal protesterende organe in werklikheid nie so groot was as wat dit lyk nie. Teen die tyd dat die memorandum in die media geplaas is, het *Jong Suidafrika* nie meer bestaan nie. *Die Boer en Die Banier* was nie werklik afsonderlike publikasies nie, maar byvoegsels van *De Volkstem* en *Die Brandwag* onderskeidelik en die redakteur van *Die Brandwag* was ook 'n lid van die redaksie van *De Volkstem*. (Smith, loc. cit.) Smith (loc. cit.) meen dat daar daarop gewys moet word dat die lys persorgane wat die gewysigde spelling teen die tyd van die mediastorm reeds toegepas het, baie langer was. Alhoewel die Akademie op die volgende sitting in Desember 1920 die spelling "by besluit van die Akademie" verander het, het daar in werklikheid nie veel van die protes teen die spelwysigings gekom nie (Steyn, 1987: 210). Die Taalkommissie het dus steeds 'n beperkte, eksklusiewe liggaam gebly deurdat daar nie aan die publiek se besware aandag geskenk is nie, veral ten opsigte daarvan dat daar nie meer lede van die Afrikaanssprekende publiek by die ortografiese standaardisering betrek is nie.

#### **4.5.2.3 Die 1921-uitgawe van die *Afrikaanse woordelys en spelreëls***

In 1921 verskyn die derde, hersiene uitgawe van die *Afrikaanse woordelys en spelreëls* [voortaan AWS<sup>3</sup>] vir die eerste maal onder die naam waarvolgens dit voortaan bekend sou staan. Soos vantevore het die AWS<sup>3</sup> in opdrag van die Suidafrikaanse Akademie vir Taal, Lettere en Kuns verskyn. Die samestellers, nou bekend as die Woordelys-komitee, is sedert die vorige uitgawe na vier lede vergroot, met D.B. Bosman wat hom by Le Roux, Malherbe en Smith aangesluit het (Bosman, et al., 1921: iv).

Hierdie werk van min of meer dieselfde omvang as die eerste twee uitgawes van die *AWS* bestaan ook soos tevore uit 'n voorwoord, 'n lys afkortings wat in die *AWS*<sup>3</sup> gebruik word, die Afrikaanse spelreëls en die woordelys.

In die “Voorwoord”, wat twee bladsye in beslag neem, word 'n oorsig gegee van al die wysigings en aanvullings wat aan die spelreëls en woordelys aangebring is. Die Taalkommissie laat blyk tot watter mate daar in die *AWS*<sup>3</sup> rekenskap gegee is van die publiek se besware ten opsigte van die eerste spelreëls (soos vervat in *AWS*<sup>1</sup> en *AWS*<sup>2</sup>). Daar word weer nadruk gelê op die feit dat woordelys nie die totaliteit van die Afrikaanse woordeskat weerspieël nie, maar eerder saamgestel is met die oog op woorde wat spelprobleme oplewer. Die samestellers erken ook weer dat hulle werk feilbaar is en stel hulle oop vir aanbevelings. (Bosman, et al., 1921: iv) Die lys afkortings is identies aan dié wat in die vorige twee uitgawes verskyn, met die uitsondering van die woord *Nederlands* wat *Hollands* in *AWS*<sup>3</sup> vervang, sodat die afkorting *Ndl.* nou in die plek van *Holl.* staan en *V.H.S.* vervang is met *V.N.S.*

Alhoewel daar nie werklik baie wysigings in die spelreëlgedeelte voorkom nie, is sommige daarvan tog in sekere opsigte ingrypend, aldus Venter (1964: 165). Dit is oor die algemeen opmerklik dat baie van die Nederlandsagtige vorme wat nog in die eerste twee uitgawes voorgekom het, in die *AWS*<sup>3</sup> vervang is (Eksteen, 1985: 172). Die Taalkommissie beskou die wegval van die stom *w*, vervanging van *ij* deur *y* en *y* deur *ie* of *i*, en die konsekwente verafrikaansing van vreemde woorde as die vernaamste veranderinge in hierdie verband (Bosman, et al., 1921: iii). Die wysigings en aanvullende reëls van die Taalkommissie wat in die *AWS*<sup>1</sup> en *AWS*<sup>2</sup> apart van die Spellingkommissie se 1915-spelreëls aangedui is, is in die *AWS*<sup>3</sup> in die spelreëls geïnkorporeer en die reëls is op sekere punte geherformuleer en aangevul (Bosman, et al., 1921: iii), wat hierdie uitgawe tot 'n mate gebruikersvriendeliker maak as die voriges. Voorbeelde hiervan is te vinde by die reël oor vokale in oop lettergrepe waar 'n opmerking bygevoeg is waarin daar verduidelik word wat met 'n “oop lettergreep” bedoel word, en die reël wat nou 'n uitvoerige vierpuntuiteensetting gee van waar die *e* in 'n oop lettergreep wel verdubbel word. By laasgenoemde het vroeër net die spesifikasie “in woorde als die volgende” gegeld. (Bosman, et al., 1921: ix)

Daar is ook enkele nuwe reëls toegevoeg terwyl ander weer geskrap is. Die grondbeginsels waarvan daar in die spelreëlformulering uitgegaan is, stem ooreen met dié in die vorige uitgawes, maar daar is tog “gestreef om sover moontlik die reëls uit Afrikaans self te formuleer, sonder [om] Nederlands daarby te haal”, aldus Bosman, et al. (1921: iv). Uit die spelreëls is dit egter duidelik dat Nederlands steeds 'n merkbare invloed op die formulering van die Afrikaanse ortografiese reëls uitgeoefen het. Die Taalkommissie het ook probeer om die publiek se besware ten opsigte van die eerste spelreëls in

die hersiening van die spelreëls te verreken. Wat die klagte betref dat te veel vryheid toegelaat is ten opsigte van wat as vreemde woorde beskou moet word, het die Kommissie besluit om vreemde woorde so te sê deur die bank te verafrikaans. Wat die klagte oor te veel wisselvorme betref, word daar in baie gevalle nou slegs een vorm aanvaar. (Bosman, et al., 1921: iii) Die reël waarin wisselvorme in die vorige spelreëls behandel is, is ook in die AWS<sup>3</sup> uitgebrei tot vier aparte, duideliker omskrewe reëls (vgl. reëls 32 tot 35, p. xiv). Die reël wat bepaal dat 'n medeklinker nie na 'n swak-beklemtoonde klinker verdubbel word nie (bv. *bobiaan* en *frikedel*) is in reaksie op die publiek se ontevredenheid geskrap (Bosman, et al., loc. cit.). Verder is die gebruik van deeltkens vereenvoudig en die formulering van die reëls oor wanneer die swak-beklemtoonde *e* voor die uitgang *-lik* geskryf moet word, en wanneer die *v* oorgaan in *w* by vreemde woorde verbeter deur dit uitvoeriger en presieser te omskryf, aangesien daar onsekerheid hieroor by die publiek bestaan het (Bosman, et al., 1921: iii-iv; vgl. onderskeidelik reël 29, p. xiii en reël 19, p. xi ten opsigte van verbeterde formulering). Die veranderinge wat in die AWS<sup>3</sup> voorkom, stem ooreen met die wysigings wat in 1920 deur die Akademie goedgekeur is (sien 4.5.2.2).

Ander kleiner veranderinkies ten opsigte van die spel- en skryfwysereëls wat nie pertinent in die wysigings van 1920 gespesifiseer is nie, sluit die volgende in:

- Drieklanke wat in die 1915-spelreëls aangetref word, is geskrap.
- Die medeklinkers *c*, *x* en *z* val weg, terwyl *dj*, *gh* en *sj* bygevoeg is.
- 'n Reël is bygevoeg wat spesifiseer in watter woorde die verbindings *ae*, *eë*, *eue*, *ieë*, *oë*, *ôe*, *oeë*, *ue* en *ûe* behou word (vgl. reël 17, p. xi).
- In vreemde woorde word *sh* met *s* vervang, byvoorbeeld *sieling*.
- Sommige reëls word onder ander hofies aangebied as in die 1915-spelreëls.
- Die gebruik van hoofletters is nader omskryf (vgl. reël 40, p. xvi).

'n Reël wat wel in die wysigings van 1920 voorkom, maar nie in die AWS<sup>3</sup> voorkom nie, is die vervanging van *z* deur *s*. Dit is moontlik 'n oorsig, aangesien daar in die woordelys slegs een woord onder *z* opgeneem is, en wel 'n eienaam, waarvan die vreemde spelling volgens die spelreëls soms ter wille van tradisie behou word.

Die woordelysgedeelte, wat met vier bladsye meer as dié in die AWS<sup>1</sup> en AWS<sup>2</sup> nou tweehonderd bladsye beslaan, volg dieselfde uitleg as wat by die vorige woordelys gegeld het (sien 4.5.2.1). Aangesien die Taalkommissie net dié woorde probeer opneem het wat een of ander spelprobleem oplewer, is heelwat oorbodige vreemde woorde van die lys geskrap, terwyl heelwat gebruiklike woorde bygevoeg is. 'n Klas gebruiklike woorde waarvan die Kommissie egter baie meer lemmas sou wou opneem, is tegniese terme, maar dit kon "om verskillende redes" (wat nie genoem word nie) nie gedoen word

nie. Volgens die Taalkommissie het hulle by die keuse van 'n bepaalde vorm voortdurend daarna gestreef om die algemeenste uitspraak te kies, en daar waar dit om een of ander rede nie kon nie, dié vorm te kies wat hulle om historiese of praktiese redes as die beste beskou het. (Bosman, et al., 1921: iv) Hoe hulle dié “algemeenste uitspraak” bepaal het, is soos in die vorige uitgawe egter nie duidelik nie. Dit is ook nie duidelik hoekom die algemeenste vorm van 'n woord onder sekere omstandighede nié opgeneem sou kon word en wat hierdie “historiese” of “praktiese” redes behels wat in sommige gevalle die deurslag sou gee vir opname in die woordelys nie. Rekenskap van hoe die (baie beperkte) Taalkommissie bepaal het watter woorde tot die standaardleksikon van Afrikaans behoort, ontbreek dus steeds en plaas 'n vraagteken oor die woordelys ten opsigte van die verteenwoordigendheid van die totale Afrikaanse spraakgemeenskap.

Die wegbeweging van die sterk Nederlandse invloed is ook in die woordelys te bespeur. Die volgende lemmas is byvoorbeeld uit die woordelys geskrap: *air*, *auto*, *bigot*, *bonnet*, woorde met *door-*, *edukasie*, *eksepsie*, *ekstersisie*, *eksplikasie*, *fabuleus*, *gong*, *inaugureer*, *leeuwin*, *relaksasie* en *tutoyeer*. Baie van die woorde wat 'n meer Nederlandse vorm gehad het, is ook in ooreenstemming met die veranderde spelreëls 'n meer verafrikaanste vorm in ooreenstemming met die Afrikaanse uitspraak gegee. In woorde soos *enwelop*, *ewentueel* en *privilegie* is die *v* byvoorbeeld deur 'n *w* vervang. Ander spelveranderinge in ooreenstemming met die Afrikaanse uitspraak sluit in *gevanklik* (was *gevankelik*), *goewerment* (was *goevernement*), *kampanjie* (was *kampanje*), *moestas* (was *moustache*) en *plousiebel* (was *plausibel*). Tog is die invloed van Nederlands op die Afrikaanse ortografie steeds duidelik merkbaar in hierdie uitgawe. Na aanleiding van sommige mense se ongelukkigheid oor die insluiting van Engelse woorde in die vorige twee uitgawes, is daar heelwat van hierdie lemmas uit die woordelys geskrap, byvoorbeeld *auntie*, *bowl*, *boycot*, *brekfis*, *fancy-fair*, *goen*, *handicap*, maar *hensop* is opgeneem. Hierdeur is baie ingeburgerde Engelse leenwoorde uit die Afrikaanse ortografie geweer. Dit het egter nie die Taalkommissie verhoed om weer ander woorde van Engelse invloed op te neem nie, byvoorbeeld *sikspens* en *tydtafel*. Maar in vergelyking met die opname van Nederlandse leenwoorde, het die opname van hierdie enkele paar Engelse leenwoorde nie die invloed van Engels op Afrikaans na behore in die Afrikaanse standaardortografie weerspieël nie; om nie eens te praat van die gebrek aan woorde uit ander variëteite van Afrikaans en die inheemse Bantoetale van Suid-Afrika in die woordelys nie. Enkele voorbeelde in hierdie verband sluit in *ghuma* en *indaba*.

Teen 1921 het die behoefte aan leiding ten opsigte van die Afrikaanse spelling tot só 'n mate toegeneem dat 'n oplaag van tienduisend eksemplare van die AWS<sup>3</sup> gedruk is (Kapp, 2009: 111). Alhoewel die fut waarmee die storm om die 1920-spelreëlwysigings aangedryf is teen die verskyning van die AWS<sup>3</sup> heelwat getaan het, het hierdie uitgawe ook nie aan kritiek ontbreek het nie. Kritiek teen

die AWS<sup>3</sup> was veral gemik op foute en gebreke wat in die werk voorkom. Dit sluit in heelwat vergissings (bv. *baljuus* i.p.v. *balju's*, vgl. *indiwidu's*; *viewiseksie* i.p.v. *viwiseksie*), verskeie drukfoute (bv. *Babilonese* i.p.v. *Babiloniese*, *aksetueer* i.p.v. *aksentueer*), onverklaarbare onreëlmatighede (bv. *broeimasjien* of *broeimasien* naas die een vorm *masien*), en daar is op onverstaanbare wyse rondgespring met die verdubbeling van konsonante (*akkomodasie* met een *m*, *appeleer* met een *l*, *parafien* met een *f*, *tarentaal* met een *r*, maar *pappegaai* met twee *p*'s en *bakketel* met twee *k*'s) (Smith, 1921: 126). Grosskopf (1923: 9) het gemeen dat die AWS<sup>3</sup> so van onreëlmatighede wemel dat dit lyk na 'n reeks "konsekwente inkonsekwensies", en daarom was dit nie so maklik vir taalgebruikers om die AWS<sup>3</sup> te gebruik nie. Dit was skynbaar so erg dat die redaksie van *Die Huisgenoot*, alhoewel hulle die Akademiespelling gevolg het, hulle die reg voorbehou het "om nie mee te doen aan die vergissings, drukfoute en inkonsekwensies van die Woordelys nie" (Smith, loc. cit.); en dit terwyl die redakteur van *Die Huisgenoot*, J.J. Smith, een van die samestellers van die AWS<sup>3</sup> was! Juis as gevolg van hierdie foute en gebreke, is daar beslis 'n volgende uitgawe van die *Afrikaanse woordelys en spelreëls* verwag (Smith, loc. cit.). Tog was daar diegene wat gemeen het dat die taak van die onderwyser en leerder grootliks vergemaklik is met die nuwe spelling (Malherbe, 1920: 6) en dat die spelprobleme wat in 1920 ondervind is tot 'n groot mate uit die weg geruim is deur die verskyning van die AWS<sup>3</sup> ("Taalaangeleenthede", 1921: 147).

In sy openingsrede op die Akademie se jaarvergadering van 1922, het J.D. du Toit (Totius) na aanleiding van die ontevredenheid oor die spelreëlwysigings van 1920 teen 'n stryd tussen Noord en Suid gewaarsku. Min het hy egter geweet presies hoe profeties hierdie woorde van hom was en dat dit maar die begin was van 'n baie feller stryd wat tussen 1926 en 1933 op spelgebied sou woed. In die Noorde was die sterk stemme dié van die Taalkommissiemanne D.F. Malherbe, T.H. le Roux en S.P.E. Boshoff en in die Suide is die ortografiese speelveld deur J.J. Smith, ook 'n Taalkommissielid, oorheers. (Kapp, 2009: 112, 114) Die onenigheid op spelgebied was dus nie alleenlik tussen Noord en Suid nie, maar het ook binne Taalkommissie- en Akademiegeledere geheers. Hierdie onenigheid het veral gewentel rondom verskeie spelreëlveranderinge wat voorgestel is. En omdat "die volksiel maar altyd konserwatief is, en hom altyd verset teen verandering", aldus Hattingh (1927: 3), het hierdie voorstelle telkens heftige reaksie ontlok.

Ten spyte van die ontevredenheid oor die 1920-spelreëlwysigings was die AWS<sup>3</sup> binne drie jaar uitverkoop en het die Taalkommissie in 1926 begin om die spelling van Afrikaans te verander en te verbeter ter voorbereiding van 'n nuwe hersiene uitgawe van die AWS ("Alweer 'n verandering?", 1926: 4; Boshoff, et al., 1931: iii). Van 28 tot 29 September 1926 hou die Taalkommissie van die Akademie 'n vergadering in Pretoria ten einde die "lywige memoranda [...] insake spellingverandering"

te bespreek wat uit verskeie oorde aan die Kommissie gestuur is (Malherbe, 1926: 105). Een van hierdie memoranda met veranderingsvoorstelle oor die Afrikaanse ortografie is deur die Hoofbestuur van die Suid-Afrikaanse Onderwysersunie (SAOU) aan die Kaap ingestuur. Hierdie voorstelle van die SAOU het gespruit uit 'n brief wat deur J.J. Smith aan die Hoofbestuur van die SAOU op 23 Junie 1926 gestuur is waarin hy die SAOU versoek om hulle mening oor sekere spelreëlveranderinge uit te spreek, asook uit die probleme wat onderwysers daaglik as gevolg van die bestaande spelling ondervind. Gegewe die naderende verskyning van die *Woordeboek van die Afrikaanse Taal* waardeur die Afrikaanse ortografie bestendig sou word, was die tyd volgens die SAOU ryp om vir oulaas nog 'n paar van die belangrikste spelprobleme onder die Taalkommissie se aandag te bring. Die SAOU se voorstelle het behels dat *ei* oral vervang word deur *y* en *v* oral vervang word deur *f* waar dit as [f] uitgespreek word, behalwe in eiename, en dat *d* en *b* as slotkonsonante deur *t* en *p* vervang word, sodat daar eerder *fersoek* geskryf word as *versoek*, eerder *fan fryhyt* as *van vryheid*, asook *faderlant*, *rip*, ensovoorts. (“Alweer 'n verandering?”, 1926: 4; Bosman, 1926a: 3; Malherbe, 1926: 108-109; “Nuwe spellingvoorstelle”, 1926: 4; Steyn, 1987: 209) Die SAOU was dus ten gunste van 'n meer fonetiese spelling soos dié van S.J. du Toit (sien 4.2.2.2).

Aangesien dit geblyk het dat hierdie spelwysigings as wenslik beskou is deurdat die sekretaris van die Nasionale Pers en die redakteur van *Die Huisgenoot* hierdie wysigings met die oog op die praktyk toegejuig het en die versekering gegee het dat hulle hulle daarvoor sou beywer, het die Taalkommissie die voorgestelde spelveranderinge baie simpatiek ontvang. Aangesien die Taalkommissie gevoel het dat alle voorstelle wat hulle van die publiek ontvang het nie sommer voor die voet afgekeur kon word nie, het hulle besluit om in soverre die betrokke voorstelle volgens hulle mening aanneemlik was, 'n verslag daaroor op te stel of om dit te laat oorstaan vir insluiting by die samestelling van 'n nuwe AWS. Wat ingrypende veranderinge betref, veral wat betref die voorstelle van die SAOU, het die Kommissie besluit dat dit raadsaam sou wees om eers die Afrikaanssprekende publiek se mening daaroor te toets, ten einde hulleself teen beskuldigings van 'n “diktatoriese handelswyse” te verweer. (“Alweer 'n verandering?”, 1926: 4; Bosman, 1926a: 3; Malherbe, 1926: 108)

Nog voordat die Taalkommissie egter hulle verslag oor die voorgestelde ortografiese veranderinge bekend kon maak, het daar in *Ons Vaderland* van 1 Oktober 1926 'n artikel deur J.J. le Roux verskyn waarin hy sy ontevredenheid oor die Afrikaanse ortografie uitspreek. J.J. le Roux (1926: 12) het gemeen dat daar heelwat in die ortografiese sisteem af te keur was en dat daar baie spelreëls was wat hom nie bevredig het nie vanweë die ortografiese beginsels waarop dit gebaseer is. Sy beswaar was veral daarop gemik dat die spelreëls nie op fonetiese beginsels berus het nie, maar dat die Vereenvoudigde Nederlandse Spelling as uitgangspunt geneem is. Syns insiens moes die Afrikaanse

spelling meer foneties van aard wees deurdat daar meer op die Afrikaanse uitspraak gefokus word in plaas daarvan om die Nederlandse vorm na te volg. (Le Roux, loc. cit.) Hierna het Le Roux (loc. cit.), wat van mening was dat daar op die Patriotspelling van S.J. du Toit gesteun moes word, sewe “van die mees dringende hervorminge” voorgestel wat syns insiens in die Afrikaanse ortografie aangebring moes word. Van Le Roux (loc. cit.) se voorstelle, wat baie met dié van die SAOU in die Kaap ooreengestem het, het hoofsaaklik behels dat Afrikaanse woorde meer in ooreenkoms met hulle uitspraak gespel moes word, byvoorbeeld *kinners*, *ammal*, *boeintjie*, *ingkomste*, *remoer*, *toetaal* en *berghe*. Ander vereenvoudigingsvoorstelle wat deur hom gemaak is, sluit in om die *e*, *é* en *ê* te gebruik om die verskillende maniere waarop *e* uitgespreek word, aan te dui, waar *e* gebruik word om die schwa [ə] aan te dui (bv. *venneg*, teenoor *vinnig*), *é* die [e]-klank in ’n geslote lettergreep verteenwoordig (bv. *mét*, teenoor *meet*), en *ê* die [ɛ]-klank voorstel (bv. *mêt*, teenoor *met*). Net so stel hy voor dat *i* alleenlik gebruik word om die [i]-klank aan te dui (bv. *rimpi*, teenoor *riempie*) en *ie* alleenlik gebruik word om die [i:]-klank aan te dui (bv. *bier*). (Le Roux, loc. cit.) In sy artikel het Le Roux (loc. cit.) te kenne gegee dat die Afrikaanse spelling ’n “gevaarlike onderwerp [is] om aan te roer” aangesien die gemoedere maklik daarvoor “in vuur en vlam” raak. En dit is presies die reaksie wat hierdie fonetiese spelhervormingsvoorstelle van J.J. le Roux en die SAOU ontlok het.

Die grootste besware teen die voorgestelde spelveranderinge was nie teen die veranderinge as sodanig nie, maar dat dit weereens onmin op taalgebied veroorsaak het en dat dit ontwikkeling op spelgebied stuit deurdat daar te dikwels ’n omwerking van die spelbeginsels is. Daarom is ’n rustyd op taalgebied bepleit in weerwil van “’n nuwe wysigingsgolf [wat] dreig om die klare waters te vertroebel”. ’n Groot besorgdheid was die koste verbonde aan nog ’n spelreëlverandering, gegewe die reeds bestaande skoolboeke en letterkundige werke wat herdruk sou moes word en naam- en uithangborde wat verander sou moes word ten einde aan die nuwe ortografiese vereistes te voldoen. (“Alweer ’n verandering?”, 1926: 4; La Grange Lombard, 1927a: 1; 1927b: 3; 1927c: 4; 1927d: 5; Schonken, 1926: 9) Daar is ook gemeen dat ’n spelreëlverandering op dié spesifieke tydstip die ontwikkeling van Afrikaans sou belemmer en verwarring by die sprekers sou veroorsaak (“Alweer ’n verandering?”, loc. cit.). Schonken (loc. cit.) het gemeen dat Nederlands as voedingsbron vir Afrikaans met hierdie radikale ortografiese veranderinge verwerp word en dat Afrikaans sodoende geïsoleer en verwyder word van die wêreld se wetenskapstale wat die verswakking van Afrikaans se weerstandsvermoë teen Engels as konkurrerende wêreldtaal tot gevolg sou hê en Afrikaanssprekendes die bespotting van Engelssprekende Suid-Afrikaners op die hals sou haal. Daar is gevrees dat die Afrikaanssprekende publiek nie ontvanklik sou wees vir hierdie spelveranderinge nie, maar dat dit “die ou mense so lekker *fies* sal maak dat die langste *f* nog te kort sal skiet om hulle *fiese* gemoedstoestand uit te druk” en dat dit sou veroorsaak dat hulle nie die Afrikaanse Bybel wil aanvaar nie en

baie mense selfs hulle rug op Afrikaans sou draai (“Alweer ’n verandering?”, loc. cit.; Schonken, loc.cit.) Presies hoe emosioneel hierdie besware dikwels geraak het, kan gesien word in die volgende uitspraak:

Daar die taal van ’n volk die wese van sy hele voortbestaan as selfstandige volk raak, is dit ’n kwessie wat nie slegs van ’n akademiese belang is nie, dit is ook nie ’n saak wat die taalgeleerdes alleen aangaan nie, maar dit is ’n beweging wat die gemoeds- en praktiese lewe van die ganse Afrikanervolk so intiem raak, dat ons dit nodig ag om die een en ander daaroor te sê. (“Alweer ’n verandering?”, 1926: 4)

Dit was maar egter nog net die begin van ’n baie indringender bespreking van dié ortografiese veranderinge in die pers.

In die tweede uitgawe van die *Tydskrif vir wetenskap en kuns* van 1926 het die Taalkommissie hulle verslag oor die vergadering rakende die ortografiese veranderinge wat van 28 tot 29 September gehou is, bekend gemaak. Die verslag is in twee groepe verdeel: A, wat spesifieke wysigings bevat wat betrekking het op die *Afrikaanse woordelys en spelreëls* van 1921; B, wat voorstelle bevat wat die Kommissie eers vir wyer bespreking onder die aandag van die publiek wou bring, waarvan twee deur die Kommissie self ingedien is, en die ander drie deur die Hoofbestuur van die SAOU van die Kaap-provinsie ingestuur is. Die twee spelreëlwysigings van die Taalkommissie het behels dat beide die vorme *-lik* en *-elik* toegelaat sou word, byvoorbeeld *duidelik* én *duidlik* en dat die reël rakende die verdubbeling van konsonante konsekwent deurgevoer sou word, sodat vorme soos *asosiasie*, *bobejaan*, *klasiek*, *komissie*, *papegaai* en *alenig* nou erkenning sou geniet. Die Taalkommissie het ook besluit om in ’n volgende uitgawe van die *AWS* weer meer wisselvorme te erken, alhoewel baie wisselvorme in reaksie op versoeke van verskeie kante by die voorbereiding van die *AWS*<sup>3</sup> geskrap is, aangesien die ontwikkeling van ’n jong taal soos Afrikaans volgens hulle nie onnodig aan bande gelê moes word nie. Daarom het hulle ook die wens uitgespreek om in ’n toekomstige uitgawe van die *AWS* die woordelys veral op die gebied van tegniese terminologie uit te brei. (Malherbe, 1926: 105-109) Hierdie verslag van die Taalkommissie is hierna ook in verskeie koerante gepubliseer ter insae van die Afrikaanssprekende publiek (vgl. “Nuwe spellingvoorstelle”, 1926: 4; “Spellingverandering van Afrikaans”, 1926: 4; “Die nuwe spellingvoorstelle”, 1927: 5).

Die Taalkommissie wou veral ten opsigte van afdeling B die spelvoorstelle “vir vrye bespreking onder die aandag van die publiek [...] bring” (Malherbe, 1926: 108). Hierdie wens van die Kommissie is reeds op 19 November 1926 in ’n brief aan die redaksie van *Die Burger*<sup>29</sup> deur die Taalkommissielid, D.B.

---

<sup>29</sup> Van 1915 tot 1921 bekend as *De Burger*.



Bosman, oorgedra, waarin hy meld dat die Kommissie die volksmening wil toets om te sien of hulle nie met die verskyning van die volgende AWS minder konserwatief behoort te wees nie (Bosman, 1926b: 9). Die publiek het die Taalkommissie se demokratiese houding om eers die publiek oor die spelvoorstelle te raadpleeg en die publieke mening daarvoor te toets, waarderend aanvaar (“Alweer ’n verandering?”, 1926: 4). Hierna het verskeie reaksies op die nuwe spelvoorstelle gevolg. “Ek is nou nie juis ’n taalgeleerde nie, maar ek wil darem my stem laat hoor of liever my beskouing rugbaar maak”, is ’n sentiment wat deur baie Afrikaanssprekendes gedeel is (Boshoff, 1926: 3).<sup>30</sup>

Uit die reaksies wat op die voorgestelde ortografiese veranderinge gevolg het, is dit duidelik dat daar steeds ’n taalstryd tussen die voorstanders van Nederlands en die voorstanders van Afrikaans bestaan het, aangesien die onderskeie artikels en briewe wat daarvoor in die pers verskyn het dit veral gehad het oor die insluiting van Nederlands, al dan nie, by die Afrikaanse standaard. Die pro-Nederlandses, deur wie se gemoedere “’n sug van verligting gegaan [het], toe die Akademiebesluit bekend word van ongeveer ’n jaar gelede, om die spelling van Afrikaans meer in ooreenstemming te bring met die van Hollands”, was nou opnuut in opstand oor die getorring aan die spelreëls wat “veels te diep in die Hollandse Taalgebou inkap” (La Grange Lombard, 1927a: 1; 1927b: 3; 1927c: 4; 1927d: 5; “Rewolusionêre spellingverandering”, 1927: 6). Redes wat aangevoer is waarom die spelling van Afrikaans nie van Nederlands moes afwyk nie, is dat die Afrikaanse spelling toenemend ingewikkelder gemaak is deur “gesogte, kunsmatige eenvoudigheid” sodat slegs diegene wat daagliks met die Afrikaanse spelling te doen gehad het, soos onderwysers en joernaliste, dit korrek kon skryf (La Grange Lombard, loc. cit.). Dit was die enigste manier om eenvormigheid in die spelling te verkry en nie Afrikaanssprekendes van die Nederlandse, en tot ’n mate ook die Duitse, letterkunde te vervreem nie, aldus La Grange Lombard (loc. cit.). In werklikheid was die teenoorgestelde egter waar. Die Afrikaanse ortografie is in ’n poging om die status van Afrikaans deur Nederlands te verhoog, kunsmatig aan Nederlands gebind deur nie te ver van die Nederlandse skrifbeeld af te wyk nie. In die proses is die Afrikaanse ortografiese vir veral kinders en jongmense, wat nooit Nederlands op skool geleer het nie, bemoeilik. Maar dit was duidelik dat die voorstanders van Nederlands nog sterk oor die behoud van Nederlands as voedingsbron vir Afrikaans gevoel het.

Preller (1926: 4) het gemeen dat die taalentoesiaste Afrikaans by wyse van spreke voor sy tyd ryp gedruk het deur die taal van die Nederlandse band los te maak en die taal daardeur as ’t ware gekneus

---

<sup>30</sup> Alhoewel die Taalkommissie die voorgestelde ortografiese veranderinge oopgestel het vir kommentaar deur die publiek, was daar in 1928 weer ongelukkigheid omdat daar geen openbare gedagtewisseling was oor die minder sensasionele spelvoorstelle in deel A van die Taalkommissie se verslag nie, aangesien dit deur die voorstelle in deel B oorheers is. Sodoende is die voorstelle in deel A onbetwis goedgekeur op die Akademie se jaarvergadering van 24 September 1927. (sien “Spelling-agonie”, 1928: 6)

het totdat dit bederf het. Hy het die Taalkommissie verder daarvan beskuldig dat hulle geen aandag gee aan die ontwikkeling van Afrikaans in 'n meer behoudende sin onder die invloed van Nederlands in Transvaal nie, maar dat almal nou meestal Afrikaans moes skryf soos dit in die Kaapprovinsie gepraat word, deurdat die “platste” vorm van 'n woord dikwels as die “eg Afrikaanse” vorm gekies is terwyl enige ander vorm bloot as Nederlands afgemaak is, “en as sodanig uit die Bose” (Preller, loc. cit.). “Maar wat daar op die wyse met soveel moeite en koste vasgelê word is tog g'n suiwere beeld van ons taal nie, is nie in belang van die gesonder ontwikkeling van die taal nie”, aldus Preller (loc. cit.). Weereens het lesers dikwels baie emosioneel op die voorgestelde spelwysigings gereageer ten einde daardeur hulle sterk afkeer van 'n verdere getorring aan die Afrikaanse taal en spelling te toon. So het ene “Stellenbosser” in 'n brief in *Ons Vaderland* van 8 Februarie 1927 gemeen dat die meer Nederlandse spelling “die normale logiese gesonde en tradisionele spelling” is (“Rewolusionêre spellingverandering”, 1927: 6). “Kaapse vader en onderwyser” (“Rewolusionêre spellinghervorming”, 1927: 11) het weer nie daarvan gehou “dat daar gelol word met dinge waaraan [hy] nou eenmaal gewend is nie!” Watter groot deel iets soos die Afrikaanse ortografie van die Afrikaner se geestesgoedere uitgemaak het, kan gesien word daarin dat die stryd om die spelveranderinge selfs in die mondstuk van die Nederduits Gereformeerde Kerk, *De Kerkbode*, bespreek is. Die NG Kerk, wat van die begin van die standaardisering van die Afrikaanse ortografie maar traag was om Afrikaans met Nederlands te vervang, was van mening dat die voorgestelde wysigings nie aangemoedig moes word nie en het hulle ten gunste daarvan uitgespreek om die Afrikaanse taal “so na as moontlik aan die Nederlands te hou sodat die twee tale nie van mekaar vervreemd word nie” (“Afrikaanse spelling”, 1927: 474).

Die redenasie dat tussen twee verskillende vorme die meer Nederlandse vorm gekies moet word, was volgens 'n Taalkommisielid, T.H. le Roux (1926: 268), egter verkeerd, aangesien dit in die ortografie daarom gaan om die algemeenste taalvorm te verteenwoordig. Om 'n gebruikelike vorm deur 'n ander, minder gebruikelike vorm te vervang bloot omdat dit meer met Nederlands ooreenstem, was syns insiens dus onsinnig (Le Roux, loc. cit.). In die anti-Nederlandse kamp was Hattingh (1927: 3) enersyds van mening dat suiwer Nederlandse woorde en uitdrukkings slegs in Afrikaans erken moes word vir soverre dit nog in die spreek- en skryftaal gebruik is, anders nie. Andersyds het hy gemeen dat Engelse woorde en uitdrukkings wat algemeen gebruik word reeds deel van Afrikaans vorm en daarom erken moes word, byvoorbeeld *jentleman*, *pettrel*, *skrum* en *spaaider*, waaraan daar syns insiens so 'n groot behoefte bestaan het dat dit nie uitgesluit kon word nie (Hattingh, loc. cit.). Ook Boshoff (1926: 3), wat spesifieke voorstelle ten opsigte van die spelling gemaak het, het gemeen dat daar heeltemal radikaal ten opsigte van die vereenvoudiging te werk gegaan moes word.

Maar waarom het hierdie spelvoorstelle so 'n hewige reaksie tot gevolg gehad? Die dringendheid om die bespreking van die voorgestelde ortografiese wysigings het veral toegeneem met die oog op die naderende verskyning van die Afrikaanse Bybelvertaling (1933). Baie mense, insluitend die Taalkommissie, het die vrees gekoester dat die Afrikaanse spelling vir 'n hele paar dekades, of selfs nooit weer, verander sou kon word as die Afrikaanse Bybelvertaling eers verskyn het nie. Die *Woordeboek van die Afrikaanse Taal* wat na hulle verwagting binnekort sou verskyn, is ook beskou as 'n belangrike waterskeiding vir die vaslegging van die Afrikaanse spelling wat betref moontlike ingrypende spelreël-wysigings in die toekoms. (“Alweer 'n verandering?”, 1926: 4; Boshoff, 1926: 3; Malherbe, 1926: 108) Daarom was die algemene gevoel: “As daar dus verandering moet kom, laat dit gou wees” (Hattingh, 1927: 3).

In reaksie op al die ongelukkigheid rondom die spelwysigings wat deur die Suid-Afrikaanse Onderwysersunie voorgestel is, het die Unie aan die einde van 1926 'n kongres in Mosselbaai gehou. Op die kongres is dit betreur dat die SAOU se voorstelle “die oorsaak was van soveel persoonlike haatlikhede in die pers” en dat die SAOU se naam en aansien daardeur skade berokken is. Daar is toe tot die besluit gekom dat daar eerder van die ingrypende ortografiese veranderinge, soos vervat in die B-deel van die Taalkommissie se verslag, afgesien moes word sodat daar eerder gefokus kon word op die verbetering van duidelike vergissings en inkonsekwensies in die AWS<sup>3</sup>. Hiermee het die SAOU amptelik hulle spelvoorstelle teruggetrek. (Preller, 1926: 4; “Nuwe spellingvoorstelle”, 1926: 4). Hierdie voorstel het dus misluk vanweë die feit dat daar “met soveel krag” daarteen geprotesteer is (“Afrikaanse spelling”, 1927: 474) Dit is tog te betreur dat die Taalkommissie nie meer beslissend in hierdie verband opgetree het nie, veral vanweë die duidelike behoefte aan 'n meer fonetiese ortografie deur 'n groot deel van die spraakgemeenskap, in besonder in die onderwys.

Maar nog was dit nie die einde van die ortografiese saga nie. In die Noorde het nog 'n poging tot die hervorming van die Afrikaanse skryftaal in die rigting van Nederlands kop uitgesteek. Hierdie hervormingspoging is aangedryf deur Gustav S. Preller en ander Transvaalse joernaliste en skrywers wat gevrees het dat Afrikaans al hoe meer aan 't verengels was vanweë die feit dat die Afrikaanse spelling nog nie vas was nie en dat Afrikaanssprekendes se kennis van Nederlands sterk aan die afneem was. (Steyn, 1987: 209) Preller (in Steyn, 1987: 210) het die Transvalers se kommer soos volg verwoord:

Ons taal word deurtrek van Engels net soos 'n goue ring deur die kwiksilwer, sodat dit bros en nikswêrd word nie. As ons g'n Hollands leer nie, dan verloor ons binne enkele jare die vermoë om te sê wat ons taal-eige is en wat vreemd is, - nie in woordekeuse alleen nie, maar veral in die sinsbou, woordvorming en idioom.

en die volgende oplossing gebied:

Die regte, ja die enigste manier om daarteen te stry, is om die geskrewe beeld van onse taal nie meer so na as moelik aan die spreektaal te bring nie, maar so na as moelik aan die stamtaal, aan die klassieke Nederlands.

Dit was juis hierdie invloed van die Nederlandse element wat volgens Preller (in Steyn, 1987: 211) die taal van die Transvalers “behoed het teen die ontaarding wat ’t elders ondergaan het”. In hulle voorstelle vir die hervorming van die Afrikaanse ortografie het Preller en ander meermale die “hoogmogende here Spelling-indoena’s” daarvan beskuldig dat hulle nooit aandag bestee het aan die meer behoudende vorm van Afrikaans wat onder die invloed van Nederlands in Transvaal ontwikkel het nie, maar dat hulle slegs op die taalgebruik van daardie deel van die Afrikaanssprekende gemeenskap gefokus het wat uit die Kaapprovinsie afkomstig is (Preller, 1926: 4; sien ook Steyn, 1987: 211). Ander voorstanders van ’n groter Nederlandse invloed op die Afrikaanse ortografie het ook hulle stemme by dié van Preller gevoeg:

Ons sukkel hier in die Noorde nog baie oor allerlei radikale vorme van die bestaande spelling en partikularisme ten opsigte van Nederlands. Ons ontwikkeling is enigsins anders gewees as in die Suide van die Unie, en gehoop word dat die Akademie aandag sal gee aan hierdie tothiertoe verwaarloosde aansig van die taalkwessie. (“Hersien spelling van Afrikaans”, 1928: 7)

Na die raadsvergadering van die Akademie wat aan die einde van Junie 1927 in Bloemfontein gehou is, het Preller en ’n paar ander Transvaalse joernaliste en skrywers begin om propaganda te maak vir hulle poging om die Afrikaanse ortografie ’n meer Nederlandse karakter te gee (Steyn, 1987: 211). Op 26 Augustus 1927 begin *Ons Vaderland*, die koerant waarvan Preller eienaar en redakteur was, met ’n artikelreeks getiteld “Afrikaans by die kruispad”, opgestel deur “’n skrywer van Afrikaans”, wat later geblyk het Eugène Marais, ’n hegte vriend van Preller, te wees (Steyn, 1987: 211; Marais, 2010). Reeds in die eerste bydrae is daar geagiteer vir die instandhouding van die “onvolmaakt verledene tyd” of die imperfektum in die Afrikaanse skryftaal (Steyn, 1987: 212). Die imperfektum was ook een van die kwessies wat sowat ’n maand later op die algemene jaarvergadering van die Akademie in Pretoria ter sprake gekom het (Steyn, 1987: 215). Na indringende bespreking van dié saak het F.S. Malan voorgestel dat drie lede aan die Taalkommissie toegevoeg moes word ten einde aanbevelings aan die Akademie te doen oor aspekte van die Afrikaanse ortografie waarvoor daar nog onsekerheid bestaan het, “of waar dit ’n kwessie is van suiwering van ongewenste elemente” (“Hersien spelling van Afrikaans”, loc. cit.; Steyn, 1987: 216). Hierdie voorstel is met ’n meerderheidstem aangeneem, waarna Preller, S.P. Engelbrecht en J. van Bruggen as lede van dié kommissie aangewys is. Na verskeie vergaderings het Preller, Engelbrecht en Van Bruggen egter ’n afsonderlike verslag opgestel en dit aan die Akademieraad gestuur. Hierdie lywige verslag kom hoofsaaklik neer op ’n strewe na groter vryheid ten opsigte van wisselvorme in Afrikaans en nouer aansluiting by Nederlandse taalvorme. Vir

Preller, Engelbrecht en Van Bruggen “bestaan daar nie Nederlandismes nie, want dit is vir ons ewe goed Afrikaans”, daarom wou hulle so “dig moelik” by die VNS aansluit. ’n Hele paar ingrypende aanbevelings is ten opsigte van die Afrikaanse ortografie gemaak, onder andere die herinvoer van die imperfektum, refleksief (bv. *sig*), intervokaliëse verbuiging van adjektiewe en vervoeging van die werkwoord, die uitskakeling van wisselvorme en anglisismes, en die gebruik van die woorde *na* en *naar* in verskillende semantiese kontekste. Daar is ook aandag gewy aan basterwoorde en die Afrikaanse Bybelvertaling. (“Hersien spelling van Afrikaans”, loc. cit.; “Spelling-verandering in Afr.”, 1928: 7; Steyn, 1987: 217)

Die Taalkommissie het op hulle beurt vir D.B. Bosman en E.C. Pienaar aangestel om hierdie verslag na te gaan en hulle opmerkings daarop op te stel. Hoewel Bosman en Pienaar dit met Preller-hulle eens was dat groter vryheid binne die bestaande spelreëls gewens sou wees, was hulle gekant teen die oormatige vernederlandsing van Afrikaans soos voorgestel deur die Prellerkommissie. Die behoud van vreemde woorde se vreemde spelvorme en selfs die imperfektum van hulpwerkwoorde wat nog vry in Afrikaans gebruik is, was vir die Taalkommissie toelaatbaar, maar hulle was “oortuig daarvan dat die volledige ‘herstelling’ van die imperfektum in Afrikaans om taalwetenskaplike redes onmoontlik is” en dat “[d]ie *Afrikaans*-denkende Afrikaner [...] aan sulke vorme soos *at*, *kwam*, *liep*, ens. geen behoefte [het] nie”. Die Prellerverslag en die Taalkommissie se kommentaar daarop het op die Akademie se jaarvergadering van 28 September 1928 ter sprake gekom. (“Spellingverandering in Afr.”, 1928: 7; Steyn, 1987: 219) Die Akademiesraad het egter geweier om die Prellerverslag te laat druk en daarom kon die oorspronklike verslag nie as substantiewe voorstel voor die algemene jaarvergadering dien nie. Met hierdie Akademiesbesluit is Preller-hulle se hervormingsplanne gestuit. (Steyn, 1987: 220) Anders as wat die geval ten opsigte van die SAOU se vereenvoudigingsvoorstelle was, het die Taalkommissie hierdie keer wel beslissend opgetree en daardeur die grootskaalse vernederlandsing van Afrikaans, wat myns insiens ’n terugwaartse stap in die standaardisering van die ortografie sou wees, gekeer.

Net toe dit lyk asof die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns die twis oor die Afrikaanse ortografie in die kiem gesmoor het, steek daar in 1930 hernude ontevredenheid en stryd op ortografiese gebied kop uit. Sedert einde Julie 1930 het daar omtrent daaglik een of meer artikels of briewe in verband met die Afrikaanse ortografie in die pers verskyn. Hierdie stryd het gedraai om die Taalkommissie enersyds, en J.J. Smith andersyds, op daardie stadium die samesteller van die *Woordeboek van die Afrikaanse Taal (WAT)*. (Bosman, 1959: 120) Kapp (2009: 121) meen dat die saadjie vir die botsing tussen die Taalkommissie en Smith reeds met die verskyning van die eerste uitgawe van die *Afrikaanse woordelys en spelreëls* geplant is. Smith, wat in November 1917 een van

die eerste vyftig lede van die Akademie geword het, was reeds in 1917 ontevrede met die spelreëls. Die onmin het daaruit gespruit dat Smith se gedeelte van die manuskrip van die AWS verander is sonder om sy goedkeuring te vra. Hierdie situasie het hom tot 'n mindere mate by die verskyning van die 1921-AWS herhaal, waaraan Smith sonder enige entoesiasme meegewerk het. Hierdie gebeure het Smith se geesdrif vir verdere samewerking aan die AWS gedemp en teen 1926 het hy nie meer die vergaderings van die Taalkommissie bygewoon nie en ook nie sy verkiesing tot Raadslid aanvaar nie. Smith het hom uiteindelik in Februarie 1928 aan die Taalkommissie onttrek. (Gericke, 1991: 34-35; Kapp, 2009: 116; 121) Sedert die begin van sy samewerking met die Taalkommissie was Smith altyd 'n voorstander van die meer konserwatiewe of Nederlandse vorm waar daar 'n keuse tussen verskillende vorme van 'n woord bestaan het, aangesien hy van mening was dat 'n suiwer fonetiese spelvorm nie prakties haalbaar was nie. 'n Nieuwe verwantskap met Nederlands wat vir hom van groot kulturele belang vir Afrikaanssprekendes, soos dat dit die lees en studeer van Nederlands vir Afrikaanssprekendes sou vergemaklik sodat hulle Nederlandse hand- en studieboeke moeiteeloos kon gebruik. ("Geen nuwe spelling beoog nie", 1930: 11; "Prof. J.J. Smith oor fonetiese spelling", 1930: 1) Maar anders as met vorige spelbesware waar die voorstelle ten gunste van 'n meer Nederlandse spelling uit die Noorde met sy sterk Nederlandse invloed gekom het, het die reaksie in die rigting van 'n meer konserwatiewe rigting hierdie keer uit die Suide gekom ("Eindeloze spelling-verandering", 1930: 4).

Op Donderdag, 24 Julie 1930, verskyn daar 'n artikel in *Die Volksblad* waarin daar berig word dat 'n omsendbrief in verband met sekere wysigings aan die Afrikaanse ortografiese reëls, veral wat betref die spelling van vreemde woorde, deur die pas aangestelde hoofvertaler van die staat, J.D. Louw, aan die staatsdepartemente gestuur is. Die meeste van die reëls wat in die omsendbrief uiteengesit is en wat deur die Staatsdepartemente toegepas moes word, het ooreengestem met dié van die Taalkommissie, maar 'n paar van die reëls het op belangrike punte ooglopend radikaal, selfs lynreg, van die spelreëls soos vervat in die AWS<sup>3</sup> afgewyk, wat weer 'n storm op ortografiese gebied laat losbars het. ("Afrikaanse spelling", 1930: 759; "Konferensie van taalgeleerdes...", 1930: 7; "Ons spelling", 1930: 61; "Vierde Afrikaanse spellingstelsel", 1930: 7; "Voorgestelde verandering in ons spelling", 1930: 3, 7) Dit het egter gou aan die lig gekom dat hierdie reëls die gevolg was van J.D. Louw se oorlegpleging met J.J. Smith, hoofredakteur van die *WAT*, en dat die reëls op die spelling berus wat in die *WAT* gevolg sou word, wat tot 'n groot mate met die spelling van die AWS van die Taalkommissie sou afwyk. Die spelveranderinge het gespruit uit groot probleme wat Smith ondervind het tydens die saamstel van die *WAT* wat betref die spelling van vreemde woorde. Alhoewel hy aanvanklik probeer het om die Akademie se spelvoorskrifte te volg, het hy veral wat betref die spelling van vreemde woorde gevind dat die Akademie se voorskrifte in baie gevalle geen of onvoldoende leiding gee, dat die spel-

leiding wat wel gegee word in baie gevalle op verkeerde of twyfelagtige gronde berus het, dat die Taalkommissie in baie gevalle nie hulle eie reëls nagevolg het nie, dat die AWS baie drukfoute en vergissings bevat, en dat die Taalkommissie se standpunt oor spelling so dikwels verander het dat dit vir hom onmoontlik was om hulle voorskrifte blindelings na te volg. Hy kon daarom nie die groot-skaalse verafrikaansingsbeleid wat die Taalkommissie tot op daardie stadium gevolg het oral deurvoer nie. By raadpleging van vakgeleerdes het dit ook geblyk dat daar opposisie teen die verafrikaansing van internasionale vakterminologie was. Nadat Smith geen antwoord gekry het op 'n brief wat hy in Junie 1926 aan die Akademie gerig het waarin hy sy probleme uiteengesit het en 'n oproep op samewerking en voorligting gedoen het nie (iets wat later deur die Akademieraad betreur is), het hy dit sy plig geag om gebruik te maak van die onafhanklikheid wat deur die regering aan hom verleen is deur nie die "foutiewe of onsinnige spelvorme" in die *WAT* aan te gee wat deur die Taalkommissie gevolg is nie. Smith het besluit om van die vryheid gebruik te maak waarop daar ongeveer twee jaar tevore op die Akademiesitting besluit is, naamlik om vreemde woorde op 'n meer konserwatiewe wyse te spel. Hy het dus besluit om in die *WAT* nader aan die Vereenvoudigde Nederlandse Spelling te bly wat die spelling van vreemde woorde betref, aangesien dit na sy mening in belang van die kultuur was om die band met Nederlands in die Afrikaanse ortografie te bewaar. Waar verkeerde uitspraak moontlik was, het hy egter besluit om van die VNS af te wyk. ("Afrikaanse spelling", 1930: 759-760; "Eenheid in ons spelling", 1930: 6; "Geen nuwe spelling beoog nie", 1930: 11; "Konferensie van taalgeleerdes...", loc. cit.; "Prof. Smith en die Akademie", 1930: 6; "Prof. J.J. Smith oor fonetiese spelling", 1930: 1; Smith, 1930a: 2-3, 15; "Voorgestelde verandering in ons spelling", loc. cit.)

Aangesien hierdie spelveranderinge net van toepassing was op vreemde woorde, was Smith van mening dat Jan Alleman nie eens die veranderinge sou opmerk nie. Maar hierdie ortografiese veranderinge het allesbehalwe ongesiens verbygegaan. Smith se voorstelle het aanleiding gegee "tot 'n opskudding in ons dagbladpers wat amper kan gelykgestel word met die opskudding veroorsaak by die uitbreek van 'n groot oorlog of by die uitslag van 'n algemene parlementaire verkiesing" (Smith in "Geen nuwe spelling beoog nie", 1930: 11; "Prof. J.J. Smith oor fonetiese spelling", 1930: 1; "Voorgestelde verandering in ons spelling", 1930: 3, 7). In die koerante is daar heftig ten gunste van en teen die spelveranderinge gereageer. Dié ten gunste van die veranderinge sou later as die "radikale groep" bekend staan, terwyl diegene teen die veranderinge as die "behoudende groep" bekend gestaan het. ("Ons spelling", loc. cit.)

Die spelveranderinge van die staatsvertaler en Smith het onmiddellik "'n storm van verontwaardiging ontketen" ("Die nuwe woordelys", 1931: 6). Op 26 Julie 1930 verskyn 'n uitvoerige artikel in *Die Burger* waarin verskeie vooraanstaande persone op taalgebied hulle mening oor die hoofstaatsvertaler se

spelafwykings uitspreek, waarvan die meeste ernstige besware teen die voorgestelde spelveranderinge gehad het. Vanuit Taalkommissiegeleedere het T.H. le Roux, D.B. Bosman en D.F. Malherbe dit betreur dat J.D. Louw en J.J. Smith nie die Akademie in hulle hoedanigheid as enigste erkende outoriteit ten opsigte van die Afrikaanse ortografie geraadpleeg het voordat die veranderde spelling deur die *WAT* bestendig sou word nie, aangesien die Taalkommissie toe reeds twee jaar lank besig was om die spelling van vreemde woorde te bespreek en hulle beoog het om die *AWS*<sup>4</sup> met die nuwe spelling ten opsigte van vreemde woorde binne 'n paar maande op die rak te hê. Die staatsvertaler kon dan daarmee rekening hou dat die Taalkommissie ook meer konserwatief ten opsigte van die spelling van vreemde woorde opgetree het. (“Afrikaanse spelling”, 1930: 759; “Konferensie van taalgeleerdes...”, 1930: 7; “Nuwe spelling verwelkom”, 1930: 7; “Ons taalgeleerdes moet ooreenkom”, 1930: 7; “Voorgestelde verandering in ons spelling”, 1930: 3, 7) Smith en die Akademie was dus gelyktydig maar afsonderlik besig om veranderinge aan die Afrikaanse ortografie aan te bring, veral wat betref die spelling van vreemde woorde, in 'n meer konserwatiewe rigting. Tog het hulle benaderings genoegsaam verskil om 'n ongewenste botsing op ortografiese gebied te veroorsaak. (“n Geslaagde konferensie”, 1930: 6)

Selfs al het dit net gegaan om “klein praktiese verskille” wou die Afrikaanssprekende publiek nie opgeskeep wees met só 'n mate van onduidelikheid op spelgebied nie (“n Geslaagde konferensie”, 1930: 6). Afgesien van 'n paar ondergeskikte puntjies van beswaar, was die publiek “heeltelmal tevrede met die Akademie-spelling in sy hooftrekke [...] en was [hulle] onwillig om die gerieflike fonetiese stelsel te verruil vir 'n histories-etimologiese stelsel wat die praktiese behoeftes van die daaglikse praktyk wil opoffer aan die abstrak-logiese eise van 'n terugkeer na die oorspronklike tale”, aldus 'n artikel in *Die Volksblad* (“Die nuwe woordelys”, loc. cit.). Jordaan (“Onderwysers oor spelling”, 1930: 9) het dit as 'n groot ramp beskou indien die Bybel en *WAT* verskillende spellings sou hê. Nog 'n punt van kritiek wat hieruit voortgevloei het, was dat die publiek en veral ook uitgewers nie vroeër oor die beoogde ortografiese veranderinge ingelig is nie en dat alle boeke dadelik waardeloos sou wees indien die wysigings aanvaar sou word en baie finansiële verliese sodoende gelei sou word (“Eindlose spellingverandering”, 1930: 4; “Onderwysers oor spelling”, loc. cit.). Net so was D.F. du Toit Malherbe (1930a: 5; “Voorgestelde verandering in ons spelling”, 1930: 3), wat geen praktiese nut daarin gesien het om die spelling in ooreenstemming met Nederlands te verander nie, ontevrede oor die moontlikheid dat hy sy byna voltooide tegniese woordeboek tot niet sou moes maak indien die nuwe spelreëls ingevoer sou word. Bosman het verder gemeen dat die voorstel 'n terugwaartse stap vir die Afrikaanse ortografie was omdat dit byna in elke opsig met die bestaande ortografiese tradisie gebreek het wat met soveel moeite opgebou is. Daarom was hierdie veranderinge volgens Malherbe nie in die belang van die suksesvolle voortbestaan van Afrikaans nie en sou dit die prestige van Afrikaans ondermyn. C.F.



Visser en S.H. Pellissier het gemeen dit is “ondenkbaar en ongehoord” dat daar twee ortografiese sisteme langs mekaar bestaan, een vir die skole, koerante en letterkunde en een in die staatsdiens, terwyl M.C. Botha gewaarsku het dat die alewige verandering aan die ortografie die onderwys negatief kon beïnvloed. (“Voorgestelde verandering in ons spelling”, 1930: 3, 7)

Die akademici se kritiek teen J.D. Louw en J.J. Smith se spelwysigings het ook ander aangespoor om hulle teleurstelling en verontwaardiging oor die radikale veranderinge in die pers uit te spreek. Olwagen (1930: 4) wou weet waarom Afrikaanssprekendes “dan nie die vreemde woorde, sommige waarvan so oud as ons volksplanting is, wat lankal burgerreg verkry het, ons eie [mag] maak [...] [deur dit te] verafrikaans nie [...]?” Hy was ook van mening dat die Nederlands gebaseerde spelling veral vir skoolkinders moeilik sou wees en het gewaarsku teen die ondergang van die Afrikaanse ortografie indien die “onheil” nie voorkom sou word nie (Olwagen, loc. cit.). Hy het ’n oproep op die redaksie van *Die Burger* gedoen om die verandering te beveg en diegene wat die spelling wou verander, gemaan om “hulle hande tuis te hou” sodat “ons ons taal se Afrikaanse karakter, ons grootste kultuurskat” behoue kon bly (Olwagen, loc. cit.). Crafford (1930: 11) sien die veranderde spelling nie net as ’n struikelblok vir taalonderrig op skool nie, maar ook vir die ouer geslag Afrikaanssprekendes, asook nie-Afrikaanssprekendes, en doen daarom ’n dringende beroep op die betrokke speloutoriteite om van die ortografiese verandering af te sien. In sy artikel “Laat ons spel soos ons wil” meen P. de V. Pienaar (1930: 1) dat die Afrikaanse ortografiese tradisie in Suid-Afrika begin het en nie in Nederland nie, en dat die Afrikaanse ortografie daarom vrygemaak moet word van “vreemde smetten”. Net so is Kritzinger (1930a: 5) teen die agteruitgang wat deur “allerhande uitlanderismes” in die voorgestelde spelling veroorsaak word deurdat talle Afrikaanse woorde “opnuut tot uitlanders gemaak word”. Daarom het hy die handhawing van die bestaande ortografiese tradisie bepleit soos oor die jare deur die Taalkommissie vasgestel is, aangesien die publiek oor die jare op skool vertrou geraak het daarmee en hulle nie meer kennis gedra het van die Nederlandse spelling nie (Kritzinger, loc. cit.). Indien die Taalkommissie nie sy gesag in verband met hierdie saak handhaaf nie, meen Kritzinger (loc. cit.), het die Kommissie geen bestaansreg meer nie. Die Suid-Afrikaanse Onderwysersunie (SAOU) het die betrokke speloutoriteite versoek om so min moontlik van die bestaande spelling af te wyk, aangesien dit verdeeldheid in Afrikaanse geleedere kon veroorsaak nadat Afrikaanssprekendes reeds so ’n moeilike stryd teen Engels gevoer het en Afrikaanssprekendes hulle daardeur belaglik sou maak in die oë van die Engelssprekende Suid-Afrikaners (“Onderwysers oor spelling”, loc. cit.). Sommige mense het sommer openlik die spot gedryf met die staatsvertaler se wysigings, soos in die brief “Meesther Louw se Cpelling” in *Die Volkstem*, waarin ’n naamlose skrywer hom ten doel gestel het “om die voorgestelde wysigings dood te spot” (“Meer lig op die spellingkwessie”, 1930: 6).

Almal het egter nie krities gestaan teenoor die hoofstaatsvertaler se beweging in die rigting van 'n meer konserwatiewe spelling ten opsigte van vreemde woorde nie. T.J. Haarhoff van die Universiteit van die Witwatersrand het hierdie wysigings verwelkom (“Konferensie van taalgeleerdes...”, 1930: 7; “Nuwe spelling verwelkom”, 1930: 7; “Ons taalgeleerdes moet ooreenkom”, 1930: 7). Die redakteur van *Ons Vaderland* het ook die terugkeer van die Afrikaanse ortografie in die rigting van Nederlands toegejuig, want:

Persoonlik het ons altoos gevoel dat die stompstert-Afrikaans van die indoeena's, hulle verwaarlosing van alle buigings- en vervoegingsvorme, nie wáar is nie, en dat 't bereken is om van ons taal 'n lelike, lidlose onding te maak, so strak en styf soos die man wat 'n laaistok ingesluk het. Hulle beluister 'n paar mense op die Karoo, in Boesmansland of in 'n bepaalde provinsie – wat die meeste ooreenkoms het met die uitspraak waaraan hulleself gewend is – en dan heet 't dat 'die Afrikaner' die skuldige is! (“Bestaan daar 'n internasionale spelling?”, 1930: 14)

Die band met Nederlands bied volgens laasgenoemde ook nog die voordeel dat dit Afrikaanssprekendes toegang bied tot die Nederlandse literatuur; iets wat syns insiens uiters belangrik was vir die ontwikkelingstadium waarin Afrikaans op daardie stadium verkeer het. Die verbreking van hierdie band sou syns insiens fataal wees. (“Bestaan daar 'n internasionale spelling?”, loc. cit.; vgl. ook die artikel “Spelling” in *Ons Vaderland* van 28 Oktober 1930, p.4, waar 'n ortografie nader aan Nederlands bepleit word) Baie mense het hulle ook aan die kant van J.J. Smith geskaar, van wie die voorstelle oorspronklik gekom het. Volgens Gericke (1991: 36) het Smith 'n formidabele bondgenoot in sy spelstryd in die persoon van C.J. Langenhoven gehad, wat 'n ondersteuner van Smith se spelling was en hom met sy stryd teen die Akademie vereenselwig het. Schonken (1930: 6) het namens die Afrikaanse natuurwetenskaplikes sy dank betuig teenoor Smith “vir die houding wat hy insake die spellingvraagstuk ingeneem het”; dit is “'n gesonde, behoudende standpunt” wat “'n baie betroubaarder rem [is] teen alte voortvarende nuwigheidsug en radikalisme as die Akademie self” (“Spelling-agonie”, 1928: 6). Selfs die NG Kerk het in hulle blad *De Kerkbode* die wens uitgespreek dat Smith se leiding gevolg sou word in die spelkwessie (“Afrikaanse spelling”, 1930: 759).

Te midde van die getwis oor die ortografiese voorstelle en J.J. Smith se aandeel daarin, is Smith self ook genader om sy saak te stel. Ten einde helderheid oor die aangeleentheid aan lesers te verskaf, het *Die Burger* Smith se hulp ingeroep om die ortografiese voorstelle in 'n reeks artikels uiteen te sit en toe te lig (“Meer lig op die spellingkwessie”, 1930: 6). Om dieselfde rede het die Paarlse Onderwysersvereniging Smith genooi om op 5 Augustus 1930 'n lesing oor die Afrikaanse ortografie te lewer (“Geen nuwe spelling beoog nie”, 1930: 11). Smith se verweer was dat die spelprobleme nie iets nuuts was nie en dat hy nie 'n nuwe spelling wou invoer nie, maar dat hy slegs wou terugkeer na 'n meer konserwatiewe benadering; 'n neiging wat volgens hom trouens ook by die Akademie te

bespeur was en waarvoor hy dus nie alleen aanspreeklik gehou kon word nie. Hy het ook benadruk dat hierdie stap van sy kant nie 'n onverantwoordelike een was nie, aangesien hy die Akademie hieroor geraadpleeg het, maar geen reaksie van hulle gekry het nie. (“Geen nuwe spelling beoog nie”, loc. cit.; “Prof. J.J. Smith oor fonetiese spelling”, 1930: 1)

Op 8 Augustus 1930 berig *Die Burger* dat die Minister van Binnelandse Sake, Volksgesondheid en Onderwys, D.F. Malan, besluit het om 'n konferensie van taalgeleerdes byeen te roep om die twis tussen J.J. Smith en die staatsvertaler aan die een kant en die Akademie aan die ander kant oor die spelling van vreemde woorde en eiename te besleg. Dit het hy gedoen na aanleiding van 'n beroep wat op hom gedoen is deur *Die Burger* en later ook *Die Volksblad* wat “nie bereid [was] om heen en weer gepluk te word tussen teenstrydige bevels nie” en nie die “tyd en energie [gehad het] om op 'n spellingrusie te verspil” nie. 'n Dringende telegram is ook deur die Akademiesraad aan hom gestuur waarin hulle hom versoek het om 'n konferensie te belê ten einde die speltwis te besleg voordat die nuwe AWS, WAT of Bybelvertaling verskyn. (“Afrikaanse spelling”, 1930: 759-760; Bosman, 1959: 120; “Die spellingkonferensie”, 1930a: 5; “Eenheid in ons spelling”, 1930: 6; Kapp, 2009: 121-122; “Konferensie van taalgeleerdes...”, 1930: 7; Malan, 1963: 206; “'n Geslaagde konferensie”, 1930: 6; “Ons spelling”, 1930: 61; “Ons taalgeleerdes moet ooreenkom”, 1930: 7; Smith, 1930a: 15; “Spelling”, 1930a: 6; “Spellingkonferensie sit agter toe deure”, 1930: 6)

Malan was egter huiwerig om die konferensie byeen te roep, aangesien dit groot skade aan die taal kon aanrig indien daar nie eenstemmigheid bereik kon word nie. Daarom het hy hom op die “gesonde verstand” van die lede van die konferensie beroep, “hulle liefde vir hulle taal, en hulle besef van die groot nasionale belange wat by hierdie saak betrokke is”. (“Spelling-vergelyk word bekend gemaak”, 1930: 7; “Verslag van die spelling-konferensie”, 1930: 145) Intussen is daar ook 'n beroep op die publiek gedoen om eers die pennestryd oor die Afrikaanse ortografie in die pers te staak totdat die beoogde konferensie plaasgevind het en eenstemmigheid op ortografiese gebied verkry kon word (“Die spellingkonferensie”, 1930b: 6).

Hierdie konferensie het op 27 en 28 Augustus 1930 in die Uniegebou in Pretoria plaasgevind en talle gesaghebbendes op Afrikaanse taalgebied is na die konferensie genooi. Die negentien uiters verteenwoordigende afgevaardigdes het ingesluit verteenwoordigers van die staat, te wete die Departement van Binnelandse Sake en die provinsiale Departemente van Onderwys, die Suid-Afrikaanse Akademie vir Taal, Lettere en Kuns, asook dié liggaam se Taalkommissie, die kommissie vir die vertaling van die Bybel in Afrikaans, die Afrikaanse pers, waaronder verteenwoordigers van die Nasionale Pers en die Vrystaatse Afrikaanse pers, die Universiteit van Stellenbosch, die hoofredaksie van die WAT en 'n

aantal individue wat spesiaal uitgenooi is. (“Afrikaanse spelling”, 1930: 759-760; “Afr. taalgeleerdes vergader vandag”, 1930: 6; “Die spellingkonferensie”, 1930a: 5; “Eenheid in ons spelling”, 1930: 6; “Konferensie van taalgeleerdes...”, 1930: 7; Malan, 1963: 206; “Ons taalgeleerdes moet ooreenkom”, 1930: 7; Smith, 1930a: 15) Nadat Smith, S.P.E. Boshoff en L.W. Hiemstra die geskilpunte tussen die twee ortografiese benaderings uiteengesit het, is daar aan die einde van die eerste dag van same-sprekings besluit om ’n kommissie van taalkundiges en adviseurs op die gebied van tegniese terminologie te benoem ten einde fynere besonderhede oor die Afrikaanse ortografie te behandel wat nie so maklik deur die voltallige konferensie bespreek kon word nie (“Wat die spelling-vergadering totstand gebring het”, 1930: 5).

Tydens druk besprekings oor die spelling van veral vreemde woorde, wat oor twee dae gestrek het, is die twee ortografiese benaderings, dié van Smith en die Akademie onderskeidelik, wat in sekere opsigte heelwat van mekaar verskil het, met groot ywer deur beide partye verdedig. Alhoewel dit aanvanklik geblyk het dat Smith se terugkeer na ’n meer Nederlandse vorm nie so baie voorstanders gehad het nie en dat die benadering in die rigting van meer verafrikaanste of fonetiese vorme meer aanhang geniet het, het die lede van die konferensie later tot die gevolgtrekking gekom dat dit onmoontlik sou wees om sogenaamde wildvreemde woorde konsekwent te verafrikaans, aangesien dit tot onverstaanbaarheid sou lei en daarom het hulle gevoel dat dit beter sou wees om sover moontlik terug te keer tot die Vereenvoudigde Nederlandse Spelling. Die probleem het egter ontstaan om te bepaal wat presies wildvreemde woorde is, aangesien baie vreemde woorde tot ’n groot mate reeds in Afrikaans ingeburger was. Daar is ook besluit om meer konserwatief te werk te gaan ten opsigte van die spelling van geografiese benaminge, waarop die Bybelvertalers laat blyk het dat hulle alle eiename in die Bybel verafrikaans het. Hierteen is egter uit verskeie oorde protes aangeteken, waarop Smith onderneem het om, met die goedkeuring van die Akademie, ’n brosjure van geografiese name op te stel in ooreenstemming met ’n reeks artikels wat hy in 1927 in *De Kerkbode* oor die onderwerp gepubliseer het. Daar het uiteindelik ’n gees van wedersydse tegemoetkoming onder die konferensie-gangers geheers en daar is van albei kante toegewings gemaak sodat daar tóg ’n mate van toenadering en eensgesindheid bereik is wat in die praktyk deurgevoer kon word. Smith het byvoorbeeld belowe om sekere vorme wat die Akademie voorstaan naas sy eie vorme in die *WAT* op te neem terwyl die Akademie hulle bereid verklaar het om sekere Nederlandse vorme in die *AWS* in te sluit. (“Die spellingkonferensie”, 1930c: 4; “Die spelling-oplossing”, 1930: 6; “Ooreenkoms oor ons spelling bereik”, 1930: 7; “Nuwe spelling van Afrikaans”, 1930: 8; “Spelling-vergelyk word bekend gemaak”, 1930: 9; “Taalgeleerdes kom ooreen”, 1930: 6; “Toenadering op spellingbyeenkoms?”, 1930: 5; “Verslag van die spellingkonferensie”, 1930: 148; “Wat die spelling-vergadering totstand gebring het”, 1930: 5)

Na afloop van die konferensie is 'n komitee bestaande uit J.J. Smith, E.C. Pienaar, D.B. Bosman en S.P.E. Boshoff uit konferensiegeleeders benoem ten einde 'n verslag op te stel wat die konferensiebesluite bevat en dit dan aan die Minister van Binnelandse Sake, Volksgesondheid en Onderwys, D.F. Malan, voor te lê. Aan hulle is ook die taak opgedra om “die beginsels in die gees van die Konferensie verder in besonderhede tot uitvoering te help bring”. Hierna moes die geformuleerde besluite van die konferensie eers deur die Taalkommissie goedgekeur word en daarna moes die verslag op 1 Oktober aan die Akademie vir goedgekeuring voorgelê word, wat in wese dus beteken het dat die konferensiebesluite nog geensins finaal was nie. Aan die publiek is egter die gerusstelling gegee dat hulle nie meer ingrypende veranderinge aan of die verbroekeling van die Afrikaanse ortografie hoef te vrees nie, aangesien die wysigings in die rigting van die Vereenvoudigde Nederlandse Spelling nie werklik die spelling van alledaagse woorde sou raak nie maar meestal net van toepassing is op vreemde woorde wat deur vakgeleerdes gebruik word. Verder is die versekering ook gegee dat, indien enige radikale veranderinge ingevoer sou word, daar genoegsame tyd gegee sou word om die veranderinge in te voer sodat dit nie sou lei tot ingrypende finansiële verliese nie. Intussen is die publiek gemaan “om geduldig te wag vir die verskyning van die nuwe Woordelys wat binnekort verwag kan word”. (“Die spelling-oplossing”, 1930: 6; Du Toit Malherbe, 1930c: 5; “Nuwe spelling van Afrikaans”, 1930: 8; “Ooreenkoms oor ons spelling bereik”, 1930: 7; “Spelling meer konserwatief”, 1930: 8-9; “Spelling-vergelyk word bekend gemaak”, 1930: 9; “Taalgeleerdes kom ooreen”, 1930: 6; “Verslag van die spellingkonferensie”, 1930: 149; “Wat die spelling-vergadering totstand gebring het”, 1930: 5)

Omdat daar egter nie oor die spelling gestem is nie, maar slegs gestreef is na onderlinge raadpleging, tegemoetkoming en eenvormigheid op spelgebied, het die konferensie geen bindende gesag gehad nie, wat beteken dat nóg die staatsvertaler en J.J. Smith, nóg die Akademie en hulle Taalkommissie verplig was om hulle aan die besluite van die konferensie te steur. Die voorsitter van die konferensie, S.F.N. Gie, het egter die hoop uitgespreek dat samewerking bereik kon word ten einde die beslissings van die konferensie tot uitvoer te bring, want die betrokke partye sou alle Afrikaanssprekendes “bitter teleurstel as hulle [sou] weier om die wedersydse oplossing te aanvaar”. (“Die spelling-oplossing”, loc. cit.; Du Toit Malherbe, 1930b: 3; 1930c: 5; “Spelling-vergelyk word bekend gemaak”, 1930: 7; “Verslag van die spellingkonferensie”, 1930: 145)

'n Maand na afloop van die spelkonferensie is die kommissie wat aangewys is om oor die konferensiebevindinge verslag te doen se verslag op 26 September 1930 openbaar gemaak. Uit die verslag blyk dit dat die verskil tussen die spelling van die Taalkommissie en J.J. Smith veral gespruit het uit die twee partye se verskillende benaderings tot die indeling van woorde wat betref die mate van in-geburgerdheid wat dit in Afrikaans bereik het. Aan die een kant het die Taalkommissie, wat van

mening was dat hulle indelingsbeginsel beter was, 'n onderskeid gemaak tussen verafrikaanste algemeen gebruiklike woorde wat volgens die gewone Afrikaanse reëls geskryf word, wildvreemde en moeilik verafrikaansbare woorde wat sover moontlik hulle vreemde spelvorme behou, en 'n tussenklas woorde wat op twee maniere, 'n vreemde en Afrikaanse wyse, geskryf kan word omdat daar twyfel bestaan oor die mate van ingeburgerdheid in Afrikaans. Hierteenoor wou Smith, wat nie in beginsel teen die Taalkommissie se indeling gekant was nie, maar wat gemeen het dat De Vries en Te Winkel se indeling van vreemde woorde doeltreffender as dié van die Akademie was, eerder die drie klasse van die Nederlandse ortografie as rigsnoer gebruik. Hierdie indeling behels woorde wat hulle vreemde vorm heeltemal afgelê het en in alle opsigte met eg Afrikaanse woorde ooreenstem en daarom ook volgens die Afrikaanse ortografie gespel word, wildvreemde woorde wat geen of weinig verandering ten opsigte van uitspraak ondergaan het nie en daarom hulle vreemde spelling behou, en 'n tussenklas woorde, sogenaamde basterwoorde, wat wel wysigings in uitspraak ondergaan het maar nog nie genoeg om afstand te doen van hulle vreemde verwantskap nie, en daarom gedeeltelik verafrikaans word na gelang van die mate van ingeburgerdheid. Die twee partye het uiteindelik ooreengekom om waar hulle van mekaar verskil, die een ook die ander se vorm as wisselvorm sou erken en om daarna te streef om nie die *AWS* en *WAT* in teenspraak met mekaar te bring nie. (Bosman, 1930: 8; Smith, 1930d: 9; "Eenheid in ons spelling", 1930: 6; "Ons sal verder gaan as Nederlands", 1930: 7; "Spelling meer konserwatief", 1930: 8; "Spelling-vergelyk word bekend gemaak", 1930: 7; "Verslag van die spellingkonferensie", 1930: 145-146)

Wat spesifieke aspekte van die ortografie betref, is daar oor die algemeen teruggekeer na die meer Nederlandse spelling, alhoewel daar in baie gevalle ook 'n verafrikaanste vorm naas die Nederlandse vorm aangegee sou word. Dit sluit onder andere in die herinstelling van *c* in woorde wat met *s* en *k* gespel word (bv. *cement* en *calcium*), *th* en *ch* in woorde met *t* en *g* onderskeidelik (bv. *teorie* en *chloor*), *ai* in woorde met *ê* (bv. *populair*), *au* in woorde met *ou* (bv. *auteur*), *eau* in woorde met *o* (bv. *bureau*), en om sover moontlik *v* te behou (i.p.v. *w*), behalwe waar 'n duidelik [v]-klank in die uitspraak gehoor word. Ten opsigte van Engelse woorde is besluit om die Engelse spelling te behou waar die woord nog op Engels uitgespreek word, maar die Afrikaanse ortografie te volg waar Engelse woorde reeds heeltemal verafrikaans is. Wat betref die verdubbeling van konsonante is besluit om terug te keer na die Taalkommissiebesluit van 1920 waar die Nederlandse ortografie as rigsnoer gebruik is. Ander belangrike besluite van die konferensie het ingesluit: waar 'n bestaande spelvorm gewysig word, sou 'n oorgangstydperk van twee jaar gelaat word waartydens twee spelvorme, die oue en die nuwe, aanvaar sou word; 'n beroep is op die Bybelvertalers gedoen om die spelling van eiename onveranderd te laat; die spelling van geografiese benaminge is in die hande van J.J. Smith gelaat; die regering sou om finansiële steun vir die Akademie genader word. (Bosman, 1930: 8; "Eenheid in ons

spelling”, 1930: 6; “Spelling meer konserwatief”, 1930: 8-9; “Spelling-vergelyk word bekend gemaak”, 1930: 7, 9; “Verslag van die spellingkonferensie”, 1930: 147-149) Op die Akademie se jaarvergadering is die verslag van die spelkonferensie met dank aangeneem en die vertroude uitgespreek dat die Taalkommissie en die redakteur van die *WAT* hulle by die besluite van die konferensie sou neerlê (Kritzinger, 1930b: 6). Maar in werklikheid kon die Akademie hulle nie volkome met die besluite van die konferensie verenig nie (“Afrikaanse spelling”, 1930: 759). Minister Malan was van mening dat die konferensie geslaagd was en dat daar oor die belangrikste punte ooreengekom is. Hy het ook die versekering gegee dat besluite van die konferensie deur die vertaalafdeling van die staatsdiens gevolg sou word (“Afrikaans kry rigting”, 1931: 8).

Die “ooreenkoms” wat op die konferensie bereik is, is wyd deur die breër publiek verwelkom wat “met ’n gevoel van verligting verneem [het] dat die ‘spellingdepressie’ op ’n end is”. Daar is gemeen dat die kloof wat betref die spelling van daaglikse gebruiklike woorde baie nouer gemaak is en “ernstige gevolge van ’n spellingstryd afgeweer” is met die “gedeeltelike versoening” tussen Smith en die Akademie. Hierdie “versoening” was egter eerder “’n ooreenkoms is om te verskil”, want uit die verslag is dit duidelik dat Smith en die Taalkommissie in wese elkeen steeds hulle eie benadering tot die ortografie sou volg, met toegewings in die vorm van die insluiting van wisselvorme ten einde die ander party se voorkeurvorm te akkommodeer. In wese het die besluite van die spelkonferensie neergekom op die handhawing van die 1928-besluite van die Akademie ten opsigte van die Afrikaanse ortografie; dit is om “soveel moontlik vryheid te laat ten opsigte van kwessies waar verskil van mening bestaan, o.a. by die toepassing van die spellingbeginsels op vreemde woorde”. Maar in baie gevalle sou daar in die *AWS* en *WAT* dikwels teenoorgestelde voorkeurvorme aangegee word of selfs geen alternatiewe spelvorme gegee word nie. Daar was ook ’n paar netelige punte waaroor daar blykbaar nie duidelikheid verkry kon word op die konferensie nie wat in die toekoms weer die meningsverskille oor die spelling kon aanblaas. Dit lyk dus asof daar nie werklik vorentoe beweeg is in die spelling nie. (“Afrikaanse spelling”, 1930: 761; Du Toit Malherbe, 1930c: 5; 1930c: 3; “Eenheid in ons spelling”, 1930: 6; Kritzinger, 1930b: 6; Smith, 1930a: 17-18; “Spelling”, 1930a: 6) “[A]lles is net soos dit was”, aldus Kritzinger (*loc. cit.*). Kritzinger (1930a: 5) het dit ook betreur dat die amptelike verslag van die spelkonferensie so kort voor die Akademiesitting op 1 Oktober eers openbaar gemaak is, aangesien die publiek nie die geleentheid gegun is om hulle menings daaroor uit te spreek nie.

Die sogenaamde “ooreenkoms” wat op die konferensie bereik is, blyk dus geen ooreenkoms te wees nie. Dit is veral duidelik uit Smith en die Akademie se voortgesette stryd oor die Afrikaanse ortografie in die koerante. Smith het op 9 Oktober ’n lesing voor die Afrikaanse Kultuurvereniging se tak op Stellenbosch oor “Die Spelling en die Afrikaanse Woordeboek” gehou. Hierin het hy onder andere die

Akademie daarvan beskuldig dat hulle te bang is om die aanbevelings van die konferensie oor spelling te aanvaar en daardeur “alkante-toe” “spartel” en “niks finaals” bring nie. Smith het aan die ander kant onderneem om hom by die besluite van die Pretoria-konferensie te hou aangesien hy dit as ’n duidelike vingerwysing beskou het in die rigting wat die “volk” wil gaan, dit is dat hy [die “volk”] “in voeling [wil] bly met die taal en kultuur van die stamverwante Nederland” en dat hulle nie ’n kloof tussen die Afrikanervolk en die volke van Wes-Europa wou laat ontstaan nie. ’n Verdere beskuldiging teen die Akademie van Smith se kant af, was dat dié instansie deur drie mense gedomineer en geïntimideer word en hy daarom toenemend respek vir die Akademie verloor. (“Afrikaanse spelling”, 1930: 761; Smith, 1930a: 17, 19; 1930b: 1, 3; 1930c: 6; 1930e: 11) Maar in werklikheid het Smith ook nie die besluite van die Pretoria-konferensie aanvaar nie en het hy selfs planne beraam om ’n eie woordelys uit te gee (Kapp, 2009: 122).

In reaksie op hierdie lesing van Smith, wat ook in verskeie koerante verskyn het, het D.B. Bosman en S.P.E. Boshoff van die Taalkommissie in ’n onderhoud in *Die Burger* van 15 Oktober 1930 ’n uiteensetting gegee van die Kommissie se standpunt teenoor sekere uitlatings wat deur Smith tydens sy lesing gemaak is. Bosman en Boshoff het Smith daarvan beskuldig dat hy ter wille van “konsekwensie die Afrikaanse spellingtradisie [sic.] geweld aandoen en alle beginsels oorboord gooi” deurdat hy in stryd met die ortografiese tradisie van Afrikaans selfs verder teruggaan as die samestellers van die Vereenvoudigde Nederlandse Spelling. Hulle het hulle ten sterkste ten gunste van die handhawing van die Afrikaanse ortografiese tradisie uitgespreek. (“Ons sal verder gaan as Nederlands”, 1930: 7) Smith het hierop weereens sy standpunt oor die Afrikaanse ortografie uitvoerig bespreek en hom teen spesifieke aantygings in Bosman en Boshoff se artikel verweer in ’n artikel in *Die Burger* van 21 Oktober 1930, waarop Bosman weer met ’n artikel op 28 Oktober gereageer het waarin hy die Akademie se standpunt opnuut verdedig het (Bosman, 1930: 8; Smith, 1930d: 8-9).

So het die spelstryd voortgegaan wat ten grondslag steeds gewentel het om die verskil tussen Smith en die Akademie se interpretasie van die begrip “vreemde woord” en waar die streep getrek moes word tussen woorde wat as “vreemde woorde” in die Afrikaanse ortografie beskou moes word en watter nie – ’n skeidslyn wat nie so presies afgebaken kon word nie. Albei partye was van mening dat hulle eie indeling van vreemde woorde doeltreffender of beter was as dié van die ander party. (Bosman, 1930: 8; Langenhoven, 1930: 6; Smith, 1930d: 9) Die gevolg van die onbesliste uitkoms van die konferensie was dat baie koerante besluit het om hulle eie spelreëls te volg (“Afrikaanse spelling”, 1930: 759).



#### 4.5.2.4 Die 1931-uitgawe van die *Afrikaanse woordelys en spelreëls*

Nadat die 1921-uitgawe van die *AWS* reeds drie jaar lank uitverkoop was en met die spelstryd wat oor die spelling van vreemde woorde in Afrikaans ontbrand het nog vars in Afrikaanssprekendes se geheue, verskyn die vierde, hersiene en vermeerderde druk van die *Afrikaanse woordelys en spelreëls* [voortaan *AWS*<sup>4</sup>] uiteindelik in 1931, soos tevore in opdrag van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Taal, Lettere en Kuns (“Akademie en die woordelys”, 1931: 11; Boshoff, et al., 1931: vii). J.J. Smith, wat in ’n stryd gewikkel was met die Taalkommissie en hom nie langer met hulle spelbenadering kon vereenselwig nie (sien 4.5.2.3), het hom intussen aan die Kommissie onttrek en sy plek is ingeneem deur S.P.E. Boshoff, wat hom by Le Roux en Malherbe as een van die samestellers van die *AWS*<sup>4</sup> aangesluit het, nou bekend as die Spellingkommissie. Vir hierdie uitgawe het die Kommissie opdrag van die Akademie ontvang om alle onreëlmattighede te verwyder, meer tegniese en wetenskaplike terme op te neem, en met die oog op die meningsverskille wat sedert die vorige uitgawe hoofsaaklik oor die spelling van vreemde woorde gehandel het, ook meer vryheid te laat waar verskil van mening oor die spelling bestaan. (Boshoff, et al., 1931: i, iii-iv, vii) Veral as gevolg van laasgenoemde twee bepalinge wat die Akademie aan die Taalkommissie opgedra het, is dit nie verbasend dat die *AWS*<sup>4</sup> wat omvang betref met 363 bladsye amper 150 bladsye dikker is as sy voorgangers nie. Dié uitgawe bestaan weereens uit ’n voorwoord, die Afrikaanse spelreëls, ’n lys afkortings wat in die *AWS*<sup>4</sup> gebruik word (nou ná die spelreëls geplaas, maar andersins onveranderd), en die Afrikaanse woordelys. Die voorwoord word ook voorafgegaan deur ’n lysie met vyf verbeterings wat van toepassing is op die woordelys.

Reeds in die “Voorwoord” lei ’n mens af dat die *AWS*<sup>4</sup> ’n baie uitgebreide bron is. In die “Voorwoord”, wat vyf bladsye in beslag neem, gee die Taalkommissie ’n bondige oorsig van die ortografiese tradisie van Afrikaans soos gevestig deur die *AWS* sedert 1917, motivering vir die uitgawe van die *AWS*<sup>4</sup>, motivering, of amper ’n verontskuldiging, vir moontlike tekortkominge van die publikasie, en rekenskap oor die mate waartoe daar aan die opdrag wat deur die Akademie aan die Taalkommissie opgelê is, voldoen is. Die orige drie bladsye word gewy aan ’n bespreking oor die spelling van vreemde woorde in Afrikaans, wat juis aanleiding gegee het tot intense struweling op ortografiese gebied (sien 4.5.2.3) en tot die gevolglike vertraging in die verskyning van die *AWS*<sup>4</sup> (Boshoff, et al., 1931: vii). Hierin gee die Taalkommissie hoofsaaklik ’n uiteensetting van die beginsels wat gevolg is by die spelling van vreemde woorde ten einde hulle uitgangspunt tot die spelling van vreemde woorde duidelik teenoor dié van J.J. Smith te stel en sodoende die verwarring oor die spelling van vreemde woorde te probeer uitklaar.

Volgens die “Voorwoord” is daar in die spelreëlgedeelte “gestreef om verbeterings aan te bring [...] deur die noukeuriger, oorsigteliker en meer sistematiese formulering van verskillende spelreëls” (Boshoff, et al., 1931: iii). En op die oog af is dit presies wat in die nege en twintig bladsye van die afdeling “Afrikaanse spelreëls” in die *AWS*<sup>4</sup> gedoen is. In hierdie uitgawe is “daar ’n aansienlike rasionalisering en uitbreiding van die spelreëls” waarin aspekte wat sowel die spelling as skryfwyse raak “vir die eerste keer ’n duidelike patroon het”, aldus Eksteen (1985: 176). Vir die eerste keer verskil die spelreëls ook merkbaar van die vorige *AWS*’e deurdat die reëls nie bloot in een ononderbroke lys aangebied word nie, maar op sistematiese wyse in tien hoofstukke onderbring is. Tesame hiermee is die spelreëls in die onderskeie hoofstukke ook in die meeste gevalle aansienlik uitgebrei en die reëls noukeuriger geherformuleer. In die eerste hoofstuk, genaamd “Grondbeginsels”, is die grondbeginsels van die Afrikaanse ortografie uiteengesit. Waar daar egter vantevore van vyf grondbeginsels uitgegaan is, is dit in die *AWS*<sup>4</sup> tot slegs drie geherformuleerde beginsels verkort. Die algemeen gebruiklike uitspraak in beskaafde Afrikaans, die Vereenvoudigde Nederlandse Spelling en gelykvormigheid is nou die belangrikste spelbeginsels van Afrikaans. Die feit dat “beskaafde” Afrikaans en die VNS steeds sentrale oorwegings in die spelling van Afrikaans vorm, dui steeds op ’n baie beperkte benadering tot die standaardisering van die Afrikaanse ortografie, dit is ’n standaard wat baie ander variëteitsprekers uitsluit. In die hoofstuk “Toeligting en toepassing” word die grondbeginsels van die Afrikaanse ortografie uitvoerig in sowat drie bladsye verduidelik. In die res van die spelreëls word daar telkens na hierdie grondbeginsels terugverwys ten einde rekenskap te gee van die beginsels wat gevolg is by die vasstelling van die ortografie.

In “Wisselvorme” word “’n kort samevatting van die vernaamste soorte wisselvorme en van die manier waarop hulle behandel is en in die Woordelys aangedui word”, uiteengesit in tien reëls (Boshoff, et al., 1931: xi). Hierdie bespreking van wisselvorme in ’n aparte hoofstuk is aansienlik meer gedetailleerd as die vier reëls wat in die *AWS*<sup>3</sup> hieraan afgestaan is en is waarskynlik te wyte aan die groter aantal wisselvorme wat in hierdie uitgawe bygevoeg moes word as gevolg van die speltwis tussen die Taalkommissie en J.J. Smith oor die spelling van vreemde woorde (sien 4.5.2.3). Hierna volg ook na aanleiding van die genoemde meningsverskille oor die spelling van vreemde woorde, ’n duidelike uiteensetting van die Taalkommissie se indeling van drie klasse “Vreemde woorde” (vgl. 4.5.2.3) en aansluitend daarby ook ’n hoofstuk met riglyne oor die “Verafrikaansing van vreemde woorde”. Die reëls vir die verafrikaansing van vreemde woorde soos in die *AWS*<sup>3</sup> toegepas, word grootliks in hierdie uitgawe voortgesit en word selfs nog noukeuriger uiteengesit (ongetwyfeld weereens in reaksie op genoemde speltwis). Dit word opgevolg deur ’n bondige hoofstuk oor “Lettertekens”. In hierdie hoofstuk word lettertekens egter nie meer so uitvoerig behandel soos in die vorige *AWS* nie, maar die leser word eenvoudig aangeraai om van alternatiewe bronne gebruik te maak. Dit is egter steurend,

aangesien taalgebruikers juis verwag dat 'n bron oor die ortografie van Afrikaans al hulle vrae in verband met die ortografie moet kan beantwoord, net om dan agter te kom dat hierdie bron nie al die inligting bevat wat hulle verlang nie. Dit sou myns insiens beter wees om in hierdie geval eerder die hele hoofstuk heeltemal uit te los as om onvolledige inligting aan gebruikers te verskaf. Die twee hoofstukke oor “Klinkers en tweeklanke” en “Medeklinkers” wat ook in die vorige uitgawes voorkom, word in die *AWS*<sup>4</sup> aangebied as uitvoerige aparte hoofstukke van agt bladsye elk met sewentien spelreëls met subreëls en opmerkings en vyf en twintig spelreëls met subreëls en opmerkings onderskeidelik. Die omslagtigheid van hierdie twee hoofstukke is ook te danke aan noukeuriger en meer gedetailleerde uiteensetting van die spelreëls. Laastens kry “Samestellinge en woordkoppeling” nou ook 'n eie, uitvoeriger hoofstuk aangesien “[d]ie aaneenskrywe van woorde [las gee] in die praktyk” (Boshoff, et al., 1931: xxxiii). Dit bestaan uit ses reëls oor die vas skryf van woorde en twaalf reëls oor koppeltekengebruik.

'n Opmerklieke leemte in die *AWS*<sup>4</sup> is die reëls oor hooflettergebruik wat in die *AWS*<sup>3</sup> aanwesig is. Op die 1929-jaarvergadering van die Akademie is aan A.C. Bouman opdrag gegee om enkele reëls te formuleer oor interpunksie. Die gevolg hiervan is 'n laaste hoofstuk in die spelreëlgedeelte van die *AWS*<sup>4</sup> genaamd “Leestekens”. (Boshoff, et al., 1931: vii) Hierdie hoofstuk gee egter slegs leiding ten opsigte van die gebruik van die komma, omdat “[d]ie gebruik van die orige leestekens [...] eintlik so vanselfsprekend [is], dat daar geen wenke voor gegee word op hierdie plek nie” (Boshoff, et al., 1931: xxxvi). Die resultaat is drie reëls (met subreëls): waar die gebruik van die komma noodsaaklik is, waar dit aan te beveel is, en waar dit weggelaat moet word. Vir reëls oor die res van die leestekens word die gebruiker na 'n ander bron verwys. Ervaring leer egter dat die gebruik van leestekens dikwels nie so vanselfsprekend is as wat Bouman wou beweer nie. Dit maak die afdeling oor interpunksie eintlik teleurstellend, aangesien dit nie genoegsame inligting aan die gebruiker verskaf nie. Dit is myns insiens ook teenproduktief en uiters gebruikersonvriendelik om 'n verwysing na ander bronne te plaas wanneer die taalgebruiker juis verwag om antwoorde oor die spel- en skryfwyse van woorde in die *AWS* te vind. Die gebrekkige leiding oor interpunksie kon na my mening weereens eerder heeltemal weggelaat word as wat 'n verwagting by die gebruiker geskep word om inligting in die *AWS* te vind en daar dan onvoldoende leiding op hierdie gebied gegee word. Afgesien van die duideliker uiteensetting van die spelreëls, is 'n ander gebruikersvriendelike nuwigheid kruisverwysings in die spelreëls na ander hoofstukke, reëls of selfs na ander bronne, byvoorbeeld die verwysing na 'n ander hoofstuk in hoofstuk II “Toeligting en toepassing” (p. ix) “(Vir die behandeling van die verskillende soorte van wisselvorme vgl. die volgende paragraaf, III)”, die verwysing na 'n ander spelreël in reël 25 in hoofstuk VIII “Medeklinkers” (p. xxviii) “(vgl. reël 24, Opm. 1)”, en die verwysing na 'n ander bron in opmerking een van reël 3 in hoofstuk X “Leestekens” (p. xxxvi) wat lui:

Die gebruik van die orige leestekens is eintlik so vanselfsprekend, dat daar geen wenke voor gegee word op hierdie plek nie. 'n Bruikbare handleiding gee b.v. die *Afrikaanse Stylleer* van Botha en Burger, bls. 143-145 en 150-154.

Dat die AWS<sup>4</sup> tot 'n mate 'n kniebuiging in die rigting van diegene ten gunste van 'n meer Nederlandse inslag ten opsigte van die Afrikaanse ortografie was, blyk uit die mate waartoe daar in die loop van die spelreëls nog na die VNS verwys word, asook die mate waartoe die Afrikaanse reëls ten opsigte van die Nederlandse ortografie geformuleer is (vgl. byvoorbeeld reël 3(a) en reël 6(b), opm. 2, p. xviii, reëls 11 en 12, p. xxii, reël 18(b), p. xxv, ens.). Wat die spelreëls spesifiek betref, sit die AWS<sup>4</sup> in hoofsaak die ou spelgebruik van die vorige uitgawe voort, selfs op die terrein van vreemde woorde, aldus Malherbe (1931a: 9; 1931b: 4). Maar dat die aanvaarding van meer Nederlandse wisselvorme 'n terugwaartse stap in die Afrikaanse ortografie verteenwoordig, is nie altemit nie. In 'n poging om die voorstanders van Nederlands nie te veel aanstoot te gee nie en aan die ooreenkoms van die spelkonferensie te voldoen (sien. 4.5.2.3), het die Taalkommissie ongelukkig die waardevolle werk wat hulle oor die afgelope dekades ten opsigte die vestiging van 'n eie, selfstandige Afrikaanse ortograafie gedoen het, weer ongedaan gemaak. Die volgende spelreëlveranderinge is in die AWS<sup>4</sup> aangebring (Malherbe, 1931a: 6, 9; 1931b: 4):

- Wat die *i/ie* betref, is die spelling op grond van aksent laat vaar. Dit is gedoen omdat dit vir die publiek moeilik was om te bepaal waar die klem in 'n woord geplaas moes word en die reël is ook nooit konsekwent toegepas nie. Verder is *i* ook behou in oop lettergrepe en eindlettergrepe van ongebruiklike vreemde woorde en gebruiklike woorde van vreemde oorsprong wat uitgaan op *-a*, *-ei* (mv.), *-l*, *-ibel*, *-ide*, *-idies*, *-ine*, *-inies*, *-itis*, *-o*, *-on*, *-us*, *-um*, ensovoorts.
- Woorde wat vroeër net met *ou-* gespel is, kan nou ook met *au-* gespel word.
- Die gebruik van *v/w* word nie meer bepaal deur die aksent van 'n woord nie. In 'n hele aantal gevalle word beide *v* en *w* nou toegelaat.
- In 'n sekere groep woorde word *x* naas *ks* toegelaat.
- Waar *ch* meer as een uitspraak toelaat, word nou net *ch* erken.
- In 'n paar woorde wat as betreklik vreemd geld, word *c* naas *s* erken.
- Woorde waarvan die meervoud vroeër verafrikaans is, soos *polietisie*, *historisie*, ensovoorts, behou nou hulle Latynse vorm en dienooreenkomstig word die vreemde spelvorm ter wille van eenvormigheid ook naas die verafrikaanse enkelvoud erken, byvoorbeeld *botanicus*, *botanici* of *botanikus*.
- Die inkonsekwente vorm *pasjent* word vervang deur *pasiënt*.

Dat die Taalkommissie sover moontlik aan die opdrag van die Akademie voldoen het om meer wetenskaplike en tegniese terme in die woordelys in te sluit, kan onder andere gesien word uit die omvang van die woordelys van die AWS<sup>4</sup> in vergelyking met sy voorgangers (Boshoff, et al., 1931: iv). Die beskeie tweehonderd bladye van die AWS<sup>3</sup> het in die AWS<sup>4</sup> uitgeswel tot 326 bladsye. Benewens die opname van tegniese terme, is die woordelyslemmas ook vermeerder deurdat meer wisselspellings aangegee is, veral wat betref *au/ou*, *th/t*, *v/w*, en *x/ks*. Alhoewel hierdie stap strydig is met die gees van die 1921-uitgawe van die AWS waarin daarna gestreef is om die aantal wisselvorme te verminder (sien 4.5.2.3), is dit gedoen in die gees van “wedersydse tegemoetkoming” in reaksie op die Pretoriase spelkonferensie waar die stryd oor die spelling van vreemde woorde probeer besleg is. Daarom het die Taalkommissie probeer om “[i]n belang van ons taal- en kultuur-stryd” sover moontlik wisselvorme te verskaf by woorde waar daar ’n verskil van mening oor die spelvorm bestaan het, “behalwe waar ’n gevestigde spellingtradisie [sic.] van gebruikelike vreemde woorde dit nie kon regverdig nie”. (Boshoff, et al., 1931: vii) Benewens die insluiting van meer wisselspellings ten einde erkenning te gee aan meer Nederlandse spelvorme, is die woordelys ook weer uitgebrei met die insluiting van heelwat woorde van Nederlandse afkoms. Voorbeelde hiervan is: *affidavit*, *akkumulator*, *animositeit*, *arrangeer*, *autochthoon*, *bestialiteit*, *bief*, *brosjyre* of *brochure*, *bunker*, *cadeau* of *kado*, *demon*, *detachment*, *detail*, *detensie*, *dissertasie*, *duel*, *durabel*, *effloresensie*, *eiwit*, *eksepsioneel*, *eksplikasie*, *elokusie*, *erupsie*, *evident*, *flair*, *fok* (teel), *fusie*, *garage*, *generator*, *gesusters*, *ghetto*, *gladiator*, *hallo*, *hilariteit*, *impregneer*, *inaugureel*, *incognito*, *injeksie*, *interrogasie*, *interrogeer*, *interupsie*, *irreparabel*, *irrevocabel*, *irrigator*, *kamisool*, *kanapee*, *kapitool*, *kasueel*, *keuken*, *kinema*, *komparant*, *kompilasio*, *konfessie*, *konfirmasie*, *konfuus*, *konservasie*, *konsistent*, *kontinueer*, *kontribueer*, *kremasie*, *legaliteit*, *liaison*, *malisieus*, *mediateur*, *moedervlek*, *mummie*, *obligasie* en *plebs*. Dit is egter opmerklik dat daar, ten spyte van sommige gebruikers se teenkating teen Engelse woorde (sien 4.5.2.3), ook weer ’n paar woorde van Engelse afkoms opgeneem is wat intussen ’n stewige vastrapplek in Afrikaans gekry het, soos *briek*, *buffer*, *bunker*, *casino*, *cayenne-peper*, *charter*, *club* of *klub*, *cockney*, *draadloos*, *drop*, *feminis*, *flirt*, *flirtasie*, *gasolien*, *ghries*, *homo-seksueel*, *jersie*, *koeltrok*, *lorrie*, *mail*, *matriek*, *mop*, *nippel*, *petrol*, *petrolpomp*, *rof*, *rugby*, *skrum*, *transformasie*, *trousseau*, *vonkprop* en *waaierband*, asook woorde uit ander inheemse Suid-Afrikaanse tale, soos *aikôna*, *hadjie*, *hasjisj* en *jambe*. As dié woorde egter met die woorde van Nederlandse afkoms vergelyk word, is dit duidelik dat hierdie woorde nie genoegsaam in die AWS<sup>4</sup> verreken is nie.

Alhoewel hierdie woordelys die uitvoerigste een tot op daardie stadium was, het die Taalkommissie weereens beklemtoon dat die “hoofdoel van die Woordelys was en bly om ’n praktiese handleiding by spellingkwessies te wees”, “om spellingmoeilikhede op te los en die verbuiging en vervoeging aan te gee” en dat “[d]ie gebruiker van hierdie Woordelys [...] uit die afwesigheid van ’n bepaalde woord

daarin dus nie [moet] aflei dat dit nie bestaan of nie erken word nie” (Boshoff, et al., 1931: iv; “Die nuwe woordelys”, 1931: 6). Wat die uitleg van die woordelys betref, is dieselfde formaat as die vorige AWS'e gevolg (sien 4.5.2.1).

Aanvanklik het dit gelyk asof die pers oor die nuwe AWS geswyg het en diegene wat wel iets daaroor te sê gehad het, het die AWS<sup>4</sup> redelik apologeties benader, aldus Kritzinger (1931: 1). Kritzinger (loc. cit.) het dit ook aanvanklik betwyfel of enigiemand hulle sterk vir of teen die AWS<sup>4</sup> sou uitspreek, aangesien die meeste mense nou vrede verlang het na die stryd oor die spelling van vreemde woorde. Kritzinger het egter baie te sê gehad oor dié nuwe produk van die Taalkommissie. Volgens hom het hy nog niemand ontmoet wat met dié jongste AWS tevrede was nie en hy het dit ook betwyfel of enigiemand bereid sou wees om hulle by alles in die AWS<sup>4</sup> te berus. Hy het selfs so ver gegaan deur te beweer dat nie eens die samestellers van die AWS<sup>4</sup> daarmee tevrede was nie. (Kritzinger, loc. cit.) Kritzinger (loc. cit.) het die AWS<sup>4</sup> as 'n terugwaartse stap beskou, aangesien die eenvormigheid wat tot op daardie stadium deur die AWS van die Taalkommissie bewerkstellig is, deur “onnodige gepeuter” weer tot niet gemaak is deur die terugkeer na die erkenning van meer wisselvorme ten einde te veel persone in die proses tevrede te stel, en uiteindelik is niemand bevredig nie. Die AWS<sup>4</sup> het syns insiens die gesag van die Taalkommissie ondermyn deurdat daar in sekere kringe “openlik die gek geskeer” is daarmee, “en wie sal ontken dat die teenstanders 'n uitstekende stok in die hande het?” (Kritzinger, loc. cit.). Kritzinger (loc. cit.) se grootste beswaar teen die AWS<sup>4</sup> is dat die natuurlike ontwikkeling van Afrikaans gestuit is deurdat die Taalkommissie “die oor geleen het” aan die voorstelle ten gunste van 'n meer Nederlandse spelling ten opsigte van vreemde woorde (veral wat betref wisselspellings met *v/w*, *i/ie*, *ch/g*) en baie van die spelreëls steeds op Nederlands gebaseer het:

Die bekende word m.a.w. in terme van die onbekende verklaar. Dis 'n verkragting van een van die eerste opvoedkundige stelreëls. Dis 'n oorblyfsel van die Spelreëls van 1917 en toe was dit in orde, want ons het Nederlands geleer. (Kritzinger, loc. cit)

Maar Nederlands was reeds in die 1930's “'n geslote boek”, “vir alle praktiese doeleindes [...] 'n vreemde taal”, vir die meeste Afrikaanssprekendes wat baie meer vertrouwd was met die Engelse spelling van 'n woord as die korrekte Nederlandse spelling (Kritzinger, loc. cit.). En daarom was Kritzinger (loc. cit.) van mening dat alle woorde, des te meer vreemde woorde, verafrikaans moes word. Ten spyte van sy besware, was Kritzinger (loc. cit.) terselfdertyd ook dankbaar dat “hulle [die Taalkommissie] nie alles met huid en haar” oorgeneem het en baie Afrikaanssprekendes sodoende vervreem het nie. Bosman (1931: 29) het ook gemeen dat die Taalkommissie te konserwatief wou wees wat die spelling van wetenskaplike terme betref.

Ander punte van kritiek sluit in die gebruik van die kappie in geslote lettergrepe en 'n gebrek aan leiding ten opsigte van die spelling van eiename (Kritzinger, loc. cit.). Alhoewel Crafford (1931: 3) lof gehad het vir die uitgebreidheid van die woordelys, het hy gemeen dat daar nog baie woorde was wat as goeie Afrikaans beskou kon word maar wat uit die woordelys gelaat is. Wat die spelreëls betref, was Crafford (loc. cit.) van mening dat, hoewel die meeste veranderinge neergekom het op verbeterings, die veranderinge te halfhartig was. Ander “ongerymdhede” sluit in verwarrende en willekeurige toepassing van reëls, inkonsekwensies, en te veel wisselvorme (Crafford, loc. cit.). Laasgenoemde het die AWS<sup>4</sup> volgens Crafford (loc. cit.) “minder rigting-aanwysend [...] as sy voorgangers” gemaak en daardeur die beeld versterk dat Afrikaans geen vaste ortografie het nie. Gevolglik het die AWS<sup>4</sup> nie in sy doel geslaag nie, naamlik om ondubbelsinnige spelleiding aan Afrikaanssprekendes te gee, sodat hulle nie “aan opsoek” hoef te bly en vanweë die aantal “of-vorme” boonop nog kon “uitsoek-spel” ook nie (Crafford, loc. cit.). Daarom het die AWS<sup>4</sup> nie 'n einde gemaak aan spelprobleme nie en het Kritzinger (loc. cit.) nuwe spelreëls binne die afsienbare toekoms bepleit ten einde “van die drade, wat nou afgeknip is, weer te las”. Na verwagting sou dit egter nie te lank wees voordat daar aan Kritzinger se pleidooi voldoen sou word nie, want reeds teen 3 Oktober 1931 is daar berig dat die AWS<sup>4</sup> so ver uitverkoop is dat daar alweer aan 'n vyfde druk gedink sou moes word (“Afrikaanse spelling”, 1931: 7).

In werklikheid is die AWS<sup>4</sup> darem nie nét negatief ervaar soos wat Kritzinger beweer het nie. *Die Volksblad* was van mening dat die publiek tevrede kon wees met die werk van die Taalkommissie, wat hulle as “'n belangrike stap vorentoe in die Afrikaanse taalbeweging” beskou het, aangesien die AWS<sup>4</sup> 'n groot verbetering was op die voriges. Van die positiewe punte wat deur *Die Volksblad* belig is, is die duidelike uiteensetting van die spelbeginsels, die “streng wetenskaplike wyse” waarop die spelreëls hersien is, en die goeie balans tussen die konserwatisme van die WAT en die oormatige verafrikaansing wat vroeër in die AWS gevolg is. Bosman (1931: 29) het die helder en oortuigende uiteensetting van die spelbeginsels en die uitvoeriger, beter beredeneerde en beter geformuleerde spelreëls ook as “'n baie groot vooruitgang op die oue” beskou. Verder het Bosman (loc. cit.) ook laasgenoemde mening van *Die Volksblad* gehuldig toe hy die Taalkommissie geloof het vir hulle terugkeer van hulle neiging tot oordrewe verafrikaansing of fonetisering (die “ons skryf soos ons praat”-beginsel) deur tradisie en internasionale vorme veel meer in ag te neem, sonder om tot die uiterste tradisionalistiese en Nederlandse vorme oor te gaan wat Smith voorgestaan het. Ook Crafford (1931: 3), wat hom besonder gunstig uitgespreek het ten opsigte van die spesifieke spelreëlveranderinge in die rigting van 'n meer Nederlandse spelling, het die wegbeweeg van die radikalisme van die derde AWS na 'n sterk gematigde spelling in die AWS<sup>4</sup> onder die invloed van die VNS as “'n goeie teken” beskou. Hierdie “redelike mate [van] behoudenhede” sou sins insiens die spelling van

Afrikaans vergemaklik (Crafford, loc. cit.). Ander verbeterings is die toevoeging van die hoofstuk oor leestekens en die geweldige uitbreiding van die woordelys deur die insluiting van wetenskaplike terme en ander woorde wat voorheen afwesig was in die woordelys (Bosman, loc. cit.; Crafford, loc. cit.). Ook Kritzinger (1931: 1) het net lof gehad vir die Taalkommissie vir die insluiting van suiwer Afrikaanse woorde in die woordelys, veral wat betref die erkenning van die Noordelike uitspraak van sekere woorde wat nou as wisselvorme erken is. Verder is die boek ook besonder vry van drukfoute, dit is goed gebind, en goed gedruk (Bosman, loc. cit.). Die nuwe spelvorme was volgens *Die Volksblad* “betreklik min” en “in elk geval ’n baie meer rasionale spelling as die vorige”. (“Die nuwe woordelys”, 1931: 6) Daarom kon Afrikaanssprekendes die nuwe spelreëls sonder moeite leer, aldus Malherbe (1931a: 9; 1931b: 4). Ten spyte van sy kritiek, was Crafford (loc. cit.) oortuig daarvan dat die AWS<sup>4</sup> as “wegbereider” sou dien “om ons te help touwys kry vir ’n eventuele so ver moontlik algemeen aanneembare en nader logiese Afrikaanse Spelstelsel”. Bosman (1931: 29-30) het ook die Taalkommissie as padmaker vir ander Afrikaanssprekendes beskou deur hierdie “voortreflike werk”.

Uit bogenoemde dikwels teenstrydige kommentaar oor die AWS<sup>4</sup> is dit duidelik dat Afrikaanssprekendes nog nie langs dieselfde spelvuur gesit het nie, veral wat betref die spelling van vreemde woorde. Die ink van die verslag van die Pretoriase spelkonferensie (sien 4.4.2.3) was skaars droog, of die stryd tussen die sogenaamde “foortfarenthyt voorstel” (ten gunste van verafrikaansing) en die “behoudende voorstel” (ten gunste van ’n tradisionele, Nederlandse spelling) het opnuut ontbrand (Kritzinger, 1931: 1). F.S. Malan het op 6 Junie 1931 die stryd tussen die “woordelysters” en die “woordeboekers” in die senaat bespreek en ’n pleidooi gelewer vir ’n versoening van standpunte (Kapp, 2009: 122). D.F. Malan was egter van mening dat die meningsverskil hierdie keer nie so groot was soos voor die Pretoriase spelkonferensie nie. Hy het benadruk dat die besluite van die spelkonferensie gevolg moes word vir soverre daar ooreenkoms ten opsigte van die spelling bereik is en het verder besluit om met die Universiteit van Stellenbosch in gesprek te tree oor dié spelsake waar daar nog onenigheid bestaan het, aangesien dié instelling verantwoordelik was vir die *Woordeboek van die Afrikaanse Taal*. Genoemde instelling moes dan volgens eie diskresie die Akademie oor ortografiese aangeleenthede raadpleeg. (“Afrikaans kry rigting”, 1931: 8) Die Universiteit van Stellenbosch het aan hierdie wens van Malan gehoor gegee deur vier Akademielede uit te nooi om saam met vier van hulle eie verteenwoordigers te vergader ten einde ’n oplossing te probeer vind vir die spelprobleme wat nie op die spelkonferensie van 1930 uit die weg geruim kon word nie. Dat ’n ooreenkoms egter nie so maklik bereik sou word nie, blyk daaruit dat daar baie teenkanting uit Akademielede teen hierdie voorstel was. Twee lede van die Taalkommissie, D.F. Malherbe en S.P.E. Boshoff, het geweier om aan die samesprekings deel te neem, aangesien hulle dit beskou het as toegewings aan J.J. Smith. J.F.W. Grosskopf se beswaar was dat Smith geen moeite gedoen het om die



besluite van die spelkonferensie te implementeer nie en hy het daarom 'n beroep op die Akademie se verteenwoordigers gedoen om “dit 'n saak van eer [te] maak om nie die woordelys te verander nie”. (“Afrikaanse spelling”, 1931: 7; Kapp, loc. cit.)

Die Akademie het nogtans die voorstel van die Universiteit van Stellenbosch aanvaar en van 4 tot 6 Januarie 1932 is 'n tweede konferensie onder voorsitterskap van H.S. van Zijl, dié keer op Stellenbosch, gehou ten einde 'n oplossing vir die spelonenigheid te vind. Die vier persone wat die Universiteit van Stellenbosch verteenwoordig het, was J.J. Smith, D.F. du Toit, J. du P. Scholtz en H.S. van Zijl. Die Akademie is verteenwoordig deur D.F. du Toit Malherbe, H.G. Viljoen, en Taalkommissie-lede D.B. Bosman en S.P.E. Boshoff. Alhoewel die afgevaardigdes op die eerste dag geen vordering gemaak het nie, het albei partye op die tweede dag 'n aantal toegewings gemaak. Die Universiteit van Stellenbosch het ingewillig om die Akademie se meer verafrikaanste spelwyse te aanvaar en die Akademie het ingestem om 'n aantal wisselvorme te verminder. Na twee dae se druk bespreking is 'n aantal besluite in verband met die spelling van vreemde woorde geneem:

- Die Taalkommissie sal alle woorde met die Franse uitgang *-air* verafrikaans na *-êr*, terwyl die *WAT -air* sal behou, maar by gewone woorde ook wisselvorme met *-êr* sal aangee. Waar *ai* aan die begin of middel van 'n woord voorkom, sal sowel die Kommissie as *WAT*-redaksie *ai* behou, maar by gewone (nievreemde) woorde sal wisselvorme met *ai* en *ê* aangegee word.
- *Au* word behou, wat beteken dat die Kommissie nog wisselvorme in die *AWS* sal byvoeg, maar sekere woorde sal slegs een vorm met *au* hê. Die *WAT* sal slegs die vorm met *au* aangee.
- Die [i]-klank sal: in die meeste geslote lettergrepe deur *ie* voorgestel word, maar in enkele minder bekende woorde deur *i* voorgestel word; deur *ie* voorgestel word in lettergrepe wat oorspronklik geslote was, maar deur verbuiging of afleiding met uitgange *-e*, *-er*, *-erig*, *-ig* oop word; deur *ie* voorgestel word in die meeste oop eindlettergrepe, maar in enkele minder bekende woorde en Latynse meervoudsuitgange deur *i* voorgestel word; deur *i* voorgestel word in oop begin- of middellettergrepe.
- Wat die gebruik van *oe* betref, is die Kommissie se bestaande bereëling aanvaar.
- Wat die *ou* (uitgespreek [u]) betref, is die Kommissie se bestaande bereëling ook aanvaar, maar die Kommissie het onderneem om by die herdruk van die *AWS* meer wisselvorme of vorme waarin slegs die *ou* gebruik word, aan te gee.
- Wat *eau/o* betref, sal *eau* gebruik word, maar in enkele gevalle sal wisselvorme aanvaar word.

- Y word sover moontlik deur *i/ie* vervang, maar waar beswaar teen die verafrikaansing van 'n woord bestaan, sal die oorspronklike vorm met *y* ook aangegee word.
- C (uitgespreek [k]) sal net behou word in woorde wat nog as wildvreemd, geleerd of wetenskaplik beskou word.
- C (uitgespreek [s]) word in meer bekende woorde sover moontlik deur *s* vervang, maar waar beswaar teen die verafrikaansing van 'n woord bestaan, veral ten opsigte van wetenskaplike terme, sal die vorm met *c* ook aangegee word. Sc- (uitgespreek [s]) aan die begin van woorde word ook behou.
- Uitgange van woorde soos *aktrise*, *executrice* en *lektrise* sal in Woordeboek met wisselvorme (*-ice* en *-ise*) aangegee word.
- In woorde wat uit Grieks afkomstig is, word *ch* oor die algemeen behou, met uitsonderings waar die AWS wisselvorme sal aangee.
- G (uitgespreek [ʒ], [j] en [s]) word behou, maar in enkele gevalle sal die AWS ook wisselvorme met *sj* of *s* aangee.
- Wat *gn* betref, is die reël van die Kommissie bekragtig, naamlik dat woorde van vreemde oorsprong met die verbinding *gn* met *nj* geskryf word of wisselvorme met *nj* kry as dit nie die vreemde spelvorm met *gn* behou nie.
- Die bestaande Taalkommissiebereëling ten opsigte van *qu* is aanvaar.
- Die bestaande Taalkommissiebereëling ten opsigte van *-sch* is aanvaar.
- *Ph* word sover moontlik deur *f* vervang, maar waar beswaar teen die verafrikaansing van 'n woord bestaan, word die oorspronklike vorm behou of naas die verafrikaanse vorm aangegee.
- Bogenoemde geld ook *rh*.
- Wat *th/t* betref, word die oorspronklike vorm sover moontlik behou, maar waar beswaar hierteen bestaan, word die verafrikaanse vorm as wisselvorm aangegee.
- X sal oral in die WAT behou word, maar in sekere gevalle sal wisselvorme met *x* en *ks* in die AWS en WAT aangegee word.
- Z sal behou word in woorde van Griekse oorsprong.

Enkele besluite is ook ten opsigte van die spelling van spesifieke woorde geneem. Ten slotte is 'n paar besluite ten opsigte van geheimhouding geneem, onder andere dat die bevindinge van die konferensie nie aan die publiek bekend gemaak sou word voordat die volgende uitgawe van die AWS of die WAT nie verskyn het nie. Die Sekretaris van Onderwys, S.F.N. Gie, het onderneem om status aan die spelooreenkoms te verleen deur dit amptelik op 15 September 1932 te proklameer. ("Die spelling-ooreenkoms", 1932: 35; Kapp, loc. cit.; Malan, 1963: 208; "Spelling-ooreenkoms getref", 1932: 3;

“Spellingvergelyk openbaar gemaak”, 1932a: 1, 7; “Spellingvergelyk openbaar gemaak”, 1932b: 145-149; “Spellingwysiginge”, 1932: 137; Van Zijl et al., 1932: 1-7) Met hierdie besluite was dit duidelik dat *Die Huisgenoot* se voorspelling na die verskyning van die AWS<sup>4</sup>, dat die AWS in die toekoms maar min wysigings sal ondergaan, heeltemal verkeerd was! (“Akademie en die woordelys”, 1931: 11)

Alhoewel daar op die spelkonferensie ooreengekom is om nie die besluite van die konferensie openbaar te maak voordat die WAT of volgende AWS verskyn het nie, is daar agt maande later met verloop van minister Malan besluit om wel die verslag van die konferensie vir publikasie in die pers beskikbaar te stel (“Spellingvergelyk openbaar gemaak”, 1932a: 1; vgl. ook “Die spellingooreenkoms”, 1932: 35; “Spelling-ooreenkoms getref”, 1932: 3; “Spellingvergelyk openbaar gemaak”, 1932b: 145-149). Diegene wat daarvoor ongelukkig was dat daar binne agtien maande na die verskyning van die AWS<sup>4</sup> alweer ’n spelreëlverandering ingevoer sou word, is gerusgestel dat:

[...] die voorgestelde wysigings nie ’n ingrypende verandering in die taalbeeld gaan aanbring nie. Dit geld hoofsaaklik die klein oppervlakte van vreemde woorde wat nie in die alledaagse taal dikwels gebruik word nie, dus behoort dit in die praktyk nie baie moeite op te lewer nie. (“Die nuwe spelling”, 1932: 11)

Die grootste veranderinge waaraan die publiek gewoond moes raak, was die veranderinge wat betref die *i/ie*-spelling en die groot aantal wisselvorme waarvoor daar in die spel-ooreenkoms voorsiening gemaak is (“Die nuwe spelling”, loc. cit.; “Spellingvergelyk openbaar gemaak”, 1932a: 1). Die wysigings sou nietemin ’n groot aanpassing vir die Afrikaansskrywende publiek wees. Ten einde die verwarring oor die Afrikaanse ortografie wat nou geheers het uit die weg te probeer ruim, het die Nasionale Pers in oorleg met Taalkommissielid D.B. Bosman nog in dieselfde jaar ’n brosjure met ’n *Lys van wysiginge* gepubliseer. Dit is gedoen aangesien die amptelike insluiting van die wysigings in die AWS heelwat tyd in beslag sou neem en eers deur die Akademie goedgekeur moes word. Aangesien die Nasionale Pers hierdie uitstel as skadelik beskou het, het hulle Bosman versoek om, in die gees van die spelkonferensie, ’n lys op te stel van die veranderinge wat sins insiens in die volgende uitgawe van die AWS aangebring sou moes word. Hierdie brosjure het geen spelreël-wysigings bevat nie, maar bestaan uit vier bladsye met sowat 155 alfabeties geordende veranderinge wat aan die woordelys aangebring moes word. Die meeste veranderinge behels dat ’n woord deur ’n ander vervang word, by sommige woorde word wisselvorme bygevoeg, en in enkele gevalle is ’n woord bygevoeg wat nie in die woordelysgedeelte van die AWS<sup>4</sup> voorkom nie. Die publiek is versoek om die nuwe of veranderde vorme alfabeties in die AWS<sup>4</sup> in te vul. Hoewel die brosjure nie amptelike gesag gedra het nie, het die Akademiesraad die plan om só ’n brosjure saam te stel, goedgekeur. (Nasionale Pers Beprek, 1932: 3-7; Malan, 1963: 209)

Toe die Bybel in 1933 verskyn, was die spelling wat daarin toegepas is onmiddellik verouderd, veral wat betref die *i/e*-skryfwyse en die spelling van afleidings van woorde met *ee* in oop eindlettergrepe, aangesien die Bybel reeds finaal gedruk was teen die tyd dat die wysigings wat voortgespruit het uit die spelkonferensie openbaar gemaak is (Venter, 1964: 166). In werklikheid het die spelkonferensie ook groter skeiding tussen die ortografiese sisteme van die *AWS* en die *WAT* gebring, aldus Malan (1963: 208). In 'n poging om verhoudings met J.J. Smith te herstel, het die Akademie hom in 1932 weer in die Taalkommissie benoem. Smith het egter soos voorheen (1926-1930) sy lidmaatskap tot die Taalkommissie geïgnoreer en het steeds vryhede opgeëis in verband met sekere spelreëls (Bosman, 1959: 121). Smith het later selfs so ver gegaan om sy spelwyse te verpolitiseer deur dit van 1936 tot 1939 in twee Verenigde Party-koerante, *Die Suidsterm* en *Ons Land*, te gebruik. Maar in werklikheid het Smith se spelwyse al hoe meer die wind van voor gekry en steun daarvoor het vinnig begin kwyn (Gericke, 1991: 47; Kapp, 2009: 122). In 1933 het die toenmalige Minister van Binnelandse Sake wat Malan in dieselfde jaar opgevolg het, J.H. Hofmeyr, hom ten gunste van die Taalkommissie se spelwyse en téén Smith s'n uitgespreek omdat hy gevoel het:

[...] dat dit uiters ongewens sou wees om af te wyk van die spelling wat tans in swang is in bestaande skoolboeke en gaan akkoord [met die Taalkommissie] dat dit dringend noodsaaklik is dat 'n vaste spelvorm nou moet bestendig word teneinde [sic.] verwarring te voorkom en eenvormigheid te bewerkstellig. ("Minister gryp in in spellingkwessie", 1933: 1)

Hy het besluit dat die staatsvertaler, wat tot op daardie stadium nog merendeels Smith se voorbeeld ten opsigte van spelling gevolg het, voortaan die spelreëls soos uiteengesit in die *AWS*<sup>4</sup>, en gewysig ingevolge die besluite van die spelkonferensie op Stellenbosch, moes volg en dat die vertaler in die geval van wisselvorme telkens die verafrikaanste vorm moes kies. Universiteite is ook hieroor ingelig, klaarblyklik met die bedoeling dat hierdie inrigtings ter wille van eenvormigheid ook hierdie voorbeeld van die staatsvertaler moes volg. Selfs die Universiteit van Stellenbosch (die tuiste van die *WAT*) het besluit om die Taalkommissiespelling te volg. Die verteenwoordigers van die vier provinsiale Departemente van Onderwys het ook eenparig besluit om dieselfde verafrikaanste rigting in skoolboeke in te slaan. Hierdeur het die Taalkommissiespelling 'n enorme hupstoot gekry. Die bepalings oor spelling deur die minister vasgestel, was egter nie van toepassing op die spelling in die *WAT* nie. Smith is steeds toegelaat om sy eie spelrigting te volg en daar sou nie ingegryp word in die spelbenadering van die *WAT* nie. ("Die spellingstryd opgelos?", 1933: 11; "Minister gryp in in spellingkwessie", loc. cit.; "Mnr. Hofmeyr oor die spellingopdrag", 1933: 5; Gericke, loc. cit.)

Hierdie ingryping deur minister Hofmeyr is egter nie sonder opspraak begroet nie. In sommige kringe is daar 'n sug van verligting geslaak oor wat hulle gemeen het die oplossing van die speltwis en die verdwyning van wisselvorme was; 'n wapenstilstand na die langdurige spelstryd. Ander was egter

weer bang dat dit die spelstryd opnuut sou laat ontbrand en die bestaande verwarring op spelgebied in baie opsigte sou vererger. Hulle was ook ongelukkig daarvoor dat die vryheid wat aan Afrikaanssprekendes gelaat is deur die besluite van die spelkonferensie, asook die “natuurlike” ontwikkel van die ortografie óf in die verafrikaanste rigting óf in die behoudende rigting, weer deur Hofmeyr se besluit gestuit is. (“Die spellingstryd opgelos?”, 1933: 11) Op ’n konferensie van staatsvertalers het minister Hofmeyr egter die wens uitgespreek dat “die Afrikaanse spellingvraagstuk nou as opgelos beskou kan word, dat ons koers en rigting gevat het en dat van hierdie rigting nie afgewyk sal word nie” (“Spellingvraagstuk nou opgelos?”, 1933: 7). Dit het dus uiteindelik politieke ingrype geverg ten einde die Afrikaanse ortografie weer op sy onafhanklike ontwikkelingsweg te plaas wat deur die onenigheid tussen J.J. Smith en die Taalkommissie gestuit is.

#### **4.5.2.5 Die 1937-uitgawe van die *Afrikaanse woordelys en spelreëls***

Ten spyte daarvan dat die AWS<sup>4</sup> te midde van die hoogtepunt in die speltwis verskyn het en dit met tye gelyk het asof daar nooit ’n ooreenkoms tussen die uiteenlopende standpunte bereik sou word nie, is ook hierdie uitgawe van die AWS in ’n betreklik kort tydjie uitverkoop (Boshoff, et al., 1937: iii). En met die *Lys van wysiginge* wat slegs ’n jaar na die AWS<sup>4</sup> gepubliseer moes word (sien 4.5.2.4), was die samestellers van die AWS genoop om sommer vinnig ’n nuwe uitgawe die lig te laat sien. So verskyn die vyfde, hersiene en vermeerderde druk van die *Afrikaanse woordelys en spelreëls* [voortaan AWS<sup>5</sup>] slegs vier jaar nadat minister J.H. Hofmeyr ’n einde gemaak het aan die spelonenigheid (sien 4.5.2.4), weer in opdrag van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Taal, Lettere en Kuns. Die samestellers, wat nou bekend staan as die Taalkommissie (die naam wat voortaan gebruik sou word), is intussen met een persoon vermeerder deurdat L.W. Hiemstra hom by Boshoff, Bosman en Malherbe aangesluit het. Met hierdie uitgawe is daar voortgebou op die ortografiese tradisie wat sedert 1915 deur die Akademie vasgelê is en ook rekening gehou met die wysigings wat in 1932 aan die Afrikaanse ortografie aangebring is (Bosshoff, et al., loc. cit.). Met sowat 368 bladsye, is die AWS<sup>5</sup> net vyf bladsye dikker as sy voorganger, maar nietemin steeds aan die groei in omvang. Wat samestelling betref, is die AWS<sup>5</sup> so te sê identies aan die vorige uitgawe met ’n voorwoord, die Afrikaanse spelreëls, ’n lys afkortings wat in die AWS<sup>4</sup> gebruik word, en die Afrikaanse woordelys.

Anders as in die vorige uitgawe, het die Taalkommissie dit blykbaar nie nodig geag om ’n ellelange relaas voor te hou waarin hulle hulle werk in die “Voorwoord” motiveer of verdedig nie. “Die voorwoord tot hierdie uitgawe verskil in ’n belangrike opsig van al die voriges daarin dat hier nie meer propaganda vir Afrikaans gemaak word nie”, aldus Venter (1964: 168). In die “Voorwoord” van ongeveer twee bladsye lank word daar weer vlugtig op die ortografiese tradisie van Afrikaans gewys, waarna die

leser se geheue verfris word ten opsigte van die gebeure wat aanleiding gegee het tot sekere wysigings wat aan die AWS<sup>4</sup> aangebring moes word en hoe dit in die inhoud van die AWS<sup>5</sup> verreken is. Daar word egter net op 'n nugter wyse gewys op wat weggelaat, bygevoeg of verander is, terwyl die taak van die Taalkommissie en die doel van die AWS telkens beklemtoon word (Venter, loc. cit.). Wat die spelbeginsels betref waarvan die Taalkommissie uitgegaan het by die behandeling van vreemde woorde, word die leser bloot terugverwys na die "Voorwoord" van die AWS<sup>4</sup>. Die Taalkommissie het skynbaar gemeen dat hulle nou oor genoegsame gesag op die gebied van ortografie, en veral die spelling van vreemde woorde, beskik het dat hulle nie verder hulle werkswyse hoef te regverdig of te verdedig nie. Laastens word die leser verwys na nuttige aanvullende bronne vir interpunksie en die vas skryf van woorde in Afrikaans. Daar word ten slotte gemeld dat die "skryfwyse van aardrykskundige name en die spelling van woorde met 'n hoofletter" kwessies is "wat nog steeds op leiding en reglementering wag" (Boshoff, et al., 1937: v). Eersgenoemde is waarskynlik subtiele kritiek in die rigting van J.J. Smith, aangesien hy reeds op die Pretoriase spelkonferensie van 1930 onderneem het om die spelling van geografiese benaminge te bereël (sien 4.5.2.3). Die Taalkommissie gee egter nie 'n aanduiding of hulle van plan is om in die toekoms bogenoemde twee sake self te hanteer nie.

Benewens enkele strukturele veranderinge en herformulerings, is die spelreëlgedeelte van die AWS<sup>5</sup> in wese dieselfde as dié van die AWS<sup>4</sup>. Die opmerklikste strukturele verandering is dat die "Afrikaanse spelreëls" nou uit twaalf hoofstukke in plaas van tien bestaan. Daar is egter geen ekstra reëls bygevoeg nie. Die laaste twee spelreëls wat in die AWS<sup>4</sup> onder die hoofstuk "Medeklinkers" voorgekom het en waarin riglyne vir die verdubbeling van medeklinkers en lettergreepverdeling onderskeidelik behandel is, is in die AWS<sup>5</sup> elk onder 'n eie hoofstukopkrif geplaas, te wete "Verdubbeling van medeklinkers" en "Verdeling in lettergrepe". Wat die res van die hoofstukke betref, is die inhoud so te sê identies aan dié van die AWS<sup>4</sup>, met enkele uitsonderings. Hierdie uitsonderings sluit in ekstra voorbeelde en twee opmerkings wat onder hoofstuk IV "Vreemde woorde" bygevoeg is. Waar in die AWS<sup>4</sup> sover moontlik gepoog is om 'n keuse te laat wat betref die spelling van woorde waar twyfel bestaan tot watter mate hulle in Afrikaans ingeburger is, word onder hierdie hoofstuk oor die spelling van vreemde woorde nou gemeld dat waar 'n keuse tussen twee spelvorme gelaat word ('n vreemde en verafrikaanste spelvorm), die voorkeur gegee word aan die verafrikaanste vorm "in ooreenstemming met die spelpraktyk van die oorgroot meerderheid van die skrywende publiek". Hierdie verskynsel kan toegeskryf word aan minister Hofmeyr se bepaling van 1933 dat die verafrikaanste vorm telkens vir gebruik in die staatsdiens gevolg moet word. Dit het veroorsaak dat universiteite, kolleges, onderwysdepartemente, die pers, en ook samestellers van skoolboeke en woordeboeke hierdie weg begin inslaan het, en sodoende het die skrywende publiek die ortografiese tradisie van die Akademie verder help bestendig. (Boshoff, et al., 1937: iv, xv) Hiermee het die Taalkommissie 'n positiewe stap weg

van die sterk Nederlandse invloed geneem waardeur die AWS<sup>4</sup> gekenmerk is en die Afrikaanse ortografie sodoende weer op die weg na onafhanklikheid geplaas.

Nog 'n opmerklieke verandering is die lys algemene reëls vir die verafrikaansing van woorde wat onder die hoofstuk “Verafrikaansing van vreemde woorde” weggelaat is. Dit is in werklikheid nie 'n weglating van inligting nie, aangesien die reëls vir die verafrikaansing van woorde in elk geval in die AWS<sup>4</sup> in die spelreëls self ook in besonderheid bespreek is. Dié verdubbeling van inligting is met ander woorde net in die AWS<sup>5</sup> uitgeskakel en die inhoud is sodoende bondiger gemaak. In die AWS<sup>4</sup> is slegs die reëls onder die hoofstukke “Klinkers en tweeklanke” en “Medeklinkers” genommer, maar daar is nooit 'n aanduiding gegee waarom dit so is nie. In die AWS<sup>5</sup> word hierdie hoofstukke met genommerde reëls (hier “Klinkers en tweeklanke”, “Medeklinkers”, “Verdubbeling van medeklinkers” en “Verdeling in lettergrepe”) ingelui met die opskrif “Spelreëls”, wat aan die gebruiker die aanduiding gee dat die spelreëls in werklikheid net in hierdie hoofstukke vervat is. Die hele gedeelte oor spelreëls bevat steeds dieselfde twee en veertig reëls met subreëls en opmerkings (17 reëls, 23 reëls, en een reël elk vir die twee nuwe hoofstukke onderskeidelik). Afgesien van 'n reël wat hier en daar geherformuleer, uitgebrei of verder toegelig is, is die meeste van die spelreëls identies aan dié wat in die AWS<sup>4</sup> verskyn. Die opmerklikste veranderinge wat hier te bespeur is, is die verandering van die reëls oor die skryfwyse van *i/e*, waar daar nou 'n onderskeid gemaak word tussen Afrikaanse woorde en “klassieke” of “internasionale” woorde, oftewel woorde van vreemde herkoms (vgl. reëls 7 en 8, hoofstuk VII “Klinkers en tweeklanke”; Boshoff, et al., 1937: iv; Van der Merwe, 1968: 102). Ten slotte maak die twee hoofstukke oor “Samestellinge en woordkoppeling” en “Leestekens” ook weer hulle verskyning in identiese baadjies as in die AWS<sup>4</sup>. Dit is dus duidelik dat die spelreëls in wese steeds dieselfde gebly het.

Die “Afrikaanse woordelys”, wat weer deur dieselfde lys afkortings voorafgegaan word wat reeds sedert die eerste uitgawe van die AWS sy verskyning maak, is in vergelyking met sy voorganger nie drasties in hierdie uitgawe vergroot nie. Teen driehonderd en dertig bladsye is hierdie woordelys slegs vier bladsye dikker as sy voorganger, maar daar is nietemin 'n toename, veral vanweë die erkenning van meer wisselvorme by die spelling van vreemde woorde en die bywerk van die *Lys van wysiginge* van 1932, beide uitvloeisels van die 1932-spelkonferensie. Soos in die vorige uitgawe is daar ook in hierdie woordelys enkele woorde van Engelse afkoms opgeneem, byvoorbeeld *donkie*, *enjin*, *logboek*, *mondstuk*, *onkant*, *robot*, *roomys*, *rugby*, *skrum*, *skrumskakel*, *strafskop* en *wolkkrapper*, terwyl ander weer weggelaat is, soos *bottelstoor*. 'n Paar woorde uit ander tale is ook weer opgeneem, byvoorbeeld *emir*, *ghantang*, *ghnarrabos*, *ghoema*, *kabaai*, *nadir* en *tjoema*. Wat uitleg en aanbieding betref, is daar volgehou met die formaat wat sedert 1917 aan die orde is (sien 4.5.2.1).

Gegewe die fel speloerlog wat die AWS<sup>5</sup> voorafgegaan het, is dit te verstane dat die publiek maar bra huiwerig was om hulle in die pers oor die nuwe AWS uit te spreek. Dit beteken egter nie dat die AWS<sup>5</sup> geen kritiek ontvang het nie. Na 'n redelike tyd van stilte oor die AWS<sup>5</sup> het J. du P. Scholtz (wat sedert die volgende uitgawe self lid van die Taalkommissie sou wees; sien 4.5.2.6) hom 'n paar maande later in *Die Huisgenoot* van 25 Maart 1938 uitvoerig oor die AWS<sup>5</sup> uitgespreek. Scholtz (1938: 37) was veral verlig dat die ongerief wat daaruit gespruit het dat 'n mens saam met die AWS<sup>4</sup> 'n supplement moes gebruik, nou met die bywerk van die *Lys van wysiginge* uit die weg geruim is. Hy was van mening dat daar op talryke punte “bewyse te vind [is] dat die Spelreëls en Woordelys grondig hersien is en dat daar heelwat meer sorg aan die redaksie bestee is as voorheen”. Hy het ook baie lof gehad vir die duidelike, oorsigtelike en volledige uiteensetting van die AWS<sup>5</sup> (Scholtz, loc. cit.). Belangrike verbeterings in hierdie verband sluit in 'n netjieser aanbieding van spelreëls, soos die weglaat van die grootste gedeelte van hoofstuk V oor die verafrikaansing van vreemde woorde wat volgens Scholtz (loc. cit.) nutteloos en verwarrend was. Verbeterings van hierdie aard in die woordelys behels dat drukfoute, verkeerde volgorde van woorde, en vergissings wat in die AWS<sup>4</sup> volop was, nou baie seldsamer is (Scholtz, loc. cit.). Verder was Scholtz (loc. cit.) van mening dat diegene wat hulle met die Akademie se beginsels oor die spelling van vreemde woorde kon vereenselwig, nou baie min in die spelreëls sou vind waarteen hulle redelikerwys beswaar kon aanteken. Daar is ook verskeie woorde wat 'n mens in die woordelys sou verwag wat nou vir die eerste keer in die AWS opgeneem is, asook woorde wat afstand gedoen het van hulle Engelse vorme ten gunste van 'n meer verafrikaanste spelvorm. Venter (1964: 168) meen ook 'n paar dekades later dat die AWS<sup>5</sup> “'n hele reeks interessante en bruikbare innovasies tot die spelreëls en woordelys toegevoeg” het, maar brei nie hierop uit nie.

Alhoewel Scholtz (1938: 37) van mening was dat die nuwe AWS baie en belangrike verbeterings bevat het, het hy tog gemeen dat daar steeds dinge in die AWS<sup>5</sup> was wat nie heeltemal bevredigend is nie. Ten spyte van die groter omvang van die woordelys in vergelyking met sy voorgangers, het Scholtz (loc. cit.) gemeen dat die omvang steeds te beperk was en dat daar woorde in die woordelys gemis word. Hy het ook gemeen dat daar groter sorg aan die dag gelê moes word by die keuse van watter woorde uit die Afrikaanse woordeskat in die woordelys opgeneem word. Syns insiens is daar op sommige plekke te veel wisselvorme gegee, terwyl ander weer ten onregte uitgelaat is. (Scholtz, loc. cit.) Waar by vroeëre uitgawes gevoel is dat veral die Noordelike uitspraak in die AWS afgeskeep is (sien 4.5.2.3), meen Scholtz (1938: 37, 87) nou dat dit skyn of Bolandse taalvorme “deur 'n onnodig fyn sif moes gaan” en baie woorde sodoende verwyder is op grond van die feit dat dit 'n “Bolandisme” is. Hierdie kritiek dui daarop dat die AWS<sup>5</sup> nie vir Scholtz verteenwoordigend was van die wyer Afrikaanse spraakgemeenskap nie. Ander punte van kritiek teen die woordelys was dat doeblette nie



na behore uitmekaar gehou is nie en dat die Taalkommissie nie simpatiek genoeg was ten opsigte van die stryd wat Afrikaans teen die invloed van Engels moes voer nie deurdat hulle woorde met 'n Engelse kleur bestendig het deur dit 'n plek in die woordelys te gee (Scholtz, loc. cit.). Hy het die hoop uitgespreek dat die samestellers in die volgende uitgawe woorde soos *Boer(e)-oorlog, moestas, rof* en *spiets* sou verwerp (Scholtz, 1938: 37). Wat sy besware oor die spelreëls betref, het Scholtz (loc. cit.) gemeen dat reël 4 van hoofstuk VII “nie heeltemal in orde” was nie, deurdat sekere spelvorme in die woordelys in stryd was met hierdie reël en dat van die ander spelreëls ook nie konsekwent genoeg in die woordelys toegepas is nie. Verder was hy van mening dat die gebruik van die koppelteken baie moeilikheid vir die gebruiker veroorsaak het en hy het die reëls oor die spelling van vreemde woorde in Afrikaans steeds as 'n struikelblok vir die skrywende publiek beskou (Scholtz, 1938: 87).

'n Jaar later, in 1939, gee die Akademie 'n afsonderlike *Lys van afkortings* in brosjurevorm uit soos opgestel deur die Taalkommissie (Boshoff, et al., 1953: 3, 296). Verteenwoordigers van verskillende terreine soos die wetenskap, staatsdepartemente, bankwese en handelswêreld is om inligting genader en geraadpleeg, maar 'n gebrek aan eenstemmigheid in sommige kringe het daartoe gelei dat die Taalkommissie nie soveel vakkundige of tegniese afkortings kon insluit soos wat hulle graag wou nie (Boshoff, et al., 1953: 295). Hierdie lys afkortings, wat voorafgegaan word deur 'n voorwoord waarin die benadering uiteengesit is wat deur die Taalkommissie gevolg is tydens die opstel van die lys, beslaan ongeveer sewentien bladsye alfabeties geordende afkortings in Afrikaans met hulle verklarings. In 1948 verskyn daar ook 'n lys *Amptelike plekname* en in 1952 'n *Aanvullende Lys* daarby (Taal-kommissie, 1964: “Voorwoord”, no. 1).

#### **4.5.2.6 Die 1953-uitgawe van die *Afrikaanse woordelys en spelreëls***

Sestien jaar nadat die AWS<sup>5</sup> verskyn het, verskyn die sesde, hersiene druk van die *Afrikaanse woordelys en spelreëls* [voortaan AWS<sup>6</sup>], nou in opdrag van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, wat ook intussen 'n verandering in struktuur en gevolglik ook naam ondergaan het deurdat daar 'n eksplisiete ruimte vir wetenskap binne die liggaam geskep is (sien 4.3.3.1). Dit was die langste tyd wat tot op daardie stadium tussen twee uitgawes verloop het en dui tot 'n sekere mate op die vlak van stabilisering wat toe reeds in die Afrikaanse ortografie bereik is. (“Die Afrikaanse spelling van 1953”, 1953: 7) Die Taalkommissie het ook intussen redelike verandering in samestelling ondergaan, deurdat S.J. du Toit, W. Kempen, T.H. le Roux en J. du P. Scholtz hulle by Boshoff, Hiemstra en Malherbe aangesluit het, terwyl Bosman nie langer deel was van die Taalkommissie nie. Saam met hierdie instroming van vars bloed in die Taalkommissie het skynbaar ook 'n hele aantal vars idees gekom. Alhoewel die AWS<sup>6</sup> met ongeveer driehonderd en sewentien bladsye sowat vyftig

bladsye dunner is as sy voorganger, is dit met die eerste oogopslag duidelik dat die *AWS*<sup>6</sup> grondig hersien is deurdat daar heelwat veranderinge aangebring is. Laasgenoemde is reeds duidelik uit die samestelling van die *AWS*<sup>6</sup> wat nou bestaan uit 'n voorwoord, die Afrikaanse spelreëls, 'n toeligting tot die woordelys, die woordelys, 'n lys afkortings en 'n indeks. Dit is ook die eerste uitgawe van die *AWS* waarin daar nie van Romeinse bladsynommers gebruik gemaak word nie. Alhoewel die *AWS*<sup>6</sup> in verskeie opsigte anders daar uitsien as die vorige uitgawes, is daar in hierdie uitgawe tot 'n groot mate voortgebou op die Afrikaanse ortografiese tradisie, en waar daar wel wysigings aangebring is, kom dit nie neer op ingrypende veranderinge nie (Boshoff, et al., 1953: 3).

In die “Voorwoord” word daar in vier bladsye kortliks 'n puntsgewyse uiteensetting gegee van alles wat in die *AWS*<sup>6</sup> geskrap is, bygevoeg is, en gewysig is, aangesien “[h]ierdie druk van die Akademie se **Woordelys en Spelreëls**” aansienlik verskil “van die vorige uitgawes” (Boshoff, et al., 1953: 1). Dat dit so is, blyk veral uit die gedeelte wat die “Afrikaanse spelreëls” bevat. Waar slegs die reëls in sekere hoofstukke van die “Afrikaanse spelreëls” in vorige uitgawes genommer is en werklik as spelreëls beskou is (vgl. 4.5.2.5), bestaan die “Afrikaanse spelreëls” nou as geheel uit twee en veertig reëls wat onder twaalf hoofstukke uiteengesit is. Oor die algemeen is daar gepoog om 'n bondiger en noukeuriger benadering tot die formulering van spelreëls te volg. Dit het aanleiding gegee tot die herformulering (dikwels verkorting), hergroepering en samevoeging van baie van die spelreëls. So is die grondbeginsels nie meer soos in vorige uitgawes in twee hoofstukke behandel nie, maar bondig onder die opskrif “Grondbeginsels” uiteengesit. Alhoewel hierdie uitgawe aansienlik van sy voorgangers verskil, het die spelbeleid en grondbeginsels in die gees van die ortografiese tradisie wat oor die voorafgaande ongeveer dertig jaar gevestig is, feitlik ongewysig gebly. Daarom het die grondbeginsels van die Afrikaanse ortografie “nouliks nog 'n breedvoerige uiteensetting” nodig gehad en het die Taalkommissie “volstaan met 'n saaklike toeligting”. (Boshoff, et al., 1953: 1, 6) Daardeur is meer ruimte gelaat vir inligting wat vir die gebruiker van groter belang is, soos uitvoeriger uiteengesette spelreëls of meer lemmas in die woordelys.

Die hoofstuk oor “Wisselvorme” is met byna drie bladsye verminder, aangesien die Taalkommissie in hierdie uitgawe weer sover moontlik gepoog het om die aantal wisselvorme in die *AWS*<sup>6</sup> te verminder (Boshoff, et al., 1953: 1). Daar is ook gepoog om 'n beter uiteensetting van die verskillende wisselvorme in Afrikaans te gee deur die wisselvorme vir die eerste keer in twee groepe te verdeel, naamlik wisselvorme met 'n vreemde naas 'n verafrikaanste vorm, en wisselvorme wat verskille in die Afrikaanse uitspraak weergee. Dit is veral ten opsigte van eersgenoemde groep dat wisselvorme aansienlik verminder is, aangesien daar probeer is om sover moontlik telkens slegs een spelvorm weer te gee. In enkele gevalle is albei vorme egter behou, byvoorbeeld by die meervoudsvorme van

vreemde woorde waar die vreemde en verafrikaanste spelvorm aanvaar word. By die wisselvorme wat verskille in uitspraak weergee, is daar ook gestreef om die aantal wisselvorme sover moontlik te verminder deur telkens net die “algemene, beskaafde” vorm van ’n woord te gee. Maar omdat dit nie altyd so maklik is om te bepaal wat as “algemeen” of “beskaaf” geld nie, moes verskeie, veral werkwoordelike, wisselvorme van hierdie aard behou word. (Boshoff, et al., 1953: 8-9) Alhoewel die vermindering van Nederlandse wisselvorme in hierdie uitgawe ’n positiewe stap was, dui die feit dat daar weer gepoog is om slegs die “algemeen beskaafde” vorme van Afrikaanse woorde op te neem daarop dat die Taalkommissie in die AWS<sup>6</sup> weer in die rigting van ’n baie eng vorm van Standaardafrikaans beweeg het, dit is een waarin daar nie ruimte is vir ander variëteite van Afrikaans nie.

Wanneer die hoofstuk oor “Vreemde woorde” in oënskou geneem word, word dit duidelik dat die rede waarom die wisselvorme in die groep vreemde versus verafrikaanste spelvorm so drasties verminder kon word, daaraan toe te skryf is dat daar oor die algemeen ’n verskuiwing in die rigting van verafrikaansing van vreemde woorde plaasgevind het sedert die vorige uitgawe van die AWS. Sedert die vierde uitgawe het dit geblyk dat waar die skrywende publiek voor ’n keuse van die vreemde spelvorm teenoor die verafrikaanste spelvorm van ’n woord geplaas is, die meeste mense telkens die verafrikaanste vorm gekies het. Hierdie praktyk is in die AWS<sup>5</sup> aangemoedig en het tot gevolg gehad dat in die AWS<sup>6</sup> “by talle [...] woorde die vreemde spelvorme met vrymoedigheid” weggelaat kon word. Alhoewel die oorspronklike indeling van vreemde woorde behou is (vgl. 4.5.2.3), het daar in die AWS<sup>6</sup> maar min woorde in die laaste twee klasse oorgebly, dit is wildvreemde en moeilik verafrikaansbare woorde wat hulle vreemde spelvorm behou het en die tussenklas wat volgens ’n vreemde sowel as ’n Afrikaanse spelwyse gespel kon word. In die AWS<sup>6</sup> is talle van die wildvreemde woorde óf geskrap, óf geheel verafrikaans, en in die tussenklas het die publiek telkens voorkeur gegee aan die Afrikaanse spelvorm, wat beteken dat baie van die woorde wat eers deel was van laasgenoemde klasse in die AWS<sup>6</sup> deel uitmaak van die eerste klas, dit is woorde wat volgens die gewone Afrikaanse spelreëls geskryf word. (Boshoff, et al., 1953: 2, 10-11) Hierdie verskuiwing in die Afrikaanse ortografie het ook die hoofstuk oor die “Verafrikaansing van vreemde woorde” wat in vorige uitgawes teenwoordig was, oorbodig gemaak, sodat dit, nadat dit reeds in die AWS<sup>5</sup> aansienlik verkort is (sien 4.5.2.5), in die AWS<sup>6</sup> geheel geskrap is.

Die hoofstuk oor “Klinkers en tweeklanke” is, naas die herformulering van spelreëls, byvoeging van opmerkings en voorbeelde, en samevoeging van gelyksoortige reëls, in wese nog dieselfde. Die opmerklikste veranderinge in hierdie hoofstuk is dat alle reëls en opmerkings oor deelttekens en afkappingstekens uit hierdie hoofstuk verwyder is en elk in ’n afsonderlike hoofstuk, getiteld “Die deeltteken” en “Die afkappingstekens”, behandel is. Die reël wat voorheen bepaal het dat *maatjie* die

verkleiningsvorm van *maat* én *ma* kon wees, is in die AWS<sup>6</sup> verander sodat die verkleiningsvorm voortaan slegs *maat* sou geld (vgl. reël 10). Die hoofstuk “Medeklinkers” word ook nou gekenmerk deur bondiger en noukeuriger formulering, die weglaat van onnodige reëls en die toevoeging van enkele ander, en die samevoeging van gelyksoortige reëls wat hierdie hoofstuk en die aantal reëls daarin aansienlik verkort het. Die hoofstukke oor “Verdubbeling van medeklinkers” en “Verdeling in lettergrepe” is steeds teenwoordig, maar daartussen is twee nuwe hoofstukke bygevoeg, te wete oor “Die gebruik van hoofletters” en “Meervoudsvorme”. Met eersgenoemde toevoeging tot die AWS<sup>6</sup> het die Taalkommissie uiteindelik gehoor gegee aan ’n behoefte wat hulle reeds met die 1937-uitgawe ervaar het, naamlik die leiding en reglementering ten opsigte van hooflettergebruik (sien 4.5.2.5). Omdat die Taalkommissie dit moeilik gevind het om hooflettergebruik onder reëls te bring en hulle van mening was dat “’n mate van vryheid [...] daarby gelaat [moes] word”, het hulle drie reëls met subreëls daargestel waardeur hulle “alleen in breë trekke leiding” op dié gebied wou gee (Boshoff, et al., 1953: 22). In die hoofstuk oor meervoudsvorme is baie van die reëls en opmerkings onderbring wat in vorige uitgawes deel van ander spelreëls uitgemaak het, maar hier ter wille van ’n duideliker en gebruikersvriendeliker uiteensetting saam gegroepeer is.

Daar is egter ook addisionele reëls bygevoeg. Die hoofstuk oor lettergreepverdeling is uitgebrei en duideliker uiteengesit met tien reëls oor die verdeling van Afrikaanse woorde in lettergrepe. Die feit dat die hoofstuk oor “Samestelling en samekoppeling” van die AWS<sup>5</sup> se twee bladsye aansienlik in die AWS<sup>6</sup> uitgebrei is tot ses en ’n halwe bladsye, is deels te danke aan J. du P. Scholtz se betrokkenheid by die Taalkommissie, aangesien dit juis hy was wat die AWS<sup>5</sup> gekritiseer het vir die moeilike reëls ten opsigte van koppeltekengebruik (sien 4.5.2.5). Die Taalkommissie het egter ook ondervind dat die skrywende publiek die koppelteken baie onoordeelkundig gebruik het, deurdat “dit oordryf word en tot allerlei inkonsekwensies lei”, en daarom het die Taalkommissie nou ’n spaarsamiger gebruik daarvan aanbeveel deur die koppelteken in baie woorde deur vas skryf of die deelteken te vervang (Boshoff, et al., 1953: 3). In enkele gevalle is woorde wat in die AWS<sup>5</sup> vas geskrywe is, egter in die AWS<sup>6</sup> weer los van mekaar gemaak omdat daar gemeen is dat daar in sommige gevalle te ver gegaan is met die vas skryf van woorde. Omdat hierdie neiging bestaan het om te veel vas te skryf en ten einde verdere verwarring op die gebied van los of vas skryf te voorkom, is daar in die AWS<sup>6</sup>, in afwyking van vorige uitgawes, nie net vas geskrewe woorde opgeneem nie, maar ook voorbeelde van woordgroepe wat los geskryf moet word. (“Afrikaanse woordelys”, 1953: 55; Boshoff, et al., 1953: 3-4; “Die Afrikaanse spelling van 1953”, 1953: 7) Die reëls oor samestelling en samekoppeling is in vier groepe verdeel: samestellings/-koppelings wat vas geskryf **moet** word, samestellings/-koppelings wat vas geskryf **kan** word, samestellings/-koppelings wat met ’n koppelteken geskryf **moet** word, en samestellings/-koppelings wat met ’n koppelteken geskryf **kan** word. Uit hierdie indeling is dit duidelik dat die Taal-

kommissie maar moeite gehad het om hierdie reëls onder woorde te bring. In hierdie hoofstuk lyk dit ook asof die Taalkommissie eerder 'n aantal riglyne as reëls oor die samestelling of samekoppeling van woorde, al dan nie, wou gee. Daarom is die publiek ook aangeraai om eerder die woordelys te raadpleeg indien “die toepassing van die reëls 'n bepaalde geval moontlik nie heeltemal bevredigend dek nie of twyfel omtrent die skryfwyse daarvan laat ontstaan” (Boshoff, et al., 1953: 29). Die hoofstuk oor “Leestekens” wat in die vorige twee uitgawes deel was van die AWS, is in die AWS<sup>6</sup> weggelaat. Dit was myns insiens 'n goeie stap, gegewe die nuttelosheid van die inligting in hierdie hoofstuk in vorige uitgawes en dat leestekens in elk geval nie met die ortografie te make het nie.

Met die toevoeging van 'n lys afkortings in die AWS<sup>6</sup> (meer hieroor later), het die lys afkortings wat in die vorige uitgawes van die AWS gebruik is, in onbruik verval. 'n Nuwe toevoeging is egter 'n “Toeligting” oor die gebruik van die woordelys ten einde die gebruikswaarde daarvan te vergroot. Uit die woordelys, wat teen tweehonderd ses en vyftig bladsye amper vyftig bladsye dunner is as dié van die AWS<sup>5</sup>, is dit duidelik dat die Taalkommissie groter sorg aan die dag gelê het met die seleksie van woorde uit die Afrikaanse woordeskat wat in die woordelys opgeneem moes word (vgl. Scholtz se kritiek teen die AWS<sup>5</sup>, 4.5.2.5). Eerstens is 'n groot aantal lemmas uit die vorige woordelys geskrap, “omdat hulle geen spellingmoeilikhede oplewer of behoort op te lewer nie” (Boshoff, et al., 1953: 1). Dit sluit in eenvoudige, onsaamgestelde woorde, samestellings en afleidings wat geen spelmoeilikheid oplewer nie, en 'n aantal vreemde, veral Franse, woorde waaraan daar byna geen behoefte in Afrikaans bestaan nie. By adjektiewe is die trappe van vergelyking wat geen spelprobleme oplewer nie ook meestal weggelaat. Inligting wat egter behou is, is die verboë vorm van die adjektief én of die adjektief onverboë of slegs verboë gebruik kan word. (Boshoff, et al., 1953: 1) 'n Paar woorde van Nederlandse afkoms soos *autochthoon*, *edukasie*, *geloofbaar keuken* en *moedervlek* is ook geskrap en daar is nou 'n onderskeid gemaak tussen *vlees* en *vleis*.

Daar is egter nie net uit die woordelys geskrap nie. 'n Aantal aanvullings is gemaak in die vorm van woorde van Engelse afkoms, meer tegniese, natuurwetenskaplike en ander vakterme, asook eiename. Voorbeelde van eersgenoemde is *bisley*, *boksendais*, *boul*, *bungalow*, *film*, *filmster*, *ghrop*, *haker*, *heelagter*, *helikopter*, *reses* en *verkeersbeampte*. Uitbreiding op die gebied van vakterminologie is veral te danke aan die strukturele veranderinge wat die Akademie ondergaan het in die vorm van die stigting van die Fakulteit vir Natuurwetenskap en Tegniek en die Vaktaalburo van die Akademie (sien 4.3.3.1 en 4.3.4.2). Dit, tesame met 'n hele aantal vakwoordelys wat sedert die vorige uitgawe van die AWS die lig gesien het, het dit vir die Taalkommissie moontlik gemaak om 'n groot aantal natuurwetenskaplike en tegniese terme, waaronder skeikundige terme, in die woordelys van die AWS<sup>6</sup> op te neem. Die Taalkommissie sou egter nog meer vakterme uit verskillende vakdissiplines wou opneem in

toekomstige uitgawes. Wat die insluiting van eiename betref, het die Taalkommissie 'n aantal persoons- en plekname uit die Bybel, geskiedenis, godeleer, antieke letterkunde en die lys amptelike plekname in Suid-Afrika opgeneem. (Boshoff, et al., 1953: 2-3) Hiermee het die Taalkommissie tot 'n mate aan hulle wens voldoen om die skryfwyse van aardryskundige name te bereël (sien 4.5.2.5).

Nog 'n verandering wat in die woordelys plaasgevind het, is dat sommige woorde wat in die verlede slegs as wisselvorme (d.w.s. vorme sonder verskil in betekenis) aangedui is (deurdat hulle met *of* in die woordelys geskei is), intussen as gevolg van hulle verskil in vorm ook verskillende betekenisonderskeidings ontwikkel het. Hierdie woorde is in die AWS<sup>6</sup> van mekaar geskei en as aparte lemmas behandel. (Boshoff, et al., 1953: 4) Hierdie verandering is waarskynlik ook te wyte aan Scholtz se inspraak, aangesien hy van mening was dat doeblette nie na behore in die 1937-woordelys uitmekaar gehou is nie (sien 4.5.2.5). Wat aanbieding en uitleg betref, is steeds dieselfde formaat as vorige uitgawes gevolg (sien 4.5.2.1), en daar is weereens klem gelê op die feit dat die afwesigheid van 'n woord uit die woordelys geen bewys is dat sy bestaansreg ontken word nie (Boshoff, et al., 1953: 4).

Nog 'n nuutjie in die AWS<sup>6</sup> is die bywerking van die *Lys van afkortings* wat in 1939 deur die Akademie uitgegee is (sien 4.5.2.5). Die bywerking van hierdie afkortingslys, wat daarop mik was om naslaan te vergemaklik, is egter in die AWS<sup>6</sup> tot sowat eenduisend tweehonderd afkortings uitgebrei deur die toevoeging van 'n aantal afkortings uit die natuurwetenskappe. (Boshoff, et al., 1953: 296; Eksteen, 1985: 179-180) Ten slotte is dit ook die eerste keer wat 'n poging aangewend is om naslaan te vergemaklik deur middel van die toevoeging van buitetekst in die vorm van 'n bladwyser of indeks. Hierdie indeks was veral daarop gemik om "die opsporing van spelreëls te vergemaklik en die nut van hierdie uitgawe te verhoog" (Boshoff, et al., 1953: 3). En dit is presies wat die indeks gedoen het: dit het die gebruikersvriendelikheid van die AWS<sup>6</sup> verhoog deur dit nou makliker vir gebruikers te maak om spesifieke spelreëls na te slaan.

Dat daar inderdaad "vurig verlang" is na die sesde uitgawe van die *Afrikaanse woordelys en spelreëls*, soos wat in 'n artikel in *Die Unie* beweer is ("Afrikaanse woordelys en spelreëls", 1953: 65), blyk daaruit dat die AWS<sup>6</sup> skaars verskyn het, of dit was uitverkoop ("Afrikaanse woordelys", 1953: 6). Hierna het dit 'n hele aantal herdrukke beleef (Eksteen, 1985: 171). Die Afrikaansskrywende publiek, wat gevrees het dat die verskyning van die AWS<sup>6</sup> opnuut groot spelreëlveranderinge tot gevolg sou hê, was verheug daaroor dat die "rondtastery" op spelgebied met die verskyning van dié uitgawe "vrywel uit die weg geruim is", deurdat die AWS<sup>6</sup> steeds meer vastigheid en sekerheid in die Afrikaanse ortografie tot gevolg gehad het. ("Afrikaanse woordelys", loc. cit.; "Die Afrikaanse spelling van 1953", 1953: 7; "Uit ons eie boekrak", 1954: 29, 31) Areas waarin die AWS<sup>6</sup> vooruitgang getoon het, sluit in

beter leiding ten opsigte van die spelling van vreemde woorde, leiding ten opsigte van hooflettergebruik, die insluiting van die afkortingslys, die toevoeging van die gerieflike indeks, tesame met die algehele omwerking en meer oorsigtelike ordening van die spelreëls. Wat die woordelys betref, is die vermindering in die aantal wisselvorme toegejuig. (“Afrikaanse woordelys”, loc. cit.; “Die Afrikaanse spelling van 1953”, loc. cit.; “Uit ons eie boekrak”, loc. cit.) Dit het die nodige ruimte gelaat sodat meer natuurwetenskaplike terme opgeneem kon word wat dringend noodsaaklik geword het vir onderrig en vakbeoefening, en waarvan ’n groot aantal in geen Afrikaanse woordeboek of ander werk bymekaar te vinde was nie (“Afrikaanse woordelys”, loc. cit.; “Die Afrikaanse spelling van 1953”, loc. cit.). Al hierdie positiewe elemente het van die AWS<sup>6</sup> “’n handige vraagbaak” gemaak wat dit “volstrek onmisbaar” gemaak het “vir elkeen wat moet sorg dat hy reg skryf” (“Die Afrikaanse spelling van 1953”, loc. cit.; “Uit ons eie boekrak”, 1954: 31).

Die positiwiteit oor die AWS<sup>6</sup> beteken egter nie dat die uitgawe sonder kritiek begroet is nie. Soos verwag kan word, was daar steeds dinge wat die publiek laat kopkrap het (“Uit ons eie boekrak”, 1954: 31). Ten spyte daarvan dat die aantal wisselvorme verminder is, is daar gemeen dat daar steeds te veel wisselvorme was, waarvan sommige “snaaks” of “vreemd” aandoen. Waar wisselvorme aangegee is, is daar verder ook nie duidelike leiding gegee ten opsigte van watter vorm voorkeur moes geniet nie. (“Afrikaanse woordelys en spelreëls”, 1953: 65) Wat die weglaat van woorde betref wat geen noemenswaardige spelprobleme oplewer nie, is daar ook gemeen dat te veel geskrap is. Nog ’n skraping wat betreur is, is die weglaat van die hoofstuk oor leestekens wat in die vorige paar uitgawes teenwoordig was. (“Die Afrikaanse spelling van 1953”, 1953: 7) ’n Spelreël wat volgens die redaksie van *Die Brandwag* nog baie probleme opgelewer het omdat dit op die historiese beginsel, met ander woorde Nederlandse ortografie, geskoei is en daar nog nie ’n formule gevind is wat al die gevalle dek nie, is die gebruik van *-de* of *-te* by die attributiewe voltooidede deelwoord, veral by werkwoorde op *-s* (“Afrikaanse woordelys”, 1953: 55). Verder was daar ook sommige woorde wat “onder die dekmantel van ‘meer wetenskaplikheid’ [...] verwarring en kunsmatige onderskeidings skep” en sommige spelbeginsels wat só konsekwent deurgevoer word “ook waar dit duidelik belaglik word” (“Uit ons eie boekrak”, loc. cit.). Dinge wat volgens die skrywende publiek die waarde van die AWS<sup>6</sup> sou verhoog, sluit in meer eiename in die woordelys, veral klassieke eiename, en die aanvulling en verdere toeligting van die hoofstuk oor “Samestelling en Samekoppeling” en die insluiting van meer sodanige voorbeelde (“Afrikaanse woordelys”, loc. cit.; “Die Afrikaanse spelling van 1953”, loc. cit.). Desnieteenstaande is almal “wat Afrikaans wil of moet skrywe” ten sterkste aangeraai om die AWS<sup>6</sup> “langs hulle te hou en hom altyd te raadpleeg as hulle Afrikaans skrywe” (“Afrikaanse woordelys en spelreëls”, loc. cit.).

Soos met die 1933-Bybelvertaling gebeur het waarin die spelling onmiddellik verouderd was na verskyning vanweë die spelverandering wat in 1932 aangebring is (sien 4.5.2.4), het dieselfde weer in 1953 gebeur. Die gerevideerde Bybelvertaling waarin die spelling by die AWS van 1937 aangepas is, het pas verskyn toe die AWS<sup>6</sup> op die toneel verskyn. Weereens was die spelling in die Bybel onmiddellik verouderd deurdat baie woorde wat daarin vas geskryf was, volgens die bepalinge van die AWS<sup>6</sup> weer los geskryf moes word. (Venter, 1964: 166)

#### 4.5.2.7 Die 1964-uitgawe van die *Afrikaanse woordelys en spelreëls*

Nadat daar oor tien jaar byna tien oplaes van die AWS<sup>6</sup> verskyn het, verskyn daar in 1964 die sewende, verbeterde uitgawe van die *Afrikaanse woordelys en spelreëls* [voortaan AWS<sup>7</sup>] in opdrag van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns. Anders as vorige uitgawes is die AWS<sup>7</sup> deur 'n liggaam, die Taalkommissie, saamgestel in plaas daarvan dat die publikasie aan 'n groep individue toegedig is. Alhoewel Scholtz intussen die Taalkommissie verlaat het, is die Kommissie aansienlik uitgebrei sedert die vorige uitgawe met M. de Villiers, G.J. Labuscagne, J.S.B. Marais, G.S. Nienaber, F.F. Odendal, F.J. Snijman, S. Strydom, H.J. Terblanche en H.J.J.M. van der Merwe wat hulle by Boshoff, Du Toit, Hiemstra, Kempen, Le Roux en Malherbe aangesluit het. Die nege nuwe lede van die Taalkommissie het saam met hulle 'n hele reeks nuwigheide na die AWS<sup>7</sup> gebring. Die eerste aanduiding hiervan is te bespeur in die groter formaat van die nuwe AWS. Die Bruin Boek, soos die AWS<sup>7</sup> in die volksmond bekend staan na aanleiding van die omslagkleur van latere uitgawes, is effens groter as sy voorgangers en in 'n lettertipe gedruk wat meer letters in dieselfde vertikale ruimte toelaat ("Groter vryheid van skryfwyse", 1964: 15). Nog iets wat 'n mens met die intrapslag 'n aanduiding gee dat hierdie AWS aansienlik van sy voorgangers verskil, is die nuwe voorteks in die vorm van 'n inhoudsopgawe. Hierdie inhoudsopgawe, wat ten doel het om die naslaan van spesifieke spelreëls te vergemaklik, laat blyk uit die staanspoor een van die vernaamste veranderinge van die AWS<sup>7</sup>, naamlik die herrangskikking en herindeling van die spelreëls in die vorm van die saamgroepering van gelyksoortige reëls in afsonderlike hoofstukke (Taalkommissie, 1964: "Voorwoord", no. 11). Die gevolg is die toevoeging van vyf nuwe hoofstukke onder die afdeling "Afrikaanse spelreëls" en die aansienlike uitbreiding van ander. Hierbenewens is die "Woordelys" en "Lys van afkortings" steeds teenwoordig. Ten spyte daarvan dat die AWS<sup>7</sup> aansienlik van die vorige uitgawe verskil, is die grondbeginsels gehandhaaf en is niks wesenliks aan die strekking van die spelreëls self verander nie. Maar die ontwikkeling van Afrikaans, asook kulturele ontwikkeling, het nuwe eise aan taalgebruikers gestel en ten einde hiermee rekening te hou, het die Taalkommissie enkele nuwigheide in die inhoud en die behandelingswyse daarvan in die AWS<sup>7</sup> aangebring in die vorm van aanvulling van die woordelys en groter presisering van verskeie spelreëls. (Taalkommissie, 1964: "Voorwoord"; no. 1)



Soos die vorige uitgawe, bevat die “Voorwoord” ’n kort motivering vir die samestelling van die *AWS*<sup>7</sup> en ’n twaalfpunt-uiteensetting van nuwighede wat in hierdie uitgawe aangebring is. Soos vroeër genoem, is dit veral in die afdeling oor die “Afrikaanse spelreëls”, met sestien hoofstukke wat uitgesprei is oor sewe en vyftig bladsye, wat ’n mens onder die indruk van die omvang van die wysigings in die *AWS*<sup>7</sup> bring. Wat die “Grondbeginsels” betref, is voortgebou op die tradisie van die vorige vyftig jaar. Waar die tweede grondbeginsel in die vorige uitgawes egter die VNS as uitgangspunt geneem het, word in die *AWS*<sup>7</sup> rekening gehou “met die spelling wat vandag amptelik in Nederland erken word”. (Taalkommissie, 1964: 1) Hierdie grondbeginsel doen egter vreemd aan, aangesien die Afrikaanse ortografie in 1964 weinig of niks te make gehad het met die spelling wat in Nederland gebruik is nie. Behalwe dat Nederlands nog enigermate as vak in skole aangebied is, was Nederlands teen dié tyd ’n vreemde taal vir die meeste Afrikaanssprekendes. Om te beweer dat die Nederlandse spelling van 1964 enige invloed op die Afrikaanse ortografie uitgeoefen het, was dus ’n vals waarneming.

Die kritiek wat daar reeds teen die vyfde uitgawe van die *AWS* was ten opsigte van die gebrekkige behandeling van doeblette teenoor wisselvorme (vgl. Scholtz, 4.5.2.5), word in die *AWS*<sup>7</sup> selfs in groter detail hanteer as in die *AWS*<sup>6</sup> (sien 4.5.2.6) deurdat daar by etimologies verwante woorde ’n noukeuriger onderskeid tussen dubbelspellings (bv. ’n Afrikaanse en ’n vreemde spelvorm, maar sonder verskil van betekenis), wisselvorme (met verskil van uitspraak en spelvorm, maar sonder verskil van betekenis) en doeblette (met verskil van uitspraak, spelvorm en betekenis) gemaak word (Taalkommissie, 1964: “Voorwoord”, no. 7). Die gevolg is die toevoeging van twee nuwe hoofstukke, “Dubbelspellings” en “Doeblette”, en die aansienlike uitbreiding van die hoofstuk oor “Wisselvorme”. Dit is egter te bevraagteken of die “gewone” taalgebruik werklik waarde sou put uit hierdie komplekse onderskeid. Vir die gebruiker van die *AWS*<sup>7</sup> is dit eintlik net van belang dat wisselvorme en dubbelspellings aan die een kant en doeblette aan die ander kant na behore in die woordelysgedeelte van mekaar onderskei word, aangesien wisselvorme en dubbelspellings bloot verskillende vorme van dieselfde leksikale item verteenwoordig, terwyl doeblette twee verskillende lemmas verteenwoordig. Vir alle praktiese doeleindes is dit nie werklik vir die taalgebruiker van belang wat wisselvorme en wat dubbelspellings is nie, aangesien hierdie woorde op dieselfde wyse in die woordelys aangedui word. Die toevoeging van die hoofstukke oor “Dubbelspellings” en “Doeblette” is dus myns insiens onnodig. Die verskil tussen wisselvorme, dubbelspellings en doeblette kon bloot in ’n toeliggende gedeelte as deel van die voorteks uiteengesit word. Nog ’n rede waarom ek ’n aparte hoofstuk oor dubbelspellings as onnodig beskou, is dat daar, as gevolg daarvan dat ’n groot deel van die skrywende publiek in die jare voor die verskyning van die *AWS*<sup>7</sup> telkens aan dieselfde vorme voorkeur gegee het waar daar twee of meer spelvorme bestaan het, maar min dubbelspellings oorgebly het. Te oordeel aan die hoofstuk oor “Wisselvorme”, waarin ’n noukeuriger en uitvoeriger uiteensetting van verskeie wissel-

vorme in vyf punte oor vyf bladsye gegee word, was daar, ten spyte van die Taalkommissie se toenemende strewe om die aantal wisselvorme in Afrikaans te verminder (Taalkommissie, 1964: 4), steeds heelwat wisselvorme in Afrikaans. Die reëls in verband met wisselvorme by die agtervoegsels *-(e)elik(s)*, *-(e)ling(s)*, *-(e)loos*, *-(e)nis*, en *-(e)rig* is nou ook met Afrikaans in plaas van Nederlands as uitgangspunt geformuleer (Taalkommissie, 1964: “Voorwoord”, no. 9). Alhoewel die Taalkommissie dit soms moeilik gevind het om wisselvorme van doeblette te onderskei (Taalkommissie, 1964: 8), is daar probeer om sover moontlik leiding op hierdie gebied te gee.

In die hoofstuk oor lettergreepverdeling, nou onder die opskrif “Skeiding van woorddele by skryf”, is daar gepoog om ’n noukeuriger uiteensetting te gee van die wyses waarop woorddele in ’n teks van mekaar geskei kan word deur dit in twee hoofgroepe te verdeel en “teenstrydighede [...] waar moontlik te vermy”. Volgens hierdie indeling kan woorddele op een van twee maniere verdeel word, naamlik skeiding in betekenisvolle dele, wat volgens die Taalkommissie die beste manier is om woorddele van mekaar te skei, en skeiding volgens klankdele, oftewel lettergrepe, vir gevalle waar woorddele nie suksesvol op grond van betekenisvolle dele geskei kan word nie. (Taalkommissie, 1964: “Voorwoord”, no. 4; p. 9) Benewens enkele herformulerings en byvoeging van enkele opmerkings en/of reëls ter wille van groter presisering, is die hoofstukke oor “Deeltekens” en “Afkappingstekens” in wese dieselfde as in die AWS<sup>6</sup>. Hierby is egter drie nuwe hoofstukke oor diakritiese tekens gevoeg, naamlik “Koppelttekens”, “Kappies” en “Aksenttekens”. In werklikheid is die inhoud van hierdie drie hoofstukke nie nuwe stof nie, maar bloot ’n hergroepering van bestaande gelyksoortige reëls wat voorheen in ander hoofstukke onderbring is. Deur hierdie hergroepering van inligting is die inhoud van die AWS<sup>6</sup> baie gebruikersvriendeliker aangebied as sy voorgangers deurdat dit nou makliker vir gebruikers gemaak is om spesifieke inligting in die relevante hoofstukke in die spelreëlgedeelte te vind. So is die reëls oor koppelttekens ook uit die hoofstuk oor “Samestelling en samekoppeling” verskuif na ’n aparte hoofstuk sodat dit baie uitvoeriger behandel kon word. Dieselfde indeling wat in die AWS<sup>6</sup> gebruik is, kom in hierdie uitgawe voor, naamlik waar koppelttekens gebruik móét word, teenoor waar dit gebruik kán word (waar baie meer vryheid gelaat is).

Die kort hoofstukkies oor “Kappies” en “Aksenttekens”, waarin die gravis én akuit behandel word, vervat reëls wat voorheen deel uitgemaak het van die hoofstuk oor “Klinkers en tweeklanke”. Ander hoofstukke wat ook nou reëls bevat wat in die AWS<sup>6</sup> deel uitgemaak het van “Klinkers en tweeklanke” sluit in “Dubbelspellings”, “Wisselvorme”, “Afkappingstekens” en “Woorde van vreemde herkoms”. Dit het tot gevolg gehad dat laasgenoemde hoofstuk aansienlik gekrimp het tot slegs ses reëls. Die oorblywende reëls in dié hoofstuk is geherrangskik en sommige is uitvoeriger uiteengesit, maar bly in wese dieselfde as voorheen. Dieselfde geld die hoofstuk “Medeklinkers”. In hierdie hoofstuk is die

reëls ook na slegs agt reëls verminder deurdat baie van die reëls na veral die hoofstuk “Woorde van vreemde herkoms” verskuif is. Die hoofstuk waarin die reëls ten opsigte van medeklinkers uiteengesit is, is egter ook terselfdertyd uitgebrei deurdat die reëls oor die verdubbeling van medeklinkers wat in uitgawes vyf en ses van die AWS as afsonderlike hoofstuk aangebied is, weer teruggeplaas is onder die opskrif “Medeklinkers” soos by vroeëre uitgawes ook die geval was. Van die reëls in hierdie hoofstuk wat in die spelreëls uitstaan ten opsigte van noukeuriger en vollediger formulering, is “dié in verband met woorde wat in bepaalde funksies op *-d* uitgaan en dié in verband met die verboë vorme van byvoeglik gebruikte verlede deelwoorde op *-de* of *-te*” (Taalkommissie, 1964: “Voorwoord”, no. 8). Hierdeur is gepoog om gehoor te gee aan ’n klagte in verband met woorde wat op *-de* en *-te* uitgaan in die AWS<sup>6</sup>, naamlik dat dit steeds te veel probleme oplewer (sien 4.5.2.6). Die hoofstuk oor “Meervoudsvorme” is aansienlik verkort deurdat baie van die reëls reeds in vorige hoofstukke onderbring is. So is die meervoudsvorme wat met afkappingstekens en deelttekens geskryf word reeds in die onderskeie hoofstukke behandel en ter wille van ruimtebesparing, om herhaling te vermy en sodoende die bron gebruikersvriendeliker te maak, is slegs kruisverwysings na die relevante reëls in die hoofstuk oor meervoudsvorme geplaas. Dit geld nog vyf ander meervoudsgroepe. Die oorblywende paar reëls is feitlik onveranderd gelaat.

Die Taalkommissie het besluit om eerder na woorde wat op grond van hulle betekenis, spelvorm, uitspraak en/of gebruik min of meer ingeburger geraak het in Afrikaans te verwys as “woorde van vreemde herkoms” as “vreemde woorde”, aangesien vreemde woorde en woorde van vreemde herkoms moeilik van mekaar te skei is (Taalkommissie, 1964: “Voorwoord”, no. 5). Vandaar dan die naamsverandering van die hoofstuk oor die spelreëls vir “Vreemde woorde” na “Woorde van vreemde herkoms”. Die spelreëls wat in hierdie hoofstuk in die vorige twee uitgawes van die AWS weggelaat is omdat dit onder die hoofstukke oor “Klinkers en tweeklanke” en “Medeklinkers” ook behandel is, is in die AWS<sup>7</sup> by dié hoofstukke weggehaal en weer saam in hierdie een hoofstuk uiteengesit. Binne hierdie hoofstuk is die spelreëls oor “Woorde van vreemde herkoms” egter in twee groepe verdeel, naamlik dié rakende klinkers en tweeklanke en dié oor die spelling van medeklinkers. In hierdie uitgawe van die AWS het die Taalkommissie nog verder as voorheen gegaan met die verafrikaansing van die spelling van woorde van vreemde herkoms. Dit sluit in verskeie skeikundige terme wat in Engels met *qu-* begin wat om etimologiese redes nou van *ch-* na *k-* verander is. (Taalkommissie, 1964: “Voorwoord”, no. 6) Juis daarom, tesame daarmee dat woorde van vreemde herkoms dikwels nie vir die “gewone” taalgebruiker so maklik te identifiseer is nie, is hierdie hergroepering van die reëls in een hoofstuk onder die opskrif “Woorde van vreemde herkoms” vir my ’n ongemotiveerde stap. Ek is van mening dat dit vir die taalgebruiker, wat nie altyd weet wanneer hy of sy met ’n “eg-Afrikaanse” of leenwoord te make het nie, baie makliker sou wees om die ingligting in hierdie hoofstuk in die hoof-

stukke oor “Klinkers en tweeklanke” en “Medeklinkers” te vind. Tog getuig hierdie hoofstuk volgens Coetsee (1964a: 18) van die mate waartoe “Afrikaans as moderne, wetenskaplike taal voortdurend sy taalskat uitbrei deur, benewens eie skeppinge, ruimskoots oordeelkundig te leen”. Die reëls is in wese dieselfde en met die uitsondering van een reël oor die hantering van *-st* in die spelling van woorde van vreemde herkoms, is geen nuwe reëls bygevoeg nie en dit gaan dus net om ’n hergroepering of herrangskikking van die reëls in een hoofstuk. Die hoofstuk oor “Hoofletters” is ook aansienlik uitgebrei en noukeuriger uiteengesit in agt onderafdelings, alhoewel die Taalkommissie gemeen het dat hierdie hoofstuk slegs “die allernoodsaaklikste gebruiksevalle [...] in ’n uiters beknopte vorm” weergee (Taalkommissie, 1964: 26-27).

Wel in opsigtelik minder beknopte vorm is die reëls oor die los en vas skryf van woorde in Afrikaans uiteengesit in die herbenoemde hoofstuk “Die skryfwyse van woorde – los of vas”. Alhoewel die los of vas skryf van woorde nie werklik te make het met die spelreëls van Afrikaans nie, is dit nietemin een van die lastigste skryfkwessies in Afrikaans. Met die oog op die belangrikheid van hierdie kwessie soos uit die kritiek op die AWS<sup>6</sup> geblyk het (sien 4.5.2.6), het die Taalkommissie besluit om ’n omvangryke stuk in die spelreëls daaraan te wy. (Taalkommissie, 1964: “Voorwoord”, no. 12) Die negentien bladsye reëls is verdeel in twee hoofgroepe, te wete “Hoofsaaklik tweeledige verbindings”, wat die grootste deel van die reëls uitmaak, en “Hoofsaaklik meerledige verbindings”, wat ’n enkele bladsy beslaan. Die eerste hoofgroep is verder verdeel in drie groepe: verbindings wat meestal los geskryf word, verbindings wat meestal vas geskryf word, en ’n groep wat los of vas geskryf kan word. Eersgenoemde twee groepe bestaan elk uit agt uitvoerige uiteengesette reëls. Die redes vir die omslagtigheid van die reëls is dat daar ’n indruk by taalgebruikers ontstaan het dat woorde meestal vas geskryf word in Afrikaans (vandaar die reëls oor die los skryf van woorde), en taalgebruikers het ook baie probleme met die vas skryf van woorde ondervind (vandaar die omslagtige reëls in verband hiermee) (Taalkommissie, 1964: 31, 39). Daar is ook uiteindelik ’n besluit geneem oor die skryfwyse van telwoorde, naamlik dat telwoorde los of vas geskryf kan word na eie keuse, aangesien die Taalkommissie “geen beslissende taalkundige oorweging vir ’n reëling van die skryfwyse van telwoorde” kon vind nie (Taalkommissie, 1964: “Voorwoord”, no. 10; p. 34). Omdat daar bepaalde tipes samekoppelings en verbindings was wat die Taalkommissie “haas onmoontlik” gevind het om onder vaste reëls te bring, dit is dié verbindings wat óf los óf vas geskryf kan word, en taalgebruikers veral met hierdie tipe verbindings gesukkel het, het die Taalkommissie vanuit ’n praktiese oogpunt besluit om eerder hierdie voorbeelde alfabeties in ’n lys weer te gee as om dit woordsoortelik te behandel soos met die ander twee groepe woorde (Taalkommissie, 1964: “Voorwoord”, no. 12; p. 48). Beide vorme, los en vas, is in die alfabetiese lys aangegee. Die reëls oor die los en vas skryf van woorde is só omslagtig, dat aan die einde ’n samevatting van algemene oorwegings verskaf is! Soos op verskeie

ander plekke in dié hoofstuk, kom die samevatting van die reëls neer op die aanbeveling “dat daar in sulke gevalle [d.i. waar twyfel bestaan – G.O.] ’n groot mate van vryheid gelaat moet word en dat dit nie as ’n skryffout beskou moet word dat soms *in die betrokke gevalle* vas geskrywe word waar ander skrywers los sou skrywe en andersom nie” [Kursivering in oorspronklike teks – G.O.] (Taalkommissie, 1964: “Voorwoord”, no. 12). Die gebruikersvriendelikheid van hierdie hoofstuk is egter te bevraagteken. Behalwe dat die omslagtigheid van die hoofstuk moontlik taalgebruikers kon afskrik, is ek van mening dat dit ook nie so maklik vir gebruikers sou wees om die gewenste inligting in hierdie hoofstuk te vind sonder om die hele hoofstuk van hoek tot kant te bestudeer nie. Hiervoor is veral die hoofstukindeling te blameer, want hoe moet ’n taalgebruiker vooraf weet of ’n verbinding meestal vas, meestal los, of vas én los geskryf kan word as hy of sy juis die AWS<sup>7</sup> raadpleeg om ’n antwoord op hierdie antwoord te vind! En selfs wanneer hy of sy die hele hoofstuk deurgeworstel het, moet hy of sy uitvind dat sekere gevalle nie so maklik onder reëls gebring kan word en dat daar nog ’n lang woordelys is wat hy of sy moet raadpleeg, maar dat hy of sy in elk geval die hele tyd self kon besluit of hy of sy die woord los of vas wou skryf. Dit sou myns insiens beter wees om net al hierdie samestellings en woordgroepe as lemmas in die woordelys te behandel as om hierdie lang, nuttelose lys “reëls” aan gebruikers te verskaf wat hulle moontlik net verder sou verwar.

Dat daar egter oor die algemeen gestreef is na groter presisering in die spelreëls van die AWS<sup>6</sup> in die vorm van noukeuriger en vollediger formulering, kan gesien word in die onderskeid wat reg deur die spelreëls tussen “agtervoegsels” en “uitgange” gemaak is (Taalkommissie, 1964: “Voorwoord”, no. 7). Daar is deurgaans ook uitvoerig gebruik gemaak van kruisverwysings tussen reëls ten einde die herhaling van inligting te verhoed.

Wat die woordelys in die AWS<sup>7</sup> betref, het die Taalkommissie besluit om “om praktiese redes” nie plek- en persoonsname op te neem nie. Hulle het dit egter nie as ’n leemte in die Afrikaanse ortografie beskou nie, aangesien daar reeds sedert 1948 ’n lys met amptelike plekname bestaan het (sien 4.5.2.5) en ’n verder aangevulde uitgawe van hierdie lys met die verskyning van die AWS<sup>7</sup> reeds in die vooruitsig gestel was. Die Taalkommissie was ook reeds besig om aan die spelling van veral buitelandse plek- en persoonsname, asook dié uit die antieke kulture, aandag te gee, maar dié werk was nog nie voltooi en afgerond vir opname in die AWS<sup>7</sup> nie. (Taalkommissie, 1964: “Voorwoord”, no. 1) Ander woorde wat uit die woordelys verwyder is, is veral vreemde woorde wat ’n lae gebruiksfrekwensie het en maklik deur Afrikaanse woorde vervang kan word (Taalkommissie, 1964: “Voorwoord”, no. 2). Die groter omvang, besondere lettertipe en die groter formaat van die AWS<sup>7</sup> het die Taalkommissie egter in staat gestel om die woordelys met sowat drieduisend vyfhonderd lemmas te vergroot (“Afrikaanse woordelys en spelreëls”, 1964: 60; “Groter vryheid van skryfwyse”, 1964: 15;

“Oor boeke”, 1964: 76). Die woordelys, wat nie net ’n groter aantal lemmas as sy voorgangers bevat nie, maar ook ’n groter verskeidenheid, is uitgebrei deur die byvoeging van veral tegniese en natuurwetenskaplike terme, asook verskeie woorde uit die streektaal “wat deur beskaafde sprekers en skrywers gebruik word” (Taalkommissie, 1964: “Voorwoord”, no. 2). Hieruit is dit duidelik dat veral die taalgebruik van bruin variëteitsprekers weereens agterweë gelaat is. Die toevoeging van ’n groot aantal vakterme dui op die opbloei wat sedert vorige uitgawes in die Afrikaanse vaktaal ondervind is (Eksteen, 1964: 59). ’n Aantal van die eenvoudige, onsaamgestelde woorde of simplekse wat in die vorige uitgawe uitgelaat is (sien 4.5.2.6), is in baie gevalle weer in hierdie woordelys aangegee, veral met die oog op morfologiese inligting, aangesien die skrywende publiek dikwels nie ondubbelsinnige leiding hieroor in woordeboeke kon kry nie. Alhoewel hierdie inligting volgens die Taalkommissie beter in woordeboeke en grammatikas tuishoort, het die Kommissie besluit om as finale gesag in hierdie verband op te tree deur uitsluitel oor die saak te gee. Aansluitend hierby is daar ook weer meer tipes saamgestelde en afgeleide woorde in die woordelys opgeneem. (Eksteen, loc. cit.; Taalkommissie, 1964: “Voorwoord”, no. 3; Murray, s.a.) ’n Aantal woorde van Engelse afkoms en woorde uit ander tale is ook opgeneem, maar weereens weinig in ooreenstemming met die woorde van Nederlandse afkoms. Voorbeelde hiervan is onderskeidelik *baaikostuum*, *bandana*, *filet*, *gemakstoel*, *kafoefel*, *kollie*, *kortby*, *loskop* (voetbal), *losvoerspeler*, *lynstaan*, *lynwagter*, *senter*, *taxi*, en *bahuvrihi*, *borzoi*, *ghoera*, *kaia*, *konka of tonka*, *lobola*. In ooreenstemming met die Taalkommissie se strewe na groter presisering ten opsigte van die onderskeid tussen wisselvorme en doeblette, is wisselvorme saam in die woordelys aangegee (en volgens die vereistes van die alfabetiese volgorde herhaal), terwyl doeblette afsonderlik (en dus slegs een maal) in die woordelys opgeneem is (Taalkommissie, 1964: 8). Soos in elke vorige uitgawe is daar weereens klem daarop gelê dat die afwesigheid van ’n woord uit die woordelys nie beteken dat dit nie bestaan nie (Taalkommissie, 1964: “Voorwoord”). Wat uitleg betref, is daar nie afgewyk van vorige uitgawes nie (vgl. 4.5.2.1).

Die “Lys van afkortings” wat op die woordelys volg, is geherformuleer en belangrike toevoegings sluit in riglyne by die afkorting van woordgroepe en woorde wat met hoofletters geskryf word, die gebruik, al dan nie, van punte in afkortings, riglyne by die afkorting van woorde met koppeltekens, en die afkorting van meervoude. Laasgenoemde uitbreiding is veral verrassend aangesien dit in die vorige uitgawe as “onnodig” beskou is (sien 4.5.2.6). Die afkortingslys self is teen sowat eenduisend tweehonderd en tagtig afkortings ook groter en vollediger, maar wat uitleg betref, is dieselfde formaat gevolg as die vorige uitgawe (Eksteen, 1964: 58; 1985: 180; “Oor boeke”, 1964: 76). Die Taalkommissie was egter reeds besig om aan ’n omvattende lys Afrikaanse afkortings te werk (Taalkommissie, 1964: 332). Die indeks wat met groot lof in die AWS<sup>6</sup> verwelkom is, is in die AWS<sup>7</sup> weggelaat, aangesien die toegevoegde inhoudsopgawe volgens die Taalkommissie ’n indeks onnodig

gemaak het (Taalkommissie, 1964: “Voorwoord”, no. 11). Hierdie weglating is egter te betreur, aangesien die indeks die gebruikersvriendelikheid van die AWS baie verhoog het. Die teenwoordigheid van die inhoudsopgawe én indeks, sou dit vir gebruikers net nog makliker maak om die gewenste inligting in die AWS<sup>7</sup> te vind.

Te oordeel aan die oorweldigende reaksies op die AWS<sup>7</sup> in die pers, was die suutjestrappery rondom die Afrikaanse ortografie teen 1964 iets van die verlede. Dié uitgawe is begroet met ’n stortvloed reaksie deur kritici wat duidelik nie geskroom het om die Taalkommissie kaalvuis aan te vat nie. Die AWS<sup>7</sup> is in die fynste besonderhede ontleed en gekritiseer. Een van dié kritici wat die Taalkommissie behoorlik die kop gewas het, is Jan Nel wat nie een goeie woord vir die Taalkommissie en die AWS<sup>7</sup> gehad het in sy byna agtienbladsy-lange artikel in die *Tydskrif vir volkskunde en volkstaal* nie. Opsommend kom Nel (1964: 38) se besware daarop neer dat hy van mening was dat baie van die reëls wat in die AWS<sup>7</sup> aangegee word, nie werklik as reëls beskou kan word nie, aangesien daar te veel uitsonderings op die reëls is en die reëls nie op grondige beginsels gebaseer is nie, dat die reëls swak geformuleer en onduidelik is, en dat die Taalkommissie nie wetenskaplik te werk gegaan het in die samestelling van die AWS<sup>7</sup> nie. Ten opsigte van die eerste beswaar, het Nel (1964: 38, 53) veral klem gelê op die grondbeginsels wat mekaar weerspreek en te veel uitsonderings toelaat, sodat die Afrikaanse spelreëls in werklikheid op geen beginsels berus nie. Hy het veral die tweede grondbeginsel verwerp wat volgens hom getuig van ’n verknogtheid aan Nederlands (Nel, 1964: 39). Eksteen (1964: 63) het hierby aangesluit toe hy die tweede grondbeginsel as ongeldig ten opsigte van die Afrikaanse ortografie van 1964 beskou het. Waar die aansluiting van die Afrikaanse ortografie by die VNS nog verantwoording gegee het van sekere historiese vorme (bv. *ei* naas *y*; *f* naas *v*), het Eksteen (loc. cit.) die formulering verwerp wat meld dat die Afrikaanse ortografie by die ortografie aansluit “wat vandag amptelik in Nederland erken word”, aangesien die Afrikaanse ortografie in 1964, behalwe wat historiese oorgenome vorme betref, niks meer te make gehad het met die Nederlandse ortografie nie. Afrikaansskrywendes het in 1964 nie meer die *Van Dale*<sup>31</sup> geraadpleeg nie, want “Afrikaans is Afrikaans en Nederlands is Nederlands” (Nel, 1964: 53). Verder het hy dit ook as grondbeginsel vir die Afrikaanse ortografie bestry, omdat daar in die verlede oral waar dit gepas was, van die Nederlandse ortografie afgewyk is (Eksteen, loc. cit.). Van der Merwe (1968: 103), wat ook van mening was dat die Taalkommissie hulle nie langer gebonde hoef te ag aan die VNS nie, het dit egter as bemoedigend beskou dat daar slegs *rekening* gehou is met die Nederlandse ortografie, aangesien dit beteken dat daar in hierdie uitgawe groter speling en vrymoedigheid gelaat is.

---

<sup>31</sup> *Van Dale Groot woordenboek van de Nederlandse taal*

Nel (1964: 39) het ook die derde grondbeginsels, die beginsel van eenvormigheid, as 'n "Nederlandse klug" beskou wat "net so oorgeneem [is] uit die Nederlandse spelboeke". Nel (1964: 43) het die Taalkommissie gemaan dat hulle nie Afrikaans moet muilband nie en Eksteen (1964: 64) het 'n "presiese, deurdagte formulering" ten opsigte van die grondbeginsels bepleit "wat by ons huidige, ontwikkelde Afrikaanse spelling aanpas", want "[o]ns ry in 1964 nie meer met 'n 1921-fordjie nie". Iets wat hierby aansluit, is Nel (loc. cit.) se oproep om "moderne" taalkundiges wat op die Taalkommissie kan dien en "wat kan werk sonder die blok van die Te Winkels [...] van die Nederlandse spelling-geskiedenis in daardie Taalkommissie". Eksteen (loc. cit.) sluit weereens by Nel aan wanneer hy wonder of die AWS<sup>7</sup> nie as geheel bevredigender sou wees indien daar meer jonger linguiste op die Taalkommissie gedien het nie, aangesien die meeste senior lede van die Taalkommissie uit 'n tyd kom waarin die Afrikaanse ortografie heelwat anders was en die Nederlandse tradisie baie sterker was. Die meeste van hulle is ook in die Nederlands-historiese linguistiek opgelei (Eksteen, loc. cit.). As verdere voorbeeld van gebrekkige spelbeginsels het Nel (1964: 45) aangetoon dat daar soveel uitsonderings op die reëls vir wisselvorme bestaan, dat dit in werklikheid nie as reëls beskou kon word nie. Die resultaat was dat daar in werklikheid geen spelbeginsels in Afrikaans was nie en dat die Taalkommissie maar eintlik net gemaak het wat hulle wou, aldus Nel (1964: 53).

Wat sy beswaar oor die formulering van die spelreëls betref, was Nel selfs nog ongenadiger. Hy het die Taalkommissie op hulle beste as apologete beskou wat met hulle ontduikende en apologetiese formuleringe soos "woorde van die volgende tipe spel jy sus of so" en "maar nie gebiedend nie" taalgebruikers net verwar en verhoed het om die gewenste inligting wat hulle uit die AWS<sup>7</sup> verlang het te kon ontsluit (Nel, 1964: 41, 49, 52). Hierdie "ekskuus-tog-meneer-ek-is-ook-nie-heeltemal-seker-nie" formuleringe getuig van besluiteloosheid by die Taalkommissie en maak van die hele AWS<sup>7</sup> 'n apologetiese stuk werk:

Ons gee reëls maar ons kan nie al die reëls gee nie; ons gee 'n woordelys, maar ons kan nie al die woorde gee nie...en tog moet die taalgebruiker die hele taal gebruik en reg ook!" (Nel, 1964: 46, 49)

Volgens Nel (1964: 44, 50-51) is baie van die spelreëlformuleringe foutiewe, vae, amateuragtige, onsinnige, chaotiese, en derhalwe onaanvaarbare formuleringe wat dikwels gegrond is op 'n paar voorbeelde of geïsoleerde gevalle. Die woordelys skep ook die indruk "dat daar nie op grond van sekere vaste uitgangspunte besluit is om sekere tipes problematiese gevalle op te neem nie, maar dat dié opnames eerder ad hoc van aard is", aldus Eksteen (1985: 180). Ook Raidt (1965: 13) was van mening dat daar "minder gelukkige formuleringe" in die AWS<sup>7</sup> voorkom. Die ontoereikendheid van die spelreëls as gevolg van "gebrekkige lamsakformuleringe" het veroorsaak dat Afrikaanssprekendes gesukkel het met die spelreëls van die Taalkommissie en gemaak dat "honderde duisende arme taalgebruikers" "nooit uit die bosse sal kom" "met hulle kompas" nie, aldus Nel (1964: 41, 52).



Maar dit is wanneer Nel (1964: 40) die wetenskaplikheid van die Taalkommissie se stellings in twyfel trek, dat hy die Taalkommissie behoorlik roskam. Volgens Nel (1964: 44) bedryf die Taalkommissie 'n "dooie taalkunde" wat die geringste en enigste voorbeeld veralgemeen en dan alle ander gevalle waarvan hulle nie bewus was nie, uitsonderings noem, omdat hulle "te lui was om soos 'n wetenskaplike te soek". Derhalwe moet 'n mens nie taalkunde in die AWS<sup>7</sup> soek nie, aldus Nel (1964: 48). Vir Eksteen (1964: 63) het dit ook logies en wetenskaplik onnoukeurig gelyk om die Afrikaanse ortografiese sisteem soos dit oor die jare uitgebou en ontwikkel is op slegs drie grondbeginsels terug te voer. Volgens Nel (1964: 45) het die Taalkommissie hulle skuldig gemaak "aan die uiterste vorm van onwetenskaplikheid", dit is "wetenskaplike onjuistheid en bevooroordeeldheid", deurdat baie van die woorde of woordgroepe wat hulle as wisselvorme bespreek, ook as doeblette voorkom "sodat die Taalkommissie se hele teoretiese standpunt oor wisselvorme (en dus keuse wat hulle die taalgebruiker toelaat) in duie stort met sy aprioristiese taalbeskouing en al". Die Taalkommissie se "wetenskaplike bevooroordeeldheid" spruit daaruit dat hulle hulleself as norm gebruik het en daarom kan niemand Afrikaans skryf as hulle nie alles in die AWS naslaan nie, omdat die AWS net 'n naslaanbron is vir hoe die individuele lede van die Taalkommissie Afrikaans gebruik, aldus Nel (1964: 46). Wanneer Nel (1964: 45) na die "amateurgrammatikadeel oor die los- en vasskrywe van woorde" verwys, beskuldig hy die Taalkommissie daarvan dat diegene wat die taal wil reglementeer minstens die taal moet ken. Die "oormatige onsuiverhede, teëspraak en raaiery" van die AWS<sup>7</sup> het dit as naslaanbron volgens Nel (1964: 46, 55) onbruikbaar gemaak en dit moes sins insiens daarom in sy geheel vir die Afrikaanse taal verwerp word.

Soos reeds uit die voorafgaande geblyk het, was Nel egter nie die enigste persoon wat, ten minste tot 'n sekere mate, nie beïndruk was met die AWS<sup>7</sup> nie. Coetsee (1964b: 4), wie se eie kritiek grootliks op die hoofstuk "Die skryfwyse van woorde – los of vas" gemik was, was van mening dat dié gedeelte baie kommentaar en kritiek sou uitlok. En dit was juis hierdie uitvoerige hoofstuk, tesame met die insluiting, al dan nie, van woorde in die woordelys wat die twee grootste punte van kritiek teen die sewende uitgawe van die AWS gevorm het. Iets wat Coetsee (1964b: 4) hinderlik gevind het, was dat die aanvulling en verdere toeligting wat ten opsigte van die los en vas skryf van woorde versoek is na die verskyning van die 1953-AWS, tot só 'n mate in die AWS<sup>7</sup> toegevoeg is dat die AWS nou tot 'n mate in 'n grammatikale handleiding ontwikkel het. Coetsee (loc. cit.) en Kroes (1985: 337) was van mening dat baie van die reëls en voorbeelde oor die los skryf van woorde vanselfsprekend is en daarom nie in die AWS<sup>7</sup> tuis behoort nie. Verder getuig dit volgens Coetsee (loc. cit.) ook daarvan dat die skryfreëls nog so onvanselfsprekend en akademies is, dat die gewone taalgebruiker "in werklikheid 'n soort 'Trap-der-jeugd'-voorligting nodig het om enigsins op die skryfspoor te kan bly". Nel (1964: 54-55) was ook bekommerd dat dié omvangryke reëls tot gevolg sou hê dat die taalonderwys op skool nog

meer in spelonderwys sou ontaard, en daarom was hy van mening dat daar weggedoen moes word met die behepthed om vas te skryf.

Wat die kritiek oor die weglating of opname van sekere woorde in die woordelys betref, was Du Toit (1964: 35) van mening dat 'n mens verdraagsaam en matig moet wees, aangesien dit soms 'n baie subjektiewe saak is. Tog verander dit nie die feit dat hy self hier en daar 'n woord sou wou weglaat of byvoeg nie (Du Toit, loc. cit.). Alhoewel die afwesigheid van 'n woord uit die woordelys volgens die Taalkommissie nie 'n aanduiding is dat die woord nie erken word, óf wel erken word nie, het Du Toit (1964: 36) gemeen dat die grootste deel van die skrywende publiek ten regte of ten onregte die opname van 'n woord in die Woordelys as die erkenning van die bestaansreg van daardie woord beskou, en hy wou weet waar anders taalgebruikers 'n aanduiding moes kry of 'n woord erken word, al dan nie, indien dit nie in die woordelys opgeneem is nie. Daarom was Du Toit (loc. cit.) ontevrede oor die feit dat daar op sekere plekke in die spelreëls (veral onder "Wisselvorme") verklaar word dat sekere woordvorme erken word, maar dat dit nie in die woordelys opgeneem is nie. Hierdie mate van erkenning is sins insiens nutteloos, aangesien dit nie aan die taalgebruiker 'n duidelike aanduiding gee of 'n woord erken word, al dan nie. Ander was ook van mening dat daar van die bekende woorde was wat weggelaat is omdat hulle geen probleem ten opsigte van spelling, verbuiging, of die vas of los skryf daarvan oplewer nie, waar 'n bietjie meer duidelikheid gegee kon word ("Afrikaanse woordelys en spelreëls", 1964: 60). Aan die ander kant het Coetsee (1964b: 4, 18) weer gemeen dat daar 'n neiging by die Taalkommissie was om voorbeelde en toeligting by die AWS<sup>7</sup> in te sluit wat sins insiens nie 'n plek in dié boek verdien nie omdat die spelling daarvan voor die hand liggend is. Kroes (1985: 340) was ook van mening dat dit nutteloos en ondoeltreffend was om woorde op te neem wat geen spelprobleme oplewer nie. Coetsee (loc. cit.) het gemeen dat die AWS<sup>7</sup> baie taalkwessies hanteer wat nie met spelling te make het nie en dat die Taalkommissie 'n verandering aan die wese van die AWS moes aanbring indien hulle sou besluit om 'n algemene taaldiens aan taalgebruikers te lewer; iets waaraan daar wel 'n behoefte was.

Ander kritiek wat op spesifieke aspekte van die AWS<sup>7</sup> gemik is, sluit in die oormatige gebruik van koppeltekens (Nel, 1964: 47), oormatige verafrikaansing van vreemde woorde (Raidt, 1965: 12), maar terselfdertyd ook 'n oproep om die verafrikaansing van Engelse woorde soos *taxi* (Eksteen, 1964: 61), 'n gebrek aan reëls oor hooflettergebruik by koppelvorme (Du Toit, 1964: 36), inkonsekwensies wat bevreemdend is en taalgebruikers verwar ten opsigte van watter woordvorme as model gebruik moet word wanneer hy of sy ander woorde wil skryf (Du Toit, 1964: 37), en foute in die alfabetiese ordening van woorde en uitdrukkings in die woordelys (Raidt, loc. cit.). Vir Du Toit (1964: 37-38) was die reëls oor die afstandkoppelteken onbevredigend, te kunsmatig, onprakties; "'n dwaling [...] wat te

groot is om [te] beskryf". Hy het voorspel dat die afstandkoppelteken nog baie moeilikheid vir taalgebruikers sou veroorsaak en sodoende die taalgebruiker se spellas onnodig swaar sou maak (Du Toit, 1964: 38-39). Wat die uitgebreidheid ten opsigte van die indeling van die spelreëls in verskillende hoofstukke betref, het Eksteen (1964: 60) gemeen dat die Taalkommissie in sekere opsigte te ver gegaan het met die indeling, maar in ander gevalle weer nie ver genoeg nie. As voorbeeld van laasgenoemde, noem hy die gebrekkige koördinerende van die hoofstukke oor "Dubbelspellings", "Wisselvorme" en "Doeblette". Hy het voorgestel dat 'n hoofstuk getiteld "Wisselspellings" bygevoeg word waarin oorgangsvorme (bv. van wisselvorm tot doeblet en omgekeerd) of dubbelvorme (bv. waar 'n vorm in bepaalde gevalle sowel doeblet as wisselvorm kan wees) behandel kon word ten einde die oormatige kruisverwysing tussen hierdie hoofstukke te beperk. (Eksteen, 1964: 61) Eksteen (loc. cit.) was ook van mening dat die hoofstuk oor "Skeiding van woorddele by skryf" nie in die spelreëls tuis hoort nie, maar as afsonderlike aanhangsel agterin die boek.

Nog leemtes in die *AWS*<sup>7</sup> is die afwesigheid van die indeks wat volgens Eksteen (1964: 58; 1985: 180) naslaan bemoelik vanweë die uitgebreidheid van die spelreëls en die feit dat dit dikwels nie uit te maak is presies waar 'n betrokke probleemgeval in die spelreëlgedeelte behandel word nie. Nog 'n tekortkoming van die *AWS*<sup>7</sup> is die gebrek aan volledige kruisverwysings in die verskillende hoofstukke, aldus Eksteen (1964: 62). Dit sluit in die bemoeliking van die kontroliering van verwysings deurdat daar slegs numeriese aanduidings by kruisverwysings gegee word en dat bladsynommers en die titels van die verskillende hoofstukke nie verskaf word nie, en dat verwysings nie deurgaans volgens dieselfde metode gedoen word nie (Eksteen, loc. cit.). Ander toevoegings wat volgens Raidt (1965: 12) wenslik en prakties sou wees, is die insluiting van 'n lys veranderinge wat aan die spelreëls in die *AWS*<sup>7</sup> gemaak is, of om die nuwe spelreëls met 'n asterisk te merk sodat dit makliker is vir gebruikers om nuwe spelvorme op te spoor. Raidt (loc. cit.), wat meen dat 'n mens van 'n amptelike gesag oor taalvrae soos die *AWS* verwag om te onderskei tussen meer gewone spreektaalvorme en skryfvorme, was ook van mening dat dit nuttig sou wees om leiding oor die gebruiklikheid van woorde by wisselvorme te verskaf in die vorm van hakies om die minder gebruiklike vorme. Alhoewel Du Toit (1964: 40) dankbaar was vir baie dinge wat in die *AWS*<sup>7</sup> staan en besef het dat dit die werk van feilbare mense is, het hy tog gemeen dat daar baie minder foute in sou wees indien die Taalkommissie meer aandag gegee het aan die praktiese toepassing van sekere reëls. Kroes (1985: 328-329) was van mening dat dit vir studente en dosente soms moeilik was om die spelreëlgedeelte van die *AWS*<sup>7</sup> as handleiding en naslaanbron te gebruik en dat dié bron baie toegankliker vir gebruikers gemaak kon word.

Die *AWS*<sup>7</sup> is darem nie slegs negatief ervaar nie. Ten spyte van die oorweldigende negatiewe kommentaar, is daar ook heelwat positiewe dinge oor dié uitgawe in die pers gesê. Die *AWS*<sup>7</sup> het

volgens Coetsee (1964a: 4) al die vorige uitgawes van die *AWS* oortref deurdat dit sommer uit die staanspoor 'n mooi indruk gemaak het. Dinge wat die *AWS*<sup>7</sup> aangenaam maak om deur te blaai, is dat dit netjies gedruk en gebind is, maklik hanteer, en lekker lees (Coetsee, loc. cit.). Die Akademie verdien volgens Coetsee (1964a: 18) lof vir die tegniese versorging van die *AWS*<sup>7</sup>. Reeds die omslag getuig na sy mening dat die Taalkommissie nie net 'n taalkundig versorgde werk wou lewer in hierdie uitgawe nie, maar ook "'n boek wat dadelik die aandag trek en 'n mens as 't ware uitnoui om daarin te blaai". Een van die aspekte van die *AWS*<sup>7</sup> waarvoor dit die meeste geloof is, is die groter mate van presisering waarna daar deurgaans gestreef is. Hierdie presisering blyk eerstens uit die feit dat bepaalde spelreëls en begrippe presieser, vollediger, korrekter, dus beter, as voorheen geformuleer en omskryf is (Coetsee, 1964a: 4; Raidt, 1965: 12). 'n Voorbeeld hiervan is die hoofstukke oor "Klinkers en tweeklanke" en "Medeklinkers" wat doeltreffender as dié in vorige *AWS*'e is omdat die besonderhede volgens Coetsee (1964a: 7, 18) beter ingedeel en gerangskik is. Die hoofstukke oor "Woorde van vreemde herkoms" en "Hoofletters" bring 'n mens ook onder die indruk van die groter insig en stelselmatigheid, omsigtiger omskrywings en groeperings wat die *AWS*<sup>7</sup> kenmerk en die waarde van dié bron verhoog (Coetsee, 1964a: 18). Verder is daar noukeuriger tussen dubbel-spellings, wisselvorme en doeblette, asook agtervoegsels en uitgange onderskei ("Afrikaanse woorde-lys en spelreëls", 1964: 60; "Oor boeke", 1964: 76). Sowel Coetsee (1964a: 4) as Eksteen (1964: 60) het die *AWS*<sup>7</sup> geloof vir die groter presisering ten opsigte van struktuur wat neerslag vind in die nuwe rubrisering wat in die *AWS*<sup>7</sup> gevolg is, dit is die noukeuriger inslag en meer gedetailleerde groepering van reëls onder verskillende opskrifte, wat groter duidelikheid meebring. Hierdie herrangskikking en herindeling van die spelreëls, saam met die toevoeging van 'n inhoudsopgawe, vergemaklik die na-slaan van reëls en woorde (Coetsee, loc. cit.; "Oor boeke", 1964: 76).

Dit is opmerklik dat baie van die aspekte wat deur sommige as negatief ervaar is, weer deur ander as 'n aanwinst tot die *AWS*<sup>7</sup> beskou is. Net soos wat die hoofstuk oor die los en vas skryf van woorde wyd kritiek uitgelok het, is die Taalkommissie ook wyd geloof vir hierdie toevoeging tot die *AWS*<sup>7</sup>. Alhoewel Eksteen (1964: 62) gemeen het dat die hoofstuk oor "Die skryfwyse van woorde – los of vas" 'n bietjie studie van die gebruiker verg, het hy dit as 'n besonder nuttige byvoeging tot die spelreëls beskou. Die toeligting wat in verband met hierdie "lastige taalsaak" in die *AWS*<sup>7</sup> verskaf word, is volgens Coetsee (1964b: 18, 33) baie duideliker as wat in vorige *AWS*'e verskaf is sodat taalgebruikers nou baie min probleme in hierdie opsig sou teëkom. Raidt (1965: 12), wat beweer dat die nuwe uitgawe van die *AWS* heelwat probleme vir taalgebruikers oplos, meen ook dat twee struikelblokke, naamlik die los en vas skryf van woorde en die uitgang van die verlede deelwoorde (-de of -te), "nou byna uit die weg geruim [word] deur die duidelike voorskrifte en die verklarings van die reëls". Anders as baie van die kritici wat die groter vryheid ten opsigte van die los of vas skryf van woorde

negatief ervaar het, het Coetsee (1964a: 4) en ander hierdie groter vryheid ten opsigte van die skryfwyse van woorde verwelkom. Volgens kritici sou die Taalkommissie se aanbeveling van groter vryheid ten opsigte van die los of vas skryf van samestellings waar twyfel bestaan of wat nie onder vaste reëls gebring kon word nie, 'n noodsaaklike verligting vir die skrywende publiek besorg wat dit baie waardevol sou vind en veral onder studente en skoliere “met verligting verwelkom word!” (“Afrikaanse woordelys en spelreëls”, 1964: 60; “Groter vryheid van skryfwyse”, 1964: 15; “Oor boeke”, 1964: 76). Coetsee (1964a: 4) was van mening dat die groter vryheid ten opsigte van die los of vas skryf van woorde die reeds bestaande neiging by taalgebruikers om los te skryf nog verder sou bevorder.

Nog 'n aspek ten opsigte waarvan kritici redelik verskil het, is die praktiese ingesteldheid, al dan nie, van die AWS<sup>7</sup>. Waar sommige kritici die AWS<sup>7</sup> gekritiseer het vir 'n gebrek aan praktiese toepasbaarheid, het Coetsee (loc. cit.) groot waardering gehad vir die AWS<sup>7</sup> se praktieser inslag en die groter mate waarin die taalgebruiker in ag neem is. Hierdie praktieser en doeltreffender inslag blyk byvoorbeeld uit die onderskeid wat gemaak is tussen betekenisvolle dele en lettergrepe in die hoofstuk oor die “Skeiding van woorddele by skryf”, asook uit die hoofstuk oor hoofletters wat eweneens nuttig aangevul is deur die uitvoerige toeligting van bepaalde taalsake waaroor daar voorheen onduidelikheid en verwarring bestaan het (Coetsee, 1964a: 4, 7, 18). Na Coetsee (1964a: 4; 1964b: 4) se mening is dié praktieser inslag van die AWS<sup>7</sup> in vergelyking met vorige AWS'e hoofsaaklik te wyte aan die insluiting van 'n aantal nuwe, jonger Taalkommissielede wat hoofsaaklik met die lewende, praktiese taal, insonderheid die vaktaal, te doen gehad het. Hier verskil hy ook in 'n ander opsig van ander kritici wat gemeen het dat daar meer jonger Taalkommissielede moes wees. Te oordeel aan die ouer Taalkommissielede se beskouings in radiopraatjies en artikels, het Coetsee (1964b: 4) gemeen dat hulle ook, net soos die jonger Kommissielede, “daarteen wil waak dat Afrikaans in onnatuurlike of akademiese keurslyf gedwing word indien hierdie taal as doeltreffende medium wil geld vir die hedendaagse digkuns, prosa, natuur- en ander wetenskappe”. Alhoewel Coetsee (loc. cit.) van mening was dat die Taalkommissie versigtig vorentoe beweeg het ten opsigte van veranderinge in Afrikaans, het dit tog vir hom gelyk asof die Kommissie met die AWS<sup>7</sup> tot 'n groter mate tred gehou het met die lewende taal as sy voorgangers. Dit verklaar sy insiens die geneigdheid tot groter toeskietlikheid en vryheid wat in die AWS<sup>7</sup> toegelaat word (Coetsee, loc. cit.).

Ander spesifieke positiewe aspekte van die AWS<sup>7</sup> sluit in nuttige voorligting by koppeltekengebruik en 'n duidelike uiteensetting ten opsigte van die gebruik van aksenttekens wat heelwat lastighede sou uitskakel (Coetsee, 1964a: 7), asook die byvoeging van 'n reeks handige reëls waaronder die gebruik van hoofletters by die skryf van persoonsname en titels in die aanhef van briewe (Raidt, 1965: 12). Alhoewel die reëls oor afkappingstekens eerder in 'n grammatikahandleiding tuishoort, meen Coetsee

(loc. cit.) dat hierdie hoofstuk nie noodwendig teen die aard van die boek indruis nie, maar eerder die waarde daarvan verhoog deur die nuttigheid daarvan. Wat die woordelys betref, het Du Toit (1964: 35) en Raidt (1965: 12) veral hulle dankbaarheid en waardering uitgespreek ten opsigte van die uitbreiding en aanvulling van dié lys. Volgens Du Toit (loc. cit.) getuig die woordelys van “baie breë kennis”, wat ’n diepgaande kennis van Afrikaans en ander tale insluit, en “’n skerp oplettendheid”. Du Toit (1964: 36) was veral bly oor die invoeging van nommerstraatname en talle wetenskaplike terme, en hy het die aanduiding van betekenis of verband van ’n woord as ’n groot verbetering in die woordelys beskou. Volgens Eksteen (1964: 59) het die AWS<sup>7</sup> as vraagbaak vir die Afrikaanse vaktaal in ’n primêre behoefte van die skrywende publiek voorsien. Ten spyte van ’n paar tekortkominge, was die AWS<sup>7</sup> ’n groot vooruitgang op sy voorgangers, aldus Raidt (1965: 13), en dit was daarom onmisbaar vir alle skriftelike taalgebruik. Sommige kritici was van mening dat die meeste probleme in verband met die skryf van Afrikaanse woorde met die verskyning van die AWS<sup>7</sup> opgelos sou word (“Afrikaanse woordelys en spelreëls”, 1964: 60), en daarom het die Taalkommissie volgens Coetsee (1964b: 33) waardering verdien vir die wyse waarop hulle hulle taak volvoer het. Die Taalkommissie het van die AWS<sup>7</sup> ’n boek gemaak wat deur elke Afrikaanse taalgebruiker besit móét word (“Groter vryheid van skryfwyse”, 1964: 15).

In 1964 verskyn daar ook vir die eerste keer ’n junior uitgawe van die *Afrikaanse woordelys en spelreëls*, dit is ’n uitgawe van die AWS spesiaal gemik op skoolgebruik, saamgestel en versorg deur die redaksiekomitee van die Taalkommissie, dit is S.P.E. Boshoff en W. Kempen. Wat die spelreëls betref, is hierdie uitgawe identies aan die AWS<sup>7</sup>, aangesien die samestellers van mening was dat ’n vereenvoudigde formulering van die spelreëls gevaar geloop het om nie presies dieselfde inhoud oor te dra as die oorspronklike formulering nie. Die verskil tussen die junior uitgawe van die AWS<sup>7</sup> en die oorspronklike AWS<sup>7</sup> word aangetref in die woordelysgedeelte. Eerstens is “gewone” woorde wat geen skryf- of spelprobleme oplewer nie geskrap, maar woorde met *d/t*, *b/p*, *ei/y* en *f/v* is behou. Van die wetenskaplike of “geleerde” woorde is net dié behou wat soms in tydskrifte of skoolhandboeke voorkom, en laastens is daar meer toeligting gegee by woorde wat eenders uitgespreek maar verskillend gespreek word. (Boshoff en Kempen, 1964: Spesiale voorwoord vir die junior uitgawe) Die doel van hierdie uitgawe is egter nie duidelik nie, aangesien dit juis die spelreëls is wat dikwels probleme oplewer. Die feit dat die formulering van spelreëls egter onveranderd gelaat is, maak die interpretasie daarvan nie makliker nie. Ek is verder van mening dat die AWS in die eerste plek só toeganklik moet wees, dat hoërskoolleerders dit sonder moeite kan interpreteer en toepas, aangesien die meeste “gewone” gebruikers van die AWS nie oor die gevorderde taalonderwys beskik ten einde moeiliker taalkundige formuleringe te interpreteer nie. Goeie ortografiese reëlfomulering moet dus toeganklik

wees vir alle, of ten minste die meeste, taalgebruikers wat 'n skooluitgawe dan myns insiens nutteloos sou maak.

#### 4.5.2.8 Die 1991-uitgawe van die *Afrikaanse woordelys en spelreëls*

In 1991 verskyn die agste, verbeterde uitgawe van die *Afrikaanse woordelys en spelreëls* [voortaan AWS<sup>8</sup>] in opdrag van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns. In die verloop van die sewe en twintig jaar sedert die verskyning van die vorige uitgawe, die langste tyd wat nog tussen twee uitgawes verloop het, het die AWS<sup>7</sup> 'n hele aantal herdrukke beleef wat onveranderd verskyn het. (Eksteen, 1985: 171; “Kwetsende woorde uit Afrikaans”, 1990: 3; “Afrikaans kan in 'n leotard toi-toi én rock”, 1991: 1; “Omwenteling het Afrikaans geraak”, 1991: 3; Taalkommissie, 1991: 1) Die lang tydsverloop tussen die twee uitgawes kan aan verskeie faktore toegeskryf word, onder andere dat daar na die verskyning van die AWS<sup>7</sup> geen dringende behoefte gevoel is om aan die spelling te verander nie en dat die Taalkommissie baie van hulle tyd bestee het aan die bewerking van 'n *Lys klassieke eiename* in Afrikaans wat in 1984 uitgegee is. Gedurende hierdie tyd het die Taalkommissie ook die uittrede en/of afsterwe van die ouer generasie en toetrede van 'n jonger generasie beleef wat saam met hulle 'n hele reeks nuwe en ander insigte gebring het. Die verrekening van hierdie nuwe insigte en die breë aanpak van die AWS<sup>8</sup> het die verskyning van dié uitgawe nog verder vertraag. (Taalkommissie, loc. cit.) Alhoewel al die Taalkommissieëde wat meegewerk het aan die AWS<sup>7</sup> nog vir 'n langer of korter periode ná 1964 op die Taalkommissie gedien het, het slegs F.F. Odendal met die verskyning van die AWS<sup>8</sup> nog op die Taalkommissie oorgebly, en wel in die hoedanigheid as voorsitter van die Kommissie. Dit was dus die eerste keer in die geskiedenis van die AWS, na sewe uitgawes oor die verloop van byna vyftig jaar (!), dat T.H. le Roux en D.F. Malherbe, twee van die oorspronklike Taalkommissieëde van 1917, se name nie deel was van die Taalkommissie wat verantwoordelik was vir die AWS<sup>8</sup> nie. Die nuwe generasie Taalkommissieëde wat aan die AWS<sup>8</sup> meegewerk het, was T.J.R. Botha, D.C. Hauptfleisch, J.G.H. Combrink, H.G.W. du Plessis, L.C. Eksteen, R.H. Gouws, M.C. Janse van Rensburg, A.F. Prinsloo, en G.J. van Jaarsveld. Ander individue wat ook vir 'n korter of langer tyd tussen die verskyning van die twee uitgawes op die Taalkommissie gedien het, is W.J. de Klerk, J.E. Loubser, F.A. Ponelis, M.J. Posthumus, en H. Venter. (Taalkommissie, 1991: 3)

Soos reeds genoem, het die nuwe generasie Taalkommissieëde 'n hele reeks nuwe insigte na die AWS<sup>8</sup> gebring, met die gevolg dat dié uitgawe aansienlik van die vorige uitgawes verskil (Taalkommissie, 1991: 1). Hierdie uitgawe is nie net groter as al die vorige uitgawes nie, maar teen sowat driehonderd drie en negentig bladsye (waarvan sowat 380 werklik met teks gevul is) ook dikker as al

die voriges met drie en twintig bladsye meer reëls, vyftig bladsye meer woordelys, vier en dertig bladsye meer afkortings as die AWS<sup>7</sup>, asook sowat agt bladsye indeks (Spies, 1991: 5). Naas die voorteks, bevat die AWS<sup>8</sup> drie afdelings, te wete 'n spelreëlgedeelte, die woordelysgedeelte, en 'n afkortingslys (Taalkommissie, 1991: 3). Die opmerklikste nuwe toevoeging is die insluiting van 'n gebruikertoeligting as voorteks en die indeks maak ook sy terugkeer as agterteks. Soos in vorige uitgawes, word die verskillende spelreëls steeds in die afdeling "Spelreëls" in afsonderlike hoofstukke aangebied (Taalkommissie, loc. cit.). Die hoofstukke in hierdie afdeling is grootliks onveranderd, met die skrapping, toevoeging en herbenoeming van enkele hoofstukke. Die Blou Boek, soos die AWS<sup>8</sup> later bekend gestaan het, was egter ook deel van 'n ortografiese tradisie in Afrikaans wat oor meer as sowat vyftig jaar deur die Taalkommissies voor dié een opgebou is, en omdat ortografie geneig is om konserwatief te bly en veranderinge geleidelik plaasvind, het die Afrikaanse ortografie sedert die vorige uitgawe nie radikaal verander nie sodat die spelbeleid en grondbeginsels ten spyte van ander groot veranderinge feitlik ongewysig gebly het (Taalkommissie, 1991: 1; Smith, 1999: 4).

In die "Voorwoord" van die AWS<sup>8</sup> word soos in vorige uitgawes 'n uiteensetting gegee van veranderinge wat aan hierdie uitgawe aangebring is. Gegewe die lang tyd wat tussen hierdie en die vorige uitgawe van die AWS verloop het, word daar ook 'n verduideliking verskaf vir die lang tydsverloop tussen die twee uitgawes. Soos reeds genoem, verskyn daar vir die eerste keer in die bestaan van die AWS in hierdie uitgawe 'n "Toeligting" oor wat die taalgebruiker in die AWS<sup>8</sup> kan verwag, asook aanwysings hoe die boek aangewend en geïnterpreteer moet word (Taalkommissie, 1991: 1). Dié toeligting is ingedeel in drie dele, te wete toeligting by die gebruik van die spelreëlgedeelte, woordelysgedeelte en afkortingslys onderskeidelik. Daar die Taalkommissie in hierdie uitgawe vir die eerste keer soms fonetiese tekens in die spelreëls gebruik, word die tekens wat gebruik word in lysvorm in die "Toeligting" verskaf met toeliggende voorbeelde by elke teken (Taalkommissie, 1991: 4). Dit stel Jan Alleman wat nie vertrou is met fonetiese skrif nie in staat om die fonetiese tekens korrek te interpreteer en tegelykertyd bied die gebruik van fonetiese tekens vir die meer gevorderde gebruiker 'n meer akkurate weergawe van klanke in die AWS. In die toeligting oor die woordelysgedeelte word onder andere 'n uiteensetting gegee van inligtingstipes in, asook strukturele kenmerke van die woordelys. Na toeligting tot die afkortingslys, word ten slotte in hierdie afdeling ook bepaalde terme wat in die AWS<sup>8</sup> gebruik is, bondig verklaar (Taalkommissie, 1991: 1-2, 8). In hierdie toeliggende afdeling word die taalgebruiker vir die eerste keer bygestaan om al die inligtingstipes in die AWS effektief en optimaal te ontsluit, deurdat 'n volledige uiteensetting gegee word van wat die gebruiker in elke afdeling van die AWS<sup>8</sup> kan verwag. Hierdie nuttige toeligting verhoog dus die gebruikersvriendelikheid van die AWS<sup>8</sup>.



Soos die geval in die vorige uitgawe was, is die grootste veranderinge in die AWS<sup>8</sup> in die spelreëlgedeelte waar te neem. In hierdie uitgawe is die spelreëlgedeelte volledig herskryf (“Kwetsende woorde uit Afrikaans”, 1990: 3; Nel, 1991: 9). Hoewel die grondbeginsels en die spelreëls anders daar uitsien as in die vorige uitgawes van die AWS, geld hierdie veranderinge hoofsaaklik die formulering van die reëls en nie soseer die inhoud daarvan nie (Taalkommissie, 1991: 3-4). Tog word die spelreëls gekenmerk deur besondere vryheid in gebruik (Nel, loc. cit.; Combrink, 1992: 4). Die opmerklikste veranderinge in die formulering van die grondbeginsels is dat die Afrikaanse ortografie nie meer op die “algemeen gebruiklike uitspraak in *beskaafde* Afrikaans” [Eie kursivering – G.O.] gebaseer is nie (Taalkommissie, 1964: 1), maar dat die “*klankstelsel* van *Standaardafrikaans*” [Kursivering in oorspronklike teks – G.O.] nou as grondslag aanvaar word (Taalkommissie, 1991: 11). Hiermee het die Taalkommissie wegbeweeg van die verouderde siening dat sekere taalvariëteite “beter” is as ander. Verder is die AWS in hierdie uitgawe implisiet losgemaak van Nederlands deurdat daar in reaksie op groot ongelukkigheid ten opsigte van die AWS<sup>7</sup> (sien 4.5.2.7) vir die eerste maal nie na die Nederlandse ortografie as grondbeginsel van die Afrikaanse ortografie verwys soos in die vorige AWS'e nie, maar bloot na die “*tradisie*” [Kursivering in oorspronklike teks – G.O.] van die Afrikaanse ortografie (“Nuwe Woordelys en spelreëls”, 1991: 10; Taalkommissie, loc. cit.). Die Taalkommissie was met ander woorde nou van oordeel dat die Afrikaanse ortografiese tradisie dermate gevestig is dat die Afrikaanse ortografie nie meer op die Nederlandse ortografie hoef terug te val soos wat om propagandistiese redes nodig was met die verskyning van die eerste AWS nie (Combrink, 1991: 13; Van Jaarsveld, 1992: 505; sien ook 4.5.2.1). Die feit dat hierdie grondbeginsel nou ook laaste staan, waar dit voorheen die tweede grondbeginsel was, is volgens Murray (s.a.) ’n aanduiding dat die Taalkommissie nou meer waarde aan die estetika geheg het as aan purisme. Alhoewel die grondbeginsels egter anders geformuleer is as in die 1964-uitgawe, is die strekking daarvan wesenlik dieselfde as die beginsels wat sedert 1921 toegepas is (Taalkommissie, 1991: 1, 11).

Die spelreëls is ook grootliks geherformuleer. Die Taalkommissie meen dat die spelreëls nou oor die algemeen verstaanbaarder en makliker interpreteerbaar is deurdat daar probeer is “om die reëls meer eksplisiet en uitvoerig te verwoord, en waar moontlik in eenvoudiger taal te stel”. Klank en skryftekens is nader aan mekaar gebring deur die gebruik van fonetiese tekens waar dit sinvol is. Verder het die Taalkommissie by hulle voorgangers aangesluit deur in ’n aantal gevalle groter vryheid ten opsigte van spel- en skryfwyse toe te laat. (Taalkommissie, 1991: 1-2) Hierdie vryheid het gespruit uit ’n behoefte om meer deskriptief as preskriptief te werk te gaan ten opsigte van die Afrikaanse ortografie; om Afrikaans te beskryf soos wat dit werklik gebruik word en sodoende kommunikasie te bevorder en Afrikaans “vriendeliker” te maak (Combrink, 1993a: 4).

Benewens die herformulering van die spelreëls is daar ook 'n aantal reëls gewysig en bygevoeg (Combrink, 1991a: 1). Volgens Combrink (1991f: 9) het die gewysigde of nuwe spelreëls in die AWS<sup>8</sup> veral betrekking op vreemde voorvoegsels, vreemde stamme, afstandskoppeltekens, samestellings met *nie-*, *non-* en *oud-*, ampsbenamings, titels en range, benamings vir groepe en groepslede, taalname, samestellings met eiename, verbindings met *daar*, *hier* of *waar*, en uitdrukkings. Die opmerklikste wysiging in die samestelling van die spelreëls is die skraping van die hoofstukke oor “Dubbelspellings” en “Doeblette” wat heelwat kritiek ten opsigte van die AWS<sup>7</sup> ontlok het (sien 4.5.2.7). Die onnodige en verwarrende onderskeid tussen dubbelspellings en wisselvorme is heeltemal uit die AWS<sup>8</sup> geskrap, terwyl die onderskeid tussen wisselvorme en doeblette nog in die woordelys behou is, maar slegs in die toeligting belig is. Net die hoofstuk oor “Wisselvorme” is dus behou. Soos in vorige uitgawes het die Taalkommissie in die AWS<sup>8</sup> daarna gestreef om dié taalvorme wat as standaard beskou word te erken en nie wisselvorme kunsmatig te verminder nie. Daarom is 'n aantal wisselspellings in die AWS<sup>8</sup> opgeneem “wat as 'n groter ‘verafrikaansing’ van die spelling gesien kan word”. Waar taalgebruikers egter sedert die vorige uitgawe voorkeur aan 'n bepaalde vorm in 'n wisselvormpaar begin gee het wat in die vorige uitgawe nog as volwaardige ekwivalente beskou is, het die Taalkommissie die minder gebruiklike vorm geskrap en sodoende die aantal wisselvorme verminder. (Taalkommissie, 1991: 2, 12-13). Die belangrikste veranderinge in hierdie hoofstuk is dat wisselvorme sonder *ge-* nou ook naas die *mét ge-* toegelaat word by voltooide deelwoorde van tweesillabige werkwoorde op *-eer* (wat die klem op die tweede sillabe het), alhoewel die voorkeur steeds aan die vorm met *ge-* gegee word (bv. *het probeer* naas *het geprobeer*), by adjektiewe op *-eer* slegs die vorme met *ge-* erken word (bv. *gewaardeerde*), dat die Taalkommissie wisselvorme erken by adjektiewe waar die een wisselvorm eindig op 'n konsonant of vokaal en die ander eindig op 'n konsonant of vokaal plus *-d* (bv. *begaaf* teenoor *begaafd*, *ongenooi* teenoor *ongenooid*), en dit as 'n fout beskou word om 'n verbindingsklank weg te laat waar een vereis word (bv. *\*sluitingdatum* teenoor *sluitingsdatum*) (Combrink, 1991a: 3; Taalkommissie, 1991: 7).

Waar klinkers en tweeklanke in vorige uitgawes saam behandel is, word “Vokale” en “Diftonge” in die AWS<sup>8</sup> in aparte hoofstukke behandel. Die belangrikste verandering in die hoofstuk oor vokale is die toevoeging van 'n hele aantal reëls oor wanneer die schwa [ə] deur 'n *i* en wanneer dit deur 'n *e* in Afrikaans voorgestel word. Hierdeur het die Taalkommissie probeer om iets wat eintlik 'n Nederlandse oorblyfsel is en dus nie so voor die hand liggend vir Afrikaanse taalgebruikers is nie, in reëls weer te gee. Volgens die Taalkommissie lewer die spelling van diftonge geen probleem nie, met die uitsondering van [əi] (Taalkommissie, 1991: 22).

Die belangrikste kenmerk van die hoofstuk “Konsonante” (naas die naamsverandering) is dat die Taalkommissie besluit het om groter vryheid toe te laat ten opsigte van die attributiewe vorme van voltooide deelwoorde van werkwoorde wat op *-f*, *-g* of *-s* uitgaan sodat *-de* en *-te* nou albei aanvaar word, byvoorbeeld *ingelegde* en *ingelegte*. Hierdie groter mate van vryheid geld ook die afwisseling van *-d-* of *-t-* waar die woordstamme in afleidings op *-f*, *-g* of *-s* uitgaan, byvoorbeeld *gematigdheid* en *ongewenstheid*. Die Taalkommissie sou dit dus nie as ’n fout beskou indien *t* in plaas van *d* geskryf word, of andersom, nie, aangesien die Afrikaanse spreektaal op hierdie stadium op dié punt nog redelik onvas was en taalgebruikers dus self kon besluit watter vorm hulle wou gebruik. (Combrink, 1991a: 3-4; 1991c: 13; 1991h: 4; Van der Wart, 1991: 12) Hierdie groter mate van vryheid dui op ’n minder voorskriftelike benadering tot die Afrikaanse ortografie en laat ruimte vir verskillende variëteite van Afrikaans om erkenning te kry as deel van die standaard.

Die hoofstuk oor “Meervoudsvorme” is veral ten opsigte van die meervoudsvorme van eiename uitgebrei. Die hoofstukke oor die diakritiese tekens, dit is die “Afkappingstekens”, “Akuut- en gravistekens”, “Kappie” en “Deelteken”, is ook enigermate noukeurig geherformuleer en/of uitgebrei. In die hoofstuk oor die “Akuut- en gravistekens” is, afgesien daarvan dat dit herbenoem is, reëls in verband met eiename bygevoeg. Nog ’n belangrike verandering in hierdie hoofstuk wat gespruit het uit verwarring wat die vorige reël tot gevolg gehad het, is dat die gravistekens al hoe meer uitgefaseer is deurdat dit nie meer vir klem gebruik is nie, sodat slegs die akuut nou gebruik is om mee te aksentueer in woorde soos *én...én*, *nóg...nóg* en *óf...óf*. Die enigste eg Afrikaanse woorde waarin die gravis behou is, is *appèl*, *dè*, *hè* en *nè*, waar dit nie om beklemtoning van die woorde gaan nie, maar om uitspraak. Die gravis is ook behou in vreemde woorde en name soos *première* en *Eugène*. (Combrink, 1991a: 4; 1991c: 13; 1991f: 9; 1991h: 4; Murray, s.a.; Van der Wart, 1991: 12; Van Jaarsveld, 1992: 508) In die hoofstuk oor kappies word die vorm *ver* nou ter wille van tradisie naas *vêr* toegelaat en by sekere vorme waar voorheen net ’n koppelteken gebruik is ten einde lees by die opeenhoping van klinkers te vergemaklik, laat die Taalkommissie nou ook die deelteken toe, soos by kort, vreemde voorvoegsels wat op *-i* en *-e* eindig. (Combrink, 1991a: 4; 1991f: 9; Taalkommissie, 1991: 33)

Een van die hoofstukke in die spelreëlgedeelte wat die meeste uitgebrei is, is die hoofstuk oor die “Koppelteken” wat met sowat agt bladsye sedert die vorige uitgawe gegroei het. ’n Hele aantal spelreëls is bygevoeg ter wille van groter presisering. Hierdie presisering kan veral gesien word in die reëls oor die gebruik van die koppelteken in range, titels en ampsbenamings waar formulerings soos “tipes soos” en “van die volgende tipe” wat in die AWS<sup>7</sup> voorgekom het en skerp gekritiseer is (sien 4.5.2.7), uit die weg geruim is. Ten einde die verskillende gebruik van die koppelteken vollediger uiteen te sit, is hierdie hoofstuk in verskeie onderafdelings verdeel in ooreenkoms met die onderskeie

funksies wat die koppelteken vervul; dit is “Skeiding ter wille van makliker lees”, “Koppeling ter wille van bepaalde verhoudings of besondere dele”, “Die koppelteken as weglatingsteken”, en “Koppeling met vreemde dele”. Die opmerklikste veranderinge in hierdie hoofstuk is die groter opsionaliteit by die gebruik van koppeltekens. Die koppelteken is eerstens opsioneel gemaak waar lettergreepverdeling onduidelik is en die woord verkeerd gelees kan word (bv. *dopertjie*), terwyl telwoorde en breukname waarin *en* voorkom nou óf los óf met koppeltekens geskryf kan word (Combrink, 1991a: 4-5). Waar samestellings met *nie-*, *non-* of *oud-* in die 1964-uitgawe met ’n koppelteken geskryf is, word hierdie voorvoegsels in die AWS<sup>8</sup> vas aan die woord geskryf waar daar nie ’n opeenhoping van vokale is nie (bv. *niegeleier*, *nonaktief*, *oudstudent*), alhoewel dit ook nie as ’n fout beskou sou word indien ’n persoon sou verkies om hierdie woorde steeds met ’n koppelteken te skryf nie (Combrink, 1991a: 6; 1991c: 13; 1991h: 4). Na klagtes dat reëls oor die afstandskoppelteken in die AWS<sup>7</sup> skrywers hoofbrekens besorg het (sien 4.5.2.7), is die afstandskoppelteken in hierdie uitgawe ook opsioneel gemaak sodat afstandsamestellings nou óf met ’n koppelteken óf los geskryf kon word, tensy daar ’n verbindingsklank in voorkom, byvoorbeeld *adjunk-besturende-direkteur* of *adjunk besturende direkteur*, maar *groepsfinansiële sekretaris*. (Combrink, 1991c: 13; 1991f: 9; 1991g: 9; 1991h: 4; Van der Wart, 1991: 12) Ampsbenamings, titels en niemilitêre range word nou egter nie meer met ’n koppelteken verbind nie, maar vas geskryf sonder ’n koppelteken (Combrink, 1991c: 13; 1991h: 4; Van der Wart, loc. cit.).

Nog ’n hoofstuk wat aansienlik uitgebrei is, is die hoofstuk oor “Hoofletters”, waar daar eweneens na groter helderheid en vryheid gestreef is ten einde die verwarring wat in die verlede uit oorvleuelende reëls gespruit het uit die weg te ruim (Combrink, 1991f: 9). Die reëls oor hoofletters is in agtien onderafdelings volgens gebruik verdeel. Van die belangrikste besluite wat die Taalkommissie ten opsigte van die gebruik, al dan nie, van die hoofletter in die AWS<sup>8</sup> gemaak het, is dat die name van vakke, dissiplines, kultivars, dier- en plantvariëteite, en produksorte met of sonder ’n hoofletter geskryf kan word, alhoewel net die skryfwyse met ’n kleinletter telkens in die woordelysgedeelte opgeneem is, en dat beskrywende benamings vir groepe of lede van sulke groepe nou met kleinletters geskryf word (bv. *blank* en *blanke*) (Combrink, 1991a: 6; Taalkommissie, 1991: 2; Van der Wart, 1991: 12). Laasgenoemde kan as ’n poging beskou word om die Afrikaanse ortografie in ooreenstemming met die politieke veranderinge te bring wat rondom die verskyning van die AWS<sup>8</sup> plaasgevind het, dit is toenadering tussen verskillende rasgroepe in Suid-Afrika waar die klem nie meer op kleur as ’n bepalende identiteitsmerker is nie, maar waar dit net nog een aspek van ’n wye reeks beskrywings-elemente is.

In ooreenstemming met vorige uitgawes toon die AWS<sup>8</sup> 'n sterk neiging tot groter verafrikaansing wat spelling betref (Van der Wart, 1991: 12) en dus 'n verdere wegbeweging van Nederlands. Dieselfde drie klasse waarin “Woorde van vreemde herkoms” in vorige uitgawes van die AWS uiteengesit is, word in die AWS<sup>8</sup> aangetref (sien 4.5.2.3). Anders as in vorige uitgawes, word die tussenklas woorde nou in twee subklasse verdeel, te wete woorde van vreemde herkoms wat sowel volgens 'n vreemde as Afrikaanse spelwyse gespel word (bv. *Africana* en *Afrikana*) en woorde van vreemde herkoms wat gedeeltelik volgens 'n vreemde en gedeeltelik volgens die Afrikaanse spelwyse gespel word (bv. *kibboets*) (Combrink, 1991a: 7; Taalkommissie, 1991: 57-58). Die riglyne ten opsigte van die verafrikaansing van woorde van vreemde herkoms wat in die AWS<sup>7</sup> voorgekom het, het plek gemaak vir slegs 'n aantal kenmerkende wyses van verafrikaansing, meer spesifiek ten opsigte van *g* en *gh*, en *ch* en *k*, en 'n nuwe uitvoerige onderafdeling waarin spesiale aandag gegee is aan die spelling van woorde in Afrikaans wat aan die Suid-Afrikaanse Bantoetale ontleen is (Taalkommissie, 1991: 2). Laasgenoemde afdeling is onderverdeel in “Onverafrikaanste ontlenings” en “Verafrikaanste ontlenings” en weerspieël ook 'n bemoeienis met die veranderde politieke werklikheid waarin Afrikaans dit in 1991 bevind het en 'n begeerte tot groter verteenwoordiging van die totale taalkontaksituasie waarin Afrikaans dit bevind.

Alhoewel die Taalkommissie van mening was dat woorddeelskeiding 'n tipografiese aangeleentheid is, het hulle tog steeds leiding gegee in hierdie verband in die hoofstuk “Skeiding van woorddele by skryf”, waar 'n nuwe benadering en formulering gevolg is. Die onderskeid wat in die AWS<sup>7</sup> tussen skeiding van woorddele volgens betekenisvolle dele aan die een kant en volgens lettergrepe aan die ander kant gemaak is, word nie meer in die AWS<sup>8</sup> gevolg nie. In hierdie uitgawe stel die Taalkommissie voor dat daar so min moontlik afgebreek word, maar dat, indien daar afgebreek moet word, uitspraak die voorrang in die meeste gevalle moet geniet, terwyl leesbaarheid, herkenbaarheid en interpreteerbaarheid voortdurend in aanmerking geneem word. Afgesien van die algemene reël dat die skeiding van woorddele volgens uitspraak, met ander woorde sillabeverdeling, moet geskied, vestig die Taalkommissie in hierdie hoofstuk ook die aandag op besondere tipes skeidingsgevalle by woorde waarin die sillabegrens nie wissel nie, by woorde waarin die sillabegrens wissel of onduidelik is, en nie-sillabiese skeiding. (Taalkommissie, 1991: 62-65) Dit is egter vreemd dat die Taalkommissie hier die klem op uitspraak as uitgangspunt by die afbreek van woorde plaas, aangesien die ortografie in die eerste instansie met die geskrewe taal te make het en nie met die gesproke taal nie.

Daar die keuse van los en vas skryf steeds een van die algemeenste probleme was wat Afrikaanse taalgebruikers ondervind het, is daar, afgesien van die hewige kritiek wat dit ten opsigte van die AWS<sup>7</sup> ontlok het (sien 4.5.2.7), in die AWS<sup>8</sup> weer in die spelreëlgedeelte voorsiening gemaak vir 'n hoofstuk

oor die skryfwyse van woorde waarin los en vas skryf bereël is (Taalkommissie, 1991: 4). Die hoofstuk “Skryfwyse – los of vas” is egter aansienlik verkort in die AWS<sup>8</sup> en die indeling of aanbieding van die reëls is ook grootliks verander. Wat laasgenoemde betref, is die reëls nou verdeel in skryfwysereëls met betrekking tot samestellings en ’n aantal algemene opmerkings oor besondere skryfwyseprobleme wat in dertien onderafdelings uiteengesit is (Taalkommissie, 1991: 66, 68). Die hoofstuk bevat ook steeds ’n lys woorde wat óf los óf vas geskryf kan word, maar wel ’n baie verkorte lysie. Die opvallendste wysiging in verband met die los en vas skryf van woorde in die AWS<sup>8</sup> is dat die Taalkommissie vanweë ’n gebrek aan uitsluitel by ’n hele aantal woorde ’n groter mate van vryheid van skryfwyse voorstel deurdat dit nie as ’n fout beskou word wanneer sommige verbindings ook los geskryf word nie en dat die Taalkommissie daarop wys dat ’n woord soms meer as een korrekte skryfwyse kan hê. So kan die name van kultivars, diere- en plantvariëteite en produksoorte óf vas óf heeltemal los óf met ’n koppelteken geskryf word, terwyl verbindings bestaande uit ’n bywoord en ’n adjektief soms los en soms vas geskryf word, maar dat dit nie as ’n skryffout beskou word indien daar nie by die bepalinge van die Taalkommissie gehou word nie. Ook verbindings met *daar*, *hier* of *waar* as eerste deel kan óf los óf vas geskryf word. Die grootste mate van vryheid is egter ten opsigte van samestelling met ’n eienaam toegelaat wat op nie minder nie as van vyf maniere geskryf word! (Killian, 1990: 6; Combrink, 1991a: 9-10; 1991c: 13; 1991f: 9; 1991h: 4; Taalkommissie, 1991: 2, 4; Van der Wart, 1991: 12) Dieselfde vryheid geld egter nie geografiese eiename of straatname nie (Van der Wart, loc. cit.). Veral samestellings met eiename, asook taalname, is in hierdie uitgawe noukeuriger en uitvoeriger bereël. Hier is die opmerklikste verandering dat kleuradjektiewe in beginsel los van die daaropvolgende selfstandige naamwoord (en met ’n kleinletter) geskryf word (bv. *bruin man* in plaas van *Bruinman*) (Combrink, 1991a: 10; 1991c: 13; 1991h: 4). Laasgenoemde is eweneens ’n aanduiding dat die Taalkommissie met hierdie uitgawe nie meer kleur as ’n bepalende identiteitsmerker beskou nie en dit verteenwoordig dus ’n stap in die rigting van toenadering tussen verskillende sprekers van Afrikaans.

Op die oog af is dit reeds duidelik dat die woordelysgedeelte van die AWS<sup>8</sup> aansienlik uitgebrei is en ook redeliker mate van sy voorgangers verskil (“Kwetsende woorde uit Afrikaans”, 1990: 3). Veranderinge in hierdie afdeling van die 1991-AWS sluit in heelwat toevoegings in die 1991-woordelys, wysigings in die 1991-woordelys in vergelyking met die 1964-woordelys, asook skrappings uit die 1964-woordelys (Combrink, 1991a: 1). Hoewel vroeëre uitgawes sommige woorde doelbewus uitgelaat het ten einde die woordelys so kort moontlik te hou, is die lys in hierdie uitgawe juis verleng ten einde verwarring uit te skakel (Murray, s.a.). Dat daar heelwat toevoegings gemaak is, blyk daaruit dat die woorde in die woordelys nou in drie kolomme in plaas van twee soos in die vorige uitgawes

uiteengesit is, sodat die woordelys byna die helfte meer lemmas as die vorige lys bevat (“Afrikaans kan in ’n leotard toi-toi én rock”, 1991: 1; “Omwenteling het Afrikaans geraak”, 1991: 3).

Die Taalkommissie het veral drie groepe woorde in die woordelysgedeelte opgeneem: (a) woorde wat volgens die Taalkommissie spelprobleme oplewer, (b) woorde wat opgeneem is ter wille van erkenning in Standaardafrikaans, en (c) gelede woorde, veral samestellings en afleidings, wat opgeneem is ter aanduiding van die resultate van sekere woordvormingsprosesse (Taalkommissie, 1991: 5-6). Verla nuwe terme op die gebied van rekenaarwetenskap, elektrotegniek en die mediese wetenskap kry in hierdie uitgawe erkenning (“Afrikaans kan in ’n leotard toi-toi én rock”, loc. cit.; “Kwetsende woorde uit Afrikaans”, 1990: 3; “Omwenteling het Afrikaans geraak”, loc. cit.). Alhoewel die Taalkommissie in hierdie uitgawe steeds die beleid gehandhaaf het om nie plek- en persoonsname in die woordelys op te neem nie, aangesien die spelling van binnelandse plekname deur die Nasionale Pleknamekomitee in die lys *Amptelike plekname* bereël is en die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing op daardie stadium ook besig was om aan ’n lys buitelandse plekname te werk, is daar wel ’n aantal plek- en persoonsname in die woordelysgedeelte van die AWS<sup>8</sup> opgeneem waarby spelprobleme voorkom. Hierdie plek- en persoonsname is egter net in uitsonderlike gevalle opgeneem waar die woord in sy simpleksvorm probleme oplewer wat nie deur ’n afleiding opgelos kan word nie. (Combrink, 1991c: 13; 1991f: 9; 1991h: 4; Taalkommissie, 1991: 2-3) Soos in die spelreëlgedeelte is daar ook in die woordelys meer aandag aan die skryfwyse van woorde uit die Bantoetale gegee, soos *boendoe*, *foendie*, *idoena*, *kgotla*, *kwêla*, *lapa*, *lobôla*, *makietie*, *marog*, *moetie*, *oehoeroe*, *sjebien*, *s(j)ongolôlo*, *tjaila*, *tjiesastok* en *tjwala* (“Kwetsende woorde uit Afrikaans”, loc. cit.; “Nuwe Woordelys en spelreëls”, 1991: 10), wat die Taalkommissie se openheid tot interkulturele kontak en uitruiling weerspieël.

Die woordelys van die AWS<sup>8</sup> weerspieël ook die diepgaande invloed wat Engels op Afrikaans het deurdat die Taalkommissie, tot ’n baie groter mate as in vorige uitgawes, in hierdie uitgawe die binnekoms en vestiging van sekere Engelse woorde in Standaardafrikaans erken het deur Engelse leenwoorde op te neem wat oor die verloop van jare vastrapplek in die volksmond gekry het en wat hulle trefkrag verloor indien dit in Afrikaans vertaal word, wat met ander woorde nie werklik goeie Afrikaanse ekwivalente het nie. Dit sluit ook verafrikaanste vorme van Engelse woorde en talle leenvertalings en -verklarings uit Engels in. Voorbeelde hiervan is *affair*, *afleringswa*, *aknee*, *appliek*, *berserk raak*, *bevogtiger*, *bikini*, *bikinilyn*, *bingo*, *bittereinder*, *blues*, *boks* (s.nw.), *chalet*, *cheetah*, *chevron* of *sjevron*, *chowder*, *clan*, *cottage*, *country*, *delusie*, *denim*, *deodorant*, *derby*, *desensitasie*, *diens* (’n motor \_), *dinghie*, *disket*, *disko*, *do* (solfanoet), *drein*, *dupleks*, *establishment*, *faks*, *folk*, *fudge*, *gimkana*, *impak*, *intensiewesorgeenheid*, *joker*, *katamaran*, *kipper*, *klien*, *klous*, *kollaps*, *kollig*,

*kompakplaat, kompartementaliseer of kompartementeer, kondominium, konkoksie, kondoneer, konsensuspolitiek, konsole, konsortium, konsultant, kontrasepsie, kontrepsie, koproduktief, korporaal-lid, kothuis, krusifiks, kultivar, kwilt, laser(drukker), leotard, loskakel, losskrum, maksie, mangat, maroen, media, mikro-elektronies, mikrofiche, mikrofilm, mikrogolf, mini, minikini, monokini, motoris, nektarien, ooievaarstee, pidginiseer, platespeler, poliviniel, popmusiek, priem, propper of proppers, pulsar, punk, raakrugby, ratkas, replika, resessie, rock, sandblaas (ww.), shandy, sjampoe, skuba-duiker, snelstrik, soul, spot (vrae \_), steak, stoor (bêre, wegpak), stres, stupiditeit, swartbord, teen-insurgensie, tekkie, teledrukker, telefaks, telefotolens, telekommunikasie, teleks, T-hemp, tjop, tjopper, trampolien, trimpark, trippel (\_ drie; twee \_ vier), versapper-menger, verskroeideaardebeleid, vesel-glas of glasvesel en zombie.*

Hierdie groter toegeneentheid tot Engelse woorde in die AWS<sup>8</sup> getuig van 'n veranderde gesindheid by die Taalkommissie ten opsigte van die invloed van Engels op Afrikaans. Die huiwerigheid waarmee Engelse woorde in vorige uitgawes as deel van Standaardafrikaans erken is, blyk nou plek te maak vir die omarming van die kontaksituasie waarin Afrikaans dit ten opsigte van Engels bevind. Slengwoorde en selfgeskepte woorde deur digters en skrywers wat nie algemeen gebruik en erken is nie, is egter nie opgeneem nie. Sommige van die vreemde woorde wat sedert die vorige uitgawe baie vinnig alledaags in Afrikaans geword het, is deur die Taalkommissie in die AWS<sup>8</sup> se woordelys verafrikaans, byvoorbeeld *sjevron* naas die vreemde vorm *chevron*, *tjintjilla* naas *chinchilla*, *kolesterol* naas *cholesterol*, *kroepier* naas *croupier*, *kroton* naas *crouton*, *kruks* naas *crux*, *limosien* naas *limousine* en die enigste spelwyse *sjiem* wat *chic* gespel is in die AWS<sup>7</sup>. (Killian, 1990: 6; Combrink, 1991b: 9; 1991h: 4; 1991i: 13; "Kwetsende woorde uit Afrikaans", loc. cit.; Nel, 1991: 9; "Nuwe Woordelys en spelreëls", 1991: 10; Van der Wart, 1991: 12; Burger, 1992: 27; Combrink, 1993b: 2) Heelwat woorde uit die omgangstaal, asook inkortings soos dit in die spreektaal gebruik word (bv. *mikrogolf* i.p.v. *mikrogolfoond*, *televisie* i.p.v. *televiesiel* of *-program*), geniet ook vir die eerste keer erkenning in hierdie uitgawe ("Afrikaans kan in 'n leotard toi-toi én rock", loc. cit.; "Omwenteling het Afrikaans geraak", loc. cit.). Hierdie erkenning van omgangstaalvorme as deel van die standaardleksikon van Afrikaans dui op 'n groter openheid by die Taalkommissie ten opsigte van die opname van tradisioneel niestandaardvorme en dus 'n minder preskriptiewe benadering tot die Afrikaanse ortografie. Benewens nuwe lemmas bevat die AWS<sup>8</sup> ook heelwat meer samestellings, aangesien taalgebruikers dikwels met die los en vas skryf van samestellings sukkel, asook afleidings (Combrink, 1991a: 20; Taalkommissie, 1991: 1). Baie van die wysigings wat in die woordelys aangebring is, behels die byvoeging van konteks- en koteksinligting (Combrink, 1991a: 43), wat gebruikers help om die gewenste inligting wat hulle uit die woordelys verlang beter te ontsluit en sodoende die woordelys gebruikersvriendeliker maak.



Naas die toevoeging van lemmas, is daar baie lemmas uit die woordelys geskrap omdat dit verouderd geraak het, veral omdat dit nog 'n sterk Nederlandse vorm getoon het, byvoorbeeld woorde soos *buiserd*, *gesusters* en *vrydom*, en uitdrukkings soos *na believe*, *om dusketyd* en *by my koliewaar*. 'n Hele aantal wisselvorme is ook uit die woordelys geskrap omdat die Taalkommissie gevind het dat hulle nie meer so lewenskragtig in Afrikaans is nie deurdat dit verouderd geraak het en sommige 'n dialektiese kleur gekry het, soos *seemeeus* (by *seemeeue*), *advokaat* (by *avokado*), *beweë* (by *beweeg*) en *folmink* (by *flamink*). Sommige leenwoorde soos *jogurt*, *pienk* en *sjampoe* het volledig by die Afrikaanse ortografie aangepas sodat daar geen wisselvorme vir hulle toegelaat word nie. ("Afrikaans kan in 'n leotard toi-toi én rock", loc. cit.; Combrink, 1991a: 13; 1991c: 9; 1991e: 7; "Kwetsende woorde uit Afrikaans", 1990: 3; "Omwentelinge het Afrikaans geraak", loc. cit.; Taalkommissie, 1991: 1; Combrink, 1993b: 2). Ander lemmas wat uit die woordelys geskrap is, is ontlenings aan Nederlands, Engels en Frans wat nie ingang onder taalgebruikers gevind het nie, lemmas wat onnodig is omdat ander lemmas die nodige leiding bied, en woorde wat in gevoelswaarde verswak het sodat dit nie in 1991 meer as Standaardafrikaans beskou is nie (Combrink, 1991a: 13; Taalkommissie, 1991: 1). Die aantal vakwoorde of tegniese terme, waaronder veral chemiese en geologiese terme, waarvan daar vroeër heelwat in die woordelys voorgekom het, is in die AWS<sup>8</sup>-woordelys drasties verminder aangesien dit na die Taalkommissie se mening maklik in tegniese woordeboeke nageslaan kon word, waarvan daar teen 1991 heelwat in omloop was (Combrink, 1991a: 13; "Kwetsende woorde uit Afrikaans", 1990: 3; Taalkommissie, 1991: 2). Dit is tog te betreur dat die Taalkommissie hierdie vakwoorde uit die woordelys verwyder het, aangesien taalgebruikers dikwels nie weet wanneer 'n woord as tegniese term geklassifiseer word nie, en hulle dan teleurgesteld is wanneer hulle dit in die AWS soek en dit nie daar vind nie. Alle taalgebruikers het ook nie geredelike toegang tot tegniese of vakwoordeboeke nie en maak dus op die AWS staat om leiding op alle gebiede van die Afrikaanse ortografie te gee. As hulle dan nie die gewenste inligting in die AWS kan vind, wat wel voorheen daar voorgekom het nie, stel dit as gebruikersvriendelike bron teleur.

In ooreenstemming met die veranderende politieke landskap het die Taalkommissie in hierdie uitgawe ernstig probeer om alle kwetsende, rassistiese en aanstootlike woorde, veral ras- en groepskwetsende woorde soos *kleurling*, *meid* en *kaffer*, asook dié tipe woorde se afleidings en verbintenisse uit die woordelys te skrap (Combrink, 1991a: 13; "Kwetsende woorde uit Afrikaans", loc. cit.). Hoewel die Kommissie nie die bestaan van hierdie woorde ontken het nie, het hulle besluit om hierdie lemmas, net soos obsene woorde, uit die woordelys te laat omdat dit gewoonlik nie spelprobleme oplewer nie, maar veral omdat hulle die gebruik daarvan wou teëwerk, en ook omdat die lys wydverspreid deur skole gebruik is (Killian, 1990: 6). Ook hierdie stap dui op 'n poging van die Taalkommissie om die

AWS<sup>8</sup> 'n waardevolle bron vir alle Afrikaanssprekendes te maak deur toenadering tussen verskillende Afrikaanse rasgroepe te bevorder.

In gevalle waar dit nie om wisseling in spelvorm gaan nie, maar eerder om wisseling in skryfwyse, het die Taalkommissie nie noodwendig alle variante in die woordelys opgeneem nie, alhoewel daar veral by eienaamverbindings telkens verskillende skryfwysemoontlikhede verskaf is. Daar is egter weereens benadruk dat die weglating van 'n woord uit die woordelys nie beteken dat dit onaanvaarbaar is nie of dat die bestaansreg daarvan ontken of aanvaar word, al dan nie, aangesien die woordelys nie 'n volledige lys van die totale Afrikaanse woordeskat is nie. Dit word egter nou vir die eerste keer duidelik gestel dat die opname van 'n woord in die AWS wel beskou kan word as erkenning dat die betrokke woord tot die Afrikaanse standaardwoordeskat behoort. (Taalkommissie, 1991: 1, 5-6) Hierdie stelling laat die taalgebruiker egter met die vraag hoe hy of sy dan moet weet of 'n woord deel van die standaardleksikon van Afrikaans vorm indien nieopname in die AWS nie noodwendig beteken dat 'n woord onaanvaarbaar is, al dan nie. Aangesien taalgebruikers ook gewoonlik eerste toegang tot die AWS via die woordelys kry, is daar vir hom of haar ook geen aanduiding dat 'n woord ook op 'n alternatiewe wyse geskryf kan word indien al die skryfwysemoontlikhede nie in die woordelys opgeneem word nie. In die geval van weglating van skryfwysevariante uit die woordelys sou 'n kruisverwysing na die relevante spelreël nuttig wees. In hierdie uitgawe is ook voortgebou op die wyse waarop die inligting reeds sedert die 1917-uitgawe van die AWS in die woordelys aangebied is (sien 4.5.2.1).

In die derde afdeling in die AWS<sup>9</sup> word Afrikaanse afkortinggebruik bespreek en 'n omvattende lys afkortings met hulle volvorme verskaf (Taalkommissie, 1991: 3, 8). Afkortings is die deel van die taal wat die vinnigste groei en daarom is die afkortinggedeelte in die AWS<sup>9</sup>, soos die woordelys, ook aansienlik uitgebrei. Die lys in hierdie uitgawe het vier keer meer afkortings as die vorige uitgawe sodat dit van sestien bladsye in die AWS<sup>7</sup> tot ongeveer sewe en veertig bladsye in die AWS<sup>9</sup> gegroei het. ("Kwetsende woorde uit Afrikaans", 1990: 3; "Afrikaans kan in 'n leotard toi-toi én rock", 1991: 1; "Omwenteling het Afrikaans geraak", 1991: 3) Behalwe dat die "Reëls oor afkortings" enigsins gewysig is, is daar ook 'n aantal nuwe reëls bygevoeg (Combrink, 1991a: 1). Ten einde die vermeerderde reëls toeganklik te maak vir gebruikers, is dit in verskeie onderafdelings onderbring, te wete "Die afkorting van woorde en name", "Die afkorting van woordgroepe en name" en "Die afkorting van voorname". Nog 'n nuwigheid in hierdie afdeling is 'n nuttige toeligting by die gebruik van afkortings in Afrikaans in die onderafdeling "Riglyne by die gebruik van afkortings" (Taalkommissie, 1991: 8). Ten spyte daarvan dat dieselfde basiese alfabetiese indeling en uiteensetting as in die vorige uitgawe gevolg is, is daar verskeie skrappings, toevoegings en wysigings in die 1991-

afkortingslys aangebring (Combrink, 1991a: 1). Wat toevoegings betref, bevat die 1991-afkortingslys heelwat afkortings van eiename, veral die name van instansies, maar nie dié van private maatskappye nie. Die Taalkommissie verwelkom egter die gebruik van individuele of huishoudelike afkortings vir eie gebruik deur individue of organisasies, maar beveel aan dat die afkortingsreëls gevolg word waar afkortings vir 'n wyer kring bedoel is. (Taalkommissie, 1991: 329, 334) Nog 'n rede waarom die afkortingslys soveel gegroei het, is dat, alhoewel daar op Afrikaanse afkortings gekonsentreer is, die Taalkommissie dit goed gedink het om ook afkortings uit ander tale wat dikwels in Afrikaanse gebruikverband voorkom, in te sluit, soos afkortings uit Engels, Nederlands, Duits, Frans, Latyn, Italiaans, Portugees en Russies. Verouderde afkortings is behou en selfs nuut opgeneem met die oog op die inligtingswaarde daarvan. (Taalkommissie, 1991: 329) Heelwat afkortings van vakname is opgeneem (Taalkommissie, 1991: 8). Wat wysigings betref, gee die Taalkommissie steeds voorkeur aan die skryfwyse van afkortings van titels met 'n afkortingspunt, maar erken hulle nou ook in die gees van groter vryheid by die gebruik van punte in afkortings (soos in die *AWS*<sup>7</sup>, sien 4.5.2.7) die algemeen gebruiklike skryfwyse daarsonder (Taalkommissie, 1991: 2). Wat ander afkortings betref, onder andere die name van alle grade, diplomas en sertifikate, is die gebruik van punte egter behou (Van Zyl, 1991: 9). Die enigste toegewing in hierdie verband is gemaak by afkortings wat slegs uit hoofletters bestaan (Van Jaarsveld, 1992: 508).

Ten slotte is die indeks wat as 'n groot gemis ervaar is in die *AWS*<sup>7</sup> (sien 4.5.2.7) weer teruggebring in hierdie uitgawe. Die Taalkommissie het gehoop om hierdeur die gebruiker se aanwending van veral die spelreëlgedeelte van die *AWS*<sup>8</sup> te vergemaklik (Taalkommissie, 1991: 2). Heel aan die einde van die boek is daar ook 'n bladsy-lange bylae aangebring met foute wat opgemerk is in die *AWS*<sup>8</sup>. Dit sou egter minder steurend wees indien hierdie foute vroeër opgemerk is en op die relevante plekke in die res van die *AWS*<sup>8</sup> geïnkorporeer is, aangesien die aparte plasing van korreksies maklik daartoe kan lei dat dit deur gebruikers gemis word.

Ten einde die *AWS*<sup>8</sup> aan die publiek bekend te stel en meer inligting daaroor aan gebruikers te verskaf, het die Taalkommissie op 16 Mei 'n daglange simposium in die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns se kunslokaal gehou ("Nuwe Woordelys het verskyn", 1991: 2). Hierna is verskeie lesings deur onderskeie lede van die Taalkommissie by verskillende sentra regoor die land gegee oor die inhoud van die *AWS*<sup>8</sup> (Coetzee, 1992: 9). Om taalgebruikers selfs nog verder ten opsigte van die gebruik van die *AWS*<sup>8</sup> behulpsaam te wees, het daar in dieselfde jaar 'n *Gids by die Afrikaanse woordelys en spelreëls* [voortaan *Gids*] uit die pen van een van die Taalkommissielede (later in dieselfde jaar verkies tot nuwe voorsitter van die Taalkommissie), Johan Combrink, verskyn. Soos die titel van die boek te kenne gee, het hierdie boek nie as plaasvervanger vir die *AWS*<sup>8</sup> gedien nie, maar

was dit bedoel as gids of hulpmiddel tot die 1991-AWS vir diegene wat die AWS<sup>8</sup> met sy voorganger wou vergelyk en sonder moeite enige wysigings in die spelreëls van Afrikaans wou vasstel of nuwe woorde wat in die woordelys toegevoeg is onmiddellik wou herken (Cilliers, 1991: 12; Combrink, 1991a: 1; Van Zyl, 1991: 9; Coetzee, loc. cit.). Die *Gids* bevat 'n lys van die eenvoudig gestelde nuwe of gewysigde spelreëls in die AWS<sup>8</sup>, voorbeelde van relevante skrappings uit die AWS<sup>7</sup>, voorbeelde van relevante toevoegings, asook voorbeelde van relevante wysigings in die woordelys van die AWS<sup>8</sup>, en enkele eenvoudig gestelde nuwe en gewysigde afkortingsreëls in die AWS<sup>8</sup> wat toegelig is met enkele voorbeelde uit die nuwe afkortingslys. Aangesien die lys afkortings in die AWS<sup>8</sup> so ingrypend anders en meer omvattend as dié van die vorige uitgawe is, het Combrink dit egter nie sinvol geag om 'n kort gids tot die afkortingslys van die AWS<sup>8</sup> te skryf nie. (Combrink, 1991a: 1-2) Met die publikasie van hierdie *Gids* het die Taalkommissie gehoor gegee aan Raidt se oproep om 'n lys met veranderinge wat aan die AWS aangebring is (sien 4.5.2.7).

Selfs nog voordat die AWS<sup>8</sup> amptelik verskyn het, is dit volgens Killian (1990: 6) “stormagtig begroet”<sup>32</sup>. Nadat die Taalkommissie op hulle vergadering in Januarie 1990 'n voorsmakie gegee het van die veranderinge in die AWS<sup>8</sup> en 'n aantal artikels hieroor in die pers verskyn het, het verskeie persone reeds hulle ongelukkigheid met dié uitgawe laat blyk. Hierdie ongelukkigheid het hoofsaaklik gehandel oor die verwydering van raskwetsende woorde, die erkenning al dan nie van woorde uit Engels, en die behoud van vroulike vorme. (Killian, loc. cit.) Killian (loc. cit.) som die aanvanklike polemieë rondom die AWS<sup>8</sup> soos volg op:

Die (blanke) kommissie het ernstig geprobeer om alle ras-kwetsende woorde te verwyder. Hulle word egter van oneerlike en onetiese optrede beskuldig, want daardeur, lui die beskuldiging, misken hulle 'n belangrike, dog pynlike, deel van die geskiedenis. Die (Afrikaanse) kommissie het ruimhartig besluit om ook verskeie ingewortelde woorde uit Engels te erken: *boks, jazz, blues, rock, soul, stoor*. [...] Wat van al die talle ander leenwoorde wat om dringende erkenning vra? klink die geluide op. Die (manlike) kommissie erken die afkorting *me*. (Afrikaans vir *ms*) asook die meervoud *mes.*, maar behou verouderde vroulike vorme soos *burgermeesteres* en *lektrise*. Seksisme! Diskriminasie! is die reaksie op daardie ene.

Hierdie kritiek was egter gebaseer op uitsprake deur die Taalkommissie in die pers oor die veranderinge wat in die AWS<sup>8</sup> aangebring sou word en nie op taalgebruikers se eie ervaring van hierdie uitgawe nie. Aangesien daar so 'n lang tyd verloop het sedert die verskyning van die vorige AWS, was taalgebruikers in werklikheid opgewonde oor die vooruitsig van 'n nuwe, verbeterde AWS. Nadat dit verskyn het, het die belangstelling in die AWS<sup>8</sup> egter gou verflou onder sowel die breë publiek as taalkundiges, taalpraktisyne en taalonderwysers (Ehlers, 1994: 196). Dit het spoedig geblyk dat die

<sup>32</sup> Sien Carstens (2003: 150-152; 2011: 149-150) vir 'n bondige bespreking van die reaksie op die AWS<sup>8</sup>.

taalgebruikers na intensiewe gebruik van dié bron bra bitter was oor die werk waarna hulle eens so uitgesien het, aldus Crafford (1992: 34).

Alhoewel kritici die *AWS*<sup>8</sup> in die algemeen as 'n nuttige bron beskou het wat as 'n belangrike riglyn vir Afrikaansskrywendes dien, was baie van mening dat hierdie bron baie gebreke en tekortkominge het (Ehlers, in "Baie foute in *AWS* se 'ABC'", 1991: 13 en Van der Merwe, 1991: 20; Picard, 1993: 48). McLachlan (1991: 7) meen dat, indien die *AWS*<sup>8</sup> bladsy vir bladsy bespreek sou word, 'n mens tientalle probleme sou kon uitwys. Soos die geval met die vorige uitgawe van die *AWS* (sien 4.5.2.7), het kritici sommige van die beginsels waarop die Taalkommissie die Afrikaanse ortografie baseer het, bevraagteken. Die veranderde grondbeginsel in die *AWS*<sup>8</sup> wat meld dat die ortografie van Afrikaans nie meer op Nederlands gebaseer is nie, maar op die ortografiese tradisie van Standaardafrikaans, is veral krities beskou. Davids (1991: 29) was van mening dat hierdie grondbeginsel strydig is met die stelling op dieselfde bladsy dat die Afrikaanse ortografie by dié van Nederlands aansluit (vgl. p. 11) en daarom as grondbeginsel van die Afrikaanse ortografie nie waterdig is nie. Die taalgebruiker word volgens McLachlan (1993: 155, 165) telkens in die *AWS*<sup>8</sup> met soortgelyke arbitrêre besluite deur die Taalkommissie gekonfronteer wat 'n mens laat wonder volgens watter norme hulle status aan sekere woorde verleen. Teurlinckx (1991: 8) beskou hierdie arbitrêre besluite as 'n teken van beleidloosheid by die opstel van die *AWS*<sup>8</sup> deurdat die Taalkommissie hulle soms deur uitspraak of fonetiek laat lei en ander kere weer deur die ortografie. Volgens Ehlers (1994: 200, 203) is 'n sekere reëlmaat in die verskynsel wat beskryf word 'n belangrike voorwaarde vir die skep van reëls en daarom betreur sy dit dat daar nie 'n eenvormige kriterium by die spelling van sommige woorde in die *AWS*<sup>8</sup> gebruik is nie. Baie van die reëls skep volgens McLachlan (1991: 6; 1993: 160, 166) die indruk dat dit op grond van te eenvoudige, beperkte en eensoortige voorbeelde geformuleer is en dat daar nie kennis geneem is van al die implikasies van 'n betrokke reël nie. In die lig hiervan het Ehlers (loc. cit.) die opname van baie van die sogenaamde "reëls" in die *AWS*<sup>8</sup> bevraagteken. Hierdie ongemotiveerde voorskrifte rig volgens Ehlers (1992a: 2; 1992b: 8) groot skade aan Afrikaans aan deurdat dit tot gebruikersweerstand by taalgebruikers lei, met ander woorde gebruikers steur hulle later nie meer aan die *AWS* nie.

Afgesien daarvan dat sommige reëls in die *AWS*<sup>8</sup> "nie waterdig is nie", aldus Ehlers (1994: 200), is dit ook nie prakties bruikbaar en toepasbaar nie omdat dit te ingewikkeld is vir die gewone taalgebruiker (McLachlan, 1991: 6; 1993: 159; Ehlers, loc. cit.). Daarom het kritici die vereenvoudiging van die *AWS*<sup>8</sup> bepleit (Davids, 1991: 29; Picard, 1993: 48). Alhoewel die Taalkommissie gemeen het dat die *AWS*<sup>8</sup> dit baie makliker gemaak het om Afrikaans korrek te skryf deurdat 'n mens nie meer so baie foute kon maak soos voorheen nie (Combrink, 1991f: 9; 1991g: 9), en dat dit selfs vir 'n hoërskoolkind

toeganklik sou wees (Ehlers, 1994: 197), het die kompleksiteit van die reëls volgens Davids (1991: 29; ook in Jacobs, 1991: 9) nie toegelaat dat hierdie teikenmark die boek met vrug kon gebruik nie. Indien die AWS dus bedoel is om skoolkinders te help om kennis te maak met die skryf- en spelreëls van Afrikaans, het dit nie in hierdie doel geslaag nie, aldus Davids (in Jacobs, loc. cit.).

Dit is egter nie slegs skoolkinders wat “moedeloos en magteloos” gelaat is by die deurblaai van die AWS<sup>8</sup> nie (Libertyn, 1993: 28). Baie kritici was van mening dat die AWS te elitisties gerig is, dit wil sê op taalgebruikers wat al die reëls en uitsonderings kan begryp (Picard, 1993: 48). Omdat nie alle woorde in die Afrikaanse woordeskat in die AWS opgeneem kan word nie, “is daar behoefte aan enkele bevatlike riglyne wat nié van die gebruiker linguistiese kennis of ’n semantiese oefening verg nie” (Libertyn, loc. cit.). In die AWS<sup>8</sup> is egter van taalgebruikers verwag om oor ’n gevorderde taalkundige en dikwels etimologiese kennis te beskik ten einde sommige van die reëls te begryp en toe te pas (McLachlan, 1991: 8; 1993: 165; in Ehlers, 1994: 209). So moet die gebruiker byvoorbeeld kan onderskei tussen oop en geslote lettergrepe, woorde van klassieke en nieklassieke herkoms en selfs klankonderskeidings kan hanteer wat so fyn is dat daar slegs van ’n geoefende fonetikus verwag kan word om dit te onderskei (Ehlers, 1994: 200, 208). Daarom was die AWS<sup>8</sup> as handleiding vir almal behalwe medetaalkundiges feitlik onbruikbaar (Libertyn, 1993: 28) en sou Jan Publiek wat nie daagliks met taalkunde te make het nie, nie oorreed word om die spelreëls toe te pas nie (Picard, loc. cit.). Maar die toepassing van die reëls in die AWS<sup>8</sup> was selfs vir taalpraktisyne wat daagliks met taal te make het “’n nagmerrie” (McLachlan, 1991: 6; 1993: 160). Die Taalkommissie het dit dus vir niemand makliker gemaak om Afrikaans korrek te spel nie, aldus ’n rubrieksrywer, ene Libertyn (loc. cit.). Davids (1991: 29; ook in Jacobs, 1991: 9) meen ook dat, indien die AWS<sup>8</sup> bedoel was om die spel- en skryfreëls van Afrikaans te vergemaklik, dit in sy doel gefaal het.

Van die aspekte wat meegewerk het tot die kompleksiteit van die AWS<sup>8</sup> is dubbelsinnige, inkonsekwente, verwarrende, onlogiese, onvolledige, kortsigtige en vae reëlformulering, asook die feit dat die reëls in moeilike taal geformuleer is en sekere afdelings mekaar weerspreek (“Baie foute in AWS se ‘ABC’”, 1991: 13; Nel, 1991: 9; McLachlan, 1991: 5-6; 1993: 158, 160, 165; Van der Merwe, 1991: 20; Libertyn, 1993: 28; Picard, 1993: 48; Ehlers, 1994: 210; Van Manen, 1999: 13; Murray, s.a.). Nog ’n aspek van die AWS<sup>8</sup> wat effektiewe gebruik bemoeilik, is die groot aantal reëls wat daarin voorkom (Davids, 1991: 29; Ehlers, 1992a: 2; 1992b: 8). Hier kan veral gedui word op die uitvoerige reëls oor die vas skryf van woorde, al dan nie, en die gebruik van hoofletters en koppeltekens (Nunn, 1992: 453; Libertyn, 1993: 28). Ehlers (1994: 201) het selfs die nut van sekere reëls bevraagteken, soos die lang uiteensetting oor die spelling van leenwoorde uit Bantoetale in Afrikaans, aangesien hierdie woorde volgens haar ’n baie lae gebruiksfrekwensie in Afrikaans het. Spies (1991: 5), wat van mening was dat

die afkortingslys hopeloos te veel afkortings bevat, het daarop gedui dat onnodige bladsye hoër koste meebring en sodoende die AWS buite die geldelike bereik van baie Afrikaanssprekendes plaas. Daarom moes die reëls in hierdie uitvoerige afdelings volgens die rubrieksrywer Libertyn (loc. cit.) vir die gewone taalgebruiker tot 'n opsomming verkort word. Nunn (loc. cit.), wat die AWS met die Nederlandse spelleiding die “Groene Boekje” vergelyk, meen ook dat 'n beknopte uitleg sou bydra tot groter duidelikheid, en daarom het Ehlers (1992a: 2; 1992b: 8) 'n drasties verkorte AWS in die toekoms bepleit.

Hierbenewens is baie van die reëls ook so uitvoerig geformuleer dat niemand dit kon memoriseer nie en is baie van die reëls ook nog op verskillende plekke in die boek herhaal (Ehlers, in “Baie foute in AWS se ‘ABC’”, 1991: 13 en Van der Merwe, 1991: 20; Nunn, loc. cit.). Dié reëls word selfs nog verder gekompliseer deur die ritse uitsonderings wat by elkeen voorkom (Davids, 1991: 29; Van Manen, 1999: 13), want “[n]es iemand meen hy het 'n ‘gebod’ onder die knie, kom hy agter dit kan nie konsekwent toegepas word nie” (Van Manen, loc. cit.). Volgens Davids (loc. cit.) is daar te veel op tradisie gesteun as regverdiging om uitsonderings toe te laat, terwyl gelykvormigheid 'n belangrike oorweging in 'n naslaanbron soos die AWS is. Aan die ander kant was kritici egter van mening dat sommige van die reëls onvolledig is of dat sommige reëls geheel en al ontbreek (Nunn, 1992: 453). En ook dit het die AWS<sup>8</sup> net verder gekompliseer. Spesifieke dinge wat volgens kritici in die AWS<sup>8</sup> ontbreek, sluit in gebruiklikheidsaanduidings by sekere woorde, leiding ten opsigte van eienaamverbindings, morfologiese kriteria, en volledige kruisverwysings. Alhoewel die AWS nie 'n woordeboek is nie en allerhande kruisverwysings nie moontlik is nie, maak die gebrek aan volledige kruisverwysings in die AWS<sup>8</sup> dit vir die taalgebruiker moeilik om te sien watter spelreëls met mekaar verband hou sodat gebruikers dikwels eers later of nooit agterkom dat daar dikwels 'n ander reël is wat met die betrokke een verband hou nie. Dit sou veral ook probleme vir die gebruiker in verband met wisselvorme, doeblette en sinonieme kon oplos. (Ehlers, in “Baie foute in AWS se ‘ABC’”, 1991: 13 en Van der Merwe, 1991: 20; 1994: 202; McLachlan, 1993: 155, 162, 164) Die nuwe verdeling van woorde in sillabes in plaas van lettergrepe soos in vorige uitgawes is 'n verdere bydraende faktor tot die verwarring en moeilikheidsgraad van die spelreëls (Ehlers, in “Baie foute in AWS se ‘ABC’”, 1991: 13 en Van der Merwe, 1991: 20; 1994: 206). Vanweë die kompleksiteit van die AWS<sup>8</sup> het kritici dus eenvoudige, verstaanbare spelreëls bepleit, “reëls wat nie tagtig bladsye fyndruk beslaan nie, reëls wat jy nie elke keer hoef op te soek as jy 'n woord wil spel nie” (Libertyn, 1993: 28).

Nog 'n aspek van die AWS<sup>8</sup> wat volgens Ehlers (in “Baie foute in AWS se ‘ABC’”, 1991: 13 en Van der Merwe, 1991: 20) moontlik baie probleme vir taalgebruikers kon veroorsaak, is die foute wat in hierdie uitgawe voorkom. Alhoewel 'n aantal van die foute in die AWS<sup>7</sup> in hierdie uitgawe reggestel is, bevat

die AWS<sup>8</sup> steeds 'n aantal ernstige foute en baie “klein jakkalsies wat die wingerd verniel” (Ehlers in “Baie foute in AWS se ‘ABC’”, 1991: 13 en Van der Merwe, 1991: 20). Hierdie foute sluit in talle setfoute, inkonsekwentheid en teenstrydighede (Ehlers, 1994: 211). Ten spyte daarvan dat die AWS<sup>8</sup> 'n erratalys bevat wat “swaar [dra] aan al die korreksies”, is daar ook talle ander foute wat nie hulle verskyning in hierdie lys maak nie, om nie eens te praat van die verwarring wat veroorsaak is deurdat hierdie foute nie direk in die teks reggemaak is nie (Linde, 1991: 8; McLachlan, 1991: 4-5; 1993: 157; “Woordelys onder in laai gebêre”, 1992: 8). Vir McLachlan (1991: 4) is dit onvergeeflik dat 'n boek wat veronderstel is om die hoogste gesag oor ortografie te wees so baie setfoute het en juis daarom bring dit die betroubaarheid van die hele boek in gedrang. Hoewel daar baie foute in die woordelysgedeelte van die AWS<sup>8</sup> voorkom, is dit veral die talle foute, ondeurdagthede, tekortkomings en weersprekings in die spelreëlgedeelte wat volgens Ehlers (1992a: 2; 1992b: 8) die AWS<sup>8</sup> onbruikbaar maak het vir Afrikaanssprekendes. Daar is talle voorbeelde van foute in die AWS<sup>8</sup> wat nie klaarblyklike setfoute is nie, maar eerder voorkom as teenstrydighede en reëls wat mekaar weer-spreek wat verwarring en onsekerheid by gebruikers veroorsaak (McLachlan, 1991: 5; Ehlers, 1992a: 2; 1992b: 8). Daarom het kritici die spoedige en indringende hersiening van die hele AWS<sup>8</sup> bepleit (Ehlers, 1992a: 2; 1992b: 8). Die meeste van hierdie foute is op aandrang van kritici in 'n tweede, verbeterde druk reggemaak. In die tweede druk is daar egter nie net setfoute reggemaak nie, maar daar is ook aan die reëls en voorbeelde verander, maar omdat daar geen aanduiding gegee is dat die tweede druk in der waarheid 'n verbeterde uitgawe is nie, was duisende taalgebruikers nie bewus daarvan nie en hulle het bloot die eerste druk van die AWS<sup>8</sup> aanhou gebruik. (Linde, 1991: 8; McLachlan, 1993: 157; Ehlers, 1994: 201)

Ten spyte daarvan dat die Taalkommissie van mening was dat kritiek teen die groter vryheid in spel- en skryfreëls in die AWS<sup>8</sup> in die minderheid was en hierdie vryheid 'n gulde geleentheid vir skrywers gebied het om hulle eie styl te ontwikkel, was hierdie vryheid vir heelwat kritici ontstellend en moes die AWS<sup>8</sup> onder heelwat kritiek deurloop in hierdie verband (Combrink, 1991c: 13; 1991f: 9; 1991h: 4; 1993a: 4). Kritici het dit veral teen die gevalle gehad waar daar nie meer 'n reg of verkeerd was nie, maar waar taalgebruikers voor 'n keuse gestel is. Die Taalkommissie is daarvan beskuldig dat hulle self nie geweet het wat hulle wou hê nie en daarom maar die keuse aan gebruikers oorgelaat het. Taalgebruikers wou egter nie vryheid hê nie, maar duideliker leiding oor Standaardafrikaans. (Teurlinckx, 1991: 8; Combrink, 1993a: 4) Sommige kritici was van mening dat die groter vryheid ten opsigte van ortografie 'n mite is (Ehlers, 1992a: 2; 1992b: 8). In werklikheid was dit 'n manier om die “foute” van diegene te akkommodeer wat in elk geval skryf sonder om hulle aan die spel- en skryfreëls te steur (McLachlan, 1991: 8; 1993: 165). Alhoewel daar taalgebruikers was vir wie dié groter vryheid 'n rede tot vreugde was, was dit vir baie 'n tameletjie, aldus Nel (1991: 9). Die verwarring, on-



sekerheid en probleme wat die groter vryheid meegebring het, het daartoe gelei dat verskillende instansies hulle eie reëls ingevoer het (McLachlan, 1991: 7; 1993: 164; Picard, 1993: 47).

In die gees van die veranderende politieke bestel tydens die begin van die 1990's, was daar kritici wat van mening was dat die Taalkommissie nog nie hierdie politieke veranderinge genoegsaam in die AWS<sup>8</sup> weerspieël het nie en dat hulle onsimpatiek gestaan het teenoor die Afrikaans wat deur meer as die helfte van die Afrikaanse spraakgemeenskap gepraat word (dit is veral bruin Afrikaanssprekendes) (Davids, 1991: 29). Vir Davids (loc. cit.; ook in Jacobs, 1991: 9) is die AWS<sup>8</sup> 'n teleurstelling omdat hy steeds die gevoel kry dat daar "wit" Afrikaans aan alle Afrikaanssprekendes opgedring word. Daar word sins insiens steeds gesoek na die "reëls" by "beskaafde" sprekers, terwyl baie woorde uit byvoorbeeld die Afrikaanse Moslemgemeenskap wat reeds voor 1875 gebruik is as niestandaard beskou word en gevolglik nie in die AWS opgeneem is nie. Hierdie kriteria van Beskaafde of Standaardafrikaans laat behou Afrikaans sy apartheidstigma en is nie verteenwoordigend van die hele Afrikaanse spraakgemeenskap nie. (Davids, loc. cit.; in Jacobs, loc. cit.) Alhoewel die groter vryhede wat die AWS<sup>8</sup> toelaat ook dui op groter openheid ten opsigte van ander variëteite van Afrikaans, meen Picard (1993: 48) dat die 1991-AWS nie voldoende opgewasse is vir die eise wat 'n nuwe politieke bestel aan Afrikaans stel nie. Daarom sou Afrikaans in die komende jare al hoe meer die taal van alle Afrikaanssprekendes moes word, sou 'n wyer studie en die betrokkenheid van alle bevolkingsgroepe nodig wees sodat aanhangers van Standaardafrikaans sal besef dat ander variëteite van Afrikaans in geen opsigte minderwaardig is nie, en moes daar toenemend aandag geskenk word aan die taal van die verdrukke deel van die Afrikaanse spraakgemeenskap ten einde Afrikaans van sy apartheidstigma te bevry en die AWS waarlik 'n verteenwoordigende bron van kontemporêre Afrikaans te maak (Davids, loc. cit.; in Jacobs, loc. cit.; Spies, 1991: 5; Picard, 1993: 46, 48). Deur die politieke bagasie waarmee hy opgesaai is af te skud, sal Afrikaans ook groter wordende aanvaarding kry, ook by nie-moedertaalsprekers (Picard, 1993: 46). Ten einde hierdie doel te bereik, sou daar volgens Davids (loc. cit.; ook in Jacobs, loc. cit.) 'n verandering in die samestelling van die Taalkommissielede moes plaasvind, aangesien die Taalkommissie tot op daardie stadium nog net uit een deel van die Afrikaanse moedertaalsprekers bestaan het (vgl. 4.4.3).

Hy was egter nie die enigste wat krities gestaan het teenoor die samestelling van die Taalkommissie nie. Ten spyte daarvan dat die AWS<sup>8</sup> deur 'n byna heel nuwe Taalkommissie as vorige uitgawes saamgestel is, kon die Taalkommissie steeds nie "deur die vlieg aan die muur [...] van 'n kerkraadsvergadering onderskei [...] word nie", met ander woorde die lede van die Taalkommissie was byna almal Afrikaanssprekende mans wat aan Afrikaanstalige universiteite werk, met die uitsondering van 'n Natalse professor en 'n werknemer van die Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie, aldus Libertyn

(1993: 28). Ander kritici was weer ongelukkig daaroor dat die Taalkommissie in 1991 steeds slegs uit Akademielede bestaan het terwyl daar baie opgeleide mense in die taalpraktyk gestaan het wat deur hulle kennis en ervaring 'n waardevolle bydrae tot die AWS kon lewer, soos werknemers van die SAUK, advertensieagentskappe, uitgewers, vertaalburo's en groot maatskappye, subredakteurs, joernaliste, skrywers, onderwysers en dosente van praktiese Afrikaans. (Els, 1991: 14; Spies, 1991: 5; Crafford, 1992: 34) Alhoewel die Taalkommissie beweer het dat hulle insette van die publiek verwelkom, was hulle sittings dikwels geslote, is daar nie gebruik gemaak van vraelyste of toetse om die voorgestelde veranderinge aan die AWS in die praktyk te toets nie, en is die raad van taalgebruikers skynbaar óf nie ingewin nie óf geïgnoreer (Libertyn, 1993: 28; Ehlers, 1994: 212). Dit het gelei tot "n algemene onverskilligheid" ten opsigte van die AWS<sup>8</sup> deurdat sowel gewone taalgebruikers as die pers, onderwysers, uitgewers en taalpraktisyns die voorskrifte van die Taalkommissie geïgnoreer het wat hulle as belaglik of onprakties beskou het (Ehlers, 1994: 211). Ehlers (in "Baie foute in AWS se 'ABC'", 1991: 13 en Van der Merwe, 1991: 20; 1994: 211) was van mening dat baie van die probleme in die AWS<sup>8</sup> soos onduidelikhede, gebrek aan kruisverwysings, verkeerde interpretasies, setfoute, ensovoorts, te wyte was daaraan dat die Taalkommissie mense was wat nie daagliks met die taalpraktyk in aanraking gekom het nie, maar eerder met die Afrikaanse taalkunde, en dus nie met toepassingsprobleme te doen gehad het nie. Daarom het McLachlan (1991: 8) gemeen dat dit sinvol sou wees indien die Taalkommissie taalgebruikers sou nooi om kritiek en kommentaar te lewer met die oog op die hersiening van die AWS<sup>8</sup>. Ehlers (in "Baie foute in AWS se 'ABC'", 1991: 13 en Van der Merwe, 1991: 20; 1992a: 2; 1992b: 8; 1994: 211) het aanbeveel dat 'n nuwe uitgawe van die AWS eers vir drie tot ses maande in die praktyk getoets word deur dit vóór publikasie oop te stel vir kommentaar deur taalpraktisyns soos taaldosente, subredakteurs, ensovoorts, wat die AWS dan kon bestudeer en in die praktyk kon toepas en dan die nodige aanbevelings kon maak. Hiermee saam het die AWS ook 'n enkele eindredakteur benodig "wat met 'n onbevange oog kon kyk en groter en hegte koördinerings kon bewerkstellig", aldus McLachlan (1993: 166). Met só 'n eenheidsblik kon probleme voor publikasie reeds reggestel word (Ehlers, 1992a: 2; 1992b: 8; 1994: 211).

Benewens bogenoemde kritiek teen die AWS<sup>8</sup> is daar ook nog baie kritiek teen spesifieke spelreëls. Spies (1991: 5) en Crafford (1992: 34) het die mindere rol betreur wat in die AWS<sup>8</sup> aan die koppelteken toegeken is, die "oorlogsverklaring teen koppeltekens vir leesgerief" wat aanleiding gegee het tot "gedermtes-sonder-einde" en "sameflansings wat 'n mens klem-in-die-kaak kan gee", terwyl Teurlinckx (1991: 8) gemeen het dat die AWS<sup>8</sup> aan dissipline ontbreek by die gebruik van hoofletters en koppeltekens. Volgens Picard (1993: 47) kon die AWS nog verder in die rigting van 'n soepeler Afrikaans beweeg het deur 'n solidus in plaas van 'n koppelteken te gebruik ten einde verbande, verhoudings of relasies tussen dele van 'n samestelling weer te gee. Hy was ook verder van mening

dat die Taalkommissie in die toekoms in nouer voeling met internasionale tendense in die vak-gemeenskap moes bly, aangesien daar byvoorbeeld 'n verskil is tussen die internasionaal aanvaarde SI-eenhede, letterafkortings en die skryfwyse (met of sonder hoofletter) van kultivars en dier- en plantvariëteite, en dié van die Taalkommissie (Picard, 1993: 47-48). Hierteenoor het Brynard (1991: 10) gemeen dat die AWS<sup>8</sup> “die taal wat ons van kindsbeen af praat, plek-plek [laat] lyk en klink soos iets wat selfs die Nuwe Suid-Afrika 'n klomp dekades voor is”. Ter aansluiting hierby het die AWS<sup>8</sup> volgens Crafford (1992: 34) hopeloos te vry omgegaan met “allerlei taalgoggas” [lees: Anglisismes]. Spelreëls wat probleme opgelewer het, sluit onder ander in die reëls ten opsigte van rangtelwoorde en breukname, terwyl sommige wisselvorme ook soms probleme opgelewer het (McLachlan, 1991: 7; 1993: 162). Ehlers (1994: 199-200, 209) het bevraagteken waarom die reël vir een- en tweesillabige voorvoegsels van mekaar verskil, asook die effektiwiteit van voorkeurvorme by die *-de* en *-te* uitgange by deelwoorde en het voorgestel dat hierdie vorme eerder as wisselvorme in die AWS opgeneem word. Van die ortografiese tradisies is selfs bevraagteken, soos die behoud van deeltkens in woorde soos *reën* en *seën* (Davids, 1991: 29) en die neiging in Afrikaans tot die vas skryf van woorde (Van Jaarsveld, 1992: 506). Kritiek teen die woordelys was veral gemik op die insluiting van woorde wat nie spelprobleme vir taalgebruikers inhou nie. Kritici was van mening dat die Taalkommissie eerder meer aandag aan problematiese aspekte van die Afrikaanse ortografie kon bestee as om eenvoudige woordjies op te neem waarmee alle Afrikaanssprekendes vertrouwd is. (Linde, 1991: 8; Spies, 1991: 5; Teurlinckx, 1991: 8) Soos met die verskyning van vorige uitgawes (sien 4.5.2.4 en 4.5.2.6) was sommige kritici ongelukkig daaroor dat die verandering van sekere spelreëls onmiddellik die spelling in ander bronne soos woordeboeke en die Bybel verouderd gemaak het (Spies, 1991: 5; Ehlers, 1992a: 2; 1992b: 8).

Uit die negatiewe reaksie op die AWS<sup>8</sup> blyk dit duidelik dat dit as 'n gebrekkige bron beskou is wat sy doel gemis het en dat dit daarom spoedig nodig was om regstellings aan te bring, aldus Carstens (in Smith, 1999: 4). Sommige gebruikers het dit as brouwerk beskou en die AWS<sup>8</sup> eerder “diep onder in 'n laai gebêre” (“Woordelys onder in laai gebêre”, 1992: 8), terwyl publikasies rustig voort geskryf het terwyl hulle die aanwysings van die Taalkommissie geïgnoreer het (Crafford, 1992: 34). Die rubriekskrywer Libertyn (1993: 28) het selfs so ver gegaan deur te beweer dat die nuwe Taalkommissie (wat ná die verskyning van die 1991-uitgawe verkies is) die Afrikaansskrywende publiek 'n guns sou doen indien hulle die AWS<sup>8</sup> ongeldig sou verklaar. 'n Publikasie wat eenvoudiger taalgebruik bevat en aantrekliker bemark word (ten opsigte van formaat, druk, uitleg, woordkeuse, ens.), sou volgens Picard (1993: 48) baie doeltreffender gewees het, en daarom het hy groter gebruikersvriendelikheid in toekomstige uitgawes van die AWS bepleit.

Ten spyte van al die kritiek teen die *AWS*<sup>8</sup> het hierdie boek klaarblyklik in 'n groot behoefte van die Afrikaansskrywende publiek voorsien. Reeds binne 'n jaar na die verskyning van hierdie uitgawe was die *AWS*<sup>8</sup> uitverkoop en was 'n tweede druk nodig (“Een nuwe woordelys en spelreëls”, 1991: 196). Vir baie van die kritici wat so onsimpatiek teen die *AWS*<sup>8</sup> uitgevaar het, was dié uitgawe nie geheel en al sonder wins nie en was daar ook baie positiewe aspekte (Davids, 1991: 29; in Jacobs, 1991: 9). Waar sommige kritici gekant was teen die uitlating van raskwetsende woorde uit die *AWS*<sup>8</sup>, het veral bruin Afrikaanssprekendes dié weglating as 'n positiewe stap beskou en hulle was opgewonde oor die sensitiwiteit wat die Taalkommissie hierdeur openbaar het (“Links verwelkom nuwe taallys”, 1990: 8). Dieselfde geld ook kleur- en bevolkingsbenamings wat nou met 'n kleinletter geskryf word (Davids, 1991: 29). Die insluiting van Engelse woorde wat reeds lankal in Afrikaans ingeburger geraak het, asook heelwat eietydse woorde en verbindings, is ook oor die algemeen as 'n pluspunt vir Afrikaans beskou, aangesien die Taalkommissie hierdeur rekening gehou het met die realiteite van moderne Afrikaans (“Links verwelkom nuwe taallys”, loc. cit.; Davids, 1991: 29; in Jacobs, 1991: 9; McLachlan, 1991: 3; 1993: 154; Picard, 1993: 48).

Alhoewel die inleidende gedeelte van sowat agt bladsye redelik omvattend is, is dit volgens verskeie kritici 'n handige en nuttige toevoeging tot die *AWS*<sup>8</sup> waaruit taalgebruikers baie kan leer (“Een nuwe woordelys en spelreëls”, 1991: 196; Linde, 1991: 8). Die *AWS*<sup>8</sup> is veral geprys vir die toevoeging van 'n verskeidenheid toeliggende materiaal in die inleidende gedeelte wat die gebruiker help om die bron beter te verstaan en te gebruik, waaronder 'n lys termverklarings wat in die spelreëls gebruik word en noodsaaklik is vir gebruikers wat nie bekend is met taalkundige terme nie (McLachlan, 1991: 4; 1993: 156; Van der Wart, 1991: 12; Van Zyl, 1991: 9; Nunn, 1992: 452; Ehlers, 1994: 196; Murray, s.a.). Hierbenewens het kritici ook die terugkeer van 'n deeglike indeks verwelkom en geloof, omdat dit gebruikers help om maklik dit waarna hulle in die spelreëls soek, te vind (Spies, 1991: 5; Van der Wart, loc. cit.; Nunn, loc. cit.; Ehlers, loc. cit.). Ander positiewe toevoegings tot die *AWS*<sup>8</sup> is die paragraaf oor “Die koppelteken as weglatingsteken”, die feit dat die Taalkommissie die mite dat verbindingsklanke vermy moet word die nek ingeslaan het, en dat insette van instansies wat wel in die samestelling van die *AWS*<sup>8</sup> geken is, tog daarin verreken is (McLachlan, 1991: 4; 1993: 156; Picard, loc. cit.).

Benewens hierdie positiewe toevoegings tot die *AWS*<sup>8</sup> het hierdie uitgawe ook heelwat pluspunte wanneer dit met die *AWS*<sup>7</sup> vergelyk word, aldus Ehlers (1994: 196). Hieronder geld beter tipografiese uitleg, die opruiming van die groot hoeveelheid wisselvorme, herformulering van die grondbeginsels, herbereëling van aksenttekeningebryk, die wegdoen met die onderskeid tussen hibriediese verbindings en ander samestellings by 'n opeenhoping van vokale wat gelei het tot verwarrende skryfwyses soos

*foto-ontwikkeling* teenoor *fotoösmose*, nuwe reëls vir die skryfwyse van afstandsamestellings, die opruiming van onduidelikhede in verband met die spelling van woorde met koppeltekens of deelttekens, noukeuriger geformuleerde reëls vir die gebruik van die afkappingstekens, en die uitbreiding van die woordelys met meer “probleem”-samestellings (soos gevalle waar afleidings gevorm word van woordgroepe en wat dan ’n samestelling word), meer verkleinwoorde, byvoeglik gebruikte voltooide deelwoorde, trappe van vergelyking by adjektiewe, asook die opname van enkele plekname waarby spelprobleme voorkom (Davids, 1991: 29; McLachlan, 1991: 3-4; 1993: 153-155; Van der Wart, 1991: 12; Ehlers, 1994: 196, 207-208). Kritici het oor die algemeen ook baie positief gereageer op die handige en nuttige afkortingsbylaag (“Een nuwe woordelys en spelreëls”, 1991: 196). Die afkortings is nie net vollediger en uitvoeriger bereël met duidelike standpunte oor die gebruik van punte en koppeltekens in afkortings nie, maar die afkortingslys is ook ’n reuseverbetering op die vorige deurdat dit grootliks uitgebrei en gemoderniseer is (Davids, loc. cit.; in Jacobs, 1991: 9; McLachlan, 1991: 3-4; 1993: 154, 156; Van der Wart, loc. cit.).

In teenstelling met kritiek dat die *AWS*<sup>8</sup> te ingewikkeld is vir gebruikers, het ander kritici gemeen dat dié uitgawe in sekere opsigte weliswaar gebruikersvriendeliker as sy voorganger is, veral as die boek in die geheel deeglik bestudeer word (McLachlan, 1991: 3; 1993: 153; Van der Wart, 1991: 12). Behalwe dat sommige van die reëls in eenvoudiger taal gestel is as voorheen, is dit ook meer direk, eksplisiet, duideliker en uitvoeriger, dus beter verwoord en geïllustreer sodat sommige spelreëls nou toegankliker en makliker toepasbaar was vir gebruikers (“Afrikaanse woordelys en spelreëls”, 1991: 1; Davids, 1991: 29; in Jacobs, loc. cit.; Ehlers, in “Baie foute in *AWS* se ‘ABC’”, 1991: 13 en Van der Merwe, 1991: 20; 1994: 196, 209; Van der Wart, loc. cit.; Nunn, 1992: 452; McLachlan, 1993: 154). Sommige het selfs beweer dat dit nou makliker vir die Afrikaansskrywende publiek was om die spelreëls te bemeester as in die verlede (“Afrikaanse woordelys en spelreëls”, loc. cit.). Soos reeds aange-ton, is dit egter ’n mening waarvan baie kritici verskil het. Wat egter volgens Spies (1991: 5) belangrik is, is dat die Taalkommissie vereenvoudiging in die *AWS*<sup>8</sup> ingevoer het.

Nog ’n punt waaroor kritici skynbaar verskil het, was die groter mate van vryheid in die Afrikaanse ortografie wat die *AWS*<sup>8</sup> aan skrywers gebied het. Waar ander kritici dit as ’n negatiewe aspek van die *AWS*<sup>8</sup> beskou het, het Van Jaarsveld (1992: 508) hierdie vryheid as “die groot winspunt van die nuwe *AWS*” beskou. Deurdat die *AWS* “nou minder dogmaties en voorskriftelik” was (Van der Wart, 1991: 12), maar eerder aan die Afrikaansskrywende publiek die keuse gegee het watter vorme hulle wou gebruik, deurdat die Taalkommissie as ’t ware die taal aan sy regmatige eienaar, die taalgebruikers, teruggegee het om te gebruik soos dit hulle pas (Spies, 1991: 5), is daar volgens Gouws (1993b: 4) ’n stukkie “taalgebruiksdemokrasie in die *AWS* ingebou”. Deur hierdie besondere openheid het die Taal-

kommissie erken dat Afrikaans 'n lewende taal is wat steeds in 'n proses van ontwikkeling en groei verkeer (Van der Wart, 1991: 12). Kritici was veral verheug oor die groter vryheid ten opsigte van die gebruik van die *-d* en *-t* in die attributiewe vorme van voltooide deelwoorde en ander afleidings, koppelteken- en deeltekenwoorde, wisselvorme, en die los en vas skryf van woorde, veral die skryfwyse van eienaamsamestellings (Davids, 1991: 29; in Jacobs, 1991: 9; Nel, 1991: 9; Spies, 1991: 5). Van Zyl (1991: 9), in direkte teenstelling met ander kritici, was van mening dat die groter vryheid in die AWS<sup>8</sup> dit vir almal makliker gemaak het om te spel as in die verlede.

Alhoewel Coetzee (1992: 9) van mening was dat die AWS self 'n duidelike, toeganklike gids vir die taalgebruiker behoort te wees en 'n addisionele gids dus nie nodig behoort te wees nie, het hy die *Gids by die Afrikaanse woordelys en spelreëls* wel as 'n sinvolle bron beskou, omdat dit die talle veranderinge in die AWS<sup>8</sup> vir die voornemende gebruiker uitwys. *Gids* is beskou as "n uiters belangrike hulpmiddel vir dosente, onderwysers, studente en almal wat belang het by die korrekte skryfwyse van Afrikaans" ("*Gids by die Afrikaanse woordelys en spelreëls*", 1993: 76).

#### 4.5.2.9 Die 2002-uitgawe van die *Afrikaanse woordelys en spelreëls*

Elf jaar na die verskyning van die AWS<sup>8</sup> verskyn die negende, verbeterde en omvattend herbewerkte uitgawe van die *Afrikaanse woordelys en spelreëls* [voortaan AWS<sup>9</sup>] in 2002 soos saamgestel deur die Taalkommissie van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns. Die Taalkommissie (2002: 7) het hierdie relatief kort tydsverloop tussen die twee uitgawes in vergelyking met die tydsverloop tussen die AWS<sup>7</sup> en AWS<sup>8</sup> daaraan toegeskryf dat daar sedert die verskyning van die AWS<sup>8</sup> indringend aandag gegee is aan die verfyning en vereenvoudiging van die spelreëls na aanleiding van die fel kritiek op die 1991-uitgawe. Van die Taalkommissielede wat meegewerk het aan die AWS<sup>8</sup> het slegs A.F. Prinsloo oorgebly in 2002, wat nou as voorsitter van die Taalkommissie gedien het nadat die vorige voorsitter, J.G.H. Combrink, in 1999 oorlede is terwyl hy as voorsitter gedien het (Taalkommissie, 2002: 9). Die nuwe Taalkommissielede was E.F. Kotzé, F.J. Lombard, M. Alberts, J. Anker, W.A.M. Carstens, A.E. Coetzee en J. du T. McLachlan. Ander oudlede wat ook oor 'n korter of langer tyd tussen die twee uitgawes 'n bydrae tot die AWS<sup>9</sup> gelewer het, is A. Carstens, L.G. de Stadler, H.G.W. du Plessis, A.E. Feinauer, R.H. Gouws, D.C. Hauptfleisch, M.C. Janse van Rensburg, T.H. Links, F.F. Odendal, L. Pokpas, C.J. Scheffer, J.D. Swanepoel, P.H. Swanepoel, G.J. van Jaarsveld, D.J. van Schalkwyk, en L.C. Eksteen. (Taalkommissie, loc. cit.) Vir die eerste keer het die Taalkommissie egter ook na aanleiding van grondige kritiek op die AWS<sup>8</sup> (sien 4.5.2.8) van tradisie afgewyk deur wyd by uitgesoekte taalpraktisyns, vertalers, akademici en ander deskundige nielede van die Taalkommissie navraag te doen oor probleme en teenstrydighede met die formulering van die

spelreëls en hoe dit verstaan word. Die Kommissie het die nielede ook geraadpleeg in verband met tekortkominge in die woorde- en afkortingslyste en sover moontlik aandag geskenk aan al die probleme en die kritiek, nuttige voorstelle en behoeftes verwerk en voor die finalisering van die spelreëls by die finale teks van die *AWS*<sup>9</sup> geïnkorporeer ten einde dit as naslaanbron meer pratykgerig te maak (Alberts, 2002: 21; Prinsloo, 2002a: 13; 2002b: 11; Prinsloo, in Nieuwoudt, 2002: 4 en O'Connor, 2002: 2; Taalkommissie, 2002: 7, 9). Kommentaar is ook van godsdiensgroepe gevra om die spelling van sekere woorde te bepaal wat algemeen in Afrikaans gebruik word (Nieuwoudt, 2002: 4).

Dit het daartoe gelei dat die *AWS*<sup>9</sup> ook aansienlik van die vorige uitgawes van die *AWS* verskil deurdat dié uitgawe opmerklik vernuwe is wat voorkoms en inhoud betref (Prinsloo, 2002a: 13; 2002b: 11; Taalkommissie, 2002: 7). Dat die Bont Boek, soos die *AWS*<sup>9</sup> in die volksmond bekend staan, inderdaad “omvattend herbewerk” is, is reeds met die eerste oogopslag duidelik. Teen byna seshonderd bladsye oortref die *AWS*<sup>9</sup> op een na die *AWS*<sup>8</sup> in omvang met sowat tweehonderd bladsye – sowat tweehonderd bladsye spelreëls, tweehonderd ses en sestig bladsye woordelys, en die res vir die ander afdelings – wat dit die omvangrykste *AWS* tot op daardie stadium maak (Ehlers, 2002a: 9; Beyer, 2005: 15). Soos die vorige uitgawe, bevat die *AWS*<sup>9</sup> benewens 'n voorwoord, toeligtig en indeks die drie tradisionele afdelings, te wete die spelreël- en skryfwysegedeelte, die woordelysgedeelte en 'n afkortingslys. Hierbenewens is 'n afdeling oor Omgangsafrikaans, 'n lys buitelandse geografiese name met afleidings, 'n transliterasietabel, terminologielys en afdeling met wenke vir gebruikers as buitetekste van die *AWS*<sup>9</sup> ook toegevoeg. (Taalkommissie, 2002: 13) Nog 'n vernuwing is dat die grondbeginsels in hierdie uitgawe nie meer as die eerste hoofstuk in die spelreëlgedeelte geplaas is nie, maar as 'n aparte afdeling vóór die spelreëls (Taalkommissie, 2002: 8).

Vir die eerste keer lyk die *AWS* anders as sy voorgangers. Die geelbruin papier het in sekere drukke plek gemaak vir spierwit bladsye met gevarieerde tipografie. 'n Hele aantal ander vernuwings is ook in hierdie uitgawe van die *AWS* aangebring in 'n poging om naslaan te vergemaklik en die *AWS* sodoende gebruikersvriendeliker te maak (Taalkommissie, 2002: 8). Een van die tipografiese kenmerke wat regdeur die uitgawe bygewerk is om die inhoud van die *AWS*<sup>9</sup> toegankliker te maak, is die insluiting van die kitstoegangstruktuur in die vorm van loopkoppe om naslaan te vergemaklik (Alberts, 2002: 21). Nog 'n toevoeging wat gemaak is ter wille van groter gebruikersvriendelikheid is die paragrafies getiteld “oriëntasie”. Hierdie paragrafies wat regdeur die *AWS*<sup>9</sup> aangetref word, het ten doel om die gebruiker telkens ten opsigte van 'n spesifieke afdeling of hoofstuk te oriënteer, met ander woorde agtergrondinligting daarvoor te verskaf sodat die gebruiker die motivering agter die betrokke aanbieding kan verstaan en sodoende die reëls en/of lys beter kan verstaan en toepas. Alhoewel die

inhoud van die *AWS*<sup>9</sup> anders lyk as in vorige uitgawes, geld hierdie veranderinge eintlik net die formulering en aanbieding en nie soseer die inhoud nie (Taalkommissie, 2002: 13). Die toegevoegde afdelings buite rekening gelaat, is die *AWS*<sup>9</sup> wat inhoud betref feitlik dieselfde as die *AWS*<sup>8</sup>.

Soos tevore, bevat die “Voorwoord” ’n motivering waarom ’n nuwe uitgawe van die *AWS* nodig was, die veranderinge en nuwighede wat sedert die vorige uitgawe aangebring is, asook die name van medewerkers. In die nuwe afdeling “Wenke vir gebruikers” word ’n kort oorsig gegee van al die afdelings waaruit die *AWS*<sup>9</sup> bestaan en wat die doel van elke afdeling is. Hierna volg aanwysings vir gebruikers gegee oor hoe om die *AWS*<sup>9</sup> te gebruik en te interpreteer. Dit is egter nie duidelik waarom laasgenoemde inligting apart in die afdeling “Wenke vir gebruikers” aangebring is nie, aangesien dit baie suksesvol by die afdeling “Toeligting” geïnkorporeer kon word wat ook aanwysings bevat hoe om die *AWS* te gebruik en te interpreteer. So gee die “Toeligting”, wat feitlik onveranderd sedert die vorige uitgawe verskyn (sien 4.5.2.8), aan die gebruiker ’n aanduiding van wat hy of sy ten opsigte van die uiteensetting van die *AWS*<sup>9</sup> te wagte kan wees. (Alberts, 2002: 21; Taalkommissie, 2002: 11; Beyer, 2005: 16) Die enigste verskil is dat die lys terme wat in die *AWS*<sup>9</sup> gebruik is nou nie meer in hierdie afdeling voorkom nie, maar in ’n aparte afdeling en in uitgebreide vorm as agterteks aangebring is. Alhoewel die grondbeginsels nou in ’n eie afdeling voorkom, is daar slegs probeer om die beginsels verder te verfyn en moontlike onduidelikhede uit te skakel deur dit enigsins te herformuleer, maar in wese is die strekking daarvan dieselfde as in die 1991-uitgawe (Taalkommissie, 2002: 8). Die ortografie van Afrikaans word in hierdie uitgawe dus steeds deur dieselfde grondbeginsels bepaal as in vorige uitgawes (Taalkommissie, 2002: 13).

Die grootste veranderinge in die *AWS*<sup>9</sup> is waarskynlik in die afdeling “Die Spelreëls: Reëls vir spelling en skryfwyse” te bespeur. Die eerste opmerklike verskil met die vorige uitgawes, wat reeds uit die opskrif van dié afdeling duidelik is, is dat daar in hierdie uitgawe ’n duidelike onderskeid gehandhaaf word tussen spelling (voorskrifte of reëls wat betrekking het op die wyse waarop woorde in ’n taal gespél word) en skryfwyse (die wyse waarop woorde in ’n taal vas geskryf word, al dan nie) (Taalkommissie, 2002: 8). Alhoewel hierdie onderskeid waarskynlik nie baie relevant is vir Jan Alleman nie, maak hierdie onderskeid van die *AWS*<sup>9</sup> ’n taalkundig meer akkurate bron vir gevorderde taalgebruikers. Daar is ook verskeie strukturele vernuwings in hierdie afdeling aangebring in ’n poging om naslaan te vergemaklik en die *AWS*<sup>9</sup> ’n maklik hanteerbare en gebruikersvriendeliker bron te maak. Hierdie vernuwende strukturele formaat is grootliks gebaseer op innoverende tipografiese tegnieke (Carstens, 2011: 151). Eerstens is die onderskeie hoofstukke in die afdeling vir die eerste keer volgens hulle opskrifte in alfabetiese volgorde aangebied, byvoorbeeld “Afbreek van woorde”, “Afkappingsteken”, “Afkortings”, “Akuutteken”, ensovoorts. (Taalkommissie, 2002: 8, 13; Beyer, 2005: 16)



Daarbenewens is die hoofstukke ook aangevul met 'n aantal nuwe rubrieke in die vorm van veelgebruikte naslaantemas sodat die AWS<sup>9</sup> heelwat meer naslaanopskrifte het as die tradisionele hoofstukke in vorige uitgawes van die AWS (Carstens, 2011: 152). Die doel hiervan is om op 'n breër alfabetiese grondslag inligting te verskaf oor sake wat moontlik spel- en skryfwyseprobleme kan meebring en om sodoende naslaan te vergemaklik. Hierdie bykomende onderafdelings of "hoofstukke" verstrekenie direk die verlangde antwoord waarna die gebruiker soek nie, maar gee 'n verwysing na die plek in die teks waar dit wel gevind kan word. (Taalkommissie, 2002: 12-13) So begin die spelreëlgedeelte byvoorbeeld met die opskrifte "Aanmeakaarskryf", "Aanspreek-vorme", "Adjektiewe", "Afbreek van woorde", ensovoorts. By die eerste drie opskrifte is daar egter nie 'n hoofstuk waarin die betrokke saak bereël word nie, maar telkens net 'n verwysing na ander hoofstukke in die afdeling waar leiding oor hierdie aspekte van die Afrikaanse ortografie gevind kan word. Die "Afbreek van woorde" maak dus die eerste hoofstuk van die spelreëlgedeelte uit. Aangesien hierdie addisionele opskrifte egter nie in die inhoudsopgawe opgeneem is nie, is dit nie heeltemal duidelik wat die waarde daarvan vir die gebruiker is nie. Die gebruiker sal in sy of haar soeke na inligting gewoonlik eerste die inhoudsopgawe raadpleeg ten einde 'n aanduiding te kry waar hy of sy die gewenste inligting in die AWS<sup>9</sup> kan vind. Indien hy of sy nie 'n aanduiding uit die inhoudsopgawe kan kry waar hy of sy die gewenste inligting kan opspoor nie, sal hy of sy volgende die indeks raadpleeg. En indien die indeks effektief saamgestel is, sal dit die gebruiker direk na die gewenste plek in die bron verwys waar die gebruiker die gewenste inligting kan kry en nie na 'n opskrif waar hy of sy net wéér na 'n ander plek verwys word nie. Alhoewel hierdie addisionele opskrifte dalk enigsins van waarde kon wees as dit in die inhoudsopgawe opgeneem was, is daar myns insiens glad nie nut vir die ekstra, leë hoofstukopskrifte in die AWS<sup>9</sup> nie. Derdens word daar nou in die spelreëlgedeelte 'n numeriese stelstel gebruik waarvolgens elke hoofstuk nou 'n nommer kry (Carstens, 2011: 152). Die ou gebruik in die vorige uitgawes van die AWS van nommers onder 'n hoofopskrif verval derhalwe omdat dit tot die kompleksiteit van dié naslaanbron bygedra het en sodoende naslaan bemoeilik het. (Taalkommissie, 2002: 8, 13) Voorts is elke reël in die betrokke hoofstuk van 'n subnommer voorsien, sodat elke reël van 'n unieke nommer voorsien is wat bestaan uit die hoofstuknommer en die posisie van die spesifieke reël in die hoofstuk (bv. reël 2.4 is die vierde reël in hoofstuk 2). Sodoende kan die onderskeie reëls maklik van mekaar onderskei word en word kruisverwysing en reëlopspringing vergemaklik. Elke reël is in 'n grys geskakeerde blok geplaas met die reëlnommer duidelik daarby aangedui, sodat die spel- en skryfreëls nou duidelik onderskei kan word van die aanvullende opmerkings en verteenwoordigende voorbeelde wat tipografies duidelik op die reëls waarop dit betrekking het, volg en in ander lettertipe aangedui is. Kruisverwysings is aangebring waar een reël met 'n ander elders in die boek in verband gebring kan word. (Beyer, 2005: 16; Carstens, loc. cit.) Die spelreëlgedeelte is ook toegerus met 'n kitstoegangstruktuur boaan elke bladsy in die vorm van die nommer van die reël wat op die betrokke bladsy behandel word

ten einde naslaan te vergemaklik. Hierdie nuwe spelreëlnumerering met die meegaande kitstoegangstruktuur help die gebruiker om vinnig en maklik die gewenste reëls te vind en te identifiseer.

Enkele ander opmerkbare verskille is dat die reëls en beginsels vir die vorming van afkortings en toelighting by die gebruik van afkortings in die *AWS*<sup>9</sup> nie meer deel uitmaak van die afkortingslys soos in vorige uitgawes nie, maar nou volgens die alfabetiese ordeningsbeginsels as die derde hoofstuk in die spelreëlgedeelte onder die titel “Afkortings” geplaas is en dus deel vorm van die sentrale lys (Taalkommissie, 2002: 18, 477). Verder word die akuit- en gravistekens in die *AWS*<sup>9</sup> nie meer saam in een hoofstuk behandel nie, maar elk in ’n aparte hoofstuk. Die inhoud van die spelreëlafdeling is in reaksie op kritiek ten opsigte van die *AWS*<sup>8</sup> beter georden en drasties nuut geformuleer om teenstrydighede uit die weg te ruim deurdat daar gepoog is om die reëls eksplisieter, korter en in eenvoudiger taal te stel met die toevoeging van ’n hele aantal voorbeelde, selfs voorbeelde van foutiewe spelling, ter wille van toelighting van die reëls. Die reëls is veral hersien met die oog op die behoeftes van die taalpraktyk en om die reëls toegankliker te maak vir jonger gebruikers soos leerders. (Alberts, 2002: 22; Prinsloo, 2002a: 13; 2002b: 11; Taalkommissie, 2002: 8) Hierdie nuwe benadering tot die formulering van die spelreëls het daartoe bygedra dat die spelreëlgedeelte met sowat honderd en twintig bladsye uitgedy het sedert die vorige uitgawe wat slegs nege en sestig bladsye beslaan het (Ehlers, 2002a: 9). Soos in die vorige uitgawe is skryftekens en klank ook nader aan mekaar gebring deur die gebruik van fonetiese tekens waar dit sinvol is (Taalkommissie, loc. cit.). Ten spyte van die herformulering en herindeling van die reëls, asook die byvoeg of weglaat van opmerkings en voorbeeldmateriaal in die spelreëlgedeelte, is die meeste van hierdie veranderinge bloot ter wille van die presisering van die reëls aangebring en is die inhoud van dié afdeling wesenlik dieselfde as in die *AWS*<sup>8</sup>.

Die enkele belangrikste inhoudsverskille tussen die spelreëls van die *AWS*<sup>9</sup> en die vorige uitgawe verdien egter melding. Waar in die *AWS*<sup>8</sup> van die standpunt uitgegaan is dat woorde volgens sillabes of klankgrepe geskei moet word omdat die korrekte uitspraak voorrang geniet, is betekenisvolle dele en lettergrepe weer in die *AWS*<sup>9</sup> die norm vir die afbreek van woorde gemaak soos in die 1964-*AWS* (sien 4.5.2.7), aangesien die spelreëls primêr betrekking het op geskrewe taal en nie gesproke taal nie en ook omdat taalgebruikers probleme ondervind het met sillabeskeiding (Taalkommissie, 2002: 21). Punte is nou opsioneel by die afkortings van name van grade, diplomas en sertifikate. Twee nuwe spelreëls oor die akuitteken is ook bygevoeg, naamlik (a) dat die akuitteken in bepaalde gevalle gebruik word om betekenisonderskeid of woordsoortverskil by andersins identiese woorde aan te dui, en (b) dat die akuitteken as beklemtoningsteken nie ander diakritiese tekens verdring wat ’n spelvereiste is nie (vgl. Reëls 4.4 en 4.5, p. 43). ’n Heel nuwe en nuttige hoofstuk in die spelreëlgedeelte is

hoofstuk sewe oor “Getalle, syfers en simbole”. Hierdie hoofstuk bestaan uit sewentien reëls waarin die koppeling van getalle, syfers en simbole aan ander woorde, die gebruik van die desimaalteken by getalle, numeriese skryfwyse van die datum en tyd, en metrieke simbole bereël is. Veral die reëls oor hooflettergebruik is hersien ten einde teenstrydighede uit die weg te ruim (Prinsloo, 2002a: 13; 2002b: 11). Die name van gesteentes is ook vir die eerste keer in dié hoofstuk bereël (vgl. Reël 9.52, p. 86). Hoofstuk elf oor “Konsonante” is enigszins uitgebrei deur die toevoeging van ’n aantal spelreëls. Hierdie reëls sluit onder andere reëls in vir die skryfwyse van die affrikate [tʃ] en [dʒ] in Afrikaans en die verdubbeling van konsonante (vgl. Reëls 11.21 tot 11.21 en 11.27 tot 11.30). Anders as in vorige uitgawes geld die reël nie meer dat eiename of verwantskapswoorde met *-goed* kan verbind nie (bv. *ma-goed*), wat dui op variëteitsvernouing. Na aanleiding van voorstelle wat in reaksie op die AWS<sup>8</sup> gemaak is (sien 4.5.2.8), word die solidus (skuinsstreep) of dubbelpunt nou in plaas van ’n koppelteken gebruik om rekenkundige verhoudings van ’n getal of eenheid tot ’n ander getal of eenheid in samestellings uit te druk (bv. *leerder-opvoeder-verhouding* teenoor *leerder/opvoeder-verhouding*, waar eersgenoemde dui op die persoonlike verhouding van leerder met hulle opvoeders en laasgenoemde dui op die getalsverhouding van leerders tot opvoeders). Die hoofstuk oor “Meervoudsvorme” (hoofstuk dertien) is aansienlik uitgebrei van een bladsy in die vorige uitgawe tot elf en ’n half bladsye in die AWS<sup>9</sup>. Die nege en twintig reëls in hierdie hoofstuk is ingedeel in verskeie onderafdelings, te wete “Die reëls vir -e- en -s-meervoude”, “Die meervoud met behulp van afkappingstekens”, “Die meervoud met behulp van ’n deelteken”, “Koppelings wat rang-, amps- of hoedanigheidsbenamings aandui”, “Afkortings”, “SI-simbole en -maatnaamwoorde”, “Die reëls vir meervoude van eiename” en “Wisselvorme”. Anders as die 1964-AWS waar die hoofstuk oor meervoudsvorme verkort is deur al die meervoudsvorme in ander hoofstukke te onderbring, is hierdie hoofstuk in die AWS<sup>9</sup> weer uitgebrei deurdat al die verskillende meervoudsvorme weer saam in een hoofstuk gegroepeer is. Hierdie indeling het dit myns insiens vir die taalgebruiker weer makliker gemaak om reëls in verband met meervoudsvorming in die AWS te vind, aangesien ’n taalgebruiker byvoorbeeld nie altyd weet of ’n spesifieke meervoud ’n deelteken kry, al dan nie, en dus nie sal weet om dit onder die afdeling “Deelteken” te vind nie.

Die Taalkommissie het weereens by hulle voorgangers aangesluit deur veral in verband met die los of vas skryfwyse van woorde in ’n aantal gevalle groter vryheid toe te laat (Taalkommissie, 2002: 11). Waar in die AWS<sup>8</sup> gepoog is om die hoofstuk “Skryfwyse – los of vas” te verkort, is dié afdeling in die AWS<sup>9</sup> in verskeie opsigte weer uitgebrei sodat dit meer ooreenstem met dié afdeling in 1964-uitgawe van die AWS. Die kernoorwegings vir die vas skryf van woorde wat in die 1964-uitgawe voorgekom het maar in die 1991-uitgawe weggelaat is, is byvoorbeeld weer in die AWS<sup>9</sup> ingesluit (vgl. Reël 14.2, p.144-145) Samestellings is ook in die AWS<sup>9</sup> weer uitvoeriger bereël in ooreenstemming met die

1964-AWS. In hierdie uitgawe is samestellings met eiename noukeuriger geformuleer met 'n onderskeid tussen drie tipes eienaamverbindings in die reëls, te wete eienaamverbindings as eiename, eienaamverbindings as soortname en soortnaamverbindings as eiename. Enkele nuwe reëls in hierdie hoofstuk is die bereëling van saamgestelde taalname bestaande uit 'n afleiding van 'n geografiese naam plus 'n basiese taalnaam (vgl. Reël 14.19, p. 155), die hantering van adjektiewe wat kleur aandui by gewone plant- en diername (vgl. Reël 14.29, p. 160), en rangtelwoorde wat gedeeltelik in syfervorm weergegee word (vgl. Reël 14.35, p. 163). Nog 'n nuwe hoofstuk in die AWS<sup>9</sup> is "Verkleiningsvorme". Hierdie afdeling bestaan uit dertien reëls wat ingedeel is volgens die onderskeie verkleiningsuitgange in Afrikaans, naamlik *-ie*, *-jie*, *-tjie*, *-etjie*, *-kie*, *-pie* en *-'tjie*. In die hoofstuk "Vokale" is die reël dat die slot *-a*, *-o* en *-u* van 'n woordstam in samestellings en die meeste afleidings behou word, asook die reël wat bepaal wanneer die *ee* in 'n oop eindsillabe deur 'n enkele *e* vervang word, geskrap, terwyl toevoegings die [i]-klank in die verkleiningsuitgang *-etjie* en die slot schwa [ə] van attributiewe adjektiewe bereël. In die hoofstuk oor wisselvorme, nou herbenoem tot "Wisseling en subkategorieë", word 'n nuwe onderskeid tussen wisselvorme en subkategorieë in die AWS<sup>9</sup> gemaak. Eersgenoemde verwys na variante vorme in die spelling op grond van uitspraakverskil, verskillende spelvorme, verskil in morfologie en inkortings. Laasgenoemde verwys na sekere ongelede woorde, afleidings en samestellings wat subkategorieë vorm met spesifieke morfologiese strukture. (Taalkommissie, 2002: 187-188) Enkele nuwe reëls kom in hierdie hoofstuk voor, waarvan die vernaamste is dat inkortings nou ook as wisselvorme van hulle volvorme beskou word (bv. *eerstejaarstudentjie* teenoor *eerstejaartjie*) en dat daar nou voorkeurvorme gegee word by bepaalde natuurwetenskaplike terme met die agtervoegsels *-ied* naas *-ide* en *-ien* naas *-ine* (eersgenoemde geniet telkens voorkeur; vgl. Reël 17.20, p. 197). Laasgenoemde dui op groter verafrikaansing.

Die woordelys van nagenoeg dertigduisend woorde is aansienlik uitgebrei met sowat twintig bladsye en volledig herbewerk en bevat verskeie nuwe lemmas wat deel uitmaak van lastige probleemgebiede, soos die skryfwyse van taalname, woordgroepe en afleidings, en woordgroepe en samestellings, verbindings van adjektiewe en naamwoorde, verbindings van telwoorde, groepe met 'n adjektief as kernelement, werkwoordelike verbindings, breukname, en die skryfvorm met *-self*, om 'n paar uit te sonder. Ten spyte van die uitbreiding van die hoofstuk oor die los en vas skryf van woorde, is daar veral heelwat meer samestellings en afleidings as voorheen opgeneem, aangesien eersgenoemde gebied nog dikwels probleme vir taalgebruikers oplewer. In die gees van groter openheid ten opsigte van die aanvaarding van woorde van Engelse afkoms waardeur die AWS<sup>8</sup> gekenmerk is, is 'n aantal woorde van Engelse afkoms weer opgeneem, soos *abseil*, *babasitter*, *beld* of *belt*, *dien* (dit \_ geen doel nie), *eks*, *enkelouer*, *gay*, *gemeen* (iets (in) \_ hê), *globalisering*, *koste(s)*, *melkskommel*, *nieregeringsorganisasie*, *polisieer*, *sepie*, *struggle*, *verkeersirkel*, asook 'n hele aantal woorde wat

tegnologiese ontwikkelinge weerspieël, soos *webmeester*, *internet*, *formateer*, *e-pos* en *PIN*. (Steyn, 1992: 1; Alberts, 2002: 22; Prinsloo, 2002a: 13; 2002b: 11; Prinsloo, in O'Connor, 2002: 2; Taalkommissie, 2002: 8, 142). In hierdie uitgawe is egter merkbaar minder nuwe Engelse ontlenings opgeneem as in die vorige uitgawe. Sommige woorde wat aanvanklik via Nederlands die Afrikaanse woordeskat binnegekom het, het oor die jare onder die invloed van Engels 'n ander betekenis aangeneem as wat dit oorspronklik gehad het. In hierdie uitgawe is daar dan ook erkenning gegee aan hierdie nuwe betekenisonderskeidings wat in Afrikaans ontwikkel het, byvoorbeeld *braaf* kan nou naas *goed* ook *dapper* beteken en *eventueel* kan nou naas *moontlik* ook *uiteindelik* beteken, terwyl 'n mens ook nou iets *in gemeen* kan *hê* met iemand anders.

Soos in vorige uitgawes is bepaalde wisselspellings opgeneem ter wille van groter verafrikaansing van die spelling (Taalkommissie, 2002: 11). Alhoewel daar in ooreenstemming met die AWS<sup>8</sup> tog 'n aantal geografiese name waarby spelprobleme voorkom in die woordelys van die AWS<sup>9</sup> opgeneem is, het die Taalkommissie nie afgewyk van hulle beleid om nie plek- en persoonsname in die woordelys op te neem nie (Taalkommissie, 2002: 12). Die Taalkommissie waarsku egter steeds daarteen dat die woordelys nie as 'n volledige lys van die hele woordeskat van Afrikaans beskou moet word nie en dat gebruikers dus nie die woordelys as 'n woordeboek moet beskou of as een moet gebruik nie, maar dat dié lys ten doel het om spelleiding te gee ten opsigte van probleemgevälle (Taalkommissie, 2002: 8, 209). Daar is ook weer heelwat lemmas geskrap wat nie spelprobleme oplewer nie of wat intussen as verouderd of niestandaard beskou is, en in ooreenstemming met die AWS<sup>8</sup> is die aantal vakterme weereens drasties verminder wat intussen in vakwoordeboeke en ander dergelike bronne opgeneem is (Alberts, 2002: 22; Taalkommissie, 2002: 9). In 'n aantal gevälle is vakterme wat besondere spelprobleme oplewer of wat 'n wyer toepassingsterrein het omdat dit van 'n algemene gebruiksaard is egter behou (Taalkommissie, 2002: 11-12).

Baie wisselvorme wat nie meer soos in die vorige uitgawe as volwaardige ekwivalente beskou word nie, is ook intussen geskrap (Taalkommissie, 2002: 11). Dit sluit in gevälle waar sekere voltooide deelwoorde en afleidings van hierdie woorde met *-del-d-* of *-tel-t-* gespel kon word maar waar 'n bepaalde vorm nou so gevestig geraak het dat die ander spelvorm vreemd aandoen en nie algemeen gebruik word nie, sodat slegs die gebruiklike vorm in die AWS<sup>9</sup> se woordelys opgeneem is (Taalkommissie, 2002: 99, 209). Dieselfde geld ook wisseling by natuurwetenskaplike terme met die agtervoegsels *-ied* naas *-ide* en *-ien* naas *-ine*. Hier is net die voorkeurvorme, dit is dié met *-ied* en *-ien* vir die enkelvoudsvorm en *-iede* en *-iene* vir die meervoudsvorm, in die woordelys opgeneem. (Taalkommissie, 2002: 209). Soos in die vorige uitgawe is die lemmas in hierdie woordelys ook in drie kolomme per bladsy aangebied ten einde voorsiening te maak vir die groter omvang van die woorde-

lys (sien 4.5.2.8). Behalwe vir die toevoeging van 'n sewepunt-oriëntasie oor die doel en werkswyse van die woordelys, is daar ook nie in hierdie uitgawe afgewyk van die formaat waarop die inligting in die woordelys in al die vorige uitgawes aangebied is nie (sien 4.5.2.1). In hierdie afdeling is ook soos in die spelreëlafdeling 'n kitstoegangstruktuur aangebring in die vorm van soekwoorde boaan elke bladsy wat telkens die eerste en laaste lemma op die betrokke bladsye identifiseer, asook die alfabetiese aanwysers aan die kant van elke bladsy, 'n tipe fauxduimnaelindeks, om naslaan in die woorde lys te vergemaklik (Beyer, 2005: 16; Swart, 2009: 6). Hierdie kitstoegangstruktuur dra ook by tot die vinnige ontsluiting van inligting in die woordelys.

Soos reeds vermeld, bestaan die afkortingafdeling in die *AWS*<sup>9</sup> slegs uit 'n afkortingslys, aangesien die reëls en riglyne vir die gebruik van afkortings in die spelreëlgedeelte onderbring is. Hierdie saamgroepering van alle reëls en die aparte aangawe van lyste was myns insiens 'n gebruikersvriendelike skuif. Alhoewel die afkortingslys tot ongeveer dertigduisend inskrywings aangevul is, is dit nie 'n volledige lys van alle afkortings wat in Standaardafrikaans gebruik word nie, maar slegs die gebruiklikste afkortings en leidende voorbeelde ter illustrasie van die afkortingreëls soos vervat in hoofstuk drie van die *AWS*<sup>9</sup>. In ooreenstemming met die *AWS*<sup>8</sup> is enkele nie-Afrikaanse afkortings vanweë hulle hoë gebruiksfrekwensie saam met hulle oorspronklike volvorme en Afrikaanse ekwivalente opgeneem, asook heelparty "historiese" afkortings wat vanweë hulle inligtingswaarde opgeneem is omdat dit nog in baie Afrikaanse tekste voorkom. Enkele SI-simbole is ook opgeneem al word dit nie streng gesproke as afkortings beskou nie. (Du Plessis, 2003: 19; Taalkommissie, 2002: 477) Die lys bevat ook verskeie nuwe akronieme (Müller, 2000: 3; "Taalkommissie sê blerrie is nou ook oukei", 2000: 2).

Nog een van die splinternuwe toevoegings in die *AWS*<sup>9</sup> wat nooit tevore in enige van die vorige uitgawes van die *AWS* bereël is nie, is die spelling van woorde uit die omgangstaal wat in 'n afsonderlike lys opgeneem is. Alhoewel omgangstaal hoofsaaklik gesproke taal is, veral "gemoedelike taal wat gebruik word rondom die braaivleisvuur of wanneer mense rugby kyk", en dus nie relevant is tot die Afrikaanse ortografie nie, het die Taalkommissie dit wel nuttig geag om hierdie lys in die *AWS* in te sluit aangesien hierdie woorde toenemend in sekere kontekste, veral die letterkunde, geskryf is, en die Taalkommissie sedert 1991 veral deur skrywers versoek is om die spelling van hoofsaaklik Engelse woorde wat in informele gesprekke 'n Afrikaanse kleur kry, te probeer bereël. Die Taalkommissie het dit veral noodsaaklik geag om die omgangstaal te boekstaaf omdat taal dinamies en veranderlik is en hierdie omgangstaalvorme dalk in die toekoms die standaardvorme kan word. Met die opname van die sowat vyfhonderd woorde en uitdrukkings uit die omgangstaal het die Taalkommissie egter nie hierdie woorde en uitdrukkings as deel van Standaardafrikaans erken nie, maar

hulle wou slegs leiding gee oor die spelling en skryfwyse daarvan, aangesien hierdie woorde en uitdrukkings op wisselende wyse deur taalgebruikers gespel is. Hierdie afdeling gee dus struktuur aan die Afrikaanse omgangstaal en is bedoel om die spelling van hierdie woorde eenvormig te maak. (“Blerrie oukei”, 2000: 8; Prinsloo, in Müller, 2000: 3 en “Taalkommissie sê blerrrie is nou ook oukei”, 2000: 2; Prinsloo, 2002a: 13; 2002b: 11; Prinsloo, in O’Connor, 2002: 2; Taalkommissie, 2002: 15, 525) Daarom is hierdie woorde deurgaans met ’n verhewe <sup>o</sup> gemerk ten einde dit van die Standaardtaalvorme in die woordelys te onderskei. Wat die inhoud van die lys met Omgangsafrikaans betref, kan vier kategorieë onderskei word. Eerstens is Afrikaanse woorde opgeneem waarvan die uitspraak nie deur die vorme in Standaardafrikaans weergegee word nie, byvoorbeeld *hierie<sup>o</sup>* (hierdie) en *waar<sup>o</sup>* of *warie<sup>o</sup>* (watter). Hierdie kategorie sluit ook ’n groepie plat of obsene afleidings in waarvan die spelling tot op daardie stadium nie in woordeboeke aangedui is nie. Tweedens is Engelse woorde wat reeds oor ’n gevestigde Afrikaans spelwyse beskik het, opgeneem, byvoorbeeld *boggero<sup>o</sup>*, *ouke<sup>o</sup>*, en *orraait<sup>o</sup>* of *orrait<sup>o</sup>*. Die derde kategorie is Engelse woorde wat steeds ’n Engelse spelling gehad het, maar reeds Afrikaanse morfologie vertoon het, byvoorbeeld *gebrag<sup>o</sup>* (gespog) en *cooler<sup>o</sup>* of *koeler<sup>o</sup>*. Engelse woorde wat nog nie Afrikaanse morfologie vertoon het nie, is egter nie opgeneem is, byvoorbeeld *glamour* en *issue*. Laastens is uitdrukkings met beide Engelse en Afrikaanse komponente opgeneem, byvoorbeeld *boots en all<sup>o</sup>*, *fair en square<sup>o</sup>* en *finish en klaar<sup>o</sup>*. (Taalkommissie, 2002: 525)

Alhoewel die toevoeging van hierdie lys tot die AWS baie nuttig is, is daar baie woorde in die omgangstaallys (indien nie die meerderheid nie) wat myns insiens reeds só ’n hoë gebruiksfrekwensie in Afrikaans het en tot ’n groot mate deel vorm van die algemene Afrikaanse leksikon, dat dit eerder plek in die woordelys as deel van die standaardleksikon van Afrikaans verdien. Voorbeelde wat in hierdie verband genoem kan word, sluit in *aansit* (voorgee; toneelspeel), *af siek* (’n maand \_\_ van die werk af), *afboek* (sy’s Donderdag en Vrydag van die werk \_\_), *afsit* (van stryk bring; kanselleer), *aftjip* (afspring; afbars), *aftjop* (misluk), *aftrys* (nateken), *ant* of *antie* (voor eiename), *baai* of *baai-baai* of *ba-baai* (sien jou), *baasterd* of *bastard* (swernoot), *bak* of *bakgat*, *ball sense* of *bôlsense* (aanleg vir balspele), *band* of *bênd* (orkes), *bank* of *bunk* (stokkiesdraai), *been trek* (goedig terg), *beter* (jy \_\_ nou gou maak), *blaas* (kortsluit; skiet; smelt; spandeer; uitbrand), *blowdry*, *boek* (bespreek; reserveer), *bottelnek* (knelpunt; verkeerstreger), *bottelstoor* (drankwinkel), *brag* of *brêgh* (spog), *breek* (\_\_ vir tee/ etel’n handelsflits), *brekfis* (ontbyt), *cater* (voedsel verskaf), *cheers* of *tjeers*, *common* of *kommin* (platvloers), *cool*, *dice* (reisies jaag), *dim* (dowwer maak), *doe* (deftige geleentheid), *dose* of *dous* (medisyne doseer), *drop* (in die steek laat; skepskop), *dummie* (fopspeen), *flop* (misluk; platval), *ghaai* of *ghai* (grappies maak), *ghrênd* of *grand* of *grênd* (spoggerig), *haai* (groetvorm), *halfjack* (halfbottel), *highlight*, *horribaal* (afskuwelik), *huidiglik*, *inkonk* (ineenstort), *intjip* (in die rede val), *jaart* (erf), *ken van* (ken, weet hoe), *koekoes* (mal), *kot* (bababed), *krib* of *krip* (afskryf), *krismisboks* (Kersgeskenk), *kroek*

(kul; misdadiger), *laaitie* of *laitie*, *lanie* (gereken), *liekeriesj*, *lift* (oplaai), *macho*, *moewies* (tamaai), *nacklace* of *neklis* (halsnoer; boendoehofvonnis voltrek), *nip* (bang wees; sigaret se kooltjie afknyp), *opgetof* (uitgevot), *opstêrs* (hoogmoedig), *paddleski* (roeiski), *pel* (maat), *perm* (kartel), *poot* (polisie-beampte), *pose* ('n houding inneem), *prêm* (kinderwaentjie), *rattle* (onkant betrap), *robbies* (gemors), *rondhang* (voor die kafee \_), *rondshunt*, *rumpsteak*, *sample* (bemonster), *scaly* (skelm), *scrapjaart*, *sexy*, *sissie* (lafaard), *smaak* (hou van), *softie*, *sorrie* of *sorry*, *spietkop*, *stupid*, *surf*, *swot*, *tan* (son-brand), *tease* (hare pluiskam), *tekkel* (aanpak; laagvat), *tek* (tegniese kollege), *tick* of *tiek* (ek wil weet wat laat jou \_), *tiekets* of *tikkets* (klaar; dit is \_ met hom), *tjek* (bekyk; dophou; kontroleer; nagaan; geruit), *tjip* (aartappelskyfie; vlokkie); *tjoep* (binneband; buisie), *tjoklit* (sjokolade), *tjop-tjop* (vinnig), *toast* ('n heildronk drink; brood rooster), *toks* (toerusting), *verkeerd opvryf* (iemand \_ \_), *weird*, en *wheelie*, om maar net 'n paar te noem. Alhoewel daar hier en daar woorde in die omgangstaallys voorkom wat verteenwoordigend is van ander variëteite van Afrikaans, bevat hierdie lys meestal woorde en uitdrukkings wat aan Engels ontleen is, terwyl die dialektiese omgangstaal, soos in al die ander uitgawes van die AWS, grootliks agterweë bly. As dialektiese taalvorme nie eens as deel van 'n omgangstaallys opgeneem word nie, watter kans is daar dat hierdie taalvorme ooit eendag as deel van die standaard erken sal word? In 'n moderne, demokratiese era waar die gelykwaardigheid van alle variëteite van 'n taal vooropgestel word, is hierdie stand van sake vir my onaanvaarbaar.

Alhoewel die spelling van binnelandse geografiese name deur die Raad vir Suid-Afrikaanse Geografiese Name bereël is in publikasies soos *Amptelike plekname van die Republiek van Suid-Afrika en Suidwes-Afrika* (1978) en aanvullende publikasies daarna, is die Afrikaanse spelling van buitelandse name wel die bemoëienis van die Taalkommissie. Daarom het die Taalkommissie vir die eerste keer 'n lys met om en by agthonderd buitelandse geografiese name met afleidings in hierdie uitgawe van die AWS opgeneem. (Prinsloo, 2002a: 13; 2002b: 11; Taalkommissie, 2002: 12; Du Plessis, 2003: 18) In die sewentien bladsye wat hierdie nuttige lys beslaan, word daar naas 'n kort oriëntasie die plekname in alfabetiese volgorde gegee met daarnaas die attributiewe vorm van die adjektief wat van elke pleknaam afgelei is, asook die afgeleide persoonsnaam. Landname is telkens in vetdruk aangegee en waar wisselvorme voorkom, is dit ook in die lys opgeneem. Waar daar egter nie eenvormigheid was oor wisselvorme nie, is slegs die gebruiklikste vorm aangegee. In gevalle waar daar geen afleidings of selfs net een van die twee soorte afleidings nie by 'n pleknaam voorkom nie, is dit met 'n (O) aangedui, wat beteken dat taalgebruikers van omskrywings gebruik moet maak. Soos in die afkortingslys bevat hierdie lys ook heelwat historiese geografiese name wat soms in tekste opduik. (Alberts, 2002: 24; Taalkommissie, 2002: 535; Beyer, 2005: 16) Daar is egter geen aanduiding vir gebruikers gegee watter name historiese vorme is nie. Dit sou myns insiens die waarde van dié lys



verhoog deur die historiese vorme aan gebruikers uit te wys ten einde verwarring en/of moontlike foutiewe gebruik van die benaminge te voorkom.

Benewens die toevoeging van die lys buitelandse geografiese name het die Taalkommissie ook 'n transliterasietabel vir die Cyrilliese alfabet in die AWS<sup>9</sup> ingesluit, aangesien veral taalpraktisyns die probleem het dat hulle soms Russiese en ander Slawiese name wat hulle in die oorspronklike taal of in Engels teëkom, in Afrikaans moet weergee. In hierdie tabel word naas die gedrukte skryfwyse van die Cyrilliese letters ook die betrokke uitspraak aangedui, asook die ooreenstemmende letter in Engels en Afrikaans. Hierdie letters is dan aangevul met 'n aantal voorbeelde van name waarin hierdie letters voorkom in die Cyrilliese, Engelse en Afrikaanse ortografie onderskeidelik. (Taalkommissie, 2002: 553) Die opname van hierdie tabel het die bestaande gebruike by die transliterasie van die Cyrilliese alfabet in Afrikaans byna volkome bevestig, aldus Prinsloo (2002a: 13; 2002b: 11).

Ten slotte is die AWS<sup>9</sup> weereens afgesluit met 'n indeks as agterteks ten einde naslaan met behulp van trefwoorde te vergemaklik. Vóór die indeks is ook 'n terminologielys opgeneem met omskrywings van terme wat in die AWS<sup>9</sup> gebruik word mét voorbeelde, sodat die gebruiker presies kan weet wat met sekere grammatikaterme bedoel word. Dié woordskrywings is egter net van toepassing op die spesifieke betekenis soos dit in die AWS<sup>9</sup> gebruik word, maar is nogtans nuttige toevoeging wat tot die optimale onsluiting van inligting in die AWS<sup>9</sup> bydra (Prinsloo, 2002a: 13; 2002b: 11; Taalkommissie, 2002: 11, 18, 557; Beyer, 2005: 16) In plaas daarvan dat hierdie lys as deel van die "Toeligting" opgeneem is soos in die AWS<sup>8</sup>, kom hierdie lys nou in 'n baie uitgebreider formaat in 'n aparte afdeling voor. Die insluiting van hierdie twee afdelings is eweneens daarop gemik om die gebruikersvriendelikheid van die AWS te verhoog (Taalkommissie, 2002: 11).

Anders as die kritiek teenoor die AWS<sup>8</sup> wat oorweldigend negatief was (sien 4.5.2.8), het kritici baie positiewer ten opsigte van die AWS<sup>9</sup> gereageer<sup>33</sup>. Die AWS<sup>9</sup> is allerweë as 'n groot verbetering op sy voorganger beskou, veral wat betref voorkoms en struktuur (Ehlers, 2002a: 9; 2002b: 11; Prinsloo, in O'Connor, 2002: 2; Beyer, 2005: 15). Volgens Ehlers (2002a: 9; 2002b: 11) getuig hierdie uitgawe van groter sorgvuldigheid en deeglikheid as "die probleem-uitgawe van 1991" en is baie van die knelpunte van die AWS<sup>8</sup> uit die weg geruim deur die vergroting van gebruikers se keusevryheid. Kritici was dit eens dat die AWS<sup>9</sup> veral ten opsigte van gebruikersvriendelikheid kop en skouers bo die vorige uitgawe uitstaan (Ehlers, 2002b: 11; Du Plessis, 2003: 18). Beyer (2005: 15) was van mening dat die omslag van die AWS<sup>9</sup> reeds groter gebruikersvriendelikheid en toeganklikheid voorspel, aangesien dit

---

<sup>33</sup> Sien Carstens (2003: 157-159; 2011: 155-158) vir 'n bondige bespreking van die reaksie op die AWS<sup>9</sup>.

van buite minder wetboekagtig lyk as die vorige uitgawes, terwyl Bezuidenhout (2002: 11) gemeen het “die Taalkommissie het hom deksels mooi gemaak”. Van die verbeterings wat die gebruikersvriendelikheid van die *AWS* bevorder het deurdat dit naslaanwerk makliker en vinniger en die inligting baie toegankliker gemaak het, is duideliker tipografie, bladuitleg en opskrifte, beter uiteensetting, rangskikking en groepering van die spel- en skryfreëls in duidelik onderskeibare numeriese indelings, die aanvulling van reëls met heelwat goed gekose voorbeelde waaruit gebruikers maklik die spelling van soortgelyke gevalle kan aflei, asook die toevoeging van uitsonderings op die reëls, die invoeging van akkurate en bruikbare kruisverwysings en die herhaling van sommige reëls wat in meer as een hoofstuk inpas, ’n nuttige kittoegangstruktuur, en die nuttige alfabetiese indeks en verklarende terminologielys wat die *AWS*<sup>9</sup> selfs nog toegankliker maak (Bezuidenhout, loc. cit.; De Wet, 2002: 52; Ehlers, 2002a: 9; McLachlan, in O’Connor, loc. cit.; Swart, 2002: 6; Du Plessis, 2003: 18-19; Van Sterkenburg, 2004: 428, 431-432; Beyer, 2005: 18)

Nog ’n aspek van die *AWS*<sup>9</sup> wat dit ’n gebruikersvriendeliker bron as sy voorgangers maak, is dat die spel- en skryfreëls verfyn en vereenvoudig is deur dit te herformuleer sodat dit helder, bondig en begryplik is en met vrug deur taalpraktisyns en onderwysers en leerders gebruik kan word (Bezuidenhout, loc. cit.; De Wet, loc. cit.; Swart, loc. cit.; Van den Berg, 2002: 9; Du Plessis, 2003: 18; Van Sterkenburg, 2004: 428). Hierby speel die toegevoegde terminologielys ook ’n belangrike rol deurdat dit verhoed dat die gebruiker oorweldig word deur die taalkundige jargon in die reëls sonder om die presisie en nuanse van die reëls in te boet, maar wat tegelykertyd ook pedagogies van aard is (Van Sterkenburg, 2004: 429). Die wyse waarop die reëls geformuleer is, bespoedig naslaan en het ’n nie-akademiese produk tot gevolg wat vir Jan Alleman tot nut is (Prinsloo, in Müller 2000: 3; Bezuidenhout, 2002: 11). Alhoewel die toenmalige voorsitter van die Taalkommissie, Anton Prinsloo, ver wag het dat veral die afdeling met woorde en uitdrukkings uit Omgangsafrikaans kritiek sou ontlok, is hierdie afdeling oorwegend positief ontvang. Die *AWS*<sup>9</sup> is ook geloof vir die insluiting van ’n aantal ander nuttige en waardevolle afdelings, waaronder die transliterasietabel vir die Cyrilliese alfabet en die lys buitelandse geografiese name met afleidings. (“Blerrie oukei”, 2000: 8; Müller, 2000: 3; “Taalkommissie sê blerrie is nou ook oukei”, 2000: 2; Swart, loc. cit.; Van den Berg, loc. cit.; Du Plessis, 2003: 19)

Ander welkome toevoegings sluit in die hoofstuk oor verkleiningsvorme en enkele nuwe reëls ter beskrywing en bevestiging van gevestigde gebruike ten opsigte van akuutteken- en hooflettergebruik (Beyer, 2005: 18, 25). Van Sterkenburg (2004: 430) het ook opnuut groot waardering uitgespreek vir die insluiting van reëls oor die spelling van woorde wat aan Bantoetale ontleen is, asook die paragraaf waarin die los en vas skryf van woorde bereël is. Al hierdie aspekte het daartoe bygedra dat daar “[v]ir

die eerste keer in 'n dekade [...] 'n bruikbare AWS" was (Ehlers, 2002b: 11). Waar die AWS<sup>8</sup> menige gebruiker "moedeloos en magteloos" gelaat het, was kritici van mening dat die Taalkommissie 'n pluimpie verdien vir "die deeglike werk wat gelewer is in hierdie herbewerking" wat "'n weldeurdagte, gebruiksvriendelike en goed gestruktureerde" AWS<sup>9</sup> tot gevolg gehad het, "'n produk van uitstaande gehalte in terme van gebruikersvriendelikheid, toeganklikheid, sistematiek en volledigheid" (Ehlers, 2002a: 9; 2002b: 11; Swart, loc. cit.; Beyer, 2005: 28). Alhoewel die AWS<sup>9</sup> nie foutloos was nie, is dit beskou as 'n "skat van 'n boek", "'n toeganklike [...] skatkis", "'n goudmyn van nuttige inligting", "'n onontbeerlike [...] noodsaaklikheid vir elke huis en kantoor" (Bezuidenhout, loc. cit.; Ehlers, 2002a: 9). En omdat die AWS<sup>9</sup> boonop bekostigbaar was, behoort "[e]nige iemand wat in Afrikaans skryf [...] 'n eksemplaar van die AWS op sy/haar lessenaar te hê" (Bezuidenhout, loc. cit.; Ehlers, loc. cit.).

Ten spyte van die oorweldigend positiewe reaksie op die AWS<sup>9</sup> was daar volgens kritici egter ook enkele leemtes in hierdie uitgawe. Van Sterkenburg (2004: 428-429) het die feit betreur dat die Taalkommissie nêrens verantwoording gegee het van die empiriese basis wat gebruik is by die spelbereëling en die seleksieproses wat gevolg is by die insluiting van nuwe lemmas in die woordelys nie en dat die aard van die samestelling van die AWS dus nie teruggevoer kan word na 'n spesifieke verwysingsraamwerk soos 'n korpusondersoek nie. Waar ander kritici die AWS<sup>9</sup> geloof het vir die uitgebreide kruisverwysings, het Van Sterkenburg (2004: 432) die verwysing binne die opmerking by een spelreël na ander reëls gebruikersonvriendelik ervaar en het hy eerder die herhaling van reëls verkies. Hierteenoor was Ehlers (2002a: 9) van mening dat baie spelreëls onnodig herhaal is en dat hierdie herhaling verwarrend is. Sy het daarom aanbeveel dat sulke reëls slegs geplaas word onder die afdeling waar dit die beste pas en 'n kruisverwysing gegee word waar die betrokke reël elders ter sprake kom (Ehlers, loc. cit.). Waar Van Sterkenburg (2004: 432) wel kruisverwysing ten sterkste aangemoedig het, was tussen die woordelys en die spelreëls deur langs die lemmas in die woordelys die nommer van die ooreenstemmende reël te plaas wat daarop van toepassing is. Verder het Van Sterkenburg (2004: 430-431) die Taalkommissie se motivering vir die weglaat van 'n hele aantal vakterme uit die woordelys, dit is dat hierdie woorde in tegniese en vaktalwoordeboeke opgeneem is, as 'n drogredenasië beskou omdat die woorde wat tot die algemene woordeskat van Afrikaans behoort net so maklik opgesoek kan word in eentalige verklarende woordeboeke. Veral leenwoorde en internasionalismes op hierdie gebied veroorsaak spelonsekerheid by gebruikers en wanneer gebruikers dan na die bron gryp wat hulle aangeskaf het om spelprobleme op te los en nie uitsluitel daarin kan vind nie, skaad dit hulle vertrouwe in die AWS, aldus Van Sterkenburg (2004: 431).

Nog 'n gemis is 'n lys binnelandse inwonersname wat volgens Ehlers (loc. cit.) reeds in 1992 deur die Taalkommissie belowe is. Net so het Swart (2002: 6) gemeen dat, hoewel die spelbereëling van Suid-

Afrikaanse geografiese name nie die domein van die Taalkommissie is nie, die grootskaalse naamsveranderinge wat in die Suid-Afrikaanse konteks aan die orde van die dag is, toenemend leiding in hierdie verband in die AWS sou noodsaak. Alhoewel Ehlers (2002a: 9) dankbaar was vir die opname van 'n hele aantal byderwetse woorde in die woordelys, het sy ook sekere byderwetse woorde gemis waarvoor sekere verouderde vorme eerder plek kon maak. Andersyds het sy die nut van groot dele van die spelreëlgedeelte bevraagteken wat in beslag geneem is deur reëls wat niks te make het met die spelling of skryfwyse van Afrikaanse woorde nie (Ehlers, loc. cit.). Van die reëls wat volgens Ehlers (loc. cit.) nie gebruikersnut het nie en die gebruiker se aandag aftrek van die reëls wat saak maak, is die uitvoerige reëls oor meervoudsvorme, waar eerder gefokus kon word op meervoudsvorme wat spelprobleme oplewer, en reëls oor die weergawe van die schwa [ə] in Afrikaans, wat nutteloos is vir die gebruiker. Kleiner kritiekpuntjies was dat die vas skryf van samestellings in Afrikaans tot “monstersamestellings” kon lei en dat omskrywings derhalwe nie as alternatief aanbeveel is nie, dat daar tot en met hierdie uitgawe nog nie 'n elektroniese weergawe van die AWS op CD-ROM verskyn het nie, dat die omvang van die spelreëlgedeelte tot weerstand by gebruikers kon lei om die AWS<sup>9</sup> hulle eie te maak, en dat die AWS<sup>9</sup> nie preskriptief genoeg is nie deurdat daar dikwels te veel vryheid toegelaat is in die vorm van variasie of opsies (Ehlers, 2002a: 9; 2002b: 11; Van Sterkenburg, 2004: 431-432). Binne konteks beskou, byvoorbeeld as dit in ag geneem word dat die meeste kritiek teen die AWS<sup>9</sup> maar van 'n paar individue gekom het waarvan ten minste een van hulle ook baie positief op die AWS<sup>9</sup> gereageer het, en dat hierdie kritiek meestal individuele kleiner puntjies en voorkeure behels het, is dit duidelik dat die AWS<sup>9</sup> baie positiewer ontvang is as sy voorganger.

#### **4.5.2.10 Die 2009-uitgawe van die *Afrikaanse woordelys en spelreëls***

In 2009 verskyn die tiende, verbeterde en omvattend herbewerkte uitgawe van die *Afrikaanse woordelys en spelreëls* [voortaan AWS<sup>10</sup>] as deel van die eeufeesviering van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns (Taalkommissie, 2009: ix). Hierdie uitgawe verskyn nie slegs in opdrag van die Akademie nie, maar ook in opdrag van die Nasionale Taalliggaam vir Afrikaans van die Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad (PanSAT) waarvan die Taalkommissie sedert 2000 deel uitmaak (sien 4.4.3). Alhoewel Prinsloo, Carstens en Coetzee ná 2002 nog by die Taalkommissie betrokke was, was hulle nie meer in 2009 lede nie. Hulle is vervang deur M. du Plessis, A.N. Otto en G.B. van Huyssteen wat hulle by Kotzé, McLachlan, Lombard, Alberts en Anker aangesluit het. Tussen die twee uitgawes het E.O. Saal hom ook vir 'n korter tyd by die Taalkommissie aangesluit, maar hy was nie meer 'n lid teen die verskyning van die AWS<sup>10</sup> nie. (Taalkommissie, 2009: xii) Vir hierdie uitgawe het die Taalkommissie weer hulp van buite ingewin in die vorm van tegniese samewerking van die Sentrum vir Tekstegnologie (CTeX) van die Potchefstroomkampus van die Noordwes-Universiteit wat doel-

gemaakte rekenaarprogrammatuur vir die Taalkommissie ontwikkel het, ook ander rekenaaromatige hulp verleen het en die projekbestuur behartig het by die voorbereiding van die AWS<sup>10</sup> (Taalkommissie, 2009: iii, v, xii).

Alhoewel verskeie afdelings in die AWS<sup>10</sup> ingekort is, oortref hierdie uitgawe die AWS<sup>9</sup> in omvang met sowat dertig bladsye, wat dit die omvangrykste AWS tot op hede maak. Wat die samestelling van die AWS<sup>10</sup> betref, is dit buiten die toevoeging van die afdelings getiteld “Erkennings” en “Werkwyse”, identies aan die vorige uitgawe (sien 4.5.2.9). Die Groen Boek, soos wat die AWS<sup>10</sup> in die volksmond bekend staan, lyk enigsins anders as sy voorganger deurdat daar in hierdie uitgawe van ’n ander lettertipe en enkele ander kleiner tipografiese hulpmiddels gebruik gemaak is (soos pyltjies en ander tekens om sekere aspekte van die spelreëls uit te lig). In die AWS<sup>10</sup> word daar ook teruggegaan na die gebruik vóór die AWS<sup>6</sup> toe bladsynommers in die voorteks met Romeinse numerering aangedui is. Die kitstoegangstruktuur van die AWS<sup>9</sup> wat so ’n gunstige indruk by kritici gemaak het (sien 4.5.2.9), is ook in hierdie uitgawe behou. Waar die spelreëls in die AWS<sup>9</sup> as uitgangspunt geneem is, is daar tydens die bewerking van hierdie uitgawe op die woordelys gefokus, alhoewel die verfyning van die spelreëls ook gedurende die byna sewe jaar wat tussen die twee uitgawes verloop het, voortgesit is (Taalkommissie, 2009: v, ix). Die resultaat hiervan is dat daar in die AWS<sup>10</sup> ’n baie hegte samehang tussen die spelreëls en die woorde in die woordelys is, aldus die Taalkommissie (2009: ix), en dat die AWS<sup>10</sup> minimaal van die AWS<sup>9</sup> verskil.

Soos reeds vermeld, is twee afdelings as voortekste bygevoeg, naamlik “Erkennings” en “Werkwyse”. In eersgenoemde afdeling spreek die Akademie hulle dank uit teenoor alle instansies wat finansiële steun aan die Akademie verleen het en daardeur die AWS<sup>10</sup> moontlik gemaak het. In die afdeling “Werkwyse” gee die Taalkommissie in reaksie op kritiek teenoor die AWS<sup>9</sup> (sien 4.5.2.9) hoofsaaklik rekenskap van die aard van die inhoudsamestelling van die AWS<sup>10</sup> deur vir die eerste keer verantwoording te doen van die empiriese basis wat by die samestelling van dié bron gebruik is, asook die mate van preskriptiwiteit en deskriptiwiteit van die AWS<sup>10</sup>. Die “Voorwoord” gee soos voorheen ’n uiteensetting van die veranderinge wat tydens die herbewerking van die AWS aangebring is en erkenning aan diegene wat meegewerk het aan die AWS<sup>10</sup>. Soos in die vorige twee uitgawes bevat die AWS<sup>10</sup> ook die afdelings “Toeligting” en “Wenke vir gebruikers” waarin aanwysings aan die gebruiker gegee word hoe om dié boek te interpreteer (Taalkommissie, 2009: xiii). Naas die toevoeging van drie kort paragrafies oor die lys buitelandse geografiese name, die transliterasietabel en die afdeling oor Omgangsafrikaans in die “Toeligting”, verskyn hierdie twee afdelings tesame met die “Grondbeginsels van die Afrikaanse spelling” onveranderd sedert die vorige uitgawe. McLachlan (2011: 8) dui daarop dat, ondanks sekere verfyninge en aanpassings wat mettertyd aangebring is en wat eintlik net

herformulerings was, die grondbeginsels in hierdie uitgawe presies is wat dit in die eerste uitgawe was. Dit beteken dat (historiese) Nederlands reeds tot 'n groot mate as rigsnoer vir die Afrikaanse spelling dien. Dit kan gesien word uit verskeie Nederlandse vorme wat oor die afgelope dekades in die Afrikaanse ortografie bestendig is, soos die behoud van die *v* naas die *f* en die *ei* naas die *y*.

Aangesien daar, soos reeds vermeld, in die *AWS*<sup>10</sup> meer op die woordelys gefokus is, is die spel- en skryfreëls in hierdie uitgawe in baie opsigte dieselfde as wat dit in die *AWS*<sup>9</sup> was deurdat die formulering van die 2002-uitgawe in die *AWS*<sup>10</sup> behou is. Alhoewel hierdie uitgawe nie dramatiese veranderinge van die vorige verskil nie, word die proses om die spelreëls eenvoudiger en toegankliker te maak in die *AWS*<sup>10</sup> voortgesit ("Nuwe *AWS* is op pad", 2009: 12). Met die toepassing van die reëls in die praktyk en die intensiewe herbewerking van die woordelys waartydens woorde uit die woordelys aan die hand van die betrokke reëls getoets is, het sekere leemtes in die reëls egter aan die lig gekom. Aan die hand van hierdie leemtes is sekere reëls verder verfyn en gepresiseer. Die opvallendste wysigings is aan hoofstuk nege oor hoof- en kleinletters en die reëls oor die skryfwyse van meerledige binne- en buitelandse geografiese name aangebring. Omdat hooflettergebruik dikwels slegs met styl gemoeid is en nie 'n grammatiese dwingendheid is nie, en omdat die stilistiese tendense van hooflettergebruik in Afrikaans sedert die vorige uitgawe heelwat verander het, is die reëls oor hoof- en kleinletters drasties verkort. Die agt en sestig reëls van die *AWS*<sup>9</sup> oor hierdie onderwerp is in die *AWS*<sup>10</sup> tot slegs ses en twintig vereenvoudigde reëls verminder. (Taalkommissie, 2009: x-xi) Maar terwyl hierdie hoofstuk enersyds drasties ingekort is, is daar ook sprake van toevoegings in die vorm van uitgebreide opmerkings en geherformuleerde reëls, asook die toevoeging van 'n nuwe reël oor die gebruik van hoofletters, al dan nie, by die name van geldeenhede (vgl. Reël 9.16, p. 53). In sekere gevalle is vryheid van keuse tussen skryfwyse met of sonder 'n hoofletter gehandhaaf, byvoorbeeld by hooflettergebruik by soortname as eiename en eienaamverbleking (vgl. p. 49 en Reël 9.25(b), p. 56).

Alhoewel die Taalkommissie steeds nie gemoeid is met die bereëling van binnelandse geografiese name nie, het die Taalkommissie (2009: xiv), waarskynlik na aanleiding van kritiek op die *AWS*<sup>9</sup> (sien 4.5.2.9), tog gevoel dat "daar 'n aantal geografiese name [is] waarby skryfwyseprobleme voorkom wat ten nouste met die spel- en skryfwyse van Afrikaans saamhang en ook op soortgelyke buitelandse geografiese name van toepassing is". Gevolglik is die onderafdeling met reëls oor die skryfwyse van meerledige binnelandse en buitelandse geografiese name in hoofstuk twaalf oor koppeltekens eweneens uitgebrei in 'n poging om dié deel van die Afrikaanse ortografie, wat sterk deur die Dietse tradisie beïnvloed word, presieser te bereël (Taalkommissie, 2009: 91). Wysigings in hierdie onderafdeling behels die herformulering van bestaande reëls en die uitbreiding van opmerkings, asook die toevoeging van drie nuwe reëls (vgl. Reël 12.30, 12.31 en 12.33, p.92-95).

Enkele ander nuwe reëls in die spel- en skryfwysegedeelte is die volgende:

- Reël 3.21 (p. 22) oor die afkorting van die woord *elektroniese* in internetverband;
- Reël 13.30 (p. 110) oor meervoud van massaname;
- Reël 14.58 (p. 145) oor die los of vas skryf van rigtingbywoorde;
- Reël 18.7 (p. 179) oor die keuse tussen *-th-* of *-t-* by die spelling van woorde met Griekse herkoms met *-the-*; en
- Reël 18.8 (p. 180) oor woorde wat aan Afrikatale ontleen is wat hulle oorspronklike vorm behou.

Reëls waarvan die inhoud gewysig is, is:

- Reël 7.12 (p. 39) wat as gevolg van die veranderde wet oor metrieke eenhede bepaal dat die hoofletter-L nie meer as SI-simbool vir *liter* geld nie.

Die meeste ander wysigings in die spel- en skryfwysegedeelte behels hoofsaaklik die byvoeging van opmerkings en soms ook voorbeeldmateriaal, en tot 'n mindere mate ook die herformulering van reëls, skrapping van enkele opmerkings en voorbeelde en die byvoeging van kruisverwysings; alles aspekte wat nie die inhoud van die reëls beïnvloed nie, maar gemik is op die presisering van reëls. Die uiteensetting van die reëls en die ordening van die hoofstukke in hierdie afdeling wat reeds in die AWS<sup>9</sup> ingevoer is in 'n poging om die AWS gebruikersvriendeliker te maak en naslaan te vergemaklik, is in hierdie uitgawe behou (Taalkommissie, 2009: xi). Die aanvullende opskrifte wat bo en behalwe die tradisionele hoofstukke in die AWS<sup>9</sup> aangebring is, is egter in die AWS<sup>10</sup> weggelaat; myns insiens 'n goeie besluit (sien 4.5.2.9). Behalwe dat die hoofstukvolgorde onveranderd gelaat is, is daar ook gepoog om die reëlnommers sover moontlik dieselfde te hou as in die AWS<sup>9</sup> ten einde bekendheid met die reëls en die vindplek van die reëls te bevorder en sodoende naslaan verder te vergemaklik (Taalkommissie, 2009: xiv). Laastens is subopskrifte en opmerkings in hierdie uitgawe uitgelig met duidelike nietipografiese struktuurmerkers.

Tydens die aansienlike herbewerking van die woordelys is daar voortgebou op die tradisie van vorige uitgawes om die vorige uitgawe as vertrekpunt te neem en dan sommige inskrywings te skrap, nuwes by te voeg, en ander te wysig of aan te pas. In hierdie uitgawe is daar egter ook gebruik gemaak van 'n korpus van agt en vyftig miljoen Afrikaanse woorde in 'n elektroniese databasis bestaande uit die Taalkommissie se eie korpus van meer as vyftig miljoen woorde wat uit verskeie uiteenlopende standaardtaalbronne saamgestel is, die *Elektroniese WAT* en die kaartjiewersameling van die Buro van die Woordeboek van die Afrikaanse Taal, en die elektroniese argief van Media24. In hierdie uitgawe maak die Taalkommissie dus nie net staat op hulle eie intuïsties en oordele oor taal nie (iets waarvoor hulle al voorheen baie veroordeel is), maar maak hulle van frekwensietellings gebruik ten einde die gebruiklikheid van woorde te bepaal. Die verteenwoordigendheid van die korpus kan egter

bevraagteken word. Die Media24-argief verteenwoordig hoofsaaklik standaardtaal wat op die reëls soos uiteengesit in die *AWS* gebaseer is en die *WAT*-korpus is sedert 1990 ook hoofsaaklik op Media24 se argiewe gebaseer (sien 5.3.4.1, voetnoot 8). Die korpus van die Taalkommissie gee dus nie 'n aanduiding van die frekwensie van moderne niestandaardtaalvorme nie, maar bestendig bloot die gebruik van reeds aanvaarde standaardvorme.

Lemmas wat uit die woordelys geskrap is, sluit in 'n aantal lemmas wat na die oordeel van die Taalkommissie verouderde vorme is en nie meer in hedendaagse Standaardafrikaans gebruiklik is nie, lemmas wat tot die gespesialiseerde vakterminologie behoort en derhalwe in vakspesifieke publikasies tuishoort, woorde wat tot só 'n mate in die kernwoordeskat van Afrikaans gevestig is dat nóg opname ter wille van spelleiding nóg opname ter wille van erkenning nodig is, en laastens is onnodige alfabetiese herhalings geskrap. (Coetzee, 2009: 13; Swart, 2009: 6; Taalkommissie, 2009: ix, xxiii-xxiv)

Alhoewel die Taalkommissie in hierdie uitgawe ook by sy voorgangers aangesluit het deur in 'n aantal gevalle vryheid ten opsigte van spel- en skryfwyse toe te laat, is dit slegs 'n *sekere* mate van vryheid en nie meer 'n *groot* mate van vryheid soos in vorige uitgawes nie. Na aanleiding van kommentaar op die *AWS*<sup>9</sup> (sien 4.5.2.9) en 'n behoefte by gebruikers aan meer besliste leiding, het die Taalkommissie probeer om die aantal wisselvorme in die woordelys van hierdie uitgawe te verminder deur sover moontlik telkens slegs die voorkeur- of verstekvorme in die woordelys aan te dui waar 'n keuse in die spelreëls toegelaat word. Dit behels dat die deeltekenvorm van woorde en afleidings met aangrensende vokaalleters in verskillende lettergrepe as voorkeurvorm aangebied is (vgl. reëls 5.1(e), 5.6 en 12.2, p. 26, 28 en 77), name van diererasse, kultivars, plantvariëteite, afleidings van eiename (behalwe geografiese name en taalbenamings), afleidings wat op *-is*, *-isme*, *-istiek*, en *-isties* uitgaan, en eienaamverblekings slegs met kleinletters opgeneem is (vgl. reëls 9.7(b), 9.19-9.20 en 9.25, p. 48, 54 en 56), woorde met aangrensende vokaalleters in verskillende lettergrepe wat nie leesongemak veroorsaak nie slegs vas geskryf word in die woordelys (vgl. Reël 12.1(a), p. 75), slegs die skryfwyse van eienaamverbindings as soort- of massaname en name van diererasse, kultivars en plantvariëteite in samestellings sónder koppelteken in die woordelys aangebied word (vgl. reëls 14.7 en 14.10(b), p.121 en 123), slegs die algemene variant van samestellings met opsionele verbindingsklanke opgeneem is (vgl. Reël 17.17(b), p. 170), en dat slegs die gebruiklikste, gevestigde of voorkeurvorm telkens in die woordelys aangebied is by voltooide deelwoorde met of sonder *-d* en voltooide deelwoorde en afleidings daarvan op *-f*, *-g* of *-s* met *-de* of *-te* en *-theid* of *-theid* (vgl. reëls 11.5, 11.7-11.8 en 17.19, p. 63-64 en 171). Besluite oor voorkeur- of verstekvorme is klaarblyklik nie na willekeur gemaak nie, maar is ook aan die hand van die uitvoerige korpus geneem. (Taalkommissie, 2009: ix, xiii, 187) Tog vind ek die aanbieding van verstekvorme in die woordelys teenstrydig met die groter



mate van vryheid wat in die spelreëls gegee word. Aangesien die Taalkommissie (2009: ix-x, xxiv) self erken dat die meeste taalgebruikers toegang tot die AWS via die woordelys kry deurdat hulle dit as 'n naslaanbron gebruik, moes alle wisselvorme myns insiens in die woordelys ingesluit word, aangesien gebruikers, wanneer hulle net die woordelys raadpleeg, onder die indruk verkeer dat daar slegs een aanvaarbare vorm is. Sodoende is die vryheid wat deur die spelreëls daargestel word in werklikheid geen vryheid nie, aangesien baie gebruikers telkens net die verstekvorm wat in die woordelys opgeneem is, sien en dan aanneem dat dit die enigste aanvaarbare vorm is.

Soos afgelei kan word uit die toename in omvang van die woordelys sedert die vorige uitgawe, is die woordelys ook met talle nuwe lemmas uitgebrei. Hierdie nuwe woorde is opgeneem op grond van navrae wat deur die Taalkommissie ontvang is, ontwikkelinge op politieke, maatskaplike, wetenskaplike, tegnologiese en ander gebiede, asook versoeke en voorstelle deur vakspesialiste, taalpraktisyne en ander ter erkenning van terme wat veral 'n redelike frekwensie in alledaagse taalgebruik het. Stellig die vernaamste groep woorde wat in die woordelys opgeneem is, is die lys hoofsaaklik geloofs- en kultuurverwante woorde van Maleise en Arabiese herkoms wat uit die skryftaal van Moslem-Afrikaanssprekendes geneem is. Alhoewel enkele woorde uit hierdie deel van die Afrikaanse spraakgemeenskap se taalgebruik al oor die verloop van jare in die AWS opgeneem is, soos *baadjie*, *baklei*, *fakir*, *kabaai*, *kapok*, *klapper*, *pondok*, *rottang*, *soebat* en *tramakassie*, is daar in hierdie uitgawe nog sowat tagtig sulke items uit die Moslemgemeenskap opgeneem. Voorbeelde hiervan is *abdus neem*, *bilaal*, *binnelik*, *djannat*, *eid*, *fietna*, *gadj*, *hak-en-tak*, *iblies*, *inkommer*, *kafier*, *kris*, *Labarang*, *miejang*, *nasara*, *nuwelings*, *ouboeja*, *popgloër*, *rasoel*, *singspan*, *sjoekran*, *sonsak*, *sweetgeld* en *tartiep*, om maar enkeles te noem. Hierdie woorde, wat aan verskillende taalkundiges en Moslemleiers voorgelê is voor opname, is enersyds opgeneem ter wille van die erkenning daarvan as deel van Standaardafrikaans en andersyds om riglyne vir die spelling en skryfwyse daarvan te bied. In sekere gevalle is bykomende spelling van hierdie woorde in die AWS<sup>10</sup> vervat wat nader is aan die korrekte uitspraak daarvan, byvoorbeeld *Makka* naas *Mekka* en *galaal* naas *halaal*. Omdat baie van hierdie woorde egter vir 'n groot deel van die Afrikaanssprekende gemeenskap nog onbekend is, het die Taalkommissie waar nodig hierdie woorde vir ander Afrikaanssprekendes toegankliker gemaak deur die byvoeging van semantiese kommentaar. (De Vries, 2004: 19; "Nuwe AWS is op pad", 2009: 12; Taalkommissie, 2009: xiv; Kotzé, 2010c; 2011: 9-10) Die opname van hierdie woorde verteenwoordig 'n eerste daadwerklike poging deur die Taalkommissie om die taalgebruik van 'n groot deel van die Afrikaanse spraakgemeenskap wat vroeër in die standaardisering van die Afrikaanse ortografie misken is, in die AWS te verreken en verteenwoordig dus 'n positiewe stap in die rigting van die insluiting van ander variëteite in die standaard.

Insgelyks is daar ook heelwat terme uit die rekenaaromgewing en internetwêreld en die gebied van gevorderde tegnologie ter wille van erkenning opgeneem omdat die gebruik van persoonlike rekenaars en ander tegnologiese verskynsels so 'n algemene verskynsel in die hedendaagse samelewing is, byvoorbeeld *blog* en *blogger*, *e-boek* en *datavinger* (“Nuwe AWS is op pad”, 2009: 12; Pistor, 2009b: 17; Taalkommissie, 2009: xiv), asook weer 'n aantal woorde van Engelse afkoms, byvoorbeeld *boetiekhotel*, *donkiebrekfis*, *gender*, *karaoke* en *padwoede*. Laasgenoemde is egter maar weer op klein skaal opgeneem. Baie gebruiklike Engelse woorde wat reeds lank in Afrikaans gebruik word, word nog in die woordelys gemis, byvoorbeeld *straight* (teenoor *gay* wat wel opgeneem is), *oukei*, *toast(brood)*, *cool*, *chill/tjill*, *stapler*, *slipper(s)*, *commitment*, *boring*, en so meer. Ten spyte van pleidooie vir die insluiting van binnelandse geografiese name in die woordelys (sien 4.5.2.9), het die Taalkommissie in hierdie uitgawe voet by stuk gehou dat dit nie op die terrein van die Taalkommissie lê om binnelandse plekname in die woordelys op te neem nie. Tog is afleidings van hierdie name wel die bemoeyenis van die Taalkommissie en is sulke afleidings in enkele probleemgevälle in die woordelys opgeneem. Sedert hierdie uitgawe is daar egter samewerking tussen die Raad vir Suid-Afrikaanse Geografiese Name en die Taalkommissie ten einde 'n eenvormige benadering tot die spelling van hierdie name te verseker. (Taalkommissie, 2009: xiv)

Benewens die toevoeging en skrapping van lemmas is daar ook heelwat aandag bestee aan die hantering of aanbieding van lemmas in die woordelys deur op groot skaal van elektroniese hulpmiddels gebruik te maak. Eerstens is gepoog om vergelykbare lemmas konsekwent te hanteer. Verder is daar baie aandag geskenk aan die uitbreiding van woordsoortelike paradigmas deurdat meer woordsoortelike funksiewisseling gegee word ten einde die optrede van stamme in verskillende funksies te illustreer (Taalkommissie, 2009: ix, xxiii-xxiv). Naas die skrapping van herhalings en wisselvorme uit die woordelys, is artikels in die woordelys selfs nog minder dig gemaak deur adjektiewe wat volkome reëlmatige trappe van vergelyking neem (d.w.s. wat sonder enige spelverandering bloot *-er* en *-ste* neem), uit artikels te verwyder (Taalkommissie, 2009: xiv, xix, xxiv, 186). Semantiese en vormkommentaar is ook slegs selektief aangebied waar nodig of wenslik (Taal-kommissie, 2009: xx). As gevolg van die gebrek of tekort aan woorde uit die Afrikaanse Moslem-gemeenskap in woordeboeke, is ek tog van mening dat meer semantiese kommentaar nuttig sou wees by die nuut opgeneemde woorde van dié geloofsgemeenskap, aangesien dit nie so geredelik in ander grammatikabronne te vinde is nie. Alhoewel sinonieme as 'n reël nie as *of*-vorme aangebied word nie, is dit wel aangebring in die geval van inkortings en woordpare wat 'n sterk vormlike ooreenkoms toon, byvoorbeeld “avokado (*vrug*), *-’s*, *of* avokadopeer, *..pere*” (p. 200) (Taalkommissie, 2009: 186).

Aangesien die meeste gebruikers toegang tot die *AWS* verkry via die woordelys deurdat hulle die woordelysgedeelte van die *AWS* as kitsnaslaanbron gebruik om gou die korrekte spelling of skryfwyse van 'n woord te kontroleer en dikwels nie die onderliggende spelreël naslaan nie, het die Taalkommissie in hierdie uitgawe gepoog om die samehang van die spelling en die spelreëls te beklemtoon deur kruisverwysings in die woordelys aan te bring. Hierdie belangrike vernuwing in die woordelys wat ook spruit uit kritiek op die *AWS*<sup>9</sup> (sien 4.5.2.9), behels dat alle voorbeeldmateriaal wat in die spelreëls voorkom en ook in woordelys aangebied word (nie al hierdie voorbeelde is egter in die woordelys opgeneem nie), nou in die woordelys 'n kruisverwysing na die toepaslike reël(s) bevat. Hierdie reëlverwysing staan ná die betrokke artikel in 'n kleiner en ligter lettertipe en bestaan slegs uit die tweeledige reëlnommer wat bestaan uit die hoofstuknommer gevolg deur die volgnommer van die reël, asook die opmerkingnommer waar toepaslik. (Taalkommissie, 2009: ix-x, xxiv, 186) Omdat die woordelys ook nie 'n weerspieëling is van alle leksikale items in die woordeskat van Afrikaans nie, wil die Taalkommissie die spelreëls deur die byvoeging van dié kruisverwysings vir gebruikers toegankliker maak en hulle sodoende aanmoedig om ook die reëls te raadpleeg in gevalle waar 'n betrokke woord nie in die woordelys opgeneem is nie (Taalkommissie, 2009: x, xiii, xxiv). Alhoewel dit 'n baie nuttige toevoeging is, geld dit net die lemmas wat ook as voorbeelde in die spelreëls opgeneem is. Wanneer die gebruiker dus 'n woord opsoek wat op meer as een wyse gespél of geskryf kan word en daar nie 'n kruisverwysing by hierdie lemma voorkom nie, is daar vir hom of haar geen aanduiding dat die woord ook op 'n ander manier geskryf of gespél kan word nie. Hierdie wisselwerking tussen die woordelys en spelreëls kan dus selfs nog verder uitgebrei word deur alle lemmas in die woordelys deur middel van kruisverwysings aan reëls in die spelreëlafdeling te koppel. Ten spyte van hierdie vernuwings in die woordelysgedeelte van die *AWS*<sup>10</sup>, vorm die wyse waarop inligting in die woordelys reeds sedert die heel eerste *AWS* aangebied is, steeds die grondslag van die woordelys in hierdie uitgawe (sien 4.5.2.1).

Die afkortingslys is enigszins aangepas deurdat nuwe afkortings bygevoeg is terwyl ander weer geskrap is sodat die afkortingslys in die *AWS*<sup>10</sup> dié van die *AWS*<sup>9</sup> met sowat vier bladsye oortref. Van die afkortings wat sover moontlik in hierdie uitgawe vermy is, is die name van private maatskappye en politieke partye. Waar daar in die afkortingsreëls in hoofstuk drie van die spel- en skryfwysedeelte 'n keuse gelaat is in die gebruik al dan nie van punte by afkortings, is, soos by die woordelys, slegs die voorkeurvorm in die afkortingslys opgeneem. (Taalkommissie, 2009: 472) Dit behels dat afkortings van grade, diplomas en sertifikate, asook hoofletterafkortings slegs in puntlose vorm in die afkortingslys opgeneem is (Taalkommissie, 2009: 17-18, 187).

Behalwe dat die oriëntasiegedeelte by die lys buitelandse geografiese name met afleidings aansienlik uitgebrei is, is die lys self met sowat honderd en vyftig geografiese name uitgebrei. Veral meer Chinese stede en provinsies is in die lys opgeneem omdat dié land so belangrik geword het in die wêreld ekonomie. By plekname van lande wat nie die Romeinse alfabet gebruik nie, soos China, Japan en Indië, word die internasionale of meer Engelse spelvorm van plekname in hierdie alfabet nou vir die eerste keer naas die verafrikaanste spelvorm aanvaar, byvoorbeeld *Shanghai* naas *Sjanghai*, *Tokyo* naas *Tokio* en *Dhaka* naas *Dakka*. (“Nuwe AWS is op pad”, 2009: 12) Alhoewel hierdie lys steeds nie ’n omvattende lys is nie, bevat dit onder meer die name van lande, streke, provinsies, hoofstede, asook enkele tipografiese name wat om politieke, kulturele, historiese en/of handelsredes vir Afrikaans van belang is. Die verouderde name of spelling van geografiese name waarvan die naam of spelling oor die afgelope dekade of twee verander het, word in die lys naas die nuwe vorm aangegee, aangesien die verouderde vorm steeds waarde het vir hedendaagse skrywers. Hierdie verouderde vorme is egter steeds nie in die lys gemerk nie, wat beteken dat die gebruiker op grond van die konteks van sy of haar teks na eie oordeel tussen die verouderde en nuwe vorm moet kies en dus die gevaar loop om foute te maak. Die feit dat landname, wat in die AWS<sup>9</sup> in vetdruk aangegee is, ook nie meer in hierdie uitgawe gemerk is nie, is ook te betreur. Alhoewel die gebruiker in hierdie uitgawe ook soos in die AWS<sup>9</sup> aangemoedig word om in gevalle waar die geografiese name nie afleidings het nie van omskrywings gebruik te maak, het die Taalkommissie in gevalle waar afleidings waarskynlik moontlik is, maar dit nog nie op ’n natuurlike wyse in die volksmond gevorm het nie, wel afleidings aangebied as voorstel vir hoe die spelling van hierdie afleidings daar kan uitsien. (Taalkommissie, 2009: xxi, 523) In hierdie verband lewer die Taalkommissie ’n waardevolle bydrae tot die uitbreiding van die Afrikaanse leksikon.

Terwyl die transliterasietabel vir die Cyrilliese alfabet in hierdie uitgawe onveranderd verskyn, is die afdeling oor Omgangsafrikaans drasties verander. Die lys Omgangsafrikaanse woorde en uitdrukkings wat in die vorige uitgawe verskyn het, het plek gemaak vir slegs ’n paar kort spel- en skryfriglyne wat die Taalkommissie geformuleer het op grond van sekere beginsels wat hulle kon abstraher deur na skriftelike Omgangsafrikaans in die praktyk te kyk. Hierdie ses riglyne (nie reëls nie, omdat dit nie deel van Standaardafrikaans vorm nie), is slegs breë kategorieë omdat Omgangstaal nie soos standaardtaal bereël kan word nie. (Taalkommissie, 2009: x, xxi, 551) Gegewe die positiwiteit waarmee hierdie lys in die vorige uitgawe ontvang is (sien 4.5.2.9), is dit te betreur dat hierdie lys uit die AWS<sup>10</sup> weggelaat is. Soos reeds genoem (sien 4.5.2.9), verdien baie van die woorde in hierdie lys egter erkenning as deel van Standaardafrikaans, aangesien dit al so in Afrikaans ingeburger is. Die Taalkommissie het self ook te kenne gegee dat hierdie lys moontlik in die toekoms deel kan uitmaak van die standaard. Van al die lemmas in hierdie lys is egter net *afsit* (van stryk bring), *bak* (b.nw.), *been*

*trek* (goedig terg), *beter* (jy \_ nou gou maak), *kys* (nooi en kêrel word), *oemf*, en *pose* (houding inneem) wat in die standaardwoordelys van die AWS<sup>10</sup> opgeneem is. Die lemma *kys* kom egter ook in die woordelys van die AWS<sup>8</sup> voor. Ek beskou die weglating van hierdie lys dus as 'n terugwaartse stap op die roete na 'n byderwetse en relevante ortografie vir Afrikaans. Ten slotte maak die terminologieslys, enigsins veranderd vanweë die byvoeging en weglating van enkele terme, asook die indeks weer 'n verskyning.

Hoewel daar nie baie kritiese beriggewing oor die AWS<sup>10</sup> in die pers verskyn het nie, was die reaksie oorwegend positief<sup>34</sup>. Op die vooraand van die Akademie se eeufeesvieringe, het Pistor (2009a: 9; 2009b: 17) die AWS<sup>10</sup> as “die mooiste, beste en gebruikersvriendelikste AWS die afgelope eeu” beskou, terwyl Greeff (2009: 4) dit as 'n “waardevolle woordgoedboek” beskou het wat “onder enige dak [behoort] te staan soos die Bybel”. Die AWS<sup>10</sup> is veral geloof vir die “groot leksikografiese tree vorentoe” in die strewe om die gebruikersvriendelikheid van die AWS te verhoog deur die insluiting van die nuttige kruisverwysings tussen die woordelys en voorbeelde in die spelreëls (Pistor, 2009a: 9; 2009b: 17; Swart, 2009: 6). Die publiek was verheug oor die insluiting van woorde uit die Afrikaanse Moslemgemeenskap, want dit was na hulle mening hoog tyd dat hierdie deel van die spraakgemeenskap se bydrae tot die kultuurerfenis tot Afrikaans op hierdie manier erken word (De Vries, 2004: 19). Op 'n meer spesifieke vlak is die Taalkommissie se vervanging van die wetenskaplike *miljard* met die populistiese *biljoen* in navolging van die gebruik in die land se grootste koerante ook positief ervaar (Coetzee, 2009: 13; Pistor, loc. cit.). Waardering is ook weer uitgespreek vir die alfabetisering en numerering van reëls in die spel- en skryfwysegedeelte, asook die kort en kragtige formulering van die reëls (Swart, 2009: 6). Die uitgebreide woordelys, afkortingslys en lys buitelandse geografiese name is eweneens as waardevol beskou (Morkel, 2009: 6; Pistor, loc. cit.).

Benewens die paar nuwighede in die AWS<sup>10</sup>, is die meeste foute wat in die AWS<sup>9</sup> voorgekom het in hierdie uitgawe reggestel, maar tog is daar volgens Pistor (2009a: 9; 2009b: 17) steeds ruimte vir verbetering. Hierdie tekortkominge geld egter meestal enkele spesifieke gevalle, soos die teenwoordigheid van uitgediende vroulike vorme soos *maatskaplike werkster* in die woordelys, die spelvorm *Islamiet* naas *christen* en buitelandse geografiese name wat nie in konteks verskaf word nie (Pistor, loc. cit.). Pistor (loc. cit.) dui ook daarop dat wysigings aan of toevoegings tot binnelandse geografiese name al vir etlike jare op die webwerf <http://sagns.dac.gov.za> gepubliseer word en nie meer in *Amptelike Plekname in die Republiek van Suid-Afrika en in Suidwes-Afrika* soos in die AWS<sup>10</sup> beweer word nie en waarvan die titel en publikasiejaar boonop verkeerd aangegee is nie. Alhoewel

---

<sup>34</sup> Sien Carstens (2011: 159-160) vir 'n bondige bespreking van die reaksie op die AWS<sup>10</sup>.

die AWS<sup>10</sup> in verskeie opsigte meer uitgebreid is as sy voorganger, is dit in enkele opsigte minder volledig, byvoorbeeld ten opsigte van die gebruik van hoofletters in titels van publikasies en voorbeelde van Omgangsafrikaans. (Pistor, 2009a: 9; 2009b: 17) Uit 'n taalpraktisynspespektief beskou Carstens (2011: 160) die vermindering van die reëls oor die gebruik van hoof- en kleinletters in Afrikaans ook as 'n terugwaartse stap “onder die naam van groter stilistiese vryheid”. Maar oor die algemeen blyk die gevoel teenoor die AWS<sup>10</sup> egter met die volgende uitspraak van Pistor (loc. cit.) te strook: “Viva die groen boek!”

#### 4.5.2.11 Samevatting van ontwikkeling van die *Afrikaanse woordelys en spelreëls*

##### Sentrale lys

	Buitetekste	Spelreëls	Woordelys
1917	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Voorwoord:                             <ul style="list-style-type: none"> <li>- verontskuldiging</li> <li>- propaganda</li> </ul> </li> <li>• Afkortings (soos gebruik in AWS)</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Groot ooreenstemming met ATV-spelling</li> <li>• Enkele plekke terugkeer na Nederlandse spelling</li> <li>• Aanspraak op nou verband met VNS</li> <li>• Behoud van Nederlandse vorme</li> <li>• Op sekere punte groter verafrikaansing as VNS en ATV-spelling</li> <li>• Verbeterings en aanvullings</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• 196 bladsye</li> <li>• Grootskaalse adleksifisering van Afr. uit Ndl.</li> <li>• Mindere insluiting van woorde van Eng. afkoms</li> <li>• Baie wisselvorme (veral dialekties, maar nie verteenwoordigend van bruin sprekers nie)</li> <li>• Slegs sporadiese woorde uit ander Suid-Afrikaanse tale</li> </ul>
1918	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Voorwoord by die tweede druk</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Onveranderd</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Onveranderd</li> </ul>
1921	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Voorwoord:                             <ul style="list-style-type: none"> <li>- oorsig van veranderinge in AWS<sup>3</sup></li> </ul> </li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Aanvullings by die spelreëls nou geïntegreer by res van die spelreëls</li> <li>• Groter mate van verafrikaansing (verafrikaansing van vreemde woorde en Ndl. spelvorme verval)</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• 200 bladsye</li> <li>• Skrappings:                             <ul style="list-style-type: none"> <li>- baie wisselvorme</li> <li>- oorbodige vreemde woorde</li> <li>- woorde met sterk Ndl. vorm</li> <li>- sommige woorde van Eng. afkoms</li> </ul> </li> <li>• Opnames:                             <ul style="list-style-type: none"> <li>- uiters min woorde uit ander inheemse tale</li> </ul> </li> </ul>
1931	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Voorwoord:                             <ul style="list-style-type: none"> <li>- oorsig van ortografiese tradisie</li> <li>- motivering vir uitgawe en tekortkominge</li> <li>- rekenskap van mate waartoe aan opdrag van Akademie voldoen is</li> <li>- bespreking oor spelling van</li> </ul> </li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Grondbeginsels:                             <ul style="list-style-type: none"> <li>- van 5 na 3 verkort</li> <li>- toeligting en toepassing bygevoeg</li> </ul> </li> <li>• Noukeuriger, oorsigteliker en meer sistematiese formulering</li> <li>• Reëls oor hoofletters van AWS<sup>3</sup> nou afwesig</li> <li>• Enkele gevalle terugkeer na</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• 326 bladsye</li> <li>• Opnames:                             <ul style="list-style-type: none"> <li>- meer wetenskaplike/tegniese terme</li> <li>- meer wisselvorme (meer vreemde spellings toegelaat)</li> <li>- woorde van Ndl. afkoms</li> <li>- woorde van Eng. afkoms (maar nie so baie soos bg.)</li> </ul> </li> </ul>

	vreemde woorde	vreemde spelling naas ver-afrikaanse spelling	
<b>1937</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Voorwoord: <ul style="list-style-type: none"> <li>- speltradisie</li> <li>- gebeure wat aanleiding gegee het tot verandering en hoe dit in AWS<sup>5</sup> verreken is</li> <li>- nie meer propaganda vir Afrikaans</li> </ul> </li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Nuwe hoofstukke: <ul style="list-style-type: none"> <li>- vreemde woorde</li> <li>- verafrikaansing van vreemde woorde</li> <li>- samestellings en woordkoppelings</li> <li>- wisselvorme</li> <li>- leestekens</li> </ul> </li> <li>• Verafrikaanse vorm geniet voorrang waar keuse gelaat is</li> <li>• Nuwe hoofstukke: <ul style="list-style-type: none"> <li>- konsonantverdubbeling</li> <li>- lettergreepverdeling</li> </ul> </li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• 330 bladsye</li> <li>• Opnames: <ul style="list-style-type: none"> <li>- meer wisselvorme by vreemde woorde</li> <li>- enkele woorde van Eng. afkoms</li> <li>- enkele woorde uit ander inheemse tale</li> </ul> </li> </ul>
<b>1953</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Voorwoord: <ul style="list-style-type: none"> <li>- oorsig van veranderinge in AWS<sup>6</sup></li> </ul> </li> <li>• Afkortingslys: <ul style="list-style-type: none"> <li>lys van afkortings in AWS gebruik, val weg</li> </ul> </li> <li>• Indeks</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Bondiger en noukeuriger (herformulering en hergroepering van reëls)</li> <li>• Verdere verafrikaansing van vreemde woorde</li> <li>• Uitbreiding van reëls oor lettergreepverdeling</li> <li>• Uitbreiding van reëls oor samestelling en –koppeling</li> <li>• Hoofstukke gekrap: <ul style="list-style-type: none"> <li>- verafrikaansings van vreemde woorde</li> <li>- leestekens</li> </ul> </li> <li>• Nuwe hoofstukke: <ul style="list-style-type: none"> <li>- hoofletters</li> <li>- afkappingstekens</li> <li>- deelttekens</li> <li>- meervoude</li> </ul> </li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• 256 bladsye</li> <li>• Toeligting</li> <li>• Skrappings: <ul style="list-style-type: none"> <li>- baie lemmas (groter sorg t.o.v. seleksie van woorde wat opgeneem is)</li> <li>- enkele woorde van Ndl. afkoms</li> </ul> </li> <li>• Opnames: <ul style="list-style-type: none"> <li>- enkele woorde van Eng. afkoms</li> <li>- meer tegniese/vakterme en eiename</li> </ul> </li> </ul>
<b>1964</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Inhoudsopgawe</li> <li>• Voorwoord: <ul style="list-style-type: none"> <li>- motivering vir nuwe uitgawe</li> <li>- oorsig van veranderinge in AWS<sup>7</sup></li> </ul> </li> <li>• Afkortingslys: <ul style="list-style-type: none"> <li>- riglyne by skryf van afkortings toegevoeg</li> <li>- groter en vollediger</li> </ul> </li> <li>• Indeks: <ul style="list-style-type: none"> <li>- gekrap</li> </ul> </li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Grondbeginsels: <ul style="list-style-type: none"> <li>- VNS nie meer as uitgangspunt geneem, maar hedendaagse Ndl.</li> </ul> </li> <li>• Onderskeid tussen doeblette, wisselvorme en dubbelspellings</li> <li>• Afr. i.p.v. Ndl. nou by sekere wisselvorme as uitgangspunt geneem</li> <li>• Noukeuriger en vollediger formulering van sekere reëls</li> <li>• Herindeling van reëls in ander/nuwe hoofstukke</li> <li>• Verdere verafrikaansing van vreemde woorde</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• 3500 woorde meer</li> <li>• Geen plek- en persoonsname opgeneem</li> <li>• Skrappings: <ul style="list-style-type: none"> <li>- vreemde woorde met lae gebruiksfrekwensie</li> </ul> </li> <li>• Opnames: <ul style="list-style-type: none"> <li>- tegniese en natuurwetenskaplike terme</li> <li>- woorde uit streekstaal</li> <li>- aantal simplekse wat in AWS<sup>6</sup> gekrap is</li> <li>- weer meer tipes saamgestelde en afgeleide woorde</li> <li>- enkele woorde van Eng. afkoms</li> </ul> </li> </ul>

1991

- Voorwoord:
  - oorsig van veranderinge in AWS<sup>8</sup>
  - rede vir tydsverloop tussen uitgawes
- Toeligting:
  - wat gebruiker in AWS kan verwag
  - aanwysings hoe AWS gebruik en geïnterpreteer moet word
  - terminologielys
- Afkortings:
  - aansienlik uitgebrei (4 keer meer)
  - keuse by sekere afkortings (met of sonder punte)
  - aantal nuwe reëls
  - heelwat eienaamafkortings opgeneem
  - afkortings uit ander tale opgeneem wat dikwels in Afr. gebruikverband voorkom
  - heelwat verouderde vorme behou en nuut opgeneem
  - vakname opgeneem
- Indeks:
  - heropgeneem

- Aansienlike uitbreiding van reëls oor los en vas skryf
- Afsonderlike lys woorde waarvan skryfwyse moeilik is om te bereël
- Kruisverwysings
- Hoofstukke geskrap:
  - konsonantverdubbeling
- Nuwe hoofstukke:
  - koppelteken
  - skeiding van woorddele by skryf
  - kappie
  - akuut- en gravisteken
  - dubbelspellings
  - doeblette

- enkele woorde uit ander inheemse tale

2002

- Voorwoord:
  - motivering vir nuwe uitgawe
  - oorsig oor veranderinge in AWS<sup>9</sup>
- Wenke vir gebruikers:

- Volledig herskryf/herformuleer
- Eenvoudiger taalgebruik
- Fonetiese skrif in sekere gevalle gebruik
- Groter mate van vryheid
- Nie meer op VNS/Ndl. gesteun, maar op tradisie van Standaardafrikaans
- Sommige wisselvorme verminder, maar ander bygevoeg t.w.v. groter verafrikaansing
- Gravis verval as klemteken
- Hoofstukke oor koppelteken en hoofletters heelwat uitgebrei
- Spelling van woorde wat aan Bantoetale ontleen is, is bereël
- Waar in AWS<sup>7</sup> lettergrepe as uitgangspunt geneem is by afbreek van woorde, word uitspraak nou as uitgangspunt geneem
- Hoofstuk oor los en vas skryf aansienlik verkort
- Vokale en diftonge nou in aparte hoofstukke behandel
- Hoofstukke geskrap:
  - dubbelspellings
  - doeblette
- Nuwe hoofstukke:
  - afbreek van woorde

- Baie meer lemmas as vorige uitgawes (doelbewus verleng t.w.v. duidelikheid)
- Verafrikaansing van vreemde woorde wat in vorige uitgawe nog in vreemde vorm opgeneem is
- Skrappings:
  - verouderde vorme
  - aantal ontlenings uit Ndl., Fr. en Eng. wat in onbruik verval het
  - vakterme drasties verminder
  - kwetsende, rassistiese en aanstootlike woorde
- Opnames:
  - sekere vakterme/ spesialiteitswoorde
  - in teenstelling met AWS<sup>7</sup> is aantal plek- en persoonsname opgeneem
  - meer leenwoorde uit Bantoetale
  - meer woorde van Eng. afkoms opgeneem as in enige vorige uitgawe
  - inkortings uit spreektaal
  - heelwat meer samestellings en afleidings

- 20 bladsye meer
- Skrappings:
  - vakterme (vakterme met besondere spelprobleme of wyer toepassingsterrein wel opgeneem)




<ul style="list-style-type: none"> <li>- aanwysings vir gebruik en interpretasie</li> <li>- uiteensetting van werkswyse</li> <li>• Toeligting: <ul style="list-style-type: none"> <li>- verwagtinge t.o.v. uiteensetting van AWS</li> </ul> </li> <li>• Grondbeginsels: <ul style="list-style-type: none"> <li>- nie meer deel van spelreëls</li> </ul> </li> <li>• Terminologielys: <ul style="list-style-type: none"> <li>- nie meer deel van "Toeligting", maar nou aparte agterteks</li> </ul> </li> <li>• Afkortingslys: <ul style="list-style-type: none"> <li>- enkele SI-simbole opgeneem</li> </ul> </li> <li>• Omgangsafrikaans: <ul style="list-style-type: none"> <li>- lys ongeveer 500 woorde en uitdrukings</li> <li>- veral Eng. woorde en uitdrukings wat Afr. kleur gekry het</li> </ul> </li> <li>• Buitelandse geografiese name: <ul style="list-style-type: none"> <li>- 800 buitelandse geografiese name en afleidings</li> <li>- heelwat historiese name</li> </ul> </li> <li>• Transliterasietabel: <ul style="list-style-type: none"> <li>- vir Cyrilliese alfabet</li> </ul> </li> <li>• Terminologielys: <ul style="list-style-type: none"> <li>- uitgebrei</li> </ul> </li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Onderskeid tussen wisselvorme en subkategorieë</li> <li>• Afkortingsreëls nou deel van spelreëls</li> <li>• Akueel en gravis in aparte hoofstukke behandel</li> <li>• Meer reëls oor akueel</li> <li>• Betekenisvolle dele en lettergrepe weer norm vir afbreek van woorde soos in AWS<sup>7</sup></li> <li>• Punte opsioneel by graad-, diploma en sertifikaatname</li> <li>• Reëls oor hooflettergebruik by name van gesteentes nuut</li> <li>• Reëls oor affrikate nuut</li> <li>• Nog reëls oor konsonantverdubbeling</li> <li>• Eiename en verwantskapswoorde kan nie meer met <i>-goed</i> verbind nie</li> <li>• Solidus i.p.v. koppelteken om rekenkundige verhoudings uit te druk</li> <li>• Groter vryheid by los en vas skryf</li> <li>• Hoofstuk oor los en vas skryfstem weer meer ooreen met AWS<sup>7</sup></li> <li>• Samestellings weer meer in ooreenstemming met AWS<sup>7</sup> bereël</li> <li>• Enkele nuwe reëls oor samestellings</li> <li>• Inkortings as wisselvorme beskou</li> <li>• Voorkeurvorme by wisselvorme van natuurwetenskaplike terme met verskillende uitgange</li> <li>• Nuwe hoofstukke: <ul style="list-style-type: none"> <li>- verkleiningsvorme</li> <li>- afkortings</li> <li>- getalle, syfers en simbole</li> </ul> </li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>- baie wisselvorme</li> <li>• Opnames: <ul style="list-style-type: none"> <li>- verskeie nuwe lemmas uit probleemgebiede</li> <li>- meer samestellings en afleidings</li> <li>- aantal woorde van Eng. afkoms</li> <li>- meer wisselspellings t.w.v. groter verafrikaansing</li> </ul> </li> </ul>
<p><b>2009</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Erkennings: <ul style="list-style-type: none"> <li>- bedanking vir finansiële steun</li> </ul> </li> <li>• Voorwoord: <ul style="list-style-type: none"> <li>- oorsig oor veranderinge in AWS<sup>10</sup></li> </ul> </li> <li>• Toeligting: <ul style="list-style-type: none"> <li>- 3 nuwe paragrawe oor buitelandse geografiese name, transliterasietabel en Omgangsafrikaans</li> </ul> </li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Sekere reëls verder gepreseer</li> <li>• Enkele nuwe en gewysigde reëls</li> <li>• Reëls oor hoof- en kleinletters drasties verkort en groter vryheid in sekere gevalle</li> <li>• Reëls oor meerledige binne- en buitelandse geografiese name uitgebrei (al bereël nie binnelandse name)</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Korpusgebaseerd</li> <li>• Gepoog om vergelykbare lemmas konsekwent te hanteer</li> <li>• Uitbreiding van woordsoortelike paradigmas</li> <li>• Konteks en koteks selektief aangebied</li> <li>• Skrappings: <ul style="list-style-type: none"> <li>- verouderde vorme</li> <li>- vakterme</li> </ul> </li> </ul>

<ul style="list-style-type: none"> <li>• Werkwyse:             <ul style="list-style-type: none"> <li>- verantwoording van empiriese basis en mate van pre-/deskriptiwiteit van AWS</li> </ul> </li> <li>• Afkortingslys:             <ul style="list-style-type: none"> <li>- 4 bladsye langer</li> <li>- slegs voorkeurvorm waar keuse is</li> </ul> </li> <li>• Buitelandse geografiese name:             <ul style="list-style-type: none"> <li>- 150 meer</li> <li>- meer Chinese stede en provinsies</li> <li>- minder verafrikaanse vorme ook aanvaar by woorde wat nie Romeinse alfabet gebruik nie</li> <li>- verouderde vorme naas nuwe vorme opgeneem</li> <li>- nou voorstel vir moontlike afleiding gegee waar nie afleiding was in AWS<sup>9</sup></li> </ul> </li> <li>• Omgangsafrikaans:             <ul style="list-style-type: none"> <li>- lys woorde en uitdrukings geskrap</li> <li>- paar riglyne vir skriftelike Omgangsafrikaans</li> </ul> </li> </ul>		<ul style="list-style-type: none"> <li>- kernwoordeskat van Afr.</li> <li>- onnodige alfabetiese herhaling</li> <li>- konsekwente trappe van vergelyking</li> <li>• Opnames:             <ul style="list-style-type: none"> <li>- woorde uit skryftaal van Moslem-Afrikaans-sprekendes</li> <li>- heelwat terme uit rekenaar- en internetsfeer en gevorderde tegnologie</li> <li>- aantal woorde van Eng. afkoms</li> <li>- afleidings en probleemgevalle van binnelandse plekname</li> </ul> </li> <li>• Nie meer groot mate van vryheid soos AWS<sup>9</sup>, maar slegs sekere mate</li> <li>• Wisselvorm verminder deur slegs voorkeur-/verstekvorm op te neem waar keuse is</li> </ul>
--	--	---

Figuur 4.4 Inhoudsontwikkeling van die *Afrikaanse woordelys en spelreëls*, 1917-2009<sup>35</sup>

### Sentrale lys

	Omslag	Buitetekste	Spelreëls	Woordelys
1917		<ul style="list-style-type: none"> <li>• Romeinse bladsy-numerering</li> <li>• Elke buitetekste op nuwe bladsy onder aparte opskif</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Romeinse bladsy-numerering</li> <li>• Genommerde reëls met subreëls en opmerkings</li> <li>• Klassifikasie van reëls in verskillende hoofstukke</li> <li>• Vetdruk om voorbeeldlemmas te belig</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Arabiese bladsy-numerering</li> <li>• 2 kolomme alfabeties gerangskikte lemmas per bladsy</li> <li>• Groter, vetgedrukte letter wat elke artikeltrajek inlei</li> </ul>

<sup>35</sup> Hierdie tabel lys slegs veranderinge aangebring aan opeenvolgende uitgawes van die AWS. Waar 'n afdeling of hoofstuk nie vermeld word nie, kan aanvaar word dat dit onveranderd gebly het.

1918




• Onveranderd

• Onveranderd

• Onveranderd

1921




• Onveranderd

• Onveranderd

• Onveranderd

1931



• Onveranderd

• Reëls in elke hoofstuk apart genummer, behalwe reëls in hoofstukke “Klinkers en tweeklanke” en “Medeklinkers” wat van 1-42 genummer is

• Hoofstukopskrifte genummer met Romeinse syfers

• Onveranderd

1937




• Onveranderd

• Opskrif “Spelreëls” voor hoofstuk “Klinkers en tweeklanke” ingevoeg

• Onveranderd

<p>1953</p>		<ul style="list-style-type: none"> <li>• Arabiese bladsy-numerering</li> <li>• Afkortingslys: <ul style="list-style-type: none"> <li>- 2 kolomme alfabeties gerangskikte afkortings per bladsy</li> <li>- groter, vetgedrukte letter wat elke artikeltrajek inlei</li> </ul> </li> <li>• Indeks: <ul style="list-style-type: none"> <li>- 2 kolomme per bladsy</li> <li>- alfabeties gerangskik</li> <li>- elke letter van alfabet deur groter letter geskei</li> </ul> </li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Alle reëls in alle hoofstukke met Arabiese syfers genommer</li> <li>• Hoofstukopskrifte nie meer genommer nie</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Onveranderd</li> </ul>
<p>1964</p>		<ul style="list-style-type: none"> <li>• Voortekste: <ul style="list-style-type: none"> <li>- nie genommer nie</li> </ul> </li> <li>• Afkortingslys: <ul style="list-style-type: none"> <li>- afkortings wat met of sonder punt(e) geskryf kan word met * aangedui</li> </ul> </li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Hoofstukopskrifte weer met Romeinse syfers genommer</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Elke artikeltrajek begin op nuwe bladsy, behalwe Q, X, Y en Z, omdat hulle elk min lemmas bevat</li> </ul>
<p>1991</p>		<ul style="list-style-type: none"> <li>• Weer Arabiese bladsy-numerering</li> <li>• Voorwoord: <ul style="list-style-type: none"> <li>- elke paragraaf met Arabiese syfers genommer</li> </ul> </li> <li>• Afkortings: <ul style="list-style-type: none"> <li>- * by afkortings verwyder</li> <li>- ongrammatikale voorbeeldmateriaal met * aangedui</li> <li>- afkortings vetgedruk</li> </ul> </li> <li>• Indeks: <ul style="list-style-type: none"> <li>- alfabeties gerankskik</li> <li>- geen skeiding tussen verskillende letters van die alfabet nie</li> </ul> </li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Hoofstukopskrifte met Arabiese syfers genommer</li> <li>• Reëls in elke hoofstuk apart genommer (m.a.w. elke hoofstuk begin weer by 1)</li> <li>• Voorbeeldlemmas nou gekursiveer i.p.v. vetgedruk</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• 3 Kolomme lemmas per bladsy</li> <li>• Elke artikeltrajek begin op nuwe bladsy (ook dié met min lemmas)</li> </ul>


2002



- Kitstoegangstruktuur in vorm van loopkoppe boaan elke bladsy
- Voorwoord:
  - paragrawe nie meer genommer
  - inhoud onder verskillende opskrifte gerangskik
- Toeligtig en Grondbeginsels:
  - inhoud onder verskillende genommerde opskrifte gerangskik
- Omgangsafrikaans:
  - 2 kolomme alfabeties gerangskikte woorde per bladsy
  - groter, vetgedrukte letter wat elke artikeltrajek inlei
  - ° by woorde in lys om aan te dui dat dit nie Standaardafrikaans is nie
- Geografiese name:
  - 3 kolomme alfabeties gerangskikte name per bladsy
  - landname vetdruk
  - (O) om aan te dui waar omskrywing moet gebruik
- Transliterasietabel:
  - inhoud in tabel aangebied
- Terminologielys:
  - alfabeties gerangskik
  - terme vetgedruk met verklaring daar onder
- Hoofstukke alfabeties georden
- Elke hoofstuk begin op nuwe bladsy
- Ekstra naslaanopskrifte met kruisverwysings na relevante plekke in AWS waar verlangde inligting opgespoor kan word
- Alle spelreëls numeries georden
- Elke spelreël van unieke reëlnommer voorsien
- Elke spelreël in grys geskakeerde blok geplaas om dit van toeligtende materiaal te onderskei
- Hoofstukke waarin reëls tematies gegroepeer is, bevat duidelike subopskrifte voor elke reëlgroep
- Kitstoegangstruktuur in vorm van loopkoppe met reëlnommers boaan elke bladsy
- Toeligtende materiaal aangedui met kolparagrawe waar relevant

- Kitstoegangstruktuur boaan elke bladsy in vorm van soekwoorde
- Fauxduimnaelindeks

2009



- Romeinse numerering
- Agtertekste:
  - alle afdelings ingelei deur tipe titelblad met titel van die afdeling in groot grys geskakeerde blok
- Geografiese name:
  - landname nie meer vetgedruk nie
- Omgangsafrikaans:
  - nie meer lys woorde nie, maar riglyne aangebied soos
- Voorbeelde vetgedruk
- Ingelei deur tipe titelblad met titel van die afdeling in groot grys geskakeerde blok
- Aanvullende opskrifte geskrap
- Reëlnommers sover moontlik selfde as AWS<sup>9</sup>

- Reëlnommers by woorde wat as voorbeeldmateriaal in spelreëls voorkom
- Ingelei deur tipe titelblad met titel van die afdeling in groot grys geskakeerde blok

- |                         |
|-------------------------|
| spelreëls               |
| • Flapteks:             |
| - oriëntasie t.o.v. AWS |

Figuur 4.5 Toegangstruktuur van die *Afrikaanse woordelys en spelreëls*, 1917-2009<sup>36</sup>

### 4.5.3 Samevatting

In hierdie afdeling is 'n literatuurstudie en kritiese analise na die ontwikkeling van die primêre standaardiseringsbron vir die ortografie van Afrikaans, die *Afrikaanse woordelys en spelreëls*, onderneem. Daar is gekyk na die verskillende inhoudsontwikkelinge wat oor die afgelope tien uitgawes van die AWS plaasgevind het en hoe die spraakgemeenskap hierdie veranderinge ervaar het.

## 4.6 Relevansie van die *Afrikaanse woordelys en spelreëls* as (her)-standaardiseringsinstrument vir die toekoms

Wanneer die standaardiseringsgeskiedenis van die Afrikaanse ortografie in oënskou geneem word, kan 'n mens nie ontken dat die Taalkommissie van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns 'n belangrike bydrae in hierdie verband gelewer het nie. Die Taalkommissie was nie net verantwoordelik vir 'n gestandaardiseerde ortografie vir Afrikaans deur die publikasie van die *Afrikaanse woordelys en spelreëls* nie, maar het ook 'n taalgesag daargestel waardeur die standaardisering van Afrikaans op ander gebiede bevorder is, aldus Odendal (1984b: 192-193). Die AWS het sedert sy verskyning in 1917 'n betekenisvolle rol in die spelbereëling van Afrikaans gespeel en daardeur in die dringende behoefte aan reëlmaat en orde in die Afrikaanse skryftaal voorsien ("Uit ons eie boekrak", 1954: 29, 31). Maar soos baie taalbeplanningsaktiwiteite was die standaardisering van die ortografie van Afrikaans nie 'n objektiewe, politieklose aktiwiteit nie. Uit die standaardiseringsgeskiedenis van die Afrikaanse ortografie is dit duidelik dat talle ideologiese oorwegings 'n rol gespeel het in die daarstelling van 'n ortografiese standaard vir Afrikaans. Dit het veral drie belangrike implikasies gehad vir die Standaardafrikaanse spelvorm wat uiteindelik na vore getree het. Eerstens is die invloed van Nederlands oorbeklemtoon terwyl die invloed van Engels op Afrikaans tot 'n groot mate geïgnoreer en teengewerk is. In die standaardiseringsproses is 'n groot deel van die Afrikaanse spraakgemeenskap (d.i. veral bruin Afrikaanssprekendes) ook by die standaardiseringsaktiwiteite uitgesluit sodat die ortografiese standaard van Afrikaans nie hierdie deel van die Afrikaanse spraakgemeenskap se taalgebruik weerspieël nie.

<sup>36</sup> Hierdie tabel lys slegs veranderinge wat in elke opvolgende uitgawe van die AWS aangebring is.

Reeds met die aanvang van pogings om die Afrikaanse skryftaal te standaardiseer, was een van die mees kontensieuse vrae hoe naby daar met die opstel van 'n Afrikaanse ortografiese sisteem aan die Nederlandse ortografie gebly moes word. Afrikaanssprekendes het hulle in 'n diglossiese situasie bevind waar Afrikaans hulle spreektaal was, maar Nederlands as skryftaal gebruik is omdat daar nog nie 'n ortografiese sisteem vir Afrikaans bestaan het nie. Aan die een kant was daar diegene wat gemeen het dat Afrikaans in staat was om 'n selfstandige skryftaal te ontwikkel, maar aan die ander kant was daar diegene wat gemeen het dat Afrikaans nie "beskaafd" genoeg was om as skryftaal te funksioneer nie en wat ten alle koste aan die Nederlandse skryftaal wou vaslou. Behalwe dat die voorstanders van Afrikaans die wind van voor gekry het in hulle poging om 'n ortografiese sisteem vir Afrikaans daar te stel deurdat die voorstanders van Nederlands 'n alternatiewe Nederlandse ortografiese sisteem ontwikkel het, is aanvanklike pogings om 'n onafhanklike Afrikaanse ortografiese sisteem daar te stel ook in die wiele gery deur een van die vernaamste voorvegters vir 'n fonetiese ortografiese sisteem se ongewilde politieke oortuigings, dit is pro-Britse oortuigings. Toe die ortografiese sisteem van die Taalkommissie soos vervat in die *Afrikaanse woordelys en spelreëls* vir die eerste keer die lig gesien het in 1917, was dit duidelik dat die Afrikaanse ortografie 'n kompromis was tussen die voorstanders van Nederlands en die voorstanders van Afrikaans, deurdat daar nou by die Nederlandse ortografie aangesluit is. Hierdie band met die Nederlandse ortografie sou oor die volgende sowat nege dekades 'n kontensieuse kwessie in die Afrikaanse ortografie bly. Daar was telkens diegene wat Afrikaans van sy Nederlandse verlede wou bevry, maar ook die konserwatiewes wat maar net nie die Nederlandse naelstring wou knip nie. Oor die jare is die Nederlandse aspek telkens weer opnuut na vore gestoot om die paar gevalle te verantwoord waarby daar nie uitgegaan is van die vorme wat konsekwent eenders gespел behoort te word nie (Eksteen, 1985: 185).

Alhoewel die hegte inskakeling by Nederlands aanvanklik nog opvallend aanwesig was, was daar egter mettertyd 'n geleidelike losmaak van die Nederlands georiënteerde spelwyses in die rigting van verafrikaansing (Eksteen, 1985: 171, 180). Ofskoon 'n groot hoeveelheid van die Nederlandse ballas afgeskud is, is daar nog heelwat spelgebruike wat die Nederlandse tradisie in Afrikaans bestendig (Eksteen, 1985: 182). Selfs vandag nog is die diepgaande invloed van Nederlands op Afrikaans duidelik te sien in die Afrikaanse ortografie, byvoorbeeld in die handhawing van *v* en *f*, *ei* en *y*, hoewel die onderskeid nie in Afrikaans so prominent is soos in Nederlands nie, asook in die woordeskat, byvoorbeeld *briewebesteller*, *felisitasie*, *felisiteer*, *gebroeders*, *gewente*, *grint*, *pardon*, *telefoneer* en *eiwit*, om maar enkele te noem. Die begeerte om die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns so na moontlik aan die model van die Europese akademies te hou (sien 4.3.3), dui op die vroeë standaardiseerders van Afrikaans se beheptheid om Afrikaans se kreoolse aard te verswyg (sien 3.5.2.1). In plaas daarvan om Afrikaans as Afrikataal te beskou wat 'n eiesoortige, Afrika-oplossing ten

opsigte van standaardisering benodig, is daar teruggegryp na die Europese model ten einde die Europese “suiwerheid” van Afrikaans te bestendig. Die vasklou aan Nederlands as voedingsbron vir die Afrikaanse standaardortografie het veroorsaak dat die standaard nooit werklik verinheems is nie deurdat die kreoolse en Afrikawortels van Afrikaans voortdurend op die agtergrond geskuif is terwyl die Europese wortels van Afrikaans telkens oorbeklemtoon is. Sodoende is die Afrikaanse ortografie as ’t ware vir dekades gekolonialiseer.

Die anderkant van die munt van die handhawing van die band met Nederlands, is die verwerping van die Engelse invloed op Afrikaans. Die Taalkommissie se Standaardafrikaanse purisme ten opsigte van Engels is weereens ideologies gemotiveer deur die anti-Engelse ingesteldheid van Afrikanernasionalisme en die konkurrensie met die wêreldtaal Engels as kultuurtaal, aldus Ponelis (1998: 66). ’n Tweede eweneens ideologiese oorweging is dat die purisme van die standaardtaal die selfstandigheid van Afrikaans ten opsigte van Engels ondersteun wat deur massale Afrikaans-Engelse kodewisseling in die omgangstaal bedreig word (Ponelis, loc. cit.). Verder is daar ook beweer dat die invloed van Engels op die Afrikaanse woordeskat teengewerk kon word deur Afrikaans meer te laat aansluit by die Nederlandse ortografie. Die inagneming van die erkende Nederlandse ortografie kon egter nie die Engelse invloed op die woordeskat van Afrikaans teenhou nie. (Combrink, 1991i: 13) Die anti-Engelse purisme is met groot hardnekkigheid volgehou maar die Omgangsafrikaans kon met geen anglisismejag of stigmatisering as slang van Engels gesuiwer word nie en omdat dit juis hierdie Omgangsafrikaans is wat die voedingsbron vir formele geskrewe Standaardafrikaans is, het baie van hierdie sogenaamde anglismes volledig deel geword van formele Afrikaanse taalgebruik (Swanepoel, 1995b: 48; Ponelis, 1998: 66). Ten spyte daarvan dat die Taalkommissie probeer het om eg Afrikaanse woorde en uitdrukkings as alternatiewe vir die Engelse leenwoorde en -vertalings te skep, het baie van hierdie woorde nie ingang gevind onder sprekers nie, omdat hulle nie deur die sprekers self geskep is nie en daar dus nie ’n doelbewuste poging aan die kant van die Afrikaanssprekende publiek was om die vorme te gebruik en bestendig te kry nie (Swanepoel, loc. cit.).

Alhoewel die Taalkommissie stadig maar seker na groter realisme in gewone Afrikaans beweeg het deur ook in die verskillende uitgawes van die AWS toenemend meer woorde van Engelse afkoms op te neem, is Ponelis (in Killian, 1990: 6; “Realisme in Afrikaans nodig”, 1990: 8) van mening dat die Taalkommissie in ’n groter mate kennis moet neem van goeie Afrikaanse omgangstaalgebruik. Woorde wat byvoorbeeld al jare reeds in die alledaagse omgangstaal bestaan maar steeds in die AWS ontbreek, sluit in *aanspreek* (probleem), *afskop*, *beseringstyd*, *bevolkingsontploffing*, *bistro*, *blaaskans*, *blitsverkoper*, *blerrie*, *blessitse*, *boerpot*, *boffin*, *breinspoel*, *bulhond*, *cool*, *dien* (afslaan), *drop* (ww.), *empowerment*, *gangster*, *geboortemerk*, *hengse*, *hofsak*, *juppie* of *jappie*, *katpak*,



*kompakskyf, lewensredder, maaltvleis, moewiese, oppak (ingee/breek), padteken, propperse, rekkie of reccie, reukweerder, roumateriaal, skouer (van die pad), slipper(s), spietkop, straight (teenoor gay), systap, tawwe, toegeeteken, uitsorteer (iets/iemand), uitspel, Vader Krismis, veganis en zol*, om nie eers te praat van die baie onverafrikaanse Engelse ontlenings wat op 'n daaglikse basis deur talle Afrikaanssprekendes gebruik word nie. Wanneer die invloed van Engels op die Afrikaans in die standaardisering van die skryftaal geïgnoreer word, bestaan daar volgens Ponelis (in “Realisme in Afrikaans nodig”, loc. cit.) die gevaar dat die kloof tussen die omgangstaal en die skryftaal al wyer word sodat daar 'n diglossiese situasie in Afrikaans ontstaan waardeur die skryf van Afrikaans nog eindeloos moeiliker gemaak word (Swanepoel, loc. cit.). Daarom is 'n baie nugterder benadering tot die Engelse invloed op Afrikaans nodig, nie net omdat Engels dikwels 'n verrykende invloed op Afrikaans het nie, maar ook omdat dit nodig is om die selfstandigheid van Standaardafrikaans te probeer behou (met ander woorde dat sprekers nie oorskakel na Engels as kultuurtaal omdat hulle nie die Afrikaanse ortografiese standaard kan baasraak nie) (Slabber, 1991: 18; Ponelis, 1998: 66).

Op die vraag of die Taalkommissie nie 'n rol te speel het in die regstelling van onregte wat in die verlede tydens die apartheidregime gepleeg is deur groter erkenning te gee aan ander variëteite van Afrikaans wat om politieke redes nie in die standaardisering van die Afrikaanse ortografie verreken is nie, was die huidige voorsitter van die Taalkommissie, Tom McLachlan, se reaksie dat hy nie begryp hoe die taal sprekers kan in- of uitsluit nie. Sy argument is dat die taal die besit is van almal wat dit praat en dat die Taalkommissie van die Akademie na sy beste wete nog nooit die standaardisering van Afrikaans aangepak het tot die uitsluiting van mense nie, maar ter wille van almal wat die taal praat en ook ter wille van Afrikaans self. Maar dat daar in die verlede bepaalde politieke oorwegings was op grond waarvan daar 'n bepaalde eksklusiwiteit ten opsigte van die Standaardisering van die Afrikaanse ortografiese sisteem bestaan het, is onmiskenbaar so. (McLachlan, 2010b). “As 'n mens met hedendaagse oë en die wysheid van terugskouing na die standaardiseringsproses kyk, kan jy waarskynlik sê dat dit anders kon en liefers anders moes verloop het”, aldus McLachlan (2011: 9). Tydens die Taalkommissie se standaardiseringsaktiwiteite het hulle nie slegs die reeds bestaande skriftelike taalgebruik van bruin Afrikaanssprekendes geïgnoreer nie (d.i. skryfwerk wat in Arabiese Afrikaans en op Genadendal gedoen is; sien 2.3.3, 2.3.4 en 4.2.2.1), maar ook baie jare bruin sprekers oor die hoof gesien vir aanstelling as lede van die Taalkommissie. Alhoewel die Taalkommissie latere jare probeer het om bruin Afrikaanssprekendes by die Taalkommissie te betrek, het die negatiewe elitistiese en uitsluitende beeld wat die Akademie en sy Taalkommissie oor die jare onder bruin Afrikaanssprekendes gekry het, asook hulle onwilligheid om die taalgebruik van hierdie deel van die Afrikaanse spraakgemeenskap as standaard te erken, hulle onwillig gemaak om by die standaardisering van die Afrikaanse ortografie betrokke te raak. Die gevolg is dat die Afrikaanse skryf-

taal vir baie van hierdie taalgebruikers ontoereikend is. Ponelis (1998: 69) waarsku egter teen die verbreking van die organiese band tussen Standaardafrikaans en ander variëteite van Afrikaans wat verder tot diglossie kan lei.

Wanneer diglossie so ver gegaan het dat hierdie band vernietig word, kan dit gebeur dat die taalgemeenskap so van Standaardafrikaans vervreem raak, dat hulle ophou om Standaardafrikaans te gebruik (en bv. Engels as kultuurtaal hanteer). (Ponelis, loc. cit.)

Hierdie verskynsel is reeds oor die afgelope dekades toenemend sigbaar onder veral (maar nie uitsluitlik nie) bruin Afrikaanssprekendes. Daarom meen Conradie (1987: 190) dat Afrikaans sy eksklusiwiteit ten opsigte van taalnorme wat bo sekere taalgebruikers se vuurmaakplek is, sowel as taalinstellings wat geslote bly vir ander groeptaalsprekers, moet laat vaar. Alhoewel daar oor die jare heen 'n groter oopgesteldheid ontwikkel het vir Afrikaans in sy volle draagwydte ten opsigte van alle variëteite van Afrikaans, byvoorbeeld in die insluiting van woorde uit die Afrikaanse Moslemgemeenskap (Hendricks, 2010), blyk daar steeds 'n traagheid by die Taalkommissie te wees om die regstelling van onregte van die verlede ook in die Afrikaanse ortografie te laat neerslag vind. Woorde soos *saimde* ("dieselfde"), *promis* ("belowe/belofte"), *davarent* ("verskillende"), *ghamixte* ("gemengde"), *laik* ("hou van"), *fair* ("regverdig"), *gewees was/is/et*, en *maskie* ("miskien") waarvan sommige reeds in 1844 deur Changuion in sy *Proeve van Kaapsch Taaleigen* aangeteken is en vandag steeds gebruik word, ontbreek egter nog in die AWS (Davids, 2011: 124, 248). Ook woorde uit Kaapse Vernakulêre Afrikaans soos *ietse* (mv. van *iets*) en uitdrukkings soos *kaart skiet*, *stuk sny* en *sout hou* is nog soek in die AWS (Willemse, 2011: 8). Die voormalige voorsitter van die Taalkommissie, Ernst Kotzé, meen egter dat dit nie die primêre funksie van die Taalkommissie is om betrokke te raak by die gesprek rondom die verbreding van die taal om alle sprekers in te sluit nie, aangesien die Taalkommissie se rol, aldus Kotzé, nie primêr taalaktivisties is nie (Kotzé, 2010c). Tog meen McLachlan (2010c) dat dit belangrik is dat daar in die toekoms gefokus moet word dat die Afrikaanse spraakgemeenskap as geheel betrek word by die toekoms van Afrikaans en dat die sieninge van die hele spraakgemeenskap op 'n manier verreken moet word.

Dat die Taalkommissie 'n belangrike rol gespeel het in die standaardisering van die ortografie van Afrikaans, is, soos reeds vermeld, onmiskenbaar so. Maar dat sekere ideologiese en politieke oorwegings veroorsaak het dat hierdie standaardortografie 'n sekere mate van eensydigheid begin vertoon het en veroorsaak het dat daar besig is om 'n mate van diglossie in Afrikaans te ontstaan, kan ook nie misken word nie. Wanneer die standaardiseringsgeskiedenis van die Afrikaanse ortografie in oënskou geneem word, is dit opmerklik dat die meeste positiewe veranderinge in die spel- en skryfreëls (d.i. wegbeweeg van die sterk Nederlandse invloed en die aanvaarding van die invloed van

Engels en ander variëteite van Afrikaans op die standaard) veral sedert die 1991-uitgawe van die AWS plaasgevind het. Volgens Eksteen (1985: 173) is dit waarskynlik te wyte aan die kontinuïteit in die samestellers van die AWS tot en met die 1964-uitgawe (sien 4.4.3) dat die AWS oor die jare 'n bepaalde vorm en inhoud vertoon het; dit is 'n inhoud waar daar ten alle koste aan die Nederlandse invloed vasgeklou is en die invloed van Engels ten alle koste afgeweer is, terwyl bruin Afrikaanssprekendes se taalgebruik geïgnoreer is. Sedert 1964 het daar egter 'n groot aantal jonger taalkundiges begin om van tyd tot tyd in die Taalkommissie te dien. Hulle het nuwe insigte gebring en die spelreëls aan ingrypende kritiek onderwerp en feitlik totaal herskryf en die woordelys is insgelyks in 'n belangrike mate óf gewysig óf uitgebrei. (Eksteen, loc. cit.).

Tog het baie van hierdie veranderinge te laat gekom en daar kan nog baie meer gedoen word om die Afrikaanse skryftaal meer met die spreektaal te belyn. Dit bring ons te staan voor die vraag: Het die Taalkommissie van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns nog in die toekoms 'n rol te speel in die standaardisering van die Afrikaanse ortografie? Jernudd (1993: 136) dui in sy bespreking van die Hebreeuse Akademie daarop dat akademies in die postmoderne era waarskynlik onvermydelik uitgedien sal word of sal weggwyn indien hulle hulle nie kan heroriënteer om sprekers se probleme in hulle werklike taalgebruik aan te spreek nie. Soos duidelik uit hierdie hoofstuk blyk, was die Akademie en hulle Taalkommissie uit die staanspoor eksklusief van aard en het hulle leiding van bo gegee. Alhoewel die Afrikaanse spraakgemeenskap hierdie liggaam se leiding en gesag op die gebied van ortografie tot 'n redelike mate aanvaar het, het hulle self nie werklik deel gehad in hierdie standaardiseringswerkzaamhede nie. (Herbst, 1959: 36)

Vir Johl (2002: 175) is dit ongewens dat die Taalkommissie in die toekoms alleen betrokke sal wees by die standaardisering van die Afrikaanse ortografie. Eerstens is die Taalkommissie weens hulle geskiedenis nie baie geloofwaardig nie as gevolg daarvan dat hulle nie werklik daartoe verbind was om rekonsiliasie binne die Afrikaanse spraakgemeenskap te bewerkstellig nie. Tweedens boet die kommissie aan geloofwaardigheid in rakende hulle verbintenis aan geslagsgelykheid en die rol wat vroue in taalbeplanning kan vervul. (Johl, loc. cit.) Ook Ponelis (1998: 67) is van mening dat die Akademie nooit “daarin kon slaag om in 'n inklusiewe Afrikaanse organisasie te ontwikkel nie, met die gevolg dat dit sy Afrikaanse Taalkommissie ook aan legitimiteit ontbreek: hoe goed ‘verteenwoordigend’ die Taalkommissie ook al saamgestel word en hoe kundig en vlytig die lede ook al te werk gaan, die rigtinggewendheid van hulle besluite is onder verdenking”. Volgens Van Rensburg (1991: 27; 1992: 186, 193) het die Taalkommissie nog weinig aanduiding daarvan gegee dat hulle binne 'n groter taalbeplanningsdoelwit in Suid-Afrika 'n rol te speel het, aangesien hulle verbintenis met Afrikaans tradisioneel net aan die bevordering van Standaardafrikaans gekoppel is en nie voldoen

aan die eise vir groter taaldemokratisering nie. Daarom moet die vestiging van 'n "vrye ondernemingstyl" in Afrikaans volgens Swanepoel (1995a: 69) dringend aandag kry; dit is die vestiging van meer outoriteitsbronne vir die bepaling en propagering van norme (soos uitgewers, leksikograwe, skrywers van grammatikahandboeke en ander normatiewe werke, en onderwysers). Webb (1998: 190) vra of taalliggame soos die Taalkommissie dan geen bydrae te lewer het tot (her)standaardisering nie. Uit die voorafgaande is dit duidelik dat dit hoogs onwaarskynlik is. "Slegs 'n komitee wat verteenwoordigend is van al die sprekers van Afrikaans, sal 'n verantwoordelike rol in dié hele proses kan speel", aldus Van Rensburg (1992: 192). Indien die Taalkommissie nie bereid is om hulle volgens die eise van 'n nuwe Afrikaans te heroriënteer nie, het hulle myns insiens nie in die toekoms 'n rol te speel in die herstandaardisering van die Afrikaanse ortografie nie. Soos Lloshi (2006: 101) ten opsigte van die herstandaardisering van Albanees meld: "The position of [...] linguists has to change to adapt to this new situation."

Ten einde geskrewe Standaardafrikaans werklik met die spreektaal te bely, is dit nodig dat 'n groter deel van die Afrikaanse spraakgemeenskap inspraak sal hê in die standaardiseringsproses. Dit is byvoorbeeld opmerklik dat, met die uitsondering van enkele individue met die verskyning van die 1991-AWS, bruin stemme regdeur die verskyning van die tien uitgawes van die AWS afwesig was in die media. Kommentaar op die verskillende uitgawes van die AWS verteenwoordig hoofsaaklik 'n wit resensiesisteen wat in die tradisioneel wit koerante en tydskrifte verskyn het. Nie net is bruin Afrikaanssprekendes se taalgebruik dus in die AWS self verswyg nie, maar hulle opinie oor die standaardortografie soos wat dit in die verskillende uitgawes van die AWS uiteengesit is, is ook nie aangehoor nie. Verskeie redes kan moontlik hiervoor aangevoer word. Eensyds kan dit wees dat, aangesien Afrikaans (en veral Standaardafrikaans) as eiendom van die sogenaamde Afrikaner voorgelê is terwyl die Afrikaans van bruin sprekers as geradbraakte taal beskou is, bruin Afrikaanssprekendes hulle nie werklik aan die AWS gesteur het nie en dit dus nie nodig geag het om aan die debatte daaroor in die media deel te neem nie. Andersyds het die wit Afrikaanssprekendes hulle waarskynlik ook nie aan kommentaar vanuit bruin gelede op die AWS gesteur nie, aangesien hulle (Standaard)Afrikaans as hulle eiendom beskou het. Alhoewel daar tydens die politieke veranderinge wat in Suid-Afrika sedert die negentigerjare plaasgevind het, enkele bruin stemme in die media gehoor is wat kommentaar op die AWS gelewer het, was bruin stemme egter ook in die nuwe, demokratiese Suid-Afrika redelik stil. Dit kan waarskynlik herlei word na dieselfde redes waarom bruin mense vandag steeds nie werklik belangstel om by die Taalkommissie betrokke te raak nie (sien 4.3.3); dit is omdat die Taalkommissie en hulle werksaamhede aan legitimiteit onder bruin Afrikaanssprekendes ontbreek.

Dit is die taak van die diegene wat hulle in die toekoms met die ortografie van Afrikaans gaan bemoei om uit die lewende taalgebruik van die spraakgemeenskap norme te skep en reëls op te stel, maar insgelyks is dit ook die plig van die spraakgemeenskap om inspraak in die proses te gee. Alleen deur so 'n wisselwerking kan die werklike toestand van die spreektaal enigermate in die ortografie weerspieël word. (Van der Merwe, 1968: 110) Soos Van der Spuy (1907: 171-172) reeds in 1907 gesê het:

Wij willen een VOLKSTAAL hebben, en geen taal om geleerde heren oefening te geven. De ware taal komt uit het volk, en moet niet een kunsmatig produkt zijn, dat op het studeervertrek kant en klaar is gemaakt.

en

Laten wij de taal schrijven, *zoals zij is*, want anders lopen wij gevaar een tussentaal te vormen, die nich vis noch vlees is, en die, nog vóór hij verschijnt, ten ondergang gedoemd is!

As ons Afrikaans in die woorde van Combrink (1991c: 13; 1991f: 9; 1991h: 4) wil begunstig, moet die taal se spel- en skryfreëls so soepel moontlik gemaak word. Dit geld die aanvaarding van morfologiese verskynsels, soos samestellings wat in *-goed* eindig (bv. *Antie Sara-goed*), dubbele meervoude (bv. *emmerse*), dubbele verkleining (bv. *nessietjie*), die gebruik van die suffiks *-lik* om naamwoorde te vorm (bv. *anderlik*, *huidiglik*), naamwoorde in die enkelvoud wat as meervoud gebruik word (bv. “'n klomp *kind*”), asook die erkenning van leksikale items wat oor verskillende betekenis in verskillende variëteite van Afrikaans beskik (bv. *aantreklik* – “mooi/sieklik”; *agterent* – “boude/einde”; *ontuis* – “ongemaklik/nie tuis nie”) en die erkenning van idiomatiese uitdrukkings uit ander variëteite van Afrikaans (bv. *'n hand met 'n gat hê* – “spandabelrig wees”; *kieriegeld* – “staatspensioen”; *buitetronk* – “opgeskorte vonnis”) (Bosch, 2000: 57-58). Daar moenie net reëls gemaak word nie, maar daar moet toegesien word dat die reëls tred hou met die taalwerklikheid, ook al sou dit beteken dat meer keusemoontlikhede gegee word omdat daar verskillende variante lewendig is in Afrikaans. Afrikaans moet dus, in die woorde van Lloshi (2006: 101) “be re-conceived in accordance with the concept of the open language and dynamism in order to meet the challenges of the time”. Indien daar nie aan al die moontlikhede erkenning gegee word nie, sal die AWS slegs 'n voorskrywende funksie hê en nie ook 'n beskrywende funksie nie. (Combrink, 1993b: 2) Indien die standaardortografie in die toekoms relevant wil bly, vra dit 'n nuwe benadering tot standaardisering van die Afrikaanse ortografie.

## 4.7 Samevatting en vooruitskouing

In hierdie hoostuk is die standaardiseringsgeskiedenis van die Afrikaanse skryftaal ondersoek met spesifieke fokus op die Taalkommissie van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns se

rol in hierdie proses. Eerstens is daar gekyk na ortografiese sisteme wat dié van die Taalkommissie voorafgegaan het ten einde die Taalkommissie se benadering tot die standaardisering van die Afrikaanse ortografie beter te begryp. Die Taalkommissie se werksaamhede is ook binne hulle verbondenheid aan die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns gesitueer, waarna die Afrikaanse ortografie soos opgestel en ontwikkel is in die tien uitgawes van die *Afrikaanse woordelys en spelreëls* wat van 1917 tot 2009 verskyn het, breedvoerig ondersoek is. Ten slotte is daar tot die gevolgtrekking gekom dat, hoewel die Taalkommissie 'n belangrike bydrae tot die standaardisering van die Afrikaanse skryftaal gelewer het, verskeie politieke en ideologiese oorwegings oor die jare veroorsaak het dat die Afrikaanse ortografie dikwels nie die spreektaal van die Afrikaanse spraakgemeenskap genoegsaam weerspieël nie en dat die Taalkommissie dikwels traag was om veranderinge in die rigting van 'n meer verteenwoordigende skryftaal aan te bring. Daarom word voorgestel dat 'n nuwe benadering tot die standaardisering van die Afrikaanse ortografie gevolg word ten einde die Afrikaanse ortografie te herstandaardiseer. In die volgende hoofstuk sal 'n model daar gestel word waarvolgens hierdie herstandaardisering teweeg gebring kan word.

## HOOFSTUK 5

### Die herstandaardisering van die Afrikaanse ortografie

#### 5.1 Inleiding

Volgens Webb (2001: 165) word die debat oor die taalpolitieke posisie van Afrikaans (waarvan die herstandaardiseringsdebat ongetwyfeld deel uitmaak) dikwels gereduseer tot emosionele en spekulatiewe gesprekke wat neerkom op blote aanbevelings oor wat omtrent Afrikaans “gedoen behoort te word” en wat “behoort te gebeur”. Hierdie “standpunte” word maklik deur alternatiewe gevoelens weerlê en argumente steun gewoonlik op eensydig geselekteerde “feite”. (Webb, loc. cit.) Dit word duidelik daaruit gesien dat, alhoewel daar reeds verskeie oproepe en voorstelle vir die herstandaardisering van Afrikaans was (sien 3.5.4), daar steeds geen teken van die herstandaardisering van Afrikaans binne die taal te bespeur is nie. Praktiese illustrasies van hoe hierdie herstandaardisering aangepak kan word, ontbreek nog. ’n Mens kan dus sê dat daar slegs sprake van passiewe herstandaardisering in Afrikaans is (sien 3.3.2). Die doel van hierdie hoofstuk is om iets konkreets ten opsigte van die herstandaardisering van Afrikaans ter tafel te lê wat as katalisator vir die herstandaardisering van Afrikaans kan dien, aangesien dergelike praktiese voorstelle nog ontbreek in die herstandaardiseringsliteratuur van Afrikaans na byna dertig nadat die eerste oproepe vir die herstandaardisering van Afrikaans opgeklink het.

Uit die voorafgaande hoofstukke is daar tot die gevolgtrekking gekom dat die herstandaardisering van die Afrikaanse ortografie nie alleen wenslik is nie, maar ook noodsaaklik, aangesien die huidige ortografiese standaardiseringsbron, die *Afrikaanse woordelys en spelreëls*, nie voldoen aan die eise van Afrikaanssprekendes in die veranderende samelewing waarin Afrikaans moet funksioneer nie. Die doel van hierdie hoofstuk is om ’n model daar te stel wat as uitgangspunt vir die herstandaardisering van die Afrikaanse ortografie geneem kan word. Eerstens word daar gekyk na ’n werksraamwerk van taalbeplanning as basis vir só ’n herstandaardiseringsmodel. Hierna word die model stapsgewys uiteengesit en toegelig.

#### 5.2 ’n Werksraamwerk van taalbeplanning as basis vir die herstandaardisering van Afrikaans

In hoofstuk drie is daar telkens aangedui dat die herstandaardisering van Afrikaans nie ’n oppervlakkige onderneming is nie en dat dit baie meer behels as wat dikwels te kenne gegee word. Dasgupta (1990: 222) maak die stelling dat taalbeplanning op ’n breër basis moet geskied as wat tot

op hede die geval was. Taalbeplanning moet eerder beskou word as 'n langtermynproses in 'n groter konteks waarbinne die doel is om politieke konflik op te los en nie as 'n eenmalige aktiwiteit wat in 'n afgesonderde raadsaal uitgevoer word nie (Dasgupta, 1990: 223). Webb (2010a: 198) wys daarop dat sprekers nie geïsoleerde, losstaande entiteite is nie, maar deel vorm van 'n groter, omvattende sosio-politieke en sosio-ekonomiese sisteem waardeur hulle taalvoorkeure en taalgedrag bepaal word. "Hulle [tale] word gepraat deur mense, en binne kontekste wat gekenmerk word deur groot ongelyk-hede ten opsigte van sprekers se ekonomiese, opvoedkundige, politieke en sosiale aard en behoeftes" (Webb, 2001: 170). Dit is daarom nodig om kennis te neem van al hierdie kontekste in enige gesprek oor die ontwikkeling van 'n herstandaardiseringsprogram vir Afrikaans. Kontekste wat veral belangrik is, is die politieke, sosiale, kulturele, ekonomiese en opvoedkundige kontekste waarin Afrikaans funksioneer. (Webb, 2010a: 198) Indien al hierdie kontekste in ag geneem word, word daar voldoen aan die vereistes vir herstandaardisering soos deur Nyombe (1998: 125-126) gestel, naamlik dat die probleem op 'n politiese, sosiolinguistiese en linguistiese vlak hanteer moet word. Webb (2001: 165) meen dat programme ontwikkel moet word wat binne 'n taalbeplanningsraamwerk verantwoordbaar is indien die taalpolitieke toekoms van Afrikaans voldoende gekoördineer wil word. Webb (2001: 165-175) verskaf 'n werksraamwerk van taalbeplanning waarvolgens hy meen die taalpolitieke toekoms van Afrikaans bevorder moet word. Hierdie raamwerk sal vervolgens bespreek word.

Eerstens moet taalbeplanning binne 'n vakkundig verantwoordbare raamwerk bedryf word. Hierdie raamwerk moet gebaseer wees op kennis oor die taalpolitiek. Dit moet ook sistematies, rasioneel (veral nie-emosioneel) en teoriegebaseerd wees. (Webb, 2001: 166) Pieterse (1994: 203) ondersteun hierdie gedagte wanneer hy meen dat sinvolle verklarings oor die politisering van tale eers verkry kan word wanneer navorsing oor sosiaalpolitieke verandering, taalbeplanning, taalingesteldhede en taalpolitiek met mekaar verbind en deur middel van oorkoepelende teorieë gekoördineer word. Haarmann (1990: 123) meen ook dat taalbeplanningsdoelwitte slegs bereik kan word indien navorsing oor 'n teoretiese onderbou beskik. Vir 'n herstandaardiseringsprogram sal dit behels dat dit binne 'n standaardiseringsraamwerk moet geskied met deeglike inagneming van standaardiseringsteorie en die sosiopolitieke implikasies van so 'n program. 'n Tweede aspek wat as vereiste vir 'n bevorderingsprogram vir Afrikaans gestel word, is dat taalbeplanning planmatig moet wees deurdat dit as rasionele aktiwiteit binne die raamwerk van die strategiese beplanningsproses moet geskied. Daar moet dus 'n strategiese analise van die situasie gemaak word, duidelike doelwitte moet gestel word, die plan moet geïmplementeer word, en die plan moet uiteindelik gekontroleer en geëvalueer word. (Webb, 2001: 167) Herstandaardisering kan ook nie lukraak uitgevoer word nie, maar moet deur deeglike beplanning en besluitnemingsprosesse voorafgegaan word.



Verder is dit belangrik dat taalbeplanningsprogramme gemik op die bevordering van Afrikaans binne die toepaslike makrokonteks moet geskied. Dit behels dat dergelike programme gerig moet wees deur die makrokonteks van nasionale beplanning. (Webb, 2001: 166) Alhoewel hierdie kwessie omvattend is, betrek Webb (loc. cit.) slegs twee aspekte, naamlik die oorhoofse beleidsdokumente en die eis dat beplanning tot die oplossing van nasionale probleme moet bydra. Wat eersgenoemde betref, sal 'n suksesvolle bevorderingsprogram vir Afrikaans behels dat dit in ooreenstemming moet wees met Suid-Afrika se grondwetlike taalbepalings en regeringsbeleid oor onderwys en ekonomiese ontwikkeling soos uiteengesit in nasionale beleidsdokumente soos die handves van menseregte, die Heropbou- en Ontwikkelingsprogram, en die makro-ekonomiese beleid, GEAR ("Growth, Employment and Redistribution") (Webb, 2001: 166, 168). Een van die taalbeplanningspesifikasies wat uit die Suid-Afrikaanse grondwet voortvloei, is linguistiese pluralisme of meertaligheid, deurdadig die grondwet erkenning gee aan elf amptelike tale op nasionale vlak. Linguistiese pluralisme dui egter nie net op die gebruik van meer as een taal nie, maar veronderstel ook 'n kultuur van meertaligheid. Dit impliseer 'n groot mate van linguistiese toleransie en respek, asook 'n verbintenis tot die regte van minderheidstale en aanvaarding van linguistiese diversiteit as hulpbron. (Webb, 2001: 169) Volgens Webb (2001: 170) is die vraag hoe taalbeplanning vir Afrikaans tot die vestiging van linguistiese pluralisme kan bydra.

Een manier is om toe te sien dat Afrikaansonderrig op alle vlakke, ontwikkelingsprogramme en navorsingsprojekte vir Afrikaans, asook die taalgedrag van Afrikaanssprekendes die waardes van pluralisme eksplisiet uitdra. (Webb, 2001: 170) Webb (2001: 173) is van mening dat die voortgesette eentaligheid wat die Suid-Afrikaanse samelewing kenmerk, neerkom op 'n voortsetting van magsverhoudinge van die verlede wat beteken dat baie Suid-Afrikaners nog uitgesluit word van baie geleenthede, regte en voorregte en dat bevoordeling en diskriminasie voortgesit word en dat nasionale ontwikkeling en integrasie asook demokratisering nie suksesvol kan plaasvind nie. Die implikasies wat dit vir taalbeplanningsprogramme vir Afrikaans het, is dat dit "daarop gerig moet wees om 'n bydrae te lewer tot die transformasie van die taalpolitieke opset in die land, in die besonder die asimmetriese magsverhoudings", aldus Webb (loc. cit.).

Die tweede aspek verwys na nasionale probleme, soos ekonomiese agterstand, opvoedkundige onderprestasie, en politieke en sosiale onderontwikkeldheid (Webb, 2001: 166). Dit beteken dat taalbeplanning vir Afrikaans gerig moet wees op die volgende: die politieke filosofie van pluralisme, die beginsels van demokrasie en gelykwaardigheid, nasiebou, die konstruksie van 'n nuwe sosio-politieke identiteit, die bekamping van ongelykheid, diskriminasie, manipulasie en eksploitasie, toegang tot alle regte en voorregte deur die standaard verseker, 'n bydrae lewer tot die verskaffing van kwaliteitonderrig, asook beter toegang tot inligting, die totstandbrenging van effektiewe staats-

administrasie en deelname aan politieke besluite, meer effektiewe openbare kommunikasie, en die herverspreiding van ekonomiese welvaart (Webb, 2001: 168; 2005: 41). Alhoewel taal nie regstreeks tot die realisering van hierdie ideale kan bydra nie, verrig dit 'n belangrike fasiliterende funksie in al hierdie domeine. (Webb, 2001: 168). “Taalbeplanning vir Afrikaans moet by hierdie groter transformasieproses ingeskakel word”, aldus Webb (loc. cit.). Die belangrikste oorweging in (her)standaardisering, soos enige taalbeplanning, is dus om in gedagte te hou dat die belangrikste doelwit van die proses is om die belange van die spraakgemeenskap te dien (Webb, 2001: 175; 2005: 41). Taalbeplanningsprogramme ten opsigte van Afrikaans moet dus nie om Afrikaans as sodanig gaan nie, maar moet gerig wees op mense, hetsy Afrikaanssprekend of nie (Webb, 2001: 169).

Derdens moet taalbeplanning gebaseer wees op die heersende, taalpolitieke realiteite wat betref Afrikaans. Indien 'n mens taalbeplanning op 'n rasonale wyse wil aanpak, moet dit gerig wees op die toepaslike feite en bestaande werklikhede rondom Afrikaans. Nie net moet die sosiopolitieke geskiedenis waaruit Afrikaans stam volledig in gedagte gehou word nie, maar daar moet ook opnuut gekyk word na taalgebruikspatrone, soos taalkeuses en taalvoorkeure, die kulturele rekonstruksie van Afrikaans in die hele spraakgemeenskap, en moontlike taalverskuiwingstendense (Webb, 2001: 173-174). Webb (2001: 175) meen dat die huidige beeld van Afrikaans daarop dui dat die taal se ekonomiese waarde verhoog moet word. Met “ekonomiese waarde” word bedoel die materieel-ekonomiese waarde, soos werksverkryging, advertensiewese en waarde vir beroepsvaardigheid-ontwikkeling, asook niematerieel-ekonomiese waarde, soos toegang tot beter lewenskwaliteit. (Webb, loc. cit.)

'n Laaste vereiste in die werksraamwerk vir taalbeplanning, is dat die beplanning gesagdraend moet wees. Indien taalbevorderingsaksies nie die steun van regerings- en ander gesaghebbende liggame het nie, sal dit min waarde hê, veral ten opsigte van die posisie van Afrikaans in amptelike domeine soos die staatsdiens en onderwys. (Webb, 2001: 167) Alhoewel dit nie 'n maklike taak sal wees om die regering daarvan te oortuig dat die bevordering van Afrikaans in landsbelang is nie, meen Webb (loc. cit.) tóg dat die regering daarvan oortuig moet word dat Afrikaans se uitoefening van druk gerig is op groter nasionale belang en dat dit nie “wit enklaves” gaan skep en nasionale eenheid bedreig nie.


## **5.3 'n Model vir die herstandaardisering van die Afrikaanse ortografie**

### **5.3.1 Inleiding**

Soos reeds vantevore aangedui is (sien 2.2.3.2 en 3.3.6), beskou ek standaardisering en gevolglik ook herstandaardisering as 'n doelbewuste, planmatige proses wat die gevolg is van formele of informele besluitneming oor taal. Ten einde te verseker dat die herstandaardisering van die Afrikaanse ortografie suksesvol verloop, is dit daarom nodig om 'n weldeurdagte, duidelike, teoreties-gebaseerde proses te volg waarvolgens die herstandaardisering kan geskied. In hierdie afdeling word 'n voorstel vir 'n model vir die herstandaardisering van die Afrikaanse ortografie op die basis van die werksraamwerk van taalbeplanning uiteengesit. Eerstens word 'n grafiese voorstelling van die herstandaardiseringsmodel gegee, waarna die verskillende komponente van die model stapsgewys uiteengesit en aan die hand van die herstandaardisering van die Afrikaanse ortografie toegelig word.

### **5.3.2 Grafiese voorstelling van die herstandaardiseringsmodel**

Na aanleiding van die uitgangspunte soos uiteengesit in die werksraamwerk vir taalbeplanning hierbo, stel ek die volgende model vir herstandaardisering voor (sien Figuur 5.1). In hierdie figuur word die herstandaardiseringsproses in ses stadia uiteengesit. Elke stadium behels sekere aktiwiteite wat tydens die herstandaardiseringsproses onderneem word. Hierdie aktiwiteite is puntsgewys onder die opskrif van elke stadium uitgesit. Die pyltjies tussen die verskillende stadia van die herstandaardiseringsproses dui op die sikliese aard van herstandaardisering, met ander woorde dat herstandaardisering 'n deurlopende proses is wat nooit voltooi word nie. Alhoewel die verskillende stadia van die herstandaardiseringsproses in hierdie model as opeenvolgende aktiwiteite uiteengesit is, sal hierdie stadia nie noodwendig chronologies plaasvind nie. So dui Fishman (2006: 17) ten opsigte van taalbeplanning aan dat "[t]he total process neither necessarily starts with nor ends with any particular subpart". Die onderskeie stadia sal dus oorvleuel en daar sal wisselwerking tussen die onderskeie stadia op verskillende tye tydens die herstandaardiseringsproses plaasvind. Die grys blok in die figuur verteenwoordig hierdie wisselwerkingsruimte waarin die onderskeie stadia uitgevoer word.



Figuur 5.1 Herstandaardiseringsmodel

### 5.3.3 Kontekstualisering

Haugen (1968: 268) het reeds dekades gelede benadruk dat die aanvaarding of afkeuring van 'n nuwe standaard gewoonlik afhanklik is van 'n hele reeks samehangende politieke, kulturele en ekonomiese faktore. Aangesien die spraakgemeenskap deel vorm van 'n groter sosiopolitieke en sosio-ekonomiese konteks wat hulle taalgedrag bepaal (sien 5.2), kan herstandaardisering nie sonder die in-

agneming van hierdie breë konteks plaasvind nie. Soos die bekende Amerikaanse leksikograaf, Noah Webster, reeds in 1758 gestel het (aangehaal in Van de Rhee, 2011: 9):

Language is not an abstract construction of the learned, or of dictionary makers, but something arising out of the work, needs, ties, joys, affections, tastes, of long generations of humanity, and has its bases broad and low, close to the ground.

Dit is juis vanweë die feit dat die standaardisering van Afrikaans, maar ook baie ander tale, in die verlede in 'n vakuum onderneem is dat daar 'n destandaardiseringstendens in baie tale te bespeur is (sien 3.2.2). So het die feit dat baie moedertaalsprekers tydens die standaardisering van die Afrikaanse ortografie geïgnoreer is (sien 3.5.2.3), asook die kontak van Afrikaans met Engels (3.5.2.2) byvoorbeeld daartoe gelei dat 'n kunsmatige standaardortografie geskep is wat nie tred gehou het met die omgangstaal nie. Dit is juis die taak van herstandaardisering om 'n breër perspektief ten opsigte van taalstandaardisering daar te stel. Daarom is dit van kardinale belang dat herstandaardiseringsbesluite gewortel moet wees in die konteks waarin die standaard moet funksioneer. Die verskillende kontekste wat in ag geneem moet word, is die sosiale konteks waarin die geherstandaardiseerde standaardtaal sal moet funksioneer, die ekonomiese realiteite waarmee taalbeplanners in die herstandaardiseringsproses te kampe het, die politieke en/of ideologiese konteks waarin die geherstandaardiseerde standaardtaal moet funksioneer, en die linguistiese aspekte wat 'n invloed op die geherstandaardiseerde standaard kan uitoefen.

### **5.3.3.1 Sosiale konteks**

In die moderne samelewing waarin ons leef, is daar verskeie sosiale verskynsels wat in ag geneem moet word wanneer 'n mens dit oor die herstandaardisering van die Afrikaanse ortografie het. Die voorkoms van vrye denke sedert die sestigerjare en die informalisering van die samelewing (sien 3.2.2) het daartoe gelei dat daar nie meer in die moderne samelewing so 'n hoë premie op reëlgebondenheid en voorskriftelikheid geplaas word nie. Dit geld alle aspekte van die samelewing, ook taal. Daarom kan 'n mens ook die rigiede klem op gelykvormigheid, konvensie en juistheid ten opsigte van ortografie bevraagteken (Johnson, 2005: 171). Die implikasie hiervan is dat daar in die herstandaardisering van die Afrikaanse ortografie vryer en minder preskriptief omgegaan sal moet word met ortografiese reëls indien daar tred gehou wil word met die omgangstaal:

The linguist's proper concern is to describe how people speak, not to prescribe how they ought to speak. (Haas, 1982: 1)

Soos reeds aangedui (sien 3.2.2), beteken dit egter nie dat alle ortografiese riglyne oorboord gegooi moet word nie. Ten einde te verseker dat die herstandaardisering van die Afrikaanse ortografie suksesvol geïmplementeer en deur die spraakgemeenskap aanvaar word, is dit daarom nodig dat

daar 'n balans tussen deskriptiwiteit en preskriptiwiteit bereik moet word. Soos die redakteur van *Die Huisgenoot* reeds in Januarie 1920 bepleit het:

Ons ijwer almal vir eenvormigheid; maar dit moet 'n lewendige eenvormigheid wees, en dit beteken nog glad nie dat bestaande wisselvorme wat in ons algemene beskaafde spreektaal goed bekend is, met geweld uit ons skryftaal moet geweier word nie. As ons dit doen, vestig ons net weer 'n onnodige kloue tussen ons spreek- en skryftaal. Die eenvormige skryftaal waar ons na strew, moet wees 'n portret van die spreektaal, [...]. (p. 272)

Die herstandaardisering sal dus op 'n praktiese vlak behels dat daar 'n proskriptiewe benadering tot die Afrikaanse ortografie gevolg word, dit wil sê dat daar meer variante of wisselvorme verskaf word, maar dat daar wel aanbevelings ten opsigte van 'n voorkeurvorm gemaak mag word. Dit is egter belangrik om taalgebruikers daarop bedag te maak dat alle variante vorme as standaardvorme geld en die gebruiker dus onder geen verpligting staan om die voorkeurvorm te gebruik nie. Die keuse van watter vorme hy/sy wil gebruik, berus dus by die taalgebruiker.

'n Volgende sosiale werklikheid waarmee herstandaardiseerders te kampe het, is dat ons in 'n elektroniese era van kits-kennisuitruiling leef. Met persoonlike rekenaars, selfone met internettoegang, tablette met internettoepassings, e-boeke en sosiale media wat aan die orde van die dag is, het taalgebruikers ook 'n toenemende behoefte om vinnige antwoorde op hulle taalvrae via die internet te kry. Enige pogings om die Afrikaanse ortografie te herstandaardiseer, sal myns insiens daarom 'n groter kans op sukses hê indien dit via die kuberruim onderneem word. Deur 'n sterk virtuele teenwoordigheid te handhaaf, word daar ook 'n groter moontlikheid tot samewerking tussen verskillende taalgebruikers geskep, aangesien meer taalgebruikers direkte en vinnige toegang tot die ortografie kan bekom.

Verder is dit ook belangrik om in gedagte te hou dat Afrikaans deel vorm van 'n multikulturele konteks. Dit is juis die miskenning hiervan wat vroeër daartoe gelei het dat 'n elitistiese Afrikaanse kultuur geskep is rondom 'n spesifieke etnisiteit (d.i. 'n "wit", Afrikaanse of Afrikanerkultuur). Vir die herstandaardisering van die Afrikaanse ortografie impliseer dit dat die standaardortografie losgemaak moet word van 'n spesifieke kultuur en/of etniese groep. Afrikaans moet beskou word as die som van al sy sprekers en enige herstandaardisering wat onderneem word, moet daarop gemik wees om hierdie werklikheid nie net op simboliese vlak nie, maar ook op konkrete vlak te realiseer. Sodoende sal herstandaardisering daartoe bydra om die idee van wit enklaves in Afrikaans te bestry en gevolglik bydra om Afrikaans se negatiewe beeld as onderdrukkerstaal teen te werk.

Laastens is dit belangrik om kennis te neem van die opvoedkundige ruimte waarbinne die standaardtaal funksioneer alvorens herstandaardiseringsbesluite geneem word. Ten spyte daarvan dat ons in

Suid-Afrika in 'n demokratiese samelewing woon, het alle Afrikaanssprekendes steeds nie toegang tot hoëgehalte-onderwys nie. Leerders wat onderrig by die voormalige model C-skole<sup>1</sup> ontvang, het in baie gevalle steeds beter toegang tot hulpbronne en beter opgeleide onderwysers as diegene wat die voormalige HvV<sup>2</sup>- en DOO-skole<sup>3</sup> bywoon. Die gevolg is dat hierdie leerders ook nie op dieselfde standaard is wat vaardigheid in die standaardtaal betref nie en dat die voorgesette gebruik van die standaard in sy huidige vorm dus diegene bevoordeel wat aan goeie taalonderrig blootgestel is (sien 3.5.2.3). 'n Ortografiese herstandaardiseringsprogram sal hierdie ongelykhede moet oorbrug deur taalonderwysverrykingsprogramme vir onderwysers en leerders te implementeer ten einde aan alle Afrikaanssprekendes die geleentheid te bied om 'n optimale vlak van taalvaardigheid te bereik. Die insluiting van meer omgangstaalvorme in die standaard het ook die potensiaal om leerders se taalvaardigheid te verbeter, deurdat die standaard dan nie so ver verwyder is van die spreektaal dat hulle daardeur benadeel word nie (sien 3.5.2.3).

### 5.3.3.2 Ekonomiese konteks

Soos die onderwys, word die ekonomiese konteks waarbinne die standaardortografie herbeding sal moet word, ook gekenmerk deur ongelykhede. In Suid-Afrika word die kloof tussen ryk en arm al hoe groter (McGroarty en Maylie, 2012). Hierdie ekonomiese kloof is ook sigbaar binne die Afrikaanse spraakgemeenskap. Naslaanbronne soos die *Afrikaanse woordelys en spelreëls* is 'n luukse in arm gemeenskappe waar Afrikaanssprekendes dikwels nie dié bronne kan bekostig nie. Skole en biblioteke in hierdie gemeenskappe ervaar ook 'n tekort aan taalhulpbronne. 'n Ortografiese herstandaardiseringsprogram vir Afrikaans sal hierdie werklikheid in gedagte moet hou en sodoende alternatiewe tot duur, gedrukte standaardiseringsbronne moet bedink, sodat dit nie net welgestelde Afrikaanssprekendes is wat gereelde toegang tot (her)standaardiseringsbronne het nie.

As een van elf amptelike tale in die Nuwe Suid-Afrika, is Afrikaans nie meer in die ekonomiese begunstigde posisie waarin dit voor 1994 as een van slegs twee amptelike tale verkeer het nie. Die finansiële hulpbronne wat Afrikaans en Engels voor 1994 van die regering ontvang het, moet nou met nege ander tale gedeel word. Verder is dit te verstane dat die huidige regering, vanweë die bevoorregte finansiële posisie wat Afrikaans voor 1994 geniet het, moontlik traag kan wees om finansiële hulpbronne aan Afrikaans toe te ken. Taal is ook een van die onbelangriker punte op die regering se agenda in die stryd om armoede in Suid-Afrika te bekamp. Taalbeplanners sal dus grootliks op privaat

<sup>1</sup> Dit is staatsondersteunde skole wat voor 1994 slegs vir wit leerders gereserveer is.

<sup>2</sup> Die Huis van Verteenwoordigers (HvV) is die departement wat voor 1994 na die skolastiese opvoeding van bruin leerders omgesien het.

<sup>3</sup> Die Departement van Opvoeding en Opleiding (DOO) het voor 1994 na die skolastiese opvoeding van swart leerders omgesien.

befondsing aangewese wees wanneer die herstandaardisering van Afrikaanse ortografie aangepak word. Daarom sal deeglike finansiële beplanning moet deel uitmaak van die taalbeplanningsproses.

### 5.3.3.3 Politieke konteks

Anders as wat die geval voor 1994 was, vorm Afrikaans nou ideaalgesproke deel van 'n demokratiese samelewing waar menseregte vooropgestel word. Hierdie menseregte sluit ook gelyke taalregte in, met ander woorde elke persoon het die reg om sy of haar moedertaal te gebruik. Binne dié konteks van demokrasie kan Afrikaans nie langer oor 'n standaard beskik wat 'n groot deel van die Afrikaanssprekende gemeenskap se taalgebruik uitsluit nie (sien 3.5.2.3). Die herstandaardisering van Afrikaans moet daarom ook die demokratisering van die taal behels (sien 3.3.3). Daar moet met ander woorde op 'n praktiese vlak meer ruimte binne die standaard gemaak word om ook ander variëteite van Afrikaans te akkommodeer. Die uiteinde van herstandaardisering moet dus 'n inklusiewe Afrikaanse ortografiese standaard wees.

Nog 'n aspek van die politieke konteks waarbinne Afrikaans bestaan, is dat daar klem geplaas word op die bemagtiging van elke landsburger, veral voorheen benadeelde burgers. Alexander (2011: 1) glo dat Afrikaans, ten spyte van die stigma as onderdrukkerstaal, die vermoë het om as taal van rekonsiliasie en die bevordering van nasionale eenheid te kan en sal dien. Die herstandaardisering van Afrikaans sal dus ten doel moet hê om alle Afrikaanssprekendes te bemagtig, deurdat die standaard toegankliker gemaak word. Op 'n breër vlak impliseer dit dat Afrikaans nie meer soos in die vorige politieke bedeling slegs ter wille van, of tot voordeel van die Afrikaanse spraakgemeenskap ontwikkel en/of bevorder kan word nie, maar ook vir die bemagtiging van ander landsburgers aangewend moet word. Afrikaanssprekendes moet dus in vennootskap met ander Afrikataalsprekers tree ten einde 'n nuwe etnies gebaseerde taalstryd te vermy en versoening tussen verskillende taalgroepe te bevorder, asook vir die behoud en uitbou van demokrasie in Suid-Afrika (Alexander, 2001: 11-12). Soos reeds aangedui (sien 3.3.3), hou Afrikaans baie onbedoelde voordele in wat ingespan kan word om die inheemse Bantoetale te help om dieselfde vlak van moderniteit as Afrikaans te bereik. Giliomee (2005: 280) dui ook daarop dat die ontwikkeling van Afrikaans in die twintigste eeu tot universiteits- en wetenskaptaal as model vir ander sprekers van nedominante Bantoetale kan dien. Afrikaans het baie hulpbronne te bied aan hierdie tale in die vorm van kennis op die gebied van standaardisering, leksikografie en woordskepping (Giliomee, loc. cit.). In hierdie verband kan daar byvoorbeeld verwys word na die baanbrekerswerk wat deur die Buro van die Woordeboek van die Afrikaanse Taal gedoen is (sien 3.3.3), asook die Taalfasiliteringsprogram by die Universiteit van die Vrystaat (Alexander, loc. cit.). Verlaas ten opsigte van herstandaardisering kan Afrikaans as model vir ander inheemse tale dien hoe om die slaggate van standaardisering te vermy wat nou die her-



standaardisering van Afrikaans noodsaak. Afrikaanssprekendes moet dus in die woorde van Webb (1997: 229) nie vra wat Suid-Afrika vir Afrikaans kan doen nie, maar wat Afrikaans vir Suid-Afrika kan beteken.

Nog 'n politieke werklikheid waarmee Afrikaans in die post-1994 politieke bestel te kampe het, is, soos reeds genoem (sien 5.3.3.2), die gebrek aan politieke wil om taalbevordering 'n prioriteit te maak. Taalbeplanners kan nie op regeringsteun staatmaak in die proses om Afrikaans te herstandaardiseer nie. Ander maniere sal dus gevind moet word om status en gesag aan herstandaardiseringsbesluite te gee; iets wat uiteindelik belangrik sal wees in die spraakgemeenskap se aanvaarding van standaardiseringsbesluite. Taalbeplanners sal nie die herstandaardisering van die Afrikaanse ortografie op eie houtjie kan aanpak nie, maar sal met gesaghebbende instansies van alle sferes van die samelewing moet saamspan ten einde die sukses van die herstandaardiseringsproses te verseker. Voorbeelde van dergelike gesaghebbende instansies is die media en uitgewersbedryf (bv. Media24), uitsaaiewese (bv. SABC en KykNet), opvoedkundige instellings (bv. universiteite), sosiale instellings (bv. die ATKV, FAK, SBA<sup>4</sup> en ATR<sup>5</sup>), en die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns.

#### 5.3.3.4 Linguistiese konteks

Die linguistiese konteks waarbinne Afrikaans dit bevind, is een van 'n multitalige omgewing waar Afrikaans saam met ander inheemse minderheidstale teen die hegemonie van Engels moet meeding. Afrikaans se rol binne die multitalige Suid-Afrikaanse omgewing is reeds in die vorige afdeling behandel (sien 5.3.3.3; d.i. dat Afrikaans saam met ander minderheidstale moet span ten einde die hegemonie van Engels teë te werk). Wat die hegemonie van Engels betref, is dit belangrik dat 'n herstandaardiseringsprogram vir Afrikaans die waarde van Afrikaans sal beklemtoon ten einde Afrikaanssprekendes aan te moedig om die taal in alle sferes van die samelewing te gebruik. Herstandaardisering moet daarop gemik wees om die waarde van individuele multitaligheid aan Afrikaanssprekendes uit te lig en aan te moedig sodat hulle nie Afrikaans ten koste van Engelse eentaligheid sal laat vaar soos wat reeds in die Afrikaanse spraakgemeenskap te bespeur is nie (sien 3.5.2.3). Laastens impliseer dit ook dat respek vir ander tale onder Afrikaanssprekendes bevorder sal word en 'n ortografiese herstandaardiseringsprogram vir Afrikaans kennis sal neem van die invloed van ander tale op Afrikaans en hierdie invloed in die ortografie van Afrikaans sal verreken en dit nie onnodig uit die standaard sal weer soos wat veral ten opsigte van die invloed van Engels op Afrikaans gedoen is nie (sien 3.5.2.2).

---

<sup>4</sup> Sien 4.4.4, voetnoot 22

<sup>5</sup> Sien 5.3.7.1

Afrikaans funksioneer egter nie net binne 'n multitalige konteks nie, maar ook in 'n konteks van multi-variëteit. In die herstandaardisering van die Afrikaanse ortografie moet daar dus kennis geneem word van al die variëteite van Afrikaans en daar moet probeer word om sover moontlik aan al hierdie variëteite in die geherstandaardiseerde standaard erkenning te gee, veral daardie variëteite wat voorheen by die standaardisering van Afrikaans oor die hoof gesien is. Die verskillende variëteite van Afrikaans moet egter nie net uiting vind in die standaard self nie, maar moet gepaard gaan met 'n opvoedingsprogram wat taalgebruikers inlig dat alle variëteite waardevol en gelyk is en dat een variëteit nie “mooier” of “beter” as 'n ander is nie.

Alvorens daar met die taalbeplanningsproses begin word, moet daar kennis geneem word van wat reeds in die linguistiese sfeer van Afrikaans gedoen is ten einde duplikasie te voorkom en te sorg dat die herstandaardisering van die Afrikaanse ortografie met ander standaardiserings- en taalkundige projekte in Afrikaans gekoördineer word. Aangesien die herstandaardisering van die Afrikaanse ortografie daarvan uitgaan dat sekere Afrikaanse skryftradisies in die aanvanklike standaardisering van Afrikaans geïgnoreer is (sien 2.3.3 en 2.3.4), is dit egter ook belangrik dat nieformele skryftradisies in die herstandaardisering van die Afrikaanse ortografie in ag geneem moet word, byvoorbeeld pogings van skrywers, digters, musici en andere om spreek- en streekstaal op skrif weer te gee, onder andere die werke van skrywers en digters soos Adam Small, Peter Snyders, Willem Fransman, John Boyes, Florence Ann Filton, Ronelda Kamfer en André en Nathan Trantaal, storievertellers soos Poem Mooney, hip-hop-kunstenaars soos Brasse Vannie Kaap, Jitsvinger, Mr Devious, Bliksemstraal, Blaq Pearl, Emile Jansen / Emile YX? en Dokte en Boere van Kallitz, en teaterproduksies soos *Afrikaaps*. In hierdie opsig het navorsing oor die variëteite van Afrikaans ook 'n belangrike rol te speel, byvoorbeeld A.F. Prinsloo se *Annerlike Afrikaans* en studies oor Afrikaanse kontreitaal<sup>6</sup>, D.J. van Schalkwyk se studies oor die Afrikaans van die Rehoboth-Basters<sup>7</sup> in Namibië en Nederlandse taalreste in verskeie variëteite van Afrikaans<sup>8</sup>, A.M. Louw se studie oor die Afrikaans van die Rehoboth-Basters<sup>9</sup>, T. Links se *So praat ons Namakwalanders*, W.J.C. Boonzaier en se studie oor Bolandse Afrikaans<sup>10</sup>, R.M. Klopper<sup>11</sup> en H.C. Dreyer<sup>12</sup> se studies oor Kaapse Afrikaans, E.F. Kotzé se studie oor Maleier-

<sup>6</sup> Prinsloo, A.F. 2009. Kontreitaal. In: Hugo, D. (red.). *Halala Afrikaans*. Pretoria: Protea Boekhuis. pp. 137-142.

<sup>7</sup> Van Schalkwyk, D.J. 1983. *Fonetiese variasie in die taal van die Rehoboth-Basters*. Johannesburg: Randse Afrikaanse Universiteit. (Ongepubliseerde D. Litt. et Phil.-proefskrif).

<sup>8</sup> Van Schalkwyk, D.J. en van Lierop, K.J.J.A. 2003. *Nederlandse taalresten in die variëteite van die Afrikaans*. (Ongepubliseerde navorsing met fondse van die Kaapse Forum vir Neerlandistiek).

<sup>9</sup> Louw, A.M. 2010. *Language maintenance and shift among the Rehoboth Basters of Namibia ca. 1868-2008*. Kaapstad: Universiteit van Kaapstad. (Ongepubliseerde PhD-proefskrif).

<sup>10</sup> Boonzaier, W.J.C. 1989. *'n Taalkundige karakterisering van Bolandse Afrikaans*. Bloemfontein: Universiteit van die Oranje-Vrystaat. (Ongepubliseerde D.Litt.-proefskrif).

<sup>11</sup> Klopper, R.M. 1983. *Kaapse Afrikaans*. Pretoria: Universiteit van Pretoria. (Ongepubliseerde D. Litt.-proefskrif).

<sup>12</sup> Dreyer, H.C. 1986. *Die Beskrywing van Kaapse Afrikaans as 'n variëteit van Afrikaans*. Bloemfontein: Universiteit van die Oranje-Vrystaat. (Ongepubliseerde MA-tesis).

afrikaans<sup>13</sup>, en W.J. de Klerk se studie oor dialektiese verskeidenheid in Afrikaans<sup>14</sup>. Waar daar nie sulke bronne vir sekere variëteite van Afrikaans bestaan nie, is dit belangrik dat die Afrikaanse herstandaardiseringsprogram studie op die gebied van Afrikaanse variasietaalkunde sal aanmoedig deur die daarstel van beurse.

Soos genoem, moet die herstandaardisering van die Afrikaanse ortografie ook met ander standaardiseringsprojekte gekoördineer word. 'n Belangrike projek waarvan kennis geneem moet word, is die beoogde elektroniese grammatika vir Afrikaans (elektroniese Afrikaanse Grammatika, afgekort e-AG). Die moontlikheid van 'n e-Grammatika vir Afrikaans, wat tot op hede nie oor 'n gestandaardiseerde grammatika beskik nie, is aan die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns genoem en vir verdere bespreking na die Akademie se Taalkommissie verwys. Na verskeie beplanningsgesprekke het die Akademie en hulle Taalkommissie 'n groepie Afrikaanse taalkundiges van verskeie universiteite en die uitgewersbedryf genooi om aan 'n wyer gesprek oor die moontlikheid van 'n e-AG deel te neem. Die doelstellings wat vir die e-AG gestel is, is dat dit 'n geïntegreerde, veelvlakkige, veelfasige, korpusgebaseerde, elektroniese grammatika van Afrikaans moet wees. Dit behels dat dit 'n proskriptiewe aanlynbron sal wees waarin die verskillende variëteite van Afrikaans opgeteken en beskryf sal word en die teoretiese bespreking toegelig en ondersteun sal word deur voorbeeldmateriaal wat afkomstig sal wees van 'n verteenwoordigende en gebalanseerde korpus van Afrikaanse tekste uit verskillende variëteite.

Die e-AG sal verder voorsiening maak vir verskillende vaardigheidsvlakke (d.i. sekondêr, tersiër en gevorderd) en uit subdisiplines bestaan wat stelselmatig in onderskeie fases bekendgestel sal word. Daar word beoog om eerste die vlak vir universiteitstudente (tersiêre vlak) bekend te stel en die bestek aanvanklik te beperk tot die sintaksis en morfologie van Afrikaans. Aangesien dit 'n gratis elektroniese grammatika sal wees, sal dit vir die samestellers moontlik wees om deurgaans na ander bronne te verwys en ryklik van internetskakels gebruik te maak, asook om vinnige terugvoer van 'n groot aantal taalgebruikers te kry wat dadelik kommentaar op die inhoud kan lewer. Dit kan verder tot onmiddellike aanpassings en verbeterings aan die e-AG lei en verseker dat dit 'n dinamiese proses is wat voortdurende vernuwings kan ondergaan. Die e-AG sal ook waarskynlik wiki-gebaseerd wees, maar die samestellers wil nie noodwendig hê dat enige taalgebruiker aan die inskrywings moet kan verander nie. Daarom sal gekoöpteerde medewerkers (eksperts) en moderators (Taalkommissielede) betrek word om aan die e-AG mee te werk, maar die samestellers wil nie eksklusiwiteit aan die medewerkers koppel nie. Daar word ook optimale samewerking met ander instansies beoog. In hierdie

<sup>13</sup> Kotzé, E.F. 1983. *Variasiepatrone in Maleier-Afrikaans*. Johannesburg: Universiteit van die Witwatersrand. (Ongepubliseerde PhD-proefskrif).

<sup>14</sup> De Klerk, W.J. 1986. *Die aard van dialektiese verskeidenheid in Afrikaans*. Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika. (Ongepubliseerde D.Litt.-proefskrif).

verband het die *Nederlandse Organisatie voor Wetenschappelijke Onderzoek* (NWO) groot bereidwilligheid getoon om hulle hulpbronne soos die infrastruktuur van 'n soortgelyke projek vir Nederlands, genaamd Taalportaal<sup>15</sup>, beskikbaar te stel. (Gouws, 2012a)

Daar word uiteindelik beoog om 'n Virtuele Instituut vir Afrikaans (vivA!) daar te stel bestaande uit die e-AG, 'n aanlynkorpus van geskrewe Afrikaans, 'n omvattende aanlynwoordeboek (die *e-WAT*), preskriptiewe ortografie ('n aanlynweergawe van die *AWS*) en 'n aanlyntaaldiens (soos die Nederlandse *Taaladviesbank*<sup>16</sup> of *Taaladviesdienst*<sup>17</sup>, die Friesiese *Taalburo*<sup>18</sup> en Engelse *AskOxford.com* of *Word.com*). (Taalkommissie, 2011: 1-3) Dit is belangrik dat veral korpusbeplanning ten opsigte van 'n geherstandaardiseerde Afrikaanse ortografie moet rekening hou met bogenoemde beoogde projekte vir Afrikaans. Die ortografiese herstandaardisering moenie in isolasie geskied nie, maar moet op 'n geïntegreerde wyse by bogenoemde voorstelle insakel ten einde effektiewe koördinerings van die verskeie aspekte van die Afrikaanse taal te verseker.

### 5.3.4 Evaluering

Nadat die verskillende kontekste oorweeg is waarin die standaard moet funksioneer, moet die bestaande standaard aan die hand van die kontekstuele oorwegings geëvalueer word ten einde te bepaal tot watter mate dit aan die kontekstuele vereistes voldoen, al dan nie. Dit is belangrik om deeglik kennis te neem van bestaande standaardiseringsbron(ne) deur 'n uitvoerige en kritiese beskrywing sowel as resepsiestudie van die historiese ontwikkeling van dié standaardiseringsbron(ne) te onderneem ten einde die tekortkominge en winste van die bestaande standaard aan die hand van die kontekstuele vereistes te identifiseer. Vir die herstandaardisering van die Afrikaanse ortografie moet 'n deeglike ondersoek na die historiese ontwikkeling van al tien die uitgawes van die bestaande ortografiese standaardiseringsbron van Afrikaans, die *Afrikaanse woordelys en spelreëls*, onderneem word (vgl. 4.5) ten einde die relevansie van dié bron as standaardiseringsbron vir die toekoms te bepaal (vgl. 4.6).

<sup>15</sup> Taalportaal is 'n virtuele taalinstituut wat ten doel het om die beskikbare inligting oor die grammatika van Nederlands en Fries (klankleer, vormleer en sinsleer) op 'n toeganklike en wetenskaplik verantwoordbare wyse via die internet bymekaar te bring. Die projek, wat op 1 Januarie 2011 van stapel gestuur is, word gelei deur 'n konsortium (Meertens Instituut, Fryske Akademy, Instituut voor Nederlandse Lexicologie, Universiteit Leiden) en uitgevoer deur navorsers van hierdie instellings en ander Nederlandse universiteite. Die projek word gefinansier deur 'n finansiële bydrae van 1,7 miljoen euro wat deur die Nederlandse Organisatie voor Wetenschappelijk Onderzoek vir die periode 2011 tot 2015 bewillig is. ([www.taalportaal.org](http://www.taalportaal.org))

<sup>16</sup> [taaladvies.net/taal/advies/verantwoording/](http://taaladvies.net/taal/advies/verantwoording/)

<sup>17</sup> [www.onzetaal.nl/taaladvies](http://www.onzetaal.nl/taaladvies)

<sup>18</sup> [argyf.fryske-akademy.eu/fa/taalburo](http://argyf.fryske-akademy.eu/fa/taalburo)

### 5.3.4.1 Identifiseer tekortkominge

Die eerste stap in die evalueringsproses is om die tekortkominge van die bestaande standaard aan die hand van die kontekstuele vereistes soos bepaal tydens stap een van die herstandaardiseringsproses te identifiseer. Dit sal aan die taalbeplanner 'n aanduiding gee in watter opsig die bestaande standaard tekort skiet en waar veranderinge of aanpassings uiteindelik aan die standaard aangebring moet word.

As die konteks waarbinne die Afrikaanse standaard moet funksioneer in ag geneem word, kom daar verkeie tekortkominge van die bestaande ortografiese standaard aan die lig. Die eerste is dat die bestaande standaard te preskriptief is om aan die vereistes van informalisering en 'n demokratiese samelewing te voldoen. Die feit dat *Afrikaanse woordelys en spelreëls* tot op hede nog nie in elektroniese formaat verskyn het nie en ook nie op die internet beskikbaar gestel is nie, is 'n verdere tekortkoming gegewe die huidige hoogs gedigitaliseerde samelewing. 'n Ander tekortkoming wat hiermee saamhang, is dat daar nie 'n goedkoper alternatief vir die relatief duur, gedrukte weergawe van die AWS beskikbaar is nie sodat taalgebruikers van alle vlakke van die samelewing nie gelyke toegang tot die standaardortografie het nie. Verder het die bestaande standaard 'n spesifieke etniese kleur deurdar nie voldoende voorsiening gemaak word vir die insluiting van ander variëteite by in die standaardortografie nie (sien 3.5.2.3) en daar dus ook nie voldoen word aan die vereistes van 'n demokratiese samelewing nie. Dié toedrag van sake is hoofsaaklik te wyte aan die gebrekkige verteenwoordiging van verteenwoordigers uit verskeie sferes van die samelewing en uit die verskillende variëteitgroepe op die Taalkommissie, asook 'n beperkte korpus. Wat laasgenoemde betref, word daar, behalwe vir die kaartjieverzameling van die *Woordeboek van die Afrikaanse Taal*, nie van niestandaardvariëteitbronne gebruik gemaak by die samestelling van die AWS nie<sup>19</sup> (vgl. 4.5.2.10; Taalkommissie, 2009: xxiv).

<sup>19</sup> Aangesien die *Woordeboek van die Afrikaanse Taal* deskriptief van aard is, met ander woorde die taal opneem soos dit voorkom en alles in Afrikaans opneem wat gevestig is, maak die samestellers van die WAT gebruik van 'n baie meer verteenwoordigende korpus by die samestelling van dié omvattende woordeboek. Die korpus van die WAT strek van 1875 tot vandag met 'n skerper fokus op die periode 1900 tot 1990. Hierdie korpus bestaan uit 'n kaartjieverzameling met materiaal wat verteenwoordigend is van die volheid van Afrikaans, met ander woorde van alle variëteite van Afrikaanse gesproke en geskrewe taal, veral wat betref die periode 1950 tot 1970. Alle materiaal sedert 1990 vorm deel van 'n elektroniese korpus bestaande uit materiaal uit die Media24-argief, dit is materiaal uit koerante soos *Die Burger*, *Beeld*, *Rapport*, *Volksblad*, *Landbou Weekblad* en *Son*. (Botha, 2012) Alhoewel die *Son* deel uitmaak van die Media24-argief en dus die korpus van die WAT, beskou ek hierdie bron nie werklik as 'n verteenwoordigende niestandaardbron nie. Alhoewel tagtig persent van die *Son* se lesers bruin Afrikaanssprekendes is, is daar nog nie studies gedoen om te bepaal of die taalgebruik wat in die *Son* gebruik word, verteenwoordigend is van die bruin spraakgemeenskap nie. My mening is egter dat dit nie die geval is nie, aangesien daar nie eenvormigheid in die taalgebruik is wat in onderskeie artikels van die *Son* gebruik word nie. Alhoewel briewe en ander skrywes deur lesers wel verteenwoordigend is van sprekers se taalgebruik, is sommige artikels in redelik formele Standaardafrikaans geskryf. Ander artikels skep weer die indruk dat dit in "geskepte" taal geskryf is, met ander woorde Standaardafrikaans waar daar net hier en daar 'n

### 5.3.4.2 Identifiseer winste

Dit is belangrik dat daar nie net op die tekortkominge van die bestaande standaard gefokus word nie, maar dat die taalbeplanner ook die winste van die standaard kan identifiseer. Dit sou myns insiens onprakties en uiters kortsigtig wees om die bestaande standaard as geheel te skrap. In die woorde van Kotzé (2011: 3) wil 'n mens “tog nie die standaardisasie (of herstandaardisasiewiel) weer uitvind en kompulsief uit jou eie foute leer as daar iets uit ander se ondervinding te leer is nie”. Daar is gewis baie te leer uit die bestaande standaard wat in baie gevalle waarskynlik oor die verloop van dekades gestandaardiseer en verfyn is. Dit is na my mening ook teenproduktief vir die uiteindelijke aanvaarding vir die nuwe standaard, aangesien mense gewoonlik traag is om verandering te aanvaar, en des te meer indien daardie verandering te ingrypend of drasties is. Deur die positiewe aspekte van die bestaande standaard te behou, is daar 'n groter kans dat die spraakgemeenskap uiteindelik die voor-genome veranderinge aan die standaard sal aanvaar en dus die nuwe standaard sal gebruik (sien 5.3.7.2).

'n Paar winste van die bestaande Afrikaanse ortografiese standaard is veral sedert die agste uitgawe van die *Afrikaanse woordelys en spelreëls* te bespeur. Sedert hierdie uitgawe blyk daar nie net 'n groter aanvaarding van die invloed van ander tale op Afrikaans te wees nie, maar ook 'n geleidelike verrekening van ander variëteite van Afrikaans wat vroeër by die standaard uitgesluit is. Dit blyk uit die insluiting van 'n groter aantal leenwoorde uit Bantoetale, asook Engelse leenwoorde wat oor die verloop van tyd neerslag gevind het in die standaard. In die jongste uitgawe van die *AWS (AWS<sup>10</sup>)* is daar ook 'n aantal woorde uit Moslemafrikaans ter erkenning by die standaard ingesluit. In die herstandaardisering van die Afrikaanse ortografie sal dit nuttig wees om hierop voort te bou. Nog 'n positiewe punt is dat die Taalkommissie ook die waarde van elektroniese media soos die internet begin insien het. Hulle handhaaf tans 'n lewendige teenwoordigheid op internetgebaseerde sosiale media soos *Facebook* en *Twitter*, het die woordelys reeds op die internet beskikbaar gestel, is in die proses om 'n CD-Rom-weergawe van die *AWS* beskikbaar te stel, en beoog uiteindelik om die *AWS* in die toekoms in verrykte vorm ook op die internet beskikbaar te stel (sien 4.4.5). Verder is hulle ook betrokke by die Afrikaanse e-grammatika en *Virtuele Instituut vir Afrikaans* wat beoog word (sien 5.3.3.4).

---

Engelse woord ingevoeg is. Baie joernaliste en/of taalversorgers by die *Son* is ook nie moedertaalsprekers van Kaapse Vernakulêre Afrikaans nie, wat die egtheid van die taalgebruik in die *Son* verder in twyfel trek.

### 5.3.5 Statusbeplanning

Nadat die relevante agtergrondinligting ingewin is, dit is die bepaling van die konteks waarin die nuwe standaard moet funksioneer en evaluering van die bestaande standaard, kan daar voortgegaan word met die eerste taalbeplanningstap in die herstandaardiseringsproses, naamlik statusbeplanning. Die statusbeplanningsfase, wat bestaan uit die seleksie van aktiwiteite en funksieontwikkeling, het ten doel om die variëteit(e) te identifiseer wat moet deel uitmaak van die beoogde nuwe standaard en om dan die status van hierdie variëteit(e) te verhoog deur dit in die gebruiksdomeine bekend te stel wat deur die bestaande standaard beset word. Daar kan ook nuwe funksies aan hierdie variëteit(e) toegeken word waarin die bestaande standaard nie voorheen gebruik is nie ten einde die status van hierdie variëteit(e) te verhoog. Die statusbeplanningsfase en korpusbeplanningsfase hoef egter nie op mekaar te volg nie, maar kan gelyktydig uitgevoer word, aangesien hierdie twee taalbeplanningsprosesse interafhanklik is (sien 2.2.2).

#### 5.3.5.1 Seleksie

Hierdie eerste stap in die statusbeplanningsproses, wat enigermate 'n ooreenkoms met die seleksiefase van Haugen se taalbeplanningsmodel toon (sien 2.2.5.3), behels dat die variëteit(e) gekies word wat moet deel uitmaak van die nuwe standaard. Die demokratiserende aard van die herstandaardiseringsproses vereis dat 'n polisentriese benadering (sien 2.2.5.3) tot normseleksie gevolg moet word, met ander woorde dat die verskillende variëteite waaruit 'n taal bestaan, in die standaard neerslag moet vind. Deur hierdie benadering te volg, word gelyke status aan die verskillende variëteite van 'n taal toegeken en word een variëteit nie as “belangriker”, “mooier” of “beter” verhef en die ander variëteite as “substandaard” afgemaak nie.

Standaardafrikaans is grotendeels op Oosgrensafrikaans gebaseer, wat hoofsaaklik deur wit sprekers van Afrikaans gebruik word, terwyl Kaapse Afrikaans en Oranjerivier-Afrikaans, wat hoofsaaklik deur bruin sprekers van Afrikaans gebruik word, as “onbeskaafd” afgemaak is (sien 2.3.2, voetnoot 9 en 3.5.2.3, voetnoot 29). Die polisentriese benadering tot normseleksie impliseer dat al drie hierdie breë variëteite in die geherstandaardiseerde ortografie moet neerslag vind. Soos reeds in die inleidende hoofstuk genoem (sien 1.1.2, voetnoot 5), gaan dit uiteindelik by die herstandaardisering van die Afrikaanse ortografie daarvoor om alle variëteite van Afrikaans by die standaard in te sluit sodat een variëteit nie voorrang bo die ander geniet nie, maar dat alle variëteite van Afrikaans gelyke status geniet.

### 5.3.5.2 Funksieontwikkeling

Nadat die variëteite wat moet deel uitmaak van die beoogde nuwe standaard gekies is, kan die status van hierdie variëteite verder verhoog word deur dit in dáárdie gebruiksdomeine bekend te stel wat voorheen slegs deur die enkele verhewe standaardvariëteit beset is. Deur nuwe funksies aan hierdie variëteite toe te ken wat vroeër slegs deur die standaardvariëteit vervul is, wys dit aan taalgebruikers dat hierdie variëteite net so geskik soos die bestaande standaard is om hierdie funksies te vervul. Volgens Cooper (1989: 99) is daar twaalf funksies wat in statusbeplanning aan 'n taal toegeken kan word. Hy baseer sy doelwitte van statusbeplanning op Stewart (1968) se taalfunksies soos bespreek in verhouding tot nasionale multitaligheid (Cooper, loc. cit.). Hierdie taalfunksies sluit in die amptelike en provinsiale funksies van taal, taal as medium van wyer kommunikasie, die internasionale, hoofstad-, en groepfunksie van taal, taal as medium van onderrig en as skoolvak, en die literêre en godsdiensfunksies van taal. Cooper (1989: 118) meen egter dat statusbeplanningsbesluite ook nog ten opsigte van twee ander bykomende funksies as dié wat deur Stewart geïdentifiseer is, gemaak word. Hierdie funksies van taal sluit in taal vir gebruik in die massamedia en die werkplek<sup>20</sup> (Cooper, loc. cit.).

Webb (2010b: 115) dui daarop dat die oortuiging dat gepastheid, gesag en legitimiteit op een of ander wyse eksklusief is aan vaardigheid in Standaardafrikaans, nie onderhou kan word as ons Afrikaans as 'n simbool van nierassigheid wil hervorm nie. 'n Nuwe ideologie oor Afrikaans moet geformuleer en bevorder word waardeur die boodskap oorgedra word dat sprekers van ander variëteite van Afrikaans nie agterlik, ondergeskik of minder intelligent is nie, en dat alle variëteite van 'n taal geskik en gepas is vir verskillende sosiale en situasionele kontekste (Webb, in De Villiers, 1985: 36; Webb, 2010b: 115). Ten einde tot hierdie nuwe ideologie by te dra, moet die funksionele belangrikheid van die variëteite van Afrikaans formeel erken word (Webb, 2010b: 116). Dit kan gedoen word deur verskeie funksies aan hierdie variëteite toe te ken deur dit in onderskeie gebruiksdomeine in te voer. Aangesien Suid-Afrika reeds oor die meeste amptelike tale ter wêreld beskik, sou dit nie effektief wees om elke afsonderlike variëteit as amptelike, provinsiale en internasionale taal te gebruik of dit as medium van wyer kommunikasie of taal van die hoofstad of werkplek te gebruik nie. Hierdie funksies word meer effektief deur standaardtale vervul en is dus funksies wat aan die geherstandaardiseerde standaard toegeken moet word.

<sup>20</sup> Die funksie van taal vir gebruik in die werkplek dui op die gebruik van taal as kommunikasiemedium in die werkplek, terwyl die hoofstadfunksie van taal op 'n meer amptelike vlak dui op die taal wat as kommunikasiemedium in die nasionale hoofstad gebruik word. In Kaapstad vervul Afrikaans, Xhosa en Engels 'n hoofstadfunksie. In alle amptelike kommunikasiedomeine in Kaapstad word Afrikaans, Xhosa en Engels dus gebruik. Dit beteken egter nie dat daar nie ook ander tale in die stad gebruik word nie. Dit kan byvoorbeeld gebeur dat 'n werkgewer in Kaapstad baie Sesothosprekende werknemers in sy diens het, sodat hierdie taal in daardie spesifieke werkplek domineer. In só 'n geval het Sesotho dan, alhoewel dit nie oor die hoofstadfunksie in Kaapstad beskik nie, wel die funksie van taal vir gebruik in die werkplek. 'n Taal kan ook in enige konteks, met ander woorde nie net in die nasionale hoofstad nie, die funksie van taal vir gebruik in die werkplek hê.



Die gebruiksdomeine waar die verskillende variëteite van Afrikaans wel met sukses ingevoer kan word ten einde die status daarvan te verhoog, is in die onderwys, literatuur, godsdiens en massamedia. Wat eersgenoemde betref, kan die verskillende variëteite van Afrikaans deel gemaak word van die leerplan vir Afrikaans sodat Afrikaanssprekendes reeds van 'n vroeë ouderdom bekend gestel word aan die verskillende “gesigte” van Afrikaans – nie as verskillende variëteite van een taal nie, maar as onderskeie registers van een taal – sodat leerders 'n begrip van die rykheid van Afrikaans kan ontwikkel<sup>21</sup>. 'n Verandering in die manier waarop daar oor variëteite gedink word, vereis ook dat Afrikaansonderwysers hulle houdings en oordele oor “Niestandaardafrikaans” moet verander (Webb, loc. cit.). Daarom meen Trudgill (in De Villiers, 1985: 112-113) dat onderwysers in hulle opleiding deeglike onderrig in die sosiolinguistiek moet ontvang, sodat die linguistiese gelykwaardigheid van standaard- en niestandaardvariëteite by onderwysers tuisgebring kan word en negatiewe houdings teenoor niestandaardvariëteite uitgeskakel kan word. Sodoende kan onderwysers die niestandaard-sprekers met beter begrip benader, aan hulle 'n positiewe ervaring van hulle individuele variëteite gee, en die standaardvariëteit vir hulle toegankliker maak (De Villiers, 1985: 113). Op 'n praktiese vlak moet daar dus minder rigied of voorskriftelike omgegaan word met die eksaminering van opstelle en mondelinge deur leerlinge groter vryheid te gee om dit in hulle moedertaalvariëteit te doen. In Noorweë word leerders byvoorbeeld toegelaat en selfs aangemoedig om hulle moedertaalvariëteite in die klaskamer te gebruik terwyl onderwysers verplig is om die leerders se gesproke variëteite te respekteer en aangemoedig word om hulle spraak volgens dié van die leerders aan te pas. Die gevolg is dat leerders nie gedwing mag word om die standaard te gebruik nie en dat hulle dus nie standaard gesproke vorme op skool leer nie. (Deumert, 2005a: 25) Op tersiêre vlak kan studente deur middel van studiebeurse aangemoedig word om voor- en nagraadse studie in veral die variasietaalkunde te onderneem ten einde die waarde van die verskillende variëteite van Afrikaans as studieveld te beklemtoon en sodoende nuttige data te bekom wat weer in korpusbeplanning gebruik kan word (sien 5.3.6).

Van die kant van uitgewers kan daar meer gedoen word om tekste te publiseer wat in die verskillende variëteite van Afrikaans geskryf is of waarin die verskillende variëteite aan bod kom. Waar min literatuur of poësie in 'n bepaalde variëteit bestaan, kan uitgewers sprekers uit hierdie gemeenskappe aanmoedig om in hierdie variëteite te skryf deur skrywerswerkswinkels aan te bied en skrywersbeurse aan hierdie gemeenskappe beskikbaar te stel. Verder kan die variëteite van Afrikaans in die massa-media ingevoer word deur byvoorbeeld radio-omroepers aan te moedig om in hulle eie variëteit uit te

---

<sup>21</sup> 'n Praktiese voorbeeld hiervan is Ronel van Oort se ongepubliseerde doktorsale studie getiteld *Die ontwikkelingsgeskiedenis van Afrikaans: 'n inklusiewe perspektief en implementering in 'n lesreeks* wat sy in 2008 aan die Potchefstroomkampus van die Noordwes-Universiteit voltooi het.

saai, soos wat soms op die radiostasie *The Voice of the Cape*<sup>22</sup> gedoen word, artikels in tydskrifte te plaas wat in dialektiese taal geskryf is, en televisieprogramme te skep waarin sekere variëteite van Afrikaans gebruik word. 'n Goeie voorbeeld van laasgenoemde is programme soos *Fishy Fêshuns* en *Rugby Motors* waarin die Kaapse variëteit gebruik is. So kan die dialoog op 'n gewilde TV-sepie soos *7de Laan* byvoorbeeld aangepas word sodat dit meer verteenwoordigend is van werklike taalgebruik. Die advertensiewese kan ook van verskillende variëteite in hulle advertensieveldtogde gebruik maak. 'n Goeie voorbeeld hiervan is die braairestaurant *Spur* se Afrikaanse slagspreuk "*Spur* mense – mense wat die lewe smaak". Alhoewel verskillende variëteite die afgelope dekade of twee reeds suksesvol in die Afrikaanse musiekbedryf aangewend word, kan radiostasies meer doen om 'n wyer verskeidenheid Afrikaanse musiek van verskillende variëteitgroepe te speel. Ten spyte van groepe soos *Brasse Vannie Kaap* se sukses, kan daar byvoorbeeld meer gedoen word om Afrikaanse hip-hop-musiek te promoveer. Die feit dat baie predikante, pastore en ander geestelike leiers deesdae nie meer geneig is om "kanseltaal" (m.a.w. baie formele Standaardafrikaans) te gebruik nie, dra ook by om die verskillende variëteite van Afrikaans se status in die spraakgemeenskap te verhoog.

### 5.3.6 Korpusbeplanning

Soos reeds genoem (sien 5.3.5), kan korpusbeplanning afwisselend of saam met statusbeplanning uitgevoer word. Die korpusbeplanningsfase is dié fase van herstandaardisering waartydens die vorm van die bestaande standaard verander word (sien 2.2.2) na aanleiding van die eise wat aan die nuwe standaard gestel word deur die konteks waarin dit moet funksioneer (sien 5.3.3), asook die tekortkominge en winste wat in die bestaande standaard bestaan (sien 5.3.4). Die eerste herstandaardiseringsaktiwiteit wat tydens die korpusbeplanningsfase uitgevoer word, is die kodifisering van die nuwe standaard waartydens spesifieke besluite gemaak word oor watter ortografie, grammatikale vorme en leksikale items moet deel vorm van die nuwe standaard. Tydens die tweede aktiwiteit in die korpusbeplanningsfase, genaamd implementering, word die spesifieke besluite wat tydens kodifisering ten opsigte van die taalvorm gemaak is, deurgevoer.

#### 5.3.6.1 Kodifisering

Tydens kodifisering word daar op grond van die variëteite wat tydens seleksie gekies is en die nuwe funksies wat hierdie variëteite moet vervul, besluite oor die nuwe taalvorm geneem teen die agtergrond van die tekortkominge van die bestaande standaard en die kontekstuele vereistes. Hierdie herstandaardiseringsaktiwiteit stem ooreen met die kodifiseringsfase van Haugen se taalbeplannings-

<sup>22</sup> 100.4fm, 95.8fm, en 90.7fm stereo

model en kan daarom ook in die stadia van verskrifteliking, grammatisering en leksikalisering onderverdeel word (sien 2.2.5.3). Indien daar verskillende skryfstelsels in 'n taal bestaan, sal 'n eerste stap wees om dié skryfstelsels nader aan mekaar te probeer bring (verskrifteliking). Indien die bestaande skryfstelsel voldoende is, kan daar oorgegaan word tot besluite rakende die reëls en norme van die taal (grammatisering). Laastens moet daar ook besluit word watter woorde moet deel uitmaak van die nuwe standaard (leksikalisering). In die lig van demokratiese aard van herstandaardisering moet daar so wyd moontlik met verteenwoordigers van verskillende variëteitgroepe gekonsulteer word en voldoende dataversameling plaasvind ten einde te verseker dat al die variëteite by die standaard ingesluit word. Dit geld ook dáárdie variëteite wat nie oor 'n skryftradisie of ortografie beskik nie (veral dié variëteite wat stam uit Oranjerivier-Afrikaans en Kaapse Afrikaans; sien 2.3.2, voetnoot 9).

Die herstandaardisering van die Afrikaanse ortografie sal die fases van grammatisering en leksikalisering behels. Gegewe die kontekstuele vereistes (sien 5.3.3) en die tekortkominge en winste van die bestaande standaard (sien 5.3.4), is ek van mening dat die herstandaardisering van die Afrikaanse ortografie deur middel van 'n aanlyn, wiki-gebaseerde, proskriptiewe, korpusgebaseerde benadering moet geskied. Hoekom 'n aanlyn bron? Aanlyn bronne hou verskeie voordele in wat dit ideaal maak vir die herstandaardisering van die Afrikaanse ortografie. Aanlyn bronne is dinamiese bronne wat op die internet beskikbaar is (Klein, 2009: 428). Aanlyn bronne wat gratis op die Internet beskikbaar gemaak word, is maklik toeganklik vir elke gebruiker deur 'n URL-adres. Ten einde hierdie tipe bronne te gebruik, het die gebruiker nie enige bykomende apparatuur op hulle rekenaars nodig nie en hoef hulle ook nie enige programmatuur te installeer nie. Die enigste voorwaarde is dat die gebruiker se rekenaar toegerus moet wees met 'n webblaaiër. Dit is waarom aanlyn bronne so maklik is om te versprei en te gebruik. (Dimitrova, Dutsova en Panova, 2011: 43) Aangesien aanlyn bronne gratis beskikbaar gestel kan word, is dit 'n baie goedkoper alternatief tot gedrukte bronne soos die huidige *Afrikaanse woordelys en spelreëls*. (Klein, 2009: 428-429)

Terselfdertyd kan dit egter ook as een van die groot nadele van aanlyn bronne beskou word dat die gebruiker óf 'n rekenaar met 'n internetkonneksie nodig het, óf 'n selfoon met 'n internetkonneksie (Klein, 2009: 429). Alhoewel dit as een van die grootste struikelblokke van die herstandaardiseringsmodel beskou kan word, is ek van mening dat dit steeds groter toegang tot die Afrikaanse ortografie vir baie meer mense sal verseker as wat tans die geval is, aangesien baie mense deesdae toegang het tot selfone en byna alle selfone deesdae internettoegang het. 'n Mens moet egter waak daarteen dat bruin Afrikaanssprekendes nie weer by die standaardisering van Afrikaans uitgesluit word nie, aangesien dit juis hierdie gemeenskap is wat ook ekonomies agtergeblewe is en dikwels nie toegang het tot die internet nie. Om hierdie probleem te oorbrug, sal pogings aangewend moet word om rekenaars met internetkonneksies in skole, gemeenskapsale en ander openbare ruimtes aan te bring in

agtergeblewe gemeenskappe. Hiervoor sal borge benodig word. In gemeenskappe waar toegang tot die internet glad nie moontlik is nie, is dit die verantwoordelikheid van die herstandaardiseerders om steeds veldwerk te onderneem ten einde insette vanuit hierdie gemeenskappe te bekom. Hiervoor kan studente wat nagraadse studie en navorsing oor die variëteite van Afrikaans onderneem, ingespan word. Daar moet dus moeite gedoen word om studente te werf om hulle studie in hierdie rigting voort te sit. Afrikaanse organisasies soos die ATKV wat reeds beurse vir studie in Afrikaans toeken, kan genader word om hierdie beurse spesifiek beskikbaar te stel aan studente wat navorsing oor die verskillende variëteite van Afrikaans wil doen. Verder kan 'n internetgebaseerde ortografie moontlik 'n nuttige hulpmiddel vir die jonger generasie word, aangesien daar toenemende gebruik van die internet is en dit kan deur studente gebruik word wat gewoonlik toegang het tot rekenaars by hulle tersiële instellings (Klein, 2009: 431).

Een van die grootste voordele van aanlyn bronne is dat dit so te sê geen omvangbeperkings het nie, wat beteken dat dit meer inligting, soos lemmas, reëls en voorbeelde, as gedrukte bronne kan bevat (Klein, 2009: 428; Dimitrova, et al., 2009: 77). 'n Aanlyn bron kan dus onvergelykbaar meer taaldata as gedrukte bronne bevat, aangesien hierdie bronne die potensiaal vir oneindige groei het. Daar kan deurlopend nuwe toevoegings gemaak word. (Dimitrova, Dutsova en Panova, 2011: 43) Die feit dat aanlyn bronne feitlik geen ruimtebeperkings het nie, maak deeglike optekening van die taal moontlik. Dit sluit alle vorme van 'n woord in en nie net die gelemmatiseerde stam nie. (Klein, 2009: 430) Dit is veral 'n belangrike oorweging vir die herstandaardisering van die Afrikaanse ortografie, aangesien dit volgens Eksteen (1985: 180) wenslik lyk "om die woordelys aansienlik uit te brei en om sorg te dra dat soveel probleemtypes moontlik in die woordelys opgeneem word, aangesien die praktyk leer dat die **AWS**-gebruiker hoofsaaklik die woordelys naslaan, eerder as om die betrokke spelreël na te slaan en toe te pas". In stede van die tradisionele gelemmatiseerde vorme wat 'n gebruiker in gedrukte bronne vind, kan alle vorme van 'n woord as aparte lemmas in 'n aanlyn bron opgeneem word. 'n Gebruiker wat nie weet wat die stam van 'n onbekende woord is nie, kan bloot die woordvorm in die aanlyn bron insleutel en sal direk na die korrekte inskrywing geneem word. (Klein, 2009: 431) Die omvang van aanlyn bronne bied ook oneindige potensiaal om allerhande addisionele hulpmiddels toe te voeg ten einde dit 'n nuttiger en vollediger bron te maak. Vir elke inskrywing kan byvoorbeeld klanklêers toegevoeg word, wat beteken dat die gebruiker na die korrekte uitspraak van 'n woord kan luister – 'n baie nuttige eienskap vir taalaanleerders (Klein, 2009: 428). Ander nuttige toevoegings wat gemaak kan word, sluit in kruisverwysings deur middel van hiperteks en skakels na ander inligtingsbronne (Dimitrova, Dutsova en Panova, 2011: 43; Dimitrova, et al., 2009: 77). Aanlyn bronne voorsien dus vinnige en maklike hulp, veral tydens teksproduksie en -resepsie (Klein, 2009: 431).

Anders as elektroniese bronne (soos CD-Rom), is aanlyn bronne dinamies, wat dit moontlik maak om maklik en vinnig verandering in die taal aan te bring (Klein, 2009: 429). Die moontlikheid bestaan om dit deurlopend en direk by te werk en te redigeer (deur die regstelling van foute, toevoeging van nuwe inskrywings of nuwe inligting oor lemmas) (Dimitrova, Dutsova en Panova, 2011: 43; Dimitrova, et al., 2009: 77). Aanlyn bronne is dus ideale hulpmiddels vir die (her)standaardisering van taal, aangesien nuwe vorme en woorde maklik tot die bron toegevoeg kan word – ’n belangrike kenmerk om dit op hoogte te hou as dokumenteringshulpbron tydens die proses van (her)standaardisering wanneer nuwe terme geskep word (Klein, 2009: 430). Dit beteken dat veranderinge aan die ortografie gemaak kan word soos wat taalveranderinge plaasvind – ’n belangrike oorweging vir die finale fase van die herstandaardiseringsproses (sien 5.3.8). Dit is ook oral makliker en wyer toeganklik as elektroniese bronne (wat ook soos gedrukte bronne aangekoop moet word) en hoef nie op ’n rekenaar geïnstalleer te word nie (Klein, 2009: 428; Dimitrova, et al., 2009: 77).

Die woord *wiki* is afgelei van die Hawaiïese *wikiwiki* wat “vinnig” beteken en verwys na ’n webtuiste wat op medewerking berus deurdat dit direk deur enigiemand bewerk kan word wat toegang daartoe het (“Introduction to Wikipedia”, 2011: 2). ’n Wiki kan beskou word as ’n kombinasie tussen ’n webtuiste en ’n MSWord-dokument. In sy eenvoudigste vorm kan dit net soos enige ander webtuiste gelees word, met geen toegangsvoorregte nie, maar die werklike waarde van ’n wiki is daarin geleë dat baie mense saam aan die inhoud van die webtuiste kan meewerk deur van niks meer as ’n gewone webblaaier gebruik te maak nie. (Pearce, aangehaal in “Introduction to Wikipedia”, 2011: 2) As gevolg van die wiki-benadering tot inhoudsbeheer, kan baie individue stukke inligting tot enige inskrywing op die wiki-blad bydra (“Introduction to Wikipedia”, 2011: 2). ’n Wiki maak gebruik van die “crowdsourcing” (massadeelname)-model vir die versameling van inligting. Massadeelname, wat op gemeenskapsdeelname berus, behels die uitkontraktering van ’n taak deur dit aan ’n groep mense toe te deel ten einde oplossings te vind. Volgens massadeelname kan die invloed van die skare ’n groot bydrae maak tot probleemoplossing, beplanning en toekomstige voorspellings, deurdat dit die gemeenskap in staat stel om die hulpbronne en kennis waaroor hulle beskik deur die aanlyn platform by te dra. (Yeo, s.a.: 51-53) Die massadeelname-model is veral gepas vir die herstandaardisering van die Afrikaanse ortografie, aangesien dit meer insette vanuit die hele Afrikaanse spraakgemeenskap toelaat en sodoende kan ’n meer gebalanseerde beeld van die taalgebruik van die hele spraakgemeenskap in die ortografie weerspieël word. Aangesien ekspert-, nie-ekspert- en selfs leke-medewerkers aan die herstandaardiseringsproses kan deelneem, bied dit ’n veelvuldige perspektief op die ortografie (“Introduction to Wikipedia”, 2011: 3). ’n Wiki berus dus op die norm van meerderheidsopinie, waar ’n verteenwoordigende groep uit die spraakgemeenskap gebruik word om te bepaal of ’n bepaalde taalvorm geldig is, al dan nie, wat dan ’n deurslaggewende faktor is in die aanvaarding daarvan. (Combrink, 1986: 48)

Campbell, Oliver en Shortliffe (1998: 12-13) vra ten opsigte van die standaardisering van mediese terminologie die volgende vraag:

How can we have worked so long on such a problem and still lack the standardization that the World Wide Web, for example, seems to have acquired overnight? Some researchers within our community assert that at least part of the problem lies in a failure to collaborate effectively.

Wiki's berus nie net op samewerking (*cooperation*) nie, maar ook op medewerking (*collaboration*). Samewerking verwys na die verdeling van werk tussen die deelnemers sodat elke persoon verantwoordelik is daarvoor om 'n deel van die probleem te identifiseer en op te los, terwyl medewerking 'n gemeenskaplike verbintenis tot 'n gekoördineerde, sinkroniese poging behels om die probleem saam aan te pak. Samewerkende individue kan verantwoordelik wees vir verskillende dele van die taak, maar medewerking behels 'n poging om 'n gedeelde begrip van die probleem te konstrueer en in stand te hou. (Dillenbourg in Mattus, 2009: 185) Of soos Campbell, Oliver en Shortliffe (1998: 15) dit opsom:

Cooperative efforts are largely equal to the sum of their parts, whereas collaborative efforts are more synergistic and interdependent.

Kommunikasiegedrewe samewerking en medewerking vind plaas in verskillende gespreksforums soos gespreksblaaie, gebruikersblaaie, gemeenskapsportale, ensovoorts, waar gebruikers hulle gemeenskaplike pogings om spesifieke artikels of projekte te skep of uit te brei, kan koördineer (Mattus, 2009: 189). Waar taalkundiges vroeër arbeidsintensiewe en tydrowende veldwerk moes onderneem ten einde taaldata in te samel voordat hulle kon begin om 'n ortografiese sisteem saam te stel, stel 'n aanlyn wiki-platform die spraakgemeenskap in staat om data soos klankgrepe en video-insetsels te laai en voorstelle vir die spelling van woorde te maak. Op grond van hierdie data kan taalkundiges die foneme en die spelling van 'n woord identifiseer. (Yeo, s.a.: 15-16) Behalwe dat wiki's 'n groter mate van samewerking deur die hele spraakgemeenskap toelaat, dra die samewerkings- en medewerkingsbeginsel ook by tot 'n goedkoper ortografiese bron vir Afrikaans, aangesien samestellers nie duur veldwerk hoef te onderneem ten einde data in te samel vir die herstandaardisering van die ortografie nie.

Besluitneming op 'n wiki-blad soos *Wikipedia* volg gewoonlik die beginsel van konsensus. Diepgaande en uitvoerige besprekings maak dit moontlik om twispunte en ander aspekte te bespreek of te debatteer voordat belangstellende gebruikers oor die beste oplossing stem. (Mattus, 2009: 192) 'n Wiki impliseer dus 'n tipe demokratiese platform. Die minder elitistiese ruimte bevat en weerspieël meer opinies en verteenwoordig meer stemme as bronne wat deur 'n beperkte aantal samestellers opgestel word, en verteenwoordig 'n wyer reeks idees, bedoelings, identiteite, ouderdomme, kulture, ensovoorts, wat die inhoud kleur. (Mattus, 2009: 196) 'n Wiki kan met ander woorde gesien word as 'n

groepskommunikasie-meganisme wat gewoonlik die belange van 'n spesifieke gemeenskapsdoel dien (Emigh en Herring, in Mattus, 2009: 184). Veral hierdie eienskap van wiki's maak dit ideaal vir die herstandaardisering van die Afrikaanse ortografie, aangesien dit meer insette van 'n wye spektrum Afrikaanssprekendes toelaat en sodoende voldoen aan die demokratiseringsvereiste van herstandaardisering. 'n Verandering in taalgebruik kan aangeteken en ingesluit word as die blad 'n gebruikersterugvoervorm het waar gebruikers die samestellers kan inlig oor hoe hulle 'n woord gebruik of navrae kan doen oor waarom sekere woorde weggelaat is (Klein, 2009: 430). Deur 'n ruimte te skep waar taalgebruikers hulle voorstelle en griewe rakende die ortografiese standaard kan lug, word die spraakgemeenskap direk by die herstandaardiseringsproses betrek. Blommaert (1999: 8) verwoord die belang van debatvoering oor taal vir die taalbeplanningsproses soos volg:

Debates are, politically-ideologically, the points of entrance for civil society into policy making: they are (seen as) the historical moments during which the polity gets involved in shaping policies.

Die feit dat enigiemand 'n wiki-blad kan redigeer en geen individu wat 'n bydrae maak tot 'n wiki-blad meer outoriteit as enigiemand anders het nie, kan egter ook as een van die groot nadele van wiki's beskou word, aangesien dit die betroubaarheid van die blad verlaag omdat die geldigheid van die inhoud nie gewaarborg kan word nie ("Introduction to Wikipedia", 2011: 3). Uit 'n tegniese oogpunt bestaan daar dus geen sensuur in wiki's nie (Mattus, 2009: 195). Baker (2010: 12) dui daarop dat demokrasie in teorie nie dieselfde is as demokrasie in die praktyk nie. Alle opinies kan nie altyd aanvaar word nie (Mattus, 2009: 195). Vir Baker (2010: 21) is die probleem nie dat wiki's onbetroubaar is nie, maar eerder dat daar geen mate van aanspreeklikheid is nie. Die gesaghebbendheid van 'n bron word nie bepaal deur wie dit saamgestel het nie, maar is daarin geleë dat die entiteit wat dit saamgestel het, hetsy 'n individu of instelling, verantwoordelikheid geneem het daarvoor:

[W]hat makes a reference work authoritative is its "reputation ... for strong scholarship, sound judgment, and disciplined editorial review." Wikipedia lacks all three traits. (Baker, 2010: 21)

Indien 'n wiki 'n gesaghebbende bron wil wees, kan alle opinies nie sonder meer aanvaar word nie (Mattus, 2009: 195). Dit geld veral die standaardisering van ortografie, aangesien daar tog 'n mate van eenvormigheid en gesaghebbendheid vereis word vir suksesvolle skriftelike kommunikasie. Volgens Mattus (2009: 195) is daar op 'n meer praktiese vlak wel 'n mate van sensuur in wiki's te bespeur, of eerder 'n vorm van sosiale regulering of selfopgelegde beheer, waar oplettende gebruikers kan ingryp ten einde onvanpaste bydraes te verwyder. Hierdie skrappings kan vergelyk word met selfregulering. Kommunikasie tussen gebruikers is belangrik om die waardes van 'n webblad te kommunikeer en sodoende die aanvaarbare van die onaanvaarbare te skei. (Mattus, 2009: 195-196) Dit is belangrik vir 'n wiki vir die herstandaardisering van die Afrikaanse ortografie om 'n ruimte te hê waar taalgebruikers met mekaar in gesprek kan tree oor die taal, waar verskillende opinies gelug en verdedig kan word, en dat só 'n blad duidelike doelstellings moet uiteensit.

Ek is egter van mening dat 'n mate van meer formele regulering vir die herstandaardisering van Afrikaans nodig is in die vorm van 'n modereringskomitee. Dit is egter belangrik dat hierdie komitee nie 'n beperkte liggaam moet wees soos wat die Taalkommissie tans is nie, maar dat hierdie liggaam moet bestaan uit verteenwoordigers uit alle sferes van die samelewing, te wete verteenwoordigers van die pers, die nasionale uitsaaier, teater, uitgewers, leksikograwe, taalkundiges, letterkundiges, skrywers, vakkundiges, onderwysers, ensovoorts, en nie net akademici wat met die taal gemoeid is nie. De Villiers (1985: 50) waarsku teen die siening dat slegs taalkundiges moet besluit oor die aanvaarbaarheid, al dan nie, van taalvorme, aangesien dit nog 'n groter gaping tussen die standaard en omgangsvariëteite kan laat ontstaan. Verder moet die komitee ook verteenwoordigend wees wat betref gender en die verskillende variëteite van Afrikaans. Hierdie modereringskomitee moet egter nie te veel mag geniet nie, maar bloot optree as reguleringsliggaam wat die besluite kan deurvoer wat deur die meerderheid taalgebruikers gemaak is. Die komitee self moes dus nie taalbesluite in isolasie neem nie, maar bloot as fasiliteringsliggaam optree om die besluite van die spraakgemeenskap deur te voer. Daar moet, in die woorde van Breyten Breytenbach (1996: 13) “'n [k]oördinerende liggaam [...] saamgestel word, 'n saamstaan, 'n adres van uitklaring waar aangeklop kan word vir inligting en raad en bystand”. Hierdie “adres” moet egter die belange van alle Afrikaanssprekendes artikuleer en verteenwoordig en uit die burgerlike gemeenskap groei (vgl. 3.3.5). Daarom is dit egter belangrik dat só 'n inisiatief nie van “ou patriargale bonde en koukusse en klieks” moet kom nie. (Breytenbach, loc. cit.) Sodoende sal daar nie meer so 'n ondeurdringbare en vervreemdende skeiding tussen die omgangstaal en die standaardtaal geskep word as wat tans die geval is nie (Alexander, 2011: 6).

Combrink (in Slabber, 1991: 18) het reeds ten opsigte van die agste uitgawe van die *Afrikaanse woordelys en spelreëls* die volgende gesê:

As ons Afrikaans wil begunstig, moet die taal se spel- en skryfreëls so soepel moontlik gemaak word.

Dit is presies waarom ek van mening is dat die preskriptiewe benadering waardeur die AWS in die verlede gekenmerk is, moet plek maak vir 'n proskriptiewe benadering, met ander woorde daar kan aanbevelings gemaak word ten opsigte van watter spel- en/of skryfvorme gebruik kan word, maar daar moet deeglik plek gemaak word vir alle variante vorme en dit moet duidelik aan taalgebruikers gekommunikeer word dat hulle onder geen verpligting staan om 'n voorkeurvorm te gebruik nie, aangesien alle variante vorme gelyke gewig dra. Die proskriptiewe benadering behels ook dat alle variante vorme in die ortografie beskryf word en dat daar voorsiening gemaak moet word vir die insluiting van meer wisselvorme in die geherstandaardiseerde Afrikaanse ortografie.

Laastens is ek van mening dat die herstandaardisering van die ortografie van Afrikaans kan baat by 'n korpusgebaseerde benadering, aangesien dit een van die positiewe aspekte van die standaardisering van die *Afrikaanse woordelys en spelreëls* is (sien 5.3.4.2). Dit moet egter nie korpusgedrewe wees



nie, aangesien bestaande korpuse soos dié van Media24 in baie gevalle op die ortografiese riglyne soos uiteengesit in die *AWS* gebaseer is, en dit die gevaar van kruisbestuwing inhou (sien 4.5.2.10). Korpuse soos dié van die *WAT*, wat baie meer verteenwoordigend is van al die variëteite van Afrikaans<sup>23</sup>, kan 'n belangrike wegspringplek wees vir die herstandaardisering van die Afrikaanse ortografie. Die interaktiwiteit van 'n internet- en wiki-gebaseerde ortografie kan ook bydra om 'n nuwe korpus vir die Afrikaanse ortografie te help skep.

### 5.3.6.2 Implementering

Implementering het ten doel om die nuwe standaard wat tydens kodifisering geskep is aan die breër spraakgemeenskap bekend te stel deur dit in boeke soos handboeke, woordeboeke en grammatikas sowel as pamflette en koerante te gebruik. Hierdie stap is belangrik, aangesien herstandaardisering net 'n oefening op papier bly indien dit nie ook uitgevoer word nie. Dit is veral tydens die implementeringsfase wat die korpusbeplanningsfase in wisselwerking met die statusbeplanningsfase tree, deurdat die nuwe standaardvorm in nuwe gebruiksaareas bekend gestel word, veral formeler gebruiksaareas soos die onderwys, as skoolvak en vir ander amptelike kommunikasie.

Nadat daar met die kodifisering van die nuwe Afrikaanse ortografie begin is, is dit belangrik dat die nuwe ortografiese standaard ook in ander bronne geïmplementeer word, soos woordeboeke, taalhandboeke, grammatikas, koerante en tydskrifte. Dit is daarom belangrik dat daar goeie samewerking tussen taalbeplanners betrokke by die herstandaardisering van die Afrikaanse ortografie en ander persone in die taalarena soos leksikograwe, handboeksamestellers, taaldosente en -onderwysers, uitgewers en joernaliste moet wees. Indien hierdie persone reeds by die kodifisering van die ortografie betrek word, sal die implementering van die nuut gekodifiseerde ortografie waarskynlik makliker en vlotter verloop, aangesien hierdie rolspelers reeds 'n duidelike begrip sal hê van wat die geherstandaardiseerde ortografie behels.

### 5.3.7 Prestigebeplanning

Alhoewel die standaard in teorie reeds geherstandaardiseer is na die implementering van die besluite wat tydens kodifisering gemaak is, kan die herstandaardiseringsproses nie hier gestop word indien 'n

---

<sup>23</sup> Sien 5.3.4.1, voetnoot 8. Ten spyte van die verteenwoordigende aard van die korpus van die *WAT*, moet daar egter op gelet word dat die korpus van die *WAT* ook in die apartheidsbedelig van stapel gestuur is en dat die bydraes van veral bruin Afrikaanssprekendes dus moontlik ook dikwels vir opname oorgesien is. Gouws (1993a: 53) dui ook daarop dat die *WAT* nie daarin slaag om die werklike omvang van die invloed van Engels op die Afrikaanse leksikon te reflekteer nie en dat die onvoldoende erkenning van hierdie taalkontaksituasie daartoe lei dat die *WAT* se weergawe van die Afrikaanse leksikon derhalwe aan algemene geldigheid inboet.

mens wil verseker dat die herstandaardisering suksesvol is nie. Die lakmoestoets vir 'n suksesvolle herstandaardiseringsproses is of die veranderde standaard deur die spraakgemeenskap aanvaar en gebruik word. Hierin het prestigebeplanning 'n belangrike rol te speel. Die prestigebeplanningsfase van herstandaardisering kan in twee onderafdelings verdeel word, te wete bemarking van die nuwe standaard en die aanvaarding van die nuwe standaard deur die spraakgemeenskap. Eersgenoemde behels verskeie pogings om 'n positiewe ingesteldheid teenoor die nuwe standaard by die spraakgemeenskap te skep deur hulle aan te moedig om die nuwe standaard te gebruik. Laasgenoemde het te make met of die spraakgemeenskap die nuwe standaard aanvaar deur dit in alle funksiedomeine te gebruik.

### **5.3.7.1 Bemarking**

Soos enige ander produk, moet die nuwe standaard bemark word ten einde taalgebruikers aan te moedig om dit te gebruik en toe te pas. Die nuwe standaard moet met ander woorde sigbaar gemaak word aan die spraakgemeenskap deurdat dit in domeine aangewend word wat daartoe sal lei dat die spraakgemeenskap 'n gunstige beeld van die geherstandaardiseerde taalvorm kry. Baie van die funksieontwikkeling wat tydens die statusbeplanningsfase van herstandaardisering onderneem is (sien 5.3.5.2), sal ook in hierdie fase klink.

Dit is belangrik dat daar bewustheid van die geherstandaardiseerde taal gekweek moet word. Die spraakgemeenskap kan sensitief gemaak word vir die nuwe standaard deur middel van onder andere persvystellings, werksessies, seminare, bekendstellings oor die radio en televisie, en die druk van pamflette waarin die doel agter die herstandaardisering van die standaard duidelik uiteengesit word. (Kwetana, 2002: 199; Owino, 2002: 35) Die geherstandaardiseerde taalvorm kan ook op 'n meer indirekte manier aan die spraakgemeenskap bekend gestel word, soos die publikasie van literatuur in die nuwe standaard (Kwetana, loc. cit.; Bruthiaux, 2006: 36). Ander aansporings wat kan bydra tot die aanvaarding van die geherstandaardiseerde ortografie, sluit in pryse vir literêre werke in die nuwe standaard en subsidies vir literatuur in die nuwe standaard (Kwetana, 2002: 199; Nakin, 2002: 239).

Die feit dat die geherstandaardiseerde ortografie via die internet beskikbaar gestel word, kan bydra tot 'n toename in prestige van die geherstandaardiseerde taalvorm. Aanlyn bronne dra emosionele waarde deurdat hierdie bronne 'n skakel verteenwoordig tussen die nuwe standaard, wat nog nie in alle funksiedomeine gebruik word nie, en moderne tegnologie. Aanlyn bronne dui met ander woorde daarop dat die nuwe standaard oor genoegsame status beskik om op die internet gebruik te word. Aanlyn bronne waardeur toegang deur middel van selfone met internettoegang verkry word, het ook nog 'n psigologiese voordeel, aangesien dit aan taalgebruikers die gerusstelling gee dat hulle in staat

is om met die hulp van die bron te kommunikeer wat hulle toerus met die nodige inligting soos wat hulle dit benodig. (Klein, 2009: 433-434) Nog 'n aspek van aanlyn bronne wat die prestige van 'n taal kan verhoog, is dat 'n mens toegang tot hierdie bronne van enige plek ter wêreld kan verkry. Deur 'n taal op die wêreldwye web beskikbaar te maak, kan dit deur niemoedertaalsprekers regoor die wêreld gebruik word, wat verder daartoe sal bydra dat die geherstandaardiseerde taalvorm as moderne, gestandaardiseerde taal beskou word. (Klein, 2009: 434)

Woordeboeke is nog een van die dinge wat aangewend kan word in die “bemarking” van die nuwe standaard. Woordeboeksamestellers en uitgewers speel 'n belangrike rol as statusbeplanners deurdat hulle die mag het om outoriteit te verleen of te ontsê deur óf die nuwe standaard te weerspieël óf om dit te ignoreer (Pakir, in Bruthiaux, 2006: 37). Woordeboeke wat die geherstandaardiseerde taalvorm kodifiseer, kan 'n kragtige simbool wees van die nuwe ontluikende taalidentiteit (Bruthiaux, 2006: 38). Om 'n woordeboek te besit, is 'n sigbare bewys dat 'n taal gestandaardiseer en modern is en op alle terreine van die lewe gebruik word (Klein, 2009: 424). 'n Woordeboek kan 'n statussimbool vir 'n taal wees deurdat dit as sigbare bewys dien dat die taal ontwikkel is en oor 'n standaardvorm beskik, dit is dat die taal van 'n dialek tot “behoorlike” taal ontwikkel het. Woordeboeke kan daartoe bydra om eerstetaalsprekers van tale met minder prestige trots te maak om hulle taal te gebruik deur die sprekers daarop te wys dat die taal in baie funksiedomeine gebruik kan word. (Klein, 2009: 432) Wanneer die geherstandaardiseerde taalvorm in woordeboeke opgeneem word, dien dit as bewys aan sprekers dat die geherstandaardiseerde ortografie as 't ware waardig is om in formele domeine gebruik te word en dit dra sodoende by om die prestige van die nuwe standaard te verhoog (Klein, 2009: 433). Vir die “gewone” taalgebruiker verteenwoordig dit wat in 'n woordeboek opgeneem word ook dikwels *die* taal, sodat die woordeboek die poort tot aanvaarding van 'n taalgebruiker se taal vorm (Willemse, 2011: 9). Afrikaanse woordeboeke het dus 'n betekenisvolle rol te speel in die herstandaardisering van die ortografie, aangesien dié bronne, deur die opname van alle variëteite van Afrikaans, status aan die geherstandaardiseerde ortografie kan verleen.

Nog 'n domein wat 'n belangrike bydrae te lewer het om sprekers gunstig teenoor die nuwe standaard te stem, is die gedrukte media. Bruthiaux (2006: 37, 39) dui daarop dat joernaliste, redakteurs en uitgewers ongemerk 'n groot mate van mag oor norme uitoefen weens die gewildheid en wye beskikbaarheid van 'n groot aantal gedrukte media wat relatief goedkoop is. Dit plaas die media, wat toegang het tot 'n wye leserspubliek, in 'n gunstige posisie om potensieel 'n groot bydrae te maak tot die aanvaarding van die geherstandaardiseerde ortografie (Bruthiaux, loc. cit.):

Potentially at least, high-circulation media such as these offer restandardizers a vehicle toward greater recognition of localized [language] practices. (Bruthiaux, 2006: 40; Eie invoeging – G.O.)

Chick en Wade (1997: 280) is ook van mening dat die prominensie van mediapersoonlikhede en die spraakgemeenskap se verwagting dat hulle 'n normatiewe model vir taalgebruik moet verskaf, dit waarskynlik maak dat die media 'n besonder belangrike rol in die persepsie van die geherstandaardiseerde taalvorm sal speel. Die media kan myns insiens gunstig teenoor die nuwe standaard gestem word deur reeds tydens die kodifiseringsproses prominente rolspelers in die media en uitgewersbedryf by die herstandaardisering van die Afrikaanse ortografie te betrek.

Urua (2002: 28) beklemtoon dat politieke wil 'n belangrike oorweging in prestigebeplanning is. Vir Alexander (1992a: 64-65) is dit ook duidelik dat die sukses van taalbeplanning afhanklik is van die aanwesigheid van die nodige politieke omstandighede. Nyombe (1998: 128) beskou die skep van 'n gunstige omgewing op politieke vlak as 'n deurslaggewende stap in die herstandaardisering van taalvariëteite. Politieke wil of motivering is belangrik indien 'n mens enige vordering op hierdie gebied wil maak (Nyombe, loc. cit.). Ten einde die spraakgemeenskap aan te moedig om die nuwe standaard te gebruik, moet die regering bereid wees om groot bedrae geld en hulpbronne te belê in die opleiding van onderwysers in die geherstandaardiseerde taalvorm, vertaling van tekste, uitgee van boeke en aanmoediging en ondersteuning van navorsing oor die verskillende variëteite waaruit die nuwe standaard saamgestel is. (Urua, loc. cit.) Dit is egter ernstig te betwyfel of die huidige Suid-Afrikaanse regering Afrikaans so goedgunstig sal wees terwyl die apartheidstigma nog aan Afrikaans kleef en soveel van die ander amptelike tale in Suid-Afrika nog ontwikkel moet word. Die hegemonie van Engels in die Suid-Afrikaanse regering is ook 'n definitiewe stok in die Afrikaanse wiel. Daarom dink ek dit is wensdenkery om die Afrikaanse spraakgemeenskap se hoop op die regering te plaas; iets wat voor 1994 as vanselfsprekend beskou is. Alhoewel politieke wil dus 'n belangrike oorweging in minder diverse taalgemeenskappe kan wees, is ek van mening dat dit nie veel nut vir die aanvaarding van die geherstandaardiseerde Afrikaanse ortografie het nie.

Urua (2002: 27) dui ook op die belangrikheid van vakgeleerdheid vir die ontwikkeling van taal. Deur navorsing in die variëteite van 'n taal aan te moedig, kan dit daartoe bydra dat die variëteite bly voortleef aangesien sprekers 'n taaltrots sal ontwikkel wat voortspruit uit die wete dat hulle taal belangrik geag word (Urua, loc. cit.). Hierdie taaltrots ten opsigte van die variëteite sal gevolglik lei tot 'n gunstige beeld ten opsigte van die geherstandaardiseerde ortografie wat elemente van al die variëteite van Afrikaans bevat. Sprekers sal egter slegs gemotiveerd wees om navorsing in die betrokke taalvariëteite te onderneem indien hierdie studente voorkeur geniet ten opsigte van studiebeurse en hulle verseker is van 'n werk in taalnavorsing (Urua, loc. cit.).

Dit is belangrik om weereens daarop te let dat, alhoewel prestigebeplanning eers later in die herstandaardiseringmodel voorkom, bemarking van die nuwe standaard reeds voor en/of tydens die

kodifisering daarvan kan plaasvind. Vergelyk in hierdie verband byvoorbeeld die stigting van die Afrikaanse Taalraad wat ten doel het om 'n meer verteenwoordigende Afrikaans daar te stel en sodoende in die rigting van herstandaardisering beweeg (sien 2.3.9). Nog 'n voorbeeld van herstandaardisering van Afrikaans op prestigevlak kan gesien word in die werk van die Stigting vir die Bemagtiging deur Afrikaans (SBA) wat, in samewerking met Iziko Museum, Genadendal Sendingmuseum en Die Afrikaanse Taalmuseum, 'n blad uitgegee het wat die geskiedenis van Afrikaans bevat. In hierdie kleurvolle en interessante blad word daar erkenning gegee aan alle mense wat 'n aandeel gehad het in die ontstaan en ontwikkeling van Afrikaans, selfs daardie groepe wat in die verlede in hoofstroomgeskiedenis-handboeke by die ontstaansgeskiedenis van Afrikaans uitgesluit is, soos bruin Afrikaanssprekendes. Die SBA versprei hierdie blad gratis in skole. Sodoende word gepoog om die prestige en uiteindelik status van alle variëteite van Afrikaans te verhoog. Vergelyk ook die SBA se inisiatief om 'n Vrye Afrikaanse Universiteit op die been te bring (sien 2.3.9). Hierdie projek kan gesien word as 'n poging om Afrikaans se status as universiteits- en onderrigtaal te bestendig.

Nóg 'n projek wat ten doel het om die prestige en status van veral Kaapse Afrikaans te verhoog, is die teaterproduksie *Afrikaaps*. Hierdie produksie is suksesvol opgevoer by die KKNK en Baxter Teater in April 2010. Dit is opgevolg deur 'n dokumentêr wat verskeie pryse gewen het, onder andere die beste Suid-Afrikaanse dokumentêr. Die *Afrikaaps* groep het ook in die Europese herfs van 2011 in Nederland en België getoer. (Van der Waal, 2012: 10) In hierdie produksie word die wortels van Afrikaans nagespoor. Dit word beskou as “deel van 'n groter beweging om die Afrikaans [sic.] taal terug te wen vir almal wat dit praat” deur “die kreoolse geboorte van die taal” te vier en die inheemse kulturele erfenis van die taal terug te win en te definieer en te herdefinieer wie die Afrikaners van die 21ste eeu is. Die verandering wat hierdie produksie in mense se perspektief ten opsigte van en uiteindelik die prestige en status van Afrikaans wil teweegbring, word soos volg deur Dylan Valley uitgedruk: “Ons moet Afrikaans erken as deel van alle Suid-Afrikaners se erfenis, en nie net 'n spesifiek [sic.] rasgroep nie. Saam kan ons Afrikaans 'n taal van bevryding maak.” (“Van toeka tot toekoms” 2010: 1-2)

Daar is ook toenemend gesprekvoering oor samewerking tussen bruin en wit Afrikaanssprekendes ten opsigte van die toekoms van Afrikaans, maar veral die bydrae wat bruin sprekers tot die debat kan lewer. 'n Voorbeeld hiervan is die beraad wat op 17 April 2010 op die kampus van die Universiteit van Wes-Kaapland in Belville gehou is waar swart Afrikaanssprekendes hulle bydrae tot die toekomstige uitbou van Afrikaans bespreek het (Joubert, 2010: 2). Op 24 en 25 Januarie 2011 is daar ook 'n simposium met die onderwerp “Mainstreaming Afrikaans regional varieties” in die rigting van die herstandaardisering van die Afrikaanse taal by die Suid-Afrikaanse Sentrum vir Nederlands en Vlaandere in Pinelands gehou. Meer onlangs is 'n debat op die aktualiteitsprogram *Praat Saam* op

Radio Sonder Grense gehou wat op 16 Maart 2012 plaasgevind het, waarin bruin mense se beleving van Afrikaans bespreek is. En van 19 tot 20 Julie 2012 het die soeklig by die Universiteit van Wes-Kaapland op die Afrikaanse taalvariëteit Kaaps (Kaapse Vernakulêre Afrikaans) geval deur middel van 'n simposium, kultuuraand en uitstallings oor die tema “Kaaps in fokus”.

### 5.3.7.2 Aanvaarding

Die laaste stap in die prestigebepanningsfase van herstandaardisering is die aanvaarding van die nuwe standaard deur die spraakgemeenskap. Waar die ander fases hoofsaaklik deur die taalbeplanner onderneem en/of beïnvloed word, is hierdie fase buite die taalbeplanner se beheer. Hierdie fase is in die taalgebruikers se hande en is volgens Kotzé (2011: 4) 'n kritieke fase waar die proses gekelder kan word. Goosen (in Webb, 2010b: 110) dui daarop dat taalbewegings slegs slaag as dit deur populêre sentiment ondersteun word. Hierdie fase is dus bepalend vir die sukses van die herstandaardiseringsproses. In hierdie fase kan taalbeplanners sien of genoegsame bemarking ten opsigte van die nuwe standaard gedoen is deur te kyk tot watter mate die spraakgemeenskap die nuwe standaard aanvaar deur dit in alle gebruiksdomeine toe te pas. Indien die breër spraakgemeenskap nie die nuwe standaard gebruik nie, is dit 'n aanduiding dat die herstandaardiseringsproses nie suksesvol was nie.

Waar standaardisering meestal ten doel het om die ekonomiese, kulturele, linguïstiese en/of akademiese “kapitaal” van dié groepe met die mag te verseker, het die herstandaardiseringsproses ten doel om al die sprekers van 'n taal te bemagtig. Dit is dus te verwagte dat diegene wat voorheen voordeel getrek het uit die ortografiese standaard teenstand sal bied teen herstandaardisering. Aangesien daar 'n oortuiging in die meeste spraakgemeenskappe bestaan dat spelfoute 'n teken van lae intelligensie is, kan diegene wat voorheen 'n hoë vlak van vaardigheid in die ortografiese standaard geniet het, bedreig voel deur die herstandaardisering van die ortografie. (Johnson, 2005: 128-129, 150) Johnson (2005: 129) verwoord hierdie bedreiging soos volg:

The shift to a revised external norm not only represented a departure from the previously internalised standard, thereby potentially undermining much of the academic capital already accumulated in this regard, it also threatened to diminish, on a symbolic level, their overall educational achievement and hence future life chances (*viz.* economic capital).

Dit kan daartoe lei dat diegene wat teen die ortografiese herstandaardisering gekant is, kan argumenteer dat die veranderinge in die ortografie 'n verlaging van die hele Afrikaanse ortografiese standaard verteenwoordig, terwyl dit in werklikheid eerder gaan om 'n verlaging in die simboliese waarde wat aan die vorige standaard toegeken is. Iets wat hierby aansluit, is die beskouing van die vorige standaard as deel van die Afrikaanse kultuurgoodere. Hierdie kultuurgoodere word vergestalt in die

literêre kanon van Afrikaans wat as model gedien het vir die ontluikende geskrewe standaard van die tyd. (Johnson, 2005: 129) 'n Verandering aan die Afrikaanse ortografie word daarom deur teenstanders van die nuwe standaard beskou as 'n aanval op die kultuurgoedere van Afrikaans, en in ekstreme gevalle, op diegene wat daartoe meegewerk het om hierdie kultuurgoedere tot stand te bring (waaronder veral sogenaamde Afrikaners verstaan word). Net so kan die herstandaardiseringsproses beskou word as potensieel ontwrigtend in die proses om die literêre kanon wat oor die loop van die geskiedenis ontwikkel het, aan die volgende generasie oor te dra, en daardeur die waarde van die klassieke literêre werke op 'n figuurlike én materiële vlak ondermyn (Johnson, loc. cit.). Die reaksie wat die herstandaardisering van Afrikaans kan ontlok by die voorstanders van Standaardafrikaans soos dit tans daar uitsien, word soos volg deur Van der Waal (2012: 5) uitgedruk:

The language debate is a white affair and is dominated by language activists who speak from a position of unquestioned white dominance. They defend the spaces of Afrikaans that were occupied due to its former privileged position and its links to whiteness and Afrikaner nationalism. Every change in the status of the language is experienced by them as a big blow to their sense of wellbeing and is associated with intense emotions.

Alhoewel 'n mens bogenoemde beskouings vanuit 'n suiwer linguistiese oogpunt kan afmaak as 'n lekebenadering tot taal, kom dit neer op 'n hopelose onvermoë om te snap wat teenstanders van die geherstandaardiseerde ortografie so afkeurenswaardig aan die herstandaardiseringsproses vind. Deur teenstanders se gevoelens oor die nuwe standaard as lekebeskouings af te maak, help dit ons as taalkundiges ook nie om te begin verstaan waarom andersins hoogs opgevoede en uitgesproke individue herstandaardisering as 'n oortreding van hulle taalregte kan beskou nie. (Johnson, 2005: 161-162) Kress (2000: ix-x) herinner ons dat "language has, throughout the history of human kind, furnished potent metaphors for social and political life, and spelling is, in this regard, the quintessence of language" en "Spelling is that bit of linguistic practice where issues of authority, of control, of conformity can be most sharply focused." Johnson (2005: 171) dui daarop dat ortografiese probleme nie bloot met taal te make het nie, maar met taal in verhouding tot politieke, sosiale en opvoedkundige probleme. Ortografiese probleme vereis dus nie net linguistiese oplossings nie, maar ook politieke, sosiale en opvoedkundige oplossings. (Johnson, 2005: 171) Hiermee in gedagte, is taabeplanners aanspreeklik daarvoor om enige poging om veranderinge aan die ortografie aan te bring, al is dit ook oënskynlik minimaal, as meer as net 'n tegniese aanpassing aan die ortografie te beskou (Johnson, 2005: 161). Sulke veranderinge is volgens Johnson (loc. cit.) inderdaad simboliese aanvalle op die geskrewe taal, die taal as geheel, en by implikasie, die wese van die Afrikaanse kultuur, historiese en selfs politieke tradisie. Dit help dus nie om taalgebruikers deur middel van wetenskaplike diskoers te probeer te oortuig van die waarde van ortografiese herstandaardisering terwyl die teenstanders van die herstandaardisering se ontevredenheid teen die nuwe standaard gewortel is in 'n historiese dis-

koers wat fokus op ortografie as simbool van kulturele bestendigheid, tesame met sekulêre dimensies van religieuse diskoers waarvolgens die geskrewe taal as heilig en onveranderlik beskou word nie (Johnson, 2005: 165). Dit impliseer dat taalgebruikers formeel as individue en groepe erken moet word, aan wie se behoeftes eksplisiet aandag gegee moet word (Johnson, 2005: 156).

Samevattend kom die sukses van die herstandaardiseringsproses dus neer op die aanvaarding van die nuwe standaard deur die spraakgemeenskap wat grootliks daarop berus tot watter mate daar tydens die herstandaardiseringsproses aan die spraakgemeenskap se behoeftes gehoor gegee is. Dit is daarom belangrik om regdeur die herstandaardiseringsproses in voeling te bly met die spraakgemeenskap en te aanvaar dat mense se gevoelens dikwels 'n rol gaan speel in hulle aanvaarding van die herstandaardiseringsproses. Soos Smith (1910: 307) reeds meer as 'n eeu gelede ten opsigte van sy siening oor die Afrikaanse ortografie gemeld het:

Ik weet wel, dit is g'n argument nie, dit is sentiment, - maar soms is sentiment sterker als argument en ons kan dit nie somaarso verontagsaam nie.

### **5.3.8 Vernuwing**

Die laaste fase in die herstandaardiseringsproses kan vernuwing genoem word en dit verwys na die taalbeplanner se voortgesette bemoeienis met die standaard. Cameron (in Johnson, 2005: 88) dui daarop dat enige standaardiseringsproses nooit heeltemal "voltooi" is nie. Indien die uiteinde van die aanvaardingstap van die prestigebepenningsproses is dat die nuwe standaard nie deur die spraakgemeenskap aanvaar word nie, is dit nodig om die herstandaardiseringsproses te herevalueer en die nodige aanpassings te maak. Maar selfs al word die nuwe standaard deur die spraakgemeenskap aanvaar, is 'n deurlopende bemoeienis met die standaard nodig ten einde te verseker dat die geherstandaardiseerde taalvorm nie ook as vanselfsprekend en 'n gegewe aanvaar word nie (Cameron, loc. cit.). Potensiële tekortkominge van die nuwe standaard moet dus nog voordat dit kop uitsteek, geantisipeer kan word en die nodige aanpassings aangebring word. Na aanleiding van die sukses, al dan nie, van die nuwe standaard, is dit nodig dat die nuwe standaard voortdurend gehervalueer word en die nodige aanpassings gemaak word ten einde aan die kontekstuele vereistes te voldoen wat herstandaardisering in die eerste plek genoodsaak het.

#### **5.3.8.1 Evaluering**

Webb (2006: 159) dui daarop dat taalbeplanning altyd selfkrities moet wees en deurlopend gemonitor moet word ten einde te verseker dat die proses nie 'n ideologiese hulpmiddel word nie:



The language planning programmes must be analysed to determine that they have not become an instrument of ideology.

Daarom is evaluering ook 'n noodsaaklike stap in die herstandaardiseringsproses. Nadat die nuwe standaard deur die herstandaardiseringsproses tot stand gebring is, moet die uitkomst van die proses aan die hand van die aanvaarding, al dan nie, van die nuwe standaard deur die spraakgemeenskap en die konteks waarin die nuwe standaard moet funksioneer, geëvalueer word. Die nuwe standaard moet aan dieselfde evalueringproses onderwerp word wat aanvanklik ten opsigte van die oorspronklike standaard uitgevoer is (sien 5.3.4) ten einde tekortkominge van die nuwe standaard te identifiseer en dit reg te stel. Selfs al word die nuwe standaard volkome deur die spraakgemeenskap aanvaar, moet die nuwe standaard ook gereeld hersien word ten einde te verseker dat dit relevant bly binne die konteks waarin dit moet funksioneer, aangesien taal nie staties is nie, maar voortdurend ontwikkel. Ten einde die Afrikaanse ortografie relevant en modern te hou en te verhoed dat die doelwit van demokratisering uit die oog verloor word, is dit nodig om die geherstandaardiseerde taalvorm voortdurend krities te beskou.

### **5.3.8.2 Aanpassing**

Op grond van sekere tekortkominge of leemtes wat tydens die evaluering van die nuwe standaard geïdentifiseer word, moet die nodige aanpassings aan die nuwe standaard aangebring word. Hierdie aanpassings kan ten opsigte van enige van die fases van herstandaardisering onderneem word, wat herstandaardisering met ander woorde 'n oneindige proses maak wat nooit 'n eindpunt bereik nie. Hierdie aanpassings kan kleiner veranderinge aan die taalvorm behels (kodifisering) of die toedeling van nuwe funksies behels (funksieuitbreiding). In gevalle waar die spraakgemeenskap die nuwe standaard verwerp, kan dit egter meer ingrypende aanpassings vereis, soos om die hele herstandaardiseringsproses in heroorweging te neem en van voor af uit te voer.

'n Aanlyn, wiki-gebaseerde bron vir die herstandaardisering van die Afrikaanse ortografie is ideaal om te verseker dat daar voortdurend vernuwing in die geherstandaardiseerde ortografie plaasvind, aangesien elektroniese wiki's gebaseer is op die idee dat dit nooit voltooi sal wees nie. Aanpassings en verbeterings kan voortdurend, sonder moeite, by die standaard geïnkorporeer word. (Mattus, 2009: 195)

### **5.3.9 Samevatting**

In hierdie afdeling is 'n uitvoerige uiteensetting van die voorgestelde herstandaardiseringsmodel aan die hand van die herstandaardisering van die Afrikaanse ortografie gegee. Die verskillende stadia van die herstandaardiseringsproses en die onderskeie taalbeplanningstake wat tydens elke fase uitgevoer

moet word, is beskou. Uit die model blyk dit dat 'n holistiese benadering tot herstandaardisering, waar alle rolspelers en eksterne faktore deurlopend verreken word, van kardinale belang is vir die sukses van die proses. Daar is ook klem gelê op die sikliese en interaktiewe aard van die verskillende stadia van die herstandaardiseringsproses.

## 5.4 Samevatting en vooruitskouing

Bruthiaux (2006: 46) het ten opsigte van die herstandaardisering van Suid-Afrikaanse Engels die volgende gesê:

Assuming that restandardizers have in mind something more substantial than emblematic statements, the logistics and potential consequences of a restandardization effort are daunting. In practice, the promotion of a restandardized variety requires the operation of an efficient and responsive administrative machinery [...]. With their administrative capabilities thus challenged, restandardizers would also require the support of influential forces – and, in particular, print-media writers and editors – in promoting forms diverging substantially from transnational practice. Whether on grounds of lower prestige or risks of linguistic and cultural isolation resulting from restandardized written norms, resistance is to be expected and cooperation unlikely.

Die doel van hierdie hoofstuk was om 'n model vir herstandaardisering daar te stel waarin die herstandaardiseringsproses in kleiner, verteerbare dele aangebied is om hierdie proses minder angswekkend vir taalbeplanners te help maak. Daar is probeer om op grond van 'n werksraamwerk vir taalbeplanning op 'n breër basis na herstandaardisering te kyk as wat tradisioneel die geval ten opsigte van standaardisering was/is, ten einde die sukses van die proses te help verseker. Dit is ten slotte belangrik om te benadruk dat hierdie herstandaardiseringsproses 'n langdurige proses is wat nie oornag uitgevoer kan word nie, “[w]ant as 'n hervorming wil slaag, moet dit in die reël geleidelik geskied, en nie op 'n rewolusionêre wyse nie” (Smith, 1920a: 291). Webb (1998: 188) meen dat dit juis vanweë die feit is dat taalnorme moeilik van bo af (of van buite af) verander kan word dat herstandaardisering 'n langtermynproses is.

In die laaste hoofstuk sal samevattende aantekeninge en gevolgtrekkings gegee word waartoe daar in hierdie studie gekom is, asook aanbevelings gemaak word. Ten slotte sal moontlikhede vir verdere studie voorgelê word.

## HOOFSTUK 6

### Gevolgtrekking en slot

#### 6.1 Oorsig van hoofstukke

Nadat die agtergrondrasionaal en navorsingsmetodologie in 'n inleidende hoofstuk uiteengesit en termverklaring gedoen is, is standaardisering in die eerste teoretiese hoofstuk onder die loep geneem. Standaardisering is as taalbeplanningsaktiwiteit geïdentifiseer, waarna verskeie aspekte van standaardisering ondersoek is, onder andere voorwaardes vir standaardisering, die graad en vlakke van standaardisering, en positiewe en negatiewe aspekte van standaardisering. In hierdie afdeling is daar ook klem gelê op standaardisering as doelbewuste, prosesmatige aktiwiteit wat deur ideologiese oorwegings gedryf word deur na verskeie definiëringseienskappe van standaardisering en Haugen se taalbeplanningsmodel te kyk. Daar is uiteindelik tot die gevolgtrekking gekom dat standaardisering 'n doelbewuste proses is wat korpus-, status- én prestigebeplanning behels en dat Haugen se taalbeplanningsmodel 'n nuttige hulpmiddel is om die verskillende aktiwiteite wat deel uitmaak van die standaardiseringsproses te belig. In 'n volgende afdeling is die standaardisering van Afrikaans in die besonder in oënskou geneem. Nadat die aanloop tot die standaardisering van Afrikaans beskou is, is daar gepoog om 'n meer gebalanseerde prentjie te skets van al die belanghebbendes wat 'n aandeel in die ontwikkeling van die Afrikaanse standaardtaal gehad het deur nie net na die "tradisionele" standaardiseringsgeskiedenis van Afrikaans te kyk nie, maar ook diegene se aandeel in die standaardisering van Afrikaans te betrek wat vroeër in die standaardiseringsgeskiedenis verswyg is. Die erkenning en uitbreiding van Afrikaans as amptelike taal en die taal se bloeityd onder die apartheidsregering is ook ondersoek, waarna Afrikaans se posisie na 1994, met ander woorde in 'n demokratiese Suid-Afrika, beskou is. In hierdie afdeling is daar tot die gevolgtrekking gekom dat Standaardafrikaans ook deur 'n doelbewuste proses ontwikkel is, maar dat hierdie ontwikkeling binne 'n ideologies uitsluitende ruimte plaasgevind het. Daar is ten slotte gesien dat Standaardafrikaans nie meer in die begunstigde posisie is wat dit voor 1994 geniet het nie en dat daar daadwerklike stappe aangewend moet word ten einde te verhoed dat Afrikaans agteruitgaan.

In die derde hoofstuk het herstandaardisering aan bod gekom. Eerstens is daar gesien dat verskeie aspekte in die moderne tyd daartoe aanleiding gegee het dat daar 'n internasionale de-standaardiseringstendens te bespeur is waar eng gedefinieerde en uitsluitende standaardtale toenemend aan belangrikheid en invloed afneem. Daar is tot die gevolgtrekking gekom dat, alhoewel daar nut is in standaardtale, die moderne en demokratiese tyd waarin ons leef 'n "losser", minder

rigiede benadering tot standaardtale vereis. Dit geld ook Afrikaans. Hierna is verskeie aspekte van herstandaardisering onder die loep geneem. Alhoewel daar gesien is dat daar nog nie een ondubbelsinnige definisie van herstandaardisering bestaan nie, kon 'n paar gemene delers egter geïdentifiseer word. Die eerste hiervan is dat herstandaardisering 'n demokratiseringsproses is wat alle sprekers by die standaardisering van taal wil betrek. Hieruit vloei voort dat herstandaardisering as normatiewe taalbeplanning beskou kan word, met ander woorde taalbeplanning wat ten doel het om die negatiewe ideologiese implikasies van die standaard om te keer of te probeer uitwis. Laastens is gesien dat herstandaardisering nie net taalbeplanning van bo kan behels indien dit suksesvol wil wees nie, maar dat dit ook taalbeplanning van onder moet behels, met ander woorde die hele spraakgemeenskap moet daarby betrokke raak. Teen die agtergrond van al hierdie oorwegings is daar gepoog om 'n ondubbelsinnige taalbeplanningsdefinisie van herstandaardisering te gee deur eensyds op ooreenkomste met standaardisering te dui en andersyds op verskille daarmee. Ten slotte is verskeie positiewe en negatiewe gevolge van herstandaardisering belig.

In 'n volgende afdeling in hoofstuk drie is verskeie herstandaardiseringsvoorstelle en -pogings in ander tale ondersoek, waaronder Suid-Afrikaanse Engels, Suid-Afrikaanse Bantoetale, Samnorsk in Noorweë, Duits, Albanees en Serwo-Kroaties. Die bestudering van herstandaardiseringspogings en -voorstelle in hierdie tale het verskeie belangrike taalbeplanningsinsigte aan die lig gebring en telkens daarop gedui dat herstandaardisering 'n breër, holistiese benadering vereis as wat in die verlede ten opsigte van standaardisering onderneem is. In 'n laaste afdeling is die herstandaardisering van Afrikaans onder die vergrootglas geplaas. Eerstens is daar gemotiveer waarom die herstandaardisering van Afrikaans nodig is, waar daar tot die gevolgtrekking gekom is dat veral drie aspekte die herstandaardisering van Afrikaans noodsaak, te wete die oormatige steun om Nederlands tydens die standaardisering van Afrikaans, die miskennis van die invloed van Engels op Afrikaans, en die ignorering van ander Afrikaanse variëteite in die standaardiseringsproses. Die vraag is gestel of daar reeds sprake van herstandaardisering in Afrikaans is, en die antwoord hierop was "nee". Daar is ten slotte ondersoek ingestel na ander voorstelle wat al ten opsigte van die herstandaardisering van Afrikaans gemaak is, maar daar is tot die gevolgtrekking gekom dat, alhoewel hierdie voorstelle enigermate van waarde is, dit aan praktiese uitvoerbaarheid ontbreek.

In hoofstuk vier is die standaardisering van die Afrikaanse ortografie as toepassing behandel. Ten einde 'n gebalanseerde beeld van die standaardisering van die Afrikaanse ortografie weer te gee, is daar eers na die aanloop tot die amptelike standaardisering van die Afrikaanse ortografie gekyk. Hier het verskeie vroeë skryftradisies en ortografieë aan bod gekom, soos die Arabies-Afrikaanse ortografiese sisteem, die ortografiese sisteem van S.J. du Toit, die Vereenvoudigde Nederlandse Spelling en die bydraes van J.H.H. de Waal en G.S. Preller, en die ortografiese sisteem van die

Afrikaanse Taalvereniging. Hierdie skryfsisteme is teen die agtergrond van 'n Afrikaans-Nederlandse stryd op spelgebied uiteengesit. Toenadering tussen pro-Afrikaanse en pro-Nederlandse groepe het uiteindelik aanleiding gegee tot die ontstaan van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns. In 'n volgende afdeling is hierdie liggaam onder die loep geneem. Daar is onder andere gekyk na die stigting, samestelling en werksaamhede van hierdie liggaam ten einde die Akademie se ortografiese standaardiseringsliggaam, die Taalkommissie, binne die aard en werksaamhede van die Akademie te situeer. In 'n volgende afdeling is die Taalkommissie van die Akademie van nader beskou. Aspekte wat ondersoek is, is die stigting, samestelling en werksaamhede van die Taalkommissie, asook dié liggaam se posisie in Suid-Afrika na 1994 ten einde 'n meer volledige beeld van die primêre ortografiese standaardiseringsbron van Afrikaans, die *Afrikaanse woordelys en spelreëls*, te kry. In 'n volgende afdeling is die geskiedkundige en inhoudsontwikkeling van die *Afrikaanse woordelys en spelreëls*, soos wat dit uitdrukking vind in al tien uitgawes wat tot op hede verskyn het, uitvoerig bespreek. Daar is nie net na die inhoudelike ontwikkeling van die AWS gekyk deur die opeenvolgende uitgawes telkens met mekaar te vergelyk nie, maar ook gekyk na ander gebeure waarteen hierdie ontwikkelinge hulle afgespeel het. Daar is ook telkens ondersoek hoe 'n betrokke uitgawe deur die publiek ontvang is. Ten slotte is daar in 'n afdeling oor die relevansie van die AWS as standaardiseringsinstrument vir die toekoms tot die gevolgtrekking gekom dat, alhoewel die AWS baie waardevol was vir die ontwikkeling van Afrikaans as volwaardige standaardtaal, veral die vernederlandsings van Afrikaans en die miskenning van die invloed van Engels en die ander variëteite van Afrikaans op en in die standaard daartoe gelei het dat die AWS nie opgewasse is vir die taak om as herstandaardiseringsinstrument vir Afrikaans op te tree nie, en dat 'n nuwe benadering tot die standaardisering van die Afrikaanse ortografie dus nodig is.

'n Voorstel vir só 'n nuwe benadering is in die vyfde hoofstuk in 'n model vir die herstandaardisering van die Afrikaanse ortografie uiteengesit. Hierdie model is geskoei op 'n werksraamwerk van taalbeplanning en dien as voorbeeld hoe die herstandaardisering van die Afrikaanse ortografie prakties aangepak kan word. Dit poog om 'n meer gebalanseerde, holistiese beeld van herstandaardisering daar te stel deur nie net op korpusbeplanning te fokus soos wat dikwels in die verlede die geval ten opsigte van standaardisering was nie, maar ook op status- en prestigebeplanning. Hierdie taalbeplanningsaktiwiteite word ook deurgaans teen die agtergrond van verskeie kontekste onderneem, te wete sosiale, ekonomiese, politieke en linguïstiese kontekste. Daar is ook tot die gevolgtrekking gekom dat herstandaardisering 'n oneindige proses is wat voortdurend in tale onderneem moet word.

## 6.2 Gevolgtrekking en aanbevelings

In reaksie op oproepe om erkenning te gee aan al die variëteite van Afrikaans in die standaard, vra Wierenga (2010: 1) die volgende vrae:

Wat beteken dit dat “alle sprekers en al die Afrikaansvariante geakkommodeer moet word”?

Kan iemand dalk uitspel presies wat hierdie “akkommodeer” beteken?

Dat die Afrikaanse woordelys en spelreëls nie meer spelreëls bevat nie? Dat daar nie meer Afrikaanse woordeboeke moet wees nie? Dat blanke Afrikaanssprekendes al hoe meer Engfrikaans moet praat om hul eensgesindheid met hul bruin broeders en susters te toon?

Is dit [suiwer Afrikaans] nie transformerend genoeg nie? Is dit nie oop genoeg nie? Is dit nie bevry genoeg nie?

Hierdie vrae dui op die wanopvatting oor herstandaardisering wat daar nog by baie Afrikaanssprekendes heers. Die doel van hierdie studie was juis om antwoorde op hierdie vrae te bied en sodoende misverstande oor die herstandaardisering van Afrikaans uit die weg te probeer ruim.

Anders as in die geval van destandaardisering, waar daar van die standaardtaal terug beweeg word na 'n toestand van dialektiese diversiteit waar taalnorme en -reëls hulle gesag verloor ('n toestand wat deur die meeste mense as ongewens of negatief beskou word, soos blyk uit Wierenga se vrae; sien 3.2.2), behels herstandaardisering nie die afwys van taalstandaarde nie. Hierdie “vrees vir die Babel-scenario” wat mense dikwels ten opsigte van destandaardisering het (sien 3.2.2), hoef dus nie ten opsigte van herstandaardisering gekoester te word nie. Herstandaardisering behels wel 'n herkonseptualisering van hierdie standaarde en 'n minder eng en rigiede benadering tot reëls. Dat daar met ander woorde op alle grammatiese vlakke voorsiening gemaak word vir die insluiting van meer vorme uit alle variëteite van Afrikaans as deel van die standaard, dat taalkontak nie misken word nie, en dat hierdie benadering tot taalstandaarde juis noodsaak word deur die demokratiese samelewing waarin ons woon waar bevoorregting op grond van 'n eng gedefinieerde standaard nie langer geduld kan word nie. Op die navorsingsvraag of Standaardafrikaans geherstandaardiseer kan word, is daar tot die gevolgtrekking gekom dat taalbeplanning, en dus (her)standaardisering, 'n doelbewuste, planmatige proses behels en dat die bestaan van standaardtale juis daarop dui dat Standaardafrikaans wel geherstandaardiseer kan word. Op Wierenga se vraag of Standaardafrikaans nie transformerend genoeg is nie, is daar duidelik aangedui dat dit nie die geval is nie. Daar is tot die gevolgtrekking gekom dat daar veral drie aspekte van die Afrikaanse standaard is wat dit ontoereikend maak vir baie van die sprekers, te wete dat daar te swaar op Nederlands gesteun is, die Engelse invloed op Afrikaans ontken is deur die vrees vir anglisismes, en dat veral bruin Afrikaanssprekendes se taalgebruik by die standaard uitgesluit is. Die navorsingsvraag of Standaardafrikaans geherstandaardiseer moet word, is dus 'n duidelike “ja”.

In 'n soeke na antwoorde op die vraag wat al ten opsigte van die herstandaardisering van Afrikaans bereik is, is daar tot die gevolgtrekking gekom dat daar nog nie enige konkrete, prakties uitvoerbare voorstelle ten opsigte van die herstandaardisering van Afrikaans gemaak is nie. Daar is ook in detail gekyk hoe die primêre normeringsbron van die Afrikaanse ortografie, die *Afrikaanse woordelys en spelreëls*, die standaardisering van Afrikaans in die tien uitgawes hanteer het wat tot op hede verskyn het. Die gevolgtrekking waartoe daar gekom is dat die AWS nie heeltemal opgewasse blyk te wees vir die taak om die Afrikaanse ortografie te herstandaardiseer nie en dat 'n nuwe benadering tot die standaardisering van Afrikaans dus nodig is. Ten slotte is daar gepoog om 'n antwoord op die laaste navorsingsvraag te vind. Dit is wat prakties gedoen kan word om die herstandaardisering van die Afrikaans te bevorder, deur 'n model daar te stel waarvolgens die herstandaardisering van die Afrikaanse ortografie moontlik aangepak kan word. Daar is tot die gevolgtrekking gekom dat herstandaardisering 'n breër, meer holistiese benadering tot taalbeplanning vereis ten einde die sukses daarvan te help verseker.

Uit die gevolgtrekkings waartoe daar in hierdie studie gekom is, beveel ek aan dat daadwerklike pogings aangewend word om Afrikaans te herstandaardiseer. Hiervoor kan die model vir die herstandaardisering van die Afrikaanse ortografie wat in hierdie studie voorgehou is, as voorbeeld aangewend word. Alvorens daar egter enigszins pogings aangewend word om Afrikaans te herstandaardiseer, is dit belangrik dat die breër Afrikaanse spraakgemeenskap ingelig en opgevoed moet word oor die noodsaaklikheid van herstandaardisering en die waarde wat dit vir Afrikaans inhou, aangesien “[g]evestigde belange en onkunde” volgens Smith (1920a: 291) “die twee groot vyande van alle hervorming” is.

[D]ie laaste veral speel 'n baie groot rol, en dit is altyd opmerklik dat persone wat die minste weet van die geskiedenis van hul eie taal, in die reël die sterkste voorstanders van 'n verouderde, sogenaamde “etimologiese” spelling is.” (Smith, loc. cit.)

As dit gaan om die herstandaardisering van Afrikaans, is dit, in die woorde van Odendal (1992: 21), egter noodsaaklik dat “daar groot omsigtigheid en wysheid aan die dag gelê moet word”, sodat so 'n poging nie die gevaar loop om weer die ander helfte van die Afrikaanssprekendes te vervreem nie.

### 6.3 Voorstelle vir verdere navorsing

Alhoewel oproepe vir die herstandaardisering van Afrikaans sedert die 1980's daarop dui dat daar 'n behoefte aan die herstandaardisering van Afrikaans bestaan, kom hierdie voorstelle grootliks vanuit akademiese geleedere. Volgens Webb (2010b: 116) is dit belangrik dat enige program om Afrikaans in 'n instrument en simbool van 'n inklusiewe spraakgemeenskap te ontwikkel, gebaseer moet wees op geldige inligting. Gegewe die belangrikheid van prestigebepanning vir die sukses van enige taal-

beplanningsprojek (sien 5.3.7.2), is dit belangrik dat die algemene Afrikaanssprekende publiek se gevoel oor die herstandaardisering van Afrikaans getoets word alvorens só 'n projek aangepak word. Hiervoor is navorsing oor die taalbehoefte en -begeertes van die Afrikaanse spraakgemeenskap van kardinale belang (Webb, 2010b: 116-117). Ten einde te bepaal of die herstandaardisering van Afrikaans in ooreenstemming is met die sprekers se wense, sal taalbeplanners beter kan antisipeer of die herstandaardisering geslaagd gaan wees, al dan nie, en vroegtydig die nodige aanpassings aan die proses kan aanbring ten einde die aanvaarding van die herstandaardisering deur die publiek aan te help en sodoende die sukses van die herstandaardisering verseker. Gebruikers se houdings teenoor Standaardafrikaans moet dus eerstens empiries getoets word deur middel van vraelyste en opnames. 'n Verdere opname wat hierin van belang sal wees, is om te bepaal tot watter mate die *Afrikaanse woordelys en spelreëls* nog relevant is vir alle Afrikaanssprekendes. Dit kan gedoen word deur 'n opname onder sprekers van alle variëteite van Afrikaans te maak waarin vasgestel word tot watter mate taalgebruikers gebruik maak van die AWS in hulle alledaagse skriftelike kommunikasie en tot watter mate taalgebruikers bewus is van wat as standaard in geskrewe Afrikaans geld.

Een aspek wat dit moeilik maak om konkrete voorstelle vir die korpusbeplanningsaspek van herstandaardisering te maak, byvoorbeeld watter woorde by die standaard ingesluit moet word, is die gebrek aan noukeurige en relevante navorsing oor die verskillende variëteite van Afrikaans. Studies in die Afrikaanse variasietaalkunde is skaars, en waar daar wel sulke bronne bestaan, is dit al redelik verouderd. Alvorens Afrikaans dus op korpusvlak geherstandaardiseer kan word, is dit noodsaaklik dat deeglike navorsing oor alle aspekte (d.i. leksikon, sintaksis, morfologie en semantiek) van die verskillende variëteite van Afrikaans (sien 1.1.2, voetnoot 5) onderneem moet word. 'n Uitvoerige studie oor hedendaagse Kaapse Vernakulêre Afrikaans, maar ook ander variëteite van Afrikaans, is hier veral van belang. Hierdie navorsing sal aan herstandaardiseerders 'n beter beeld van die volle omvang van Afrikaans gee en sodoende meehelp om Afrikaans in sy volheid in normeringsbronne te laat neerslag vind.

Webb (2010b: 114) dui daarop dat dit noodsaaklik is vir enige program wat daarop gemik is om 'n inklusiewe Afrikaanse spraakgemeenskap te skep om kennis te neem van die nou band van die Suid-Afrikaanse tale met die plaaslike en internasionale politieke ekonomie. 'n Impakstudie is dus nodig ten einde die ekonomiese haalbaarheid van die herstandaardisering van Afrikaans te bepaal. Wat die herstandaardisering van die Afrikaanse ortografie soos uiteengesit in hierdie studie betref, sal daar byvoorbeeld bepaal moet word of 'n gratis elektroniese weergawe van 'n ortografiese standaardiseringsbron inderdaad goedkoper sal wees as 'n gedrukte bron, aangesien baie Afrikaanssprekendes nog ekonomies agtergeblewe is, en teen watter koste hierdie bron aan arm gemeenskappe beskik-



baar gestel kan word. Hier het studie op die gebied van ekonomiese taalkunde, as onderafdeling van die sosiolinguistiek, 'n belangrike rol te speel.

Met die oog op die probleme wat met die standaardisering van Bantoetale ondervind word, sal dit ook nuttig wees om in verdere navorsing ondersoek in te stel of standaardisering wel 'n uniek Europese verskynsel is soos wat Van der Horst beweer (sien 2.2.3.2). Laastens kan ondersoek ingestel word of en hoe hierdie herstandaardiseringsmodel vir die (her)standaardisering van Suid-Afrika se inheemse Bantoetale aangewend kan word. Ten einde laasgenoemde te ondersoek, sal dit nodig wees om die relevansie van Haugen se taalbeplanningsmodel vanuit 'n Suid-Afrikaanse perspektief te bevraagteken en moontlike tekortkominge van dié Europese model in die Suid-Afrikaanse konteks uit te wys, sodat daar uiteindelik 'n nuwe taalbeplanningsmodel vir Suid-Afrika, en moontlik ook die res van Afrika, bedink kan word. Só 'n model sal veral die veeltalige kontaksituasie binne die Afrika-konteks moet hanteer, en die gepaardgaande vraag waar een taal ophou en waar 'n volgende begin.

## **6.4 Voorstelle vir disseminasie van proefskrifinhoud**

Dit is verder belangrik dat die voorstelle wat in hierdie studie gemaak is, asook voorstelle wat tydens opvolgstudies gemaak sal word, so wyd moontlik bekend gemaak sal word sodat dit nie net teoretiese voorstelle bly nie, maar ook in die praktyk neerslag kan vind. Eerstens is dit belangrik dat die voorstelle wat in dié studie gemaak is in artikelvorm in toonaangewende plaaslike vaktydskrifte (soos *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, *Stilet*, *Tydskrif vir Letterkunde* en *LitNet Akademies*) gepubliseer word. Weens die relevansie van herstandaardisering in die internasionale sosiolinguistiek is dit egter belangrik dat hierdie voorstelle ook internasionaal bekend gestel word deur dit in vaktydskrifte soos *International journal of the sociology of language* te publiseer, asook in boekvorm en wel in Engels, ten einde dit wyer toeganklik te maak. Dit sal Afrikaanse taalkundiges op die voorpunt van die standaardiseringsdebat plaas, aldus Alexander (2011: 6). Deur die voorstelle van hierdie studie in referaatvorm by vakkongresse vir sosiolinguistiek te lewer, kan verder bydra tot die disseminasie van die proefskrifinhoud onder plaaslike en internasionale sosiolinguiste en ander taalkundiges en bied ook 'n geleentheid om in verdere gesprek hieroor met ander navorsers te tree.

Verder is dit ook belangrik dat die voorstelle nie net weer in die akademiese ruim bly nie, maar dat dit ook aan die breër Afrikaanse spraakgemeenskap bekend gemaak sal word deur dit aan gesaghebbende instellings wat hulle met die bevordering van Afrikaans bemoei, deur te gee. Voorbeelde van dergelike instansies is byvoorbeeld die Stigting vir die Bemagtiging deur Afrikaans, die Afrikaanse Taalraad, en die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns en hulle Taalkommissie. Ander

belangrike rolspelers in die taalruim wat betrek kan word, is uitgewers (bv. Pharos Uitgewers), koerante (bv. *Son*, *Die Burger*, *Volksblad*, ens.), tydskrifte (bv. *Kuier*, *Huisgenoot*, *Rooi Rose*, ens.), radio (bv. Radio Sonder Grense), televisiekanale (bv. KykNet), en selfs spesifieke programme (bv. 7de Laan). Hierdie rolspelers kan betrek word deur werksessies aan te bied waarin die bevindinge van hierdie studie uiteengesit word en hulle aan te moedig om herstandaardisering te help bevorder deur die verskillende variëteite van Afrikaans meer sigbaar te maak deur byvoorbeeld die publikasie van boeke en artikels in verskillende variëteite, die gebruik van variëteitsprekers in televisie- en radio-uitsendings, ensovoorts. Dit is ook belangrik dat onderwysers aangemoedig word om taalvariasie in die klaskamer te koester en te bevorder. Sodoende word die teorie en praktyk nader aan mekaar gebring.

## 6.5 Slotgedagte

Uitsprake soos wat in Jelleke Wierenga se artikel “Transformasie is Afrikaans se ondergang” gemaak word, waarin transformasie as “’n aanslag op Afrikaans”, “’n ondermyning van die algemeenbeskaafde Afrikaans”, “’n toegee aan Engels”, en “’n kniebuiging voor die agbare ‘benadeeldes’” beskou word, dui op ’n wanbegrip van wat standaardtale behels en wat met die herstandaardisering van taal bedoel word. “Maar sulke persone”, meen Smith (1920a: 291), “redeneer nie alleen oppervlakkig nie: hulle is ook selfsugtig”.

Hul praat net van hul eie standpunt af, asof almal reeds die spelling aangeleer het; en hul vergeet dat daar nog duisende en duisende ná hul die spelling moet leer; hul vergeet ook dat aan ’n korrekte spelling vandag wel deeglik ’n onredelike en onbillike waarde geheg word, sodat as iemand nie vandag volgens die erkende reëls van die spelling skrywe nie, hy veelal as ’n onopgevoede of ongeletterde beskou word. (Smith, loc. cit.)

Carstens (2009: 3) waarsku egter teen die gevaar “dat ons so verstriek kan raak in die verlede dat ons nie die moontlikhede van die toekoms eens begin ontgin nie”. In hierdie studie het ek egter gepoog om een van hierdie moontlikhede te ontgin deur daarop te dui dat die “tyd [...] ryp [is] dat die variëteite van Afrikaans gevoed moet word en dat alle moontlike weë benut moet word om die bydraes wat hulle tot Afrikaans kan lewer, gelewer moet word” (Van Schalkwyk, 2011: 8). Afrikaans is nie, soos Burger (in Carstens, 2002: 152) dit verwoord, “maar net ’n Europese reisiger met ’n tydelike staanplek in Afrika nie”. Afrikaans het ontstaan “uit die smeltkroes van Afrika, Europa en die Ooste”. Juis daarom beskou Jan Rabie (aangehaal in Hugo, 2009: 5, 122-123) Afrikaans as “die grootste nie-rassige prestasie in ons Suiderland sover”.

En daarom is dit nie die besit van eensydige politieke partye nie, maar behoort dit aan almal wat dit praat, skryf en liefhet. En daarom ook is my taal my beste wapen teen rassisme. (Rabie, loc. cit.)

Afrikaans wat bemagtig, is “’n Afrikaans waarin jy jouself kan wees, ’n Afrikaans waarin jou uniekheid in elke opsig en ten alle tye gekoester en uitgebou word” (Botha, 1990: 9). En daarom is dit belangrik wanneer ons dit oor herstandaardisering het, om te onthou dat mense belangriker is as taalnorme (Vikør, 1989: 57). Soos een van die eerste voorstanders van Nynorsk en Noorse variëteite, Olaus Fjørtoft (aangehaal in Vikør, loc. cit.), dit so raak gestel het in 1871:

The language exists for us – we do not exist for the language.

## BRONNELYS

### Bronne met 'n identifiseerbare outeur

#### A

Adendorf, L. 2010a. Taal-baasskap vervreem bruines. *Rapport*: 17, 7 Februarie.

Adendorf, L. 2010b. Tyd vir 'n nuwe baadjie. *Die Burger*: 15, 3 April.

Adendorf, L. 2010c. Afrikaanses moet sáám stry en werk vir taal. *Rapport*: 17, 25 April.

Ager, D.E. 2001. *Motivation in language planning and policy*. Clevedon: Multilingual Matters.

Al, B.P.F. 1987. Franse taalnorme. In: De Rooij, J. (red.). *Variatie en norm in de standaardtaal*. Amsterdam: P.J. Meertens-Instituut. pp. 35-42.

Alberts, M. 1998. The harmonisation of Nguni and Sotho: terminological perspectives. In: Prah, K.K. (red.). *Between distinction & extinction. The harmonisation and standardisation of African languages*. Johannesburg: Witwatersrand University Press. pp. 229-242.

Alberts, M. 2002. Die nuwe *Afrikaanse Woordelys en Spelreëls*, 2002. *Muratho*: 21-24, Oktober.

Alberts, M. 2010. Onderhoud gevoer tydens Taalkommissie-sitting op 21 April. Wellington. [Digitale opname in besit van navorser].

Alberts, M. 2011. National Lexicography Units: past, present, future. *Lexikos*, 21:23-52.

Alexander, N. 1989. *Language policy and national unity in South Africa/Azania*. Kaapstad: Buchu Books.

Alexander, N. 1990. Afrikaans en taal-onderrig in 'n vry Suid-Afrika. *Die Suid-Afrikaan*, 29:38-39, Oktober/November.

Alexander, N. 1992a. South Africa. Harmonising Nguni and Sotho. *In: Crawhall, N. (red.). Democratically speaking. International perspectives on language planning.* Kaapstad: National Language Project. pp. 56-68.

Alexander, N. 1992b. Language planning from below. *In: Herbert, R.K. (red.). Language and society in Africa.* Johannesburg: Witwatersrand University Press. pp. 143-149.

Alexander, N. 2000. Language planning: response to Hans du Plessis. *In: Du Plessis, T. en Van Gensen, A. (reds.). Taal en stryd 1989-1999: gedenkbundel.* Pretoria: Van Schaik Uitgewers. pp. 163-171.

Alexander, N. 2001. Die noodsaak van universiteite vir die oorlewing van die nie-dominante tale in Suid-Afrika. *In: Giliomee, H. et al. (reds.). Kruispad: Die toekoms van Afrikaans as openbare taal.* Kaapstad: Tafelberg. pp. 8-14.

Alexander, N. 2008. Street and standard: Managing language in contemporary Africa. *In: Conference Report: International Conference on Everyday Multilingualism, 13-15 June 2008.* Eisenstadt: University of Eisenstadt. pp. 28-37.

Alexander, N. 2009a. Afrikaans as a language of reconciliation, restitution and nation building. Lesing gelewer tydens die *Roots*-konferensie, 22-23 September 2009, Universiteit van Wes-Kaapland, Bellville.

Alexander, N. 2009b. The value of multilingualism. Lesing gelewer tydens die konferensie *International conference on language policy, planning and support in higher education: challenges of multilingualism*, 17-20 November 2009, Spier Landgoed, Stellenbosch.

Alexander, N. 2010. [Persoonlike korrespondensie via e-pos]. 23 en 24 Maart.

Alexander, N. 2011. Reinventing Afrikaans. Lesing gelewer tydens simposium *Mainstreaming Afrikaans regional varieties*, 24-25 Januarie 2011, Suid-Afrikaanse Sentrum vir Nederland en Vlaandere, Pinelands.

Anderson, B. 1983. *Imagined communities: reflections on the origin and spread of nationalism.* Londen: Verso.

Ansre, G. 1974. Language standardisation in sub-Saharan Africa. *In*: Fishman, J.A. (red.). *Advances in language planning*. Den Haag: Mouton. pp. 369-389.

## B

Baker, D.J. 2010. Citations to Wikipedia in law reviews. *AALL/LexisNexis Call for Papers*. [Aanlyn].  
Beskikbaar: <http://works.bepress.com/aallcallforpapers/68> [30 April 2012].

Bakhtin, M. 1984. [1965]. *Rabelais and his world*, vertaal deur Helene Iswolsky. Bloomington: Indiana University Press.

Bamgbose, A. 2000. *Language and exclusion: the consequences of language policies in Africa*. Londen: Transaction Publishers.

Batibo, H.M. 2005. *Language decline and death in Africa: causes, consequences and challenges*. Clevedon: Multilingual Matters Ltd.

Belcher, R.K. 1987. Afrikaans en kommunikasie oor die kleurgrens. *In*: Du Plessis, H. en Du Plessis, T. (reds.). *Afrikaans en taalpolitiek: 15 opstelle*. Pretoria: HAUM Opvoedkundige Uitgewery. pp. 17-34.

Belcher, R.K. 1988. *Afrikaans – a reappraisal*. Mmabatho: Universiteit van Bophuthatswana.

Beyer, H.L. 2005. Die nuwe Afrikaanse woordelys en spelreëls. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 45(1):15-28.

Bezuidenhout, Z. 2002. Taalvitters, Taaltassie(s) en taalpitperskeboom. *Die Burger*: 11, 12 November.

Bezuidenhout, A. 2009. Afrikaanse musiek ná 1994. *In*: Hugo, D. (red.). *Halala Afrikaans*. Pretoria: Protea Boekhuis. pp. 124-129.

Blommaert, J. 1999. The debate is open. *In*: Blommaert, J. (red.). *Language ideological debates*. Berlyn: Mouton de Gruyter. pp. 1-38.

Bosch, B. 2000. Ethnicity markers in Afrikaans. *International journal of the sociology of language*, 144:51-68.

Boshoff, P. 1926. Die nuutste spelling in Afrikaans. *Die Volksblad*: 3, 3 Desember.

Boshoff, S.P.E. 1920a. Taalstryd. *Die Banier*: 91-92, September.

Boshoff, S.P.E. 1920b. Taalstryd. *Die Banier*: 107-109, Oktober.

Bosman, D.B. 1926a. Spellinghervorming. *Die Burger*: 3, 16 November.

Bosman, D.B. 1926b. Menings van ons lesers. Spellinghervorming. *Die Burger*: 9, 19 November.

Bosman, D.B. 1930. Akademie se standpunt verduidelik. *Die Burger*: 8, 28 Oktober.

Bosman, F.C.L. 1931. Die nuwe Afrikaanse woordelys en 'n nuwe Engels-Afrikaanse woordeboek. *De Kerkbode*: 29-30, 3 Junie.

Bosman, F.C.L. 1959. Geskiedkundige oorsig van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns. In: Schumann, T.E.W. et al. (reds.). *Feesalbum 1909-1959*. Pretoria: J.L. van Schaik Bpk. pp. 73-166.

Botha, K. 1990. Afrikaans en empowerment. *Karring*, 5(1):5-9, November.

Botha, W. 2012. [Persoonlike mededeling]. 17 Mei.

Botma, G.J. 2009. Die gedrukte media in Afrikaans ná 1994. In: Hugo, D. (red.). *Halala Afrikaans*. Pretoria: Protea Boekhuis. pp. 129-134.

Bourdieu, P. 1991. [1982]. The production and reproduction of legitimate language. In: *Language and symbolic power*, edited and introduced by John B. Thompson. Cambridge: Polity Press. pp. 43-65.

Breytenbach, B. 1996. Mondvol: gedagtes oor Afrikaans en saamstaan. *Die Burger*: 13, 5 Oktober.

Brink, A.P. 1988. Afrikaans en bevryding. In: Van den Heever, R. (red.). *Afrikaans en bevryding*. Kaapstad: Clayson drukkers.

Brown, D. 1988. Speaking in tongues: Apartheid and language in South Africa. *Perspectives in education*, 10(2):33-46.

- Brown, D. 1992. Language and social history in South Africa: a task still to be undertaken. *In*: Herbert, R.K. (red.). *Language and society in Africa*. Johannesburg: Witwatersrand University Press. pp. 71-92.
- Brümmer, N.J. en Van Zijl, W.J. 1908. *Afrikaanse Taal Vereniging: Afrikaanse spelling*. Kaapstad: Van de Sandt de Villiers Drukkers Maatschappij, Beperkt.
- Brümmer, N.J. en Van Zijl, W.J. 1909. De Afrikaanse Spelreëls. *De Goede Hoop*: 66-67, September.
- Bruthiaux, P. 2006. Restandardizing localized Englishes: aspirations and limitations. *International journal of the sociology of language*, 177:31-49.
- Brynard, A. 1991. Niestandaardafrikaans? Of algemeenbeskaafd? *Insig*: 10, September.
- Büchner, E. 2008. Laat ander die praatwerk doen. *Studia Historiae Ecclesiasticae*, supplement, 34:235-264, April.
- Bugarski, R. 2001. Language, nationalism and war in Yugoslavia. *International journal of the sociology of language*, 151:69-87.
- Bull, T. 1993. Conflicting ideologies in contemporary Norwegian language planning. *In*: Jahr, E.H. (red.). *Language conflict and language planning*. Berlyn: Mouton de Gruyter. pp. 21-37.
- Burger, G. 1992. 'n Taalkierie in druk verkeer. *Die Transvaler*: 27, 12 Maart.
- Busch, B. 2006. Bosnisch, Kroatisch, Serbisch, Serbokroatisch, Jugoslawisch, Romani oder Vlachisch? Heteroglossie und 'muttersprachlicher' Unterricht in Österreich. *In*: Cichon, P. (red.). *Gelebte Mehrsprachigkeit*. Wenen: Praesens Verlag. pp. 12-28.
- Busch, B. 2010. New national languages in Eastern Europe. *In*: Coupland, N. (red.). *Handbook of language and globalisation*. Oxford: Blackwell. pp. 182-200.
- Bybelgenootskap van Suid-Afrika. 2011. Die Bybel in Afrikaans: 'n direkte vertaling. *Nuwe kerk Bybel*. [Aanlyn]. Beskikbaar: [http://www.nuwekerkbybel.co.za/index.php?option=com\\_content&view=frontpage&Itemid=74](http://www.nuwekerkbybel.co.za/index.php?option=com_content&view=frontpage&Itemid=74) [6 Junie 2012].



Byron, J. 1976. *Selection among alternates in language standardization. The case of Albanian*. Den Haag: Mouton.

## C

Campbell, K.E., Oliver, D.E. en Shortliffe, E.H. 1998. The Unified Medical Language System: Toward a collaborative approach for solving terminologic problems. *Journal of the American Medical Informatics Association*, 5(1):12-16, Januarie/Februarie.

Carstens, W.A.M. 1993. Inleiding tot die sosiolinguistiek IV: Die ontwikkeling en onderskeiding van Afrikaans se standaardvariëteite. *Tydskrif vir taalonderrig*, 27(2):114-143, Julie.

Carstens, W.A.M. 2002. The standardisation of Afrikaans: some relevant issues. In: Prah, K.K. (red.). *Speaking in unison. The harmonisation and standardisation of Southern African languages*. Kaapstad: CASAS. pp. 151-160.

Carstens, W.A.M. 2003 (vierde uitgawe). *Norme vir Afrikaans. Enkele riglyne by die gebruik van Afrikaans*. Pretoria: Van Schaik Uitgewers.

Carstens, W.A.M. 2006. Die breë debat (1994-2005) oor die toekoms van Afrikaans: enkele temas en inisiatiewe. *Tydskrif vir geesteswetenskappe*, supplement moedertaalonderrig, 48(2):12-36, Junie.

Carstens, W.A.M. 2009. Die ontpolitiserings van Afrikaans deur 'n Nasionale Strategie vir Afrikaans. Lesing gelewer tydens die *Roots*-konferensie, 22-23 September 2009, Universiteit van Wes-Kaapland, Bellville.

Carstens, W.A.M. 2011 (vyfde uitgawe). *Norme vir Afrikaans. Enkele riglyne by die gebruik van Afrikaans*. Pretoria: Van Schaik Uitgewers.

Chick, J.K. en Wade, R. 1997. Restandardisation in the direction of a new English: implications for access and equity. *Journal of multilingual and multicultural development*, 18(4):271-284.

Cilliers, C. 1991. Nuwe Woordelys weerspieël 'n nuwe wêreld. *Beeld*: 12, 6 Junie.

Claassen, L.H. 1977. *Die ontstaansgeskiedenis van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Taal, Lettere en Kuns*. Johannesburg: Randse Afrikaanse Universiteit. (Ongepubliseerde MA-tesis).

Cluver, A. 1992. Language planning models for a post-apartheid South Africa. *Language problems and language planning*, 16:105-136.

Clyne, M. 1993. The German language after unification: adapting assumptions and methodologies to the “new world order”. *International journal of the sociology of language*, 100/101:11-27.

Clyne, M. 1997. Introduction: on the undoing and redoing of corpus planning. In: Clyne, M. (red.). *Undoing and redoing corpus planning*. Berlyn: Mouton de Gruyter. pp. 1-10.

Coetsee, A.J. 1917. Brief aan professor J.J. Smith, 24 Oktober. [Oorspronklike kopie in die J.J. Smith-versameling (versameling 333) van die J.S. Gericke Biblioteek, Universiteit Stellenbosch.]

Coetsee, D.J. 1964a. Op die voorpos. So spel 'n mens. *Die Taalgenoot*: 4,7,18, Mei.

Coetsee, D.J. 1964b. Op die voorpos. So skryf 'n mens – los of vas. *Die Taalgenoot*: 4,18,30, Junie.

Coetzee, A.E. 1982. 'n Heroriëntering van die begrip standaardtaal en 'n voorstudie van die ontwikkeling van standaard-Afrikaans gedurende die 20e eeu. *Tydskrif vir geesteswetenskappe*, 22(4):271-289, Desember.

Coetzee, A.E. 1992. Afrikaanse woordelys en spelreëls. *Academic standard*, 1(5): 9, Julie.

Coetzee, A.E. 2002. Die 2002-AWS en grammatikale subkategorieë. *Tydskrif vir taalonderrig*, 36(3/4):377-385, Desember.

Coetzee, G. 2009. AWS 'met induksie' gereed vir eeufeesjaar. *Volksblad*: 1, 25 Junie.

Combrink, B. 2012. [Persoonlike korrespondensie via e-pos]. 26 Junie.

Combrink, J.G.H. 1984. Afrikaans in Afrika. In: Prinsloo, K.P. en Van Rensburg, M.C.J. (reds.). *Afrikaans: stand, taak, toekoms*. Pretoria: HAUM Opvoedkundige Uitgewery. pp. 43-58.

Combrink, J.G.H. 1986. Taalnorme vir Afrikaans. *Die taalpraktisyn*, 2:46-62.

Combrink, J.G.H. 1991a. *Gids by die Afrikaanse woordelys en spelreëls*. Kaapstad: Tafelberg-Uitgewers Beperk.

- Combrink, J.G.H. 1991b. Die nuwe woordelys boekstaaf idees van ons tyd. *Beeld*: 9, 7 Mei
- Combrink, J.G.H. 1991c. Makliker om Afrikaans korrek te skryf met nuwe Woordelys. *Die Burger*: 13, 8 Mei.
- Combrink, J.G.H. 1991d. Nuwe AWS: Standaard-, Niestandaardafrikaans. *Beeld*: 9, 8 Mei.
- Combrink, J.G.H. 1991e. Standaardafrikaans: Een van die versameling geslypte edelstene. *Die Volksblad*: 7, 9 Mei.
- Combrink, J.G.H. 1991f. Korrekte taal makliker met nuwe Woordelys. *Die Volksblad*: 9, 10 Mei.
- Combrink, J.G.H. 1991g. Nuwe AWS gee meer spel-vryheid. *Beeld*: 9, 11 Mei.
- Combrink, J.G.H. 1991h. Skryf maklik reg met Woordelys. *Die Oosterlig*: 4, 13 Mei.
- Combrink, J.G.H. 1991i. Nederlandse spelling geen reddingsgordel vir Afrikaans nie. *Die Burger*: 13, 17 Julie.
- Combrink, J.G.H. 1992. Woordelys van '91 gee meer vryheid. *Die Burger*: 4, 2 November.
- Combrink, J.G.H. 1993a. Nuwe taalreëls maak Afrikaans vriendelik. *Die Burger*: 4, 15 November.
- Combrink, J.G.H. 1993b. Wisselvorme bied variasie in die taal. *Die Burger*: 2, 22 November.
- Conradie, C.J. 1987. Afrikaans: enkele lyne in 'n kragveld. In: Du Plessis, H. en Du Plessis, T. (reds.). *Afrikaans en taalpolitiek: 15 opstelle*. Pretoria: HAUM Opvoedkundige Uitgewery. pp. 187-192.
- Cooper, R. 1989. *Language planning and social change*. Cambridge: Cambridge University Press.
- Corbarrubias, J. 1983. Ethical issues in status planning. In: Corbarrubias, J. en Fishman, J.A. (reds.). *Progress in language planning*. Berlyn: Mouton Publishers. pp. 41-85.
- Cote, R. 2006. Language standardization: a necessary evil. *The University of Arizona*. [Aanlyn].  
Beskikbaar: <http://www.u.arizona.edu/~rcote/NES596B/Language%20Standardization.pdf> [23 Maart 2009].

Crafford, J.D.A. 1930. Besluit insake spellingverandering. *Die Burger*: 11, 12 Augustus.

Crafford, J.D.A. 1931. Die nuwe woordelys. *Die Burger*: 3, 12 Junie.

Crafford, A. 1992. Help bietjie daar met onse “blou taalbybel”. *Insig*: 34, November.

Crawhall, N.T. 1993. *Negotiations and language policy options in South Africa*. Soutrivier: National Language Project.

Crystal, D. 1985. *A dictionary of linguistics and phonetics*. Oxford: Basil Blackwell.

## D

Dasgupta, J. 1990. Language planning and democratic becoming. In: Weinstein, B. (red.). *Language policy and political development*. Norwood, New Jersey: Ablex Publishing Corporation. pp. 222-240.

Dauids, A. 1987. The role of Afrikaans in the history of the Cape Muslim community. In: Du Plessis, H. en Du Plessis, T. (reds.). *Afrikaans en taalpolitiek: 15 opstelle*. Pretoria: HAUM Opvoedkundige Uitgewery. pp. 37-59.

Dauids, A. 1991. Taalkommissie se Afrikaans “eksklusief wit”. *Vrye Weekblad*: 29, 13 Junie.

Dauids, A. 1994. The contribution of the slaves to the genesis of Afrikaans. In: February, V. (red.). *Taal en identiteit: Afrikaans en Nederlands*. Kaapstad: Tafelberg Uitgewers-Beperk. pp. 39-53.

Dauids, A. 2011. *The Afrikaans of the Cape Muslims*. Pretoria: Protea Boekhuis.

De Klerk, V. 1999. Black South African English: Where to from here? *World Englishes*, 18(3):311-324.

De Klerk, W.A. 1983. Afrikaans – taal van die hart. *Die taalpraktisyn*, 2:53-61.

De Klerk, W.J. 1968. *Die aard van dialektiese verskeidenheid in Afrikaans*. Pretoria: UNISA. (Ongepubliseerde D.Litt.-proefskrif).

Den Besten, H. 2012a. [1987]. Double negation and the genesis of Afrikaans. *In: Van der Wouden, T. (red.). Roots of Afrikaans. Selected writings of Hans den Besten.* Amsterdam: John Benjamins Publishing Company. pp. 221-256.

Den Besten, H. 2012b. [1987]. The Dutch pidgins of the Old Cape colony. *In: Van der Wouden, T. (red.). Roots of Afrikaans. Selected writings of Hans den Besten.* Amsterdam: John Benjamins Publishing Company. pp. 95-121.

Den Besten, H. 2012c. [1989]. From Khoekhoe foreigner talk via Hottentot Dutch to Afrikaans. The creation of a novel grammar. *In: Van der Wouden, T. (red.). Roots of Afrikaans. Selected writings of Hans den Besten.* Amsterdam: John Benjamins Publishing Company. pp. 257-287.

De Rooij, J. 1987. Inleiding. *In: De Rooij, J. (red.). Variatie en norm in de standaardtaal.* Amsterdam: P.J. Meertens-Instituut. pp. 7-11.

De Rooij, J. en Verhoeven, G. 1988. Orthography reform and language planning for Dutch. *International journal of the sociology of language*, 73:65-84.

Deumert, A. 2000. Language planning and policy. *In: Mesthrie, R. et al. (reds.). Introducing sociolinguistics.* Edinburgh: Edinburgh University Press. pp. 384-418.

Deumert, A. 2002. Standardization and social networks. The emergence and diffusion of Standard Afrikaans. *In: Linn, A.R. en McLelland, N. (reds.). Standardization. Studies from the Germanic languages.* Amsterdam/Philadelphia: John Benjamins. pp. 1-25.

Deumert, A. 2004. *Language standardization and language change: the dynamics of Cape Dutch.* Amsterdam: John Benjamins.

Deumert, A. 2005a. The shape of the standard – reflections on post-colonial standard languages, with special attention to South Africa. *In: Webb, V., Deumert, A. en Lepota, B. (reds.). The standardisation of African languages in South Africa.* Pretoria: Universiteit van Pretoria. pp. 35-42.

Deumert, A. 2005b. Praatjies and boerenbrievens: popular literature in the history of Afrikaans. *Journal of pidgin and creole languages*, 20(1):15-51.

- Deumert, A. 2008. Language planning: models. *In*: Mesthrie, R. en Asher, R.E. (reds.). *Concise Encyclopedia of Sociolinguistics*. Londen: Credo Reference Ltd. [Elektroniese bron].
- Deumert, A. en Vandenbussche, W. 2003. Standard languages. Taxonomies and histories. *In*: Deumert, A. en Vandenbussche, W. (reds.). *Germanic standardizations: past to present*. Amsterdam/Philadelphia: John Benjamins. pp. 1-14.
- De Villiers, A. 1985. *Standaardafrikaans en Omgangsafrikaans in Pretoria*. Pretoria: Universiteit van Pretoria. (Ongepubliseerde MA-tesis).
- De Vries, A. 2004. Maleier-Afrikaans kry plek in AWS. *Rapport*: 1, 5 September.
- De Vries, J.W. 1987. De standaardtaal in Nederland. *In*: De Rooij, J. (red.). *Variatie en norm in de standaardtaal*. Amsterdam: P.J. Meertens-Instituut. pp. 127-141.
- De Wet, J.P. 1997. *Afrikaans: 'n ideologiese besinning in 'n multilinguistiese Suid-Afrikaanse bestel*. Pretoria: UNISA. (Ongepubliseerde D.Litt. et Phil.-proefskrif).
- De Wet, L. 2002. Lekkerte van die nuwe AWS. *Taalgenoot*: 52, November/Desember.
- De Zuid Afrikaanse Akademie voor Taal, Letteren en Kunst. 1915. *Jaarboek VI*. Bloemfontein/Potchefstroom: Het Volksblad-drukkerij.
- Dimitrova, L. et al. 2009. Bulgarian-Polish online dictionary – design and development. *In*: Koseska-Toszewa, V., Dimitrova, L. en Roszko, R. (reds.). *Representing semantics in digital lexicography*. Warsaw: Slawistyczny Ośrodek Wydawniczy. pp. 76-88.
- Dimitrova, L., Dutsova, R., en Panova, R. 2011. Survey on current state of Bulgarian-Polish online dictionary. *Proceedings of Language Technologies for Digital Humanities and Cultural Heritage Workshop*. [Aanlyn]. Besikbaar: <http://aclweb.org/anthology/W/W11/> [30 April 2011]. pp. 43-50.
- Donaldson, B.C. 1991. *The influence of English on Afrikaans. A case study of linguistic change in a language contact situation*. Pretoria: Academica.

Du Plessis, C.V. 2010a. Fokofrikaans, 'n swanesang. *LitNet*. [Aanlyn]. Beskikbaar: [http://www.litnet.co.za/cgi-bin/giga.cgi?cmd=cause\\_dir\\_news\\_item&cause\\_id=1270&news\\_id=85427&cat\\_id=171](http://www.litnet.co.za/cgi-bin/giga.cgi?cmd=cause_dir_news_item&cause_id=1270&news_id=85427&cat_id=171) [11 November 2010].

Du Plessis, C.V. 2010b. As Afrikaans moet sterf, laat hom sterf!. *Rapport*: 17, 18 April.

Du Plessis, H. 1988. *Variasietaalkunde*. Pretoria: Serva Uitgewers.

Du Plessis, H. 1992. *En nou, Afrikaans?* Pretoria: J.L. van Schaik (Edms.) Bpk.

Du Plessis, H. 2000. Taalbeplanning. In: Du Plessis, T. en Van Gensen, A. (reds.). *Taal en stryd 1989-1999: gedenkbundel*. Pretoria: Van Schaik Uitgewers. pp. 142-162.

Du Plessis, H. 2001. Die ontwikkeling van die Afrikaanse variasietaalkunde. In: Carstens, A. en Grebe, H. (reds.). *Taallandskap*. Pretoria: Van Schaik Uitgewers. pp. 69-80.

Du Plessis, L.T. 1986. *Afrikaans in beweging*. Bloemfontein: Patmos.

Du Plessis, M. 2003. Nuwe AWS g'n borstrok vir Afrikaans!. *Taalgenoot*: 18-19, Januarie.

Du Plooy, F. 2010. Die tale wat ons praat. *Radio Sonder Grense*. Suid-Afrika: South African Broadcasting Service. 28 November.

Du Preez, M. s.a. Suid-Afrika in die 1990's – Onderhandelinge om onderhandelinge. *Myfundi*. [Aanlyn]. Beskikbaar: [http://myfundi.co.za/a/Suid-Afrika\\_in\\_die\\_1990%27s%3A\\_Onderhandelinge\\_om\\_anderhandelinge#](http://myfundi.co.za/a/Suid-Afrika_in_die_1990%27s%3A_Onderhandelinge_om_anderhandelinge#) [12 November 2011].

Du Toit, P.F. 1964. Oor die Afrikaanse woordelys en spelreëls. *Tydskrif vir volkskunde en volkstaal*, 20(4):35-40, Oktober.

Du Toit Malherbe, D.F. 1930a. Die spellingmoeilikhede. *Die Burger*: 5, 28 Augustus.

Du Toit Malherbe, D.F. 1930b. Die verslag van die spellingkonferensie. *Die Volksblad*: 3, 29 September.

Du Toit Malherbe, D.F. 1930c. Die spelling-konferensie. *Die Volkstem*: 5, 3 Oktober.

## E

- Eastman, C.M. 1992. Sociolinguistics in Africa: language planning. *In: Herbert, R.K. (red.). Language and society in Africa.* Johannesburg: Witwatersrand University Press. pp. 95-114.
- Egbokhare, F.O. 2002. A proposal for the unification and harmonization of Edoid languages. *In: Egbokhare, F.O. en Oyetade, S.O. (reds.). Harmonization and standardization of Nigerian languages.* Kaapstad: CASAS. pp. 70-86.
- Ehlers, D. 1992a. AWS is vrot van foute, tekortkominge. Taalreëls skadelik vir Afrikaans. *Beeld*: 2, 25 Junie.
- Ehlers, D. 1992b. Nuwe "Spelreëls" so vol foute dat praktisyns dit ignoreer. *Die Burger*: 8, 2 Julie.
- Ehlers, D. 1994. Die problematiek rondom die *Afrikaanse woordelys en spelreëls* (1991). *Suid-Afrikaanse tydskrif vir taalkunde*, supplement, 20:195-214.
- Ehlers, D. 2002a. Voller en vriendeliker. *Die Burger*: 9, 4 November.
- Ehlers, D. 2002b. Bemark AWS, en hou reëls nou so. *Die Burger*: 11, 23 Desember.
- Eksteen, L.C. 1964. Spelling en reëls. *Standpunte*, 18(2):58-64, Desember.
- Eksteen, L.C. 1984. Die rol van die Akademie in die standaardisering van Afrikaans. *In: Moll, J.C. et al. (reds.). Akademie 75.* Goodwood: Nasionale Boekdrukkery. pp. 56-66.
- Eksteen, L.C. 1985. Die rol van die Akademie in die standaardisering van die Afrikaanse spelling. *SPIL plus*, 10:169-200.
- Els, J.S.M. 1991. Laat mense wat taal onderrig, "Woordelys" help. *Die Burger*: 14, 26 Augustus.
- Engelbrecht, H. 1980. *Nuwe Afrikaanse taalgids.* Pretoria: Oranje-Uitgewers.
- Esterhuyse, J. 1986. *Taalapartheid en skoolafrikaans.* Emmarentia: Taurus.



Esterhuysen, J. 2000. Die rekonstruksie van die Afrikaanse werklikheid en handboekvernuwing. *In: Du Plessis, T. en Van Gensen, A. Taal en stryd 1989-1999: gedenkbundel*. Pretoria: Van Schaik Uitgewers. pp. 42-58.

## F

Ferguson, C.A. 1983. Language planning and language change. *In: Cobarrubias, J. en Fishman, J.A. (reds.). Progress in language planning*. Berlyn: Mouton Publishers. pp. 29-40.

Ferguson, C.A. 1996a. [1987]. Standardisation as a form of language spread. *In: Sociolinguistic perspectives. Papers on language in society, 1959-1994*, edited by Thom Huebner. New York: Oxford University Press. pp. 189-199.

Ferguson, C.A. 1996b. [1987]. Conventional conventionalization: planned change in language. *In: Sociolinguistic perspectives. Papers on language in society, 1959-1994*, edited by Thom Huebner. New York: Oxford University Press. pp. 304-312.

Fettes, M. 1997. Language planning and education. *In: Wodak, R. & Corson, D. (reds.). Encyclopedia of language and education, vol. 1: language policy and political issues in education*. Amsterdam: Kluwer Academic Publishers. pp. 13-21.

Fishman, J.A. 2004. Ethnicity and supra-ethnicity in corpus planning: the hidden status agenda in corpus planning. *Nations and nationalism*, 10(1/2):79-94.

Fishman, J.A. 2006. *Do not leave your language alone. The hidden status agendas within corpus planning in language policy*. New Jersey: Lawrence Erlbaum Associates, Inc.

Flyvbjerg, B. 2006. Five misunderstandings about case-study research. *Qualitative inquiry*, 12(2):219-245, April.

## G

Garvin, P.L. 1959. The standard language problem – concepts and methods. *Anthropological linguistics*, 1(3):28-31.

- Garvin, P.L. 1964. The standard language problem – concepts and methods. *In: Hymes, D. Language in culture and society: a reader in linguistics and anthropology*. New York: Harper & Row Publishers. pp. 521-526.
- Garvin, P.L. 1974. Some comments on language planning. *In: Fishman, J.A. (red.). Advances in language planning*. Den Haag: Mouton. pp. 69-78.
- Garvin, P.L. 1991. A conceptual framework for the study of language standardization. *Indian journal of applied linguistics*, 17(1):1-20, Januarie-Junie.
- Gericke, W. 1991. *Die Woordeboek van die Afrikaanse Taal – 'n kultuurhistoriese verkenning*. Stellenbosch: Universiteit van Stellenbosch. (Ongepubliseerde MA-tesis).
- Gerwel, J. 1988. 'n Besinning oor die vestiging van Alternatiewe Afrikaans op hoërskool. *In: Van den Heever, R. (red.). Afrikaans en bevryding*. Kaapstad: Clayson drukkers. pp. 7-19.
- Giliomee, H.B. 2003. The rise and possible demise of Afrikaans as a public language. *PRAESA occasional papers, no. 14*. Kaapstad: Universiteit van Kaapstad.
- Giliomee, H.B. 2004. *Die Afrikaners – 'n biografie*. Kaapstad: Tafelberg.
- Giliomee, H.B. 2005. 'n Algemeen geldende basis vir Afrikaans? *Tydskrif vir geesteswetenskappe*, 45(2):276-282.
- Giliomee, H.B. 2007. Afrikaans en haar geskiedenis: Andersmaak en saammaak. *LitNet*. [Aanlyn]. Besikbaar: [http://www.litnet.co.za/cgi-bin/giga.cgi?cmd=cause\\_dir\\_news\\_item&news\\_id=22113&cause\\_id=1270](http://www.litnet.co.za/cgi-bin/giga.cgi?cmd=cause_dir_news_item&news_id=22113&cause_id=1270) [28 Januarie 2010].
- Goosen, D. 2009. Praat saam: Waarheen ontwikkel Afrikaans? *Radio Sonder Grense*. Suid-Afrika: South African Broadcasting Service. 3 November.
- Gouws, R.H. 1993a. Normatiewe leiding in woordeboeke: 'n nuwe benadering. *Lexikos*, 3:49-66.
- Gouws, R.H. 1993b. Spelling-keuses vorm van taaldemokrasie. *Die Burger*: 4, 29 November.
- Gouws, R.H. 2012a. [Persoonlike mededeling en nie-amptelike dokumentasie]. 3 Mei.

Gouws, R.H. 2012b. [Persoonlike mededeling]. 2 Augustus.

Grebe, H. 2009. Wij spreken zo niet onder ons – taalstandaardisasie en die konstruksie van identiteit. *LitNet akademies*, 6(1):128-141, Maart.

Grebe, H. 2010. Die Oosgrenshipotese as geografiese en teoretiese konstruk. *LitNet akademies*, 7(3):195-211, Desember.

Greeff, R. 2009. Met die AWS is jy opgefix – boots en all. *Rapport*: 4, 19 Julie.

Greenberg, R.D. 2000. Language politics in the Federal Republic of Yugoslavia: The crisis over the future of Serbian. *Slavic review*, 59(3):625-640, Herfs.

Greenberg, R.D. 2004. *Language and identity in the Balkans. Serbo-Croatian and its disintegration*. New York: Oxford University Press.

Grosskopf, E.B. 1923. Die inkonsekwensies van die “woordelys”. *Die Huisgenoot*: 9, Mei.

Grosskopf, J.F.W. 1917a. Afrikaanse woordelijs. *De Burger*: 2, 26 September.

Grosskopf, J.F.W. 1917b. Boekbespreking. Afrikaanse woordelijs en spelreëls. *Het Volksblad*: 7, 19 Oktober.

## H

Haarmann, H. 1990. Language planning in the light of a general theory of language: a methodological framework. *International journal of the sociology of language*, 86:103-126.

Haas, W. 1982. Introduction: on the normative character of language. In: Haas, W. (red.). *Standard languages: spoken and written*. Manchester/Totowa: Manchester University Press/Barnes and Noble Books. pp. 1-36.

Hartig, M. 1990. Deutsch als Standardsprache. *International of the sociology of language*, 83:121-133.

Hattingh, P.J. 1927. Briewe aan die redaksie. Spellinghervorming. *Die Volksblad*: 3, 1 Februarie.

Haugen, E. 1959. Planning for a standard language in modern Norway. *Anthropological linguistics*, 1(3):8-21.

Haugen, E. 1966. *Language conflict and language planning. The case of modern Norwegian*. Cambridge, Massachusetts: Harvard University Press.

Haugen, E. 1968. The Scandinavian languages as cultural artifacts. In: Fishman, J.A., Ferguson, C.A., en Das Gupta, J. (reds.). *Language problems of developing nations*. New York: John Wiley and Sons Inc. pp. 267-284.

Haugen, E. 1971. Instrumentalism in language planning. In: Rubin, J. en Jernudd, B.H. (reds.). *Can language be planned? Sociolinguistic theory and practice for developing nations*. Honolulu: The University Press of Hawaii. pp. 281-289.

Haugen, E. 1972a. [1961]. Language planning in modern Norway. In: *The ecology of language*, selected and introduced by A.S. Dil. Stanford: Stanford University Press. pp. 133-147.

Haugen, E. 1972b. [1966]. Linguistics and language planning. In: *The ecology of language*, selected and introduced by A.S. Dil. Stanford: Stanford University Press. pp. 159-190.

Haugen, E. 1972c. [1969]. Language planning, theory and practice. In: *The ecology of language*, selected and introduced by A.S. Dil. Stanford: Stanford University Press. pp. 287-298.

Haugen, E. 1983. The implementation of corpus planning: theory and practice. In: Cobarrubias, J. en Fishman, J.A. (reds.). *Progress in language planning*. Berlyn: Mouton Publishers. pp. 269-289.

Haugen, E. 2008. Standardization. In: Mesthrie, R. en Asher, R.E. (reds.). *Concise Encyclopedia of Sociolinguistics*. Londen: Credo Reference Ltd. [Elektroniese bron].

Haver, H. 1906. Correspondentie. De spelling van Afrikaanse woorden. *De Goede Hoop*: 138-139, Desember.

Heestermans, H. 1987. Variatie en norm in de standaardwoordenschat: enige punten ter inleiding van een discussievergadering. In: De Rooij, J. (red.). *Variatie en norm in de standaardtaal*. Amsterdam: P.J. Meertens-Instituut. pp. 175-182.

Hendricks, F. 2010. Onderhoud gevoer tydens Taalkommissie-sitting op 21 April. Wellington. [Digitale opname in besit van navorser].

Hendricks, F. 2011. Die potensiële nut van 'n gelykevlak-perspektief op die variëteite van Afrikaans. Lesing gelewer tydens simposium *Mainstreaming Afrikaans regional varieties*, 24-25 Januarie 2011, Suid-Afrikaanse Sentrum vir Nederland en Vlaandere, Pinelands.

Hendricks, F. 2012. Die aard en konteks van Kaaps: 'n verledetydse, eietydse en toekomspektief. Lesing gelewer tydens simposium *Kaaps in fokus*, 19-20 Julie 2012, Universiteit van Wes-Kaapland, Bellville.

Herbert, R.K. en Bailey, R. 2002. The Bantu languages: sociohistorical perspectives. In: Mesthrie, R. (red.). *Language in South Africa*. Cambridge: Cambridge University Press. pp. 50-78.

Herbst, J.F. 1959. Ons georganiseerde taalstryd. In: Labuscagne, G.J. (red.). *Feesbundel*. Johannesburg: Dagbreek Boekhandel (Edms.) Bpk. pp. 29-38.

Hiemstra, L.W. 1918. Brief aan die redaksie van *Die Huisgenoot*, 1 Junie. [Oorspronklike kopie in die J.J. Smith-versameling (versameling 333) van die J.S. Gericke Biblioteek, Universiteit Stellenbosch.]

Hornberger, N.H. 2006. Frameworks and models in language policy and planning. In: Ricento, T. (red.). *An introduction to language policy. Theory and method*. Oxford: Blackwell Publishing. pp. 24-41.

Hudson, R.A. 1980. *Sociolinguistics*. Cambridge: Cambridge University Press.

Hugo, D. (red.). 2009a. *Halala Afrikaans*. Pretoria: Protea Boekhuis.

Hugo, D. 2009b. Halala Afrikaans. Lesing gelewer tydens die boekbekendstelling van *Halala Afrikaans*, 14 Augustus 2009, Protea Boekwinkel, Stellenbosch.

Huss, L. en Lindgren, A.-R. 2011. Introduction: defining language emancipation. *International journal of the sociology of language*, 209:1-15.

## J

Jacobs, S. 1991. Nuwe Woordelys maak Afrikaans net moeiliker. *Die Burger*. 9, 16 Julie.

Jahn, J.E. 1999. New Croatian language planning and its consequences for language attitudes and linguistic behavior – the Istrian case. *Language & communication*, 19:329-354.

Jahr, E.H. 1997. The fate of Samnorsk: a social dialect experiment in language planning. In: Clyne, M. (red.). *Undoing and redoing corpus planning*. Berlyn: Mouton de Gruyter. pp. 215-248.

Jahr, E.H. 2003. Norwegian. In: Deumert, A. en Vandenbussche, W. (reds.). *Germanic standardizations: past to present*. Amsterdam/ Philadelphia: John Benjamins Publishing Company. pp. 331-353.

Jahr, E.H. en Trudgill, P. 1993. Parallels and differences in the linguistic development of modern Greece and modern Norway. In: Jahr, E.H. (red.). *Language conflict and language planning*. Berlyn: Mouton de Gruyter. pp. 83-98.

Jernudd, B.H. en Das Gupta, J. 1971. Towards a theory of language planning. In: Rubin, J. en Jernudd, B.H. (reds.). *Can language be planned? Sociolinguistic theory and practice for developing nations*. Honolulu: The University Press of Hawaii. pp. 195-215.

Jernudd, B.H. 1993. Language planning from a management perspective: an interpretation of findings. In: Jahr, E.H. (red.). *Language conflict and language planning*. Berlyn: Mouton de Gruyter. pp. 133-142.

Johl, C. 2002. (Re-)standardisation, harmonisation and Afrikaans. A few cautionary notes. In: Prah, K.K. (red.). *Speaking in unison: the harmonisation and standardisation of Southern African languages*. Kaapstad: CASAS. pp. 161-176.

Johnson, S. 2005. *Spelling trouble? Language, ideology and the reform of German orthography*. Clevedon/ Buffalo/Toronto: Multilingual Matters Ltd.

Joseph, J.E. 1981. *The standard language: theory, dogma and sociocultural reality*. Michigan: University of Michigan. (Ongepubliseerde PhD-proefskrif).

Joseph, J.E. 1987. *Eloquence and power: the rise of language standards and standard languages*. Oxford: Blackwell.

Joseph, L.H. 1991. Ghoema vir meer humanitêre Afrikaans. *Karring*, 6(3):16-19, November.

Joubert, J. 2010. Beraad om Afrikaans te bevorder. *Rapport*: 2, 4 April.

## K

Kalogjera, D. On attitudes toward Croatian dialects and on their changing status. *International journal of the sociology of language*, 147:91-100.

Kannemeyer, J.C. 1978. *Geskiedenis van die Afrikaanse literatuur*. Deel 1. Kaapstad: Academica.

Kannemeyer, J.C. 1995. *Langenhoven. 'n Lewe*. Kaapstad: Tafelberg-Uitgewers Beperk.

Kaplan, R.B. en Baldauf, R.B. 1997. *Language planning. From practice to theory*. Clevedon: Multilingual Matters Ltd.

Kapp, P. 2009. *Draer van 'n droom*. Hermanus: Hemel & See Boeke.

Karaan, M. Afrikaans en die Kaapse Moslem-gemeenskap vandag. Lesing gelewer tydens die *Roots*-konferensie, 22-23 September 2009, Universiteit van Wes-Kaapland, Bellville.

Katičić, R. 2001. Croatian language loyalty. *International journal of the sociology of language*, 147:17-29.

Killian, B. 1990. Gee my 'n steak en tjips, 'n milkshake en lekker Afrikaans. *Die Burger*: 6, 20 Januarie.

Klein, J. 2009. South Africa's new African language dictionaries and their use for the African speech communities. *Lexikos*, 19:423-435.

Kloss, H. 1967. 'Abstand languages' and 'ausbau languages'. *Anthropological linguistics*, 9(7):29-41.

Kloss, H. 1969. *Research possibilities on group bilingualism: a report*. Quebec: International Center for Research on Bilingualism.

Koopman, N. 2009. Transformerende Afrikaans. *LitNet*. [Aanlyn]. Beskikbaar: [http://www.litnet.co.za/cgi-bin/giga.cgi?cmd=cause\\_dir\\_news\\_item&cause\\_id=1270&news\\_id=73741&cat\\_id=164](http://www.litnet.co.za/cgi-bin/giga.cgi?cmd=cause_dir_news_item&cause_id=1270&news_id=73741&cat_id=164) [19 September 2009].

Kotzé, E. 2009. Hoe standaard kan 'n taal wees? Perspektiewe op die teenstrydighede van Afrikaans. Lesing gelewer tydens die *Roots*-konferensie, 22-23 September 2009, Universiteit van Wes-Kaapland, Bellville.

Kotzé, E. 2010a. Destandaardisasie en herstandaardisasie. Gelyklopende prosesse in die nuwe Suid-Afrika? *In: Van der Wal, M. en Francken, E. (reds.). Standaardtalen in beweging.* Amsterdam: Stichting Neerlandistiek VU. pp. 153-169.

Kotzé, E. 2010b. Die tale wat ons praat. *Radio Sonder Grense.* Suid-Afrika: South African Broadcasting Service. 4 April.

Kotzé, E. 2010c. Onderhoud gevoer tydens Taalkommissie-sitting op 21 April. Wellington. [Digitale opname in besit van navorser].

Kotzé, E. 2010d. Die tale wat ons praat. *Radio Sonder Grense.* Suid-Afrika: South African Broadcasting Service. 28 November.

Kotzé, E. 2011. Standardisation and mainstreaming – die kloutjie by die oor. Lesing gelewer tydens die simposium *Mainstreaming Afrikaans regional varieties*, 24-25 Januarie 2011, Suid-Afrikaanse Sentrum vir Nederland en Vlaandere, Pinelands.

Kotzé, E. 2012. Die historiese dinamika van Kaaps – toe en nou. Lesing gelewer tydens simposium *Kaaps in fokus*, 19-20 Julie 2012, Universiteit van Wes-Kaapland, Bellville.

Kress, G.R. 2000. *Early spelling: between convention and creativity.* Londen: Routledge.

Kritzinger, M.S.B. 1930a. Die grootste gaos. *Die Volkstem*: 5, 29 September.

Kritzinger, M.S.B. 1930b. Waar staan ons op spellinggebied? *Die Volkstem*: 6, 22 Oktober.

Kritzinger, M.S.B. 1931. Die nuwe woordelys. *Die Volkstem*: 1, 23 Mei.

Kroes, G. 1985. Die doeltreffendheid van die *Afrikaanse woordelys en spelreëls* as handleiding en naslaanbron by die onderrig van Afrikaans op tersiêre vlak. *SPIL plus*, 10:328-344.

Krog, A. 2004. Só maak die taaldebat wel saak. *Rapport*: 5, 19 September.



Kruisinga, E. 1906. De oorsprong van het Afrikaans. *Taal en letteren*, 16:417-439.

Kulla, A. 2010. *The Albanian linguistic journey from Ancient Illyricum to EU. Lexical borrowings*. Linköping: Linköping Universiteit. (Ongepubliseerde MA-tesis).

## L

Labuscagne, G.J. 1959. Die opkoms en trefwydte van Afrikaans. *In*: Labuscagne, G.J. (red.). *Feesbundel*. Johannesburg: Dagbreek Boekhandel (Edms.) Bpk. pp. 13-28.

La Grange Lombard, J.P. 1927a. Vanjaar se spelling. *Die Volkstem*: 1, 1 Februarie.

La Grange Lombard, J.P. 1927b. Vanjaar se spelling. *Die Volksblad*: 3, 4 Februarie.

La Grange Lombard, J.P. 1927c. Vanjaar se spelling. *Ons Vaderland*: 4, 4 Februarie.

La Grange Lombard, J.P. 1927d. Vanjaar se spelling. *Die Burger*: 5, 8 Maart.

Landman, K. 1991. Die nuwe Suid-Afrika en Afrikaans. *Klasgids*, 26(4):31-41, Oktober.

Landman, K. Afrikaans alles behalwe 'n kreoolse taal. *Beeld*, 2 September. [Aanlyn]. Besikbaar: <http://www.beeld.com/MyBeeld/Briewe/Afrikaans-alles-behalwe-n-kreoolse-taal-20120902> [5 September 2012].

Langenhoven, C.J. 1912. Ons pionier skrywers. *Die Brandwag*: 791-795, 15 Mei.

Langenhoven, C.J. 1930. Aan stille waters. Die speltwis. *Die Burger*: 6, 20 Oktober 1930.

Lecerclé, J. 2006. *A Marxist philosophy of language*, vertaal deur Gregory Elliott. Leiden: Brill Academic Publishers.

Le Cordeur, M. 2010. Ek doen wat ek doen omdat ek wil. *Rapport*: 5, 4 April.

Le Roux, J.J. 1926. Die Afrikaanse spelling. *Ons Vaderland*: 12, 1 Oktober.

Le Roux, T.H. 1920. Antwoord van die Spellingkommissie. *Die Brandwag*: v, 25 Augustus.

Le Roux, T.H. 1926. Die geskiedenis van die Afrikaanse spelling. *In: Gedenkboek ter eere van die Genootskap van Regte Afrikaners (1875-1925)*. Potchefstroom: Afrikaanse Studentebond. pp. 256-277.

Le Roux, T.H. 1959. Die Taalkommissie in diens van die Afrikaanse volk. *In: Schumann, T.E.W. et al. (reds.). Feesalbum 1909-1959*. Pretoria: J.L. van Schaik Bpk. pp. 44-47.

Levinger, J. 1994. Language war – war language. *Language sciences*, 16(2):229-236.

Libertyn. 1993. Kan jy spel of is jy magteloos? *Vrye Weekblad*: 28, 15 April.

Linde, F. 1991. Woordelys, hoekom is jou stertjie so kort? *Insig*: 8, Julie.

Lippi-Green, R. 1997. *English with an accent: language, ideology, and discrimination in the United States*. New York: Routledge.

Lloshi, X. 1999. Albanian. *In: Hinrichs, U. en Büttner, U. (reds.). Handbuch der Südosteuropa-linguistik*. Wiesbaden: Harrassowitz Verlag. pp. 277-299.

Lloshi, X. 2006. Standard Albanian – linguistic controversy in post-Communist Albania. *International journal of the sociology of language*, 178:93-101.

Loader, C. 2001. Seminare België, 2002-2008. *Universität Wien*. [Aanlyn]. Beskikbaar: <https://aie.ned.univie.ac.at/node/13085> [29 Julie 2012].

Loubser, J.E. 1980. Inleiding. *In: Eerste beginsels van die Afrikaanse taal en Fergelykende taalkunde fan Afrikaans en Engels*, Faksimilee-uitgawe, ingelei deur J.E. Loubser. Kaapstad: Tafelberg-Uitgewers Beperk. pp. 1-7.

Louw, J.D. 1931. Brief aan J.J. Smith, 26 Mei. [Oorspronklike kopie in die J.J. Smith-versameling (versameling 333) van die J.S. Gericke Biblioteek, Universiteit Stellenbosch.]

Louw, P.E. 2004. Political power, national identity, and language: the case of Afrikaans. *International journal of the sociology of language*, 170:43-58.

## M

Maartens, J. 1998. Multilingualism and language policy in South Africa. *In: Extra, G. en Maartens, J. (reds.). Multilingualism in a multicultural context: case studies on South Africa and Western Europe.* Tilburg: Tilburg University Press. pp. 15-36.

Magner, T.F. 1967. Language and nationalism in Yugoslavia. *Canadian Slavic studies*, 1(3):333-347, Herfs.

Makoni, S. 1998. In the beginning was the missionaries' word. The European invention of an African language: the case of Shona in Zimbabwe. *In: Prah, K.K. (red.). Between distinction & extinction. The harmonisation and standardisation of African languages.* Johannesburg: Witwatersrand University Press. pp. 157-164.

Makoni, S. 2003. From misinvention to disinvention of language: multilingualism and the South African Constitution. *In: Makoni, S., Smitherman, G. Ball, A.F. en Spears, A.K. (reds.). Black linguistics. Language, society, and politics in Africa and the Americas.* New York: Routledge. pp. 132-151.

Malan, D.J. en Van der Merwe, J.P. 1920. 'n Staatskommissie vir Taal en Spelling. *Die Banier*: 116-117, Desember.

Malan, S.I. 1963. *Die spelling van Afrikaans.* Durban/Bloemfontein: Universiteit van die Oranje-Vrystaat. (Ongepubliseerde D.Litt.-proefskrif).

Malherbe, D.F. 1917. 'n Belangrijke werk. Die Eerste Afrikaanse Taalbeweging. *Die Brandwag*: 372-374, 25 April.

Malherbe, D.F. 1920. Nuwe Afrikaanse spelling. *Die Volksblad*: 6, 27 April.

Malherbe, D.F. 1926. Verslag van 'n vergadering van die Spellingkommissie van die Suid-Afrikaanse Akademie gehou in Pretoria op 28 en 29 September 1926. *Tydskrif vir wetenskap en kuns*, 5(2):105-109, Desember.

Malherbe, D.F. 1931a. Die Akademie-spelling. *Die Volksblad*: 6,9, 29 April.

Malherbe, D.F. 1931b. Die Akademie-spelling. *Die Burger*: 4, 4 Mei.

Malherbe, D.F. 1959. Die beginjare van die S.A. Akademie. *Die Huisgenoot*: 34-35, 24 Julie.

Malherbe, W.M.R. 1918. Brief aan J.J. Smith, 4 April. [Oorspronklike kopie in die J.J. Smith-versameling (versameling 333) van die J.S. Gericke Biblioteek, Universiteit Stellenbosch.]

Mantho, E. 2009. The present day situation on Standard Albanian and the theory of argumentation about it. *Investigationes linguisticae*, 18:72-79.

Manzini, M.R. en Savoia, L.M. 2011. *Grammatical categories. Variation in Romance languages*. New York: Cambridge University Press.

Marais, J.L. 2010. Gustav S. Preller (1875-1943): 'n Profiel. *Versindaba*. [Aanlyn]. Beskikbaar: <http://versindaba.co.za/2010/12/12/gustav-s-preller-1875-1943-n-profiel/> [17 Oktober 2011].

Mattus, M. 2009. Wikipedia – Free and reliable? Aspects of a collaboratively shaped encyclopaedia. *Nordicom review*, 30(1):183-199.

McCormick, K. 2006. Afrikaans as a lingua franca in South Africa: the politics of change. *International journal of the sociology of language*, 177:91-109.

McGroarty, P. en Maylie, D. 2012. South Africa falters as unrest spreads. *The Wall Street journal*, 11 Oktober. [Aanlyn]. Beskikbaar: <http://online.wsj.com/article/SB10000872396390444433504577649590455024910.html> [9 November 2012].

McLachlan, J.D. 1991. Die nuwe AWS in die praktyk. 'n Gebruikersoorsig na ses maande. *Bulletin*, 4: 3-8.

McLachlan, J.D. 1993. Die nuwe AWS in die praktyk: 'n gebruikersoorsig na twee jaar. *Lexikos*, 3: 152-166.

McLachlan, J.D. 2010a. Praat saam: Afrikaans – Watter taal praat ons? *Radio Sonder Grense*. Suid-Afrika: South African Broadcasting Service. 18 Februarie.

McLachlan, J.D. 2010b. Onderhoud gevoer tydens Taalkommissie-sitting op 21 April. Wellington. [Digitale opname in besit van navorser].

McLachlan, J.D. 2010c. Die tale wat ons praat. *Radio Sonder Grense*. Suid-Afrika: South African Broadcasting Service. 28 November.

McLachlan, J. D. 2011. Bondige oorsig van die standaardiseringsgeskiedenis van Afrikaans. Lesing gelewer tydens simposium *Mainstreaming Afrikaans regional varieties*, 24-25 Januarie 2011, Suid-Afrikaanse Sentrum vir Nederland en Vlaandere, Pinelands.

Memushaj, R. 2006. The First Congress phenomenon: the case of Albanian. *International journal of the sociology of language*, 178:113-127.

Milroy, J. 1999. The consequences of standardisation in descriptive linguistics. In: Bex, T en Watts, R.J. (reds.). *Standard English: the widening debate*. Londen/New York: Routledge. pp. 16-39.

Milroy, J. 2001. Language ideologies and the consequences of standardization. *Journal of sociolinguistics*, 5:530-555.

Milroy, J. en Milroy, L. 1985. *Authority in language. Investigating language prescription and standardisation*. Londen: Routledge.

Miti, L.M. 2003. Problems and possibilities. The harmonisation and standardisation of Nguni varieties. In: Chebanne, A. et al. (reds.). *Unifying Southern African languages. Harmonisation and standardisation*. Kaapstad: CASAS. pp. 51-72.

Moosmüller, S. en Granser, T. 2006. The spread of Standard Albanian: An illustration based on an analysis of vowels. *Language variation and change*, 18:121-140.

Morkel, A. 2009. Boekbespreking: *Afrikaanse woordelys en spelreëls*. *Die Afrikaner*: 6, 2 Julie.

Msimang, T. 1998. The nature and history of harmonisation of South African languages. In: Prah, K.K. (red.). *Between distinction & extinction. The harmonisation and standardisation of African languages*. Johannesburg: Witwatersrand University Press. pp. 165-172.

Mtenje, A. 2002. Problems of orthography standardisation in Southern African languages: the case of Malawi. In: Prah, K.K. (red.). *Speaking in unison: the harmonisation and standardisation of Southern African languages*. Kaapstad: CASAS. pp. 31-41.

Mufwene, S.S. 2001. *The ecology of language evolution*. Cambridge: Cambridge University Press.

Mufwene, S.S. 2008. *Language evolution. Contact, competition and change*. Londen/New York: Continuum International Publishing Group.

Mühlhäusler, P. 1999. More on non-canonical creoles. *Journal of pidgin and creole languages*, 14:121-130.

Muller, B. 2009. Die opkoms en verval van die Afrikaanse rolprentbedryf. In: Hugo, D. (red.). *Halala Afrikaans*. Pretoria: Protea Boekhuis. pp. 90-94.

Muller, P. 1984. Wat van die toekoms? In: Prinsloo, K.P. en Van Rensburg, M.C.J. (reds.). *Afrikaans: stand, taak, toekoms*. Pretoria: HAUM Opvoedkundige Uitgewery. pp. 229-233.

Müller, W. 2000. Nuwe *Woordelys* kan taalpuriste se oë laat rek. *Die Burger*: 3, 15 Maart.

Murray, S. s.a. Geskiedenis van die Afrikaanse woordelys en spelreëls. *Insigte oor die Afrikaanse woordelys en spelreëls*. [Aanlyn]. Beskikbaar: [http://www.oocities.org/afrikaanse\\_spelreels/geskiedenis.html#64](http://www.oocities.org/afrikaanse_spelreels/geskiedenis.html#64) [19 Julie 2011].

Myers-Scotton, C. 1990. Elite closure as boundary maintenance: the case of Africa. In: Weinstein, B. (red.). *Language policy and political development*. Norwood, New Jersey: Ablex Publishing Corporation. pp. 25-42.

## N

Nakin, R. 2002. Harmonisation and standardisation: the Sotho-Tswana language group. In: Prah, K.K. (red.). *Speaking in unison: the harmonisation and standardisation of Southern African languages*. Kaapstad: CASAS. pp. 237-247.

Nasionale Pers Beperk. 1932. *Lys van wysiginge*. [Brosjyre]. D.B. Bosman.

Naudé, C.P. 2012. Afrikaans bestaan weens kreolisering. *Beeld*, 4 September. [Aanlyn]. Beskikbaar: <http://www.beeld.com/MyBeeld/Briewe/Afrikaans-bestaan-weens-kreolisering-20120904> [5 September 2012].

Nel, A. 1991. Groter vryheid met spelling. *Die Transvaler*: 9, 17 Mei.

Nel, J. 1964. Spelreëls 1964. *Tydskrif vir volkskunde en volkstaal*, 20(3):38-55, Julie.

Ngubane, S. 2003. Linking orthographies to national unity. A search for a practical orthography for isiNguni. In: Chebanne, A. et al. (reds.). *Unifying Southern African languages. Harmonisation and standardisation*. Kaapstad: CASAS. pp. 143-150.

Nhlapo, J. 1944. *Bantu Babel: Will the Bantu languages live?* Kaapstad: The African Bookman.

Nhlapo, J. 1953. The problem of many tongues. *Liberation*, 4:13-15.

Nienaber, G.S. & Nienaber, P.J. 1941. *Die geskiedenis van die Afrikaanse Beweging*. Pretoria: Van Schaik.

Nienaber, G.S. 1959. Die Tweede Afrikaanse Beweging. In: Schumann, T.E.W. et al. (reds.). *Feesalbum 1909-1959*. Pretoria: J.L. van Schaik Bpk. pp. 34-39.

Nienaber, P.J. 1950. *Op brandwag vir ons taal*. Pretoria: Die S.A. Akademie vir Wetenskap en Kuns.

Nienaber, P.J. 1952. Die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns III – Sake waarmee die Akademie tans besig is. *Lantern*, 1(5):480-484.

Nienaber, P.J. 1959. Die Afrikaanse Beweging voor 1900. In: Schumann, T.E.W. et al. (reds.). *Feesalbum 1909-1959*. Pretoria: J.L. van Schaik Bpk. pp. 29-33.

Nienaber, P.J. 1968. *Wat doen die Akademie?* Kaapstad: Nasionale Boekhandel.

Nienaber, P.J. en Heyl, J.A. (reds.). s.a.<sub>1</sub> *Pleidooie in belang van Afrikaans. Deel I*. Kaapstad: Nasionale Boekhandel Bpk.

Nienaber, P.J. en Heyl, J.A. (reds.). s.a.<sub>2</sub> *Pleidooie in belang van Afrikaans. Deel II*. Kaapstad: Nasionale Boekhandel Bpk.

Nieuwoudt, S. 2002. Nuwe *Woordelys* vat gewik oor nuutskeppings weg. *Die Burger*: 4, 28 Oktober.

Nunn, A. 1992. Boekbeoordelingen: *Afrikaanse woordelijs en spelreëls*. *Nieuwe taalgids*, 85(5):452-454.

Nyombe, B.V.G. 1998. Harmonisating, standardising and classifying Nilotic languages for education. *In: Prah, K.K. (red.). Between distinction & extinction. The harmonisation and standardisation of African languages*. Johannesburg: Witwatersrand University Press. pp. 125-142.

## O

O'Connor, M. 2002. Gids vir Afrikaans bekend gestel. *Volksblad*: 2, 17 Oktober.

Odendal, F.F. 1973. *Aspekte van taal*. Kaapstad: Nasou.

Odendal, F.F. 1984a. Die toekoms van Afrikaans. *In: Prinsloo, K.P. en Van Rensburg, M.C.J. (reds.). Afrikaans: stand, taak, toekoms*. Pretoria: HAUM Opvoedkundige Uitgewery. pp. 195-211.

Odendal, F.F. 1984b. Die Afrikaanse taal 75 jaar. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 24(4):190-206, Desember.

Odendal, F.F. 1992. Standaardafrikaans en Statusafrikaans. *Aambeeld*, 20(1):18-23, Junie.

Odendal, F.F. 1996. Watter rol het Standaardafrikaans nog te speel? *Aambeeld*, 24(1):12-15, Junie.

Okey, R. 2005. Serbian, Croatian, Bosnian? Language and nationality in the lands of former Yugoslavia. *East European quarterly*, 38(4):419-442, Januarie.

Olwagen, J.D. 1930. Die voorgestelde spellinghervorming. *Die Burger*: 4, 31 Julie.

Owino, F.R. 2002. Realistic revolutionary strategies in harmonisation and standardisation of African languages. *In: Prah, K.K. (red.). Rehabilitating African languages. Language use, language policy and literacy in Africa: selected case studies*. Kaapstad: CASAS. pp. 21-37.



## P

Pani, P. 2006. Some differences between varieties of Albanian with special reference to Kosovo. *International journal of the sociology of language*, 178:55-73.

Parakrama, A. 1995. *De-hegemonizing language standards: learning from (post)colonial Englishes about 'English'*. Londen/New York: Macmillan Press Ltd./St. Martin's Press, Inc.

Parker, G. 2000. Language planning and language management: the case of French. *International journal of francophone studies*, 3(3):180-189.

Pellissier, S.H. 1919. Rubriek Afrikaans. Afrikaanse spelling. *Die Skoolblad*: 9, 15 Maart.

Picard, J.H. 1993. Op pad na 'n nuwe Afrikaans? *Paratus*, 44(6):46-48, Junie.

Pienaar, E.C. 1943. *Die triomf van Afrikaans*. Kaapstad: Nasionale Pers Bpk.

Pienaar, P. de V. 1930. Laat ons spel soos ons wil. *Die Volkstem*: 1, 30 Desember.

Pieterse, H.J. 1994. *Taalpolitiek en "Alternatiewe Afrikaans"*. Pretoria: UNISA. (Ongepubliseerde D.Litt et Phil.-proefskrif).

Pieterse, H.J. 1995a. Alternative Afrikaans. *Language matters*, 26:59-84.

Pieterse, H.J. 1995b. "Alternatiewe Afrikaans": 'n historiese oorsig en tipologie. *Suid-Afrikaanse tydskrif vir taalkunde*, supplement, 26:133-162, November.

Pieterse, H.J. 1998/1999. Hegemonie, standaardafrikaans, "Alternatiewe Afrikaans" en "Aktuele Afrikaans". *Tydskrif vir letterkunde*, 36(4)/37(1):59-73. November/Februarie.

Pistor, F. 2009a. 'Groen boek': mooiste, beste, gebruikersvriendelikste. *Die Burger*: 9, 13 Julie.

Pistor, F. 2009b. 10de AWS bereik nuwe hoogtes. *Beeld*: 17, 27 Julie.

Pokpas, L. 1991. Hoe lyk Afrikaans in 'n bevryde Suid-Afrika? *Democracy in action*, Februarie/Maart, p. 24.

- Ponelis, F.A. 1984. Afrikaans binne meertalige verband. *In*: Prinsloo, K.P. en Van Rensburg, M.C.J. (reds.). *Afrikaans: stand, taak, toekoms*. Pretoria: HAUM Opvoedkundige Uitgewery. pp. 30-42.
- Ponelis, F.A. 1987. Die eenheid van die Afrikaanse taalgemeenskap. *In*: Du Plessis, H. en Du Plessis, T. (reds.). *Afrikaans en taalpolitiek: 15 opstelle*. Pretoria: HAUM Opvoedkundige Uitgewery. pp. 3-15.
- Ponelis, F.A. 1992. Standaardafrikaans in oorgang. *In*: Webb, V.N. (red.). *Afrikaans ná apartheid*. Pretoria: J.L. van Schaik (Edms.) Bpk. pp. 69-89.
- Ponelis, F.A. 1993. *The development of Afrikaans*. Frankfurt am Main: Peter Lang Verlag.
- Ponelis, F.A. 1994. Standaardafrikaans in oorgang. *In*: February, V. (red.). *Taal en identiteit: Afrikaans en Nederlands*. Kaapstad: Tafelberg Uitgewers-Beperk. pp. 106-128.
- Ponelis, F.A. 1997. Afrikaans. *In*: Van den Toorn, M.C. et al (reds.). *Geschiedenis van de Nederlandse taal*. Amsterdam: Amsterdam University Press. pp. 597-645.
- Ponelis, F.A. 1998. *Standaardafrikaans en die Afrikaanse taalfamilie*. Stellenbosch: Universiteit van Stellenbosch, *Annale* 1998(1):1-80.
- Ponelis, F.A. 2009. Die taal wat ons praat. *Die Burger, By*: 14-15, 19 Desember.
- Postma, W. 1914. Vorentoe. *Die Brandwag*: 114, 15 Julie.
- Praagse Skool. 1974. General principles for the cultivation of good language (vertaal deur Paul L. Garvin). *In*: Fishman, J.A. (red.). *Advances in language planning*. Den Haag: Mouton. pp. 417-426.
- Pranjković, I. 2001. The Croatian standard language and the Serbian standard language. *International journal of the sociology of language*, 147:31-50.
- Preller, G.S. 1926. Laatstaan die spelling!. *Ons Vaderland*: 4, 31 Desember.
- Prinsloo, A.F. 2002a. 'Afrikaanse woordelys en spelreëls' slaan nuwe blaadjie om. *Beeld*: 13, 31 Augustus.
- Prinsloo, A.F. 2002b. AWS slaan nuwe blaadjie om. *Die Burger*: 11, 17 September.

Prinsloo, A.F. 2009. *13 Klutse kwyf – van Saambou tot die SAUK*. Pretoria: Protea Boekhuis.

Prinsloo, K.P. 1987. Afrikaans in oorgang. In: Du Plessis, H. en Du Plessis, T. (reds.). *Afrikaans en taalpolitiek: 15 opstelle*. Pretoria: HAUM Opvoedkundige Uitgewery. pp. 177-183.

## R

Raidt, E.H. 1965. Kritiese kanttekeninge. *Kriterium*, 2(4):11-13, Januarie.

Raidt, E.H. 1985. Historiese perspektief op die normering van Afrikaans. *SPIL plus*, 10:147-168.

Raidt, E.H. 1994 (1985). Historiese perspektief op die normering van Afrikaans. In: Raidt, E.H. *Historiese taalkunde: studies oor die geskiedenis van Afrikaans*. Johannesburg: Witwatersrand University Press. pp. 311-329.

Ranger, T. 1989. Missionaries, migrants and the Manyika: the invention of ethnicity in Zimbabwe. In: Vail, L. (red.). *The creation of tribalism in Southern Africa*. Berkeley: University of California Press. pp. 118-151.

Reagan, T.G. 2002. Language planning and language policy: past, present and future. In: Mesthrie, R. (red.). *Language in South Africa*. Cambridge: Cambridge University Press. pp. 419-433.

Ricento, T. 2007. Models and approaches in language policy and planning. In: Hellinger, M. en Pauwels, A. (reds.). *Handbook of language and communication: diversity and change*. Berlyn: Mouton de Gruyter. pp. 211-240.

Rittles, P.S. 1994. 'n Kritiese besinning oor die konsep "Alternatiewe Afrikaans" as 'n taalpolitieke strategie om 'n nuwe ideologiese inhoud aan Afrikaans te gee. Bellville: Universiteit van Wes-Kaapland. (Ongepubliseerde MA-tesis).

Roberge, P.T. 2003. Afrikaans. In: Deumert, A. en Vandenbussche, W. (reds.). *Germanic standardizations: past to present*. Amsterdam/ Philadelphia: John Benjamins Publishing Company. pp. 15-40.

Roberge, P.T. 2009. Afrikaans and creolization. In: Den Besten, H., Hinskens, F. en Koch, J. (reds.). *Afrikaans. Een drieluik*. Amsterdam: Stichting Neerlandistiek VU. pp. 209-233.

Roberge, P.T. 2012. Afrikaans. "Might it be a little more 'South Africa'?" *In: Van der Wouden, T. (red.). Roots of Afrikaans. Selected writings of Hans den Besten.* Amsterdam: John Benjamins Publishing Company. pp. 389-397.

Romaine, S. 2007. Linguistic diversity and language standardization. *In: Hellinger, M. en Pauwels, A. (reds.). Handbook of language and communication: diversity and change.* Berlyn: Mouton de Gruyter. pp. 685-713.

Røyneland, U. 2009. Dialects in Norway: catching up with the rest of Europe? *International journal of the sociology of language*, 196/197:7-30.

Rubin, J. 1971. Evaluation and language planning. *In: Rubin, J. en Jernudd, B.H. (reds.). Can language be planned? Sociolinguistic theory and practice for developing nations.* Honolulu: The University Press of Hawaii. pp. 217-252.

Rudman, J. 2008. *Korpusbeplanning.* Stellenbosch: Universiteit Stellenbosch. [Kursusreferaat].

## S

Samarin, W.J. 1980. Standardization and instrumentalization of creole languages. *In: Valdman, A. en Highfield, A. (reds.). Theoretical orientations in creole studies.* Londen/New York: Academic Press. pp. 213-236.

Schiffman, H.F. 1998. Standardization or restandardization: the case for "Standard" Spoken Tamil. *Language in society*, 27(3):359-385.

Scholtz, J. du P. 1938. Die nuwe Afrikaanse woordelys. *Die Huisgenoot*: 37,87, 25 Maart.

Scholtz, J. du P. 1980. *Wording en ontwikkeling van Afrikaans.* Kaapstad: Tafelberg-Uitgewers Beperk.

Schonken, J.D. 1926. Menings van ons lesers. Spellinghervorming. *Die Burger*: 9, 19 November.

Schonken, J.D. 1930. Dank aan 'n voorvegter. *Die Burger*: 6, 29 Oktober.

Senekal, J.H. 1984. Afrikaans: 'n toekomsblik. *In: Prinsloo, K.P. en Van Rensburg, M.C.J. (reds.). Afrikaans: stand, taak, toekoms.* Pretoria: HAUM Opvoedkundige Uitgewery. pp. 212-228.

- Simango, S.R. 2002. The possibility of harmonising Bantu orthographies. *In: Prah, K.K. (red.). Speaking in unison: the harmonisation and standardisation of Southern African languages.* Kaapstad: CASAS. pp. 63-75.
- Slabber, C. Afrikaans word vryer...en steak bly steak. *Die Burger*: 18, 26 Mei.
- Smith, F. 1999. Spelwyse dalk nie eenvormig genoeg vir groot wedstryd. *Die Burger*: 4, 4 Oktober.
- Smith, J.J. 1910. Twee punte in die Afrikaanse spelling. *Die Brandwag*: 305-308, 15 Oktober.
- Smith, J.J. 1920a. Spellinghervorming. *Die Huisgenoot*: 290-292, Februarie.
- Smith, J.J. 1920b. Wysiginge in die Afrikaanse spelling goedgekeur deur die Suid-Afrikaanse Akademie vir Taal, Lettere, en Kuns, in Januarie 1920. *Die Huisgenoot*: 329, Maart.
- Smith, J.J. 1920c. Die spellingprotes van die Noorde. *Die Huisgenoot*: 295, November.
- Smith, J.J. 1921. Die nuwe Akademie-woordelys. *Die Huisgenoot*: 126, Augustus.
- Smith, J.J. 1930a. *Die spelling en die Afrikaanse woordeboek*. Lesing gelewer voor die Afrikaanse Kultuurvereniging, 9 Oktober 1930, Stellenbosch. [Oorspronklike kopie in die J.J. Smith-versameling (versameling 333) van die J.S. Gericke Biblioteek, Universiteit Stellenbosch.]
- Smith, J.J. 1930b. Brief aan S.F.N. Gie, 11 Oktober. [Oorspronklike kopie in die J.J. Smith-versameling (versameling 333) van die J.S. Gericke Biblioteek, Universiteit Stellenbosch.]
- Smith, J.J. 1930c. Prof. Smith verduidelik nuwe rigting in ons spelling. *Die Burger*: 6, 13 Oktober.
- Smith, J.J. 1930d. Prof. Smith verdedig nogeens sy standpunt. *Die Burger*: 8-9, 21 Oktober.
- Smith, J.J. 1930e. Die spelling van die Suidafrikaanse woordeboek. *Ons Vaderland*: 11, 21 Oktober.
- Sonn, F.A. 1990. D.F. Malherbe-gedenklesing 9: die toekoms van Afrikaans. *Acta Varia*, 1:1-15.

Southwood, F. en Van Dulm, O. 2009. Die poeliesman het 'n gun: Die prestasie van Kaapssprekende plattelandse leerders op 'n Afrikaansmedium taaltoets wat dialek-neutraal sou wees. *LitNet akademies*, 6(3):1-15, Desember.

Spies, J. 1991. Woordelys-huis is nou van kamer tot kamer kwasterig klaar geverf. *Die Burger*. 5, 6 Augustus.

Spolsky, B. 2004. *Language policy*. Cambridge: Cambridge University Press.

Spolsky, B. 2009. *Language management*. New York: Cambridge University Press.

Stander, M. en Jenkinson, A.G. 1993. Geïnstusionaliseerde taal binne 'n nuwe bedeling. *Suid-Afrikaanse tydskrif vir taalkunde*, 11(1):30-37, Februarie.

Statistics South Africa. 2012. *Census 2011. Census in brief*. Pretoria: Statistics South Africa.

Stell, G. 2008. *Deviance from academic norms in standard spoken Afrikaans: the profile presented by '7de Laan speech'*. Brussel: Vrye Universiteit Brussel. (Ongepubliseerde PhD-proefskrif).

Stell, G. 2009. Morphosyntactic variation in informal spoken Afrikaans: focusing and diffusion. Lesing gelewer tydens die simposium *Standaardtalen in beweging. Standaardisatie en destandaardisatie in Nederland, Vlaanderen en Zuid-Afrika*, 19-21 Augustus 2009, Universiteit Leiden, Leiden.

Stell, G. 2012. [Persoonlike korrespondensie]. 28 September.

Steyn, J.C. 1980. *Tuiste in eie taal: die behoud en bestaan van Afrikaans*. Kaapstad: Tafelberg-Uitgewers Beperk.

Steyn, J.C. 1987. *Trouwe Afrikaners*. Kaapstad: Tafelberg-Uitgewers Beperk.

Steyn, J.C. 2001. Die Anglo-Boereoorlog en Afrikaans. In: Carstens, A. en Grebe, H. (reds.). *Taallandskap*. Pretoria: Van Schaik Uitgewers. pp. 137-147.

Stroop, J.P.A. 1992. Towards the end of the standard language in the Netherlands. In: Van Leuvensteijn, J.A. en Berns, J.B. (reds.). *Dialect and standard language in the English, Dutch,*

*German and Norwegian language areas*. Verhandelingen, afd. letterkunde, nieuwe reeks, deel 150. Amsterdam: Koninklijke Nederlandse Akademie van Wetenschappen. pp. 162-177.

Sugathapala De Silva, M.W. 1982. Some consequences of diglossia. In: Haas, W. (red.). *Standard languages: spoken and written*. Manchester/Totowa: Manchester University Press/Barnes and Noble Books. pp. 94-122.

Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns. 2011. *Proposal: Virtual Institute for Afrikaans*. [Nie-amptelike dokumentasie]. 16 September.

Swanepoel, P.H. 1995a. Afrikaans taalkunderonderrig op skool in 'n meertalige, multikulturele post-apartheid Suid-Afrika. In: Ester, H. en Van Leuvensteijn, A. (reds.). *Afrikaans in een veranderende context. Taalkundige en letterkundige aspecten*. Amsterdam: Suid-Afrikaanse Instituut. pp. 57-80.

Swanepoel, P. 1995b. Fô djou aais ounlie. *Insig*: 48, 31 Maart.

Swart, C. 2002. Nuwe AWS gebruiksvriendelik. *Volksblad*: 6, 28 Oktober.

Swart, C. 2009. Nuwe AWS op rak. *Volksblad*: 6, 20 Julie.

## T

Taalbond. 2011. Pryse op die spel met Taalbond-tweetaligheidsksamens. *Jip*. [Aanlyn]. Beskikbaar: <http://www.jip.co.za/nuus/Pryse-op-die-spel-met-Taalbondtweetaligheidsksamens> [12 November 2011].

Teurlinckx, A.A.F. 1991. Boekbespreking: Afrikaanse woordelys en spelreëls. *Die Afrikaner*: 8, 9 Oktober.

Thomaj, J. 2006. The Albanian language: developments in the lexicon under the new social and political order. *International journal of the sociology of language*, 178:103-112.

Thompson, J.B. 1991. Editor's introduction. In: Bourdieu, P. *Language and symbolic power*, edited and introduced by John B. Thompson. Cambridge: Polity Press. pp. 1-31.

Thorburn, T. 1971. Cost-benefit analysis in language planning. *In*: Rubin, J. en Jernudd, B.H. (reds.). *Can language be planned? Sociolinguistic theory and practice for developing nations*. Honolulu: The University Press of Hawaii. pp. 253-262.

Titus, D. 2009. Reaksie op Nico Koopman se “Transformerende Afrikaans”. *LitNet*. [Aanlyn].  
Beskikbaar:[http://www.litnet.co.za/cgi-bin/giga.cgi?cmd=cause\\_dir\\_news\\_item&cause\\_id=1270&news\\_id=74135](http://www.litnet.co.za/cgi-bin/giga.cgi?cmd=cause_dir_news_item&cause_id=1270&news_id=74135) [7 Oktober 2009].

Trix, F. 1997. Alphabet conflict in the Balkans: Albanian and the Congress of Monastir. *International journal of the sociology of language*, 128:1-23.

Trudgill, P. 1983. *Sociolinguistics: an introduction to language and society*. Harmondsworth, Middlesex: Penguin Books.

Trudgill, P. 1999. Standard English: what it isn't. *In*: Bex, T en Watts, R.J. (reds.). *Standard English: the widening debate*. Londen/New York: Routledge. pp. 117-128.

## U

Urua, E.E. 2002. The challenges of language development in the lower cross region. *In*: Egbokhare, F.O. en Oyetade, S.O. (reds.). *Harmonization and standardization of Nigerian languages*. Kaapstad: CASAS. pp. 11-35.

## V

Van Coetsem, F. 1992. The interaction between dialect and standard language, and the question of language internationalization. *In*: Van Leuvensteijn, J.A. en Berns, J.B. (reds.). *Dialect and standard language in the English, Dutch, German and Norwegian language areas*. Verhandelingen, afd. letterkunde, nieuwe reeks, deel 150. Amsterdam: Koninklijke Nederlandse Akademie van Wetenschappen. pp. 15-70.

Van den Berg, L. Taalgebruikers reg op hul spelkoers met nuwe ‘AWS’. *Beeld*: 9, 11 November.

Van den Heever, R. (red.). 1988. *Afrikaans en bevryding*. Kaapstad: Clayson drukkers.



Van de Rhee, C. 2011. Die rol van Afrikaanse poniekoerante soos die *Son* in die ontsluiting van die sosiale, opvoedkundige en ekonomiese waarde van Kaapse Vernakulêre Afrikaans. Lesing gelewer tydens simposium *Mainstreaming Afrikaans regional varieties*, 24-25 Januarie 2011, Suid-Afrikaanse Sentrum vir Nederland en Vlaandere, Pinelands.

Van de Rhee, I. 1983. Kommentaar oor enkele aspekte van "Kleurling-Afrikaans". *Standpunte* 168, 36(6):30-37.

Van de Rhee, I. 1985. Kaapse Afrikaans: sosio-politieke perspektief. In: Smith, J.F., Van Gensen, A. en Willems, H. (reds.). *Swart Afrikaanse skrywers*. Kaapstad: UWK Drukkery. pp. 34-39.

Van der Elst, J. 2011. [Persoonlike korrespondensie via e-pos]. 21 November.

Van der Horst, J. 2008. *Het einde van de standaardtaal. Een wisseling van Europese taalcultuur*. Amsterdam: J.M. Meulenhoff.

Van der Horst, J. 2009. Het einde van de standaardtalen. Lesing gelewer tydens die simposium *Standaardtalen in beweging. Standaardisatie en destandaardisatie in Nederland, Vlaanderen en Zuid-Afrika*, 19-21 Augustus 2009, Universiteit Leiden, Leiden.

Van der Merwe, D. 2004. Afrikaans se bydrae tot die Suid-Afrikaanse regsdenke. In: Van Rensburg, F.I.J. (red.). *Afrikaans – lewende taal van miljoene*. Pretoria: Van Schaik Uitgewers. pp. 91-100.

Van der Merwe, H.J.J.M. 1968. Die Afrikaanse spelling. In: Van der Merwe, H.J.J.M. (red.). *Afrikaans. Sy aard en ontwikkeling*. Pretoria: J.L. van Schaik Bpk. pp. 98-110.

Van der Merwe, H.J.J.M. en Posthumus, M.J. 1968. Die opkoms van Afrikaans as Kultuurtaal. In: Van der Merwe, H.J.J.M. (red.). *Afrikaans. Sy aard en ontwikkeling*. Pretoria: J.L. van Schaik Bpk. pp. 67-97.

Van der Merwe, M. 1991. "Groot foute" in nuwe Woordelys en Spelreëls. Ook talle klein jakkalsies wat die wingerd verniel, sê lektrise. *Beeld*: 20, 25 Julie.

Van de Rhee, C. 2007. KKNK oop gesprek: Val die dice steeds verkeerd? *LitNet*. [Aanlyn]. Beskikbaar: [http://www.litnet.co.za/cgi-bin/giga.cgi?cmd=cause\\_dir\\_news\\_item&news\\_id=18335&cause\\_id=1270](http://www.litnet.co.za/cgi-bin/giga.cgi?cmd=cause_dir_news_item&news_id=18335&cause_id=1270) [28 Januarie 2010].

Van der Rheede, C. 2010. Enkele gedagtes oor die idee van 'n Vrye Afrikaanse Universiteit. *LEAP news*, 25:4-12, April.

Van der Rheede, C. 2011. Die pad van die Stigting vir Bemagtiging deur Afrikaans. *LitNet*. [Aanlyn]. Beskikbaar: [http://www.argief.litnet.co.za/cgi-bin/giga.cgi?cmd=cause\\_dir\\_news\\_item&cause\\_id=1270&news\\_id=109568](http://www.argief.litnet.co.za/cgi-bin/giga.cgi?cmd=cause_dir_news_item&cause_id=1270&news_id=109568) [26 Junie 2012].

Van der Waal, C.S. 2009. Identity politics and language policy: The 'taaldebat' (language debate) about the place of Afrikaans at Stellenbosch University. Lesing gelewer tydens die konferensie *International conference on language policy, planning and support in higher education: challenges of multilingualism*, 17-20 November 2009, Spier Landgoed, Stellenbosch.

Van der Waal, C.S. 2012. Purity and creolisation in post-apartheid Afrikaans culture and identity. Lesing gelewer by *Stellenbosch Forum*, 3 Mei 2012, Universiteit Stellenbosch, Stellenbosch.

Van der Wal, M.J. 1995. *De moedertaal sentraal. Standaardisasie-aspekte in die Nederlanden omstreeks 1650*. Den Haag: Sdu Uitgevers.

Van der Walt, J.L. en Van Rooy, B. 2002. Towards a norm in South African Englishes. *World Englishes*, 21(1):113-128.

Van der Wart, V.V. 1991. Afrikaans is springlewendig. *Kurr-i-komm*, 17(3):12, 7 Julie.

Van der Westhuizen, V. 2010. Praat saam: Wie se Afrikaans praat ons? Is daar net een korrekte manier van Afrikaans wat erken moet word? *Radio Sonder Grense*. Suid-Afrika: South African Broadcasting Service. 18 Februarie.

Van Jaarsveld, G. 1992. Die nuwe *Afrikaanse Woordelys en Spelreëls*, 1991. *De Rebus*, 13(295):505-508, Julie.

Van Keymeulen, J. 2010. Standaardisasie en destandaardisasie bij Vlamingen en Afrikaners. Parallellen en verskille. In: Van der Wal, M. en Francken, E. (reds.). *Standaardtalen in beweging*. Amsterdam: Stichting Neerlandistiek VU. pp. 135-152.

Van Manen, M. 1999. Gun moedertaal haar mini. Baleine en korsette knel net. *Die Burger*. 13, 8 Oktober.

Van Oostrum, O. 1920. Protes van skrywers teen spellingverandering. *De Burger*: 6, 27 Augustus.

Van Rensburg, C. 1991. Wat van 'n Nuwe Afrikaans? *Acta academica*, 23(3):13-33.

Van Rensburg, C. 1992. Die demokratisering van Afrikaans. *In*: Webb, V.N. (red.). *Afrikaans ná apartheid*. Pretoria: J.L. van Schaik (Edms.) Bpk. pp. 181-197.

Van Rensburg, C. (red.). 1997. *Afrikaans in Afrika*. Pretoria: J.L. van Schaik Uitgewers.

Van Rensburg, C. 1999. Afrikaans and apartheid. *International journal of the sociology of language*, 136:77-96.

Van Rensburg, C. 2000. Fasette van die gesprek oor die gepolitiseerdheid van Afrikaans: repliek op Jan Esterhuyse. *In*: Du Plessis, T. en Van Gensen, A. *Taal en stryd 1989-1999: gedenkbundel*. Pretoria: Van Schaik Uitgewers. pp. 69-81.

Van Rensburg, C. 2012. Twee betekenisvolle momente in die geskiedenis van Afrikaans. Lesing gelewer tydens simposium *Kaaps in fokus*, 19-20 Julie 2012, Universiteit van Wes-Kaapland, Bellville.

Van Rensburg, M.C.J. 1983a. Inleiding: die bestudering van taalvariante. *In*: Claassen, G.N. en Van Rensburg, M.C.J. (reds.). *Taalverskeidenheid. 'n Blik op die spektrum van taalvariasie in Afrikaans*. Pretoria/Kaapstad/Johannesburg: H & R-Academica (Edms.) Bpk. pp. 7-25.

Van Rensburg, M.C.J. 1983b. Nie-standaardvorme, variasiepatrone en Afrikaans uit die vorige eeu. *In*: Claassen, G.N. en Van Rensburg, M.C.J. (reds.). *Taalverskeidenheid. 'n Blik op die spektrum van taalvariasie in Afrikaans*. Pretoria/Kaapstad/Johannesburg: H & R-Academica (Edms.) Bpk. pp. 134-161.

Van Rensburg, M.C.J. 1984. Afrikaans – die pad vorentoe. *In*: Prinsloo, K.P. en Van Rensburg, M.C.J. (reds.). *Afrikaans: stand, taak, toekoms*. Pretoria: HAUM Opvoedkundige Uitgewery. pp. 177-194.

Van Rensburg, M.C.J. 1989. Soorte Afrikaans. *In*: Botha, T.J.R. et al. (reds.). *Inleiding tot die Afrikaanse taalkunde* (2de, hersiene uitgawe). Pretoria/Kaapstad: Academica. pp. 436-467.

Van Schalkwyk, D.J. 2011. Humor en erns in die geografiese variasies van Afrikaans. Lesing gelewer tydens simposium *Mainstreaming Afrikaans regional varieties*, 24-25 Januarie 2011, Suid-Afrikaanse Sentrum vir Nederland en Vlaandere, Pinelands.

Van Sterkenburg, P. 2004. Resensies: *Afrikaanse woordelys en spelreëls*. *Lexikos*, 14:428-433.

Van Zijl, et al. 1932. *Verslag van die spellingkonferensie gehou op Stellenbosch van 4 Januarie 1932 tot 6 Januarie 1932*. [Oorspronklike kopie in die J.J. Smith-versameling (versameling 333) van die J.S. Gericke Biblioteek, Universiteit Stellenbosch.]

Van Zyl, I. 1991. Oukei en ôraait nie in orde. *Die Republikein*: 9, 19 Julie.

Venter, H. 1964. Die Afrikaanse spelling. In: Van der Merwe, H.J.J.M. (red.). *Studierigtings in die taalkunde*. Pretoria: J.L. van Schaik Bpk. pp. 156-174.

Vikør, L.S. 1989. The position of standardized vs. dialectal speech in Norway. *International journal of the sociology of language*, 80:41-59.

Von Wielligh, G.R. 1917a. Die eerste skrywers. Hoofstuk IV. Oprigting, doel en strewe van die Genootskap van Regte Afrikaners. *Die Brandwag*: 70-71, 25 Augustus.

Von Wielligh, G.R. 1917b. Die eerste skrywers. Hoofstuk V. Hoe die beweging begroet werd. *Die Brandwag*: 71-72, 25 Augustus.

Von Wielligh, G.R. 1917c. Die eerste skrywers. Hoofstuk VI. "Die Afrikaanse Patriot" groei onder verdrukking. *Die Brandwag*: 72-76, 25 Augustus.

Von Wielligh, G.R. 1917d. Die eerste skrywers. Hoofstuk VII. *Die Brandwag*: 117-121, 25 September.

Von Wielligh, G.R. 1918. 'n Afrikaanse taalkongres. *Die Brandwag*: 276-279, 25 Februarie.

Von Wielligh, G.R. 1920a. Die nuutste spelreëls van die Akademie. *Die Huisgenoot*: 52, Junie.

Von Wielligh, G.R. 1920b. Die S.A. Akademie vir Taal, Lettere en Kuns, en sijn invloed. *Die Huisgenoot*: 318, Februarie.

## W

Wade, R.D. 1996. *An investigation of the putative restandardisation of South African English in the direction of a 'new' English, Black South African English*. Durban: Universiteit van Natal. (Ongepubliseerde MA-tesis).

Wardhaugh, R. 2006. *An introduction to sociolinguistics*. Malden, VSA: Blackwell.

Webb, V. 1992. Language attitudes in South Africa: implications for a post-apartheid democracy. In: Pütz, M. (red.). *Thirty years of linguistic evolution. Studies in honour of René Dirven on the occasion of his sixtieth birthday*. Amsterdam: John Benjamins. pp. 429-460.

Webb, V. 1996. English and language planning in South Africa: the flip-side. In: De Klerk, V. (red.). *Focus on South Africa*. Amsterdam: John Benjamins Publishing Company. pp. 175-190.

Webb, V. 1997. Afrikaans in een democratiserend Zuid-Afrika. *Ons erfdeel*, 40(2):225-236.

Webb, V. 1998. Herstandaardisering en sintaktiese diversiteit. In: Gouws, R. en Feinauer, I. (reds.). *Sintaksis op die voorgrond*. Pretoria: J.L. van Schaik Uitgewers. pp. 183-192.

Webb, V. 2000. Die rekonstruksie van die Afrikaanse werklikheid en handboekvernuwing: repliek op Jan Esterhuyse. In: Du Plessis, T. en Van Gensen, A. (reds.). *Taal en stryd 1989-1999: gedenkbundel*. Pretoria: Van Schaik Uitgewers. pp. 59-68.

Webb, V. 2001. Die bevordering van Afrikaans. In: Carstens, A. en Grebe, H. (reds.). *Taallandskap*. Pretoria: Van Schaik Uitgewers. pp. 164-178.

Webb, V. 2005. The role of language standardisation in the effective development of communities in public life in SA. In: Webb, V., Deumert, A. en Lepota, B. (reds.). *The standardisation of African languages in South Africa*. Pretoria: Universiteit van Pretoria. pp. 35-42.

Webb, V. 2006. On a normative approach to language planning in South Africa. In: Webb, V. en Du Plessis, L. (reds.). *The politics of language in South Africa*. Pretoria: Van Schaik. pp. 147-163.

- Webb, V. 2010a. Standaardafrikaans: 'n vurk in die pad? 'n Taalpolitieke perspektief. *In: Van der Wal, M. en Francken, E. (reds.). Standaardtalen in beweging*. Amsterdam: Stichting Neerlandistiek VU. pp. 193-214.
- Webb, V. 2010b. Constructing an inclusive speech community from two mutually excluding ones: The third Afrikaans language movement. *Tydskrif vir letterkunde*, 47(1):106-120.
- Webb, V. en Kriel, M. 2000. Afrikaans and Afrikaner nationalism. *International journal of the sociology of language*, 144:19-49.
- Webb, V. en Sure, K. (reds.). 2000. *African voices. An introduction to the languages and linguistics of Africa*. Kaapstad: Oxford University Press Southern Africa.
- Weinstein, B. 1983. *The civic tongue: political consequences of language choices*. New York: Longman.
- Weinstein, B. 1990. Language policy and political development: an overview. *In: Weinstein, B. (red.). Language policy and political development*. Norwood, New Jersey: Ablex Publishing Corporation. pp. 1-21.
- Wierenga, J. 2010. Transformasie is Afrikaans se ondergang. *LitNet*. [Aanlyn]. Beskikbaar: [http://www.argief.litnet.co.za/cgi-bin/giga.cgi?cmd=cause\\_dir\\_news\\_item&cause\\_id=1270&news\\_id=75089&cat\\_id=160](http://www.argief.litnet.co.za/cgi-bin/giga.cgi?cmd=cause_dir_news_item&cause_id=1270&news_id=75089&cat_id=160) [7 Mei 2011].
- Wiese, T. 2012. Bybelvertaling lê klem op bronteks. *Kerkbode aanlyn*, 13 April. [Aanlyn]. Beskikbaar: <http://kerkbode.co.za/?p=370> [6 Junie 2012].
- Wiggen, G. 1995. Norway in the 1990s: a sociolinguistic profile. *International journal of the sociology of language*, 115:47-83.
- Willemsse, H. 1994. "Ons het lang genoeg gekruip net soes gedierte na die wit man". *In: February, V. (red.). Taal en identiteit: Afrikaans en Nederlands*. Kaapstad: Tafelberg Uitgewers-Beperk. pp. 149-163.
- Willemsse, H. 2002. Afrikaans sal net nie-rassig gedy. *Beeld*: 10, 1 Oktober.

Willemse, H. 2009a. Verandering en toekoms: om 'n kreoolse Afrikaans te bedink. Lesing gelewer tydens die *Roots*-konferensie, 22-23 September 2009, Universiteit van Wes-Kaapland, Bellville.

Willemse, H. 2009b. Praat saam: Waarheen ontwikkel Afrikaans? *Radio Sonder Grense*. Suid-Afrika: South African Broadcasting Service. 3 November.

Willemse, H. 2011. Afrikaanse variëteite: voorlopige kantaantekeninge by die veelkantige storie van Afrikaanssprekenheid. Lesing gelewer tydens simposium *Mainstreaming Afrikaans regional varieties*, 24-25 Januarie 2011, Suid-Afrikaanse Sentrum vir Nederland en Vlaandere, Pinelands.

Williams, G. 1992. *Sociolinguistics: A sociological critique*. Londen: Routledge.

Williams, J. en Chesterman, A. 2002. *The map. A beginner's guide to doing research in translation studies*. Manchester: St. Jerome Publishing.

Williamson, K. en Blench, R. 2000. Niger-Congo. In: Heine, B. en Nurse, D. (reds.). *African languages. An introduction*. Cambridge: Cambridge University Press. pp. 11-42.

Wright, L. 1996. The standardisation question in Black South African English. In: De Klerk, V. (red.). *Focus on South Africa*. Amsterdam: John Benjamins Publishing Company. pp. 149-162.

## Y

Yeo, A. W. s.a. *Employing information and communication technologies in revitalization and maintenance of indigenous languages of Sarawak*. [Aanlyn]. Beskikbaar: [www.sdi.com.my/doc/dr\\_alvin\\_salt.pdf](http://www.sdi.com.my/doc/dr_alvin_salt.pdf) [30 April 2012].

## Bronne sonder 'n identifiseerbare outeur

### A

Afrikaans kry rigting. 1931. *Die Volksblad*: 8, 8 Junie.

Afrikaanse spelling. 1927. *De Kerkbode*: 474-475, 5 Oktober.

Afrikaanse spelling. 1930. *De Kerkbode*: 759-761, 22 Oktober.

Afrikaanse spelling. 1931. *Die Burger*: 7, 3 Oktober.

Afrikaanse spelreëls. 1915a. *Die Brandwag*: 158-160, 1 Oktober.

Afrikaanse spelreëls. 1915b. *De Goede Hoop*: 93-96, 15 Oktober.

Afrikaanse woordelys. 1953. *Die Brandwag*: 6,55, 4 September.

Afrikaanse woordelys en spelreëls. 1953. *Die Unie*: 65, 1 September.

Afrikaanse woordelys en spelreëls. 1964. *Die Unie*: 60, 1 Julie.

Afrikaanse woordelys en spelreëls. 1991. *Die Unie*, 88(1):1, 1 Julie.

Afrikaans kan in 'n leotard toi-toi én rock. 1991. *Beeld*: 1, 23 Januarie.

Afr. taalgeleerdes vergader vandag. 1930. *Die Volksblad*: 6, 27 Augustus.

Akademie en die woordelys. 1931. *Die Huisgenoot*: 11, 13 November.

Akte van oprigting en Statuut. 2004. *Die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns*. [Aanlyn].  
Beskikbaar: [http://akademie.org.za/tuisblad/index.php?option=com\\_content&task=view&id=1&Itemid=50](http://akademie.org.za/tuisblad/index.php?option=com_content&task=view&id=1&Itemid=50) [22 Junie 2010].

Alweer 'n verandering?. 1926. *Die Volksblad*: 4, 25 November.

## **B**

Baie foute in AWS se "ABC" – kenner. Beweringe onbillik, sê professor. 1991. *Die Volksblad*: 13, 25 Julie.

Bestaan daar 'n internasionale spelling?. 1930. *Ons Vaderland*: 14, 1 Augustus.



Blerrie oukei. 2000. *Beeld*: 8, 17 Maart.

## C

Cooper, Henry William Alexander. 2008. *Encyclopaedia of South African, Arts, Culture and Heritage*. [Aanlyn]. Beskikbaar: [http://www.esaach.org.za/index.php?title=Cooper,\\_Henry\\_William\\_Alexander](http://www.esaach.org.za/index.php?title=Cooper,_Henry_William_Alexander) [22 September 2011].

## D

De spellingkwestie. 1921. *Ons Taal verenigd met Ons Land*: 7, 6 Januarie.

De "Vereenvoudigde" Spelling. 1908. *De Goede Hoop*: 169, Februarie.

Dialects of the Albanian language. 2008. *Albanian.com*. [Aanlyn]. Beskikbaar: <http://www.albanian.com/v4/showthread.php?t=20360&page=12> [31 Januarie 2012]. p. 12.

Die Afrikaanse spelling van 1953. 1953. *Die Huisgenoot*: 7, 7 Augustus.

Die hek is oop. 1917. *Het Volksblad*: 6, 21 September.

Die nuwe spelling. 1932. *Die Huisgenoot*: 11, 9 September.

Die nuwe spellingvoorstelle. 1927. *Die Burger*: 5, 14 Januarie.

Die nuwe woordelys. 1931. *Die Volksblad*: 6, 21 April.

Die spelling. 1910. *Die Brandwag*: 289-291, 15 Oktober.

Die spellingkonferensie. 1930a. *Die Volkstem*: 5, 9 Augustus.

Die spellingkonferensie. 1930b. *Die Volksblad*: 6, 22 Augustus.

Die spellingkonferensie. 1930c. *Die Volkstem*: 4, 29 Augustus.

Die spellingooreenkoms. 1932. *Die Huisgenoot*: 35, 23 September.

Die spelling-oplossing. 1930. *Die Volksblad*: 6, 30 Augustus.

Die spellingstryd opgelos?. 1933. *Die Huisgenoot*: 11, 23 Junie.

Drie outoriteite vir spelling. 1952. *Die Huisgenoot*: 5, 10 Oktober.

## **E**

Eenheid in ons spelling. 1930. *Die Volksblad*: 6, 1 Desember.

Een nuwe woordelys en spelreëls. 1991. *Zuid-Afrika*, 68(11/12):196, November/Desember.

Eindelose spellingverandering. 1930. *Die Volkstem*: 4, 28 Julie.

## **G**

Geen nuwe spelling beoog nie. 1930. *Die Burger*: 11, 8 Augustus.

Gids by die Afrikaanse woordelys en spelreëls. 1993. *Klasgids*: 75-76, Februarie.

Groter vryheid van skryfwyse (los of vas). 1964. *Handhaaf*: 15, April.

## **H**

Hersien spelling van Afrikaans. 1928. *Die Volksblad*: 7, 11 April.

## **I**

Introduction to Wikipedia. 2011. *BTOP Express*. [Aanlyn]. Besikbaar: <http://www.btopexpress.org/resources.php> [30 April 2011].

Is 't Afrikaans? De heer Preller en zijn spelling. 1906. *De Goede Hoop*: 110-111, November.

## K

Kapenaars skitter in Taalbond-eksamen. 2007. *Die Burger*: 3, 13 Oktober.

Konferensie van taalgeleerdes oor spellingmoeilikhede. 1930. *Die Burger*: 7, 8 Augustus.

Kwetsende woorde uit Afrikaans. 1990. *Die Burger*: 3, 18 Januarie.

## L

Ledesake. 2003. *Die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns*. [Aanlyn]. Beskikbaar: [http://akademie.org.za/tuisblad/index.php?option=com\\_content&task=view&id=2&Itemid=51](http://akademie.org.za/tuisblad/index.php?option=com_content&task=view&id=2&Itemid=51) [22 Junie 2010].

Links verwelkom nuwe taallys. 1990. *Die Burger*: 8, 19 Januarie.

## M

Mederwerking onttrek aan groot woordeboek. 1947. *Die Huisgenoot*: 5,7,9-10,64-65,75, 18 April.

Meer lig op die spellingkwessie. 1930. *Die Burger*: 6, 31 Julie.

Minister gryp in in spellingkwessie. 1933. *Die Burger*: 1, 3 Junie.

Mnr. Hofmeyr oor die spellingopdrag: doel eenvormigheid. 1933. *Die Volkstem*: 5, 3 Junie.

## N

'n Bedrywige jaar. 1950. *Die Huisgenoot*: 3, 14 Julie.

'n Bruine, en 'n vrou ook?. 1990. *Vrye Weekblad*: 21, 26 Januarie.

'n Geslaagde konferensie. 1930. *Die Burger*: 6, 30 Augustus.

Noorweë. 2012. *Wikipedia*. [Aanlyn]. Beskikbaar: <http://af.wikipedia.org/wiki/Noorwe%C3%AB> [30 Oktober 2012]. Laaste datum opgedateer: 27 Oktober 2012.

Nuwe AWS is op pad. Groot klem gelê op Moslem-Afrikaans; nog spellings aanvaar. 2009. *Rapport*: 12, 4 Februarie.

Nuwe spelling van Afrikaans. 1930. *Die Burger*: 8, 20 September.

Nuwe spelling verwelkom. 1930. *Die Burger*: 7, 30 Julie.

Nuwe spellingvoorstelle. 1926. *Ons Vaderland*: 4, 31 Desember.

Nuwe Woordelys en spelreëls. 1991. *Die Burger*: 10, 18 Mei.

Nuwe Woordelys het verskyn. 1991. *Die Transvaler*: 2, 10 April.

## O

Omwentelinge het Afrikaans geraak. Hersiene Woordelys ná 25 j. voltooi. 1991. *Die Burger*: 3, 19 Januarie.

Onderwysers oor spelling. 1930. *Die Burger*: 9, 19 Desember.

Ons sal verder gaan as Nederlands. 1930. *Die Burger*: 6-7, 15 Oktober.

Ons spelling. 1930. *Die Unie*: 60-61, 1 September.

Ons spelreëls. 1919. *Die Huisgenoot*: 193-194, November.

Ons spelreëls. 1920. *Die Huisgenoot*: 270-276, Januarie.

Ons taalgeleerdes moet ooreenkom. 1930. *Die Volksblad*: 7, 8 Augustus.

Ons word Akademiaans. 1921. *Ons Vaderland*: 4, 29 Julie.

Onze spelling. 1909. *De Volkstem*: 6, 6 April.

Oor boeke. Nuwe woordelys. 1964. *Die Huisgenoot*: 11, 76-77, 5 Junie.

Ooreenkoms oor ons spelling bereik. 1930. *Die Burger*: 7, 29 Augustus.

Organisasie en bestuur. s.a. *Die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns*. [Aanlyn].  
Beskikbaar: [http://akademie.org.za/tuisblad/index.php?option=com\\_content&task=view&id=24&Itemid=49](http://akademie.org.za/tuisblad/index.php?option=com_content&task=view&id=24&Itemid=49) [22 Junie 2010].

## P

PanSALB history. s.a. *PanSALB*. [Aanlyn]. Beskikbaar: <http://www.pansalb.org.za/pansalbhistory.html>  
[27 Januarie 2011].

Party of Labour of Albania. 2012. *Wikipedia*. [Aanlyn]. Beskikbaar: [http://en.wikipedia.org/wiki/Party\\_of\\_Labour\\_of\\_Albania](http://en.wikipedia.org/wiki/Party_of_Labour_of_Albania) [11 Junie 2012]. Laaste datum opgedateer: 28 Mei 2012.

Prof. J.J. Smith oor fonetiese spelling. 1930. *Die Volkstem*: 1, 12 Augustus.

Prof. Smith en die Akademie. 1930. *Die Volkblad*: 6, 9 Augustus.

Protes teen spelling-wysigings. 1920. *De Burger*: 3, 8 September.

## R

Rewolusionêre spellinghervorming. 1927. *Die Burger*: 11, 26 Maart.

Rewolusionêre spellingverandering. 1927. *Ons Vaderland*: 6, 8 Februarie.

## S

Spelling. 1930a. *Die Burger*: 6, 30 September.

Spelling. 1930b. *Ons Vaderland*: 4, 28 Oktober.

Spelling-agonie. 1928. *Die Volksblad*: 6, 16 April.

Spellingkonferensie sit agter toe deure. 1930. *Die Volksblad*: 6, 28 Augustus.

Spelling meer konserwatief. 1930. *Die Volksblad*: 8-9, 27 September.

Spelling-ooreenkoms getref. 1932. *Die Volkstem*: 3, 7 September.

Spelling van Afrikaans. 1920. *Die Brandwag*: 74-76, 25 Augustus.

Spelling van het Afrikaans. 1915. *De Unie*: 129-134, 1 November.

Spelling van 't Afrikaans. 1915. *Ons Land*: 9, 25 September.

Spellingverandering. 1920. *De Burger*: 4, 6 September.

Spellingveranderings in Afr. 1928. *Die Volksblad*: 7, 26 September.

Spellingverandering van Afrikaans. 1926. *Die Volksblad*: 4, 28 Desember.

Spellingvergelyk openbaar gemaak. 1932a. *Die Burger*: 1,7, 1 September.

Spellingvergelyk openbaar gemaak. 1932b. *Die Unie*: 145-149, 1 Oktober.

Spelling-vergelyk word bekend gemaak. 1930. *Die Burger*: 7,9, 27 September.

Spellingvraagstuk nou opgelos?. 1933. *Die Volksblad*: 7, 8 September.

Spellingwysiginge. 1932. *Die Unie*: 137, 1 Oktober.

Spelreëls. 1914. *De Goede Hoop*: 12-13, 1 Julie.

Stigting vir Bemagtiging deur Afrikaans. 2012. *Facebook*. [Aanlyn]. Besikbaar: <https://www.facebook.com/#!/pages/Stigting-vir-Bemagtiging-deur-Afrikaans/122253330638?sk=info> [26 Junie 2012].

## T

Taalaangeleenthede. 1921. *Die Banier*: 146-148, Desember.

Taalgeleerdes kom ooreen. 1930. *Die Volksblad*: 6, 29 Augustus.

Taalkommissie sê blerrie is nou ook oukei. 2000. *Beeld*: 2, 15 Maart.

Taalvereenvoudiging. 1904. *De Goede Hoop*: 84, Oktober.

Toenadering op spellingbyeenkoms?. 1930. *Die Volkstem*: 5, 28 Augustus.

## U

Uit ons eie boekrak. 1954. *Die Taalgenoot*: 29,31, Januarie.

Ustaše. 2012. *Wikipedia*. [Aanlyn]. Beskikbaar: <http://en.wikipedia.org/wiki/Usta%C5%A1e> [11 Junie 2012]. Laaste datum opgedateer: 31 Mei 2012.

## V

Van toeka na toekoms met *Afrikaaps* by die Baxter-teater. 2010. *LitNet*. [Aanlyn]. Beskikbaar: [http://www.litnet.co.za/cgi-in/giga.cgi?cmd=cause\\_dir\\_news\\_item&cause\\_id=1270&news\\_id=84906&cat\\_id=244](http://www.litnet.co.za/cgi-in/giga.cgi?cmd=cause_dir_news_item&cause_id=1270&news_id=84906&cat_id=244) [2 September 2010].

Verslag van die spellingkonferensie. 1930. *Die Unie*: 145-149, 1 November.

Vierde Afrikaanse spellingstelsel. 1930. *Die Volksblad*: 7, 25 Julie.

Voorgestelde verandering in ons spelling. 1930. *Die Burger*: 3,7, 26 Julie.

## W

Ware Afrikaander. 2008. *Encyclopaedia of South African, Arts, Culture and Heritage*. [Aanlyn]. Beskikbaar: [http://www.esaach.org.za/index.php?title=Ware\\_Afrikaander](http://www.esaach.org.za/index.php?title=Ware_Afrikaander) [22 September 2011].

Wat die spelling-vergadering totstand gebring het. 1930. *Die Volkstem*: 5, 29 Augustus.

Wat doen die Akademie?. 1984. *Lantern*, 33(3):30-39, Julie.

Wat doen die Akademie?. s.a. *Die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns*. [Aanlyn].  
Beskikbaar: [http://akademie.org.za/tuisblad/index.php?option=com\\_content&task=view&id=8&Itemid=46](http://akademie.org.za/tuisblad/index.php?option=com_content&task=view&id=8&Itemid=46) [22 Junie 2010].

Werksaamhede van die Akademie. 1951. *Die Huisgenoot*: 7, 29 Junie.

Werksaamhede van die Akademie. 1953. *Die Huisgenoot*: 5, 31 Julie.

Woordelys onder in laai gebêre. 1992. *Beeld*: 8, 26 Februarie.

Young Turks. 2012. *Wikipedia*. [Aanlyn]. Beskikbaar: [http://en.wikipedia.org/wiki/Young\\_Turks](http://en.wikipedia.org/wiki/Young_Turks) [11 Junie 2012]. Laaste datum opgedateer: 3 Junie 2012.

## Woordeboeke, woordelyste en grammatikas

Boshoff, S.P.E. en Kempen, W. 1964. *Afrikaanse woordelys en spelreëls. Junior uitgawe*. Kaapstad: Nasionale Boekhandel Beperk.

Boshoff, S.P.E., et al. 1931 (vierde, hersiene en vermeerderde druk). *Afrikaanse woordelys en spelreëls*. Bloemfontein/Kaapstad/Stellenbosch: Nasionale Pers Beperk.

Boshoff, S.P.E., et al. 1937 (vyfde, hersiene en vermeerderde druk). *Afrikaanse woordelys en spelreëls*. Bloemfontein/ Kaapstad/Pretoria: Nasionale Pers Beperk.

Boshoff, S.P.E., et al. 1953 (sesde, hersiene druk). *Afrikaanse woordelys en spelreëls*. Kaapstad/Bloemfontein/Johannesburg: Nasionale Boekhandel Beperk.

Bosman, D.B., et al. 1921 (derde, hersiene druk). *Afrikaanse woordelys en spelreëls*. Bloemfontein: Die Nasionale Pers.

Die Genootskap van Regte Afrikaanders. 1876. *Eerste beginsels van die Afrikaanse taal*. Kaap Kolonie: Die Genootskap van Regte Afrikaanders.

Du Toit, S.J. 1897. *Fergelykende taalkunde fan Afrikaans en Engels*. Paarl: D.F. du Toit en Co., Beperk.



Kollewijn, R.A., Buitenrust Hetteema, F. en Salverda de Grave, J.J. 1903. *Nederlandse Woordelijst*. Zwolle: W.E.J. Tjeenk Willink.

Le Roux, T.H., Malherbe, D.F. en Smith, J.J. 1917. *Afrikaanse woordelys en spelreëls*. Bloemfontein: Het Volksblad-drukkerij.

Le Roux, T.H., Malherbe, D.F. en Smith, J.J. 1918 (tweede druk). *Afrikaanse woordelys en spelreëls*. Bloemfontein: Die Volksblad-drukkerij.

NB Publishers. 2009a. Woordeboek vir die Gesondheidswetenskappe. *Pharos woordeboeke aanlyn*. [Aanlyn]. Beskikbaar: <http://www.pharosaanlyn.co.za.ez.sun.ac.za/> [10 Mei 2012]

NB Publishers. 2009b. SA Musiekwoordeboek. *Pharos woordeboeke aanlyn*. [Aanlyn]. Beskikbaar: <http://www.pharosaanlyn.co.za.ez.sun.ac.za/> [10 Mei 2012]

Odendal, F.F. (red.). 1994<sup>3</sup>. *Verklarende handwoordeboek van die Afrikaanse taal (HAT)*. Johannesburg: Perskor.

Odendal, F.F. en Gouws, R.H. (reds.). 2000<sup>4</sup>. *Verklarende handwoordeboek van die Afrikaanse taal (HAT)*. Johannesburg: Perskor.

Odendal, F.F. en Gouws, R.H. (reds.). 2005<sup>5</sup>. *Verklarende handwoordeboek van die Afrikaanse taal (HAT)*. Kaapstad: Pearson Education.

Pharos. 2010. *Afrikaanse woordelys en spelreëls*. [Aanlyn]. Beskikbaar: <http://www.woordelys.co.za/> [26 Junie 2012].

Taalkommissie (van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns). 1964 (sewende, verbeterde uitgawe). *Afrikaanse woordelys en spelreëls*. Kaapstad: Tafelberg-Uitgewers Beperk.

Taalkommissie (van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns). 1991 (agste, hersiene uitgawe). *Afrikaanse woordelys en spelreëls*. Kaapstad: Tafelberg-Uitgewers Beperk.

Taalkommissie (van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns). 2002 (negende, verbeterde en omvattend herbewerkte uitgawe). *Afrikaanse woordelys en spelreëls*. Kaapstad: Pharos Woordeboeke.

Taalkommissie (van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns). 2009 (tiende, verbeterde en omvattend herbewerkte uitgawe). *Afrikaanse woordelys en spelreëls*. Kaapstad: Pharos Woordeboeke.